

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord deur die skrywer: hoe kan hierdie kommentaar van nut wees?.....	i
Opmerkings van die redakteur	iii
‘n Nota van die vertaler.....	iv
Gids tot konstruktiewe Bybellees: ‘n persoonlike soeke na bevestigbare waarheid	v
Kommentaar:	
Inleiding tot Matteus.....	1
Matteus 1	5
Matteus 2	15
Matteus 3	25
Matteus 4	34
Matteus 5	47
Matteus 6	74
Matteus 7	92
Matteus 8	104
Matteus 9	115
Matteus 10	126
Matteus 11	143
Matteus 12	156
Matteus 13	170
Matteus 14	186
Matteus 15	195
Matteus 16	204
Matteus 17	216
Matteus 18	225
Matteus 19	236
Matteus 20	249
Matteus 21	259
Matteus 22	272
Matteus 23	281
Matteus 24	291
Matteus 25	308
Matteus 26	317
Matteus 27	336
Matteus 28	353
Bylaag een: datums en regeerders.....	359
Bylaag twee: bondige definisies van Griekse grammatikale terme.....	363
Bylaag drie: tekskritiese opmerkings	370
Bylaag vier: leerstellige uitspraak	373

MATTEUS VIR SPESIALE AANDAG

Name vir die Godheid, 1:21	11
Die familie van Herodes die Grote, 2:1.....	16
Magie, 2:1	17
Sadduseërs, 2:4.....	18
Vernietiging (<i>Apollumi</i>), 2:13	22
Jesus die Nasarener, 2:23	24
Bekering, 3:2.....	27
Vuur, 3:12	30
Die Drie-eenheid, 3:17.....	32
‘Toetsing’ – Griekse terme en konnotasies, 4:1	36
Simboliese getalle in die Skrif, 4:2	37
Bose persoonlikheid, 4:5	39
Die koninkryk van God, 4:17	43
Regverdigheid, 5:6.....	52
Die hart, 5:8.....	54
Vrede en oorlog, 5:9.....	55
Die grade van loon en straf, 5:12	57
Vader, 5:16.....	59
Amen, 5:1	61
Moord (Eksodus 20:13), 5:21.....	63
Woordgebruik vir dwase mense, 5:22.....	65
Waar is die gestorwenes?, 5:22	66
Owerspel (Eksodus 20:14), 5:27	68
Heiligmaking, 5:48.....	73
Aalmoese, 6:1.....	75
Geveinsdes, 6:2	77
God as mens beskryf (antropomorfe taal), 6:4.....	78
Gebruik van die woord ‘deur’ in die NT, 6:6.....	80
Vas, 6:16	84
Grootmoedig/opreg (<i>Haplotes</i>), 6:22-23	86
Rykdom, 6:24.....	86
Moet Christene mekaar oordeel?, 7:1.....	94
Afvalligheid (<i>aphistēmi</i>), 7:21	99
Die wil (<i>Thelēma</i>) van God.....	100
OT titels vir die besondere Een wat kom, 8:20	111
Verlossing, 8:25	112
Griekse werkwoordtipe wat vir verlossing gebruik word, 10:1	127
Duiweluitdrywing (Eksorsisme), 10:1	128
Demonisme (onrein geeste), 10:1.....	128

Die apostels se name, 10:2	130
Israel (die naam), 10:6.....	131
Waarom ly Christene?, 10:22.....	135
Volharding, 10:22	136
Liggaam en gees, 10:28.....	138
Belydenis, 10:32.....	139
Stuur (<i>Apostellō</i>), 10:40,41	142
NT profesie, 11:9	146
Die Hebreeuse kanon, 11:13	148
Ritusse van sondebeseff, 11:21	151
Heiligmaking, 11:28.....	153
Sabbat, 12:1.....	157
Jesus en die Gees, 12:18.....	162
Hoop, 12:21.....	163
Die Heilige Gees as persoon, 12:31	165
Hierdie bedeling en die bedeling daarop, 12:31	165
Skrifgeleerdes, 12:38.....	168
Gelykenisontleding, inleiding tot hoofstuk 13	172
Ou Midde-Oosterse gewigs- en inhoudsmate, 13:32	179
“Seuns van...” , 13:38.....	181
Die syfer twaalf, 14:20.....	191
Menslike spraak, 15:19	200
Suurdeeg, 16:6	206
Kerk (<i>Ekklesia</i>), 16:18	208
Die twee stadstate, 16:19.....	209
Die sanhedrin, 16:21	211
Munte in gebruik in die Palestina van Jesus se tyd, 17:24	223
Ewig, 18:8.....	228
Gebed, onbeperk en tog beperk, 18:19.....	232
Die naam van die Here, 18:20.....	233
Is genesing God se plan vir alle tye?, 19:2.....	238
Toeligting tot Eks. 20:12-16, 19:18	242
Regeer in die koninkryk van God, 19:28	247
Gelowiges se erfenis, 19:29	248
Losprys/loskoop, 20:28.....	256
Ewig (Griekse idiome vir ‘ <i>olam</i>), 21:19	265
Hoeksteen, 21:42.....	270
Fariseërs, 22:15	276
Tiendes, 23:23.....	286
Uitgestort, 23:25.....	289
Skaduwee as metafoor vir beskerming en sorg, 23:37	289
Apokaliptiese literatuur, inleiding tot hoofstuk 24.....	292

Antwoorde op die dissipels se vrae in 24:3	294
Die wederkoms, 24:3	294
Bob se evangeliese vooroordele, 24:14.....	297
Die gruwel van die verwoesting, 24:15.....	298
Uitverkiesing en die erns van teologiese balans, 24:22.....	300
Twee-en-veertig maande, 24:22	300
Die verskyning van Jesus enige oomblik versus nog nie, 24:27	301
Die Seun van die Mens, 24:30	302
Sy koms op die wolke, 24:30	303
Die gebruik van horings in Israel, 24:31	303
Die uur, 24:36	305
Alkohol en alkoholisme, 26:29	325
Onreëlmatighede van die sanhedrin se nagtelike verhoor, 26:57-68.....	332
Pontius Pilatus, 27:2.....	338
Iskariot, 27:5	340
Praetoriaanse wag, 27:27	343
Heiliges, 27:52	347
Die Seun van God, 27:54	347
Vroue op reis saam met Jesus en sy dissipels, 27:55	348
Die opstanding, 27:63	350
Seël, 27:66.....	351
Jesus se verskyninge na die opstanding, 28:9	355
Doop, 28:19.....	357

VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER: HOE KAN HIERDIE KOMMENTAAR VAN NUT WEES?

Skrifuitleg is 'n rasonale en geestelike proses. Dit poog om die inspirasie van 'n antieke skrywer te verstaan sodat die boodskap van God kan deurskemer, en sodoende daagliks toegepas kan word.

Die geestelike proses is van kardinale belang, maar moeilik om te definieer. Dit vereis die tipe oopheid van gemoed wat totale oorgawe aan God sal toelaat. Daar moet 'n begeerte wees, eerstens vir Hom; tweedens om Hom te ken; en derdens om Hom te dien. Hierdie proses behels gebed, belydenis en die bereidwilligheid om veranderinge in jou lewenstyl aan te bring. Die Gees is van kardinale belang in die interpretasie-proses. Hoekom opregte, toegewyde Christene dus die Bybel verskillend verstaan, bly 'n enigma.

Die rasonale proses is makliker om te beskryf. Ons moet konsekwent en regverdig wees in ons interpretasie van die teks, en waak daarteen om deur persoonlike vooroordele, of dié van 'n denominasie, beïnvloed te word. Ons is almal histories gekondisioneer. Niemand kan heeltemal neutraal en objektief wees tydens vertolking nie. Hierdie kommentaar bied 'n weldeurdagte, rasonale proses om sulke vooroordele te oorkom, en is gestruktureer rondom drie verklarende beginsels.

Eerste Beginsel

Die eerste beginsel is om die historiese konteks waarbinne 'n Bybelboek geskryf is, in ag te neem. Dit sluit in die historiese geleentheid wat ontstaan het vir die skrywer om aan te gryp. Die oorspronklike skrywer het 'n doel gehad met die teks – 'n boodskap om oor te dra. Dus kan geen betekenis aan 'n teks toegeskryf word tensy dit deel was van die oorspronklike, antieke, geïnspireerde skrywer se bedoeling nie. Sy bedoeling, eerder as historiese, emosionele, kulturele, persoonlike of kerklike aspirasies, is sleutel tot 'n verklaring van die teks. Toepassing is 'n belangrike komponent van vertolking, maar toepassing moet noodwendig voorafgegaan word deur 'n grondige interpretasie. Hier is dit nodig om te herbevestig dat elke Bybelse teks een, en slegs maar één betekenis het. Hierdie betekenis is afhanklik van die bedoeling wat die oorspronklike skrywer onder leiding van die Gees aan sy tydgenote wou kommunikeer. Die enkele betekenis mag wel verskeie toepassings hê in verskillende kulture en situasies, maar hierdie toepassings moet skakel met die sentrale waarheid van die outeur se oorspronklike bedoeling. Daarom is hierdie studiegids-kommentaar ontwerp om 'n inleiding tot elke boek van die Bybel te voorsien.

Tweede Beginsel

Die tweede beginsel is om die literêre eenhede te identifiseer. Elke Bybelboek is 'n eenheidsdokument. Ontleders het nie die reg om een aspek van die waarheid te isoleer ten koste van 'n ander nie. Daarom moet ons daarna strew om die doel van die Bybelboek in sy geheel te begryp, voordat ons die individuele literêre eenhede begin interpreteer. Die individuele dele – hoofstukke, paragrawe, of verse – kan nie bedoel wat die hele eenheid nie bedoel nie. Interpretasie moet vanuit 'n deduktiewe benadering van die geheel na 'n induktiewe benadering tot die dele vorder. Hierdie studiegids-kommentaar is as sodanig ontwerp om die student te help om die struktuur van elke letterkundige eenheid, aan die hand van paragrawe te analiseer. Paragrafering en hoofstuk-verdeling is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot bepaling van die oorspronklike skrywer se gedagtegang en bedoeling.

Die sleutel tot die Bybelse outeur se vermeende bedoeling met die teks, is paragraaf-vlak interpretasie – nie sins-, frase- of woord-vlak nie. Paragrafe is gebaseer op 'n deurlopende onderwerp, dikwels die tema- of onderwerp-sin genoem. Elke woord, frase en sin in die paragrafe hou op 'n manier met mekaar verband om by te dra tot ondersteuning van hierdie sentrale tema. Hulle beperk dit, verbreed dit, verduidelik dit, en/of bevraagteken dit. 'n Ware sleutel tot deeglike verklaring is om die oorspronklike outeur se gedagtegang op 'n paragraaf-vir-paragraaf basis deur die individuele literêre eenhede wat die Bybelboek opmaak, te volg. Hierdie studiegids-kommentaar is ontwerp om die student te help met hierdie proses. Ten einde die teks te ontsluit, word verskeie moderne Engelse vertalings met mekaar vergelyk. Hierdie vertalings is gekies op grond van die verskillende vertalingsteorieë wat hulle huldig.

1. *The United Bible Society's Greek Text* is die vierde gewysigde weergawe (UBS⁴). Paragraafindeling is hier deur moderne tekskundiges behartig.
2. *The New King James Version* (NKJV) is 'n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*. Sy paragraafindelings is langer as die ander vertalings. Hierdie langer eenhede help die student om die breë bedoeling van die onderwerpe as 'n geheel te verstaan.
3. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is 'n gewysigde woord-vir-woord vertaling. Dit vorm 'n middeweg tussen die volgende twee moderne vertalings. Sy paragraafindelings is redelik hulpvaardig in die identifisering van onderwerpe.
4. *The Today's English Version* (TEV) is 'n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is. Dit poog om die Bybel op 'n manier te vertaal dat 'n moderne Engelse leser of spreker die betekenis van die Griekse teks sal begryp. Dikwels (en spesifiek ook in die evangelies) word paragraafindelings volgens spreker gedoen eerder as onderwerp. Hierdie metode word ook deur die NIV gebruik. Vir die ontleder se

doeleindes is dit nie juis hulpvaardig nie. Dit is interessant om te let daarop dat die UBS⁴ sowel as die TEV deur dieselfde entiteit gepubliseer word, en tog verskil die parafering.

5. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog 'n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op 'n Franse Katolieke vertaling. Dit is baie nuttig omrede die vergelyking van paragrawe vanuit 'n Europese perspektief.
6. Die gedrukte teks is die 1995 *Updated New American Standard Bible* (NASB), wat 'n woord-vir-woord vertaling is. Die vers-vir-vers kommentaar volg hierdie parafering.

Derde Beginsel

Die derde beginsel is om die Bybel in verskillende vertalings te lees om die breedste moontlike greep te kry op die spektrum van betekenis (semantiese veld) wat Bybelse woorde en frases kan hê. Dikwels kan 'n Griekse woord of frase op verskeie maniere verstaan word. Verskillende vertalings verhelder dus die verskeidenheid moontlikhede, en help om die Griekse manuskrip se variasies te identifiseer en te verduidelik. Hierdie alternatiewe beïnvloed nie leerstellige waarheid nie, maar help ons eerder in ons poging om die oorspronklike skrywer van die teks se bedoeling te herontdek.

Vierde Beginsel

Die vierde beginsel is om die literêre genre in ag te neem. Die oorspronklike geïnspireerde skrywers het verkies om hulle boodskappe in verskillende vorme op te teken (bv. historiese narratief, historiese drama, poësie, profesie, evangelie (gelykenis), brief, apokalipties). Hierdie verskillende vorme het spesiale sleutels tot interpretasie (sien Gordon Fee en Doug Stuart, *How to Read the Bible for All Its Worth* of Robert Stein, *Playing by the Rules*).

Hierdie kommentaar bied 'n vinnige manier vir die student om sy interpretasies na te gaan. Dit is nie veronderstel om bepalend of voorskriftelik te wees nie, maar eerder informatief en gedagteprikkelend. Dikwels help ander moontlike interpretasies ons om nie so bevooroordeel, dogmaties of denominasie-vas te wees nie. Ontleders het 'n wye spektrum van interpretasie-moontlikhede nodig om die dubbelsinnigheid in die antieke teks raak te sien. Dit is skokkend hoe min akkoord daar tussen Christene bestaan wat almal die Bybel as hulle brondokument erken.

Hierdie beginsels het my gehelp om baie van my historiese kondisionering te oorkom deur my te dwing om met die antieke teks te worstel. Ek hoop dat dit vir jou ook tot seën sal wees.

Bob Utley
East Texas Baptist University
Junie 1996

OPMERKINGS VAN DIE REDAKTEUR

Die Bybelstudie-kommentare reeks wat nou met “’n eerste elementêre handleiding, Matteus” voortgesit word, bied groot voordeel vir Bybelstudente oral ter wêreld. Hoewel daar in Engels baie kommentare en studieleidings, teen uiters billike koste tot stand kom, is Bob Utley s’n ontwerp om Bybelstudente op alle vlakke tot nut te wees. Dit geld jong Christene met beperkte kennis van die Bybel tot deurwinterde geleerdes met breedvoerige kennis van die oorspronklike tale. Die reeks is daarin uniek dat dit die Bybelstudent van vyf parallele paragraafindelings vooraan elke hoofstuk voorsien. Hierdie indelings help die student om deur vergelyking die strekking van die outeur se gedagtes, en die punt wat hy wil maak, duideliker waar te neem as wat die geval sou wees met net een vertaling voor hande. Al is dit so dat die paragraafindelings nie geïnspireer is nie, is hulle tog van kardinale belang vir enigeen wat die opwindende waarhede van die Bybel vir hulself wil blootlê.

Hierdie volume, wat die eerste gedoop word hoewel dit eintlik die tweede is om te verskyn, gaan in die biblioteek van enigeen wat die evangelie wil lees of bestudeer, onmisbaar geag word. Dr. Utley se volledige stel sal uiteindelik die hele Nuwe Testament omvat en aan die Bybelstudent die geleentheid bied om op eie houtjie die Bybel korrek te gebruik en te verstaan. Bestudering van die Bybel is ‘n proses wat geestelike groei ten doel het, maar selfs dit is alleen haalbaar deur die gebruik van rasionele metodes. Die skrywer van hierdie reeks wil aanvaar dat elke leser, wat tyd met die Bybel wil deurbring, die kommentaar slegs as ‘n gids sal gebruik en nie onnadenkend daarop sal steun nie. Dr. Utley het waarlik die gawe om die Bybelstudent tot op die drumpel van selfwerkzaamheid met Bybelinterpretasie te bring. Dit is ons opregte begeerte dat die studie met behulp van elke nuwe kommentaar, al meer mense eerstehands die genoegdoening sal laat smaak om deur God self onderrig te word.

William G. Wells
Junie 23, 1997

‘N NOTA VAN DIE VERTALER

Dit is andermaal ‘n voorreg om ‘n werkstuk van dr. Bob Utley in Afrikaans te vertaal. Mag dit Afrikaanse Bybellesers aanmoedig om die besonder goedbeplande evangelie, Matteus, met sy baie antwoorde vir ‘n tyd soos hierdie, met groot verwagting op te neem. Matteus wou dat Joodse gelowiges, saam met nasionalistiese Israel, hulle hoop bou op die woorde en werke van Jesus, die Messias – dat hulle sou oorweeg om in ‘n vreemde, verdrukkende wêreld volgens die beginsels van die nabye koninkryk van die hemel te leef. Afrikaanse mense het in hulle land, Suid-Afrika, en verspreid oor die wêreld, nou weer groot behoefte aan die boodskap van Matteus.

Omdat die meerderheid Afrikaanse mense Engels as tweede taal magtig is, behou ons dr. Utley se voorkeur gebruik van die NASB in die teks en aanhalings uit ander Engelse vertalings vir die waarde wat dit vir vergelykende Bybelstudie kan hê. Maar ander waardevolle opsies kom na vore uit so ‘n vertaalopdrag. Die OAV (Ou Afrikaanse Vertaling, 1953) is al geslagte lank verslete en uit sirkulasie. Ons bring dit as aanhalings terug in hierdie vertaling. Die NAV (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983) is van dieselfde statur as die bogenoemde NASB en verdien sy plek in die aanhalings. Die jongste Afrikaanse vertaalwerk in CUM-MVB (Christelike Uitgewers Maatskappy se Multivertaling Bybel, 2004) en CUM-NLV (die Nuwe Lewende Vertaling van dieselfde maatskappy, 2006) verdien op grond van erkende gehalte insluiting as aanhalings. Soms is daar tot nege Bybelaanhalings per vers in beide tale beskikbaar. Met die Afrikaanse Bybel wat die leser gewoonlik gebruik as hoofbron byderhand, kan dr. Utley se aanwysings (studiegids-kommentaar in Afrikaans) van groot hulp wees met die oog op die eise van vandag se lewe.

1. *Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling* (OAV) se oorspronklike titel is *Die Bybel in Afrikaans*, en is in 1933 vir die eerste keer uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. ‘n Hersiene weergawe het in 1954 gevolg, maar dit was eers met die druk van *Die Bybel: Nuwe Vertaling* (NAV) in 1983 dat die konsep van die Ou en Nuwe vertalings in die volksmond posgevat het. Sedertdien het hierdie benamings so gebruiklik geword, dat dit net gepas is om dienooreenkomstig na die twee te verwys in hierdie kommentaar.
2. *Die Multivertaling Bybel* (CUM-MVB) is in 2004 uitgegee deur CUM. Hierdie vertaling is grotendeels ‘n herformulering van die 1983 *Nuwe Vertaling*. As sulks word aanhalings uit hierdie weergawe slegs verskaf indien dit daadwerklik van sy bron-vertaling verskil.
3. *Die Nuwe Lewende Vertaling* (CUM-NLV) is ook deur CUM uitgegee in 2006. Waar OAV ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling en NAV ‘n gewysigde woord-vir-woord-vertaling was, is hierdie ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat poog om moderne woordkeuses en idiomatiese uitdrukkings in die vertaling te gebruik sonder dat die betekenis van die oorspronklike teks verlore gaan.

As die vertaling van hierdie kommentaar ‘n bydrae kan maak tot vermeerdering van seën vir baie en dien tot uitbreiding van die koninkryk van God, sal die vertalers hulle ryklik beloon ag.

Dr. J. (Dunes) van der Merwe (vertaler)
Me. Mieke Fourie (proefleser en taalkundige adviseur)
Strand, Suid-Afrika
2010

GIDS TOT KONSTRUKTIEWE BYBELLEES: ‘N PERSOONLIKE SOEKE NA BEVESTIGBARE WAARHEID

Kan ons die waarheid ken? Waar kry ons dit? Kan ons dit deur logika bevestig? Is daar ‘n absolute gesag? Is daar absolute waarhede wat ons lewens kan organiseer; ons wêreld? Het die lewe betekenis? Hoekom is ons hier? Waarheen is ons op pad? Hierdie vrae – vrae waaroor alle rasonale mense wonder – rus reeds sedert die begin van tyd swaar op die mens se intellek (Pred. 1:13-18; 3:9-11). Ek onthou nog my persoonlike soeke na ‘n sentrale ordeningsbeginsel vir my eie lewe. Reeds op ‘n jong ouderdom het ek ‘n Christen-gelowige geword, grotendeels omdat mense wat belangrike rolle gespeel het in my familielewe, getuies was van die waarheid. Naderende volwassenheid het ook ‘n toename in die erns van die vrae oor my wêreld veroorsaak. Eenvoudige kulturele en religieuse clichés het nie betekenis verleen aan die ervarings waarvan ek gelees het, of wat ek ervaar het nie. Dit was ‘n baie verwarrende tydperk in my lewe. Ek het bly soek en smag, en dikwels het ek ook hulpeloos gevoel in die aangesig van hierdie onsensitiewe, harde wêreld waarin ek lewe.

Baie mense het aangevoer dat hulle die antwoorde op hierdie kernvraagstukke het, maar navorsing en refleksie het getoon dat hulle antwoorde gebaseer was op die volgende: (1) persoonlike filosofieë, (2) antieke mites, (3) persoonlike ervarings, of (4) sielkundige projeksie. Ek het die een of ander bevestiging nodig gehad, harde bewyse, ‘n rasionaal waarop ek ‘n wêreldsiening kon baseer; my integrerende middelpunt; my rede om te leef.

Ek het my bevestiging gekry deur Bybelstudie. Eers het ek begin soek vir bewyse dat dit geloofwaardig is, wat ek gevind het in (1) die historiese betroubaarheid van die Bybel soos bewys deur die argeologie, (2) die akkuraatheid van die profesieë van die Ou Testament, (3) die eenheid van die Bybel-boodskap oor die sestienhonderd jaar van sy totstandkoming, en (4) die persoonlike getuienis van mense wie se lewens permanent verander is deur hulle ervaring van die Bybel. Christenskap, as ‘n eenheidsstelsel van geloofsleer en prakties glo, het die vermoë om die komplekse vrae van die menslike bestaan te hanteer. Dit het nie net ‘n rasonale raamwerk daargestel nie, maar die ondervindelike aspek van Bybelse geloof het my groot emosionele blydschap en stabiliteit verskaf.

Ek het gedog dat ek my sentrale ordeningsbeginsel gevind het – Christus, soos verstaan deur die Skrif. Dit was ‘n emosionele ervaring. Ek kan egter steeds die skok en die pyn onthou toe ek begin agterkom hoeveel verskillende interpretasies daar van hierdie boek beskikbaar was – dikwels selfs nog binne dieselfde kerk of denkskool! Bevestiging van die Bybel se inspirasie en betroubaarheid was nie die einde nie, maar bloot die begin. Hoe kon ek die verskeidenheid uiteenlopende interpretasies van die vele moeilike passasies in die Skrif, bevestig of verwerp? Die een kommentator was klaarblyklik so gesaghebbend en betroubaar soos die volgende!

Hierdie kwelling was bestem om my lewens- en geloofsdoelwit te word. Ek het geweet dat my geloof in Christus my groot vrede en blydschap verskaf het. Ek (1) het gesmag na absolute waarhede te midde al die relatiewiteit van my kultuur (in die post-modernistiese tydperk boonop!); (2) wou sekerheid kry oor die dogmatisme van uiteenlopende geloofstelsels (wêreldgelowe); en (3) het die arrogansie van denominasies steurend gevind. In my soeke na geldige benaderings tot die interpretasie van antieke tekste, was ek verras om my eie historiese-, kulturele-, denominasionele- en ervarings-vooroordele te ontdek. Dikwels het ek die Bybel gelees bloot om my eie sienings te herbevestig. Ek het dit as ‘n bron van dogma gebruik om te gebruik as wapen teen ander om sodoende my eie onsekerheid en wanopvattinge te herbevestig. Dit was pynlik om tot hierdie besef te kom!

Hoewel ek nooit heeltemal objektief kan wees nie, kan ek ‘n beter leser van die Bybel word. Ek kan my vooroordele bekamp deur hulle te identifiseer en hulle aanwesigheid te erken. Die verklaarder is dikwels die grootste vyand van ‘n daadwerklike verstaan van die Bybel!

Laat my toe om ‘n aantal van die voorveronderstellings te noem wat ek huldig in my persoonlike studie van die Bybel sodat jy, die leser, hulle saam met my kan ontleed:

I. Voorveronderstellings

- A. Ek glo die Bybel is die enigste geïnspireerde, self-openbaring van die een ware God. Daarom is dit nodig om tydens interpretasie in ag te neem dat dit die Heilige Gees is wat deur ‘n menslike skrywer, wat leef gedurende ‘n spesifieke historiese tydperk, ‘n boodskap probeer kommunikeer.
- B. Ek glo dat die Bybel geskryf is deur die gewone mens – vir alle mense! God poog om so duidelik as moontlik met ons te praat, gegewe ‘n historiese en kulturele konteks. God steek nie waarheid weg nie – Hy wil hê ons moet verstaan! Daarom moet dit verklaar word binne die konteks van die tyd waarin die tekste ontstaan het, nie ons s’n nie. Die Bybel behoort nie vir ons te beteken wat dit nie beteken het vir diegene wat dit eerste gehoor of gelees het nie. Dit is verstaanbaar deur die gemiddelde menslike intellek en gebruik normale menslike kommunikasievorme en tegnieke.
- C. Ek glo die Bybel het ‘n verenigde boodskap en doel. Die boodskap word nie weersprek nie, hoewel daar soms moeilike en paradoksale passasies voorkom. Dus is die beste verklaarder van die Bybel die Bybel self.
- D. Ek glo dat elke passasie (behalwe die profesieë) slegs een betekenis het, gebaseer op die oorspronklike skrywer se bedoeling. ‘n Aantal aanwysers dui hierop:
 1. die verkose genre (literêre styl) om die boodskap oor te dra
 2. die historiese milieu en/of spesifieke geleentheid wat die skryfproses gestimuleer het
 3. die literêre konteks van die boek in geheel, sowel as van elke literêre eenheid afsonderlik
 4. die tekstuele ontwerp (uitleg) van die literêre eenheid soos dit skakel met die boodskap in geheel

5. die spesifieke grammatiese tegnieke gebruik om die boodskap oor te dra
6. woordkeuse
7. parallelismes

Die studie van elkeen van hierdie aspekte word die doel van ons studie van 'n passasie. Voordat ek my metodologie vir doeltreffende Bybellees verduidelik, wil ek eers 'n aantal onvanpaste metodes bespreek. Die volgende metodes is almal vandag in gebruik en veroorsaak soveel diversiteit van interpretasie dat hulle liefers vermy moet word.


II. Onvanpaste Metodes

- A. Ignoreer die literêre konteks van die boeke van die Bybel en gebruik elke sin, frase of selfs individuele woord as stelling van waarheid, ongeag die verwantskap met die outeur se bedoeling of die breër konteks. Dit word dikwels “letterlike uitleg” (“proof-texting”) genoem.
- B. Ignoreer die historiese konteks waarbinne die boeke geskryf is deur 'n veronderstelde historiese milieu te fabriseer met min of geen ondersteuning van die teks self nie.
- C. Ignoreer die historiese konteks van die boeke en lees dit op dieselfde manier as die oggendkoerant, asof dit hoofsaaklik geskryf is vir moderne individuele Christene.
- D. Ignoreer die historiese konteks van die boeke deur die teks te allegoriseer tot 'n filosofiese of teologiese boodskap totaal onverwant aan die boodskap wat die eerste luisteraars daaruit sou neem, of aan die oorspronklike skrywer se bedoeling.
- E. Ignoreer die oorspronklike boodskap deur eerder jou eie sisteem van teologie, liefingsonderwerp of hedendaagse kwessies daarmee te vermeng om sodoende die teks uit verband te ruk in terme van die oorspronklike outeur se bedoeling en boodskap. Hierdie fenomeen volg dikwels 'n eerste lees van die Bybel as 'n metode om die spreker se gesag daar te stel en word dikwels na verwys as “lesers-respons”/“wat-die-teks-vir-my-beteken”-interpretasie (“reader response”).

Ten minste drie verwante komponente kom voor in alle geskrewe menslike kommunikasie:



In die verlede het verskillende leestegnieke op een van die drie komponente gefokus. Om egter waarlik die unieke inspirasie van die Bybel te bevestig, is 'n gewysigde diagram meer gepas:



Eintlik moet al drie komponente in ag geneem word tydens die interpretasie-proses. Met bevestiging ten doel, fokus my interpretasie op die eerste twee komponente: die oorspronklike outeur en die teks. Ek is heel moontlik besig om te reageer op die misbruike wat ek al gesien het deur (1) allegorisering of spiritualisering van die teks en (2) “leser-respons”-interpretasie (wat-dit-vir-my-beteken). Misbruik mag intree op enige stadium van die proses. Ons moet altyd waak daarteen dat ons motiewe, vooroordele, tegnieke en toepassing nie die oorwegende faktore word tydens ontleding nie. Maar hoe bekamp 'n mens hierdie faktore as daar geen grense is waarbinne interpretasie kan plaasvind nie; geen kriteria of beperkings nie? Dit is waar outeursbedoeling en die struktuur van die teks vir my in 'n mate helderheid verskaf oor hoe die sogenaamde moontlike interpretasies uitgeskakel kan word.

In ag genome hierdie onvanpaste leestegnieke, keer ons nou na benaderings wat meer gepas is vir doeltreffende Bybellees en interpretasie, en wat 'n mate van bevestiging en konsekwentheid bied.

III. Moontlike Benaderings tot Goeie Bybellees

Op hierdie stadium is die unieke tegnieke van spesifieke genre-interpretasies nie van belang nie, maar eerder die algemene hermeneutiese beginsels wat geld vir alle tipes Bybelse tekste. 'n Goeie boek vir genre-spesifieke benaderings is *How To Read The Bible For All Its Worth* deur Gordon Fee en Douglas Stuart, uitgegee deur Zondervan.

My metodologie fokus aanvanklik daarop dat die leser die Heilige Gees toelaat om die Bybel toe te lig deur vier persoonlike leessiklusse. Dit maak die Gees, die teks en die leser prominent, nie sekondêr tot die proses nie. Dit beskerm ook die leser daarvan om te veel deur kommentaarskrywers beïnvloed te word. Ek het al gehoor mense sê: “Die Bybel

werp baie lig op kommentare.” Dit is nie veronderstel om afbrekend van studiegids-kommentare te wees nie, maar is eerder ‘n versoek op die leser om die gepaste tyd te kies vir hulle gebruik.

Dit moet vir ons moontlik wees om ons interpretasies te staaf uit die teks self. Drie aspekte voorsien ten minste in ‘n mate bevestiging:

1. die oorspronklike skrywer se
 - a. historiese milieu
 - b. literêre konteks
2. die oorspronklike skrywer se keuse van
 - a. grammatikale strukture (sintaksis)
 - b. ander kontingente tekste
 - c. genre
3. ons verstaan van gepaste
 - a. relevante parallelismes
 - b. verwantskappe tussen leerstellinge (paradoks)

Dit moet vir ons moontlik wees om logiese redes te verskaf vir ons interpretasies. Die Bybel is ons enigste bron van geloof en praktyk. Ongelukkig stem Christene dikwels nie saam oor die boodskappe van die Bybel nie. Dit is selfverydelend om aan te voer dat die inspirasie van die Bybel nie vir gelowiges toeganklik is tot so ‘n mate dat hulle kan saamstem oor die inhoud daarvan nie!

Die vier leessiklusse is ontwerp om die volgende verklarende insigte te bied:

- A. Die eerste leessiklus
 1. Lees die boek in een sessie deur. Lees dit weer, maar gebruik ‘n alternatiewe vertaling – indien moontlik vanuit ‘n verskillende vertaling-denkskool.
 - a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
 - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
 - c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
 2. Identifiseer die sentrale doel van die geskrif in geheel. Wat is die tema?
 3. Isoleer (indien moontlik) ‘n literêre eenheid – ‘n hoofstuk, ‘n paragraaf of ‘n sin – wat duidelik die sentrale doel of tema daarstel.
 4. Identifiseer die dominante literêre genre
 - a. Ou Testament
 - (1) Hebreeuse narratief
 - (2) Hebreeuse poësie (wysheidsliteratuur, Psalms)
 - (3) Hebreeuse profesie (prosa, poësie)
 - (4) Wetskodes
 - b. Nuwe Testament
 - (1) Narratiewe (evangelies, Handelingte)
 - (2) Gelykenisse (evangelies)
 - (3) Briewe
 - (4) Apokaliptiese literatuur
- B. Die tweede leessiklus
 1. Lees die hele boek weer en identifiseer die hoofonderwerpe.
 2. Stel ‘n raamwerk van die hoofonderwerpe op en som elkeen se inhoud kortliks op in ‘n eenvoudige stelling.
 3. Vergelyk jou doelstelling en breë raamwerk met studiegidse.
- C. Die derde leessiklus
 1. Lees die hele boek weer en identifiseer die historiese milieu en spesifieke geleentheid wat die skrywer genoep het om die boek te skryf.
 2. Lys die historiese items wat in die boek genoem word
 - a. die outeur
 - b. die datum
 - c. die ontvangers
 - d. die spesifieke stimulasie vir die skryf daarvan
 - e. aspekte van die kulturele milieu wat verwant is aan bg. stimulasie
 - f. verwysings na historiese figure en gebeure
 3. Verbreed jou raamwerk tot ‘n paragraaf-vlak vir daardie deel van die Bybelboek wat jy interpreteer. Interpreteer altyd die literêre eenheid as ‘n geheel. Dit mag ‘n hele paar hoofstukke of paragrawe insluit, maar stel jou in staat om die oorspronklike skrywer se logika en tekstuele ontwerp te volg.
 4. Vergelyk jou historiese skets met dié van studiegidse.
- D. Die vierde leessiklus
 1. Lees die spesifieke literêre eenheid weer in ‘n verskeidenheid vertalings
 - a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
 - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)

- c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
2. Soek vir literêre of grammatiese strukture
 - a. herhaalde frases (Ef. 1:6, 12, 13)
 - b. herhaalde grammatiese strukture (Rom. 8:31)
 - c. kontrasterende konsepte
3. Lys die volgende items:
 - a. noemenswaardige terme
 - b. ongewone terme
 - c. belangrike grammatiese strukture
 - d. besonder moeilike woorde, frases of sinne
4. Soek vir relevante parallelismes
 - a. soek vir die duidelikste passasie oor jou onderwerp deur die volgende te gebruik:
 - (1) “sistematiese teologie”-boeke
 - (2) verwysing-Bybels
 - (3) ooreenstemmings
 - b. Soek vir ‘n moontlik paradoksale paar binne jou onderwerp. Baie Bybelse waarhede word daargestel in dialektiese pare; heelwat konflik tussen denominasies is te wyte aan letterlik lees van ‘n halwe Bybelse stelling. Die hele Bybel is geïnspireer en ons moet poog om sy volledige boodskap te verstaan om sodoende ‘n gebalanseerde perspektief oor die Skrif in ons interpretasie te hê.
 - c. Soek vir parallelle binne dieselfde boek, werk van dieselfde outeur of uit dieselfde genre; die Bybel is sy eie beste ontleder omdat hy slegs een outeur het: die Gees.
5. Gebruik studiegidsse om jou historiese skets en ander konteks-elemente na te gaan:
 - a. studie-Bybels
 - b. Bybel ensiklopedieë, handboeke en woordeboeke
 - c. inleidings tot die Bybel
 - d. Bybel-kommentare (op hierdie stadium van jou studie is dit nodig om die gelowige gemeenskap – verlede én hede – toe te laat om jou te help om die regte rigting in te slaan.)

IV. Toepassing van Bybel-interpretasie

Op hierdie stadium rig ons die gesprek op toepassing. Jy het nou tyd gehad om die teks in sy oorspronklike milieu te verstaan; nou moet jy die insig wat dit jou bring in jou lewe en kultuur toepas. Ek definieer Bybelse gesag as “‘n verstaan van wat die oorspronklike Bybelse outeur wou sê vir die lesers van sy dag (in die historiese konteks), en die toepassing van daardie selfde waarhede op jou eie dag (in jou eie konteks)”.

Interpretasie moet gevolg word deur implementering van die oorspronklike outeur se bedoeling in tyd sowel as logika. Ons kan nie ‘n Bybelse passasie vandag toepas voordat ons weet wat die bedoeling was in die konteks waarin dit geskryf is nie! ‘n Bybelpassasie kan nie bedoel wat dit nooit bedoel het nie!

Jou uitgebreide raamwerk op paragraafvlak (leessiklus #3) sal jou lei. Toepassing moet op ‘n paragraaf-vlak gedoen word, nie op woord-vlak nie. Woorde het slegs in konteks betekenis; dieselfde geld vir frases en sinne. Die enigste geïnspireerde persoon betrokke in die interpretasie-proses is die oorspronklike outeur. Ons kan net sy leiding volg deur die verheldering deur die Heilige Gees. Maar verheldering is nie inspirasie nie. Om te sê “dus sê die Here”, moet ons die oorspronklike outeur se bedoeling ken in die saak. Toepassing moet spesifiek verband hou met die algemene bedoeling van die teks in geheel, die spesifieke literêre eenheid en paragraaf-vlak ontwikkeling van gedagtes.

Moenie dat die kwessies van die dag die Bybel interpreteer nie; laat die Bybel vir homself praat! Dit mag verg dat ons beginsels uit die teks assimileer. Hierdie beginsels is geldig indien die teks dit ondersteun. Ongelukkig is ons beginsels dikwels juis dít: ons beginsels – nie dié van die teks nie.

Dit is belangrik om in Bybel-toepassing te onthou dat (behalwe die profesieë) elke Bybelteks slegs een geldige betekenis het. Daardie betekenis is verwant aan die bedoeling van die oorspronklike skrywer in sy aanspraak van ‘n krisis van sy dag. Baie moontlike toepassings kan afgelei word van hierdie een bedoeling. Die toepassing is gebaseer op die ontvanger se behoeftes, maar moet verband hou met die oorspronklike outeur se bedoeling.

V. Die Geestelike Aspek van Interpretasie

Tot dusver het ek die logiese en tekstuele prosesse betrokke by interpretasie en toepassing bespreek. Laat my nou toe om kortliks die geestelik kant van interpretasie aan te raak. Ek het die volgende oorsiglys hulpvaardig gevind:

- A. Bid vir die Gees se hulp (vgl. 1 Kor. 1:26-2:16).
- B. Bid vir persoonlike vergifnis en reiniging van gekende sonde (vgl. 1 Joh. 1:9).
- C. Bid vir ‘n groter begeerte om God te ken (vgl. Ps. 19:7-14; 42:1 e.v.; 119:1 e.v.)
- D. Implementeer enige nuwe insigte onmiddellik in jou eie lewe.
- E. Bly nederig en onderrigbaar.

Dit is so moeilik om die balans te handhaaf tussen die logiese proses en die geestelike leierskap van die Heilige Gees. Die volgende aanhalings help my hiermee:

- A. uit James W. Sire, *Scripture Twisting*, bl. 17-18:

“The illumination comes to the minds of God’s people – not just to the spiritual elite. There is no guru class in biblical Christianity, no illuminati, no people through whom all proper interpretation must come. And so, while the Holy Spirit gives special gifts of wisdom, knowledge and spiritual discernment, He does not assign these gifted Christians to be the only authoritative interpreters of His Word. It is up to each of His people to learn, to judge and to discern by reference to the Bible which stands as the authority even to those to whom God has given special abilities. To summarize, the assumption I am making throughout the entire book is that the Bible is God’s true revelation to all humanity, that it is our ultimate authority on all matters about which it speaks, that it is not a total mystery but can be adequately understood by ordinary people in every culture.”

B. oor Kierkegaard, uit Bernard Ramm, *Protestant Biblical Interpretation*, bl. 75:

“According to Kierkegaard the grammatical, lexical, and historical study of the Bible was necessary but preliminary to the true reading of the Bible. To read the Bible *as God’s word* one must read it with his heart in his mouth, on tip-toe, with eager expectancy, in conversation with God. To read the Bible thoughtlessly or carelessly or academically or professionally is not to read the Bible as God’s Word. As one reads it as a love letter is read, then one reads it as the Word of God.”

C. H.H. Rowley in *The Relevance of the Bible*, bl. 19:

“No merely intellectual understanding of the Bible, however complete, can possess all its treasures. It does not despise such understanding of the spiritual treasures of this book if it is to be complete. And for that spiritual understanding something more than intellectual alertness is necessary. Spiritual things are spiritually discerned, and the Bible student needs an attitude of spiritual receptivity, an eagerness to find God that he may yield himself to Him, if he is to pass beyond his scientific study unto the richer inheritance of this greatest of all books.”

VI. Hierdie Kommentaar se Metode

Die *Studiegids-Kommentaar* is ontwerp om jou te help met die interpretasie-prosedure op die volgende maniere:

1. ‘n Kort historiese uiteensetting as bekendstelling van elke boek. Gaan hierdie inligting na nadat jy leessiklus #3 voltooi het.
2. Die verskillende dele van die literêre eenheid word in konteks geplaas aan die begin van elke hoofstuk om jou te wys hoe dit gestruktureer is.
3. Aan die begin van elke hoofstuk of groot literêre eenheid word die paragraafindeling saam met hulle beskrywende onderskrifte verskaf. Dit word uit die volgende moderne vertalings geneem:
 - a. The United Bible Society Greek text, vierde uitgawe gewysig (UBS⁴)
 - b. The New American Standard Bible, 1995 weergawe (NASB)
 - c. The New King James Version (NKJV)
 - d. The New Revised Standard Version (NRSV)
 - e. Today’s English Version (TEV)
 - f. The Jerusalem Bible (JB)
 - g. Die Ou Afrikaanse Vertaling (OAV)
 - h. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)
 - i. Die Nuwe Lewende Vertaling (CUM-NLV)
 - j. Die Multivertaling Bybel (CUM-MVB)

Paragrafering is nie geïnspireer nie. Dit moet uit die konteks afgelei word. Deur ‘n vergelyking van ‘n aantal moderne vertalings vanuit verskillende vertaling-denkskole en teologiese perspektiewe, word dit vir ons moontlik om die veronderstelde struktuur van die skrywer se gedagtes te analiseer. Elke paragraaf het een hoofwaarheid. Dit word gewoonlik die “tema-sin” of “sentrale idee van die teks” genoem. Hierdie eenheidsvormende gedagte is die sleutel tot gepaste historiese, grammatiese interpretasie. Ons moet nooit interpreteer, preek of onderrig oor minder as ‘n paragraaf nie! Onthou ook dat elke paragraaf verwant is aan die omliggende paragrawe. Dit is hoekom ‘n paragraaf-vlak raamwerk van die hele boek so belangrik is. Dit moet vir ons moontlik wees om die logiese vloei van die onderwerp te volg volgens die bedoeling van die oorspronklike outeur.
4. Bob se notas volg ‘n vers-vir-vers benadering tot interpretasie. Dit dwing ons om die oorspronklike outeur se gedagtegang te volg. Die notas bied inligting oor ‘n verskeidenheid aspekte:
 1. literêre konteks
 2. historiese, kulturele insigte
 3. grammatiese inligting
 4. woord-ontleding
 5. relevante parallelismes
5. Soms word die gedrukte teks in die kommentaar uit *The New American Standard Version* (1995 weergawe) afgewissel met die vertalings van verskeie ander moderne weergawes:
 - a. *The New King James Version* (NKJV) is ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*.
 - b. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is ‘n gewysigde woord-vir-woord vertaling van die National Council of Churches se *Revised Standard Version*.
 - c. *The Today’s English Version* (TEV) is ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is.
 - d. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog ‘n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op ‘n Franse Katolieke vertaling.

6. Vir diegene wat nie Grieks-magtig is nie kan die vergelyking van Engelse en Afrikaanse vertalings oor en weer help om 'n aantal probleme in die teks te identifiseer:
 - a. manuskripvariasie
 - b. alternatiewe woordbetekenisse
 - c. grammaties-moeilike teks en struktuur
 - d. dubbelsinnige teksteHoewel die Engelse en Afrikaanse vertalings nie hierdie probleme kan oplos nie, word hulle wel hierdeur as plekke vir dieper en meer aandagtige studie geïdentifiseer.
7. Elke hoofstuk word afgesluit met 'n aantal besprekingsvrae wat poog om die belangrikste kwessies vir interpretasie uit elke hoofstuk toe te lig.

DIE EERSTE
CHRISTENHANDLEIDING:
MATTEUS

INLEIDING TOT MATTEUS

INLEIDENDE GEDAGTES

- A. Tot die tyd van die Verligting/Reformasie was daar 'n algemene opvatting dat Matteus die eerste evangelie was wat ontstaan het (dit is steeds die siening van die Rooms-Katolieke kerk).
- B. Gedurende die eerste twee eeue van die vroeë kerk was dit die mees oorgeskrewe Bybelboek, die mees aangehaalde evangelie in die liturgie en is dit ook as kategesehandleiding gebruik.
- C. William Barclay stel in sy *The First Three Gospels*, bl. 19, die volgende: “Wanneer ons die boek Matteus opneem, het ons te doen met die enkele Bybelboek wat as die belangrikste dokument van die Christelike geloof beskou kan word.” Dit is omdat dit die leer van Jesus op tematiese wyse ontwikkel. Dit is gebruik om nuwe bekeerdes te onderrig (Jood en Heiden) in die lewe en boodskap van Jesus van Nasaret, die Christus.
- D. Matteus bied 'n logiese oorgang tussen die ou en die nuwe verbond en slaan ook die brug tussen Joodse bekeerlinge en gelowiges uit die heidendom. Dit gebruik die OT in 'n belofte/vervulling-skema, soortgelyk aan die prediking in Handelingen wat as *kerygma* bekend staan. Meer as 50 keer word die OT aangehaal, maar sinspelinge op die OT is nog veel meer. Titels en analogieë van JHWH* word dikwels op Jesus van toepassing gemaak.
- E. Evangelisasie en dissipelskap was altyd paarsgewys die doelwitte van die Groot Opdrag in Matteus (28:19-20).
 1. Hulle was ten doel om Jode te bekeer deur hulle bewus te maak van Jesus se lewe en leer,
 2. Hulle sou bekeerde Jode en gelowige heidene leer hoe om as Christene te lewe.

OUTEUR

- A. Hoewel die vroegste afskrifte van die Griekse NT (200-400 n.C.) “volgens Matteus” genoem word, bly die boek self anoniem.
- B. Volgens tradisie in die vroegste kerk was dit Matteus, ook bekend as Levi (vgl. Mark. 2:14 en Luk. 5:27,29), 'n tollenaar (Mat. 9:9; 10:3) en dissipel van Jesus, wat die evangelie geskryf het.
- C. Matteus, Markus en Lukas se weergawes stem opmerklik ooreen:
 1. die formulering van OT aanhalings wat nie in die Masoretiese teks of die Septuaginta voorkom nie, stem dikwels ooreen,
 2. hulle haal dikwels vir Jesus aan met ongewone grammatikale sinsbou en die gebruik van seldsame Griekse woorde,
 3. hulle gebruik dikwels ooreenstemmende Griekse frases en selfs sinne,
 4. dit is ooglopend dat literêre uitlenery plaasgevind het.
- D. Verskeie teorieë oor hoe die verhouding tussen die drie Sinoptiese evangelies (Matteus, Markus en Lukas) verklaar kan word, is in omloop.
 1. Die eenvormige tradisie in die vroeë kerk was dat Matteus (Levi), die tollenaar en dissipel van Jesus, die evangelie geskryf het. Tot die koms van die Verligting/Hervorming was hierdie die algemene opvatting.
 2. Teen ongeveer 1776 het A.E. Lessing (en later Gieseler in 1818) 'n teorie voorgestaan wat 'n stadium van mondelinge oorlewering met die ontstaan van die drie Sinoptiese (“om saam te kyk”) evangelies verbind. Hulle sou almal uit hierdie vroeëre mondelinge tradisie afhanklik ontleen wat dan vir hulle bepaalde teikengehore aangepas sou word:
 - a. Matteus vir Jode
 - b. Markus vir Romeine
 - c. Lukas vir ChristeneElke evangelie sou ook 'n geografiese fokus kon gehad het:
 - a. Matteus: Antiogië, Sirië
 - b. Markus: Rome, Italië
 - c. Lukas: Caesarea by die see in Palestina
 - d. Johannes: Ephesus, Klein Asië
 3. Aan die begin van die 19de eeu het J.J. Griesbach die teorie gemunt dat Matteus en Lukas hulle eie, afsonderlike verhaal vertel het en dat Markus 'n middeweg tussen die twee probeer vind het.

* Ons gebruik in hierdie vertaling JHWH as ongevokaliseerde skryfwyse wat op dieselfde wyse uitgespreek word as die JHWH van die Engelse transkribering – gevokaliseerd: Jahweh. Vergelyk Eks. 20:7 m.b.t. vrees vir ydelike gebruik van die Godnaam.

4. Vroeg in die 20 ste eeu het H.J. Holtzmann 'n teorie geskep wat daarop neerkom dat Markus die eerste verhaal geskryf het en dat Matteus en Lukas hulle verhale op sy weergawe gebaseer het, maar dat hulle ook 'n ander bron, naamlik Q (Duitse *quelle*, wat "bron" beteken) tot hulle beskikking gehad het. Die Q-weergawe was 'n versameling uitsprake van Jesus. Dit het as die "twee bronne"-teorie bekend geword (voorheen in 1832 ook deur Frederick Schleiermacher voorgestaan).
5. B.H. Streeter het later die "twee bronne" tot "vier bronne" verfyn deur 'n "proto-Lukas" in die Lukas-evangelie te veronderstel, tesame met Markus en Q.
6. Al hierdie teorieë in verband met die ontstaan van die Sinoptiese evangelies is blote gissings. Daar is geen historiese gronde of enige aanduiding in bestaande manuskripte van die bestaan van 'n Q-bron of 'n "proto-Lukas" ondersteun nie.

Moderne vakkunde weet eenvoudig nie hoe die evangelies saamgevoeg is of wie werklik die skrywers was nie (dieselfde geld vir die OT wet en die vroeër Profete). Gebrek aan sulke inligting het op geen wyse die kerk se siening in verband met inspirasie en historiese betroubaarheid van hierdie geloofsdokumente geaffekteer nie.

7. Daar is opvallende ooreenkomste ten opsigte van struktuur en woordgebruik in die Sinoptiese evangelies, maar daar is ook baie verskille wat nie onopgemerk kan verbygaan nie. Mededelings deur ooggetuies neig altyd om te verskil. Die vroeë kerk was min gepla deur die verskille in hierdie drie ooggetuie-weergawes van Jesus se aardse wandeling.

Dit is moontlik dat die teikengehoor, die style van die onderskeie skrywers en die tale ter sprake (Aramees en Grieks) verantwoordelik is vir die teenstrydighede. 'n Mens moet in ag neem dat geïnspireerde skrywers, redakteurs en samestellers van geskrifte die vryheid gehad het om materiaal te selekteer, te rangskik, aanpassings te maak en om die gebeure en leer van Jesus se lewe op te som (vgl. *How to Read the Bible for All Its Worth* deur Fee en Stuart, bl. 113-148).

- E. Papias, biskop van Hierapolis (130 n.C.), is vir 'n oorlewering verantwoordelik dat Matteus sy evangelie in Aramees geskryf het. Dit is opgeteken in Eusebius se *Historical Ecclesiasticus*, 3:39:16, maar eietydse geleerdes verwerp dié moontlikheid op die volgende gronde:

1. die Grieks in Matteus vertoon nie die verwagte kenmerke van 'n vertaling uit Aramees nie;
2. daar is Griekse woordspeling (vgl. 6:16; 21:41; 24:30); en
3. die meeste aanhalings uit die OT kom uit die Septuaginta (LXX) en nie uit die Masoretiese (Hebreeuse) tekste nie.

Daar bestaan 'n moontlikheid dat 10:3 op Matteus se outeurskap kan dui, aangesien dit "tollenaar" (of "belastinggaarder") agter sy naam voeg. So 'n neerhalende opmerking oor eie persoon kom nie in Markus se weergawe voor nie. Matteus was nie 'n alombekende persoonlikheid in die NT of die vroeë kerk nie. As hy dan nie die skrywer was nie, hoekom het soveel tradisie rondom sy naam en die eerste apostoliese evangelie ontstaan?

DATERING

- A. In baie opsigte hou die datering verband met die Sinoptiese vraagstuk. Watter evangelie is eerste geskryf en wie het by wie afgeskryf?

1. Eusebius, in *Historical Ecclesiasticus* (3:39:15), is van mening dat Matteus van Markus se strukturering gebruik gemaak het.
2. Augustinus, aan die ander kant, beskou Markus as 'n aanhanger van die apostelgroep ("a camp follower") wat die "eerste apostel-evangelie" verkort het.

- B. Die beste benadering sou wees om die waarskynlike datum te soek binne die perke van moontlike datums:

1. Dit moes voor 96 of 115 n.C. geskryf gewees het:
 - a. Clemens van Rome (96 n.C.) sinspeel op Matteus in sy brief aan die Korintiërs.
 - b. Ignatius (110-115 n.C., biskop van Antiogië, haal Mat. 3:15 aan in sy brief aan die mense van Smirna (*To the Smyrneans*, 1:1).
2. Die moeiliker vraag is wat die vroegste datum is waarop die brief geskryf kon gewees het?
 - a. vanselfsprekend so vroeg as kort na die gebeure wat beskryf word, d.w.s. ongeveer 30 n.C.
 - b. daar sou wel tyd moes verloop het voor daar behoefte aan so 'n geskrif ontstaan het en die samestelling en verspreiding plaasgevind het.
 - c. verder hang datering saam met hoe Matteus 24 se vermelding van die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. opgevat moet word. Gedeeltes van die boek impliseer dat die offerdiens nog in die tempel plaasgevind het (5:23-24; 12:5-7; 17:24-27; 26:60-61). Dit dui gevolglik op 'n datum voor 70 n.C.
 - d. as Matteus en Markus geskryf is gedurende Paulus se bediening (48-68 n.C.), waarom verwys hy nie na hulle nie? Eusebius haal Irenaeus aan in sy *Historical Ecclesiasticus* (5:8:2), naamlik dat Matteus geskryf het terwyl Petrus en Paulus in Rome was. Hulle albei is daar om die lewe gebring tydens die regering van Nero wat tot 68 n.C. geduur het. Hedendaagse geleerdheid se raaiskoot vir die vroegste datum vir die ontstaan van Matteus is dan 50 n.C.

- C. Talle geleerdes is van mening dat die vier evangelies meer op geografiese sentra betrekking het as koppeling aan tradisionele skrywers. Hiervolgens sou Matteus geskryf kon gewees het met die oog op Joods/heidense betrekkings in die kerk, mees waarskynlik ongeveer 60 n.C., maar beslis voor 70 n.C.

ONTVANGERS

- A. Nes die skrywer en datum van die evangelie, is die ontvangers ook onbekend. Dit lyk wel of die inhoud betrekking het op gelowige Jode sowel as bekeerlinge uit die heidendom. Die eerste-eeuse kerk by Antiogië in Sirië pas hierdie beskrywing die beste.
- B. Origenes word deur Eusebius aangehaal in *Historical Ecclesiasticus* (6:25:4) dat dit vir Joodse gelowiges bedoel was.

DOEL

- A. Hoe is hierdie evangelie gestruktureer? Die bedoeling van die skrywer kan die beste begryp word deur die samestelling van die boek in geheel te ontleed.
- B. Geleerdes het verskillende strukture aan die hand gedoen:
1. die geografiese bewegings van Jesus
 - a. Galilea
 - b. noord van Galilea
 - c. Perea en Judea (onderweg na Jerusalem)
 - d. in Jerusalem
 2. Matteus se vyf tematiese eenhede. Hulle kan waargeneem word in 'n herhalende slotopmerking, "Toe Jesus klaar gepraat het..." wat op die volgende plekke voorkom: 7:28; 11:1; 13:53; 19:1; 26:1. Heelwat geleerdes is van mening dat Matteus met die vyf eenhede poog om Jesus as die 'nuwe Moses' voor te doen. Elke eenheid sou dan 'n analogie wees van een van die vyf boeke van Moses (Genesis, Levitikus, Numeri, Deuteronomium).
 - a. 'n wisselpatroon of chiastiese struktuur; verhalende gedeeltes word afgewissel met redevoerende gedeeltes
 - b. 'n teologies/biografiese opset wat telkens begin met "Van toe af het Jesus begin ..." (vgl. 4:17; 16:21) wat dan die boek in drie gedeeltes verdeel (1:1-4:16; 4:17-16:20; en 16:21-28:20)
 - c. verder Matteus se klem op voorspellings deur te verwys na "vervulling" (vgl. 1:22; 2:15, 17, 23; 4:14; 8:17; 12:17; 13:35; 21:4; 27:9 en 27:35)
- C. As literêre genre is die evangelies uniek. Hulle is nie biografieë nie; hulle is nie historiese vertellings nie; hulle is selektief teologies gestruktureer, dit wil sê elke evangelis het uit die lewe, die gebeurtenisse en leerstellings van Jesus keuses gemaak met die oog op hulle teikengehoor. Die evangelies was bedoel om te evangeliseer; godsdienstig te oorreed.

LEESSIKLUS EEN (sien bl. vii)

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die boek in geheel (in een sessie). Stel die sentrale tema van die boek in jou eie woorde.

1. Sentrale tema van die hele boek
2. Tipe literatuur (genre)

LEESSIKLUS TWEE (sien bl. vii)

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hele boek 'n tweede keer deur in een sitting. Identifiseer die hoofonderwerpe en stel die onderwerp in 'n enkele sin.

1. Onderwerp van eerste letterkundige eenheid
2. Onderwerp van tweede letterkundige eenheid

3. Onderwerp van derde letterkundige eenheid
4. Onderwerp van vierde letterkundige eenheid
5. Ens.

MATTEUS 1

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV ^{**}
The Genealogy of Jesus Christ	The Genealogy of Jesus Christ	Jesus' Royal Descent	The Family Record of Jesus Christ	The Ancestry of Jesus (2-6)	Die geslagsregister van Jesus Christus
1:1	1:1-17	1:1	1:1	1:1-16	1:1-17
1:2-6a		1:2-6a	1:2-6a		
1:6b-11		1:6b-11	1:6b-11		
1:12-16		1:12-16	1:12-16		
1:17		1:17	1:17	1:17	
The Birth of Jesus Christ	Christ Born to Mary	Jesus' Birth	The Birth of Jesus Christ	Joseph Adopts Jesus as his Son	Die geboorte van Christus
1:18-25	1:18-25	1:18-25	1:18-21 1:22-23 1:24-25	1:18-25	1:18-25

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

OM DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 1:1-25

A. Die lysie van voorgeslagte in Mat. 1:1-17 en Luk. 3:23-38 stem nie ooreen nie. Die vernaamste teorieë vir die teenstrydighede is:

1. Matteus het hoofsaaklik vir 'n Joodse gehoor geskryf en meld dus Josef se voorvaderlike linie om Joodse wetspraktyke tevrede te stel. Lukas, daarteenoor, het vir heidene geskryf en as sodanig Maria se voorouerlinie gevolg (aldus Luther). Albei gaan terug tot by Dawid, maar Lukas gaan verder terug tot by Adam, waarskynlik omdat hy vir heidene geskryf het.

* Although not inspired, paragraph divisions are the key in understanding and following the original author's intent. Each modern translation has divided and summarized chapter one. Every paragraph has one central topic, truth or thought. Each version encapsulates that topic in its own distinct way. As you read the text, ask yourself which translation fits your understanding of the subject and verse divisions.

In every chapter you must read the Bible first and try to identify subjects (paragraphs). Then compare your understanding with the modern versions. Only when one understands the original author's intent by following his logic and presentation can one truly understand the Bible. Only the original author is inspired—readers have no right to change or modify their message. Bible readers do have the responsibility of applying the inspired truth to their day and their lives.

** Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

LET WEL: Alle tegniese terme en afkortings word ten volle in Bylae Een, Twee en Drie verduidelik. sien ook die 'Afkortings Gebruik in die Kommentaar' op bl. i.

2. Matteus meld die opvolging van die konings van Juda ná Dawid (of ná die ballingskap, dié wat waarskynlik sou opgevolg het). Lukas bepaal hom by die werklike voorgeslagte.
- B. Hierdie afkomsregister dien as bewys van Jesus se afstamming en dat profesie in Hom vervul is (vgl. Gen. 49:8-12 en 2 Sam. 7). Vervulde profesie (vgl. 1:22; 2:15, 17, 23; 4:14; 8:17; 12:17; 13:35; 21:4; 27:9, 35) is sterk bewys van die bonatuurlike strekking van die Bybel en God se beheer oor geskiedenis en tyd.
- C. Vers 17 laat blyk waarom nie alle lede van die voorgeslag in die lys opgeneem is nie. Die skrywer gebruik 'n numeriese drievlakkige “veertien generasies”-benadering tot Jesus se afkoms.
- D. Randon die geboorteverhaal in hierdie openingsverse is daar vier aanhalings uit die OT (vgl. 1:23; 2:6, 15, 18) wat van die bestaan van verskillende soorte profesieë blyke gee:
1. Mat. 1:23 – Jes 7:14 is 'n profesie met veelvoudige vervulling. 'n Kind is in Jesaja se tyd gebore (vgl. verses 15-16); die Hebreeuse woord in vers 14 is nie “maagd” (*bethoolah*, vgl. BDB 143) nie, maar 'n jong vrou van hubare ouderdom (*almah*, vgl. BDB 761 II). Ek glo in slegs een maagdelike geboorte – dié van Jesus!
 2. Mat 2:6 – Miga 5:1-2 is 'n merkwaardige profesie wat 750 jaar tevore die gebeurtenis presies beskryf. Die plek van Jesus se geboorte was vooruitbepaal. Hierdie soort voorspellende profesie bevestig (a) God se alwetendheid ten opsigte van die geskiedenis (en sy beheer daarvoor), en (b) die inspirasie en uniekheid van die Bybel. Geen ander godsdienst ter wêreld se heilige boek is in staat tot sulke voorspellende profesieë nie.
 3. Mat 2:15 – Hosea 11:1 en Mat. 2:18 – Jer. 31:15 is albei tipologiese profesieë. Gebeurtenisse in die bestaan van Israel val Jesus ook te beurt en die NT skrywer beskou dit as 'n profetiese teken.
- E. Raymond E. Brown, *An Introduction to the New Testament*, bl. 175, lewer insiggewende kommentaar op die struktuur van Matteus se afstammingslys:
1. die Aartsvaders – die eerste 14 name;
 2. Israelitiese konings – die tweede lys van 14 name; en
 3. onbekende voorouers – die derde lys van 14 name.
- Hierdie afstammingslys is hoogs selektief om in 'n vaste patroon te pas en die rede daarvoor is onbekend:
1. 'n geheueyriem, d.w.s. 'n literêre tegniek (mnemonics)
 2. getalle-simboliek
 - a. 7 x 2 (vgl. Lukas se lys van 77 voorsate)
 - b. die syferwaardes van Dawid se naamletters beloop 14
 3. bekendes en besonder toegewydes uit die voorgeslagte is opgeneem
 4. doelbewuste insluiting van manne en vroue; heidene en Jode.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 1:1

¹The record of the genealogy of Jesus the Messiah, the son of David, the son of Abraham.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Mat. 1:1.

1:1	NAV, OAV CUM-MVB CUM-NLV NASB NKJV NRSV TEV NJB	“Die geslagsregister van Jesus Christus” “Die boek met die geslagsregister wat handel oor Jesus Christus” “Hier volg die familieregister van Jesus Christus” “The record of the genealogy of Jesus the Messiah” “The book of the genealogy of Jesus Christ” “an account of the genealogy of Jesus the Messiah” “This is the family record of Jesus Christ” “roll of the genealogy of Jesus Christ”
-----	--	---

'n Geslagsregister (vgl. Gen. 5:1 of “account”, vgl. Gen 2:4) is 'n voorbeeld van hoe God met eie hand in die geskiedenis van Abraham, Isak, Jakob, Moses en Dawid sy beloftes vervul het. Die NT is die vervulling van die OT. In sommige kulture is 'n geslagsregister bewys van betroubare geskiedenis.

Hierdie titel beklemtoon dat die beloofde Messias uit die Joods-koninklike geslag van Juda afkomstig was. Hy was uit die vroulike geslag gebore (Gen. 3:15); die nageslag van Abraham (Gen. 22:18); uit die geslag van Juda (Gen. 49:10) en nakomeling van Dawid (2 Sam. 7:12-14, 16). Regdeur die boek Matteus dui hierdie uitdrukking op Messias (vgl. 9:27; 12:33; 15:22; 20:30-31; 21:9, 15; 22:42).

■	NAV, CUM-MVB OAV CUM-NLV NASB	“die Seun van Abraham” “die seun van Abraham” “en uit die nageslag van Abraham” “the son of Abraham”
---	--	---

Lukas begin sy geslagsregister met Adam. Aangesien hy vir heiden-Christene skryf, gaan dit vir hom om die hele menslike geslag. Matteus, wat vir Jode skryf, begin met Abram as die oorsprong van die Joodse volk. ‘n Drievlakkige-geheuerympie met 14 name van nakomelinge in elkeen, voeg luister by die groot name, “Abraham” en “Dawid”, in die voorgeslagte van Jesus.

NASB (UPDATED) TEXT: 1:2-6a

²Abraham was the father of Isaac, Isaac the father of Jacob, and Jacob the father of Judah and his brothers. ³Judah was the father of Perez and Zerah by Tamar, Perez was the father of Hezron the father of Ram. ⁴Ram was the father of Amminadab. Amminadab the father of Nashon and Nashon the father of Salmon. ⁵Salmon was the father of Boaz by Rahab, Boaz was the father of Obed by Ruth, and Obed the father of Jesse. ⁶Jesse was the father of king David.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Mat. 1:2-6a.

1:2 “Juda”; “Judah”: Juda was een van Jakob se kinders (vgl. Gen. 49:10; Deut. 33:7). Tot ‘n beperkte mate stem Mat. 1:2-6 se afkomslyn met 1 Kron. 1-3 ooreen.

1:3 “Peres en Serag”; Perez and Zerah: Peres en Serag was ‘n tweeling (vgl. Gen. 38:27-30). Die Messiaanse afstammingslyn (verse 3-5) loop deur Peres en gevolglik ook deur Rut (Rut 4:18-22).

■ **“Tamar”:** Gen. 38:12 e.v. vertel hoe Tamar, skoondogter van Juda, deur hom swanger geword het. Dit was uiters ongewoon om vrouename in Joodse afstammingslyste in te sluit. Hiermee wou Matteus aantoon dat die afstammingslys nie op ‘n besondere volksidentiteit of verdienstelike gebaseer was nie. Drie van die genoemde vroue – Tamar, Ragab en Rut – was uit die heidendom. en Batseba was met ‘n Hetiet getroud. Die erkenning van heidene, selfs vroue, se teologiese impak was berekend om Christene uit die heidenwêreld in te sluit.

1:5 “Ragab”; “Rahab”: Ragab was ‘n Kanaänitiese prostituut wat die Israelitiese verkenners tot hulp gekom het (Jos. 2:13; 6:17, 23, 25). In Joodse en Christelike tradisie was sy ‘n toonbeeld van sondebelydenis en kragdadige inkeer (vgl. Heb. 11:31, Jak. 2:25).

■ **“Rut”; “Ruth”:** Rut was ‘n Moabitiese vrou (vgl. Rut 1). Moabiete is nie toegelaat in Israel se samekoms van gelowiges nie (Deut. 23:3). Sy was ‘n toonbeeld van geloof uit geledere van heidene en vroue, maar ook van God se insluitende liefde. Sy was die oma van koning Dawid.

1:6	OAV, NAV	“by die vrou van Uria”
	CUMs	“by die vrou van Urija”
	NASB	“who had been the wife of Uriah”

Dit is ‘n verwysing na Batseba, die moeder van Salomo (vgl. 2 Sam. 11 en 12), wat nes Ragab en Rut nie Jodinne was nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 1:6b-11

⁶David was the father of Solomon by Batsheba who had been the wife of Uriah. ⁷Solomon was the father of Rehoboam, Rehoboam the father of Abijah, and Abijah the father of Asa. ⁸Asa was the father of Jehoshaphat the father of Joram, and Joram the father of Uzzia. ⁹Uzzia was the father of Jotham, Jotham the father of Ahaz, and Ahaz the father of Hezekiah. ¹⁰Hezekiah was the father of Manasseh, Manasseh the father of Amon, and Amon the father of Josiah, ¹¹Josiah was the father of Jeconiah and his brothers, at the time of the deportation to Babylon.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Mat. 1:6b-11.

1:7-11 Hoewel met enkele verskille, volg hierdie gedeelte die uiteensetting van 1 Kron. 3:10-15.

1:7	OAV, NAV, CUMs	“Asa”
	NASB, NKJV, TEV, NJB	“Asa”
	NRSV	“Asaph”

Volgens 1 Kon. 15:9 en 1 Kron. 3:10 was hierdie Judese koning se naam “Asa”. Hierdie naam kom voor in MSS L en W en is in ooreenstemming met die konteks. Die vroeë hoofletter MSS s, B, en C het op verrassende wyse “Asaf.” Dit was die naam van Dawid se koorleier (vgl. Ps. 50, 73, 83). Die meeste tekskritiese geleerdes is van mening dat dit ‘n baie ou oorskryffout kan wees of wisselvorm van die spelling van die koning se naam.

1.8 Drie Judese konings is weggelaat tussen Joram en Ussia: (1) Ahasia (vgl. 2 Kon. 8, 9; 2 Kron. 22); (2) Joas (vgl. 2 Kon. 11:2; 12:19-21; 2 Kron. 24); en Amasia (vgl. 2 Kon. 14; 11; 2 Kron. 25).

Die rede vir hulle weglating is onseker. Daar is twee teorieë: (1) Joram was onderhewig aan die invloed van sy vrou Atalia, dogter van Isebel, se afgodery, waarvoor straf tot in die derde geslag oorgedra is (Deut. 5:9); of (2) Matteus laat ‘n middelste gedeelte weg omdat hy net 14 name in elk van die drievlakkige-struktuur wil hê.

1:9 OAV “en Ussia die vader van Jotam”
NAV “en Ussia was die vader van Jotam”
CUM-NLV “Ussia die pa van Jotam”
NASB “Uzziah was the father of Jotham”

In 2 Kon. 15:1-7 en 1 Kron. 3:12 word Ussia Asarja genoem. Hy het melaatsheid opgedoen, omdat hy ‘n offerande verkeerd geoffer het.

1:10 “Hiskia”; “Hezekia”: Hiskia was een van die vyf toegewyde konings van Juda (Asa, Josafat, Ussia, Hiskia en Josia). Sy lewe word in 2 Kon. 18:20, 2 Kron. 29-32 en in Jes. 36-39 beskryf.

■ **“Manasse”; “Manasseh”:** Dié koning, skuldig aan die ergste verval in Juda se geskiedenis, het ook die langste regeer, naamlik 55 jaar (2 Kon. 21:2-7, asook hoofstuk 21 en 2 Kron. 33).

■ **“Amon”:** Seun van Manasse en vader van Josia (vgl. 2 Kon. 21:18-19, 23-25; 1 Kron. 3:14; 2 Kron. 33:22-25). Sommige hoofletter Griekse MSS, ⚭, B^c en C het die naam “Amos”. Hierdie manuskrippeleem kom ooreen soos beredeneer in vers 7.

■ **“Josia”; “Josiah”:** Nog ‘n toegewyde koning in Juda wat op agtjarige ouderdom koning geword het (vgl. 2 Kon. 22-23; 2 Kron. 34, 35). Talle geleerdes glo dat die “vader wat reg doen”, maar met ‘n “wilde seun”, en die seun wat “reg doen” ondanks ‘n “slegte vader” in Esegieël (18:5-9, 10-13, 14-18) ‘n direkte verwysing na Hiskia, Manasse en Josia is.

1:11 OAV “Jegónia” en “Gonja”
NAV, CUMs “Jojagin”
NASB “Jeconiah” en “Conia”

Hy is ook “Conia” genoem (vgl. Jer. 22:24) en “Jehoiachin” (vgl. 2 Kon. 24-25). Jojagin, die voorlaaste koning voor die ballingskap, was óf agt óf 18-jaar oud met sy troonsbestyging (2 Kron. 36:9; 2 Kon. 24:8). Sy koningskap het slegs drie maande geduur (vgl. 1 Kron. 3:16-17; Jer. 24:1; 29:2). Esegieël dateer sy profesieë vanaf die jaar (597 v.C.) waarin hierdie wegvoering van die koning deur Nebukadneser II, plaasgevind het (vgl. Eseg. 1:1, 2; 8:1; 20:1; 24:1; 26:1; 29:1; 30:20; 31:1; 32:1, 17; 33:21; 40:1).

■ **OAV, CUM-MVB** “in die tyd van die Babiloniese ballingskap”
NAV “Toe is die volg weggevoer na Babilonië”
CUM-NLV “Teen hierdie tyd het die Babiloniese ballingskap begin”
NASB “deportation to Babylon”

Hierdie ballingskap het onder Nebukadneser II plaasgevind. Jerusalem is verskeie kere deur die Babiloniërs ingeneem – in 605, 597, 586 en 582 v.C. Verskeie ballingskappe het plaasgevind:

1. die ballingskap van Daniël en sy drie vriende in 605 v.C.
2. die ballingskap van Jojagin, Esegieël en 10 000 krygers en vakmanne in 597 v.C. (vgl. 1 Kon. 24:10-17)
3. die ballingskap van die meeste van die oorblywende bevolking in 587/586 v.C. (die stad Jerusalem was verwoes – 2 Kon. 25)
4. ‘n finale inval en ballingskap in 582 v.C. as vergelding oor die moorde op goewerneur Gedalja en sy Babiloniese erewag (deur Nebukadneser aangestel).

NASB (UPDATED) TEXT: 1:12-16

¹²After the deportation to Babylon, Jeconiah became the father of Zerubbabel. ¹³Zerubbabel was the father of Abihud, Abihud the father of Eliakim, and Eliakim the father of Azor. ¹⁴Azor was the father of Zadok, Zadok the father of Achim, and Achim the father of Eliud. ¹⁵Eliud was the father of Eleazar, Eleazar was the father of Matthan, and Matthan the father of Jacob. ¹⁶Jacob was the father of Joseph the husband of Mary, by whom Jesus was born, who is called the Messiah.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Mat. 1:12-16.

1:12 OAV “en Sealtiël was die vader van Serubbabel”
NAV, CUMs “en Sealtiël van Serubbabel”
CUM-NLV “Sealtiël die pa van Serubbabel”
NASB “and Shealtiel the father of Zerubbabel”

Hoewel die eerste terugkeer uit ballingskap onder leiding van Sesbassar was (Esra 1:8; 5:14), het Serubbabel die Jode op ‘n tweede terugkeer uit Babiloniese ballingskap gelei. Hy was ‘n afstammeling van Dawid (Esra 2-6). In 1 Kron. 3:16-19 is sy vader aangeteken as Pedaja en sy oupa as Sealtiël. Daar was ‘n vloeibaarheid in Hebreeuse familienaam en verskillende kategorieë van familienaam kon die een die ander insluit. In hierdie geval was Sealtiël dus ‘n oom. Die verwarring kan egter opgeklar word as die moontlikheid in ag geneem word dat Sealtiël Serubbabel, ná sy vader, Pedaja, se dood, aangeneem het (Esra 3:8; 5:2; Neh. 12:1; Hag. 1:1).

Dié twee name kom ook in Lukas se familieregister voor, maar in ‘n veel later tydvak.

1:13-15 Die name wat volg op Abihu, die seun van Serubbabel, tot by Jakob kan nie in OT bronne opgespoor word nie en is dus onbekend.

1:14 “Sadok”; “Zadok”: Hierdie Sadok in Matteus se lys is lid van die stam van Juda en moenie verwar word met “Sadok”, ‘n getroue priester uit die stam van Levi in Dawid se tyd nie (2 Sam. 20:25; 1 Kron. 16:39).

1:16 “Josef, die man van Maria”; “Joseph the husband of Mary”: “Verwek”, wat so sterk beklemtoon word in die voorafgaande lys van vaders in die oorspronklike taal, word ná vermelding van “Josef” weggelaat! Volgens wet, en geboekstaaf deur die lys van afstamming, was Josef die vader van Jesus, maar nie biologies nie. Jesus is uit ‘n maag gebore deur tussenkoms van die Gees van God (vgl. 1:23-25; Luk. 1: 34-35).

- | | |
|------------|-----------------------------------|
| ■ OAV, NAV | “Jesus, wat Christus genoem word” |
| CUM-MVB | “Jesus, wat Gesalfde genoem word” |
| CUM-NLV | “Jesus, die Messias” |
| NASB | “who is called the Messiah” |

“Christ” (NKJV) of “Christus” was die Griekse vertaling van die Hebreeuse term *Messiah* (BDB 603, vgl. 1 Sam. 2:10, 35; 2 Sam. 22:51; Ps. 2:2; 18:51; 89:38, 5; 132:10, 17; Dan. 9:24, 25), wat “‘n gesalfde” beteken. Jesus was YHWH se spesiale dienskneg (vgl. Jes. 7:14; 9:1-7; 11:1-5; 52:13-53:12), die een wat kom om die bedeling van geregtigheid te vestig (vgl. Jes. 61, 65-66). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 8:20.

NASB (UPDATED) TEXT: 1:17

¹⁷So all the generations from Abraham to David are fourteen generations; from David to the deportation to Babylon, fourteen generations; and from the deportation to Babylon to the Messiah, fourteen generations.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Mat. 1:17.

1:17 “geslagte”; “generations”: Hierdie geslagsregister is nie histories volledig nie. Die Hebreeuse term vir “geslagte” is dubbelsinnig en kan sowel oupa as oupagrootjie of voorouer beteken.

- | | |
|---------|--|
| ■ OAV | “en van die Babiloniese ballingskap tot Christus, veertien geslagte” |
| NAV | “en eertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus” |
| CUM-MVB | “en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by die Gesalfde” |
| CUM-NLV | “en veertien van die Babiloniese ballingskap tot by Jesus die Messias” |
| NASB | “from the deportation to Babylon to the Messiah, fourteen generations” |

Daar is drie lyste van veertien voorouername: (1) van Abraham tot Dawid; (2) van Dawid tot die ballingskap; en (3) van die ballingskap tot by Jesus. In die derde lys is daar net 13 name, wat die indruk skep dat Jojagin in beide lyste twee en drie getel moet word. Die getallepatroon het tot gevolg dat sommige name weggelaat moes word (vgl. 1 Kron. 1-3). Sommige skrifverklaarders is van mening dat die getallestruktuur van 14 op die numeriese waardes van die konsonante in Dawid se naam berus (*dalet*, 4 + *waw*, 6 + *dalet*, 4 = 14).

NASB (UPDATED) TEXT: 1:18-25

¹⁸Now the birth of Jesus was as follows: when His mother Mary had been betrothed to Joseph, before they came together she was found to be with child by the Holy Spirit. ¹⁹And Joseph her husband, being a righteous man and not wanting to disgrace her, wanted to send her away secretly. ²⁰But when he had considered this, behold, an angel of the Lord appeared to him in a dream, saying “Joseph, son of David, do not be afraid to take Mary as your wife; for the Child who has been conceived in her is of the Holy Spirit. ²¹She will bear a Son; and you shall call His name Jesus, for He will save His people from their sins.” ²²Now all this took place to fulfill what was spoken by the Lord through the prophet: ²³“BEHOLD, THE VIRGIN SHALL BE WITH CHILD AND SHALL BEAR A SON, AND THEY SHALL CALL HIS NAME IMMANUEL,” which translated means, “GOD WITH US.” ²⁴And Joseph awoke from his sleep and did as the angel of the Lord commanded him, and took Mary as his wife, ²⁵but kept her a virgin until she gave birth to a Son; and he called His name Jesus.

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Mat. 1:18-25.

- | | |
|-----------------|------------------------------------|
| 1:18 OAV | “Die geboorte. . . was dan so” |
| NAV | “die geskiedenis van die geboorte” |
| CUM-MVB | “die geboorte. . . was soos volg” |
| CUM-NLV | “Dit is hoe Jesus gebore is” |
| NASB | “the birth” |

In Griekse manuskripte (MSS) is daar ‘n variant ten opsigte van “begin” [*genesis*] en “geboorte” [*gennasis*]. Waarskynlik was *genesis* die heel oorspronklike term (vgl. MSS P¹, ⳨, B, C; UBS⁴ gradeer dit B). Hoewel albei terme met “geboorte” vertaal kan word, het *genesis* die wyer betekenis van “skepping” of “generering”, wat kan beteken “die nuwe Begin in Jesus as die tweede Adam” (vgl. Rom. 5:12-21) en kan moontlik “is verwek” beteken. Die veronderstelling is dat

oorskrywers die eersgenoemde term doelbewus na “geboorte” verander het om Christologiese (gnostiese) dwalinge teen te werk (vgl. *The Orthodox Corruption of Scripture*, deur Bart P. Ehrman, bl. 75-77).

☐ **“verloof was aan Josef”;** **“betrothed to Joseph”:** Verloving was ‘n Joodse gebruik met wetlik-bindende implikasies, aangegaan sowat ‘n jaar voor die huwelik en was slegs deur dood of egskeiding verbreekbaar. Die partye het nog afsonderlik gewoon, maar ‘n huwelik was kontraktueel ooreengekom.

☐ OAV	“is sy swanger bevind uit die Heilige Gees”
NAV, CUM-MVB	“Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom”
CUM-NLV	“Die Heilige Gees het die baba in haar verwek”
NASB	“She was found with child of the Holy Spirit”
NRSV	“She was found to be with child from the Holy Spirit”
TEV	“She was going to have a baby by the Holy Spirit”
NJB	“she was found to be with child through the Holy Spirit”

Die maagdelike geboorte was ‘n vervulling van die profesie in Gen. 3:15 (“En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.”). In meervoudige sin beteken dit ook wat in Jes. 7:14 opgeteken is: “Daarom sal die HERE self aan julle ‘n teken gee, kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar en hom Immanuel noem.” Dit impliseer ‘n nie-seksuele wonder van die Gees in die skoot van Maria. Verbasend is dit dat geen verkondiging hiervan in Handelingte voorkom nie en selfs die sendbriewe daarvan geen melding maak nie. Die weglating is waarskynlik om verwarring met die Grieks-Romeinse mitologie te voorkom (die gode op die berg Olympus het by aardse vroue betrokke geraak om by hulle kinders te verwek).

1:19 OAV	“omdat hy regverdig was”
NAV	“wat aan die wet van Moses getrou was”
CUM-MVB	“wie se verhouding met God reg was”
CUM-NLV	“Aan die een kant was hy ‘n wetsgehoorsame man”
NASB	“being a righteous man”

“Regverdig” (“righteous”) beteken dat hy hom gebonde geag het aan die eise van die wet van Moses en die mondelinge oorleweringe van sy tyd. Dit impliseer nie dat hy sonder sonde was nie, maar dat hy in dieselfde betekenis van die woord as Noag en Job “regverdig” was (vgl. Gen. 6:9 en Job 1:1).

☐ OAV	“om in die geheim van haar te skei”
NAV	“om die verloving stilweg te verbreek”
CUM-MVB	“om stilweg met haar te breek”
CUM-NLV	“hom voorgeneem om die verloving privaat te verbreek”
NASB	“to send her away secretly”

Dit kon Josef doen by wyse van een van twee wetlike prosedures: (1) deur ‘n nietigverklaring deur die hof aan te vra, of (2) om voor twee getuies ‘n skeibrief aan te bied (vgl. Deut. 24). Maria het die visioenêre bekendmaking in verband met haar swangerskap nie met Josef gedeel nie. Kragtens die OT moes die doodstraf vir seksuele ontrouheid opgelê word (Deut. 22:20-21, 23-24).

1:20 Josef is ook deur die tussenkoms van ‘n engelagtige boodskapper omtrent die swangerskap van sy verloofde ingelig. In Lukas 1:26, word die engel as Gabriël geïdentifiseer (vgl. 1:19; Dan. 8:16; 9:21). Hierdie woord vir “droom” (*onar*) kom vyf keer in Matteus se eerste twee hoofstukke voor (1:20; 2:12, 13, 19, 22) en dan eers weer in 27:19, maar op geen ander plek in die NT nie.

☐ OAV, NAV, CUM-NLV	“‘n engel van die Here”
CUM-MVB	“kyk, ‘n hemelse boodskapper van die Here”
NASB	“an angel of the Lord”

Hierdie frase word op tweërlei wyse in die OT gebruik:

1. as ‘n engel (vgl. Gen. 24:7-40; Eks. 23:20-23; Num. 22:22; Rig. 5:23; 1 Sam. 14:26; 1 Kron. 21:15 e.v.; Sag. 1:28)
2. as ‘n manier om na JHWH te verwys (vgl. Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11, 13; Eks. 3:2-4; 13:21; 14:19; Rig. 2:1; 6:22-24; 13:3-23; Sag. 3:1-2).

Matteus gebruik die frase dikwels, maar altyd in die sin van #1 (vgl. 1:20, 24; 2:13, 9; 28:2). Behalwe Han. 8:26, 29 waar “‘n engel van die Here” as parallel met die Heilige Gees gebruik, gebruik die NT nie die frase in die sin van #2 nie.

1:21 **“en jy moet hom Jesus noem”;** **“you shall call His name Jesus”:** Hierdie naam beteken “JHWH red” (Josua in Hebreus) of ook “JHWH is verlosser” (‘n WERKWOORD moet bygevoeg word, vgl. Luk. 1:31). Sien *Vir Spesiale Aandag: die naam van die Here* by 18:20.

Die naam, JHWH, het ook ander betekenis:

1. Met die naam word aan God gedink as die Een wat verbonde sluit. Hy is God die redder en verlosser. Mense is verbreekers van verbonde, maar God is getrou aan sy woord, beloftes en verbond (vgl. Ps. 103).

In Gen. 2:4 kom die naam JHWH vir die eerste keer in kombinasie voor met *Elohim*. Gen 1 en 2 moenie as twee skeppingsverhale beskou word nie, maar eerder as twee verskillende perspektiewe, naamlik (1) God as Skepper van die fisiese heelal en (2) besonderlik God as Skepper van die mens. Gen. 2:4 e.v. bied dus die openbaarmaking van die besonder bevoorregte posisie en skeppingsdoel van die mens daarin. Dan volg die probleem van sonde en hoe dit hulle besondere posisie in die skepping geaffekteer het.

2. In Gen. 4:26 word vermeld dat mense die naam van die HERE (JHWH) begin aanroep het. Andersyds vind ons in Eks. 6:3 'n mededeling dat die aartsvaders en hulle families die verbondsgod slegs as *El-Shaddai* geken het. Die naam JHWH word slegs een keer verduidelik in Eks. 3:13-16, veral vers 14. In die boeke van Moses gaan naamgewing meer dikwels met woordspeling as etimologie gepaard (vgl. Gen. 17:5; 27:36; 29:13-35). Wat betref die betekenis van die naam JHWH word die volgende moontlikhede uit IDB, vol. 2, bl. 409-11 aangebied:
 - a. van 'n Arabiese woordstam wat "betoning van vurige/innige liefde" beteken;
 - b. van 'n Arabiese woordstam wat "om te blaas/waai" beteken (JHWH as God van storms);
 - c. van 'n Ugaritiese (d.w.s. Kanaänitiese) woordstam wat "om te praat" beteken;
 - d. in navolging van 'n Fenisiese inskripsie, 'n DEELWOORD VAN OORSAAK, wat "die Een wat volhou" of "die Een wat oprig" beteken;
 - e. van die Hebreuse *Kal*-vorm, "die Een wat is" of "die Een wat teenwoordig is", of toekomstig: "die Een wat sal wees";
 - f. van die Hebreuse *Hif'il*-vorm, "die Een wat sal laat wees";
 - g. van die Hebreuse woord "om te leef" die "ewig-lewende" of die "enigste lewende";
 - h. uit die teksverband van Eks. 3:13-16, 'n woordspeling van IMPERFEKTUM wat as PERFEKTUM gebruik word, "Ek sal voortgaan om te wees soos wat Ek was" of "Ek sal voortgaan om te wees wat Ek altyd was", (vgl. J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl. 67).
 Die volle naam van JHWH is soms in afgekorte vorm, of moontlik in sy oorspronklike vorm, soos volg verbind:
 - (1) Jah (vgl. Hallelu-Jah)
 - (2) Jahu (vgl. in name soos Jesaja)
 - (3) Jo (in name soos Joël)
3. In latere Judaïsme was die ontsag vir hierdie naam (die tetragrammaton) so groot, dat by voorlesing dit liefs met *Adon* of *Adonai*, wat "eienaar", "heer" of "eggenoot" kan beteken, vervang is. Uit vrees dat die gebod oortree kan word (vgl. Eks. 20:7; Deut. 5:11; 6:13), het lesers wanneer hulle by JHWH kom, dit liefs met "Heer" vervang (vertaal met "my Lord" in Engels of "Here" in Afrikaans).
4. Soos ook die geval met *El*, word JHWH met ander uitdrukkings verbind om sy besondere aard of karakter as verbondsgod van Israel te beklemtoon. 'n Verskeidenheid verbindings is moontlik, onder andere:
 - a. *JHWH-Jireh* (JHWH sal voorsien), Gen. 22:14
 - b. *JHWH-Rophekha* (JHWH is jou geneser), Eks. 15:26
 - c. *JHWH-Nissi* (JHWH is my banier), Eks. 17:15
 - d. *JHWH-Meqaddishkem* (JHWH is die Een wat jou heilig), Eks. 31:13
 - e. *JHWH-Shalom* (JHWH is vrede), Rig. 6:24
 - f. *JHWH-Sabbaoth* (JHWH van die leërskaare), 1 Sam. 1:3, 11; 4:4; 15:2 en dikwels in die profete
 - g. *JHWH-ro'I* (JHWH is my herder), Ps. 23:1
 - h. *JHWH-Sidqenu* (JHWH ons geregtigheid), Jer. 23:6
 - i. *JHWH-Shamma* (JHWH is daar), Eseg. 48:35

VIR SPESIALE AANDAG: NAME VIR DIE GODHEID

A. *El* (BDB 42, KB 48)

1. Wat die vroegste, antieke goedsnaam oorspronklik beteken het, is onseker. Baie geleerdes is egter van mening dat dit van 'n Akkadiese stamwoord afgelei is wat beteken, "om sterk te wees" of "om magtig te wees" (vgl. Gen. 17:1; Num. 23:19; Deut. 27:21; Ps. 50:1).
2. In die Kanaänitiese godedom is *El* die hoofgod (Ras Shamra tekste).
3. In die Bybel is *El* normaalweg nie in samestelling met ander terme gebruik nie. Die volgende kombinasies was 'n manier om God se aard te beskryf:
 - a. *El-Elyon* (die Allerhoogste), Gen. 14:18:22; Deut. 32:8; Jes. 14:14
 - b. *El-Roi* (God wat sien/wat Homself openbaar maak), BDB 42 & 909; Gen. 16:13
 - c. *El-Shaddai* (God die Almagtige/God van medelye/God van die berg), BDB 42 & 994; Gen. 17:1; 35:11; 43:14; 49:25; Eks. 6:3
 - d. *El-Olam* (die Ewige God), BDB 42 & 761; Gen. 21:33. Die teologie van God se belofte aan Dawid haak by hierdie naam aan, 2 Sam. 7:13, 16
 - e. *El-Berit* (God van die verbond), BDB 42 & 136; Rig. 9:46
4. *El* word vereenselwig met:
 - a. YHWH in Ps. 85:8; Jes. 42:5
 - b. *Elohim* in Gen. 46:3; Job 5:8, Ek is *El*, die *Elohim* van jou vader
 - c. *Shaddai* in Gen. 49:25
 - d. "wat onverdeelde trou eis", Eks. 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15

- e. “genade” in Deut. 4:31; Neh. 9:31
- f. “betroubaar” in Deut 7:9; 32:4
- g. “groot en gedug” in Deut. 7:21; 10:17; Neh. 1:5; 9:32; Dan. 9:4
- h. “kennis” in 1 Sam. 2:3
- i. “omgord met krag” in 2 Sam. 22:33
- j. “wat my oorwinning gee” in 2 Sam. 22:48
- k. “die Heilige” in Jes. 5:16
- l. “magtig” in Jes. 10:21
- m. “my redder” in Jes. 12:2
- n. “groot en magtig” in Jer. 32:18
- o. “wat vergeld” in Jer. 51:56

5. In Jos. 22:22 word al die OT name vir God herhalend aangetref (*El, Elohim, YHWH*).

B. Elyon/Eljon

1. Die basiese betekenis is “hoog”, “verhewe” of “opgehef” (Gen. 40:17; 1 Kon. 9:8; 2 Kon. 18:17; Neh. 3:25; Jer. 20:2; 36:10; Ps. 18:3).
2. Dit word parallel gebruik met talle ander godsname:
 - a. *Elohim* – Ps. 47:1-2; 73:11; 107:11
 - b. *YHWH* – Gen. 14:22; 2 Sam. 22:14
 - c. *El-Shaddai* – Ps. 91:1, 9
 - d. *El-Num* – 24:16
 - e. *Elah* – dikwels aangewend in Dan. 2-6 en Esra 4-7, gekoppel aan *illair* (Aramees vir “Hoë God”) in Dan. 3:26; 4:2; 5:18, 21
3. Dit is dikwels gebruik deur nie-Israeliete:
 - a. Melgisedek (Gen. 14:18-22)
 - b. Bileam (Num. 24:16)
 - c. Moses in gesprek oor die nasies (Deut. 23:8)
 - d. Lukas se evangelie in die NT wat gerig is op heidene en ook die Griekse eweknie, *Hupsistos*, gebruik (vgl. 1:32, 35, 76; 6:35; 8:28; Han. 7:48; 16:17)

C. Elohim (meervoud), Eloah (enkelvoud), meestal aangetref in poësie (BDB 43, KB 52)

1. Hierdie naam word nie buite die OT aangetref nie.
2. Dit kan ook dui op Israelitiese hooggeplaastes (vgl. Eks. 21:6; Ps. 82:6).
3. Die term *Elohim* is ook gebruik om geestelike wesens soos engele en demone aan te dui (bv. in Deut. 32:8 (LXX); Ps. 8:5; Job 1:6; 38:7). Dit kan ook menslike hooggeplaastes oor die algemeen aandui (Eks. 21:6; Ps. 82:6).
4. In die Bybel is dit die eerste naam vir godheid (vgl. Gen. 1:1). Dit is die enigste godsnaam in gebruik tot Gen. 2:4, waar dit gekombineer word met YHWH. Teologies hou dit verband met die basiese gedagte dat God die skepper en onderhouer van lewe op hierdie planeet is (vgl. Ps. 104).
Dit is sinoniem met *El* (vgl. Deut. 32:15-19). Dit kan ook parallel met YHWH aangewend word, soos blyk uit die ooreenstemmende Psalms 14 (*Elohim*) en 53 (YHWH), waartussen die godsname die enigste verskil is.
5. Dit is ‘n meervoudsvorm en word as sulks ook vir ander gode gebruik. Dit meervoudsvorm verwys egter dikwels na die God van Israel, gevolg deur ‘n werkwoord in enkelvoud as aanduiding van monoteïsme.
6. Nie-Israeliete gebruik dit ook as naam vir godheid:
 - a. Melgisedek (Gen. 14:18-22)
 - b. Bileam (Num. 24:2)
 - c. Moses wanneer hy oor die nasies praat (Deut. 32:8)
7. Dit is vreemd dat die algemene gebruiksnaam vir die God van Israel in meervoudsvorm is (deur die *-him-*verbuiging)! Hoewel daar geen sekerheid is waarom dit die geval is nie, bestaan verskeie teorieë:
 - a. Hebreeus gebruik dikwels die meervoudsvorm om iets te beklemtoon. Dit hou ook nou verband met die grammatiese verskynsel van “meervoud van verhewenheid” (majesteit), wat later ontwikkel het. Op hierdie manier word ‘n konsep beklemtoon of vergroot.
 - b. Dit mag ook van toepassing wees op die vergadering van engele wat voor God in die hemel verskyn om sy bevele uit te voer (1 Kon. 22:19-23; Job 1:6; Ps. 82:1; 89:5-7).
 - c. Dit is selfs moontlik dat die meervoud van verhewenheid in die NT se openbaring van één God in drie persone (Drie-Eenheid) weerspieël word. In Gen. 1:1 skeep God; volgens vers 2 “sweef” die Gees; en volgens die NT is Jesus God se bemiddelaar (agent) by die skepping (vgl. Joh. 1:3, 10; Rom. 11:36; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15; Heb. 1:2; 2:10).

D. YHWH (BDB 217, KB 394)

1. Dit is die naam wat God weerspieël as die verbondmaker – God wat red; wat verlos! Mense verbreek ooreenkomste, maar God hou by sy woord, sy belofte, sy verbond (vgl. Ps. 103).
Hierdie naam kom aanvanklik voor in kombinasie met *Elohim* in Gen. 2:4. Daar is nie twee skeppingsverhale in Gen. 1 en 2 nie, maar wel twee uitgangspunte: (1) God as skepper van die heelal (die fisiese); en (2) God as die spesiale skepper van die mensdom. Met Gen. 2:4 begin die besondere openbaring aangaande die bevoorregte plek

en doel van die mensdom, maar daarmee saam die probleem van sonde en rebellie wat met hierdie posisie gepaardgaan.

2. In Gen. 4:26 staan daar geskryf: “In daardie tyd het mense begin om die Naam van die Here (YHWH) aan te roep.” Aan die ander kant impliseer Eks. 3:6 dat die verbondsvolk (die patriarge en hulle families) God net as *El-Shaddai* geken het. Die naam YHWH word net een keer in Eks. 3:13-16 verklaar, veral in vers 14. Daar moet in ag geneem word dat name in die geskifte van Moses nie etimologies geïnterpreteer moet word nie, aangesien woordspel gebruiklik was (vgl. Gen. 17:5; 27:36; 29:13-35). Verskeie teorieë omtrent die betekenis van dié naam het reeds die lig gesien (geneem uit IDB, vol. 2, bl. 409-11):
 - a. van ‘n Arabiese woordstam “om vurige liefde te betoon”
 - b. van ‘n Arabiese woordstam “om te blaas” (YHWH as God van storms)
 - c. van ‘n Ugaritiese (Kanaänitiese) woordstam “om te praat”
 - d. na aanleiding van ‘n Fenisiese inskripsie (tablet), KOUSATIEWE DEELWOORD (PARTISIPIUM) wat “die Een wat onderhou” of “die Een wat oprig” beteken
 - e. van die Hebreeuse *Qal*-vorm “die Een wat is” of “die Een wat teenwoordig is” (m.b.t. die toekoms “die Een wat sal wees”)
 - f. van die *Hifil*-vorm “die Een wat laat wees/gebeur”
 - g. van die Hebreeuse stamwoord “om te leef” (voorbeeld uit Gen. 3:20) waaruit “die ewiglewende, die eniglewende Een” (YHWH) afgelei kan word
 - h. van die verband in Eks. 3:13-16 wat ‘n woordspel op die IMPERFEKTUM (onvoltooide tyd) is: “Ek sal aanhou wees wat Ek vantevore was (used to be)” of “Ek sal wees wat Ek altyd (always) was” (vgl. J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl. 67)
Die volle naam YHWH kom dikwels in afgekorte vorm, of dalk in sy oorspronklike vorm, voor in
 - (1) *Yah* (bv. *Hallelu-ja*)
 - (2) *Yahu* (bv. *Jesa-ja*)
 - (3) *Yo* (bv. *Joël*)
3. In latere Judaïsme is hierdie verbondsnaam, die *tetragrammaton* (met vier letters), so heilig geag, dat die Jode bevrees was om dit uit te spreek ingeval hulle die gebod van Eks. 20:7 daardeur sou oortree (vgl. Deut. 5:11; 6:13). Hulle vervang dit toe met die Hebreeuse term vir “eienaar”, “meester”, “eggenoot”, “heer” (“Lord”) – *Adon* of *Adonai* (“Heer” of “my Heer”).*
4. Soos met *El* is YHWH dikwels met ander terme gekombineer om die wesensard, of karakter, van die Verbondsgod van Israel te beskryf. Wat hier volg is enkele voorbeelde, maar daar is nog heelwat ander moontlikhede:
 - a. *YHWH-Yireh* (YHWH sal voorsien), BDB 217 & 906; Gen. 22:14
 - b. *YHWH-Ropheka* (YHWH wat gesond hou), BDB 217 & 950; Eks. 15:26
 - c. *YHWH-Nissi* (YHWH is my banier/oorwinning), BDB 217 & 651; Eks. 17:15
 - d. *YHWH-Megaddishkem* (YHWH wat heilig maak/afsonder), BDB 217 & 872; *Pi’el* – DEELWOORD, Eks. 31:13
 - e. *YHWH-Shalom* (YHWH is vrede/rus), BDB 217 & 1022; Rig. 6:24
 - f. *YHWH-Sabaoth* (YHWH die Almagtige (NAV), van die leërskaar (OAV)), BDB 217 & 878; 1 Sam. 1:3, 11; 4:4; 15:2; kom dikwels voor in die Profete
 - g. *YHWH-Ro’i* (YHWH is my herder), BDB 217 & 878; *Kal* – DEELWOORD, Ps. 23:1
 - h. *YHWH-Sidqenu* (YHWH ons geregtigheid), BDB 217 & 1027; Jer. 23:6
 - i. *YHWH-Shammah* (YHWH is daár), BDB 217 & 1027; 48:35

- | | | |
|---|----------------|--|
| ☐ | OAV | “want dit is Hy wat sy volk van hul sondes sal verlos” |
| | CUM-NLV | “want Hy sal sy volk van hul sondes red” |
| | NASB | “for He will save His people from their sin” |

Jesus het vir drie redes gekom:

1. om die Vader ten volle te openbaar
2. om vir mense ‘n voorbeeld te stel om na te volg
3. om die mensheid van sonde te verlos

Genesis 3 het alle lewe op hierdie planeet beïnvloed (vgl. Rom. 8:20-23). Jesus het gekom om in ons plek te sterf (Mark. 10:45; Joh. 1:29; 2 Kor. 5:21; Fil. 2:6-11; Jes. 53). Die belofte van Gen. 3:15 is in Hom vervul.

1:23 Die vervulling van OT profesie is die primêre oorweging by Matteus waarom Joodse mense in Jesus as die beloofde Messias behoort te glo.

1. 1:23 – Jes. 7:14
2. 2:15 – Hos. 11:1 en Eks. 4:22-23
3. 2:23 – moontlik Jes. 11:1
4. 3:15 – “om alle geregtigheid te vervul”
5. 4:14 – Jes. 9:1-2

* Die Afrikaanse “Here” vertoon die genoemde *pluralis majestatis* – vert.

6. 5:17 – “... maar om te vervul”
7. 8:17 – Jes. 53:4
8. 12:17 – Jes. 42:1, 2, 3, 4
9. 13:14 – Jes. 6:9-10
10. 13:35 – Ps. 78:2
11. 21:4 – Jes. 62:11 of Sag. 9:9
12. 27:29 – Sag. 11:12-13

▣ **“maagd”; “virgin”:** Dit is ‘n aanhaling uit die Septuaginta, Jes. 7:14. Die Hebraëuse woord wat in Jesaja gebruik word, is *almah* (BDB 761 II), “‘n kuis jong vrou op hubare ouderdom.” Daar was so ‘n besondere geboorte in Agas se dae (Jes. 7:15-16). Feit is dat daar net een maagdelike geboorte ooit was, nie twee nie. Dus was die historiese vervulling in Agas se dae ‘n teken vir Agas en nie ‘n swangerskapverwekking deur die Heilige Gees nie. Hierdie is ‘n voorbeeld van veelvuldige vervullings soos moontlik in profesie. Die teken vir Agas was die naam van die kind. Sien gerus my kommentaar oor Jes. 1-39 aanlyn by www.freebiblecommentary.org.

▣ OAV, NRSV, TEV	“Emmanuel”
NAV, CUMs, NASB, NKJV, NJB	“Immanuel”
JB	“God-is-with-us”

Immanuel beteken: “God met ons” (BDB 769). Dit impliseer dat die OT frase buite sy eie tydsbedeling voorspel het. Jes. 7-12 (die Siro-Fenisiëse oorlog) dui eventueel op die vleesgeworde Godheid, Jesus van Nasaret (vgl. Joh. 1:1; 5:18; 10:33; 14:9-10; Fil. 2:6). Dit moet egter in gedagte gehou word dat die Jode nie aan die Messias as wesenlik God gedink het nie. Vir hulle was die kragtige naamgewing van Jes. 9:6 bloot metafories van aard. Dit was eers met die aanbreek van die NT dat die Messias as God in die vlees tot openbaring gekom het.

1:24-25 Hierdie verse bevestig inderwaarheid ‘n bonatuurlike, maagdelike geboorte. Dit gee ook te kenne dat die egpaar ‘n normale huwelik ná die geboorte van Jesus voortgesit het. Die Textus Receptus, in navolging van die Griekse hooflettertekste C en D*, K, W, voeg “haar eersgebore seun”by, wat die geboorte van verdere kinders impliseer.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom begin Matteus sy evangelie met so ‘n uitvoerige lys van afstamming?
2. Waarom verskil Lukas se lys van afstamming van Matteus s’n?
3. Het Jesaja ‘n maagdelike geboorte in sy eie tyd verkondig?

MATTEUS 2

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Visit of the Wise Men 2:1-6	Wise Men from the East 2:1-12	The Wise Men 2:1-6	Visitors From the East 2:1-2 2:3-4 2:5-6	The Visit of the Magi 2:1-12 (6)	Besoek uit die ooste 2:1-12
2:7-12		2:7-12	2:7-8 2:9-11 2:12		
The Flight to Egypt 2:13-15	The Flight Into Egypt 2:13-15	Escape to Egypt and Return 2:13-15	The Escape to Egypt 2:13 2:14-15a 2:15b	The Flight into Egypt, the Massacre of the Innocent 2:13-15 (15b)	Die vlug na Egipte toe 2:13-15
The Slaying of the Infants 2:16-18	Massacre of the Innocents 2:16-18	2:16-18	The Killing of the Children 2:16 2:17-18	2:16-18 (18)	Die kindermoord 2:16-18
The Return from Egypt 2:19-23	The Hom in Nazareth 2:19-23	2:19-23	2:19-21 2:22-23	From Egypt to Nazareth 2:19-23 (23c)	Die terugkeer uit Egipte 2:19-23

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 2:1-6

¹Now after Jesus was born in Bethlehem in the days of Herod the King, magi of the east arrived in Jerusalem, saying, ²“Where is He who has been born ‘King of the Jews?’ For we saw His star in the east and have come to worship Him.” ³When Herod the king heard *this*, he was troubled, and all Jerusalem with him. ⁴Gathering together

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

all the chief priests and scribes of the people, he inquired of them where the Messiah was to be born. ⁵They said to him, “In Bethlehem of Judea; for this is what has been written by the prophet:

⁶“AND YOU, BETHLEHEM, LAND OF JUDAH,
ARE BY NO MEANS LEAST AMONG THE LEADERS OF JUDAH;
FOR OUT OF YOU SHALL COME FORTH A RULER
WHO WILL SHEPHERD MY PEOPLE, ISRAEL.””

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 2:1-6.

2:1 “Betlehem”; **“Bethlehem”:** Dit beteken “huis van brood” (of broodspens). Dit was die geboortedorp van Boas en later ook koning Dawid (vgl. Rut. 1:1 en 4:18-22). Dit was ‘n klein, landelike dorpie van omtrent 300 inwoners, sowat 7 kilometer suid van Jerusalem. Twee dorpie is Betlehem genoem: een in Juda (vgl. Miga 5:2) en een in Sebulon (vgl. Jos 19:15).

■ **“koning Herodes”;** **“Herod the King”:** Herodes die Grote was ‘n jaloerse en paranoïese Edomitiese heerser wat deur die Romeine as koning aangestel is. Die Jode was ontsteld omdat daar ‘n nie-Joodse koning oor hulle geheers het. Gevolglik het Herodes die tweede Tempel laat vergroot om hulle guns te wen. Hy is in 4 v.C. oorlede wat beteken dat Jesus se geboorte voor hierdie datum moes gewees het, rondom 6 – 4 v.C.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE FAMILIE VAN HERODES DIE GROTE

A. Herodes die Grote

1. Koning van Judea 37 – 4 v.C. Hy was ‘n Idumeër (Edomiet) wat deur sy politieke kontakte in die Senaat in Rome, veral met steun van Markus Antonius in 40 v.C., daarin geslaag het om as heerser van die groter deel van Palestina (Kanaän) aangestel te word.
2. Vermeld in Mat. 2:1-19 en Luk. 1:5
3. Sy seuns
 - a. Antipater (seun van Doris)
 - (1) gebore 38 v.C.
 - (2) die doodstraf opgelê deur Herodes in 4 v.C.
 - b. Herodes Filippus I (seun van Mariamne van Simon)
 - (1) die eerste man van Herodias (4 v.C. – 34 n.C.)
 - (2) vermeld in Mat. 14:3; mark. 6:17
 - c. Herodes Filippus II (seun van Cleopatra)
 - (1) “Viervors” (OAV) of “heerser” (NAV) van die gebied noord en wes van die See van Galilea (4 v.C. – 34 n.C.)
 - (2) vermeld in Luk. 3:1
 - d. Herodes Antipas (seun van Malthace)
 - (1) heerser van Galilea en Perea (4 v.C. – 39 n.C.)
 - (2) vermeld in Mat. 14:1-12; Mark. 6:14, 29; Luk. 3:19; 9:8-9; 13:31; 23:6-12, 15; Han. 4:27; 13:1
 - e. Argelaüs, Herodes die etnarg (seun van Malthaced)
 - (1) regeer in Judea, Samaria en Idumea (4 v.C. – 6 n.C.)
 - (2) vermeld in Mat. 2:22
 - f. Aristobulus (seun van Mariamne)
 - (1) opgeteken as die vader van Agrippa I wat die
 - (a) koning van Judea was (37 – 44 n.C.)
 - (b) vermeld in Han. 12:1-24; 23-35
 - (i) sy seun was Agrippa II
 - heerser van die noordelike streke (50 – 70 n.C.)
 - (ii) sy dogter was Bernice
 - metgesel van haar broer
 - Han. 25:13-26:32
 - (iii) sy dogter was Drusilla
 - vrou van Feliks
 - Han. 24:24
 - (2) die doodstraf opgelê deur Herodes in 6 v.C.

B. Bybelse verwysings na die Herodes-familie

1. Herodes die viervors na wie in mat. 14:1 e.v., luk. 3:1; 9:7; 13:31 en 23:7 verwys word, was die seun van Herodes die Grote. met die afsterwe van Herodes die grote is sy koninkryk onder verskeie van sy seuns verdeel. Die term ‘tetrarg’ (‘viervors’, vgl. OAV) beteken ‘leier van ‘n vierde deel’. Hierdie seun van Herodes die Grote was bekend as Herodes Antipas, afgekort Antipater. Sy koninkryk was Galilea en Perea. Dit beteken dat ‘n groot deel van Jesus se bediening in die grondgebied van hierdie tweede-generasie Edomitiese leier plaasgevind het.

2. Herodias was die dogter van Herodes Aristobulus, ‘n broer van Herodes Antipas. Sy was voorheen met Filippus, ‘n halfbroer van Antipas, getroud. Hierdie Filippus was nie die viervors wat heerser van die gebied noord van Galilea was nie, maar die ander broer wat in Rome gewoon het. Herodias het een kind- ‘n dogter – by hierdie Filippus gehad. Sy het politieke ambisies gehad en tydens sy besoek aan Rome en Herodias vir Herodes Antipas verlei. Gevolglik het Herodes Antipas van sy vrou – ‘n Nabateense prinses – geskei, asook Herodias van haar man, Filippus. Daarna kon hulle trou. Sy was ook ‘n suster van Herodes Agrippa (vgl. Han. 12).
3. Die naam van Herodias se dogter, Salomé, word vermeld in Flavius Josefus se boek, *The Antiquities of the Jews*, 8.5.4. Sy moes op daardie stadium tussen twaalf en sewentien jaar oud gewees het. Haar moeder was duidelik besig om haar te beheer en te manipuleer. Later is sy met Filippus die viervors getroud, maar is kort daarna tot weduwee gemaak.
4. Ongeveer tien jaar nadat Johannes die dooper onthoof is, het Herodes Antipas op aandrang van Herodias na Rome gereis om ook soos sy broer, Agrippa I, ‘n koninklike titel te bekom. Agrippa I het egter ‘n brief na Rome gestuur waarin hy beweer het dat Antipas in ‘n sameswering met die Partiërs betrokke was. Die Partiërs van die Vruggbare Sekel (Mesopotamië) was in ‘n hatige vyandskap met Rome gewikkel. Die keiser het oënskynlik Agrippa I se bewerings geglo en Herodias na Spanje verban.
5. Die onderskeid tussen die verskeie Herodesse soos hulle in die NT vermeld word, kan moontlik makliker getref word deur te onthou dat Herodes die Grote die kindermoord in Betlehem gepleeg het; Herodes Antipas Johannes die dooper vermoor het; Herodes Agrippa I die apostel, Jakobus, vermoor het; en Agrippa II Paulus se pleidooi soos verhaal in die boek van Handeling, aangehoor het.

C. Vir meer inligting oor die agtergrond van die Herodes-familie, sien die indeks van Flavius Josefus se *Antiquities of the Jews*.

2:1	OAV	“wyse manne”
	NAV	“men who studied the stars”
	NASB	“magi”
	NKJB, NRSV, NJB	“wise men”
	TEV	“men who studied the stars”

Hierdie tipe wysgeer het waarskynlik in Medië ontstaan, maar het later ‘n bekende groep wyse manne, raadgewers en astroloë dwarsoor Mesopotamië ingesluit. Herodotus het hulle “Mediaanse priesters” genoem (Herodotus I, 101). In Babiloniese literatuur word hulle ook “Chaldeërs” genoem (vgl. Dan. 2:2-13).

Die moontlikheid bestaan dat die drie wyse manne waarna daar in dié teks verwys word, aanhangers van Zoroastrianisme was, maar hulle kon ook, soos Daniël, bloot Joodse ballinge gewees het. Dit is vreemd dat Matteus met die Jode as teikengehoor, skryf van die wyse manne (heidene) uit die Ooste, terwyl Lukas met heidene as teikengehoor, die storie van die Joodse skaapwagters opteken (uitgeworpe Jode).

VIR SPESIALE AANDAG: MAGIE

In antieke tye was daar ‘n verskeidenheid individue en groepe by verskillende vorme van magie betrokke.

1. In Medië was daar ‘n priestersklas wat astrologie bestudeer het, genaamd Chaldeërs (Dan. 1:20; 2:2, 10, 27; 4:7, 9; 5:11; Mat. 2:1, 7, 16). Herodotus (I, 101) noem hulle “Mediaanse priesters”. Hulle kon die toekoms voorspel en die ingewikkelde verloop daarvan uitlê en beïnvloed deur die beweging en gestalte van astrale gode (bv. planete, sterre, konstellasies, komete).
2. In Griekeland was daar ‘n filosofiese, wiskundige kontrapuntgroep bekend as die Pythagoriane.
3. Die meeste okkultgroepe het bestaan uit mense wat na bewering bonatuurlike of natuurlike magte kon manipuleer (vgl. Gen. 41:8, 24; Eks. 7:11, 22; 8:7, 19; 9:11). Hierdie kragte (of gode) is dikwels gesien om in konflik met die mensdom te wees, en deur homself by hierdie of daardie krag te skaar, kon die kenner hierdie kragte beheer vir eie gewin (vgl. die magiese papiri van die derde en vierde eeue n.C.) Hierdie individue kon
 - a. die toekoms voorspel;
 - b. die toekoms beheer;
 - c. toekomsgebeure en drome verklaar; en
 - d. vloeke uitspreek ter beskerming van individue, stede, nasies, die weermag, ens.
4. Okkultiste soos dié van Han. 8:9, 11 het daarop aanspraak gemaak dat hulle die onpersoonlike magte van die natuur sowel as persoonlike magte (demone) kon manipuleer om hulle wil te laat geskied. Daar was dikwels magiese rituele en inkantasies hierby betrokke.
5. ‘Ware’ okkultiste het dikwels aanvalle op ‘bedrieërs’ of ‘kwaksalwers’ wat die rites en liturgieë verkeerd uitgevoer het, geloots (vgl. Han. 13:6, 8; 19:19).
6. Die krag van die evangelie word deur Paulus se bediening in Efese geïllustreer wanneer voormalige okkultiste bekeer word tot Christenskap en hulle duur towerboeke verbrand (bv. geskrifte oor die korrekte uitvoering van inkantasies, rites en liturgieë, vgl. Han. 19:19).
7. Vir meer inligting, sien
 - a. Susan Garret, *The Demise of the Devil*, Fortress Press, 1989

- b. Merrill Unger, *Biblical Demonology*, Scripture Press, 1967
- c. Hendrik Berkhof, *Christ and the Powers*, Herald Press, 1977
- d. Walter Wink, *Naming the Powers*, Fortress Press, 1984
- e. Clinton Arnold, *Three Crucial Questions About Spiritual Warfare*, Baker, 1997

- ▣ **OAV** "uit die Ooste"
- NAV, CUMs** "uit die ooste"
- NASB** "from the east"

Tradisie probeer hulle plek van herkoms sowel as hulle ras en sosiale stand bepaal, maar die Bybel swyg oor hierdie dinge.

- 2:2 OAV** "Koning van die Jode"
- CUM-MVB** "Koning oor die Jode"
- NASB** "King of the Jews"

Hierdie was Herodes die Grote se titel. Dieselfde titel is op die kruis van Jesus aangebring (vgl. Mat. 27:37). Dit was 'n manier om na die Messias te verwys (vgl. 1 Sam. 8:7; Ps. 10:16; 29:10; 98:6).

- ▣ **OAV** "ons het sy ster in die Ooste gesien"
- NAV** "ons het sy ster sien opkom"
- CUM-MVB** "ons het sy ster tog sien opkom in die ooste"
- CUM-NLV** "ons het sy ster sien verskyn"
- NASB, NKJV** "we have seen His star in the east"
- NRSV** "we observed his star at its rising"
- TEV** "We saw his star when it came up in the east"
- NJB** "we saw his star as it rose"

Letterlik staan hier "vanaf die opkoms van die son." Dit kan beteken: (1) "Ons het sy ster gesien terwyl ons in die Ooste was," of (2) "ons het sy ster in die nagemel sien opkom." Dit kan nie beteken dat die ster in die ooste opgekom het nie, want dan sou die ster hulle in die verkeerde rigting gelei het, behalwe as dit in die ooste opgekom en teen die westerhemel beweeg het.

In die antieke wêreld is aangeneem dat buitengewone verskynsels in die hemelruim saamgeval het met die geboorte van belangrike persone of besondere gebeurtenisse. Die wyse van openbaring loop hier die pad van hulle kultuur ter wille van verstaanbaarheid. Hiermee verteenwoordig hulle in 'n sekere sin die wêreld op soek na die Joodse Messias. Hierdie "ster" mag op 'n manier in verband staan met 'n profesie in Num. 24:17: "Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob en 'n septer kom uit Israel op."

- 2:3 OAV** "was hy ontsteld en die hele Jerusalem saam met hom"
- NAV** "was hy, en die hele Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld"
- CUM-NLV** "het dit hom hewig ontstel; so ook die hele Jerusalem"
- NASB** "he was troubled, and all Jerusalem with him"

Herodes die Grote was so wreed en onvoorspelbaar dat almal die ergste gevrees het as iets hom ontstel het! Sy vrees dat niemand oor sy dood sou rou nie het aanleiding gegee tot 'n noemenswaardige voorbeeld van sy wreedheid. Hy het 'n klomp Fariseërs laat in hegtenis neem kort voor sy dood wat dan almal gekruisig sou word wanneer sy tyd kom. Dit sou verseker dat sy dood met 'n dag van roubetoning gepaardgaan. Die opdrag is nooit uitgevoer nie, maar dit dien as illustrasie van sy karakter.

- 2:4 OAV** "al die owerpriesters en die skrifgeleerdes van die volk"
- NAV** "die priesterhoofde en skrifgeleerdes van die volk"
- CUM-MVB** "al die priesterhoofde en skrifgeleerdes van die volk"
- CUM-NLV** "al die leierpriesters en skrifkenners"
- NASB** "all the chief priests and scribes of the people"

Hierdie is 'n verwysing na die 'Sanhedrin', die hoogste geregtelike en godsdienstige hof van die Joodse nasie, saamgestel uit 70 leierfigure van die Jerusalem-omgewing. Die Hoëpriester (Sadduseërs, sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:23) was die voorsitter, 'n amp wat op hierdie stadium by die Romeinse owerhede gekoop is. Gewoonlik is na die Sanhedrin verwys met die frase "Hoëpriesters, skribas (Fariseërs, sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:15) en ouderlinge" (vgl. 26:57; 27:41; Mark. 11:27; 14:43,53; Han. 4:5). Herodes het op 'n vroeër stadium menigte van die leiers van Jerusalem eers in hegtenis laat neem en laat vermoor. Dit is dus onseker of daar in hierdie vers verwys word na die amptelike Sanhedrin.

VIR SPESIALE AANDAG: SADDUSEËRS

- I. Die ontstaan van die groep
 - A. Die meeste geleerdes is van mening dat die naam afgelei is van Sadok, een van Dawid se hoëpriesters (vgl. 2 Sam. 8:17; 15:24). Omdat Abjatar die rebellie van Adonia gesteun het, is hy deur Salomo verban (vgl. 1 Kon.

2:26-27) en Sadok weereens erken as die enigste hoëpriester (vgl. 1 Kon. 2:35). Na die Babiloniese ballingskap word die Sadokitese priesterlinie heringestel, met Josua (vgl. Hag. 1:1) as die hoëpriester. Die Levitiese-familie is vir dienswerk in die tempel aangestel. Later staan almal in hierdie priesterlike tradisie tesame met hulle aanhang, as die Sadokiete of Sadduseërs bekend.

- B. 'n Rabbynse oorlewering uit die 9de eeu n.C. (*Aboth* van Rabbi Natan) gee te kenne dat Sadok 'n leerling van Antigonos van Sokho was (2de eeu v.C.) Op grond van 'n misverstand wat betref sy mentor se bedoeling met 'n beroemde uitspraak oor "nadoodse belonings," ontwikkel Sadok 'n teologie wat die hiernamaals ontken en daarmee saam liggaamlike opstanding uit die dood.
- C. In later Judaïsme word die Sadduseërs as Boetusiërs beskou. Boetus was ook 'n leerling van Antigonos van Sokho. Hy het, soos Sadok, ook 'n teologie ontwikkel wat 'n hiernamaals ontken.
- D. Eers in die dae van Johannes Hyrcanus (135-104 v.C.) begin die naam Sadduseër bekend raak, soos aangedui deur Joséfus (vgl. *Antiquities* 13.10.5-6). In *Antiquities* 13.5.9 bring Joséfus aan die lig dat daar "drie denkskole" bestaan het: Sadduseërs, Fariseërs en Essene.
- E. 'n Alternatiewe teorie is dat die Selusidiese heersers gepoog het om die priesteramp onder Antigonos IV Epifanus (175-163 v.C.) te Helleniseer. Tydens die Makkabese rebellie is 'n nuwe priesterlinie begin in Simon die Makkabeër (142-135 v.C.) en sy afstammeling (vgl. 1 Mak. 14:41). Hierdie nuwe Hasmoniese priesterskap was waarskynlik die begin van die aristokratiese Sadduseërs. Gedurende dieselfde tyd ontwikkel die Fariseërs uit die Hasidim ("die afgesonderdes", vgl. 1 Mak. 2:42; 7:5-23).
- F. Daar is die moderne teorie (i.e., T.W. Manson) dat "Sadduseër" 'n transkripsie van die Griekse *sundikoi* was. Die term beskryf die situasie waar plaaslike owerhede amptelik met die Romeinse gesaghebbers saamgewerk het. Dit bied die verklaring hoekom sommige lede van die Sanhedrin nie 'n verbintenis met die aristokratiese priesterstand gehad het nie.

II. Onderskeidende opvattinge

- A. Gedurende die Hasmoniese en Romeinse tydperke was die priesterdom die behoudende faksie van Joodse leefwyse.
- B. Hulle het groot klem gelê op tempelprosedures, gedragskodes, ritusse en liturgie.
- C. Vir hulle was die Tora, die geskrewe wet (die boeke van Moses, Genesis tot Deuteronomium) gesaghebbend. Hulle het die Talmoediese mondelinge tradisies verwerp.
- D. Ewenseens het hulle ook talle van die leerstellings wat die Fariseërs met soveel entoesiasme ontwikkel het, verwerp
 - 1. die opstanding van die liggaam (vgl. Mat. 22:23; Mark. 12:18; Luk. 20:27; Han. 4:1-2; 23:8)
 - 2. die onsterflikheid van die siel (vgl. *Antiquities* 18.1.3-4; *Wars* 2.8.14)
 - 3. die bestaan van 'n uitgebreide hiërargie van engele (vgl. Han. 23:8)
 - 4. hulle het die oog-vir-'n-oog strafmaatreël (bv. *lex taliones*) letterlik opgeneem en was derhalwe voorstanders van lyfstraf en selfs doodstraf (in plaas van aflossing by wyse van boetes)
- E. Uitverkiesing teenoor vrye wil was 'n ander belangrike saak waarvoor grootliks verskil is. Van die drie vermelde groepe by Josephus was
 - 1. die Esseners 'n tipe determinisme toegeedaan;
 - 2. die Sadduseërs se standpunt dat die mens 'n vrye wil het (*Antiquities* 13.5.9; *Wars* 2.8.14); en
 - 3. die Fariseërs geneig tot 'n balans tussen die twee uiterstes.
- F. In 'n sekere sin was die botsings tussen die twee groepe (Sadduseërs en Fariseërs) 'n spieëlbeeld van die spanning tussen OT priesters en -profete.

'n Ander bron van spanning was die situasie dat die Sadduseërs die besittersklas of sosiale middelstand verteenwoordig het (vgl. Josephus se *Antiquities* 13.10.6; 18.1.4-5; 20.9.1), terwyl die Fariseërs en skrifgeleerdes die volk voorgegaan het in leer en toewyding.

Nog 'n spanningsveld was die Sadduseërs se verwerping van die Zoroastrianisme en die invloed daarvan op die Fariseïese teologie. Voorbeeld: 'n hoogs-ontwikkelde engelebeskouing en dualistiese kenmerke in die leer omtrent JHWH teenoor Satan en verder noukeurige fisiese beskrywings van die heerlikhede van die hiernamaals. Die oordrewe standpunte van die Esseners en die Fariseërs het daartoe gelei dat die Sadduseërs hulle teruggetrek het in 'n Moses-alleen teologie ten einde die spekulasie van die ander Joodse groepe teë te gaan.

III. Bronne van inligting

- A. Joséfus is die hoofbron van inligting oor die Sadduseërs. Sy voorliefde vir die onderwerp het op sy verbintenis met die Fariseër-beweging berus, sowel as 'n begeerte om die Joodse leefwyse in 'n goeie lig te stel by die Romeine.
- B. Die rabbynse literatuur is 'n ander bron van inligting. Hier kom egter sterk vooroordeel voor. Die Sadduseërs ontken die belangrikheid en gesag van die mondelinge tradisie soos deur die ouderlinge ontvang en oorgelewer (Talmoed). Dit is duidelik dat hierdie geskrifte die opponerende denke uiters negatief veroordeel en waarskynlik erg oordrewe van die strooipop-taktiek gebruik maak.
- C. Alle geskrifte en inligting oor hulleself het met die tempelverwoesting van 70 n.C. in die slag gebly. Alle dokumente en invloed van die priesterlike hoër stand was daarmee tot niet.

Hulle voorneme om vrede in die sstreek te bevorder sou gedurende die eerste eeu slegs haalbaar wees deur samewerking met Rome (vgl. Joh. 11:48-50).

- ▣ OAV “en by hulle navraag gedoen”
- NAV, CUM-MVB “en hulle uitgevra oor”
- CUM-NLV “en hoor by hulle”
- NASB “he inquired of them”

Hierdie is ONVOLTOOIDE TYD wat beteken dat (1) hy hulle herhaaldelik gevra het of (2) hy begin het om hulle uit te vra.

2:6 Hierdie vers is ‘n sinspeling op Miga 5:2. Dit is nie ‘n presiese aanhaling uit die Masoretiese Teks (Hebreeus) of die Septuaginta (Grieks) nie. Hierdie besondere teks bied sterk bevestiging van die inspirasie van die Bybel. Miga leef en skryf sowat 750 jaar voor Christus se geboorte in watter klein dorpie die Messias onverwags gebore sou word. Voorspellende profesie, wat slegs in die Bybel voorkom, is ‘n kragtige empiriese getuienis vir ‘n geïnspireerde boek; uniek in wêreldliteratuur.

- ▣ OAV, NAV, CUM-MVB “wat vir my volk Israel ‘n herder sal wees”
- CUM-NLV “wat my volk Israel sal versorg”
- NASB “Who will shepherd My people Israel”

Hierdie reël van die saamgestelde aanhaling kom uit 2 Sam. 5:2.

NASB (UPDATED) TEXT 2:7-12

⁷Then Herod secretly called the magi and determined from them the exact time the star appeared. ⁸And he sent them to Bethlehem and said, “Go and search carefully for the Child; and when you have found *Him*, report to me, so that I too may come and worship Him.” ⁹After hearing the king, they went their way; and the star which they had seen in the east, went on before them until it came and stood over *the place* where the Child was. ¹⁰When they saw the star, they rejoiced exceedingly with great joy. ¹¹After coming into the house they saw the Child with Mary His mother; and they fell to the ground and worshiped Him. Then opening their treasures, they presented to Him gifts of gold, frankincense and myrrh. ¹²And having been warned *by God* in a dream not to return to Herod, the magi left for their own country by another way.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 2:7-12.

- 2:7 OAV “hulle na die ster se verskyning uitgevra”
- NAV “en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster verskyn het”
- CUM-NLV “en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster oorspronklik verskyn het”
- NASB “determined from them the exact time the star appeared”
- NKJV “determined from them what time the star appeared”
- NRSV “learned from them the exact time when the star had appeared”
- TEV “and found out from them the exact time the star had appeared”
- NJB “He asked them the exact date on which the star appeared”

Herodes wou die ouderdom van die kind bepaal. Aangesien die wyse manne se reis vanaf Persië baie maande geduur het, kon Jesus al tussen een of twee jaar oud gewees het op hierdie stadium.

- 2:9 OAV “die ster wat hulle in die Ooste gesien het, gaan voor hulle uit totdat hy kom en bly staan bo-oor die plek waar die Kindjie was”
- NAV “die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was”
- CUM-MVB “die ster wat hulle in die ooste gesien het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was”
- CUM-NLV “die ster wat hulle in die ooste gesien het, is weer daar en dit beweeg voor hulle uit totdat dit bokant die plek gaan staan waar die Kindjie was”
- NASB “the star which they had seen in the east, went on before them, until it came and stood over *the place* where the Child was”
- NKJV “the star which they had seen in the East went before them, till it came and stood over where the young child was”
- NRSV “and there, ahead of them, went the star that they had seen at its rising, until it stopped over the place where the child was”
- TEV “and it went ahead of them until it came and stopped over the place where the child was”
- NJB “the star they had seen went forward and halted over the place where the child was”

Jou voorveronderstellings bepaal jou interpretasie. Ek glo in die bonatuurlike, al kan ek nie altyd verduidelik waarom of hoe dinge gebeur nie. Die ster het beweeg en gaan staan! Dit was nie so skouspelagtig dat baie ander dit waargeneem het en as van belang sou beskou nie. Hierdie manne was egter ervare waarnemers van die nagemel. Wat daar gebeur het, was nie wat ‘n mens normaalweg sou verwag nie. Gevolglik moet ‘n mens aanvaar dat dit meer as net ‘n natuurverskynsel was. Die mengsel van die natuurlike en die bonatuurlike is soortgelyk aan die Egiptiese plaë.

Die wyse manne en die skaapwagters het nie gelyktydig daar aangekom nie. Dit verwonder my altyd dat Matteus wat vir Jode skryf, gemeld het dat heidene daar aangekom het, gelei deur 'n ster en dat Lukas, wat vir Heidene skryf, meld dat Joodse skaapwagters deur engelesang genooi is om te kom. Die teologiese bedoeling is voor die hand liggend – almal is welkom om te kom: heidene sowel as die uitgeworpenes van die Joodse samelewing.

2:10 OAV “het hulle hul met baie groot blydschap verheug”
NAV “was hulle baie bly”
CUM-MVB “het hulle hulle met groot blydschap verheug”
CUM-NLV “het ‘n wonderlike blydschap oor hulle gekom”
NASB “they rejoiced exceedingly with great joy”

Hoekom was hulle so opgewonde?

1. hulle soektog het goed afgeloop;
2. omdat die ster hulle voortdurend gelei het; of
3. omdat die geestelike dimensie van hulle soektog (vgl. vers 11) hulle gebring het tot hulle nuwe koning en Here!

Die sterk bewoording van hierdie vers, dui op #3¹.

2:11 “die huis”; “the house”: Dit is hiermee heeltemal duidelik dat daar tussen die geboorte en die wyse manne se besoek tyd verloop het; selfs soveel as twee jaar. Josef en Maria het met Jesus in hulle eie huis gewoon.

☐ **“die Kindjie”; “the Child”:** Die Griekse term, *paidion*, wat hier gebruik word, is nie gewone term vir ‘suigeling’ (*brephos*, vgl. Luk. 1:41, 44; 2:12, 16) nie, maar vir ‘kleuter’ (vgl. Luk. 2:40; 18:2). Daar was ‘n lang tydsverloop tussen die koms van die skaapwagters en die wyse manne.

☐ **“goud en wierook en mirre”; “gold, frankincense, and myrrh”:** Omdat drie geskenke aangebied is, het tradisie aanvaar dat daar drie wyse manne was. Tertullianus het so ver gegaan as om te veronderstel dat hulle die konings van Jes. 60:3 moes gewees het. Uit die vele pogings om agter die betekenis van die geskenke te kom, het niks gekom nie. Dit is egter seker dat dit duursame geskenke was wat deur konings gebruik is. Dit is moontlik dat hulle die vervulling van Jes. 49:23 en Ps. 72:10-12 was.

2:12 OAV “omdat hulle in ‘n droom ‘n goddelike waarskuwing ontvang het”
NAV, CUMs “maar omdat God hulle in ‘n droom gewaarsku het”
NASB “having been warned by God in a dream”

God het aan die wyse manne sy wil op dieselfde wyse openbaar as aan Josef en Maria (vgl. Gen. 1:13, 19) – deur ‘n droom. Hulle was geestelik-sensitiewe manne.

NASB (UPDATED)TEXT: 2:13

¹³Now when they had gone, behold, an angel of the Lord appeared to Joseph in a dream and said, “Get up! Take the Child and His mother and flee to Egypt, and remain there until I tell you; for Herod is going to search for the Child to destroy Him.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 2:13.

2:13 OAV, NAV, CUM-NLV “‘n engel van die Here”
CUM-MVB “‘n hemelse boodskapper van die Here”
NASB “an angel of the Lord”

Sien die aantekening by 1:20.

☐ **OAV** “want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak”
NAV “want Herodes is van plan om die Kindjie te soek en Hom dood te maak”
CUM-MVB “want Herodes is van plan om die Kindjie te soek om hom te vermoor”
CUM-NLV “want Herodes gaan die Kindjie probeer doodmaak”
NASB “Herod is going to search for the Child to destroy Him”

Die dwaasheid van bese manne blyk duidelik uit hulle pogings om die wil van God te dwarsboom.

¹ Die aanvoeling van CUM-NLV se vertalers was dus in die kol met ‘wonderlik’ – vert.

VIR SPESIALE AANDAG: VERNIETIGING (*APOLLUMI*)

Hierdie term het 'n wye semantiese veld wat groot verwarring in teologiese begrippe soos “ewige oordeel” of “vernietiging” veroorsaak. Die basiese betekenis van *apo*, saamgevoeg met *ollumi*, is letterlik om te ruïneer of te verdelg. Wanneer dié term oordragtelik gebruik word, ontstaan probleme. Dit is duidelik waarneembaar in Louw en Nida se *Greek-English Lexicon of the New Testament, Based on Semantic Domains*, vol. 2, bl. 30. Die volgende betekenis word vermeld:

1. verdelg, verderwe (“destroy”) – bv. Mat. 10:28; Luk. 5:38; Joh. 10:10; 17:12; Han. 5:37; Rom. 9:22; soos vervat in vol. 1, bl. 232
2. nie verloor nie (“fail to obtain”) – bv. Mat. 10:42; vol. 1, bl. 566
3. verloor (“lose”) – bv. Luk. 15:8; vol. 1, bl. 566
4. verlore (“unaware of location”) – bv. Luk. 15:4; vol. 1, bl. 330
5. lewe verloor (“die”) – bv. Mat. 10:39; vol. 1, bl. 266

Gerhard Kittel, *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. 1, bl. 394, poog om die verskeidenheid betekenis tot vier te verfy:

1. verwoes of doodmaak (“to destroy or kill”) – bv. mat. 2:13; 27:20; Mark. 3:6; 9:22; Luk. 6:9; 1 Kor. 1:19
2. om verlies te ly (“to lose or suffer loss from”) – bv. Mark. 9:41; Luk. 15:4, 8
3. om te vergaan (“to perish”) – bv. Mat. 26:52; Mark. 4:38; Luk. 11:51; 13:3, 5, 33; 15:17; Joh. 6:12, 27; 1 Kor. 10:9-10
4. om verlore te wees (“to be lost”) – bv. Mat. 5:29-30; Mark. 2:22; Luk. 15:4, 6, 24, 32; 21:18; Han. 27:34

Kittel stel vervolgens:

“in general we may say that #2 and #4 underlie statements relating to this world as in the Synoptics, whereas #1 and #3 underlie those relating to the next world, as in Paul and John” (bl. 394).

Maar juis hierdeur ontstaan verwarring. Die term het so 'n wye semantiese veld dat die NT skrywers nie huiwer om dit as sodanig te gebruik nie. Ek hou van Robert E. Girdlestone se benadering in *Synonyms of the Old Testament*, bl. 275-277. Hy voel dat die term met die morele aspek van mense se lewens in verband gebring moet word, d.w.s. mense wat moreel “vernietig” is en ewige afskeiding van God moet verwag; en aan die ander kant, mense wat Christus ken en die ewige lewe in Hom het. Dus, laasgenoemde groep is “gered” terwyl die verlore (moreel) “vernietig” is.

In my eie hoedanigheid dink ek nie dat die term *apollumi* op totale vernietiging dui nie. In Mat. 25:46 word “ewig” met straf én lewe verbind. Dit stel dit tog bo alle twyfel dat wat met die een bedoel word (lewe), tog ook vir die ander (straf) geld².

NASB (UPDATED) TEXT: 2:14-15

¹⁴So Joseph got up and took the Child and His mother while it was still night, and left for Egypt. ¹⁵He remained there until the death of Herod. This was to fulfill what had been spoken by the Lord through the prophet: “OUT OF EGYPT I CALLED MY SON.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 2:14-15.

2:15 “Uit Egipte het Ek my Seun geroep”; “Out of Egypt I called my Son”: Hosea 11:1 is die bron van hierdie profetiese aanhaling. In die OT verwys “seun” gewoonlik óf na Israel, óf na die koning, óf na die Messias. Die meervoudsvorm (seuns) sinspeel gewoonlik op engele.

In konteks dui hierdie aanhaling op Eksodus. Hierdie teks vorm dan 'n woordspeling met ‘seun’ wat oorspronklik ‘n verwysing na ‘Israel’ was. Net Matteus vermeld hierdie insident. Dis onmoontlik om uit die evangelies ‘n volledige beeld te vorm van Jesus se kinderjare. Daar het baie Jode in Egipte gewoon op daardie stadium. Dit mag simbolies op ‘n tweede uittoeg of uitredding dui.

NASB (UPDATE) TEXT: 2:16-18

¹⁶Then when Herod saw that he had been tricked by the magi, he became very enraged, and sent and slew all the male children who were in Bethlehem and all its vicinity, from two years old and under, according to the time which he had determined from the magi. ¹⁷Then what had been spoken through Jeremia the prophet was fulfilled:

¹⁸“A VOICE WAS HEARD IN RAMA,
WEeping AND GREAT MOURNING,
RACHEL WEeping FOR HER CHILDREN;
AND SHE REFUSED TO BE COMFORTED,
BECAUSE THEY WERE NO MORE.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 2:16-18.

² Vrye vertaling van: “The term ‘eternal’ is used of both eternal punishment and eternal life in Matt. 25:46. To depreciate one is to depreciate both!” – vert.

2:16	OAV	“al die seuntjies van twee jaar oud en daaronder laat ombring”
	NAV, CUM-MVB	“en laat. . .al die seuntjies van twee jaar en jonger doodmaak”
	CUM-NLV	“gestuur om. . .al die seuntjies van twee jaar en jonger te gaan uitwis”
	NASB	“slew all the male children. . .two years old and under”

Betlehem was ‘n klein dorpie, wat beteken dat slegs ‘n klein aantal babas moontlik in die slagting betrokke was. Die frase “twee jaar en jonger” bevestig weereens dat Jesus tydens die wyse manne se besoek reeds ‘n kleuter was en nie meer ‘n baba nie.

2:18 **“Rama”**; **“Ramah”**: Vers 18 is ‘n aanhaling uit Jer. 31:18, maar dit staan ook in verband met Gen. 48:7. Ragel se seun, Josef, word met die Tien Noordelike Stamme in verband gebring, hoewel haar ander seun, Benjamin, met Juda geassosieer word. In hierdie een moeder is albei die koninkryke van Israel saamgevoeg. Die stad Rama is sowat 10 kilometer Noord van Jerusalem en was die plek van aanhouding waarvandaan Sargon II van Assirië die Noordelike Tien Stamme in 722 v.C. in ballingskap weggevoer het. Simbolies gesproke huil Ragel weereens oor haar verlore kinders.

■	OAV	“rouklag en geweene groot gekerm”
	NAV, CUM-MVB	“‘n gehuil en groot gekjammer”
	CUM-NLV	“‘n gesnik en bitter geklaag”
	NASB	“weeping and great mourning”
	NKJV	“lamentation, weeping and great mourning”
	NRSV	“Wailing and loud lamentation”
	TEV	“sound of bitter weeping”
	NJB	“lamentation and bitter weeping”

Hierdie frase sinspeel op Jakob se gunsteling vrou, Ragel, wat twee kinders gehad het. Een sou deel wees van die noordelike tien stamme (ná die verdeling van die verenigde monargie in 922 v.C.) en een van die suidelike stamme. Sy word uitgebeeld as verdrietig oor die ballingskap van haar seuns (vgl. Jer. 31:15, wat verwys na die ballingskap van Israel in 722 v.C. en Juda in 586 v.C.) In hierdie sin is haar smart ‘n metafoor vir Herodes se slagting van die kinders van Betlehem.

Sommige hoofletter MSS het net een WERKWOORD, naamlik ‘huil’ (bv. **κ**, **B**, **Z**); ander voeg egter ‘weeklaag’ by vanuit die Septuaginta se Jer. 31:15 (bv. **C**, **D**, **L**, **W**). Soos dikwels die geval met hierdie manuskrip-variante, maak dit nie ‘n verskil aan die betekenis van die vers nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 2:19-23

¹⁹But when Herod died, behold, an angel of the Lord appeared in a dream to Joseph in Egypt, and said, ²⁰“Get up, take the Child and His mother, and go to the land of Israel; for those who sought the Child’s life are dead.” ²¹So Joseph got up, took the Child and His mother, and came into the land of Israel. ²²But when he heard that Archelaus was reigning over Judea in place of his father Herod, he was afraid to go there. After being warned by God in a dream, he left for the regions of Galilee, ²³and came and lived in a city called Nazareth. *This was to fulfill what was spoken by the prophets: “He shall be called a Nazarene.”*

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 2:19-23.

2:19	OAV, NAV, CUM-NLV	“‘n engel van die Here”
	CUM-MVB	“‘n hemelse boodskapper”
	NASB	“an angel of the Lord”

Sien die aantekening by 1:20.

2:22	OAV	“Archelaüs”
	NAV, CUMs	“Argelaos”
	NASB	“Archelaus”

Nog ‘n wreedaard in die Herodes-familie was Argelaos. Hy het die suidelike deel van Herodes die Grote se gebied ontvang om oor te heers (Juda, Samaria en Idumea). Ook vir hom het Josef nie vertrou nie. Hy het regeer van 4 v.C. tot 6 n.C., maar is toe weens sy wreedheid deur die Romeinse owerheid na Gallië verban.

2:23	OAV, CUM-NLV	“dat Hy Nasarener genoem sou word”
	NAV, CUM-MVB	“Hy sal Nasarener genoem word”
	NASB	“He shall be called a Nazarene”

Jesus het in die dorp Nasaret grootgeword. Daar word nie in die OT, die Talmoed of Joséfus se werke na Nasaret verwys nie. Hieruit moet afgelei word dat Nasaret eers ná die regering van Johannes Hurkanus tot stand gekom het en dat ‘n klompie mense van Dawidiese afkoms daar gevestig het.

Daar bestaan moontlik ‘n etimologiese skakel tussen die name ‘Nasaret’ en die Messiaanse titel ‘Tak’, wat in die Hebreeus *netser* is (vgl. Jes. 11:1; Jer. 23:5; 33:15; Sag. 3:8; 6:12; Openb. 5:5; 22:16). Dié moontlikheid vind sterk steun in die feit dat die profete nooit na Nasaret verwys het as plek van Jesus se geboorte of opvoeding nie, maar beslis die koms

van 'n besondere gesalfde, 'n koning uit die geslag van Dawid, voorspel het (bv. Jes. 7:14; 9:1-7; 11:1-5; Dan. 2:44; 7:13-14; sien ook *Vir Spesiale Aandag* by 8:20).

Op die kennisgewing aan die kruis: "Jesus van Nasaret, koning van die Jode", is dit moontlik as deel van die aanklag bedoel, want Nasaret was ver van Jerusalem af en in heidengebied geleë (vgl. Joh. 1:46; Han. 24:5), maar ewenwel kan selfs dit as vervulling van die profesie in Jes. 9:11 verstaan word.

VIR SPESIALE AANDAG: JESUS DIE NASARENER

Daar is etlike verskillende Griekse terme in die NT wat Jesus spesifiek identifiseer:

A. NT terme:

1. Nasaret, 'n dorp in Galilea (vgl. Luk. 1:26; 2:4, 39, 51; 4:16; Han. 10:38). Hierdie stad word in geen geskrifte van die tyd genoem nie, maar word wel in later inskrywings vermeld. Om vir Jesus Nasarener te noem was nie 'n kompliment nie (vgl. Joh. 1:46). Om dié stadsnaam op die kruis aan te bring, was aanduiding van die Jode se minagting van Jesus³.
2. *Nazarēnos* – verwys ook klaarblyklik na 'n geografiese gebied (vgl. Luk. 4:34; 24:19).
3. *Nazōraios* – verwys moontlik na 'n stad, maar kon ook 'n woordspeling op die Hebreeuse Messiaanse term vir "spruit" (vgl. Jes. 4:2) of "takkie" (vgl. 11:4, NAV) wees (*netzer*, BDB 666, en verwante terme, vgl. Jes. 4:2; 11:1; 53:2; Jer. 23:5 [BDB 855]; 33:15; Sag. 3:8; 6:12). Lukas gebruik dit met verwysing na Jesus in 18:37 en Han. 2:22; 3:6; 4:10; 6:14; 22:8; 24:5; 26:9.
4. Verwant aan #3, beteken *nāzīr* (BDB 634) die afsondering van 'n individu deur 'n eed.

B. Historiese gebruike buiten dié van die NT:

1. Dit het verwys na 'n voor-Christelike Joodse sekte.
2. In Joodse kringe was dit 'n manier om na diegene wat glo in Christus te verwys (vgl. Han. 24:5, 14; 28:22).
3. Dit het die algemene gebruiksterm geword om na gelowiges uit die Siriese (Aramese) kerke te verwys; "Christen" was die gebruikelike term vir gelowiges uit die Griekse kerke.
4. Iewers ná die val van Jerusalem het die Fariseërs by Jamnia vergader om te herorganiseer en het 'n amptelike skeiding tussen sinagoge en kerk verklaar. 'n Tipiese vervloekskrif teen Christene is in "die Agtien Seënuitsprake" van *Berakoth* 28b-29a, te vinde; daarin word na gelowiges as "Nasareners" verwys.

C. "Mag die Nasareners en afgedwaaldes in 'n oogwink verdwyn; hulle sal uitgewis word uit die boek van die lewe en nie saam met die getroues opgeteken staan nie."⁴

D. Die skrywer se siening

Ek is verras om soveel verskillende spellings van die term teë te kom, ten spyte van my wete dat dit nie ongewoon was in die OT dat "Josua" byvoorbeeld vele kere in Hebreeus verskillend gespél is nie. Maar (1) die sterk assosiasie met die Messiaanse term "spruit" (takkie); (2) in kombinasie met die negatiewe konnotasies; en (3) min of geen kontemporêre verwysing na die stad van Nasaret in Galilea nie, laat my onseker omtrent die betekenis van die term "Nasarener"; en (4) dan boonop die eskatologiese implikasie⁵ daarvan dat dit uit die mond van 'n besetene kom: "Jesus, Nasarener. . . Het u gekom om ons te verdelg?" dra net by tot hierdie onsekerheid.

Vir 'n omvattende bibliografie van studies oor hierdie woordgroep, sien Colin Brown (red.) se *New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 2, bl. 346.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wie was die wyse manne? Was hulle Jode?
2. Watter soort ster was dit?
3. Hoe oud was Jesus teen die tyd van die Magiërs se verskyning?
4. Op watter manier dui Miga 5:2-6 aan dat die Bybel 'n buitengewone en bonatuurlike skrif is?
5. Wil dit voorkom of hierdie OT aanhalings uit hulle oorspronklike verband gebruik word? Hoekom?

³ Vgl. Joh. 19:19 – vert.

⁴ "May the Nazarenes and heretics disappear in a moment; they shall be erased from the book of life and not be written with the faithful."

⁵ Die bese wat in die eindbedeling vernietig word (vgl. Luk. 4:34) – vert.

MATTEUS 3

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Preaching of John the Baptist 3:1-6	John the Baptist Prepares the Way 3:1-12	Activity of John the Baptist 3:1-6	The Preaching of John the Baptist 3:1-3 3:4-6	The Proclamation of John the Baptist 3:1-12	Johannes die Doper en sy prediking 3:1-12
3:7-12		3:7-10 3:11-12	3:7-12		
The Baptism of Jesus 3:13-17	John Baptizes Jesus 3:13-17	Jesus' Baptism 3:13-17	The Baptism of Jesus 3:13-14 3:15a 3:15b-17	Jesus is Baptized 3:13-17	Die doop van Jesus 3:13-17

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

DIE DELE IN KONTEKS: MATTEUS 3:1-17

- A. Die stil kinderjare van Jesus word tussen Matteus 2 en 3 aangetref. Behalwe vir 'n enkele gebeurtenis op twaalfjarige ouderdom, word niks gesê oor Jesus se kinderjare nie. Dit prikkel lank reeds die belangstelling van gelowiges en gissings was daar dus in oorvloed. Verskeie nie-kanonieke, apokriewe evangelies spreek van verdere gebeurtenisse wat na oorlewering tydens sy kinderjare plaasgevind het, maar hierdie jare word bloot nie in die Bybel vermeld nie.
- B. Die parallelle passasies vir Mat. 3:1-12 is Mark. 1:3-8, Luk. 3:1-17 en Joh. 1:6-8, 19-28.
- C. Die parallelle passasies vir Mat. 3:13-17 is Mark. 1:9-11, Luk. 3:21-22 en Joh. 1:31-34.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 3:1- 6

¹Now in those days John the Baptist came, preaching in the wilderness of Judea, saying, ²“Repent, for the kingdom of heaven is at hand.” ³For this is the one referred to by Isaiah the prophet when he said, “THE VOICE OF ONE CRYING IN THE WILDERNESS, ‘MAKE READY THE WAY OF THE LORD, MAKE HIS PATHS STRAIGHT!’”

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

⁴Now John himself had a garment of camels hair and a leather belt around his waist; and his food was locusts and wild honey. ⁵Then Jerusalem was going out to him, and all Judea and all the district around the Jordan; ⁶and they were being baptized by him in the Jordan River, as they confessed their sins.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 3:1-6.

**3:1 OAV, CUM-MVB “In daardie dae”
NAV “In daardie tyd”
CUM-NLV “Op ‘n dag”
NASB “In those days”**

Dit is ‘n idioom om oorgang tussen tydperke te beskryf en behoort nie as aanduidend van ‘n spesifieke tydperk verstaan te word nie.

■ **“Johannes”; “John”:** In Engels is dit ‘n verkorte vorm van “Johanan,” wat beteken “JHWH is genadig” of “Gawe van JHWH”. Sy naam is betekenisvol in die sin dat Bybelse naamgewing gewoonlik as ‘n aanduiding van God se doel met lewens is; ook die geval met syne. Johannes was die laaste van die OT profete. Sedert Maleagi sowat 430 jaar tevore, het daar geen profeet in Israel opgetree nie. Gevolglik was sy verskyning ‘n bron van groot geestelike opwindung onder die bevolking.

■ **“die Doper”; “the Baptist”:** Die doopritus was algemeen onder Jode van die eerste en tweede eeu.

1. as reinigingshandeling voor aanbidding in die tempel; en
2. as selfdoop onder proseliete.

Indien ‘n heiden ten volle kind van Israel wou word, was daar drie voorvereistes:

- (a) besnydenis van manlike proseliete;
- (b) selfdoop in die teenwoordigheid van drie getuies; en
- (c) ‘n offergawe in die tempel.

Onder afwykende groepe (sektarisme ten aansien van die Joodse geloof), bv. die Essener-beweging van die eerste eeu in Palestina, was dit blykbaar algemene gebruik om jouself herhaaldelik te doop. Johannes se doop is egter bedoel as ritueel vir heidene as beroubetoning en belydenis, en sou deur ‘n “natuurlike nasaat van Abraham” as vernederend beskou geword het.

In die OT is daar aanhalings wat dui op ‘n seremoniële handeling van jouself was as

- a. simbool van geestelike reiniging (vgl. Jes. 1:16); en
- b. ‘n ritueel wat gereeld deur die priesters verrig moes word (vgl. Eks. 19:10; Lev. 15).

Dit moet dus beklemtoon word dat alle wassing in die Joodse kultuur gedurende die eerste eeu, van ‘n self-toedienende aard was. Slegs Johannes het daarteenoor die toediening van hierdie ritus op hom geneem. Dit nadat, soos dit wil voorkom, hy ‘n geestelike standaard gestel het van hoe persoonlike berou daar behoort uit te sien (vgl. verse 7-10).

■ **OAV “opgetree en in die woestyn van Judea gepreek”
NAV “in die woestyn van Judea begin preek”
CUM-MVB “In die woestyn van Juda na vore getree en begin preek”
CUM-NLV “verskyn. . .in die woestyn van Judea en kondig God se boodskap aan”
NASB “came preaching in the wilderness of Judea”**

In werklikheid was hierdie nie dorre woestyn nie, maar onbewoonde weiveld. Johannes het homself nie alleen soos Elia geklee nie (vgl. 2 Kon. 1:8), maar hom ook tot dieselfde afgesonderde omgewing teruggetrek. Daarmee het hy die status van “profeet” opgeëis (vgl. Sag. 13:4). Sy nomadiese leefwyse was veronderstel om ‘n heenwysing op Israel se woestynswerwing te wees – ‘n idealisering van die tye toe daar ‘n innige verhouding tussen JHWH en Israel bestaan het. Uit parallelle tekste kan afgelei word dat Johannes, geografies gesproke, naby Jerigo, net noord van die Dooie See en naby die Jordaanrivier gepreek het.

**3:2 OAV, NAV, CUM-MVB “Bekeer”
CUM-NLV “Kom tot inkeer”
NASB “Repent”**

Dit is ‘n PRAESENS IMPERATIEF wat voortgaande berou vereis. Sonder berou is redding onmoontlik (vgl. Luk. 13:3). Die Hebreeuse ekwivalent beteken “om jou dade te verander”. Die Griekse woord beteken “om jou gedagtes te verander”. Beide impliseer ‘n gewilligheid om te verander. Verlossing vereis geloof in Christus en beroubetoning (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21). Johannes se bediening was ‘n geestelike voorbereiding vir die koms van Jesus, die Messias, en vir sy boodskap.

Daarop het Jesus ook van sy luisteraars verwag om hulle te “bekeer” (vgl. 4:17; Mark. 1:15).

VIR SPESIALE AANDAG: BEKERING

Berou (saam met geloof) is 'n verbondsvereiste van beide die ou verbond (vgl. *Nacham*, 1 Kon. 8:47; *Shuv*, 1 Kon 8:48; Eseg. 14:6; 18:30; Joël 2:12-13; Sag. 1:3-4) en die nuwe verbonde (vgl. Johannes die Doper, Mat. 3:2; Mark. 1:4; Luk. 3:3, 8; Jesus, Mat. 4:17; Mark. 1:15; 2:17; Luk. 5:32; 13:3, 5; 15:7; 17:3; Petrus, Han. 2:38; 3:19; 8:22; 11:18; 2 Pet. 3:9; Paulus, Han. 13:24; 17:30; 20:21; 26:20; Rom. 2:4; 2 Kor. 2:9-10).

Maar wat is berou? Is dit jammer wees? Is dit die afleg van sonde? Die beste hoofstuk in die NT om die verskillende konnotasies te verstaan is 2 Kor. 7:8-11, waar drie verskillende Griekse terme gebruik word, hoewel hulle tog met mekaar in verband staan.

1. "Rou" (*lupeō*, vgl. verse 8 (twee keer), 9 (drie keer), 10 (twee keer), 11). Dit beteken droefheid of smart en is teologies neutraal.
2. "Berou" (*metanoēō*, vgl. verse 9 en 10). Dit is 'n samestelling van "agterna" en "gedagte", d.w.s. 'n nuwe gedagte, 'n nuwe manier van dink, 'n nuwe ingesteldheid teenoor die lewe en God. Dit is ware berou.
3. "Spyt" (*metamelomai*, vgl. verse 8 (twee keer), 10). Dit is 'n samestelling van "agterna" en "besorg wees". Dit word gebruik met betrekking tot Judas in Mat. 27:3 en Esau in heb. 12:16-17 en impliseer spyt oor die gevolge, maar nie die dade nie.

Berou en geloof is vereiste verbondshandelinge (vgl. Mark. 1:15; Han. 2:38, 41; 3:16, 19; 20:21). Sommige tekste impliseer dat God berou skenk (vgl. Han. 5:31; 11:18; 2 Tim. 2:25). Die meeste tekste beskou dit egter as 'n noodsaaklike antwoord van die mens op God se aanbod van 'n onverdiende (vrye) verlossing.

Die definisies van beide die Griekse en Hebreuse terme is nodig om die volle betekenis van berou te begryp. Die Hebreeus vereis 'n verandering van handelswyse. Die Griekse term vereis 'n verandering van gedagtes. Die verlore mens ontvang 'n nuwe denkwysie en hart. Hy dink anders en leef anders. In plaas van "Wat is daarin vir my?" vra hy nou "Wat is God se wil?" Berou is nie net 'n emosie wat vervaag of 'n staat van algehele sondeloosheid nie. Dit is 'n nuwe verhouding met die Heilige Een wat die gelowige algaande omvorm tot 'n heilige.

☐ OAV	"die koninkryk van die hemele"
NAV	"die koninkryk van die hemel"
CUM-MVB	"die koninklike regering van God"
CUM-NLV	"God se koningsheerskappy"/"die koningsheerskappy van die hemele" (voetnoot bl. 989)
NASB	"for the kingdom of heaven"

Matteus, wat vir Jode skryf, is versigtig, respekteer die Joodse agting vir die Godsnaam en gebruik eerder 'n omskrywing, naamlik "koninkryk van die hemel" (vgl. 4:17). Die ander Sinoptiese evangelies gebruik "koninkryk van God" sonder huiwering, maar in Matteus kom die frase slegs vier keer voor en "koninkryk van die hemel" 32 keer.

Die Koninkryk van God in OT verband beteken dat God oor die skepping regeer en nie maar net oor 'n geografiese omgewing nie. Sien *Vir Speciale Aandag* by 4:17⁶.

☐ OAV, NAV, CUM-MVB	"het naby gekom"
CUM-NLV	"gaan nou enige oomblik begin"
NASB, NKJV	"is at hand"
NRSV	"has come near"
TEV	"is near"
NJB	"is close at hand"

Hierdie is 'n WERKWOORD in die PERFECTUM TYDVORM wat 'n proses wat vroeër begin het, se finale uitkoms beskryf. Die resultaat is bereik en duur voort. Die nabyheid van die koninkryk word in die evangelies sterk beklemtoon (vgl. 4:17; 10:7; Mark. 1:15; Luk. 10:9-11; 11:20; 21:31). "Naby" kan op twee maniere verstaan word: (1) in lokaliteit of plek; of (2) in tyd (vgl. Mat. 12:28). Hierin is die spanning geleë van die "alreeds" en die "nog nie" van die nuwe bedeling. Dit beskryf die tydperk tussen Christus se eerste en tweede koms. Dit is die saamval van twee verskillende Joodse eras.

3:3 OAV	"Die stem van een wat roep in die woestyn"
NAV	"Iemand roep in die woestyn"
CUM-MVB	"'n stem van een wat roep in die woestyn"
CUM-NLV	"Hy is 'n stem wat uitroep in die woestyn"
NASB	"the voice of one crying in the wilderness"

Hierdie aanhaling is die Septuaginta (LXX) se weergawe van Jes. 40:3. Dieselfde idee kom ook na vore in Jes. 57:14; 62:10 en Mal. 3:1. Johannes het homself gesien as die wegbereider van die Messias (vgl. Joh. 1:23). Dit is vervulling van die voorspellings aangaande Elia soos te vinde in Mal. 3:1 en 4:5. Al vier die evangelies het hierdie woorde van Johannes opgeteken (vgl. Mark. 1:3; Luk. 3:4; Joh. 1:23).

☐ OAV	"Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit"
NAV	"Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit"

⁶ Vgl. 1 Sam. 8:6-9; 12:17, en herstel van Godsregering in NT – vert.

CUM-MVB “Maak die pad van die Here gereed, maak sy paaie reguit”
CUM-NLV “Kry die Here se pad gereed. Maak vir Hom ‘n hoofweg”
NASB “MAKE READY THE WAY OF THE LORD, MAKE HIS PATHS STRAIGHT”

Hierdie twee frases is digterlike parallelle. Die tweede frase was gewoonlik die metafoer om voorbereidings vir ‘n koninklike besoek aan te kondig. Dit is belangrik om daarop te let dat wat in Jes. 40:3 van “die Here” (JHWH) gesê word, in hierdie aanhaling op Jesus van Nasaret van toepassing gemaak word. Om die godheid van Jesus te bevestig, gebruik die NT skrywers ‘n verskeidenheid van literêre metodes:

1. OT titels vir JHWH toegepas op Jesus
2. OT handeling van JHWH wat na vore kom in Jesus
3. OT aanhalings ten opsigte van JHWH nou op Jesus toegepas
4. Beide benoemings “God” en “Jesus” is grammatikaal VOORWERP van dieselfde WERKWOORD

“Reguit” word dikwels metafories gebruik om God se wesensaard (karakter) te beskryf (sinoniem vir “reg”, “geregtigheid”, “regverdig”, “om te regverdig”). Die meeste Hebreeuse en Griekse woorde vir “sonde” weerspieël iets van die begrip van afwyking van ‘n “maatstaf” of “maatstok”. Die “maatstaf” in dié geval is God self (vgl. Lev. 11:44; 19:2; Mat. 5:48; 20:7, 26; 1 Pet. 1:16).

3:4 Vergelyk hierdie vers met die kleding en lewenstyl van Elia soos vermeld in 2 Kon. 1:8 en die suggestie daarvan in Mal. 4:5. Klere van kameelhaar was die goedkoopste op die mark. Johannes was gewoon aan ‘n woestynbestaan en die dieet soos daar beskikbaar. Die Mosaïese wette het die eet van sprinkane toegelaat (vgl. Lev. 11:22). Die term was egter ook gebruiklik vir die pitte van die sprinakaanboom, oftewel die carobboom.

3:5 Johannes was in die oë van die mense van Judea ‘n profeet (vgl. Mat. 21:26). Hierdie vers toon die groot honger na God in die geleedere van die eerste eeuse Jodendom. Selfs die godsdiensteilers het gekom. Hierdie vers se weergawe is duidelik oordrewe, maar dit weerspieël nietemin die godsdiensteigers wat Johannes opgewek het.

3:6 **OAV** “met belydenis van hulle sondes”
NAV, CUM-MVB “hulle het hulle sondes bely”
CUM-NLV “nadat hulle hulle sondes bely het”
NASB “as they confessed their sins”

Die Griekse term vir “bely” is *homolegeo*, wat beteken “om dieselfde ding te sê”. Die verwagting was vir ‘n openbare belydenis en verklaring van persoonlike geloof (vgl. Han. 19:18; Jak. 5:16). Onder die hele bevolking was daar duidelik groot behoefte aan geestelike vernuwung. OT presedente word gevind in Lev. 5:5 en 26:40. Sien *Vir Spesiale Aandag: Belydenis* by 10:32.

NASB (UPDATED) TEXT: 3:7-10

7But when he saw many of the Pharisees and Sadducees coming for baptism, he said to them, “You brood of vipers, who warned you to flee from the wrath to come? **8**Therefore, bear fruit in keeping with repentance; **9**and do not suppose that you can say to yourselves, ‘we have Abraham for our father’; for I say unto you that from these stones God is able to raise up children to Abraham. **10**The axe is already laid at the root of the trees; therefore every tree that does not bear good fruit is cut down and thrown into the fire.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 3:7-10.

3:7 **OAV** “Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle”
NAV “Toe hy merk dat baie van die Fariseërs en Sadduseërs kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle”
CUM-MVB “Toe hy merk dat baie van die Fariseërs en Sadduseërs kom vir sy doop, het hy vir hulle gesê”
CUM-NLV “Toe. . .besef hoeveel Fariseërs en Sadduseërs kom om deur hom gedoop te word, het hy hulle soos volg berispe”
NASB “But when he saw many of the Pharisees and Sadducees coming for baptism, he said to them”

Johannes se opmerkings oor hierdie godsdiensteilers is skokkend vanweë die intensiteit daarvan (vgl. “Addergeslag”, OAV; “Slangbroedsel”, CUM-MVB; Luk. 3:7; deur Jesus gebruik in Mat. 12:34; 23:33). Daar is verskeie teorieë oor sulke skerp uitsprake:

1. hy sien hulle as werkers van Satan;
2. hy sien hulle geestelike doodsheid teenoor die ware geloof;
3. hy sien hulle listige voorwendsels; of
4. hy sien hulle as manipulerende leiers wie se openbare uitsprake nie klop met hulle gesindhede en motiewe nie.

Interessant tog dat hierdie leiers dit ook goed gedink het om gedoop te word. Moontlik wou hulle hierdeur met die skares identifiseer en sodoende hulle leierskap behou. Johannes het geweet wat hulle werklike motiewe was.

Vir ‘n volledige bespreking van die oorsprong en teologie van die Fariseërs, sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:15; wat dit die Sadduseërs betref, sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:23.

☐	OAV	“Om te vlug vir die toorn wat aan kom is”
	NAV	“dat julle die dreigende toorn kan ontvlug”
	CUM-MVB	“dat julle die toorn wat baie naby is, kan ontvlug”
	CUM-NLV	“dat julle God se dreigende oordeel kan vryspring”
	NASB	“to flee from the wrath to come”

Uit die ooreenstemmende gedeelte, Mal. 3:2-3, was dit duidelik dat Israel oordeel te wagte kon wees weens hulle verbondsverbreking soos in die Mosaïese verbondsboek (Deut. 27-28) vasgestel is. Amos het dit “die dag van die Here” genoem (vgl. Amos 5:18 in NAV) wat die nuwe era van geregtigheid van die Messiaanse koninkryk sou inlei. Ook Maleagi koppel aan dié era ‘n oordeelsmotief. Let daarop dat waar Maleagi dit korporeel op Israel van toepassing maak Johannes die oordeelsuitspraak persoonlik aan die aanwesige Fariseërs en Sadduseërs stel (vgl. Eseg. 8:33; Jer. 31:31-34).

3:8	OAV	“Dra dan vrugte wat by die bekering pas”
	NAV	“Dra liever vrugte wat wys dat julle bekeer is”
	CUM-MVB	“Dra daarom liever vrugte wat bewys dat julle jul verkeerde lewenswyse laat staan het”
	CUM-NLV	“Bewys eerder deur julle voorbeeldige lewe dat julle werklik tot inkeer gekom het”
	NASB	“Bear fruit in keeping with repentance”

Selfs in die OT was geloof nie net lidwees van ‘n volk nie (vgl. Deut. 10:12, 16; Mat. 7:15-23; Rom. 2:28-29), nie net korporeel nie, maar ook individueel; dit was geloof en ook werke (Jak. 2:14-26)! Die Fariseërs en Sadduseërs se lewens moes toonbeeld wees van ‘n nuwe verhouding met God (Mat. 7:16-20; 12:33; Luk. 6:43-44; Han. 26:20). Vir bekering met berou, sien die volle uiteensetting by 4:17.

3:9	OAV	“En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie”
	NAV	“Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself kan sê: ‘Ons het Abraham as voorvader’ nie.”
	CUM-NLV	“En moet tog nie jullself bluf met die gedagte: ‘Ons is veilig. Ons is mos die nageslag van Abraham’, nie.”
	NASB	“and do not suppose that you can say, ‘We have Abraham for our father’”

Hierdie vertrou op nasionale afkoms word ook in Joh. 8:31 e.v. en in die Talmoed se “Sanhedrin” 10:1 vermeld. Die Jode was van mening dat Abraham se geloof ook vir hulle toegereken word. Volgens Mal. 3:2 e.v. en 4:1 e.v. moes hulle egter weens verbreking van die verbond besef dat hulle onder oordeel verkeer (vgl. ook Mat. 8:11-12). Geloof wat die lewenstyl beïnvloed, nie afkoms nie, is die kenmerk van ware kindskap van Abraham (vgl. Rom. 2:28-29).

☐	OAV	“uit klippe kinders”
	NAV	“uit hierdie klippe kinders”
	CUM-MVB	“uit hierdie klippe ‘n nageslag”
	CUM-NLV	“die klippe, wat hier rondlê, in kinders van Abraham verander”
	NASB	“stones. . .children”

Hierdie is woordspel met die Aramees vir klippe, ‘*ebnayya*, en *benyya*, seuns, wat baie eenders klink. Sien G.B. Caird, *The Language and Imagery of The Bible*, bl 48.

3:10	OAV	“die byl lê ook al teen die wortel van die bome”
	NAV	“Die byl lê klaar teen die wortel van die bome”
	CUM-NLV	“Die byl van God se oordeel lê al teen die wortel van die boom.”
	NASB	“the axe is already laid at the root of the trees”

Die oordeelsmotief kom ooreen met die bedoeling van Maleagi. Parallele opmerkings is in Jes. 10:33-34 opgeteken. Johannes was onder die indruk dat die Messias ‘n oordeelsboodskap sou bring en kan dit een van die redes wees waarom hy gewonder het of Jesus wel die Messias was.

NASB (UPDATED) TEXT: 3:11-12

¹¹“As for me, I baptize you with water for repentance, but He who is coming after me is mightier than I, and I am not fit to remove His sandals; He will baptize you with the Holy Spirit and fire. ¹²His winnowing fork is in His hand, and He will thoroughly clear His threshing floor; and He will gather His wheat into the barn, but He will burn up the chaff with unquenchable fire.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 3:11-12.

3:11	OAV	“Wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie”
	NAV	“ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie”
	CUM-MVB	“ek is nie eers werd om sy sandale aan te dra nie”
	CUM-NLV	“Iemand. . .soveel belangriker as ek – dat ek nie eers goed genoeg is om soos ‘n slaaf sy sandale vir Hom aan te dra nie.”
	NASB	“I am not fit to remove His sandals”
	NKJ, RSV	“whose sandals I am not worthy to carry”

TEV

“I am not good enough even to carry his sandals”

Hierdie uitdrukking kan op tweërlei wyse vertaal word: (1) volgens die Egiptiese idioom, vervat in papyrus-dokumente: “om ‘n besoeker se skoene uit te trek en dit na die bewaarplek te neem”; of (2) “om skoene los te maak en uit te trek”. Tradisioneel was beide die werk van ‘n slaaf. Nie eers van leerlinge van die rabbyne is dit verwag om hierdie taak te verrig nie. Johannes gebruik die idioom, bewus van sy geringheid voor die verheuenheid van Jesus.

- OAV, NAV, CUM-NLV **“Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur”**
CUM-MVB **“Hy sal julle in die Heilige Gees en met vuur doop”**
NASB **“He will baptize you with the Holy Spirit and fire”**

Slegs een VOORSETSEL en LIDWOORD in Grieks verbind die Heilige Gees en vuur met die implikasie dat die een as parallel van die ander beskou word (Joh. 4:4). Andersins kan vuur, soos in Luk. 3:17 op oordeel dui terwyl die Heilige Gees-doop sinspeel op ‘n gereinigde en smettelose lewe. Dit is heel moontlik dat Matteus hiermee die gebeure op die eerste Pinksterdag (Han. 2) voor die gees roep. Sommige sien dit as ‘n tweevoudige doop: een vir die regverdige en een vir die afvalliges. Of anders beskou, Jesus doop as verlosser of as regter. Ander sien die opmerking in verband met Jesus se doop as ‘n verwysing na bekering voor Pinkster, maar wanneer Pinkster aanbreek, word die gelowige op ‘n besondere wyse toegerus. 1 Kor. 12:13 impliseer dat Jesus die doper “in”, “met” en “deur die Gees is” (vgl. Mark. 1:8; Luk. 3:16; Joh. 1:33; Han. 1:5; 2:33).

3:12 “maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand”; “but he will burn up the chaff with unquenchable fire”: Jesus gebruik *Gehenna* (verkorte term vir die vallei van die seuns van Hinnom) as die metafoor om die ewige oordeel van God te beskryf (vgl. Jes. 66:24). Gehenna was die vullishoop aan die suidekant van Jerusalem (vgl. Mark. 9:48; Mat. 18:18; 24:41; Judas 7). In die verlede was die terrein offer- en aanbidplek van ‘n Kanaänitiese vuur- en vrugbaarheidsgod. Die aktiwiteit het as *molog* bekendgestaan. Kinders is geoffer (vgl. Lev. 18:21; 20:2-5; 1 Kon. 11:7; 2 Kon. 21:6; 23:10). Hedendaagse Bybellesers vind die gedagte aan ewige oordeel skokkend. Maar vir die eerste-euse Jodendom was hierdie leer, afkomstig van die rabbyne, oortuigend en glashelder. Jesus het immers nie gekom om te veroordeel nie, maar wie Hom verwerp, bly onder die oordeel (vgl. Luk. 3:16-17; Joh. 3:17-21). ‘n Moontlike vroeër blyke van hierdie metafoor in die OT is Jes. 34 waar God se oordeel oor Edom beskryf word.

VIR SPESIALE AANDAG: VUUR

Vuur het positiewe sowel as negatiewe konnotasies in die Bybel.

A. Positief:

1. maak warm (vgl. Jes. 44:15; Joh. 18:18)
2. versprei lig (vgl. Jes. 50:11; Mat. 25:1-13)
3. kook (vgl. Eks. 12:8; Jes. 44:15-16; Joh. 21:9)
4. suiwer (vgl. Num. 31:22-23; Spr. 17:3; Jes. 1:25; 6:6-8; Jer. 6:29; Mal. 3:2-3)
5. heiligheid (vgl. Gen. 15:17; Eks. 3:2; 19:18; Eseg. 1:27; Heb. 12:29)
6. God se leiding (vgl. Eks. 12:21; Num. 14:14; 1 Kon. 18:24)
7. God se bemagtiging (vgl. Han. 2:3)
8. beskerming (vgl. Sag. 2:5)

B. Negatief:

1. brand (vgl. Jos. 6:24; 8:8; 11:11; Mat. 22:7)
2. vernietig (vgl. Gen. 19:24; Lev. 10:1-2)
3. toorn (vgl. Num. 21:28; Jes. 10:16; Sag. 12:6)
4. straf (vgl. Gen. 38:24; Lev. 20:14; 21:9; Jos. 7:15)
5. vals teken van eindtyd (vgl. Openb. 13:13)

C. God se toorn oor sonde word uitgedruk in vuurmetafore:

1. sy toorn brand (vgl. Hos. 8:5; Sef. 3:8)
2. gloeiende toorn, gramskap soos ‘n veldbrand (vgl. Nah. 1:6)
3. ewige vuur (vgl. Jer. 15:14; 17:4)
4. eindtyd-oordeel (vgl. Mat. 3:10; 13:40; Joh. 15:6; 2 Tess. 1:7; 2 Pet. 3:7-10; Openb. 8:7; 13:13; 16:8)

D. Soos dit die geval is met baie ander metafore in die Skrif (bv. suurdeeg of leeu) kan vuur, gegewe die konteks, seën of vloek voorstel.

NASB (UPDATED) TEXT: 3:13-17

¹³Then Jesus arrived from Galilee at the Jordan coming to John to be baptized by him. ¹⁴But John tried to prevent Him, saying, “I have to be baptized by You, and do you come to me?” ¹⁵But Jesus answering said to him, “Permit it at this time; for in this way it is fitting for us to fulfill all righteousness.” Then he permitted Him. ¹⁶After being baptized, Jesus came up immediately from the water; and behold, the heavens were opened, and he saw the Spirit of God descending as a dove and lighting on Him, ¹⁷and behold, a voice out of the heavens said, “This is my beloved son, in whom I am well-pleased.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 3:13-17.

3:13 OAV	“Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word.”
NAV, CUM-MVB	“In daardie tyd het Jesus van Galilea af na Johannes toe by die Jordaan gekom om deur hom gedoop te word.”
CUM-NLV	“Op ‘n dag het Jesus van Galilea af by die Jordaanrivier aangekom om deur Johannes gedoop te word.”
NASB	“Then Jesus arrived from Galilee at the Jordan coming to be baptized by him”

Die evangelies verskil wat betref die vroeë stadiums van Jesus se bediening in Galilea en Judea. Dit wil voorkom of daar ‘n vroeë bediening in Judea kon gewees het en weer een later. Die verloop van Jesus se bediening moet egter uit al vier evangelies saamgestel word om hierdie vroeë besoek aan Judea te verklaar (vgl. Joh. 2:13-4:3).

Hoekom Jesus Homself laat doop het, is vir gelowiges ‘n kwelvraag. Jesus het immers nie vergifnis nodig gehad nie, want Hy was sonder sonde (vgl. Joh. 8:46; Han. 3:14; Rom. 8:3; 2 Kor. 5:21; Heb. 4:15; 7:26; 1 Pet. 2:22; 1 Joh. 3:5). Die volgende teorieë word aangevoer:

1. dit was ‘n voorbeeld vir gelowiges;
2. dit was sy identifisering met die behoeftes van gelowiges;
3. dit het gedien as sy oomblik van ordening en toerusting;
4. dit was simbolies van sy verlossingswerk;
5. dit het sy goedkeur van Johannes se bediening bevestig; of
6. dit was ‘n profesie oor sy dood, begrafnis en opstanding (vgl. Rom. 6:4; Kol. 2:12).

Wat ookal die verklaring, vir Jesus was dit ‘n betekenisvolle oomblik in sy lewe, hoewel dit nie as die oomblik van opname van sy Messiaskap gesien moet word nie (Adopsionisme, vgl. *The Orthodox Corruption of Scripture*, deur Bart D. Ehrman, bl. 47-118).

3:14 OAV	“Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan”
NAV	“Maar Johannes het dit probeer verhinder”
CUM-MVB	“Maar Johannes het dit probeer keer”
CUM-NLV	“Maar Johannes wou Hom keer”
NASB	“But John tried to prevent Him”

Hierdie is ‘n WERKWOORD IMPERFEKTUM. Baie verklaarders het geworstel met die vraag hoekom Johannes weer en nogeens teëgestribbel het om Jesus te doop. Daar is ‘n paar teorieë:

1. sommige meen dat Johannes vooraf van Jesus se Messiaskap geweet het, maar dit is teenstrydig met Joh. 1:31 en 33;
2. ander se siening is dat Johannes geweet het dat Jesus ‘n baie opregte Jood was, maar nog nie dat Hy die Messias was nie;
3. dit is steeds die gebruik in die Nabye Ooste om die erns van jou saak te toon deur dit driekeer aan te voer.

3:15 OAV	“Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê”
NAV, CUM-NLV	“Jesus het hom geantwoord”
CUM-MVB	“Jesus het in reaksie vir hom gesê”
NASB	“But Jesus answering said to him”

Verse 14 en 15 kom net in Matteus voor. Daar word nie genoeg inligting verskaf om die vraagstuk van vers 14 werklik op te klaar nie. Wat egter seker is, is dat die doop vir beide Johannes en Jesus besondere betekenis gehad het en dat dit God se wil vir hulle albei se lewens was.

3:16 OAV	“het Hy dadelik uit die water opgeklim”
NAV	“het dadelik daarna uit die water gekom”
CUM-MVB	“en het dadelik uit die water gekom”
CUM-NLV	“het Hy dadelik uit die water geklim”
NASB	“Jesus came up immediately from the water”
NKJV	“came up immediately from the water”
NRSV	“just as He came up from the water”
TEV	“Jesus came up out of the water”
NJB	“he at once came up from the water”

Voorstanders van die onderdompelingsdoop gebruik graag hierdie vers om ‘n saak daarvoor uit te maak. Dit kan egter netsowel beteken dat Hy uit die water teen die rivierwal uit moes beweeg (sien Michael Magill, *New Testament TransLine*, bl. 9, #35 en 36).

■ OAV	“en meteens gaan die hemele vir Hom oop”
NAV	“Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan”
CUM-MVB	“en kyk, die hemele bokant Hom het oopgegaan”
CUM-NLV	“Net daar gaan die hemel toe vir Hom oop”
NASB	“the heavens were opened”

Hierdie is ‘n metaforiese wyse van spreke om God se wil aan te toon (vgl. Jes. 22:22; Openb. 3:7). God alleen kan die hemel laat oopgaan (vgl. Mal 3:10; Openb. 4:1). God maak blinde oë siende (vgl. 9:27-31; 12:22-23; 20:29-34; let ook op Jes. 29:18; 35:5; 42:7, 16). God antwoord gebede (vgl. 7:7, 8).

Dit is betreklik seker dat hierdie metafoor aan Jes. 64:1 ontleen is.

- **OAV** “en Hy sien”
- NAV, CUM-MVB** “en Hy het. . . sien. . . neergedaal”
- CUM-NLV** “en Hy sien hoe”
- NASB** “and He saw”

Die Griekse teks het slegs die VOORNAAMWOORD “hy”, wat kan beteken dat of Johannes of Jesus “gesien het”. Sommige hooflettermanuskripte (s¹, C, D, L en W), asook enkele antieke vertalings (die Vulgaat en Kopties) en die Griekse MSS wat die vroeë kerkvaders (Irenaeus, Eusebius, Chrysostomus, Hieronimus en Augustinus) gebruik het, impliseer dat net Jesus die afdaling van die “duif” gesien het in die frase “en meteens gaan die hemele vir Hom oop.” Nietemin, die duif was ook vir Johannes die aanduiding dat die ware Messias voor hom staan (vgl. Joh. 1:32).

- **OAV, NAV, CUM-MVB** “die Gees van God soos ‘n duif neerdaal en op Hom kom”
- CUM-NLV** “hoe die Gees van God soos ‘n duif op hom afdaal”
- NASB** “The Spirit of God descending as a dove and lighting on Him”

Al vier evangelies maak hiervan melding (Mark. 1:10; Luk. 3:22; Joh. 1:32). Was dit soos ‘n duif of was dit werklik ‘n duif? Die vraag kan nie met sekerheid beantwoord word nie (vgl. Luk. 3:22). Dit kom egter ooreen met wat in Jes. 11:2; 42:1; 48:16; 61:1 opgeteken staan. Wat belangrik is is dat die Gees oor Jesus gekom het; die spesifieke vorm is nie belangrik nie. Dit beteken nie dat Jesus nie vantevore met die Heilige Gees een was nie, maar hierdie gebeure was die besondere intree-oomblik tot sy Messiaanse taak.

Die duif-simboliek se oorsprong en doel was die oorsaak tot indringende gesprek:

1. dit gaan so ver terug as Gen. 1 toe die Gees van God oor die waters “gesweef” het (Gen 1:2);
2. en ook so ver terug as Noag wat ‘n duif uit die ark gestuur het (Gen. 8);
3. die rabbyne glo dat die duif ‘n simbool is van Israel (vgl. Ps. 68:13; Hos. 7:11; 11:11; en die Talmoed San. 95A en Ber. R 39; 2 Esdras 5:26).
4. Tasker in sy *Tyndale New Testament Commentary Series*, sê dié simbool dui op “gentleness”, d.w.s. minzaamheid dui, wat teenoor die “vuur” van vers 11 gestel moet word (vgl. Rom. 11:22; Mat. 11:29; 25:40).

- 3:17 OAV, CUM-MVB** “‘n stem uit die hemele”
- NAV, CUM-NLV** “‘n stem uit die hemel”
- NASB** “a voice out of the heavens”

Hierdie frase is om verskeie redes belangrik. Gedurende die intertestamentiese tydperk terwyl daar geen ware profeet was nie, het die rabbyne beweer dat God sy wil bekendgemaak het deur ‘n *bath kol*, oftewel ‘n stem uit die hemel. Gevolglik was hierdie “stem” ‘n teken van God wat die Jode van die eerste eeu op kulturele vlak kon begryp (vgl. Han. 10:9-16; 11:7-9; Openb. 1:10; 4:1; 10:8; 11:12). Dit was klaarblyklik net so betekenisvol vir Jesus as vir Johannes en ook moontlik vir die skare wat by die doop teenwoordig was.

Die samestelling van die aanhaling “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehag het” verbind die koninklike Messias, Dawidiese-klem van Ps. 2:7 met die Lydende Knecht van Jesaja 42:1.

Dit is moontlik dat die frase “my geliefde Seun” (sien ook 17:5) die oorsprong was van die betiteling “Seun van God” soos in Mat. 4:3, 6 aangetref. Verder is dit opvallend dat in Mark. 1:11 die Vader se stem vertaal word met “U is my geliefde Seun...”, wat aantoon dat die Vader Hom tot Jesus gerig het. In Matteus word dit egter spesifiek op Johannes en die skare gerig. sien *Vir Spesiale Aandag: die Seun van God by 27:54*.

Verse 16-17 bring die drie persone van die Drie-Eenheid onder die aandag. Die term “Drie-Eenheid” kom nie in die Bybel voor nie, maar die begrip is verseker Bybels. Die feit die Bybel die enigheid (monoteïsme, Deut. 6:4) beklemtoon, moet ook gebalanseer word met die godheid van Christus en die persoon-wees van die Heilige Gees. Daar is een goddelike wese (monoteïsme) in drie ewig-persoonlike manifestasies. Die Drie-Eenheid word dikwels in dieselfde konteks genoem, bv. Mat. 3:16-17; 28:19; Han. 2:33-34; Rom. 8:9-10; 1 Kor. 12:4-6; 2 Kor. 1:21-22; 13:14; Ef. 1:3-14; 4:4-6; Tit. 3:4-6 en 1 Pet. 1:2.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE DRIE-EENHEID

Die term, “Triniteit”, soos eerste gebruik deur Tertullianus, is nie ‘n Bybelse woord nie, maar die konsep is deurgaans aanwesig in

1. die evangelies
 - a. Mat. 3:16-17; 28:19
 - b. Joh. 14:26
2. Handeling – Han. 2:32-33, 38-39
3. Paulus
 - a. Rom. 1:4-5; 5:1; 8:1-4, 8-10
 - b. 1 Kor. 2:8-10; 12:4-6
 - c. 2 Kor. 1:21; 13:14

- d. Gal. 4:4-6
 - e. Ef. 1:3-14, 17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6
 - f. 1 Tess. 1:2-5
 - g. 2 Tess. 2:13
 - h. Tit. 3:4-6
4. Petrus – 1 Pet. 1:2
 5. Judas verse 20-21

Dit word in die OT geïmpliseer

1. Daar word na God verwys in die MEERVOUDSVORM
 - a. *Elohim* is meervoud, maar die WERKWOORDVORM bly enkelvoud
 - b. “Ons” in Genesis 1:26-27; 3:22; 11:7
 - c. “Enig” in die *Shema* van Deut. 6:4 is MEERVOUD (soos ook in Gen. 2:24; Eseg. 37:17)
2. Die engel van die Here as sigbare verteenwoordiger van Godheid
 - a. Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11, 13; 48:15-16
 - b. Eks. 3:2, 4; 13:21; 14:19
 - c. Rigt. 2:1; 6:22-23; 13:3-22
 - d. Sag. 3:1-2
3. God en Gees afsonderlik, Gen. 1:1-2; Ps. 104:30; Jes. 63:9-11; Eseg. 37:13-14
4. God (JHWH) en die Messias (*Adon*) is ook afsonderlik, Ps. 45:6-7; 110:1; Sag. 2:8-11; 10:9-12
5. Messias en Gees afsonderlik, Sag. 12:10
6. Al drie word genoem in Jes. 48:16; 61:1

Die godheid van Jesus en die persoon-wees van die Gees was vir vroeë, streng monoteïstiese gelowiges, problematies:

1. Tertulianus – stel die Seun ondergeskik aan die Vader
2. Origenes – stel die godheid van die Seun en die Gees ondergeskik
3. Arius – ontken die godheid van die Seun en die Gees
4. Monargianisme – beskou dit as opeenvolgende manifestasies van God

Die historiese ontwikkeling van die Drie-Eenheidskonsep is onderskraag deur inligting uit die Bybel:

1. die Sinode van Nicea verklaar in 325 n.C. die gelykheid van Jesus aan die Vader
2. die Sinode van Konstantinopel verklaar die godheid van die Gees gelyk met die Vader en die Seun (381 n.C.)
3. die Drie-eenheid word voltallig uitgebeeld in Augustinus se *De Trinitate*

Dit bly ‘n geheimenis, maar die NT bevestig die manifestasie van een Godheid in drie persoonlikhede.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Aan watter OT profeet word ‘n mens deur Johannes herinner en hoekom?
2. Wat verstaan u onder berou (sondebelydenis)?
3. Hoekom gebruik Matteus die frase “koninkryk van die hemel”, maar Lukas en Markus praat van “koninkryk van God”?
4. Van watter belang is die aanhaling uit Jes. 40 (vers 3)?
5. Hoekom wou die godsdienstige leiers van die dag ook gedoop word? Wat het die doop in daardie tyd gesimboliseer?
6. Hoekom beklemtoon Johannes se boodskap oordeel en nie verlossing nie?
7. Hoekom is Jesus gedoop met ‘n doop van sondebelydenis?
8. Hoekom is die uitspraak van God uit die hemel belangrik? Onderskei die twee OT bronne van die Vader se woorde en verduidelik waarom beide belangrik is.

MATTEUS 4

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Temptation of Jesus 4:1-11	Satan Tempts Jesus 4:1-11	Jesus' Temptation 4:1-4 4:5-7 4:8-11	The Tamptation of Jesus 4:1-3 4:4 4:5-6 4:7 4:8-9 4:10 4:11	Testing in the Wilderness 4:1-11 (4b) (6b) (7b)	Die versoeking in die woestyn 4:1-11
The Beginning of the Galilean Ministry 4:12-16	Jesus Begins His Galilean Ministry 4:12-17	Beginnings of Jesus' Activity in Galilee 4:12-17	Jesus Begins His Work in Galilee 4:12-16 4:17	Return to Galilee 4:12-17 (15-16)	Die eerste optrede van Jesus 4:12-17
The Calling of Four Fishermen 4:18-22	Four Fishermen Called as Disciples 4:18-22	4:18-22	Jesus Calls Four Fishermen 4:18-20 4:21-22	The First Four Disciples Are Called 4:18-20 4:21-22	Die roeping van die eerste dissipels 4:18-22
Ministering to a Great Multitude 4:23-25	Jesus Heals a Great Multitude 4:23-25	4:23-25	Jesus Teaches, Preaches, and Heals 4:23-25	Jesus Proclaims the Message and Heals the Sick 4:23-25	Weldade aan baie mense 4:23-25

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 4:1-25

- A. Dit is van kardinale belang dat, onmiddellik na God se bevestiging van Jesus se Messiaanse seunskaap, Hy deur die Heilige Gees "uitgedryf" word om in die woestyn versoek te word (vgl. Mark. 1:12). Versoeking was deel van God se plan vir die Seun. Versoeking kan gedefinieer word as die uitlokking daarvan om God se ingeskape behoeftes buite God se grense daarvoor te voer. Versoeking is opsigself nie sonde nie. Hierdie versoeking van Jesus was 'n beskikking van God. Die instrument daartoe was Satan (vgl. 2 Kon. 22:13-23; Job 1-2; Sag. 3).

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

- B. Opmerklik is dit ook dat in hierdie hoofstuk 'n Israel/Christus tipologie ontwikkel word. Jesus word as die “ideale Israeliet” voorgehou wat die taak vervul waarvoor die volk oorspronklik bestem was (vgl. Jes. 41:8-9; 42:1, 19; 43:10). Beide Israel en Jesus word “seun” genoem (vgl. Hos. 11:1). Dit verklaar tot 'n mate die dubbelsinnigheid wat in die Lydende Kneeg-gedeeltes van Jesaja 41-53 voorkom; MEERVOUD en ENKELVOUD word afwisselend gebruik (Jes. 52:13-15 in die LXX). Hierdie Israel/Christus tipologie stem ooreen met die Adam/Christus-tipologie soos te vinde in Rom 5:12-21.
- C. Sou Christus werklik kon sondig? Hierin kom die geheimenis van die twee nature van Christus tot openbaring. Die versoeking was absolute werklikheid. Jesus kon na sy menslike natuur die wil van God oortree. Jesus was waarlik en volkome mens, maar sonder die mensdom se gevalle natuur (vgl. Heb. 4:15; 7:26). In hierdie opsig was Hy soos Adam. Ons sien hierdie selfde menslike natuur in die Tuin van Getsemane worstel en driemaal bid om 'n ander weg van verlossing as die kruis (vgl. Mat. 26:36-46; Mark. 14:32-42). Om hierdie moontlikheid uit te buit, is die doel van elke verleidingspoging van Satan in Mat. 4. Hoe gaan Jesus sy Messiaanse gawes vir verlossing van die mensdom aanwend? Die versoeking was daarin geleë dat Hy ander maniere kon bedink as om plaasvervangend deur lyding en sterwe versoening te doen!
- D. Aangesien Jesus alleen in die woestyn was, moes hy later sy dissipels daaromtrent ingelig het. Dié mededeling leer ons nie alleen wat Christus se versoeking behels het nie, maar is ook vir ons 'n hulp in tye van versoeking.
- E. Dit is nodig om in ag te neem dat die Bybel nie op Westerse wyse geskiedenis as oorsaak en gevolg, d.w.s. kronologies, aanbied nie. In die Nabye Ooste word geskiedenis selektief gehanteer, maar is nie daarom onakkuraat nie. Die evangelies is dus ook nie biografieë nie, maar traktate gerig aan verskillende teikengroepe met die oog op evangelisasie en onderrig in dissipelskap en bevat wel geskiedenis. Dikwels selekteer die evangelieskrywers materiaal, pas dit aan en rangskik dit met die oog op hulle teologiese en literêre doelwitte (vgl. Gordon Fee en Douglas Stuart se *How to Read the Bible for All It's Worth*, bl. 94-112, 113-134). Daar is heelwat goeie voorbeelde van Matteus se voorkeur aan struktuur in sy evangelie.
1. Hy vat Jesus se leringe saam in een preek (hoofstukke 5-7) en hanteer wonderwerke en gelykenisse op dieselfde wyse.
 2. Hy het 'n voorliefde vir strukturering met getalle (vgl. NIDOTTE, vol. 3, bl. 657), insluitende:
 - a. drie
 - (1) drie versoekinge, 4:1-11
 - (2) drie handelinge van Joodse geregtigheid, 6:1-18
 - (3) drie genesinge, 8:1-15
 - (4) drie maal “moenie bang wees nie”, 10:26, 28, 31
 - (5) drie dae, 12:40
 - (6) drie vrae, 22:15-40
 - (7) drie maal bid Jesus in Getsemane, 26:39-44
 - (8) drie dae om die tempel te herbou, 27:40 (#5)
 - (9) opstanding van Jesus na drie dae, 27:63 (#5, #8)
 - b. sewe
 - (1) duiwels, 12:45
 - (2) brode, 15:34, 36
 - (3) mandjies, 15:37
 - (4) vergifnis teenoor 'n broer, 18:21, 22 (sewe maal sewentig keer)
 - (5) sewe broers, 22:25
 - (6) sewe keer “ellende”, 23:13, 15, 16, 23, 25, 27, 29
- Omdat die Markus-evangelie eerste geskryf is en Matteus en Lukas afhanklikheid van hom toon ten opsigte van #2, #3, en #5 hier bo, is it nie duidelik tot watter mate die getallestruktuur tradisie was of 'n voorkeur van Matteus nie.
- Dit beteken nie dat evangelieskrywers aan verdigsel of opmaak van gebeure en woorde skuldig is nie. Die verskille in die evangelies is nie strydig met inspirasie nie, eerder bevestig dit ooggetuie-weergawes.
- F. Die ooreenstemmende weergawes van Jesus se versoekings is in Markus 1:12-13 en Lukas 4:1-13 opgeteken.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 4:1-4

¹Then Jesus was led up by the Spirit into the wilderness to be tempted by the devil. ²And after He had fasted forty days and forty nights, He then became hungry. ³And the tempter came and said to Him, “If you are the Son of God, command that these stones become bread.” ⁴But He answered and said, “It is written, ‘MAN SHALL NOT LIVE ON BREAD ALONE, BUT ON EVERY WORD THAT PROCEEDS OUT OF THE MOUTH OF GOD.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 4:1-4.

4:1 OAV	“Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel”
NAV	“Toe is Jesus deur die Gees die woestyn ingelei om deur die duiwel versoek te word”
CUM-MVB	“Toe is Jesus deur die Gees die woestyn ingelei om deur die duiwel getoets te word”
CUM-NLV	“Daarop het die Gees Jesus die woestyn ingelei om deur die duiwel op die proef gestel te word”
NASB	“Then Jesus was led up by the Spirit into the wilderness to be tempted by the devil”

Hierdie vers is van uiterste belang om te toon dat die weerstaan van versoeking God se wil vir Jesus se lewe was (vgl. Heb 5:8). Hierdie versoekingsgebeure was ‘n aanwysing van hoe Jesus sy Messiaanse kragte sou aanwend om die mensdom te verlos (in verse 3 en 6 die gebruik van VOORWAARDELIKE SINNE VAN DIE EERSTE KLAS).

▣ OAV	“weggelei”
NAV, CUMs	“in gelei”
NASB	“was led”

In Mark. 1:12 vind ons die gedagte dat Jesus deur die Gees “gedryf” is. Hierdie was vir Jesus ‘n noodsaaklike ervaring (vgl. Heb. 5:8).

▣ **“die woestyn”; “the wilderness”**: Dit is eintlik die onbewoonde weiveld in die nabyheid van Jerigo. Dit is die soort landskap waarin Elia geleef het (vgl. 1 Kon. 19:8), en waarin Moses en Johannes die Doper hulle afgesonder het (vgl. Eks. 34:28; Mat. 3:1).

▣ OAV, NAV	“versoek”
CUM-NLV	“getoets”
CUM-MVB	“op die proef gestel”
NASB	“tempted”

Daar is twee terme in Grieks wat met “versoek” of “toets” vertaal kan word. “*Dokimazo*” is toets met die oog op versterking, maar “*peirasmo*” is met die oog op vernietiging. Dit is die laasgenoemde wat hier gebruik word (Mat. 6:13; Jak. 1:13-14). Satan se doel is immer om te vernietig. God beproef ons nie met die doel om te vernietig nie, maar altyd om te versterk (vgl. Gen. 22:1; Eks. 16:4; 20:20; Deut. 8:2,16; 13:3; Rigt. 2:22; 2 Kron. 32:31; 1 Tess. 2:4; 1 Pet. 1:7; 4:12-16).

VIR SPESIALE AANDAG: ‘TOETSING’ – GRIEKSE TERME EN KONNOTASIES

Vir die gedagte om iemand te toets met die oog op ‘n bepaalde doel, is daar twee woorde in Grieks:

1. *Dokimazō, dokimion, dokimasia*

Dit is ‘n metallurgiese term wat gebruik word wanneer die egtheid van ‘n stof deur vuur getoets word (metafories – iemand). Vuur ontbloot die ware metaal deur metaalslak af te brand. Hierdie fisiese proses het ‘n kragtige idioom geword om te beskryf hoe God en mense ander beproef. Die woord “beproof” word altyd in ‘n positiewe sin gebruik met ‘n verwagte goeie afloop.

In die NT word dit gebruik vir die toets van:

- osse (Luk. 14:19);
- selfondersoek (1 Kor. 11:28);
- eie geloof (Jak. 1:3); en
- selfs God (Heb. 3:9).

Die resultaat van hierdie toetsing word aanvaar as positief (vgl. Rom. 1:28; 14:22; 16:10; 2 Kor. 10:18; 13:3; Fil. 2:27; 1 Pet. 1:7). Die basiese idee is dat iemand ondersoek is en gevolglik:

- verdiensielik;
- goed;
- opreg;
- waardevol; en
- geëerd bevind is.

2. *Peirazō, peirasmos*

Hierdie term hou verband met ‘n ondersoek met die doel om fout te vind of af te keur. Dit word dikwels gebruik met betrekking tot Jesus se versoeking in die woestyn

- Dit spreek van die poging om Jesus in ‘n strik te lok (vgl. Mat. 4:1; 16:1; 19:3; 22:18, 35; Mark. 1:13; Luk. 4:2; 10:25; Heb. 2:18).
- Peirazō* word gebruik as ‘n titel vir Satan (vgl. Mat. 4:3; 1 Tess. 3:5).
- In saamgestelde vorm, *ekpeirazō*, word dit deur Jesus gebruik om nie vir God te toets nie (vgl. Mat. 4:7; Luk. 4:12). Die woord gee ook te kenne dat ‘n mislukte poging aangewend is (vgl. Han. 9:20; 20:21; Heb. 11:29).
- Dit word ook gebruik in verband met die versoeking en beproewing van gelowiges (vgl. 1 Kor. 7:5; 10:9; 13; Gal. 6:1; 1 Tess. 3:5; Heb. 2:18; Jak. 1:2, 13, 14; 1 Pet. 4:12; 2 Pet. 2:9).

■ **“die duiwel”; “the devil”**: Die engelagtige wese wat aan mense ‘n keuse voorhou, word in die OT Satan genoem (BDB 966); die aanklaer (Mark. 1:13). In die NT word hy diabolos genoem (in navolging van die LXX), vertaal met “duiwel”, wat lasteraar, teëstander of versoeker beteken. In die OT is hy ‘n dienskneg van God (vgl. Job. 1-2; 2 Kon. 22:13-23; 1 Kron. 21:1; Sag. 3:1-2). Ten tye van die NT is verhoogde aktiwiteit van die bose aan die orde en word Satan aartsyand van God. ‘n Uitstekende bron oor die ontwikkeling van die bose in die Bybel is A.B. Davidson se *Old Testament Theology*, gepubliseer deur T & T Clark, bl. 300-306). Sien ook *Vir Spesiale Aandag* by 4:5.

4:2 OAV “Hy. . .gevas het”
NAV “het Hy niks geëet nie”
NASB “after he had fasted”
 Sien *Vir Spesiale Aandag: Vas* by 6:16.

■ **OAV** “veertig dae en veertig nagte”
CUM-NLV “40 dae en 40 nagte”
NASB “forty days and forty nights”

Hier kies Matteus weereens ‘n OT motief deur van Moses se 40 dae op Sinaï (Eks. 24:18; 34:28; Deut. 9:9; 10:10) of Israel se omswerwing van 40 jaar in die woestyn (Num. 14:26-35) gebruik te maak. Hiermee skets Matteus Jesus as die nuwe wetgewer en leier van die nuwe eksodus (Uittog).

Die getal 40 kan in die OT letterlik opgeneem word (Israel se woestyntog) of figuurlik soos ten opsigte van die vloed. Die Hebreërs het ‘n maankalender gevolg. Die getal veertig het dan ‘n onbepaalde tydperk, waarskynlik langer as ‘n maansiklus, aangedui, maar kan nie as 40 maal 24 uur opgevat word nie.

VIR SPESIALE AANDAG: SIMBOLIESE GETALLE IN DIE SKRIF

A. Sekere getalle het numeriese sowel as simboliese waardes aangeneem.

1. Een – God (bv. Deut. 6:4; Ef. 4:4-6)
2. Ses – die onvolmaakte mens (een minder as sewe; bv. Openb. 13:18)
3. Sewe – goddelike volmaaktheid (die sewe dae van die skepping). Let op die aanwending van hierdie simboliek in Openbaring:
 - a. sewe kandelare/staanlampe, 1:13, 20; 2:1
 - b. sewe sterre, 1:16, 20; 2:1
 - c. sewe gemeentes, 1:20
 - d. sewe geeste van God, 3:1; 4:5; 5:6
 - e. sewe lampe/fakkels, 4:5
 - f. sewe seëls, 5:1, 5
 - g. sewe horings en sewe oë, 5:6
 - h. sewe engele, 8:2, 6; 15:1, 6, 7, 8; 16:1; 17:1
 - i. sewe trompette, 8:2, 6
 - j. sewe donderslae, 10:3, 4
 - k. seweduisend mense, 11:13
 - l. sewe koppe, 13:1; 17:3, 7, 9
 - m. sewe lae, 15:1, 6, 8; 21:9
 - n. sewe skale/goue bakke, 15:7
 - o. sewe konings, 17:10
 - p. sewe bakke, 21:9
4. Tien – volledigheid
 - a. gebruik in die evangelies
 - (1) Mat. 20:24; 25:1, 28
 - (2) Mark. 10:41
 - (3) Luk. 14:31; 15:8; 17:12, 17; 19:13, 16, 17, 24, 25
 - b. gebruik in Openbaring
 - (1) 2:10, tien dae van beproewing
 - (2) 12:3; 17:3, 7, 12, 16, tien horings
 - (3) 13:1, tien krone
 - c. veelvoude van tien in Openbaring
 - (1) 144 000 + 12 x 12 x 1000, vgl. 7:4; 14:1, 3
 - (2) 1000 = 10 x 10 x 10, vgl. 20:2, 3, 6
5. Twaalf – menslike organisasie
 - a. twaalf seuns van Jakob (twaalf stamme van Israel – Gen. 35:22; 49:28)
 - b. twaalf pilare/klippe, Eks. 24:4
 - c. twaalf gesteentes op die hoëpriester se borsplaat, Eks. 28:21; 39:14
 - d. twaalf ringbrode/toonbrode op tafel in die heilige van die tabernakel/tempel (simbolies van God se voorsiening vir die twaalf stamme van Israel; Lev. 24:5; Eks. 25:30)

- e. twaalf spioene, Deut. 1:23; Jos. 3:22; 4:2, 3, 4, 8, 9, 20
- f. twaalf apostels, Mat. 10:1
- g. gebruik in Openbaring
 - (1) twaalfduisend verseëlde, 7:5-8
 - (2) twaalf sterre, 12:1
 - (3) twaalf hekke, twaalf engele, twaalf stamme
 - (4) twaalf fondamente, 21:14
 - (5) die nuwe Jerusalem was twaalfduisende vierkante stadia, 21:16
 - (6) twaalf poorte gemaak van twaalf pèrels, 21:12
 - (7) twaalf soorte vrugte aan die boom van die lewe, 22:2
- 6. Veertig – nommer vir tyd
 - a. soms letterlik bedoel, bv. die woestynomswerwing van die volk Israel, Eks. 16:35; Deut. 2:7; 8:2
 - b. soms beide (letterlik of simbolies)
 - (1) die sonvloed, Gen. 7:4, 17; 8:6
 - (2) Moses op Sinai-berg, Eks. 24:18; 34:28; Deut. 9:9, 11, 18, 25
 - (3) periodes in die lewe van Moses
 - (a) veertig jaar in Egipte
 - (b) veertig jaar in die woestyn
 - (c) veertig jaar leier van Israel
 - (4) Jesus vas veertig dae, Mat. 4:2; Mark. 1:13; Luk. 4:2
 - c. Let (met behulp van ‘n konkordansie) hoeveel keer hierdie getal as tydsbepaler in die Bybel voorkom!
- 7. Sewentig – ‘n ronde syfer om na “mense” te verwys
 - a. Israel, Eks. 1:5
 - b. sewentig ouderlinge/oudstes, Eks. 24:1, 9
 - c. eskatologies/eindtyd, Dan. 9:2, 24
 - d. uitreikspan, Luk. 10:1, 17
 - e. vergifnis (70 x 7), Mat. 18:22

B. Goeie verdere bronne

1. John D. Davis, *Biblical Numerology*
2. D. Brent Sandy, *Plowshares and Pruning Hooks*

- ☐ **OAV** “naderhand het Hy honger geword”
- CUM-NLV** “het hy naderhand baie honger begin word”
- NASB** “He then became hungry”

Vas is om sonder voedsel te bly, maar nie water nie. Sommige skrifverklaarders is van mening dat die duiwel teen die einde van die vasperiode, toe Jesus moeg en swak was, Hom met die versoekings genader het. Ander huldig die mening dat die Satan dwarsdeur die vas Jesus versoek het. Die eerste opsie strook egter beter met die konteks. Die verswakte, moeë Jesus, maar Geesvervuld en deur die Gees gelei, word hier in sy volkome menswees uitgebeeld.

- 4:3 OAV** “En die versoeker”
- CUM-NLV** “die groot versoeker”
- NASB** “and the tempter”

Hier word ‘n PRAESENS DEELWOORD, die versoekende/om te versoek, as ‘n SELFSTANDIGE NAAMWOORD (SUBSTANTIEF) gebruik, net soos in vers 1.

- ☐ **OAV** “het na Hom gekom en gesê”
- NAV, CUM-MVB** “het toe gekom en vir Hom gesê”
- CUM-NLV** “toe kom. . .na Hom toe en sê vir Hom”
- NASB** “came and said to Him”

Die versoeking kon fisies of geestelik gewees het. Om al die koninkryke van die aarde van ‘n hoë berg af “in ‘n oogwink” (vgl. die Lukas-weergawe, 4:5) waar te neem, kon visioenêr van aard gewees het. Jesus beleef die bepaalde versoeking egter steeds as reële konfrontasie van die kant van Satan.

- ☐ **OAV, NAV** “As U die Seun van God is”
- CUM-MVB** “Aangesien U die Seun van God is”
- CUM-NLV** “Kyk, as jy dan die Seun van God is”
- NASB** “If You are the Son of God”

Soos in vers 6 is hierdie ‘n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat vir waar aanvaar word vanuit die perspektief van die skrywer, en moet daarom met “aangesien” vertaal word (en nie “as” nie). Satan betwyfel nie Jesus se Messiaskap na God se bevestiging nie – 3:17, maar probeer Hom oorreed om sy Messiaanse kragte te misbruik. ‘n Grammatiese konstruksie is hier belangrik om die hele versoekingsepisode in die regte lig te stel (vgl. James Steward, *The Life and Teachings of Jesus Christ*).

As ‘n mens dan tot die voorveronderstelling verbind is dat die Skrif met goddelike gesag spreek, kan ‘n mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat voortgaande, progressiewe openbaring in die NT aan die orde is nie. Christene moet op hul hoede wees vir die gevaar dat Joodse oorlewinge of Westerse literatuur (bv. Dante of Milton) inhoud opdring aan die Bybelse konsep. Daar is sekerlik geheimenis en dubbelsinnigheid in hierdie faset van openbaring. God het verkies om nie alle aspekte van die bese te openbaar nie, byvoorbeeld die ontstaan daarvan of die doel daarvan. Wat Hy wel openbaar is die onderwerping daarvan.

In die OT term “Satan” of aanklaer, skyn daar drie verskillende groepe betrokke te wees:

1. mense as aanklaers (1 Sam. 29:4; 2 Sam. 19:22; 1 Kon. 11:14, 23, 25; Ps. 109:6)
2. engele as aanklaers (Num. 22:22-23; Sag. 3:1)
3. demone as aanklaers (1Kron. 21:1; 1 Kon. 22:21; Sag. 13:2)

Eers later, gedurende die tussen-testament tydperk, het nie-kanonieke (apokriewe) geskrifte ontstaan waarin die slang met Satan verbind word (die Boek van Wysheid 2:23-24; 2 Henog 31:3). Eers baie later het die rabbyne dié gedagte oorgeneem (vgl. *Sot* 9b en *Sanh.* 29a). In 1 Henog 54:6 word die “seuns van God” van Gen. 6 “engele” wat seksueel omgaan met die dogters van mense. Ek opper dit nie as juiste teologie nie, maar bloot om die ontwikkeling te illustreer. In die NT word sulke OT aktiwiteite aan engelagtige wesens toegeskryf, dit wil sê gepersonifieerde boosheid, en siedaar: Satan (vgl. 2 Kor. 11:3; Openb. 12:9)!

Die ontstaan van gepersonifieerde boosheid is moeilik, of onmoontlik (afhangende van u siening van sake) om aan te dui in die OT. Een rede hiervoor is die streng monoteïsme wat in die OT aangehang word (vgl. 1 Kon. 22:20-22; Pred. 7:14; Jes. 45:7; Amos 3:6). Alle oorsaaklikheid (inisiatief) word aan JHWH self toegeskryf, want vir Hom gaan dit om die betoning van sy uniekheid en van sy opperheerskappy (vgl. Jes. 43:11; 44:6, 8, 24; 45:5-6, 14, 18, 21, 22).

Bronne van moontlike inligting fokus op (1) Job 1-2 waar Satan een van die “seuns van God” (d.w.s. ‘n engel) is; of (2) Jes. 14; Eseg. 28 waar die hooghartige nabye-Oosterse konings van Tirus en Sidon as voorbeelde van Satan se hooghartigheid gebruik word (vgl. 1 Tim. 3:6). Ek het gemengde gevoelens oor hierdie benadering. Eseg. 28 gebruik tuin van Eden-metafore nie net om die koning van Tirus met Satan te assosieer nie (Eseg. 28:12-16), maar ook om die koning van Egipte as die boom van kennis van goed en kwaad voor te stel (Eseg. 31). In elk geval, Jes. 14, spesifiek verse 12-14, beskryf skynbaar ‘n opstand van hooghartige engele. As God aan ons die karakter en ontstaan van Satan wou openbaar, sou hierdie ‘n baie indirekte manier en plek daarvoor wees. Ons moet waak teen die neiging van sistematiese teologie om klein, dubbelsinnige deeltjies van die twee verskillende Testamente, van verskillende skrywers, boeke en verskillende genres bymekaar te voeg asof ons met ‘n heilige legkaart te doen het.

Alfred Edersheim (*The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol. 2, bylae XIII, bl. 748-763 en XVI bl. 70-776) is van mening dat die Rabbyne Judaïsme oormatig deur Persiese dualisme en demoniese spekulasie beïnvloed is. Die rabbyne is nie ‘n goeie bron vir die soeke na waarheid op dié gebied nie. Jesus het radikaal afgewyk van die leringe in die sinagoges. Ek is van mening dat die rabbyne se idee van die tussenkoms en bemiddeling van engele met die ontvangs van die wet deur Moses, én die gepaardgaande verset, die deur geopen het vir die idee van ‘n aartsvyand-engel teenoor JHWH en die mensdom. Die twee hoogste gode van die Iranse (Zoroastriese) dualisme, *Akhi-man* en *Ormaza*, oftewel “goed” en “sleg”, het gelei tot ‘n beperkte dualisme tussen JHWH en Satan in Judaïsme.

Daar is bepaald voortgaande openbaring in die NT wat die ontwikkeling van boosheid betref, maar nie so uitvoerig as wat die rabbyne te kenne wou gee nie. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die “oorlog in die hemel”. Die val van Satan is ‘n logistieke noodsaaklikheid, maar geen besonderhede word verskaf nie. Selfs dit wat wel geopenbaar is word in ‘n apokaliptiese genre verpak (vgl. Openb. 12:4, 7, 12-13). Selfs al is Satan verslaan en na die aarde verban, funksioneer hy steeds as ‘n diensknecht van JHWH (vgl. Mat. 4:1; Luk. 22:31-32; 1 Kor. 5:5; 1 Tim. 1:20).

Ons moet ons nuuskierigheid op dié gebied betuel. Daar is ‘n persoonlike mag van verleiding en kwaad, maar daar is net een God en die mensheid bly verantwoordelik vir sy/haar keuses. Daar is geestelike oorlogvoering voor én ná bekering. Oorwinning word behaal en behou in en deur die Drie-Enige God. Boosheid is verslaan en sal verwyder word!

- | | | |
|---|----------------|---|
| ☐ | OAV | “Toe neem. . .Hom saam na die heilige stad” |
| | NAV | “Daarna neem. . .na die heilige stad toe” |
| | CUM-MVB | “Daarna neem. . .na die stad toe wat aan God gewys is” |
| | CUM-NLV | “Daarna neem. . .Jerusalem toe” |
| | NASB | “took Him into the holy city” |

Die frase “heilige stad” kom net in Matteus se weergawe voor en is ‘n spesiale benaming vir Jerusalem (vgl. 27:53; Dan. 9:24; Neh. 11:1,18; Openb. 11:2). Matteus het geweet sy Joodse lesers sou dit dadelik as ‘n verwysing na die OT beskou (vgl. Jes. 48:2; 52:10; 64:10). Die ordening van die versoekings verskil tussen Matteus en Lukas, maar die rede daarvoor is onseker. Moontlik het Matteus die gebeure kronologies benader (“toe”, herhaaldelik) en Lukas op sy beurt ‘n klimaks in gedagte gehad het.

- | | | |
|---|-------------------------|---|
| ☐ | OAV | “laat Hom op die dak van die tempel staan” |
| | NAV, CUM-MVB | “laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan” |
| | CUM-NLV | “Laat Hom op die hoogste spits van die tempel staan” |
| | NASB, NKJV, NRSV | “had Him stand on the pinnacle of the temple” |

TEV “set Him on the highest point of the temple”

NJB “set Him on the parapet of the Temple”

Die woorde wat hier ‘n hoë dakposisie beskryf, is gebaseer op ‘n woord wat letterlik met “vlerk” vertaal kan word. Die term kon op die volgende gedui het: (1) die ver suid-oostelike buitemuur van die tempel wat bo die Kidronvallei uittoon; (2) die deel van Herodes se tempelbouwerk wat oor die binnehof uitgekyk het. Gedagtig aan ‘n Joodse tradisie dat die Messias op ‘n dag skielik in die tempel sal verskyn (vgl. Mal. 3:1), haak Satan daarby aan. Jesus kon ‘n groot aanhang onder die volk verwerf as hy wonderbaarlik op ‘n feesdag ten aanskoue van die skare in die tempel neerdaal.

4:6 OAV “As U die Seun van God is, werp Uself af”
NAV “As U die Seun van God is, spring af”
CUM-MVB “Aangesien U die Seun van God is, spring af”
CUM-NLV “As jy regtig die Seun van God is, spring dan hier af”
NASB “If you are the Son of God, throw Yourself down”

Weereens ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat geldig vanuit die perspektief van die skrywer of vir sy doeleindes aanvaar word (vgl. vers 3). Satan haal Ps. 91:11-12 aan. Sommige is van mening dat Satan die vers verkeerd aangehaal het. Alhoewel hy die frase “op al jou weë” weglaat, haal hy op dieselfde wyse as die Apostels uit die OT aan. Die probleem was nie dat Satan verkeerd aanhaal nie, maar dat hy dit misbruik.

4:7 OAV, NAV “Jesus sê vir hom”
CUM-MVB “Jesus het vir hom gesê”
CUM-NLV “Jesus het hom geantwoord”
NASB “Jesus said to him”

Vers 7 is ‘n aanhaling uit Deut. 6:16 wat terugverwys na die gebeure by Massa toe Israel, tydens hulle woestynomswerving, God nie vir basiese voorsiening vertrou het nie, maar Hom “versoek” het deur op ‘n wonder aan te dring. Die VOORNAAMWOORD “jy” dui op Israel en nie Satan nie (vgl. vers 10).

■ OAV, CUM-NLV “Jy mag die Here jou God nie versoek nie”
NAV “Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie”
CUM-MVB “Jy mag die Here jou God nie uittart nie”
NASB “You shall not put the Lord your God to the test”

Hier gaan dit oor die motief agter die “toets” (vgl. 1 Kor. 10:9 [Num. 21]; Han. 5:9; 15:10). Gelowiges is geroepe om God se beloftes daadwerklik te vertrou (bv. Jos. 1:56; Jes. 7:10-13; Mal. 3:10).

NASB (UPDATED) TEXT: 4:8-11

⁸Again, the devil took Him to a very high mountain and showed Him all the kingdoms of the world and their glory; ⁹and he said to Him, “All these things I will give You, if You fall down and worship me.” ¹⁰Then Jesus said to him, “Go, Satan! For it is written, ‘YOU SHALL WORSHIP THE LORD YOUR GOD, AND SERVE HIM ONLY.’” ¹¹Then the devil left Him; and behold, angels came and *began* to minister to Him.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 4:8-11.

4:8-9 Hierdie versoeking was van visioenêre aard eerder as ‘n werklike gebeurtenis. Vergelyk Luk. 4:5 waar sprake is van “in ‘n oogwink”. Wat ookal die geval, dit was ‘n werklike en persoonlike versoeking gerig aan Jesus.

Daar is al heelwat gespekuleer oor wat Satan kon bedoel het met sy aanspraak in vers 9: (1) beteken dit dat hy besitter is van al die koninkryke op aarde? Of (2) was dit die geval dat hy met die vertoon van glansrykheid bloot die sondige aard van die wêreld wou verdoesel? Satan word die “god van hierdie wêreld” genoem (vgl. Joh. 12:31; 2 Kor. 4:4) en heerser van hierdie wêreld (vgl. Efes. 2:2; 1 Joh. 5:19), maar tog behoort die wêreld aan God wat dit geskape het en onderhou! Die werklike omvang van Satan se invloed, sy eienaarskap (vgl. Luk. 4:6), en sy wilsvryheid (vgl. Job 1-2; Sag. 3) is onseker, maar sy bose werke ken geen einde nie (1 Pet. 5:8).

4:9 “as”; “if”: Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE wat toekomsaktiwiteit veronderstel. Volgens hierdie vers is Satan werklik van mening dat hy JHWH kan vervang.

4:10 “Toe sê Jesus vir hom”; “Then Jesus said to him”: Hierdie is ‘n vrye aanhaling uit Deut. 16:23. Dit staan nie so in die Masorete Teks of die Septuaginta (LXX) nie. Jesus het die woord “alleen” bygevoeg. Hierdie vers en Deut. 6:5 bekragtig die nodige verbintenis aan God met hart en siel en lewe.

Dat Jesus vry uit de Skrif aanhaal behoort ons aan te moedig om die Skrif te memoriseer (bv. Ps. 119:11; 37:31; 40:8). Die doel moet wees om die hoofsaak te onthou en dit daagliks uit te leef en nie om dit presies woordeliks te moet kan aanhaal in tye van versoeking of beproewing nie (vgl. Ef. 6:17).

■ OAV “Gaan weg, Satan”
CUM-NLV “Trap, Satan”
NASB “Go, Satan”

Dit is dieselfde, maar nie identies aan Mat. 16:23 nie. Sommige vroeë Griekse MSS, C2, D, L, en Z voeg by “gaan weg agter my Satan”. Moontlik het vroeë oorskrywers dit uit Mat. 16:23 oorgeneem. Die UBS4 gradering vir die korter vorm soos hier bo is ‘n B (taamlik seker).

- 4:11 OAV** “Daarna het die duiwel Hom laat staan”
NAV, CUM-MVB “Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat”
CUM-MVB “Daarna het die duiwel die aftog geblaas”
NASB “Then the devil left Him”

Luk. 4:13 voeg ‘n sinsnede by: “het hy ‘n tyd lank van Hom gewyk”. Versoeking geskied nie eenmalig en daarmee uit en klaar nie, maar is herhalend van aard. Versoeking het ook weer op Jesus se pad gekom. Petrus se opmerking by Cesarea Philippi was nie minder ‘n versoeking én aanmatigend as die duiwel se woorde in die woestyn nie (vgl. Mat. 16:21-23).

- ☐ **OAV, NAV, CUM-NLV** “en daar het engele gekom en Hom versorg”
CUM-MVB “en kyk, hemelse boodskappers het gekom en Hom bedien”
NASB “angels came and began to minister to Him”

Die Griekse woord wat met “bedien” (versorg) vertaal is, word dikwels fisiek verstaan en met voedsel in verband gebring (vgl. Mat. 8:15; 25:44; 27:55; Han. 2:6). Dit roep 1 Kon. 17:6-9 voor die gees toe God vir Elia op wonderbaarlike wyse voedsel voorsien het. God voorsien mos alles wat Satan wou voorgee dat hy ook kan!

Waarom die mensgeworde Seun van God behoefte aan engele se versorging gehad het, is ‘n misterie. Engele is immers dienende geeste wat betref die behoeftes van verlostes (vgl. Heb. 2:14). Tweemaal in Jesus se aardse lewe het engele Hom in ‘n tyd van fisiese swakheid tot hulp gekom, hier en in Getsemane (vgl. Luk. 22:43 in MSS \aleph^* , D, L en die Vulgaat – Latynse vertaling).

NASB (UPDATED) TEXT: 4:12-17

¹²Now when Jesus heard that John was taken into custody, He withdrew into Galilee; ¹³and leaving Nazareth, He came and settled in Capernaum, which is by the sea, in the region of Zebulun and Naphtali. ¹⁴This was to fulfill what was spoken through Isaiah the prophet:

¹⁵“THE LAND OF ZEBULON AND THE LAND OF NAPHTALI,
 BY THE WAY OF THE SEA, BEYOND THE JORDAN, GALILEA OF THE GENTILES –

¹⁶THE PEOPLE WHO WERE SITTING IN THE DARKNESS SAW A GREAT LIGHT,
 AND THOSE WHO WERE SITTING IN THE LAND AND SHADOW OF DEATH,
 UPON THEM A LIGHT DAWNED.”

¹⁷From that time Jesus began to preach and say, “Repent, for the kingdom of heaven is at hand.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 4:12-17.

4:12 Die spesifieke redes vir die inhegtenisname van Johannes word in Mat. 14:3-5 verskaf.

- 4:13 OAV** “En Hy het Nasaret verlaat”
NAV, CUM-MVB “Hy het nie in Nasaret gaan bly nie”
CUM-NLV “Hy het uit Nasaret weggetrek”
NASB “and leaving Nazareth”

Jesus het van woonplek verander weens die ongeloof van die stad se mense (Luk. 4:16-31). Sien *Vir Spesiale Aandag: Jesus die Nasarener* by 2:23.

- ☐ **OAV, CUM-NLV** “en gaan woon in Kapernaum”
NAV, CUM-MVB “maar Hom gaan vestig in Kapernaum”
NASB “and settled in Capernaum”

Dit was die tuisdorp van Petrus en Johannes. Capernahum beteken “dorp van Nahum”. Volgens tradisie kon dit dan ook die tuisdorp van die profeet gewees het. Dit was aan die noordelike kus van die See van Galilea geleë.

4:13c-16 Die slotfrase van vers 13 verbind onteenseglik hierdie gebeure aan die profesie van Jesaja in 9:1-2. Almal se verwagting was dat die Messias hoofsaaklik in Judea en Jerusalem sou optree, maar die eeue-oue profesie van Jesaja is op ‘n unieke wyse in die lewe en bediening van Jesus vervul (vgl. Joh. 7:41). Hoewel die landstreek van Sebulon en Naftali die eerstes was om voor die Assiriese invallers te swig, was hulle egter die eerste om die goeie nuus te hoor.

- 4:15 OAV, NAV, CUM-MVB** “oorkant die Jordaan”
CUM-NLV “en die Transjordan”
NASB “beyond the Jordan”

Hierdie idioom was gewoonlik ‘n verwysing na die oostekant van die Jordaan (die “trans-Jordaan”) maar hier dui dit op die beloofde land, die westekant. Alles het afgehang van waar die profeet hom bevind het of daarvoor gedink het.

- ☐ **OAV** “Galilea van die heidene”
NAV “Galilea waar die heidene woon”

CUM-MVB “Galilea waar die nie-Joodse volke woon”
CUM-NLV “Galilea waar so baie heidene woon”
NASB “Galilee of the Gentiles”

Galilea was die tuiste van ‘n gemengde bevolking, Jode en nie-Jode (heidene), maar met laasgenoemde in die meerderheid. Die Jode van Judea het op hierdie heidengebied neergesien. God was egter altyd van harte daarop ingestel om die hele wêreld te red (bv. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jes. 2:24; 25:6-9; Joh. 3:16; Ef. 2:11-3:13).

4:16 OAV, CUM-MVB “die volk wat in duisternis sit”
NAV “die volk wat in duisternis woon”
CUM-NLV “die volk wat in die donker sit”
NASB “The people who were sitting in darkness”

Dit kon moontlik (1) ‘n verwysing na hulle sondetoestand; (2) ‘n verwysing na hulle oningeligtheid; of (3) ‘n idioom van bespotting oor hulle afwyking van Jode in Judea se gebruike, gewees het.

▣ **OAV** “in die land van skaduwee en die dood”
CUM-NLV “in die skemerland van die dood”
NASB “in the land and shadow of death”

Hierdie was ‘n metafoor vir groot gevaar (vgl. Job 38:17; Ps. 23:4; Jer. 2:6).

4:17 “Van toe af”; “From that time”: Hierdie frase kom driemaal in Matteus voor (vgl. 4:17; 16:21; 26:16) en is skynbaar sy doelbewuste, literêre aanduiding van die belangrikste stadiums van Jesus se lewe.

▣ **OAV** “het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom”
NAV “het Jesus begin preek en gesê: “Bekeer julle want die koninkryk van die hemel het naby gekom”
CUM-MVB “het Jesus begin preek en gesê: “Bekeer julle, want die koninklike regering van God het naby gekom”
CUM-NLV “het Jesus begin om God se boodskap aan te kondig met die woorde: “Kom tot inkeer! God se koningsheerskappy gaan nou enige oomblik begin!”
NASB “Jesus began to preach and say, “Repent; for the kingdom of heaven is at hand”

Dit stem heeltemal ooreen met die boodskap van Johannes die Doper (vgl. 3:2). Uit die mond van Jesus kry dit egter ‘n meer betekenisvolle dimensie. Daarvolgens is die koninkryk tegelyk teenswoordig en toekomstig. Dit bring ‘n spanning teweeg in die nuwe bedeling: die “nog nie”, al is dit ook “alreeds” (sien Robert Stein, *The Method and Message of Jesus’ Teachings*, bl. 75-79).

VIR SPESIALE AANDAG: DIE KONINKRYK VAN GOD

In die OT word aan JHWH as die koning van Israel gedink⁷ (vgl. 1 Sam 8:7; Ps. 10:16; 24:7-9; 29:10; 44:4; 89:18; 95:3; Jes. 43:15; 44:4, 6) en aan die Messias as die ideale koning (vgl. Ps. 2:6). Met Jesus se geboorte in Betlehem (6-4 v.C.) breek die koninkryk van God met nuwe krag en verlossing aan in die geskiedenis van die mensdom (‘n nuwe verbond, vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:27-36). Johannes die Doper kondig die nabyheid van die koninkryk aan (vgl. Mat. 3:2; Mark. 1:15). Jesus het duidelik verkondig dat die koninkryk teenwoordig was in Hom as persoon en in sy leer (vgl. Mat. 4:17, 23; 9:35; 10:7; 11:11-12; 12:28; 16:19; Mark. 12:34; Luk. 10:9, 11; 11:20; 12:31-32; 16:16; 17:21). Maar die koninkryk is ook toekomstig (vgl. Mat. 16:28; 24:14; 26:29; Mark. 9:1; Luk. 21:31; 22:16, 18).

Die uitdrukking “koninkryk van God” kom veral in die Sinoptiese parallele in Markus en Lukas voor. Vir daardie tyd was regering van God in die hart van mense die deurlopende tema van Jesus se prediking, maar dit was bestem om toekomstig die hele aarde (fisies) in te sluit. Dit kom veral na vore in Jesus se gebed in Mat. 6:10. Matteus, wat vir Jode geskryf het, het om veilig te wees verkies om die frase “koninkryk van die hemel” te gebruik, terwyl Markus en Lukas, wat vir heidene geskryf het, nie ‘n probleem het met die verwysing na godheid in dié frase nie.

Dit is derhalwe ‘n sleutelbegrip in die Sinoptiese evangelies. Jesus se boodskappe (die eerste en die laaste) en sy gelykenisse het oor dié onderwerp gehandel. Dit was gerig op die heerskappy van God in die harte van mense, hier en nou! Dit is verrassend dat Johannes die frase net twee keer aanhaal, hoewel nie ‘n enkele keer in ‘n gelykenis van Jesus nie! In Johannes is die sleutelgedagte en metafoor die “ewige lewe”.

Hierdie spanning word deur die twee verskynings van Christus veroorsaak. Die OT fokus oënskynlik net op een koms van God se Messias⁸ – strydlystige, veroordelende, glansryke verskyning – terwyl die NT Hom voorstel as die Lydende Kneg van Jes. 53 en die nederige koning van Sag. 9:9. Dit veroorsaak ‘n oorvleueling. Dit bring die Joodse “era van geregtigheid” vroeër op die toneel in hulle veronderstelde “era van ongeregtigheid”. Tans regeer Jesus in die harte van gelowiges, maar eendag sal Hy oor die hele skepping regeer. Dan sal Hy weer kom soos die OT voorspel, ‘n glansryke verskyning! Gelowiges leef tans in die “alreeds” versus die “nog nie” van die komende Godsryk (vgl. Gordon D. Fee en Douglas Stuart, *How to Read The Bible For All Its Worth*, bl. 131-134).

⁷ Israel was dus nie bloot ‘n nasiestaat soos ander in die omliggende wêreld nie, maar ‘n *qahal* JHWH – gemeente van Jahweh – vert.

⁸ “Oënskynlik” ingevoeg: OT profetisme het gewoonlik meer stadiums van vervulling – vert.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Bekeer julle” “Kom tot inkeer” “repent” |
|--|--|

Om “tot inkeer te kom” gaan onafskeidbaar saam met geloof wat tot ‘n herstelde verhouding met God lei (vgl. Mat. 3:2; 4:17; Mark. 1:15; 6:12; Luk. 13:3,5; Han. 2:38; 3:19; 20:21). In Hebreeus beteken die term ‘n verandering van optrede (BDB 996) terwyl dit in Grieks ‘n verandering van denkwyse beteken. Bekering is om gewillig te word om van ‘n selfgesentreerde bestaan af te sien en ‘n lewenswyse op te neem volgens wat deur God voorgehou en bepaal word. Dit vereis ‘n aflê van die eie-ek, eiewaan en selfsug (vgl. Gen. 3). Dit kom neer op ‘n vernuwing van gesindheid, ‘n nuwe uitkyk op die leefwêreld, ‘n lewe onder nuwe bestuur. Inkeer is God se bedoeling met elke mens wat na sy beeld geskape is se lewe (vgl. Eseg. 18:21,23,32 en 2 Pet. 3:9).

Griekse terme in 2 Kor. 7:8-12 werp, wat die NT betref, die duidelikste lig op wat onder “bekering” verstaan moet word.

1. *lupē*, “spyt”, “jammer”, verse 8 (twee keer), 9 (drie keer), 10 (twee keer), 11
2. *metamelomai*, “spyt”, verse 8 (twee keer), 9
3. *metanoēō*, “inkeer”, “bekering”, verse 9, 10

Die teenoorgestelde hiervan is vals inkeer [*metamelomai*]; (vgl. Judas, Mat. 27:3; Esau, Heb. 12:16-17) teenoor ware inkeer [*metanoēō*].

Theologies beskou, volg ware bekering uit

1. die voorvereistes van die nuwe verbond soos blyk uit die prediking van Jesus (Mat. 4:17; Mark. 1:15; Luk. 15:3,5)
2. die apostels se prediking in Handeling (kerygma), 3:16,19; 20:21
3. ‘n genadegawe van God (vgl. Han. 5:31; 11:18; 2 Tim. 2:25)
4. dat niemand sal “vergaan” nie (vgl. 2 Pet. 3:9)

Bekering is nie-onderhandelbaar!

NASB (UPDATED)TEXT: 4:18-22

¹⁸Now as Jesus was walking by the Sea of Galilee, He saw two brothers, Simon who was called Peter, and Andrew his brother, casting a net into the sea; for they were fishermen. ¹⁹And He said to them, “Follow Me, and I will make you fishers of men.” ²⁰Immediately they left their nets and followed Him. ²¹Going from there He saw two other brothers, James the son of Zebedee, and John his brother, in the boat with Zebedee their father, mending their nets; and He called them. ²²Immediately they left the boat and their father, and followed Him.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 4:18-22.

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 4:18 OAV NAV, CUM-NLV CUM-MVB NASB | <ul style="list-style-type: none"> “die se van Galilea” “die See van Galilea” “die Meer van Galilea” “the Sea of Galilee” |
|---|---|

Dit is ‘n varswater meer ongeveer 15 by 10 kilometer groot en het vier name:

1. die meer van Kinnéret (Num, 34:11)
2. Meer Gennésaret (Luk. 5:1)
3. die See van Tibérias (Joh. 6:1; 21:1)
4. hier, die See van Galilea

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV CUM-MVB NASB | <ul style="list-style-type: none"> “sien Hy twee broers” “het hy twee broers gesien” “He saw the two brothers” |
|--|---|

Dit is onseker of hierdie die eerste en enigste geleentheid was wat dié manne Jesus ontmoet het en aangehoor het. Blykbaar dui hulle onmiddellike reaksie op vorige ontmoetings, waarvan Joh. 1:45-51 die blyke gee. Neem kennis dat Johannes skryf van ‘n vroeër bediening in Galilea en Judea. Sy kronologiese vertelling van Jesus se lewe verloop vanaf Galilea na Judea, terug na Galilea en terug na Judea.

- “net”

Hiermee word ‘n werpnet bedoel, maar die net in verse 20 en 21 is ‘n ander woord in die oorspronklike taal; dit verwys na ‘n groter net wat

1. tussen bote of agter bote gesleep word; of
2. waarvan die een punt aan die strand gekoppel word en die boot met die anderpunt see-in vaar; dan met ‘n wye draai die vangs inbring land toe.

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 4:19 OAV, CUM-MVB CUM-NLV NAV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Kom agter my aan, en Ek sal julle vissers van mense maak” “Kom! Word my dissipels en Ek sal julle vissers van mense maak” “Kom hier! Kom saam met My en Ek sal julle vissers van mense maak” “follow Me and I will make you fishers of men” |
|---|---|

Volgens Joodse gebruik, het Jesus met hierdie woorde mense spesifiek tot dissipelskap geroep. Vir hierdie handeling was daar onder die rabbyne vaste reëls en prosedures. Die verwoording is ‘n woordspel op hulle huidige beroep as vissermanne en hulle nuwe een as getuies en evangeliste.

NASB (UPDATED) TEXT: 4:23

²³Jesus was going throughout all Galilee, teaching in their synagogues and proclaiming the gospel of the kingdom, and healing every kind of disease and every kind of sickness among the people.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 4:23.

4:23	OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB	“En Jesus het deur die hele Galilea rondgegaan” “Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan” “Jesus het nou deur die hele Galilea rondgegaan” “Jesus was going throughout Galilee”
------	--	--

Sy bediening was drievoudig van aard, naamlik (1) onderrig, (2) prediking en (3) genesing. Dit is opvallend dat mense gereageer het op die derde, maar nie so beïndruk was deur die eerste en die tweede nie, terwyl die derde bloot bevestigend van die eerste twee se kragtigheid. Dit het wel beteken dat mense genees kon word sonder dat hulle gered is (vgl. Joh. 5).

NASB (UPDATED) TEXT: 4:24-25

²⁴The news about Him spread throughout all Syria; and they brought to Him all who were ill, those suffering with various diseases and pains, demoniacs, epileptics, paralytics; and He healed them. ²⁵Large crowds followed Him from Galilee and the Decapolis and Jerusalem and Judea and from beyond the Jordan.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 4:24-25.

4:24	OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB	“En die gerug aangaande Hom is versprei oor die hele Sirië” “En berigte oor Hom het oor die hele provinsie Sirië versprei” “En ‘n berig oor Hom het deur die hele Sirië versprei” “Kort voor lank het die nuus oor Hom oor die hele provinsie van Sirië versprei” “The news about Him spread throughout all Syria”
------	--	--

Sirië was ‘n Romeinse provinsie wat die noorde van Palestina ingesluit het. Nietemin, in hierdie konteks dui dit moontlik op die hele gebied om die gewildheid van die Geneser uit Nasaret te illustreer.

☐	OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB	“almal wat ongesteld was, wat gekwel was deur allerhande siektes en pyne en wat van duiwels besete was, en maansiekes en verlamdes” “siektes met allerhande kwale en pyne, die wat in die mag van duiwels was, geestelik versteurdes, en verlamdes” “die siektes met allerhande kwale en pyne, die wat demone gehad het, epilepsieërs, en verlamdes” “almal wat siek was. . .die wat geteister was deur allerhande siektes en pyne, die in wie daar duiwels was, epileptici, verlamdes” “all who were ill, those suffering with various diseases and pains, demoniacs, epileptics, paralytics”
---	--	--

In die evangelies word ‘n onderskeid gemaak tussen fisiese krankheid en duiwelsbesetenheid. Selfs aan duiwelsbesetenheid fisiese siektesimptome vertoon, word die genesing verskillend bedien. Jesus het almal wat na Hom toe gebring is, genees (sien *Vir Spesiale Aandag* by 19:2). Uit ander weergawes weet ons dat genesing soms aan die geloof van ‘n individu gekoppel was, of die geloof van die sieke se vriende; en soms gebeur dit in elk geval sonder veel geloof. Genesing het nooit sonder meer beteken dat die persoon ook geestelike redding ontvang het nie (vgl. Joh. 9).

☐	OAV, CUM-NLV NAV CUM-MVB NASB	“duiwels” “bose geeste” “demone” “demons”
---	--	--

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 10:1.

☐	OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB	“maansiekes” “geestelik versteurdes” “epilepsieërs” “epileptici” “epileptics”
---	--	---

Sien die aantekening by 17:15⁹.

⁹ Let op die ouer Afrikaansvertalings (OAV, NAV) teenoor die meer onlangse vertalings (CUMs) – vert.

4:25	OAV	“En groot menigtes het Hom gevolg”
	NAV	“Groot menigtes. . .het Hom gevolg”
	CUM-MVB	Baie skares. . .het toe agter Hom aangekom.”
	CUM-NLV	“’n Groot skare. . .het Hom begin volg.”
	NASB	“Large crowds followed Him”

Vers 25 roep Jesus se oorweldigende gewildheid aanskoulik voor die gees, wat gelei het tot jaloesie onder die Joodse leiers en ‘n misverstand omtrent sy roeping by die skares.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat was die doel van die versoeking van Jesus?
2. Wie is die duiwel en wat is sy doelwitte?
3. Was hierdie versoekings sielkundig, fisies of visioenêr?
4. Waarom beklemtoon die evangelies dat Jesus in Galilea bedien het?
5. Het die roeping van Jesus se dissipels op voorafontmoeting en -aanhoor van sy prediking berus?
6. Maak die NT ‘n onderskeid tussen duiwelsbesetenheid en fisiese siekte. Hoekom?

MATTEUS 5

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Sermon on the Mount	The Beatitudes	The Sermon on the Mount (5:1-7:27)	The Sermon on the Mount	The Beatitudes	Die bergrede
5:1-2	5:1-12	5:1-2	5:1-2	5:1-2	5:1-2
The Beatitudes		The Beatitudes	True happiness		Die geseëndes
5:3-12		5:3 5:4 5:5 5:6 5:7 5:8 5:9 5:10 5:11-12	5:3-10	(5:3-10)	5:3-12
Salt and Light	Believers are Salt and Light	The Witness of the Disciples	Salt and Light	Salt for the Earth and Light for the World	Die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld
5:13-16	5:13-16	5:13 5:14-16	5:13 5:14-16	5:13 5:14-16	5:13-16
Teaching About the Law	Christ Fulfills the Law	The Relation of Jesus' Message to the Jewish Law	Teaching About the Law	The Fulfillment of the Law	Die vervulling van die wet
5:17-20	5:17-20	5:17-20	5:17-20	5:17-19	5:17-20
Teaching About Anger	Murder Begins in the Heart	Illustrations of the True Understanding of the Law	Teaching About Anger	The New Standard Higher Than the Old	Versoening
5:21-26	5:21-26	5:21-26	5:21-24 5:25-26	5:21-26	5:21-26
Teaching About Adultery	Adultery in the Heart		Teaching About Adultery		Kuisheid
5:27-30	5:27-30	5:27-30	5:27-30	5:27-30	5:27-30
Teaching About Divorce	Marriage is Sacred and Binding		Teaching About Divorce		Egskeiding
5:31-32	5:31-32	5:31-32	5:31-32	5:31-32	5:31-32
Teaching About Oaths	Jesus Forbids Oaths		Teaching About Vows		Die aflê van 'n eed
5:33-37	5:33-37	5:33-37	5:33-37	5:33-37	5:33-37
Teaching About Retaliation	Go the Second Mile		Teaching About Revenge		Vergelding
5:38-42	5:38-42	5:38-42	5:38-42	5:38-42	5:38-42
Love for Enemies	Love Your Enemies		Love for Enemies		Liefde vir die vyand
5:43-48	5:43-48	5:43-48	5:43-48	5:43-48	5:43-48

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalingstek is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT HOOFSTUKKE 5-7

A. Die preek staan ook bekend as:

1. “Toespraak tydens die indienstreding (ordening) van die Twaalf”
2. “Die samevatting van die Christelike leer”
3. “Die Groot Mandaat (Magna Charta) van die Koninkryk”
4. “Die Manifes van die Koning”

Die term “Bergpredikasie” (Bergrede) is deur Augustinus (n.C. 354-430) geskep vir gebruik in sy Latynse kommentaar van Matteus en is in Engelse vertalings opgeneem vanwee die Coverdale Bybel van 1535 n.C. as “*Sermon on the Mount*”.

B. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat die “Bergrede” van Mat. 5-7 dieselfde is as die “preek op die vlakte” van Luk. 6 nie. Die verskille kan verklaar word deur die teikenegore van die evangelieskrywers in ag te neem. Matteus se lesers was Palestynse Jode en Lukas se evangelie was vir die Heiden-kerk bedoel. Omdat die verskille so groot is, glo vele dat dit nie dieselfde preek is nie. Dit is eerder voorbeelde van herhaalde uitsprake van Jesus by verskillende geleenthede voor verskillende gehore op baie plekke. 'n Voorbeeld hiervan is die gelykenis van die “verlore skaap”. In Mat. 18 is dit gerig aan die dissipels, maar in Luk. 15 is dit 'n wekroep aan sondaars.

C. Onder inspirasie van God het die Evangelieskrywers die vryheid gehad om op selektiewe wyse Jesus se handeling en uitsprake te versamel en nie-kronologies as teologiese waarheid aan te bied. Sien Fee en Stuart se *How to read the Bible for all Its Worth*, bl. 127-148. Die evangelies is nie biografiese materiaal nie – dit is eerder geskifte wat wil evangeliseer en dien as handleidinge vir dissipelskap. Matteus kombineer Jesus se uitsprake en handeling in tematiese eenhede terwyl Lukas dit onder 'n verskeidenheid van kontekste regdeur sy evangelie aanwend.

D. Matteus het 5 redevoeringe van Jesus saamgestel (5-7; 10-13; 18; 24-25) waarvan hierdie eerste die langste is, maar tog bewustelik tipies Joods gestruktureer is om waarskynlik as parallel vir die Tien gebooe te dien. Die stellings wat gemaak word, is skerp geformuleerde spreuke, dikwels paradoksaal om waarheid op te som en die geheue te ondersteun. Tematies staan die stelling met mekaar in losserige verband, maar grammatikaal staan hulle apart.

E. Hierdie leringe dien as hoogste uitdrukking van die etiek soos dit geld vir die Koninkryk; dit veroordeel die onverskilliges en dit motiveer die verlostes. Daar was altyd verskillende groeperinge in die gehoor: dissipels, nuuskieriges, siekes, skeptiese toehoorders en vooraanstaande godsdienstiges. Die verskeidenheid van tekste was bedoel vir die aandag van sulke groeperinge.

F. Hierdie leerstelling weerspieël 'n gesindheid en gewilligheid om God radikaal in die lewe te gehoorsaam. Dit is 'n opvallende sinspeling op die Tien Gebooe en hoe Eks. 20 en Deut. 5 uitgeleef behoort te word.

G. 'n Goeie boek om Jesus se preek- en onderrigmetodes toe te lig, is Robert H. Stein se *The Methods and Message of Jesus' Teaching*, Westminster Press, 1978, ISBN 0-664-24216-2.

H. Die doel van die Bergrede is nie om verlore nes tot redding te bring nie, maar om te toon hoe God verlang dat gereddes sal leef. Die etiek van die nuwe koninkryk is so radikaal op 'n ander vlak dat selfs die mees toegewyde wetsgehoorsame hom totaal onopgewasse voel. Daarom is genade die enigste hoop op redding (vgl. Jes. 55:1-3) en lewe in die koninkryk alleen moontlik deur die krag van die Heilige Gees (Jes. 55:6-7).

AGTERGROND TOT MATTEUS 5:3-12 (die Saligsprekinge)

- A. Die Saligsprekinge vorm ‘n geestelike trapleer: (1) dit lei van verlossing tot lewe soos Christus of (2) die mensdom se besef van groot geestelike nood tot ‘n mensdom met nuwe lewe in Christus.
- B. Daar is meningsverskil oor die aantal: 7, 8, 9 of selfs 10.
- C. Die saligsprekinge soek reaksie by die leser of hoorders! Dit motiveer en is nie maar net ter inligting nie.
- D. Drie aanhalings is hulpvaardig:
1. “Elke moralistiese stelsel is ‘n roete wat met selfverloëning begin en dan met inspanning volgehou word tot die doel bereik word. Christus plaas egter met die saligsprekinge sy dissipels alreeds in ‘n posisie waartoe ander as einddoel mik; hulle deur opdragte maar Hy met voorsiening, want Hy bring immers die Goeie Boodskap van vergifnis en genade.” *The Life and Times of Jesus the Messiah* deur Alfred Edersheim, bl. 528-529.
 2. “Die Bergrede is nie ‘n onbereikbare ideaal nie of bloot ‘n stel wettiese reëls nie. Eerder is dit die aankondiging van die beginsels noodsaaklik vir ‘n normale samelewing. Baie van die uitsprake van die preek is metaforiese of spreekwoordelike stellings en moenie letterlik of wetties opgevat word nie. Wat Jesus doen, is om beginsels in konkrete voorbeelde aan te bied.” *The International Standard Bible Encyclopaedia*, vol. 4, bl. 2735.
 3. “Basiese beginsels:
 - a. Die geheim tot geluk is karakter.
 - b. Geregtigheid is innerlik gegrond en karakter word nie van buite opgelê nie, maar van binne uitgeleef.
 - c. Innerlike lewe en karakter vorm ‘n eenheid.
 - d. Allesomvattende (universele) liefde is die mees fundamentele wet vir sosiale bestaan.
 - e. Danksy die vertrouensvriendskap met die Vader kom lewe en karakter tot stand wat in aanbidding en handeling op Hom gerig bly.
 - f. Die uiteindelige toets vir ware lewe is vervulling.
 - g. Waarvan volgehoue goeie werke en vaste karakter die uiteindelige en finale toets sal wees.” *The International Standard Bible Encyclopedia*, vol. 4, bl. 2735.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 5:1-2

¹When Jesus saw the crowds, He went up on the mountain; and after He sat down, His disciples came to Him.
²He opened His mouth and began to teach them, saying,

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:1-2.

5:1 OAV, CUM-MVB NAV CUM-NLV NASB	“En toe Hy die skare(s) sien” “Toe Jesus die menigte mense sien” “Toe Jesus die groot skare mense bymekaar sien” “When Jesus saw the crowds”
---	---

Mense uit alle klasse van die bevolking het by Jesus vergader. In Mat. 4:23-25 en Luk. 6:17 is daar ook sprake van groot skares aanwesig. Waarskynlik het die dissipels en ander wat geïnteresseerd was ‘n binnekring gevorm met die groter skare in die agtergrond (vgl. 7:28).

▣ **“die berg”**; **“the mountain”**: In Luk. 6:17 is die fisiese omgewing ‘n vlakte, maar die inhoud van die boodskap is om en by dieselfde. Lukas se geskiedkundige weergawe is die waarskynlikste. Jesus het op die berg gaan bid met die oog op die twaalf wat Hy gekies het. Daarna het Hy na die gelykte afgekom om die skare te ontmoet. Sodat almal kon hoor en sien, het Hy weer ‘n klein entjie teen die heuwel uitgeklim. Die Griekse woord in Matteus beskryf ‘n heuwellandskap, maar die woord in Lukas beskryf ‘n gelykte in so ‘n landskap. Waarskynlik is die oënskynlike verskil ‘n vertaalprobleem. Nietemin impliseer die verskille ook wel verskil in die bedoeling van die skrywers; Matteus, wat vir Jode skryf, gebruik die bergopset moontlik om ‘n parallel met die wet (tien gebooe) van Sinaï te vorm. Jesus is die nuwe Wetgewer (vgl. Mat. 5:21-48).

Die evangelieskrywer skoei sy geskrif in verband met Jesus doelbewus op die lewensloop van Moses (vgl. Eks. 19:3; 24:12). Jesus is die nuwe en groter “Wetgewer”! Hy is die “profeet” wat Moses beloof het ná hom sou kom (vgl. Deut. 18:14-22). ‘n Gevalle mensdom, beide Jode en heidene, vind in Christus verlossing, nie op goeie werke of godsdienstigheid nie (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-38; “die nuwe verbond”).

▣ OAV CUM-NLV NASB	“en nadat Hy gaan sit het” “Toe Hy gaan sit” “He sat down”
--------------------------	---

Dit was die rabbyne se idioom vir ‘n formele onderrigssessie (vgl. 26:55; Mark. 9:25; Luk. 4:20; 5:3; Joh. 8:2), nes “en Hy het sy mond geopen” (vers 2). Na hierdie formele opening volg ‘n gestandaardiseerde afsluiting in 7:28: “En toe Jesus hierdie woorde geëindig het” impliseer dan dat Matteus die Bergrede as een preek aanbied, die langste van 5 wat hy op dié wyse hanteer (vgl. hoofstukke 10, 13, 18 & 24-25).

- ▣ OAV, NAV “het sy dissipels na Hom gekom”
- CUM-MVB “het sy leerlinge na Hom toe gekom”
- CUM-NLV “kom sy dissipels na Hom toe”
- NASB “His disciples came to Him”

Sommige is van mening dat Matteus en Lukas oor verskillende preke geskryf het en dat by Matteus se geleentheid net die dissipels teenwoordig was. Hulle was wel die voorwerp en ontvangers van sy boodskap, maar die gewone volk en die godsdiensteleiers het wel rondom gestaan en luister (vgl. 7:28). Dit is moontlik dat Jesus eers met die een en daarna met ‘n ander groep gepraat het.

- 5:2 OAV “en hulle geleer en gesê”
- CUM-NLV “Hy het hulle soos volg onderrig”
- NASB “began to teach them”

Hierdie is ONVOLTOOIDE tyd wat (1) kan beteken dat Hy begin het om hulle te onderrig of (2) dat Hy hierdie dinge by verskillende geleenthede herhaal het. Matteus het hom daarop toegelê om Jesus se onderrig onder temas saam te vat, terwyl die inhoud van Mat. 5-7 oor verskeie hoofstukke in Lukas verstrooi lê.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:3

³“Blessed are the poor in spirit, for theirs is the kingdom of heaven.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:3.

- 5:3 OAV “Salig”
- NAV “Geseënd”
- CUM-MVB “Hulle is werklik gelukkig”
- CUM-NLV “Gelukkig”
- NASB “Blessed”

Die term beteken “gelukkig” of “geëerd” (vgl. verse 3-11). Die Engelse woord “happy” kom van die oud-Engelse “*happenance*”. Gelowiges se God-gegewe geluk is nie vanweë uitwendige omstandighede nie, maar innerlike vreugde. In hierdie stellings is daar geen WERKWOORDE nie, hulle is van ‘n UITROEP-KARAKTER (vgl. Openb. 1:3), ‘n grammatikale vorm eie aan Aramees en Hebreeus (vgl. Ps. 1:1). Hierdie seënrykheid is ‘n deurlopende geestesgesteldheid voor God en ingesteldheid teenoor die lewe. Dit is ook gelyk aan eskatologiese hoop. Gewoonlik word ‘n opregte persoonlikheid aangesien vir geseëndheid (vgl. Ps. 119:1-2).

- ▣ OAV “arm van gees”
- NAV “wat weet hoe afhanklik hulle is”
- CUM-MVB “wat arm in hulle gees is”
- CUM-NLV “wat weet hoe nodig hulle God het”
- NASB “poor in spirit”

Twee terme in Grieks gee ‘n beskrywing van armoede. Die woord wat hier gebruik word, is krasser as die ander een. Dit word dikwels gebruik om die bedelstand aan te dui, ‘n bedelaar afhanklik van ‘n skenker. In die OT beteken dit dat alle hoop op God alleen gerig word. Matteus maak dit heeltemal duidelik dat dit nie oor fisiese armoede handel nie, maar algehele geestelike ontoereikendheid voor God. Die mens moet God se volmaakte goedheid erken maar daarteenoor sy eie algehele onverdienstelikheid (vgl. Joh. 15:5; 2 Kor. 12:9). Dis hoe die evangelie in aanvraag kom (Rom. 1:18-3:31). Moontlik haak hierdie eerste drie saligsprekinge aan by Jes. 61:1-2, waar die Messiaanse seën vir die toekomstige nuwe era voorspel word.

- ▣ OAV “koninkryk van die hemele”
- NAV “koninryk van die hemel”
- CUM-MVB “koninklike regering van God”
- CUM-NLV “sy koninkryk”
- NASB “kingdom of heaven”

Die frases “koninkryk van die hemel” en “koninkryk van God” kom meer as 100 keer in die evangelies voor. In Luk. 6:20 word t.o.v. saligspreking #1, na die “koninkryk van God” verwys. Matteus, wat vir Jode skryf, skram weg van die gebruik van die Godsnaam as gevolg van Eks. 20:7. Die evangelies van Markus en Lukas fokus op die heidene en gebruik die Godsnaam. Die twee frases is in elk geval sinoniem. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:17.

Nou gaan dit om die heerskappy van God in die hart van die mens, maar eendag sal die koninkryk fisies oor die hele aarde versprei wees (vgl. Mat. 6:10). Dit word moontlik bevestig deur Matteus se afwisselende gebruik van TEENWOORDIGE TYD “behoort” in verse 3 en 10 en TOEKOMSTIGE TYD “sal” in verse 4-9.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:4

⁴“Blessed are those who mourn, for they shall be comforted.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:4.

5:4 OAV “treur”
CUM-NLV “treurendes”
NASB “mourn”

Hier word ‘n “luide geween” bedoel, in Grieks die sterkste term vir droefheid. Wat die konteks betref, word droefheid oor sonde bedoel. Om onder die indruk van sonde te kom, die ontoereikendheid van vers 3, lei tot berouvolle trane (vers 4). Indien die verwysingsraamwerk Jes 61:1-3 is, moet die droefheid ook korporeel opgevat word, dws oor die volk of samelewing se sonde.

▣ **“vertrous”; “comforted”**: Sien in die verband Jes. 12:1; 40:1; 49:13; 51:3,12; 52:9; 66:13. In Christus het die nuwe eeu aangebreek. God vertrou nie alleen sy volk Israel nie, maar almal wat in Christus glo en op Hom vertrou. Die OT beloftes aan Israel word wêreldwyd van toepassing (vgl. Joh. 3:16).

NASB (UPDATED) TEXT: 5:5

⁵**“Blessed are the gentle, for they shall inherit the earth.”**

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:5.

5:5 OAV, NAV “die sagmoediges”
CUM-MVB “die wat saggeaard is”
CUM-NLV “sag van hart”
NASB “gentle”

Letterlik beteken dit “saggeaard” en “nederig.” Jesus het dit ook op Homself van toepassing gemaak (vgl. Mat. 11:29; 21:5). Oorspronklik beteken die woord “makgemaakte krag”, soos byvoorbeeld ‘n “getemde perd”. Bewuswording van ons nood na God en sy voorsiening in Christus maak gelowiges nederig en onderrigbaar (vgl. 1 Pet. 3:4). God wil ons kragte aanwend tot die doel wat Hy daarmee ingedagte gehad het (vgl. Ps. 139; 1 Kor. 12), sonder om dit te moet “beteuel.”

▣ **OAV “die aarde beërwe”**
NAV “die nuwe aarde ontvang”
CUM-MVB “die aarde ontvang”
CUM-NLV “die nuwe aarde sal hulle erfposisie wees”
NASB “inherit the earth”

Hiermee is gewoonlik na die beloofde land verwys (vgl. Ps. 37:11), maar dit kan ook met die oog op die eindtye die hele aarde insluit (vgl. Jes. 11:6-9). Dit weerspieël die betekenisvolle dubbelsinnigheid van die Hebreeuse woord, *erets* (aarde – BDB 75). Weereens word God se beloftes universeel van toepassing.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:6

⁶**“Blessed are those who hunger and thirst for righteousness, for they shall be satisfied.”**

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:6.

5:6 “honger en dors”; “hunger and thirst”

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF PARTISIPIUM wat die onophoudelike geestelike behoeftes van die mensdom beskryf (vgl. Joh. 4:10-15). ‘n Metafoor dus om die koninkryksmens se lewenshouding voor God te beskryf (vgl. Ps. 42:2; 63:1-5; Jes. 55:1; Amos 8:11-12); dat die verlore beeld van God deur Christus herstel is.

▣ **OAV “na die geregtigheid”**
NAV “na wat reg is”
CUM-MVB “om in die regte verhouding met God te leef”
CUM-NLV “na wat voor God reg is”
NASB, NKJV, NRSV “for righteousness”
TEV “to do what God requires”
NJB “for uprightness”

Hierdie is ‘n sleutel-teologiese term wat kan beteken (1) ‘n verklaarde (wetlike term) of toegerekende (bankterm) status voor God (vgl. Rom. 4), of (2) Matteus se eie siening van hoe die etiek van die koninkryk daar moet uitsien (vgl. 6:1 vir die gebruik in die sinagoges).

Dit hou in beide “regverdigmaking” én “geregtigheid”, sowel as heiligmaking én heilig lewe.

Die vers is ook ‘n tipiese vermyding van die Godsnaam deur Matteus wat liefers ‘n ander woord of frase in plek daarvan gebruik (vgl. verse 7-8).

VIR SPESIALE AANDAG: REGVERDIGHEID

“Geregtigheid” is so ’n sentrale tema dat ’n Bybelstudent persoonlik van die begrip ’n uitgebreide studie moet maak. In die OT word die karakter van God as “regverdig” en “regskape” beskryf (BDB 841). Dit is ’n Mesopotamiese woord vir ’n riet uit die rivier wat as gereedskap gebruik word om die horisontale reglynigheid van mure en lyndrade vas te stel. God het die term gekies om metafories oor sy eie aard te spreek. Hy is die reguit maat waardeur alle dinge geëvalueer word. Hierdie konsep bevestig God se geregtigheid, sowel as sy reg om te oordeel.

Die mens is geskape na die beeld van God (Gen. 1:26-27; 5:1, 3; 9:6). Die mensheid is geskape vir vertrouensvriendskap met God. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir interaksie tussen God en mens. God wou hê dat die kroon van sy skepping, die mens, Hom moes ken, liefhê, Hom moes dien en moes wees soos Hy is. Die lojaliteit van die mensdom is getoets en die eerste mensepaar het die toets gedruip. Dit het uitgeloop op ’n verbreking van die verhouding tussen God en die mensdom (vgl. Gen. 3:21-31).

God het egter beloof om die verhouding te herstel en te vervat (vgl. Gen. 3:15). Hy doen dit uit eie voorneme en deur sy Seun. Mense het nie die vermoë om die breuk te herstel nie (vgl. Rom. 1:18-3:20).

Ná die sondeval was God se eerste stap tot herstel die daarstelling van ’n verbond, waarvolgens Hy die mens uitnooi, en die mens met berou, geloof, belydenis en gehoorsaamheid kon reageer. As gevolg van die sondeval was mense nie in staat om na behore te reageer nie (vgl. Rom. 3:21-31; Gal. 3). God moes toe self inisiatief neem om die verbondsverbrekende mensdom te herstel. Dit het hy gedoen deur:

1. die sondige mensdom regverdig te verklaar op grond van die verdienste van Christus (forensiese of plaasbekledende geregtigheid);
2. geregtigheid aan die mensdom te skenk deur die werk van Christus (toegerekende geregtigheid);
3. die Heilige Gees te stuur om in te woon en geregtigheid te bring (etiese geregtigheid);
4. die vriendskaplikheid van die tuin van Eden te herstel, deurdat Christus die beeld van God herstel het (wederkerige geregtigheid).

God verwag dus ’n reaksie kragtens die verbondsverhouding. Hy maak ’n toesegging deur vryelik te skenk en voorsiening te maak, maar mense moet reageer en aanhou reageer deur:

1. berou te betoon;
2. te glo;
3. gehoorsaam te lewe; en
4. te volhard.

Geregtigheid is daarom kragtens die verbond ’n *wederkerige handeling* tussen God en sy hoogste skepping. Dit is op die wesensaard van God gebaseer, op die werk van Christus, en moontlik gemaak deur die Heilige Gees waaraan elke individu, persoonlik en voortdurend, toepaslik gehoor moet gee. Die konsep staan bekend as “regverdigmaking deur geloof”. Dit is in die evangelies geopenbaar, maar nie in hierdie woordgebruik nie. Dié terme is hoofsaaklik aan Paulus te danke wat die Griekse term vir “regverdiging” in wisselende vorme meer as 100 keer gebruik.

Die opgeleide rabbyn, Paulus, gebruik die term *dikaïosunē* in sy Hebreeuse betekenis (*sdk*) soos in die LXX oorgeneem, en nie uit Griekse literatuur nie. In Griekse geskrifte word die term gebruik om te verwys na iemand wat voldoen aan die verwagtinge van gode en van die gemeenskap. In Hebreeus hou dit altyd verband met verbondsterme. YHWH is ’n regverdige, etiese en morele God. Hy wil dat sy mense sy karakter weerspieël. Die verlore mensdom word ’n nuwe skepping. Hierdie vernuwung lei tot ’n nuwe lewenstyl van toewyding (die Rooms-Katolieke fokus ten opsigte van regverdigmaking). Aangesien Israel ’n Teokrasie was, was daar geen duidelike onderskeid tussen die sekulêre norme van die gemeenskap en die heilige (wil van God) nie. Hierdie onderskeid in die Hebreeus en Grieks kom as volg tot uiting: “geregtigheid” (“justice” met betrekking tot die gemeenskap/samelewing) en “regverdigheid” (“righteousness” met betrekking tot godsdiens).

Die evangelie (goeie nuus) van Jesus is dat die gevalle mensdom se vertrouensvriendskap met God herstel is. Paulus se paradoks is dat God deur Christus die skuldige vryspreek. Dit is tot stand gebring deur die Vader se liefde, sy barmhartigheid en genade; deur die Seun se lewe, sterwe en opstanding, en deur die roeping en uitnodiging van die Gees na die evangelie. Regverdigmaking is ’n genadegawe van God, maar dit moet lei tot ’n lewe van godsvrug (die standpunt van Augustinus), wat die Reformasie se klem op die vrye gawe van die evangelie en die Rooms-Katolieke klem op ’n veranderde lewe van liefde en getrouheid, weerspieël. Vir die Hervormers is die term “die geregtigheid van God” ’n OBJEKTIEWE GENITIEF (bv. die aksie wat ’n sondige mensdom aanvaarbaar vir God maak [’n staat van heiligmaking]), terwyl dit vir die Katoliek ’n SUBJEKTIEWE GENITIEF is, wat neerkom op ’n proses van al meer soos God word (eksperimenteel progressiewe heiligmaking). Dit moet sekerlik albei wees!

Myns insiens is die hele Bybel, van Genesis 4 tot Openbaring 20, die optekening van God se herstel van die vertrouensverhouding van Eden. Die Bybel begin met die vertrouensvriendskap van God en mens op ’n aardse toneel, en eindig met dieselfde toneel (vgl. Openb. 21-22). God se beeld en bedoeling sal herstel word!

Die voorafgaande bespreking van die Griekse woordgroep word deur die volgende uitgesoekte NT passasies gestaaf:

1. God is regverdig – dikwels gekoppel aan God as Regter (Rom. 3:26; 2 Tess. 1:5-6; 2 Tim. 4:8; Openb. 16:5)

2. Jesus is regverdig (Han. 3:14; 7:52; 22:14 – titel van die Messias; Mat. 27:19; 1 Joh. 2:1, 29; 3:7)
3. God se wil vir sy skepping is geregtigheid (Lev. 19:2; Mat. 5:48 (vgl. 5:17-20))
4. God se maatstawwe om geregtigheid te voorsien en te bewerkstellig (Rom. 3:21-31; 4; 5:6-11; Gal. 3:6-14)
 - a. geskenk deur God (Rom. 3:24; 6:23; 1 Kor. 1:30; Ef. 2:8-9)
 - b. ontvang deur geloof (Rom. 1:17; 3:22, 26; 4:3, 5, 13; 9:30; 10:4, 6, 10; 1 Kor. 5:21)
 - c. deur handeling van die Seun (Rom. 5:21-31; 2 Kor. 5:21)
5. God se wil is dat sy volgelinge regverdig moet wees (Mat. 5:3-48; 7:24-27; Rom. 2:13; 5:1-5; 6:1-23; 2 Kor. 6:14; 1 Tim. 6:11; 2 Tim. 2:22; 3:16; 1 Joh. 3:7; 1 Pet. 2:24)
6. God sal uit geregtigheid die wêreld oordeel (Han. 17:31; 2 Tim. 4:8)

Geregtigheid is 'n eienskap van God wat Hy vrylik deur Christus aan die sondige mensdom skenk. Dit is:

1. 'n toesegging deur God
2. 'n geskenk van God
3. 'n handeling van Christus

Maar dit is ook 'n proses van strewe na geregtigheid wat ywerig en standvastig nagejaag moet word; wat by die wederkoms in volmaaktheid sal verander. Vertrouensvriendskap met God word met bekering herstel, maar ontwikkel lewenslank tot en met 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met die dood of op die Oordeelsdag!

Hier volg 'n aanhaling uit die *Dictionary of Paul and His Letters* van IVP, bl. 834:

“Calvin, more so than Luther, emphasizes the relational aspect of the righteousness of God. Luther’s view of the righteousness of God seems to contain the aspect of acquittal. Calvin emphasizes the marvelous nature of the communication or imparting of God’s righteousness to us.”

Wat my betref het die gelowige se verhouding met God drie aspekte:

- a. die evangelie is 'n persoon (die Oosterse Kerk en Calvyn beklemtoon)
- b. die evangelie is waarheid (Augustinus en Luther beklemtoon)
- c. die evangelie is 'n veranderde lewe (Katolieke beklemtoon)

Hulle spreek almal van waarheid, en die uitsprake moet saamstaan vir 'n gesonde, kredietwaardige, Bybelse Christendom. As enigeen oor- of onderbeklemtoon word, ontstaan probleme.

Ons moet Jesus verwelkom!
 Ons moet die evangelie glo!
 Ons moet Christus-gelykvormigheid nastreef!

- | | | |
|---|----------------|---------------------------------|
| ■ | OAV | “versadig” |
| | CUM-NLV | “hartsverlange bevredig” |
| | NASB | “satisfied” |

Wat letterlik “volgeprop word” beteken, maar wat ook “vetgevoer” kan beteken vir vee wat vir die mark voorberei word.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:7

⁷“Blessed are the merciful, for they shall receive mercy.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:7.

- | | | |
|------------|----------------|---|
| 5:7 | OAV | “barmhartiges” |
| | NAV | “die wat barmhartig is” |
| | CUM-MVB | “die wat onverdiende liefde bewys” |
| | CUM-NLV | “die wat met deernis uitreik” |
| | NASB | “merciful” |

“Deernis” is nie die grond nie maar die uitvloeisel van die ken van God. Dit is die vermoë om jouself in die ander se posisie in te dink en met deernis op te tree (Mat. 6:12, 14-15; 18:21-35; Luk. 6:36-38; Jal. 2:13).

Hier tree verandering in die gang van die Saligspekinge in. Die voorafgaande twee het op die koninkryksmens se aanvoeling vir geestelike nood gefokus. Die volgendes fokus op daardie gesindheid wat 'n mens se optrede rig. Dit was die gemis in die Fariseïsme van vroeër en die wettiese godsdienstigheid van tans.

- | | | |
|---|-----------------|--|
| ■ | OAV, NAV | “aan hulle sal barmhartigheid bewys word” |
| | CUM-MVB | “onverdiende liefde bewys word” |
| | CUM-NLV | “God sal aan hulle deernis bewys” |
| | NASB | “they shall receive mercy” |

Hier dan 'n FUTURUM PASSIEF INDIKATIEF wat letterlik “sal barmhartig behandel word” beteken. Die TOEKOMSTIGE TYDVORM dra by (1) tot 'n gevoel van sekerheid wat betref die huidige bedeling of (2) 'n TOEKOMSTIGE goeie gevolg van seën en vergifnis op die Oordeelsdag (d.w.s. die Eskatologiese perspektief).

Die PASSIEWE VORM (“bewys word”) is weereens Matteus se inagneming van sy Joodse lesers se ongemak met die gebruik van die Godnaam (Eks. 20:7), net soos wat dit vermy word in “koninkryk van die hemel”.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:8

⁸“Blessed are the pure in heart, for they shall see God.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:8.

<p>5:8 OAV, NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB</p>	<p>“rein van hart” “met ‘n opregte bedoeling leef” “wie se harte volkome op God gerig is” “pure in heart”</p>
---	---

Gesindheid is van die allergrootste belang (vgl. Tit. 1:15). Prioriteite is eweneens van allergrootste belang (vgl. Heb. 12:14). Sou die gedagte van “reinheid” aan Ps. 24:4 en 73:1 ontleen wees, is die volgende betekenis moontlik: (1) opreg, (2) gefokus, (3) skoongemaak (vgl. Heb. 12:14). In die OT was die term ook gebruiklik vir rituele wassing. Let daarop hoe die fokus in hierdie vers op die “hart” geplaas word en nie op die intellek of ritusse nie. In die OT is die hart die sentrale aspek van persoonlikheid. In Grieks was die “denke” (verstand) sentraal.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE HART

Die Griekse term *kardia* word in die LXX en NT gebruik as vertaling van die Hebreeuse *leb*. Dit word op verskillende maniere gebruik (vgl. Bauer, Arndt, Gingrich en Danker, *A Greek-English Lexicon*, bl. 403-404):

1. die sentrum van *fisiese* lewe (Han. 14:17; 2 Kor. 3:2-3; Jak. 5:5)
2. die sentrum van *geestelike* (morele) lewe
 - a. God ken die hart (vgl. Luk. 16:15; Rom. 8:27; 1 Kor. 14:25; 1 Tess. 2:4; Openb. 2:23)
 - b. gebruik m.b.t. die mensdom se *geestelike* lewe (vgl. mat. 15:18-19; 18:35; Rom. 6:7; 1 Tim. 1:5; 2 Tim. 2:22; 1 Pet. 1:22)
3. die sentrum van die *gedagtelewe* (d.w.s. die intellek, vgl. Mat. 13:15; 24:48; Han. 7:23; 16:14; 28:27; Rom. 1:21; 10:6; 16:18; 2 Kor. 4:6; Ef. 1:18; Jak. 1:26; 2 Pet. 1:19; Openb. 18:7; hart is sinoniem met gedagtes (“mind”) in 2 Kor. 3:14-15 en Fil. 4:7)
4. die sentrum van die *wil* (vgl. Han. 5:4; 11:23; 1 Kor. 4:5; 7:37; 2 Kor. 9:7)
5. die sentrum van *emosies* (vgl. Mat. 5:28; Han. 2:26, 37; 7:54; 21:13; Rom. 1:24; 2 Kor. 2:4; 7:3; Ef. 6:22; Fil. 1:7)
6. die unieke plek waar die Heilige Gees werksaam is (vgl. Rom. 5:5; 2 Kor. 1:21; Gal. 4:6 (d.w.s. Christus in ons hart, Ef. 3:17))
7. Die hart verwys metaforiese na die hele persoon (vgl. Mat. 22:37 – aanhaling uit Deut. 6:5). Die gedagtes, motiewe en aksies wat aan die hart toegeskryf word, dui op die aard van ‘n gegewe individu.

Die OT bied verskeie treffende toepassings van dié term:

- a. Gen. 6:6; 8:21: “God was *in sy hart bedroef*” (vgl. Hos. 11:8-9)
- b. Deut. 4:29; 6:5: “Met jou *hele hart* en jou hele siel”
- c. Deut. 10:16: “‘n *onbesnede hart*” (vgl. ook Rom. 2:29)
- d. Eseg. 18:31-32: “‘n *nuwe hart*”
- e. Eseg. 36:26: “‘n nuwe hart” teenoor “‘n *hart van klip*”

<p>■ OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB</p>	<p>“sal God sien” “sal vir God sien” “shall see God”</p>
---	--

Wie met “opregte bedoeling leef” (rein van hart), sien God in al sy skeppingswerke en werksaam in elke situasie. ‘n Hart “volkome op God gerig (dws “rein”) maak die oë geestelik oop. Volgens die OT kan die sien van God tot die dood lei (vgl. Gen. 16:13; 32:30; Eks. 20:19; Rigt. 6:22,23, 13:22; Jes. 6:5). Daarom moet aanvaar word dat die stelling in hierdie vers dui op ‘n situasie in die Eindbedeling (bv. eskatologies).

NASB (UPDATED) TEXT: 5:9

⁹“Blessed are the peacemakers, for they shall be called sons of God.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:9.

5:9 “vredemakers”; “peacemakers”

Dit is ‘n saamgestelde woord wat net hier voorkom en dui op versoening tussen God en mens, wat tot vrede tussen mense onderling moet lei. Maar ‘n onvoorwaardelike vrede is dit nie, want dit moet met sondebelydenis en geloof gepaard gaan (Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21; Rom. 5:1). God het nie verander nie, maar die mensdom het wel (bv. Gen. 3; Rom. 3:9-19; Gal. 3:22). In Christus dan is God se oorspronklike bedoeling herstel.

VIR SPESIALE AANDAG: VREDE EN OORLOG

I. Inleidend

- A. Die Bybel, ons enigste riglyn vir geloof en handelswyse, bied geen spesifieke leiding ten opsigte van vrede nie. Inderwaarheid is daar 'n mate van teenstrydigheid van uitspraak in dié verband. Wat vrede betref, kan in die OT 'n militaristiese ondertoon waargeneem word. In die NT word die aard van die konflik egter geestelik – 'n stryd tussen lig en duisternis.
- B. Bybelse geloof, maar ook ander wêreldgelowe van die verlede en hede, openbaar 'n soeke – selfs 'n verwagting – na 'n goue era van voorspoed sonder konflik.
1. Jes. 2:2-4; 11:6-9; 32:15-18; 51:3; Hos. 2:18; Miga 4:3
 2. Bybelse geloof profeteer die persoonlike betrokkenheid van die Messias, Jes. 9:6-7
- C. Maar hoe leef ons dan in 'n wêreld vol konflik? 'n Verskeidenheid antwoorde vanuit die Christendom het kronologies ontwikkel tussen die dood van die apostels en die aanvang van die Middeleeue.
1. Passifisme: 'n seldsame verskynsel in die antieke tyd, maar dit was die vroeë kerk se reaksie op Romeinse militarisme.
 2. Geregverdigde oorlog: ná die bekering van keiser Konstantinopel (313 n.C.) het die kerk begin om militêre steun tot 'n "Christenstaat" te regverdig in reaksie op 'n aantal barbaarse invalle. Dit was basies die klassiek-Griekse opvatting. Die gedagte is aanvanklik deur Ambrosius voorgestaan en later deur Augustinus verder ontwikkel.
 3. Kruistog: soortgelyk aan die OT opvatting van 'n heilige oorlog. Dit was 'n Middeleeuse reaksie op die Moslem-invalle en magsuitbreiding in die "Heilige Land" en ander "ou-Christelike" gebiede soos Noord-Afrika, Klein Asië en die Oos-Romeinse Ryk. Die staat was nie hierby betrokke nie; dit was by uitstek 'n kerklike oproep en is uitgevoer op die kerk se onkoste.
 4. Al drie bogenoemde beskouings het in 'n Christelike konteks ontwikkel en tot verskillende opvattings in verband met Christelike optrede in 'n gevalle wêreld gekom. Elkeen het bepaalde Bybeltekste beklemtoon en ander uitgesluit. Passifisme was geneig om hulself aan die wêreld te onttrek. Voorstanders van die "geregverdigde oorlog" (Martin Luther) het die gesag van die staat voorgestaan as beheermaatreël in 'n bese wêreld. Aanhangers van die kruistogte het aangevoer dat die kerk die gevalle wêreldstelsel moes aanval om sodoende beheer daarvoor te bewerkstellig.
 5. In sy boek, *Christian Attitudes Toward War and Peace*, uitgegee deur Abington, skryf Roland H. Bainton op bl. 15:
"Die Reformasie het godsdiensoorloë aangewakker waarin die drie historiese uitgangspunte weer opgeduik het: die geregverdigde oorlog onder die Lutherane en Anglikane, die kruistog in Gereformeerde Kerke, en passifisme onder die Wederdopers en later ook die Kwakers. Gedurende die 18de eeu is die humanistiese vredesideale van die Verligting in teorie en praktyk herleef. Die neentiende eeu was betreklik vreedsaam met groot veldtogte ter ondersteuning van die uitskakeling van oorlog. In die twintigste eeu vind twee wêreldoorloë plaas. Weer duik die drie historiese sienswyses op. Die kerke in Amerika huldig 'n kruistoguitkyk ten opsigte van die Eerste Wêreldoorlog; passifisme heers tussen die twee oorloë; die Tweede Wêreldoorlog word as 'n geregverdigde oorlog beskou."
- D. Geen konsensus bestaan oor 'n definisie van "vrede" nie.
1. Volgens die Grieke het dit orde en samehorigheid in die gemeenskap beteken.
 2. Volgens die Romeine beteken dit die afwesigheid van konflik bewerkstellig deur die mag van die staat.
 3. Volgens die Hebreërs was dit 'n geskenk van JHWH vanweë die mensdom se gepaste reaksie op Hom. Dit is gewoonlik in landbousterme uitgedruk (vgl. Deut. 27-28). Dit het nie net om voorspoed gegaan nie, maar ook om sekuriteit en beskerming.

II. Bybelse gegewens

A. Ou Testament

1. Die heilige oorlog is sentraal tot die OT. Die frases "jy mag nie doodslaan nie" van Eks. 20:13 en Deut. 5:7 verwys in Hebreus na moord met voorbedagte rade (BDB 953), nie na sterfte by wyse van 'n ongeluk, passie of oorlog nie. JHWH word selfs gesien as 'n kryger wat veg vir sy volk (vgl. Josua, Rigters en Jes. 59:17; ook veronderstel in Ef. 6:14).
2. God gebruik selfs oorlog om sy afgedwalde volk te straf, soos blyk uit die Assiriese Ballingskap van Israel in 722 v.C. en die Babiloniese ballingskap van Juda in 586 v.C.
3. Dit skok die leser om te midde so 'n militaristiese atmosfeer van 'n "lydende kneg" te lees in Jes. 53; 'n gedeelte wat as verlossende passifisme bestempel kan word.

B. Nuwe Testament

1. In die evangelies word sonder veroordeling van soldate melding gemaak. Van Romeinse hoofmanne word dikwels op respekterende wyse melding gemaak.
2. Van soldate wat in die vroeë kerk tot geloof gekom het, was nie verwag om hulle wapens af te lê nie.
3. Die NT verskaf nie 'n volledig uitgewerkte antwoord in verband met sosiale boosheid of politieke teorie en optrede nie, maar beklemtoon geestelike bevryding. Daar word nie op fisiese oorlog nie, maar op geestelike

oologvoering gefokus; op die stryd tussen lig en duisternis, goed en kwaad, liefde en haat, God en Satan (Ef. 6:10-17).

4. Vrede is 'n ingesteldheid van die hart te midde 'n wêreld vol probleme. Vrede vloei slegs voort uit ons verhouding met Christus (vgl. Rom. 5:1; Joh. 14:27) en nie uit betrekkinge met die owerheid nie. Die vredemakers van Mat. 5:9 is nie polities geïnspireer nie, maar verkondigers van die evangelie! Vertrouensvriendskap moet kenmerkend van kerklike lewe insigself wees, nie onenigheid nie, en dit geld ook vir 'n verlore wêreld.

■ OAV	“kinders van God”
CUM-NLV	“want God sal. . . sê: ‘Julle is my kinders’”
NASB	“sons of God”

In die OT dui hierdie term gewoonlik op engele. Die Hebreeuse idioom sinspeel op God se karakter, op sy beeld wat in die mensdom herstel moet word, geskend deur die sondeval (vgl. Gen. 3). Die doel van Christenskap is dus om soos Jesus te wees, d.w.s. Christus-gelykvormigheid (Rom. 8:28-29; Gal. 4:19). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 27:54.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:10

¹⁰“Blessed are those who have been persecuted for the sake of righteousness, for theirs is the kingdom of heaven.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:10.

5:10 “die wat vervolg word”; “those who have been persecuted”: Dit is 'n PERFEKTUM PASSIEF DEELWOORD. Dit is aan diegene gerig wat tevore, maar ook voortdurend fisies vervolg word (bv. Satan, demone en ongelowiges). Vervolging van gelowiges is 'n werklike moontlikheid, iets wat deur die kinders van God in 'n gevalle wêreld verwag moet word (vgl. Han. 14:22; Rom. 5:3-4, 8:17; Fil. 1:29; 1 Tess. 3:3; 2 Tim. 3:12; Jak. 1:2-4; 1 Pet. 3:14; 4:12-19; Openb. 11:7; 13:7). Let daarop dat die lyding die gevolg is van die toegewyde leefstyl en die getuienis van gelowiges. Daardeur omvorm God gelowiges om soos Christus te wees (vgl. Heb. 5:8).

Hierdie vers verteenwoordig 'n noodsaaklike balans ten opsigte van die Amerikaanse gesond-ryk-voorspoed-evangelie, sien Gordon Fee se *Disease of the Health Wealth Gospel*, wat die verbondsbeloftes van Deut. 27-28 oorbeklemtoon, wat dit direk en sonder die voorwaardes van toepassing maak en wat buite rekening laat dat die vloek van ongehoorsaamheid op alle gelowiges ook neerkom. Die voorspoedbeloftes moet immer in balans met die herhaalde verwysing na lyding van gelowiges verstaan word, want ook hulle leef as in 'n gevalle, van God vervreemde wêreld. Jesus het gely, die apostels het gely, die vroeë Christendom het gely en so sal dit wees met gelowiges deur alle eeue heen! Gedagtig aan hierdie waarheid kan dit wees dat die kerk aan die vervolging van die eindtye ten volle blootgestel sal wees sonder tussenkoms van 'n geheime wegraping.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:11-12

¹¹“Blessed are you when people insult you and persecute you, and falsely say all kinds of evil against you because of Me. ¹²Rejoice and be glad, for your reward in heaven is great; for in the same way they persecuted the prophets who were before you.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:11-12.

5:11-12 'n Nuwe paragraaf behoort in vers 11 ge-open te word (vgl. NRSV en TEV), want die derde persoon VOORNAAMWOORDE word nou eerste persoon. Lukas 6:22-23 se weergawe kom oor in selfs sterker bewoording.

5:4	OAV	“julle beledig en vervolg”
	CUM-NLV	“julle bespot en vervolg word”
	NASB	“insult you and persecute you”

Die twee AORISTUS SUBJUNKTIEWE dui op 'n voortgang van die situasies, maar die gebruik van 'n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE struktuur kwalifiseer dit as 'n moontlikheid (vgl. Rom. 5:3-5; Jak. 1:2-4; 1 Pet. 4:12-19). Vervolging kom algemeen voor, maar dit moet nie begeer of nagestreef word nie (soos vele vroeë kerkvaders wel gedoen het!). In die OT word probleme en vervolging as God se onvergenoegdheid met sonde beskou (vgl. Job en Ps. 73, sien hoe Habakuk die onderwerp hanteer!) Die regverdigde ly net soos ander. Jesus voer die gedagte net nog 'n trappie verder. Diegene wat vir Hom leef en getuig sal verwerping en vervolging van 'n gevalle wêreld op dieselfde wyse as Hy ervaar (vgl. Joh. 15:20; Han. 14:22; 2 Tim. 3:12).

■	OAV	“en valslik allerhande kwaad teen julle spreek”
	NAV, CUM-MVB	“en valslik al wat sleg is van julle sê”
	CUM-NLV	“en allerhande leuens oor julle versprei”
	NASB, NKJV, NRSV	“and falsely say all kinds of evil against you”
	TEV	“and tell all kinds of evil lies against you”
	NJB	“and speak all kinds of calumny against you”

Daar is volgens sommige MSS twyfel omtrent die PRAESENS DEELWOORD “valslik”. Dit kom nie voor in die westerse hoofletter-manuskrip D nie, ook nie in die Diatesseron* en die Griekse tekste wat deur Origenes, Tertullianus en

Eusebius gebruik is nie. Dit kom wel voor in die vroeë Griekse MSS \aleph , B, C, W en die Vulgaat en Koptiese vertalings. Dit gee te kenne hoe die vroeë Christelike kerk dinge beleef het. Christene is van bloedskanie, kannibalisme, verraad, en “ateïsme” aangekla. Al hierdie aanklagte het te doen met misverstand oor Christelike terme en aanbiddingspraktyke (vgl. 1 Pet. 2:12, 15; 3:16). Die UBS⁴ gee ‘n C-gradering oor die insluiting van “valslik” (moeilike besluit).¹⁰

- ▣ **OAV** “om My ontwil”
- NAV, CUM-MVB** “terwille van My”
- CUM-NLV** “omdat julle my dissipels is”
- NASB** “because of Me”

Dit moet in verband met vers 10 gesien word. Die vervolging onder bespreking hou direk verband met aktiewe navolging van Christus (vgl. 1 Pet. 4:12-16).

- 5:12 OAV** “Verbly en verheug julle”
- NAV, CUM-MVB** “Wees bly en verheug”
- CUM-NLV** “Wees bly, ja, jubel daaroor”
- NASB** “Rejoice and be glad”

Dit is twee PRAESENS IMPERATIEWE (vgl. Han. 15:41; 16:25). Blydskap spruit uit die gedagte van waardig geag te word om vir en saam met Christus te ly en daarvoor beloon te word (vgl. Rom. 8:17). Waak teen selfbejammering. Niks wat God se kinders tref, “het maar net gebeur” nie (vgl. Rom. 5:2-5; Jak. 1:2-4). Sien Hannah Withall Smith se *The Christian’s Secret of a Happy Life*. Lyding het ‘n doel in die raadsplan van God.

- ▣ **OAV** “omdat julle loon groot is in die hemele”
- NAV** “want julle loon is groot in die hemel
- CUM-MVB** “want julle loon is groot by God”
- CUM-NLV** “want God sal julle ryklik daarvoor beloon”
- NASB** “for your reward in heaven is great”

Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat volg.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE GRADE VAN LOON EN STRAF

- A. Gepaste of onvanpaste reaksie tot God berus op kennis. Min kennis lei tot min verantwoordelike optrede. Die teenkant is ook waar.
- B. Kennis van God word op twee basiese maniere bekom:
 1. skepping (Ps. 19; Rom. 1-2)
 2. Skrif (Ps. 19; 119; die evangelie)
- C. OT getuienis
 1. belonings
 - a. Gen. 15:1 (gewoonlik geassosieer met aardse belonings, grondgebied en seuns)
 - b. Deut. 27-28 (verbondsgehoorsaamheid bring seën)
 - c. Dan. 12:3
 2. straf
 - a. Deut. 27-28 (verbondsongehoorsaamheid bring vervloeking)
 3. Die OT patroon van beloning vir persoonlike verbondsgehoorsaamheid word aangepas as gevolg van menslike sonde. Hierdie aanpassing is duidelik in Job en Psalm 73. Die NT verskuif die fokus van hierdie wêreld na die volgende (vgl. die Bergrede, Matteus 5-7).
- D. NT getuienis
 1. belonings
 - a. Mark. 9:41
 - b. Mat. 5:12, 46; 5:1-4, 5-6, 6-18; 10:41-42; 16:27; 25:14-23
 - c. Luk. 6:23, 35
 2. straf
 - a. Mark. 12:38-40
 - b. Luk. 10:12; 12:47-48; 20:47
 - c. Mat. 5:22, 29, 30; 7:19; 10:15, 28; 11:22-24; 13:49-50; 18:6; 25:14-30
 - d. Jak. 3:1
- E. Opera bied vir my die beste analogie. Ek woon nie opera-uitvoerings by nie, dus verstaan ek nie wat daar aangaan nie. Indien ek kennis gedra het van die moeilikheidsgraad of vervlegdheid van die storielyn, musiek en danse sou ek meer waardering daarvoor gehad het. Ek glo die hemel sal ons bekere laat oorloop, maar ek glo dat ons aardse dienswerk die grootte van die beker bepaal.

Kennis en reaksie op daardie kennis lei dus tot beloning of straf (vgl. Mat. 16:7; 1 Kor. 3:8, 14; 9:17, 18; Gal. 6:7; 2 Tim. 4:14). Dit gaan gepaard met ‘n geestelike beginsel – ons maai wat ons saai! Saai dan meer om groter te oes (vgl. Mat. 13:8, 23).

¹⁰ Tatianus ca. 160 n.C. gebruik die vier evangelies om die lewe van Christus te harmonieer – vert

F. “Die kroon van geregtigheid” word ons toegereken in die voltooide werk van Jesus Christus (vgl. 2 Tim. 4:8), maar neem kennis, “die kroon van die lewe” volg uit volharding onder beproewing (vgl. Jak. 1:12; Openb. 2:10; 3:10-11). Die “kroon van heerlikheid” vir Christenleiers hou verband met hulle lewenstyl (vgl. 1 Pet. 5:1-4). Paulus weet dat hy ‘n onvergaanbare kroon het, maar hy beoefen streng selfbeheer (vgl. 1 Kor. 9:24-27).

Die geheimenis van die Christelike lewe is dat die evangelie heeltemal vry is danksy die voltooide werk van Christus, maar soos ons agslaan op God se offergawe in Christus moet ons ook in hoe God ons toerus vir die lewe in Christus. Die Christen-lewe is so bonatuurlik soos uitredding, maar ons moet dit ontvang en ons daarby hou. D andersheid (krag) van Christelik-lewe is van bo, is nie uit onself nie, maar ons moet dit ontvang en ons daaraan vasmaak. Die paradoks van vry-maar-kos-alles is die geheimenis van belonings en saai/maai.

Ons word nie deur “goeie werke” gered nie, maar vir die doel van goeie werke (vgl. Ef. 2:8-10). Goeie werke is die getuienis dat ons Hom reeds ontmoet het (vgl. Mat. 7). Menslike meriete wat uitredding betref lei eerder tot ondergang, maar ‘n geestelike lewe as die resultaat van uitredding, word beloon.

■ **“die profete”; “the prophets”:** Hierdie is ‘n bedekte verwysing na die Godheid van Christus. Netsoos wat die profete van die OT in hul diens aan JHWH blootgestel was aan vervolging, sal Christene lyding moet verduur omrede hulle diens aan Christus.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:13

¹³“You are the salt of the earth; but if salt has become tasteless, how can it be made salty again? It is no longer good for anything, except to be thrown out and trampled under foot by men.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:13.

5:13 OAV	“Julle is die sout van die aarde”
NAV, CUM-MVB	“Julle is die sout vir die aarde”
CUM-NLV	“Julle is die sout wat die aarde ‘n beter plek moet maak”
NASB	“You are the salt of the earth”

In die antieke wêreld was sout om die volgende redes van besondere groot waarde: (1) Vir genesingsdoeleindes en reiniging, (2) om voedsel te bewaar, (3) om aan voedsel smaak te gee, (4) om in uitermate droë klimaat vogbewaring in die menslike liggaam te verseker. Dit het soms deel uitgemaak van soldate se vergoeding. Christene word die “sout van die aarde” genoem omrede hulle betekenisvolle aanwesigheid en sedebewarende optrede in ‘n verlore wêreld. In die MEERVOUD “julle” word benadruk dat gelowiges “sout” móét wees (vgl. vers 14 – ook Mark. 9:50). Dis nie maar net opsioneel nie. Die enigste keuse lê in gehalte, goed of minder goed. Sout kan laf en nuttelos word (vgl. Luk. 14:34-35). Afvallige mense is opletend in dié verband.

■ OAV	“as die sout laf geword het”
NAV, CUM-NLV	“as die sout verslaan het”
CUM-MVB	“as die sout smaak verloor het”
NASB	“if salt has become tasteless”

Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE wat beteken dat iets moontlik kan gebeur. In werklikheid kan sout nie sy krag of smaak verloor nie, maar as dit met onsuiverhede vermeng raak, kan die sout uitspoel of die soutinhoud verdun raak. Chrisrene kan hulle getuienis verloor en/of skaad. Die term vir “smaakloos” kan ook met “dwaas” vertaal soos in Rom. 1: 27 en 1 Kor. 1: 20.

■ OAV	“Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie”
NAV, CUM-MVB	“Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit”
CUM-NLV	“Al waarvoor dit goed is, is om buite op die straat uitgegooi te word en deur die mense platgetrap te word”
NASB	“it is no longer good for anything, except to be thrown out and trampled under foot by men”

Sout wat nie meer as voedselbewaarmiddel gebruik kan word nie en wat kos se smaak nie meer kan verbeter nie, was verder van geen nut nie. Dit was gevolglik op voetpaadjies of dakke gestrooi om ‘n harde oppervlak te vorm. Sout uit die Dooie See het baie onsuiverhede bevat. Mense uit daardie geweste was gewoon aan sout wat onbenutbaar geword het.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:14-16

¹⁴“You are the light of the world. A city set on a hill cannot be hidden; ¹⁵nor does anyone light a lamp and put it under a basket, but on a lampstand, and it gives light to all who are in the house. ¹⁶Let your light shine before men in such a way that they may see your good works, and glorify your Father who is in heaven.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:14-16.

5:14 OAV	“Julle is die lig van die wêreld”
NAV, CUM-MVB	“Julle is die lig vir die wêreld”
CUM-NLV	“Julle is die lig wat die wêreld moet verlig”
NASB	“You are the light of the world”

Lig was altyd die Bybelse metafoor vir waarheid en genesing. Jesus gebruik dit om Homself te beskryf (vgl. Joh. 9:5). Die vraag is nie “Sal jy die lig van die wêreld wees?” nie. As gelowige is jy die lig van die wêreld! (vgl. Fil. 2:15). Wat jy jou wel moet afvra, is “Watter soort van lig wil jy wees? Sommige mense weet van God net dit wat hulle deur jou te wete kom en wat hulle in jou lewe sien. “Julle” is MEERVOUD en dra ‘n klemtoon op die “u” in die CUM-MVB teks. (Sien aantekening by vers 13).

▣ **“n Stad”; “a city”**: Dit was ‘n verwysing na (1) ‘n stad soos algemeen die geval of (2) die wit kalksteen bousels wat in die son glinster. Daar is ongeslaagde pogings om die “stad” met Jerusalem van die eindtye (eskatologies) te verbind, maar die poging faal op grond van die afwesigheid van die BEPALENDE LIDWOORD. Stede, soos ligte, word nie ontwerp met ‘n bedoeling om weggesteek te wees nie.

5:15 OAV	“n maatemmer”
NAV, CUMs	“n emmer”
NASB, NKJV	“a basket”
NRSV	“a bushel basket”
TEV	“a bowl”
NJB	“a tub”

Hiermee word ‘n kleipot bedoel wat vir die afmeet van koringhoeveelhede gebruik word.

▣ OAV	“staander”
NAV, CUMs	“lampstaander”
NASB	“lampstand”

‘n Klein, plat uitsteeksel aan die mure van aantieke Palestynse huise was die plek waar die olielampie geplaas was om die hele kamer te verlig.

5:16 Die leefstyl van gelowiges moet tot eer van God wees, (bv. die “seuns/kinders” van God soos in vers 9 genoem, vgl. ook Ef. 1:4; 2:8-10). Dit is moontlik dat Jesus sy dissipels hiermee afraai om soos die Esseners, en ander geslote groepe, hulle van die wêreld af te sonder. Gelowiges bly betrokke by ‘n gevalle gemeenskap, maar sonder om in hulle sienswyses te deel.

▣ **“Vader”; “Father”**: Die gewone liggaamshouding van ‘n Jood in gebed was oop oë terwyl hy regop staan met albei hande uitgestrek na bo; asof in tweegesprek met God!

Jesus, in sy volkome mensheid (hoewel self ook JHWH), stel ‘n unieke voorbeeld deur JHWH as “Vader” te beskryf in sy onderrig. Matteus teken meer as 40 kere aan dat Jesus God “Vader” noem.

VIR SPESIALE AANDAG: VADER

In die OT reeds word die intieme familie-metafoor van God as Vader bekendgestel:

1. Die volk Israel word die “seun” van JHWH genoem (vgl. Hos. 11:1; Mal. 3:17).
2. Selfs vroeër in Deuteronomium verskyn die analogie van God as Vader (Deut. 1:31).
3. In Deut. 32 word Israel “sy kinders” genoem en God hulle “Vader”.
4. Hierdie analogie kom ook voor in Ps. 103:13 en word in Ps. 68:5 ontwikkel tot “die Vader van wese”.
5. Dit was algemeen in die profete-boeke (vgl. Jes. 1:2; 63:8; Israel as seun, God as Vader, 63:16; 64:8; Jer. 3:4, 19; 31:9).

Jesus het Aramees gepraat, wat beteken dat die gebruik van die Griekse *Pater* op baie plekke waar “Vader” voorkom, moontlik die Aramese *Abba* mag weerspieël (vgl. 14:36). Hierdie familiêre aanspreekwyse (“Pappa”) toon Jesus se intieme verhouding met die Vader. Die feit dat hy dit so duidelik ten toon stel vir sy volgelingen, dien ook as aansporing om ons eie intieme verhouding met die Vader te smee. Die term “Vader” word slegs in die OT gebruik om na JHWH te verwys, maar Jesus het dit deurgaans en dikwels gebruik. Dit is ‘n belangrike openbaring oor ons nuwe verhouding met God deur die Christus.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskryflik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Tot wie het Jesus die Saligsprekings in die eerste plek gerig?
2. Kan ander ook volgens hierdie standarde lewe?
3. Hoekom bied Matteus en Lukas dieselfde preek verskillend aan?

4. Hoekom is hierdie uitsprake so paradoksaal?
5. Hoe hou die opeenvolgende Saligsprekinge met mekaar verband?
6. Wat is die doel van die Bergrede?
7. Skryf die sentrale waarheid van elke paragraaf neer en maak dan 'n geheelopsomming.

AGTERGROND TOT MATTEUS 5:17-48

- A. Om 5:17-20 te verstaan, moet in ag geneem word dat Jesus die Joodse mondelinge oorlewering en pogings om die OT te interpreteer, soos in die Talmoed opgeteken, verwerp het. Jesus stel die OT in toepaslik verhewe lig en toon met kragtige stellings (vgl. 5:17-19) dat Hy die vervulling daarvan is en daarom self die volkome betroubare uitlegger (dus volg. 5.21-48). Die frase “julle het gehoor” verklaar die onderskeid wat hier gemaak word met “daar staan geskryf” wat alleen van die OT self kan geld. Hierdeur kom die Christelike afwysing van die Jode se gelykstelling van “mondeline” en “geskrewe” oorlewering treffend aan die lig.
- B. Hierdie gedeelte dek nie wanopvattinge van die eerste-eeuse Jodendom volledig nie, maar is 'n goeie aanduiding daarvan. Die hele preek van hoofstukke 5-7 is 'n gesindheidstoets vir nederige geloof en 'n onverbidelike afrekening met selfregverdigende, wettiese hoogmoed. Jesus laat die lig val op die gesindheid wat immers saam met sonedade as verbreking van die wet van God geag moet word. Jesus spreek nie net die uiterlike aan nie, maar ook die innerlike van die mens. Sonde ontstaan alreeds in die gedagtes.
- C. God se standaard en beoordeling van dinge verskil van die mens (vgl. Jes 55:8-9). By Hom is gelowiges se geregtigheid 'n aanvanklike gawe en daarna moet 'n groei in gelykvormigheid met Christus plaasvind. Dit is 'n vryspraak in wetlike sin en 'n Gees-geleide, voortgaande lewensheiliging. Op hierdie laaste proses fokus hierdie gedeelte van die Bergrede.
- D. As hierdie verse in die modern-historiese konteks van konserwatiewe Christenskap gespreek sou word, mag wat God van ons godsdienstigheid dink, ons dalk skok.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 5:17-19

¹⁷“Do not think that I have come to abolish the Law and the Prophets; I did not come to abolish but to fulfill. ¹⁸For truly I say to you, until heaven and earth pass away, not the smallest letter or stroke shall pass from the Law until all is accomplished. ¹⁹Whoever then annuls one of the least of these commandments, and teaches others to do the same, shall be called least in the kingdom of heaven; but whoever keeps and teaches them, he shall be called great in the kingdom of heaven.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:17-19.

5:4	OAV	“Moenie dink”
	CUM-NLV	“Julle moenie...misverstaan nie”
	NASB	“Do not think”

Hierdie is 'n NEGATIEWE AORISTUS AKTIEF SUBJUNKTIEF, 'n grammatikale konstruksie wat beslistheid oordra, naamlik “moet hoegenaamd liever nie begin nie!”

■	OAV	“om die wet...te ontbind nie”
	NAV, CUM-MVB	“om die wet...ongeldig te maak nie”
	CUM-NLV	“om 'n streep deur die wet...te trek nie”
	NASB	“that I came to abolish the Law”

Die teksverband (verse 17-20) bevestig dat hierdie stelling geïnspireerd is en dat die verbond van die OT ewig is. Jesus tree nou op as 'n tweede Moses en nuwe Wetgewer van daardie verbond. Jesus is self die vervulling van die Ou Testamentiese verbond. Die vernuwing van die verbond geskied in 'n Persoon en is nie meer net 'n stel reëls nie. Die twee verbonde is totaal verskillend, nie in wat as doel gestel word nie, maar in hóé daardie doel bereik sal word. Hier is die kern van die saak nie dat die OT ontoereikend geag moet word vir die doel om die mens in regte verhouding met God te bring nie (vgl. Gal. 3), maar dat die rabbyne met hulle onbeholpe en verkeerde, dws Sokraties-dialektiese verklaring van die OT, in die pad van daardie doel staan.

Jesus se korreksie hierop was om die reikwydte, of fokus, van die wet te herstel. Dit moet nie alleen 'n stel reëls vir openlike en uiterlike optrede wees nie, maar dit moet uit die gedagtes of hart van die mens opkom. Maar op hierdie vlak (gedagtes) word ware regverdigmaking deur die Ou Testament alleen 'n totale onmoontlikheid (vgl. Gal. 3:10, 21-22). Die probleem word persoonlik deur Christus oorgeneem en opgelos (kruis) en aan die berouvolle geloofsgemeenskap as toegerekende geregtigheid en vryspraak, deur geloof, teruggegee (Rom. 4:6, 10:4). Die godsdien van die mensdom moet die gevolg wees van 'n herstelde verhouding met God en nie die manier om die verhouding te herstel nie.

☐ **“die wet of die profete”**; **“the Law or the prophets”**: Hierdie idioom verwys na die driedeling van die Hebreuse Kanon (OT): Wet, Profete en Geskrifte. Dit was ‘n manier om die hele Ou Testament voor die gees te roep. Dit is ook ‘n aanduiding dat Jesus se siening van die OT geskrifte meer met dié van die Fariseërs as die Sadduseërs ooreengestem het. Die Sadduseërs het slegs die Tora, oftewel die wet (van Moses tot Genesis tot Deuteronomium) as gesaghebbend beskou.

☐ OAV, CUM-MVB	“maar om te vervul”
NAV	“maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry”
CUM-NLV	“maar om die ware bedoeling van God se wet te laat uitkom”
NASB, NKJV, NRSV	“but to fulfill”
TEV	“but to make their teachings come true”
NJB	“to complete”

Hierdie woord plereō kom algemeen voor en word in ‘n verskeidenheid betekenis gebruik. In hierdie teksverband beteken dit om finaliteit ten opsigte van ‘n vooropgestelde doel te bereik (vgl. Rom. 10:4). Die Mosaïese verbond is voltooi, maar wat betref sy ware bedoeling deur die nuwe verbond aangevul. Dié waarheid is die hooftema van die Hebreërboek en Galasiërs 3.

5:4 OAV	“voorwaar”
NAV, CUMs	“verseker”
NASB	“truly”

Dit is vertalings van die letterlike “amen”. Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat volg.

VIR SPESIALE AANDAG: AMEN

I. OU TESTAMENT

- A. Die woord “Amen” (BDB 53) word afgelei van die Hebreuse woord vir waarheid (*emeth*) of eerbaarheid (*emun, emunah*) en geloof of gelowigheid.
- B. Etimologies verklaar kom dit neer op iemand wat stewig of vas staan. Die teenoorgestelde daarvan sal wees dat iemand onvas is, gly (Deut. 28:64-67; 38:16; Ps. 40:2; 73:18; Jer. 23:12) of struikel (vgl. Ps. 73:2). Vanuit hierdie letterlike betekenis het ‘n metaforiese toepassing ontwikkel, naamlik getrouheid, betroubaarheid, loyaliteit en vertroubaarheid (Gen. 15:16; Hab. 2:4).
- C. Skrifvoorbeelde van spesiale gebruik:
 1. ‘n pilaar of suil (2 Kon. 18:16; 1 Tim. 3:15)
 2. ondersteuning (Eks. 17:12)
 3. onwankelbaarheid (Eks. 17:12)
 4. stabiliteit (Jes. 33:6; 34:5-7)
 5. waar/waarheid (1 Kon. 10:6; 17:24; 22:16; Spr. 12:22)
 6. ferm/fermheid (2 Kron. 20:20; Jes. 7:9)
 7. betroubaar – Torah (Ps. 119:43; 142, 151, 168)
- D. Daar is ook twee ander woorde in die OT wat aktiewe geloof beskryf:
 1. *batach*, vertrou
 2. *yra*, ontsag, respek, aanbidding (vgl. Gen. 22:12)
- E. ‘n Liturgiese gebruik het ontwikkel uit die gedagte aan vertrou en betroubaarheid; ‘n ware of betroubare opmerking of stelling van iemand anders kon daardeur beaam word (vgl. Deut. 27:15-26; Neh. 8:6; Ps. 41:13; 72:19; 89:52; 106:48).
- F. Die teologiese sleutel in dié verband, is dat dit nie om die mens nie, maar om JHWH se getrouheid gaan (Eks. 34:6; Deut. 32:4; Ps. 108:4; 115:1; 117:2; 138:2). ‘n Gevalle mensdom se enigste hoop is die genadige, betroubare verbondsloyaliteit van JHWH en sy beloftes.

Diegene wat Jahweh (JHWH) ken, moet soos Hy wees (Hab. 2:4). Die Bybel is geskiedenis op rekord van hoe God besig was, en is, om sy beeld in die mensdom te herstel (Gen. 1:26-27). Verlossing herstel die mens tot ‘n vermoë om weer met God in vriendskapsvertrou te verkeer. Dit is waarvoor die mens geskape is.

II. NUWE TESTAMENT

- A. Die gebruik van “Amen” as ‘n slotbevestiging, uitgespreek in liturgiese konteks, is algemeen in die NT (vgl. 1 Kor. 14:16; 2 Kor. 1:20; Openb. 1:7; 5:14; 7:12).
- B. Die gebruik van die woord as ‘n afsluiting van gebed is ook eie aan die NT (vgl. Rom. 1:25; 9:5; 11:36; 16:27; Gal. 1:5; 6:18; Ef. 3:21; Fil. 4:20; 2 Tess. 3:18; 1 Tim. 1:17; 6:16; 2 Tim. 4:18).
- C. Dis net Jesus wat by geleentheid van belangrike mededelings dié term gebruik; dikwels in dubbelvorm (herhalend) aldus Johannes (vgl. Luk. 4:24; 12:37; 18:17, 29; 21:32; 23:43).
- D. Dit word as ‘n titel vir Jesus in Openbaring (3:14) gebruik (waarskynlik ‘n titel van YHWH vanuit Jes. 65:16).

Die konsep van getrouheid van geloof, betroubaarheid en vertroue, word uitgedruk in die term *pistos* of *pistis*, wat in Engels vertaal word as “trust”, “faith” en “believe”.

☐ **“hemel en die aarde”; “heaven and earth”**: Dit is permanente verskynsels wat as die nodige twee getuies bygeroep word om JHWH se uitsprake te bevestig (Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15). Solank as wat hierdie bedeling duur, sal hulle daar wees. Hierdie stelling van Jesus kom oor so goed asof dit ’n eed van JHWH self is.

☐ OAV	“nie een jota of titteltjie”
NAV, CUM-MVB	“nie een letter of letterstrepie”
CUM-NLV	“tot in sy fynste detail geld”
NASB	“not a smallest letter or stroke”
NKJV	“not one jot or one tittle”
NRSV	“not one letter or a stroke of a letter”
TEV	“not a letter, not a dot”
NJB	“not one dot, not one little stroke”

Hierdie was ’n verwysing na

1. die kleinste letter van die Hebreeuse alfabet “jod” (י) en die kleinste letter van die Griekse alfabet “iota” (ι);
2. die ornamentele dwarsstrepies in Hebreeuse vierkantskrif, soortgelyk aan moderne sierskrif;
3. ’n klein strepie om eenderse, naasmekaarstaande Hebreeuse letters, te onderskei.

Die punt wat dus hier gemaak word, is dat die Ou Testament in sy geheel belangrik is en dat selfs die oënskynlik minder belangrike dele van God kom. Die OT dan, so in sy geheel, is vervul in die persoon, werk en onderrig van Christus.

☐ OAV	“van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie”
NAV	“van die wet sal wegval voordat alles voleindig is”
CUM-MVB	“uit die wet weggelaat sal word voordat alles gebeur het”
CUM-NLV	“Ja, dit sal geldig bly totdat God se bedoeling daarmee bereik is”
NASB	“shall pass from the Law until all is accomplished”
NKJV	will by no means pass. . .till all is fulfilled”
NRSV	will pass. . .until all is accomplished”
TEV	“will not be done away with – not until the end of all things”
NJB	“is to disappear. . .until all its purpose is achieved”

Die eerste term (“verbygaan”) beteken basies die vernietiging van iets deur dit neer te haal, bv die afbreek van ’n muur. Die tweede term (“gebeur het”) was in Mat. 1:22 ook gebruik, waar “om te vervul” beteken dat aangekondigde gebeure werklikheid geword het. Alhoewel hierdie term verskeie ander betekenis in ander dele van die NT gehad het, spreek dit hier van voltooiing van die OT in Christus. Jesus se leerstelling is soos nuwe wyn wat nie in ou sakke gegooi kan word nie (vgl. Mat. 9:16-17).

Die vervulling sluit die lewe, dood, opstanding, wederkoms, oordeel en ewige regering van Jesus in, waarvan , in ’n sekere sin, die aanloop reeds in die OT te vinde is. Die OT kyk vooruit na Christus en sy werk. Die Apostels neem dit waar en verstaan

dit in ’n tipologiese of Christologiese wyse!

5:19 Hierdie vers is nie ’n dreigement aan die adres van hedendaagse uitleggers en leermeesters nie. Dit is ’n verwerping van die Fariseërs se tradisionele wettiese godsdiens (legalisme), hulle geestelike hoogmoed en afwykende leerstelling. Jesus het immers die Talmoediese mondelinge oorlewering onomwonde afgewys. Daar is selfs voorbeelde van opskorting van dele van die “geskrewe wet”, bv (1) die opvatting oor egskeiding van Deut 24:1-4 soos verwerp in Mat 5:31-32 (vgl. Mark. 7:15,19-23) en (2) die voedselwette van Lev. 11 wat verwerp word in Mark. 7:15-23.

Die gebruik van “minste” en “groot” dui wel op ’n soort van gradering wat in die Koninkryk van toepassing sal wees (vgl. Mat. 20:20-28; Luk. 12:47-48; 1 Kor. 3:10-15).

NASB (UPDATED) TEXT: 5:20

²⁰“For I say to you that unless your righteousness surpasses *that* of the scribes and Pharisees, you will not enter the kingdom of heaven.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:20.

5:20 Hierdie opmerking was ’n skok vir ernstige, wetties-godsdienstiges. Selfregverdiging is in die mensheid se godsdiens so algemeen as ’n plaag (vgl. Jes. 29:13; Kol. 2:16-23). Nie korrekte leerstelling (vgl. Jak. 2:19) of godsdienstige handeling (vgl. Mat. 7:21-23) kan persoonlike sondebelydenis en ’n verhouding op geloof gebou, vervang nie (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21; Fil. 3:8-9; Rom. 10:3-4). Hierdie vers, saam met vers 48 is die sleuteltekste by verklaring van die Bergrede.

Vir ’n volle uiteensetting van die ontstaan en teologie van die Fariseërs kan die *Vir Speciale Aandag* by 22:15 geraadpleeg word.

■ OAV	“nooit”
CUM-NLV	“beslis nie”
NASB	“will not”
NKJV	“by no means”
NRSV, NJB	“will never”

Hier vind verdubbeling plaas van twee negatiewe Griekse terme om iets van die hand te wys. Een funksioneer volgens die INDIKATIEWE MODUS en die tweede volgens die ander Griekse MODI. Dit was ‘n kragtige wyse van afwysing of onverbiddelike “nee” (emfatiese negasie – vgl. 5:18,26; 10:23,42; 13:14; 15:6; 16:22,28; 18:3; 23:39; 24:2,21,34,35; 25:9; 26:29,35).

NASB (UPDATED) TEXT: 5:21-26

²¹“You have heard that the ancients were told, ‘YOU SHALL NOT COMMIT MURDER’ and ‘Whoever commits murder shall be liable to the court.’ ²²But I say to you that everyone who is angry with his brother shall be guilty before the court; and whoever says to his brother, ‘You good-for-nothing,’ shall be guilty before the supreme court; and whoever says, ‘You fool,’ shall be guilty *enough to go into the fiery hell*. ²³Therefore if you are presenting your offering at the altaar, and there remember that your brother has something against you, ²⁴leave your offering there before the altaar and go; first be reconciled to your brother, and then come and present your offering. ²⁵Make friends quickly with your opponent at law while you are on your way, so that your opponent may not hand you over to the judge, and the judge to the officer, and you be thrown into prison. ²⁶Truly I say unto you, you will not come out there until you have paid up the last cent.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:21-26.

5:4 OAV	“Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is”
NAV	“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is”
CUM-MVB	“Julle het gehoor dat daar aan die destydse mense gesê is”
CUM-NLV	“Julle het gehoor dat vir ons voorouers gesê is”
NASB	“You have heard that the ancients were told”

Dit kan verstaan word beide as “vir die mense...” of “deur die mense...” Die eerste gedeelte van die vers kom uit die Tien Gebooië. Die tweede deel is moeiliker om die oorsprong te bepaal, maar dit kan dalk ‘n aanhaling wees uit die rabbynieskole (Sjammai, die konserwatiewe en Hillel, die liberale skool). Nietemin, hiermee vind plaas ‘n verwerping van die Fariseëse skrifuitleg en tegelyk ‘n bevestiging van die OT se inspirasie.

■ OAV	“doodslaan”
NAV, CUMs	“moord”
NASB	“murder”

Dis ‘n aanhaling van Eks. 20:13 of Deut. 5:12 en die bron is die Septuaginta (LXX). Hier word ‘n FUTURM AKTIEF INDIKATIEF as ‘n IMPERATIEF (vermaning) ingespan. Die KJV (*King James*) het “kill”, maar behou wel ook ‘n breër perspektief. Die NKJV (*New King James*) het “murder.” ‘n Meer presiese vertaling vertaling sou kon wees “nonlegal premeditated murder (ongewettigde moord met voorbedagte rade).” Immers, in die OT was daar so iets soos “wetsgemagtigde moord”– die Bloedwreker! Sien Deut. 19; Num. 35; Jos. 20.

VIR SPESIALE AANDAG: MOORD (EKSODUS 20:13)

I. KONTEKS

- Daar moet op gelet word dat die sosiale aard van die Gebooië in wese ook godsdienstig is. God se soewereiniteit oor skepping en verlossing is daarin aanwesig. Die gebod, wat doodslag verbied, se regte fokus is die beeld van God in elke mens. Hy sorg en gee om vir die lewe van die mens.
- Elkeen van die Tien Gebooië is binne die geloofsgemeenskap ontvang. Verbod op onwettige doodslag se oorspronklike en primêre fokus was op die geloofsgemeenskap. Dit het egter implikasies vir die hele mensdom!

II. WOORDSTUDIE VAN BELANGRIKE TERME

A. “Moord”

- Hierdie seldsame woord vir die neem van ‘n lewe (*rasah*), kom 46 keer in die OT voor. Daar is twee ander woorde wat veel meer algemeen voorkom:
 - Harag*, 165 keer gebruik; en
 - Hemit*, 201 keer gebruik.
- Die term *rasah* het klaarblyklik ‘n oorspronklike betekenis sowel as ‘n uitgebreide betekenis:
 - Oorspronklik het dit verwys na die gepremediteerde, wettige doodslag van ‘n bondgenoot, dikwels geassosieer met “die familie-wreker” (“the kinsman redeemer”) of “*go’el*”. Die gebruik veronderstel premeditatie, maar in die sin van wettige wraak (vgl. Num. 35:30-34; Lev. 24:13-23). In werklikheid was die *Lex Taliones*, “oog vir ‘n oog” (vgl. Gen. 9:5-6) ‘n manier om vergelding te bekamp. Later is die vrystede ingestel sodat iemand wat onopsetlik of onder emosionele omstandighede moord gepleeg het daarheen kon vlug om aan familievergelding te ontkom (Deut. 4:41; Jos. 20:3).

- b. Later is die term gebruik in verwysing na die motief of instelling agter die moord. Die vraag word dus een van intensie (bedoeling) (vgl. Eks. 21:12-14; Num. 35:11, 22; Deut. 28:24).
- c. Hierdie onderskeid het van groot belang geword in die gebod. In konteks blyk dit slegs van toepassing te wees op die verbondsgemeenskap, en verwys na die familie-wreker, oftewel bloedwraak. Die term word egter in latere passasies in verband met die Dekaloog (Hos. 4:2 en Jer. 7:9) gebruik om te verwys na 'n moordenaar. Die konnotasie is dus nie bloot met die wet nie, maar ook met die motief. Die betekenis verbreed dienooreenkomstig om eerder as bloot jou medemens (bondgenoot), enige mens in te sluit.
3. Die moderne siening van doodstraf of oorlog kan nie op hierdie gebod gebaseer word nie. Die Jode het nooit 'n probleem daarmee gehad om gemeenskapsgeregtigheid toe te pas of "heilige oorloë" te voer nie (dalk eerder onheilige oorloë).
4. 'n Meer gepaste moderne vertaling van hierdie gebod sou wees: "gepremediteerde moord" of "moord met voorbedagte rade".

III. INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Die 6^{de}, 7^{de} en 8^{ste} gebooe bestaan uit twee Hebreeuse woorde. Hulle is baie kort en tot die punt.
- B. Alle lewe is aan God te danke en hoe ons ander hanteer laat iets blyk van wat ons van Hom dink.

IV. NUWE-TESTAMENTIESE-PARALLELE

- A. Jesus
 1. Sy uitbreiding van hierdie gebod (vgl. Mat. 5:21-26) verskaf 'n nuttige voorbeeld van hoe ons vandag te werk moet gaan om die teks op ons lewens van toepassing te maak.
 2. Jesus het duidelik die Dekaloog van die vlak van aksie verhef tot die vlak van motief. Ons is wat ons dink! "Soos 'n man dink in sy hart, so is hy." Die idee-lewe is baie meer relevant as waarvoor ons dit normaalweg krediet gee.
- B. Johannes
 1. In 1 Joh. 3:15 word haat met moord gelyk gestel.
 2. Die Griekse terme in Mat. 5:21 e.v. en 1 Joh. 3:15 verskil, maar in betekenis is hulle volkome eenders.
 3. Let op die positiewe aspek in 1 Joh. 4:19-21.

V. TOEPASSINGSWAARHEDE

- A. Selfs 'n onbedoelde moord het nagevolge, soos blyk uit die moordenaar se inperking in die vrystad tot die dood van die hoëpriester (vgl. Num. 35; Jos. 20).
- B. Alhoewel die vers nie spesifiek verwys na selfmoord nie (aan so 'n moontlikheid het die mense van die tyd klaarblyklik nie eens gedink nie) is die riglyn oor die heiligheid van lewe wat na God se beeld geskape is meer as duidelik in hierdie verband.
- C. Die moderne vrae oor (1) die doodstraf en (2) oorlog word nie deur hierdie teks aangespreek nie. Israel was betrokke in albei en het geen kwaad daarin gesien nie. Nietemin is die beginsel dat lewe wat na die beeld van God geskape is, heilig is en onder sy beheer staan, 'n belangrike waarheid, ook wat doodstraf en oorlog betref.
- D. Die teks maak 'n belangrik punt ten opsigte van die kosbaarheid van menslike lewe en die respek wat dit verdien. Ons as die geloofsgemeenskap, is die bewaarders (of opsigters), nie net van ons eie optrede nie, maar ook van die breër gemeenskap en samelewing as 'n geheel. Die gawe van die lewe is terselfdertyd individueel en gemeenskaplik.

Ons is verantwoordelik om te waak teen fisiese, sosiale en psigologiese misbruik van ons liggame, nes ons vir die fisiese, sosiale en psigologiese misbruik van ander se liggame in die gemeenskap verantwoordelik is. Dit is veral van belang in 'n kultuur soos ons s'n waar ons toegelaat word om met die sisteem te praat en sodoende ook te verander. Hierin is ons ons broers se wagter!

5:22 OAV, NAV, CUM-NLV "Maar Ek sê vir julle"
CUM-MVB "Maar Ék sê vir julle"
NASB "But I say to you"

Jesus se onderrig het wesentlik verskil van dié van die rabbyne van sy dag wie se onderrig op aanhalings van Joodse voorgangers berus het (vgl. Mat. 7:28-29, Mark. 1:29). Jesus se gesag het egter in Homself berus. Hy maak die leer van die OT waarlik oop. Jesus is die Here van die skrifte. Die "Ek" dra 'n beklemtoning. "Ek, en niemand anders!" of ook "Ekself" (wat die Seun van God is en wat die gedagtes van God ken).

▣ **OAV "elkeen. . .kwaad is"**
CUM-NLV "elkeen wat kwaad bly"
NASB "everyone who is angry"

Dit is 'n PRAESENS MEDIUM DEELWOORD. Hiermee word in Grieks 'n blywende, vertroetelde, langtermyn woede, 'n onwil om te vergewe, uitgedruk.

▣ **OAV, NAV "vir sy broer"**
CUM-MVB "vir 'n medegelowiges"
CUM-NLV "vir sy medemens"

NASB**“with his brother”**

Die KJV voeg by “without cause”. Hier gaan dit om manuskripvariasie in die Grieks. Die byvoeging kom nie in die vroegste MSS, B, \aleph^* , P67 of die Vulgaat voor nie. Dit kom wel voor in die hoofletter MSS, D, K, L, W, \aleph^C die Diatesseron, sowel as die vroeë Siriese en Koptiese vertalings. Die UBS⁴ gradeer die korter lesing ‘n B, d.w.s. feitlik seker. Die byvoeging verswak die seggingskrag van die uitdrukking.

Dit is nodig om op hierdie stadium die fynskrif te verduidelik. Die \aleph^* dui daarop dat dit die oudste beskikbare weergawe is van die manuskriptipe wat ter sprake is. Die c verwys na ‘n korregeerder se werk op vorige afskrifte. As daar herhaaldelike korreksies was (korregeerders) word dit met 1, 2, 3 ens. aangedui. ‘n P met syfers verwys na ‘n papyrusmanuskrip. Hoofletter-geskrifte word met HOOFLETERS aangedui, met syfers vir Papyrusmanuskripte. Vir meer inligting sien *Bylae Drie* oor tekskritiek.

☐ OAV	“Raka”
NAV	“uitskel vir ‘n gek”
CUM-MVB	“uitskel met ‘raka”
CUM-NLV	“jou gek”
NASB	“You fool”
NKJV	“Raca”
NRSV	“if you insult”
TEV	“You good-for-nothing”
NJB	“Fool”

“Raka” is ‘n Aramese woord vir iemand wat “leë kop en onbekwaam vir die lewe is.” Hiermee word nie bedoel dat sommige mense so ‘n benaming nie verdien nie, maar dit gaan eerder oor ‘n gelowige se gesindheid teenoor ander mense, in besonder medegelowiges in die verbondsgemeenskap.

Die Griekse *mōros*, wat as “gek” vertaal word, was bedoel om die Aramese “raka” te weerspieël. In Jesus se woordspel hier gaan dit nie om die Griekse *mōros* nie, maar eerder die Hebreeuse *mōreh* (BDB 598), wat “‘n opstandige teen God” beteken (vgl. Num. 20:10, Deut. 21:18-20); sien F.F. Bruce se *Answers to Questions*, bl 42. Jesus gebruik dieselfde ter ten opsigte van die Fariseërs in 23:17. Nie net ons optrede nie, maar ons motiewe, gesindheid en planne is reeds sonde teen ons naaste. In die oog van God is so ‘n gedagte reeds moord. Haatgevoelens teenoor ‘n broer en suster laat blyk dan dat ons God nie ken nie (vgl. 1 Joh. 2:9-11; 3:15 en 4:20). Die geskerts (oor die huwelik) ‘egskeiding nooit, maar moord dikwels’ kan gaan mits onthou word dat hierdie skrifdeel daarop gemik is om alle selfvoldaanheid oor eie “goedheid” die nek in te slaan. Waarskynlik was hierdie opmerkings in drie-voud bedoel as sarkastiese woordspel op die skrifgeleerdes se metodes van skrifuitleg.

VIR SPESIALE AANDAG: WOORDGEBRUIK VIR DWASE MENSE

In die OT Hebreeus is daar voorbeeldmateriaal wat so ‘n reaksie op valsheid uitlok:

1. *kesil* – impliseer selfvertroue soos in die Wysheidsliteratuur (Spr. 17:26; Pred. 7)
2. *evil* – impliseer verstandelike bevoegdheid wat ook meestal in die wysheidsliteratuur voorkom (vgl. Jes. 29:11; 35:8; Hos. 9:7)
3. *nabal* – wat ‘n persoon sonder verstand impliseer (vgl. Deut. 32:6, 21; 2 Sam. 3:33; 13:13; Ps. 14:1; 53:1; Jer. 12:11)
4. *sakal* – wat ontbrekende verstand impliseer (vgl. 1 Sam. 26:21; Pred. 2:19; 10:3, 14)

Jesus gebruik drie uitdrukkings om dwaasheid te beskryf:

1. *aphrōn*, Luk. 11:40; 12:29
2. *anoētos*, Luk. 24:25
3. *mōros*, Mat. 5:22; 23:17, 19

Die sterkste uitdrukking wat Jesus gebruik om karakterisering van een persoon deur ‘n ander te beskryf, is in Mat. 5:22, waar *mōros* vir die Aramese *raca* gebruik word om ‘n mens as onbekwaam om te leef te beskryf.

Paulus volg die OT en Jesus se woordgebruik om dwaasheid te beskryf.

1. *aphrōn*, 1 Kor. 15:36; 2 Kor. 11:16, 19; 12:6, 11
2. *mōros*, 1 Kor. 3:18; 4:10 en ‘n verwante vorm in Rom. 1:21

Mense wat daarop aanspraak maak dat hulle God ken, maar op ontoereikende wyse dink en handel, word dikwels as swak denkers bestempel. Paulus se sarkastiese opmerkings, wat so volop in die Korintiërs I en II voorkom, onthul dié tipe persoon. Hulle is so oortuig daarvan dat hulle kennis besit dat hulle nie in staat is om die ware kennis op te merk nie.

☐ OAV, NAV	“helse vuur”
CUM-MVB	“hel van vuur”
CUM-NLV	“in die hel”
NASB	“fiery hell”
NKJV, NJB	“hell fire”
NRSV	“the hell of fire”

VIR SPECIALE AANDAG: WAAR IS DIE GESTORWENES?

I. Ou Testament

- E. Alle mense wat sterf, gaan na *She'ol* (etimologie onbekend), wat meestal in die wysheidsliteratuur en Jesaja op die dood of graf dui. In die OT is dit 'n bewustelike, skaduagtige en vreugdelose voortbestaan (Job. 10:21-22; 38:17; Ps. 107:10, 14).
- F. Karakterisering van *She'ol*
1. word geassosieer met oordeel van God (vuur), Deut. 32:22
 2. word met straf assosieer selfs voor die oordeelsdag, Ps. 18:4, 5
 3. word met *Abaddon* geassosieer, hoewel ook gerig op God, Job 26:5; Ps. 139:8; Amos 9:2
 4. geassosieer met die graf, Ps. 16:10; Jes. 14:15; Eseg. 31:15-17
 5. slegte mense daal lewend af in *She'ol*, Num. 16:30-33; Ps. 55:15
 6. gepersonifieer as 'n dier met groot bek, Num. 16:30; Jes. 5:14; 14:9; Hab. 2:5
 7. die mense daar word “skimme” (“*Shades*”) genoem, Jes. 14:9-11

II. Nuwe Testament

- A. Die Hebreeuse *She'ol* word deur die LXX vertaal as *Hades* (die ongesiene wêreld).
- B. Karakterisering van *Hades*
1. dis 'n verwysing na die dood, Mat. 16:18
 2. gekoppel aan dood, Openb. 1:18; 6:8; 20:13-14
 3. dikwels in dieselfde asem genoem as plek van permanente straf, *gehenna*, Mat. 11:23 (OT aanhaling); Luk. 10:15; 16:23-24
 4. dikwels bloot die graf, Luk. 16:23
- C. Moontlik verdeel (aldus die rabbyne)
1. waar geregtigheid heers, Paradys, 'n ander naam vir hemel, 2 Kor. 12:4; Openb. 2:7; Luk. 23:43
 2. die bose gedeelte word *Tartarus* genoem, 2 Pet. 2:4, die aanhoudingsplek vir gevalle engele, (vgl. Gen. 6:1; Henog)
- D. Gehenna
1. Reflekteer die OT frase, “vallei van die seuns van Hinnom” (vgl. Jos. 15:8; 18:6; Jes. 31:9; 66:24 – suidekant van Jerusalem). Dit was die plek waar die Fenisiese god, Molog (BDB 574), vereer is met kinderoffers (2 Kon. 6:3; 21:6; 2 Kron. 28:3; 33:6), wat in Lev. 18:21 en 20:2-5 verbode verklaar is.
 2. Jeremia het die plek se rol verander van plek van heidenaanbidding tot plek van JHWH se oordeel (Jer. 7:32; 19:6-7). Dit word in Henog 90:26-27 en Sib. 1:103 'n plek van brandende, ewige oordeel.
 3. Die Jode was so met weersin vervul oor die plek waar hulle voorvaders aan afgodery en kinderoffers deelgeneem het, dat hulle dit in 'n vullishoop vir Jerusalem omskep het. Baie van Jesus se metafore in verband met ewige oordeel kom van hierdie vuilgoedhope (vuur, rook, wurms, stank, vgl. Mark. 9:44, 46). Behalwe die uitsondering van Jak. 3:6, is dit net Jesus wat die term, *Gehenna*, gebruik.
 4. Jesus se gebruik van *Gehenna*
 - b. vuur, Mat. 5:22; 18:9; Mark. 9:43
 - c. vir altyd, Mark. 9:48 (Mat. 25:46)
 - d. plek waar siel en liggaam vergaan, Mat. 10:28
 - e. dien as parallel met *She'ol*, Mat. 5:29-30; 18:9
 - f. slegte mens word bestempel as “kind van die hel”, Mat. 23:15
 - g. as uiteinde van vonnis, Mat. 23:33; Luk. 12:5
 - h. as parallel met die konsep van die tweede dood (vgl. Openb. 2:11; 20:6, 14) of “brandende oond”, Mat. 13:42 (NAV); Openb. 19:20; 20:10, 14-15; 21:8). Dit is moontlik dat die “meer van vuur” die permanente verblyf word van mense uit *She'ol* en gevalle engele uit *Tartarus* (vgl. 2 Pet. 2:4; Jud. vers 6) of ‘onderwêreld’ (vgl. Luk. 8:31; Openb. 9:1-10; 20:1, 3).
 - i. *Gehenna* was nie vir mense ontwerp nie, maar vir Satan en sy engele, Mat. 25:41
- E. Aangesien *She'ol*, *Hades* en *Gehenna* oënskynlik as sinonieme gebruik word, is dit moontlik dat
1. alle mense oorspronklik na *She'ol/Hades* gegaan het;
 2. wat hulle daar ondervind, goed of sleg, ná die oordeelsdag verskerp, maar die bose bly in dieselfde plek. Dis die rede waarom die KJV *hades* (graf) eerder as *gehenna* (hel) vertaal;
 3. die enigste teks wat spreek van lyding voor die oordeelsdag is die gelykenis van Lasarus en die Ryk Man in Luk. 16:19-31. *She'ol* word wel ook in Deut. 32:22 en Ps. 18:1-5 as plek van huidige straf beskryf, maar nogtans kan 'n leerstelling nie op 'n gelykenis gebaseer word nie.

III. Die toestand tussen dood en opstanding

- A. Die NT leer nie die “onsterflikheid van die siel” nie, wat een van verskeie sieninge oor die hiernamaals is:
1. dat menslike siele voor hulle fisiese lewe bestaan
 2. menslik siele is ewig voor en na hulle fisiese bestaan

3. die fisiese liggaam word as 'n kerker beskou waaruit die siel deur die dood bevry word om na 'n voorafbestaan terug te keer.
- B. Die NT suggereer dat daar 'n liggaamlose staat is tussen dood en opstanding
1. Jesus spreek van 'n geskeidenheid tussen siel en liggaam, Mat. 10:28
 2. Abraham bestaan tans liggaamlik, Mark. 12:26-27
 3. Moses en Elia het fisiese liggame op die berg van verheerliking gehad, Mat. 17
 4. Paulus verklaar dat gelowiges die eerste sal wees om hulle nuwe liggame by die wederkoms te ontvang, 1 Tess. 4:13-18
 5. Paulus verklaar dat gelowiges hulle nuwe geestlike liggaam op die opstandingsdag ontvang, 1 Kor. 15:23, 52
 6. Paulus verklaar dat gelowiges nie na *Hades* toe gaan nie, maar by afsterwe by Jesus is, 2 Kor. 5:6, 8; Fil. 1:23. Jesus het die dood oorwin en het die verlostes saam met Hom hemel toe gevat, 1 Pet. 3:18-22.

IV. Die hemel

- A. Die term word in drie betekenisse in die Bybel gebruik:
1. die atmosfeer bokant die aarde, Gen. 1:1, 8; Jes. 42:5; 45:18
 2. die sterrehemel, Gen. 1:14; Deut. 10:14; Ps. 148:4; Heb. 4:14; 7:26
 3. die plek van God se troon, Deut. 10:14; 1 Kon. 8:27; Ps. 148:4; Ef. 4:10; Heb. 9:24 (die parallel van die derde hemel, 2 Kor. 12:2).
- B. Die Bybel openbaar nie veel omtrent die hiernamaals nie, waarskynlik omdat 'n gevalle mensdom op geen manier in staat sal wees om dit te begryp nie, 1 Kor. 2:9.
- C. Die hemel is beide plek (vgl. Joh. 14:2-3) en 'n persoon (vgl. 2 Kor. 5:6-8). Die hemel kan ook 'n herstelde Tuin van Eden wees (Gen. 1-2; Openb. 21-22). Ook die aarde sal gereinig en herstel word (vgl. Han. 3:21; Rom. 8:21; 2 Pet. 3:10). In mense is die beeld van God deur Christus herstel (Gen 1:26-27). Daarmee word die intieme vertrouensvriendskap van die Eden-tuin weer herstel. Dat die hemel 'n reuse kubusvormige stad (Openb. 21:9-27) is, mag bloot metafories bedoel wees en dus nie letterlik op te vat nie. 1 Kor. 15 beskryf die verskil tussen die fisiese liggaam en die geestelike liggaam met beeldspraak van saad tot die volgroeiende plant. Weereens, 1 Kor 2:9 ('n aanhaling uit Jes. 64:4 en 65:17) is 'n wonderlike belofte van hoop! Gelowiges weet dat wanneer ons Hom sien, ons sal wees soos Hy is (1 Joh. 3:2).

V. Nuttige bronne

- A. William Hendriksen, *The Bible On the Life Hereafter*
- B. Dr. M. Rawlings, *Beyond Death's Door*

5:23 Dit is 'n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat moontlike aksie beteken.

- | | |
|---|--|
| <p>☐ OAV
NAV
CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“as jy dan jou gawe na die altaar bring”
“as jy dus jou gawe na die altaar toe bring”
“as jy dus jou bydrae na die altaar toe bring”
“as jy dus jou offer na die altaar toe bring”
“presenting your offering at the altaar”</p> |
|---|--|

Hieruit blyk duidelik dat Matteus geskryf het voor die vernietiging van die tempel deur die Romeinse generaal Titus in 70 n.C. Lewenstylhandelinge is belangriker as godsdienstige handelinge. Verhoudinge moet voorkeur kry bo rituele. Mense is van die hoogste belang by God. Net mense is ewig.

- | | |
|--|--|
| <p>5:24 OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“gaan versoen jou eers met jou broeder”
“en gaan maak eers vrede met jou broer”
“en gaan maak eers vrede met daardie persoon”
“be reconciled to your brother”</p> |
|--|--|

Dit is 'n AORISTUS PASSIEF IMPERATIEF. Persoonlike goeie verhoudinge is belangriker as (1) rituele handeling by geleentheid of (2) geregtelike uitsprake (25).

- | | |
|--|---|
| <p>5:26 OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“voorwaar”
“dit verseker Ek jou”
“Ek verseker jou”
“truly”</p> |
|--|---|

Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:18.

- | | |
|--|---|
| <p>☐ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“voordat jy die laaste oortjie betaal het nie”
“voordat jy die laaste sent betaal het nie”
“voordat jy elke sent afbetaal het nie”
“until you have paid the last cent”</p> |
|--|---|

“Sent” (*quadrans*) was die kleinste Romeinse geldeenheid¹¹. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 17:24. Regspleging dring aan op die volle boete. Genade en liefde vergewe algeheel.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:27-30

²⁷“You have heard that it was said, ‘You shall not commit adultery’; ²⁸but I say to you that everyone who looks at a woman with lust for her has already committed adultery with her in his heart. ²⁹If your right eye makes you stumble, tear it out and throw it from you; for it is better for you to lose one of the parts of your body, than for your whole body to be thrown into hell. ³⁰If your right hand makes you stumble, cut it off and throw it from you; for it is better for you to lose one of the parts of your body, than your whole body to go into hell.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:27-30.

5:27 OAV	“egbreuk”
CUM-MVB	“ontrou in die huwelik”
NASB	“adultery”

Die term hier is *moichaomai*. Dit is ‘n aanhaling uit die tien gebooie (Eks. 20:14 en Deut. 5:18). Die Griekse term uit die LXX is *porneia*. Behalwe die betekenis van buite-egtelike omgang dui dit ook op enige onbetaamlike, seksuele bedrywighede tussen ongetroudes, soos homoseksualiteit of onsedelikheid. In die OT was egbreuk ‘n seksuele, buitehuwelikse verhouding waarby ‘n getroude persoon betrokke geraak het. Jesus het seksuele sonde herdefinieer as ‘n gesindheid van die hart. Seks is ‘n gawe van God, dit is goed en heilsaam. Maar Hy het ook grense gestel waarbinne dit heilsaam en ‘n langtermyn genot kan wees. Hovaardige, selfgesentreerde mense wil gedurig buite hierdie God-gegewe grense beweeg. Op gesag van hierdie woorde van Jesus sou die afleiding gemaak kan word dat voorhuwelikse seks insluit is.

VIR SPESIALE AANDAG: OWERSPEL (EKSODUS 20:14)

I. KONTEKS

- A. Dit is duidelik dat die gebooie te make het met respek vir God, wat gesien word in die respek wat jy vir jou naaste se lewe, vrou en eiendom betoon (vgl. Jer. 5:8). Dit word bevestig deur die verskillende volgorde waarin die gebooie op mekaar volg in die LXX.
- B. Die Deuteronomiese parallel toon dat hierdie antieke waarheid toepaslik is op latere kulture en dus ook op ons kultuur.
- C. Hierdie gebod, nes die een oor respek vir ouers, is gesien as noodsaaklik vir die handhawing van ‘n stabiele gemeenskapslewe.
- D. Die gebod impliseer ook God se eienaarskap en beheer oor ons seksuele- en familie-lewens.
- E. Dit is klaarblyklik gebaseer op Genesis 2:24, soos gebod nummer 4 gebaseer is op Genesis 2:1-3.

II. WOORDSTUDIE

- A. Die belangrikste term in die teks is “owerspel”, en dit is van kardinale belang dat hierdie term verstaan word in die konteks van die antieke Hebreeuse kultuur:
 1. Daar word in die OT ‘n onderskeid getref tussen hierdie term en “hoerery” (“ontug”). Owerspel vereis dat een van die partye getroud moet wees. Ontug veronderstel dat albei partye ongetroud is (vgl. Spr. 29:3; 31:3). Hierdie onderskeid het egter verlore gegaan in die NT Grieks.
 2. Die klem op huwelikstatus hou verband met die belangrikheid van die erfreg in die beloftes om “die land” te besit. Elke 50 jaar (Jubeljaar) is grond teruggegee aan die oorspronklike eenaarstam.
 3. Owerspel was reeds verbode voor Moses se wette die lig gebring het (vgl. Gen. 12:10 e.v.; 26:7 e.v.; 39:9).
 4. Owerspel is gesien as sonde teen:
 - a. jou naaste – Eks. 20:14; Deut. 5:18;
 - b. die huwelik – Lev. 18:20;
 - c. God – Gen. 20:1-13; 26:7-11.
 5. Dit was vir albei partye strafbaar met die dood:
 - a. Lev. 20:10;
 - b. Deut. 22:22-24;
 - c. Eseg. 16:40 (metafoor);
 - d. streng waarskuwings in Spr. 1-9

III. VERHOUDING MET NT

- A. Jesus het Lev. 19:18 gebruik as ‘n opsomming van die die hele ou openbaring (vgl. Luk. 10:27). Dit bevestig dat die Tien Gebooie gaan oor hoe ons ander mense behandel.
- B. Jesus verskerp die gebooie in Mat. 5:28. Hy plaas die klem op motief eerder as blote aksie. Die Jode het aan die gemoed gedink as saadbedding van die siel. Wat ‘n mens dink maak jou eintlik wat jy is (vgl. Spr. 23:7). Dit maak die tien woorde ‘n onbegonne taak om te onderhou — en dit was juis die doel (vgl. Gal. 2:15-3:29)!

¹¹ Die “oortjie” was ‘n kwartpennie toe die OAV-vertaling verskyn het; dit was voor Desimalisasie in Suid-Afrika plaasgevind het – vert.

IV. MODERNE TOEPASSING

- A. Die huwelik is waarskynlik die beste voorbeeld vir die moderne samelewing van 'n lewenslange verbintenis in die naam van God. Dit kan ons help om die realiteite van die OT verbondskonsepte te begryp (huweliksanalogie – Mal. 2:14). Ons respek vir ons maat op alle gebiede, ingeslote seksualiteit, help ons die boodskap van hierdie vers verstaan.
- B. Nes respek vir ons ouers (die 5^{de} gebod), is 'n stabiele en lojale huwelikslewe vir sosiale welsyn en die voortbestaan daarvan, van die uiterste belang.
- C. Dit moet verder beklemtoon word dat die mens se seksualiteit 'n gawe van God is. Dit was sy idee en wil vir die mens, daarom is dié voorskrifte (d.w.s. die verbod op egbreuk) nie bedoel om die mens hom sy vryheid of plesier te ontnem nie, maar om vir 'n gevalle mensdom die nodige riglyne te gee. Hierdie perke is bedoel om ons langtermyn geluk en blydskap te bevorder. Al het die mens seksualiteit misbruik, soos al God se ander gawes, bly dit steeds 'n aspek van die samelewing wat onder God se beheer en leiding moet staan.
- D. Ten opsigte van seks moet waaksaamheid aan die dag gelê word dat die bedoelde onderskeid tussen man en vrou gerespekteer word, want saam is hulle na God se beeld geskape. Ons afgedwaaldes se beheptheid met die “self” is alte opmerklik op dié gebied.

5:28 “hart”; “heart”: Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:8.

5:29-30 Dit is ongetwyfeld oordrywing met die doel om emosionele impak te maak. Sonde is gevaarlik, veral omdat die gevolge daarvan vir ewig is.

5:29 “As”; “if”: Hierdie is **KLAS EEN VOORWAARDELIKE SINNE** wat as waar uit oogpunt van die skrywer of vir sy literêre doeleindes aanvaar kan word. Die mensdom is aangetas vanweë die gebeure van Genesis 3. Ons beantwoord nie meer aan ons skeppingsdoel nie.

▣	OAV	“jou dan laat struikel”
	NAV, CUMs	“jou laat struikel”
	NASB	“makes you stumble”
	NKJV, NRSV, TEV	“causes you to sin”
	NJB	“should be your downfall”

Hierdie term is gebruik vir 'n “slagyster” wat met lokaas gespan was om diere te vang. Let op die parallelle gedeelte in Mark. 9:43-48 en Jesus se terugkeer na hierdie onderwerp in Mat. 18:8-9. Aangesien alle mense deur sonde aangetas word (verskillende na die swakheid van verskillende individue), is dit ons persoonlike verantwoordelikheid om pad te gee van plekke/dinge/geleenthede van versoeking (vgl. Spr. 1-9; Ef. 4:27; 6:10-18; Jak. 4:7; 1 Pet. 5:8-9). Dit sal nie help om Satan te blameer of oorwerwing of omstandighede wanneer ons voor God moet staan om rekenskap te gee van wat ons met die gawe van ons lewe gedoen het nie (vgl. Mat. 25:31-46; Openb. 20:11-15). Ons is moreel vrye wesens geskape na die beeld van God en voor Hom verantwoordelik wat ons lewe betref!

▣	OAV	“vergaan”
	NAV, CUM-MVB	“verlore gaan”
	CUM-NLV	“te verloor”
	NASB	“lose”

Hierdie term kom in beide verse 29 en 30 voor. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 2:13.

5:29-30 Daar is 'n ewige verdoemenis en die kaartjie vir toegang is sonde! Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:22.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:31-32

³¹“It was said, ‘Whoever sends his wife away, let him give her a certificate of divorce’; ³²but I say to you that everyone who divorces his wife, except for the reason of unchastity, makes her commit adultery; and whoever marries a divorced woman commits adultery.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:31-32.

5:31	OAV	“wat van sy vrou skei”
	CUM-NLV	“om van sy vrou te skei”
	NASB	“sends his wife away”

Verse 27-32 hanteer dieselfde aangeleentheid. Wees versigtig om nie voorveronderstellinge wat uit hedendaagse kultuur spruit hierby in te lees nie! Wat hier geskryf staan, is bedoel as 'n skerp onderskeiding tussen wat die skrifgeleerdes oor owerspel geleer het en wat Jesus as voorbeelde daarvan aan hulle voorgedra het: (1) seksbeheptheid; en (2) om van jou lewensmaat te skei sonder dat huweliksontrou in die spel was (vgl. Deut. 24:1). Jesus betoon Hom hiermee as die ware inhoudgewer en uitlegger van die skrifte (vgl. 5:17-19, 21-48).

▣	OAV	“'n skeibrief”
	CUM-NLV	“'n skeisertifikaat”

NASB, NKJV, NRSV	“a certificate of divorce”
TEV	“notice of divorce”
NJB	“a writ of dismissal”

Hierdie is ‘n aanhaling uit Deut. 24:4. Hiermee wou Moses die vroulike geslag in beskerming neem weens hulle gebrek aan regte en hulpmiddele in die kultuur van daardie tyd. Sonder meer is hieruit ‘n toelaatbaarheid van nuwe huweliksluitings afgelei. Jesus beklemtoon dat dit ‘n toegewing was om hulle gevalle staat beter te bestuur, maar dat dit nie God se ideaal was nie. Egskeiding is nie ‘n onvergeeflike sonde nie, maar dis ‘n mislukking met slegte gevolge wat betref sosiale stabiliteit.

5:32 OAV	“behalwe omrede van hoerery”
NAV	“behalwe oor owerspel”
CUM-MVB	“behalwe oor seksuele sondes”
CUM-NLV	“behalwe oor huweliksontrou”
NASB, NRSV	“except for the reason of unchastity”
NKJV	“for any reason except sexual immorality”
TEV	“she has not been unfaithful”
NJB	“except for the cause of an illicit marriage”

Hierdie “uitsondering” kom net by Matteus voor en het waarskynlik te make met die Joodse erfregstelsel wat heidene nie sou begryp nie.

“Onkuisheid” is die vertaling van *porneia* wat ook in vers 27 voorkom. Daarmee word alle soorte seksuele wangedrag bedoel. Dit is dikwels verstaan as “owerspel” of “ontrouheid.” Daar was twee rabbynse denkwyses hieroor. (1) Die Shammai-skool het egskeiding slegs op grond van onbehoorlike seksuele gedrag toegelaat (Deut. 24:1 – ‘n “onbetaamlikheid”). (2) Die Hillel-skool het egskeiding op enige gronde toegelaat (Deut. 24:1– “haar nie meer liefhet nie”). Egskeiding het in Judaïsme tot ‘n aansienlike probleem ontwikkel. Sommige geleerdes is van mening dat bloedskande eerder as seksuele omgang bedoel word (vgl. Lev. 18:1; 1 Kor. 5:1). Ander dink weer dat die kwessie van maagdelikheid, blykens Deut. 22:13-21, bedoel word. In die OT het owerspel met betrekking tot erfreg, wat heilig was en ‘n gawe van God beskou is, gevolge gehad (vgl. Jos. 12:24). Die “Jubeljaar” kan dien as voorbeeld van so ‘n belang.

■ OAV, NAV	“maak dat sy egbreuk pleeg”
CUM-MVB	“maak dat sy ontrou is in die huwelik”
CUM-NLV	“veroorzaak dat sy egbreuk pleeg”
NASB	“makes her commit adultery”

Hierdie is ‘n AORISTUS PASSIEF INFINITIEF. Dit moet in korrekte skrifverklaring begryp word hoe noodsaaklik die PASSIEWE VORM hier is om uitdrukking te gee aan “veroorzaak word dat sy owerspel pleeg”. Die blote feit van ‘n uitgereikte skeibrief kon ‘n vrou ten onregte as owerspelig etiketteer, iets waaraan sy moontlik totaal onskuldig was. Die stigma kleef dan ook aan die man wat met haar in die huwelik tree. Dit impliseer dat alle hertroue nie sonder meer as owerspel bestempel kan word nie (vgl. A.T. Robinson in sy *Word Pictures in the New Testament*, vol. 1, bl. 155).

Dit is nodig om te meld dat die ingewikkelde vraagstuk van egskeiding in skriftuurlike konteks hanteer moet word. Hier rig Jesus Hom tot sy dissipels, maar in Mat. 19:1-9 en Mark. 10:2-12 het Hy te doen met slinkse vrae van die Fariseërs. Ons moet daarteen waak om ‘n neutrale teologie ten opsigte van egskeiding op Jesus se woorde te bou asof hierdie verskillende agtergronde nie bestaan nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 5:33-37

³³“Again, you have heard that the ancients were told, ‘YOU SHALL NOT MAKE FALSE VOWS, BUT SHALL FULFILL YOUR VOWS TO THE LORD.’ ³⁴But I say to you, make no oath at all, either by heaven, for it is the throne of God, ³⁵or by the earth for it is the footstool of His feet, or by Jerusalem, FOR IT IS THE CITY OF THE GREAT KING. ³⁶Nor shall you make an oath by your head, for you cannot make one hair white or black. ³⁷But let your statement be, ‘Yes, yes’ or ‘No, no’; anything beyond these is of evil.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:33-37.

5:33 OAV	“ede”
NAV, CUM-NLV	“eed”
CUM-MVB	“plegtige belofte”
NASB	“vows”

Verskeie OT teksgedeeltes vind weerklank in hierdie gedeelte. Dit gaan hier nie oor vloekery in gesprekke nie, maar die byhaal van die Godsdnaam om die waarheid van stellings te bekragtig (vgl. Mat. 23:16-22; Jak. 5:12). Geloftes of ede in die OT kan handel oor (1) aanbidding, (vgl. Deut. 6:15), (2) wetshandeling (vgl. Eks. 20:7; Lev. 19:1); of (3) ‘n verpligting wat iemand op hom neem (vgl. Lev. 127; Num. 30:2; Deut. 23:21-22).

Volgens Mat. 26:63-64 doen Jesus ‘n verklaring oor Homself onder eed. Paulus maak verskeie geloftes (vgl. 2 Kor. 1:23; Gal. 1:20; Fil. 1:8; 1 Tess. 2:5). Nog ‘n eed is in Heb. 6:16 opgeteken. Die fokus is nie op maak van ede nie, maar die nakoming daarvan!

5:34-36 Hieruit blyk hoe uitvoerig die rabbyne ‘n beskouing oor bindende en nie-bindende ede ontwikkel het (vgl. 23:16-22). Aan die een kant kon ‘n skyn van waarheid voorgegee word deur die Naam van die Godheid by te haal, maar terselfdertyd word die eedverklaring deur sekere uitdrukkingswyses wetlik as nie-bindend gekwalifiseer.

5:34	OAV	“sweer hoegenaamd nie”
	NAV	“Moet glad nie ‘n eed aflê nie”
	CUM-MVB	“Moet glad nie ‘n plegtige belofte aflê nie”
	CUM-NLV	“moet glad nie sweer nie”
	NASB	“make no oath”

Jesus het onder eed gespreek in Mat. 26:63-64. Paulus bekragtig sy woorde dikwels in die naam van God (vgl. 2 Kor. 1:23; Gal. 1:20; Fil. 1:8; 1 Tess. 2:5,10). Waaroor dit gaan is opregtheid van hart en nie grense vir die gewig van ede aflê nie (Jak. 5:12).

5:37	OAV	“Maar laat julle woord wees ja ja, nee nee”
	NAV, CUM-MVB	“Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees en julle ‘nee’ ‘nee”
	CUM-NLV	“Sorg dat julle ja altyd ja bly en julle nee altyd nee”
	NASB	“But let your statement be ‘Yes’, ‘yes’ or ‘No’, ‘no’”

Vir Jesus het dit immer om eerlikheid gegaan en nie vormlikheid nie! Andere wat beweer dat hulle God ken, behoort eerlik en betroubaar en nie onderduims nie, op te tree.

■	OAV	“die Bose”
	CUM-NLV	“die bose”
	NASB	“evil”
	NKJV, NRSV	“the evil one”
	TEV, NJB	“the Evil One”

Die verbuiging in Grieks kan ONSYDIG (neutraal) wees en as “bose” (boosheid) vertaal word of MANLIK wat dan op ‘n persoonlike “die Bose [een]”, neerkom (sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:5). Dieselfde dubbelsinnigheid kom in 6:13; 13:19, 38; Joh. 17:15; 2 Tess. 3:3; 1 Joh. 2:13,14; 3:12; 5:18-19 voor.

Die bose het verskeie gestaltes:

1. ‘n gevalle wêreldorde – Gen. 3; Efes. 2:2; Jak. 4:4
2. ‘n bose persoonlikheid – Efes. 2:2
3. gevalle individue – Efes. 2:3; Jak. 4:1-2

Die bose soek geleentheid om dood te maak, te steel en te vernietig. Slegs God se genade, sy Seun, en sy Gees stel ons in staat om gelukkig, sinvol en tevrede met die lewe om te gaan!

NASB (UPDATED) TEXT: 5:38-42

³⁸“You have heard that it was said, ‘An eye for an eye, and a tooth for a tooth.’ ³⁹But I say to you, do not resist an evil person; but whoever slaps you on your right cheek, turn the other cheek to him also. ⁴⁰If anyone wants to sue you and take your shirt, let him have your coat also. ⁴¹Whoever forces you to go one mile, go with him two. ⁴²Give to him who asks of you, and do not turn away from him who wants to borrow from you.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:38-42.

5:38	OAV	“Oog vir oog en tand vir tand”
	NAV, CUM-NLV	“Oog vir ‘n oog en tand vir ‘n tand”
	CUM-MVB	“As iemand jou oog uitsteek, steek syne uit en as iemand jou tand uitslaan, slaan syne uit”
	NASB	“an eye for an eye”

Hiermee word Eks. 21:24, Lev. 24:20 en Deut. 19:21 voor die gees geroep. Hierdie wet, soos in die geval van skeibriewe, was oorspronklik bedoel as ‘n riglyn vir howe. Hierdeur sou vergeldende optrede in die gemeenskap ontmoedig kon word. Dit was nie ‘n groen lig vir families om reg in eie hande te neem nie. Joodse regters het die riglyn meermale by wyse van ‘n geldelike vergoeding afgehandel. Daarmee is die beginsel van beperkings op persoonlike vergelding gehandhaaf.

5:39-42 Hiermee volg ‘n vyftal voorbeelde wat Jesus se nuwe etiek en gesindheid teenoor medemense, in eie kring, maar ook buitestaanders, aandui. Dit is uit voorvalle van die alledaagse lewe geneem. ‘n Gesindheid word hiermee geopenbaar en moenie as voorskriftelik vir elke samelewing of tydperk beskou word nie. Dit is hoe ‘n gelowige positief en met goedgesindheid in situasies van persoonlike benadeling sal reageer. Dit moet egter nie as goedkeuring van onregmatige verwagtinge van slinkse en lui mense gesien word nie.

5:39	OAV, CUM-NLV	“‘n slegte mens”
	NAV, CUM-MVB	“‘n kwaadwillige mens”
	NASB	“an evil person”

Teen die agtergrond van die eerste eeuse regspleging kan dit beteken dat ‘n gelowige liefs herhaaldelike beledigings verduur eerder as om sy saak met ‘n verbondsbroer deur ‘n ongelowige regter te laat bereg. Indien “kwaadwillig” met vers

37 in verband staan, kan dit ook op die Bose (as persoon) dui. Die Charles B. Williams-vertaling, *The New Testament in the Language of the People*, stel ‘n derde moontlikheid voor: “die een wat jou benadeel”.

5:40	OAV	“onderkleed. . .bo-kleed”
	NAV	“onderklere. . .boklere”
	CUM-MVB	“jas. . .mantel”
	CUM-NLV	“drarok. . .jas”
	NASB	“shirt. . .coat”

Die eerste kledingstuk veronderstel ‘n “onderkleed” en die tweede ‘n “bo-oor” kleed te wees. Die oordrywings van die perikoop in geheel wil te kenne gee dat ‘n Christen bereid sal wees om meer te doen as die verwagtinge wat gestel word. Hierdie gedagte vind aansluiting by Eks. 22:26-27 en Deut. 24:10-13. Die doel van so ‘n Christelike ingesteldheid is om ongelowiges na God te lei deur die handelswyse van sy mense (vgl. 5:16; 1 Pet. 2:12). Jesus se woorde impliseer nie algehele naaktheid nie.

5:41 Hierdie opmerking weerspieël ‘n historiese situasie van een nasie se militêre oorheersing oor ‘n ander. Die woord wat met “afdwing” vertaal word, is Persies van oorsprong en het met “posdraer” iets in gemeen. Dit word die manier om die dwangarbeid te beskryf wat ‘n besettingsmag of burgerlike owerheid oor onderdane uitoeft. ‘n Voorbeeld hiervan is in Mat. 27:32 opgeteken. Christene moet bereid wees om meer te doen as wat vereis word of verwag word.

5:42 Hierdie was nie bedoel as ‘n vaste reël in verband met uitleentransaksies nie, maar dit dui op ‘n toegeneëtheid en liefde teenoor ander, in besonder die armes, die mens in nood en die uitgeworpenes van die samelewing (vgl. Eks. 22:25; Deut. 15:7-11; Spr. 19:17).

NASB (UPDATED) TEXT: 5:43-48

⁴³“You have heard that it was said, ‘YOU SHALL LOVE YOUR NEIGHBOUR and hate your enemy.’ ⁴⁴But I say to you, love your enemies and pray for those who persecute you, ⁴⁵so that you may be sons of your Father who is in heaven; for He causes His sun to rise on the evil and the good and sends rain on the righteous and the unrighteous. ⁴⁶For if you love those who love you, what reward do you have? Do not the tax collectors do the same? ⁴⁷If you greet only your brothers, what more are you doing than others? Do not even the Gentiles do the same? ⁴⁸Therefore you are to be perfect, as your heavenly Father is perfect.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 5:43-48.

5:43 Dis ‘n saamgestelde aanhaling wat Jesus hier maak.

1. “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” kom uit Lev. 19:18 (NAV). Dit wil voorkom of hierdie frase vir Jesus ‘n kernbeginsel was wat selfs in dieselfde asem met die Tien Gebooie genoem word (vgl. Mat. 19:18-19). In Mark. 12:31 is dit die tweede groot gebod wat op Deut. 6:4-5 volg. Dieselfde geld vir Luk. 10:25-28. Paulus gebruik in Rom. 13:8-10 hierdie teks as ‘n opsomming van die hele wet.
2. “En jou vyand moet jy haat” (OAV) is nie ‘n aanhaling uit die OT nie, maar ‘n veralgemeende gevolgtrekking uit Joodse kringe wat godsdienstige eksklusiwiteit voorstaan (bv. die Sadduseërs, Fariseërs en Esseners).

So verskil die etiek van die nuwe Koninkryk van ‘n gevalle wêreld se leefstyl wat neerkom op selfsug, van niks ontsien op die pad van selfverryking nie, wat immer vra: “Wat baat ek daarby!?” Alles dinge wat verander wanneer iemand God waarlik ken (vgl. Mat. 5:20,48)!

5:44 Die KJV voeg hier ‘n frase, oorgeneem uit Luk 6:27-28, wat nie in die oorspronklike MSS \aleph of B van Matteus voorkom nie, (dieselfde geld die OAV met “seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat”).

Daar is in vers 44 twee PRAESENS IMPERATIEWE naamlik “hou aan met liefdesbetoon en bid”, gevolg deur ‘n derde PRAESENS (maar DEELWOORD), “vir die een wat aanhou vervolg”. Hierdie PRAESENS plaas die gelowige onder volgehoue opdrag om liefde te betoon en te vergewe selfs as die moontlikheid bestaan dat vervolging nie gaan ophou nie.

Die Koninkryk sien daar totaal anders uit as die heersende wêreldorde!

5:45	OAV	“sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is”
	NAV	“sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel”
	CUM-MVB	“sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemele”
	CUM-NLV	“So sal julle optree soos ware kinders van julle hemelse Vader”
	NASB	“that you may be sons of your Father who is in heaven”

Die optrede van gelowiges toon duidelik aan wie se familie hulle behoort: God s’n of Satan s’n. Kinders tree op soos hulle vaders (vgl. Lev. 19:2).

5:46-47 Die optrede van gelowiges moet die verwagtinge van ongelowiges in die samelewing oortref en hulle verras. Hierdie verse bevat twee KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE wat moontlike toekomstige handeling veronderstel.

5:46 OAV, NAV “loon”
CUMs “beloning”
NASB “rewards”

Hierdie tema kom herhalend voor in die Bergrede (vgl. 6:1,2,4,6). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:12.

5:48 OAV, NAV “Wees julle dan volmaak”
CUM-MVB “mense wat soos julle hemelse Vader aan sy doel beantwoord”
CUM-NLV “Wees julle dan volkome in julle liefde soos julle Vader volkome in sy liefde is”
NASB “you are to be perfect”

Hier word aangehaak by Lev. 11:44,45; 19:2; 20:7,26. Letterlik beteken dit “volwasse” of “ten volle toegerus”. Dit hou op ‘n ondubbelsinnige wyse God self en sy geregtigheid as die hoogste standaard voor (vgl. Deut. 18:30). Mense kan nie volmaak wees nie, behalwe in Christus (vgl. 2 Kor. 5:21). Weliswaar moet hulle in hul daaglikse lewe daarna strew. ‘n Teologiese balans tussen (1) verlossing wat as vrye (genade) geskenk van God aanvaar word, oftewel “geheilig” as ‘n status in Christus en (2) ‘n strew om soos Christus te wees (Christlikeness) wat ook progressiewe heiligmaking genoem word.

Sommige uitleggers beskou dié vers slegs as ‘n samevatting van die onmiddellik voorafgaande paragraaf. So gesien werp dit lig op die insluitende liefde waarna Christene moet strew.

VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGMAKING

Die NT verklaar dat wanneer sondaars hulle met berou tot Jesus wend, hulle onmiddellik geregverdig en geheilig word. Hulle ontvang ‘n nuwe posisie in Christus. Sy geregtigheid word hulle toegereken (Rom 4). God verklaar hulle regverdig en heilig (‘n forensiese handeling van God).

Maar die NT dring ook daarop aan dat gelowiges na heiligheid en heiligmaking moet strew. Danksy die voltooid werk van Christus is dit, naas ‘n teologiese posisie, ook ‘n roeping om in jou daaglikse lewe ‘n Christus-gesindheid en handelswyse te vergestalt. Verlossing is ‘n vrye gawe wat ‘n lewe van volle oorgawe vereis. Dieselfde geld vir heiligmaking.

Aanvanklike reaksie

Han. 20:23; 26:18
Rom. 15:16
1 Kor. 1:2-3; 6:11
2 Tess. 2:13
Heb. 2:11; 10:10, 14; 13:12
1 Pet. 1:1

Progressiewe vereenselwiging met Christus

Rom. 6:19
2 Kor. 7:1
1 Tess. 3:13; 4:3-4, 7; 5:23
1 Tim. 2:15
2 Tim. 2:21
Heb. 12:14
1: Pet. 1:15-16

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Het Jesus die OT opnuut verstaan en verklaar of het Hy dit verander?
2. Wat beteken “vervul” in verse 17 en 18?
3. Kan iemand die saligheid verbeur deur ‘n ander ‘n verkleinerend naam toe te voeg (vgl. vers 22)?
4. Watter verskil maak verse 23-24 moontlik aan ons moderne manier van aanbidding?
5. Is dit owerspel om weer te trou?
6. Is dit sonde om onder eed te getuig in die hof?
7. Verduidelik watter raamwerk verse 17-20 en 48 bied vir die verse tussenin.

MATTEUS 6

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Teaching About Almsgiving	Do Good to Please God	Teachings in Practical Piety	Teaching About Charity	Almsgiving in Secret	As julle armes help
6:1	6:1-4	6:1	6:1	6:1-4	6:1-4
6:2-4		6:2-4	6:2-4		
Teaching About Prayer	The Model Prayer		Teaching About Prayer	Prayer in Secret	As julle bid
6:5-15	6:5-15	6:5-6	6:5-6	6:5-6	6:5-15
		6:7-8	6:7-13	How to Pray The Lord's Prayer	
		6:9-15		6:7-15 (9-13)	
			6:14-15		
Teaching About Fasting	Fasting to be Seen Only by God		Teaching About Fasting	Fasting in Secret	As julle vas
6:16-18	6:16-18	6:16-18	6:16-18	6:16-18	6:16-18
Treasures in Heaven	Lay Up Treasures in Heaven		Riches in Heaven	True Treasures	Skatte in die hemel
6:19-21	6:19-21	6:19-21	6:19-21	6:19-21	6:19-21
The Light of the Body	The Lamp of the Body		The Light of the Body	The Eye, the Lamp or the Body	Die lig van die liggaam
6:22-23	6:22-23	6:22-23	6:22-23	6:22-23	6:22-23
God and Mammon	You Cannot Serve God and Riches		God and Possessions	God and Money	God en Mammon
6:24	6:24	6:24	6:24	6:24	6:24
Care and Anxiety	Do Not Worry			Trust in Providence	Die sorg van die lewe
6:25-34	6:25-34	6:25-33	6:25-27	6:25-34	6:25-34
		6:34	6:28-34		

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

AGTERGROND TOT VERSE 1-8 EN 16-18

- A. Hoofstuk 5 beskryf die kenmerke van God se nuwe volk en sy bedoeling met ware geregtigheid. Hoofstuk 6 hanteer die tradisioneel-Joodse opvatting van goeie werke verdienstig van geregtigheid (bv. aalmoese, gebed en vas).
- B. Dit hoef nie as 'n stel reëls vir gelowiges te geld nie, maar is nogtans 'n goeie gesindheidstoets. Vir die juiste definisie van 'geregtigheid' moet 5:20 en vers 48 in ag geneem word. Geregtigheid verkry ons alleen as 'n geskenk van God uit genade in Christus (2 Kor. 5:21) en van daardie punt beweeg ons uit dankbaarheid aan tot Christus-gelykvormigheid.
- C. Die radikale vereistes van ware dissipelskap word duidelik uiteengesit, nie in terme van klinkklare reëls nie, maar as geestelike beginsels.
- D. Oor die doel van die Bergrede kan 'n positiewe sowel as 'n negatiewe afleiding gemaak word:
1. dit toon ons die soort lewe wat God met reg van ons kan verwag – die patroon vir 'n geesgevolle lewe.
 2. dit toon die onvermoë van die mensdom om God se geboorte na te kom.
- Die Bergrede weerspieël nes die Tien Geboorte ons sondige aard (vgl. Gal. 3:15-19). Niemand kan die deursoekende lig daarvan uitstaan of verduur nie.
- E. Verse 5 en 6 handel moontlik oor Joodse gebedsprobleme terwyl verse 7 en 8 oor dié van heidene handel.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT 6:1-4

¹“Beware of practicing your righteousness before men to be noticed by them; otherwise you have no reward with your Father who is in heaven. ²So, when you give to the poor, do not sound a trumpet before you, as the hypocrites do in the synagogues and in the streets, so that they may be honored by men. Truly, I say unto you, they have their reward in full. ³But when you give to the poor, do not let your left hand know what your right hand is doing, ⁴so that your giving will be in secret; and your Father who sees what is done in secret will reward you.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 6:1-4.

6:1	OAV	“Pasop dat nie. . .bewys”
	NAV	“Moenie. . .nakom”
	CUM-MVB	“Moenie doen. . .wat”
	CUM-NLV	“Moenie julle praktiese godsdienste”
	NASB, NRSV	“Beware of practicing”
	NKJV	“Take heed that you do not”
	TEV	“Take heed not to perform”
	NJB	“Be careful not to parade”

‘Pasop’ is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF. Letterlik beteken dit ‘dink voortdurend’. God kyk eers na die hart en dan na die hand (daad!)

■	OAV	“jul liefdadigheid”
	NAV	“godsdienspligte”
	CUM-MVB	“doen wat God verwag”
	NASB	“your righteousness”

Hierdie gedeelte handel oor die drie Joods-religieuse praktyke waarvan mense gemeen het dat dit hulle in regte verhouding met JHWH stel: (1) aalmoese, verse 2-4; (2) gebed, verse 5-15; (3) vas, verse 16-18. Wees waaksaam om nie in godsdienspligte verdoensug te verval nie (vgl. 5:20). ‘n Menigte dinge kan goed of sleg wees afhangende van ons gesindheid, motief en doel!

In Jesus se tyd het ‘geregtigheid’ die gee van aalmoese ingesluit. Aalmoese was ‘n weeklikse gebeurtenis in die Joodse samelewing by welke geleentheid vrywillige skenkings gemaak was om die armes en behoeftiges te help.

VIR SPESIALE AANDAG: AALMOESE

- I. Die term as sodanig
- A. Die term het in die Judaïsme ontwikkel in dieselfde tydperk as die Septuaginta.
 - B. Dit verwys na gawes aan armes en behoeftiges.
 - C. Die woord ‘aalmoes’ (*almsgiving*) is ‘n verkorting van die Griekse *eleēmosunē*.
- II. Die OT konsep
- A. Die idee van hulp aan armes kom reeds vroeg in die Tora na vore.

1. 'n tipiese geval, Deut. 15:7-11
2. die gebruik van are-optel; 'n deel van die oes word op die land gelos vir die armes om te kom insamel, Lev. 19:9; 23:22; Deut. 24:20
3. die "sabbatsjaar", die sewende jaar, wat die armes toelaat om die opbrengs van 'n gebrakte land te oes, Eks. 23; 10-11; Lev. 25:2-7

B. Enkele voorbeelde van die konsep in die Wysheidsliteratuur

1. Job 5:8-16; 29:12-17 (slegte behandeling beskryf in 24:1-12)
2. die Psalms, 11:7
3. Spreuke 11:4, 14:21,31; 16:6; 21:3,13

III. Die ontwikkeling in Judaïsme

A. Die eerste indeling van die Misjna handel oor die behandeling van armes, behoeftiges en die plaaslike Leviete.

B. 'n Paar aanhalings as voorbeeld:

1. Die Wysheid van Ben Sira (Ecclesiasticus) 3:30, "soos water 'n vlammeende vuur blus, net so vergoed aalmoese vir sonde" (NRSV)
2. Die Wysheid van Ben Sira 29:12, "gee aalmoese en bou so 'n skat op en dit sal jou red van menige ramp" (NRSV)
3. Tobit 4:6-11, "diegene wat in navolging van waarheid handel, sal in al hulle aktiwiteite voorspoedig wees. Vir almal wat geregtigheid beoefen^b,⁷ gee aalmoese uit jou besittings en moenie onvergenoegd voorkom as jy die skenking maak nie. Moenie jou gesig wegdraai van enigiemand wat arm is nie en God sal sy gesig van jou nie wegdraai nie.⁸ As jy baie besittings het, stel jou gawe saam volgens jou vermoë; indien egter min, moenie bang wees om te skenk in ooreenstemming met wat jy kan bekostig nie.⁹ So sal jy 'n skat vir jouself opbou, gereed vir die dag van nood.¹⁰ Want die skenk van aalmoese red van die dood en hou jou daarvan terug om die Donkerterte te betree.¹¹ Inderdaad is die gee van aalmoese, vir almal wat dit beoefen, 'n uiters welgevallige offerande in teenwoordigheid van die Allerhoogste," (NRSV).
4. Tobit 12:8-9, "⁸Gebed en vas is goed, maar beter as albei is die skenk van aalmoese van geregtigheid. 'n Bietjie met geregtigheid is beter as oorvloed wat met oortreding gepaard gaan. Dit is beter om aalmoese te skenk as om goud op te hoop.⁹ Want skenking van aalmoese red van die dood en reinig van elke sonde. Diegene wat aalmoese gee, sal 'n vol lewe geniet," (NRSV).

C. Hierdie laaste aanhaling uit Tobit (12:8-9) toon die ontwikkeling van die probleem. Menslike aktiwiteit en verdienste word voorgelê as die weg tot vergifnis en oorvloed.

Verdere steun vir hierdie ontwikkeling kom uit die Septuaginta waar die Griekse term *eleēmosunē* (aalmoese) sinoniem met geregtigheid (*dikaïosunē*) gebruik word. Die woorde kom afwisselend in die LXX vir vertaling van die Hebreuse "geregtigheid" voor (BDB 842, die liefde en lojaliteit van God se verbond – vgl. Deut. 6:25; 24:13; Jes. 1:27; 28:17; 59:16; Dan. 4:27).

D. Werke van barmhartigheid was doel opsigself en daardeur kon 'n mens oorvloedige lewe hier en saligheid met die dood verwerf. Die werke eerder as die motief agter die werke het teologies primêr geraak. God sien eers die hart en dan die werke wat daaruit voortvloei. Dit is wat die rabbyne geleer het, maar op een of ander wyse het die gedagte in individuele self-geregtigheid verlore gegaan (vgl. Miga 6:8).

IV. Die NT reaksie

A. Die term kom voor in

1. Mat. 6:1-4
2. Luk. 11:41; 12:33
3. Han. 3:2-3,10; 10:2,4,31; 24:17

B. Jesus laat Hom dan ook uit oor die tradisionele mening t.o.v. "geregtigheid" (vgl. 2 Clementius 16:14)

1. gee van aalmoese
2. vas
3. gebed

C. In sy Bergrede (Mat. 5-7): sommige Jode maak op hulle eie werke staat. Hierdie werke was veronderstel om uit liefde vir God voort te vloei, liefde vir sy woord en vir verbondsbroers en susters; nie uit selfbelang of self-geregtigheid nie! Nederigheid en afsondering word die riglyne vir ware goeie werke. Die hart is van kernbelang. Die hart is eiegeregig en boos. God verander eers die hart. Die nuwe hart strewe na God.

- ☐ OAV "voor die mense"
- NAV, CUM-MVB "om deur mense gesien te word"
- CUM-NLV "sodat almal julle bewonder"
- NASB "before men"

Daar is dinge wat gelowiges "voor mense" moet doen: (1) hulle lig laat skyn (5:16) en (2) Christus bely (10:32).

- ☐ OAV "om deur hulle gesien te word"
- NAV, CUM-MVB "om deur mense gesien te word"

CUM-NLV “sodat almal julle bewonder”
NASB “to be noticed by them”

Die woord ‘teatraal’ (*theatrical*) is van die Griekse woord *theamai* afgelei en dit beteken ‘om aandagtig te kyk’. Die woord ‘geveinsdes’ in vers 2 het ook ‘n teatrale etimologie. Toneelspel was die Fariseërs se godsdiens (vgl. 5:20).

▣ **OAV** “loon”
NAV, CUMs “beloning”
NASB “reward”

Hierdie term kom in verse 1,2,5 en 16 voor en beteken ‘om volle betaling te ontvang’ (vgl. Fil. 4:18). Die Bybel verkondig beloning, maar op grond van gesindheid en nie net uiterlike handeling nie (bv. 7:21-23). Die ooreenstemmende frase in vers 2 is ook idiomaties vir ‘ontvangs van ‘n getekende kwitansie’. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:12.

6:2 **OAV** “liefdadigheid bewys”
NAV “armes help”
CUM-MVB “‘n bydrae aan behoeftiges gee”
CUM-NLV “iemand in nood help”
NASB “give to the poor”

Die armes het op ‘n weeklikse basis hulp in die vorm van aalmoese ontvang. Die rabbyne was selfs van mening dat dit kon dien tot saligheid (vgl. Tobit 12:8-9, Wysheid van Ben Sira 3:30; 29:11-12).

▣ **OAV** “moenie ‘n trompet voor jou blaas. . .nie”
NAV, CUM-MVB “moet dit nie uitbasuin nie”
CUM-NLV “moenie ‘n groot okkasie daarvan maak nie”
NASB “do not sound a trumpet before you”

Dikwels is daar vermoed dat dit na die 13 trompetagtige vergaarbakke by die tempel verwys waar geld geplaas kon word (vgl. Luk. 21:2). Elke houer het ‘n besondere saak gedien. Daar is in Joodse literatuur egter nooit bevestiging vir die bestaan van sulke vergaarbakke gevind nie. Mees waarskynlik is hierdie uitspraak bloot beeldspraak om iemand aan te dui wat met sy godsdienstige handeling loop en spog.

▣ **OAV** “geveinsdes”
NAV, CUM-NLV “skynheiliges”
CUM-MVB “mense wat voorgee”
NASB “hypocrites”

Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: GEVEINSDES

Die letterlike vertaling van hierdie saamgestelde woord is ‘oordeel onderhewig aan’, wat kan beteken: (1) ‘n teatrale woord (toneelkuns) vir praat van agter ‘n masker, of (2) ‘n vroeër gebruik, naamlik ‘oorvertolking’. In hierdie skrifdeel verwys dit dus na godsdienstige toneelspel.

Fariseërs het godsdienstige rites en rituele uitgevoer om deur ander mense bewonder te word en nie om God te verheerlik nie (alhoewel ek van mening is dat dit maar een van ‘n verskeidenheid motiewe was):

1. gee aalmoese, nie alleen om armes te help nie, maar om deur ander mense geprys te word, Mat. 6:2
2. bid in die sinagoge en in die openbaar om deur ander gesien te word, Mat. 6:5
3. wanneer hulle vas, lyk hulle onversorg sodat ander met hulle geestelikheid beïndruk moet wees, Mat. 6:16
4. hulle weet om tiendes van kleinighede uit kombuisvoorraad te reël, maar die belangrike aspekte van die wet word nagelaat, Mat. 23:23
5. die buitekant van die beker maak hulle skoon, maar die binnekant nie, Mat. 23:25; Mark. 7:1-8
6. hulle was ingestel op selfregverdiging, Mat. 23:29-30
7. hulle verhinder mense om die Koninkryk in te gaan, Mat. 23:13-15
8. hulle probeer Jesus ‘uitvang’ sonder om na ware kennis te soek, Mat. 22:15-22
9. ‘n spesiale oordeelwag in die verdoemenis, Mat. 24:51
10. hulle was witgepleisterde grafte gevul met onreinheid, Mat. 23:27 (vgl. *Dictionary of Biblical Imagery*, bl. 415).

▣ **OAV** “dat hulle deur die mense geëer kan word”
NAV “sodat mense met lof van hulle kan praat”
CUM-MVB “hulle grootheid deur die mense geprys kan word”
CUM-NLV “om deur die mense opgehemel te word”
NASB “that they may be honored by men”
NKJV “that they may have glory from men”
NRSV “so that they may be praised by others”
TEV “so that people will praise them”
NJB “to win human admiration”

God kyk na die hart (vgl. 1 Sam. 16:7; Spr. 21:2; Luk. 16:15; Joh. 12:43; Han. 1:24; Rom. 8:27; Openb. 2:23).

▣	OAV	“Voorwaar, Ek sê vir julle”
	NAV, CUM-MVB	“Dit verseker Ek julle”
	CUM-NLV	“Ek verseker julle”
	NASB	“Truly I say to you”
	NKJV	“Assuredly, I say to you”
	NRSV	“Truly, I tell you”
	TEV	“Remember this”
	JB	“In tell you solemnly”
	NJB	“In truth I tell you”

Letterlik ‘amen, amen’ (“voorwaar, voorwaar!” – vgl. verse 2,5,16). Dit word slegs deur Jesus gebruik en dien as inleiding tot ‘n belangrike stelling. Die OT woordstam vir ‘amen’ is getrouheid, lojaliteit of betroubaarheid. Die veronderstelling is dan ‘ek maak ‘n belangrike stelling, luister met aandag!’ Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

▣	OAV	“hulle het hul loon weg”
	NAV	“hulle het hul beloning klaar weg”
	CUM-MVB	“hulle het hulle beloning klaar ontvang”
	CUM-NLV	“dis al beloning wat hul ooit sal kry”
	NASB	“They have their reward in full”

Die woord “loon” kom in die Egiptiese papiirusgeskrifte voor en dui op vergoeding of verdienste (vgl. James Moulton en George Milligan se *The Vocabulary of the Greek Testament*, bl. 413).

6:3 Dit was idiomaties vir enige geheimhouding en moet nie letterlik verstaan word nie. Dit was ‘n reaksie op en afkeur van godsdienstige vertonerigheid.

6:4	OAV	“jou Vader wat in die verborgene sien”
	NAV, CUM-MVB	“Jou vader wat sien wat verborge is”
	CUM-NLV	“jou Vader wat alle geheime ken”
	NASB	“your Father who sees what is done in secret”

Die waarde van ‘n individu se persoonlike geloof is in sy persoonlike vertroue in God. Gelowiges se persoonlike verhouding met God blyk immers veel meer uit onopvallende handeling as andersins (vgl. verse 5, 18). Die sleutel is gesindheid eerder as geheimsinnigheid (vgl. 5:16). Dit is so dat geldelike rentmeesterskap kragtige getuie kan lewer, bv. J.C. Penney en R.G. Letourneau.

VIR SPESIALE AANDAG: GOD AS MENS BESKRYF (ANTROPOMORFIESE TAAL)

I. Hierdie tipe woordgebruik kom baie algemeen in die OT voor. Hier volg ‘n paar voorbeelde.

A. Fisieke liggaamsdele

1. oë – Gen. 1:4,31; 6:8; Eks. 33:17; Num. 14:14; Deut. 11:12; Sag. 4:10
2. hande – Eks. 15:17; Num. 11:23; Deut. 2:15
3. arm – Eks. 5:6; 15:16; Num. 11:23; Deut. 4:34; 5:15
4. ore – Num. 11:18; 1 Sam. 8:21; 2 Kon. 19:16; Ps. 5:1; 10:17; 18:6
5. gesig – Eks. 32:30; 33:11; Num. 6:25; Deut. 34:10; Ps. 114:7
6. vinger – Eks. 8:19; 31:18; Deut. 9:10; Ps. 8:3
7. stem – Gen. 3:8-10; Eks. 15:26; 19:19; Deut. 26:17; 27:10
8. voete – Eks. 24:10; Eseg. 43:7
9. menslike vorm – Eks. 24:9-11; Ps. 47; Jes. 6:1; Eseg. 1:26
10. die Engel van die Here – Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11,13; 48:15-16; Eks. 3:4,13-21; 14:19; Rigt. 2:1; 6:22-23; 3:3-22.

B. Fisieke handeling

1. praat as meganisme om skepping te begin – Gen. 1:3,6,9,11,14,20,24,26
2. die geluid van wandeling in Eden – Gen. 3:8; 18:33; Hab. 3:15
3. Noag se ark se deure wat toemaak – Gen. 7:16
4. die geur van offerande – Gen. 8:21; Lev. 26:31; Amos 5:21
5. na benede kom – Gen. 11:5; 18:21; Eks. 3:8
6. begrawe Moses – Deut. 34:6

C. Menslike emosie (‘n paar voorbeelde)

1. spyt/jammer – Gen. 6:6-7; Eks. 32:14; Rigt. 2:18; 1 Sam. 15:29, 35; Amos 7:3,6
2. woede – Eks. 4:14; 15:7; Num. 11:10; 12:9; 22:22; 25:3,4; 32:10,13,14; Deut. 6:5; 7:4; 29:20
3. jaloesie – Eks. 2:15; 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15; 32:16,21; Jos. 24:19
4. afsku/verafsku – Lev. 20:23; 26:30; Deut. 32:19

D. Familie terme

1. Vader
 - a. van Israel – Eks. 4:22; Deut. 14:1; 39:5
 - b. van die koning – 2 Sam. 7:11-16; Ps. 2:7
 - c. metafore in verband met vaderlike optrede – Deut. 1:31; 8:5; 32:1; Ps. 27:10; Spr. 3:12; Jer. 3:4,22; 31:20; Hos. 11:1-4; Mal. 3:17
2. ouer – Hos. 11:1-4
3. moeder – Ps. 27:10 (soos ‘n moeder wat ‘n suigeling voed); Jes. 49:15; 66:9-13
4. getroue jong minnaar – Hos. 1-3

II. Redes vir hierdie taalgebruik

- A. God ag dit nodig om Hom aan mense te openbaar. Juis die diepsinnige gedagte dat God manlik is, is ‘n voorbeeld van mensvormige spreke, want God gees is!
- B. God gebruik die mees betekenisvolle aspekte van menslike lewe as openbaringsmiddele aan ‘n gevalle mensdom (vader, moeder, ouer, minnaar).
- C. Hoewel antropomorfisme nodig is, kan God nie ingeperk word tot enige fisiese vorm nie (Eks. 20; Deut. 5).
- D. Die finale en hoogste mensvormige selfopenbaring van God het in Jesus Christus geskied. In Hom het God fisies verskyn, tasbaar! Die boodskap van God het die woord van God geword (vgl. Joh. 1:1-18).

- OAV “sal jou in die openbaar vergelde”
NAV, CUMs “sal jou beloon”
NASB “will reward you”

Sommige vertalings, bv. die NKJV en die OAV, het die woord “openbaar” (*openly*) in verse 4, 6 en 18 behou. Die onderliggende Griekse woord kom wel voor in die hoofletter MSS K, L en W sowel as by verse 4, 6 en 18 in die Griekse teks deur Chrysostomus gebruik. Dit kom egter nie voor in die vernaamste MSS soos \aleph , B, D, Z of die Griekse teks wat deur Origenes, Cyprianus, Hieronimus en Augustinus gebruik is nie. Die UBS⁴ gradeer die korter weergawe met ‘n B (feilik seker).

NASB (UPDATED) TEXT: 6:5-15

⁵“When you pray, you are not to be like the hypocrites; for they love to stand and pray in the synagoges and on the street corners that they may be seen by men. Truly, I say to you, they have their reward in full. ⁶But you, when you pray, go into your inner room, close your door and pray your Father who is in secret and your Father who sees what is done in secret will reward you. ⁷And when you are praying, do not use meaningless repetition as the Gentiles do, for they suppose that they will be heard for their many words. ⁸So do not be like them; for your Father knows what you need before you ask Him. ⁹Pray, then, in this way:

‘Our Father who is in heaven,

Hallowed be Your name.

¹⁰Your kingdom come.

Your will be done.

On earth as it is in heaven.

¹¹Give us this day our daily bread.

¹²And forgive us our debts, as we also have forgiven our debtors.

¹³And do not lead us into temptation, but deliver us from evil.

[For Yours is the kingdom and the power and the glory forever. Amen.]’

¹⁴For if you forgive others their transgressions, your heavenly Father will also forgive you. ¹⁵But if you do not forgive others, then your Father will not forgive your transgressions.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 6:5-15.

- 6:5 OAV “want hulle hou daarvan om in die sinagoges. . .te staan en bid”
CUM-NLV “wat daarvan hou om in die sinagoges. . .te bid”
NASB “for they love to stand and pray in the synagogues”

Die algemene gebruik vir Jode wat bid, was om met oop oë te staan met gesig en arms hemelwaarts gerig. Die probleem was nie die liggaamshouding nie, maar die vertonerige gesindheid van die hart.

- OAV “en op die hoeke van die strate”
NAV “en op die straathoeke”
NASB “and on the street corners”

In Jesus se tyd was die Joodse gebruik drie gebedsgeleenthede op gegewe tye van die dag. Twee hiervan was 9 vm. en 3 nm., waartydens sekere offers gebruiklik was in die tempel. Hierby het hulle die middaguur (twaalfuur) gevoeg. Sommige selfvoldane leiers het hulle sake so gereël dat hulle op dié tye in die openbaar verskyn het sodat almal hulle toewyding kon sien.

▣	OAV	“om deur die mense gesien te word”
	NAV, CUM-NLV	“sodat die mense hulle kan sien”
	CUM-MVB	“sodat hulle sigbaar is vir die mense”
	NASB	“so that they may be seen by men”

Letterlik ‘om voor mense te skyn’. Gelowiges moet wel soos ligte voor mense skyn, maar nie om eie eer nie, maar dat God verheerlik sal word (vgl. vers 2 en 5:16; ook Joh. 12:43; Fil. 2:15). Sien *Vir Speciale Aandag* by 6:2.

▣	OAV	“Voorwaar”
	NAV, CUMs	“Dit verseker Ek julle”
	NASB	“Truly”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:18.

6:6	OAV	“gaan in jou binnekamer”
	NAV, CUM-MVB	“gaan na jou binnekamer toe”
	CUM-NLV	“gaan na die stilste vertrek in jou huis”
	NASB	“go into your inner room”
	NKJV, NRSV	“go into your room”
	TEV	“go to your room”
	NJB	“go to your private room”

Hiermee word na ‘n stookkamer verwys (vgl. Luk. 12:24). Etimologies beteken die Griekse woord ‘om te sny’. Dit impliseer ‘n afgeskorte kamer, die enigste in die huis met ‘n deur (vgl. 24:26; Luk. 12:3).

VIR SPECIALE AANDAG: GEBRUIK VAN DIE WOORD “DEUR” IN DIE NT

1. Letterlik
 - a. huisdeure, Mat. 6:6; Mark. 1:33; 2:2; 11:7; bovertrek, Joh. 20:19,26
 - b. van die tempel, Han. 3:2; 21:30
 - c. van ‘n tronk, Han. 5:19,23; 12:6; 16:26-27
 - d. van ‘n graf, Mat. 27:60; 28:2; Mark. 15:46; 16:3
 - e. van ‘n skaapkraal, Joh. 10:1,2
 - f. van ‘n binnehof, Joh. 18:16; Han. 12:13
2. metafories
 - a. die tyd is naby, Mat. 24:33; Mark. 13:29; Han. 5:9; Jak. 5:9
 - b. min tyd om tot ware geloof te kom, Mat. 7:13-14; Luk. 13:24; Openb. 3:20
 - c. geleentheid vir reddende geloof verby, Mat. 25:10; Luk. 13:25; Openb. 3:7
 - d. geleentheid om gered te word, Han. 14:27; Openb. 3:7
 - e. geleentheid om te bedien, 1 Kor. 16:9; 2 Kor. 2:12; Kol. 4:3; Openb. 3:8
 - f. openbaring, Openb. 4:1; 19:11
3. titel vir Jesus, Joh. 10:7,9

6:7	OAV	“‘n ydele herhaling van woorde”
	NAV	“‘n stortvloed van woorde”
	CUM-MVB	“voortbabbel”
	CUM-NLV	“moenie met woorde mors”
	NASB	“meaningless repetition”
	NKJV	“vain repetitions”
	NRSV	“heap up empty Phrases”
	TEV	“a lot of meaningless words”
	NJB	“babble”

Die Griekse woord kom net hier in die NT voor en die betekenis is onseker. Let op die verskeidenheid vertalings van hierdie woord. Jesus en Paulus het van herhalende gebed gebruik gemaak (Mat. 26:44; 2 Kor. 12:8). Moontlik is die vertaling “betekenislose frases” ‘n beter keuse. Vir waarskynlik Bybelse voorbeelde van liturgiese gebed kan na 1 Kon. 8:26 en Han. 19:34 gekyk word. Die punt wat hier gemaak word, is nie die aantal herhalings nie, maar die vaste vertroue en gelowige hart van die spreker.

6:8	OAV	“jul”
	NAV, CUMs	“julle”
	NASB	“you”

Hierdie is ‘n BEKLEMTTOONDE VOORNAAMWOORD (EMFATIES) en dit skep ‘n definitiewe teenstelling met twee groepe, naamlik (1) heidene en (2) die wettiese Fariseërs van vers 5.

AGTERGROND TOT VERSE 9-15

- A. Ciprianus was eerste met die opskrif “Die gebed van die Here” omstreeks 250 n.C. Dit was egter ‘n gebed vir Jesus se dissipels; die titel “Die Modelgebed” laat meer reg geskied aan die wyse waarop dit aangebied is.
- B. Die Modelgebed is saamgestel uit sewe bedes. Die eerste drie handel oor God en die laaste vier oor wat mense nodig het.
- C. Hierdie gebed was moontlik Jesus se aanpassing van die Tien Gebooie (Dekaloog) by sy eie tyd. Dieselfde geld moontlik vir die Saligsprekinge. Matteus stel Jesus voor as die tweede Moses. Paulus maak van dieselfde soort OT analogie gebruik deur na Jesus as die Tweede Adam te verwys (Rom. 5:12-21; 1 Kor. 15; Fil. 2:6-11).
- D. Die Modelgebed is opgestel in IMPERATIEWE. Hulle is voorbeelde van die IMPERATIEF VAN SMEKING, want ons kan God nie beveel nie.
- E. Lukas se weergawe is baie korter. Dit kom in hoofstuk 11:2-4 voor. Dit kan dus nie as uitsprake van Jesus tydens die “Preek op die Vlakte” of “Bergrede” van Mat. 6 beskou word nie. Die doksologie van Mat. 6:13b, wat tekskrities betwis word, kom ook nie in Lukas se weergawe voor nie.

6:9	OAV, CUM-MVB	“So moet julle dan bid”
	NAV	“So moet julle bid”
	CUM-NLV	“Bid dan soos volg”
	NASB, NRSV	“Pray, then, in this way”
	NKJV	“in this manner, therefore, pray”
	TEV	“This, then, is how you should pray”
	NJB	“So you should pray like this”

Gebed moet hiervolgens (PRAESENS IMPERATIEF) ‘n leefwyse wees; ‘n gewoontehandeling. Hierdie gebed dien as voorbeeld en is nie noodwendig ‘n vaste voorskrif nie. Die omvang en gesindheid van gebed is veel belangriker as kommer oor bepaalde bewoording. Dit is immers duidelik uit Luk. 11:2-4 se weergawe wat daarop dui dat Jesus by verskillende geleenthede verskillende woorde vir gebedsonderrig gebruik het.

☐	OAV	“Onse”
	NAV, CUMs	“Ons”
	NASB	“Our”

Dit dien as modelgebed vir die vergaderde gemeente sowel as vir afsonderlike toewyding. Ons is ‘n familie met een *Abba*, Vader! In die lig hiervan maak verse 14 en 15 veel meer sin.

☐ **“Vader”**; **“Father”**: Vaderskap spreek hier nie van voorgeslag of afkoms nie, maar die warmte van persoonlike verhoudinge in ‘n tipies Joodse huis. Die OT agtergrond hiervoor is Deut. 32:6; Ps. 103:13; Jes. 63:16; Mal. 2:10; 3:17. Hoewel, die Vader-begrip nie in die OT of die rabbynse geskrifte as hooftema voorgekom het nie, is dit te meer verrassend dat gelowiges JHWH, danksy hulle verhouding met Jesus “Vader” mag noem (Rom. 8:15). Sien ook *Vir Spesiale Aandag* by 5:16.

6:9-10	OAV, NAV	“geheilig. . .kom. . .geskied”
	CUM-MVB	“geëer. . .sigbaar word. . .geskied”
	CUM-NLV	“geheilig. . .kom. . .uitgevoer word”
	NASB	“hallowed. . .come. . .done”

Hierdie is alles AORISTUS IMPERATIEF wat vir die doel van beklemtoning aan die begin van die Griekse sinne geplaas is. So ‘n PLASING, die TYD (gram.) en VORM veronderstel ‘n dringendheid en belangrikheid daarvan. Dit spel uit hoe gelowiges God moet vereer. Die frase “soos in die hemel, net so ook op die aarde” het op al drie die verse betrekking. Dit alles is dringend en belangrik!

☐	OAV, NAV, CUM-NLV	“Laat. . .geheilig word”
	CUM-MVB	“Laat. . .geëer word”
	NASB	“Hallowed”

Hierdie Griekse term kom van die wortelstam “heilig” (vgl. Heb. 10:29) en beteken “geëer”, “gerespekteer” en “om hoog geag te wees”. Vir die doel van beklemtoning staan die WERKWOORD vooraan die Griekse sin. In die Sinoptiese evangelies kom dié woord slegs vier keer voor (vgl. Mat. 6:9; 23:17,19; Luk. 11:2).

6:9 “Naam”; **“name”**: Sy Naam is uitdrukking van sy karakter en persoon (vgl. Eseg. 36:22; Joël 2:32). In hierdie gevalle wêreld word sy Naam deur die gehoorsaamheid van sy kinders bekendgestel (vgl. Jes. 29:3).

☐	OAV, NAV	“Laat u koninkryk kom!”
	CUM-MVB	“Laat u koninklike regering sigbaar word”

**CUM-NLV
NASB**

**“Laat u koningsheerskappy spoedig kom”
“Your kingdom come”**

God word hiermee aangeroep in sy hoedanigheid as Koning. Dié gebed verlang dat God op aarde in beheer sal wees soos in die hemel. In die NT word aan God se koninkryk gedink as (1) teenswoordige werklikheid (vgl. Mat. 4:17; 12:28; Luk. 17:21) en (2) ‘n toekomstige vervolmaking van alle dinge (vgl. Mat. 6:10; 13:2 e.v.; Luk. 11:2; Joh. 18:36). Die tweeledigheid van God se heerskappy kom in hierdie frase tot uitdrukking: met die Tweede Koms breek ‘n vervolmaakte werklikheid aan, maar vir die huidige is sy heerskappy slegs in die lewens van ware dissipels merkbaar. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:17.

6:11 “gee ons”; “Give us”: Terwyl die eerste drie bedes handel oor optrede teenoor God, handel die laaste vier oor hoe gelowiges verlang dat God teenoor hulle sal optree.

▣ **“vandag”; “this day”:** God wil dat sy kinders elke dag deur geloof in Hom sal lewe. As OT voorbeeld hiervan is manna op ‘n daaglikse basis voorsien (vgl. Eks. 16:13-21). In die Midde Ooste is brood vroegoggend gebak en geëet, want later die dag het dit uitgedroog en hard geword. Vandag se brood deug nie meer vir môre nie.

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB “daaglikse”
CUM-NLV “vir vandag”
NASB “daily”**

‘n Griekse woord wat selde voorkom! Dit is gebruik

1. in die Egiptiese papyrusdokumente van ‘n slawe-eienaar wat genoeg voedsel voorsien vir ‘n dagtaak;
2. moontlik ‘n Griekse idioom vir “voedsel genoeg vir een dag” of “wat nodig is vir een dag”;
3. die Tyndale *Commentary on Matthew* lees soos volg: “Gee ons die nodige krag sodat die beproewinge van die lewe vir ons nie die oorsaak van geestelike versoeking word nie.”

Tertullianus het dit met “daaglik” vertaal. Hierdie woord kom net hier in die NT voor en in die parallelle frase van Luk. 11:3.

▣ **“brood”; “bread”:** Daar is verskillende moontlikhede hoe “brood” verstaan kan word.

1. letterlik brood
2. die nagmaal (vgl. Han. 2:46)
3. die woord van God, d.w.s. die Bybel (vgl. 4:4; Luk. 4:4)
4. die Lewende Woord, d.w.s. Jesus (vgl. Joh. 6:41,48,51,55)
5. die Messiaanse eetmaal (vgl. Luk. 14:15)

Nommer #1 pas die beste in by die teksverband. As metafoor kan “brood” egter verstaan word as God se voorsiening vir alle lewensbehoefes.

**6:12 OAV, NAV, CUM-MVB “vergewe”
CUM-NLV “vergewe het”
NASB, NRSV, NJB “have forgiven”
NKJV, TEV “forgive”**

Ten opsigte van die tweede “vergewe” is daar ‘n grammatiese TYDsverskil. Dit hang saam met die AORISTUS wat in die volgende MSS gevind word: \aleph^* , B, Z, die Vulgaat en die Pesjitta. Al die ander Griekse MSS en ou vertalings het hier ‘n PRAESENS. Twee betekenisse vloei voort uit die term, naamlik “om weg te stuur” en “om uit te wis” – albei OT metafore wat met “vergifnis” verbind kan word.

▣ **OAV “skulde”
NAV, CUM-MVB “oortredinge”
CUM-NLV “sondeskuld”
NASB “debts”**

Die parallelle gedeelte in Luk. 11:4 gebruik “sondes”. Judaïsme van die eerste eeu het ‘skulde’ (*opheilēmata*) en ‘sonde’ (*hamartias*) sinoniem gebruik. Nog ‘n term word in 6:14-15 gebruik, naamlik “oortredinge” (*paraptōmata*). Basies is al drie in opstand teen God. Sonde lei tot rebelseid teen die God van geregtigheid en heiligheid. Vir opstandigheid teen God is daar ‘n prys te betaal.

▣ **OAV “soos ons ook ons skuldenaars vergewe”
NAV, CUM-MVB “soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree”
CUM-NLV “soos ons ook óns skuldenaars vergewe het”
NASB “as we also have forgiven our debtors”**

Hierdie is ‘n AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF. God se vergifnis teenoor gelowiges stel hulle in staat om ook ander te vergewe (vgl. 18:35)! ‘n Belangrike kenmerk van ‘n herstelde verhouding met God in Christus is dat ons begin om sy handelswyse na te strew.

**6:13 OAV “en lei ons nie in versoeking nie”
NAV, CUM-MVB “en laat ons nie in versoeking kom nie”**

CUM-NLV
NASB, NKJV
NRSV
TEV
NJB

“Bewaar ons sodat ons nie aan verleiding sal toegee nie”
“do not lead us into temptation”
“do not bring us to the time of trial”
“do not bring us to hard testing”
“do not put us to the test”

Hierdie is ‘n NEGATIEF AORISTUS SUBJUNKTIEF. Dis ‘n grammatikale konstruksie wat gebruik word om aan te dui dat “‘n aktiwiteit hoegenaamd nie begin moet word nie”. Daar was baie meningswisseling oor hierdie vers gesien in die lig van Jak. 1:13 en God se rol in beproewing. ‘Beproof’ en ‘toets’ in Grieks lei tot verskillende betekenismoonlikhede, naamlik *peirasmō* (vgl. Mat. 6:13; Jak. 1:13) wat ‘toets om te vernietig’ kan beteken en *dokimazo* wat ‘toets om te versterk’ kan beteken. Hier is die versugting om nie vernietig te word nie! Wanneer God iemand “beproof” is dit om te versterk en nie met die doel om te vernietig nie. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:1.

Die moontlikheid bestaan dat hierdie bede in die lig van wetstoepassing deur ‘n verdrukkende owerheid, verstaan moet word (vgl. Mat. 26:41; Mark. 13:8). C.C. Torrey vertaal in *The Four Gospels*, bl. 12, 143 met “bewaar ons van swig [*failing*] tydens verhoor” (vgl. Luk. 22:40).

■ OAV, NAV, CUMs “van die Bose”
NASB “from evil”
NKJV, NRSV, JB “from the evil one”
TEV, NJB “from the Evil One”

Dit is nie moontlik om uit die grammatikale konstruksie af te lei of die verwysing MANLIK (sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:5) of ONSYDIG is nie. Dié grammatikale vorm dui wel op Satan in 5:37, 13:38 en Joh. 17:15. Hierdie dubbelsinnige vorm kom voor in 5:37; 6:13; 13:19,38; Joh. 17:15; 2 Tess. 3:3; 1 Joh. 2:13,14; 3:12; 5:18-19.

■ Die doksologie van vers 13b kom nie in (1) die parallelle gedeelte van Luk. 11:2-4; (2) die antieke hoofletter (*Uncial*) Griekse MSS \aleph , B, D en (3) die kommentare van Origenes, Cyprianus, Hieronimus en Augustinus voor nie. In ander kopieë van Matteus verskil die doksologie ook wat vorm betref. Waarskynlik is dit uit 1 Kon. 29:11-13 oorgeneem en, namate in eredienste van die vroeë kerk hierdie Gebed van die Here gebruiklik geword het, daaraan toegevoeg. Dit was nie oorspronklik daarvan deel nie. Die Rooms Katolieke liturgie laat dit weg omdat dit nie in die Vulgaat voorkom nie. Oor hierdie teks lug A.T. Robinson in sy *Word Pictures of the New Testament* die volgende mening: “Die doksologie word in die kantlyn van die *Revised Version* geplaas. Dit kom nie voor in die oudste en beste Griekse manuskripte nie. Die vroeër vorms verskil grootliks, sommige korter, sommige langer as die een die die *Authorised Version*. Die gebruik van ‘n doksologie het ontstaan toe dit die gebruik word om hierdie gebed as ‘n liturgie te gebruik en op te sê tydens publieke aanbidding. Dit was nie ‘n oorspronklike deel van die Modelgebed soos deur Jesus gegee nie,” bl. 55. Die UBS⁴ graadeur die weglating met ‘A’ (seker).

6:14-15 Verse 14 en 15 dien as slot vir die Modelgebed. Daarmee word nie te kenne gegee dat werke en handeling (vergifnis) saligheid verdien nie, maar eerder dat dit as bewys van ons verlossing moet dien (twee KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE). Sulke optrede is nie die basis van redding nie, maar die gevolg (Mat. 5:7; 18:35; Mark. 11:25; Luk. 6:36-37; Jak. 2:13; 5:9). Wanneer ons hierdie familiegebed, ons Vader, op die lippe neem, moet ons dié familiegesindheid (vergifnis) teenoor mekaar openbaar.

6:14 “oortredinge”; “transgressions”: Om “afvallig” te raak of ‘n “misstap” te begaan! Dit is waarop die meeste van Griekse en Hebreeuse woorde vir sonde sinspeel, naamlik afwyking van die standaard wat God se karakter is. Dit impliseer ‘n bewustelike oorskryding van ‘n vooropgesette grens.

NASB (UPDATED) TEXT: 6:16-18

¹⁶“Whenever you fast, do not put up a gloomy face as the hypocrites do, for they neglect their appearance so that they will be noticed by men when they are fasting. Truly I say unto you, they have their reward in full. ¹⁷But you, when you fast, anoint your head and wash your face ¹⁸so that your fasting will not be noticed by men, but by your Father who is in secret: and your Father who sees what is done in secret will reward you.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 6:16-18.

6:16-18 Ook dit is voorbeelde van godsdienstige vertonerigheid. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:2.

6:16 “vas”; “fast”: In die OT word net een spesifieke vastyd ingestel, naamlik die Groot Versoendag (Lev. 16) wat in die sewende maand geval het. Die Joodse leiers het bykomende vasdae ingestel om die moeilike tye in hulle nasionale geskiedenis in herinnering op te roep (vgl. Sag. 7:3-5; 8:19).

Bykomend het die rabbyne nog twee vaste per week ingestel. Op Donderdae om Moses se bestyging van Berg Sināi te gedenk en Maandae om sy terugkeer vanaf die berg te gedenk. Hulle het die vastye gebruik om hulle geestelikeid te vertoon.

VIR SPESIALE AANDAG: VAS

Hoewel die gebruik van vas nie in die NT voorgeskryf word nie, was dit tog as vereiste vir Jesus se dissipels voorgelê (vgl. 2:19; Mat. 6:16,17; 9:15; Luk. 5:35). In Jes. 58 word 'n voorskrif vir ware vas aangevoer. Jesus het wel in dié verband 'n voorbeeld gestel (vgl. Mat. 4:2). In die vroeë kerk was vas gebruiklik (vgl. Han. 13:2-3; 14:23; 2 Kor. 6:5; 11:27). Die motief en wyse was van groot belang, maar hoe lank en hoe dikwels is nie voorgeskryf nie. OT vastye was nie 'n voorskrif vir NT gelowiges (vgl. Han. 15:6-29). Die doel van vas is nie vertoon van "geestelikheid" nie, toenadering tot God in soeke na sy leiding. Dit kan van geestelike nut wees.

Die vroeë kerk se geneigdheid tot asketisme het daartoe aanleiding gegee dat oorskrywers "vas" op talle skrifplekke ingewerk het (vgl. Mat. 17:21 OAV en voetnoot NAV, Mark. 9:29; Han. 10:30; 1 Kor. 7:5). Vir meer inligting raadpleeg Bruce Metzgar se *A Textual Commentary on the Greek New Testament*, uitgegee deur United Bible Societies, wat op sulke twyfeligte tekste ingaan.

▣ **"lang gesigte"; "gloomy face":** Die term kom net hier en in Luk. 24:17 voor.

▣ OAV	"voorwaar"
NAV, CUM-MVB	"Dit verseker Ek julle"
CUM-NLV	"Ek verseker julle"
NASB	"Truly"

Sien die *Vir Speciale Aandag* by 5:18.

6:17 Die waarheid hier aan die orde kom met vers 6 ooreen. In die geheel gaan dit oor afwys van godsdienstige vertonerigheid. Ons geestelike lewe is vir die oog van God bedoel! Ons soek sy goedkeuring, nie die applous van mense nie.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom het Jesus die drie terreine van aalmoese, gebed en vas gekies om misbruik af te wys?
2. Op watter ander gebiede in die lewe maak ons ons op dieselfde manier skuldig?
3. Waarom is 'n mens se gesindheid belangriker as daade?

AGTERGROND TOT VERSE 19-24

- A. Die waarhede van hierdie gedeelte word in Lukas herhaal, maar by ander geleenthede:
 1. mense moet vir hulle skatte in die hemel versamel (Luk. 12:33-34)
 2. die oog is die lamp van die liggaam (Luk. 11:34-36)
 3. mense kan nie twee here dien nie (Luk. 16:13).
 4. God se voorsiening in die natuur dien as voorbeeld vir sy voorsiening aan mense (Luk. 12:22-31). Jesus maak in sy onderrig aan verskillende groepe by verskillende geleenthede van dieselfde voorbeelde gebruik.
- B. Jesus neem voorbeelde uit die natuur om oor God te onderrig: (1) alle dinge behoort aan God en (2) mense is belangriker as dinge en diere.
- C. Die kontraste in hierdie gedeelte is belangrik en nie letterlikheid nie. Aardse besittings is nie sleg nie, maar 'n misplaaste oorskating van materiële dinge is uit die bese (1 Tim. 6:10). Die mensdom se onnodige angstigtheid oor die normale behoeftes van die dag verraai 'n gebrek aan vertroue in die sorg en voorsienigheid van God (vgl. Fil. 4:6). Vertroue is hier belangrik.
- D. Hierdie gedeelte van die Skrif kan in drie dele opgebreek word wat op 'n manier in konteks verwant is: (1) verse 19-20; (2) verse 22-24; (3) verse 25-34. Sake wat nie regtig met mekaar iets te doen het nie word, volgens die rabbyne, "soos 'n string pèrels" vir behandeling saamgevoeg.

NASB (UPDATED) TEXT: 6:19-23

¹⁹"Do not store up for yourselves treasures on earth, where moth and rust destroy, and where thieves break in and steal. ²⁰But store up for yourselves treasures in heaven, where neither moth or rust destroys and where thieves do not break in and steal; ²¹for where your treasure is, there your heart will be also. ²²The eye is the lamp of the

body; so then, if your eye is clear, your whole body will be full of light. ²³But if your eye is bad, your whole body will be full of darkness. If then the light in you is darkness, how great is the darkness!"

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 6:19-23.

6:19 “moenie. . .bymekeer maak”; “do not store up”: Dis eintlik woordspel met letterlik “skatte op skatte” wat ook in vers 20 voorkom. Dis ‘n PRAESENS IMPERATIEF saam met ‘n NEGATIEWE BYWOORD wat beteken dat ‘n proses wat reeds aan die gang is gestaak moet word. ‘n Gevalle mensdom wil graag uit eie bronne vir lewensgeluk selfvoorsienend wees. Uit die grammatikale sinsbou word dit duidelik dat die verlore mensheid ook in so ‘n versoeking verkeer. Ware geluk en sukses volg net uit afhanklikheid van God en tevredenheid met wat Hy beskikbaar gemaak het (vgl. Pred. 1-2; 2:24-25; 3:12,22; 5:18; 8:15; 9:7-9; Fil. 4:11-12).

■ “skatte”; “treasures”: In die antieke wêreld was rykdom afkomstig vanuit drie bronne: (1) kleding (2) voedsel, en (3) metaalversiersels of juwele. Elkeen van hierdie dinge kan vernietig of gesteel word. Motte takel klerasie, “roes” kom van ‘n wortelstam wat “eet”, “wegvreet” of “invreting” deur goggas in kosse beteken. Dit is metaalversiersels of juwele wat “gesteel” word, maar dit kan selfs vir kleding en voedsel geld. Dit kom daarop neer dat al ons aardse besittings aan verlies onderworpe is. Geluk wat op besittings gebou word, kan die volgende oomblik verloor word. Die vals idee dat geluk en tevredenheid in tasbare dinge gesetel is, word in Luk. 12:15 blootgelê.

■ **OAV, NAV, CUM-MVB** “verniet”
CUM-NLV “wegvreet”
NASB “destroy”
 Basies beteken dit “om te misvorm” (6:16) of “te laat verdwyn”(6:20; Han. 13:41; Jak. 4:14).

■ **OAV, NAV** “diewe inbreek en dit steel”
CUM-MVB “diewe deurgrawe en steel”
CUM-NLV “diewe. . .inbreek en roof”
NASB “thieves break in and steal”
 Letterlik beteken “inbreek” eintlik “deurgrawe”. Baie wonings van die tyd was met moddermure opgerig. Die saamgestelde Griekse woord vir “moddergrawer” is oordragtelik eintlik “rower”.

6:20 **OAV** “maar maak vir julle skatte bymekeer in die hemel”
NAV, CUMs “maak vir julle skatte in die hemel bymekeer”
NASB “but store up for yourselves treasures in heaven”
 Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF wat optredes vanuit ‘n regte geestelike ingesteldheid in gedagte het. Dieselfde gedagte kom treffend in 1 Tim. 6:17-19 voor. Op sy eie besondere manier bewaar God vir ons ‘n skat in die hemel (1 Pet. 1:4-5).
 Die WERKWOORD in vers 20 is ook “skat” en dus ‘n STAMVERWANTE AKKUSATIEF wat beteken dat dit van dieselfde woordstam as die SELFSTANDIGE NAAMWOORD KOM (ook “skat”). In letterlike woordspel staan daar dus: “n skat – ‘n skat vir jouself in die hemel”.

6:21 **OAV, CUM-MVB** “want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees”
NAV “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees”
CUM-NLV “Onthou, waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees”
NASB “for where your treasure is, there your heart will be also”
 Opvallend is dit dat die MEERVOUD van die voornaamwoord (julle) in die vorige verse nou oorslaan na ENKELVOUD (jou). Hierdie gedeelte leer dat die aardse van verbygaande aard is en dat geestelike dinge ewig is. Die gedeelte beklemtoon ook dat iemand deur belangstelling, die aanwending van sy middele en sy energie toon wat sy werklike prioriteite is. Die “hart” as Hebreeuse idioom verwys na die sentrum van bestaan; na die hele mens.

6:22 **OAV, NAV** “Die lamp van die liggaam is die oog”
CUM-MVB “Die lamp vir die liggaam is die oog”
CUM-NLV “Jou oog is ‘n lamp vir jou liggaam”
NASB “The eye is the lamp of the body”
 Die agtergrond hiervan is die Joodse gedagte dat die oog die venster van die siel is. Wat jy toelaat in jou gedagtelewe bepaal wie en wat jy is. Gedagtes wek begeerte en begeerte lei tot aksie. Die aksie verklap die tipe persoon.

6:22-23 Hierdie twee verse is ooglopende teenstellings. Die antitese kom na vore in die terme “reg” teenoor “verkeerd”; “enkel” teenoor “dubbel”; “grootmoedig” teenoor “inhalig”; of “gesond” teenoor “sieklik”. Die oog is gebruik omdat ‘n gesonde oog fokus waar ‘n siek oog dubbel of onduidelik sien.
 Grammatikaal bevat hierdie verse drie VOORWAARDELIKE SINNE (“as”). Die eerste twee is KLAS DRIE VOORWAARDELIK en aanduiding van wat moontlik kan gebeur: dat daar diegene sal wees wat geestelike waarhede met ‘n helder blik waarneem, maar daarteenoor is ander weer geestelik met totale blindheid geslaan.
 Die laaste “as” is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat ‘n toestand beskryf van blindes wat van mening is dat hulle “sien”.

VIR SPESIALE AANDAG: GROOTMOEDIG/OPREG (*HAPLOTES*)

Die woord *haplotes* kan twee betekenisse hê, naamlik ‘grootmoedig’ en ‘opreg’. Dit was ‘n metafoor verwant aan sig of visie. In die OT is die oog as metafoor vir motief gebruik op twee maniere:

1. ‘n bouse oog (Deut. 15:9; Ps. 23:6)
2. ‘n goeie oog (Pred. 22:9)

Jesus handhaaf hierdie gebruik (vgl. Mat. 6:22-23; 20:15). Paulus gebruik die term ook met twee betekenisse:

1. eenvoud, opregtheid, reinheid (2 Kor. 1:12; 11:3; Ef. 6:5; Kol. 3:22)
2. vrygewigheid (Rom. 12:8; 2 Kor. 8:2; 9:11,13)

NASB (UPDATED) TEXT: 6:24

²⁴“No one can serve two masters; for either he will hate the one and love the other, or he will be devoted to one and despise the other. You cannot serve God and wealth.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 6:24.

6:24 OAV	“Niemand kan twee here dien nie”
NAV	“Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie”
CUM-MVB	“Niemand kan vir twee base tegelyk as slaaf dien nie”
CUM-NLV	“Niemand kan tegelyk twee base dien nie”
NASB	“No one can serve two masters”

Die wêreld word hierdeur blatant in konteks geplaas. Ware lewe berus op ‘n enkele, eenvoudige keuse. Mense is nie regtig vry nie, hulle dien een van twee meesters (vgl. 1 Joh. 2:15-17).

▣ OAV	“want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of”
NAV	“Hy sal die een minder ag en die ander een hoër, of”
CUM-MVB	“Want hy sal of die een haat en absoluut lojaal aan die ander een wees, of”
CUM-NLV	“Hy sal of ‘n renons in die een hê en van die ander een hou, of”
NASB	“they will hate the one and love the other, or”

Weens die parallelle wyse van spreke moet hierdie terme nie op ‘n tradisionele manier verstaan word nie. “Haat” en “liefhê”, is bloot idioome in Hebreeus wat vergelyking uitdruk, dit wil sê wat “meer” of “minder” kan beteken (vgl. Gen. 29:30,31,33; Mal. 1:2-3; Mat. 21:15; Luk. 14:26; Joh. 12:25; Rom. 9:13). Hier is dus nie sprake van “haat” in die tradisionele sin van die woord nie, maar eerder uitdrukking van iemand se voorkeur.

▣ OAV, NAV	“Julle kan nie God én Mammon dien nie”
CUM-MVB	“Julle kan nie slawe wees van God én van die geldgod nie”
CUM-NLV	“Om God én die geldgod saam te dien, is absoluut onmoontlik.”
NASB, NRSV	“You cannot serve God and wealth”
NKJV	“You cannot serve God and mammon”
TEV	“You cannot serve both God and money”
NJB	“You cannot be the slave both of God and money”

Onderliggend aan die vertaling van ‘rykdom’ is daar ‘n Hebreeuse woord wat ‘om op te gaar’ (*to store up*) of ‘om toe te vertrou’ beteken. Oorspronklik het die woord dan gedui op iemand wat vertrou stel in ‘n ander en geld by hom belê. Dit het dan die betekenis verkry van ‘dit waarin jy vertrou stel’. Daarmee word die klem verskuif na die objek van die vertrou of sekuriteit. A.T. Robertson was van mening dat die betrokke woord deur die Siriërs as ‘n naam vir ‘n geldgod gebruik is. Hoewel dit in meer onlangse vakkunde as onwaarskynlik afgemaak word, blyk dit ‘n logistiese analogie te wees. William Barclay in sy *Daily Study Bible*, oor Matteus, vol. 1, bl. 252, hou vol dat in die antieke Mediterse Wêreld ‘mammon’ metertyd met ‘n hoofletter ‘M’ gespel is, beslis dan aanduiding van ‘n gods-konsep.

Geld opsigself is nie die probleem nie, maar eerder die prioriteit wat geld in ons lewens word (vgl. 1 Tim. 6:10). Die tragedie van geld is dat ons nooit genoeg het nie en spoedig word die drang na geld en dus geld self ons besitter en word ons ons eienaarskap ontnem. Hoe groter die besit, hoe groter word die bekommernis oor verlies daarvan en sodoende word ons lewens oorheers deur beskermingsmaatreëls.

Sien *Vir Spesiale Aandag* hier onder.

VIR SPESIALE AANDAG: RYKDOM

- I. Die OT perspektief
 - A. God is die eienaar van alle dinge
 1. Gen. 1-2
 2. 1 Kron. 29:11
 3. Ps. 24:1; 50:12; 89:11
 4. Jes. 66:2

B. Mense is rentmeesters van rykdom vir God se doel

1. Deut. 8:11-20
2. Lev. 19:9-18
3. Job 31:16-33
4. Jes. 58:6-10

C. Rykdom as deel van aanbidding

1. die twee tiendes
 - a. Num. 18:21-29; Deut. 12:6-7; 14:22-27
 - b. Deut. 14:28-29; 26:12-15
2. Spr. 3:9

D. Rykdom as gawe van God omrede verbondstrou

1. Deut. 27-28
2. Spr. 3:10; 8:20-21; 10:22; 15:6

E. Waarskuwing teen rykdom ten koste van ander

1. Spr. 21:6
2. Jer. 5:26-29
3. Hos. 12:6-8
4. Mig. 6:9-12

F. Rykdom insigself nie sondige indien nie hoogste prioriteit

1. Ps. 52:7; 62:10; 73:3-9
2. Spr. 11:28; 23:4-5; 27:24; 28:20-22
3. Job 31:24-28

II. Spreuke se unieke perspektief

A. Rykdom as aspek van persoonlike inspanning

1. Traagheid en luiheid veroordeel – Spr. 6:6-11; 10; 4-5,26; 12:24,27; 13:4; 15:19; 18:9; 19:15,24; 20:4,13; 21:25; 22:13; 24:30-34; 26:13-16
2. Harde werk aanbeveel – Spr. 12:11,14; 13:11

B. Geregtigheid en afvalligheid geïllustreer deur rykdom versus armoede – Spr. 10:1 e.v.; 11:27-28; 13:7; 15:16-17; 28:6,19-20

C. Wysheid (om God en sy Woord te ken en daarvolgens te leef) is beter as rykdom – Spr. 3:13-15; 8:9-11,18-21; 13:8

D. Waarskuwings en vermanings

1. waarskuwings
 - a. teen borgstaan vir buurman se lening – Spr. 6:1-5; 11:15; 17:18; 20:16; 22:26-27; 27:13
 - b. vermy verryking deur verkeerde dade – Spr. 1:19; 10:2, 15; 11:1; 13:11; 16:11; 20:10,23; 21:6; 22:16,22; 28:8
 - c. moenie leen nie – Spr. 22:7
 - d. oppas, rykdom is vlietend en kortstondig – Spr. 23:4-5
 - e. rykdom help niks op die oordeelsdag nie – Spr. 11:4
 - f. rykdom lok baie kamtige “vriende” – Spr. 14:20; 19:4
2. vermanings
 - a. milddadigheid is sterk aan te beveel – Spr. 11:24-26; 14:31; 17:5; 19:17; 22:9,22-23; 23:10-11; 28:27
 - b. geregtigheid is beter as rykdom – Spr. 16:8; 28:6,8,20-22
 - c. bid oor behoeftes, nie vir oorfloed nie – Spr. 30:7-9
 - d. gee aan armes is gee vir God – Spr. 14:31

III. Perspektiewe van die NT

A. Jesus

1. die eienaardige manier van rykdom om vertrouen in self en eie bronne te veroorsaak in plaas van vertrou op God en sy bronne –
 - a. Mat. 6:24; 13:22; 19:23
 - b. Mark. 10:23-31
 - c. Luk. 2:15-21,33-34
 - d. Openb. 3:17-19
2. God voorsien aan ons fisiese behoeftes
 - a. Mat. 6:19-34
 - b. Luk. 12:19-34
3. daar is ‘n verband tussen saai en maai – geestelik en fisiek
 - a. Mark. 4:24
 - b. Luk. 6:36-38

- c. Mat. 6:14; 18:35
- 4. sondebelydenis se invloed op rykdom
 - a. Luk. 19:2-10
 - b. Lev. 5:16
- 5. ekonomiese uitbuiting veroordeel
 - a. Mat. 23:25
 - b. Mark. 12:38-40
- 6. die gebruik van rykdom onder oordeel in die eindtyd – Mat. 25:31-46

B. Paulus

- 1. 'n praktiese siening soos Spreuke (werke)
 - a. Efes. 4:28
 - b. 1 Tess. 4:11-12
 - c. 2 Tess. 3:8,11-12
 - d. 1 Tim. 5:8
- 2. 'n geestelike denkwysie soos Jesus (dinge is vlietend en kortstondig, wees vergenoeg)
 - a. 1 Tim. 6:6-10 (vergenoegdheid)
 - b. Fil. 4:11-12 (vergenoegdheid)
 - c. Heb. 13:5 (vergenoegdheid)
 - d. 1 Tim. 6:17-19 (grootmoedigheid en vertroue op God, nie op rykdom nie)
 - e. 1 Kor. 7:30-31 (hierdie wêreld gaan verby)

IV. Slotsom

- A. Daar bestaan nie 'n sistematies-Bybelse teologie oor rykdom nie
- B. Gevolglik word dié onderwerp nie spesifiek gedek nie en moet 'n begrip vanaf verskeie gedeeltes opgebou word, wat beteken dat waaksaamheid aan die dag gelê moet word om nie eie idees daar in te lees nie.
- C. Spreuke, wat deur wysheidsleraars saamgestel is, het 'n eie perspektief wat van ander Bybelse genres verskil. Dit is prakties van aard en gerig op individuele behoeftes. Dit is aanvullend tot ander skrifgedeeltes, maar moet ook deur ander skrifgedeeltes toegelig en in teologiese balans gehou word (vgl. Jer. 18:18).
- D. Die uitkyk en praktyke van ons dag aangaande voorspoed of rykdom moet in Bybelse lig ontleed word. Indien Kapitalisme of Kommunisme ons enigste rigsnoer is, gaan ons prioriteit gewoon skeef wees. Waarom, en hoe die sukses behaal is, is belangriker vrae as bloot hoe groot iemand se versamelde rykdom is.
- E. Verwerwing van rykdom moet met ware aanbidding en verantwoordelike rentmeesterskap gebalanseer word (vgl. 2 Kor. 8-9).

NASB (UPDATED) TEXT: 6:25-33

²⁵For this reason I say to you, do not be worried about your life, *as to* what you will eat or what you will drink; nor for your body, *as to* what you will put on. Is not life more than food, and the body more than clothing? ²⁶Look at the birds of the air, that they do not sow, nor do they reap, nor gather into barns, and yet your heavenly Father feeds them. Are you not worth much more than they? ²⁷And who of you by being worried can add a *single* hour to his life? ²⁸And why are you worried about clothing? Observe how the lilies of the field grow; they do not toil nor do they spin, ²⁹yet I say to you that not even Solomon in all his glory clothed himself like one of these. ³⁰But if God so clothes the grass of the field, which is *alive* today and tomorrow is thrown into the furnace, will He not much more *clothe* you? You of little faith! ³¹Do not worry then, saying, 'What will we eat?' or 'What will we drink?' or 'What will we wear for clothing?' ³²For the Gentiles eagerly seek all these things. ³³But seek first His kingdom and His righteousness, and all these things will be added to you."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 6:25-33.

6:25 "Daarom sê Ek vir julle"; "For this reason I say to you": Dit toon die logiese skakel met verse 19-24.

- OAV "moenie julle kwel oor julle lewe—"
- NAV "Moet julle nie bekommer oor julle lewe"
- CUM-MVB "Moet julle nie bekommer oor julle voortbestaan..."
- CUM-NLV "hou op om julle te bekommer oor julle daaglikse lewe"
- NASB "do not be worried about your life"

Hierdie is nog 'n PRAESENS IMPERATIEF met 'n NEGATIEWE BYWOORD wat (grammatikaal gesproke) bepaal dat 'n proses, steeds aan die gang, onmiddellik gestaak moet word. Sien Fil. 4:6 vir 'n gedeelte van dieselfde aard. Vers 25 lê dus 'n algemene beginsel neer in navolging van die voorafgaande verse. Die KJV vertaling, "take no thought for" is minder geslaagd, want die implikasie is dan dat toekomsbeplanning selfs vandag nog nie nodig is nie. Vanselfsprekend is dit nie wat hier bedoel word nie (vgl. 1 Tim. 5:8). Die kern van die saak hier is 'kommer' (vgl. verse 25, 27, 28, 31 en 34).

- OAV "Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie"

NAV	“Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie”
CUM-MVB	“Is voortbestaan nie belangriker as kos en lewenstandaard as klere nie”
CUM-NLV	“Is om te lewe nie baie kosbaarder as kos nie? En is ‘n mens se liggaam nie baie kosbaarder as klere nie?”
NASB	“Is not life more than food and the body more than clothing”

Fisiese bestaan, is belangrik, maar dis nie die eindbestemming nie. Hierdie wêreld is slegs maar die oefenterrein vir ‘n voller en nouer vriendskapsband met God. Die Bybelse feit of waarheid is dat God vir sy kinders omgee en aan hulle basiese behoeftes sal voorsien.

6:26, 28	OAV	“die voëls van die hemel. . .die lelies van die veld”
	NAV	“die wilde voëls. . .die veldlelies”
	CUM-MVB	“voëls wat in die hemelruim vlieg. . .die veldlelies”
	CUM-NLV	“die voëls in die lug. . .die veldlelies”
	NASB	“the birds of the air. . .the lilies of the field”

‘n Vertaling wat lui ‘wilde voëls’ en ‘wilde lelies’ lelies sou in die kol wees, want die teks spesifiseer nie die soort voël of blom nie, maar verwys daarna in die algemeen. Aangesien dit die “Bergrede” was, kon Jesus na ‘n verbyvlug van voëls verwys het en na veldblomme in die nabyheid. Dit was ‘n rabbynse hermeneutiese argument wat van die mindere ‘n meerdere aflei.

6:26	OAV, NAV	“Is julle nie baie meer werd as hulle nie”
	CUM-MVB	“Is julle nie baie meer werd as hulle nie”
	CUM-NLV	“Besef julle nie dat julle vir God baie kosbaarder is as hulle nie”
	NASB	“Are you not worth much more than they”

So beweeg die rabbynse denke van die mindere na die meerdere. Die Bybel is duidelik daaromtrent dat God diere geskep het en hulle liefhet. Maar diere is nie na die beeld van God geskape soos die mens nie en kan nie in vriendskapsvertroue met God verkeer soos die mens nie. Waak daarteen om die lewe en bestaan van diere hoër as menselewe te ag. Ná die sondeval was die diereryk bestem tot voedsel vir en diensbaarheid aan die mens. Dierewe is nie vir ewig nie, maar mense is wel! Evangelisasie is belangriker as beywering vir diereregte. Die meeste diersoorte van die skepping is al uitgesterf. Sommige groepe gee meer om vir diere as vir mense! Wat ‘n verwronge wêreldbeskouing is dit as mense vir insekte meer omgee as vir ongebore menslike fetusse!

‘n Enkele opmerking in verband met wreedheid teenoor en verwaarlosing van diere: so iemand is gevoelloos en besef nie dat God diere, net soos ons, met pyngvoeligheid geskape het nie. Soos wat daar diere in die oorspronklike skepping was (Gen. 1), sal hulle ook daar wees in die nuwe skepping (vgl. Jes. 11:9- 6-9).

6:27	OAV	“kan. . .een el by sy lengte voeg”
	NAV	“sy lewe met een enkele uur verleng”
	CUM-MVB	“kan. . .homself met ‘n armlengte langer maak”
	CUM-NLV	“kan. . .een sekonde langer rek”
	NASB	“can add a <i>single</i> hour to his life”
	NKJV	“can add a cubit to his stature”
	NRSV	“add a single hour to your span of life”
	TEV	“live a bit longer”
	NJB	“add a single cubit to his span of life”

Letterlik in Hebreeus is dit ‘n “voorarm lengte” (*cubit*). Dit is die voorarm vanaf die elmboog tot by die punt van die langste vinger. Dit was in OT tye ‘n maat van 45 sentimeters en algemeen in gebruik by bouery. ‘n ‘Koninklike maat’ van 52 sentimeters is in die oprigting van die tempel gebruik. In die NT kon dit aangewend word om beide hoogte en tyd te meet. Vir hoogte, sien Luk. 9:13 (ook die LXX se weergawe van Eseg. 13:18). Vir uitdrukking van tyd sien, Joh. 9:21,23 en Heb. 11:11. Natuurlik is die uitdrukking bedoel om verspot te klink dat iemand kan dink hy kan soveel lengte bysit. Die uitdrukking is derhalwe (1) ‘n metafoor in verband met (gebrek aan) lewensverwachting in die ouderdom (vgl. NAV, NASB ens. hier bo) of (2) bloot ‘n tipies oosterse oordrewe stelling (hiperbool – vgl. OAV, CUM-MBV, NKJV).

6:30 “As God dan”; “But if God”: Hierdie is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat uit die perspektief van die spreker of vir sy literêre doelwit, as waar beskou word: God voorsien mos vir sy skepping!

☐	OAV	“wat vandag daar is en môre in ‘n oond gegooi word”
	NAV	“wat vandag nog daar is en môre verbrand word”
	CUM-MVB	“wat vandag nog daar is en môre in die oond gegooi word”
	CUM-NLV	“wat vandag daar is en môre verbrand word”
	NASB	“which is alive today and tomorrow is thrown into the furnace”

Dit was algemene gebruik om die vuur in die klein bakoond vir brood met droë gras aan te steek. Dit was ‘n metafoor oor die verloop van die lewe, nie ‘n sinspeling op eskatologiese eindoordeel nie. Gelowiges is van veel groter waarde as sierlike veldgrasse.

☐	OAV, NAV, CUM-MVB	“julle, kleingelowiges”
---	-------------------	-------------------------

CUM-NLV “Is julle geloof dan so klein”
NASB “You of little faith”

In die evangelie van Matteus kom hierdie frase verskeie kere voor (vgl. 8:26; 14:31; 16:8). Jesus onderrig op ‘n wyse wat geloof versterk.

6:31 OAV “Daarom moet julle jul nie kwel”
NAV, CUM-MVB “Julle moet julle dus nie bekommer”
CUM-NLV “Moet julle dus nie bekommer”
NASB “Do not worry then”

Hierdie is ‘n NEGATIEF AORISTUS SUBJUNKTIEF wat beteken ‘moenie bekommerd raak nie’ (vgl. Fil. 4:6). ‘n Ongesonde klem op hoe om vir basiese behoeftes voorsiening te maak, openbaar ‘n gebrekkige vertrouwe in God se belofte om vir gelowiges te sorg.

6:32 OAV “Want na al hierdie dinge soek die heidene”
NAV “Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is”
CUM-MVB “Want dit is alles dinge waarna die heidennasies soek”
CUM-NLV “Dit is die ongelowiges wat oor hierdie soort dinge begaan is”
NASB “For the Gentiles eagerly seek all these things”
NKJV “For after all these things the Gentiles seek”
NRSV “For it is the Gentiles who strive for all these things”
TEV “These are the things the pagans are always concerned about”
NJB “It is the gentiles who set there hearts on all these things”

‘n Onversadigbare hebsug en drang om dinge te besit, is eie aan ‘n gevalle mensdom. God weet dat gelowiges die dinge van hierdie wêreld nodig het om te oorleef. Hy voorsien in behoeftes, nie altyd volgens begeerte nie!

6:33 OAV “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid”
NAV “Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God”
CUM-MVB “Nee, strew eers allereers daarna dat die koninklike regering van God erken word en om te leef soos God dit verwag”
CUM-NLV “Nee, maak die koningsheerskappy van God en dit wat voor Hom reg is, julle eerste prioriteit”
NASB, NKJV “But seek first His kingdom and his righteousness”
NRSV “But strive first for the kingdom of God and his righteousness”
TEV “Be concerned above everything else with the Kingdom of God”
NJB “Set your heart on his kingdom first, and on God’s saving justice”

Hierdie is ‘n PRAESENS IMPERATIEF wat as opdrag tot ‘n vasstaande gewoonte opgevat moet word. Wat hier bedoel word, is dat God bo alles in gelowiges se lewe gestel moet word. Sy “geregtigheid” moet hier eties verstaan word en nie forensies (verlossingsleer), soos Paulus dit in sy geskrifte voorstaan nie. Hierdie etiese aspek word ook in Mat. 5:6,10,20; 6:1; Deut. 6:25; Jes. 1:27-28; en Dan. 4:27 gevind. Dit is nie ‘n wewoep tot werkeheiligheid nie (vgl. Ef. 2:10). Eerder is dit ‘n suggestie dat wanneer iemand Hom ken dit ‘n lewe van goeie werke tot gevolg sal hê (vgl. Efes. 2:10). ‘n Status van toegerekende vrypraak moet in Christus-gelykvormige lewe tot uiting kom. Sien *Vir Speciale Aandag: die koninkryk van God* by 4:17 en *Regverdigheid* by 5:6.

In die frase “*His Kingdom*” (NASB) gaan dit in die eerste instansie, oor sy regering, huidiglik in die hart van mense, maar wat uiteindelik die hele aarde sal omvat (vgl. 6:10). Hierop was Jesus se prediking gerig. Die etiek van die koninkryk moet hoogste prioriteit wees! Die vroeë Griekse MSS α en B het nie die GENETIEF FRASE (besitaanduiding) “van God” nie (vgl. NRSV, TEV en die Afrikaanse vertalings).

Jesus gebruik die BYWOORD VAN TYD, ‘eers’, dikwels om hierdie algeheel nuwe era van die Gees wat Hy aangebring het, te belig.

1. Mat. 25:24, gaan maak *eers* vrede met jou broer voor jy aanbid;
2. Mat. 6:33, soek *eers* die koninkryk van God voor persoonlike behoeftes;
3. Mat. 7:5, haal *eers* die balk uit jou eie oog voor jy ander oordeel;
4. Mat. 23:26, maak die *ganse* lewe skoon, van binne en buite.

■ OAV “en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word”
NAV “dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee”
CUM-MVB “dan sal ook al hierdie dinge vir julle gegee word”
CUM-NLV “dan sal God vir julle al hierdie ander dinge as ‘n bonus byvoeg”
NASB “and all these things will be added to you”

Dit verwys na die normale lewensbehoefte. God laat gelowiges nie aan hulle lot oor nie. Hierdie is ‘n algemene veronderstelling wat nie altyd die spesifieke vrae beantwoord waarom dié of daárdie gelowige skade gely of in nood verval het nie. Soms beskik God ‘n tyd van ontbering, wat gelowiges noop om op Hom te vertrou, om hulle weer op Hom te verlaat, en so word die vorming van karakter gedien. Hierdie stelling moet soos die Predikerboek as waar oor die algemeen beskou word, sodat nie gepeog word om elke individuele of besondere voorval daaruit te verklaar nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 6:34

³⁴“So do not worry about tomorrow; for tomorrow will care for itself. Each day has enough trouble of its own”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 6:34.

6:34 Hierdie vers verbreek die gedagtegang. Dis ‘n gevalle wêreld waarin die Christen hom daaglik bevind. Soos in die geval van ongelowiges kom gelowiges ook slegte dinge oor. Dit beteken dan nie dat God nie omgee nie. Dit beteken eenvoudig dat gelowiges vasgevang is in ‘n gevalle wêreldstelsel. Wees dan bedag daarop dat die probleme van die lewe so met jou kop sal smokkel dat jy miskien wil begin glo dat God nie omgee nie! Sien Hannah Whithall Smith, *The Christian’s Secret of a Happy Life*.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoe sluit verse 19-34 aan by die Bergrede in geheel?
2. Wie was die aanhoorders van Jesus se woorde oor opgaan van aardse rykdomme en hoe raak dit ons opvattinge oor spaarrekeninge, versekering en aftredebeplanning?
3. Hoe word skatte in die hemel versamel. Waaruit bestaan hemelse rykdomme?
4. Verduidelik die geestelike waarhede van verse 22-24 in jou eie woorde en uit eie ervaring.
5. Is geld boos?
6. Is bekommernis sonde (vers 31)?
7. Staan vers 33 verlossing deur werkeheiligheid voor?
8. Verduidelik hoekom Christene aan lyding onderworpe is.

MATTEUS 7

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Judging Others	Do Not Judge	Illustrations of Practical Meaning Of Jesus' Message	Judging Others	Do Not Judge	Moenie oor ander oordeel nie
7:1-6	7:1-6	7:1-5	7:1-5	7:1-5	7:1-6
		7:6	7:6	Do Not Profane Things 7:6	
Ask, Seek, Knock	Keep Asking, Seeking, Knocking		Ask, Seek, Knock	Effectual Prayer	Gebedsverhoring
7:7-12	7:7-12	7:7-11	7:7-11	7:7-11	7:7-12
		7:12	7:12	The Golden Rule 7:12	
The Narrow Gate	The Narrow Way		The Narrow Way	The Two Ways	Twee paaie
7:13-14	7:13-14	7:13-14	7:13-14	7:13-14	7:13-14
A Tree Known By Its Fruit	You Will Know Them By Their Fruits		A Tree and Its Fruit	False Prophets	Vals profete
7:15-20	7:15-20	7:15-20	7:15-20	7:15-20	7:15-20
I Never Knew You	I Never Knew You		I Never Knew You	The True Disciple	Hoor en doen
7:21-23	7:21-23	7:21-23	7:21-23	7:21-23	7:21-23
The Two Foundations	Build on the Rock		The Two House Builders		Die twee fundamente
7:24-27	7:24-27	7:24-27	7:24-25 7:26-27	7:24-27	7:24-29
			The Authority of Jesus	The Amazement of the Crowds	
7:28-29	7:28-29	7:28-29	7:28-29	7:28-29	

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MAT. 7:1-29

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

- A. Die Bergrede, soos deur Lukas opgeskryf, begin met 'n positiewe stelling: “Wees barmhartig soos...” (Luk. 6:36-38, 41-42). Gewoonlik is Lukas se aanhalings van Jesus bondiger as dié van Matteus, maar dié keer haal hy Jesus breedvoeriger aan.
- B. Hierdie hoofstuk het heelwat *asyndetons* (ontbrekende verbindingswoorde wat uitsonderlik tot Grieks is), in verse 1,6,7,13,15. Dit was 'n grammatikale tegniek om verskeie uiteenlopende waarhede uit te lig. 'n Mens kan aanneem dat Jesus se boodskap 'n eenheidsvormende tema gehad het of gestruktureerd aangebied is. Moontlik het Hy die alombekende rabbynse tegniek gevolg wat as “pêrels aan 'n string” bekendgestaan het. Daarmee kon 'n verskeidenheid van onderwerpe, wat nie met mekaar in verband staan nie, aangeroe word. Alhoewel dit wil voorkom of sulke onderwerpe nie in die omringende teksverband pas nie, is die beste hermeneutiese beginsel steeds (1) om die teksverband te raadpleeg en (2) hoe dit in parallelle gedeeltes van die ander evangelies aangewend was. Die skrywer van Matteus het inderdaad 'n samebindende tema en 'n gestruktureerde opbou gehad wat hom in staat gestel het om, met 'n bepaalde volgorde in gedagte, selektief met Jesus se uitsprake om te gaan.
- C. Die verband van verse 1-12 met voorafgaande gedeeltes kan soos volg aangedui word:
1. verse 1-5 toon die gevaar van 5:20 en 5:48;
 2. vers 6 toon die gevaar van ondeurdagte, sentimentele liefde;
 3. verse 7-11 toon hoe gebed die meganisme van goeie onderskeiding kan wees; en
 4. vers 12 som dan by wyse van 'n groot waarheid op hoe alle koninkryksmense se lewens daar moet uitsien.
- D. Hierdie gedeelte, soos trouens die hele Bergrede, skets die lewe met ondubbelsinnige, skerp lyne. Treffende kommentaar oor die samehang van verse 1-5 met vers 6 kom van William Hendricksen in sy Matteus-kommentaar: “The Lord has been admonishing his listeners to abstain from judging others (verse 1-5), yet also to judge (vers 6); not to be hypercritical, yet to be critical; to be humble and patient, yet not too patient.” (bl. 360).
- E. Daar moet inaggeneem word dat hierdie nie 'n evangelie-aanbieding is nie, maar 'n etiese boodskap oor lewe in die Messiaanse koninkryk. Drie dinge is hier hoofsaak:
1. die sonde van godsdienstigheid
 2. die ongeëwenaardheid van Jesus se leer omtrent God
 3. ons beantwoording aan Jesus en sy leer en God se beoordeling van ons reaksie
- F. Die mensdom staan twee keuses in die gesig en die Bergrede rig drie of vier uitnodigings met waarskuwings in daardie verband (7:13-27): (1) twee weë, (2) tweërlei vrug, (3) twee soorte belydenis, (4) twee fundamente. Die aktiwiteite van die hede sal getoets word gedurende die eindoordeel.
- G. Vers 28 is Matteus se slotopmerking wat opsommend van al vyf groot preekgeleenthede van Jesus was. Dit is moontlik dat hierdie tegniek 'n belangrike strukturelement in Matteus se evangelie was.
1. 7:28
 2. 11:1
 3. 13:53
 4. 19:1
 5. 26:1
- H. Dit is nodig om te weet dat op hierdie vroeë stadium van Jesus se prediking en onderrig daar nog nie 'n verstaan was van die volle omvang van die evangelie nie. Die skare, selfs die dissipels, het nie besef wie Jesus werklik was nie. Die prys van dissipelskap sou niks minder wees nie as deel aan sy vervolging, sy verwerping en selfs sy dood.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 7:1-5

¹“Do not judge so that you will not be judged. ²For in the way you judge, you will be judged; and by your standard of measure, it will be measured to you. ³Why do you look at the speck that is in your brother’s eye, but do not notice the log that is in your own eye? ⁴Or how can you say to your brother, ‘Let me take the speck out of your eye,’ and behold the log is in your eye? ⁵You hypocrite, first take the log out of your own eye, and then you will see clearly to take the speck out of your brother’s eye.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:1-5.

7:1	OAV, NAV, CUM-MVB	“Moenie”
	CUM-NLV	“Hou op om”
	NASB	“Do not”

Hierdie is 'n PRAESENS IMPERATIEF met 'n NEGATIEWE BYWOORD wat beteken dat 'n proses wat reeds aan die gang is, gestaak moet word. Christene is nogal geneig om krities teenoor mekaar te wees. Hierdie vers word dikwels

aangehaal om te kenne te gee dat Christene mekaar hoognaamd nie moet veroordeel nie. Tog dui verse 5, 6 en 15, asook 1 Kor. 5:1-12 en Joh. 4:1-6 tog daarop dat dit Jesus se aanname was dat gelowiges mekaar wel geestelik beoordeel. Hier is gesindheid en motivering bepalend (vgl. Gal. 6:1; Rom. 2:1-11; 14:1-23; Jak. 4:11-12).

- **OAV, NAV, CUM-MVB** “oordeel” (WERKWOORD)
- CUM-NLV** “n oordeel” (SELFSTANDIGE NAAMWOORD)
- NASB** “judge”

Etimologies is die Afrikaanse “kritikus” (*critic*) juis afkomstig uit die Griekse woord wat hier gebruik word. ‘n Ander vorm van dieselfde woord in vers 5 word in Engelse Bybels met *hypocrite* vertaal (“geveinsde”, “skynheilige” of “huigelaar” in Afrikaanse Bybels). Dit impliseer ‘n kritiese, veroordelende, eie-geregtigde ingesteldheid wat oor ander krasser oordeel as oor hom- of haarself. Sekere sondes is in so ‘n geval erger as ander sondes. Oor die eie foute word verskonend geoordeel, maar ander se foute is onverskoonbaar (vgl. 2 Sam. 12:1-9).

VIR SPESIALE AANDAG: MOET CHRISTENE MEKAAR OORDEEL?

Daar kan op twee maniere hierna gekyk word: allereers word gelowiges vermaan om mekaar nie te oordeel nie (vgl. Mat. 7:1-5; Luk. 6:37, 42; Rom. 2:1-11; Jak. 4:11-12); tog word gelowiges aangemoedig om leiers te evalueer (vgl. Mat. 7:6, 15-16; 1 Kor. 1:29; 1 Tess. 5:21; 1 Tim. 3:1-13; 1 Joh. 4:1-6).

Sekere kriteria mag vir evaluasie van nut wees:

1. evaluasie moet met die oog op bevestiging en aanvaarding gedoen word (vgl. 1 Joh. 4:1 – “toets” met die oog op aanvaarding)
2. evaluasie word met ‘n nederige en vriendelike ingesteldheid gedoen (vgl. Gal. 6:1)
3. evaluasie moet nie op sake van persoonlike voorkeur fokus nie (vgl. Rom. 14:1-23; 1 Kor. 8:1-13; 10:23-33)
4. evaluasie moet daardie leiers in die kerk en gemeenskap identifiseer wat nie altyd reg is om te kritiseer nie (vgl. 1 Tim. 3).

- **OAV** “sodat julle nie geoordeel word nie”
- NAV** “sodat oor julle nie geoordeel word nie”
- CUM-MVB** “sodat julle nie geoordeel word nie”
- CUM-NLV** “sal God ook nie ‘n oordeel oor julle uitspreek nie”
- NASB** “so that you will not be judged”

Hierdie WERKWOORD in PASSIEWE VORM was ‘n manier om na God te verwys (vgl. CUM-NLV). So het Matteus meermale OMSKRYWEND te werk gegaan en die Godsnaam vermy. Christene bly maar sondig (vgl. Rom. 7:1-25; 1 Joh. 1:9-2:1). Dit is baie dwaas om uitermate krities oor ander te wees terwyl alle gelowiges hulpeloos tot alle kwaad geneig bly, al verskil dit van persoon tot persoon.

7:2 Die Griekse teks in vers 2 vertoon ‘n digterlike ritme. Dit kon ‘n welbekende spreuk gewees het. Die moontlikheid word gerugsteun deur die feit dat dit in die verskillende evangelies tydens ander optredes van Jesus uitgespreek is.

Hierdie vers bevat ‘n belangrike waarheid wat herhaaldelik in die NT voorkom (vgl. Mat. 5:7; 6:14-15; 18:35; Mark. 11:25; Jak. 2:13 en 5:9). Hiermee word nie afgewyk van die saligheid wat deur geloof alleen verkry word nie, maar word verwag dat gelowiges sal optree soos wat God teenoor hulle opgetree het. Dit plaas klem op die soort gesindheid en lewenswyse van mense wat self oorfloediglik vergewe word.

- 7:3 OAV** “waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder”
- NAV** “waarom sien jy die splinter raak wat in die oog van jou broer is”
- CUM-MVB** “Waarom sien jy die splinter raak wat in ‘n medegelowige se oog is”
- CUM-NLV** “En hoe sien jy die splintertjie in jou medemens se oog raak”
- NASB** “Why do you look at the speck that is in your brother’s eye”

“Splinter” (*speck*) was in die klassieke Grieks ‘n plantaardige deeltjie wat in ‘n voëlnessie voorgekom het, of die een of ander onbenullig voorwerp.

- **OAV, NAV** “maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie”
- CUM-NLV** “maar jy merk die stomp in jou eie oog nie op nie”
- NASB** “but do not notice the log that is in your own eye”

Dit is ‘n tipies Oosterse oordrywing. Dit verwys na ‘n baie groot houtstomp of balk. Jesus het meermale oordrywings (hiperbole) gebruik om geestelike waarhede oor te dra (vgl. Mat. 5:29-30; 19:24 en 23:24).

- 7:5 OAV** “Geveinsde”
- NAV, CUM-MVB** “Huigelaar”
- CUM-NLV** “skynheilige”
- NASB** “You hypocrite”

Hierdie woord in Grieks is ontleen aan die teater. Die akteur het sy rol agter 'n masker gespeel. Dit is 'n samestelling gevorm uit die Griekse woorde vir 'om te oordeel' en 'onder', en beskryf 'n persoon wat onder valse voorwendsels optree (Luk. 18:9). 'n Goeie voorbeeld hiervan in verband met Dawid is in 2 Sam. 12:1-9 opgeteken. Jesus het die term op die gewaande selfgeregtigheid van die Fariseërs van toepassing gemaak (5:20; 6:2,5,16; 15:1,7; 23:13).

Hierdie vers bevestig die goeie reg van Christene om op mekaar ag te slaan, solank dit nie op 'n neerhalende en aanstellerige manier geskied nie. Gal. 6:1 is 'n nuttige voorbeeld van die gesindheid en motief wat nodig is wanneer Christene mekaar vermaan en tereg wys. Dit is die kerk se verantwoordelikheid om voortdurend die geestelike toestand van die leierskap en lidmate te ondersoek.

NASB (UPDATED) TEXT: 7:6

⁶“Do not give what is holy to dogs, and do not throw your pearls before swine, or they will trample them under their feet, and turn and tear you to pieces.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:6.

7:6	OAV	“Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie”
	NAV	“Moenie wat heilig is vir die honde gooi nie”
	CUM-MVB	“Moenie dit wat aan God geheilig is vir die honde gee nie”
	CUM-NLV	“Moenie wat heilig is vir onheilige mense gee nie”
	NASB	“Do not give what is holy to dogs”

Hierdie is 'n AORISTUS SUBJUNKTIEF met 'n NEGATIEWE BYWOORD wat beteken dat dit hoegenaamd nie oorweeg moet word nie. Die *Didache* was 'n nie-kanonieke geskrif wat in die vroeë Christelike kerk in gebruik was. *Didache* 9:5 en Tertullianus in *Depraesc.* 41 verbind dié vers aan ongedooptes wat uitgesluit was by die nagmaal. Die werklike vrae was altyd: (1) Wat is die 'heilge dinge'; en (2) wat word bedoel met 'honde' en 'varke'. Die 'heilige dinge' moet verstaan word as aspekte van die Bergrede in geheel. Dit sal dan die leer omtrent God wees soos dit in die lewe en bediening van Jesus van Nasaret na vore gekom het. Of anders gestel: die evangelie.

Jesus se verwysing na mense as 'honde' (vgl. 15:26,27) en 'varke' het onder kommentaarskrywers groot verbasing veroorsaak. Beide hierdie diersoorte was in die samelewing waarin Hy die uitlating gemaak het sleg en weersinwakkend. Baie menings is uitgespreek oor wie Hy daarmee in gedagte gehad het. In sy leeftyd kon dit op die Joodse leiers, so oortuig van hul eie geestelike aanspraak, of op die ongeïnteresseerde en godsdiensonverskillige Palestyne gemik gewees het. Hierdie opmerking sou ook profeties opgevat kon word as 'n inspelning op sy verwerping deur die Joodse leierskap en deur die Jerusalemse gepeupel. In die kerklike lewe is dit nie duidelik op wie sulke woorde gerig kon gewees het nie. William Henry skryf in sy kommentaar op Matteus dat die dissipels van Jesus hiermee gemaan word om nie vol te hou met pogings tot evangelisering waar daarmee die spot gedryf word nie (bl. 359). 'n Voorbeeld van optrede is in Mat. 10:14 opgeteken, "skud die stof van julle voete" (vgl. Han. 13:51; 18:5-6). In Fil. 3:2-3 word dit op die Jode van toepassing gemaak. Volgens Openb. 22:15 word ongelowiges op dieselfde wyse tot die hemel uitgesluit.

■ **“pêrels”; “pearls”**: Dit was uiters waardevol in die antieke tyd.

NASB (UPDATED) TEXT: 7:7-11

⁷“Ask and it will be given to you; seek and you will find; knock and it will be opened to you. ⁸For everyone who asks receives, and who seeks finds, and to him who knocks it will be opened. ⁹Or what man is there among you, when his son asks for a loaf, will give him a stone? ¹⁰Or if he asks for a fish, he will not give him a snake, will he? ¹¹If you then, being evil, know how to give good gifts to your children, how much more will your Father who is in heaven give what is good to those who ask Him!”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:7-11.

7:7	OAV	“bid. . .soek. . .klop”
	NAV, CUMs	“vra. . .soek. . .klop”
	NASB	“ask. . .seek. . .knock”

Hierdie is almal PRAESENS IMPERATIEF wat daarop aandring dat dit gevestigde lewenstyl moet word (vgl. Deut. 4:29; Jer. 29:13). Die volgehoue gebed moet egter onthou dat God reageer, maar volgens sy wil. Gelowiges kan nie met God onderhandel om te verkry wat vir hulle nie goed sal wees nie. Aan die ander kant mag hulle egter enige behoefte aan hulle hemelse Vader voorlê. Jesus het in Getsemane dieselfde gebed driemaal herhaal (vgl. Mark. 15:36,39,41; Mat. 26:39,42,44). Paulus het driemaal gebed oor sy “doring in die vlees” (2 Kor. 12:8). Die belangrikste om van gebed te onthou, is nie dat 'n mens op jou versoek spesifiek beantwoord word nie, maar dat jy met jou hemelse Vader verkeer het. Sien *Vir Spesiale Aandag: gebed, onbeperk en tog beperk* by 18:19.

7:8-10 Volharding is belangrik (Luk. 18:2-8). Dit kan nie 'n teësinige God dwing nie, maar die bidder se erns oor sy of haar belang kom tot openbaring. Baie woorde of herhaalde gebede sal nie die Vader beweeg om aan 'n bidder te gee wat nie in sy of haar belang is nie. Die beste wat vir die bidder hieruit na vore kom is 'n verdiepte verhouding met en 'n groter afhanklikheid van God.

7:9-10 Jesus gebruik die eweknie voorbeeld van ‘n vader-seunverhouding om die geheimenis van gebed te beskryf. Matteus gee twee voorbeelde en Lukas drie (vgl. Luk. 11:12). Die doel van die illustrasies is die klem op die ‘goeie dinge’ wat God aan gelowiges gee. Die ‘goeie’ is vir Lukas die Heilige Gees (11:13). Dit sal vir ons sleg wees as die Vader ons gewoonlik selfsugtige en onbenullige bedes toestaan. Die drie voorbeelde is woordspel met dinge wat ooreenkomstig toon, naamlik klip vir brood, ‘n slang vir vis en ‘n opgekrulde, bleek skerpioen vir ‘n eier.

7:11 OAV, NAV, CUM-MVB “As julle. . .dan”
 CUM-NLV “As. . .julle dan”
 NASB “If you then”

Hierdie is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat die stelling uit die perspektief van die spreker of vir sy literêre doel as waar beskou. Hoewel vaag is hierdie nogtans ‘n sinspeling op die sondigheid van die hele menslike geslag (vgl. Rom. 3:9,23). ‘n Kontras word geskep tussen die algemene vervallenheid van mense en ‘n God wat nogtans liefhet. God toon iets van sy karakter met behulp van menslike familielewe.

■ OAV “goeie dinge gee aan die wat Hom bid”
 NAV “goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra”
 CUM-MVB “goeie geskenke gee aan dié wat Hom vra”
 CUM-NLV “goeie dinge gee aan hulle wat dit van Hom vra”
 NASB “give what is good to those who ask Him”

Die parallelle gedeelte in Lukas gebruik “Heilige Gees” in plaas van “goeie”. Aangesien Lukas by Heilige Gees nie ‘n LIDWOORD (die) gebruik nie, kan dit dui op ‘die gawes’ van die Heilige Gees. Hierdie teks in Lukas kan nie as bewys aangevoer word dat ‘n mens moet bid om ontvangs van die Heilige Gees nie, aangesien die Skrif leer dat die Heilige Gees by bekering reeds ontvang word (vgl. Rom. 8:9 en Gal. 3:2,3,5,14). Tog is daar ‘n moontlikheid van herhalende vervulling, afhangende van gelowiges se medewerking (vgl. Ef. 5:18).

NASB (UPDATED) TEXT: 7:12

¹²In everything, therefore, treat people the same way you want them to treat you, for this is the Law and the Prophets.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:12.

7:12 Hierdie teks is al dikwels “die goue reël” genoem (vgl. Luk. 6:31). Hierdie samevattende opmerking berus op die veronderstelling dat gelowiges koninkryksmense met ‘n nuwe hart is. Dit vind jy nie by ‘n egosentries-gevalle mensdom nie.

Dit was net Jesus wat die oorspronklik negatiewe stelwyse, positief gemaak het. Die negatiewe vorm het in die rabbynse literatuur voorgekom (vgl. *Tobit* 4:15 en Rabbi Hillel, soos gevind in die *Talmoed*, b *Shabbath* 31a en Philo van Alexandrië). Dié positiewe aspek is nie ‘n geval van ‘n onvanpaste gewig verleen aan eiewaarde nie, maar is ‘n nuttige wete van wie jy in Christus is sodat jy dit as goedheid en vrede in sy naam aan ander kan meedeel. Dit is dus eerder ‘n oproep om goed te doen as om net die slegte te vermy.

■ OAV, CUM-MVB “want dit is die wet en die profete”
 NAV “Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete”
 CUM-NLV “Dit is die kern van alles wat die wet en die profete van julle vra”
 NASB “for this is the Law and the Prophets”

‘Die wet’ en ‘die profete’ is die name van twee dele van die drieledige Hebreeuse kanon en as sodanig ‘n verkorte naam vir die ganse OT (vgl. 5:17). Dit is belangrik om daarop ag te slaan dat Jesus dit wat die OT vereis in ‘n enkele frase opsom (vgl. Mat. 22:34-40; Mark. 12; 28-34) – iets wat vir Jode van die eerste eeu uiters kontroversieel moes gewees het (vgl. Rom. 13:9).

NASB (UPDATED) TEXT: 7:13-14

¹³“Enter through the narrow gate; for the gate is wide and the way is broad that leads to destruction, and many are those who enter through it. ¹⁴For the gate is small and the way is narrow that leads to life and there are a few who find it.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:13-14.

7:13 Beteken hierdie vers (1) ingaan by ‘n poort en dan aanstap op ‘n pad, (2) aankom op ‘n pad wat na ‘n poort toe lei, of (3) is die vers ‘n goeie voorbeeld van Hebreeuse parallelle denke? Die feit is dat die poort die pad voorafgaan om parallel te wees vir (1) ‘n persoonlike ontmoeting met God in Christus (poort) en (2) om daarna volgens Jesus se leringe ‘n koninkrykslewe te lei (pad). Genoemde verwarring kan opgeklaar word deur ‘n blik op die Bybel se drievoudige weg tot saligheid: (1) die aanvanklike geloof en sondebelydenis, (2) gevolg deur ‘n Christus-gelykvormige lewenstyl, (3) wat uitloop op vervulling in die eindtyd (eskatologie). Hierdie gelykenis kom ook voor in Luk. 13:23-27. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:6.

■ **“die nou poort”; “the narrow gate”**: Die sogenaamde “twee weë” was spreekwoordelik en tradisioneel vasgelê (vgl. Deut. 30:15,19; Ps. 1; Spr. 4:10-19; Jes. 1:19-20; Jer. 21:8). Dit is moeilik om vas te stel tot wie Jesus Hom hier rig. Was dit (1) sy dissipels, (2) die Fariseërs, of (3) die skare daar teenwoordig? As 5:20 en 5:48 die oorheersende konteks is, beteken dit dat die poort nie “smal” was omrede reëls en nogmaals reëls (Fariseëse legalisme) nie, maar eerder die vereiste dat daar ‘n verhouding met Christus moet wees wat op ‘n leefstyl van liefde uitloop. Ja, by Christus is daar ook “reëls” (vgl. Mat. 11:29-30), maar die reëls is die uitkoms van ‘n veranderde hart! Hoofstuk 6:7 (heidendom) en 6:32 (Jodendom) sinspeel sterk daarop dat “poort” as Jesus se verlossingswerk verstaan moet word en “weg” dus as navolging of dissipelskap.

‘n Reeks kontraste met betrekking tot gelowiges begin by verse 13-27:

1. twee maniere hoe mense hulle godsdiens utoeleef; twee weë (verse 13-14);
2. twee tipes van godsdiensleiers; met goeie of slegte vrugte (verse 15-23);
3. twee grondslae vir godsdienstige lewe; net hoor of ook doen (verse 24-27).

Dit is dus nie so belangrik om te weet tot watter godsdienstige groep Jesus Hom op daardie dag gerig het nie, maar eerder hoe alle mense godsdienstig reageer op die openbaring van God se wil. Sommige gebruik godsdiens op ‘n bedekte manier om verering van mense en allerlei voordele daarmee saam te bekom. Die lewe draai vir hulle om ‘my’ en ‘nou’ (Jes. 29:13; Kol. 2:16-23 – die breë weg). Ware dissipels orden egter hulle lewens volgens die inligting wat Jesus oor die Koninkryk verskaf (dus die “nou poort”), oor die teenwoordigheid daarvan nou, maar dan ook ten opsigte van die nógkomende .

■ OAV	“want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei”
NAV	“ die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed ”
CUM-MVB	“want die poort wat na die vernietiging lei, is wyd en die pad daarheen breed ”
CUM-NLV	“want wyd is die poort en breed is die pad wat na ondergang lei”
NASB	“for the gate is wide and the way is broad that leads to destruction”

Die “pad” kan ‘n metafoor wees om (1) lewenstyl uit te druk en (2) om as titel vir die vroegste Christelike kerk te dien (vgl. Han. 9:2; 19:9,23; 22:4; 24:14,22; 18:25-26). Hierdie vers dui aan dat verlossing nie ‘n ligtelike besluit is wat maar gemaklik by die kulturele hoofstroom inpas nie, maar dat dit ‘n definitiewe ommekeer van lewe en gehoorsaamheid aan God se beginsels moet wees. Net die feit dat een van die paaie tot ondergang lei toon die uiteindelijke lot van diegene wat onafhanklik van God bly leef. Dikwels kom diesulkes selfs heel godsdienstig voor (vgl. Jes. 29:13; Mat. 7:21-23; Kol. 2:23)!

Hierdie frase vertoon ‘n tipiese Griekse variantlesing. In die eerste gedeelte van die vers kom “Gaan in deur die nou poort” voor, maar “die poort” word weggelaat in tekste soos die hoofletter MS \aleph^* , enkele ou Latynse MSS, sommige Vulgaat manuskripte, die Diatessaron en die Griekse tekste wat Clementius en Eusebius gebruik het. Die frase kom wel voor in \aleph^1 , B, C, L, W en sommige ou Latynse MSS, die Vulgaat asook Siriese en Koptiese MSS. Hiermee ontstaan die vraag of dit ‘n toevoeging was om die frase te ‘balanseer’, dit wil sê volledigheidshalwe, of het dit, waar dit ontbreek, per abuis tydens oorskrywing weggeval? Die UBS⁴ spreek hom ten gunste van die langer teks uit met ‘n B-gradering, d.w.s. ‘taamlik seker’. Daarmee geniet die ‘uitgeval-opsie’ voorkeur, maar insluiting of weglating verander op geen wyse die teks se betekenis nie.

Dieselfde geld vir die groot meerderheid van die 5 300 Griekse Nuwe Testamente vandag bekend. Sien in hierdie verband Bruce Metzger, *A Textual Commentary on the Greek New Testament*, bl. 19.

7:14 Alhoewel hierdie vers in tye van ligtelik-maklik glo ‘n nodige balans wil inskerp, beteken dit nie dat die Christendom daarom van menslike inspanning afhanklik is nie. Dit beteken wel dat die lewe van geloof volharding vereis. Die “nou” poortbeskrywing is aan dieselfde woordstam ontleen wat op ander plekke in die NT met ‘verdrukking’ of ‘vervolg’ vertaal word (vgl. fisies ‘nou’ met ‘benoud’ as voorbeeld hiervan). Volharding is dan ‘n ander uiterste van ‘n uitspraak van Jesus, soos in Mat. 11:29-30 opgeteken. Hierdie twee verse kan dus bekendstaan as ‘die poort’ en ‘die pad’. Ons kom tot God deur Jesus (poort) as ‘n vrye genadegawe (vgl. Rom. 3:24; 5:15-17; 6:23; Ef. 2:8-9), maar wanneer ons Hom leer ken het, is dit die skat waarvoor ons alles sal ‘verkoop’ om Hom te volg (pad). Verlossing is absoluut vry, maar die daaropvolgende koste vereis alles wat ons is en het. Dit bly ‘n vraag of hierdie vers ‘n getalverskil oor die “min” wat gered word en “baie” wat verlore gaan, wil verkondig (vgl. Mat. 7:13; Luk. 11:23-24).

NASB (UPDATED) TEXT: 7:15-20

¹⁵“Beware of the false prophets, who come to you in sheep’s clothing, but inwardly are ravenous wolves. ¹⁶You will know them by their fruits. Grapes are not gathered from thorn bushes nor figs from thistles, are they? ¹⁷So every good tree bears good fruit, but the bad tree bears bad fruit. ¹⁸A good tree cannot produce bad fruit, nor can a bad tree produce good fruit. ¹⁹Every tree that does not bear good fruit is cut down and thrown into the fire. ²⁰So, then, you will know them by their fruits.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:15-20.

7:15 “maar pasop vir die valse profete”; **“Beware of the false prophets”**: Dit is ‘n PRAESENS IMPERATIEF. Jesus het dikwels na vals profete verwys (vgl. Mat. 24:4,5,11,23-24). Dit is altyd moeilik om vals verkondigers te uit te ken, omdat hulle boodskappe ‘n element van waarheid bevat en boonop is ‘n mens onseker omtrent hulle motiewe.

Gevolgtlik is dit van uiterste belang dat gelowiges ‘n maatstaf sal hê waarvolgens vals verkondigers geïdentifiseer kan word. So ‘n evaluasie bevat die volgende riglyne:

1. Deut. 13:1-3; 18:22
2. Tit. 1:16 en 1 Joh. 4:7-11
3. 1 Joh. 4:1-3

Gewapen met hierdie maatstawwe behoort Christene in staat te wees om die nodige onderskeiding aan die dag te lê. Verse 15-20 beoordeel volgens die aanwesigheid van die goeie vrug in die leefstyl, al dan nie. Verse 21-23 beoordeel mense wat oënskynlik goeie vrugte vertoon, maar wat nie ‘n persoonlike verhouding met God het nie. In die lewe van geloof moet die ‘poort’ en die ‘pad’ in plek wees; beide die geloofservaring van sondevryspraak in Christus en die lewe van geloof daarna!

- ▣ **OAV** “wat in skaapklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is”
- NAV** “Hulle kom na julle toe in skaapklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe”
- CUM-MVB** “Hulle kom na julle toe in skaapklere, maar diep binne-in is hulle verskeurende wolwe”
- CUM-NLV** “Op die oog af lyk hulle soos onskuldige lammetjies, maar in werklikheid is hulle gulsige wolwe”
- NASB** “who come to you in sheep’s clothing, but inwardly are ravenous wolves”

Tradisioneel is die wolf vyand van die skaap (vgl. Mat. 10:16; Han. 20:29). Dit mag dan van die ergste hindernisse op die ‘pad’ van die lewe wees wanneer mense, by wyse van ‘n vals boodskap, ons op ‘n ompad probeer stuur (vgl. Ef. 4:14). Gewoonlik is daar in so ‘n boodskap vir die vals profete die een of ander bedekte, persoonlike voordeel. Hulle lyk so besonder godsdienstig! Verse 21-23 toon duidelik hoe wolwe probeer om soos skape te lyk.

- 7:16 OAV, NAV, CUM-MVB** “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken”
- CUM-NLV** “Julle sal hulle aan hulle optrede uitken”
- NASB** “You will know them by their fruits”

Hierdie gelykenis kom net in Matteus voor. Dit is ‘n FUTURUM INDIKATIEF wat as ‘n PRAESENS IMPERATIEF gebruik word (sien ook vers 20). Die vraag wat volg veronderstel ‘nee’ as antwoord, net soos in vers 10! Die “sal ken” (uitken), is ‘n beklemtoning, wat wil oordra dat ‘n plig op gelowiges rus om hierdie valse boodskapdraers te onderskei. Ons ken hulle aan hulle prioriteite in die lewe en hulle leerstellinge. Daar mag gevra word wat nou eintlik as hulle “vrugte” beskou moet word? Wel, beide kom tot uiting as die “vrugte” van hulle lewe:

1. hulle leerstellinge (vgl. Deut. 13:1-3; 18:22; Luk. 6:45; 1 Joh. 4:1-3)
2. hulle dade (Luk. 3:8-14; 6:43-46; Joh. 15:8-10; Ef. 5:9-12; Kol 1:10; Tit. 1:16; Jak. 3:17-18; 1 Joh. 4:7-11)

Hoe mense leef weerspieël:

1. wie en wat hulle werklik is
2. wat hulle verhouding met God behels

Dit is moeilik om die twee waarhede van soveel gelyke belang in ewewig te hou, (1) die waarheid van ‘n uitnodiging om volkome en sonder verdienste vrygespreek te word en (2) die waarheid dat ‘n strewe na Christus-gelykvormigheid (‘n Christus-gesindheid) vereis word. In werklikheid is albei nodig! ‘n Kort maar deeglike bespreking hiervan kan in Manfred T. Brauch se *Abusing Scripture* nagegaan word, bl. 104-116.

7:19 Omdat Johannes die Doper ook van hierdie beeldspraak gebruik gemaak het, is baie van mening dat dit spreekwoordstatus moes gehad het en algemeen in gebruik was.

NASB (UPDATED) TEXT 7:21-23

²¹“Not everyone who says to Me ‘Lord, Lord’ will enter into the kingdom of heaven, but he who does the will of my Father who is in heaven will enter. ²²Many will say to Me on that day, ‘Lord, Lord did we not prophesy in Your name, and in Your name cast out demons, and in Your name performed many miracles?’ ²³And then I will declare unto them, I never knew you; ‘DEPART FROM ME, YOU WHO PRACTICE LAWLESSNESS.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:21-23.

- 7:21 OAV, NAV, CUM-MVB** “Nie elkeen wat vir My sê”
- CUM-NLV** “Nie almal wat ewe vroom vir My. . . sê”
- NASB** “Not everyone who says to Me”

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat op voortgaande aksie dui. So het die skynheiliges oor en oor “gesê”.

▣ **“Here, Here”; “Lord, Lord”**: Die rabbyne het verklaar dat verdubbeling of herhaling van noemname toegeneëtheid openbaar het (vgl. Gen. 22:11).

Die Griekse woord, *kurios*, is op ‘n verskeidenheid maniere gedurende die eerste eeu aangewend. Dit kon gewoon beteken het (1) ‘meneer’, (2) ‘heer’, (3) ‘eienaar’, of (4) ‘eggenoot’. In die teologie hou dit egter verband met die volle gewig wat aan die naam, JHWH, geheg word (vgl. Eks. 3:14). Die sprekers in hierdie vers maak dus ‘n teologiese uitspraak omtrent Jesus, maar sonder ‘n persoonlike verhouding met Hom. Op hierdie vroeë stadium van Jesus se bediening kan daar kwalik al sprake wees van die ‘teologiese gewig’ van die naam, hoewel Petrus dit wel vroeg in Jesus se bediening as titel vir Jesus gebruik (vgl. Luk. 5:8) en ook Lukas in ‘n uitspraak van Jesus oor gehoorsaamheid (6:46). In

hierdie konteks van Matteus moet die benaming dus eskatologies opgevat word – hierdie valse profete sal in die eindtyd van die Wederkoms geoordeel word.

Is hulle gered en het toe afvallig geword, of is hulle dalk nooit gered nie?

VIR SPESIALE AANDAG: AFVALLIGHEID (*APHISTĒMI*)

Die term *aphistēmi* het 'n wye semantiese veld. Die Engelse “*apostasy*” is van hierdie Griekse term ontleen met die gevolg dat moderne lesers bevooroordeel ten opsigte van die gebruik van die woord is. Die woord se betekenis word egter bepaal deur die gegewe konteks waarin dit gebruik word en voorafbepaalde definisies moet vermy word.

Die woord is 'n samestelling van *apo*, wat ‘vanaf’ of ‘weg van’ kan beteken, met *histēmi*, wat ‘om te sit’, ‘om te staan’ of ‘om vas te maak’ kan beteken. Daar is 'n aantal nie-teologiese gebruike van die woord:

1. om fisies weg te bly of weg te gaan van
 - a. die tempel, Luk. 2:37
 - b. 'n huis, Mark. 13:34
 - c. 'n persoon, Mark. 12:12; 14:50; Han. 5:38
 - d. enigiets anders, Mat. 19:27,29.
2. om polities weg te breek of in opstand te kom, Han. 5:37
3. om uit te los, Han. 5:38; 15:38; 19:9; 22:29
4. om wetlik op te breek (egskeiding), Deut. 24:1, 3 (LXX) en in NT Mat. 5:31; 19:7; Mark. 10:4; 1 Kor. 7:11
5. om skuld af te skryf, Mat. 18:24
6. om te loop weens gebrek aan belangstelling, Mat. 4:20; 22:27; Joh. 4:28; 16:32
7. om belangstelling te toon deur nie weg te gaan nie, Joh. 8:29; 14:18
8. om toe te laat of in te stem, Mat. 13:30; 19:14; Mark. 14:6; Luk. 13:8.

Die WERKWOORD het teologies net so 'n wye betekenisveld:

1. om af te skryf, om te verskoon, om sondeskuld te vergewe, die LXX oor Eks. 32:32; Num. 14:19; Job 42:10 en die NT, Mat. 6:12,14-15; Mark. 11:25-26
2. om weg te bly van sonde, 2 Tim. 2:19
3. om te verwaarloos en te versuim deur weg te beweeg van
 - a. die wet, Mat. 23:23; Han. 21:21
 - b. die geloof, Eseg. 20:8 (LXX); Luk. 8:13; 2 Tess. 2:3; 1 Tim. 4:1; Heb. 3:12 (d.w.s. afvalligheid).

Hedendaagse gelowiges vra allerhande teologiese vrae wat in die skrywers van die NT se gedagtes nie eers sou opgekom het nie. Een so 'n moderne idee is dat geloof en getrouheid geskei kan word. So was daar ook persone by die volk van God betrokke onder wie se hande dinge verkeerd geloop het.

I. Ou Testament

- A. Korag, Num. 16
- B. Eli se seuns, 1 Sam. 2, 4
- C. Saul, 1 Sam. 11-31
- D. Vals profete (voorbeelde volg)
 1. Deut. 13:1-5; 18:19-22
 2. Jer. 28
 3. Eseg. 13:1-7
- E. Vals profetesse
 1. Eseg. 13:17
 2. Neh. 6:14
- F. Afvallige leiers van Israel (voorbeelde volg)
 1. Jer. 5:30-31; 8:1, 2; 23:1-4
 2. Eseg. 22:23-31
 3. Mig. 3:5-12

II. Nuwe Testament

- A. Die Griekse term beteken letterlik ‘versaak’ (afvallig word). Beide die OT en NT bevestig dat daar 'n toename in afvalligheid en valse leerstelling sal wees voor die wederkoms (vgl. Mat. 24:24; Mark. 13:22; Han. 20:29,30; 2 Tess. 2:3,9-12; 2 Tim. 4:4). Hierdie Griekse term vir versaak kan iets weerspieël van Jesus se verklaring van die saad wat op die klipbank val en geloof wat net tydelik is (Luk. 8:13 – gelykenis van die saaiër). Valse leermeesters is duidelik nie Christene nie, maar hulle kom van binne die kerklike gemeenskap (vgl. Han. 20:29-30; 1 Joh. 2:19) en is in staat om te mislei en hulleself meester te maak van onvolwasse Christene (vgl. Heb. 3:12).

Uit 'n teologiese perspektief is die vraag of vals leermeesters werklik gelowiges is. Dis 'n moeilike vraag om te beantwoord aangesien daar valse leermeesters in die plaaslike gemeentes betrokke was (1 Joh. 2:18-19). Dikwels beantwoord ons uit ons teologiese of kerklike tradisie hierdie vraag sonder om werklik die Skrif te

raadpleeg (behalwe die letterlike uitleg metode wat 'n teks uit verband aanhaal met die doel om die eie standpunt te regverdig).

B. Skyngeloof

1. Judas, Joh. 17:12
2. Simon Magnus, Han. 8
3. diegene genoem in Mat. 7:2-23
4. diegene genoem in Mat. 13:1-23
5. die Jode vermeld in Joh. 8:31-59
6. Aleksander en Himeneus, 1 Tim. 1:19-20
7. diegene van 1 Tim. 6:21
8. Himeneus en Filetus, 2 Tim. 2:16-18
9. Demas, 2 Tim. 4:10
10. die skyngelowiges van Heb. 3:16-19
11. valse leermeesters, 2 Pet. 2:19-21; Judas 12-19
12. antichriste, 1 Joh. 2:18-19

C. Geloof sonder vrug

1. Mat. 7:13-23
2. 1 Kor. 3:10-15
3. 2 Pet. 1:8-11

Ons dink nie dikwels oor hierdie tekste nie, omdat ons teologiese mandaat (Calvinisme, Arminianisme, ens.) ons reaksie voorskryf. Verkwelik my nie daarvoor dat ek hierdie onderwerp aanroer nie. My doel is 'n deeglike hermeneutiese benadering. Ons moet die Bybel toelaat om ons aan te spreek en nie probeer om die boodskap in 'n vooropgestelde teologie in te forseer nie. Dit kan pynlik en skokkend wees, omdat soveel van ons teologie denominasioneel, kultureel en verhoudingsgebaseerd is (ouers, vriende, leraars) en nie Bybels nie. Van sommige wat hulle in die midde van die volk van God bevind, blyk dit later dat hulle nie volk van God is nie (vgl. Rom. 9:6).

- | | | |
|---|----------------|---|
| ▣ | OAV | “sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie” |
| | NAV | “sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie” |
| | CUM-MVB | “sal aan die koninklike regering van God deel kry nie” |
| | CUM-NLV | “sal in God se koninkryk ingaan nie” |
| | NASB | “will enter the kingdom of heaven” |

Hierdie WERKWOORD is 'n FUTURUM INDIKATIEF. Die koninkryk was 'n sentrale motief in die prediking van Jesus. Dit is gelykstaande met die frase “Koninkryk van God” wat in Markus en Lukas gebruik word. Matteus skryf vir Jode en gebruik liever “die hemel” as 'n vermyding van oortollige gebruik van God se Naam. Hierdie vers verplaas die leser in die toekoms terwyl Mat. 3:2 die leser se hede in gedagte het. Die koninkryk van God is in hierdie bedeling sy heerskappy in die hart van die mens, maar eendag sal dit uitloop op die hele aarde. In die Modelgebed (Ons Vader), Mat. 6:10, het Jesus gebid vir die koms van die Godsryk op aarde.

- | | | |
|---|---------------------|---|
| ▣ | OAV, CUM-MVB | “maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is” |
| | NAV | “maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is ” |
| | CUM-NLV | “Wat die deurslag sal gee, is of hulle aan my hemelse Vader gehoorsaam was ” |
| | NASB | “but he who does the will of My Father who is in heaven” |

Hierdie is 'n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD. Die volgende verse is op daardie mense gerig wat sê dat hulle koninkrykmense is, maar wie se lewe daarmee nie strook nie. In die afsluitings van verse 23, 24 en 26 kom dit duidelik na vore. Die verklaarde wil van God is dat in sy Seun geglo moet word (vgl. Joh. 6:29,39-40). Hierdie persoonlike verhouding met Jesus was die gemis in die lewe van die vals profete (vgl. vers 23).

Bybelse waarheid is nou maar eenmaal paradoksaal of dialekties van aard. God se wil is tegelyk 'n aanvangsbesluit om te glo (poort), gevolg deur 'n volgehoue, bypassende leefstyl (pad).

VIR SPESIALE AANDAG: DIE WIL (*THELĒMA*) VAN GOD

DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

- Jesus het gekom om die Vader se wil te doen (4:34; 5:30; 6:38)
- om op die laaste dag almal op te wek wat die Vader aan die Seun gegee het (6:39)
- dat almal in die Seun sal glo (vgl. 6:29, 40)
- die doen van God se wil hou verband met gebedsverhoring (9:31 en 1 Joh. 5:14)

DIE SINOPTIESE EVANGELIES

- om God se wil te doen, is noodsaaklik (vgl. Mat. 7:21)
- om God se wil te doen maak mense tot broers en susters van Jesus (Mat. 12:50; Mark. 3:35)
- dit is nie God se wil dat iemand verlore gaan nie (Mat. 18:14; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9)
- Golgota was die Vader se wil vir Jesus (vgl. Mat. 26:42; Luk. 22:42)

PAULUS SE BRIEWE

- die volwassenheid en diensbaarheid van alle gelowiges (Rom. 12:1-2)
- dat gelowiges van hierdie bese eeu verlos word (vgl. Gal. 1:4)
- God se wil was sy verlossingsplan (Ef. 1:5, 9, 11)
- dat gelowiges deel kry aan 'n Gees-ervulde lewe (Ef. 5:17-18)
- dat gelowiges vervul word met alle kennis van God (Kol. 1:9)
- dat gelowiges volmaak en volkome in God se wil sal staan (Kol. 4:12)
- dat gelowiges heiligmaking sal nastreef (1 Tess. 4:3)
- dat gelowiges in alles dankbaar sal wees (1 Tess. 5:18)

PETRUS SE BRIEWE

- gelowiges doen reg om aan owerhede onderdanig te wees en bring so die onkunde van dwase tot swye (1 Pet. 2:15)
- kan die lyding van gelowiges tot gevolg hê (1 Pet. 3:17; 4:19)
- dat gelowiges nie selfgesentreerde lewens sal lei nie (vgl. 1 Pet. 4:2)

JOHANNES SE BRIEWE

- dat gelowiges ewig sal lewe (1 Joh. 2:17)
- dat gelowiges vrymoedigheid oor gebedsverhoring sal hê (1 Joh. 5:14)

- 7:22 OAV “Baie sal in daardie dag vir my sê”
NAV, CUM-MVB “Baie sal daardie dag vir my sê”
CUM-NLV “Baie sal vir My op die oordeelsdag sê”
NASB “Many will say to Me on that day”

Die struktuur van hierdie vraag in die Grieks het 'n 'ja'-antwoord veronderstel. Die frase “daardie dag” is 'n verwysing na die wederkoms van Jesus Christus. Dit staan bekend as die opstandingsdag of oordeelsdag, afhange van of jy Hom persoonlik ken of nie.

- ☐ OAV, NAV, CUM-NLV “in U Naam. . .in U Naam. . .in U Naam”
CUM-MVB “met 'n mandaat van U. . .met 'n mandaat van U. . .met 'n mandaat van U”
NASB “in Your name. . .in Your name. . .in Your name”

Hierdie frase impliseer dat daar met Jesus se gesag of as sy dissipel opgetree is. Uit vers 23 blyk dit duidelik dat hulle Jesus nie op 'n persoonlike wyse geken het nie. Let daarop dat hulle met vroom dinge besig was. Maar vrug sonder 'n vertrouensverhouding is net so afkeurenswaardig as 'n verhouding sonder vrug. Dieselfde soort wonderwerke is deur Jesus se dissipels verrig (vgl. 10:1-4), selfs deur Judas Iskariot! Wonders is nie sonder meer 'n teken van God nie (vgl. Mat. 24:24 en 2 Tess. 2:9-10). Godsdienstige selfbluf is 'n tragedie.

- ☐ OAV, NAV, CUM-NLV “duiwels uitgedrywe”
CUM-MVB “demone. . .uitgedryf”
NASB “cast out demons”

Sien die *Vir Speciale Aandag* by 10:1 en ook aantekeninge oor die demoniese by 10:1.

- 7:23 OAV “En dan sal Ek aan hulle sê”
NAV, CUM-MVB “Dan sal Ek openlik vir hulle sê”
CUM-NLV “Dan sal Ek hulle antwoord”
NASB “then I will declare to them”

Die Griekse term beteken om in die openbaar te betuig of te getuig (sien *Vir Speciale Aandag* by 10:32). Hiermee verklaar Jesus dat Hy in die gesagsposisie verkeer om oor persoonlike geloof in Hom te kan oordeel.

- ☐ OAV, NAV, CUM-MVB “Ek het julle nooit geken nie”
CUM-NLV “Julle was nog nooit werklik my mense nie”
NASB “I never knew you”

Dit is 'n sterk grammatikale konstruksie in die Griekse teks. Die woord “ken” bring uit sy OT agtergrond die betekenis van 'n 'eieheid en boesemvriendskap' oor (vgl. Gen. 4:1 en Jer. 1:5). Dit is skrikwekkend om te dink dat die godsdienstige aktiwiteite van vers 22 met soveel selfmisleiding gepaard kon gaan (vgl. 1 Kor. 13:1-3).

- ☐ OAV “Gaan weg van My”
NAV, CUMs “Gaan weg van My af”
NASB “depart from me”

Hierdie is 'n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF, 'n blywende bevel, wat letterlik soos volg vertaal kan word: “Gaan maar voort op julle pad weg van My af.” Met ander woorde: “Julle is lankal besig om weg te gaan – loop maar julle pad!” Iets van Ps. 6:8 skemer hierin deur.

- ☐ OAV “julle wat die ongeregtigheid werk”

NAV	“julle wat die wet van God oortree”
CUM-MVB	“julle wat wetteloos opgetree het”
CUM-NLV	“Julle het nie gedoen wat voor God reg is nie”
NASB	“you who practice lawlessness”

Dit is skokkend dat hierdie oënskynlik effektiewe godsdienstige leiers totaal onafhanklik van die krag en persoon van Christus opgetree het.

NASB (UPDATED) TEXT: 7:24-27

²⁴“Therefore everyone who hears these words of Mine and acts on them, may be compared to a wise man who built his house on the rock. ²⁵And the rain fell and the floods came, and the winds blew and slammed against that house and yet it did not fall, for it had been founded on the rock. ²⁶Everyone who hears these words of Mine and does not act on them, will be like a foolish man who built his house on the sand. ²⁷The rain fell, and the floods came, and the winds blew and slammed against that house; and it fell – and great was its fall.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:24-27.

7:24 OAV	“Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen”
NAV	“Elkeen dan wat hierdie woorde van my hoor en daarvolgens handel”
CUM-MVB	“Elkeen dan wat hierdie woorde van my hoor en hulle tot uitvoer bring”
CUM-NLV	“Elkeen wat na My woorde luister en daarvolgens handel”
NASB	“everyone who hears these words of Mine and acts on them”

Hierdie gelykenis kom net in Matteus en Lukas voor (6:47-49). Die gedagte stem ooreen met die Hebreuse *Shema* van Deut. 6:1, wat “gehoor en so goed as gedoen” beteken. Christenskap bou op (1) kennis, (2) persoonlike antwoord, en (3) ‘n leefstyl van diensbaarheid. Dit is interessant dat albei bouers Jesus se woorde gehoor het! Weereens blyk dit uit die konteks van gebeure of die waarskuwing aan godsdienstige mense wat gehoor en op een of ander vlak gereageer het, gerig was.

7:24-27 Hierdie verse stem ooreen met die waarheid van die gelykenis van die Saaier en die verskillende grondsoorte in Mat 13. Dit is alleen te midde van vervolging en teespoed dat veronderstelde gelowiges se ware karakter blyk. Christene moet vervolging hulle hele lewe lank te wagte wees (vgl. Joh. 15:20; Han. 14:22; Rom. 8:17; 1 Tess. 3:3; 2 Tim. 3:12; 1 Pet 2:21; 4:12-16).

7:26 Dit is interessant dat beide bouers na oorlewering Jesus se woorde gehoor het. Dit wil weereens uit die konteks voorkom of die geadresseerdes godsdienstige mense was wat tot ‘n mate gereageer het op wat hulle gehoor het. A.T. Robinson meld in sy *Word Pictures in the New Testament*: “Om na preke te luister is ‘n gevaarlike tydverdryf as jy nie van plan is om dit in praktyk om te sit nie” (bl. 63). Ek sou wou byvoeg, nes om hulle te skryf en te lewer (bv. preke)!

NASB (UPDATED) TEXT: 7:28-29

²⁸“When Jesus had finished these words , the crowds were amazed at His teaching, ²⁹for He was teaching them as one having authority, and not as their scribes”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 7:28-29.

7:28 OAV	“En toe Jesus hierdie woorde geëindig het”
NAV	“Toe Jesus klaar gepraat het”
CUM-MVB	“Toe Jesus hierdie woorde klaar gepraat het”
CUM-NLV	“Toe Jesus sy rede voltooi het”
NASB	“When Jesus had finished these words”

Matteus gebruik hierdie frase om die verskeie hoofafdelings van sy boek af te sluit (vgl. 7:28; 11:1; 13:53; 19:1; 26:1). Hierdie vyf frases is een moontlike manier waarop Matteus sy evangelie gestruktureer het.

■ OAV	“was die skare verslae oor sy leer”
NAV	“was die skare verbaas oor sy onderrig”
CUM-MVB	“was die skares verbaas oor sy onderrig”
CUM-NLV	“was die skare diep onder die indruk van sy onderrig”
NASB	“the crowds were amazed at His teaching”

Jesus se onderrig was opmerklik verskillend van die onderrig van die skrifgeleerdes. Hy het hom nie beroep op die gesag van vroeëre skrifgeleerdes nie, maar met eie gesag gepraat. Hierdie bevestiging van Jesus se gesag is ‘n kenmerk van Matteus se evangelie (vgl. 8:9; 9:6; 10:1; 21:23-24, 27; 28:18). Jesus het Homself as die beloofde Messias voorgedoen (die nuwe “Moses” of die nuwe wetgewer) en dus ook as die regter in die eskatologiese eindtyd.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Is dit sondig vir Christene om mekaar te beoordeel?
2. Wat beteken vers 6?
3. Beteken vers 7 dat 'n mens se volharding deur gebed kan baat?
4. Beteken vers 13 dat dit moeilik is om gered te word? Wat presies is die twee paaie (weë)?
5. Hoe kan jy vasstel wanneer iemand 'n vals profeet is?
6. Wat verstaan jy onder die term "vrug"?
7. Kan 'n bediening suksesvol wees sonder die krag van 'n persoonlike verhouding met Christus?
8. Wat is die verband tussen hoor en doen in Christenskap?
9. Watter positiewe uitwerking kan vervolging hê op Christene se geloof?

MATTEUS 8

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Cleansing of a Leper	Jesus Cleanses a Leper	Events in Galilee (8:1-9:38)	Jesus Makes a Leper Clean	Cure of a Man with Skin-disease	Die genesing van 'n melaatse
8:1-4	8:1-4	8:1-4	8:1-2 8:3-4	8:1-4	8:1-4
The Healing of a Centurion's Servant	Jesus Heals a Centurion's Servant		Jesus Heals a Roman Officer's Servant	Cure of a Centurion's Servant	Die genesing van die offisier se slaaf
8:5-13	8:5-13	8:5-13	8:5-6 8:7 8:8-9 8:10-13b 8:13c	8:5-13	8:5-13
The Healing of Many People	Peter's Mother-in-Law Healed		Jesus Heals Many People	Cure of Peter's Mother-in-law	Die genesing van Petrus se skoonma
8:14-17	8:14-15	8:14-17	8:14-15	8:14-15	8:14-17
	Many Healed After Sabbath Sunset			A Number of Cure	
7:21-23	8:16-17		8:16-17	8:16-17 (17b)	
The Would-be Followers of Jesus	The Cost of Discipleship		The Would-be Followers of Jesus	Unconditional Commitment	Hoe jesus gevolg moet word
8:18-22	8:18-22	8:18-22	8:18-19 8:20 8:21 8:22	8:18-20 8:21-22	8:18-22
The Calming of a Storm	Wind and Waves Obey Jesus		Jesus Calms a Storm	The Calming of the Storm	Jesus maak die storm stil
8:23-27	8:23-27	8:23-27	8:23-27	8:23-27	8:23-27
The Healing of the Gadarene Demoniacs	The Demon Possessed Men Healed		Jesus Heals Two Men with Demons	The Demoniac of Gadara	Die genesing van die besetenes in Gadara
8:28-34	8:28-34	8:28-34	8:28-29 8:30-31 8:32 8:33-34	8:28-34	8:28-34

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 8:1-34

- A. Hoofstukke 8 en 9 vorm ‘n literêre eenheid van tien wonderwerke wat Jesus se mag en gesag, nie alleen oor mense nie, maar ook oor siekte en die natuur beskryf. Dit is nie toevallig dat wonderkragte op die Bergrede volg nie. Die doel van wonderwerke is (1) om Christus se boodskap te onderskryf, (2) om die werklikheid van die eskatologiese toneelskikking te illustreer en (3) om God se barmhartigheid te toon.
- B. Volgens hierdie hoofstuk het Jesus groeperinge wat in die Joodse gemeenskap ongerekend was, bedien:
1. melaatses – verse 2, 4 (Mat. 10:8; 11:5; 26:6; Luk. 5:12-14; 17:11-14)
 2. heidene (bv. die Romeinse offisier – verse 5-13; Mark. 7:26-30, 31-37)
 3. vroue – verse 14-15; Luk. 8:2,43-48; 7:36-50; 13:10-12
 4. duiwelsbesetenes – verse 16, 28
- Hierdie lysie kan gemaklik nog uitgebrei word
1. kinders – 18:2, (‘n metafoor vir nuwe gelowiges; Mark. 10:13-16; Luk. 18:5-17)
 2. die armes –
 3. Samaritane – Luk. 10:30-37; 17:15-19; Joh. 4:1-54
 4. belastinggaarders – Mark. 2:15-17; Luk. 5:27-32; 15:1 e.v.; 19:1-10
 5. sondaars (diegene wat die mondelinge oorleweringe nie onderhou het nie) – Mat. 9:10-11; 11:19; Luk. 15:2; 18:13; Joh. 9:16,24,25,31
- Jesus se aandag aan en genesing van hierdie mense was vervulling van OT profesie (11:5 wat ‘n aanhaling is uit Jes. 35:5-6 en 61:1; vgl. ook die parallel in Luk. 7:22).
- C. In verband met stadium, plek en ander besonderhede is daar teenstrydighede in die vertellings van die Sinoptiese evangelies. Die verskillende toon (1) die vermoë van elke geïnspireerde skrywer om sy evangeliese/kategetiese vertelling oor Jesus te struktureer vir verskillende gehore en (2) die egtheid van die ooggetuie-vertellings¹². Ons kan, wat die Sinoptiese evangelies betref, die ‘hoekom’ en ‘hoe’ van samestelling nie altyd verduidelik nie, maar wel die betroubaarheid, inspirasie en gesaghebbendheid daarvan vir ons lewens aanvaar!

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 8:1-4

¹“When Jesus came down from the mountain, large crowds followed Him. ²And a leper came to Him and bowed down before Him and said, “Lord, if You are willing, You can make me clean.” ³Jesus stretched out His hand and touched him, saying, “I am willing; be cleansed.” ⁴And immediately his leprosy was cleansed. And Jesus said to him. “See that you tell no one; but go, show yourself to the priest and present the offering that Moses commanded, as a testimony to them.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 8:1-4.

8:1	OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB	“En toe Hy van die berg afkom” “Jesus het afgekom van die berg af” “Toe Jesus van die berg af kom” “When Jesus came down from the mountain”
-----	--	--

Hierdie stelling saam met 5:1 dien as ‘n literêre raam. Hiermee sluit Matteus die Bergrede af, wat strek van hoofstukke 5-7. Sommige geleerdes sien hierin ‘n suggestie van Matteus dat Jesus, wat soos Moses die berg afkom, as ‘n tweede wetgewer beskou kan word; met die verskil, darem, dat Jesus ‘n nuwe wet gee en nie ontvang nie!

<p>■ OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB</p>	<p>“het groot menigtes Hom gevolg” “en ‘n groot menigte mense het saam met Hom gegaan” “en baie skares het saam met Hom gegaan” “het ‘n groot skare Hom gevolg” “large crowds followed Him”</p>
---	---

¹² Hulle het nie maar net van mekaar oorgeneem nie – vert.

Die doel van wonders was om die egtheid van die boodskap te bevestig. ‘n Gevalle mensheid word immer eerste aangetrek deur wat voor oë is – die eie belang en materiële dinge – eerder as dinge van ewigheidswaarde wat geestelik en in almal se belang is!

8:1	OAV	“en daar het ‘n melaatse man gekom”
	NAV	“‘n melaatse man kom kniel toe voor Hom”
	CUM-MVB	“en kyk, ‘n melaatse man kom kniel toe voor Hom”
	CUM-NLV	“Daar kom toe onverwags ‘n melaatse nader”
	NASB	“a leper came to Him”

Die Engelse woord, *leper*, kom van ‘n Griekse term wat ook ‘skubbe’ vertaal kan word. Die antieke woord het veel meer velaandoeninge ingesluit as waarna die moderne gebruik verwys. Levitikus 13 en 14 handel oor OT voorbeelde van melaatsheid. Dat ‘n melaatse na Jesus toe aankom, was sosiaal en teologies onaanvaarbaar omdat melaatsheid as ‘n oordeel van God beskou was. Die geval van koning Ussia (2 Kron. 26:16-23) dien as OT voorbeeld en basis vir hierdie teologiese opvatting.

■ **“Here”; “Lord”**: Dit is die woord *kurios*. Dit kan as ‘n hoflike aanspreekvorm, soos ‘Meneer’ (van Nederlands ‘*mijn heer*’, Engels ‘*Sir*’) verstaan word. Dit kon ook ‘n aanduiding (teologies) van ‘n besef van Jesus se Messiasskap en Godheid gewees het. Die konteks is bepalend. Dikwels bly die bedoeling onseker, soos juis in hierdie geval.

■ **“as U wil”; “if You are willing”**: Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE wat dui op toekomsthandeling. Hierdie man het van Jesus se wonderwerke gehoor en het geglo Hy sou hom kon genees as Hy bereid sou wees.

8:3	OAV	“Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan”
	NAV	“Toe steek Jesus sy hand uit, raak hom aan”
	CUM-MVB	“Toe het Hy sy hand uitgesteek, aan hom geraak”
	CUM-NLV	“Daarop steek Jesus sy hand na hom toe uit, raak hom aan”
	NASB	“Jesus stretched out His hand and touched him”

Om ‘n melaatse aan te raak was volkome in stryd met die Joodse kultuur van die dag soos gebaseer op die OT (vgl. Lev. 13:45-46). Dit toon Jesus se medelye met ‘n siek mens, sy vreesloosheid en gewilligheid om met Joodse tradisie te breek (vgl. 5:21-48).

■	OAV, NAV, CUM-MVB	“Ek wil”
	CUM-NLV	“Ek wil dit vir jou doen”
	NASB	“I am willing”

Die man het geloof gehad in wat hy van Jesus se vermoë gehoor het, al het hy nie geweet of Hy gewillig sou wees nie.

8:4	OAV	“Pasop dat jy dit aan niemand vertel nie”
	NAV	“Jy moet dit vir niemand vertel nie”
	CUM-MVB	“Pasop dat jy vir niemand vertel nie”
	CUM-NLV	“Sorg dat jy dit vir niemand vertel nie”
	NASB	“See that you tell no one”

Hierdie soort stelling is dikwels die Messias-geheim van die Sinoptiese evangelies genoem (vgl. Mat. 8:4; 9:30; 12:16; 16:20; 17:9; Mark. 1:44; 3:12; 5:43; 7:36; 8:30; 9:9; Luk. 4:41; 5:14; 8:56; 9:21). Op dié wyse wou Jesus verhoed dat Hy nie maar net as ‘n geneser beskou sal word nie. Die evangelieboodskap was nog onvolledig (vgl. 17:9; Mark. 9:9). Hy het geweet dat mense Hom sou aanhang vir die verkeerde redes.

■	OAV	“maar gaan vertoon jou aan die priester. . .tot ‘n getuienis vir hulle”
	NAV	“maar gaan wys jou vir die priester. . .Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het”
	CUM-MVB	“maar gaan wys jou vir die priester. . .tot getuienis teen hulle”
	CUM-NLV	“Maar gaan wys vir die priester dat jy gesond is. . .So sal jy vir almal duidelik bevestig dat jy gesond geword het”
	NASB	“but go and show yourself to the priest. . .as a testimony to them”

Dit was ‘n poging deur Jesus om die Mosaïese wet van Levitikus 13-14 te bevestig. Verder wou Jesus sy krag vertoon aan die priesters in Jerusalem (vgl. Mark. 1:44; Luk. 5:14; 17:14). Heel vroeg in die Handeling-tyd “het ‘n groot aantal priesters” Jesus en sy boodskap aanvaar (vgl. Han. 6:7–NAV).¹³

¹³ In die oorspronklike teks van dr. Bob Uteley lees hierdie sin soos volg: *Early in Acts many thousands of them accepted Jesus and His message.*” *Matthew-commentary*, p 97. Vir die gewone leser wat leef met ‘n gedagtebeeld van een Jerusalem-tempel in Jesus se tyd, mag die syfer “duisende” verwarrend wees. Moontlik het die ouer Afrikaanse vertalings (OAV en NAV) ‘n nodige sensitiviteit aan die dag gelê vir die verskil tussen Midde-Oosterse en Westerse syfersimbole. Daarom lees die OAV “‘n groot menigte”. Dit is belangrik om te weet dat die Levitiese priesterdom in Jesus se tyd in groot getalle steeds verspreid onder die bevolking gewoon het en dat hulle getalle

NASB (UPDATED) TEXT: 8:5-13

⁵And when Jesus entered Capernaum, a centurion came to Him, imploring Him, and saying ⁶“Lord, my servant is lying paralyzed at home, fearfully tormented.” ⁷Jesus said to Him, “I will come and heal him.” ⁸But the centurion said, “Lord, I am not worthy for You to come under my roof, but just say the word, and my servant will be healed. ⁹For I also am a man under authority, with soldiers under me; and I say to this one, ‘Go!’ and he goes, and to another, ‘Come!’ and he comes, and to my slave, ‘Do this!’ and he does *it*.” ¹⁰Now when Jesus heard *this*, He marveled and said to those who were following, “Truly I say to you, I have not found such great faith with anyone in Israel. ¹¹I say to you that many will come from east and west and recline *at the table* with Abraham, Isaac and Jacob in the kingdom of heaven; ¹²but the sons of the kingdom will be cast out into the outer darkness; in that place there will be weeping and gnashing of teeth.” ¹³And Jesus said to the centurion, “Go, it shall be done for you as you believed.” And the servant was healed that *very* moment.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 8:5-13.

8:5 “Kapernaum”; “Capernaum”: Na Jesus verwerp is deur Nasaret (vgl. 4:13) het Hy die stad Kapernaum sy Galilese hoofkwartier gemaak. Dit was sentraal geleë en Petrus en Andreas het ‘n huis daar besit.

▣ OAV	“n hoofman oor honderd”
NAV	“n offisier”
CUM-MVB	“n offisier oor honderd soldate”
CUM-NLV	“n Romeinse offisier”
NASB	“a Centurion”

Niemand is meer geminag in die Joodse samelewing as melaatses (vers 2) of Romeinse militêre offisiere nie. Hierteenoor betoon Jesus sy liefde vir die hele menslike geslag soos ook die geval was met die besetenes van Gadara (vgl. 8:28, 34) en die Siro-Fnisiëse vrou (15:21-28). Dieselfde opgawe kom voor in Lukas, maar speel af teen ‘n ander agtergrond (vgl. Luk. 7:1-10).

8:6	OAV	“my kneg”
	NAV, CUM-NLV	“my slaaf”
	CUM-MVB	“my bediende”
	NASB	“my servant”

Volgens Lukas se weergawe het hierdie offisier baie vir die Joodse volk omgee, nes Cornelius van wie ons lees in Handeling (hoofstuk 10). Matteus suggereer dat hierdie offisier ook vir sy dienskneg baie lief was. Die offisierekorps word regdeur die NT meestal in ‘n positiewe lig gestel.

8:7	OAV	“Ek sal kom en hom gesond maak”
	NAV, CUM-NLV	“Ek sal hom kom gesond maak”
	CUM-MVB	“Ëk sal hom kom gesond maak”
	NASB	“I will come and heal him”

Hierdie is ‘n beklemtoonde “Ëk”, waarmee Jesus die ongehoorde ding onderneem om teen alle taboes in ‘n heiden se woning binne te gaan (vgl. vers 8 vir die kulturele en godsdienstige taboe!)

8:8	OAV, NAV, CUM-MVB	“Ek is nie werd”
	CUM-NLV	“Ek is nie goed genoeg”
	NASB	“I am not worthy”

Hierdie term word gebruik in stellings deur:

1. Johannes die Doper – 3:11; Mark. 1:7; Luk. 3:16 en
2. die Romeinse offisier – 8:8; Luk. 7:6.

Teologies gesproke is dit beskrywend van die sondetoestand van alle mense en die wonderbaarlike liefde en genade van God teenoor hulle. Mense moet hulle geestelike nood besef (vgl. Mat. 5:3-6) as hulle by God vergifnis en aanvaarding wil vind.

▣ OAV	“maar spreek net ‘n woord, en my kneg sal gesond word”
NAV, CUM-MVB	“sê maar net ‘n woord en my bediende sal gesond word”
CUM-NLV	“sê maar net die nodige woord en my slaaf sal gesond word”
NASB	“Just say the word and my servant will be healed”

Hierdie militaris was vertrouwd met die uitoefening van gesag en vereis bowendien nie van Jesus ‘n ritueel of magiese formule nie, ook nie fisiese teenwoordigheid met die genesing nie. Volgens Lukas het hy nie self gekom nie, maar ‘n afvaardiging gestuur: (1) Joodse ouderlinge (Luk. 7:3-5) en (2) sy vriende (Luk. 7:6). Hierdie is ‘n sprekende voorbeeld van hoe die evangelies dieselfde gebeurtenis op verskillende maniere oordra. Die vraag is nie hoe betroubaar elkeen se

groot was omdat hulle funksie erflik was. R. de Vaux, in sy *Hoe het oude Israel leefde*, vol. 2, bl. 282, meld dat in ‘n terugkerende groep uit die Babiloniese Ballingskap daar 4 289 priesters was – vert.

weergawe is nie, maar waarom elkeen dit op 'n eie besondere wyse oordra. Sien Gordon Fee en Douglas Stuart se *How to read the Bible for All Its Worth*, bl. 127-148.

Joodse en Griekse genesers het van sangerige spraak, magiese handeling en spesiale rituele gebruik gemaak, maar Jesus gebruik net die gesproke woord. Op dié wyse het Hy

1. sy betrokkenheid by die skepping bevestig (vgl. Gen. 1)
2. sy persoonlike gesag bevestig (vgl. vers 16) en
3. hom onderskei van die ander genesers van sy tyd.

Daarom is die *logos*-titel (woord) in Joh. 1:1 so toepaslik! Jesus het met 'n aanraking genees (vgl. 8:3) of bloot deur 'n woord te spreek (vgl. 8:8), selfs vir die uitdryf van duiwels (vgl. 8:16). Hy het met gesag gespreek (vgl. 7:28-29) en genees uit 'n posisie van gesag! Dit is interessant hoe die formule: "sodat die woord. . . vervul sou word" (vgl. Mat. 1:22; 2:15,17,23; 4:14; 8:17; 12:17; 13:35; 21:4; 22:31; 24:15; 27:9) in Matteus toegepas word om die betroubaarheid van die Skrif en die vervulling daarvan in die koms van Jesus en die nuwe bedeling te bevestig.

8:10	OAV	"Voorwaar Ek sê vir julle"
	NAV, CUM-MVB	"Dit verseker Ek julle"
	CUM-NLV	"Ek verseker julle"
	NASB	"Truly I say to you"
	NKJV	"Assuredly I say to you"
	NRSV	"Truly I tell you"
	TEV	"I tell you"
	JB	"I tell you solemnly"
	NJB	"In truth I tell you"

Dit was Jesus se uitsonderlike manier om 'n punt te beklemtoon. Nêrens in Griekse literatuur kom hiervan nog voorbeelde voor nie. 'n Enkele of dubbele "amen" vooraan die sin benadruk die belangrikheid van wat volg en bevestig Jesus se persoonlike gesag. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

8:11	OAV	"baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob aansit"
	NAV	"Baie sal van die ooste en weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan"
	CUM-MVB	"Baie sal van die ooste en weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob vir ete aanlê"
	CUM-NLV	"daar sal baie mense vanoor die hele wêreld kom, en saam met Abraham, Isak en Jakob die feesmaal tyd in God se koninkryk geniet"
	NASB	"many will come from east and west, and recline at the table with Abraham, Isaac and Jacob"

Hierdie was 'n sinspeling op insluiting van die heidendom by die familie van God (vgl. Jes. 25:6-9, Mal 1:11; Luk. 13:22-30). Die geloof van hierdie Romeinse militaris was groter as wat Jesus onder die Joodse bevolking aangetref het. Sulke ontmoetings met heidene (bv. Mat. 15:28; 21:32; Mark. 7:24-30; Luk. 10:30-37; 17:11-19) en sterk uitlatings omtrent hulle geloof, is bewys van die universele perspektief en roeping om hulle te evangeliseer (vgl. Mat. 15:28; 22:2-14; 28:18-20; Luk. 7:9; 24:47; Han. 1:8). Die woordkeuse is ontleen aan die idee van 'n Messiaanse banket aan die einde van die tyd (vgl. Jes. 25:6-9; Luk. 14:15; Openb. 19:9). Jesus praat van hierdie Patriarge as lewend in die koninkryk van die hemel (oftewel die nuwe era). Hulle sal saam met die ander gelowiges volledig deel wees van die eskatologiese gebeure. Dit opsigself is 'n sterk getuigenis in verband met die werklikheid van lewe na die dood, sowel as die belofte van saamwees met God en ander gelowiges.

☐	OAV	"Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word"
	NAV	"Maar mense vir wie die koninkryk bedoel is, sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word"
	CUM-MVB	"Maar die erfgename van die koninkryk sal in die buitenste duisternis gegooi word"
	CUM-NLV	"Maar die Israeliete, die mense wat daardie koninkryk eintlik moes beërwe het, sal uitgegooi word in die donker daar buite."
	NASB	"but the sons of the kingdom will be cast out"

Baie Jode verstaan niks van 'n persoonlike verhouding met God nie, maar weet slegs van 'n rasgebonde, wettiese en ritusgebonde godsdiens wat aan hulle oorgelewer is (vgl. Jes. 6:9-10; 29:13; Mat. 15:14). Hulle was hoogmoedig in hulle self-geregtigheid, oor hulle nougesette nakoming van die Mosaïese verbond en op hulle ras-afkoms (vgl. Mat. 3:9). Jesus bevestig in vers 12 dat vele wat nie histories deel van Israel was nie, ingesluit sal wees, maar baie wat gedink het hulle behoort aan die volk van God, uitgesluit sal word (vgl. 21:43; Luk. 13:28).

☐	OAV	"in die buitenste duisternis. Daar sal geweene wees en gekners van die tande"
	NAV	"in die diepste duisternis daar buite gegooi word, waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners"
	CUM-MVB	"sal in die buitenste duisternis gegooi word. Dáár sal 'n gehuil en 'n tandegekners wees"
	CUM-NLV	"sal uitgegooi word in die donker daar buite. Hulle sal bitterlik huil en van selfverwyrt op hulle tande kners"

NASB**“into the outer darkness; in that place there will be weeping and the gnashing of teeth”**

Hierdie metafore kom ook in Mat. 13:42,50; 22:13; 24:51; 25:30 voor om die aakligheid van die hel weens skeiding van God te beskryf (vir *Gehenna*, sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:22). Wat manne en vroue in dié lewe met Jesus Christus doen, is bepalend vir hul ewige bestemming (vgl. 25:31-46). Jesus self toon ons die treurige uiteinde wat almal wat steeds weier om Hom te vertrou, in die gesig staar.

In die OT het “kniers van die tande” gewoonlik op woede gedui (vgl. Job 16:9; Ps. 35:16; 37:12; 112:10; Klaagl. 2:16), soos ook in die geval van Han. 7:54 (Joodse Raad oor Stefanus)! In hierdie teks dui dit egter op die droefheid en smart na aanleiding van die eskatologiese oordeel (van God verlate in *Gehenna*).

NASB (UPDATED TEXT): 8:14-17

¹⁴“When Jesus came into Peter’s home, He saw his mother-in-law lying sick in bed with a fever. ¹⁵He touched her hand and the fever left her; and she got up and waited on Him. ¹⁶When evening came, they brought to Him many who were demon-possessed; and He cast out the spirits with a word, and healed all who were ill. ¹⁷This was to fulfill what was spoken through Isaiah the prophet: “HE HIMSELF TOOK OUR INFIRMITIES AND CARRIED AWAY OUR DISEASES.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 8:14-17.

8:14 OAV, CUM-MVB “Petrus. . . skoonmoeder”
NAV, CUM-NLV “Petrus. . .se skoonma”
NASB “Peter. . .his mother in law”

Petrus was ‘n getroude man (vgl. 1 Kor. 9:5). Ons hoor nie verder van Petrus se vrou nie. Sy het moontlik gesterf. Die evangelies is nie geskryf om ons nuuskierigheid te bevredig nie. Onder die Jode was die huwelik normale praktyk. Die rabbyne het dit as ‘n plig beskou omrede die opdrag van Gen. 2:24.

8:16 OAV “En toe dit aand geword het”
NAV, CUM-MVB “Toe dit aand word”
CUM-NLV “Teen die aand”
NASB “when evening came”

Dit was die einde van die Sabbat (vgl. Mark. 1:32) en die Jode wat opgevoed was in die geloof dat genesingsbediening op die Sabbat nie geoorloof was nie, het nou by Petrus se voordeur begin opdaag. Die Sabbat begin met skemeraand op Vrydag en eindig met skemer op Saterdag. Dit is dieselfde dagbeskrywing as in Gen. 1:5,8,13,19,23,31 (“En dit was aand en dit was môre die eerste dag”, ens.)

■ **OAV “baie. . .wat van duiwels besete was. . .baie wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak”**
NAV “baie wat in die mag van duiwels was. . .en al die siekes gesond gemaak”
CUM-MVB “baie wat demone gehad het. . .en al die siekes gesond gemaak”
CUM-NLV “baie duiwelbesetenes. . .en Hy het almal wat siek was gesond gemaak”
NASB “many who were demon-possessed. . .healed all who were ill”

In die NT is daar altyd ‘n onderskeid getref tussen duiwelsbesetenheid en liggaamlike siekte. Soms het duiwels fisiese ongesteldheid veroorsaak, maar defintief nie altyd nie. Fisiese gebreke, beserings en siektetoestande kan nie noodwendig aan demonisme toegeskryf word nie. Sien *Vir Spesiale Aandag: Demonisme (onrein geeste)* by 10:1.

8:17 Hierdie is ‘n aanhaling van Jes. 53:4, maar soos dit staan nie uit die Masorete Teks (Hebreeus) nie en ook nie uit die Septuaginta (Griekse vertaling) nie. Verder is dit die enigste plek in die NT waar die besondere teks aangehaal word. Sommige hedendaagse groepe gebruik dié teks om aan te voer dat fisieke genesing inherent aan die gebeure van die versoening is. God is die bo-natuurlike op wie gereken kan word vir die goeie in menslike lewe. Daar is egter nie ander skrifgetuieis om hierdie vers te ondersteun dat alle siektes in alle gevalle die wil van God is en dat dit genees sal word indien daar met genoeg geloof of gebed gereageer word nie (2 Kor. 12:8-10; 2 Tim. 4:20).

Ps. 103:3b word ook soms ter stawing van dié gedagte aangehaal. Daar is ‘n poëtiese parallel tussen vers 3a en 3b van Ps. 103, met die gevolg dat beide op geestelike vergifnis dui.¹⁴ In die OT word fisiese kwale dikwels gebruik as simbolies van geestelike probleme (bv. Jes. 1:5-6). Uit die oogpunt van die rabbyne was daar ‘n verband tussen sonde en siekte (vgl. Jak. 5:14-16). Sien F.F. Bruce, *Answers to Questions*, bl. 44-45.

NASB (UPDATED TEXT): 8:18-22

¹⁸“Now when Jesus saw a crowd around Him, He gave orders to depart to the other side of the sea. ¹⁹Then a scribe came and said to Him, “Teacher, I will follow You wherever You go.” ²⁰Jesus said to him, “The foxes have holes and the birds of the air have nests, but the Son of Man has nowhere to lay His head.” ²¹Another of the disciples said to Him, “Lord, permit me first to go and bury my father.” ²²But Jesus said to him, “Follow Me and allow the dead to bury their own dead.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 8:18-22.

¹⁴ *Parallelismus Membrorum* – die tweede reël verduidelik die eerste – vert.

8:19 OAV	“’n sekere skrifgeleerde”
NAV, CUM-MVB	“’n Skrifgeleerde”
CUM-NLV	“’n Skrifkenner”
NASB	“scribe”

Hy was ‘n kenner op gebied van die mondelinge oorlewering (die Talmoed) en die geskrewe oorlewering van die Jode. Skrifgeleerdes het die funksie van die OT leviëte as plaaslike uitleggers van die Skrif oorgeneem. Hulle kon oor die toepassing van die wet van Moses in alledaagse aangeleenthede geraadpleeg word. Sien *Vir Spesiale Aandag: skrifgeleerdes* by 12:38. In Jesus se dae was die meeste van hulle Fariseërs. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:15.

▣ OAV	“Meester”
NAV	“Meneer”
CUMs	“Leermeester”
NASB	“Teacher”

Dit is die VOKATIEF (aanspreekvorm) *didaskale* van die term “leermeester” (*didaskalos*). Dit is die Griekse weergawe van die Hebreeus vir leermeester (letterlik “groot een”, vgl. Joh. 1:38; 20:16) en verwys na ‘n kenner van die wet van Moses (‘n eretitel). In die NT word dit gebruik vir

1. Joodse leermeesters – Luk. 2:46
2. Johannes die Doper – Luk. 3:12
3. Jesus – Mat. 8:19; 9:11; 17:24; 26:25, 49; Mark. 9:5; 17:38; Luk. 10:25; Joh. 1:49.
4. Nicodemus – Joh. 3:10
5. Paulus – 1 Tim. 2:7; 2 Tim. 1:11
6. Christen-leermeesters – Han. 13:1; 1 Kor. 12:28; Ef. 4:11; Jak. 3:1.

Jesus bepaal dat die term in verband met Homself gebruik mag word (vgl. 23:7-12; Mark. 14:14; Joh. 3:2; 11:27-28; 13:13-14). Daar is net een Vader; daar is net een leermeester! Hy en net alleen Hy is die ware “Groot Een”!

8:20 OAV, NAV, CUM-MVB	“En Jesus sê vir hom”
CUM-NLV	“Maar Jesus het vir hom gesê”
NASB	“Jesus said to him”

In hierdie konteks gaan dit oor twee persone. Een is bereid om oral te gaan, maar Jesus maan hom om eers oor die koste na te dink (vgl. vers 20). Die ander een is huiwerig om te volg, maar Jesus maan hom om ten alle koste te volg omrede die aanspraak en roeping wat God op sy lewe mag maak (vgl. vers 21). Waarheid is dikwels veelsydig na gelang die omstandighede.

▣ OAV, NAV	“die Seun van die mens”
CUM-MVB	“maar die Seun wat as mens gebore is”
CUM-NLV	“maar Ek, die Seun van die Mens”
NASB	“the Son of Man”

So het Jesus Homself benoem, met ‘n Hebreeuse frase wat ‘n menslike wese impliseer (vgl. Ps. 84:4; Eseg. 2:1). Omrede die gebruik daarvan in Daniël het die frase ‘n kwaliteit van Godheid bygekry. Gevolglik omvat die frase ook Jesus se persoon as Godheid en menslike natuur. Die rabbyne het nooit hierdie bewoording aangegryp nie, met die gevolg dat dit nie nasionalistiese en militaristiese ondertone bygekry het nie. Ek herhaal ‘n gedeelte uit my kommentaar op die boek Daniël (7:13): “a Son of man was coming”

Die Aramese frase (*ben enosh*, STATUS KONSTRUKTUS, BDB 1085 en 1081) “seun van die mens” verskil van die Hebreeuse frase (*ben adam*) wat in die Psalms en Esegïël voorkom. Albei frases word parallel gebruik in Job 25:6; Ps. 8:4; 90:3; 144:3; Jes. 13:12. Baie duidelik wys dit op die Messias en verbind sy menswees (vgl. 8:17; Job 25:6; Ps. 8:4; Eseg. 2:1), wat die betekenis van die verse is, met Godspersoonlikheid omdat wolke as vervoermiddel Godheid impliseer (vgl. Mat. 24:30; 26:64; Mark. 13:26; 14:62; Openb. 1:7; 14:14).

Jesus gebruik die frase in die NT wanneer Hy na Homself verwys. Die rabbyne Judaïsme het die frase nie gebruik nie, met die gevolg dat eksklusiwisme vanweë nasionalistiese en militaristiese sentimente nooit daaraan kom kleef nie. Op unieke wyse beskryf dit bloot die Messias as mens ten volle en waarlik God (vgl. 1 Joh. 4:13). Daniël was die eerste om die Godheid met die frase te vereenselwig!

Jesus verwys met dié frase na Homself op drieërlei wyse.

1. Sy lyding en dood (bv. Mark. 8:31; 10:45; 14:21; Luk. 9:22,42)
2. Sy koms as Regter (bv. Mat. 16:27; 25:31; Joh. 5:27)
3. Sy koms in heerlikheid om sy koninkryk op te rig. (Mat. 16:28; 19:28; Mark. 13:26-27; 14:62).

In *The Jewish Study Bible*, bl. 1657 (sien ook George E. Ladd, *A Theology of the New Testament*, bl. 136-139), kom die volgende aantekeninge oor hierdie teks voor:

1. Hierdie konteks is Messiaans (vgl. 1 Henog 46; 1; 48:10; 4 Esra [2 Esdras] hoofstuk 13; b. Sanh.98a)
2. Alle voorspellings in hierdie konteks is alreeds vervul (vgl. b. Sanh.97b)
3. Hierdie konteks hou nie verband met die eindtye nie (vgl. Gen. Rab. 98:2)
4. Hierdie konteks gaan oor Israel (vgl. Ibn Ezra en Rashi).

VIR SPESIALE AANDAG: OT TITELS VIR DIE BESONDERE EEN WAT KOM

- A. Profeet – Deut. 18:15,18
- B. Koning
1. uit die stam van Juda, Gen. 49:10; Ps. 60:7; 108:8
 2. uit die familie van Dawid, 2 Sam. 7 (van Isai, Jes. 11:1)
 3. uit ander tekste, 1 Sam. 2:10; Ps. 89:3-4; Jes. 9, 11; Jer. 30:8-9; Eseg. 37:21-22; Sag. 9:9-10
- C. Koning/priester
1. Ps. 110 (koning verse 1-3, priester vers 4)
 2. Sag. 4:14 (die twee olyfbome, die twee gesalfdes, Serubbabel [Dawid-linie] en Josua [Aäron-linie])
- D. Die Gesalfde Een
1. God se Koning, Ps. 2:2; 45:7
 2. die Gees se teenwoordigheid, Jes. 11:2; 61:1
 3. die Een wat Kom, Dan. 9:26
 4. drie OT leierskappe was gesalf as teken van God se roeping en bemagtiging: konings (vgl. Rig. 9:8,15; 1 Sam. 2:10; 9:16; 24:10; 2 Sam. 19:21; 23:1; Ps. 18:50), priesters (vgl. Eks. 28:41; Lev. 4:3; 6:22) en profete (vgl. 1 Kon. 19:16)
- E. Seun van die koning
1. Ps. 2:7,12
 2. Israel se koning as simbool van die regering van God (vgl. 1 Sam. 8)
- F. Seun van die mens (Dan. 7:13)
1. 'n mens, Ps. 8:4; Eseg. 2:1
 2. Godheid, Dan. 7:13
- G. Besondere titels met betrekking tot verlossing
1. Lydende Knecht, Jes. 52:13-53:12
 2. Lydende Herder, Sag. 12-14
 3. Hoeksteen, Ps. 118; Jes. 8:14-15; 28:16
 4. Besondere Kind, Jes. 7:14p; 9:6-7; Mig. 5:2
 5. Takkie, Jes. 4:2; 11:5; 53:2; Jer. 23:5-6; 33:15; Sag. 3:8; 6:12

Die NT gebruik hierdie wydverspreide gegewens aangaande God se verlossingsbewater, verklaar en ontwikkel dit tot die insig dat Jesus die Beloofde Een was wat van God af gekom het (vgl. Mat. 16:13-20; Joh. 11:25-27). Die twee keer wat die Messias kom, vat die verskeidenheid van titels en funksies uiteindelik saam in sy Persoon.

Sien George E. Ladd se *A Theology of the New Testament*, bl. 149-158, vir 'n deeglike bespreking van die Seun van die Mens as gesagsfiguur teenoor sy rol as die lydende knecht.

- 8:21 OAV** "laat my toe om eers te gaan en my vader te begrawe"
NAV, CUM-MVB "laat my toe om eers terug te gaan en my vader te begrawe"
CUM-NLV "U sal my moet toelaat om eers terug te gaan en te wag totdat ek my pa begrawe het"
NASB "permit me first to bury my father"

Op die oog af lyk dit na 'n redelike versoek. Dit was egter 'n idiomatiese uitdrukking in die betrokke kultuuroopset dat iemand tuisbly en sy ouers versorg. Dit is beskou as 'n sosiale verantwoordelikheid (vgl. 1 Kon. 19:20).

- 8:22 OAV, NAV, CUM-MVB** "laat die dooies hulle eie dooies begrawe"
CUM-NLV "Laat die geestelike dooies maar na mekaar omsien"
NASB "allow the dead to bury their own dead"

Hierdie was woordspel met die woord "dood". Dit kan verstaan word as geestelike doodsheid soos ook in 10:39. Wat Jesus hiermee sê is dat geestelike lewe en gehoorsaamheid aan God belangriker is as sosiale plig teenoor aardse familie.

NASB (UPDATED) TEXT: 8:23-27

²³When He got into the boat His disciples followed Him. ²⁴And behold, there arose a great storm on the sea, so that the boat was being covered with the waves; but Jesus Himself was asleep. ²⁵And they came to Him and woke Him, saying, "Save us Lord, we are perishing!" ²⁶He said to them, "Why are you afraid, you men of little faith?" Then He got up and rebuked the winds and the sea and it became perfectly calm. ²⁷The men were amazed, and said, "What kind of man is this that even the winds and the sea obey Him?"

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 8:23-27.

- 8:24 OAV** "En daar het 'n groot storm op die see gekom"
NAV "Skielik het daar 'n hewige storm op die see losgebars"
CUM-MVB "En kyk, 'n hewige storm het op die meer ontstaan"

CUM-NLV	“Skielik het daar ‘n hewige storm oor die see opgekom”
NASB	“And behold, there arose a great storm on the sea”
NKJV	“And suddenly a great tempest arose on the sea”
NRSV	“A windstorm arose on the sea”
TEV	“Suddenly a fierce storm hit the lake”
NJB	“Without warning a fierce storm broke over the lake”

Die See van Galilea word deur heuwels omring en is naby die Hermon-gebergte en die Middellandse See geleë. Die stormsterkte winde wat op hierdie watermassa toeslaan was dikwels plotseling en onvoorspelbaar. Op so ‘n oomblik was selfs hierdie professionele vissers angsbevangen.

In die NIDOTTE, vol. 3 bl. 557 is daar interessante kommentaar op die term *seismos*. “The other eleven occurrences of *seismos* in the NT all refer to earthquakes, and always as divine interventions: at the moment of Jesus’ death (Matt. 27:54); at the resurrection, where it is linked with the rolling back of the stone; and at Philippi, as Paul and Silas sing God’s praises in prison (Acts 16:26). Earthquakes are one of the eschatological signs (Matt. 24:7; Mark. 13:8; Luke 21:11; Openb. 6:12; 8:5; 11:13,19; 16:18).”

Hierdie skielike storm was nie ‘n toevalligheid nie, maar ‘n God-gewilde geleentheid om

- (1) Jesus se hoedanigheid te toon
- (2) die dissipels se geloof in Hom te versterk.

8:25 “Here, red ons”; “Save us, Lord”: Hiermee word die OT begrip van fisiese uitredding bedoel (vgl. 14:30; Joh. 12:27; Han. 23:24; 27:20,31,34,43,44; 28:1,4; Jak. 5:15).

VIR SPESIALE AANDAG: VERLOSSING

Hierdie term (BDB 447) het etlike konnotasies:

1. welvaart en voorspoed, Job 30:15
2. verlossing deur die Here wat fisiese en geestelike aspekte omvat
 - a. Gen. 49:18
 - b. Deut. 32:15
 - c. Ps. 3:2,8; 22:1; 35:3; 62:2; 69:29; 70:5; 78:22; 80:3; 89:26; 91:16; 106:4; 140:7
 - d. Jes. 12:2; 33:2; 51:6,8; 52:7,10; 56:1; 59:11; 60:18; 62:1
3. die idee van fisiese en geestelike verlossing is duidelik in die boek Jona teenwoordig, 2:9-10
4. om verheug te wees, is eie aan verlossing deur JHWH, 1 Sam. 2:1; Jes. 25:9; 26:1; Ps. 9:14; 13:5; 35:9

Die doel van verlossing is die herstel van die oorspronklike vertrouensvriendskap en samesyn tussen JHWH en sy geskape mensdom. Dit gee aanleiding tot individuele en gemeenskaplike heelheid.

8:26-27	OAV	“daar het ‘n groot stilte gekom”
	NAV	“dit het doodstil geword”
	CUMs	“daar het ‘n groot kalmte gekom”
	NASB	“it became perfectly calm”

Hulle was uitermate verbaas oor Jesus se mag, selfs oor die natuur. In die lig van Ps. 89:8,9 was dit ‘n heenwysing op Jesus se Godheid. Net die Skepper kan die natuur beheer (vgl. Ps. 107:23-32).

NASB (UPDATED) TEXT: 8:28-34

²⁸When He came to the other side into the country of the Gadarenes, two men who were demon-possessed met Him as they were coming out of the tombs. *They were* so extremely violent that no one could pass by that way. ²⁹And they cried out, saying, “What business do we have with each other, Son of God? Have You come here to torment us before the time?” ³⁰Now there was a herd of swine feeding at a distance from them. ³¹The demons *began* to entreat Him, saying “If You are going to cast us out, send us into the herd of swine.” ³²And He said to them, “Go!” And they came out and went into the swine, and the whole herd rushed down the steep bank into the sea and perished in the waters. ³³The herdsmen ran away, and went into the city and reported everything, including what had happened to the demonics. ³⁴And behold, the whole city came out to meet Jesus; and when they saw Him, they implored Him to leave their region.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 8:28-30.

8:28	OAV, NAV, CUMs	“aan die oorkant. . .in die land van die Gadareners”
	NASB, NRSV, JB	“into the country of the Gadarenes”
	NKJV	“to the country of the Gergesenes”
	TEV	“to the territory of Gadara on the other side of the lake”

Daar is heelwat meningsverskil oor die presiese geografiese ligging van hierdie landskap. In drie Griekse MSS van die Sinoptiese evangelies (Matteus, Markus, Lukas) en drie grondtekste van Matteus self word hierdie pleknaam verskillend gespel. Blykbaar was dit in die nabyheid van die stad Khersa, maar die stad Gadara, wat sowat 9 km land in geleë was, het grondgebied langs die meer besit wat as die “distrik” van Gadara bekend gestaan het (vgl. *territory, country, land*).

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV, CUM-NLV NAV, CUM-MVB NASB | <ul style="list-style-type: none"> “twee duiwelbesetenes” “twee mense” “two men” |
|--|---|

Teenoor Markus en Lukas wat met hierdie relaas slegs een besetene vermeld (vgl. Mark. 5:1; Luk. 8:26), het Matteus twee, soos ook in die geval van die twee blindes by Jerigo (vgl. Mat. 20:29; Mark. 10:46; Luk. 18:35), wat deur sommige geleerdes verklaar word uit die vereiste van twee getuies in hofprosedures (vgl. Num. 35:30; Deut. 17:6; Mat. 18:16).

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “duiwelbesetenes Hom ontmoet, wat uit die grafte uitgekom het” “wat in die mag van duiwels was, Hom van die grafte af tegemoet gekom” “wat demone gehad het, Hom vanuit die grafkamers tegemoet gekom” “kom. . .duiwelbesetenes Hom uit die begraaftplaas tegemoet” “who were demon-possessed. . .coming out of the tombs” |
|--|--|

Hulle was uit die gemeenskap verban en hierdie was hulle enigste plek van skuiling. Dit was die tyd wat klein mensgemaakte of natuurlike grotte as grafkamers gedien het. Of so ‘n blyplek in enige oorsaaklike verband met hulle duiwelsbeseteneheid gestaan het, is nie duidelik nie. Weens onvoldoende Bybelse gegewens, is daar vele vrae oor duiwels en engele wat nie beantwoord kan word nie. Ons wêreld is deurdring van die invloed van ‘n persoonlike mag van boosheid met dienswillige helpers. Hulle is gevalle engele wat daarop uit is om die wil van God te dwarsboom. Hulle toelig is om die mensdom, die kroon van God se skepping en die fokus van sy liefde en aandag, te vernietig. Sien *Vir Spesiale Aandag: Bose Persoonlikheid* by 4:5 en *Demonisme (onrein geeste)* by 10:1.

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUMS NASB | <ul style="list-style-type: none"> “sodat niemand met daardie pad kon verbygaan nie” “sodat niemand dit langs daardie pad kon waag nie” “that no one could pass by that way” |
|--|---|

Sien Mark. 5:2-6 en Luk. 8:27.

8:29 “Seun van God”; “Son of God”: Hierdie duiwels het erkenning verleen aan wie Jesus was (vgl. Jak. 2:19). Die titel “Seun van God” word verskeie kere gebruik in Matteus (vgl. 4:3; 14:33; 18:16; 27:43,54).

Dit is ‘n woordspel op die term “seun” (vgl. 2:15). Die volk Israel word ook “seun” genoem; so ook Israel se konings en die Messias. Dikwels in die evangelies blyk dit dat duiwels Jesus herken (vgl. Mark. 1:24; Luk. 4:34). Jesus aanvaar nie hulle erkenning nie. Hulle sê dit nie om Hom te help nie. Later is Jesus beskuldig dat Hy Hom van die mag van Satan bedien (vgl. 12:24). Demone wat sy status as “Seun van God” bevestig, sou as gronde vir so ‘n beskuldiging misbruik kon word.

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV, NAV, CUMS NASB, NKJV, NRSV, JB TEV | <ul style="list-style-type: none"> “Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig” “Have You come to torment us before the time” “Have You come to punish us before the right time” |
|---|--|

Die wêreld van geeste weet dat ‘n tyd bestem is wanneer God die lewende en die gestorwenes sal oordeel: mense en engele (vgl. Fil. 2:10-11; Openb. 11:15).

8:30-31 “‘n groot trop varke”; “a herd of many swine”: Uit die aanwesigheid van die varktrou is dit duidelik dat hulle hul in heidengebied bevind het. Hoekom die demone in die varke wou vaar is onseker. Daar is nie genoeg inligting nie. Treffend, wel, die toelig en doel van die bestaan van demone soos blyk uit die lot van die varke – die vernietiging van die gasheer! En die bese slaag in sy doel wanneer, ná die vernietiging van die varktrou, die stadsbevolking Jesus vra om hulle gebied te verlaat.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV, NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “die duiwels” “die demone” “die bese geeste” “the demons” |
|--|--|

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 10:1.

- ▣ “As”; “if”: Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN. Jesus was inderdaad van plan om die duiwels uit te dryf.

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 8:34 OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “smee hulle dat Hy uit hulle gebied moet weggaan” “het hulle Hom ernstig versoek om hulle gebied te verlaat” “het hulle Hom gesoebat om uit hulle gebied weg te gaan” “they implored Him to leave their region” |
|---|--|

Hierdie is een van die mees hartseer verse in die Bybel. In teenwoordigheid van die Persoon wat groter impak op die geskiedenis gemaak het as waartoe enigiemand anders ooit in staat was, is hierdie dorpenaars meer begaan oor die vrekke van ‘n paar varke as oor die verlossing en herwinning van twee gedemoniseerde persone. Om nie van die potensieë waarde van die evangelie in hulle gebied te praat nie!

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskryftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom verskil die Sinoptiese evangelies se weergawe ten opsigte van Jesus se woorde en handeling?
2. Waarom was die genesing van ‘n melaatse op daardie stadium so belangrik (vgl. 11:5)?
3. Waarom wou Jesus dat melaatses wat genees word hulle aan die priesters moet gaan vertoon?
4. Waarom kan Jesus se behandeling van die militêre offisier as uitsonderlik beskou word?
5. Waarom is verse 11 en 12 baie belangrik?
6. Wie en wat is demone en wat beoog hulle met die wêreld?
7. Kan ‘n mens uit vers 17 aflei dat fisiese genesing inherent deel moet wees van versoening?
8. Hoekom moet die uitdrukkings “Seun van die Mens” en “Seun van God” van belang beskou word (vgl. Eseg. 2:1; Dan. 7:13)?

MATTEUS 9

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Healing of a Paralytic	Jesus Forgives and Heals a Paralytic	Events in Galilee (continued) (8:1-9:38)	Jesus Heals a Paralyzed Man	Cure of a Paralytic	Die genesing van 'n verlamde man
9:1-8	9:1-8	9:1 9:2-8	9:1-2 9:3 9:4-6 9:7-8	9:1-8	9:1-8
The Calling of Matthew	Matthew the Tax Collector		Jesus Calls Matthew	The Call of Matthew	Die roeping van Matteus
9:9-13	9:9-13	9:9	9:9a-b 9:9c	9:9 Eating with Sinners	9:9-13
		9:10-13	9:10-11 9:12-13	9:10-13	
The Question About Fasting	Jesus is Questioned About Fasting		The Question About Fasting	A Discussion of Fasting	Die vastyd
9:14-17	9:14-17	9:14-17	9:14 9:15 9:16-17	9:14-17	9:14-17
The Ruler's Daughter and the Woman Who Touched Jesus' Garment	A Girl Restored to Life and a Woman Healed		The Official's Daughter and the Woman Who Touched Jesus' Cloak	Cure of the Woman with a Hemorrhage; The Officials Daughter Raised to Life	Die dogtertjie van die Joodse raadslid – die vrou met bloedvloeiing
9:18-26	9:18-26	9:18-26	9:18 9:19 9:20-21 9:22 9:23-24a 9:24b-26	9:18-19 9:20-22 9:23-26	9:18-26
The Healing of Two Blind Men	Two Blind Men Healed		Jesus Heals Two Blind Men	Cure of Two Blind Men	Die genesing van twee blindes
9:27-31	9:27-31	9:27-31	9:27 9:28a-b 9:28c 9:29-30 9:31	9:27-31	9:27-31
The Healing of a Dumb Man	A Mute Man Speaks		Jesus Heals a Dumb Man	Cure of a Dumb Demoniac	Die genesing van 'n stom man
9:32-34	9:32-34	9:32-34	9:32-33 9:34	9:32-34	9:32-34
The Compassion of Jesus				The Distress of the Crowds	Die groot oes
9:35-38	9:35-38	9:35-38	9:35-38	9:35 9:36-37	9:35-38

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 9:1-38

- A. Matteus is geneig om kortliks aandag te gee aan dinge waaroor Markus en Lukas meer uitbrei. Verklaarders moenie vir uitvoeriger inligting na die ander evangelies draai sonder om eers vas te stel hoekom die skrywer onder oë dit op sy besondere wyse hanteer nie. Ons soek nie 'n volledige geskiedenis nie, maar die bedoeling van 'n geïnspireerde skrywer (vgl. Gordon Fee en Douglas Stuart, *How to Study the Bible for all Its Worth*, bl. 120-129).
- B. In hierdie hoofstuk is verskeie onderverdelings aanduibaar:
1. Verse 1-8, vgl. Mark. 2:3-12 en Luk. 5:17-26
 2. Verse 9-17, vgl. Mark. 2:14-22 en Luk. 5:27-38
 3. Verse 18-26, vgl. Mark. 5:22-43 en Luk. 8:41-56
 4. Verse 27-31, wat alleen in Matteus voorkom
 5. Verse 32-34, wat ook aan Matteus eie is
 6. Verse 35-38, waarvan vele glo dat dit as 'n inleiding bedoel is tot die roeping van die twaalf en dus saam met hoofstuk 10 oorweeg moet word.
- C. Waar hoofstuk 8 Jesus se mag oor siekte, die natuur en demone toon, handel hoofstuk 9 oor sy gesag en mag oor 'n verskeidenheid van omstandighede.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 9:1

¹Getting into a boat, Jesus crossed over the sea and came to His own city.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:1.

9:1 Inaggenome die teksverband, hoort hierdie teks by hoofstuk 8, want dit is 'n oorgang na 'n volgende gebeurtenis. Kapernaum was die vaste basis van Jesus se bediening nadat Hy verwerp is deur die ongelowiges van die plek van sy kinderjare, Nasaret.

NASB (UPDATED) TEXT: 9:2-8

²And they brought to Him a paralytic lying on a bed. Seeing their faith, Jesus said to the paralytic, "Take courage, son; your sins are forgiven." ³And some of the scribes said to themselves, "This fellow blasphemes." ⁴And Jesus knowing their thoughts said, "Why are you thinking evil in your hearts? ⁵Which is easier, to say, 'Your sins are forgiven,' or to say, 'Get up, and walk'? ⁶But so that you may know that the Son of Man has authority on earth to forgive sins" – then He said to the paralytic, "Get up, pick up your bed and go home." ⁶And he got up and went home. ⁸But when the crowds saw this, they were awestruck, and glorified God, who had given such authority to men.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:2-8.

9:2 "En hulle het 'n verlamde man. . .na Hom gebring"; "They brought to Him a paralytic": In Markus 2:1-22 is hieromtrent meer inligting beskikbaar. Dit is die weergawe waarin die vriende van die verlamde man die dak oopbreek om hom te laat afsak tot op die vloer voor Jesus se voete.

▣ OAV, NAV, CUM-NLV "En toe Jesus hulle geloof sien"

CUM-MVB “Toe Jesus hulle vertrouwe sien”
NASB “Seeing their faith, Jesus”

Volgens konteks was dit nie net die verlamde se geloof nie, maar ook dié van sy vriende wat soveel vernuftigheid en volharding aan die dag gelê het.

■ **OAV** “Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe”
NAV “Vriend, wees gerus, jou sondes word vergewe”
CUM-MVB “Skep moed, kind, jou sondes is vergewe”
CUM-NLV “Jongman, skep moed! Jou sondes word jou vergewe”
NASB “Take courage, son; your sins are forgiven”

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF (vgl. vers 22) en ‘n PRAESENS PASSIEF INDIKATIEF. Die Jode was geneig om ‘n verband te lê tussen sonde en siekte (vgl. Joh. 5:14; 9:2; en Jak. 5:15-16). Alhoewel Jesus by hierdie geleentheid dié verband erken, is Hy tog ook geneig om ‘n formele band tussen siekte en sonde af te wys (vgl. Joh. 9:3; Luk. 13:2-3). Hierdie opmerking was ‘n kragtige getuigenis van Jesus se selfinsig. Net God kan sonde vergewe! (Let op die PASSIEWE VORM.)

Jesus het die man as *teknon* (kind) aangespreek. Dit moet nie as aanduiding van ouderdom opgevat word nie, maar eerder as uitdrukking van toegeneëtheid (vgl. Mark. 10:24; moontlik ook Luk. 16:25; en Gen. 4:29 in die LXX).

9:3 OAV, NAV, CUM-MVB “die skrifgeleerdes”
CUM-NLV “die Skrifkenners”
NASB “the scribes”

Sedert die Babiloniese Ballingskap het die sinagoges in ‘n groot mate die ereplek van die tempel in die Joodse gemeenskap oorgeneem met die gevolg dat plaaslike kenners volgens die Esra-tradisie die voortou in skrifkennis begin neem het en as “skrifgeleerdes” bekend geraak het. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 12:38 en Esra 7:8,10. Hulle was van verskillende teologiese agtergronde, maar die meeste was Fariseërs. Dit is onseker of hulle werklik belang gestel het en of hulle bloot daar was om op Jesus te spioeneer. Hulle sou sekerlik verbaas gewees het oor Jesus se aanspraak om sonde te kan vergewe. Alleen God het wat hulle betref daardie mag gehad en Jesus se aanspraak is godslasterlik beskou (vgl. Mark. 2:7); wat inderdaad die geval sou wees as Jesus nie die mensgeworde Seun van God was nie!

9:4 OAV “En toe Jesus merk wat hulle gedagtes was”
NAV, CUM-MVB “Maar Jesus het geweet wat hulle dink”
CUM-NLV “Maar Jesus het hulle gedagtes geken”
NASB “and Jesus knowing their thoughts”

Of dit Jesus se bonatuurlike kenvermoë was, wat die konteks wel impliseer, of dalk iemand in die gehoor wat hulle gemor woordeliks oorgedra het, is onseker. Daar is gedeeltes in die NT wat aandui dat Hy met die mens se natuur goed bekend was, maar dat Hy soms ook wel van sy bonatuurlike kragte gebruik gemaak het.

Daar is ‘n manuskripvariasie tussen die volgende:

1. sien (*idōn*) – N, C, D, L, W en die ou Latynse, Vulgaat en Koptiese vertalings
2. weet (*eidōs*) – B, E^c en die Siriese en Armeense vertalings

Die UBS⁴ gradeer #1 met “B” (taamlik seker). Die tweede moontlikheid het waarskynlik onder invloed van Mat. 12:25; Luk. 6:8; 9:47 ontwikkel. Die NASB, die NKJV en die NJB volg opsie #2¹⁵.

9:5 OAV, NAV, “Want wat is makliker, om te sê: Die sondes is jou vergewe! Of om te sê: Staan op en loop!”
CUM-MVB
CUM-NLV “Is dit nie baie makliker nie om maar net te sê: ‘Jou sondes word jou vergewe’ as om iemand te beveel: ‘Staan op en loop’ nie”
NASB “Which is easier, to say, ‘Your sins are forgiven’ or to say, ‘Get up, and walk’”

Om te sê “jou sondes is vergewe” is moeiliker, maar dit is nie so ooglopend soos ‘n fisiese genesing nie. Beide is egter vir die sondige mensheid onmoontlik

9:6 OAV, CUM-MVB “Maar dat julle kan weet”
NAV “Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer”
CUM-NLV “Ek gaan nou vir julle bewys”
NASB “But so that you may know”

Regdeur die evangelies rig Jesus Hom nie alleen op behoeftiges en armes nie, maar ook op die Joodse leierskap (vgl. Joh. 11:42,45). Jesus konfronteer hulle met die oog daarop om hulle tot geloof in Hom te beweeg. Hierdie genesing was eweveel vir die skrifgeleerdes as vir die verlamde en sy vriende se aandag bedoel. Dit is inderdaad die geval met die meeste van Jesus se genesingswonders. Dikwels was hierdie betoning van wonderkrag bedoel om die dissipels se geloof te versterk of om geloof in omstanders te verwek.

■ **OAV, NAV** “die Seun van die mens”
CUM-MVB “die Seun wat mens geword het”

¹⁵ So ook die Afrikaanse vertalings, met uitsondering van die OAV – vert.

CUM-NLV “die seun van die Mens”
NASB “the Son of Man”

Dit was ‘n beskrywende frase uit die OT. Dit kom voor in Ps. 8:4 en Eseg. 2:1 in ‘n etimologiese sin van “menslike wese”. In ‘n heel besonderse konteks van Dan. 7:13 word by wyse van afleiding die goddelike en menslike in een persoon onder hierdie titel saamgevoeg. Die rabbynse Judaïsme het hierdie Messiaanse titel nie gebruik nie, met die gevolg dat die implikasies van nasionalisme, eksklusiwisme en militarisme nie daaraan kleef nie. Jesus het dié titel gekies as besonder geskik vir beide die doel van openbaring en verberging van sy twee-nature persoonlikheid (vgl. 1 Joh. 4:1-6). Dis hoe hy die graagste na Homself verwys het.

- ▣ **OAV** “mag het om op aarde sondes te vergewe”
- NAV, CUM-MVB** “volmag het om op aarde sondes te vergewe”
- CUM-NLV** “die gesag het om op aarde sondes te vergewe”
- NASB** “has authority on earth to forgive sins”

Die woord “gesag” (*exousia*) dui op ‘n ‘reg’, die ‘mag’ of ‘outoriteit’. Dit is onomwonde beklemtoning van Jesus se Messiaskap en ook by wyse van afleiding sy Godheid.. Die Jode het nie ‘n Messias verwag wat ook God in menslike gestalte sou wees nie, maar eerder ‘n persoon, wat met bo-natuurlike kragte toegerus, soos die OT Rigters militêr kon optree. Deur voortgaande openbaring in die NT het gelowiges daartoe gekom om die geïnkarneerde (mensgeworde) natuur van die Messias te herken (vgl. Joh. 1:1; 5:18; 8:58; 10:30, 34-38; 14:9-10; 20:28; Rom. 9:5 ; Fil. 2:6-7 ; Heb. 1:8 ; 2 Pet. 1:1) .

- ▣ **OAV** “toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe”
- NAV** “Hy sê toe vir die verlamde, “Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe”
- CUM-MVB** “Staan op, vat jou slaapmatjie en gaan huis toe”
- CUM-NLV** “Staan op, vat jou slaapmat en gaan huis toe”
- NASB** “He said to the paralytic, ‘Get up, pick up your bed and go home’”

Daar is drie WERKWOORDELIKE verbuigings in dié frase:

1. “Staan op” is ‘n AORISTUS PASSIEWE DEELWOORD wat as ‘n BEVELVORM gebruik word;
2. “vat jou slaapmat” is ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF; en
3. “gaan huis toe” is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF.

Die implikasie van hierdie tye is dat God die handelende in die PASSIEWE VORM is: “word opgewek”. Die twee IMPERATIEWE weer is menslike aksie onmiddellik na sy genesing. Om sy slaapmat op te neem en huis toe te gaan, het beteken dat sy bedelaarsbestaan iets van die verlede sou wees. Die genesing bevestig Jesus se aanspraak op Godheid en Messiaskap.

- 9:8**
- OAV** “En toe die skare dit sien, was hulle verwonderd”
 - NAV** “en toe die menigte mense dit sien. . .met eerbiedige vrees geprys”
 - CUM-MVB** “en toe die skares dit sien, was hulle vol ontsag”
 - CUM-NLV** “toe die skare dit sien, het ‘n eerbiedige vrees oor hulle gekom”
 - NASB** “But when the crowds saw this, they were awestruck”

In verband met die Griekse term vir “eerbiedige vrees” bestaan daar etlike MSS verskille. Die oudste en beste Griekse tekste het “hulle was bevrees” (MSS \aleph , B, D, W). Latere tekste het dit versag na “verwonderd” of NKJV se “*astonished*” (MSS C, L). Enkele Griekse MSS het die frase eenvoudig weggelaat (MS X). Die UBS⁴ gradeer die eerste opsie, “bevrees”, met ‘n “A” wat dui op heeltemal seker.

Die skares was nie gewoon daaraan dat iemand met soveel gesag praat nie. Die rabbynse Judaïsme was in tradisie vasgevang en net in staat om die baie ou uitsprake van rabbyne aan te haal. Jesus het met waarheid en gesag gepraat op ‘n wyse wat daardie geslag van Jode nooit tevore ondervind het nie. Hulle het God geprys omdat Hy sulke vermoëns aan ‘n man gegee het. Hierdie kan ‘n bedekte heenwying wees op die menslikheid van Jesus wat deur die vroeë kerk se dwaalrigting, die Gnostici, bevraagteken is. Verder kan ‘n mens uit die breër NT aflei dat skrifgeleerdes oor die algemeen jaloers was oor Jesus se gewildheid.

NASB (UPDATED) TEXT: 9:9

⁹As Jesus went on from there, He saw a man called Matthew, sitting in the tax collectors booth; and He said to him, “Follow Me!” And he Got up and followed Him.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:9.

9:9 “En toe Jesus daarvandaan verder gaan”; “As Jesus went on from there”: Verse 9-17 word veel meer breedvoerig deur die ander Sinoptici, Mark. 2 en Luk. 5 hanteer.

- ▣ **OAV** “sien Hy ‘n man met die naam van Matthéüs
- NAV, CUM-NLV** “sien Hy ‘n man met die naam Matteus”
- CUM-MVB** “sien Hy ‘n mens met die naam Matteus”
- NASB** “He saw a man called Matthew”

Deur Mark. 2:14 en Luk. 5:27 kom dit onder ons aandag dat sy ander naam Levi was. Dit beteken nie dat hy ook 'n priester of leviet was nie. Die Jode het 'n gewoonte gehad om by geboorte 'n kind beide 'n Joodse en Griekse naam te gee. Hierdie evangelie word aan hom toegeskryf. Jesus het hom gekies, moontlik omrede sy gawe om pynlik noukeurig met inligting te wees of bloot om sy liefde vir alle mense te betoon, selfs belastinggaarders!

- ▣ OAV, NAV "by die tolhuis sit"
- CUM-MVB "by die belastingpunt sien sit"
- CUM-NLV "by die tolhokkie sit"
- NASB "sitting in the tax collector's booth"

Kapernaum was by die See van Galilea tussen die gebiede van die viervorse, Filip en Herodes, geleë. Dit was dus die belastingpunt tussen Judea en Sirië. Die amp van belastinggaarder was gewoonlik van die Herodesse of die Romeinse owerheid aangekoop. Die klaarblyklike veronderstelling was dan dat die loon van die amptenaar sou bestaan uit 'n kommissie van ekstras wat hy self byvoeg. Hierdie soort praktyk het berugtheid verwerf en is as sinoniem met boosheid en uitbuiting beskou. Belastinggaarders was gevolglik onwelkom in die sinagoge en die breër Joodse gemeenskap.

- ▣ OAV, NAV "Volg my!" En hy het opgestaan en Hom gevolg"
- CUM-MVB "Volg My!' Hy het toe opgestaan en Hom begin volg"
- CUM-NLV "Kom, word my dissipel!' Matteus het opgestaan en Jesus se dissipel geword"
- NASB "Follow Me!' And he got up and followed Him"

Dit was waarskynlik nie die eerste keer wat Matteus Jesus aangehoor het nie. Blykbaar was hy meermale in die gehoor wanneer Jesus onderrig het en moet hierdie as 'n formele uitnodiging beskou word (PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF) soos wat die rabbyne 'n volgeling tot voltydse dissipelskap genooi het (vgl. 4:19,21).

NASB (UPDATED) TEXT: 9:10-13

¹⁰Then it happened that Jesus was reclining at the table in the house, behold, many tax collectors and sinners came and were dining with Jesus and His disciples. ¹¹When the Pharisees saw *this*, they said to His disciples, "Why is your Teacher eating with tax collectors and sinners?" ¹²But when Jesus heard *this*, He said, "*It is not those who are healthy who need a physician, but those who are sick.*" ¹³But go and learn what this means: 'I DESIRE COMPASSION, AND NOT SACRIFICE,' for I did not come to call the righteous, but sinners."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:10-13.

9:10 Hier word na Matteus se huis verwys en nie Jesus s'n nie. Blykbaar was die aanbied van 'n ete na die neem van 'n ingrypende besluit taamlik algemeen, aangesien Saggeus, ook 'n belastinggaarder, dieselfde gedoen het (vgl. Luk. 19). Die berugtheid van sondaars het te doen met daardie mense wat as uitgeworpenes van die Joodse gemeenskapslewe beskou was, diene wat nie die fynere besonderhede van die wet van Moses soos uitgewerk in die rabbynse Judaïsme in ag geneem het nie. Sommige het sonder twyfel wel openlik immoreel opgetree, maar oorwegend was dit maar hulle bedryf of beroep wat in die oë van Joodse leierskap onaanvaarbaar was (bv. veeherders, leerlooiers, ens.)

Die NAV se frase "kom eet" (Eng: "*recline*"; "aan tafel gegaan" – OAV), is eintlik "aanlê vir eet" (vgl. CUM-MVB). Die mense van hierdie tydperk het op hulle linker elmboog aangelê vir ete. Dit was net in Egipte waar mense aan tafel regop gesit het om te eet.

- 9:11** OAV "En toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir sy dissipels"
- NAV "Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir Jesus se dissipels"
- CUM-MVB "Toe die Fariseërs dit sien, het hulle vir sy leerlinge gevra"
- CUM-NLV "Toe die Fariseërs dit agterkom, vra hulle vir Jesus se dissipels"
- NASB "when the Pharisees saw this, they said to His disciples"

Hierdie Fariseërs was teenwoordig by die dinee, maar nie deel daarvan nie. Dit klink baie ongewoon, maar in die antieke wêreld kon enigen by die ommurings kom staan of deur die vensters inkyk en selfs aan die bespreking deelneem sonder om officieel genooi te wees en aan te sit. Blykbaar was die genoemde 'Fariseërs' net 'n ander naam vir die skrifgeleerdes wat vroeër in hierdie konteks genoem is. Hulle was 'n groep toegewyde Jode, aanhangers van een of ander tradisie in die mondelinge oorlewering soos in die Talmoed vervat. Opvallend is dit dat hulle die dissipels konfronteer en nie Jesus self nie. Jesus het deur ete saam met die berugte sondaars hulle vertroue gewen en vriendskap betoon. Vroeër het die Joodse leiers Johannes die askeet verwerp, nou verwerp hulle ook Jesus wat meer sosiaal gerig is (vgl. 11:19; Luk. 7:34). Hulle koppel selfs aan Jesus name soos "wynsuiper" en "vraat", iemand wat te veel drink! Heel dikwels het godsdienstige behoudendheid 'n lelke gesig, vol onverdraagsame selfgeregtigheid. Sien 22:15 vir 'n volledige bespreking van die oorsprong en teologie van die Fariseërs.

- 9:12** OAV, CUM-NLV "Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy"
- NAV, CUM-MVB "Maar Jesus het dit gehoor en gesê"
- NASB "But when Jesus heard *this*, He said"

Klaarblyklik het Jesus by dié geleentheid nie die gedagtes van die Fariseërs gelees nie (vgl. vers 4). As dit nie aan Hom oorgedra is nie, het Hy dit moontlik self gehoor.

- OAV “Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is”
 NAV, CUM-MVB “Dié wat gesond is, het nie ‘n dokter nodig nie, maar dié wat siek is”
 CUM-NLV “Gesonde mense het die dokter nie nodig nie; die siekes wel”
 NASB “It is not those who are healthy who need a physician, but those who are sick”
 Hieruit kan nie afgelei word dat die Fariseërs sonder sonde was nie; dit is eerder sarkasties bedoel.

9:13 “Maar gaan leer wat dit beteken”; “But go and learn what this means”: Nes Mat. 12:7 is dit ‘n aanhaling uit Hos. 6:6. Hierdie vers begin met ‘n AORISTUS IMPERATIEF, ‘n geykte uitdrukking waardeur die rabbyne ‘n student opdrag gegee het om ‘n bepaalde onderwerp onder die knie te gaan kry. Hierdie vers 13 kom net in Matteus voor.

- OAV “want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering”
 NAV “Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars”
 CUM-MVB “Ek het nie gekom om mense te roep wat leef soos God verwag nie, maar sondaars”
 CUM-NLV “Ek het gekom om sondaars na die koninkryk te nooi, nie mense wat dink dat hulle alreeds goed genoeg is nie”
 NASB “for I did not come to call the righteous, but sinners”

Luk. 5:32 is die Sinoptiese parallel hiervan. Lukas voeg egter na “sondaars” die frase “tot bekering” by.¹⁶ Matteus se weergawe veronderstel dit, hoewel dit nie pertinent gestel word nie. Daar is twee noodsaaklike houdings wat vereis word van mense wat met God wil regmaak, naamlik sondebelydenis (berou) en geloof (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21). Jesus het selfs bepaal dat gebrek aan berou noodwendig op ondergang sal uitloop (vgl. Luk. 13:5). Berou is basies ‘n omkeer weg van eie-ek, van sonde, en opstandigheid teen God en ‘n inkeer tot sy wil en aangeduide lewenswyse. Dit is nie noodwendig ‘n emosionele gebeurtenis nie, maar eerder ‘n hersiening van prioriteite en leefstyl. Dit is om gewillig te word om te verander. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 3:2.

Die WERKWOORD “roep” (*kaleō*) kan as “uitnoui” opgevat word (vgl. Mat. 22:2-10; Luk. 14:16-25; Joh. 2:2; Openb. 19:9). Uit ‘n teologiese perspektief bevestig dit die verbondsbeginnsel:

1. God nooi uit (Hy neem inisiatief en roep);
2. die mens moet daarop antwoord met geloof as aanvaardingsdaad en volgehou, met sondebelydenis en vervolgens volgehoue gehoorsaamheid.

Sien *Vir Spesiale Aandag: uitverkiesing en die erns van teologiese balans* by 24:22.

NASB (UPDATED) TEXT: 9:14-17

¹⁴Then the disciples of John came to Him, asking, “Why do we and the Pharisees fast and Your disciples do not fast?” ¹⁵And Jesus said to them, “The attendents of the bridegroom cannot mourn as long as the bridegroom is with them, can they? But the days will come when the bridegroom is taken away from them, and then they will fast. ¹⁶But no one puts a patch of unshrunk cloth on an old garment; for the patch pulls away from the garment, and a worse tear results. ¹⁷Nor do people put new wine into old wineskins; otherwise the wineskins burst, and the wine pours out and the wineskins are ruined; but they put new wine into fresh wineskins, and both are preserved.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:14-17.

- 9:12 OAV “Daarna kom die dissipels van Johannes na Hom”
 NAV “In dié tyd het die volgelinge van Johannes na Jesus toe gekom”
 CUM-MVB “Toe kom leerlinge van Johannes na Hom”
 CUM-NLV “By geleentheid het die dissipels van Johannes die Doper na Jesus toe gekom”
 NASB “Then the disciples of John came to Him”

Dit is nie duidelik of hulle (1) werklik geïnteresseerd was, (2) werklik verward was of (3) Hom wou uitvang nie. Soos die Fariseërs was hulle ongenooide gaste, maar tog by die ete teenwoordig. Uit Han. 19:1 e.v. blyk dit dat Johannes die Doper baie aanhangers gehad het.

- OAV “Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar u dissipels vas nie”
 NAV, CUM-NLV “Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar u dissipels vas glad nie”
 CUM-MVB “Waarom slaan ons en die Fariseërs baie keer etes oor, maar u leerlinge slaan nooit ‘n ete oor nie”
 NASB “Why do we and the Pharisees fast, but Your disciples do not fast”

Volgens die OT was daar elke jaar net een amptelike vasdag, naamlik die *Jom Kippur* (die Groot Versoendag, vgl. Lev. 16). Die rabbyne, egter, het die tweede en vyfde dag van die week ook tot vasdae verklaar (vgl. Luk. 18:12), die een om Moses se bestyging van Sināi te gedenk en die tweede sy terugkeer vanaf die berg. Om te vas het gedien as bewys van godsdienstige toewyding. Jesus het die beoefening hiervan nie afgekeur nie, maar Hy het dit ook nie as ‘n vereiste gestel nie. Sien *Vir Spesiale Aandag: Vas* by 6:16.

In verband met die woord “dikwels”¹⁷ is daar ‘n probleem in die verskillende Griekse MSS. Die NKJV en die NRSV gebruik die woord “dikwels”, blykbaar in ooreenstemming met die parallelle gedeelte in Lukas 5:33. Die Markus-parallel

¹⁶ Sien OAV – vert.

¹⁷ Vergelyk die Afrikaanse vertalings hier bo met die NASB – vert.

het egter net “vas” sonder die “dikwels” (Mark. 2:18). Die UBS⁴-komitee het die term ‘*much*’ tussen hakies aangebring aangesien ‘n moontlikheid bestaan dat ‘n oorskrywer dit vanaf Lukas na Matteus kon oorgedra het.

9:15 Die grammatikale aspek van die vraag in hierdie vers verwag ‘n ‘nee’-antwoord.

■ OAV	“Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas”
NAV, CUM-NLV	“Maar daar kom ‘n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle vas”
CUM-MVB	“Maar dae sal kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle sonder kos bly.”
NASB	“But the days will come when the bridegroom is taken away from them, and then they will fast”

Jesus het aangeneem dat sy dissipels na sy kruisiging wel sal vas. Hierdie is by implikasie ‘n eerste verwysing na die kruisdood. Die WERKWOORD, *apairo* (weggeneem), het geweldadige konnotasies (vgl. Mark. 2:20; Luk. 5:35). Jesus het met die bruidegom-beeldspraak Messiaanse bedoelinge gehad. Sien *Vir Speciale Aandag: Vas* by 6:16.

9:16-17 Hoe om hierdie waarheid in te pas was ‘n kwessie van uitgerekte debat. Blykbaar beklemtoon dit die noodsaak van aanpasbare geloof. Versigtigheid in verband met die aard en die omvang van sulke buigzaamheid sal egter ook aan die dag gelê moet word. Dit veroordeel die rabbyne se letterlike verstaan van die mondelinge oorlewing. Jesus se boodskap was radikaal nuut en anders as dié van die Joodse groeperinge van sy dag. Mag God ons help om nie onlosmaaklik aan ons tradisies en voorskrifte gebonde te wees nie, maar liewer in ‘n dinamiese, daaglikse gehoorsame verhouding met God te leef (vgl. Jes. 6:9-10; 29:13). Parallele van hierdie gelykenis kom in Mark. 2:19-20 en Luk. 5:33-39 voor. Iets nuuts het aan die lig gekom (die evangelie) en dit het alles verander!

NASB (UPDATED) TEXT: 9:18-19

¹⁸While He was saying these things to them, a *synagogue* official came and bowed down before Him, and said, “My daughter has just died; but come and lay Your hands on her, and she will live.” ¹⁹Jesus got up and began to follow him, and so did His disciples.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:18-19.

9:18 OAV	“kom daar ‘n sekere owerste en val voor Hom neer”
NAV	“toe daar ‘n raadslid van die sinagoge voor Hom kom kniel”
CUM-MVB	“kyk, toe kom daar ‘n raadslid voor Hom kniel”
CUM-NLV	“toe daar ‘n vername Joodse leier na Hom toe kom en voor Hom neerval”
NASB	“a <i>synagogue</i> official came and bowed down before Him”

‘n Veel uitvoeriger weergawe hiervan kom in Mark. 5:22-43 en Luk. 8:41-56 voor. Hierdie persoon was letterlik die owerste van ‘n singoge (vgl. Mark. 5:22; Joh. 3:1). Hy was verantwoordelik vir die fisiese instandhouding van die singoge en vir die reëling van aktiwiteite. Teen alle verwagting in hardloop hy in die openbaar en val voor Jesus, ‘n omstrede en nie-erkende rabbyn, se voete neer. Dit toon hoe besorgd hy oor die toestand van sy geliefde dogter was. By vergelyking met Mark. 5:21 en Luk. 8:42 duik ‘n vraag op of die dogter sterwend was of toe alreeds dood.

9:19 OAV	“Jesus het opgestaan en hom gevolg”
NAV, CUM-MVB	“Jesus het opgestaan. . .en saam met die man gegaan”
CUM-NLV	“Jesus het opgestaan. . .en agter die man aan gegaan”
NASB	“Jesus got up and began to follow him”

Waarskynlik was hierdie man van mening dat (1) die fisiese teenwoordigheid van Jesus nodig sou wees, met (2) handoplegging en (3) gebed. In hoofstuk 11:3 word vir die aandag van Johannes die Doper opwekkings uit die dood genoem as een van die tekens van Jesus se Messiaanse bediening. Of hierdie werklik ‘n geval van opwekking was, of eerder genesing van ‘n koma, is nie uit die konteks duidelik nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 9:20-22

²⁰And a woman who had been suffering from a hemorrhage for twelve years came up behind Him and touched the fringe of His cloak; ²¹for she was saying to herself, “If I only touch His garment, I will get well.” ²²But Jesus turning and seeing her said, “Daughter, take courage; your faith has made you well.” At once the woman was made well.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:20-22.

9:20 OAV, NAV, CUM-NLV	“‘n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het”
CUM-MVB	“‘n vrou wat al twaalf jaar lank onophoudelik gebloei het”
NASB	“a woman who had been suffering from a hemorrhage for twelve years”

In Mark. 5:26 en Luk. 8:43 word ons meer hiervan vertel. Bykbaar het sy sonder enige beterskap al haar geld op dokters gespandeer. Ons weet van enkele magiese geneesmiddels, volgens rabbynse Judaïsme, soos in die Talmoed

vermeld, veral Shabb. 110, A en B. Een daarvan was die dra van volstruiseiers, of hawerkorrels uit 'n wit donkie se mis, om die nek. 'n Mens kan wel 'n denkbeeld vorm van die verspotte behandelings wat sy gedurende die twaalf jaar probeer het. Dié kwaal het haar seremonieel onrein gemaak en gevolglik onwelkom in die Joodse erediens (vgl. Lev. 15:25). Boonop het sy die meeste van die tyd waarskynlik aan fisiese uitputting gely.

- 9:21 OAV** “as ek maar net sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word”
NAV, CUM-MVB “as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word”
CUM-NLV “Al kan ek tog net aan sy jas raak, sal ek gesond word”
NASB “if I only touch His garment, I will get well”

In hierdie vrou se geloof was daar ook bygeloof aanwesig, maar Jesus eerbiedig ook haar swak geloof (KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN). Inaggenome Lev. 15:9 e.v. was dit vir haar onwettig om 'n rabbyn aan te raak, want ook Jesus sou dan as gevolg daarvan seremonieel onrein geag word. Jesus was egter meer op mense ingestel as wat Hy oor seremoniële wette begaan was!

Die kleed waarna hier verwys word, was moontlik (1) Jesus se bo-kleed (jas – CUM-NLV, Joh. 19:2), of sy gebedssjaal (*talith*), waarmee Hy sy hoof tydens aanbidding bedek (vgl. Num. 15:38-40; Deut. 22:12; Mat. 23:5), maar te alle ander tye om die skouers gedra het.

- 9:22 OAV, NAV, CUM-MVB** “jou geloof het jou gered”
CUM-NLV “omdat jy so vas geglo het, is jy nou gesond”
NASB “your faith has made you well”

Hierdie is letterlik die term vir ‘gered’. Dit word in sy OT betekenis van fisiese uitredding hier gebruik (vgl. Jak. 5:15). Ondanks die bygeloof daarmee saam, verhinder dit Jesus nie om haar geloof te eerbiedig nie. In die NT is dit die fokus van geloof wat belangrik is.

NASB (UPDATED) TEXT: 9:23-26

²³When Jesus came into the official's house, and saw the crowd in noisy disorder, ²⁴He said, “Leave; for the girl has not died, but is asleep.” And they began laughing at Him. ²⁵But when the crowd had been sent out, He entered and took her by the hand, and the girl got up. ²⁶This news spread throughout that land.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:23-26.

- 9:23 OAV** “toe Jesus in die huis van die owerste kom en die fluitspelers sien en die skare wat tekere gaan”
NAV “Daarna het Jesus by die huis van die raadslid gekom. Toe Hy die fluitspelers sien en die klomp mense wat tekere gaan”
CUM-MVB “Daarna het Jesus by die huis van die raadslid gekom. Toe Hy die fluitspelers sien en die skare wat lawaai”
CUM-NLV “Toe Jesus by die vername man se huis aankom, kry Hy daar mense wat begrafnismusiek maak en ‘n hele klomp wat kerm en huil”
NASB “Jesus came into the official's house, and saw the flute-players and the crowd in noisy disorder”

Dit was algemene gebruik in die tyd van rabbynse Judaïsme (vgl. Jer. 9:17; 48:36) dat wanneer iemand sterf, selfs die armstes van families ten minste twee fluitspelers en 'n klaagvrou vir 'n standaard begrafnis huur. Begrafnisse was 'n baie publieke en emosioneel gemeenskaplike ervaring.

- 9:24 OAV** “Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, maar sy slaap.”
NAV “Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net”
CUM-MVB “Gaan weg, want die dogtertjie het nie gesterf nie, sy slaap net”
CUM-NLV “Gaan buitentoe; die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net”
NASB “Leave; for the girl has not died, but is asleep”

“Slaap” word nie dikwels as verwysing na dood gebruik nie, maar in hierdie verband dien dit as teenstelling. Of dit dan nou ook 'n diep koma of die dood was, die feit bly staan dat 'n genesingswonder plaasgevind het.

- 9:25 OAV** “en nadat die skare uitgedryf was”
NAV “Nadat die mense uitgejaag was”
CUM-MVB “Nadat die skare uitgejaag was”
CUM-NLV “Nadat die klomp buitentoe gejaag is”
NASB “but when the crowd had been sent out”

Luk. 8:51 meld dat die ouers, en die binnekring van dissipels – Petrus, Jakobus en Johannes – toegelaat is om te bly.

- **OAV** “en haar hand gegryp”
NAV “die dogtertjie se hand gevat”
CUMs “haar hand gevat”
NASB “took her by the hand”

Volgens Markus (5:41) het Jesus ook met die dogtertjie gepraat. Om aan 'n dooie liggaam te vat, sou Hom seremonieel onrein gemaak het, maar wanneer iemand alle mag oor lewe en dood het, bestaan daar nie so iets soos 'n dooie liggaam nie.

- 9:26 OAV "die gerug hiervan het deur die hele land versprei"
 NAV "Berigte hieroor het deur die hele omgewing versprei"
 CUM-MVB "Toe het hierdie berig deur daardie hele land versprei"
 CUM-NLV "Hierdie nuus het soos 'n veldbrand oor die hele omgewing versprei"
 NASB "this news spread throughout all that land"

Die rede waarom Jesus die mense uitgestuur het, was juis dat niemand die nuus van hierdie wonderbaarlike genesing sou versprei nie (vgl. 8:4; 9:30; 12:16; 16:20; 17:9; Mark. 1:44; 3:12; 5:43; 7:36; 8:30; 9:9; Luk. 4:41; 5:14; 8:56; 9:21). In die lig van begrafnisreëlings in gevorderde stadium sou die opwekking van die jong dogter nie verbloem kon word nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 9:27-31

²⁷As Jesus went on from there, two blind men followed Him, crying out, "Have mercy on us, Son of David."
²⁸When He entered the house, the blind men came up to Him, and Jesus said to them, "Do you believe that I am able to do this?" They said to Him, "Yes, Lord."
²⁹Then He touched their eyes, saying, "It shall be done to you according to your faith."
³⁰And their eyes were opened. And Jesus sternly warned them: "See that no one knows about this!"
³¹But they went out and spread the news about Him throughout all that land.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:27-31.

- 9:27 OAV "het twee blindes Hom gevolg, terwyl hulle uitroep en sê"
 NAV, CUM-MVB "het twee blindes Hom gevolg. Hulle het aanhoudend geskreeu"
 CUM-NLV "het twee blindes agter Hom aangekom. Hulle het hardop geskreeu"
 NASB "two blind men followed Him, crying out!"

Dit is opvallend in die wonderbeskrywings van die Sinoptiese evangelies dat Matteus altyd van twee persone praat terwyl Markus en Lukas slegs van een melding maak. Daar word vermoed dat Matteus twee getuies benodig om aan die OT vereiste van twee getuies in enige saak te voldoen (vgl. Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15).

- ▣ OAV "Wees ons barmhartig, Seun van Dawid"
 NAV "Ontferm U tog oor ons, Seun van Dawid"
 CUM-MVB "betoon aan ons liefde, al verdien ons dit nie, Seun van Dawid"
 CUM-NLV "Seun van Dawid, kry ons tog jammer"
 NASB "have mercy on us, Son of David"

Hierdie OT titel word ook in Mat. 1:20 gebruik. Blykbaar het dit Messiaanse betekenis wat terugwys op 2 Sam. 7 (vgl. Mat. 1:1; 12:23; 15:22; 20:30; 21:9,15). Presies wat hierdie twee manne onder die titel verstaan het, is nie duidelik nie, maar feit is dat dit uitdrukking van hulle geloof was. Dit kan nog nie as 'n ten volle teologiese verstaan van die persoon van Christus beskou word nie. Die Jodendom van Jesus se tyd het 'n Messiaanse generer verwag wat op Jes. 35:5-6 dui.

9:28 "Ja, Here"; "Yes, Lord": Dit is die titel *kurios*. Dit was gebruiklik in die betekenis van 'Meneer' en 'Meester' of met volle teologiese inhoud van Jesus se Godheid. In die mond van die twee blindes moet dit waarskynlik in die populêre betekenis verstaan word, hoewel die gebruik van "Seun van Dawid" tog 'n mate van teologiese insig veronderstel. Jesus neem hulle eenkant toe uit die gedrang van die skare, weereens, om hulle genesing nie wêreldkundig te maak nie (vgl. vers 26,30; 8:4).

- 9:29 OAV, NAV, CUM-NLV "Toe raak Hy hulle oë aan"
 CUM-MVB "Toe het hy aan hulle oë geraak"
 NASB "He touched their eyes"

Dit is verstommend hoeveel genesings van blindheid in die evangelies gerapporteer word. Tog word dit op 'n verskeidenheid van maniere gedoen. In hierdie geval raak Jesus hulle oë aan, waarskynlik om hulle geloof te versterk. Herstel van sig was een van die tekens, deur profete voorspel, wat sou bewys dat die Messias gekom het (vgl. Ps. 146:8; Jes. 29:18; 35:5; 42:7,16, 18; Mat. 11:5).

NASB (UPDATED) TEXT: 9:32-34

³²As they were going out, a mute, demon-possessed man was brought to Him. ³³After the demon was cast out, the mute man spoke; and the crowds were amazed, and were saying, "Nothing like this has ever been seen in Israel."
³⁴But the Pharisees were saying, "He casts out the demons by the ruler of the demons."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:32-34.

- 9:32 OAV "n stom man wat van die duiwel besete was"
 NAV "n man. . .wat stom was omdat hy in die mag van 'n duiwel was"
 CUM-MVB "n stom mens wat demonbesete was"
 CUM-NLV "iemand. . .wat stom was omdat 'n bose gees beheer oor hom gehad het"

NASB**“a mute, demon-possessed man”**

‘n Duidelike onderskeid word in die evangelies tussen duiwelsbesetenheid en fisiese siekte gemaak. ‘n Goeie voorbeeld hiervan kom in Markus 7:32 en 9:25 voor: ‘n fisies dowe mens is genees, maar vir ‘n duiwelbesete stomme was uitdruwing nodig. Hoewel duiwelbesetenheid fisiese siekte kan veroorsaak, is alle siekte nie die gevolg van duiwelbesetenheid nie. Die NT bevestig die aanwesigheid van demone in ons wêreld. Wie ookal genoeg tyd in Derde Wêreldlande deurgebring het, bevestig die werklikheid van sulke verkynsels wat dikwels voorkom en selfs in ooreenstemming is met wat in die NT beskryf word. Dit beteken nie dat daar meer demone in die Derde Wêreld is nie. Die Westerse wêreld se lewensbeskouing is negatief ingestel teenoor die bo-natuurlike. Sien *Vir Speciale Aandag* by 10:1.

Die term “stom” (*kophos*) kan die volgende beteken:

1. doof, Mat. 11:5; Mark. 7:32,37; Luk. 7:22; en is deur Homerus in dié betekenis gebruik
2. stom, Mat. 12:22; 15:30-31; Luk. 1:22; 11:14; en so deur Herodotus gebruik.

Die tweede kan veroorsaak word deur die eerste. Die konteks bied die beste leidraad om die bedoeling van die skrywer vas te stel.

**9:34 OAV
NAV**

“Deur die owerste van die duiwels dryf Hy die duiwels uit”

“Dit is met die hulp van die aanvoerder van die duiwels (bose geeste) dat Hy die duiwels uitdryf”

CUM-MVB

“Dit is met die hulp van die leier van die demone dat Hy die demone uitdryf”

CUM-NLV

“Dit is die baasduiwel wat Hom help om duiwels uit mense uit te jaag”

NASB, NKJV, NRSV

“He casts out the demons by the ruler of the demons”

TEV

“It is the chief of the demons who gives Him the power to drive them out”

NJB

“It is through the prince of devils that He drives out devils”

Die owerste (OAV) van duiwels is ‘n heenwysing na die baasduiwel (CUM-NLV) wat in 10:25 Beëlsebul genoem word. Beide titels, Beëlsebul en “aanvoerder” (NAV), word in 12:24 aangetref. Meer volledige aantekeninge is oor die eersgenoemde naam daar te vind.

Dit is ‘n verbysterende gedagte dat die Fariseërs, wat Jesus se wondermag gesien het en sy onderrig gehoor het, Hom verwerp bloot omdat hy teen hulle tradisies ingegaan het. Hierdie selfde mededelings word ook in Mark. 3:22 en Luk. 11:15 aangetref. Dieselfde soort godslastering het by geleentheid uit die aanwesige skare gekom (Joh. 7:20). Hulle kon die werklikheid van die wonders nie meer ontken nie en skryf dit as ‘n gevolg toe aan die mag van die bose.

Jesus het op hierdie aantuiging volledig geantwoord met verwysing na die “onvergeeflike sonde” in Mat. 12:22 e.v. Die onvergeefbare sonde is waarskynlik die volgehoue verwerping van geloof in Christus in weerwil van die teenwoordigheid van die ophelderende lig. Hierdie mense was so verblind deur hulle vooropgestelde menings dat hulle nie in staat was om die goeie boodskap (evangelie) in die woorde en handeling van Jesus waar te neem nie. Wanneer die lig duisternis geword het, hoe groot is die duisternis nie (vgl. 6:23, 2 Kor. 4:4)!

Dit is interessant dat vers 34 in die Griekse MSS D¹⁸ en sommige ou Latynse MSS weggelaat is, maar wel in die ouer hoofletter MSS voorkom. Dit kom wel voor in Mat. 12:24 en Luk. 11:15. Die UBS⁴ gradeer die insluiting met ‘n ‘B’, wat ‘taamlik seker’ beteken.

■ **OAV**

“deur die owerste van die duiwels”

NAV

“deur die aanvoerder van die duiwels”

CUM-MVB

“deur die leier van die demone”

CUM-NLV

“deur die baasduiwel”

NASB

“by the ruler of demons”

Met dié frase bedoel hulle Satan (vgl. Mat. 12:24-32; Mark. 3:22; Luk. 11:15). Dis ‘n ingesteldheid van die Fariseërs om Christus se mag en gesag te ontken en sodoende die onvergeeflike sonde pleeg om van lig duisternis te maak!

NASB (UPDATED) TEXT: 9:35-38

³⁵Jesus was going through all the cities and villages, teaching in their synagogues and proclaiming the gospel of the kingdom, and healing every kind of disease and every kind of sickness. ³⁶Seeing the people, He felt compassion for them, because they were distressed and dispirited like sheep without a shepherd. ³⁷Then He said to His disciples, “The harvest is plentiful, but the workers are few. ³⁸Therefore beseech the Lord of the harvest to send out workers in the harvest.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 9:35-38.

9:35-38 Daar is twee maniere om hierdie verse te verstaan: (1) as ‘n opsomming wat terugdui op 4:23 of (2) ‘n inleiding tot die uitstuur van die twaalf in hoofstuk 10.

**9:35 OAV, NAV
CUM-MVB
CUM-NLV
NASB**

“die evangelie van die koninkryk verkondig”

“die goeie nuus van God se koninklike regering verkondig”

“die Goeie Nuus van die koninkryk verkondig”

“proclaiming the gospel of the kingdom”

¹⁸ Bezae, 5de eeu – vert.

Jesus se eerste en laaste preek het op die koninkryk gefokus. Daaroor het ook die meeste van sy gelykenisse gehandel. Skynbaar beklemtoon dit die heerskappy van God in mense se harte hier en nou, maar wat uiteindelik die hele wêreld sal omvat (vgl. Mat. 6:10). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:17. Die term, ‘evangelie’ (*euangelion*, Eng. *gospel*) word deur Matteus in 4:23, en hier in 9:35, opsommenderwys gebruik. Jesus gebruik dit ook in 24:14 en 26:13. Die term het in Paulus se geskryfte ‘n geïkete uitdrukking geword om die lewe, onderrig, sterwe, opstanding, wederkoms en Christus se offer tot redding onder een hoof saam te vat. Eers in die tweede eeu gebeur dit dat die vier geskryfte wat oor Jesus se lewe handel “die evangelie” genoem word (d.w.s. in werke van Irenaeus en Clemens van Aleksandrië).

9:36 OAV “het Hy innig jammer vir hulle gevoel”
NAV, CUM-MVB “het Hy hulle innig jammer gekry”
CUM-NLV “het Hy ontroerd geraak oor hulle seerkry en weerloosheid”
NASB “He felt compassion”

Dit is vertroostend om te weet hoeveel die Messias vir sosiale en godsdienstige verstoteling omgee het (14:14; 15:32; 20:34). Sy medelye kom in Luk. 13:34 op dieselfde wyse tot uitdrukking.

▣ **OAV** “soos skape wat geen herder het nie”
NAV, CUM-MVB “soos skape wat nie ‘n wagter het nie”
CUM-NLV “soos skape sonder ‘n wagter wat na hulle omsien”
NASB “like sheep without a shepherd”

“Herder” was ‘n algemene term om godsdiensteiers aan te dui (vgl. Num. 27:17; 1 Kon. 22:17; Eseg. 34:1-16). Dit is selfs soms in verband met vals herders aangewend (vgl. Eseg. 34; Sag. 11:5). Jesus was die goeie herder (vgl. Joh. 10; Sag. 11:7-14; 13:7-9).

9:37-38 God kyk met heeltemal ‘n ander oog na sy wêreld as ons (vgl. Jes. 55:8-9). Gelowiges behoort te bid dat God arbeiders uit sal druk of forseer in sy oesland in. Om die nood waar te neem is nog nie ‘n roeping nie, maar dank God daarvoor, wanneer ons bid laat Hy ons soms toe om te gaan! Let daarop dat die wêreld as God se oesland beskou word. Dit is sy wêreld wat Hy liefhet. Hy wil dit red (vgl. Joh. 3:16; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoekom verskil die besonderhede en plek van dieselfde onderrig klaarblyklik tussen die Sinoptiese evangelies?
2. Op watter manier is dit belangrik dat Jesus ‘n verlamde verseker dat sy sonde vergewe is?
3. Die frase “Die Seun van die Mens” is teologies gesproke van baie groot belang. Hoekom?
4. Hoekom is dit so belangrik dat Jesus saam met tollenaars en sondaars geëet het?
5. Wat sê Jesus omtrent vas?
6. Waarom wou die siek vrou Jesus se klere aanraak?
7. Hoe sal u ‘n Oosterse begrafnis beskryf?
8. Hoekom volhard Matteus met tweetalle in verband met blindes, engele, ens. terwyl Lukas en Markus met een volstaan.
9. Verduidelik die verskil tussen siekte en duivelbesetenheid.
10. In watter opsig het die Fariseërs ‘n onvergeeflike sonde gepleeg.
11. Wat laat blyk verse 37 en 38 oor die hart van God?

MATTEUS 10

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Mission of Twelve 10:1-4	The Twelve Apostles 10:1-4	Commissioning and Instruction of the Twelve (10:1-11:1) 10:1-4	The Twelve Apostles 10:1-4	The Mission of the Twelve 10:1 10:2-5a	Jesus stuur die twaalf uit 10:1-4
The Commissioning of the Twelve 10:5-15	Sending Out the Twelve 10:5-15	10:5-15	The Mission of the Twelve 10:5-10 10:11-15	10:5b-10 10:11-16	Jesus gee opdragte aan die twaalf 10:5-15
Coming Persecutions 10:16-23	Persecutions are Coming 10:16-26	10:16-23	Coming Persecutions 10:16-20 10:21-23	The Missionaries Persecuted 10:17-20 10:21-23	Vervolginge wat voorlê 10:16-25
Whom to Fear 10:24-25	Jesus Teaches the Fear of God 10:26-31 10:27-31	10:24-25 10:26-31	Whom to Fear 10:26-31	Open and Fearless 10:26-27 10:28-31	Wie gevrees moet word 10:26-31
Confessing Christ Before Men 10:32-33	Confess Christ Before Men 10:32-33	10:32-33	Confessing and Rejecting Christ 10:32-33	10:32-33	Aansporing om Christus te bely 10:32-33
Not Peace, But a Sword 10:34-39	Christ Brings Division 10:34-39	10:34-39	Not Peace, But a Sword 10:34-39	Jesus, the Cause of Dissension 10:34-36 Renouncing Self to Follow Jesus 10:37-39	Jesus bring nie vrede nie, maar die swaard 10:34-39
Rewards 10:40-11:1	A Cup of Cold Water 10:40-42	10:40-11:1	Rewards 10:40-42	Conclusion of the Instruction 10:40 10:41 10:42	Beloning 10:40-42

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalingstekens is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 10:41-42

- A. Die nuutverkose dissipelgroep word op 'n sendinguitreik gestuur, soos reeds aangedui in 9:37-38. Op 'n latere stadium stuur Jesus ook 'n groter groep van 70 dissipels uit (vgl. Luk. 10:1 e.v.)
- B. Hierdie uitreikbeskrywing het ook in Mark. 3:14-14-16; 6:7-13; Luk. 9:1-6 neerslag gevind. Daar het waarskynlik meer van hierdie uitreike plaasgevind.
- C. Jesus se boodskap aan die twaalf het drie afdelings wat deur die frase: "Dit verseker Ek julle" onderskei word (vgl. verse 15,23,42).

WOORD- EN FRASE STUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 10:1

¹Jesus summoned His twelve disciples and gave them authority over unclean spirits, to cast them out, and to heal every kind of disease and every kind of sickness.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:1.

10:1 "twaalf"; "twelve": Dis die eerste keer wat daar sprake is van die hoeveelheid dissipels. Die doel was waarskynlik ooreenstemming met die twaalf stamme van Israel. Sien *Vir Spesiale Aandag : die getal twaalf* by 14:20.

- | | |
|---------------------|-------------|
| ▣ OAV, NAV, CUM-NLV | "dissipels" |
| CUM-MVB | "leerlinge" |
| NASB | "disciples" |

Die letterlike betekenis is 'leerling'. Die NT beklemtoon dissipels, nie bloot besluite nie (vgl. 28:19; Han. 14:21). Die volgende *Vir Spesiale Aandag* verduidelik die teologiese onderskeid.

VIR SPESIALE AANDAG: GRIEKSE WERKWOORDTYE WAT VIR VERLOSSING GEBRUIK WORD

Verlossing is nie 'n produk nie, maar 'n verhouding. Dit is nie afgehandel wanneer 'n mens tot vertroue in Christus kom nie; dit het maar net begin! Dit is nie 'n versekeringspolis teen 'brand' nie, ook nie 'n enkelkaartjie 'hemel toe' nie. Dit is 'n lewe waarin die gesindheid van Christus toenemend tot uitdrukking kom.

VERLOSSING AS AFGEHANDELDE AKSIE (AORISTUS)

- Han. 15:11
- Rom. 8:24
- 2 Tim. 1:9
- Tit. 3:5
- Rom. 13:11 (waarin die AORISTUS met 'n FUTURUM gekombineer word)

VERLOSSING AS 'N GEGEWE WERKLIKHEID (PERFEKTUM)

- Ef. 2:5, 8

VERLOSSING AS 'N VOORTGAANDE GEBEURTENIS (PRAESENS)

- 1 Kor. 1:18; 15:2
- 2 Kor. 2:15

VERLOSSING AS 'N TOEKOMSTIGE DOELWIT (FUTURUM in die WERKWOORD of die konteks)

- Rom. 5:9, 10; 10:9-13
- 1 Kor. 3:15; 5:5
- Fil. 1:28; 1 Tess.. 5:8-9
- Heb. 1:14; 9:28
- by implikasie Mat. 10:22; 24:13; Mark. 13:13

- | | |
|---------|---|
| ▣ OAV | "aan hulle mag gegee oor onrein geeste, om hulle uit te dryf" |
| NAV | "hulle mag gegee om bose geeste uit te dryf" |
| CUM-MVB | "die mandaat gegee oor onrein geeste, om hulle uit te dryf" |

CUM-NLV

“die volmag gegee om onrein geeste uit mense te dryf”

NASB

“gave them authority over unclean spirits, to cast them out”

Jesus het hierdie volgeling van Hom met sy eie krag toegerus. Hulle was nou sy amptelike verteenwoordigers (d.w.s. Apostels). Die fisieke wonderkragte was ‘n manier om Jesus se nuwe boodskap te steun.

VIR SPESIALE AANDAG: DUIWELUITDRYING (EKSORSISME)

Uitdrywing van duiwels was algemeen in Jesus se tyd, maar sy metodes was totaal verskillend. Sy uitdrywings was ‘n teken van die nuwe bedeling. Die rabbyne het van magiese formules (beswerings) gebruik gemaak (sien Alfred Edersheim se *The Life and Times of Jesus, the Messiah*, vol. 2, bylaag XIII, bl. 748-763, XVI, 70-776), maar Jesus doen dit op eie gesag. Daar is net te veel waninligting en verwarring oor uitdrywing en die demoniese deesdae in omloop. Dit is deels daaraan te wyte dat die NT nêrens die aangeleentheid onder bespreking neem nie. As evangeliedienaar het ek dikwels gewens daar was meer inligting oor die onderwerp beskikbaar. Hier is wel ‘n paar boektitels van skrywers in wie ek vertrou het:

1. *Christian Counseling and the Occult*, Kurt E. Koch
2. *Demons in the World Today*, Merrill F. Unger
3. *Biblical Demonology*, Merrill F. Unger
4. *Principlities and Powers*, John Warwick Montgomery
5. *Christ and the Powers*, Hendrik Berkhof
6. *Three Crucial Questions About Spiritual Warfare*, Clinton Anton

Dit is opvallend dat duiweluitdrywing nie onder die gawes van die Gees opgeteken is nie en dat dit nie in die Apostelbriewe bespreek word nie. Ek huldig ‘n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing wat geestelike werklikhede insluit, d.w.s. dat die goeie en die bose in ons fisiese bestaan aanwesig, bedrywig en werksaam is (vgl. Job 1-2; Dan. 10; Efes. 6:10-18). Maar God het dit verkies om hier nie in besonderhede in te gaan nie. As gelowiges het ons al die inligting wat ons nodig het om toegewyd en tot die eer van God te lewe! Maar sommige onderwerpe word nie aan ons geopenbaar of ontwikkel nie.

■ OAV	“onreine geeste. . . elke siekte. . . te genees”
NAV	“bose geeste. . . elke soort siekte. . . gesond te maak”
CUM-MVB	“onreine geeste. . . elke soort siekte. . . gesond te maak”
CUM-NLV	“onrein geeste. . . elkeen met ‘n siekte. . . gesond te maak”
NASB	“unclean spirits. . . heal every kind of disease”

Daar word duidelik onderskeid gemaak tussen duiwelbesetenheid en siekte. Demone kan siektes veroorsaak, maar dit is nie noodwendig die oorsaak of die gevolg nie.

VIR SPESIALE AANDAG: DEMONISME (ONREIN GEESTE)

- A. Die mense van die antieke wêreld was animiste; hulle het persoonlikheid of persoonlikheidstrekke aan natuurkragte en fisiese voorwerpe toegeskryf. Die lewensloop is verklaar op grond van interaksie tussen hierdie geestelike bonatuurlikheid (entiteit) en die mensdom.
- B. Hierdie personifikasies het tot die ontstaan van politeïsme (veelgodendom) aanleiding gegee. Gewoonlik was die demoniese (*genii*) as mindere gode beskou (goed of sleg) wat individuele menslike lewens beïnvloed het.
1. Mesopotamië, chaos en stryd
 2. Egipte, orde en funksionaliteit
 3. Kanaän, sien W.F. Albright se *Archaeology and the Religion of Israel*, 5de uitgawe, bl. 67-92.
- C. Moontlik omrede sy sterk monoteïstiese inslag het die OT aan mindere gode, engele en die demoniese weinig aandag gegee (vgl. Eks. 8:10; 9:14; 15:11; Deut. 4:35,39; 6:4; 33:26; Ps. 35:10; 71:19; 86:6; Jes. 43: 10-11; 45:21-22; 46:9; Jer. 10:6-7; Mig. 7:18). Die vals gode (*shedim* – Deut. 32:17; Ps. 106:37) van die heidennasies word in sommige gevalle wel genoem:
1. *Se’im* – god van wellus of harige demone (Lev. 17:7; 2 Kron. 11:15)
 2. *Lilith* – vroulik, verleidelike demoon (Jes. 34:14)
 3. *Mavet* – Hebreeus vir dood, Kanaänitiese god van die onderwêreld (Jes. 28:15,18; Jer. 9:21, en moontlik Deut. 28:22)
 4. *Resheph* – plaag (Deut. 33:29; Ps. 78:48; Hab. 3:5)
 5. *Dever* – pessiekte (Ps. 91:5-6; Hab. 3:5)
 6. *Az’azel* – naam is onseker, maar moontlik ‘n woestyngod of pleknaam (Lev. 16:8,10,26)
- (Hierdie voorbeelde is uit die *Encyclopaedia Judaica*, vol. 5, bl. 1523 geneem).

Nietemin, wat die OT betref, is daar geen dualisme of bestaansreg vir ‘n engele/geestelike wêreld onafhanklik van JHWH nie. Satan is ‘n dienaar van JHWH (vgl. Job 1-3; Sag. 3), nie ‘n vyand nie (vgl. A.B. Davidson, *A Theology of the Old Testament*, bl. 300-306).

D. Judaïsme het gedurende die Babiloniese Ballingskap ontwikkel (586-538 v.C.). Dit is teologies deur die dualisme en persoonifikasies van Zoroastrianisme (uit Persië), beïnvloed; 'n goeie, verhewe god met die naam van *Mazda* of *Ormazd*, en sy bose opponent, *Ahriman*. So ontstaan in die na-ballingskapse Judaïsme die gepersonifieerde dualisme tussen JHWH en sy engele versus Satan met sy demoon-engele.

Die teologie van Judaïsme oor gepersonifieerde boosheid is goed gedokumenteer en verduidelik in Alfred Edersheim se *The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol. 2, bylaag XIII, bl. 748-763, en XVI, bl. 770-776. Judaïsme het die bose op drie maniere gepersonifieer:

1. Satan of Sammael
2. bose bedoelinge in die mensdom self (*yetzer hara*)
3. die Engel van die Dood

Edersheim karakteriseer hierdie drie as (1) die Aanklaer, (2) die Versoeker, (3) die Straftoediener (vol. 2, bl. 756). Daar is teologies opmerkbare verskille tussen die na-ballingskapse Judaïsme en die Nuwe Testamentiese aanbidding en verduideliking van boosheid.

E. Die NT, in besonder die evangelies, bevestig die bestaan en teenkanting van die kant van bose geestelike wesens gerig op die mensdom en teenoor JHWH. In die OT is Satan 'n vyand van die mensdom, maar hy beklee nie so 'n status teenoor God nie. Die bose geeste opponeer God se wil, sy heerskappy en koninkryk. Jesus het hierdie demoniese wesens (ook onrein geeste genoem in Luk. 4:36; 6:18; of bose geeste in Luk. 7:21; 8:2) gekonfronteer en uit menslike wesens uitgedryf. Jesus het 'n duidelike onderskeid getref tussen siekte, hetsy fisies of sielkundig, en demoniese inwoning. Hy het sy mag en geestelike insig aangewend om sulke bose geeste te onderskei en uit te dryf. Hulle het Hom dikwels herken en probeer om met Hom en oor Hom te praat, maar Hy het hulle getuienis verwerp, hulle tot swye gemaak en hulle uitgewerp.

Daar is verrassend min informasie oor dié onderwerp in die NT se Apostelbriewe. Duiweluitdrying het nie die lys van gewesene van die Gees gehaal nie en geen metodiek of prosedure word vir toekomstige geslagte se leraars en gelowiges voorgeskryf nie.

F. Die bose is 'n realiteit; boosheid het 'n persoonkarakter; dit is oral teenwoordig. Die oorsprong daarvan is nie bekend nie en die doel daarvan is nie ten volle geopenbaar nie. Die Bybel erken die werklikheid daarvan, maar staan die invloed daarvan aggressief teen. Dit is egter nie die werklikheid van 'n absolute dualisme nie; God is absoluut en algeheel in beheer. Boosheid is verslaan en veroordeel (die eerste koms van Jesus) en dit sal uit die skepping verwyder word met sy tweede koms.

G. God se volk moet die Bose teenstaan (vgl. Jak. 4:7). Dit kan God se kinders nie oorheers en beheers nie (1 Joh. 5:18), maar hulle kan aan versoeking toegee met skade wat betref hulle getuienis en invloed (vgl. Ef. 6:10-18). Dit is geopenbaar dat boosheid 'n werklikheid is en daarmee moet rekening gehou word. Moderne Christene het nie die reg om hierdie openbaringskennis oor die bose te herdefinieer nie (die demitologisering van Rudolf Bultmann); ook nie om die bose tot onpersoonlike entiteit te verklaar nie (die sosiale strukture van Paul Tillich); of om dit bloot in sielkundige terme uit te lê nie (Sigmund Freud); die invloed daarvan dring immers oral in en word oral gevoel.

NASB (UPDATED) TEXT: 10:2-15

²Now the names of the twelve apostles are these: The first, Simon, who is called Peter, and Andrew his brother; and James the son of Zebedee, and John, his brother; ³Philip and Bartholomew; Thomas and Matthew the tax collector; James the son of Alphaeus, and Thaddeus; ⁴Simon the Zealot, and Judas Iscariot, the one who betrayed Him. ⁵These twelve Jesus sent out after instructing them: “Do not go in *the way of the Gentiles*, and do not enter *any city of the Samaritans*; ⁶but rather go to the lost sheep of the house of Israel. ⁷As you go, preach, saying, ‘The kingdom of heaven is at hand.’ ⁸Heal *the sick*, raise *the dead*, cleanse *the lepers*, cast out demons, freely you received, freely give. ⁹Do not acquire gold, or silver, or copper for your money belts, ¹⁰or a bag for *your journey*, or even two coats, or sandals, or a staff; for the worker is worthy of his support. ¹¹And whatever city or village you enter, inquire who is worthy in it, and stay at his house until you leave *that city*. ¹²As you enter the house, give it your greeting. ¹³If the house is worthy, give it your *blessing of peace*. But if it is not worthy, take back your *blessing of peace*. ¹⁴Whoever does not receive you, nor heed your words, as you go out of that house or city, shake the dust off your feet. ¹⁵Truly I say to you, it will be more tolerable for *the land of Sodom and Gomorrah* in the day of judgement than for that city.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:2-15.

10:2 OAV, NAV, CUM-NLV	“die name van die twaalf apostels”
CUM-MVB	“die name van die twaalf gestuurdes met volle mandaat”
NASB	“the names of the twelve apostles”

Die term “apostel” word 'n enkele keer (hier) in Matteus en tweekeer in Markus aan die lys van dissipels gekoppel (vgl. Mark. 3:14; 6:30). In Lukas en Handeling is hierdie koppeling algemeen en word deurgaans gebruik:

1. Luk. 6:13; 9:10; 11:49; 17:5; 22:14; 24:10
2. Handeling:

- a. die twaalf, 1:2,26; 2:37,42,43; 4:33,35,36,37; 5:2,12,18,29,40; 6:6; 8:1,14,18; 9:27; 11:1; 15:2,4,6,22,23; 16:4
 b. ander apostels (latere gebruik van die term)
 1) Paulus in Han. 14:4,4 (gelyke gesag as die twaalf)
 2) Barnabas in Han. 14:14 (mindere gesag as die twaalf)

Apostellyste kom voor in Mark. 3:16-19; Luk. 6:12-16; Han. 1:13-14 met name en volgorde wat effens verskil. Die drie groepe van vier elk is egter deurgaans dieselfde. Petrus word altyd eerste genoem en Judas Iskariot altyd laaste. Die name in elk groep verander nie en dit suggereer 'n rotasiestelsel wat dit vir sommige dissipels moontlik gemaak het om vir kort periodes, in belang van hulle families, huis toe te gaan.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE APOSTELS SE NAME

	Matteus 10:2-4	Markus 3:16-19	Lukas 6:14-16	Handelinge 1:12-18
Eerste Groep	Simon (Petrus)	Simon (Petrus)	Simon (Petrus)	Petrus
	Andreas (broer van Petrus)	Jakobus (seun van Sebedeus)	Andreas (broer van Petrus)	Johannes
	Jakobus (seun van Sebedeus)	Johannes (broer van Jakobus)	Jakobus	Jakobus
	Johannes (broer van Jakobus)	Andreas (broer van Petrus)	Johannes	Andreas
Tweede Groep	Filippus	Filippus	Filippus	Filippus
	Bartolomeus	Bartolomeus	Bartolomeus	Tomas
	Tomas	Matteus	Matteus	Bartolomeus
	Matteus (die tollenaar)	Tomas	Tomas	Matteus
Derde Groep	Jakobus (seun van Alfeus)	Jakobus (seun van Alfeus)	Jakobus (seun van Alfeus)	Jakobus (seun van Alfeus)
	Taddeus	Taddeus	Simon (die yweraar - OAV)	Simon (die fanatikus – NAV)
	Simon (die fanatikus – NAV)	Simon (Kananites - OAV)	Judas (seun van Jakobus)	Judas (seun van Jakobus)
	Judas (Iskariot)	Judas (Iskariot)	Judas (Iskariot)	

10:3 OAV “Bartholoméüs”
NAV, CUMs “Bartolomeus”
NASB “Bartholomew”
 Hy het ook as Nataniël bekendgestaan (vgl. Joh. 1:45-51).

☐ **OAV** “Matthéüs”
NAV, CUMs “Matteus”
NASB “Matthew”
 Sy ander naam was Levi (vgl. Mark. 2:14; Luk. 5:27).

☐ **OAV** “Thaddéüs” (ook Lebbéüs)
NAV, CUMs “Taddeus”
NASB “Thaddeus”
 Hy het ook die naam Judas gedra, ‘n seun of broer van Jakobus (vgl. Luk. 6:16; Han. 1:13). Volgens die Griekse MSS C², L en W het hy ook as Lebbeus bekendgestaan.

10:4 OAV “Simon Kananítes”
NAV “Simon die fanatikus”
CUM-NLV “Simon die Yweraar”
CUM-MVB “Simon die Kananeër”
NASB, NJB “Simon the Zealot”
NKJV “Simon the Canaanite”
NRSV “Simon the Canaanite”
TEV “Simon the Patriot”

Dat hy die bynaam Kananeër gehad het, kon daarop dui dat hy van Kana afkomstig was (vgl. Mark. 3:18). Die Grieks volg hier ‘n Hebreeuse woord wat ‘ywerig’ (in die sin van ‘vurig’) beteken. Hy was ‘n patriotiese Jood, ‘n politieke aktivis (Eng. *seperatist* – Luk. 6:15; Han. 1:13). Dat Matteus (pro-Romeinse tollenaar) en Simon (die Joodse aktivis) dit met mekaar in dieselfde apostelgroep kon uithou, toon die radikale ommekeer wat Jesus in hierdie manne se lewens bewerkstellig het.

- ☐ OAV “Iskariot”
- NAV, CUMs “Iskariot”
- NASB “Iscariot”

Indien hierdie term aan die Hebreeus ontleen is, beteken dit dat Judas van Keriot in Judea afkomstig was, die enigste apostel uit die Suide! Indien dit uit die Grieks ontleen, beteken dit ‘die sluipmoordenaar se dolk’.

- ☐ OAV “die een wat Hom verraai het”
- NAV “wat vir Jesus verraai het”
- CUM-MVB “die een wat Hom uitgelewer het”
- CUM-NLV “wat Jesus sou uitlewer”
- NASB “the one who betrayed Him”

‘n Interessante boek probeer Judas op ‘n meer positiewe manier verstaan: *Judas, Betrayer or Friend of Jesus*, William Klassen, Fortress Press, 1966. Om dit te kon doen, moes hy egter die Johannes-evangelie heeltemal buite rekening laat.

10:5 “uitgestuur”; “sent”: Dit is dieselfde woordstam (*apostellō*) vir “apostel”, wat in die LXX gebruik word vir die stuur van profete om namens God te gaan praat. In rabbynse kringe het dit beteken dat so iemand gestuur word om met amptelik gesag namens die sender te praat. Mark. 6:7 deel ons mee dat Jesus die Apostels twee-twee uitgestuur het.

- ☐ OAV “Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in ‘n stad van die Samaritane nie.”
- NAV “Moenie met ‘n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in ‘n dorp van die Samaritane ingaan nie”
- CUM-MVB “Moenie met ‘n pad na die nie-Jode toe afdraai nie en moenie in ‘n dorp van die Samaritane ingaan nie”
- CUM-NLV “Moenie met ‘n pad na die heidenvolke afdraai of in ‘n Samaritaanse dorp ingaan nie”
- NASB “do not go in *the way of the Gentiles*, and do not enter *any city of the Samaritans*”

Hierdie gedagte is waarskynlik die gronde vir Paulus se opmerking in Rom. 1:16, naamlik “eerste vir die Jood en ook vir die Griek”. Dit was nie eksklusiwisme nie, maar beperking van die fokus om die nageslag van Abraham alle moontlike geleentheid te gee om te reageer.

Die Jode het op die Samaritane neergesien en hulle as ‘n verbasterde bevolkingsgroep beskou. Dit was die gevolg van die wegvoer van die tien stamme in die Assiriese Ballingskap van 722 v.C. Duisende Jode is weggevoer na Medië en netsoveel bannelingheidene is in hulle plek in Israel geplaas. Met die verloop van tyd het vermenging van godsdiens en sosiale gebruike plaasgevind (vgl. Esra en Nehemia). So vroeg in die bediening van Jesus sou insluiting van beide groepe ‘n negatiewe gevolg hê wat betref die uitreik na die Jodendom.

- 10:6** OAV, NAV, CUM-MVB “die verlore skape”
- CUM-NLV “die verdwaalde skape”
- NASB “the lost sheep”

Hierdie is ‘n ongewone samevoeging van terme, want gewoonlik word ‘skape’ as metafoor vir die volk van God gebruik en “verdwaald” (CUM-NLV) moet volgens Mat. 9:36 dan op hulle geestelike hulpbehoewendheid en weerloosheid sinspeel, veral as daar geen herder is nie (vgl. Num 27:17; 1 Kon. 22:17; Ps. 119:176; Jes. 53:6; Sag. 13:7).

- ☐ OAV, CUMs “van die huis van Israel”
- NAV “van die volk Israel”
- NASB “of the house of Israel”

Dit was ‘n idiomatiese spreekwyse om die nageslag van Abraham aan te dui. Hulle het ook bekend gestaan as

1. die huis van Jakob (bv. Luk. 1:33; vgl. ook 15:24; Han. 2:6; Heb. 8:8)
2. die huis van Juda (bv. Heb. 8:8)
3. die kinders van Abraham (bv. Mat. 3:9; Joh. 8:33,39)

VIR SPESIALE AANDAG: ISRAEL (DIE NAAM)

I. Die betekenis van die naam is onseker (BDB 975)

- A. *El* (wat) aanhou/ volhou
- B. Laat *El* aanhou (jussief-vorm)
- C. *El* (wat) volhard
- D. Laat *El* stryd voer
- E. *El* (wat) strewe/ worstel
- F. Hy wat met God worstel (Gen. 32:28– OAV)

II. Gebruik in die OT

- A. Jakob se naam beteken “onderkruiper” en die naam “Jakob” herinner ook aan die Hebreeuse woord vir “hakskeen”¹⁹, maar ná die worsteling met ‘n geestelike persoonlikheid by die Jabbokrivier, is sy naam verander

¹⁹ Vgl. NAV Gen. 25:26 – vert.

(vgl. Gen. 32:32; Eks. 32:13). Van toe af heet hy Israel (vgl. Gen. 35:19). Dikwels berus die betekenis van Hebreeuse name meer op herhalende klankskildering as etimologie (vgl. Gen. 32:28).

- B. Dit het ook ontwikkel tot 'n sambreelnaam waarmee sy twaalf seuns aangedui word (bv. Gen. 32:32; 49:16; Eks. 1:7; 4:22; 28:11; Deut. 3:18; 10:6).
- C. Dit ontwikkel tot aanduiding van die hele bevolking van twaalf stamme reeds voor die Uittog (Gen. 47:27; Eks. 4:22; 5:2) en bly so daarna (Deut. 1:1; 18:6; 33:10).
- D. Na die verenigde koninkryk onder Saul, Dawid en Salomo, vind onder Rehabeam 'n skeuring plaas (vgl. 1 Kon. 12).
 1. 'n Onderskeiding is voor die amptelike skeuring reeds in aanloop (2 Sam. 3:10; 5:5; 20:1; 24:9; 1 Kon. 1:35; 4:20)
 2. Dui daarna die noordelike stamme aan totdat Samaria in die hande van die Assiriërs val in 722 v.C.
- E. Word soms in verband met Juda gebruik (bv. Jes. 1; Miga 1:15-16)
- F. Na die Assiriese en Babiloniese ballingskappe word dit weer die sambreelnaam vir al die nakomelinge van Jakob (vgl. Jes. 17:7,9; Jer. 2:4; 50:17,19).
- G. In teenstelling met die priesterdomj dui dit die lekebevolking aan (1 Kron. 9:2; Esra 10:25; Neh. 11:3).

- ▣ **OAV** "En gaan"
- NAV, CUMs** "Gaan"
- NASB** "as you go"

Hierdie is 'n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as 'n IMPERATIEF aangewend word (vgl. 28:19).

- ▣ **OAV** "preek"
- NAV, CUM-MVB** "verkondig"
- CUM-NLV** "kondig aan"
- NASB** "preach"

Dit is 'n PRAESENS IMPERATIEF. Met dié opdrag aan die twaalf en twee-en-sewentig is die voorloper van die groot opdrag van 28:18-20; Luk. 24:46-47 en Han. 1:8 geloods.

- ▣ **OAV** "die koninkryk. . . is naby"
- NAV, CUM-MVB** "die koninkryk. . . het naby gekom"
- CUM-NLV** "God se koningsheerskappy gaan nou enige oomblik begin"
- NASB** "the kingdom. . . is at hand"

Dit moes dan die inhoud van hul prediking wees (vgl. 3:2; 4:17; Mark. 1:15; Luk. 10:9,11; 11:20; 21:31). Die koninkryk is nou die heerskappy van God in die mens se hart, maar eendag sal dit die hele wêreld omvat (vgl. 6:10). Alhoewel die dissipels dit nog nie verstaan het nie (vgl. Luk. 24:16,31) het dit met die menswording van Christus, die Messias, begin en sal dit ten volle aanbreek by sy wederkoms. Aanvanklik het Jesus en die dissipels 'n boodskap verkondig wat ooreengestem het met dié van Johannes die Doper. Sien *Vir Speciale Aandag: die koninkryk van God* by 4:17.

- 10:8**
- OAV** "Maak gesond. . . reinig. . . wek op. . . dryf uit"
 - NAV** "Maak gesond. . . wek op. . . reinig. . . dryf uit"
 - CUM-MVB** "Maak gesond. . . wek op. . . maak gesond. . . dryf uit"
 - CUM-NLV** "Maak gesond. . . laat opstaan. . . reinig. . . dryf uit"
 - NASB** "heal. . . raise. . . cleanse. . . cast out"

Hierdie WERKWOORDE is almal PRAESENS IMPERATIEF. Hulle het gaan bedien net soos Jesus bedien het. Sy vermoë was ook op hulle en gesag en hulle het in sy gesag gedeel. Die wondertekens het, nes in sy geval, hulle boodskap oor Hom bevestig.

Die Griekse MSS toon heelwat variasie in verband met "wek die dode op". Dit kan wees (1) omdat nêrens opgeteken is dat hierdie twaalf gestuurdes wel dode opgewek het nie; (2) dat dit metafories verstaan moet word as opwekking van geestelike doodsheid; of (3) dat Matteus die WERKWOORDE soos bo gebruik, maar met weglating van die opwek van dodes. Sien in dié verband Bruce Metzger se *A Textual Commentary On the Greek New Testament*, bl. 27-28. Dié frase kom nietemin voor in die hoofletter MSS Ɱ, B, C, D, N en talle vertalings.

- ▣ **OAV** "melaatse"
- NAV, CUMs** "melaatses"
- NASB** "lepers"

In die OT was melaatsheid 'n teken van die toorn van God (vgl. 2 Kron. 26:16-23).

- ▣ **OAV, NAV, CUM-NLV** "dryf duiwels uit"
- CUM-MVB** "dryf demone uit"
- NASB** "cast out demons"

Die Mag van Jesus is groter as dié van Satan en demone (vgl. 1 Joh. 4:4). Die demone staan ook bekend as “geeste” (vgl. 8:16) en “onrein geeste” (vgl. 10:1). Die ontstaan van demone word nie in die Bybel verklaar nie. Die rabbyne het die ontstaan van die bose in die wêreld aan Gen. 6 gekoppel. Paulus verbind dit egter aan Gen. 3 (vgl. Rom. 5:12-21). Die rabbyne is van mening dat die “seuns van God” (sien *Vir Speciale Aandag: Genesis 1-11-Kommentaar* intyds by www.freebiblecommentary.org) genoem in Gen. 6, ontliggaam is gedurende Noag se vloed en nou die demone van die NT periode is op soek na ander liggame.

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee”
CUM-NLV “Julle het hierdie volmag verniet ontvang, doen daarom julle werk ook verniet”
NASB “freely you received, freely give”

Hierdie is nie ‘n beroep op sendelinge om sonder salaris te werk nie, maar eerder ‘n aanmoediging vir gelowiges om op God te vertrou (1) vir sy krag, (2) dat Hy sal voorsien en (3) dat Hy sy doel sal bereik onderwyl hulle die koninkryk se werk doen. Hierdie verse is nie algemeen geldende beginsels nie, maar riglyne spesifiek vir hierdie sendinguitreik (vgl. Luk. 22:35-36). Hierdie uitreiksituasie is ‘n geleentheid om Mat. 6:25-34 (Bergrede) prakties uit te leef.

- 10:9 OAV** “julle beurse”
NAV, CUMs “julle beursies”
NASB “your money belts”

Dis hoe die Jode van die eerste eeu hulle munte saamgedra het.

10:10 “reissak”; “bag”: Hierdie soort sak dien die doel van ‘n koffer. Die dissipels moenie alles saamdra wat hulle mag nodig kry nie, maar eerder op God vertrou vir hulle daaglikse voorsiening.

- ▣ **OAV, CUM-MVB** “of twee kledingstukke of sandale of ‘n stok nie”
NAV “of nog ‘n kledingstuk of skoene of ‘n stok nie”
CUM-NLV “of ‘n ekstra drarok of ekstra sandale of selfs ‘n kiere nie”
NASB “or even two coats, or sandals, or a staff”

Vergelyking met Markus 6:8-9 het tot groot meningsverskil aanleiding gegee. Daar is die volgende teorieë:

1. “stok” kan ‘n wandelstok wees of ‘n knuppel vir selfverdediging
2. die twee hemde van vers 10 beteken slegs ‘moenie ekstras hiervan saamdra nie’
3. Lukas 22:35-36 kan as toeligting beskou word op die voorskrifte soos in hierdie vers vervat.

Die evangelies is nie geskryf met die oog op vergelykbaarheid van besonderhede nie. Die sleutel tot verstaan van hierdie verse is dat gelowiges op God se voorsienigheid moet vertrou en hulle hul op sy bronne moet verlaat.

- ▣ **OAV** “want ’n arbeider is sy voedsel werd”
NAV, CUM-MVB “’n arbeider is tog geregtig op onderhoud”
CUM-NLV “’n werker verdien tog sekerlik om versorg te word”
NASB “for the worker is worthy of support”

Waarskynlik verwys Jesus na die waarheid soos vervat in Deut. 25:4 (vgl. 1 Kor. 9:6-7,14; 1 Tim. 5:18) wat terugdui op Deut. 24:14-15 (vgl. Lev. 19:13). Evangelie-predikers moet deur hul hoorders ondersteun word! NT riglyne vir bydraes is nie die OT tiendes nie, maar vrywillige, vreugdevolle offervaardigheid na vermoë. Sien *Vir Speciale Aandag: Tiendes* by 23:23.

- 10:11 OAV** “ondersoek wie daarin waardig is, en bly dáár totdat julle vertrek”
NAV “stel dan vas by wie julle daar kan tuisgaan en bly by hom totdat julle die reis voortsit”
CUM-MVB “stel dan vas wie dáár is dit werd en bly daar totdat julle vertrek”
CUM-NLV “maak seker by wie julle welkom is en bly daar totdat julle weer vertrek”
NASB “inquire who is worthy in it; and stay at this house until you leave that city”
NKJV “inquire who in it is worthy, and stay there until you go out”
NRSV “find out who in it is worthy, and stay there until you leave”
TEV “Go in and look for someone who is willing to welcome you, and stay with him until you leave that place”
NJB “seek out someone worthy and stay with him until you leave”

Wanneer hulle in ‘n dorp aankom (1) moet hulle eers ’n toegewyde huis soek wat graag in die seën van hulle teenwoordigheid wil deel; (2) moet hulle nie kort-kort verskuif op soek na beter akkommodasie nie. Dit is moontlik dat die goddelike huis een van die eerstes sou wees om op hulle prediking te reageer.

- 10:12 OAV** “groet dit”
NAV “wens die mense vrede toe”
CUM-MVB “groet die huismense”
CUM-NLV “begroet sy inwoners met die vredegroet”
NASB “give it your greeting”

Dit verwys na die tradisionele Joodse vredesgroet, *shalom*.

10:13 “as. . .as”; “if. . .if”: Daar is twee KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE wat beteken dat toekomstige handeling te wagte kan wees.

10:14 “skud die stof van julle voete af”; “shake the dust from your feet”: Dit was ‘n Joodse handeling om verwerping te simboliseer (vgl. Han. 13:51; 18:6)

10:15 Hierdie vers impliseer dat daar grade van oordeel sal wees inaggenome die hoeveelheid lig tot beskikking, maar wat nogtans verwerp is (vgl. 11:22-24). Let ook daarop dat dié boek wat God se grenslose liefde bekend maak, ook sy toorn en oordeel laat blyk. Sien *Vir Speciale Aandag: die grade van loon en straf* by 5:12.

- ☐ OAV “voorwaar”
 - NAV, CUMs “Dit verseker ek julle”
 - NASB “truly”
- Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:18.

NASB (UPDATED) TEXT: 10:16-20

¹⁶Behold, I send you out as sheep in the midst of wolves; so be shrewd as serpents and innocent as doves. ¹⁷But beware of men, for they will hand you over to *the* courts and scourge you in their synagoges; ¹⁸and you will even be brought before governors and kings for my sake, as a testimony to them and to the Gentiles. ¹⁹But when they hand you over, do not worry about how or what you are to say; for it will be given you in that hour what you are to say. ²⁰For it is not you who speaks, but it is the Spirit of your Father who speaks in you.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:16-20.

- 10:16** OAV, CUM-MVB “Kyk, Ek stuur julle soos skape”
NAV “Onthou, Ek stuur julle soos skape”
CUM-NLV “Ek stuur julle soos weerlose skape”
NASB “I send you out as sheep”

‘Skape’ was ‘n metafoor vir die nuwe geloofsgemeenskap wat kwesbaar was; weerloos en afhanklik van volgehoue sorg en beskeming (vgl. Luk. 10:3; Joh. 10). Dit is die eerste van vier diersoorte waarmee die mensdom hier gekarakteriseer word.

- ☐ OAV, CUM-NLV “onder die wolwe in”
- NAV, CUM-MVB “tussen wolwe in”
- NASB “in the midst of wolves”

Diegene wat die nuwe geloofsgemeenskap aanval, word as wolwe uitgebeeld (vgl. Mat. 7:15-20; Luk. 10:3; Joh. 10:12; Han. 20:29; 2 Pet. 2).

- ☐ OAV, NAV, CUM-MVB “versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe”
- CUM-NLV “wees dan skerp soos die slange maar terselfdertyd opreg soos die duiwe”
- NASB “shrewd as serpents and innocent as doves”

Gelowiges moet wyslik handel, maar hulle moet ook opreg wees (vgl. Rom. 16:19). Waar moontlik moet hulle konflik probeer vermy, maar steeds moedige verkondigers van die evangelie bly.

10:17 “Maar pasop. . .”; “But beware of. . .”: Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF (vgl. 7:15; 16:6; 11). Met die aanbreek van die nuwe era (vgl. Rom. 5-6) is die oue nog nie verby nie (vgl. Rom. 7). Hierdie is die spanning van die oorvleueling van die twee bedelings – ‘alreeds’ en ‘nog nie’ – ‘n spanning wat eers met Christus se tweede koms verby sal wees. Sien die *Vir Speciale Aandag* by 12:31.

- ☐ OAV “regbanke”
- NAV, CUM-MVB “geregshowe”
- CUM-NLV “die howe”
- NASB “the courts”

Dit is ‘n verwysing na Joodse sinagoge-howe (vgl. 23:34). Dit is interessant dat gedeeltes van Markus se eindtydbespreking hier in Matteus aangetref word en nie in Mat. 24 soos ‘n mens sou verwag nie. Daarmee word die uitsending van die twaalf in ‘n eskatologiese perspektief geplaas, soos vers 23 inderdaad wil te kenne gee.

- ☐ OAV, NAV, CUM-MVB “gésel”
- CUM-NLV “met gesels slaan”
- NASB “scourge”

So het die Jode met géselslae straf toegedien (vgl. Deut. 25:3): veertig houe minus een – een derde aan die voorkant en tweederdes aan die rugkant (vgl. 2 Kor. 11:24).

■ **“in hulle sinagoges”; “in their synagoges”:** Sien die parallel in 23:34. Die sinagoge was die plaaslike sentrum van aanbidding, opvoeding en liefdadigheid.

10:18 OAV, NAV **“ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word”**
CUM-NLV **“julle sal voor goewerneurs en konings gesleep word”**
NASB **“you will even be brought before governors and kings”**

Dit impliseer die wêreldwye verspreiding van die evangelie (vgl. Mat. 28:18-20; Luk. 24:46-47; Han. 1:8). Dit is belangrik dat die eng eksklusiwiteit van vers 5 deur hierdie stelling uitbalanseer word. Gordon Fee in *How to Read The Bible For All Its Worth* (bl. 133), maak die opmerking dat verse 5-12 te doen het met die uitstuur van twaalf nuwe apostels, maar dat verse 12-20 opdragte is vir ‘n baie later tyd (bv. goewerneurs, konings en heidene), want Jesus het in die eerste instansie vir die verlore skape van Israel gekom. Hiermee word geïllustreer hoe die evangelieskrywers hulle stof versamel het, herrangskik en aangepas het ten einde die groeperinge in die vroeë kerk te bedien.

Nog ‘n voorbeeld hiervan is vers 23: “totdat die Seun van die mens kom” (sien die aantekening by vers 23). Duidelik kan die verskeie betekenis hê na gelang van die gegee historiese tydperk.

■ **“goewerneurs en konings”; “governors and kings”:** Indien hierdie (1) op Jesus se eie tyd sinspeel, word Pontius Pilatus bedoel of (2) op Paulus se sendingreise dan

1. kan “goewerneurs” Feliks (Han. 23:24) of Festus (Han. 24:27) wees en
2. kan “konings” Agrippa I (Han. 12:1) of Agrippa II wees (Han. 25:13).

Hulle het regeeringsgesag van enige vlak verteenwoordig.

10:19 Hierdie vers is nie ‘n bewysplaas van vrystelling van studie en voorbereiding vir predikers nie, maar is besondere toerusting en genade vir tye van vervolging. Hierdie vers, en vers 26, is AORISTUS SUBJUNKTIEWE met ‘n NEGATIEWE BYWOORD wat beteken dat ‘n aksie hoegenaamd nie begin moet word nie. Verse 28 en 31, wat ook oor vrees handel is PRAESENS IMPERATIEWE met ‘n NEGATIEWE BYWOORD, wat gewoonlik beteken dat ‘n handeling in proses gestaak word.

19:20 “die Gees. . . van julle Vader”; “it is the Spirit of your Father”: Hier staan die Heilige Gees in verband met die Vader (vgl. Rom. 8:11,14). In Rom. 8:9; 2 Kor. 3:17; Gal. 4:6 en 1 Pet. 1:11 is die Heilige Gees aan die Seun verbind. Daar is ‘n deurstrengeldheid van persoon in die Drie-eenheid. Al drie is aktief in die verlossingswerk. Sien *Vir Spesiale Aandag: die Drie-eenheid* by 3:17

NASB (UPDATED) TEXT: 10:21-22

²¹Brother will betray brother to death, and a father his child; and children will rise up against his parents and cause them to be put to death. ²²You will be hated by all because of My name, but it is the one who has endured to the end who will be saved.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:21-22.

10:21 Hier is sprake van ‘n radikle verbintenis tot dissipelskap omdat dit selfs familielewe te bowe gaan en tot konflik in families kan lei (vgl. verse 34-39).

10:22 OAV, NAV **“julle sal deur almal gehaat word terwille van my Naam”**
CUM-MVB **“Julle sal deur julle verbintenis aan My deur almal gehaat word”**
CUM-NLV **“julle sal deur almal gehaat word omdat julle my mense is”**
NASB **“you will be hated by all because of My name”**

Dat daar vervolging sou wees, was die dissipels te wagte (vgl. Mat. 5:10-12; Joh. 15:18-21; 16:1-3; 17:14; Han. 14:22; Rom. 5:3-4; 8:17; 2 Kor. 4:16-18; 6:3-10; 11:23-30; Fil. 1:29; 1 Tess. 3:3; 2 Tim. 3:12; Jak. 1:2-4; en die hele 1 Petrus.

VIR SPESIALE AANDAG: WAAROM LY CHRISTENE?

1. Weliswaar ook oor persoonlike sonde (tydelike oordeel), hoewel nie alle probleme en negatiewe omstandighede die gevolg van sonde is nie (vgl. Job, Ps. 73, Luk. 14:1-5; Neh. 9; Han. 5:1-11; 1 Kor. 11:29-30; Gal. 6:7).
2. Om tot Christus-gelykvormigheid te ontwikkel (vgl. Heb. 5:8). Na die mens gesproke moes ook Jesus so tot ryphed kom. Dieselfde geld vir sy volgelinge (vgl. Rom. 5:3-4; 8:28-29; 2 Kor. 12:7-10; Heb. 12:5-12; Jak. 1:2-4; 1 Pet. 1:7).
3. Om ‘n kragtige en effekiewe getuienis te ontwikkel (vgl. Mat. 5:10-12; Joh. 15:18-22; 1 Pet. 2:18-21, 3:13-17).
4. As teken van die geboortepyne van die toekomsbedeling (vgl. Mat. 24:6; Mark. 13:8).

■ **OAV, NAV, CUM-MVB** **“maar wie tot die einde toe volhard, (hy) sal gered word”**
CUM-NLV **“Maar elkeen wat sal volhou tot die einde toe, sal gered word”**
NASB **“it is the one who endured till the end who will be saved”**

Die leerstelling van volharding is so Bybels soos die ‘sekerheid van die geloof’. (vgl. 24:13; Gal. 6:9; Openb. 2:7, 11,17,26; 3:5,12; 21:7). Sien die *Vir Speciale Aandag* hier onder. In weerwil van die leerstellige spanning wat die twee uiteenlopende waarhede veroorsaak, moet ons beide behou. Sulke leerstellings word aangebied sonder dat die spanning of die paradoks opgelos word. Daarom is geen waarheid ‘n geïsoleerde waarheid nie. ‘n Goeie beeld is sterre wat in konstellasies verskyn en nie enkel en alleen nie! Waarheid word ook in konstellasie van die Bybel as geheel geopenbaar en moet in geheelpatrone aanvaar word.

“Einde” (*telos*) dui op die einde van die bedeling (vgl. 24:6,13,14). “Gered word” kan as beide die OT fisiese uitredding en die NT geestelike verlossing verstaan word.

VIR SPECIALE AANDAG: VOLHARDING

Bybelse leerstellings in verband met die Christelike lewe is moeilik om te verklaar omdat hulle in tipies Oosterse dialektiese pare aangebied word. Hierdie pare is oënskynlik weersprekend van aard (paradoksaal), maar beide is Bybelse waarhede. Westerse Christene is geneig om selektief een kant van die waarheid te oorbeklemtoon ten koste van die ander kant. Byvoorbeeld:

1. Is verlossing ‘n eenmalige besluit om Christus daarvoor te vertrou, of is dit toegewyde dissipelskap lewenslank?
2. Is verlossing die genadige uitverkiesing van ‘n almagtige God of is dit die mens se gelowige en berouvolle aanvaarding van ‘n goddelike genade-aanbod?
3. Is verlossing, wanneer dit aanvaar is, onmoontlik om te verloor, of is daar ‘n vereiste van volgehoue toewyding?

Die kwessie van volharding was ‘n geskilpunt regdeur die geskiedenis van die kerk. Die probleme ontstaan met oënskynlik weersprekende gedeeltes in die NT.

1. Teksgedeeltes oor sekerheid
 - a. uitsprake van Jesus (vgl. Joh. 6:37; 10:28-29)
 - b. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 8:35-39; Ef. 1:13; 2:5, 8-9; Fil. 1:6; 2:13; 2 Tess.. 3:3; 2 Tim. 1:12; 4:18)
 - c. uitsprake van Petrus (1 Pet. 1:4-5)
2. Teksgedeeltes oor die nodigheid van volharding
 - a. uitsprake van Jesus (vgl. Mat. 10:22; 13:1-9, 24-30; 24:13; Mark. 13:13; Joh. 8:31; 15:4-10; Openb. 2:7, 17, 20; 3:5, 12, 21)
 - b. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 11:22; 1 Kor. 15:2; 2 Kor. 13:5; Gal. 1:6; 3:4; 6:9; Fil. 2:12; 3:18-20; Kol. 1:23)
 - c. uitsprake van die skrywer van Hebreërs (vgl. 2:1; 3:6, 14; 6:11)
 - d. uitsprake van Johannes (1 Joh. 2:6; 2 Joh. 9)
 - e. uitspraak van die Vader (Openb. 21:7)

Bybelse verlossing vloei voort uit die liefde, barmhartigheid en genade van ‘n soewereine Drie-enige God. Geen mens kan gered word sonder die inisiatief van die Gees nie (vgl. Joh. 6:44,65). Godheid lei die gebeure en bepaal die verloop van sake, maar vereis dat mense antwoord in geloof en met berou, beide aanvanklik en voortdurend. God werk met die mens in ‘n verbondsverhouding. Daar is voorregte, maar ook verantwoordelike!

Verlossing word vir alle mense aangebied. Jesus het deur sy dood die gevalle skepping se sondeprobleem uitgesorteer. God het ‘n weg voorberei en wil dat almal wat na sy beeld geskape is, op sy uitnodiging van liefde en voorsiening in Jesus sal antwoord.

Sou u belangstel om meer van die onderwerp uit ‘n nie-Calvinistiese perspektief te wete te kom, sien:

1. Dale Moody, *The Word of Truth*, Eerdmans, 1981 (bl. 348-365)
2. Howard Marshall, *Kept by The Power of God*, Bethany Fellowship, 1969
3. Robert Shank, *Life in the Son*, Westcott, 1961

Die Bybel onderrig hier met die oog op twee verskillende probleme wat op die gebied ondervind word: (1) diegene wat sekerheid sien as ‘n reg om sonder vrug en selfsugtig met die lewe om te gaan en (2) bemoediging vir diegene in diens van God, wat ook nog met eie sonde worstel. Die probleem ontstaan daarin dat groepe met verkeerde voorveronderstellings die verkeerde boodskap uit beperkte Bybelse gegewens haal en hulle teologiese sisteem daarop baseer. Sommige Christene het inderdaad groot behoefte aan die boodskap omtrent sekerheid, hoewel andere weer streng oor hulle lewenswyse vermaan moet word. In watter groep val u?

NASB (UPDATED) TEXT: 10:23

²³But whenever they persecute you in one city, flee to the next; for truly I say to you, you will not finish going through the cities of Israel until the Son of Man comes.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:23.

10:23 OAV “En wanneer hulle julle vervolg”
 NAV, CUMs “As hulle julle. . .vervolg”
 NASB “But whenever they persecute you”

Dit ontbreek in Lukas, maar daar is ‘n soortgelyke gedeelte in Mark. 9:1. Sien die aantekening en die *Vir Speciale Aandag* by 10:22.

■ OAV “vlug na die ander toe”

NAV, CUMs “vlug na ‘n (die) ander een toe”
NASB “flee to the next”

Gelowiges moet stryd en konfrontasie waar moontlik vermy. Evangelisasie is deurgaans die doel.

- ☐ OAV “want voowaar”
NAV, CUMs “Dit verseker Ek julle”
NASB “truly”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

- ☐ OAV “julle sal met die stede van Israel nie klaarkry voordat die Seun van die mens kom nie”
NAV, CUM-MVB “Julle sal sekerlik nie klaar wees met die dorpe van Israel voordat die Seun van die mens kom nie”
CUM-NLV “julle sal nie klaarkry met die dorpe van Israel voor Ek, die Seun van die Mens, kom nie”
NASB “You will not finish *going through* the cities of Israel until the Son of Man comes”

Waarskynlik is dit aanvanklik verstaan as:

1. Jesus wat weer aansluit by die twaalf na hulle sending
2. Jesus wat sy gesag verklaar in Jerusalem
3. die ontstaan van die kerk met Pinkster
4. Jesus wat sy beloftes vervul aan hulle in die Bovertrek (vgl. Joh. 20:19-23)
5. oordeel oor Jerusalem in 70 n.C. (vgl. NASB Study Bible, bl. 1382)
6. Jesus se tweede koms, bekragtig om te oordeel (vgl. Dan. 7:13-14) en om die ewige koninkryk in te lui.

Sien die *Vir Spesiale Aandag: die verskyning van Jesus enige oomblik versus nog nie teenoor die ‘nog nie’ paradoks* by 24:27.

NASB (UPDATED) TEXT: 10:24-25

²⁴“A disciple is not above his teacher, nor a slave above his master. ²⁵It is enough for the disciple that he become like his teacher, and the slave like his master. If they have called the head of the house Beelzebul, how much more will they malign the members of the household!”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:24-25.

10:25 “As”; “If”: Dit is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat as waar uit die oogpunt van die skrywer (of spreker) of vir sy literêre doelwit aanvaar word.

- ☐ OAV, NAV, CUM-MVB “Beëlsebul”
CUM-NLV “baas-duiwel”
NASB “Beelzebul”

Dit is ‘n saamgestelde term van *Ba’al* en *Sebul*. Met verwysing na 2 Kon. 1:16 was dit ‘n plaaslike Ba’al. Die Jode het graag die spot gedryf met heidenheersers en gode deur klinkers om te ruil vir nuutskeppings soos ‘heer van die huis’, ‘heer van die vlieë’ of ‘heer van drek’.

Die tweede term word dikwels *Sebul* gespel, die naam van die baas-demon in Joodse volksverhale (vgl. Mat. 12:24; Luk. 11:15). Dit verklaar die *Beëlsebul* in NASB en NRSV²⁰ terwyl die NKJV en NIV *Beëlsebul* het.

NASB (UPDATED) TEXT: 10:26-27

²⁶Therefore do not fear them, for there is nothing concealed that will not be revealed, or hidden that will not be known. ²⁷What I tell you in the darkness, speak in the light; and what you hear whispered in your ear, proclaim upon the housetops.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:26-27.

- 10:26** OAV “Vrees hulle dan nie”
NAV “Moet dus nie vir mense bang wees nie”
CUM-MVB “moet dus nie dat hulle julle afskrik nie”
CUM-NLV “Moenie vir hulle bang wees nie”
NASB “do not fear them”

Hierdie is ‘n AORISTUS PASSIEF SUBJUNKTIEF, soos vers 19, wat as ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF aangewend word, soos in verse 28 en 31. Hierdie grammatikale konstruksie beteken dat ‘‘n aksie nie eens mee begin moet word nie’. Volgens hierdie vers sal alle motiewe en planne van die mensdom, positief of negatief, op die oordeelsdag bekend word.

Dit is moeilik om hierdie vers te rym met die skrifbeloftes dat God ook vergeet wanneer hy vergewe (vgl. Ps. 103:11; Jes. 1:18; 38:17; 43:25; 44:22; Miga 7:19). Moontlik gaan dit hier oor gelowiges se onbelyde sonde (vgl. 1 Joh. 1:7-9) of

²⁰ En die Afrikaanse vertalings – vert.

ongelowiges se onvergeefde sonde. Ek het soveel blydskap omdat God bereid is om te vergeet! Die bloed van Jesus reinig van alle sonde (vgl. Heb. 9)!

Gelowiges moenie mense vrees nie, maar respek en ontsag vir God hê (vgl. vers 28; Heb. 10:31).

In oorsig dink ek hierdie vers dui op die motiewe en aksies van

1. onwaardige huishoudings, vers 13
2. wolwe, vers 16
3. bose mans, vers 17
4. goewerneys en konings, vers 18
5. broers, vers 21
6. kind, vers 21
7. “hulle” van vers 23
8. “hulle” van vers 26
9. “diegene” van vers 28

10:27 “dakke”; “housetops”: Die plat dakke van die Palestynse wonings was die plek vir sosiale verkeer; gevolglik word watookal daar vertel word, almal se kennis. Dis hoe Jesus wil hê die hele mensdom sy boodskap moet hoor!

NASB (UPDATED) TEXT: 10:28-31

²⁸Do not fear those who kill the body but are unable to kill the soul; but rather fear Him who is able to destroy both soul and body in hell. ²⁹Are not two sparrows sold for a cent? And not one of them fall to the ground apart from your Father. ³⁰But the very hairs of your head are numbered. ³¹So do not fear; you are more valuable than many sparrows.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:28-31.

10:28 OAV “En moenie vrees”
NAV, CUMs “Moenie bang wees”
NASB “Do not fear”

Sien die aantekeninge by vers 26.

▣ **OAV** “verderwe”
NAV, CUM-MVB “laat vergaan”
CUM-NLV “vernietig”
NASB “to destroy”

Sien *Vir Speciale Aandag: Apollumi* by 2:13.

▣ **OAV** “die siel sowel as die liggaam”
NAV, CUM-NLV ”sowel die liggaam as die siel”
CUM-MVB “wat sowel die gees as die liggaam”
NASB “soul and body”

Hierdie vers bedoel nie die skep van ‘n skerp skeiding (dualisme) tussen siel en liggaam of gees en liggaam nie. Dit wil bloot aan die moontlikheid van fisiese dood uitdrukking gee en bevestig dat gelowiges van die ewige dood uitgesluit word.

VIR SPECIALE AANDAG: LIGGAAM EN GEES

Liggaam en gees is nie ‘n ontologiese dualisme van die mens nie, maar ‘n tweeledige verhouding met hierdie planeet en met God. Die Hebreuse woord *nephesh* (wat met ‘siel’ vertaal word) word in verband met die mensdom en diere in Genesis gebruik, terwyl ‘gees’ (*ruah*) alleenlik ten opsigte van mense gebruik word. Hierdie onderskeid dien nie as bewys van ‘n dualisme of splitsing (vgl. 1 Kor. 7:34; Heb. 4:12) in die menslike natuur nie – ‘n tweedeligheid – of dat hy selfs ‘n driedelige (vgl. 1 Tess. 5:23) wese kan wees nie. Die mens word in die Bybel as ‘n eenheid voorgestel (vgl. Gen. 2:7; 2 Kor. 7:1). Vir ‘n goeie opsomming van teorieë oor die mens as tweedelige-, driedelige- of eenheidsweise, raadpleeg Millard J. Ericson se *Christian Theology* (tweede uitgawe), bl. 538-557, en Frank Stagg se *Polarities of Man’s Existence in Biblical Perspective*.

▣ **OAV, NAV, CUM-NLV** “in die hel”
CUM-MVB “in Gehenna”
NASB “in hell”

Hierdie was die Hebreuse term *Gehenna*. Die woord is ‘n samestelling van ‘vallei’ en ‘(seuns van) Hinnom’. Dit was ‘n vallei buite Jerusalem waar aan ‘n Kanaänitiese vrugbaarheids- en vuurgod eer en kinderoffers gebring is (*molog* genoem). Die Jode het dit Jerusalem se vullishoop gemaak. Jesus se metafore in verband met ewige straf is aan hierdie brandende, stink, wurmnes ontleen. Sien ook *Vir Speciale Aandag: waar is die gestorwenes?* by 5:22.

10:29-30 OAV, NAV, CUM-MVB “mossies. . .hare”
CUM-NLV “mossies. . .elke haar”

NASB**“sparrows. . .hairs”**

God sorg vir en weet van elke aspek van gelowiges se lewens (vgl. Luk. 12:6; 21:18; 1 Pet. 5:7). Hier maak God ‘n belofte vir die individu en nie soseer die verbondsgemeente (gemeenskaplike groep) nie.

■ OAV	“’n stuiwer”
NAV, CUM-MVB	“’n sent”
CUM-NLV	“’n skamele sent”
NASB	“a cent”

Dit is letterlik *assarion*, wat ‘n Romeinse kopermuntstuk was. Een *assarion* kon ‘n hele aantal mossies koop.

10:31 OAV, NAV	“Wees dan nie bevrees nie”
CUMs	“Moet dan nie bang wees nie”
NASB	“So do not fear”

Sien die aantekeninge by verse 19 en 26.

NASB (UPDATED) TEXT: 10:32-33

³²“Therefore everyone who confesses Me before men, I will also confess him before My Father who is in heaven.
³³But whoever denies Me before men, I will also deny him before My father who is in heaven”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:32-33.

10:32 OAV	“Elkeen dan wat My sal bely voor die mense”
NAV, CUM-MVB	“(Daarom), elkeen wat hom voor die mense openlik vir my uitspreek”
CUM-NLV	“As julle My openlik erken voor die mense”
NASB	“who confesses Me before men”

Dit beteken openbare erkenning (vgl. Mark. 8:38; Luk. 12:8-9). Verse 32 en 34 is parallelle stelling, maar kontrasterend. Die Christendom is ‘n verbond deur God aangebied wat persoonlik en in die openbaar aanvaar moet word, wat gehoorsaamheid vereis en waarmee volgehou moet word.

VIR SPESIALE AANDAG: BELYDENIS

- A. ‘Belydenis’ of ‘geloofsbelydenis’ is in Grieks twee woorde met ‘n gemeenskaplike stamwoord: *homolegeō* en *exomolegeō*. Jakobus gebruik ‘n woord saamgestel uit *homo* (dieselfde), *legō* (om te praat) en *ex* (uit), wat basies beteken om dieselfde ding te sê, oftewel om saam te stem. Die *ex* maak daarvan ‘n openbare verklaring.
- B. Hierdie woordgroep kan as volg vertaal word:
- | Afrikaans: | Engels: |
|----------------|---------|
| 1. prys | praise |
| 2. instem | agree |
| 3. verklaar | declare |
| 4. geloof bely | profess |
| 5. bely | confess |
- C. Die woordgroep het twee oënskynlik teenstrydige gebruike:
- om te prys (God)
 - om sonde te erken
Hierdie twee het moontlik ontwikkel uit die mensdom se aanvoeling vir goddelike heiligheid en eie sondigheid. Erkenning van die een bevestig die ander.
- D. Die NT gebruike van die woordgroep sluit in:
- om te beloof (vgl. Mat. 14:7; Han. 7:17);
 - om saam te stem of tot iets in te stem (vgl. Joh. 1:20; Luk. 22:6; Han. 24:14; Heb. 11:13);
 - om te prys (vgl. Mat. 11:25; Luk. 10:21; Rom. 14:11; 15:9);
 - om saam te stem met:
 - ‘n persoon (vgl. Mat. 10:32; Luk. 12:8; Joh. 9:22; 12:42; Tom. 10:9; Fil. 2:11; 1 Joh. 2:23; Openb. 3:5);
of
 - ‘n waarheid (vgl. Han. 23:8; 2 Kor. 11:13; 1 Joh. 4:2);
 - om ‘n openbare aankondiging te maak (uit wetlike konteks ontwikkel tot ‘n religieuse bevestiging, vgl. Han. 24:14; 1 Tim. 6:13)
 - sonder erkenning van skuld (1 Tim. 6:12; Heb. 10:23); of
 - met erkenning van skuld (vgl. Mat. 3:6; Han. 19:18; Heb. 4:14; Jak. 5:16; 1 Joh. 1:9).

■ OAV, NAV, CUM-MVB	“My Vader wat in die hemel(e) is”
CUM-NLV	“My hemelse Vader”
NASB	“My Father in heaven”

Daar word verskillende VOORNAAMWOORDE saam met Vader gebruik:

1. julle – 5:16, 45; 6:1; 7:11
2. ons – 6:9
3. my – 7:21; 10:32,33; 12:50

Ek dink 12:50 is lewensbelangrik, iemand wat die wil van die Vader soos Jesus doen, is deel van die familie. Iemand wat weier, is nie deel van die familie nie. Dit moes veral vir die Joodse leiers in Jesus se tyd 'n bron van irritasie gewees het om te hoor dat 'n nie-erkende rabbyn uit Galilea na JHWH, die Heilige van Israel, verwys as 'Vader'. En om dan boonop nie-gerekendes in God se familie op te neem!

10:33 Die teenoorgestelde van 'bely' (*homologeō*, vgl. vers 32, 'n tweede keer herhaal), is 'verloën' (ontken – *arneomai*, vgl. vers 33, ook 'n tweede keer herhaal) en *aparneomai* in 26:35,75. Sien die *Vir Spesiale Aandag: Belydenis* hier bo by vers 32.

Nes 2 Tim. 2:12 is hierdie vers 'n skerp wekroep. Daar moet geen onduidelikheid wees daarvoor dat verbale erkenning in die openbaar (vgl. Rom. 10:9-13) en daadwerklike uitlewing daarvan van kardinale belang is nie (vgl. Mat. 13:1-23; 25:36-46)! Die besluite van die hede het ewigheidsbetekenis (vgl. 25:46).

NASB (UPDATED) TEXT: 10:34-36

³⁴“Do not think that I came to bring peace on the earth; I did not come to bring peace, but a sword. ³⁵For I came to SET A MAN AGAINST HIS FATHER, AND A DAUGHTER AGAINST HER MOTHER, AND A DAUGHTER-IN-LAW AGAINST HER MOTHER-IN-LAW; ³⁶AND A MAN’S ENEMIES WILL BE THE MEMBERS OF HIS HOUSEHOLD.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:34-36.

10:34 OAV, NAV, CUM-MVB “Moenie dink”
 CUM-NLV “Julle moet glad nie dink”
 NASB “Do not think”

Soos blyk uit die *Analytical Greek New Testament* deur Barbara en Timothy Friberg, is hierdie werkwoord 'n AORISTUS AKTIEF SUBJUNKTIEF wat gebruik word as 'n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF.

Waarskynlik het Jesus hierdie woorde uitgespreek teen die agtergrond van die Joodse hoop op 'n Messias wat ook 'vredevors' genoem is (vgl. Jes. 9:6). Die Jode was vol verwagting dat die Messias vir die Joodse volk met militêre hulp 'n bedeling van vrede sou kon bewerkstellig (vgl. Luk. 12:49-53).

■ “vrede”; “peace”: Die etimologie van hierdie term ontleen uit 'om dit wat gebreek het weer bymekaar te bring' (vgl. Joh. 14:24).

■ OAV, NAV, CUM-MVB “Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard”
 CUM-NLV “Nee, Ek het nie vrede gebring nie, maar stryd”
 NASB “I did not come to bring peace, but a sword”

Jesus het nie gekom om oorlog en stryd te veroorsaak nie, maar dit is wel so dat sy koms mense gedwing het om 'n keuse te maak tussen volgelingskap of verwerping (vgl. Joh. 3 :17; Luk. 12:51-53).

10:35 OAV, CUM-MVB “Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader”
 NAV “Ek het gekom om tweedrag te bring tussen 'n man en sy pa”
 CUM-NLV “Ek het gekom om skeiding te bring tussen 'n man en sy pa”
 NASB “for I came to set a man against his father”

Sien vers 21. Die parallel hiervan is in Luk. 14:26, waar die “haat vade” 'n Hebreeuse stylfiguur of idioom is. Dit is nie veronderstel om letterlik opgeneem te word nie (vgl. Gen. 29:31,33; Deut. 15; Mal. 1:2-3; Joh. 12:25). Dit spreek van radikale verbintenis tot Jesus as die hoogste prioriteit wat bo alle aardse dinge gestel word.

10:35-36 Hierdie is 'n aanhaling uit Miga 7:6 wat dikwels in eskatologiese verband aangehaal word (vgl. Mark. 1:12 en Luk. 12:53).

10:36 OAV “en 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees”
 NAV “ja, 'n man se huismense sal sy vyande wees”
 CUM-MVB “ja, 'n man se vyande sal sy huismense wees”
 CUM-NLV “Selfs 'n mens se eie familie sal jou vyande wees”
 NASB “a man’s enemies will be members of his household”

'n Goeie voorbeeld van hoe familiedruk daar kan uitsien is Petrus se reaksie op Jesus se mededelings oor die Messias se lydensweg (vgl. Mat. 16:22).

NASB (UPDATED) TEXT: 10:37-39

³⁷“He who loves father or mother more than Me is not worthy of Me; and he who loves son or daughter more than Me is not worthy of Me. ³⁸And he who does not take his cross and follow after Me is not worthy of Me. ³⁹He who has found his life will lose it, and he who has lost his life for My sake will find it.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:37-39.

10:37 OAV “bo My liefhet”
NAV, CUM-NLV “liewer het as vir My”
CUM-MVB “meer omgee as vir My”
NASB “He who loves. . .more than Me”

Die sleutel is radikale prioriteitsverbintenis. Dissipelskap, anders as die tyd van besluit om te glo, is ‘n lewenslange gewilligheid tot volgelingskap en gehoorsaamheid!

▣ **OAV** “is My nie waardig nie”
NAV “is nie werd om aan My te behoort nie”
CUM-MVB “is My nie werd nie”
CUM-NLV “verdien jy nie om een van my mense te wees nie”
NASB “is not worthy of Me”
 Sien Luk. 9:62.

10:38 OAV “wie sy kruis nie neem en agter My volg nie”
NAV “Hy wat nie sy kruis dra en my volg nie”
CUM-MVB “Hy wat nie sy kruis vat en my volg nie”
CUM-NLV “As jy weier om jou kruis op jou skouers te neem en my te volg”
NASB “take his cross and follow after Me”

Hierdie is ‘n aanskoulike voorstelling en metafoor om moontlike volgelinge te maan om die koste van algehele en lewenslange toewyding te bereken (vgl. Luk. 14:25-35).

Die kruis was ‘n Fenisiese manier van teregstelling. Die Romeine het dit oorgeneem en ontwikkel tot ‘n beproewing wat oor dae gestrek het voor die dood intree. Dit was veronderstel om as afskrikmiddel teen kriminele aktiwiteite deur nie-Romeine te dien. Die gebruik daarvan het ‘n lang geskiedenis in Palestina.

1. Anhtiochus IV “Epifanus” het 800 Fariseërs laat kruisig.
2. Varus, ‘n Romeinse veldheer, het ‘n Joodse opstand onderdruk en twee duisend Jode langs die Palestynse hoofweë gekruisig (vgl. Josefus, *Antiquities of the Jews* 17:10:10).
3. Herodes het beplan om ‘n groot aantal Fariseërs te kruisig sodat daar op sy eie sterfdag roubeklag sou wees.

Dié metafoor het niks te doen met ‘n bepaalde probleem in iemand se lewe nie. Dit verwys na die dood – die dood van die self (vgl. 2 Kor. 5:14-15; Gal. 2:20; 1 Joh. 3:16).

10:39 “lewe. . .lewe”; “life. . .life”: Dit was die Griekse term, *psuche*. Dikwels is die term sinoniem met pneuma (gees) gebruik. In hierdie skrifdeel egter is die bedoeling ‘n individuele persoon, of die self. Dit is die self of eiebelang wat radikaal gekruisig moet word in die belang van Jesus se doelstelling (vgl. Mat. 10:39; 16:25; Mark. 8:35; Luk. 9:24; 17:33; Joh. 12:25). Verlossing hou veel meer in as ‘n besluit of ‘n gebed. Dit eis die hele mens op (besittings, familie, reputasie, tyd en energie)!

▣ “verloor”; “lose”: Sien *Vir Spesiale Aandag*: Apollumi by 2:13.

NASB (UPDATED) TEXT: 10:40-42

⁴⁰“He who receives you, receives Me, and he who receives Me receives Him who sent Me. ⁴¹He who receives a prophet in *the* name of a prophet, shall receive a prophet’s reward; and he who receives a righteous man in the name of a righteous man, shall receive a righteous man’s reward. ⁴²And whoever in the name of a disciple gives to one of these little ones even a cup of water to drink, truly I say to you, he shall not lose his reward.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 10:40-42.

10:40-41 OAV “Wie julle ontvang, ontvang My. . .’n profeet. . .’n regverdige”
NAV “Wie julle ontvang, ontvang My. . .’n profeet. . .’n goeie mens”
CUM-MVB “Wie julle ontvang, ontvang My. . .’n profeet. . .iemand wat leef soos God verwag”
CUM-NLV “Elkeen wat julle verwelkom, verwelkom My. . .’n profeet. . .iemand wat reg lewe”
NASB “He who receives you receives Me. . .a prophet. . .a righteous man”

Uit die konteks wil dit voorkom of Jesus in al drie die gevalle na Homself verwys. Die term ‘profeet’ verwys na Deut. 18:15,18. Die term ‘regverdige’ is dieselfde “Regverdige” wat in Han. 7:52 geopper word (Jesus). Hiermee haak Jesus ook moontlik aan by die ‘Leraar van Geregtigheid’ van die Dooie See-boekrolle.

Jesus se radikale nuwe boodskap was op diegene gerig wat hulle vertrou in Hom en sy woorde sou stel. ‘n Mens moet eers tot belydenis van sonde kom en Hom aanvaar as hoop op verlossing. Op dié manier identifiseer mense met die nuwe geestelike koninkryk van God. ‘n Dissipel verteenwoordig Jesus en sy boodskap. Daarom is dit so dat as mense die dissipels en hulle boodskap ontvang, hulle Jesus self ontvang en daarmee ook die Vader (vgl. Joh. 8:19; 16:3; 17:3; 1 Joh. 2:23; 4:15; 5:1,10-12; 2 Joh. vers 9). ‘n Mens kan nie tot ‘n vertrouensverhouding met die Vader kom anders as deur die Seun nie (vgl. Joh. 14:6-7, 8-11).

▣ “gestuur het”; “sent”: Sien *Vir Spesiale Aandag* hier onder.

VIR SPESIALE AANDAG: STUUR (APOSTELLŌ)

Apostellō is die algemene Griekse woord vir ‘stuur’. Hierdie term het verskeie teologiese gebruike:

- A. Die rabbyne het dit gebruik vir iemand wat aangestel en gestuur is as verteenwoordiger van ‘n ander – omtrent wat ons verstaan as ‘n ambassadeur.
- B. Dikwels verwys die term na Jesus gestuur deur die Vader. In Johannes kry die term ‘n Messiaanse konnotasie (vgl. Mat. 10:40; 15:24; Mark. 9:37; Luk. 9:48 en veral Joh. 4:34; 5:24, 30, 36, 37, 38; 6:29, 38, 39, 40, 57; 7:29; 8:42; 10:36; 11:42; 17:3, 8, 18, 21, 23, 25; 20:21). Dit word ook gebruik in verband met die uitstuur van gelowiges deur Jesus (vgl. Joh. 17:18; 20:21).
- C. Die NT gebruik dit vir dissipels:
 1. Die oorspronklike binnekring van twaalf dissipels (Luk. 6:13; Han. 1:21-22).
 2. ‘n Spesiale groep van helpers en medewerkers:
 - a. Barnabas (vgl. Han. 14:4, 14)
 - b. Andronikus en Junias (KJV, Junia, vgl. Rom. 16:7)
 - c. Apollos (vgl. 1 Kor. 4:6-9)
 - d. Jakobus, broer van die Here (Gal. 1:19)
 - e. Silvanus en Timoteus (1 Tess. 2:6)
 - f. moontlik ook Titus (vgl. 2 Kor. 8:23)
 - g. moontlik ook Epafroditus (vgl. Fil. 2:25)
 3. ‘n Voortgaande gawe in die kerk (vgl. 1 Kor. 12:28-29; Ef. 4:11).
- D. Paulus gebruik hierdie titel vir homself in die meeste van sy briewe ter bevestiging van sy Godgegewe gesag as verteenwoordiger van Christus (vgl. Rom. 1:1; 2 Tim. 1:1; 1 Kor. 1:1; 2 Kor. 1:1; Gal. 1:1; Ef. 1:1; Kol. 1:1; 1 Tim. 1:1; Tit. 1:1).

10:42 OAV	“wat een van hierdie kleintjies. . .gee”
NAV, CUM-MVB	“aan een van hierdie geringstes. . .gee”
CUM-NLV	“aan een van my geringste dissipels sou gee”
NASB	“gives to one of these little ones”

Die omgee van Christene teenoor mekaar geskied eenvoudig omdat hulle gesamentlik aan Jesus Christus behoort. ‘Kleintjies’ of ‘geringstes’ is in hierdie konteks mense wat pas tot geloof gekom het, nie noodwendig kinders nie (vgl. Mat. 18:6).

▣ OAV	“Voorwaar”
NAV, CUM-MVB	“Dit verseker Ek julle”
CUM-NLV	“verseker Ek jou”
NASB	“truly”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

▣ OAV	“loon”
NAV, CUMs	“beloning”
NASB	“reward”

Die Bybel is oorvol beloftes van beloning wat op Christene wag. Beloning berus op die werking van die Heilige Gees in gelowiges se lewe en die mate waartoe hulle aan sy leiding oorgegee was. Na die oorfloedige genade van God sal gelowiges in elk geval vir hulle Christus-gelykvormige gesindheid beloon word en vir die mate waartoe die Gees toegelaat is om effektief werksaam te wees deur hulle geestelike gawe! Sien die *Vir Spesiale Aandag* by 5:12.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom het Jesus Homself hoofsaaklik tot die Jode gerig en noem die uitsonderings waarvan jy weet?
2. Waarom is daar verskille tussen Matteus, Markus en Lukas se weergawe van Jesus se lewe?
3. Is daar grade van straf en loon en, indien wel, waarop berus dit?
4. Waarop sinspeel vers 23?
5. Waarom is openbare belydenis van geloof in Jesus so belangrik?
6. Waarom is Jesus die oorsaak van stryd?
7. Wat beteken dit om jou kruis op te neem en Hom te volg?

MATTEUS 11

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Messengers of John the Baptist (10:40-11:1)	John the Baptist Sends Messengers 11:1-19	Narratives Illustrate the Authority Claimed by Jesus (11:2-15:50)	The Messengers from John the Baptist 11:1	11:1 The Baptist's Question; Jesus Commands Him	Beloning (b) 11:1 Jesus en die vraag van Johannes die Doper
11:2-15		11:2-6 11:7-15	11:2-3 11:4-6 11:7-15	11:2-6 11:7-10 (10b) 11:11-15 Jesus Condemns His Contemporaries	11:2-19
11:16-19		11:16-19	11:16-19	11:16-19 (17)	
Woes to Unrepentant Cities 11:20-24	Woes to the Impenitent Cities 11:20-24	11:20-24	The Unbelieving Towns 11:20-24	Lament Over the Lake Towns 11:20-24	Die onboetvaardige dorpe 11:20-24
Come to Me and Rest 11:25-30	Jesus Gives True Rest 11:25-30	11:25-27 11:28-30	Come to Me and Rest 11:25-27 11:27 11:28-30	The Good News Revealed to the Simple. The Father and the Son 11:25-27 The Gentle Mastery of Christ 11:28-30	Die uitnodiging van Jesus 11:25-30

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

AGTERGROND TOT MATTEUS 11:1-30

- A. Hierdie hoofstuk is dikwels beskryf as onsamehangende verhale of gedeeltes. Dit wil egter voorkom of die samehang gevind kan word in die antwoord op die vraag waarom Jesus se bediening nie ooglopend meer suksesvol was nie.
- B. Johannes die Doper kom in die volle lig te staan (vgl. Joh. 1:6-8, 19-36). Hy was die laaste van die OT profete (vgl. vers 9).
- C. Jesaja beskryf 'n hele klomp aktiwiteite waaraan die Jode die Messias sou kon herken. Johannes was vir die Messias die wegbereider (vgl. Jes. 40:3; Mal. 3:1; 4:5b). Dit stem woordeliks ooreen met die aktiwiteite van Jesus wat in hoofstukke 8 en 9 beskryf word.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 11:1

¹When Jesus had finished giving instructions to His twelve disciples, He departed from there to teach and preach in their cities.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 11:1.

11:1	OAV	“toe Jesus klaar was met bevele aan sy twaalf dissipels”
	NAV	“toe Jesus klaar was met opdragte aan sy twaalf dissipels”
	CUM-MVB	“dit het gebeur dat Jesus, toe Hy klaar was met sy opdragte aan sy twaalf leerlinge”
	CUM-NLV	“Nadat Jesus hierdie instruksies aan sy twaalf dissipels gegee het”
	NASB	“When Jesus had finished giving instructions”

Matteus het hierdie frase gebruik om sy boek te struktureer. Dit kom telkens voor aan die einde van die Matteus-boek se vyf literêre eenhede (vgl. 7:28; 11:1; 13:53; 19:1; 26:1).

▣	OAV	“om te leer en te preek in hulle stede”
	NAV	“om die mense in hulle dorpe te leer en vir hulle te preek”
	CUM-MVB	“om in hulle dorpe onderrig te gee en te preek”
	CUM-NLV	“om in die dorpe van Galilea onderrig te gee en te preek”
	NASB	“to teach and preach in their cities”

Verkondiging was die hoofsaak van Jesus se bediening, nie genesing nie (4:23; 9:35). Die doel van genesings was om die evangelie te bevestig en geldig te verklaar, maar was nie bedoel as die fokus van sy bediening nie. Genesings was 'n manier om (1) God se liefde te betoon (2) om Jesus se krag te laat sien en (3) om profesie aangaande die Messias te vervul (vgl. vers 5).

NASB (UPDATED) TEXT: 11:2-6

²Now, when John, while imprisoned, heard of the works of Christ, he sent *word* by his disciples ³and said to Him, “Are You the Expected One, or shall we look for someone else?” Jesus answered and said to them, “Go and report to John what you see: *the BLIND RECEIVE SIGHT and the lame walk, the lepers are cleansed and the deaf hear, the dead are raised up, and the POOR HAVE THE GOSPEL PREACHED TO THEM. And blessed is he who does not take offense at Me.*”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 11:2-6.

11:2	OAV	“En Johannes. . .in die gevangenis”
	NAV, CUMs	“Johannes. . .in die tronk”
	NASB	“John, while imprisoned”

Johannes die Doper was in Machaerus aangehou (Josefus, Antiquities of the Jews. 18.5.2), een van Herodes Antipas se forte. Dit was op die oostelike oewer van die Dooie See geleë. Johannes was in aanhouding omdat hy in 'n preek Herodes aangespreek het oor sy huwelik met die vrou van Herodes Filippus. Antipas het tydens 'n besoek aan Rome Herodes Filippus se vrou, Herodias, afgeevry (vgl. Josefus se *Antiq.* 18:5:2).

▣	OAV, NAV, CUM-MVB	“Christus”
	CUM-NLV	“Jesus”
	NASB	“Christ”

Die term “Christus” is dieselfde as die OT *Messias* wat ‘gesalfde’ beteken. Die betekenis daarvan is 'n spesiale roeping van God en toerusting vir die doel daarvan. In OT tye is profete, priesters en konings gesalf. In Jesus word aldrie hierdie funksies vervul (vgl. Heb. 1:1-3). Selfs koning Kores van die Persiese Ryk, 'n ongelowige, is al ‘gesalfde van God’ genoem (vgl. Jes. 44:28; 45:1).

11:3	OAV, NAV, CUM-MVB	“Is Ú die Een wat sou kom, of moet ons ‘n ander een verwag”
------	-------------------	---

CUM-NLV**“Is U werklik die Messias wat sou kom, of moet ons tog iemand anders verwag?”****NASB****“Are You the Expected One or shall we look for someone else?”**

Dit was ‘n Messiaanse betiteling, waarna dikwels verwys is (vgl. Ps. 118:26, sien dan ook Mat. 21:9 ; 23:39; Mark. 11:9; Luk. 13:35; 19:38 ; Joh. 6:14; 11:27; 12:13; Heb. 10:37). Sien *Vir Speciale Aandag* by 8:20. Volgens Luk. 1:15 was Johannes gevul deur die Heilige Gees, maar tog was hy op hierdie stadium vol vertwyfeling. In verband met sy twyfel is daar ‘n paar teorieë:

1. Johannes was ontmoedig weens sy gevangeneskap
2. Johannes Calvyn meen dat dit ‘n manier was om sy volgelinge na Jesus te verwys
3. Jesus het nie volgens die heersende verwagtinge opgetree nie (vgl. Mat. 3:7-12)

‘Iemand anders’ is die woord *heteros* wat in klassieke Grieks ‘iemand heeltemal anders’ beteken. Johannes het van die Messias ‘n oordeelsaankondiging verwag en nie iemand wat vir almal verlossing aanbied nie.

11:4-5 OAV, CUM-NLV**“En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê”****NAV****“Jesus antwoord hulle”****CUM-MVB****“Jesus het in reaksie vir hulle gesê”****NASB****“Jesus answered and said to them”**

Met vers 5 het Hy uit Jesaja aangehaal. Dit is ‘n geskilpunt of dit van 26:19; 29:18-19; 35:4-6; of 61:1 is. Dit beklemtoon wel Jesus se omgee en barmhartigheid en derhalwe genesing van armes en verstote mense.

11:5 OAV, NAV**“evangelie”****CUMs****“Goeie Nuus”****NASB****“Gospel”**

Die NAAMWOORDVORM (*euangelion*) kom meer as 60 keer in Paulus se geskrifte voor, maar ook in Mat. 4:23; 9:35; 24:14 en 26:13. Die WERKWOORDVORM (*euangelizomai*) kom hier in Matteus voor, maar nie in die Johannes-evangelie nie. Die woord beskryf die inhoud van Jesus se bediening, naamlik ‘goeie nuus’. Die slegte nuus is ook daar, naamlik die sonde en die mensdom se skeiding van God, maar vervolg dan met die aanbod van vergifnis, herstel, en ewige saligheid vir almal wat Christus in geloof vind. Dis die goeie nuus van oorwinning in geestelike konflik.

11:6 Vers 6 is ‘n vriendelike teregwysing aan die adres van Johannes omrede sy gebrek aan geloof. Die Bybel draai nie doekies om met karakteruitbeelding nie, hetsy positief of negatief. Dit onderstreep die geloofwaardigheid van die Bybel. Dit maak nie propaganda nie. Dit beskryf mense soos hulle werklik is met al hulle gevoelens en foute.

Matteus teken dit aan, want vir die doel van sy boek is dit belangrik – die teologiese verklaring van wie en wat Jesus regtig is.

NASB (UPDATED) TEXT: 11:7-15

⁷As these men were going *away*, Jesus began to speak to the crowd about John, “What did you go out into the wilderness to see? A reed shaken by the wind? ⁸But what did you go out to see? A man dressed in soft *clothing*? Those who wear soft clothing are in king’s palaces! ⁹But what did you go out to see? A prophet? Yes, I tell you, and one who is more than a prophet. ¹⁰This is the one about whom it is written,

‘BEHOLD, I SEND MY MESSENGER AHEAD OF YOU,
WHO WILL PREPARE YOUR WAY BEFORE YOU.’

¹¹Truly I say to you, among those born of women there has not arisen *anyone* greater than John the Baptist! Yet the one who is least in the kingdom of heaven is greater than he. ¹²From the days of John the Baptist until now the kingdom of heaven suffers violence and violent men take it by force. ¹³For all the prophets and the Law prophesied until John. ¹⁴And if you are willing to accept *it*, John himself is Elijah who was to come. ¹⁵He who has ears, let him hear.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 11:7-15.

11:7 OAV**“n Riet wat deur die wind beweeg word?”****NAV, CUM-MVB****“n Riet wat deur die wind heen en weer gewaai word”****CUM-NLV****“Tog seker nie iemand wat soos ‘n riet heen en weer gewaai word nie”****NASB****“A reed shaken by the wind”**

Let hier op die drievoudige parallellime: “Maar wat het julle dan uitgegaan om te sien?” Johannes was soos Elia daarin dat hy die voorspellings van Mal. 3:1 en Jes. 40:3 vervul het (vgl. Mark. 1:2-3).

Die vergelyking met ‘n riet in die wind kan dui op (1) Johannes wat pas in die openbaar sy twyfel met ‘n vraag oor Jesus gelug het of (2) sy standvastige karakter en morele moed om die sonde van die Fariseërs en Herodes af te keur.

11:9 OAV**“ook baie meer as ‘n profeet”****NAV, CUM-MVB****“nog meer as ‘n profeet”****CUM-NLV****“hy was selfs meer as ‘n profeet”****NASB****“and one who is more than a prophet”**

Johannes was nie die eerste evangelieprediker nie, maar wel die laaste OT profeet wat deur Jesaja en Maleagi voorspel is. Dit is moeilik om ‘n vergelyking tussen Ou en Nuwe Testamentiese profetisme te tref. OT profete het geskrifte opgestel

en NT profete nie. Sommig apostels het aanspraak daarop gemaak dat hulle profete is, soos byvoorbeeld Paulus. Wat is die nut dan van die NT gawe van profesie? Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPECIALE AANDAG: NT PROFESIE

- I. Dit is nie dieselfde as OT profesie, wat deur die rabbyne as geïnspireerde openbaringe van YHWH beskou is, nie (vgl. Han. 3:18, 21; Rom. 16:26):
- Moses is 'n profete genoem (Deut. 18:25).
 - Die geskiedkundige boeke (Josua – Konings, Rut uitgesluit, is die vroeë profete genoem (Han. 3:24).
 - Die profete neem die hoëpriester se plek as bemiddelaar van boodskappe van God (vgl. Jesaja en Maleagi).
 - Die tweede indeling van die Hebreeuse kanon is “die Profete” (vgl. Mat. 5:17; 22:40; Luk. 16:16; 24:25, 27; Rom. 3:21).
- II. In die NT word die konsep op verskillende maniere gebruik:
- met verwysing na OT profete en hulle geïnspireerde boodskappe (vgl. Mat. 2:23; 5:12; 11:13; 13:14; Rom. 1:2);
 - NT profesie is gerig op individue terwyl die OT die hele volk Israel in die oog gehad het;
 - met verwysing na Johannes die Doper (vgl. Mat. 11:9; 14:5; 21:6; Luk. 1:76) en Jesus as aankondigers van die koninkryk van God (vgl. Mat. 13:57; 21:11, 46; Luk. 4:24; 7:16; 13:33; 24:19). Jesus het ook daarop aanspraak gemaak dat Hy groter is as die profete (vgl. Mat. 11:9; 12:41; Luk. 7:26);
 - ander profete in die NT sluit in:
 - die vroeë leeftyd van Jesus soos in Lukas vermeld (Maria se herinneringe):
 - Elisabeth (Luk. 1:41-42);
 - Sagaria (Luk. 1:67-79);
 - Simeon (Luk. 2:25-35); en
 - Anna (Luk. 2:36);
 - Ironiese voorspellings (vgl. Kaiafas, Joh. 11:51);
 - as verwysing na iemand wat die evangelie verkondig (sien die lys van gawes m.b.t. verkondiging in 1 Kor. 12:28-29; Ef. 4:11);
 - wat beskou kan word as 'n voortgesette gawe in die kerk (vgl. Mat. 23:24; Han. 13:1; 15:32; Rom. 12:6; 1 Kor. 12:10, 28-29; 13:2; 15:32; Ef. 4:11). Soms word na vroue as profete verwys (Luk. 2:36; Han. 2:17; 21:9; 1 Kor. 11:4-5);
 - met verwysing na die apokaliptiese boek, Openbaring (vgl. 1:3; 22:7, 10, 18, 19).
- III. NT profete
- Hulle bied nie geïnspireerde openbaring soos die OT profete nie (d.w.s. die Skrif nie). Teen die agtergrond van 'n frase “die geloof” is hierdie standpunt moontlik (vgl. Han. 6:7; 13:8; 14:22; Gal. 1:23; 3:23; 6:10; Fil. 1:27; Jud. 3, 20).

Die frase in Judas 3, naamlik “die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonderd het” [NAV] beklemtoon hierdie standpunt. Die “eenmaal oorgelewer” dui op die waarhede, leerstellings, opvattinge en universele leerstellings van die Christelike geloof. Hierdie klem op “eenmaal” is die Bybelse basis vir die teologie om 'n beperking op die begrip “geïnspireerd” te plaas, en dus latere geskrifte nie as openbarende van aard te beskou nie. Daar is baie dubbelsinnige, onseker of gryps areas in die NT, maar gelowiges is daarvan oortuig dat wat vir die geloof en praktyk nodig is, genoegsaam en duidelik in die NT geopenbaar is. Die konsep is opgevang in 'n skema wat as die “openbaringsdriehoek” bekendstaan.

 - God het Homself in historiese tyd en ruimte geopenbaar (OPENBARING)
 - Hy het sekere mense as skrywers uitgekie om sy handeling op te teken en te verduidelik (INSPIRASIE)
 - Hy het sy Gees daargestel om mense se verstand te open, hoewel nie volledig nie, tog wel genoegsaam vir die doel van saligheid en om effektief Christelik te lewe (ILLUMINASIE)

Die punt wat hiermee gemaak word, is dat inspirasie tot die skrywers van Bybelboeke beperk word. Daar is geen verdere gesaghebbende geskrifte nie, of visioene of openbarings nie. Die kanon is afgesluit. Ons beskik oor al die kennis wat nodig is om toepaslik op God te reageer.

Hierdie waarheid word die beste geïllustreer deur die eenstemmigheid van die Bybelskrywers teenoor die hedendaagse meningsverskille tussen toegewyde Christen-gelowiges. Geen hedendaagse skrywer of spreker is op dieselfde vlak van inspirasie as dié van Bybelskrywers nie.
 - In sommige opsigte is daar ooreenkomste tussen OT en NT profete:
 - voorspelling van toekomstige gebeure (vgl. Paulus, Han. 27:22; Agabus, Han. 11:27-28; 21:10-11; ander ongenoemde profete, Han. 20:23);
 - oordeelaankondiging (vgl. Paulus, Han. 13:11; 28:25-28)
 - simboliese handeling om 'n gebeurtenis duidelik te maak (Agabus, Han. 21:11)
 - Soms verkondig hulle die evangeliese waarhede in voorspellende trant (bv. Han. 11:27-28; 20:23; 21:10-11), maar dit is nie die primêre fokus nie. Profesie soos in 1 Kor. vermeld, staan hoofsaaklik in verkondiging van die evangelie in verband met eietydse gebeure (14:24, 39).
 - Hulle is die Gees se eietydse instrumente om eietydse, praktiese toepassings van die woord van God op nuwe situasies, kultuur of tyd toe te pas (1 Kor. 14:3).

- E. Hulle was in die Pauliniese kerke aktief (vgl. 1 Kor. 11:45; 12:28, 29; 13:29; 14:1, 3, 4, 5, 6, 22, 24, 29, 31, 32, 37, 39; Ef. 2:20; 3:5; 4:11; 1 Tess. 5:20). Hulle word in die *Didache* vermeld (laat eerste of tweede eeu, datum onseker) en was aktief in die Montanisme van Noord-Afrika (tweede en derde eeu).

IV. Het die NT gawes tot 'n einde gekom?

- A. 'n Moeilike vraag om te beantwoord! Helderheid kom namate die doel van die gawes gedefinieer kan word. Was hulle doel om die aanvanklike prediking van die evangelie te ondersteun of is hulle voortgaande hulpmiddels vir die kerk se onderlinge diensbetoon en vir bediening aan 'n verlore wêreld?
- B. Moet 'n mens vir beantwoording van die vraag na die kerkgeskiedenis kyk of net na die NT? Daar is geen aanduiding in die NT dat die geestelike gawes slegs tydelik bedoel was nie. Diegene wat probeer om 1 Kor. 13:8-13 se steun vir die beëindiging van gawes aan te wend, misbruik die skrywer se bedoeling van liefde wat blywend is bo die gawes.
- C. Ek is geneig om te aanvaar dat, aangesien die NT die gesaghebbende woord spreek en nie die kerkgeskiedenis nie, gelowiges moet aanvaar dat die gawes moet voortgaan. Ek glo egter ook dat kultuur interpretasie beïnvloed. Sommige heel duidelike Bybeltekste is in sommige kulture nie meer gebruiklik nie (bv. die soengroet, "holy kiss", vroue met sluiers, kerke wat in huise vergader, ens.) As kultuur teksverstaan beïnvloed, hoekom nie kerkgeskiedenis nie?
- D. 'n Beslissende antwoord is nie moontlik nie. Sommige gelowiges sal beëindiging voorstel en ander weer voortgang. Soos in talle ander kwessies wat met interpretasie te doen het, is die hart van die gelowige die sleutel tot die oplossing. Die NT is dubbelsinnig en kultureel gelaai. Die probleem is om te besluit watter tekste deur kultuur en geskiedenis geaffekteer word en watter tydlous is (vgl. Fee en Stuart se *How to read the Bible for all it's Worth*, bl. 14-19, 69-77). Hier word die gesprekke oor vryheid en verantwoordelikheid van Rom. 14:1-15:13 en 1 Kor. 8-10 van kardinale belang. Hoe ons hierdie vraag beantwoord is belangrik op twee maniere:
1. Elke gelowige moet gelowig wandel in die lig waaroor hulle beskik. God kyk na ons harte en motiewe.
 2. Elke gelowige moet ander toelaat om ook tot 'n eie verstaan van geloof te kom en dienooreenkomstig te lewe.
- Verdraagsaamheid binne Bybelse perke is nodig. God wil hê dat ons mekaar moet liefhê soos Hy ons liefhet.

Om op te som, Christenskap is 'n lewe in geloof en liefde, nie 'n perfeksionistiese teologie nie. Dis 'n verhouding met Hom wat ons verhouding met ander ten diepste beïnvloed en wat belangriker is as definitiewe inligting of perfekte belydenisse.

11:10 "dit is hy van wie daar geskrywe staan"; "this is the one of whom it is written": Dit is 'n aanhaling uit Mal. 3:1. Dit het verwys na 'n koninklike besoek en die koersige voorbereiding wat dit voorafgaan. Mark. 1:2-3 is 'n saamgestelde aanhaling uit Mal. 3:1 en Jes. 40:3. Dieselfde konsep word aangetref in Jes. 57:14; 62:10.

Matteus versamel die lewe en lering van Jesus om die Jode daarvan te oortuig dat Hy die Messias (die Een wat kom) is. Dit word bewerkstellig deur baie gedeeltes uit die OT aan te haal wat op 'n verskeidenheid maniere aangebied word:

1. 'n profeet word nie by name genoem nie of word op gesinspeel
 - a. die profeet, 1:22 (naamloos, Jes. 7:14)
 - b. die profeet, 2:5 (naamloos, Miga 5:2)
 - c. die profeet, 13:35 (naamloos, Ps. 78:2)
 - d. die profeet, 21:4 (naamloos, Jes. 62:11)
2. 'n profeet word by name genoem
 - a. Jesaja, 3:3; 4:14; 12:17; 13:14; 15:7
 - b. Jeremia, 2:18; 27:9
3. dit staan geskrywe (VOLMAAK PASSIEF), 4:6,10; 11:10; 21:13; 26:24,31
4. God het gesê, 15:4; 22:31
5. het julle nie gelees nie, 19:4; 21:16,42
6. Moses het gesê, 22:24
7. David in die Gees, 22:43

Jesus se geboorte, lewe, dood, opstanding en wederkoms was vervullings van OT profesie (vgl. 26:54-56).

11:11 OAV "voorwaar"
 NAV, CUMs "(dit) verseker Ek julle"
 NASB "truly"

Dit beteken letterlik *amen*, die Hebreeuse woord vir geloof (vgl. Hab. 2:4). In die oorspronklike etimologie beteken dit 'om stewig te wees' of 'om seker te wees'. Jesus het dit dikwels gebruik wanneer Hy 'n belangrike stelling wou maak. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

■ OAV, CUM-MVB "onder dié wat uit vroue gebore is"
 NAV "onder die mense op aarde"
 CUM-NLV "onder al die mense wat ooit geleef het"
 NASB "among those born of women"

Hierdie is nie afbrekend van Johannes die Doper se beeld nie, maar beklemtoon dat hy die laaste van OT profete was (vgl. verse 13,16,17). Dit was Jesus se geleentheid om die belang van die nuwe bedeling, die koninkryk van God wat met sy koms begin het, te beklemtoon.

11:12	OAV	“word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld”
	NAV	“breek die koninkryk van die hemel vir homself ‘n pad oop en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit”
	CUM-MVB	“breek die koninklike regering van God vir homself ‘n pad oop en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit.”
	CUM-NLV	“is God se koningsheerskappy besig om vir homself ‘n pad oop te breek en mense wat hulle kragte daarop toespits, maak dit hulle eie”
	NASB, NKJV, NRSV	“the kingdom of heaven suffers violence, and the violent take it by force”
	TEV	“the Kingdom of heaven has suffered violent attacks, and violent men try to seize it”
	NJB	“The Kingdom of heaven has been subjected to violence and the violent are taking it by storm”

Daar is al heelwat bespiegel oor die moontlike betekenis van hierdie teks en hoe dit dan ook vertaal moet word. Die eerste gedeelte kan (1) in ‘n positiewe sin verstaan word dat die koninkryk van die hemel kragtig in die wêreld inbeweeg, of (2) in ‘n negatiewe sin van die heftige reaksie van Joodse leiers op beide Johannes en Jesus se prediking.

Die tweede gedeelte hou skynbaar verband met die begrip ‘kragtig’ en beskryf hoe sondaars gretig gryp na en reageer op die evangelie (vgl. Luk. 16:16). Die Septuaginta gebruik die WERKWOORD in die sin van ‘n ‘sterk uitnodiging’ (vgl. Gen. 33:11; Rigt. 19:7). Sien *Vir Spesiale Aandag: die koninkryk van God* by 4:17.

11:13 “want al die profete en die wet”; “for all the prophets and the Law”: Die Hebreuse kanon was in drie seksies verdeel: “die wet”, “die profete” en die “Geskrifte”. Op dié manier het die NT verwys na die OT in geheel. Die OT het gedui op Jesus en die evangelie.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE HEBREEUSE KANON

Die Hebreuse Bybel is in drie seksies verdeel.²¹

1. Die Torah (Pentateug); Genesis tot Deteronomium
2. Die Profete
 - a. die vroeë profete; Josua tot Konings (uitgesluit Rut)
 - b. die latere profete; Jesaja tot Maleagi (uitgesluit Klaagliedere en Daniël)
3. Die Geskrifte
 - a. Die Wysheidsliteratuur (Job tot Spreuke)
 - b. Na-ballingskapse literatuur (Esra tot Ester)
 - c. Die Vyf Rolle (Megillot)
 - (1) Rut (gelees met oesfees; Pinkster)
 - (2) Prediker (gelees met Tabernakelfees)
 - (3) Hooglied (gelees met Paasfees)
 - (4) Klaagliedere (gelees ter nagedagtenis van die val van Jesrusalem, 586 v.C.)
 - (5) Ester (gelees met Purim-fees)
 - d. 1 en 2 Kronieke
 - e. Daniël

11:13	OAV, NAV, CUM-MVB	“tot op Johannes”
	CUM-NLV	“tot Johannes self”
	NASB	“until John”

Hiermee word klaarblyklik aangedui dat die ou verbond tot ‘n einde kom (vgl. Gal. 3 en Hebreërs). In Jesus het iets totaal nuut aangebreek. Johannes was die wegbereider daarvoor. Die nuwe bedeling van die Gees, die nuwe verbond, die belofte van Genesis 3:15 en 12:3 het aangebreek!

11:14 “En as”; “if”: ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN as waar veronderstel uit die oogpunt van die skrywer of ter wille van sy literêre doelwit.

■	OAV, CUMs	“hy (hý) is Elia wat sou kom”
	NAV	“Johannes is die Elia wat sou kom”
	NASB	“John himself is Elijah who was to come”

²¹ Die Engelse vertalings volg die volgorde van die Septuaginta – dit is van toepassing op alle moderne vertalings; vgl. *The Bible Dictionary*, J.D. Douglas (red.), bl. 193 – vert.

Dit is die veronderstelling van Luk. 1:17 ook. Volgens Joh. 1:20-25 ontken Johannes dat hy Elia is, maar dit was na aanleiding van 'n spesifieke vraag van die Fariseërs. Johannes was nie Elia hergebore nie! Jesus maak dit duidelik dat Johannes die profesie aangaande die koms van Elia voor die Messias in eie persoon vervul het (vgl. Mal. 3:1; 4:5; vgl. ook vers 10).

11:15 OAV "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor"
NAV, CUM-MVB "Wie ore het, moet luister"
CUM-NLV "Elkeen wat kan hoor, moet goed luister na wat ek sê"
NASB "he who has ears to hear, let him hear"

Hierdie idioom (PRAESENS DEELWOORD en PRAESENS IMPERATIEF) is 'n aanduiding dat slegs deur die onderskraging van die Heilige Gees, gelowiges in staat gestel word om geestelike waarheid te verstaan (vgl. Jes. 6:9-10; 50:5; Mat. 13:9,43; Mark. 4:9,23; Luk. 8:8; 14:35; baie in ooreenstemming met Openb. 2:7,11,17,29; 3:6,13,22; 13:9). Dit beteken egter nie dat die gewilligheid van die hoorder om te hoor en te reageer uitgesluit word nie. Openbaring vereis 'n goddelike sender en 'n menslike hoorder wat reageer (d.w.s. die verbond).

NASB (UPDATED) TEXT: 11:16-19

¹⁶"But to what shall I compare this generation? It is like children sitting in the market places, who call out to the other children, ¹⁷and say, 'We played the flute for you, and you did not dance; we sang a dirge, and you did not mourn.' ¹⁸For John came neither eating nor drinking, and they say, 'He has a demon.' ¹⁹The Son of Man came eating and drinking, and they say, 'Behold, a gluttonous man and a drunkard, a friend of tax collectors and sinners!' Yet wisdom is vindicated by her deeds."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 11:16-19.

11:16 OAV "net soos kindertjies wat op die markte sit"
NAV, CUM-MVB "net soos kinders wat op die markpleine vir mekaar sit en roep"
CUM-NLV "soos kinders wat op die dorpsplein speel en mekaar verwyf"
NASB "like children sitting in the market place"

Die parallelle gedeelte hiervan is in Luk. 7:31-32. Al het Johannes die Doper as 'n askeet (d.w.s. 'n profeet uit die woestyn, soos Elia) verskyn, het die Jode hom verwerp. Jesus betoon Hom as een wat gemaklik met mense van alle sosiale vlakke omgaan, maar word ook deur hulle verwerp. Dit laat blyk die onvoorspelbaarheid van die Joodse leiers, of dan hulle bevooroordeeltheid.

11:17 OAV, NAV, CUM-MVB "Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie"
CUM-NLV "Ons het vir julle 'n bruilofslied gespeel, maar julle wou nie dans nie"
NASB "We played the flute for you, but you did not dance"

So 'n sosiale aangeleentheid sê iets van Jesus se benadering tot mense (vgl. vers 19). Die fluit was 'n instrument vir dansbegeleiding tydens troues en begrafnisse.

▣ **OAV** "ons het vir julle 'n klaaglied gesing en julle het nie getreur nie"
NAV "ons het 'n treurlied gesing en julle het nie gehuil nie"
CUM-MVB "ons het 'n treurlied gekerm en julle het nie gehuil nie"
CUM-NLV "Ons het vir julle 'n begrafnislied gesing, maar julle het geweier om te huil"
NASB "We sang a dirge, but you did not mourn"

Hierdie somber speletjie was 'n sinspeling op die bediening van Johannes die Doper (vgl. vers 18)

11:18 OAV "Hy het 'n duiwel"
NAV, CUM-NLV "Hy is van die duiwel besete"
CUM-MVB "Hy het 'n demoon"
NASB "He has a demon"

Dieselfde klag word teen Jesus gelê in 9:34 en 12:24 (vgl. Joh. 7:20; 8:48-49,52; 10:20). Hierdie is die enigste teks wat aandui dat Johannes soortgelyke ontberings moes verduur. Die Jode kon die krag wat van beide Johannes en Jesus uitgegaan het nie ontken nie, maar het dit aan die bose toegeskryf. Daarmee het hulle die onvergeeflike sonde oor hulleself gebring.

11:19 OAV, NAV "Die Seun van die mens"
CUM-MVB "die Seun wat mens geword het"
CUM-NLV "Ek, die Seun van die Mens"
NASB "The Son of Man"

Dit was die titel wat Jesus vir Homself gekies het omdat dit nie militaristiese of nasionalistiese verwagtinge omtrent die Messias gevoed het nie. Dit het reg laat geskied aan beide die menslike kant en Godheid van Christus. (vgl. Eseg. 2:1; Ps. 8:4; Dan. 7:13). Die kombinasie van hierdie aspekte het die mees wesenlike en onderskeidende waarheid van die NT geword (vgl. 1 Joh. 4:13).

- OAV, NAV “(Kyk) Dáár is ‘n mens wat ‘n vraat en ‘n wynsuiper is, ‘n vriend van tollenaars en sondaars”
- CUM-MVB “Kyk daardie mens, ‘n vraat en ‘n wynsuiper, ‘n vriend van belastinggaarders en sondaars”
- CUM-NLV “Hy’s ‘n vraat en ‘n dronklap, ‘n vriend van die liederlikste sondaars”
- NASB “a gluttonous man and a drunkard, a friend of tax collectors and sinners”

Jesus het heeltemal teenstrydig met verwagte opvattinge gehandel. Hy het vriendskap betoon aan juis die mense wat deur die godsdiensteleiers as uitgeworpenes beskou is (vgl. 9:11; Luk. 5:30; 7:34; 15:2). Daarmee het die profesieë van Jesaja in vervulling gekom.

Wettiese godsdienste en asketiese gedrag was in die kerk tot so ‘n mate geestelik/teologies problematies dat ek dit nodig vind om kortliks uit die *New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 1, bl. 495 aan te haal

“Viewed as a whole, however, asceticism in the sense of renunciation of possessions, sexual activity, and food restrictions is not generally enjoined by the teaching of Jesus in the Gospels. This does not mean that renunciation by a particular person in a concrete situation is excluded (cf. the story of the rich and young ruler, Matt. 19:21). It is only that from such passages (Matt. 11:19; 9:14ff; Mk. 2:18f; Lk. 5:33ff), one cannot deduce a basic attitude on the part of Jesus, just as one cannot deduce his will for the overall validity of an ascetic ethic. Renunciation is only demanded where something stands in the way of following Jesus.”

- 11:19 OAV “Maar die wysheid is geregverdig deur sy kinders”
- NAV “Maar God tree met wysheid op en sy werke bewys dit”
- CUM-MVB “En wysheid was reg bewys deur haar daade”
- CUM-NLV “Ja, die toets vir die wysheid is die resultate wat dit voortbring”
- NASB, NRSV “Yet wisdom is vindicated by her deeds”
- NKJV “But wisdom is justified by her children”
- TEV “God’s wisdom, however, is shown to be true by its results”
- JB “Yet wisdom has been proven right by her actions”

Die verwysing na “wysheid” sluit aan by Spreuke 8 se gepersonifieerde voorstelling. Jesus is nou die personifisering van wysheid. ‘n Voorbeeld van hierdie voorstellingswyse is te sien in Mat. 12:42, waar Jesus groter as die wyse Salomo is (let daarop dat Hy ook groter as die tempel, 12:6 en groter as Jona is hier, 12:41). Selfs Jesus se “juk” in 11:29 mag ‘n verwysing na wysheidspreuke wees.

In die Grieks is hier manuskriptvariasies. Deur haar “daade” kom in die hooflettermanuskripte \aleph , B en W voor, terwyl “kinders” in gekorrigeerde weergawes van Vaticanus B², C, D, K en L voorkom. Die parallelle gedeelte in Luk. 7:35 lees ook “kinders”, waarskynlik deur oorskrywers aangepas om die gedeeltes te laat ooreenstem. “Daade” mag aansluit by vers 2. Die UBS⁴ gee aan “daade” ‘n B-gradering wat taamlik seker beteken. Dieselfde waarheid word uitgespreek in Mat. 7:16,20 en 12:33: “aan hulle vrugte sal julle hulle ken.” Van Jesus is dit waar, maar so ook van alle mense. Die handeling van Jesus in hoofstukke 8-9 openbaar aan almal wat wil sien dat Hy inderdaad die beloofde Messias is (vgl. Jes. 29:18-19; 35:5-6; 61:1-2).

NASB (UPDATED) TEXT: 11:20-24

²⁰Then He began to denounce the the cities in which most of His miracles were done, because they did not repent. ²¹Woe to you, Chorazin! Woe to you Bethsaida! For if the miracles had occurred in Tyre and Sidon which occurred in you, they would have repented long ago in sackcloth and ashes. ²²Nevertheless I say to you, it will be more tolerable for Tyre and Sidon in *the* day of judgment than for you. ²³And you, Capernaum, will not be exalted to heaven, will you? You will descend to Hades; for if the miracles had occurred in you, it would have remained to this day. ²⁴Nevertheless I say to you that it will be more tolerable for the land of Sodom in *the* day of judgement than for you.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 11:20-24.

- 11:20-24 OAV, CUM-MVB “Toe het Hy die stede (dorpe) waarin die meeste van sy kragtige daade plaasgevind het begin verwyf”
- NAV “Toe het Jesus die dorpe waarin Hy die meeste van sy kragtige daade gedoen het, begin verwyf”
- CUM-NLV “Jesus het die dorpe waar die meeste van sy wonderdade plaasgevind het, ernstig aangespreek omdat hulle hul nie bekeer het nie”
- NASB “He began to denounce the cities in which the most of His miracles were done”

Dit is ‘n universele waarheid dat diegene wat veel ontvang het, meer van vermag sal word (vgl. Luk. 12:48). Die stede van Jesus se tyd word met stede van die OT vergelyk. Die eersgenoemdes het immers sy wonderwerke gesien en sy prediking gehoor. Nineve het op gesag van Jona se prediking tot inkeer gekom, maar dieselfde geld nie van Tirus, Sidon, Sodom en Gomorra nie. Die Galilese stede van Jesus se tyd het veel meer lig ontvang om mee rekening te hou. Wie groter lig ontvang se verantwoordelikheid is ook groter.

Jesus se opmerkings word ingelui deur “wee jou”²² (vgl. 18:7; 23:13,15,16,23,25,27,29; 24:19; 26:24). Dit was een van drie literêre vormgewings wat OT profete vir hulle boodskap beskikbaar gehad het (belofte-orakel, hoftoneel en ‘n treurlied of klaagsang). Jesus gebruik hier die vorm van klaagsang soos by begrafnis.

☐ **“bekeer”**; **“repent”**: Die negatiewe aspek van bekering is die afsien van sondes en eiewaan en aan die positiewe kant is dit ‘n inkeer tot geloofsafhanklikheid van God in Christus (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21). Indien ‘n mens die betekenis in beide Grieks en Hebreeus van toepassing maak, kom bekering daarop neer dat jy ‘n besluit neem (Grieks) en dit met verandering van doen en late opvolg (Hebreeus). Bekering is meer as ‘n emosionele ervaring (vgl. 2 Kor. 7:8-11). Dit móét uitloop op ‘n verandering van lewenstyl. Sien die volledige aantekening by 4:17.

11:21,23 **“as”**; **“if”**: Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN, KLAS TWEE wat neerkom op ‘die teendeel’, dit wil sê ‘n onwaar stelling word gemaak om die onwaar afleiding wat daarvan gemaak word aan die lig te bring.

11:21 **OAV** **“Górasin”**
NAV, CUMs **“Gorasin”**
NASB **“Chorazin”**

Ons beperkte kennis van die omvang van Jesus se bediening blyk uit dié pleknaam, want in geen evangelie word na sy wonderwerke in Gorasin verwys nie. Op dié manier word ons weer herinner dat die evangelies teologiese waarheid soos benodig en van toepassing opgeneem het om Jesus aan bepaalde leserskringe bekend te stel (d.w.s. Jode, Romeine en ander heidene) en dat sulke geskrifte nie gelykstaande aan Westerse geskiedskrywing beskou moet word nie (vgl. Joh. 20:30,31).

☐ **OAV** **“Betsáida”**
NAV, CUMs **“Betsaida”**
NASB **“Bethsaida”**

Daar was twee plekke met dié naam. Die een was iewers naby Kapernaum en die ander waar die Jordaanrivier ingevloei het in die See van Galilea.

☐ **“as”**; **“if”**: Dit is ‘n KLAS TWEE VOORWAARDELIKE SIN. Sien die aantekening by vers 23.

☐ **“Tirus en Sidon”**; **“Tyre and Sidon”**: Tirus en Sidon was sinnebeeldig van die sondigheid en hoogmoed van nasies en die mensdom. Die frase in vers 23 staan in verband met Jes. 14:13-15; Eseg. 28:12-16. In hierdie gedeeltes word die hoogmoed van die konings van Babilon en Tirus voorgedra as voorbeelde van Satan se hoogmoed.

☐ **OAV, NAV** **“in sak en as”**
CUM-MVB **“in sakklere en as”**
CUM-NLV **“sakklere aangetrek het en as op hulle koppe uitgegooi het”**
NASB **“In sackcloth and ashes”**

In hierdie teksverband kan dit as ‘n gebaar van sondebelydenis beskou word (vgl. Jona 3:5-8).

VIR SPESIALE AANDAG: RITUSSE VAN SONDEBESEF

Die Israeliete het hulle hartseer oor die dood van ‘n geliefde of berou oor persoonlike en volks sondes op ‘n verskeidenheid van maniere betoon:

1. skeur van die bokleed, Gen. 37:29,34; 44:13; Rigt. 11:35; 2 Sam. 1:11; 3:31; 1 Kon. 21:27; Job 1:20
2. aantrek van sakklere, Gen. 37: 34; 2 Sam. 3:31; 1 Kon. 21:7; Jer. 48:37
3. uittrek van skoene, 2 Sam. 15:30; Jes. 20:3
4. hande op die kop plaas, 2 Sam. 13:9; Jer. 2:37
5. stof strooi op die kop, Jos. 7:6; 1 Sam. 4:12; Neh. 9:1
6. op die grond sit, Klaagl. 2:10; Eseg. 26:16; (op die grond lê, 2 Sam. 12:16; Jes. 47:1)
7. slaan op die bors, 1 Sam. 25:1; 2 Sam. 11:26; Nah. 2:7
8. die liggaam sny, Deut. 14:1; Jer. 16:6; 48:37
9. vas, 2 Sam. 1:16,22; 1 Kon. 21:27
10. klaagsang, 2 Sam. 1:17; 3:31; 2 Kron. 35:25
11. hare afskeer (of uittrek), Jer. 48:37
12. baarde kortgeknip, Jer. 48:37
13. kop of gesig bedek, 2 Sam. 15:30; 19:14

11:22 Daar is grade van loon of straf na gelang van die mate van lig waaraan die hoorders blootgestel was (vgl. Luk. 12:47,48; Mat. 10:15). Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:12.

11:23 **OAV** **“En jy, Kápernaüm, wat tot die hemel toe verhoog is”**

²² “ellende wag vir jou” (NAV) – vert.

NAV, CUM-MVB “En jy, Kapernaum, dink jy jy sal tot die hemel toe verhoog word?”
 CUM-NLV “En jy, Kapernaum, jy dink tog seker nie jy sal hemelhoog verhoog word nie?”
 NASB “And you, Capernaum, will not be exalted to heaven, will you?”

Hierdie grammatikale konstruksie verwag ‘nee’ as antwoord. Die opmerking kan ‘n heenwysing op Jes. 14:13-14 en Eseg. 28:2, 5-6, 17 wees, wat ‘n oordrywende beskrywing van die hoogmoed van die konings van Babilon en Tirus is.

☐ OAV “tot die doderyk neergestoot word”
 NAV “in die doderyk afdaal”
 CUM-MVB “in Hades afdaal”
 CUM-NLV “in die doderyk sal beland”
 NASB “descend to Hades”

Dit kan heenwys op Jes. 14:15 of Eseg. 26:20; 28:8; 31:14; 32:18,24. Hiermee word ‘n geweste van die dodes bedoel (vgl. Luk. 16:23), *sheol* in Hebreeus. Volgens die rabbyne was daar ‘n gedeelte van geregtigheid, wat *Paradys* genoem is en ‘n gedeelte van boosheid wat *Tartarus* genoem is. Dit kan korrek wees. Jesus se woord aan een van die kwaaddoeners wat saam met Hom gekruisig is (vgl. Luk. 24:43), dui moontlik op Hades se gedeelte van geregtigheid, aangesien Jesus eers met Pinkster na die hemel teruggekeer het. Deur sy opstanding het Jesus die deel van geregtigheid in Hades (*sheol*) by Hom geneem. Dit verklaar waarom Paulus in 2 Kor. 5:8b kan sê dat wanneer ons die liggaam “verlaat” ons by die Here “gaan woon” (NAV). Moet dus nie aanneem dat *Hades* en *Gehenna* dieselfde is nie. Die twee begrippe word in die NT duidelik onderskei. Sien *Vir Spesiale Aandag: Waar is die gestorwenes?* by 5:22.

☐ “as”; “if”: Dit is ‘n KLAS TWEE VOORWAARDELIKE SIN wat ‘die teendeel’ beteken (soos in vers 21). ‘n Vertaling sou dan soos volg kon lui: “As die wonderwerke in Sodom plaasgevind het, wat in jou gebeur het (maar dit het nie gebeur nie), dan sou Sodom bly staan het tot op hierdie dag (wat nie gebeur het nie).”

11:24 “die land (van) Sodom”; “the land of Sodom”: Die woord “land” mag die Aramese weergawe van die frase ‘die stad’ wees. Hedendaagse argeoloë glo dat hierdie stad aan die suidelike kant van die Dooie See geleë was.

NASB (UPDATED)TEXT: 11:25-27

²⁵“At that time Jesus said, I praise You, Father, Lord of heaven and earth, that You have hidden these things from the wise and the intelligent and have revealed them to infants. ²⁶Yes, Father, for this way was well-pleasing in Your sight. ²⁷All things have been handed to Me by My Father; and no one knows the Son except the Father; nor does anyone know the Father except the Son, and anyone to whom the Son wills to reveal Him.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 11:25-27.

11:25 In Lukas 10:21 spreek Jesus hierdie woorde na die sewentig se terugkeer van hulle sending. Neem in ag dat gebeure in die evangelies nie noodwendig in kronologiese volgorde opgeteken is nie! Sien Gordon Fee en Douglas Stuart, *How To Read the Bible For All Its Worth*, bl. 127-148.

☐ OAV “Ek loof U”
 NAV, CUM-MVB “Ek prys U”
 CUM-NLV “Ek sê vir U dankie”
 NASB “I praise You”

Die saamgestelde woord in hierdie konteks dui op ‘n openbare erkenning (vgl. 3:6; Fil. 2:11) of om te prys of te vier. Die Hebreeuse term vir prys het via die Septuaginta in hierdie teks beland. Die Aramees beteken waarskynlik ‘om openlik saam te stem’.

☐ OAV, NAV, CUM-NLV “Here van (die) hemel en aarde”
 CUM-MVB “Here oor hemel en aarde”
 NASB “Lord of heaven and earth”

Dit is ‘n Hebreeuse idioom wat die fisiese skepping aandui. Dit bevestig dat God die Skepper van alle dinge is. Dis baie interessant dat Johannes (vgl. Joh. 1:3,10), Paulus (vgl. 1 Kor. 8:6; Kol. 1:16) en die skrywer van Hebreërs (vgl. Heb. 1:2; 2:10) die stelling maak dat Jesus die Vader se agent was in die skepping.

☐ OAV “dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het”
 NAV “dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het”
 CUM-MVB “dat U hierdie dinge vir wyse en geleerde mense verberg het en dit aan babatjies bekend gemaak het”
 CUM-NLV “dat U insig in hierdie dinge van die danig slimmes en intelligentes weerhou het en dit oopgemaak het vir hulle wat soos kinders geword het”
 NASB “You have hidden these things from the wise and intelligent and have revealed them to infants”

Hierdie is 'n Semitiese idioom wat beteken dat daar kennis van God is wat nie net vir godsdiensteleiers of die elite beskore is nie, maar wat almal kan hê. "Babatjies"/"kindertjies" sinspeel op nuttelowiges (vgl. Mat. 18:6). Dit is steeds ongelooflik dat die Joodse godsdiensteleiers met al hul kennis van die OT, Jesus nie herken het en tot geloof in Hom gekom het nie (vgl. Rom. 9)! Voordat die gevolge van sonde omgekeer kan word (vgl. Jes. 6:9-10) moet Jes. 50:5 vervul word.

11:26 OAV "Ja, Vader, want so was dit U welbehae"
NAV "Ja, Vader, so was dit U genadige bedoeling"
CUM-MVB "Ja, Vader, so wou U dit hê"
CUM-NLV "Ja, Vader, want U verkies hierdie manier van doen"
NASB "for this was well-pleasing in Your sight"

Dit is 'n Hebreeuse idioom vir 'dit was die wil van God' (vgl. Luk. 10:21).

11:27 OAV, CUM-MVB "Alles is aan My oorgegee deur My Vader"
NAV, CUM-NLV "My Vader het alles aan My toevertrou"
NASB "All things have been handed over to Me by my Father"

Jesus se bewustheid van unieke gesag is vroeg in sy bediening gevestig en hierdie opmerking was 'n uitgesproke bevestiging daarvan. (vgl. Mat. 28:18; Joh. 3:35; 13:3; Ef. 1:20-22; Kol. 1:16-19; 2:10 en 1 Pet. 3:22). In die lig van Jesus se uitsonderlike opmerkings oor Homself (d.w.s. Joh. 10:1-18; 14:1-24), kan Hy nie net maar 'n gerekende leermeester wees of religieus geniaal beskou word nie! Hy is óf die geïnkarneerde (vleesgeworde) Seun van God of 'n leuenaar met 'n psigologiese versteuring. 'n Gryns, onbesliste area is met sulke uitsprake nie meer moontlik nie! Die Nuwe Testament is waar of die Christendom is 'n leuen (vgl. 1 Kor. 15:12-19). Jy moet besluit! Dit is asof jy die evangelie van Johannes in hierdie vers hoor (vgl. 3:35; 10:15; 13:3; 17:2). Tog word dieselfde waarheid herhaal in Mat. 28:18.

■ "niemand ken die Vader nie"; "nor does anyone know the Father": Die intensiewe vorm (*epiginoskō*) kom hier twee keer voor en beteken 'n volle, algehele en persoonlike manier van 'ken' (vgl. Joh. 1:18; 17:25; 1 Joh. 5:1-12).

■ **OAV** "en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar"
NAV, CUM-MVB "en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak"
CUM-NLV "En elkeen aan wie die Seun die Vader wil bekend maak"
NASB "and anyone to whom the Son wills to reveal Him"

Hierdie vers bewys nie dat Jesus sommige uitverkies en ander nie. Vers 28 toon dat God in Christus die hele mensdom kies (vgl. Joh. 3:16; 4:42; Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 2:1; 4:14). Die vers bekragtig wel die feit dat Jesus die duidelikste en volledigste openbaring van die onsiglike, ewige God is (vgl. Joh. 1:1,18; Kol. 1:15; Heb. 1:3). Alleen deur Hom (1) kan ons die Vader ken (vgl. Joh. 1:18; 3:11) en (2) tot die Vader kom (vgl. Joh. 10:9; 14:6; Han. 4:12; 1 Tim. 2:5)!

NASB (UPDATED) TEXT: 11:28-30

"Come to Me, all who are weary and heavy-laden, and I will give you rest. Take my yoke upon you and learn from Me, for I am gentle and humble in heart, and YOU WILL FIND REST FOR YOUR SOULS. For My yoke is easy and My burden is light."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 11:28-30.

11:28-30 Hierdie verse kom slegs in Matteus voor. Vers 28 onderstreep die leerstelling van regverdigmaking terwyl vers 29 voortgaande heiligmaking beklemtoon.

VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGMAKING

Die NT verklaar dat wanneer sonde hulle met berou tot Jesus wend, hulle onmiddellik geregtig en geheilig word. Hulle ontvang 'n nuwe posisie in Christus. Sy geregtigheid word hulle toegereken (Rom. 4). God verklaar hulle geregtig en heilig ('n forensiese handeling van God).

Maar die NT dring ook daarop aan dat gelowiges na heiligheid en heiligmaking moet strew. Danksy die voltooid werk van Christus is dit, naas 'n teologiese posisie, ook 'n roeping om in jou daaglikse lewe 'n Christus-gesindheid en handelswyse te vergestalt. Verlossing is 'n vrye gawe wat 'n lewe van volle oorgawe vereis. Dieselfde geld vir heiligmaking.

Aanvanklike reaksie

Han. 20:23; 26:18
 Rom. 15:16
 1 Kor. 1:2-3; 6:11
 2 Tess. 2:13
 Heb. 2:11; 10:10, 14; 13:12
 1 Pet. 1:12

Progressiewe vereenselwiging met Christus

Rom. 6:19
 2 Kor. 7:1
 Ef. 1:4; 2:10
 1 Tess. 3:13; 4:3-4, 7; 5:23
 1 Tim. 2:15
 2 Tim. 2:21
 Heb. 12:14
 1: Pet. 1:15-16

11:28 “Kom na My toe”; “Come to Me”: “Kom” is ‘n BYWOORD wat hier as ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF gebruik word. Daarmee word ‘n onmiddellike reaksie van geloof in Jesus en sy radikaal nuwe verbondsboodskap veronderstel. Let daarop dat die klem op ‘n persoonlike verhouding gelê word en nie op leerstellige of rituele gebruike nie. In die evangelie van Johannes word hierdie waarheid dikwels herhaal.

- ▣ OAV “vermoeid”
- NAV “uitgeput”
- CUM-MVB “moeg gewerk”
- CUM-NLV “wat moeg is”
- NASB “weary”

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD. Die ‘moeg’ en ‘swaar laste’ is sinonieme wat harde werk beskryf.

- ▣ OAV “belas”
- NAV, CUM-MVB “oorlaai”
- CUM-NLV “swaar laste moet dra”
- NASB “heavy-laden”

Hierdie is ‘n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD. Kultureel gesproke het hierdie twee terme met die moeitevolle verpligtinge van die rabbynse Judaïsme te doen (vgl. Han. 15:10). Dieselfde gedagte kom tot uiting in die Hebreeuse idioom ‘juk’ (vgl. verse 29-30; Mat. 23:4; Luk. 11:46). Die woord dien ook as metafoor om uitdrukking te gee aan die ondraaglike las²³ van die Talmoed se mondelinge oorlewering wat die mensheid nie nader aan God gebring het nie, maar eerder vervreem het. Judaïsme was meer van ‘n belemmering as ‘n brug!

Die nuwe verbond in Christus het, soos die ou verbond, ook vereistes gehad waaraan voldoen moes word. Dit egter is nie die geval dat vereistes ons na God toe bring om ons voor Hom aanvaarbaar te maak nie. Dit is eerder die natuurlike uitvloeiende daarvan om Hom in Christus te ken. God se wil is ‘n volk van geregtigheid wat sy karakter aan die wêreld vertoon. Gewoonlik stel ek die NT vereistes soos volg:

1. Sondebelydenis
2. Geloof
3. Gehoorsaamheid
4. Volharding

- ▣ OAV, NAV, CUM-MVB “Ek sal julle rus gee”
- CUM-NLV “Ek sal julle lewens verkwik”
- NASB “I will give you rest”

Hierdie grammatiese vormgewing dra ‘n beklemtoning. Jesus sê in werklikheid: ‘Ek sê sal julle rus gee.’ Rus beteken hier nie pal niksdoen nie, maar verwys eerder na ‘n tyd van verkwikking en toerusting om nuttige diens aan Christus te lewer. Hierdie gedagte van rus staan in verband met die sewende dag se rus in Gen. 1. Vir ‘n deeglike bespreking van die verskillende gebruike van ‘rus’ in die OT, sien Hebreërs hoofstukke 3 en 4.

11:29 “leer”; “learn”: Hierdie is ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF. Etimologies bou dié woord op dieselfde stamwoord as ‘discipel’ soos in 11:1 en beteken dat gelowiges hiermee opdrag kry om deur lering tot volwassenheid te kom.

- ▣ OAV, NAV, CUM-MVB “Ek is sagmoedig en nederig van hart”
- CUM-NLV “Ek is sag en nederig van hart”
- NASB “I am gentle and humble”

In die Griekse wêreld is hierdie nie as deugde beskou nie, maar Jesus maak sagmoedigheid en nederigheid die kenmerke van die nuwe koninkryk se mense.

- 11:30 OAV, NAV, CUM-MVB “Want My juk is sag en My las is lig”**
- CUM-NLV “Want My juk sal saggies op julle skouers rus en My las is lig om te dra”
- NASB “for my yoke is easy and My burden is light”

Daar is werksaamhede in die nuwe verbond wat op uitvoering wag. Geloof in Jesus en sondebelydenis is die eerste stap; die tweede is gehoorsaamheid en geestelike volwassenheid; volharding is die derde stap. Jesus het die bemoeiende taak van die Fariseërs (vgl. Mat. 23:4; Luk. 11:46) omgeswaai in ‘n lewe van dankbaarheid en diensbaarheid in sy naam (vgl. 1 Joh. 5:3).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

²³ Wettiese gebruik – vert.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoekom het Johannes die Doper daaraan getwyfel of Jesus die komende Messias was?
2. Waarom het Jesus gesê dat Johannes die Doper nie in die nuwe koninkryk van God was nie?
3. Hoe het vers 17 op Jesus en Johannes die Doper betrekking?
4. Sal daar grade van straf wees?
5. Roep Jesus alle mense na Hom toe of slegs sekere uitverkorenes?
6. Definieer die terme 'las' en 'juk' binne hulle gepaste kultureel/religieuse konteks.

MATTEUS 12

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Plucking Grain on the Sabbath 12:1-8	Jesus is Lord of the Sabbath 12:1-8	Jesus and the Sabbath Laws 12:1-8	The Question About the Sabbath 12:1-2 12:3-8	Picking Corn on the Sabbath 12:1-8	Jesus is Here oor die Sabbat 12:1-8
The Man with a Withered Hand 12:9-14	Healing on the Sabbath 12:9-14	12:9-14	The Man with a Crippled Hand 12:9-10 12:11-13a 12:13b-14	Cure of the Man with the Withered Hand 12:9-14	Die man met die gebrekklike hand 12:9-14
The Chosen Servant 12:15-21 (18-21)	Behold My Servant 12:15-21	Work of Healing 12:15-21	God's Chosen Servant 12:15-21	Jesus the 'Servant of Yahweh' 12:15-21 (18-21)	Jesus die Dienaar van die Here 12:15-21
Jesus and Beelzebul 12:22-32	A House Divided Cannot Stand 12:22-30 The Unpardonable Sin 12:31-32	Sources of Jesus' Power 12:22-32	Jesus and Beelzebul 12:22-23 12:24 12:25-28 12:29 12:30-32	Jesus and Behelzebul 12:22-24 12:25-28 12:29 12:30-32	Jesus en Beëlsebul 12:23-32
A Tree and Its Fruit 12:33-37	A Tree Known by Its Fruits 12:33-37	12:33-37	A Tree and Its Fruit 12:33-35 12:33-37	Words Betray the Heart 12:33-37	'n Boom word aan sy vrugte geken 12:33-37
Demand for a Sign 12:38-42	The Scribes and Pharisees Ask for a Sign 12:38-42	Request for a Sign 12:38-42	The Demand for a Miracle 12:38 12:39-42	The Sign of Jonah 12:38-42	Die teken van Jona 12:38-42
The Return of the Unclean Spirit 12:43-45	An Unclean Spirit Returns 12:43-45	The Return of the Unclean Spirit 12:43-45	The Return of the Evil Spirit 12:43-45	The Return of the Unclean Spirit 12:43-45	Die terugkeer van die onreine gees 12:43-45
The Mother and Brothers of Jesus 12:46-50	Jesus' Mother and Brothers Send for Him 12:46-50	Jesus' True Family 12:46-50	Jesus' Mother and Brothers 12:46-47 12:48-50	The True Kinsman of Jesus 12:46-50	Die moeder en die broers van Jesus 12:46-50

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 12:1-50

- A. Hoofstuk 12 beskryf die groeiende teenstand (vgl. 11:12) van die Joodse godsdiensteleiers, veral die Fariseërs, teen Jesus op grond van sy verontagsaming van die mondelinge tradisies (Talmood). Daar was 'n Babiloniese en 'n Palestynse Talmood, maar laasgenoemde is nooit voltooi nie en die Babiloniese weergawe het gevolglik die meer gesaghebbende van die twee geword.
- B. Hoofstuk 12 sluit aan by 11:28-30 wat die mondelinge tradisies as 'n 'las' en 'n 'juk' bestempel. Die juk van Jesus is gemaklik en lig en lei tot rus. Dieselfde is nie waar van die uitgebreide seremonies en wette van die Fariseërs nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 12:1-8

¹At that time Jesus went through the grainfields on the Sabbath, and His disciples became hungry and began to pick the heads of grain and eat. ²But when the Pharisees saw this, they said to Him, "Look, Your disciples do what is not lawful to do on a Sabbath." ³But then He said to them, "Have you not read what David did when he became hungry, he and his companions, ⁴how he entered the house of God and they ate the consecrated bread, which was not lawful for him to eat, nor for those with him, but for the priests alone? ⁵Or have you not read in the Law, that on the Sabbath the priests in the temple break the Sabbath and are innocent? ⁶But I say to you that something greater than the temple is here. ⁷But if you had known what this means, 'I DESIRE COMPASSION, AND NOT A SACRIFICE,' you would not have condemned the innocent. ⁸For the Son of Man is Lord of the Sabbath."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:1-8.

12:1 OAV	"In daardie tyd"
NAV, CUMs	"In dié tyd"
NASB	"At that time"

Dikwels het die evangelieskrywers hierdie tydsaanduiding gebruik as 'n manier om na 'n nuwe onderwerp of gebeurtenis aan te beweeg. Dit was nie spesifiek 'n aanwysing van tyd nie (vgl. 11:25; 21:1; Luk. 10:21; 13:1; Han. 7:20; 12:1; 19:23).

<ul style="list-style-type: none"> ■ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB 	<p>"het Jesus op die sabbat deur die gesaaides geloop"</p> <p>"het Jesus op 'n sabbatdag deur gesaaides geloop"</p> <p>"het Jesus op 'n sabbatdag deur koringlande geloop"</p> <p>"Jesus went through the grainfields on the Sabbath"</p>
--	---

Die Talmood het geleer dat enige reis verder as 2000 tree op die sabbat as werk beskou moes word en dit gevolglik nie toelaatbaar was nie. Heel interessant was dit die geval dat die skares én die Fariseërs en skrifgeleerdes op die spesifieke Sabbat saam met Jesus geloop het en dus self die sabbatswet gebreek het. Vir 'n breedvoerige bespreking van die oorsprong en teologie van die Fariseërs, sien die aantekeninge by 22:15.

Om lig te kon werp op die nuwe verbond en die Messiaanse karakter van Jesus se werke, moes die evangelieskrywers noodwendig selektief omgaan met sy oorfloed leringe en handeling (vgl. Joh. 20:30-31). Klaarblyklik het die skrywers sabbatsontmoetings gekies om te toon hoe Jesus die godsdiensteleiers, sekte en tradisies van die Talmood gekonfronteer en hanteer het. Jesus se goeie nuus was anders as die wettiesheid en ritualisme van die Joodse tradisies (vgl. Mat. 5:21-48).

VIR SPESIALE AANDAG: SABBAT

Dit kom van die Hebreeuse 'rus' of 'ophou werk'. Dit vloei voort uit die sewende skeppingsdag toe God sy aanvanklike skeppingswerk gestaak het (vgl. Gen. 2:1-3). God het nie gerus omdat hy moeg was nie, maar (1) omdat die skepping afgehandel en goed in sy oë was (vgl. Gen. 1:31), en (2) om aan die mensdom 'n ritme te bied wat aanbidding en rus insluit. Soos die geval met alle dae van die skepping, begin die sabbat aandskemer op Vrydag en duur formeel tot aandskemer, Saterdag. Alle nodige besonderhede vir sabbatsonderhouding kom in Eksodus (veral in hoofstukke 16, 20, 31 en 35) en Levitikus (hoofstukke 23-26) voor. Die Fariseërs het met hulle bespreking en interpretasie van hierdie reëls 'n menigte voorskrifte geskep wat daarmee gepaard moes gaan. Welwetende dat Hy teen hierdie onnodige voorskriftelikheid ingaan, het Jesus juis op die sabbat wonders gedoen om gesprekvoering daarvoor uit te lok. Dit was nie die geval dat Jesus die sabbat wou teenstaan of geringskat nie, maar eerder hulle eiegeregte, onbarmhartige en liefdelose wettiesheid.

▣	OAV	“en are begin pluk en eet”
	NAV	“en are begin pluk en van die koring geëet”
	CUM-MVB	“en koringare begin pluk en geëet”
	CUM-NLV	“om van die koring te pluk en te eet”
	NASB	“began to pick the heads of grain and eat”

Onder gewone omstandighede was hierdie nie ‘n oortreding nie (vgl. Deut. 23:25). Die probleem was dat dit op die sabbat gebeur het (vgl. Deut. 34:21). Uit die ander Sinoptiese evangelies kom ons te wete dat die dissipels honger was. Volgens die leerstellings van die rabbyne was hulle aan die volgende oortredings skuldig: (1) oes op die Sabbat; (2) verwerking van die produk; (3) voedselvoorbereiding op die Sabbat; en (4) eet met seremonieel onrein (ongewaste) hande!

12:3 “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het nie – toe hy. . .honger gehad het”; “Have you not read what David did when he became hungry?”: Jesus se verwoording bevestig die inspirasie van die OT (vgl. 5:17-19). Vir die geskiedkundige gebeurtenis, sien 1 Sam. 21:1 e.v.

12:4 “die huis van God”; “the house of God”: Vers 4 roep herinneringe van die historiese tabernakel wat nog in Dawid se jongjare bestaan het, op (vgl. Eks. 25-30), maar dit moet ook verwys na die latere tempel wat deur Salomo gebou is (vgl. vers 6). JHWH het simbolies gewoon tussen die vlerke van die gerubs oor die ark van die verbond. Genesis 1 is dan God se kosmiese tempel (vgl. John L. Walton, *The Lost World of Genesis One*).

▣	OAV	“die toonbrode”
	NAV, CUMs	“die offerbrood”
	NASB	“the consecrated bread”
	NKJV	“the showbread”
	NRSV	“the bread of the promise”
	TEV	“the bread offered to God”
	NJB	“the loaves of the offering”

Dit dui op die ‘toonbrode’ of die ‘brood van die teenwoordigheid’ wat op ‘n tafel in die heilige van die tabernakel (tussen die voorhof en allerheiligste) geplaas was, soos ook later in die tempel. Elke brood het meer as vyf-en-‘n-half kilogram geweeg en was sinnebeeldig van JHWH se oervloedige sorg vir sy volk. Dit was nie bedoel as voedsel vir JHWH nie! Dit was ongesuurde brode wat aan die uittog uit Egipte herinner het (vgl. Gen. 15:12-21). Elke week is al twaalf brode vervang en was dit as voeding uitsluitlik vir die priesters bedoel (vgl. Lev. 24:5-9; Eks. 25:30). Onder die buitengewone omstandighede van 1 Sam. 21 kon iemand soos Dawid daarvan eet.

12:5	OAV	“die priesters op die sabbat in die tempel die sabbat ontheilig en onskuldig is nie”
	NAV, CUM-MVB	“Of. . .die priesters wat op die Sabbat diens moet doen nie, en tog is hulle nie skuldig nie”
	CUM-NLV	“die priesters wat op die Sabbatdag in die tempel diens doen en die Sabbat sodoende ‘ontheilig’ tog skotvry bly nie”
	NASB	“the priests in the temple break the Sabbath and are innocent”

Die sabbat was ‘n werksdag vir die priesters (vgl. Num. 28:9-10). Die WERKWOORD breek’ beteken letterlik om iets as minderwaardig hanteer. Dit word net hier en in Han. 24:6 aangetref. Die VOORNAAMWOORD word in 1 Tim. 1:9 aangetref.

12:6	OAV, NAV, CUM-MVB	“Ek sê vir julle: Hier is Een wat groter as die tempel is hier”
	CUM-NLV	“Dit verseker Ek julle, Iemand groter as die tempel is hier by julle.”
	NASB	“But I say to you that something greater than the temple is here”

Sommige MSS het die MANLIKE VORM vir ‘iemand’ (vgl. NKJV, en die aangehaalde tekste in Afrikaans), maar die sterkste getuienis vir ONSYDIG (NEUTRAAL) ‘iets’, berus op die meerderheidsgetuienis van die antieke manuskripte (vgl. NASB, NRSV, TEV, JB). Dit dui dan op die koninkryk van God, ‘n bedekte Messiaanse sinspeling (vgl. vers 28,41-42), ‘n stelling wat deur die aanwesige Jode met verontwaardiging aangehoor is. Jesus is groter as

1. die tempel, Mat. 12:6
2. Jona, Mat. 12:41
3. Salomo, Mat. 12:42
4. Johannes die Doper, Joh. 5:36
5. Abraham, Joh. 8:53
6. die Skrif, Mat. 5:21-48; Mark. 7:18-19

12:7	OAV	“Maar as julle geweet het wat dit beteken”
	NAV, CUM-MVB	“As julle begryp het wat dit beteken”
	CUM-NLV	“As julle. . .werklik verstaan”
	NASB	“if you had known what this means”

Hierdie is ‘n KLAS TWEE VOORWAARDELIKE SIN wat ‘die teendeel’ beteken. Die gevolgtrekking is dus: ‘As julle geweet het (maar julle het nie), dan sou julle nie die wat onskuldig is veroordeel het nie (maar julle hét).’

- OAV “Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie”
- NAV “Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie”
- CUM-MVB “Ek verwag betoning van liefde aan iemand sonder dat hy dit verdien en nie ‘n offer nie”
- CUM-NLV “Deernis is vir My belangriker as offers”
- NASB “I DESIRE COMPASSION AND NOT A SACRIFICE”

Hierdie is ‘n aanhaling uit Hosea 6:6. Dit is ‘n voorbeeld van die prediking van die profete uit die agste eeu voor Christus. Hulle het gesindheid hoër geag as rituele (vgl. Mig. 6:6-8).

Om op hierdie teologie kwessie lig te werp, haal ek my kommentaar op Hosea 6:6 aan:

“I delight in loyalty rather than sacrifice” (“want Ek verwag liefde eerder as offers” – NAV): “God sien die hart! Die motief is belangrik (vgl. Jer. 9:24). Dit is een van die kernwaarhede in die boek (vgl. 8:7; 11:12). Dis dieselfde lojaliteit as in vers 4, maar hier is dit opregte verbondsliefde/lojaliteit. Jesus opper hierdie gedagte teenoor die Fariseërs in Mat. 9:13 en 12:7. Dit het nie beteken dat God hulle wou laat ophou offer nie, maar dat hulle waaksaam moes wees wat betref motief (vgl. 1 Sam. 15:22; Jes. 1:11-13; Jer. 7:21-23; Amos 5:21; Mig. 6:6-8). Vir ‘n deeglike uiteensetting, raadpleeg *Hard Sayings of the Bible*, bl. 207-8, 294-295. Die offerstelsel was ‘n manier om aan die erns van sonde en God se gewilligheid om sondaars in ‘n vertrouensverhouding met Hom te ontvang uitdrukking te gee. Maar sodra dit in ‘n ritueel ontaard sonder ootmoed en geloof, word dit ‘n klug; ‘n hindernis vir ‘n ware, persoonlike verhouding met God.”

- 12:8 OAV “want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat”
- NAV “Die Seun van die mens is immers Here oor die sabbat”
- CUM-MVB “Die Seun wat mens geword het, is immers Here oor die sabbat”
- CUM-NLV “Ek, die Seun van die Mens, het immers ook seggenskap oor die Sabbat”
- NASB “For the Son of Man is Lord of the Sabbath”

Hierdie opmerkings (vers 7 en 8) moes vir die Jode, wat besnydenis en onderhouding van die sabbat as die hoogste goed beskou het, as ‘n groot ontnugtering gekom het (vgl. Mark. 2:27). Jesus maak sy punt duidelik deur opnuut oor Moses na te dink (vgl. 5:20-48)! Wanneer mense enigiets verhef tot die hoogste goed in plaas van God (of sy Messias), verval hulle in afgodery. Vir meer oor die titel “Seun van die Mens”, sien die aantekeninge by 8:20.

NASB (UPDATED) TEXT: 12:9-14

⁹Departing from there, He went into their synagogue. ¹⁰And a man *was there* whose hand was withered. And they questioned Jesus, asking, “Is it lawful to heal on the Sabbath?” – so that they might accuse Him. ¹¹And he said to them, “What man is there among you who has a sheep, and if it falls into a pit on the Sabbath, will not take hold of it and lift it out? ¹²How much more valuable is a man than a sheep! So then, it is lawful to do good on the Sabbath.” ¹³Then He said to the man, “Stretch out your hand!” He stretched it out and it was restored to normal, like the other. ¹⁴But the Pharisees went out and conspired against Him, as to how they might destroy Him.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:9-14.

- 12:10 OAV “Is dit geoorloof om op die sabbat gesond te maak?”
- NAV “Mag ‘n mens iemand op die sabbatdag gesond maak?”
- CUM-MVB “Mag ‘n mens op die sabbatdag gesond maak?”
- CUM-NLV “Mag ‘n mens iemand op die Sabbat gesond maak?”
- NASB “Is it lawful to heal on the Sabbath?”

In die OT was hierdie vraag nooit ter sprake nie, maar die rabbyne het in hulle mondelinge oorlewing hieraan hoë prominensie gegee. Volgens hulle siening van die OT geskryfte kon genesing op die Sabbat net geskied om ‘n lewe te red. Hulle het op menslike reëls gefokus en nie op mense in nood nie!

- OAV “En daar was ‘n man met ‘n verdorde hand”
- NAV “Daar was juis ‘n man met ‘n gebrekklike hand”
- CUM-MVB “En kyk, ‘n man met ‘n gebrekklike hand”
- CUM-NLV “Daar sien Hy ‘n man met ‘n misvormde hand”
- NASB “And a man *was there* whose hand was withered”

Uit die apokriewe boek “Die evangelie volgens Hebreërs” verneem ons dat die man ‘n klipmesselaar was en sy regterhand was misvorm. Hy was gevolglik nie in staat om sy beroep te beoefen nie.

12:11 “skaap”; “sheep”: Hierdie is een van vele voorbeelde dat die mondelinge oorlewering meer ‘n las as ‘n vreugde was. Skape was belangriker as mense (vgl. vers 12; 10:31).

- “as”; “if”: Dit is ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat waarskynlike aksie veronderstel.

12:12 Jesus gebruik ‘n vraag/antwoord styl om beswaardes, wat Hom te na wil kom, tot gesprek uit te lok (vgl. 9:5; 2:12; 21:25) ook met sy dissipels (vgl. Mark. 8:17- 18).

- 12:14 OAV “Daarop het die Fariseërs uitgegaan en saam raad gehou teen Hom”

NAV, CUMs

NASB

“Die Fariseërs het toe uitgegaan en planne beraam”

“the Pharisees went out and conspired against Him”

Uit Markus 3:6 verneem ons dat die beraadslagers Fariseërs én Herodiane was, tradisioneel uitgesproke vyande wat godsdienst en politiek betref.

- OAV “sodat hulle Hom sou kon ombring”
- NAV “om Jesus om die lewe te bring”
- CUM-MVB “om Hom te vernietig”
- CUM-NLV “oor hoe hulle Jesus uit die weg sou ruim”
- NASB “as to how they might destroy Him”

Hierdie leiers het hulleself as verdedigers van JHWH beskou! Verstommend is dit dat hierdie godsdiensteilers, in vergelyking met Jesus se sogenaamde oortredings (rituele en sabbatsheiliging), geen probleem in hulle gemoed met vooruitbeplande moord gehad het nie (vgl. 26:4; Luk. 6:11; Joh. 11:53).

NASB (UPDATED) TEXT: 12:15-21

¹⁵But, Jesus aware of *this*, withdrew from there. Many followed him, and he healed them all, ¹⁶and warned them not to tell who He was. ¹⁷This was to fulfill what was spoken through Isaiah the prophet:

¹⁸“BEHOLD, MY SERVANT WHOM I HAVE CHOSEN;
MY BELOVED IN WHOM MY SOUL IS WELL-PLEASSED;
I WILL PUT MY SPIRIT UPON HIM,
AND HE SHALL POCLAIM JUSTICE TO THE GENTILES.

¹⁹HE WILL NOT QUARREL, NOR CRY OUT;
NOR WILL ANYONE HEAR HIS VOICE IN THE STREETS.

²⁰A BATTERED REED HE WILL NOT BREAK OFF,
AND A SMOULDERING WICK HE WILL NOT PUT OUT,
UNTIL HE LEADS JUSTICE TO VICTORY.

²¹AND IN HIS NAME THE GENTILES WILL HOPE.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:15-21.

- 12:15 OAV “Toe Jesus dit bemerk”
- NAV, CUM-NLV “Toe Jesus dit hoor”
- CUM-MVB “Toe Jesus dit agterkom”
- NASB “aware of *this*”

Dit is moeilik om te weet hoe Jesus van die komplot te wete gekom het:

1. afgeluister
2. geweet wat in die mense se harte aangaan
3. bewusgemaak deur die Heilige Gees

Dit is onmoontlik om hierdie vraag te beantwoord, as gevolg van Jesus se unieke samestelling van mensheid en goddelikheid (d.w.s. inkarnasie).

- OAV, NAV, CUM-MVB “en Hy het hulle almal gesond gemaak”
- CUM-NLV “Hy het al die siekes onder hulle gesond gemaak”
- NASB “and He healed them all”

Die OT profesie kom kragtig en vol van barmhartigheid tot uiting in hierdie frase. Jesus het omgee vir mense – alle mense. Daar was fisiese genesing vir almal, selfs duiweluitdrying, al het dit nie outomaties geestelike vernuwing of verlossing tot gevolg gehad nie.

Oor die omvang van Jesus se genesingsbediening spreek heelwat verse verskillend.

1. soms sê hulle “almal”, Mat. 8:16; 12:15; Luk. 4:40; Han. 10:38.
2. soms sê hulle “elke soort”, nie elke een nie, Mat. 4:23; 9:23
3. soms sê hulle “baie” en nie “almal” nie, Mark. 1:34; 3:10; Luk. 7:21
4. dikwels impliseer dit dat Hy almal genees het, Mat. 14:14; 15:30; 19:2; 21:14.

- 12:16 OAV “en hulle streng bevel gegee dat hulle Hom nie moes bekend maak nie”
- NAV “maar hulle belet om in die openbaar oor Hom te praat”
- CUM-MVB “en hulle belet om te sê wie Hy is”
- CUM-NLV “Hy het hulle ernstig verbied om oral uit te basuin wie Hy is”
- NASB “and warned them not to tell who He was”

Dit staan bekend as die Messiaanse geheimenis (veral in die Markus-evangelie). Jesus wou mense nie aanmoedig om oor sy wonders gaande te wees nie, maar in die boodskap te deel wat Hy besig was om te verkondig. Sy evangelie was immers nog nie volledig bekend nie. Hierdie Messiaanse geheimhouding kom algemeen in die Sinoptiese evangelies voor (vgl. 8:4; 9:30; 17:9; Mark. 1:44; 3:12; 5:43; 7:36; 8:30; 9:9; Luk. 4:41; 8:56; 9:21). Jesus wou nie bekend wees as maar net nog ‘n reisende geneser nie!

12:17	OAV	“deur Jesaja, die profeet,”
	NAV	“die profeet Jesaja”
	CUM-MVB	“deur middel van die profeet Jesaja”
	CUM-NLV	“die profeet”
	NASB	“Isaiah the prophet”

Verse 18-21 is ‘n aanhaling uit Jes. 42:1 e.v. Dit stem nie woordeliks ooreen met die Hebreeuse Masorete teks of die Griekse Septuaginta nie, maar Jesus se Messiaanse Selfbewussyn straal daaruit.

12:18-21 Dis ‘n aanhaling uit Jes. 42:1-4 (egter nie die LXX nie) en wel die eerste van die “Kneg van die Here”-liedere²⁴. Let op die karakterskets van die ‘Een wat kom’ en hoe dit in die persoon van Jesus duidelik na vore kom:

1. geroepene
 - a. My (JHWH se) Dienskneg
 - b. wat Ek uitverkies het
 - c. My geliefde
 - d. in wie My (JHWH se) siel ’n welbehag het
2. JHWH se Gees kom oor Hom
3. verkondig geregtigheid aan die heidene
4. persoonlike karaktertrekke
 - a. sal nie twis nie
 - b. sal nie skreeu nie
 - c. sal sy stem nie op straat verhef nie
5. persoonlike optrede
 - a. sal die geknakte riet nie verbreek nie
 - b. sal die rokende lamppit nie uitdoof nie
 - c. sal geregtigheid laat seëvier
 - d. op wie se naam die heidene hulle hoop sal vestig

12:18	OAV	“my Kneg”
	NAV, CUM-MVB	“my Dienaar”
	CUM-NLV	“my Dienskneg”
	NASB	“MY SERVANT”

Dit was ‘n eretitel spesifiek aan Moses, Josua en Dawid toegeskryf (vgl. Han. 3:13). Die titel kry egter ‘n Messiaanse inhoud in die “Dienaar-liedere”, besondere gedigte wat in Jes. 42:1-9; 49:1-7; 50:4-11; 52:13-53:12 voorkom. In Jes. 52:13-53:12 bereik die Messiaanse element ‘n hoogtepunt met die “Lydende Kneg”. Die Jode van Jesus se tyd het nie ‘n lydende Messias verwag nie, maar ‘n militêre Messias, toegerus met bo-natuurlike gawes. Dit verklaar waarom die Joodse leierskap Jesus se boodskap van die hand gewys het; selfs Johannes die Doper kon dit nie verstaan nie (vgl. 11:3).

Die Jode het deurgaans die Dienaar-liedere verstaan as ‘n inspeling op Israel, wat heeltemal geldig is (vgl. Jes. 41:8; 42:1,19; 43:10; 49:3-6). Maar hierdie liedere word ook tot die ideaal van ‘n enkele, baie regverdig Israeliet geïndividualiseer (vgl. Jes. 52:14 (LXX), 15 (LXX); 53:1-12). Israel het ‘n opdrag tot wêreldsending gehad (vgl. Gen. 12:3; Eks. 19:5-6), maar het misluk (Jes. 42:19; 53:8) weens herhaaldelike verbreking van die Mosaïese verbond (vgl. Lev. 26; Deut. 27-28). Die wêreld is nie deur Israel geseën nie, maar moes dikwels God se oordeel oor die volk gadeslaan. Daarom rig JHWH self ‘n nuwe verbond op wat op sy handeling en getrouheid fokus (vgl. Eseg. 36:22-38).

■	OAV	“my Geliefde in wie my siel ‘n welbehag het”
	NAV	“my Geliefde oor wie Ek My verheug”
	CUM-MVB	“dié Een wat Ek absoluut liefhet en oor wie Ek baie bly is”
	CUM-NLV	“Hom het ek lief, Hy maak my hart baie bly”
	NASB	“MY BELOVED IN WHOM MY SOUL IS WELL-PLEASED”

Dié frase kom ook voor tydens die doop van Jesus en by geleentheid van die verheerliking op die berg (vgl. 3:17; 17:5). Die Vader is verheug oor die bediening van die Seun. In die titel, ‘Geliefde’, word die koninklike aspek van Ps. 2 en die lydende kneg van Jes. 40-53 saamgevat. Die gebruik van ‘siel’ is ‘n metafoer of antropomorfisme (menvormige beeldspraak oor God) wat Hom as ‘n lewendende wese tipeer. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:4.

■	OAV	“Ek sal my Gees op Hom lê”
	NAV, CUM-MVB	“Ek sal my Gees op Hom laat kom”
	CUM-NLV	“Ek sal my Gees op Hom laat rus”
	NASB	“I WILL PUT MY SPIRIT UPON HIM”

Let wel op die openbaring van die Drie-eenheid in hierdie aanhaling van Jes. 42:1. Jesus en die Heilige Gees se gesamentlikheid word uiteengesit in die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

²⁴ Vgl. OAV by Jes. 42 – vert.

VIR SPESIALE AANDAG: JESUS EN DIE GEES

Daar is afwisseling tussen die Gees en die Seun ten opsigte van werke. G. Cambell Morgan stel dat die beste naam vir die Gees “*the other Jesus*” (“die [ver]ander[de] Jesus”) is. Die volgende is ‘n vergelykende uiteensetting van die werk en titels van die Seun en die Gees.

1. Die Gees word die “Gees van Jesus”, of iets soortgelyks genoem (vgl. Rom. 8:9; 2 Kor. 3:17; Gal. 4:6; 1 Pet. 1:11).
2. Albei word ook genoem
 - a. “waarheid”
 - (1) Jesus (Joh. 14:16)
 - (2) Gees (Joh. 14:17)
 - b. “advokaat”
 - (1) Jesus (1 Joh. 2:1)
 - (2) Gees (Joh. 14:16, 26; 15:26; 16:7)
 - c. “Heilig”
 - (1) Jesus (Luk. 1:35; 4:34)
 - (2) Gees (Luk. 1:35)
3. Albei neem hul intrek by gelowiges
 - a. Jesus (Mat. 28:20; Joh. 14:20, 23; 15:4-5; Rom. 8:10; 2 Kor. 13:5; Gal. 2:20; Ef. 3:17; Kol. 1:27)
 - b. Gees (Joh. 14:16-17; Rom. 8:9, 11; 1 Kor. 3:16; 6:19; 2 Tim. 1:14)
 - c. en selfs die Vader (Joh. 14:23; 2 Kor. 6:16)

12:18, 21	OAV	“en Hy sal aan die nasies die reg aankondig. . .En op sy Naam sal die heidene hoop”
	NAV	“en Hy sal die wil van God aan die nasies bekend maak. . .en op Hom sal die nasies hulle hoop vestig”
	CUM-MVB	“en Hy sal die oordeel aan nie-Jode bekend maak. . .En op sy Naam sal die nasies hulle hoop vestig”
	CUM-NLV	“en Hy sal my besluit aan die nasies bekend maak. . .Ja, op Hom sal die nasies hulle hoop vestig”
	NASB	“HE SHALL PROCLAIM JUSTICE TO THE GENTILES. . .IN HIS NAME THE GENTILES WILL HOPE”

Die stelling dat die koninkryk ook vir heiden-gelowiges toeganklik was, was erg ontstellend vir Jode (vgl. Jes. 2:1-4; 45:22; 49:6; 60:3; 66:18,23; sien Paulus se opmerkings by Ef. 2:11-3:13).

12:19	OAV	“Hy sal nie twis of uitroep nie”
	NAV, CUM-MVB	“Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie”
	CUM-NLV	“Hy sal nie met mense stry of ‘n groot lawaai maak nie”
	NASB	“HE WILL NOT QUARREL, NOR CRY OUT”

Dit beskryf hoe Jesus sou optree en bedien voor die regeringsleiers van Palestina, mense soos Pilatus en Herodes (vgl. Jes. 53:7).

12:20	OAV	“‘n Geknakte riet sal hy nie verbreek nie, en ‘n lamppit wat rook, sal hy nie uitblus nie, tot Hy die reg tot oorwinning uitbring”
	NAV	“‘n Riet wat geknak is sal Hy nie afbreek en ‘n lamppit wat rook nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier”
	CUM-MVB	“Die geknaktes sal Hy nie heeltemal breek nie en waar daar ‘n bietjie hoop is, sal hy dit nie laat kwyn nie totdat Hy die reg laat oorwin”
	CUM-NLV	“Hy sal dié wat reeds geknak is, nie nog verder verbrysel nie en die vonkie hoop wat nog oorgebly het, sal Hy nie uitblus nie ”
	NASB	“A BATTERED REED HE WILL NOT BREAK OFF, AND A SMOULDERING WICK HE WILL NOT PUT OUT, UNTIL HE LEADS JUSTICE TO VICTORY”

Dit kan beteken (1) dat Jesus sondaars bedagsaam hanteer of (2) sy koninkryk lyk so swak en nietig, maar tog sal dit die aarde met vreugde vul (vgl. 13:31-32).

12:21	OAV, CUM-MVB	“op sy Naam”
	NAV, CUM-NLV	“en op Hom”
	NASB	“IN HIS NAME”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 18:20.

■ “**hoop**”; “**HOPE**”: Dit is ietwat verbasend dat die woord ‘hoop’ slegs eenkeer in Matteus voorkom en boonop in ‘n aanhaling uit Jes. 42:4. Dit word drie keer in Lukas gebruik (vgl. 6:34; 23:8; 24:21). Om die eskatologiese afwagting te stimuleer gebruik Paulus die woord ‘hoop’ negentien keer.

VIR SPESIALE AANDAG: HOOP

Paulus het hierdie term op 'n verskeidenheid maniere gebruik, wat wel almal met mekaar in verband staan. Dikwels hou dit verband met die gelowige se hoop op vervulling van sy geloof (sien 1 Tim. 1:1). Dit word dan uitgedruk as heerlijkheid, ewige lewe, volkome verlossing, wederkoms, ens. Vervulling is verseker, maar die tydspek – die toekoms – is onbekend. Hoop word dikwels geassosieer met geloof en liefde (vgl. 1 Kor. 13:13; 1 Tess. 1:3; 2 Tess. 2:16). Hier volg 'n onvolledige lys van Paulus se gebruike van hierdie term:

1. Die wederkoms, Gal. 5:5, Ef. 1:18; 4:4; Tit. 2:13
2. Jesus is ons hoop, 1 Tim. 1:1
3. Die gelowige onberispelik voor God, Kol. 1:22-23; 1 Tess. 2:19
4. Hoop is weggelê in die hemel, Kol. 1:5
5. Hoop van die evangelie, Kol. 1:23; 1 Tess. 2:19
6. Uiteidelike verlossing, Kol. 1:5; 1 Tess. 4:13; 5:8
7. Die heerlijkheid van God, Rom. 5:2; 2 Kor. 3:12, Kol. 1:27
8. Die verlossing van die heidene deur Christus, Kol. 1:27
9. Sekerheid van saligheid, 1 Tess. 5:8
10. Ewige lewe, Tit. 1:2, 3:7
11. Die goeie gevolg van Christelike volwassenheid, Rom. 5:2-5
12. Verlossing van die hele skepping, Rom. 8:20-22
13. Aanneming volbring, Rom. 8:23-25
14. 'n Titel vir God, Rom. 15:13
15. Paulus se wens vir gelowiges, 2 Kor. 1:7
16. Die OT as riglyn vir gelowiges, Rom. 15:4

NASB (UPDATED) TEXT: 12:22-24

²²Then e demon-possessed man *who was blind and mute* was brought to Jesus, and He healed him. ²³All the crowds were amazed, and were saying, “This man cannot be the Son of David, can he?” ²⁴But when the Pharisees heard *this*, they said, “This man cast out demons only by Beelzebul the ruler of the demons.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:22-24.

12:22 Hierdie was een van die tekens van Messiaskap (vgl. Jes. 29:18; 35:5; 42:7,16; Mat. 9:27-31; 12:2; 15:30; 21:4). Israel het self hierdie genesende bediening nodig gehad (vgl. Jes. 6:9-10 en 42:18-22). Hulle was vasberade om nie op hierdie (Messiaanse) teken ag te slaan nie.

12:23 OAV, NAV, CUM-MVB “Is Hy nie miskien die seun van Dawid nie?”
CUM-NLV “Is Hy nie dalk tog die Seun van Dawid, die Messias, nie?”
NASB “This man cannot be the Son of David, can He?”

In Grieks veronderstel hierdie vraag ‘nee’ as antwoord, maar die moontlikheid dat daar waarheid in mag steek, is nie uitgesluit nie. Die term ‘die Seun van Dawid’ was ‘n Messiaanse titel uit 2 Sam. 7. Matteus gebruik dit dikwels (vgl. 1:1; 9:27; 12:23; 15:22; 20:30-31; 21:9,15; 22:42; sien ook Openb. 3:7; 5:5; 22:16).

12:24 OAV “Maar toe die Fariseërs dit hoor, het hulle gesê”
NAV, CUM-MVB “Die Fariseërs het hiervan gehoor en gesê”
CUM-NLV “Toe die Fariseërs egter van die wonder hoor, het hulle geskimp”
NASB “the Pharisees heard *this*, they said”

So dan lui die onvergeefbare sonde, om God se werke aan Satan toe te skryf, om waarheid af te maak as vals en om lig duisternis te noem. Die Fariseërs kon nie meer die bonatuurlike kragte van Jesus ontken nie en het as uitweg dit aan die bonatuurlike mag van die bose toegeskryf (vgl. Mat. 9:32-34; Mark. 3:22-30; Luk. 11:14-26).

■ **“Beëlsebul”; “Belzebul”:** Hiermee vind ‘n koppeling plaas aan *Ba'al* (manlike Kanaänitiese god van vrugbaarheid), stadsgod van *Sebul* (vgl. 2 Kon. 1). Die Jode het ‘n geringe verandering aangebring deur te praat van *Ba'al* as *Sebul*, ‘die heer van drek’ of ‘die heer van vlieë’. In die vroegste tekste word die woord verskillend gespél. *Sebul* kom in die Latynse Vulgaat en in die Peshitta-vertalings voor, maar *Sebul* in al die Griekse MSS. Dit was ‘n titel vir Satan. In latere Judaïsme was *Sebul* die hoofduivel.

NASB (UPDATED) TEXT: 12:25-30

²⁵And knowing their thoughts Jesus said to them, “Any kingdom divided against itself is laid waste; and any city divided against itself will not stand. ²⁶If Satan casts out Satan, he is divided against himself; how then will his kingdom stand? ²⁷If I by Beelzebul cast out demons, by whom do your sons cast *them* out? For this reason they will be your judges. ²⁸But if I cast out demons by the Spirit of God, then the kingdom of God has come upon you. ²⁹Or how can anyone enter the strong man’s house and carry off his property, unless he first binds the strong *man*? And

then he will plunder his house. ³⁰He who is not with Me is against Me; and he who does not gather with Me scatters.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:25-30.

12:25-32 Om die belaglikheid van die Fariseërs se siening aan te dui, gebruik Jesus ‘n logies-analistiese argument (vgl. Mark. 3:23-27; Luk. 11:17-22). Dit sluit vier voorbeelde in: (1) vers 25; (2) vers 27; (3) vers 28; en (4) vers 29. Dit is ‘n reeks van vier KLAS EEN VOORWAARDELIKE SINNE wat gewoonlik vir waar uit die oogpunt van die skrywer of ten bate van sy literêre doelwit, opgevat moet word. Hier is hulle egter onwaar (vgl. verse 26,27). Alhoewel vers 28 se KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN met die werklikheid ooreenstem! Konteks en nogmaals konteks!

12:25 OAV, CUM-MVB “Maar Jesus het (egter) hulle gedagtes geken”
NAV “Jesus het egter geweet wat hulle dink”
CUM-NLV “En Jesus het op sy beurt hulle gedagtes geken”
NASB “And knowing their thoughts”

Dit is onseker of Jesus danksy sy bo-natuurlike vermoë hulle gedagtes gelees het en of Hy hulle sien praat het en bloot gehoor het. Sien aantekening by vers 1 (vgl. 9:4).

■ **“Jesus”**: Die oudste Griekse MSS laat die naam weg (bv. P²¹, ⳧, B, D, sommige ou Latynse vertalings Siriese en Koptiese MSS).

12:27 OAV “deur wie dryf julle seuns hulle uit”
NAV “met wie se hulp doen julle volgelinge dit dan”
CUM-MVB “deur wie doen dié wat onder julle invloed is dit dan”
CUM-NLV “met wie se hulp doen julle volgelinge dit dan”
NASB, NKJV “by whom do your sons cast *them* out”
NRSV “by whom do your own exorcists cast them out”
TEV “who gives your followers the power to drive them out”
NJB “through whom do your own experts drive them out”

Die Jode (d.w.s. “julle seuns”) het uitdrying beoefen met magiese formules en eedsweringe (vgl. Mark. 9:38; Han. 19:13). Die minder bekende voorbeeld van verse 43-45 het blykbaar met hierdie wyse van uitdrying te doen wat nalaat om die geestelike vakuum van die uitgedryfde duiwel met geloof in God te vul.

12:28 OAV “dan het die koninkryk van God by julle gekom”
NAV “Aangesien Ek . . . het die koninkryk van God tot by julle gekom”
CUM-MVB “Aangesien Ék . . . het die koninklike regering van God inderdaad tot by julle gekom”
CUM-NLV “moet julle besef dat die koningsheerskappy van God nou by julle is”
NASB “if . . . then the kingdom of God has come upon you”

Hierdie is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat vir waar aanvaar moet word uit die perspektief van die skrywer of om sy literêre doelwit te bereik. Dit is weereens ‘n bedekte Messias-verwysing. Verder is dit heel buitengewoon vir Matteus om “koninkryk van God” te skryf, aangesien hy gewoonlik verkies om van die “koninkryk van die hemel” te praat. Die eersgenoemde kom maar gewoonlik in Markus en Lukas voor. Wat Matteus betref, is daar egter vier uitsonderinge: (1) hierdie vers, (2) 19:24; (3) 21:31; (4) 21:43. Hiermee beklemtoon Jesus met betoning van sy Messiaanse kragte dat die nuwe era van die Gees aangebreek het. ‘n Kort, maar deeglike bespreking van “*realized eschatology*” kan in *Answers to Questions*, (F.F. Bruce), bl. 198, nageslaan word. Sien ook *Vir Speciale Aandag: die koninkryk van God by 4:17*.

12:29 Hierdie vers bied nie steun vir hedendaagse praktyke van uitdrying van Satan uit godsdienstige samekomste nie. In die teksverband is dit nie ‘n belofte met die oog op gesamentlike eksorsisme nie. Gelowiges is op geen wyse bemagtig om Satan, “die sterk man”, te bind nie. Selfs Migael, die aartsengel vir Israel, was nie by magte om ‘n oordeel oor Satan uit te spreek nie (vgl. Jud. vers 9). Volgens Mat. 10:1 en Luk. 10:17-20 was die apostels en die sewentig bemagtig om demone uit te dryf. Wat die kerk betref kom dit egter nie in die lys van gawes van die Gees vir die doel van toerusting voor nie. Dié gelykenis kom ook voor in Mark. 3:22-27 en Luk. 11:21-23.

12:30 OAV “en hy wat nie met My is nie, is teen my”
NAV, CUMs “wie nie aan My kant is nie, is teen My”
NASB “He who is not with Me is against Me”

‘n Duidelike, radikale besluit is nodig (vgl. Mark. 9:40; Luk. 9:49,50; 11:23). Jesus is aanbrengrer van die nuwe era, die mensdom moet Hom aanvaar. Wie nie aanvaar nie, het ook gekies!

NASB (UPDATED) TEXT: 12:31-32

³¹Therefore I say to you, any sin and blasphemy shall be forgiven people, but blasphemy against the Spirit shall not be forgiven. ³²Whoever speaks a word against the Son of Man, it shall be forgiven him; but whoever speaks against the Holy Spirit, it shall not be forgiven him, either in this age or in the age to come.”

12:31-32 Hierdie verwysing na godslastering word dikwels die ‘onvergeefbare sonde’ genoem. Uit die parallelle gedeelte in Mark. 3:28 is dit duidelik dat “seun van die mens” nie die gewone titel van Jesus was nie, maar afgelei uit die teksverband, die soortnaam is vir ‘mensekinders’ of ‘mensdom’. Die paralellisme in vers 31 en 32 steun dié opvatting. Die sonde onder bespreking was nie uit onkunde nie, maar vasbeslote verwerping van God, en sy geopenbaarde waarheid, ondanks die oortuigende lig van die oomblik. Baie mense bekommer hulle daarvoor of hulle dalk hierdie sonde begaan het. Mense wat egter soek na God en bang is dat hulle dalk dié sonde begaan het, kan verseker wees dat dit nié die geval is nie. Dit is slegs wanneer mense, ondanks die aanwesigheid van onbetwyfelbare lig, voortgaan om Jesus met totale en algehele hartsverharding te verwerp. Heb. 6:4-6 en 10: 26:31 se beskrywing is met hierdie geestelike toestand vergelykbaar.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE HEILIGE GEES AS PERSOON

Hierdie is die eerste verwysing in Romeine na die Heilige Gees as Persoon, hoewel by die naam ook op ander plekke noem (vgl. 5:5; 9:1; 14:17; 15:13, 16). In die OT was die “Gees van God” (*Ruach*) ’n krag ter uitvoering van YHWH se doelstellings, maar daar was geen aanduiding van persoonskap nie (vgl. monoteïsme). Die NT skryf egter ’n volledige persoonlikheid (of persoonskap) aan hom toe.

1. Daar kan teenoor Hom gelaster word (Mat. 12:31; Mark. 3:29)
2. Hy onderrig (Luk. 12:12; Joh. 14:26)
3. Hy lewer getuienis (Joh. 15:26)
4. Hy veroordeel en gee leiding (Joh. 16:7-15)
5. Die VOORNAAMWOORD “wie” word gebruik om Hom aan te dui (bv. *Hos.* – Ef. 1:14)
6. Hy kan bedroef word (vgl. Ef. 4:30)
7. Hy kan “geblus” word (1 Tess. 5:19)

Trinitariese tekste spreek van drie persone (vgl. Mat. 28:19; 2 Kor. 13:14; 1 Pet. 1:2). Die Gees word ook geassosieer met menslike aktiwiteit (Han. 15:28; Rom. 8:26; 1 Kor. 12:11; Ef. 4:30; 1 Tess. 5:15).

Heel aan die begin van Handelingte word die aktiwiteit van die Gees beklemtoon. Pinkster was nie die begin van die werk van die Gees nie, maar ’n nuwe hoofstuk. Jesus het altyd die Gees gehad. Jesus se doop was nie die begin van die Gees se werk nie, eerder ’n nuwe hoofstuk. Lukas berei die kerk voor op ’n nuwe hoofstuk van effektiewe bediening. Jesus is steeds die fokus. Die Gees is steeds die effektiewe agent. Die Vader se liefde, vergifnis en herstel van alle mense om sy beeld te vertoon, is steeds die doel!

■ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“in hierdie eeu nie en ook nie in die toekomstige nie”

“nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie”

“nie in hierdie wêreld nie en ook nie in die toekomstige een nie”

“either this age or in the age to come”

VIR SPESIALE AANDAG: HIERDIE BEDELING EN DIE BEDELING DAAROP

Die profete van die OT het oor die toekoms gedink as ’n verlengstuk van die hede. Hulle was van mening dat dit ’n herstel van geografiese Israel moes inhou. Maar die aanbreek van ’n nuwe dag was nie uitgesluit nie (vgl. Jes. 65:17; 66:22). Die volgehoue afvalligheid van YHWH, selfs ná die terugkeer uit ballingskap, het ’n nuwe paradigma in die Joodse tussen-testament apokaliptiese literatuur ingelei (bv. 1 Enoch, IV Esra, II Barug). Dit is hierdie paradigma wat die onderskeid tussen twee eras laat blyk: die huidige bese bedeling onder beheer van Satan en ’n toekomstige bedeling van geregtigheid onder beheer van die Gees, ingelei deur ’n (dikwels krygsvaardige tipe) Messias.

Op hierdie gebied van die teologie kom klaarblyklike nuwe insig na vore. Teoloë verwys hierna as “voortgaande openbaring”, wat leerstellig as “eskatologie” bekend staan. Die NT bekragtig hierdie opvatting van twee bedelings as ’n nuwe kosmiese werklikheid van “twee eras” (temporale dualisme).

<u>Jesus</u>	<u>Paulus</u>	<u>Hebreërs</u>
Mat. 12:32	Rom. 12:2	Heb. 1:2
Mat. 13:22	1 Kor. 1:20; 2:6, 8; 3:18	6:5
Mark. 10:30	2 Kor. 4:4	11:3
Luk. 16:8	Gal. 1:4	
Luk. 18:30	Ef. 1:21; 2:1, 7; 6:12	
Luk. 20:34-35	1 Tim. 6:17	
	2 Tim. 4:10	
	Tit. 2:12	

In NT teologie het hierdie twee Joodse eras die aspek van “oorvleueling” bygekry omrede die onverwagse (en dikwels misverstande Skrif) oor die twee verskynings van die Messias. Die menswording van Jesus het die OT profesieë vervul en daarmee vind die intrede van die nuwe era plaas. Die OT (profesieë) sien Hom ook kom as Regter en Oorwinnaar. In sy eerste verskyning is Hy die Lydende Knecht van die Here (Jes. 53), nederig en sagmoedig (vgl. Sag. 9:9). Hy sal egter met groot krag weer verskyn; net soos die profete voorspel het (vgl. Openb. 19). Hierdie twee-stadium vervulling veroorsaak dat die koninkryk ingelei is, maar nog nie volledig aangebreek het nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 12:33-37

³³“Either make the tree good and its fruit good, or make the tree bad and its fruit bad; for the tree is known by its fruit. ³⁴You brood of vipers, how can you, being evil, speak what is good? For the mouth speaks out that which fills the heart. ³⁵The good man brings out of his good treasure what is good; and the evil man brings out of his evil treasure what is evil. ³⁶But I tell you that every careless word that people speak, they shall give an accounting for it in the day of judgment. ³⁷For by your words you will be justified, and by your words you will be condemned”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:33-37.

12:33 “’n Boom word aan sy vrugte geken”; “for the tree is known by its fruit”: Wat ‘n mens doen of sê openbaar sy ware innerlike. Sien die aantekening by 7:16.

12:34	OAV	“Addergeslag”
	NAV	“Julle slange”
	CUM-MVB	“Julle slanggebroedersel”
	CUM-NLV	“Julle nes van adders”
	NASB	“You brood of vipers”

Jesus gebruik ‘n besondere kras uitdrukking om die godsdiensteiers van sy tyd te tipeer. Hier sluit Hy aan by die prediking van Johannes die Doper (vgl. Mat. 3:7). Die slang van Gen. 3 kan moontlik die oorsprong van hierdie metafoor wees (vgl. Openb. 12:9; 20:2).

☐	OAV	“Want uit die oorfloed van die hart, praat die mond”
	NAV, CUMs	“Waar die hart van vol is, loop die mond van oor”
	NASB	“For the mouth speaks out which fills the heart”

Dit is nie wat in die mens ingaan wat onrein maak nie, maar wat uitkom (vgl. Mark. 7:17-23). Mense se innerlike blyk uit wat hulle praat. Woorde lê die hart bloot. Om te kan praat, maak mense beelddraers van God. Vgl. *Vir Spesiale Aandag: menslike spraak* by 15:19.

12:35 Die “goeie skat” van die hart of “goeie dinge” (NAV), sinspeel op die innerlike mens (vgl. Luk. 6:45).

12:36	OAV, NAV, CUM-MVB	“daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag”
	CUM-NLV	“julle sal op die oordeelsdag rekenskap moet gee van elke onverskillige woord wat julle sê”
	NASB	“they shall give an account of it on the day of judgement”

Jesus het herhaaldelik na oordeel en die ewige gevolge daarvan verwys (vgl. Mat. 7:25). Hiermee word bedoel diegene wat Jesus verwerp het, wie se lewe, prioriteite en woorde tot so ‘n geestelike keuse aanleiding gegee het.

12:37 Sien *Vir Spesiale Aandag: menslike spraak* by 15:19.

NASB (UPDATED) TEXT: 12:38-42

³⁸Then some of the scribes and Pharisees said to Him, “We want to see a sign from You.” ³⁹But He answered and said to them, “An evil and adulterous generation craves for a sign; and yet no sign will be given to it but the sign of Jonah the Prophet; ⁴⁰for just as JONAH WAS FOR THREE DAYS AND THREE NIGHTS IN THE BELLY OF THE SEA MONSTER, so will the Son of Man be three days and three nights in the heart of the earth. ⁴¹The men of Nineveh will stand up with this generation at the judgment, and will condemn it because they repented at the preaching of Jonah; and behold, something greater than Jonah is here. ⁴²The Queen of the South will rise up with this generation at the judgement and will condemn it, because she came from the ends of the earth to hear the wisdom of Solomon; and behold, something greater than Solomon is here.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:38-42.

12:38	OAV, NAV, CUM-MVB	“skrifgeleerdes”
	CUM-NLV	“skrifkenners”
	NASB	“scribes”

VIR SPESIALE AANDAG: SKRIFGELEERDES

Hierdie titel is afgelei van die Hebraëuse *noen* (BDB 706), wat ‘n ‘mondellinge boodskap’ of ‘geskrewe dokument/dekreet’ beteken. Die vertaling in Grieks vir ‘n geskrewe dokument is *grammateus*. Die volgende kan skrifgeleerdes wees:

1. Leermeester (Neh. 8)
2. Regeringsamptenaar (2 Kon. 22:3-13)
3. Opskrywer/sekretaris (1 Kron. 24:6; 2 Kron. 34:13; Jer. 36:22)
4. Militêre offisier
5. Godsdienstige leier

In die NT staan hulle in noue verband met die Fariseërbeweging. Gewoonlik was hulle opgeleides in die OT en in die mondelinge tradisies, d.w.s. die Talmoed. Hulle was die mense wat die Joodse tradisies op die daaglikse lewe van toepassing gemaak het (vgl. Sirag 39:6), maar ongelukkig kon hulle ‘geregtigheid’ (d.w.s. Joodse wetsgehoorsaamheid en rituele) nie vrede met God bewerkstellig nie (vgl. Mat. 5:20; Rom. 3:19-20; 9:1-5, 30-32; 10:1-6; Kol. 2:20-22).

Hulle word in die Sinoptiese evangelies (Johannes verwys nooit na skrifgeleerdes nie – Joh. 8:3 is nie in die oorspronklike teks nie) as ‘n opponerende faksie teenoor Jesus beskou, hoewel sommige tot geloof in Hom gekom het (vgl. Mat. 8:19). Daar het

1. konflik ontstaan oor eet saam met sondaars en tollenaars, Mark. 2:16; Mat. 9:9- 13
2. konflik gekom oor die oorsprong van Jesus se gesag in uitdrywings, Mark. 3:22
3. konflik ontstaan oor Jesus wat sondes vergewe, Mat. 9:3; Luk. 5:21
4. uit hulle geledere ‘n eis gekom dat Hy ‘n buitengewone wonderwerk moes doen, Mat. 12:38
5. konflik ontstaan oor seremoniële wassing (hande), Mat. 15:1-2; Mark. 7:1-5
6. konflik oor die skare se verheerliking van Jesus tydens sy triomftog na Jerusalem, Mat. 21:15
7. konflik daaroor dat Jesus hulle motiewe bevraagteken het (d.w.s. soekers van eer en voorgestoeltes), Mark. 12:38-40
8. konflik daaroor dat Jesus hulle daarvan beskuldig het dat hulle skynheilige, blinde leiers is wat hulle op gesag van Moses beroem, Mat. 23:1-36

Op grond van hulle kennis van die Skrif behoort hulle die eerstes te gewees het om Jesus te herken en te aanvaar. Hulle tradisies (vgl. Jes. 29:13) het hulle egter heeltmaal verblind (Mat. 6:9-10)! Wanneer lig verdonker word, hoe groot is daardie duisternis dan nie!

- ▣ **OAV** “ons wil graag ‘n teken van U sien”
- NAV, CUMs** “ons wil (graag) ‘n wonderteken van U sien”
- NASB** “we want to see a sign from You”

Hulle het Jesus se prediking gehoor en het die genesings en uitdrywings wat Hy gedoen het gesien, maar hulle wil een of ander uitsonderlike teken sien voor hulle aan Hom sou glo. Dit was presies ‘n herhaling van ‘n vorige versoeking (vgl. Mat. 4:5-7), waaraan Jesus onmoontlik nie kon toegee nie. In werklikheid het Hy reeds teken op teken gegee, maar hulle wou of kon dit nie aanvaar nie (d.w.s. Jes. 6:9-10)!

- 12:39 OAV** “owerspelige”
- NAV** “afvallige”
- CUM-MVB** “ontroue”
- CUM-NLV** “goddelose”
- NASB** “adulterous”

“Owerspel” het ‘n metafoor vir geestelike ontrou geword (vgl. Lev. 20:5; Num. 25:1; Hos. 1:2; Mat. 16:4; Mark. 8:38; Jak. 4:4).

- ▣ **“behalwe die teken van die profeet Jona”; “the sign of Jonah the prophet”**: Soos wat Jona drie dae in die vis was, was Jesus drie dae in die graf (Hades). Ons moet onthou dat dit drie dae volgens Joodse tydindeling was en nie drie 24-uur periodes nie. Enige deel van ‘n dag, wat gestrek het van sonder tot sonder, is as ‘n volle dag gereken (vgl. Gen. 1).

Jesus se verwysing na Jona moet as sterk getuienis vir die historisiteit van die boek beskou word. Dit was immers die ondervinding in die vis wat as analogie gebruik kon word (vgl. 16:4).

- 12:40 OAV, NAV, CUM-MVB** “drie nagte”
- CUM-NLV** “(drie dae) en nagte”
- NASB** “three nights”

Sien die aantekeninge by 16:21.

- ▣ **OAV, CUM-MVB** “in die hart van die aarde”
- NAV** “binne-in die aarde”
- CUM-NLV** “in die binneste van die aarde”
- NASB** “in the heart of the earth”

Hiermee word neerdaling in Hades bedoel (vgl. 11:23), die ryk van die dodes, die graf, of metaforiese die plek van ongebore kinders (vgl. Ps. 139:15-16). Die frase is egter fenomenologiese taal²⁵: die taal van waarneming en algemene menslike beskrywing. Die Jode het, soos ons, hulle dooies begrawe wat beteken dat hulle in die aarde ‘lewe’. Sien in dié verband *Vir Spesiale Aandag: Waar is die gestorwenes?* by 5:22.

Sy hoorders kon hieruit niks meer verstaan as dat Hy begrawe sal wees nie, maar dat na die opstanding vir hulle lig sou opgaan. Maar Matteus het met hierdie uitspraak van Jesus opstandingsteologie in gedagte en nie soseer volgorde van gebeure nie (‘n uitspraak in die Bergrede soos Mat. 7:21-23 sou eers baie later vir hoorders verstaanbaar word).

²⁵ Vgl. NAV – vert.

12:41 OAV, CUM-MVB “Die manne van Ninevé”
NAV, CUM-NLV “Die mense van Nineve”
NASB “the men of Nineveh”

Nes vers 42 staan hierdie verwysing ook in noue verband met 11:20-24. Nineve het as gevolg van Jona se prediking tot inkeer gekom met die gevolg dat hulle God se oordeel gespaar gebly het. Die implikasie hiervan is dat die Nineviete van Jona se tyd hulle lewend in die hiernamaals bevind.

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB “bekeer”**
CUM-NLV “tot inkeer gekom”
NASB “repented”

Sien *Vir Speciale Aandag: Bekering* by 3:2 en aantekeninge by 4:17.

12:42 OAV, NAV, CUM-MVB “die koningin van die Suide”
CUM-NLV “die koningin van Skeba”
NASB “the Queen of the south”

Dis ‘n verwysing na die koningin van Skeba (vgl. 1 Kon. 10:1-15) wat steeds lewe en in die eindoordeel sal verskyn om te getuig.

▣ **OAV “en meer as Salomo is hier”**
NAV “En hier staan Een wat groter is as Salomo”
CUM-MVB “En kyk, hier staan Een wat baie belangriker is as Salomo”
CUM-NLV “Iemand baie belangriker as Salomo is nou hier by julle, tog weier julle om na Hom te luister”
NASB “something greater than Solomon is here”

Hierdie is ‘n Messiaanse uitspraak waarin Jesus se selfinsig duidelik tot openbaring kom. Hy ag Homself belangriker as die mees geroemde wyse man wat die antieke Ooste opgelewer het (vgl. 1 Kon. 3:12; 4:19-34). Sien die volledige aantekening by 12:6.

NASB (UPDATED) TEXT: 12:43-45

⁴³“Now when the unclean spirit goes out of a man, it passes through waterless places seeking rest, and does not find it. ⁴⁴Then it says, ‘I will return to my house from which I came’; and when it comes, it finds it unoccupied, swept, and put in order. ⁴⁵Then it goes and takes along with it seven other spirits more wicked than itself, and they go in and live there; and the last state of that man becomes worse than the first. That is the way it will also be with this evil generation.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:43-45.

12:43 OAV “die onreine gees”
NAV, CUMs “’n onrein gees”
NASB “the unclean spirit”

Sien *Vir Speciale Aandag: Demonisme (onrein geeste)* by 10:1.

▣ **OAV “waterlose plekke”**
NAV, CUM-MVB “dor streke”
CUM-NLV “dor plekke”
NASB “waterless places”

Die woestyn is volgens die OT die boerplek van demone (bv. Asasel in Lev. 16 en woestyngediertes en “veldgode”, Jes. 13:21; 34:14 – NAV).

12:44-45 Dié gedeelte het drie moontlike betekenisse:

1. Joodse duiweluitdrywers bied nie geloof daarmee saam nie en die bose gees kom dan terug na ’n leë plek;
2. ‘n heenwysing op Israel wat afgodsdienste verwerp het, maar nie in plek daarvan hulle verhouding met JHWH opgeskerp het nie; of
3. hulle aanvaarding van Johannes die Doper, wat hulle as gestuurde van God beskou het, maar met die verwerping van Jesus hulle tog weer in dwaling van die ergste graad verval het (vgl. 2 Pet. 2:20-22).

NASB (UPDATED) TEXT: 12:46-50

⁴⁶While He was still speaking to the crowds, behold, His mother and brothers were standing outside, seeking to speak to Him. ⁴⁷Someone said to Him, “Behold, Your mother and Your brothers are standing outside seeking to speak to You.” ⁴⁸But Jesus answered the one who was telling Him and said, “Who is My mother and who are My brothers?” ⁴⁹And stretching out His hand toward His disciples He said, “Behold, My mother and My brothers!” ⁵⁰For whoever does the will of My Father who is in heaven, he is My brother and sister and mother.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 12:46-50.

12:46 OAV “staan sy moeder en broers daar buite”

NAV	“het sy moeder en broers buite gestaan”
CUM-MVB	“kyk, sy moeder en sy broers het buite gestaan”
CUM-NLV	“toe staan sy ma en sy broers buitekant”
NASB	“His mother and brothers were standing outside”

Moontlik het hulle gedink Jesus werk onnodig hard of Hy wyk te veel af van die gevestigde tradisies (vgl. Mark. 3:20-21).

12:47 Hierdie vers ontbreek in die Griekse MSS \aleph , B en L of in sommige ou Latyn, Siriese en Koptiese manuskripte. Dit is egter ingesluit in die manuskripte \aleph^c , C en D, asook in die Vulgaat en die Diatessaron.²⁶ Dit wil voorkom of oorskrywers dit ingebring het om die genoemde drie (\aleph^c , C en D) te laat ooreenstem. Dit kom ook in Mark. 3:32 en Luk. 8:22 voor. Die NASB, NKJV, NRSV, TEV en die Afrikaanse vertalings wat in hierdie studieleiding-kommentaar gebruik word, bevat vers 47. Die vertaalspan van *The United Bible Societies Fourth Edition Greek New Testament* glo dat dit per abuis in sommige Griekse afskrifte weens ‘n glips van die oog (*homoloteleuton*) weggelaat is. So kon dit maklik gebeur het dat dit as gedeelte tussen die twee WERKWOORDE “praat” aan die einde van vers 46 en 47 die oog ontglim het.²⁷ Die vers is egter noodsaaklik om die paragraaf te laat sin maak.

12:50	OAV, NAV	“Elkeen wat die wil doen van my Vader ”
	CUMs	“Elkeen wat aan die wil van my. . .Vader gehoorsaam is.”
	NASB	“For whoever does the will of My Father”

Die wil van God is om tot inkeer te kom en in Hom wat Hy gestuur het te glo (vgl. Joh. 6:39-40). Eenmaal gered, dan is God se wil ook dat elke gelowige tot Christus-gelykvormigheid moet ontwikkel (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19). Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Wil van God* by 7:21.

Die NIDOTTE, vol. 1 bl. 488, maak treffende stellings omtrent die dissipelskap waartoe Jesus gelowiges oproep:

1. jou hele lewe as ‘n offer wat volkome aan Hom behoort (vgl. Mat. 10:37; Luk. 9:59-62; 14:26-27);
2. onvoorwaardelik tot sy beskikking jou hele lewe lank (vgl. Mat. 16:24-25; Joh. 11:16);
3. so verbind aan Jesus dat jy soos Hy God se wil wil doen (vgl. Mat. 12:46-50; Mark. 3:31-35).

Jesus se roep tot volgelingskap van selfopoffering demonstreer dat die gevolge van die sondeval omgekeer word, ‘n lewenslange, allesomvattende roeping!

■	OAV, NAV, CUM-MVB	“wat in die hemel(e) is”
	CUM-NLV	“my hemelse Vader”
	NASB	“who is in heaven”

‘n Uitdrukingswyse wat herhaaldelik in Matteus voorkom (vgl. 5:16,45; 6:1,9; 7:11,21; 10:32-33; 12:50).

■	OAV	“dié is my broer en suster en moeder”
	NAV, CUM-MVB	“dié is my eintlike broer en my suster en my moeder”
	CUM-NLV	“is my eintlike familie”
	NASB	“He is my brother, and sister and mother”

Geloof in Christus gaan aardse familiebande te bowe (vgl. die parallelle gedeelte in Mark. 3:31-35). Christendom is ‘n familie op die Vaderskap van God en die broederskap van Jesus gebaseer (vgl. Rom. 8:15-17).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriflik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom kom Jesus so sterk op vir die OT wet in Matteus 5:17-21, maar verwerp Hy ook weer heftig die mondelinge tradisie van die Jode?
2. Maak Jesus in hoofstuk 12 daarop aanspraak dat Hy die Messias is?
3. Het Jesus wonderwerke in konfrontasie of in reaksie op die Fariseërs gedoen?
4. Hoe beskryf Jes. 42:1-4 die bediening van die Messias?
5. Verduidelik hoekom die Fariseërs Jesus Beëlseub noem.
6. Wat is Hades en waar is dit?
7. Verduidelik die gelykenis in verse 43-45.

²⁶ Jesus se lewe op vier evangelies gebaseer deur Tatianus – vert.

²⁷ Vergelyk byvoorbeeld NAV en CUM-MVB – vert.

MATTEUS 13

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Parable of the Sower 13:1-9	The Parable of the Sower 13:1-9	Teaching in Parables 13:1-9	The Parable of the Sower 13:1-3a 13:3b-9	Introduction 13:1-3a Parable of the Sower 13:3b-9	Die gelykenis van die saaiër 13:1-9
The Purpose of the Parables 13:10-17 (14b-15)	The Purpose of Parables 13:10-17	13:10-17	The Purpose of the Parables 13:10 13:11-15 13:16-17	Why Jesus Speaks in Parables 13:10-15 (14b-15) 13:16-17	Die doel van gelykenisse 13:10-17
The Parable of the Sower Explained 13:18-23	The Parable of the Sower Explained 13:18-23	13:18-23	Jesus Explains the Parable of the Sower 13:18-23	The Parable of the Sower Explained 13:18-23	Jesus verklaar die gelykenis van die saaiër 13:18-23
The Parable of the Weeds Among the Wheat 13:24-30	The Parable of the Wheat and Tares 13:24-30	Weeds in the Wheat 13:24-30	The Parable of the Weeds 13:24-30	Parable of the Darnel 13:24-30	Die gelykenis van onkruid tussen die koring 13:24-30
The Parables of the Mustard Seed and the Leaves 13:31-32	The Parable of the Mustard Seed 13:31-32	The Mustard Seed 13:31-32	The Parable of the Mustard Seed 13:31-32	Parable of the Mustard Seed 13:31-32	Die gelykenisse van die mostertsaadje en die suurdeeg 13:31-32
13:33	The Parable of the Leaves 13:33	Yeast 13:33	The Parable of the Yeast 13:33	Parable of the Yeast 13:33	13:33
The Use of Parables 13:34-35 (35b)	Prophecy and Parables 13:34-35	13:34-35	Jesus' Use of Parables 13:34-35	The People are Taught Only in Parables 13:34-35 (35b)	Die gebruik van gelykenisse 13:34-35
The Parables of the Weeds Explained 13:36-43	The Parable of the Tares Explained 13:36-43	13:36-43	Jesus Explains the Parable of the Weeds 13:36 13:37-43	The Parable of the Darnel Explained 13:36-43	Verklaring van die gelykenis van die onkruid 13:36-43
Three Parables 13:44	The Parables of Hidden Treasure 13:44	Hidden Treasure 13:44	The Parable of the Hidden Treasure 13:44	Parable of the Treasure and of the Pearl 13:44	Drie kort gelykenisse 13:44-50
	The Parable of the Pearl of Great Price	The Pearl of Great Value	The Parable of the Pearl		

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

13:45-46	13:45-46	13:45-46	13:45-46	13:45-46	
	The Parable of the Dragnet	The Dragnet	The Parable of the Net	Parable of the Dragnet	
13:47-50	13:47-52	13:47-50	13:47-50	13:47-50	
				Conclusion	Ou en nuwe skatte
13:51-52		13:51-53	13:51a	13:51-52	13:51-52
			13:51b		
			13:52		
The Rejection of Jesus at Nazareth	Jesus Rejected at Nazareth	Rejection at Home	Jesus Rejected at Nazareth	A Visit to Nazareth	Jesus word in Nasaret misken
13:53-58	13:53-58		13:53-57a	13:53-58	13:53-58
		13:54-58			
			13:57b-58		

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 13:1-58

- A. Om gelykenisse te verstaan, was altyd en is steeds afhanklik van 'n voorafgaande geloofsverbintenis. Selfs die apostels het Jesus se onderrig aanvanklik nie verstaan nie (vgl. Mat. 4:1,40; 6:52; 7:18; 8:17,21,33; 9:10,32). Begrip is tot 'n mate afhanklik van
 1. uitverkiesing;
 2. innerlike verligting deur die krag van die Gees; en
 3. 'n gewilligheid tot boetedoening en geloof (vgl. Jes. 6:9-10; 30:6).
 Om te verstaan verg goddelike bemagtiging en menslike reaksie in geloof.
- B. 'Gelykenis' in Grieks (*para-ballō*) is 'n saamgestelde woord wat 'werp langsaan' beteken. Alledaagse dinge is gebruik om geestelike waarhede oor te dra. Dit is egter belangrik om te onthou dat die Joodse skrywers die Griekse woord sou vertaal met die Hebreeuse '*mashal*', wat 'raaisel' of 'spreuk' in die wysheidsliteratuur beteken het. Daarom stem die gelykenis as literêre vorm ooreen met die parallellisme²⁸ van die Hebreeuse digkuns:
 1. gelykenisse wat ooreenkoms toon;
 2. gelykenisse wat teenstellings aandui;
 3. gelykenisse wat tot sekere tipes klimaktiese stellings opbou om waarheid tuis te bring.
 Dit is van kardinale belang om te bepaal watter tipe ooreenstemmende/teenstellende klimaks die gelykenis gebruik om te bepaal wat die boodskap daaragter is. As hierdie punt gemis word, gaan die bedoeling van die gelykenis verlore. 'n Mens moet bereid wees om kwessies en verwagte uitkomst te heroorweeg in die lig van die verrassende aard van die *mashal*.
- C. Sommige gelykenisse in hoofstuk 13 is 'n aanvulling of herhaling van dieselfde gedagte. Verskillende voorbeelde word gebruik om dieselfde waarheid te beklemtoon.

²⁸ *Paralellismus membrorum* – vert.

1. die onkruid en die treknet
 2. die mostertsaad en die suurdeeg
 3. die weggesteekte skat en die pêrel van groot waarde
- Dit is moontlik dat verse 51-52 as 'n agste gelykenis bedoel is.

D. Die gelykenisse in hoofstuk 13 het in die ander Sinoptiese evangelies die volgende parallele:

<u>Matteus</u>	<u>Markus</u>	<u>Lukas</u>
13:1-9, 18-23	4:1-9, 13-20	8:4-8, 11-15
13:6-9	—	—
13:24-30, 36-43	—	—
13:31-32	4:30-32	13:18-19
13:33	—	13:20-21
13:34	—	—
13:44	—	—
13:45-46	—	—

- E. Van die sewe gelykenisse in Mat. 13, kom die saaiër/akkers en die mostertsaad in Markus en Lukas voor, maar die gelykenis van die suurdeeg slegs in Lukas. Matteus het die onderrig van Jesus in 'n lang preek (hfste. 5-7) saamgevat en dieselfde gedoen met Jesus se gelykenisse in hoofstuk 13.
- F. Dit is moontlik dat Matteus sy evangelie gestruktureer het om die geloofsreaksies op Jesus se onderrig en prediking (hoofstukke 8-12) te vermeng. Sommige het reageer, ander weer nie. As Jesus dan die Messias was, hoekom was alle reaksie nie positief nie? Dié vraag word hier in 'n reeks van gelykenisse beantwoord.

VIR SPESIALE AANDAG: GELYKENISONTLEDING

Die evangelies is baie jare na Jesus se leeftyd geskryf. Die evangelieskrywers was gewoon aan 'n kultuur van mondelinge oordrag van waarheid – vanselfsprekend onder leiding van die Heilige Gees. Die rabbyne se aanbiedinge was ook mondelings. Na ons beste wete het Jesus ook nooit van sy onderrig of boodskappe neergeskryf nie, maar Hom algeheel verlaat op mondelinge oordrag. Om die geheue te ondersteun is preke herhaal, opgesom en geïllustreer. Die evangelieskrywers het ruimskoots van hierdie geheuestutte gebruik gemaak. Gelykenisse is 'n literêre genre wat as een van hierdie tegnieke beskou kan word. Gelykenisse is moeilik om te definieer

“Gelykenisse kan die beste as 'n storie met twee vlakke van betekenis gedefinieer word; die storiendeel (vlak) is soos 'n spieël waarin die werklikheid gesien en verstaan kan word,” (geneem uit *Dictionary of Jesus and the Gospels*, bl. 594).

“'n Gelykenis is 'n uitspraak of verhaal waardeur 'n spreker aan die hand van 'n bekende situasie uit die gewone lewe sy punt wil maak of beklemtoon,” (geneem uit *The Zondervan Pictorial Bible Encyclopedia*, bl. 590).

Dit is nie maklik om te beskryf wat in Jesus se dae as 'n 'gelykenis' verstaan is nie.

1. Sommige is van mening dat dit iets van die Hebreuse term, *mashal*, weerspieël, wat enige soort raaisel of slim uitspraak, 'n kort leuse of 'n bedekte woord kon wees.
2. Ander staan daarby dat die eenvoudige definisie van 'n kort storie' of 'n kortverhaal, voldoende is.

Afhangende van hoe 'n mens die definisie verstaan is meer as 'n derde van Jesus se prediking opgeteken in die vorm van gelykenisse. Dit was 'n belangrike NT literêre genre. Gelykenisse is duidelik uitsprake wat oorspronklik van Jesus self gekom het. As 'n mens die tweede definisie huldig, is daar steeds verskeie verskillende tipes kortverhale onderskeibaar

1. eenvoudige verhale (Luk. 13:6-9)
2. meer ingewikkelde verhale (Luk. 15:11-32)
3. teenstellende verhale (Luk. 16:1-8; 18:1-8)
4. tipologiese/allegoriese verhale (Mat. 13:24-30,7-50; Luk. 8:4-8,11-15; 10:25-37; 14:16-24; 20:9-19; Joh. 10; 15:1-8)

In die hantering van die verskeidenheid van gelykenis-materiaal is dit nodig om interpretasie op 'n hele paar vlakke aan te pak. Die eerste vlak is gewone hermeneutiese beginsels soos van toepassing op alle Bybelse genres (algemene hermeneutiek).

Eerste vlak

1. Stel vas wat die skrywer se doel met die hele boek is of alternatiewelik sy doel met die wyer literêre eenheid.
2. Bepaal die gehoor aan wie gerig, want dieselfde gelykenis was soms aan die adres van wisselende gehore gerig.
 - a. die verlore skaap aan sondaars in Luk. 15
 - b. die verlore skaap aan dissipels in Mat. 18
3. Vind die onmiddellike konteks, of hoofgedagte (deur Jesus of die skrywer, beide geïnspireerd), meesal in die slot van die gelykenis of net daarna.
4. Vat die sentrale gedagte (s) in 'n enkele verklarende sin saam. Gelykenisse handel gewoonlik oor twee of drie hoofkarakters. Normaalweg is daar waarheid, doel of 'n punt gemaak (intrige) ten opsigte van elke karakter.

5. Vergelyk parallelle gedeeltes in die ander evangelies, ook in ander NT en OT boeke.

Die **Tweede vlak** van interpretasiebeginsels het hoofsaaklik te doen met hoe spesefiek gelykenisse benader moet word.

1. Lees (hoor indien moontlik) die gelykenis 'n paar keer. Hulle was immers bedoel vir impak op die oor en nie vir analitiese lees nie.
2. Die meeste gelykenisse hanteer 'n enkele sentrale waarheid wat histories en literêr met Jesus en die evangelieskrywer/evangelis te doen het.
3. Wees versigtig met die fynere besonderhede (hoewel Jesus dit soms wel betekenis gegee het), want gewoonlik dien dit slegs as agtergrond vir die storie.
4. Hou in gedagte dat gelykenisse nie in werklikheid gegrond is nie. Hulle is grepe uit lewenservaring, maar dikwels sterk oordrewe om die punt of waarheid duidelik tuis te bring.
5. Bepaal die hoofmomente van die storie soos wat die eerste-eeuse Jodendom dit sou verstaan. Kyk dan uit vir die wending of verrassingselement, gewoonlik aan die einde van die storie (vgl. A. Berkeley Mickelsen, *Interpreting the Bible*, bl. 221-224). Hiermee raak hy die kernaspek van die genre aan.
6. Alle gelykenisse is bedoel om reaksie uit te lok. Die reaksie staan in verband met 'die koninkryk van God'. Jesus was die aanbrenner van die nuwe Messiaanse Ryk (Mat. 21:31; Luk. 17:21). Dié wat hoor moet onmiddellik antwoord!

Die koninkryk was ook toekomstig (Mat. 25). Iemand se toekoms het afgehang van sy reaksie op Christus in die hede. Gelykenisse oor die koninkryk het die nuwe ryk beskryf wat met Jesus se koms aangebreek het. Sulke gelykenisse het die etiese en radikale vereistes vir dissipelskap beskryf. Niks kon maar bly soos dit voorheen was nie. Alles is vernuwe en gefokus op Jesus!

7. Soms beklemtoon die gelykenis nie die sentrale punt of waarheid nie. Die skrifverklaarder moet dan uit die verband die sleutels vind om die boodskap te ontsluit, want wat in die oorspronklike kultuursituasie glashelder was, is vandag vir ons onduidelik.

'n **Derde Vlak** is dikwels omstrede omrede die 'verborgenheid' van waarheid in gelykenisse. Jesus het dikwels na hierdie verborgenheid verwys (Mat. 13:9-15; Mark. 4:9-13; Luk. 8:8-10; Joh. 10:6; 16:25). Dit stem ooreen met die profesie van Jesaja (6:9-10). Die hart van die gelowige bepaal die graad van insig (vgl. Mat. 11:15; 13:9,15,16,43; Mark. 4:9,23,33-34; 7:16; 8:18; Luk. 8:8; 9:44; 14:35).

Aan die ander kant is dit belangrik om te weet dat die skare (Mat. 15:10; Mark. 7:14) en die Fariseërs (Mat. 21:45; Mark. 12:12; Luk. 20:19) die woorde van Jesus volkome begryp het, maar geweier het om met geloof en belydenis daaraan gehoor te gee. In 'n sekere sin weerspieël dit presies wat Jesus in die gelykenis van die verskillende tipes grond geleer het (Mat. 13; Mark. 4; Luk. 8).

Die gelykenisse was 'n manier om waarheid uit te lig of te verberg (Mat. 13:16-17; 16:12; 17:13; Luk. 8:10; 10:23-24).

Grant Osborne in sy *Hermeneutical Spiral*, bl. 239, maak die punt dat "gelykenisse 'n 'trefmeganisme' is wat verskillend funksioneer, afhange van die gehoor. . . Elke groep (leiers, skares, dissipels) word verskillend getref deur gelykenisse." Selfs die dissipels het dikwels nie sy gelykenisse of onderrig verstaan nie (vgl. Mat. 15:16; Mark. 6:52; 8:17-18,21; 9:32; Luk. 9:45; 18:34; Joh. 12:16).

'n **Vierde Vlak** is ook kontroversieel. Dit soek na die sentrale tema van gelykenisse. Die meerderheid skrifverklaarders het (tereg) in opstand gekom teen die sogenaamde allegoriese gebruik van gelykenisse. Allegorie het die besonderhede in breedvoerige waarheidstelsels verander. Die benadering het dus nie op die historiese agtergrond, literêre konteks of die skrywer se bedoeling ag geslaan nie en sodoende voorkeur gegee aan die denke van die verklaarder eerder as die teks opsigself.

Toegegee, die paar gelykenisse wat Jesus verklaar het is baie naby aan allegorie, of ten minste tipologie. Jesus het fynere besonderhede gebruik om waarheid oor te dra (die saaiër, Mat. 13; Mark. 4; Luk. 8 en die kwaadwillige landbouers (vgl. Mat. 21; Mark. 12; Luk. 20).

Sommige ander gelykenisse het ook hooftemas. 'n Goeie voorbeeld is die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15:11-32). Dit gaan nie net oor die liefde van die Vader of die afvalligheid van die jonger seun nie; die gesindheid van die ouer broer is inherent deel van die gelykenis.

'n Nuttige aanhaling uit Peter Cotterell en Max Turner se *Linguistics and Biblical Interpretation*, bl. 308:

"Dit was Adulf Julicher meer as enigiemand anders wat Nuwe Testamentiese kundiges genoop het om 'n daadwerklike poging aan te wend om die doel van die gelykenis in Jesus se onderrig te bepaal. Die radikale allegoriserende poging van die gelykenisse is verwerp en die soeke na 'n sleutel wat ons in staat sou stel om hulle ware betekenis te verstaan, het begin. Maar soos Jeremia duidelik gemaak het: 'Sy pogings om die gelykenisse van fantastiese en arbitrêre interpretasie van elke besonderheid te verlos, het hom 'n noodlottige fout laat begaan.' Die fout was om nie net aan te dring dat 'n gelykenis 'n enkele idee probeer oordra nie, maar dat hierdie idee so algemeen as moontlik moet wees."

Nog 'n nuttige aanhaling: Grant Osborne, *The Hermeneutical Spiral*, bl. 240:

"Ek het egter baie aanduidings opgemerk dat die gelykenisse inderdaad allegories is, selfs al word dit beheer deur die skrywer se bedoeling. Blomberg (1990) argumenteer selfs dat daar soveel punte gemaak word as wat daar karakters in die gelykenis is en dat hulle inderdaad allegories is. Hoewel dit ietwat oordrewe is is dit nader aan die waarheid as die 'een punt'-benadering."

Behoort gelykenisse gebruik te word in die onderrig van leerstellige waarhede? Die meeste verklaarders is beïnvloed deur misbruik van die allegoriese metode van gelykenisontleding, wat hulle in staat gestel het om leerstellings daar te stel wat niks te doen het met die oorspronklike bedoeling van Jesus of van die evangelieskrywer nie. Betekenis is noodwendig afhanklik van die skrywer se bedoeling. Jesus en die evangelieskrywers was onder inspirasie, verklaarders is nie.

Ten spyte van hulle misbruik bly gelykenisse onderrigmediums van waarheid – doktrinale waarheid. Bernard Ramm spreek hom soos volg daaroor uit:

“Gelykenisse onderrig wel doktrine en die standpunt dat hulle glad nie gebruik mag word in doktrinale formulering nie, is onvanpas. . . ons moet ons resultate met duidelike, voor die hand liggende leer van ons Here vergelyk, sowel as met die res van die Nuwe Testament. Gelykenisse met gepaste vermanings mag gebruik word om doktrine te illustreer, Christen-ervaring te verlig en praktiese lesse te leer,” *Protestant Biblical Interpretation*, bl. 285.

Ten slotte bied ek nog drie aanhalings wat waarsku teen misbruik van die gelykenisse:

1. Geneem uit *How to Read the Bible For All Its Worth* deur Gordon Fee en Doug Stuart:
“Die lot van gelykenisse in die kerk was waninterpretasie slegs oorskadu deur dié van Openbaring,” (bl. 135).
2. Geneem uit *Understanding and Applying the Bible* deur J. Robertson McQuilkin:
“Gelykenisse was die bron van onbeskryflike seën in die verheldering van geestelike waarheid vir God se volk. Terselfdertyd was gelykenisse die oorsaak van onbeskryflike verwarring in beide dogma en praktyk in die kerk,” (bl. 164).
3. Geneem uit *The Hermeneutical Spiral* deur Grant Osborne:
“Gelykenisse is van die skrifgedeeltes waaroor die meeste geskryf is, maar tegelyk hermeneuties die meeste misbruik is. . . die mees dinamiese en tog die moeilikste verstaanbare van die Bybelse genres. Die kommunikasiepotensiaal van die gelykenis is enorm, want dit skep ‘n vergelyking of storie uit alledaagse ervarings. Nietemin, daardie storie opsigself is in staat tot baie betekenis, en dit is vir die moderne leser net so moeilik om te verklaar as vir die aanhoorders van ouds,” (bl. 235).

‘n Paar nuttige naslaanbronne:

1. Gordon Fee en Doug Stuart, *How to Read the Bible For All Its Worth*, hoofstuk 8
2. Kenneth Bailey, *Poet and Peasant* en *Through Peasant Eyes: A Literary-Cultural Approach to the Parables in Luke*
3. Robert Stein, *The Method and Message of Jesus’s Teaching*, hoofstuk 2
4. Robert Stein, *A Basic Guide to Interpreting the Bible: Playing by the Rules*, hoofstuk 10

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 13:1-2

¹That day Jesus went out of the house and was sitting by the sea. ²And large crowds gathered to Him, so He got into a boat and sat down, and the whole crowd was standing on the beach.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:1-2.

13:1	OAV	“op daardie dag”
	NAV, CUM-MVB	“dieselfde dag”
	CUM-NLV	“later daardie dag”
	NASB	“that day”
	NKJV	“on the same day”
	NRSV,TEV,NJB	“that same day”

Hierdie is nie bedoel om ‘n tydsaanduiding te wees nie, maar ‘n oorgangstegniek. ‘n Voorbeeld hiervan as tydsaanduiding kom in 22:23 en Mark. 4:35 voor.

■	OAV, NAV, CUM-NLV	“en (by) langs die see gaan sit”
	CUM-MVB	“en by die meer gaan sit”
	NASB	“was sitting by the sea”

Om te sit was die rabbyne se amptelike onderrigposisie (vgl. vers 2; 15:29; 24:3; 26:55; Luk. 4:20; Han. 13:14). Hulle het in staande posisie die Skrif voorgelees (vgl. Luk. 14:6). Hierdie posisie en plek dui op ‘n onderrigsessie. Die see het as ‘n natuurlike amfiteater gedien.

13:2	OAV	“sodat Hy in ‘n skuit geklim en gaan sit het”
	NAV, CUM-MVB	“dat Hy in ‘n skuit geklim en daarin gaan sit het”
	CUM-NLV	“gevolglik was Hy verplig om in ‘n skuit te klim en daarin te gaan sit”
	NASB	“so He got into a boat and sat down”

Gewoonlik was ‘n boot beskikbaar wanneer Jesus gepreek het oor die gedrang van die skare (vgl. Luk. 5:1-3; Mark. 3:9).

NASB (UPDATED) TEXT: 13:3-9

³And he spoke many things to them in parables, saying, “Behold, the sower went out to sow; ⁴and as He sowed, some seeds fell beside the road, and the birds came and ate them up. ⁵Others fell on the rocky places, where they did not have much soil; and immediately they sprang up, because they had no depth of soil. ⁶But when the sun had risen, they were scorched; and because they had no root, they withered away. ⁷Others fell among the thorns, and the thorns came up and choked them out. ⁸And others fell on good soil and yielded a crop, some hundredfold, some sixty, and some thirty. ⁹He who has ears, let him hear.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:3-9.

13:3 OAV “’n Saaier het uitgegaan om te saai”
NAV, CUM-MVB “(Kyk), ‘n saaiër het eendag gaan saai”
CUM-NLV “’n Boer het eendag lande toe gegaan om te saai”
NASB “the sower went out to sow”

Hierdie is ‘n uiters belangrike gelykenis omdat Jesus dit ook self uitlê. Al die aspekte van saad, die saaiër, die wisselende grondgehalte en die oes is van belang in Jesus se interpretasie van die gelykenis (verse 18-23).

Dit is tot ‘n mate allegories, of ten minste tipologies. Allegorie soek ‘n verborge, dieper betekenisvlak in ‘n teks. Sodoende veronderstel dit betekenis in ‘n teks wat geen verband het met die bedoeling van die oorspronklike skrywer of sy dag, of eens die trant van die geskrif oor die algemeen nie. Tipologie, aan die ander kant, probeer fokus op die eenheid van die Bybel, gebaseer op die veronderstelling van een goddelike Skrywer met een goddelike plan. Ooreenkomste in die OT voorveronderstel NT waarhede. Hierdie ooreenkomste word vanself duidelik vanuit ‘n lesing van die hele Bybel (vgl. Rom. 15:4; 1 Kor. 10:6,11).

13:4-7 OAV “pad. . .rotsagtige plekke. . .dorings”
NAV “pad. . .klipbanke. . .onkruid”
CUMs “(pad) ’n voetpaadjie. . .(klipbanke) klipperige aarde. . .(doringplante) dorings”
NASB “the road. . .the rocky places. . .thorns”

Gewoonlik het die dorpsboere saamgespan en die hele stuk veld om hulle wonings bewerk. In hierdie veld was daar voetpaaie, vlak grondgedeeltes en gedeeltes waar doringbosse wortelgeskiet het. Die hele stuk veld is dan omgeploeg. Die saaiers het saad blindelings oor die groot geploegde veld gestrooi.

13:8 OAV “En ‘n ander deel het in goeie grond geval en vrug opgelewer, die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig”
NAV, CUMs “Nog ander saad het op goeie grond geval. Dit het ‘n oes (gelewer) voortgebring, party honderdmaal, party sestig maal en party dertig maal”
NASB “And others fell on the good soil and yielded a crop, some a hundredfold, some sixty, and some thirty”

Die belangrike punt hier is dat die plante vrug opgelewer het, hoeveelheid is nie so belangrik nie. Ons moet versigtig wees om nie ‘ontkieming’ met verlossing gelyk te stel nie! Johannes vermeld in hoofstuk 8:3 “die Jode wat in Hom glo” (NAV), en dat volgens die latere konteks (vers 59) hulle duidelik nog nie gered was nie. Die Bybel maak ‘n onderskeid tussen aanvanklike, emosionele respons en permanente dissipelskap wat lewensveranderend is. In hierdie gelykenis is ‘ontkieming’ gelyk aan die eerste en ‘vrug voortbring’ gelyk aan die tweede.

13:9 Sien die aantekening by 11:15.

NASB (UPDATED) TEXT: 13:10-17

¹⁰And the disciples came and said to Him, “Why do You speak to them in parables?” ¹¹Jesus answered them, “To you it has been granted to know the mysteries of the kingdom of heaven, but to them it has not been granted. ¹²For whoever has, to him *more* shall be given and he will have an abundance; but whoever does not have, even what he has shall be taken away from him. ¹³Therefore I speak to them in parables; because while seeing they do not see, and while hearing they do not hear, nor do they understand. ¹⁴In their case the prophesy of Isaiah is being fulfilled, which says,

‘YOU WILL KEEP ON HEARING, BUT WILL NOT UNDERSTAND;
 YOU WILL KEEP ON SEEING, BUT WILL NOT PERCEIVE;
¹⁵FOR THE HEART OF THIS PEOPLE HAS BECOME DULL,
 WITH THEIR EARS THEY SCARCELY HEAR,
 AND THEY HAVE CLOSED THEIR EYES,
 OTHERWISE THEY WOULD SEE WITH THEIR EYES,
 HEAR WITH THEIR EARS,
 AND UNDERSTAND WITH THEIR HEART AND RETURN,
 AND I WOULD HEAL THEM’

¹⁶But blessed are your eyes, because they see; and your ears, because they hear. ¹⁷For truly I say to you that many prophets and righteous men desired to see what you see, and did not see it, and to hear what you hear, and did not hear it.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:10-17.

13:10-13 Om werklik Jesus se gelykenisse te verstaan, vereis ‘n geloofsverbintenis van die hoorder sowel as die verhelderende krag van die Gees. Gelykenisse vereis reaksie! Hierdie reaksie bind die krag van God met die vrye wil van die gelowige aanhoorder. Sien die inleidende notas aan die begin van hierdie hoofstuk.

13:11	OAV	“die verborgenhede van die koninkryk van die hemele”
	NAV	“die geheime van die koninkryk van die hemel”
	CUM-MVB	“die geheime van die koninklike regering van God”
	CUM-NLV	“die geheime van God se koningsheerskappy”
	NASB	“the mysteries of the kingdom of heaven”

Jesus gebruik hierdie term vir die nuwe era (vgl. Mat. 5-7) met sy nuwe siening van die werklikheid. Die geheimenisse gaan oor Hom en sy nuwe koninkryk. Hierdie term word gebruik om God se ewige verlossingsplan te beskryf wat nou eers in God se Messias tot openbaring kom (vgl. Luk. 22:22; Han. 2:23; 3:18; 4:28; Ef. 1:11; 1 Pet. 1:12). Nie elke hoorder verstaan hierdie dinge nie (vgl. vers 13,16-17,19,23; Mark. 4:11-12).

13:12 Die Joodse leiers met al hul kennis van die Skrif moes eintlik Jesus herken het en Hom en sy leer verwelkom het, maar hulle het nie. Dus is diegene wat Hom kon/moes aanvaar het, meer aanspreeklik (vgl. Luk. 12:48). Hulle gedeeltelike kennis veroorsaak volkome oordeel (ooreenstemmend met 2 Pet. 2:20-22).

13:14-15	OAV, NAV	“en aan hulle word die profesie van Jesaja vervul”
	CUM-NLV	“die profesie van Jesaja word in hulle geval bewaarheid”
	NASB	“the prophecy of Isaiah is being fulfilled”

Hierdie is ‘n aanhaling uit die Septuaginta (LXX). Dit volg uit Jesaja se roeping en sending. God het hom meegedeel dat hy sou spreek, maar dat die mense nie sou hoor en reageer nie (vgl. Jes. 6:9-10). Hierdie selfde aanhaling kom in Joh. 12:40 en in Han. 28:25-27 voor. Vir dié wat geloof het en leef volgens die lig waaroor hulle beskik, sal God opvolg met meer openbaring, maar vir diegene sonder geloof is die Skrif ‘n stil en duister boek! Gelykenisse maak groter waarheid of insig oop vir wie wil luister, maar bedek tegelyk waarheid of insig vir diegene wat weier om in Christus te glo. Sien F.F. Bruce, *Answers to Questions*, bl. 176-177.

■	OAV, CUMs	“hart”
	NAV	“verstand”
	NASB	“heart”

Sien *Vir Speciale Aandag: Hart* by 5:8.

13:16 Vergelyk hierdie vers met Mark. 4:13.

13:17	OAV	“voorwaar”
	NAV, CUMs	“dit verseker Ek”
	NASB	“truly”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:18.

■ **“baie profete en godvresende mense (regverdiges/gelowiges) het begeer om te sien en te hoor wat julle sien en hoor, maar dit was hulle nie beskore nie”; “many prophets and righteous men desired to see what you see, and did not see it”**: NT gelowiges weet soveel meer van God se verlossingsplan vir alle mense as die persoonlikhede van die OT (1 Pet. 1:10-12). Dit plaas op ons ‘n skrikwekkende verantwoordelikheid.

NASB (UPDATED) TEXT: 13:18-23

¹⁸“Hear then the parable of the sower. ¹⁹When anyone hears the word of the kingdom and does not understand it, the evil one comes and snatches away what has been sown in his heart. This is the one on whom seed was sown beside the road. ²⁰The one on whom seed was sown on the rocky places, this is the man who hears the word and immediately receives it with joy; ²¹yet has no firm root in himself, but is only temporary, and when affliction or persecution arises because of the word, he immediately falls away. ²²And the one on whom seed was sown among thorns, this is the man who hears the word, and the worry of the world and the deceitfulness of wealth choke the word, and it becomes unfruitful. ²³And the one on whom seed was sown on the good soil, this is the man who hears the word and understands it; who indeed bears fruit, some hundredfold, some sixty, and some thirty.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:18-23.

13:18-23 Jesus het hierdie gelykenis in afsondering aan sy dissipels verduidelik.

13:19 OAV, CUM-NLV “Die Bose kom en roof wat in (sy) hulle hart (e) gesaai is”
NAV, CUM-MVB “Die Bose. . . en vat dan weg wat in sy hart gesaai is”
NASB “The evil *one* comes and snatches away what has been sown in his heart”

In die ooreenstemmende gedeelte in Mark. 4:15 word hy Satan genoem. Sien *Vir Speciale Aandag* by 4:5. Sy bedrywigheid onder mense word in 2 Kor. 4:4 beskryf. Verrassend is dit dat die bese so dikwels in hierdie gelykenisse opgehaal word (vgl. verse 25, 28, 39). Jesus bevestig die aanwesigheid van ‘n bese mag wat in persoonlike hoedanigheid daarop uit is om God se wil vir bevolkings en individue teen te gaan. In dié gelykenis is daar ‘n bedekte verwysing na die drietal vyande van die mens: (1) Satan (vgl. vers 19; Ef. 2:2); (2) die wêreldorde (vgl. vers 22; Ef. 2:2); en (3) die mens se gevalle natuur (vgl. Ef. 2:3).

13:20 “die mense (hy) wat die boodskap (woord) hoor en dit dadelik met blydskap aanneem”; “the man who hears the word and immediately receives it with joy”: Dit verteenwoordig ‘n oppervlakkige reaksie op Jesus en sy boodskap, soos blyk uit die konteks. Ware verlossing is ‘n aanvanklike respons van belydenis en geloof wat op volgehoue sondebelydenis en geloof uitloop. In die sigbare kerk is daar vele wat Christelike woorde praat, wat Christelike byeenkomste bywoon en die Christelike Bybel lees, maar tog nie ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie (vgl. Mat. 7:21-23; 2 Pet. 2).

13:21-22 OAV, CUM- “hy is net vir ‘n tyd en as daar verdrukking en vervolging kom terwille van die woord, struikel hy dadelik”
MVB
NAV “hy hou nie lank uit nie. As hy terwille van die woord verdruk en vervolgd word, word hy gou afvallig”
CUM-NLV “hulle hou net vir ‘n rukkie. Sodra daar swaarkry of vervolging terwille van die boodskap kom, struikel hulle in hulle geloof”
NASB “but is only temporary, and when affliction or persecution arises because of the word, immediately he falls away”

Christusgelykvormigheid in gesindheid en leefstyl is bewys van egtheid van belydenis (vgl. die boeke 1 Joh. en Jak.) ‘n Aanvanklike toewyding, hoe geesdriftig ookal, is nie altyd permanent of eg nie. Sien *Vir Speciale Aandag: Afvalligheid (aphistēmi)* by 7:21.

Die Skrif spreek dikwels van sommige wat gehoor het, maar toe omgedraai het.

1. geen wortel, Mat. 13:21; Mark. 4:17; Luk. 8:13
2. afvallig word, Mat. 24:10
3. nie blywend nie, Joh. 15:6
4. afdwaal, 1 Tim. 1:9; 6:21; 2 Tim. 2:18
5. skipbreuk ly, 1 Tim. 1:19
6. afvallig, 1 Tim. 4:1
7. mislei, verloëning, 2 Tess. 2:3
8. afvallig word, Heb. 3:12
9. afvallig, Heb. 6:6
10. weggedraai, 2 Pet. 2:20-22

Christenskap is ‘n verbintenis wat volgehoe moet word! Dit behels ‘n aanvanklike respons (Joh. 1:12; Rom. 4), ‘n aangaande respons (Jak.; 1 Joh.), en ‘n gelowige gevolgtrekking (Heb. 11).

13:22 OAV “die verleiding van rykdom”
NAV, CUMs “die verleidelikheid van (die) rykdom”
NASB “deceitfulness of wealth”

Sien *Vir Speciale Aandag: Rykdom* by 6:24.

▣ **OAV “en hy word onvrugbaar”**
NAV, CUMs “en dit bly sonder vrug”
NASB “it becomes unfruitful”

Om vrug te dra, is bewys van egte bekering en is meer as ‘n aanvanklik emosionele besluit. Manfred T. Brauch in *Abusing Scripture: the Consequences of Misreading the Bible*, bl. 106, maak ‘n interessante opmerking:

“Jesus leer in ‘n waarskuwing teen valse profete dat hulle aan hulle vrugte geken sal word (Mat. 7:15-16). Dit beteken dat ons karakter, ons beste waardes en geloofsoortuiginge, ten diepste in die lewe wat ons lei tot openbaring kom (Mat. 7:17-20; Luk. 6:43-45). Gevolglik is deelname aan die geestesgesteldheid van God se heerskappy nie vanselfsprekend nie; en nie in plek bloot deur te bely dat Jesus die Here is nie; in werklikheid is slegs hulle wat God se wil uitleef kinders van die koninkryk (Mat. 7:21; Luk. 6:46-48). In sy eie uitleg van die gelykenis van die saaiër (Mat. 13:18-23; Mark. 4:13-29; Luk. 8:11-15), beklemtoon Jesus dat die hoor of aanneem van die ‘woord van die koninkryk’ nie voldoende is nie. Slegs hulle wat die vrugte dra van die aanwesige koninkryk is onmiskenbaar diegene wat die diepste betekenis daarvan begryp het (Mat. 13:23), wat dit aangeneem het (Mark. 4:20), wat die woord met “‘n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar’ (Luk. 8:15).”

²⁴Jesus presented another parable to them, saying, “The kingdom of heaven may be compared to a man who sowed good seed in his field. ²⁵But while his men were sleeping, his enemy came and sowed tares among the wheat, and went away. ²⁶But when the wheat sprouted and bore grain, then the tares became evident also. ²⁷The slaves of the landowner came and said to him, ‘Sir, did you not sow good seed in your field? How then does it have tares?’ ²⁸And he said to them, ‘An enemy has done this!’ The slaves said to him, ‘Do you want us, then, to go and gather them up?’ ²⁹But he said, ‘No; for while you are gathering up the tares, you may uproot the wheat with them. ³⁰Allow both to grow together until the harvest; and in the time of the harvest I will say to the reapers, “First gather up the tares and bind them in bundles to burn them up; but gather the wheat into my barn.””

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:24-30.

13:24-30 Die gelykenis van die wilde graan kom slegs in Matteus voor (vgl. 36-43). Daaroor het die *New International Dictionary of New Testament Theology* (NIDOTTE, vol. 1, bl. 299) die volgende interessante bydrae:

“Die gedagte van ‘n onsigbare kerk kom voor in Augustinus, *City of God*; Wycliffe, *De ecclesia* en Luther, *Preface to Revelation*; Calvyn, *Institutes* IV hfst. 1 7; sowel as by ‘n menigte ander skrywers (vgl. Calvyn se *Institutes*, red. J.T. McNeill, 1960, II 1022). Die hoofsaak hiervan is nie om kerklidmaatskap onbelangrik te ag nie, maar om op die moontlikheid van skynheiligheid en onopregtheid te wys. In die laaste ontleding is diegene wat aan God behoort slegs aan God sigbaar. Lidmaatskap aan die ware kerk is nie sigbaar vir die mens nie. Dié gedagte herinner aan ‘n opmerking in 2 Tim: 2:19; ‘Die Here ken dié wat aan Hom behoort.’ Wat Paulus van Israel sê, geld ook van die kerk, dat hulle nie almal Israel is wat behoort aan Israel nie, maar slegs die ‘kinders van die belofte’ (Rom. 9:6 e.v.) Dit bring ‘n gevaar aan die lig waarteen kerkmense gewaarsku word, dat wie hulle deur die sondige natuur laat beheers die dood tegemoet gaan (Gal. 3:7, Rom. 8:12 e.v.) Paulus het die behoefte aan dissipline in sy eie lewe raakgesien ten einde nie verwerp te word nie (1 Kor. 10:27; vgl. Fil 2:12,19). Dat kerklidmate afvallig kan raak is ‘n deurlopende tema in Hebreërs (vgl. 2:3; 3:7-4:14; 6:1-12; 10:26-39; 12:12-28). Dit word ook gesuggereer in die gelykenisse van die onkruid (Mat. 13:24-43) en van die skape en bokke (Mat. 25:31-46) en in die voorbeeld van Judas (Mat. 10:4; 26:14,25,47vf; 27:3; Mark. 14:10,43; Luk. 6:16; 22:3,47; Joh. 13:2; 17:12; 18:22 e.v.; Han. 1:17 e.v.,25).”

Hierdie waarskuwings is nie teenstrydig met geloofsekerheid nie, maar bied die nodige balans om oormatige vertroue in ‘n eerste besluit vir Christus met geringskating van dissipelskap en volharding hok te slaan.

13:25 “sy vyand”; “the enemy”: Hierdie karakterisering dui op

1. Satan, Luk. 10:19
2. valse leermeesters, Mat. 7; 2 Pet. 2

Enigene wat die boodskap van die Koninkryk verdraai. Alleen deur die genade van God verstaan gelowiges die waarheid (vgl. 13,16-17,23) en weerstaan die dwaling.

■ **“onkruid”; “the tares”:** Wilde koring²⁹ en broodkoring lyk baie eenders totdat dit in pit kom. Die wilde variëteit is donkerkleurig terwyl die korrel van broodkoring ligbruin is.

13:27 “Meneer”; “Sir”: Hierdie is ‘n voorbeeld waar *kyrios* (Heer) as beleefde aanspreekvorm gebruik word. Onthou, konteks en konteks alleen bepaal woordbetekenis. Woordeboeke verskaf slegs die betekenis van woorde in bekende literatuur of die spreektaal van ‘n bepaalde kultuur.

13:29 OAV	“Nee, dat julle nie miskien as julle die onkruid bymekaar maak, die koring daarmee saam uittrek nie”
NAV, CUMs	“Nee, dalk trek julle die koring saam uit wanneer julle die onkruid in bondels uittrek”
NASB	“for while you are gathering up the tares, you may uproot the wheat with them”

Uit die konteks kan afgelei word dat Jesus die godsdiensteikers van sy dag in gedagte gehad het. Daar is geen manier waarop die een mens die hart van ‘n ander kan beoordeel nie. Op die oordeelsdag sal God die harte openbaar maak. Satan gebruik godsdiensteikers baie effektief. Mense wat geestelik voorkom, is dit dikwels juis nie (Mat. 7:21-23). Koring en onkruid mag eenders lyk, maar tyd laat die verskil uitkom. Baie mense word verkul deur godsdienstigheid (vgl. Jes. 29:13; Kol. 2:16-23) wat vir ware geestelikheid voorgehou word (vgl. Mat. 7)!

13:30 “Maak eers die onkruid bymekaar. Bind dit dan in bondels vas om verbrand te word. Maar bring die koring bymekaar in my skuur”; “gather up the tares and bind them in bundles to burn them up; but gather the wheat into my barn”: Die eindbestemming van mense hang af van wat hulle reaksie op die boodskap en persoon van Jesus Christus was (vgl. 42,50). Dit is merkwaardig dat Jesus self die ewige afgryselike gevolge uitspel vir diegene wat persoonlike geloof in Hom van die hand gewys het.

NASB (UPDATED) TEXT: 13:31-32

³¹He presented another parable to them, saying, “The kingdom of heaven is like a mustard seed, which a man took and sowed in his field; ³²and this is smaller than all *other* seeds, but when it is full grown it is larger than the garden plants and becomes a tree, so that THE BIRDS OF THE AIR come and NEST IN ITS BRANCHES.”

²⁹ ‘Warkruid’, *Tesourus van Afrikaans*, L.G. de Stadler – vert.

13:31-32 Die sentrale gedagte in die gelykenis van die mostertsaad stem ooreen met dié van die suurdeeg in verse 31-33. Dit word ook in Mark. 4:30-32 sowel as Luk. 13:18-19 herhaal. Diegene wat die evangelie aanneem het 'n skyn van nietigheid en onbelangrikheid, maar hulle is deel van 'n geestelike ryk wat bestem is om uiteindelik die hele aarde te vul.

13:32 OAV "sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke"
NAV, CUM-MVB "sodat die voëls wat in die hemelruim vlieg in sy takke kom nesmaak"
CUM-NLV "dat die voëls in sy takke kan kom nesmaak"
NASB "so that THE BIRDS OF THE AIR come and NEST IN ITS BRANCHES"

Die aanwending van hoofletters berus op die afleiding dat Dan. 4:11-12 hier aangehaal word. Daarmee gee die frase te kenne hoe groot die mostertsaad reeds gegroei het, 'n beeld van die omvang van die Messiaanse Ryk in eskatologiese perspektief.

13:33 OAV "mate"
NAV "groot skottel"
CUM-MVB "drie mate"
CUM-NLV "groot baksel"
NASB "pecks"
NKJV,NRSV,NJB "measures"
TEV "bushel"

VIR SPESIALE AANDAG: OU MIDDE-OOSTERSE GEWIGS- EN INHOUDSMATE

In die landboubestaanswyse van die ou Midde-Ooste was die mate en gewig van dinge van allergrootste belang. Die Bybel vermaan die Joodse gemeenskap om in handelsbetrekkinge billik teenoor mekaar op te tree (Lev. 19:35-36; Deut. 25:13-16; Spr. 11:1; 16:11; 20:1). Die probleem was nie net eerlikheid nie, maar ook die ongestandaardiseerde staat van terme en sisteme in Palestina. Dit lyk of daar twee stelsels gewigte was; 'n 'lig' en 'n 'swaar' van elke hoeveelheid (vgl. *The Interpreter's Dictionary of the Bible*, vol. 4, bl. 831). Verder is die desimale stelsel uit Egipte (basis van 10) by die seksagesimale stelsel (basis van 6) van Mesopotamië ingewerk.

Baie 'grootte-mate' en 'bedrae' was op menslike liggaamsdele of wat 'n pakkier kan dra of 'n boer se houervolume gebaseer, waarvan niks gestandaardiseer was nie. As sodanig is die tabelle slegs beramings en dus tentatief. Die maklikste manier om skale en mates met mekaar te vergelyk is op 'n verhoudingstabel.

I. Volumes wat meesal in gebruik was³⁰

A. droë volumes

1. *Homer/gomer* (OAV), Kilogram (NAV); moontlik 'n pakdonkie-vrag, BDB 331, Lev. 27:16; Hosea 3:2
2. *Letek*, "anderhalf homer/gomer" (OAV); 100 kilogram (NAV), BDB 547; Hosea 3:2
3. *Efa*, (BDB 35), Eks. 16:36; Lev. 19:36; Eseg. 45:10-11,13,24
4. *Se'ah* (BDB 684), drie mate meel (NAV), Gen. 18:6; 1 Sam. 25:18; 1 Kon. 18:32
5. *Omer* (BDB 771), gerf, moontlik 'n ry van gesnyde gerwe, Eks. 16:16,22,36; Lev. 23:10-15
6. *'Issaron* (BDB 798), "'n tiende deel", bv. Eks. 29:40; Lev. 14:21
7. *Qav/qab* (BDB 866), 2 Kon. 6:25

B. Vloeibare inhoudsmate

1. *Kor*, (BDB 499), 1 Kon. 5:2,25; Eseg. 45:14
2. *Bat* (BDB 330), 2 Kron. 2:10; Eseg. 45:10-11,14
3. *Hin* (BDB 228), Eks. 29:40; Lev. 19:36; Eseg. 45:24
4. *Log* (BDB 528), Lev. 14:10,12,15,21,24

C. Tabel (uit Roland de Vaux, *Ancient Israel*, vol. I, bl. 201 en *Encyclopedia Judaica*, vol. 16, bl. 379)

<i>homer</i> (droog) = <i>kor</i> (vloeistof)	1					
<i>efa</i> (droog) = <i>bat</i> (vloeistof)	10	1				
<i>se'ah</i> (droog)	30	3	1			
<i>hin</i> (vloeistof)	60	-	-	1		
<i>'omer/issarion</i> (droog)	100	10	-	-	1	
<i>Qav/qab</i> (droog)	180	18	6	3	-	1
<i>Log</i> (vloeistof)	720	72	24	12	-	4

II. Mees algemene massaterme

A. Die drie algemeenste massaterme is *talent*, *sikkel* en die *gerah*.

1. Die grootste gewig in die OT is die *talent*. Uit Eks. 38:25-26 weet ons dat 'n talent gelyk is aan 3000 sikkels; (d.w.s. 'afgerond tot', BDB 503);

³⁰ Benaminge in Nederlands en Afrikaans volgens transkripsie van R. de Vaux/Luc Grollenberg, vol. I, bl. 352 – vert.

2. Die term *sikkel* (BDB 1053, ‘gewig/massa’) kom so dikwels voor dat dit veronderstel word en uit die teks weggelaat word. ‘n Hele aantal waardes word aan die sikkel gekoppel:
 - a. “handelstandaard” (NAV van Gen. 23:16)
 - b. “die sikkel van die heiligdom” (NAV van Eks. 30:13)
 - c. “volgens die koning se gewig” (NAV van 2 Sam. 14:26; in die papyrusdokumente van Elefantine “koninklike gewig”)
3. Die *gerah* (BDB 176 II) is teen 20 per sikkel gewaardeer (vgl. Eks. 30:13). Hierdie waardes het verskil van Mesopotamië tot Egipte. Israel het die evaluasie mees algemeen tot Kanaän gevolg (Ugarit).
4. Die *mine* (BDB 584) het ‘n waarde van 50 of 60 sikkels gehad. Dié term kom hoofsaaklik in die later OT geskrifte ter sprake (bv. Eseg. 45:12; Esra 2:69; Neh. 7:70-71); Esegïel het die 60 tot 1 skaal gebruik terwyl Kanaän die 50 tot 1 skaal gebruik het.
5. Die *beqa* (BDB 132, “‘n halwe sikkel”, vgl. Gen. 24:22) word net twee keer in die OT genoem (vgl. Gen. 24:22; Eks. 38:26). Dit was die helfte van ‘n sikkel en beteken ‘om te verdeel’.

B. Tabel

1. soos in Eksodus

talent	1				
mine	60		1		
sikkel	3,000	50		1	
beka	6,000*		100		1

(*gerah, ook 6,000 kragtens Eks. 30:13; Lev. 27:25; Num. 3:47; 18:16; Eseg. 45:12)

2. soos in Esegïel

talent	1				
mine	60		1		
sikkel	3,600	60		1	
beka	7,200	120		2	1
gerah	72,000		1,200	20	10

NASB (UPDATED) TEXT: 13:33

³³He spoke another parable to them, “The kingdom of heaven is like leaven, which a woman took and hid in three pecks of flour until it was all leavened.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:33.

13:33 “suurdeeg”; “leaven”: In die OT was suurdeeg dikwels ‘n simbool van die bouse, maar hier is dit onmiskenbaar simbool van die onweerstaanbare groei van die koninkryk van God. Wees versigtig om betekenis aan woorde te heg sonder om die konteks in ag te neem! Konteks bepaal betekenis! Sien *Vir Spesiale Aandag* by 16:6.

■ **“in (ge)werk”; “hid”:** In konteks verwys dit na die mengproses. Dit beskryf die verborgenheid van die koninkryk!

NASB (UPDATED) TEXT: 13:34-35

³⁴All these things Jesus spoke to the crowds in parables, and He did not speak to them without a parable. ³⁵This was to fulfill what was spoken through the prophet:

“I WILL OPEN MY MOUTH IN PARABLES;

I WILL UTTER THINGS HIDDEN SINCE THE FOUNDATION OF THE WORLD.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:34-35.

13:35 OAV

NAV

CUM-MVB

CUM-NLV

NASB

“sodat vervul sou word die woord wat gesprek is deur die profeet”

“So moes vervul word wat die Here deur ‘n profeet gesê het”

“So moes die stelling deur middel van die profeet vervul word toe hy gesê het”

“So het die uitspraak van die profeet uitgekom”

“This was to fulfill what was spoken through the prophet”

Hierdie aanhaling kom uit Ps. 78:2. Verskeie ou Griekse MSS soos die eerste afskrywer van \aleph , en die Griekse manuskripte wat Eusebius en Hieronimus gebruik het, gee Jesaja die krediet hiervoor. Spekulasie verloop soos volg: in die Masoretiese Teks (Hebreeus) word Ps. 78 aan Asaf toegeken. Geen Griekse afskrif het egter dié naam oorgeneem nie. ‘n Vroeë oorskrywer het dan (1) nie die Levitiese koorleier van die tempelsang geëien nie en vervang sy naam met “Jesaja” of (2) die Jesaja-aanhaling van verse 14 en 15, vroeër in hierdie hoofstuk, het in sy geheue vasgesteek en het hier ingeglip. Moontlik omdat die Jode alle skrywers van geïnspireerde geskrifte as “profete” beskou het! Die groot meerderheid van ou Griekse MMS het hom nie daarin gevolg om die naam “Jesaja” in hierdie teks (vers 35) op te neem nie.

■ **OAV**

NAV, CUM-MVB

CUM-NLV

NASB

“van die grondlegging van die wêreld af”

“van die skepping af”

“die skepping van die wêreld”

“THE FOUNDATION OF THE WORLD”

In die ou hoofletter MSS \aleph^1 en B, sowel as in die Griekse tekste wat Origenes en Hieronimus gebruik het, kom die GENETIEF frase “van die Wêreld” nie voor nie. Die volle frase kom wel voor in Mat. 25:34 en baie ander Griekse hooflettertekste (bv. \aleph^* , \aleph^2 , C, D, L en W). Die UBS⁴ sluit *kosmou* in hakies in met ‘n C-gradering (moeilik om te besluit).

NASB (UPDATED) TEXT: 13:36-43

³⁶Then He left the crowds and went into the house. And His disciples came to Him and said, “Explain to us the parable of the tares of the field.” ³⁷And He said, “The one who sows the good seed is the Son of Man, ³⁸and the field is the world; and *as for* the good seed, these are the sons of the kingdom; and the tares are the sons of the evil one; ³⁹and the enemy who sowed them is the devil, and the harvest is the end of the age; and the reapers are angels. ⁴⁰So just as the tares are gathered up and burned with fire, so shall it be at the end of the age. ⁴¹The Son of Man will send forth His angels, and they will gather out of His kingdom all stumbling blocks, and those who commit lawlessness, ⁴²and will throw them into the furnace of fire; in that place there will be weeping and gnashing of teeth. ⁴³Then THE RIGHTEOUS WILL SHINE FORTH AS THE SUN in the kingdom of their Father. He who has ears, let him hear.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:36-43.

13:36-43 Hiermee dan Jesus se eie uitleg van die gelykenis van verse 24-30, privaat aan sy dissipels oorgedra.

13:37 OAV, NAV “Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die Mens”
 CUM-NVB “Hy wat die goeie saad saai, is die Seun wat as mens gebore is”
 CUM-NLV “Ek, die Seun van die Mens, is die boer wat die goeie saad saai”
 NASB “The one who sows the good seed is the Son of Man”

Hierdie gelykenisse dui op Jesus se Messiaskap. Hy bring die lewe en die waarheid; die waarheid wat deur die inhoud van die evangelieboodskap gedien word. God se waarheid is gelyk ‘n persoon (die saaiër) en ‘n boodskap (die saad).

13:38 “Die saailand is die wêreld”; “The field is the world”: Dit is die sleutelbegrip tot die gelykenisse. Nie die kerk nie, maar die wêreld is die saailand (vgl. vers 47). Dit is net die gelykenis van die saaiër wat oor diegene wat die boodskap voorheen gehoor het handel, maar selfs dan nog kan die bedoeling met ‘saailand’ wees, (1) die Palestina van Jesus se tyd of (2) plekke in die hele wêreld waar die evangelie verkondig moet word (vgl. Mat. 28:19; Luk. 24:46; Han. 1:8).

■ OAV “dit is die kinders van die koninkryk”
 NAV “die mense van die koninkryk”
 CUM-MVB “kinders van God se koninklike regering”
 CUM-NLV “die mense wat aan God se koninkryk behoort”
 NASB “the sons of the kingdom”

VIR SPESIALE AANDAG: “SEUNS VAN...”

Die term ‘seun’ (of ‘kinders van...’) word dikwels gebruik om ‘n bepaalde groep (of individu!) of iemand se lidmaatskap aan ‘n groep aan te dui.

A. Karakterisering van ‘n groep

1. positief
 - a. seuns van die Koninkryk, Mat. 8:12; 13:38
 - b. seuns van mense, Mark. 3:28; Ef. 3:5
 - c. seuns van die lig, Luk. 16:8; Joh. 12:36; Ef. 5:8; 1 Tess. 5:5
 - d. seuns van die opstanding, Luk. 20:36
 - e. seuns van die profete, Han. 3:25
 - f. seuns van die verbond, Han. 3:25
 - g. kinders van God, 1 Joh. 3:10

2. negatief

- a. seuns van die Bose, Mat. 13:38; Joh. 8:44; 1 Joh. 3:10
- b. ‘n seun van die hel, Mat. 23:15
- c. seuns van hierdie eeu, Luk. 16:8; 20:34
- d. seuns van die duiwel, Han. 13:10; 23:6
- e. seuns van ongehoorsaamheid, Ef. 2:2; 5:6

B. Karakterisering van ‘n persoon/individu

1. positief

- a. ‘n seun van bemoediging (bv. Barnabas), Han. 4:36
- b. ‘n seun van die Fariseërs (bv. Paulus), Han. 23:6

2. negatief

- a. seuns van die donder (Jakobus en Johannes), Mark. 3:17
- b. seun van die verderf (Judas Iskariot), Joh. 17:12
- c. seun van vernietiging (Antichris), 2 Tess. 2:3

13:39,40 OAV, e.a. “die voleinding van die wêreld”
 CUM-MVB “die voleinding van die tydvak”

NASB**“the end of the age”**

Hiermee is ‘n eskatologiese tydstop aangedui; die koninkryk is ‘al reeds’, maar ook ‘nog nie’; en dit geld ook vir oordeel.

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “vuur”
- CUM-NLV** “verbrand”
- NASB** “fire”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 3:12.

13:41 Hierdie aanhaling kom gedeeltelik uit Sag. 1:3. Dit is opvallend dat die koninkryk hier “sy koninkryk” genoem word. Op verskeie plekke word die koninkryk aan die Seun toegeskryf (vgl. 16:28; Luk. 22:30; 23:42; Joh. 18:36; 2 Tim. 4:1,18). Op heelwat ander plekke word die koninkryk aan beide die Vader en die Seun toegeskryf (vgl. vers 43; Ef. 5:5; Openb. 11:15).

Die koninkryk van die Seun is nie tydelik nie (Joh. 18:36), maar duur tot in ewigheid (vgl. Dan. 7:14; Luk. 1:33; 2 Tim. 4:18; 2 Pet. 1:11). Sien Frank Stagg, *New Testament Theology*, bl. 164-165.

13:42 Sien die aantekeninge by 8:12. Sien ook *Vir Speciale Aandag: Waar is die Gestorwenes?* by 5:22.

- 13:43 OAV** “skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader”
- NAV, CUM-NLV** “in die koninkryk van hulle Vader skitter soos die son”
- CUM-MVB** “soos die son wees in die koninklike regering van hulle Vader”
- NASB** “shine forth as the sun in the kingdom of their Father”

Dit stem ooreen met die stellings van Dan. 12:3.

- ▣ **OAV** “Wie ore het om te hoor, laat om hoor”
- NAV, CUM-MVB** “Wie ore het, moet luister”
- CUM-NLV** “Elkeen wat kan hoor, moet goed luister na wat Ek sê”
- NASB** “He who has ears, let him hear”

Hulle wat deur God in staat gestel word om die evangelie te verstaan, moet dadelik reageer. Die bedekte waarskuwing van hierdie frase kom dikwels in die NT voor (vgl. Mat. 11:15; 13:9,43; Mark. 4:9,23; Luk. 8:8; 14:35; Openb. 2:7,11,29; 3:6,13,22; 13:9). Hierdie gelykenisse slaan ‘n dringende toon aan. Hoor en reageer nou met vertroue in Hom!

NASB (UPDATED) TEXT: 13:44

“⁴⁴The kingdom of heaven is like a treasure hidden in the field, which a man found and hid again; and from joy over it he goes and sells all that he has and buys that field.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:44.

- 13:44 OAV, NAV** “die koninkryk van die hemel(e)”
- CUM-MVB** “die koninklike regering van God”
- CUM-NLV** “God se koninkryk”
- NASB** “the kingdom of heaven”

Sien verse 45,47,52. Die frase is ekwivalent met “die koninkryk van God” in Markus en Lukas. Matteus, wat vir Jode geskryf het, gebruik nie die Godsnaam nie, maar eerder “hemel” om nie aanstoot te gee nie. Hierdie gelykenis kom net in Matteus voor.

- ▣ **OAV** “wat verborge is in die saailand”
- NAV** “in ‘n saailand onder die grond lê”
- CUM-MVB** “in ‘n saailand weggesteek is”
- CUM-NLV** “in ‘n stuk grond weggesteek lê”
- NASB** “hidden in the field”

In die Nabye Ooste was wegsteek van kosbaarhede onder die grond algemene praktyk aangesien daar nie banke was nie.

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “(gaan) verkoop hy alles. . .en hy koop daardie (saai)land”
- CUM-NLV** “gaan verkoop hy alles. . .en koop daardie stuk grond”
- NASB** “sells all. . .buy the field”

Hieruit blyk die radikale aard van dissipelskap. Die wete dat Jesus alles werd is! Die paradoks is: (1) die saligheid kom deur genade alleen en daarom is daar absoluut niks wat verdien moet word nie (vgl. Rom. 3:24; 5:15; 6:23; Ef. 2:8-9), maar (2) dissipelskap vra tog alles (vgl. 10:34-39; 13:44,46)!

NASB (UPDATED) TEXT: 13:45-46

“⁴⁵Again, the kingdom of heaven is like a merchant seeking fine pearls, ⁴⁶and upon finding one pearl of great value, he went and sold all that he had and bought it.”

13:45-46 Die gelykenis van die pêrel van groot waarde kom net in Matteus voor.

13:45 “pêrel”; “pearl”: Pêrels was in die outyd baie waardevol en gelykstaande aan goude geag in ruilhandel.

NASB (UPDATED) TEXT: 13:47-50

⁴⁷Again, the kingdom of heaven is like a dragnet cast into the sea, and gathering *fish* of every kind; ⁴⁸and when it was filled, they drew it up on the beach; and they sat down and gathered the good *fish* in containers, but the bad they threw away. ⁴⁹So it will be at the end of the age; the angels will come forth and take out the wicked from among the righteous, ⁵⁰and will throw them into the furnace of fire; in that place there will be weeping and gnashing of teeth.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:47-50.

13:47-50 Die gelykenis van die treknet kom net in Matteus voor. Wat betekenis betref, stem dit ooreen met die gelykenis van die onkruid dat daar ‘n skeiding sal plaasvind tussen gelowiges en ongelowiges in die eindtyd (vgl. Mat. 25:31-46).

13:48 Hierdie vers beskryf die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges in die eindtyd op grond van mense se reaksies op Jesus en die evangelie (vgl. Mat. 25:31-46; Openb. 20:11-15).

13:49 OAV “in die voleindiging van die wêreld”
NAV, CUM-NLV “by die voleinding van die wêreld”
CUM-MVB “by die voleinding van die tydvak”
NASB “at the end of the age”

Die Jode het realiteit verstaan as twee eras: die huidige bose era en die era wat kom (sien *Vir Spesiale Aandag* by 12:31). Hulle het geglo dat God ‘n kragdadige mens (Messias) sal toerus om die nuwe era tot stand te bring. Uit die NT weet ons nou dat sedert Jesus se geboorte in Bethlehem tot en met sy wederkoms, die eerste en tweede eras oorleue³¹. Hierdie vers spreek van eskatologiese oordeel (vgl. Mat. 25:31-46; Openb. 20).

13:50 “hulle sal bitterlik huil (geween) en van selfverwyrt op hulle tande kners”; “and will throw them into the furnace of fire; in that place there will be weeping and gnashing of teeth”: Sien ook verse 30,42,50; ook 8:12; 25:31. Jesus het dikwels van die hel gepraat!

NASB (UPDATED) TEXT: 13:51-52

⁵¹“Have you understood all these things?” They said to Him, “Yes.” ⁵²And Jesus said to them, “Therefore every scribe who has become a disciple of the kingdom of heaven is like a head of a household, who brings out of his treasure things new and old.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:51-52.

13:52 OAV, NAV, CUM-MVB “So is elke skrifgeleerde wat ‘n leerling word...”
CUM-NLV “Elke skrifkenner wat ‘n ware student. . .geword het”
NASB “every scribe who has become a disciple”

‘n Skrifgeleerde was ‘n kenner van die mondelinge en geskrewe wet (sien *Vir Spesiale Aandag* by 12:38). ‘n Gelowige skrifkenner sal in staat wees om lig te werp op waarhede uit die OT en sal in staat wees om die vervulling daarvan in Jesus se leer op te merk (vgl. Rom. 4:23-24; 15:4; 1 Kor. 10:6,11; 2 Tim. 3:16). Dit is moontlik dat Matteus hier homself in gedagte het!

NASB (UPDATED) TEXT: 13:53-58

⁵³When Jesus had finished these parables, He departed from there. ⁵⁴He came to His hometown and began teaching them in their synagogue, so that they were astonished, and said, “Where *did* this man get this wisdom and these miraculous powers? Is not this the carpenter’s son? ⁵⁵Is not His mother called Mary, and His brothers James and Joseph and Simon and Judas? ⁵⁶And His sisters, are they not all with us? Where then *did* this man get all these things?” ⁵⁷And they took offense at Him. But Jesus said to them, “A prophet is not without honor except in his hometown and in his *own* household.” ⁵⁸And He did not do many miracles there because of their unbelief.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 13:53-58.

13:53 OAV, NAV “gelykenisse”
CUM-MVB “beeldryke verhale”
CUM-NLV “voorbeeld”

³¹ Die eerste era sal eers met die wederkoms heeltemal verby wees, vgl. CUM-MVB en NASB – vert.

NASB**“parables”**

Hierdie is in Grieks ‘n saamgestelde woord³² wat ‘langsaan werp’ beteken. Alledaagse gebeurtenisse is gebruik om geestelike waarhede tuis te bring. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie Griekse woord (*parabola*) die Hebreuse *masjal*, wat ‘raaisel’ of ‘spreuk’ beteken, weerspieël. ‘n Mens moet bereid wees om die voor die hand liggende afleidings en verwagte bevindinge in die lig van die verrassende aard van die *masjal* te herdink. Twee teenstrydige redes word aangevoer in verband met Jesus se bediening en onderrig in gelykenisse: (1) om geestelike waarheid duidelik oor te dra aan diegene wat tot daadwerklike geloof in Hom gekom het en (2) om geestelike waarheid te verbloem vir diegene wat nie in Hom glo nie.

13:54	OAV	“En Hy het in sy vaderstad gekom”
	NAV	“Hy het in die dorp gekom waar Hy groot geword het”
	CUM-MVB	“Hy het in sy tuisdorp gekom”
	CUM-NLV	“In Nasaret aangekom, waar Hy groot geword het”
	NASB	“He came to His hometown”

In Luk. 4:16-30 word ‘n soortgelyke gebeurtenis vermeld. Skrifverklaarders het heelwat van mening verskil oor die vraag of een of meer besoeke aan Jesus se tuisdorp ter sprake was. In Jesus se bediening toon etlike ander voorvalle ook sterk ooreenkoms (vgl. Joh. 2:13-22 met Mat. 21:12-16; Mark. 11:15-18; Luk. 19:45-47). Geleerdes met ‘n sterk westerse aanvoeling vir die letterlike, moet versigtig wees om nie sonder meer aan te neem dat dieselfde gebeurtenis hier beskryf word nie. Nes twee reinigings van die tempel moontlik was, kon Lukas ook ‘n tweede besoek in gedagte gehad het.

▣	OAV	“en hulle geleer in hul sinagoge”
	NAV, CUM-MVB	“het Hy die mense in hulle sinagoge so geleer dat”
	CUM-NLV	“het Hy die mense in hulle sinagoge onderrig”
	NASB	“began to teach them in their synagogue”

Jesus het daar ‘n gewoonte van gemaak om op die Sabbat te gaan aanbid. In die sinagoge-skool van Nasaret was Hy dan ook aan onderrig uit die OT blootgestel. Die sinagoge-instelling het tydens die Babiloniese ballingskap ontstaan om (1) kinders te onderrig, (2) as plek van aanbidding te dien, (3) na die behoeftes van die Joodse gemeenskap om te sien en (4) deur studie van die wet en die oorlewering van die voorgeslagte die unieke Joodse kultuur in ballingskap te bewaar.

▣	OAV	“sodat hulle verslae was”
	NAV, CUM-MVB	“dat hulle verstom was”
	CUM-NLV	“Hulle was verbaas”
	NASB	“they were astonished”

Hulle kon skaars glo wat hulle ore hoor, nie alleen omrede die buitengewone insig wat uit sy leer geblyk het nie, maar ook die gesag waarmee Hy oorgekom het. Die skrifgeleerdes het op gesag van vroeër gerekende rabbyne gespreek, maar Jesus het gesag van sy eie geopenbaar (vgl. 7:28-29).

▣	OAV	“Waar kry hy hierdie wysheid en kragte vandaan”
	NAV	“Waar kry hy hierdie wysheid vandaan en die vermoë om die kragtige dade te doen”
	CUM-MVB	“Waar kry hy hierdie wysheid vandaan en die kragtige dade”
	CUM-NLV	“Waar kry hy hierdie wysheid en wonderwerke vandaan”
	NASB	“where did this man get this wisdom and these miraculous powers”

‘n Hewige debat het geheers rondom die bron van Jesus se krag. Hy was immers maar net ‘n plaaslike seun sonder enige formele opleiding. Die Jode het daarom selfs gemeen dat sy kragtige dade iets uit die bose kon wees. Jesus se kritiek op die mondelinge oorlewering van die rabbyne, was wat hulle betref ‘die onvergeefbare sonde’. Dit was vir die bevolking van Nasaret moeilik om te glo dat ‘n seun uit die plaaslike gemeenskap die Messias – inkarnasie van God as mens – kon wees.

13:55-56	OAV, e.a.	“Is hy nie maar net die timmerman se seun nie”
	CUM-MVB	“Is hy dan nie die skrynwerker se seun nie”
	NASB	“Is not this the carpenter’s son”

Daar is drie vrae in die twee verse wat telkens ‘n ‘ja’ as antwoord veronderstel. Timmerman word hier in die sin van ‘n ambagsman gebruik. Hy kon ‘n bewerker van klip, metale of hout gewees het. Die woord in Grieks lei in westerse tale tot die benoeming van ‘n moderne vakmanskap, naamlik dié van ‘argitek’. Die afleiding wat van die inwoners van Nasaret se vrae gemaak kan word, is dat Jesus normale kinderjare beleef het (vgl. Luk. 2:40,52).

13:55 **“sy broers”**; **“His brothers”**: Die manne soos hier aangedui:

1. Jakobus, wat leier van die kerk in Jerusalem geword het en die boek Jakobus geskryf het.
2. Josef, wat Jose in Mark. 6:3 en enkele jonger manuskripte genoem word. Daar is niks meer omtrent hom bekend nie.
3. Simon, van wie ons ook niks verder weet nie.
4. Judas wat ook Jude genoem word en later die NT boek, Judas, geskryf het.

³² *Para* en *ballō* – vert.

☐ “**sy broers. . .sy susters**”; “**His brothers. . .His sisters**”: Hierdie is later kinders uit die huwelik van Maria en Josef (1:25; 12:46; Mark. 6:3), of moontlik kinders uit ‘n vorige huwelik van Josef waarvan egter niks in die Skrif vermeld word nie. Daarom is eersgenoemde moontlikheid mees waarskynlik (sien F.F. Bruce, *Answers to Questions*, bl. 47 en 174).

13:57 OAV, CUM-MVB “En hulle het aanstoot aan Hom geneem”
NAV “En hulle wou niks van Hom weet nie”
CUM-NLV “Hulle was verontwaardig en wou niks van Hom weet nie”
NASB “they took offence at Him”

Hy is die rots van aanstoot en die klip van struikeling. Die steen wat die bouers verwerp het die sluitsteen van die hoek geword het (vgl. 11:6; Jes. 8:14; 28:16; Jer. 6:21).

☐ “**n profet**”; “**a prophet**”: Dit was ‘n algemene spreuk dat dit wat bekend is, betekenisloos word. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 11:9.

13:58 OAV, CUM-MVB “nie baie kragtige dade tot uitvoer gebring nie”
NAV “het Hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie”
CUM-NLV “het Hy daar min wonderwerke verrig”
NASB “He did not do many miracles there”

Dit was altyd God se doel dat gelowiges moet saamwerk in alles wat met Hom te doen het (vgl. die verbonde). Dit was nie ‘n geval dat Jesus nie kon nie; Hy wou nie. Van Luk. 4:28-29 kom ons te wete dat hulle Hom om die lewe wou bring oor sy uitsprake.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Noem die sentrale waarheid van elk van die gelykenisse in jou eie woorde. Is daar ‘n deurlopende hoofgedagte?
2. Hoe versoen ‘n mens die vrye genade van verlossing met verlossing wat alles kos?
3. Is die hel soos die hemel ‘n Bybelse leerstelling?
4. Hoe het Jesus se onderrigstyl van die rabbyne s’n verskil?
5. Waarom het Nasaret Jesus verwerp?

MATTEUS 14

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Death of John the Baptist	John the Baptist Beheaded	Events of Decisive Acceptance or Rejection of Jesus (13:53-17:27) Death of John	The Death of John the Baptist	Herod and Jesus	Die dood van Johannes die Doper
14:1-12	14:1-12	14:1-12	14:1-2 14:3-5 14:6-7 14:8 14:9-12	14:1-2 John the Baptist Beheaded 14:3-12	14:1-12
The Feeding of the Five Thousand	Feeding the Five Thousand	Five Thousand Fed	Jesus Feeds the Five Thousand	First Miracle of the Loaves	Die eerste vermeerdering van die brood
14:13-21	14:13-21	14:13-21	14:13-14 14:15 14:16 14:17 14:18-21	14:13-14 14:15-21	14:13-21
Walking on Water	Jesus Walks on the Sea	Jesus Walks on Water	Jesus Walks on the Water	Jesus Walks on the Water and, with Him, Peter	Jesus loop op die see
14:22-33	14:22-33	14:22-27 14:28-33	14:22-26 14:27 14:28 14:29-30 14:31 14:32-33	14:22-33	14:22-33
The healing of the Sick in Gennesaret	Many Touch Him and are Made Well		Jesus Heals the Sick in Gennesaret	Cures at Gennesaret	Jesus genees mense in die landstreek van Gennesaret
14:34-36	14:34-36	14:34-36	14:34-36	14:34-36	14:34-36

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

3. Derde paragraaf

4. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 14:1-36

- A. Herodes die viervors wat in Mat. 14:1 e.v.; Luk. 3:1; 9:7; 13:31 en 23:7 genoem word, was 'n seun van Herodes die Grote. Met die dood van Herodes die Grote is sy koninkryk verdeel onder drie van sy seuns: Argelaus, Herodes Antipas en Filippus. Die term 'viervors' (tetrarch) het 'leier van 'n vierde deel' beteken. Die een wat Herodes Antipas genoem word (verkortings van Antipater) het oor Galilea en Perea regeer (4 v.C. – 39 n.C). Hieruit volg dat die grootste deel van Jesus se bediening in die gebied van hierdie tweede geslag van Idumeëse vorste plaasgevind het.
- B. Herodias was die dogter van Herodes Antipas se broer, Aristobulos. Herodias was dus 'n niggie van Antipas. Sy was ook voormalig getroud met Filippus, wat Herodes Antipas se halfbroer was. Hierdie Filippus was egter nie die vors wat oor die gebied noord van Galilea regeer het nie, maar die een wat in Rome gewoon het. Herodias het 'n dogter by hom gehad – Salomé. Toe Antipas op 'n dag Rome besoek, ontmoet hy hierdie Herodias en sy verlei hom ter wille van haar politieke ambisies. Ná hierdie episode skei Antipas van sy vrou, wat 'n Nabatese prinses was. Op haar beurt skei Herodias van Filippus sodat sy met Antipas kan trou. Sy was ook Herodes Agrippa se suster (vgl. Han. 12).
- C. Die naam van Herodias se dogter, Salomé, word vermeld in Flavius Josefus se boek, *The Antiquities of the Jews*, 8.5.4. Sy moes op daardie stadium tussen twaalf en sewentien jaar oud gewees het. Haar moeder was duidelik besig om haar te beheer en te manipuleer. Later is sy met Filippus die viervors getroud, maar is kort daarna 'n weduwee gemaak.
- D. Sowat tien jaar na die onthoing van Johannes is Herodes Antipas op aandrang van sy vrou na Rome om sy koningstitel op te eis, wat intussen aan Herodes Agrippa, haar broer, toegeken is. Maar Agrippa I het 'n brief aan Rome gerig waarin hy Antipas aankla van heulery met die Partiërs, 'n volk in die Vruggbare Halfmaan in die omgewing van Mesopotamië, wat vir Rome 'n gehate vyand was. Die keiser het Agrippa blykbaar geglo, want Antipas en Herodias is na Spanje verban.
- E. Om makliker te onderskei tussen die Herodesse van die NT geskrifte, is die volgende moontlik van nut: Herodes die Grote vermoor die kindertjies in Betlehem; Herodes Antipas vermoor Johannes die Doper; Herodes Agrippa vermoor die apostel Jakobus en Herodes Agrippa II luister na Paulus se pleitrede vervat in Handeling.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 14:1-5

¹At that time Herod the Tetrarch heard the news about Jesus, ²and said to his servants, “This is John the Baptist; he has risen from the dead, and that is why miraculous powers are at work in him.” ³For when Herod had John arrested, he bound him and put him in prison because of Herodias, the wife of his brother Philip. ⁴For John had been saying to him, “It is not lawful for you to have her.” ⁵Although Herod wanted to put him to death, he feared the crowd, because they regarded John as a prophet.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 14:1-5.

14:1	OAV	“En in daardie tyd het Herodes die viervors die gerug van Jesus gehoor”
	NAV	“Daardie tyd het Herodes die heerser gehoor wat van Jesus vertel word”
	CUM-MVB	“Daardie tyd het Herodes Antipas, heerser oor een kwart van die land, die gerug oor Jesus gehoor”
	CUM-NLV	“Juis in daardie tyd het Herodes Antipas van Jesus se optrede gehoor”
	NASB	“At that time Herod the Tetrarch heard the news about Jesus”

Matteus het klaarblyklik 'n stuk oor die vroeër dood van Johannes die Doper tussen verse 1-2 en vers 13 bygelas. (Jesus hoor nie in vers 13 van die dood van Johannes die Doper nie, maar 'n boodskap dat Herodes van Hom weet en van mening is dat Johannes die Doper uit die dood uit opgestaan het.)

14:2	OAV, CUM-MVB	“Hierdie man is Johannes die Doper”
	NAV	“Dit is mos Johannes die Doper”
	CUM-NLV	“Hierdie man is niemand anders as Johannes die Doper. . .nie”
	NASB	“This is John the Baptist”

Sien die vertelling in Luk. 9:7-9.

■	OAV, NAV, CUM-MVB	“en daarom werk dié kragte in hom”
	CUM-NLV	“Daarom kan hy sulke wonderwerke doen”
	NASB	“that is why miraculous powers are at work in him”

Die bygelowigheid van Herodes het sy skuldgevoel oor die onthowing van Johannes die Doper hemelhoog opgejaag. Dat Johannes die Doper wonderwerke gedoen het, word nêrens histories bevestig nie.

- 14:3 OAV** “want Herodes het Johannes gevang, hom geboei en in die gevangenis gesit”
NAV, CUM-MVB “het Herodes vir Johannes laat vang, laat boei en in die tronk laat opsluit”
CUM-NLV “Herodes het vir Johannes. . .laat arresteer en in die tronk gesit”
NASB “Herod had John arrested, bound him and put him in prison”

Ons verneem uit Josefus se *Antiquities of the Jews*, 11:5:2 dat dit die tronk van Machaerus was (vgl. Mat. 4:12; 11:2). Dit was blykbaar ‘n totaal oninneembare fort aan die suid-oostekant van die Dooie See en op die grens van die Nabatiese Ryk. Dit is interessant om te weet dat Herodes Antipas se verstote vrou haar vader, koning Aretas (vgl. 2 Kor. 11:32), kon oorreed om haar vir ‘n ruk in hierdie somerpaleis te laat vestig. Later het haar vader ‘n militêre aanslag op Herodes Antipas geloots en hom verslaan. As die Romeine nie tussenbeide getree het nie, sou Antipas uit sy koningskap onthef gewees het.

- **“Herodias”**: Michael Magill se *The New Testament TransLine* som haar goed op:

“Sy was ‘n kleindogter van Herodes die Grote, die dogter van Aristobulus en die suster van Agrippa I. Sien 2:1. Sy was getroud met Herodes Filippus I, haar pa se broer. Sy verlaat hom egter en trou met Antipas, ook ‘n broer van haar pa, maar by ‘n ander vrou. Sy verkies om saam met Antipas in ballingskap te gaan in die jaar 39 n.C.” (bl. 49).

- 14:4 OAV** “want Johannes het vir hom gesê”
NAV, CUM-MVB “want Johannes het vir Herodes gesê”
CUM-NLV “Johannes het hom hieroor herhaaldelik aangespreek”
NASB “for John had been saying to him”

Die WERKWOORDVORM is IMPERFEKTUM wat op herhalende handeling in verlede tyd dui. Johannes het blykbaar hierdie vermaning oor en oor herhaal. Sy aanklag was dat Antipas en Herodias (sy niggie) te naby verwant was om te trou (vgl. Lev. 18:16) of meer waarskynlik, dat albei van hulle onwettig geskei is (vgl. Deut. 24:1-4).

- 14:5 OAV, NAV, CUM-MVB** “En hoewel hy hom wou doodmaak, het hy die skare gevrees”
CUM-NLV “Hieroor wou Herodes hom om die lewe bring, maar hy was bang vir die volk se reaksie”
NASB “Although Herod wanted to put him to death, he feared the crowd”

Dit blyk strydig te wees met vers 9, maar die skisofrenie van hierdie oosterse maghebbers was welbekend. Herodes het klaarblyklik ‘n fassinatie met Johannes gehad, want hy het hom dikwels tot gesprek geroep (vgl. Mark. 6:20), maar hy het hom tog ook gevrees!

- **OAV** “omdat hulle hom vir ‘n profeet gehou het”
NAV, CUM-MVB “omdat hulle hom as ‘n profeet beskou het”
CUM-NLV “want in hulle oë was Johannes ‘n profeet”
NASB “because they regarded John as a prophet”

Jesus maak die opmerking in Mat. 11:7-11 dat Johannes die laaste OT profeet was en dat geen beter man deur ‘n vrou gebaar is onder die ou verbond nie. Sien *Vir Spesiale Aandag: NT Profesie* by 11:9.

NASB (UPDATED) TEXT: 14:6-12

“But when Herod’s birthday came, the daughter of Herodias danced before them and pleased Herod, ⁷so much that he promised with an oath to give her whatever she asked. ⁸Having been prompted by her mother, she said, “Give me here on a platter the head of John the Baptist.” ⁹Although he was grieved, the king commanded it to be given because of his oaths, and because of his dinner guests. ¹⁰He sent and had John beheaded in the prison. ¹¹And his head was brought on a platter and given to the girl, and she brought it to her mother. ¹²His disciples came and took away the body and buried it; and they went and reported to Jesus.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 14:6-12.

- 14:6 OAV** “Maar by die viering van Herodes se verjaarsdag”
NAV, CUMs “Met Herodes se verjaarsdagviering”
NASB “But when Herod’s birthday came”

Argeologiese en taaloorewegings dui daarop dat die geleentheid ook ‘n jaarlikse herdenking van Herodes se troonsbestyging kon gewees het. Volgens die beskikbare historiese inligting was dit bloot sy verjaarsdag. Op sulke geleentheids was groot feesvierings aan die orde van die dag.

- **OAV** “het die dogter van Herodias voor hulle gedans”
NAV, CUM-NLV “het die dogter van Herodias voor die gaste gedans”
CUM-MVB “het die dogter van Herodias in hulle midde gedans”
NASB “the daughter of Herodias danced before them”

In dié dae was dansende vroue as onvanpas beskou, met die gevolg dat Salomé (vgl. Josefus, *Antiq.* 18:5:4) as jeugdige, dansende prinses vir die halfbesope gaste verbasend moes gewees het. Uit die konteks kan afgelei word dat die dans, op aandrang van Herodias, sensueel moes wees om Herodes se goedkeuring te wen.

- 14:8** OAV “nadat sy deur haar moeder aangehits was”
 NAV, CUM-MVB “Haar ma het haar voorgesê”
 CUM-NLV “aangepor deur haar ma”
 NASB “Having been prompted by her mother”

Die vertalings ‘aangehits’ of ‘aangepor’ volg uit ‘n ewe sterk Griekse term wat ‘aandring’ beteken. Alles dui daarop dat hierdie gebeure manipulasie van die dogter was om ‘n voorbedagte moordplan op Johannes die Doper uit te voer (vgl. Mark. 6:22-25).

- 14:9** OAV “En die koning het treurig geword”
 NAV, CUM-MVB “Hieroor het die koning baie sleg gevoel”
 CUM-NLV “Die koning was bitter ontsteld hieroor”
 NASB “although he was grieved”

Hy was inderdaad jammer – nie oor die uitvoering van ‘n voorafbeplande moord op ‘n onskuldige man nie, maar eerder ongemaklik oor sy eed (sekulêre gebruik van “confess”, vgl. Luk. 22:6) wat hy nie voor sy besope gaste wou verbreek nie (vgl. Mark. 6:26)

- 14:11** OAV “Sy hoof is toe op ‘n skottel gebring en aan die meisie gegee, en sy het dit na haar moeder gebring.”
 NAV, CUMs “Hulle het sy kop in ‘n skottel ingebring en aan die meisie gegee, wat dit na haar ma toe gevat het.”
 NASB “and his head was brought on a platter and given to the girl, and she brought it to her mother”

Wat die moeder met die kop gedoen het, is nie bekend nie. Volgens ‘n tradisionele oorlewering deur Hieronimus in die 4de eeu opgeteken, het sy die tong uitgetrek en ‘n speld daardeur gedruk.

Die Griekse woord vir ‘meisie’ word gebruik in Mark. 5:41-42 om te verwys na Jäirus se dogtertjie, wat na oorlewering twaalf jaar oud was. Salomé was dus heel moontlik ‘n tiener.

NASB (UPDATED) TEXT: 14:13-14

¹³Now when Jesus heard *about John*, He withdrew from there in a boat to a secluded place by Himself; and when the people heard *of this*, they followed Him on foot from the cities. ¹⁴When He went ashore, He saw a large crowd, and felt compassion for them and healed their sick.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 14:13-14.

14:13 “Toe Jesus dit hoor”; “when Jesus heard *about John*”: Hierdie opmerking volg op verse 1-2 en sluit nie aan by die insetsel van verse 3-12 nie.

- ▣ OAV “het Hy daarvandaan in ‘n skuit vertrek na ‘n verlate plek alleen”
 NAV “het Hy met ‘n skuit daarvandaan weggegaan na ‘n stil plek om alleen te wees”
 CUM-MVB “het Hy met ‘n skuit daarvandaan weggegaan na ‘n stil plek om op sy eie te wees”
 CUM-NLV “het Hy in ‘n skuit daarvandaan weggegaan na ‘n afgeleë plek om alleen te wees”
 NASB “He withdrew from there in a boat to a secluded place by Himself”

Hierdie opname van voeding van die vyfduisend kom ook in Mark. 6:32-44, Luk. 9:10-17 en Joh. 6:1-13 voor. Klaarblyklik wou Hy wegstroom om te bid. Dit was sy normale gebruik om voorbereid te wees vir omstandighede. As Jesus afsondering in gebed nodig gehad het, hoeveel te meer nie gewone gelowiges nie!

- ▣ OAV “En die skare het dit gehoor en Hom van die stede af te voet gevolg”
 NAV, CUM-MVB “Die mense het hiervan gehoor en Hom van die dorpe af te voet gevolg”
 CUM-NLV “Maar die skare het dit uitgevind en vanuit hulle dorpe oorland agter Hom aangekom”
 NASB “When the people heard of this they followed Him on foot from the cities”

Jesus het nooit moeg vir, of ongeduldig met, die skare geword nie, maar was vervul met medelye oor hul nood (vgl. vers 14). Dit is ‘n deurlopende tema in Matteus se evangelie (9:36; 15:32). Alhoewel Jesus moeg geword het en behoefte gehad het aan tyd vir afsondering in gebed, was mense immer vir Hom prioriteit. Hy het almal wat na Hom gebring was, gesond gemaak, hoewel Hy nie uit sy pad gegaan het om te genees nie. Hy wou nie as ‘n geneser bekend wees nie, maar by aanskoue van menslike ellende het barmhartigheid hom oorval. Met die genesings is tweërlei doel bereik: (1) dit het sy boodskap bevestig, en (2) dit het die aanwesigheid en aard van die Messiaanse koninkryk laat sien. Vertellings van genesingswonders is oorstroomend in die evangelie van Matteus (vgl. 4:23; 8:16; 9:35; 14:14; 15:30; 19:2; 21:14). Ek glo steeds in ‘n God wat bonatuurlik kan genees. Wat ek nie verstaan nie is hoekom Hy sommige genees en ander nie. Ek glo dat daar ‘n besondere klem op genesing in daardie eerste eeu na Jesus was om sy boodskap te bevestig, nes daar in sy tyd

uitbarstings van beplande demonisme voorgekom het. Dis ‘n patroon wat herhaal mag word kort voor die wederkoms. Sien *Vir Speciale Aandag: is genesing God se plan vir elke eeu?* by 19:2.

NASB (UPDATED) TEXT: 14:15-21

¹⁵When it was evening, the disciples came to Him and said, “This place is desolate and the hour is already late; so send the crowds away, that they may go into the villages and buy food for themselves.” ¹⁶But Jesus said to them, “They do not need to go away; you give them something to eat!” ¹⁷They said to Him, “We have here only five loaves and two fish.” ¹⁸And He said, “Bring them to Me.” ¹⁹Ordering the people to sit down on the grass, He took the five loaves and the two fish, and looking up toward heaven, He blessed *the food*, and breaking the loaves He gave them to the disciples, and the disciples gave them to the crowds, ²⁰and they all were satisfied. They picked up what was left over of the broken pieces, twelve full baskets. ²¹There were about five thousand men who ate, besides women and children.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 14:15-21.

14:15 OAV “En toe dit aand geword het”
 NAV, CUM-MVB “toe dit al aand begin word”
 CUM-NLV “Teen die laatmiddag”
 NASB “When it was evening”

Sien vers 23. Matteus bied hierdie hoofstuk aan as ‘n dag in die lewe van Jesus (vgl. vers 23). Dit kan aanvaar word dat die Jode van Jesus se tyd onderskei het tussen vroeë aand/laattmiddag en laataand. Vroeë aand sou om drie-uur in die middag begin met die agtermiddag se offerande – die aandoffer – in die tempel. Laataand was weer die ure net ná sononder.

▣ OAV “die plek is verlate”
 NAV, CUM-MVB “Dit is ‘n afgeleë plek”
 CUM-NLV “Dis ‘n verlate plek hierdie”
 NASB “this place is desolate”

Die idioom beteken nie dat dit onbewoonde woestyn was nie, maar bloot dat daar nie groot of klein dorpe naby was nie.

14:16 Om die dissipels aan te sê dat hulle vir die mense moet voorsien, was kennelik ‘n skolingsgeleentheid (vgl. Mark. 6:37). “Gee julle vir hulle iets om te eet!” is in die Griekse teks beklemtoon. Hulle was verbysterd, maar dit was skoling soos dit met die geval van die storm ook sou wees (vgl. vers 32).

14:17 “Ons het hier net vyf brode en twee visse”; “We have here only five loaves and two fish”: Middagete vir ‘n opgeskote seun (vgl. Joh. 6:9)! Skrifverklaarders, soos William Barclay en ander aanhangers van logies-positiwisme, is verleë oor wonderwerke in so ‘n denkklimaat. Hulle probeer die wonder verklaar met die gedagte dat die seuntjie se gewilligheid om sy middagete te deel, almal aangemoedig het om te deel en toe was daar wonderbaarlik genoeg kos vir almal. Hierdie is ‘n klinkklare voorbeeld van vooroordele wat algeheel mistas ten opsigte van die Bybelskrywer se ooglopende bedoeling. Byvoorbeeld, waar sou twaalf mandjies oorskot vandaan kom as hierdie net uitdeel van eetgoed onder mekaar was? Let op die bonatuurlike wyse waarop Jesus die brood met die uitdeel vermeerder; en niks moet vermors word nie, want die dissipels maak ongebruikte stukke bymekaar vir later. Die vermeerdering van voedsel om die mensdom in nood te voed, was presies die versoeking waarmee die bese een Jesus genader het volgens Mat. 4:1-4. Dit was ook moontlik die rede vir sy begeerte om vooraf te bid. Nou wou die mense Hom ook die “broodkoning” maak (vgl. Joh. 6:15).

4:18 OAV, NAV, CUM-MVB “Bring dit hier vir My”
 CUM-NLV “Bring hulle hier vir my”
 NASB “Bring them to Me”

Die doel van Jesus se optrede was nie net om die skare te voed nie, maar om die dissipels se geloof te versterk. Dit was die hoofdoel van baie van sy wonderwerke. Medelye met die skare en die versterking van sy dissipels se geloof, was die tweeledige motivering vir wonderwerke.

Hierdie voeding het wel ook Joods-Messiaanse implikasies gehad. Die Jode het wonderwerke soos dié van Moses van die Messias verwag. Hierdie nuwe manna kon een so ‘n handeling gewees het (vgl. Joh. 6).

14:19 “Hy gee toe opdrag (beveel) dat die mense op die gras moet gaan sit”; “ordering the people to sit down on the grass”: Letterlik beteken dit ‘gaan agteroor leun’ op die gras. Dit was die algemene liggaamshouding vir ‘n Palestynse ete. Hulle was in groepe van honderde en vyftigs ingedeel (vgl. Mark. 6:39-40). Die beskikbaarheid van welige, groen gras dui daarop dat die gebeurtenis waarskynlik in die lente plaasgevind het.

▣ OAV, CUM-MVB “Kyk op na die hemel en dank”
 NAV “kyk op na die hemel en vra die seën”
 CUM-NLV “kyk op na die hemel en vra God om die kos te seën”
 NASB “looking up toward heaven, He blessed *the food*”

Die gewone liggaamshouding vir 'n Jood in gebed was om die hande en oë op die hemel te rig. Om te kniel was nie gebruiklik nie. Ons moderne manier van oë toemaak met geboë hoof kom uit die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar/sondaar! As ons verkies om ons hoof te buig en oë te sluit volgens Bybelse voorskrif, moet ons net onthou om ook op ons bors te slaan (vgl. Luk. 18:9-14)!

14:20 “**twalf mandjies vol**”; “**twelve full baskets**”: Sien *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPECIALE AANDAG: DIE SYFER TWAALF

Twaalf was altyd simbolies van samestellings.

1. Buite die Bybel
 - a. twalf sterretekens van die Zodiac
 - b. twalf maande van die jaar
2. In die OT
 - a. die seuns van Jakob, die Joodse stamme
 - b. weerspieël in
 - (1) 12 pilare van die altaar, Eks. 24:4
 - (2) 12 juwele op die borsplaat van die hoëpriester, Eks. 28:21
 - (3) 12 brode in die Allerheiligste van die tabernakel, Lev. 24:5
 - (4) 12 spioene/verkenners in Kanaän, Num. 13
 - (5) 12 keries met stamname tydens Korag se opstand, Num. 17:2
 - (6) 12 klippe van Josua, Jos. 4:3,9,20
 - (7) 12 distrikte in Salomo se ryk vir administrasie, 1 Kon. 4:7
 - (8) 12 klippe van Elia se altaar vir JHWH, 1 Kon. 18:31
3. in die NT
 - a. 12 apostels gekies
 - b. 12 mandjies brood opgetel
 - c. 12 trone waarop NT dissipels sit
 - d. 12 legioene van engele wat Jesus kon red
 - e. die simboliek in Openbaring
 - (1) 24 ouderlinge op 24 trone, 4:4
 - (2) 144 000 (12x12) in 7:4; 14:1,3
 - (3) 12 sterre in die vrou se kroon, 12:1
 - (4) 12 poorte en 12 engele wat die 12 stamme uitbeeld, 21:12
 - (5) 12 fondamentstene met name van die 12 apostels, 21:14
 - (6) 12-duisend stadia (grootte van nuwe Jerusalem), 21:16
 - (7) 144 meter hoë muur; 21:17
 - (8) 12 pêrelpoorte, 21:21
 - (9) 12 soorte vrugte in nuwe Jerusalem (een per maand), 22:2

14:21 “**En dit was omtrent vyfduisend manne wat geëet het, buiten (afgesien van) die vroue en kinders**”; “**There were about five thousand men who ate, besides women and children**”: Weens die afgesonderdheid van die plek was daar dalk nie veel vroue en kinders nie, behalwe as hulle daar was met die hoop op genesing van siekte. Die volle getal was waarskynlik tussen ses- en seweduisend gewees, maar dit bly onseker.

Aangesien Matteus vir Jode geskryf het, mag hierdie weergawe iets laat sien van die kultuur waarin manne apart van vroue en kinders geëet het (vgl. NASB, *Study Bible*, voetnoot, bl. 1389).

NASB (UPDATED) TEXT: 14:22-27

²²Immediately He made the disciples get into the boat and go ahead of Him to the other side, while He sent the crowds away. ²³After He had sent the crowds away, He went up the mountain by Himself to pray; and when it was evening, He was there alone. ²⁴But the boat was already a long distance from the land, battered by the waves; for the wind was contrary. ²⁵And in the fourth watch of the night He came to them, walking on the sea. ²⁶When the disciples saw Him walking on the sea, they were terrified, and said, “It is a ghost!” And they cried out in fear. ²⁷But immediately Jesus spoke to them, saying “Take courage, it is I; do not be afraid.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 14:22-27.

14:22 OAV “En Jesus het dadelik sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan”
 NAV, CUM-MVB “Net daarna het Jesus sy dissipels (leerlinge) in die skuit laat klim”
 CUM-NLV “Dadelik hierna het Jesus sy dissipels gedwing om weer in die skuit te klim”
 NASB “Immediately He made the disciples get into the boat”

Daar word nie gesê hoekom Jesus sy dissipels terug in die boot gedwing het nie. Dit hou moontlik verband met

1. onvanpaste optrede deur die skare (vgl. Mark. 6:15)
2. nog 'n voorbeeld van hoe Hy die dissipels se geloof opbou deur sy bonatuurlike krag (vgl. Mark. 6:45-51; Joh. 6:15)

- **OAV** "terwyl Hy die skare wegstuur"
NAV, CUMs "terwyl Hy nog eers die mense (skares) huis toe laat gaan (stuur)"
NASB "while He sent the crowds away"

Daar was groot opgewondenheid onder die skare oor die wonderbaarlike voeding en 'n beweging om Hom tot koning te roep (vgl. Joh. 6:15). Dit was presies die versoeking waarmee die bese een Hom genader het, naamlik om van klippe brode te maak (Mat. 4:1-4). Daarom het Jesus gedring gevoel om Hom in gebed af te sonder en met die Vader oor sy voortgesette bediening in gesprek te tree. Daar was aansienlike verwarring onder die mense oor hoe hulle Jesus se wonders van genesing en voeding van menigtes moes verstaan.

- 14:23 OAV** "klim Hy op die berg om in eensaamheid te bid"
NAV, CUM-MVB "het Hy alleen (op sy eie) na die berg toe gegaan om te bid"
CUM-NLV "Daarna het Hy teen die berg uitgeklim om eenkant te gaan bid"
NASB "He went up on the mountain by Himself to pray"

Volgens vers 13 was dit sy oorspronklike bedoeling. Die evangelies meld herhaaldelik dat Jesus Hom vir gebed afgesonder het. As Hy, God in die vlees, dit nodig gevind het, hoeveel te meer nie óns nie!

- 14:24 OAV** "En die skuit was al in die middel van die see"
NAV, CUM-MVB "Die skuit was reeds 'n paar kilometer (baie ver) van die kus af"
CUM-NLV "Ondertussen was die skuit reeds ver van die land af"
NASB "The boat was already a long distance from the land"

Markus 6:47 dui aan dat die boot reeds in die middel van die meer was.

- 14:25 OAV, CUM-MVB** "in die vierde nagwaak"
NAV "met dagbreek die volgende môre"
CUM-NLV "Kort voor dagbreek"
NASB, NKJV, NJB "the fourth watch of the night"
NRSV "early in the morning"
TEV "between three and six o'clock in the morning"

Hierdie was 'n tegniese term om die aantree van Romeinse soldate vir die laaste nagwaak aan te dui (van 3 – 6 vm., vgl. Mark. 13:35). Oorspronklik het die Jode drie wagbeurte deur die nag gehad (vgl. Rigt. 7:19; Klaagl. 2:19), maar tydens die Romeinse oorheersing het hulle by die vierledige bedeling aangepas. Hieruit is dit duidelik dat Jesus feitlik die hele nag in gebed deurgebring het.

- **OAV** "al wandelende op die see"
NAV, CUMs "op die see (meer) na hulle toe aangeloo gekom"
NASB "He came to them, walking on the sea"

Omdat wind en golwe stormsterk was, moes Hy oomblikke lank uit sig gewees het weens styging en daling van die boot. Jesus betoon weereens hierdeur sy krag om die natuur te oorheers. Uit die ander evangelies kom ons te wete dat Jesus van voorneme was om hulle verby te steek, maar dat Hy omrede hulle angs by hulle in die boot geklim het.

- 14:26 OAV, NAV, CUM-MVB** "Dit is 'n spook"
CUM-NLV "want hulle het gedink dis 'n spook"
NASB "It is a ghost"

Dis presies wat hulle later sou dink in die bovertrek (vgl. Luk. 24:37). Hulle was vreesbevange. Jesus se eerste woorde aan hulle was: "Hou op om bang te wees!" – 'n PRAESENS IMPERATIEF met NEGATIEWE VOEGWOORD. Sulke woorde van bemoediging is dikwels herhaal (vgl. Mat. 14:27; 17:7; 28:19; Mark. 6:50; Luk. 5:10; 12:32; Joh. 6:20; Openb. 1:17).

14:27 Hiermee gee Jesus twee opdragte:

1. **OAV**, "hou goeie moed"
NAV, "wees gerus"
CUM-MVB, "wees gerus"
CUM-NLV, "toemaar"
NASB, "take courage"
NKJV, "be of good cheer"
NRSV, "take heart"
TEV, NJB, "courage!"

Dit is 'n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF en woorde wat Hy dikwels uitgespreek het teenoor

- a. 'n verlamde, 9:2
- b. 'n vrou met bloedvloeiing, 9:22

- c. die dissipels in ‘n boot, 14:27, Mark. 6:50
 - d. ‘n blinde man, Mark. 10:49
 - e. die dissipels in die Bovertrek, Joh. 16:33
 - f. Paulus, Han. 23:11
3. Die tweede opdrag: “moenie vrees nie” (OAV), “moet julle nie ontstel nie” (CUM-NLV); ‘n PRAESENS MEDIUM/PASSIEF DEPONENT IMPERATIEF, uitgespreek teenoor
- a. dissipels in ‘n boot, Mat. 14:27
 - b. Petrus na sy groot vangs visse, Luk. 5:10
 - c. dissipels terwyl Hy hulle onderrig, Luk. 12:32
 - d. dissipels op die berg van verheerliking, Mat. 17:7
 - e. vroue by die graf, Mat. 28:10
 - f. Paulus in Korinte, Han. 18:9
 - g. Paulus op stormsee, Han. 27:24
 - h. Johannes op Patmos, Openb. 1:17

Dieselfde woorde ook deur engele uitgespreek teenoor

- 1. Sagaria, Luk. 1:13
- 2. Maria, Luk. 1:30
- 3. skaapwagters, Luk. 2:10
- 4. vroue by die graf, Mat. 28:5

NASB (UPDATED) TEXT: 14:28-33

²⁸Peter said to Him, “Lord, if it is You, command me to come to You on the water.” ²⁹And He said, “Come!” And Peter got out of the boat, and walked on the water and came toward Jesus. ³⁰But seeing the wind, he became frightened, and beginning to sink he cried out, “Lord, save me!” ³¹Immediately Jesus stretched out His hand and said to him, “You of little faith, why did you doubt?” ³²When they got into the boat, the wind stopped. ³³And those who were in the boat worshipped Him, saying, You are certainly God’s Son!”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 14:28-33.

14:28 OAV “En Petrus antwoord Hom en sê”
NAV, CUM-NLV “Petrus sê toe vir Hom”
CUM-MVB “Toe het Petrus gereageer en gesê”
NASB “Peter said to Him”

Hierdie gebeure (Petrus wat op die water loop) kom net in Matteus se evangelie voor. Petrus was die voortvarendheid self en boonop ‘n mengsel van waagmoedige geloof en diepe vertwyfeling.

▣ **OAV** “as dit U is”
NAV, CUMs “as dit regtig U is”
NASB “if it is You”

Dit is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat as waar vanuit die perspektief van die skrywer of vir sy literêre doeleindes beskou kan word. Petrus hét hiermee inderdaad te kenne gegee dat hy Jesus herken het.

14:30 OAV, CUM-MVB “die sterk wind sien”
NAV “sien hoe sterk is die wind”
CUM-NLV “die hoë golwe rondom hom sien”
NASB “seeing the wind”

Hy het die wind en die golwe gesien en gevoel en sy geloof het begin wankel.

▣ **“Here, red my”; “Lord, save me”**: Hierdie is ‘n goeie voorbeeld van die OT betekenis van ‘redding’. In die OT word die woord meer fisiek verstaan (vgl. Jak. 5:15).

14:31 OAV, NAV, CUM-MVB “Kleingelowige”
CUM-NLV “Jou geloof is maar bitter klein”
NASB “You of little faith”

Dié tema kom herhaaldelik in Matteus voor (vgl. 6:30; 8:26; 16:8). Heelwat van Jesus se wonderwerke het dié versterking van sy dissipels se geloof ten doel gehad. God werk ook met mense wat klein van geloof is. Amen!

13:22 OAV “en val voor Hom neer en sê, ‘Waarlik U is die seun van God’”
NAV, CUM-MVB “het voor Jesus gekniel en gesê, ‘U is waarlik die Seun van God’”
CUM-NLV “die mense in die skuif Hom aanbid, ‘U is werklik die Seun van God’ het hulle uitgeroep”
NASB “worshipped Him, saying, ‘You are certainly God’s Son’”

Jesus het hierdie aanbedding aanvaar. Hoeveel hulle werklik van die term ‘Seun van God’ verstaan het (sien *Vir Speciale Aandag* by 27:54), is onseker. Verder is dit ook onseker hoeveel hulle begryp het van die bonatuurlike aspekte

van sy bediening (uit wat hulle gehoor en gesien het). Daarom is dit heel duidelik dat ‘n teologiese verklaring sou moes volg in Mat. 16:16. Matteus was nie van plan om die ‘Messiaanse Geheimenis’ soveel prominensie te gee as wat Markus wel in sy evangelie doen nie (sien Mark. 6:52).

Die term ‘Seun van God’ kom dikwels voor in die Matteus-evangelie (4:3,6; 16:16; 26:63; 27:40,43,54). Anders as in Luk. 27:54 is hier egter nie ‘n LIDWOORD voor die term nie. Vele geleerdes is van mening dat die dissipels dan nog nie die volle teologiese implikasies van die term, wat volkome Godheid veronderstel, verstaan het nie. Dit mag so wees! Hulle begrip hiervan het algaande gegroei en was nie van ‘n oombliklike aard nie. Maar dit bly gevaarlik om te veel teologie op die aan- of afwesigheid van ‘n Griekse LIDWOORD te bou!

NASB (UPDATED) TEXT: 14:34-36

³⁴When they had crossed over, they came to land at Gennesaret. ³⁵And when the men of that place recognized Him, they sent word into all that surrounding district and brought to Him all who were sick; ³⁶and they implored Him that they may just touch the fringe of His cloak; and as many as touched it were cured.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 14:34-36.

14:34	OAV, CUM-MVB	“En hulle het oorgevaar en in die land Gennésaret gekom”
	NAV	“Hulle het toe land toe gevaar en en by Gennesaret aan wal gegaan”
	CUM-NLV	“Nadat hulle die see oorgesteek het, het hulle by Gennesaret aan wal gegaan”
	NASB	“When they had crossed over, they came to land at Gennesaret”

Die woord ‘oorgevaar’ is hier dubbelsinnig. Volgens Mark. 6:45 sou die bestemming Betsaida wees (wat ‘Huis van Vis’ beteken). Daar was óf twee Betsaidas, óf tussen die Sinoptiese evangeliste ‘n mate van verwarring met betrekking tot die geografie.³³ Jesus het verblyf in die gebied van Filip die viervors gehad en was nie op pad terug na die gebied van Herodes die viervors toe nie. Gennesaret was oorwegend heidengebied. Moontlik was dit Jesus se voorneme om Hom aan die Joodse skares te onttrek, soos wat hy later ook by Caesarea-Filippie sou doen.

14:35	OAV	“En die manne van daardie plek het Hom herken”
	NAV, CUM-MVB	“Net toe die mense (manne) van daardie plek agterkom wie Hy is”
	CUM-NLV	“Toe die plaaslike mense dit hoor”
	NASB	“and when the men of that place recognized Him”

Presies dieselfde gebeur toe weer (vgl. vers 13). Weereens bestee Jesus heelwat tyd aan die bediening van mense in nood – mense met dieselfde soort bygeloof (sinkretisme) as die vrou wat aan bloedvloeiing gelei het (vgl. 9:20). Hulle wou net aan die klossie van sy gebedsmantel raak (vgl. vers 36 – “die soom van sy klere”, NAV). Dit was vir Jesus aanvaarbaar om saam te werk ondanks sulke ‘swak’ geloof. Selfs ten opsigte van bygelowige nie-Jode, was sy medelye opmerklik.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoekom moet verse 3-12 as ‘n insetsel beskou word?
2. Hoe sal jy die verskillende Herodesse wat in die NT genoem word van mekaar onderskei?
3. Hoekom was Herodias so erg kwaad vir Johannes die Doper?
4. Wat was die doel van Jesus se wonderwerke?
5. Waarom kon Jesus die menigtes tweekeer voed ondanks sy verwerping van die duiwel se versoeking dat hy so ‘n wonder moet doen?
6. Op watter manier is Petrus en die dissipels se angstige reaksie van hulp vir ons eie geloofslewe?

³³ Vgl. NAV se sensitiewer weergawe – vert.

MATTEUS 15

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Tradition of the Elders	Defilement Comes From Within	Traditions of the Elders	The Teaching of the Ancestors	The Traditions of Pharisees	Die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte
15:1-9	15:1-20	15:1-9	15:1-2 15:3-9	15:1-9	15:1-9
(8-9)			The Things that Make a Person Unclean	(8-9) On Clean and Unclean	Wat 'n mens onrein maak
15:10-20		15:10-20	15:10-11 15:12 15:13-14 15:15 15:16-20	15:10-11 15:12-14 15:15-20	15:15-20
The Canaanite Woman's Faith	A Gentile Shows Her Faith	The Canaanite Woman	A Woman's Faith	The Daughter of the Canaanite Woman	Die Kanaänitiese vrou
15:21-28	15:21-28	15:21-28	15:21-22 15:23 15:24 15:25 15:26 15:27 15:28	15:21-28	15:21-28
The Healing of Many People	Jesus Heals Great Multitudes	Healings	Jesus Heals Many People	Cures near the Lake	Jesus maak baie siekes gesond
15:29-31	15:29-31	15:29-31	15:29-31	15:29-31	15:29-31
The Feeding of the Four Thousand	Feeding the Four Thousand	Four Thousand Fed	Jesus Feeds the Four Thousand	Second Miracle of the Loaves	Die tweede vermeerdering van die brood
15:32-39	15:32-39	15:32-39	15:32 15:33 15:34a 15:34b 15:35-38 15:39	15:32-39	15:32-39

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

5. Eerste paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalingstek is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

6. Tweede paragraaf
7. Derde paragraaf
8. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 15:1-11

¹Then some Pharisees and scribes came to Jesus from Jerusalem and said, ²“Why do Your disciples break the tradition of the elders? For they do not wash their hands when they eat bread.” ³And He answered and said to them, “Why do you yourselves transgress the commandment of God for the sake of your tradition? ⁴For God said, ‘HONOR YOUR FATHER AND MOTHER,’ and, ‘HE WHO SPEAKS EVIL OF FATHER OR MOTHER IS TO BE PUT TO DEATH.’ ⁵But you say, “Whoever says to *his* father or mother, ‘Whatever I have that would help you has been given to God,’ ⁶he is not to honor his father or mother.” And *by this* you invalidated the word of God for the sake of your tradition. ⁷You hypocrites, rightly did Isaiah prophesy of you:
⁸THIS PEOPLE HONORS ME WITH THEIR LIPS,
 BUT THEIR HEART IS FAR AWAY FROM ME,
⁹BUT IN VAIN DO THEY WORSHIP ME,
 TEACHING AS DOCTRINES THE PRECEPTS OF MEN.’
¹⁰After Jesus called the crowd to Him, He said to them, “Hear and understand. ¹¹*It is not what enters into the mouth that defiles the man, but what proceeds out of the mouth, this defiles man.*”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 15:1-11.

15:1 “Fariseërs”; “Pharisees”: In die eerste eeuse Judaïsme was die Fariseërs die groep wat meer as al die ander op uiterlike vormgodsdienis gestel was. As groep ontstaan hulle gedurende die Makkabeëse tydperk en hulle naam het waarskynlik ‘die afgesonderdes’ beteken. Jesus het nie alle Fariseërs veroordeel nie, maar slegs diegene wat op hulle wettiese uiterlike gestel was sonder opregtheid van hart voor God (vgl. Jes. 29:13). Hulle beklemtoon volkome navolging van die mondelinge oorlewering wat later in die Talmoed neergeskryf is. Vir ‘n volledige bespreking van die Fariseërs se ontstaansgeskiedenis en hulle teologie, sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:15.

- ▣ OAV, NAV, CUM-MVB “skrifgeleerdes”
 CUM-NLV “skrifkenners”
 NASB “scribes”

Die ‘skrifkenners’ was ‘n professionele groep, opgelei in die skriftelike godsdieniswette en tradisies van mondelinge oorlewering. Hulle kon uitspraak lewer oor hoe Joodse regulasies in die daaglikse lewe van toepassing gemaak moes word. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 12:38.

- ▣ “van Jerusalem (af)”; “from Jerusalem”: Jesus het in dié tyd in Galilea opgetree met die gevolg dat die afvaardiging wat Hom moes kom aanhoor, ver moes reis; baie duidelik ‘n ondersoekkommissie uit hoofkantoor!

- 15:2 OAV, NAV “u dissipels”
 CUM-MVB “u leerlinge”
 CUM-NLV “jou dissipels”
 NASB “your disciples”

Die dissipels was van Galilea af waar Judaïstiese gebruike nie so streng gegeld het nie.

- ▣ OAV “die oorlewering van die ou mense”
 NAV “die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte”
 CUM-MVB “die tradisie”
 CUM-NLV “ons tradisies”
 NASB “the tradition of the elders”

Hierdie is ‘n verwysing na die omvattende mondelinge tradisies genaamd die *Misjna*, wat die wet van Moses verklaar het en gehelp het om dit in die alledaagse lewe toe te pas. Die *Misjna* is mees volledig deur Rabbi Juda opgeteken in 200 n.C. en het later deel geword van die Talmoed. Die rabbis het geglo dat dit so gesaghebbend soos die Torah (Gen.-Deut.) is, want dit is ook na oorlewering mondelings deur God aan Moses oorgedra (vgl. Deut. 4:14).

- ▣ OAV “hulle was nie hulle hande as hulle brood eet nie”
 NAV, CUM-MVB “(want) as hulle gaan eet, was hulle nie hulle hande nie”
 CUM-NLV “deur nie hulle hande voor ete te was nie”
 NASB “they do not wash their hands when they eat”

Die doel van handewas was nie higiëne nie, maar ‘n seremoniële gebruik van reinheid. Die OT vereis nie ‘n handewassing as godsdienstplig voor elke ete nie, maar so ‘n tradisie het posgevat, omdat (1) daar van die priesters verwag is om te was (vgl. Eks. 30:19) en (2) Levitikus 15 ‘n wassing vereis van enigeen wat aan iets onreins geraak het. In Jesus se tyd was rituele wassing voor maaltye ‘n kernaangeleentheid in Joodse godsdienstgebruik. ‘n Rabbyn is in daardie vroeë stadium uitgeban omdat hy nie behoorlik gewas het nie! Nie net voor ete nie, maar met gangetes was wassing tussen die aanbiedinge en selfs ná die ete as ‘n verpligte godsdiensthandeling beskou.

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “God het bevel gegee en gesê” “God het tog gesê” “God sê byvoorbeeld” “God said” |
|--|---|

In Mark. 7:11 staan daar “Moses het gesê”, sodat uit hierdie vers Jesus se siening van die gesag en inspirasie van die OT duidelik blyk (vgl. 5:17-19).

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Eer jou vader en jou moeder” “Jy moet jou pa en ma eer” “Honor your father and mother” |
|--|---|

Jesus haal as voorbeeld een van die tien gebooië aan (vgl. Eks. 20:12; Deut. 5:16). ‘Eer’ was ‘n saketerm wat beteken het dat ‘die regte gewig toegeken moet word’.

- ▣ Die volgende aanhaling kom uit Eks. 21:17 of Lev. 20:9. Daar moet onverwyld en streng opgetree word teen oortreders van die verbondsbepalinge wat bedoel is om die gemeenskapslewe te beskerm, en dit geld dan ook vir die familielewe.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe” “Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak (tereggestel) word” “Elkeen wat sy pa of ma slegmaak, moet definitief sterf” “HE WHO SPEAKS EVIL OF FATHER OR MOTHER IS TO BE PUT TO DEATH” |
|--|--|

Sien Eks. 21:17 en Lev. 20:1.

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 15:5 OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB, NRSV NKJV TEV NJB | <ul style="list-style-type: none"> “is ‘n offergawe” “maak ek ‘n offergawe vir God” “gee ek as ‘n geskenk vir God” “As jy jou bates as ‘n offer aan die Here toewy” “has been given to God” “dedicated to the temple” “belongs to God” “dedicated to God” |
|---|---|

Korban het beteken dat jy ongebruikte bates aan God toewy (afgelei van die Hebreeuse woord vir ‘gawe’, vgl. 1:2; 22:27; 23:14³⁴ en Num. 7:25; of ‘onder ‘n ban’, vgl. Mark. 7:11). Hierdie eed het dus bates wettiglik onbeskikbaar gemaak om bejaarde ouers mee te help (hoewel dit steeds vir eie gebruik beskikbaar bly).

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 15:6 OAV NAV CUM-NLV CUM-MVB NASB NKJV TEV NJB | <ul style="list-style-type: none"> “dié hoef sy vader of sy moeder glad nie te eer nie” “dan hoef hy nie meer sy plig teenoor sy pa na te kom nie” “hoef jy nie meer jou ouers te eer deur hulle te ondersteun nie” “dan hoef hy nie meer sy pa te eer nie” “he is not to honor” “is released from honoring” “they do not need to honor” “he is rid of his duty” |
|---|--|

Hoewel dit nie in die Engelse vertalings opgeneem is nie, is hierdie frase:

1. ‘n sterk dubbele negatief,³⁵
2. ‘n implisiete vraag; en
3. ‘n aanhaling (of implikasie) uit die lering van die Fariseërs/skrifkeners.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▣ OAV NAV CUM-NLV CUM-MVB NASB NKJV | <ul style="list-style-type: none"> “kragteloos” “ontneem. . . sy gesag” “so trek julle. . . ‘n streep deur” “misken julle” “invalidated” “no effect” |
|--|--|

³⁴ Byvoorbeeld CUM-NLV – vert.

³⁵ Dit is waar van die Grieks en blyk ook uit die “glad nie” van die OAV – vert.

NRSV “void”
NJB “ineffective”

Hiér, en in die parallelle gedeeltes, Markus 7:13 en Lukas 3:17, word ‘n skerp afwysende woord in Grieks gebruik. Deur hulle motiewe en optrede, maak hulle die Skrifte dienstig aan hulle hebsug. Hierdie mense was op die oog af heel godsdienstig, maar die tekens van die sondeval was maar al te opmerklik (d.w.s. meer vir my, ongeag die koste!)

■ **OAV** “terwille van julle oorlewering”
NAV “terwille van julle oorgelewerde gebruike”
CUM-NLV “met julle tradisie”
CUM-MVB “tradisie”
NASB “for the sake of your tradition”

Hierdie term (*paradosis*) word op verskeie maniere gebruik:

1. in 1 Kor. 11:2,23 vir evangeliese waarheid;
2. in Mat. 15:6; 23:1 e.v.; Mark. 7:8; Gal. 1:14 oor Joodse tradisies;
3. in Kol. 2:6-8 oor Gnostiese spekulاسie;
4. Rooms Katolisisme gebruik hierdie vers as bewysplaas vir hulle siening dat tradisie, wat gesag betref, met die Bybel op gelyke voet staan.

In hierdie konteks verwys dit egter na Apostoliese waarheid, hetsy gesproke of geskrewe (vgl. 2 Tess. 3:6).

15:7 **OAV** “Geveinsdes”
NAV “Huigelaars”
CUMs “skynheiliges”
NASB “you hypocrites”

Hierdie is ‘n teaterterm wat letterlik vertaal kan word as ‘om onder te oordeel’ in die sin dat daar ‘van onder-’ of ‘agter ‘n masker’ opgetree word.

15:8-9 **OAV** “Hierdie volk nader My met hulle mond”
NAV, CUMs “Hierdie volk eer My met hulle mond (lippe)”
NASB “This people honor Me with their lips”

Hierdie aanhaling kom uit die Septuaginta se weergawe van Jes. 29:13. Dis ‘n kragtige woord wat bevestig dat persoonlike geloof sowel uit uiterlike aksie as woorde moet blyk (vgl. Rom. 4:3-6; Jak. 2:14-26).

15:8 “ver van”; “far away”: Hierdie frase kom daarop neer dat jy iets of iemand op armlengte hou.

15:10 **OAV** “en Hy het die skare na Hom geroep”
NAV “Toe het Jesus die menigte nader geroep”
CUMs “(Daarop) Toe het Hy (Jesus) die skare nader geroep”
NASB “Jesus called the crowd to Him”

Jesus het hierdie godsdienondersoekkommissie vanaf Jerusalem in die openbaar veroordeel.

15:11 **OAV** “Nie wat by die mond ingaan, maak die mens onrein nie”
NAV, CUM-MVB “Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie”
CUM-NLV “‘n Mens word nie onrein gemaak deur wat jy eet nie, maar deur wat jy sê”
NASB “It is not what enters into the mouth that defiles the man”

Hier in Matteus hou die opmerking verband met die was van hande (vgl. verse 18-20), maar Markus voeg ‘n frase by wat dit van toepassing maak op alle voedsel (vgl. Mark. 7:19 en Han. 10). Reinheid kom van binne en dit rig uitwaartse handeling.

NASB (UPDATED) TEXT: 15:12-14

¹²Then the disciples came and said to Him, “Do You know that the Pharisees were offended when they heard this statement?” ¹³But He answered and said, “Every plant which my heavenly Father did not plant, shall be uprooted. ¹⁴Let them alone; they are blind guides to the blind. And if a blind man guides a blind man, both will fall into a pit.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 15:12-14.

15:12 **OAV, CUMs** “dat die Fariseërs. . .aanstoot geneem het”
NAV “dat die Fariseërs hulle vererg het”
NASB “The Pharisees were offended”

Die dissipels was geskok oor Jesus se behandeling van die godsdiensteiers, oor sy opmerkings oor hulle mondelinge tradisies en sy ontkenning van die voedselwette van Lev. 11.

15:13 “Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel (uitgetrek) word”; “Every plant which my heavenly Father did not plant, shall be uprooted”: Hierdie opmerking het op die leer van die Fariseërs gesinspeel of

op hulle as persoon, naamlik dat hulle nie van God was nie (Mat. 5:20; 16:6,11). Godsdienstigheid kan gevaarlik wees (vgl. Rom. 2:17-29). Om die vrede te bewaar ten alle koste was nie Jesus se manier van doen nie!

Moontlik het Jesus hierdie beeld uit die planteryk aan Jesaja ontleen (vgl. Jes. 60:21; 61:3). Israel is soms met beeldspraak uit die landbou beskryf (vgl. Jes. 5 en Joh. 15). Israel was JHWH se uitverkore wingerdstok, bestem as sy manier om Hom aan die nasies te openbaar! Nes Israel in dié roeping misluk het, het die Fariseëse teologie ook. Groot is die sonde van ongelooft, maar nie minder so nie die sonde van selfgeregtigheid!

15:14 Hierdie is ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat dui op moontlike aksie.

☐ **“blinde”;** **“blind”**: Dit dien as metafoor om die vlak van die Fariseërs en hulle volgelinge se geestelike insig te beskryf (vgl. hoofstuk 23, veral verse 16,24).

NASB (UPDATED) TEXT: 15:15-20

¹⁵Peter said to Him, “Explain the parable to us.” ¹⁶Jesus said, “Are you still lacking in understanding also? ¹⁷Do you not understand that everything that goes into the mouth passes into the stomach, and is eliminated? ¹⁸But the things that proceed out of the mouth come from the heart, and those defile the man. ¹⁹For out of the heart come evil thoughts, murders, adulteries, fornications, thefts, false witnesses, slanders. ²⁰These are the things that defile the man; but to eat with unwashed hands does not defile the man.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 15:15-20.

15:15-20 Hiermee blyk die noodsaaklikheid van ‘n geestelike balans tussen vryheid in Christus en liefde vir Christus en vir ander mense (vgl. Rom. 14:1-15:13; 1 Kor. 8; 10:23-33; 1 Tim. 4:4; Tit. 1:15).

15:16	OAV	“Is julle dan ook nog sonder verstand”
	NAV, CUM-MVB	“Verstaan ook julle dit nog nie”
	CUM-NLV	“Verstaan selfs julle dit nog steeds nie”
	NASB	“Are you still lacking in understanding also”

Hierdie seldsame Griekse idioom beklemtoon Jesus se verbasing. Die dissipels het ook maar eers na die opstanding beter begin verstaan (vgl. Luk. 24:16,31; Han. 16:14; 1 Joh. 5:20).

15:18 Watter voedsel ‘n mens mag eet en wat nie, is nie van soveel belang as wat in die hart aangaan nie (vgl. Mat. 12:34; Mark. 7:20). Met hierdie opmerkings het Jesus die voedselwette van Lev. 11 onbenullig verklaar. Dit word algemeen aanvaar dat Jesus die mondelinge oorlewering van die rabbyne verwerp het, maar die OT gehuldig het. In hierdie geval en in sy hantering van egskeiding (vgl. 5:31-32; 19:8-9) verander Hy OT bepalings. Danksy sy inspirasie, is Jesus binne sy reg as Hy die rabbynse tradisies bevraagteken en die OT herinterpreteer. Hedendaagse skrifverklaarders word deur die Gees verlig, maar is nie geïnspireer nie. Daarom handhaaf ons Jesus se lering, maar het ons nie die reg om sy hermeneutiese werkswyse na te volg nie.

☐ **“hart”;** **“heart”**: Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:8.

15:19	OAV	“hoerery”
	NAV	“onkuisheid”
	CUM-MVB	“seksuele sondes”
	CUM-NLV	“onsedelikheid te bedryf”
	NASB	“fornications”

Die woord pornografie, ook in sy Griekse vorm, stam uit dieselfde grondwoord. Dit impliseer enige onweloweglike seksuele aktiwiteit: voorhuwelikse seks, buitehuwelikse seks, homoseksualiteit, growwe sedeloosheid; asook die weiering van ‘n broer om leviraatsverpligtinge na te kom deur by sy oorlede broer se weduwee nie erfgename vir die gestorwene se nalatenskap te verwek nie.

In die OT word ‘n onderskeid getref tussen huweliksontrou (egbreuk) en voorhuwelikse onsedelikheid (hoerery).

☐	OAV	“diewery”
	NAV, CUM-MVB	“diefstal”
	CUM-NLV	“te steel”
	NASB	“thefts”

Die moderne term ‘kleptomanië’ kom van dieselfde Griekse woordstam.

☐	OAV, CUM-MVB	“lastertaal (laster)”
	NAV	“kwaadpraterij”
	CUM-NLV	“mense te belaster”
	NASB	“slanders”

Hierdie lys staan in noue verband met die tien gebooe. Die woord ‘Godslastering’ verwys na spraak teen God.

VIR SPESIALE AANDAG: MENSLIKE SPRAAK

I. INLEIDENDE GEDAGTES UIT SPREUKE

- A. Die mensdom se vermoë om te kan praat is 'n aspek van God se beeld in die mens (bv. die skepping het uit God se gesproke woord tot stand gekom en God praat met sy geskape mensheid). Dit maak spraakvermoë 'n betekenisvolle aspek van persoonlikheid.
- B. Spraak maak dit moontlik vir mense om hulle uit te spreek oor hoe hulle die lewe ervaar. So kom ons innerlike, naamlik wie en wat ons is, tot openbaring (Spr. 18:2; 4:23 [20-27]). Spraak is die onfeilbare toets oor die aard van persoonlikheid (Spr. 23:7).
- C. As sosiale wesens is aanvaarding en goedkeuring vir ons belangrik. Ons verlang dit van God en van medemense. Woorde is gelaai met krag om hierdie behoefte te bevredig, beide op positiewe (Spr. 17:10) en negatiewe wyse (Spr. 12:18).
- D. Verbysterend is die mag van die gesproke woord (Spr. 18:20-21), enersyds om te seën en te heel (Spr. 10: 11,21) en andersyds om te vervloek en te vernietig (Spr. 11:9).
- E. Ons maai wat ons saai (Spr. 12:14).

II. OOR DIE PRAAT VAN MENSE IS DAAR BEGINSELS IN SPREUKE

- A. *Tussenmenslike gesprek kan negatief en afbrekend wees.*
 1. die woorde van kwaadwillige mense (1:11-19; 10:6; 11:9,11; 12:2-6)
 2. die woorde van 'n owerspelige vrou (5:2-5; 6:24-35; 7:5 e.v.; 9:13-18; 22:14)
 3. die woorde van 'n leuenaar (6:12-15,19; 10:18; 12:17-19,22; 14:5,25; 17:4; 19:5,9,28; 21:28; 24:28; 25:18; 26:23-28)
 4. die woorde van 'n dwaas (10:10,14; 14:3; 15:14; 18:6-8)
 5. die woorde van onbetroubare getuies (6:19; 12:17; 19:5,9,28; 21:28; 24:28; 25:18)
 6. die woorde van 'n skindertong (6:14,19; 11:13; 16:27-28; 20:19; 25:23; 26:20)
 7. woorde te vinnig gepraat (6:1-5; 12:18; 20:25; 29:20)
 8. vleiende woorde (29:5)
 9. oormaat woorde (10:14,19,23; 11:13; 13:3,16; 15:2; 17:27-28; 18:2; 21:23; 29:20)
 10. verdraaide woorde (17:20; 19:1)
- B. *Die positief helende en opbouende gesprek*
 1. die woorde van 'n reggesinde (10:11,20-21,31-32; 12:14; 13:2; 15:23; 16:13; 18:20)
 2. die woorde van onderskeidingsvermoë (10:13; 11:12)
 3. die woorde van kennis (15:1,4,7,8; 20:15)
 4. die woorde van genesing (15:4)
 5. die woorde van 'n teer antwoord (15:1,4,18,23; 16:1; 25:15)
 6. die woorde van 'n vriendelike antwoord (12:25; 15:26,30; 16:24)
 7. die woorde van die wet (22:17-24)

III. OT PATROON VOORTGESIT IN DIE NT

- A. Menslike gesprek stel ons in staat om ons gevoelens en siening van die lewe aan ander bekend te maak en sodoende te wys wie ons regtig is (Mat. 15:1-20; Mark. 7:2-23).
- B. As sosiale wesens is aanvaarding en goedkeuring vir ons belangrik. Ons het 'n behoefte daaraan van God en medemense. Woorde het die vermoë om hierdie behoefte op beide positiewe (2 Tim. 3:15-17) of negatiewe (Jak. 3:2-12) wyse aan te spreek.
- C. Die verbysterende mag van die gesproke woord bied die geleentheid om te seën (Ef. 4:29) of om te vervloek (Jak. 3:9). Dit beteken dat ons verantwoordelikheid moet aanvaar vir wat ons sê (Jak. 3:2-12).
- D. Ons sal volgens ons woorde (Mat. 12:33-37; Luk. 6:39-45) en daade beoordeel word (Mat. 25: 31-46). Ons sal maai wat ons gesaai het (Gal. 6:7).

NASB (UPDATED) TEXT: 15:21-28

²¹Jesus went away from there, and withdrew into the district of Tyre and Sidon. ²²And a Canaanite woman from that region came out and *began* to cry out, saying, "Have mercy on me Lord, Son of David; my daughter is cruelly demon possessed." ²³But He did not answer a word. And His disciples came and implored Him, saying, "Send her away, because she keeps shouting at us." ²⁴But He answered and said, "I was sent only to the lost sheep of Israel." ²⁵But she came and *began* to bow down before Him, saying, "Lord, help me!" ²⁶And He answered and said, "It is not good to take the children's bread and throw it to the dogs." ²⁷But she said, "Yes, Lord; but even the dogs feed on the crumbs which fall from the master's table." ²⁸Then Jesus said to her, "O woman, your faith is great; it shall be done for you as you wish." And her daughter was healed at once.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 15:21-28.

15:21 "Tirus en Sidon"; "Tyre and Sidon": Hierdie was Fenisiese kusstede. Regdeur die OT word die plekke geassosieer met die Ba'al-godsdiens en buitengewoon sondige lewenspraktyke. Nietemin het (1) Salomo by die Tiriese

koning, Hiram, kunstenaars en materiale vir sy tempelafwerking bekom (vgl. 1 Kon. 7) en het Elia in hierdie gebied tot hulp van 'n weduwe gekom (vgl. Luk. 4:22-26).

15:22 OAV "n Kananese vrou"
NAV, CUM-MVB "n Kanaänitiese vrou"
CUM-MVB "n heidense vrou"
NASB "a Canaanite woman"

Die term "Kanaänities" kom hier die enigste keer in die NT voor, hoewel 'n soortgelyke vorm in 'n naam voorkom (*Kananaïos* – "die fanatikus" – Mat. 10:4; Mark. 3:18). In Mark. 7:26 word na hierdie vrou verwys as 'n Siro-Fenisiëse vrou, wat in die moderne wêreld 'n vrou van Libanon sou wees. Sy was duidelik nie van Joodse afkoms nie. Hierdie vertelling, nes Mat. 8:5-13, bied 'n blik op Jesus se besorgdheid oor heidene. Die genesings soos in verse 29-31 opgesom, het in oorwegend heidengebiede plaasgevind (vgl. Mat. 7:31).

☐ **OAV** "na Hom geroep en gesê"
NAV, CUM-MVB "aanhoudend geroep"
CUM-NLV "en aanhou smEEK"
NASB "began to cry out, saying"

Haar geroep was duidelik hardop en sonder ophou. Hierdie ONVOLTOOIDE TYD kan (1) herhaalde handeling in die verlede beteken of (2) die begin van 'n handeling in die verlede.

☐ **OAV** "Wees my barmhartig"
NAV "Ontferm U oor my"
CUM-MVB "Betoon aan my onverdiende liefde"
CUM-NLV "Kry my tog jammer"
NASB "Have mercy on me"

Die goedhartigheid en deernis van Jesus teenoor armes, siekes en besetenes was ver en wyd verkondig. Selfs 'n nie-Joodse vrou was daarvan oortuig dat Hy haar sou help (vgl. 9:27; 17:15).

Hier dien die AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF as 'n gebedsversoek en nie 'n bevel nie!

☐ **"Here"; "Lord":** Dit was of (1) 'n algemene gebruik van 'meneer' of (2) die teologiese gebruik van 'meester' en 'Messias'; die konteks is bepalend. Aangesien die woord in kombinasie met 'n Messiaanse verwysing gebruik word, is laasgenoemde die juiste opsie.

☐ **"Seun van Dawid"; "Son of David":** Dit was 'n Messiaanse titel uit 2 Sam 7. Sy het iets geweet van die Joodse geloof en hoop. Sien die aantekeninge by 9:27.

☐ **OAV** "My dogter is erg van die duivel besete"
NAV, CUM-NLV "My dogter is in die mag van 'n bose gees (duivel)."
CUM-NLV "My dogter het 'n demoon"
NASB "My daughter is cruelly demon-possessed"

Duiwelsbesetenheid is 'n realiteit en dit is 'n feit dat dit kinders ook kan aantas (vgl. Mat. 17:14-18). Daar is soveel wat ons nie weet op hierdie gebied nie!

Ek het intens geworstel oor die verskynsel van duivelbesetenheid. Ek glo en aanvaar die Bybel se leiding in hierdie verband. Dit pla my egter dat (1) duiwelsuitwerping nie in die lys van geestelike gawes voorkom nie; (2) dat dit in geen van die NT briewe bespreek word nie; en (3) dat geen geïnspireerde Bybelskrywer enige leiding gee oor hoe so 'n geestelike rite uitgevoer moet word nie. Ek gee toe dat besetenheid 'n realiteit is, maar hoe om dit te onderskei, te hanteer of te laat uitwerp, weet ek nie. Sien *Vir Spesiale Aandag* oor die demoniese by 10:1.

15:23 OAV "Toe kom sy dissipels nader en vra Hom"
NAV, CUMs "dissipels (leerlinge) kom toe by Hom en vra"
NASB "disciples came and implored Him"

Die werkwoord is ook ONVOLTOOIDE TYD. Daarmee toon die dissipels hoe min meegevoel hulle het in vergelyking met Jesus (vgl. 9:36; 14:14; 15:32). Markus, wat aan heidene skryf, laat hierdie frase weg, want hulle sou nie die dissipels se onwilligheid om 'n heiden te help verstaan het nie. Jesus se 'antwoord' in vers 24 was gerig op die dissipels en nie die vrou nie.

15:24 OAV, CUM-MVB "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel"
CUM-NLV "Ek is net gestuur na die afgedwaalde skape van die volk van Israel"
NASB "I was sent only to the lost sheep of the house of Israel"

Jesus het wel heidene gehelp, maar slegs binne die grense van die beloofde land. As Jesus 'n genesingsbediening in heidengebied begin het, sou die Joodse gemeenskap, weens hulle vooroordele, Hom by voorbaat verwerp het. Die frase "afgedwaalde skape van die volk van Israel" is in elk geval veelseggend van die geestelike toestand van die Joodse bevolking self.

Die ‘herder’-beeldspraak het reeds in Num. 27:17 posgevat (vgl. Sag. 10:2). JHWH word as herder van Israel aangedui in Ps. 23; 78:52; Jes. 40:11 en Jer. 31:10. Herder-beeldspraak word ook Messiaans toegepas in Miga 5:2; Sag. 11:4-17 en Joh. 10:1-10. In Eseg. 34 word die slegte herders teenoor die goeie herder gekontrasteer.

Skape het volgehoue sorg en beskerming nodig. Skape is hulpelose, weerlose en maklik beïnvloedbare diere. Om God se volk ‘skape’ te noem, is geen kompliment nie, maar beskryf ‘n geestelike realiteit!

Mag ek nog een opmerking maak oor die woord “net”. Jesus het hierdie heiden gehelp, soos Hy ook voorheen met ander heidene gedoen het. Hierdie is voorafskaduings van sy wêreldwye doelstelling (vgl. Mat. 28:18-20; Luk. 24: 46-47; Han. 1:8). Die Messias het gekom vir alle mense geskape na God se beeld (vgl. Gen. 1:26-27). Gen. 3:15 se belofte is vir die mensdom en nie net vir Israel nie. Die roeping van Abraham toon ‘n besorgdheid oor die heidenwêreld (vgl. Gen. 12:3). Die ontvangs van die wet op Sinaï toon ook God se gevoel vir die hele wêreld (vgl. Eks. 19:5)!

15:26 OAV, NAV, CUM-MVB “hondjies”
CUM-NLV “huishondjies”
NASB “dogs”

Dié term kom slegs hier voor in die NT. Die VERKLEININGSVORM verminder die hardheid van hierdie uitdrukking. Die Jode het heidene ‘honde’ genoem. Die doel van hierdie gesprek was om die dissipels te help om hulle vooroordeel ten opsigte van heidene te bowe te kom. Jesus het haar besondere groot geloof opgemerk en in die openbaar haar daarvoor erkenning gegee (vgl. vers 28)!

15:27 “krummels; “crumbs”: Mense het na ete dikwels hulle hande aan brood afgevee.

15:28 OAV “O Vrou, groot is jou geloof”
NAV “Mevrou, jou geloof is groot”
CUM-MVB “Vrou. . .jou vaste vertrou is groot”
CUM-NLV “Dame, jou geloof is baie sterk”
NASB “O woman, your faith is great”

Jesus het heidene dikwels gekomplimenteer (vgl. 8:10). Die doel hiervan was om (1) wys dat Hy heidene ook liefhet en (2) om sy dissipels se globale wêreldvisie aan te wakker.

■ **OAV, CUM-MVB “en haar dogter het gesond geword van daardie uur af”**
NAV “van daardie oomblik af was die dogter gesond”
CUM-NLV “en haar dogter het dadelik gesond geword”
NASB “her daughter was healed at once”

Let daarop dat hierdie dame nie magiese rituele van Jesus ver wag het, of selfs sy fisiese teenwoordigheid nie. Toe Hy sê dat die dogter gesond is, het sy dit onmiddellik geglo.

NASB (UPDATED) TEXT: 15:29-31

²⁹Departing from there, Jesus went along by the Sea of Galilee, and having gone up on the mountain, He was sitting there. ³⁰And large crowds came to Him, bringing with them *those who were lame, crippled, blind, mute and many others*, and they laid them down at His feet; and He healed them. ³¹So the crowd marvelled as they saw the mute speaking, the crippled restored, and the lame walking, and the blind seeing; and they glorified the God of Israel.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 15:29-31.

15:30 OAV “groot menigtes”
NAV “baie mense”
CUMs “n groot skare”
NASB “Large crowds”

Hier onder moet gereken word nuuskieriges, toegewydes, godsdiensteiers en siekes.

■ **“En Hy het hulle (toe) gesond gemaak”; “He healed them”:** Dit was ‘n teken van sy Messiasskap (vgl. 11:5) wat die hart van God openbaar gemaak het.

NASB (UPDATED) TEXT: 15:32-38

³²And Jesus called His disciples to Him, and said, “I feel compassion for the people, because they have remained with Me now three days and have nothing to eat; and I do not want to send them away hungry, for they might faint on the way.” ³³The disciples said to Him, “Where would we get so many loaves in *this* desolate place to satisfy such a large crowd?” ³⁴And Jesus said to them, “How many loaves do you have?” And they said, “Seven and a few small fish.” ³⁵And He directed the people to sit down on the ground; ³⁶and He took the seven loaves and the fish; and giving thanks, He broke them and started giving them to the disciples, and the disciples *gave them* to the people. ³⁷And they all ate and were satisfied, and they picked up what was left over of the broken pieces, seven large baskets full. ³⁸And those who ate were four thousand men, besides women and children.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 15:32-38.

15:33 NAV, CUM-MVB “Sy dissipels (leerlinge) sê”
OAV, CUM-NLV “Daarop sê die dissipels”
NASB “the disciples said”

Hoe gebeur dit dat die dissipels die voeding van die 5 000 so gou vergeet het (vgl. 14:13-21)? Die verskille ten opsigte van aantal aanwesiges, die omgewing en die aantal mandjies met brokstukke, dien as bevestiging dat hierdie ‘n ander voeding van skares was as die vroeër vermeld. Dit was nie ‘n oorvertelling van dieselfde gebeure nie.

Hoewel sommige stellings van Jesus sy bediening tot Jode skyn te beperk, is hierdie voeding van die skare, die genesing in die gesin van die aanvoerder oor honderd (hoofstuk 8) en die kind van ‘n heidenmoeder (verse 21-28) sowel as die samevattende opmerking in 29-30, aanduidings van ‘n heidenuitrek.

NASB (UPDATED) TEXT: 15:39

³⁹ **And sending away the crowds, Jesus got into the boat and came to the region of Magadan.**

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 15:39.

15:39 OAV “en in die gebied van Mágdala gekom”
NAV, CUM-MVB “die gebied van Magadan”
CUM-NLV “die omstreke van Magadan”
NASB “the region of Magadan”

Hierdie ligging is onbekend. In die parallelle gedeelte van Markus (8:10) is die pleknaam Dalmanuta, waarvan die ligging ook onbekend is. Sommige Griekse MSS gebruik “Magdala” vir hierdie plek se naam, wat ‘n Semitiese term vir ‘toring’ is.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoekom het die Fariseërs en skrifgeleerdes tot in Galilea gereis om Jesus aan te hoor?
2. Op watter wyse kan tradisie gevaarlik wees?
3. Is dit moontlik om godsdienstig te wees en God tog nie te ken nie?
4. Hoe moet vryheid en verantwoordelikheid in die Christen se lewe gebalanseer word?
5. Hoekom verskil Matteus en Markus se lyste in vers 19?
6. Hoekom was Jesus nie dadelik gewillig om die heidenvrou te help nie? Hoekom was Hy terughoudend, of was Hy dalk nie?
7. Hoe word kinders duiwelsbesete?

MATTEUS 16

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Demand for a Sign 16:1-4	The Pharisees and Sadducees Seek a Sign 16:1-4	Demand for Signs 16:1-4	The Demand for a Miracle 16:1-4c 16:4d	The Pharisees Ask for a Sign from Heaven 16:1-4	'n Tweede versoek om 'n teken afgewys 16:1-4
The Leaven of the Pharisees and Sadducees 16:5-12	The Leaven of the Pharisees and Sadducees 16:5-12	Yeast of the Pharisees 16:5-12	The Yeast of the Pharisees and Sadducees 16:5-6 16:7 16:8-11 16:12	The Yeast of the Pharisees and Sadducees 16:5-12	Die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs 16:5-12
Peter's Declaration about Jesus 16:13-20	Peter Confesses Jesus as Christ 16:13-20	Peter's Confession 16:13-20	Peter's Declaration about Jesus 16:13 16:14 16:15 16:16 16:17-19 16:20	Peter's Profession of His Pre-eminence 16:13-20	Die belydenis van Petrus 16:13-20
Jesus Foretells His Death 16:21-28	Jesus Predicts His Death and Resurrection 16:21-23 Take Up the Cross and Follow Him 16:24-28	On Discipleship 16:21-23 16:24-26 16:27-28	Jesus Speaks about His Suffering and Death 16:21 16:22 16:23 16:24-28	First Prophecy of the Passion 16:21-23 The Condition of Following Christ 16:24-26 16:27-28	Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan 16:21-23 Om Jesus te volg 16:24-28

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

9. Eerste paragraaf
10. Tweede paragraaf
11. Derde paragraaf
12. Ens.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalingstekens is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 16:1-4

¹The Pharisees and Sadducees came up, and testing Jesus, they asked Him to show them a sign from heaven. ²But He answered and said to them, “When it is evening, you say, ‘It will be fair weather, for the sky is red.’ ³And in the morning, ‘There will be a storm today, for the sky is red and threatening.’ Do you know how to discern the appearance of the sky, but cannot discern the signs of the times? ⁴An evil and adulterous generation seeks after a sign; and a sign will not be given it, except the sign of Jonah.” And He left them and went away.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 16:1-4.

16:1 “die Fariseërs en Sadduseërs”; “the Pharisees and Saducees”: Matteus noem hierdie twee groepe in een asem omdat hulle gesamentlik die voorgangers van die rabbynse Judaïsme was (vgl. 3:7; 10:1,6,11,12; 22:34). Vir ‘n volledige bespreking van die oorsprong en teologie van die Fariseërs, sien die aantekeninge by 22:15 en, wat die Sadduseërs betref, die *Vir Spesiale Aandag* by 22:23.

▣	OAV	“te versoek”
	NAV	“op die proef te stel”
	CUMs	“te toets”
	NASB	“testing”

Dit is die woord (*peirasmōs*) wat in gebruik was om ‘n toets met die oog op uitskakeling of vernietiging uit te voer (vgl. 6:13; Jak. 1:13). Sien ook *Vir Spesiale Aandag* by 4:1³⁶.

▣	OAV, NAV	“(as) teken uit die hemel”
	CUM-MVB	“n wonderteken uit die hemel”
	CUM-NLV	“n Goddelike wonderteken”
	NASB	“a sign from heaven”

Matteus gebruik hier ‘n OMSKRYWING vir ‘God’³⁷. Hulle het Jesus se wonders gesien, maar hulle vra vir meer (vgl. Mat. 12:38-42). Hier ondervind Jesus dieselfde versoeking as met Satan in die woestyn (4:5-6), dat ‘n aanhang onder die mense die motief agter die wonders kan word.

Dit is waarskynlik dat hierdie Joodse godsdienstiges bewyse gesoek het dat Jesus se wonderkrag van JHWH af kom. Hulle het Jesus se genesingswerk as ‘werke van Satan’ beskou. Hulle soek dus ‘n onweerlegbare teken dat sy wonderkrag van God self uit die “hemel” kom. Jesus gee hulle daardie teken, maar in ‘n bedekte en toekomstige vorm (d.w.s. sy opstanding).

16:2b-3 “In die aand. . .teken van die tye onderskei nie”; “When it is evening. . .signs of the times”: Hierdie sinne kom nie voor in die oudste Griekse MSS \aleph , B, X, in tekste gebruik deur Origenes en tekste bekend aan Hieronimus, sowel as sommige Pesjitta of Koptiese vertalings nie. In die hoofletter manuskripte C, D, L en W kom dit wel voor. ‘n Soortgelyke gedeelte kom ook in Luk. 12:54-56 voor. Die tekskundiges verantwoordelik vir die vierde uitgawe van die Griekse NT teks (United Bible Societies – UBS⁴), kon hulle oor die oorspronklikheid van hierdie verse, al dan nie, nie uitspreek nie (vgl. *A Textual Commentary on the Greek New Testament* deur Bruce Metzger, bl. 41).

16:3	OAV, NAV, CUM-MVB	“die tekens van die tye”
	CUM-NLV	“die duidelike tekens van die besondere tyd”
	NASB	“the signs of the times”

Let op die MEERVOUDSVORM van “tye”. Dit sinspeel op die twee bedelinge (eras – sien *Vir Spesiale Aandag* by 12:31). Hierdie Joodse godsdienstiges kon weerverskynsels verstaan en voorspel, maar die aanbreek van ‘n nuwe era van die Gees in Jesus kon/wou hulle nie verstaan nie. Hy kasty hulle vir hulle gebrek aan geestelike insig (vgl. Jes. 6:9-10). ‘n Ander ‘teken’, oftewel profesie, word in hulle vervul!

16:4	OAV	“n Slegte en owerspelige geslag”
	NAV	“n slegte en afvallige geslag”
	CUMs	“n slegte en ontroue geslag”
	NASB	“adulterous generation”

‘n Metaforiese spreekwyse om aan ‘ontrou’ uitdrukking te gee. Hierdie metafoor (vgl. 12:39; Jak. 4:4) is aan die OT ontleen waar dit sinspeel op afgodery en die vrugbaarheidskultus (Ba’al-aanbidding; vgl. Jer. 3:8; 9:2; 23:10; 29:23; Eseg. 23; Hos. 4:2-3; Mal. 3:5).

▣ “die teken van die (profeet) Jona”; “the sign of Jonah”: Diegene vir wie hierdie “teken” gegee is (vers 3), sou nie die vaagste benul kon hê van wat Jesus bedoel het nie. Jona was drie dae in die buik van die vis, profeties van Jesus se drie dae in *Hades* (vgl. 1 Pet. 3:19). Onthou dat Jesus slegs sowat 36-40 uur in die graf was, maar dat dit as drie dae gereken is

³⁶ Vgl. OAV en NAV – vert.

³⁷ Vgl. CUM-NLV – vert.

volgens die Joodse tydrekening van Jesus se tyd. 'n Halwe dag is getel as 'n hele dag en 'n dag het begin en geëindig met die aandskemer (vgl. Gen. 1). Sien die aantekeninge by 12:39 en vers 21.

NASB (UPDATED) TEXT: 16:5-12

⁵And the disciples came to the other side of the sea, but they had forgotten to bring any bread. ⁶And Jesus said to them, "Watch out and beware of the leaven of the Pharisees and the Sadducees." ⁷They began to discuss this among themselves, saying, "He said that because we did not bring any bread." ⁸But Jesus aware of this, said, "You men of little faith, why do you discuss among yourselves that you have no bread? ⁹Do you not yet understand or remember the five loaves of the five thousand, and how many baskets full you picked up? ¹⁰Or the seven loaves of the four thousand, and how many large baskets full you picked up? ¹¹How is it that you do not understand that I did not speak to you concerning bread? But beware of the leaven of the Pharisees and Sadducees." ¹²Then they understood that He did not say to beware of the leaven of bread, but of the teaching of the Pharisees and the Sadducees.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 16:5-12.

16:6,11 "die suurdeeg"; "the leaven": Dit is moontlik dat die Aramese (die taal van Jesus en sy dissipels) term 'wetsgebondenheid' hier bedoel word. Die twee woorde is eenders in Aramees, maar vers 12 vereis 'suurdeeg'.

VIR SPESIALE AANDAG: SUURDEEG

Die term 'suurdeeg' (*zumē*) word op tweeërlei wyse in beide die OT en NT gebruik:

1. 'n aspek van benadeling of korruptering en daarom 'n simbool van boosheid;
 - a. Eks. 12:15; 13:3,7; 23:18; 34:25; Lev. 2:11; 6:17; Deut. 6:3
 - b. Mat. 16:6,11; Mark. 8:15; Luk. 12:1; Gal. 5:9; 1 Kor. 5: 6-8
2. 'n eienskap van deurdringing en beïnvloeding en daarom nie 'n simbool van boosheid nie:
 - a. Lev. 7:13; 23:17; Amos 4:5
 - b. Mat. 13:33; Luk. 13:20-21

Slegs konteks kan die betekenis van hierdie woord bepaal, soos trouens die geval met alle woorde!

16:7	OAV	"En hulle het onder mekaar geredeneer"
	NAV, CUM-MVB	"Hulle het toe met mekaar daaroor gepraat"
	CUM-NLV	"Hulle het toe onder mekaar geargumenteer"
	NASB	"They began to discuss. . .among themselves"

Uit Matteus se evangelie blyk dit dat Jesus dikwels tot ander se gesprekke toegetree het (vgl. 3:9; 9:3,21; 16:7-8; 21:25,38). Hy het hulle vrae en bespreking as 'n geleentheid beskou om teologiese kwessies aan te roer. Dit is onseker of Hy hulle gepraat gehoor het en of Hy op bo-natuurlike wyse hulle gedagtes geles het!

16:8 Jesus het dikwels na die twaalf verwys as manne met min geloof (vgl. 6:30; 8:26; 14:31; 16:8). Diegene wat Hom dikwels gehoor het en in sy teenwoordigheid geleef het, het dikwels self nie verstaan nie en aan geloof tekort gekied. Verse 7-10 is parentese, dit wil sê 'n inset. Jesus wou waarsku teen die valshede in die Fariseëse geloof (vgl. 5:20-48), maar die dissipels bevind hulle op 'n spoor aan die redekawel – oor brood!

16:9 Die dissipels het daarin 'n voordeel gehad dat hulle Jesus se boodskappe aan die skares herhaaldelik kon aanhoor en die geleentheid gehad het om agterna verduideliking te vra. Maar selfs met soveel voordeel het hulle, soos die meerderheid hoorders (vgl. Mat. 13:13,14-15; [Jes. 6:9-10,19], steeds nie verstaan nie (bv. 15:17; 16:11; Luk. 2:50; 18:34; Joh. 10:6; 12:16). Jesus se boodskap was uniek en het soveel van die Joodse godsdienste van sy tyd verskil ("die suurdeeg van die Fariseërs" – waarmee die dissipels grootgeword het), dat die bonatuurlike leiding van die Heilige Gees nodig was om hulle tot verstaan te bring (vgl. Luk. 24:45). Daarom het insig geleidelik deurgeskemer tydens hulle saamverkeer met Jesus, maar verstaan eers ten volle ná

1. die opstanding
2. in die bovertrek (vgl. Joh. 20)
3. op die strand in Joh. 21
4. en Han. 1 tydens sy hemelvaart.

16:12 Jesus het hulle wettiese ingesteldheid en gebrek aan liefde ten sterkste veroordeel. Feit is dat godsdienstigheid soms meer 'n hindernis as hulp kan wees!

NASB (UPDATED) TEXT: 16:13-20

¹³Now when Jesus came into the district of Caesarea Philippi, He was asking His disciples, "Who do the people say the Son of Man is?" ¹⁴And they said, "Some say John the Baptist; and others, Elijah; but still others, Jeremiah or one of the other prophets." ¹⁵He said to them, "But who do you say I am?" ¹⁶Simon Peter answered, "You are the Christ, the Son of the living God." ¹⁷And Jesus said to Him, "Blessed are you, Simon Barjona, because flesh and blood did not reveal this to you, but My Father who is in heaven. ¹⁸I also say to you that you are Peter, and upon

this rock I will build My church; and the gates of Hades will not overpower it. ¹⁹I will give you the keys of the kingdom of heaven; and whatever you bind on earth shall have been bound in heaven, and whatever you loose on earth shall have been loosed in heaven.” ²⁰Then He warned the disciples that they should tell no one that He was the Christ.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 16:13-20.

16:13 OAV “Cesaréa-Filippi”
 NAV, CUMs “Sesarea-Filippi”
 NASB “Caesarea Philippi”

Dit was ‘n ‘n dorp in Fillipus se gebied ongeveer 32 kilometer noord van die See van Galilea. Dit was ‘n tweede poging van Jesus om alleentyd met sy dissipels te kon deurbring (vgl. Mat. 15).

☐ OAV, CUM-NLV “Ek, die Seun van die mens”
 NAV “die Seun van die mens”
 CUM-MVB “die Seun, wat mens geword het”
 NASB “Son of Man”

Die uitdrukking kom etlike kere in die OT voor. Dit gee uitdrukking aan beide menswees (Ps. 8:4; Eseg. 2:1) en godheid (Dan. 7:13). Die rabbyne van Jesus se tyd het nie die frase gebruik nie; gevolglik het dit nie die konnotasie van nasionalisme en militarisme gehad nie. Jesus het dié selfbenaming (uit die OT) gekies, omdat dit die twee aspekte van sy persoon gekombineer het: waarlik God en volkome mens (vgl. Fil. 2:6-8; 1 Joh. 4:1-3). Sien die aantekening by 8:20.

16:14 “Johannes die Doper”; “John the Baptist”: Herodes Antipas se raaiskoot was dat Jesus eintlik (die opgestane) Johannes die Doper was (vgl. 14:1-2).

☐ “Elia”; “Elijah”: Volgens profesie uit Mal. 3:1 en 4:5 sou Elia verskyn om vir die Messias die weg te berei. Daarmee sou die nuwe era van die Gees aanbreek.

☐ “Jeremia”; “Jeremiah”: Die rabbyne het aangevoer dat Jeremia die verbondsark op berg Nebo versteek het en dat hy dit sou uitbring kort voor die aanvang van die nuwe era.

☐ “of een van die (ander) profete”; “one of the prophets”: Op dié wyse word Jesus as ‘n profeet soos ander OT figure gesien. Dit kon met die profesie van Deut. 18:15-22 in verband gestaan het (vgl. Joh. 2:2). Elkeen van hierdie raaiskote veronderstel ‘n herlewing!

☐ OAV, NAV “Maar wie sê julle is Ek”
 CUMs “en wat van julle, wie sê julle is Ek”
 NASB “But who do you say I am”

Die NASB se *you* moet as die MEERVOUD, ‘julle’, verstaan word. Jesus rig sy vraag aan al die dissipels. Petrus kom eerste met ‘n antwoord vorendag. Sy persoonlikheid het hom segsman van die groep gemaak.

16:16 OAV, NAV “U is die Christus”
 CUM-MVB “U is die Gesalfde”
 CUM-NLV “U is die Messias”
 NASB “You are the Christ”

Volgens 1 Joh. 1:14 het Andreas dit al voorheen gesê, Nataniël volgens Joh. 1:49 en Petrus volgens Joh. 6:69. Die Griekse titel is die ekwivalent van die Hebreeuse ‘Messias’ of ‘Gesalfde Een’. Sien *Vir Speciale Aandag: OT Titels vir die besondere Een wat kom* by 8:20.

☐ “Die Seun van die lewende God”; “The Son of the living God”: Dat Petrus die aard van Jesus se Messiaskap nie heeltemal verstaan het nie, is duidelik uit verse 21-23. Daarom moet die instemmende seën van vers 17 in verband met die frase “Seun van die lewende God” gesien word. Die frase “lewende God” is ‘n parafrasering van JHWH wat afgelei is uit ‘n Hebreeuse WERKWOORD, ‘om te wees’ – vgl. Eks. 3:14. Sien ook *Vir Speciale Aandag: Name van die Godheid* by 1:21.

16:17 OAV, NAV “Simon-Barjona”
 CUMs “Simon seun van Jona”
 NASB “Simon, Barjonah”
 NKJV “Simon Bar-Jona”
 NRSV, NJB “Simon son of Jonah”
 TEV “Simon son of John”

Hierdie Aramese ‘Barjonas’ beteken eintlik maar net ‘seun van Johannes’ (vgl. TEV).

☐ OAV, CUM-MVB “my Vader wat in die hemele is”
 NAV “my Vader wat in die hemel is”

CUM-NLV

NASB

“my hemelse Vader”

“My Father who is in heaven”

Die inhoud van Petrus se belydenis (vers 16) is nie menslike ontdekking nie, maar goddelike openbaring. Hierdie taak is opgedra aan die Heilige Gees as persoon in die Drie-eenheid, maar hier is dit die Vader, waarskynlik as gevolg van die gebruik van “Seun van God”.

Sonder goddelike ondersteuning kan die evangelie nie verstaan en op gereageer word nie (vgl. Joh. 6:44,65; Rom. 10:29). Dit skakel egter nie die gemagtigde menslike reaksie uit nie (vgl. Joh. 1:12; 3:16; Rom. 10:9-13), maar toon aan dat mense net op inisiatief van ‘n geestelike orde kan reageer. Mense kan nie en sal nie inisiatief neem ten opsigte van geestelike besluite nie! Die WERKWOORDVORM wat met ‘toesluit’ en ‘oopsluit’ (vers 19) vertaal is, weerspieël dieselfde waarheid!

16:18 “Petrus”; “Peter”: Dit is die Griekse woord, *petros*, ‘n SELFSTANDIGE NAAMWOORD (MANLIKE VORM) wat ‘losstaande rots’ beteken. Vir die meeste van sy lewe (vgl. verse 22-23; Mark. 14) was hy alles behalwe ‘n rots!

■ **“hierdie rots”; “this rock”:** Hierdie is die Griekse woord, *petra*, ‘n SELFSTANDIGE NAAMWOORD (VROULIKE VORM) wat ‘rotsformasie’ beteken (vgl. 7:24). Hierdie twee begrippe (*petros* en *petra*) kan nie grammaties gelykgestel word nie, weens hulle GESLAG (manlik, vroulik). Die dissipels het nie hierdie opmerking van Jesus opgevat as ‘n toesegging van leierskap aan Petrus nie. Hulle het immers voortgegaan om te argumenteer oor wie die vernaamste onder hulle sou wees (vgl. 18:1,18; Joh. 20:21). Die twee terme is etimologies verwant, maar verteenwoordig verskillende begrippe in Grieks. In die Grieks is hier ‘n opvallende woordspel om uitdrukking te gee aan Petrus se geloof (*petros*) en die geloof van al die apostels (*petra*). Dit is die geval dat daar in Aramees net een term is, naamlik *kefa*, vir albei die genoemde Griekse woorde vir rots (‘Sefas’, vgl. Joh. 1:42; 1 Kor. 1:12; 3:22; 9:5; 15:5). Jesus het Aramees gepraat, maar sy woorde is deur geïnspireerde skrywers in Grieks opgeteken. Daarom moet ons met die Griekse teks volstaan en nie bou op ‘n vermoedelik Aramese stelwyse nie.

■ **OAV** “gemeente”
NAV, CUMs “kerk”
NABS “church”

Ekklesia word in die Grieks van die LXX gebruik om ‘gemeente van Israel’ aan te dui (*Qahal* – BDB 874, vgl. Deut. 18:16; 32:2). Pasop om nie die definisies en beskrywings van die tye ná Pinkster in hierdie baie ou Joodse woordgebruik in te lees nie. Hierdie eerste dissipels het hulleself as die ware opvolgers (die vervulling) van die OT “Godsvolk”, die *qahal*-JHWH, beskou. Die term *ekklesia* beskryf ‘n vergadering byeengebring vir ‘n bepaalde doel. In die Griekse verlede het dit beteken dat die dorp se mense vir ‘n openbare vergadering opgeroep word (vgl. Han. 19:32,39,41). Die term “kerk” kom nie in Markus, Lukas of Johannes voor nie. In Matteus kom dit wel drie keer voor (vgl. 16:8; 18:17 [twee keer]) en die Mat. 18:7 weergawe dateer klaarblyklik uit ‘n latere tyd. In Handeling en die geskrifte van Paulus kom die term dikwels voor.

VIR SPESIALE AANDAG: KERK (EKKLESIA)

Die Griekse term, *ekklesia*, is ‘n samestelling van twee woorde: ‘uit van’ en ‘geroep’, wat dus ‘deur God geroepenes’ impliseer. Die vroeë kerk het die woord uit sekulêre gebruik oorgeneem (vgl. Han. 19:32,39,41) en in navolging van die LXX, wat dit gebruik het om ‘die gemeente van Israel’ (BDB 874 – vgl. Num. 16:3; 20:4) te beskryf. Vir hulle het dit beteken dat hulle die voortsetting van die OT volk van God was. Hulle was die nuwe Israel (vgl. Rom. 2:28-29; Gal. 6:16; 1 Pet. 2:5,9; Openb. 1:6), die vervulling van God se wêreldsending (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Mat. 28:18-20; Luk. 24:47; Han. 1:8).

Hierdie woord kom verskeie kere in die evangelies en Handeling voor:

1. ‘n sekulêre byeenkoms (vergadering) van die stad se inwoners, Han. 19:32,39,41
2. die universele volk van God in Christus, Mat. 16:18 en Efesiërs
3. ‘n plaaslike gemeente van gelowiges in Christus, Mat. 18:17; Han. 5:11 (hier verwys dit na die kerk in Jerusalem)
4. die mense van Israel, Han. 7:38, in Stefanus se preek
5. die volk van God in ‘n streek, Han. 8:3 (Judea of Palestina)

■ **OAV** “poorte van die doderyk”
NAV “magte van die doderyk”
CUM-MVB “poorte van Hades”
CUM-NLV “magte van die hel”
NASB “gates of Hades”

“Poorte” kan dui op (1) ‘n konsep van ‘n stad van die dood waaruit niemand kan ontsnap nie, (2) ‘n vergadering van die stadsraad (oudstes) gewoonlik in die stadspoort, of (3) bose beplanning gerig teen die kerk. *Hades* was die ontkenning van ‘om te sien’, dit wil sê ‘onsigbaar’. Dit stem ooreen met die OT *sjeol*, waarheen regverdiges en slegtes gaan na afsterwe. Sien *Vir Spesiale Aandag: Waar is die Gestorwenes?* by 5:22.

■ **OAV, NAV** “sal dit nie oorweldig nie”

CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“sal haar nie oorweldig nie”
“sal dit nie oorwin nie”
“will not overpower it”

Hierdie woord het ‘n aktiewe konnotasie van ‘aanval’ en ‘oorheers’. Dood en die bese het die kerk van die lewende God nie oorweldig nie en haar bestaan ook nie verstaan nie; beide betekenisse is inherent aan die grondwoord.

16:19 NAV, OAV
CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“die sleutels van die koninkryk van die hemel(e)”
“die sleutels van die koninklike regering van God”
“die sleutels van God se koninkryk”
“keys of the kingdom of heaven”

Hierdie metafoor beskryf eienaarskap verkry deur toegang (vgl. Jes. 22:22; Openb. 1:18; 3:7). Die sleutels is die verkondiging van die evangelie, maar met ‘n uitnodiging om dit te aanvaar. Hierdie konsep dat Hades en die hemel poorte soos die stadstate het, is aan Jesaja ontleen (sien die *Vir Speciale Aandag* wat hierop volg). Die skrywer van Hebreërs gebruik ook dié metafoor vir die hemel (vgl. Heb. 11:10,16; 12:22; 13:4); nes Johannes in Openbaring (vgl. Openb. 3:12,21-22).

VIR SPESIALE AANDAG: DIE TWEE STADSTATE

- A. Hoofstukke 24-27 is ‘n literêre eenheid wat volg op ‘n reeks oordeelsaankondigings teen omringende nasies (Jes. 13-23). Maar oordeel is nie die laaste woord nie! Die God van genade en barmhartigheid het ‘n ewige, insluitende verlossingsplan!
- B. Hierdie hele gedeelte is ‘n woordspel oor twee stede:
1. die sondige nageslag van Kaïn het stede tot stand gebring waarin hulle hul algeheel op hulle eie bronne verlaat (bv. Gen. 10-11).
 2. die stad Sion, waar God op die verbondsark in die allerheiligste van die tempel bo die vlerke van die gerubs ‘woon’; waar sy mense (Jood en heiden) Hom in aanbidding nader (vgl. 2:2-4; 19:18-25; Heb. 11:10; 12:22; 13:14; Openb. 21:1-2).
- C. Die “stede” is verteenwoordigend van groepe of nasies:

Stede van die mensdom

1:7,8, afgebrande Judese stede
1:21, die getroue stad het ‘n hoer geword
6:11, Judese stede lê verlate
14:17-21, al die stede lê verlate
14:31, die Filistynse stede
17:1-3,9, die Siriese stede verwoes
19:2, die Egiptiese stede verwoes mekaar
22:2,9, die val van die uitgelate stad, Jerusalem
23, Tirus verwoes
24:1-25:5, universele verwoesting van stede
25:10-12, Moab en sy paleis, versterkte stede vertrap
26:5, die onverslaanbare stad, moontlik Moab
27:10, versterkte stede val
29:1, “Ariel” (Jerusalem)
33:2,19, die juigende stad (Jerusalem)
48:2, die heilige stad, maar net in naam

Die stad van God

1:26 – die stad van geregtigheid, ‘n getroue stad
19:18-22, Egiptiese stede aanbid God
19:23-25, die hele Egipte en Assirië word by God se volk ingesluit
25:6-9, die feesmaal op die berg van God (d.w.s. Jerusalem)
26:1, ‘n sterk stad, Jerusalem, herbou
45:13, My stad (vgl. 44:23)
52:1-6, die heilige stad
60:14, die stad van die Here
62:12, ‘n stad nie verlate nie
66:6, ‘n stem uit die stad, ‘n stem uit die tempel

■ NAV, OAV
CUM-MVB

“koninkryk van die hemel(e)”
“die koninklike regering van God”

CUM-NLV

NASB

“God se koninkryk”

“kingdom of heaven”

Markus en Lukas het “koninkryk van God”. Twee benaminge beteken nie ‘n onderskeid in die aard van die ‘koninkryk’ nie, maar dat die ingesteldheid van die ontvangers verskil. Sien *Vir Spesiale Aandag: die Koninkryk van God* by 4:17.

■ OAV
NAV, CUMs
NASB, NKJV
NRSV, NJB
TEV

“bind. . .ontbonde”

“toesluit. . .oopgesluit bly”

“bind. . .loose”

“bind. . .loose”

“prohibit. . .permit”

Die rabbyne het hierdie terme gebruik wanneer hulle volgens hulle wetsvoorskrifte uitsluitel moes gee om iets toe te laat. Die tyd (grammatikaal) van hierdie twee OMSKRYWENDE verbale frases is belangrik. Hulle is albei FUTURUM INDIKATIEF van ‘Ek is’, maar met PERFECTUM PASSIEF DEELWOORDE/PARTISIPIA gekwalifiseer. Die vertaling behoort dan te lui, ‘sou gebind gewees het’ en ‘sou losgemaak gewees het’ (vgl. 18:18). Dit illustreer die waarheid dat wat mense op aarde onder leiding van die Gees oor geestelike aangeleenthede besluit, voortvloei uit wat reeds in die hemel daarvoor besluit is. Hierdie gedeelte sinspeel nie op die mag van menslike besluitneming nie, maar wel daarop dat mense in hulle besluite God se leiding navolg (vgl. 18:18; Joh. 20:23).

16:20 OAV

“het Hy sy dissipels bevel gegee dat hulle vir niemand moes sê dat Hy Jesus die Christus is nie”

NAV, CUM-MVB

“het Jesus sy dissipels (leerlinge) beveel om vir niemand te sê dat Hy die Christus (Gesalfde) is nie”

CUM-NLV

“Hy gee toe streng opdrag aan sy dissipels om vir niemand te vertel dat Hy die Messias is nie”

NASB

“He warned the disciples that they should tell no one that He was the Christ”

Die evangelie was nog nie in voltooië staat nie. Die gangbare opvattinge van die Joodse gemeenskap oor die werk van die Messias was verkeerd. Daarom moes die dissipels wag (vgl. 8:4; 9:30; 12:16; 17:9).

NASB (UPDATED) TEXT: 16:21-23

²¹From that time Jesus began to show His disciples that He must go to Jerusalem, and suffer many things from the elders and chief priests and scribes, and be killed, and be raised up on the third day. ²²Peter took Him aside and began to rebuke Him, saying, “God forbid it, Lord! This shall never happen to You.” ²³But He turned and said to Peter, “Get behind Me Satan! You are a stumbling block to Me; for you are not setting your mind on God’s interests, but man’s.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 16:21-23.

16:21 OAV, NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“moes”

“moet”

“must”

Hier gaan dit om die woord, *dei*, wat ‘n morele noodwendigheid impliseer (Jesus het gekom om te sterf, Mark. 8:31; 10:45; Joh. 3:14,16). Jesus het geweet dat daar ‘n goddelike plan met sy lewe en bediening was (vgl. 12:15-21; Luk. 22:22; Han. 2:23; 3:18; 4:28; 10:42; 17:31). Reeds op die ouderdom van twaalf was Hy daarvan bewus (vgl. Luk. 2:41-49).

■ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“en veel. . .moes ly”

“en baie moet ly”

“daar moet Hy baie ly”

“and suffer many things”

Dit het Johannes genoop om na Jesus as die ‘Lam van God’ te verwys (vgl. Joh. 1:29). Op hierdie aspek van die waarheid was die dissipels egter onvoorbereid. Dit was nie volgens hulle eerste-eeuse Messiasverwagting nie. Die rabbyne het die aspek van oordeel en militêre triomf in die koms van die Messias beklemtoon. Hierin was hulle nie verkeerd nie (Openb. 19:11-16), maar het nie sy eerste koms as die lydende knek (vgl. Jes. 53), die nederige een op die rug van ‘n donkie (vgl. Sag. 9:5), erken nie., hulle het die aspek van die lydende knek in die eerste koms nie ernstig opgeneem nie (vgl. Jes. 53), die nederige koms op die rug van ‘n donkie (vgl. Sag 9:5); terwyl albei aspekte volg op Gen. 3:15. Sien *Vir Spesiale Aandag: Bob se evangeliese vooroordele* by 24:14.

Die openbaarmaking van sy lydensweg was so skokkend dat Jesus dit verskeie kere moes herhaal (17:9,12,22-23; 20:18-19). Hy het dit op hierdie manier gedoen sodat sy dissipels, ná die aanvanklike droefheid en verwarring, sou besef dat Hy volkome in beheer van sy lot was. Dit sou hulle versterk in hulle dissipelskap en sending (vgl. Mat. 28:18-20; Luk. 24:46-47; Han. 1:8).

■ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes”

“die familiehoofde (oudstes), die priesterhoofde en die skrifgeleerdes”

“die familiehoofde, die leierpriesters en die skrifkenners”

“the elders and chief priests and scribes”

Met hierdie frase is die samestelling van die Sanhedrin beskryf. Dit was 'n Joodse bestuursraad saamgestel uit 70 leiers vanuit die Jerusalem-omgewing. In Jesus se tyd was die Sanhedrin aan politieke korrupsie uitgelewer omdat die amp van hoëpriester teen 'n prys van die Romeinse oorheersers gekoop kon word.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE SANHEDRIN

I. Die informasiebronne

- A. Uit die NT self
- B. Flavius Josephus se *Antiquities of the Jews*
- C. Die *Misjna*-gedeelte van die Talmoed (d.w.s. die Traktaat 'Sanhedrin')

Ongelukkig stem die NT en die geskrifte van Josefus nie met die rabbynse geskrifte ooreen nie, wat blykbaar twee Sanhedrins in Jerusalem aangeteken het: een priesterlik (die Sadduseërs) onder leiding van die hoëpriester, wat siviele en kriminele sake moes besleg; en 'n tweede onder bestuur van die Fariseërs en skrifgeleerdes oor sake van godsdiens en tradisie. Dit rapporteer die stand van sake na die val van Jerusalem in 70 n.C. (Romeinse generaal Titus) in rabbynse geskrifte sedert 200 n.C. Ná die val van Jerusalem het die Jode hulle godsdienstige gebruike in die stad Jamnia hervat, maar in 118 n.C. na Galilea toe verskuif.

II. Terminologie

Die probleem om hierdie wetgeoriënteerde liggaam presies te identifiseer, is geleë in die verskeidenheid name waaronder dit bekend was. In die Joodse gemeenskap van Jerusalem was regspleging eeuelank onder die volgende titels beoefen.

- A. *Gerousia* – 'senaat' of 'raad'. Teen die einde van die Persiese tyd (331 v.C) was hierdie oudste naam in gebruik (vgl. Josefus *Antiquities* 12:3:3; en 2 Makkabeërs 11:27). Lukas gebruik dit saam met "Sanhedrin" in 5:21. Dit was moontlik sy manier om die term, Sanhedrin, aan Griekse lesers te verduidelik (vgl. 1 Makk. 12:35).
- B. *Synedrion* – 'Sanhedrin'. Dit is 'n saamgestelde woord uit *syn* (saam met) en *hedra* (sitting). Verrassend genoeg word hierdie woord van Griekse afkoms in Aramees gebruik deurdat dit gedurende die Makkabeëse tyd (165 v.C e.v.) die aanvaarde term was om die die hoogste hof in Jerusalem aan te dui (Mat. 26:59; Mark. 15:1; Luk. 22:66; Joh. 11:47; Han. 5:27). 'n Probleem ontstaan wanneer die term vir die aktiwiteit van plaaslike wetstoepassing ook buite Jerusalem gebruik word (vgl. Mat. 5:22; 10:17).
- C. *Presbyterion* – 'raad van ouderlinge' (vgl. Luk. 22:66). Dit dien as amptitel in die OT vir stamleiers. En tog word dit ook gebruik om na die hoogste hof in Jerusalem te verwys (vgl. Han. 22:5).
- D. *Boulē* – 'raad', soos deur Josefus gebruik (vgl. *Wars* 2:16:2; 5:4:2, maar in die NT kom dit nie voor nie). Die titel beskryf verskeie regsplegende liggame: (1) die Senaat in Rome; (2) plaaslike Romeinse hofsittings; (3) die Joodse hooggeregshof in Jerusalem; en (4) plaaslike Joodse howe. 'n Vorm van hierdie term (d.w.s. *bouleutēs*, wat 'raadslid' beteken), kom wel in die NT voor en was op Josef van Arimatea van toepassing (vgl. Mark. 15:43; Luk. 23:50).

III. Historiese ontwikkeling

In die Targoem (6:1, oor Hooglied) word meegedeel dat Esra in die ná-ballingskapse era, die "Groot Sinagoge" ingestel het. Dit was blykbaar die begin van die Sanhedrin wat tot in die tyd van Jesus voortbestaan het.

- A. Die *Misjna* (d.w.s. Talmoed), meld dat daar twee belangrike howe in Jerusalem was (vgl. Sanh. 7:1).
 1. Een het 70 (of 71) lede gehad (*Sand.* 1:6 stel selfs dat Moses die eerste Sanhedrin in die lewe geroep het– vgl. Num. 11:16-25).
 2. 'n Ander een het 23 lede gehad (hoewel dit op plaaslike sinagogehowe kon gedui het).
 3. Sommige Joodse geleerdes is van mening dat daar drie Sanhedrins van 23 lede elk in Jerusalem was. Wanneer die drie vir 'n vergadering van die Groot Sanhedrin byeengekom het, het hulle 71 lede getel, die twee leiers ingesluit (d.w.s. *Nasi* en *Av Bet Din*).
 - a. een priesterlik (Sadduseërs)
 - b. een vir wetsaangeleenthede (Fariseërs)
 - c. een vir aristokrasie (ouderlinge)
- B. In die na-Ballingskap era was Serubbabel die laaste posbektel uit die Dawidslyn. Ná sy dood was daar geen nageslag nie, met die gevolg dat die mantel vir wetsaangeleenthede toe op die Aäroniet, Josua, en sy priesterlike nakomelingskap, sowel as die ouderlinge, geval het (vgl. 1 Makk. 12:6; Neh. 2:16; 5:7).
- C. Diodorus teken in 40:3:4-5 aan dat priesters gedurende die Hellenistiese periode wetsuitsprake gehanteer het.
- D. Die priesterlike rol in die regering is voortgesit tydens die Seleusiede tydperk. Josefus haal Antiochus 'die Grote' III (223-187 v.C.) aan in *Antiquities* 12:138-142.
- E. Volgens Josefus is die priesterlike mag voortgesit tydens die Makkabeëse tydperk (*Antiquities* 13:10:5-6; 13:15:5).
- F. Vyf streek-Sanhedrins word in die Romeinse tydperk deur die Siriese goewerneur (d.w.s. Gabinius van 57-55 v.C.) ingestel, maar Rome skaf dit in 47 v.C. weer af (vgl. Josefus se *Antiquities* 14:5:4; en *Wars* 1:8:5).
- G. Die Sanhedrin het politieke gebots met Herodes (vgl. *Antiquities* 14:9:4) wat gereageer het deur in 37 v.C. die meerderheid van die hooggeregshof te laat vermoor (vgl. Josefus se *Antiquities* 14:9:4; 15:1:2).
- H. Volgens Josefus (vgl. *Antiquities* 20:200,251) het die Sanhedrin weer aansienlike mag en invloed bekom (vgl. Mark. 14:55) onder die Romeinse goewerneurs (d.w.s. 6-66 n.C.) In die NT word drie hofsake genoem waar die Sanhedrin onder leiding van die hoëpriester se familie, regspraak:
 1. Jesus se verhoor (vgl. Mark. 14:53-15:11; Joh. 18:12-23,28-32)

2. Petrus en Johannes (vgl. Han. 4:3-6)

3. Paulus (vgl. Han. 22:25-30)

- I. Die Jode het in 66n.C. in opstand gekom wat die Romeine aangespoor het om die Joodse samelewing en Jerusalem te vernietig in 70 n.C. Die Sanhedrin is permanent ontbind, hoewel die Fariseërs by Jamnia probeer het om die hooggeregshof (d.w.s. *Beth Din*) weer deel te maak van die Joodse geloofslewe (maar nie siviele of politiese lewe nie).

V. Lidmaatskap

A. Die eerste vermelding van 'n hooggeregshof in Jerusalem kom in Kron. 19:8-11 voor. Dit het bestaan uit (1) Leviete; (2) priesters; en (3) familiehoofde (d.w.s. ouderlinge, vgl. Makk. 14:20; 2 Makk. 4:44).

B. Gedurende die Makkabeëse tyd is die Sanhedrin deur Sadduseëse hoëpriesterlike families en deur plaaslike hooggeplaastes oorheers (Makk. 7:33; 11:23; 14:28). Later is 'skrifgeleerdes' (Mosaïese wetskenners, gewoonlik Fariseërs) bygevoeg, klaarblyklik deur Alexander Jannaeus se vrou, Salomé. Na bewering het sy die Fariseërs tot die oorheersende groep verhef (vgl. Josefus se *Wars of the Jews* 1:5:2).

C. In Jesus se tyd het die hof bestaan uit:

1. familielede van die Hoëpriester;
2. plaaslike mans uit ryk families; en
3. skrifgeleerdes (Mat. 11:27; Luk. 19:47).

V. Bronne geraadpleeg

A. *Dictionary of Jesus and the Gospels*, IPV, bl. 728-732

B. *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*, vol. 5, bl. 268-273

C. *The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge*, vol. 10, bl. 203-204

D. *The Interpreter's Dictionary of the Bible*, vol. 4, bl. 214-218

E. *Encyclopedia Judaica*, vol. 14, bl. 836-839

- ☐ **OAV, CUM-NLV** "en op die derde dag"
NAV, CUM-MVB "en die derde dag"
NASB "on the third day"

Jesus het hierdie tydaspek verskeie kere beklemtoon (vgl. 12:40; 16:4) wanneer Hy na Jona as 'n teken van sy Messiaskap verwys het. Paulus laat in 1 Kor. 15:4 deurskemer dat die derde dag in die OT voorspel was. Die moontlike OT verwysings kan slegs Hosea 6:2 en Jona 1:16 wees. In hierdie konteks verwys Jesus noodwendig na Jona.

Dit was nietemin nie 'n volle 72 uur nie, maar slegs ongeveer 36-40 wat hy in Hades deurgebring het. Die Jode het dele van dae vir volle dae getel. Hulle dag begin met aandskemer. Jesus sterf om 3 nm. en was in die graf voor 6 nm. Dit word as die eerste dag getel. Van 6 nm. op Vrydag tot dieselfde tyd Saterdag is dag twee. Sy opstanding vind voor sonop plaas op Sondagmôre. Sien *Vir Spesiale Aandag: Opstanding* by 27:63.

16:22 "Toe neem Petrus Hom opsy (eenkant toe) en begin Hom (ernstig) bestraf (berispe)"; "Peter took Him aside and began to rebuke Him": Hiermee het Petrus te ver gegaan. Jesus het immers die woord 'bestraf' gewoonlik in konteks van uiterstes gebruik (vgl. 8:26; 12:10; 16:20). Petrus se persoonlike gevoelens oor Jesus het handuit geruk en God se verlossingsplan totaal uit die oog verloor.

- ☐ **OAV** "dit sal U nooit oorkom nie"
NAV, CUM-MVB "dit sal beslis nie met U gebeur nie"
CUM-NLV "dit sal u nooit as te nimmer oorkom nie"
NASB "This shall never happen to you"

Letterlik staan hier 'genade vir jou', wat impliseer dat in God se genade so iets nooit moontlik sal wees nie; 'n DUBBELE NEGATIEF dra sterk klem.³⁸

- 16:23 OAV** "Gaan weg agter My, Satan"
NAV "Moenie in My pad staan nie, Satan"
CUM-MVB "Gee pad voor My, Satan"
CUM-NLV "Gee pad agter My, jou Satan"
NASB "Get behind Me Satan"

Oomblikke tevore het Petrus 'n woord van Godsopenbaring gespreek (vgl. 16:17), nou is hy 'n mondstuk van Satan. Dit was wesenlik dieselfde versoeking waarvoor Jesus in die woestyn te staan gekom het, naamlik om sy lydensweg (die kruis) te ontwyk (vgl. Mat. 4:1-11). Petrus verwoord hierdie bose plan om God se verlossing te probeer verydel.

- ☐ **OAV, NAV, CUM-MVB** "struikelblok"
CUM-NLV "bitter moeilik"
NASB "stumbling block"

In die grondtaal beteken die woord letterlik om lokaas vir 'n dier in 'n lokval te plaas sodat hy die valstrik aftrap.³⁹ 'Struikelblok' dui metafories op 'n hindernis.

³⁸ Vgl. CUM-NLV – vert.

NASB (UPDATED) TEXT: 16:24-27

²⁴Then Jesus said to His disciples, “If anyone wishes to come after Me, he must deny himself, and take up his cross and follow Me. ²⁵For whoever wishes to save his life will lose it; but whoever loses his life for My sake will find it. ²⁶For what will it profit a man if he gains the whole world and forfeits his soul? Or what will a man give in exchange for his soul? ²⁷For the Son of Man is going to come in the glory of His Father with His angels, and WILL THEN REPAY EVERY MAN ACCORDING TO HIS DEEDS.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 16:24-27.

16:24	OAV, NAV	“dissipels”
	CUM-NLV	“volgeling”
	CUM-MVB	“leerlinge”
	NASB	“disciples”

Dissipel beteken ‘leerling’. Jesus se klem was nie bloot op aanvanklike beslissings nie, maar ‘n immer verdiepende beleving van dissipelskap (vgl. 28:19).

■ **“As”; “if”:** Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat vanuit die perspektief van die skrywer of vir sy literêre doelwit as waar aanvaar moet word. Jesus het aanvaar dat mense Hom sou wou volg.

■	OAV, NAV	“moet hy homself verloën”
	CUM-MVB	“sy eie voorkeure prysgee”
	CUM-NLV	“julle eie selfsugtige ambisie prysgee”
	NASB	“he must deny himself”

Dit is AORISTUS MEDIUM (deponent) IMPERATIEF. Wat vereis word is optrede na aanleiding van ‘n besliste keuse. Gelowiges moet op alle gebiede ‘n selfgesentreerde lewenswyse prysgee (die nagevolge van die sondeval soos beskryf in Gen. 3). Hierdie konsep is soortgelyk aan boetedoening.

16:24	OAV, NAV, CUM-MVB	“en sy kruis opneem”
	CUM-NLV	“julle kruis op julle skouers neem”
	NASB	“take up his cross”

Hierdie is ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF (opdrag). Dieselfde aandrang word ook in Mark. 8:35; Luk. 9:24; Joh. 12:25 gevind. Nog ‘n keuse moet gemaak en uitgevoer word. ‘n Veroordeelde moes die dwarsbalk van sy kruis tot op die plek van die vonnisvoltrekking dra (vgl. Joh. 12:24). Dit was metaforiese van ‘n pynlike dood – in hierdie konteks, die dood van die self (vgl. Joh. 12:24; 2 Kor. 5:13-14; Gal. 2:20; 1 Joh. 3:16).

■	OAV, NAV, CUM-MVB	“en My volg”
	CUM-NLV	“en agter My aankom”
	NASB	“and follow Me”

Dis ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF (bevel). Die vorige twee bevels was AORISTUS IMPERATIEF, wat op besluite aangedring het. Hierdie een (volg/aankom) is egter opdrag tot ‘n volgehoue manier van lewe wat in gewoonte vasgelê word. Om dissipel van ‘n Joodse rabbyn in eerste eeuse konteks te wees, het nakoming van sekere vereistes veronderstel. Jesus se eis was om van die twaalf dissipels te verwag om saam met Hom te wandel, ‘n eis wat vir alle dissipels van alle eeue sou geld. Soos wat Jesus sy lewe onvoorwaardelik vir hierdie manne opgegee het, moet hulle met die verlies van hulle eie lewe antwoord (vgl. 2 Tim. 2:2; 1 Joh. 3:16). Jesus het dikwels van die onwrikbaar volhardende aard van volgelyngskap melding gemaak (vgl. Mat. 10:37-39; Mark. 8:38-39; Luk. 9:23-27; 14:25-27; 17:33; Joh. 12:25).

16:25 Die nuwe era wat Christus aangebring het is anders as die selfgesentreerdheid van die voormalige bose bedeling. Mense wat die oorgang gemaak het toon die andersheid in hoe hulle lewe (vgl. Mat. 7 en 13). Om reg te lewe maak nie die saak met God reg nie (vgl. Efes. 2:8-9), dit is die funksie van belydenis en geloof (sien 16:16), maar ‘n regte lewe dien wel as bevestiging dat die oorgang na die nuwe era gemaak is!

Die Griekse term vir ‘lewe’ is *psuchē* wat met die Hebreuse *nephesh* ooreenstem (BDB 659). Dit dui op lewe soos bekend op planeet aarde, maar in hierdie konteks selfgerigte lewe (d.w.s. van die mens). Die nuwe era vereis ‘n radikaal nuwe ingesteldheid. Die ou era is ingestel op bevrediging van die self (vgl. Gen. 3), terwyl die basiese aard van die nuwe era neerkom op onbaatsugtigheid. Dit verteenwoordig die beeld van God wat met die sondeval geskend is (vgl. Gen. 1:26-27). Verlossing herstel hierdie beeld sodat vertrouensvriendskap weer die basis vorm van die verhouding met God. Dit was immers sy plan met sy skepping. Diens kom in die plek van dominasie in eie belang. Van sonde word afstand verkry deur afsondering in heiligmaking. Bediening aan mense kom in die plek van beding net vir self. Meer en meer vir my word verruil vir minder van my en meer van Hom.

16:26 **“as”; “if”:** Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE wat toekomsthandeling veronderstel. Daar is inderdaad diegene wat so op wêreldsgoed ingestel is dat hulle inderdaad geestelike, ewige dinge daarvoor inboet.

³⁹ Vgl. CUM-NLV – vert.

- | | |
|---|---|
| <p> ■ OAV, NAV, CUM-MVB
 CUM -NLV
 NASB </p> | <p> “wat sal ‘n mens gee in ruil vir sy lewe”
 “Jy sal met niks ter wêreld daarvoor kan vergoed nie”
 “what will a man give in exchange for his soul” </p> |
|---|---|

Lewe in selfsug deurgebring eindig met die dood, maar lewe opgeoffer terwille van Christus loop uit op die ewige lewe (vgl. Mark. 8:34-38). Gelowiges is rentmeester van hul fisieke bestaan sowel as hul geestelike welsyn.

- | | |
|---|--|
| <p> 16:27 OAV
 NAV
 CUM-MVB

 CUM-NLV
 NASB </p> | <p> “die Seun van die mens staan gereed om met sy engele. . .te kom”
 “die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom”
 “die Seun wat as mens gebore is, gaan saam met sy hemelse boodskappers kom”
 “Ek, die Seun van die Mens sal inderdaad kom, vergesél van God se engele”
 “the Son of Man is going to come. . .with His angels” </p> |
|---|--|

Hiermee word Christus se tweede koms bedoel (vgl. Mat. 10:23; 24:3,27,37,39; 26:64; Han. 1:11; 1 Kor 15:23; 1 Tess. 1:10; 4:16; 2:1,7; Jak. 5:7-8; 2 Pet. 1:16; 1 Joh. 2:28; Openb. 1:7). Let daarop dat die engele van die hemel van beide die Vader en die Seun kan wees – nog ‘n manier waarop die Godheid van Jesus benadruk kon word. In Matteus word engele verskeie kere as eskatologiese versamelaars en verdelers van mense voorgedoen (vgl. 13:39-41,49; 24:31).

- | | |
|--|--|
| <p> ■ OAV
 NAV
 CUM-MVB
 CUM-NLV
 NASB </p> | <p> “in die heerlijkheid van sy Vader”
 “Hy sal beklee wees met dieselfde heerlijkheid as sy Vader”
 “Hy sal beklee wees met dieselfde goddelike grootheid as syVader”
 “Ek sal met die heerlijkheid van My Vader beklee wees”
 “in the glory of His Father” </p> |
|--|--|

In die OT was *kbd* die mees algemene woord vir ‘heerlikheid’. Dit was in werklikheid ‘n handelsterm (wat verwys het na die twee skaalbakke) wat ‘om swaar te wees’ beteken het. Dit wat swaar was, was kosbaar of het intrinsieke waarde gehad. Wanneer van God se *kbd* sprake was, het ‘glans’ sy majesteit nog meer beklemtoon (vgl. Eks. 15:16; 24:17; Jes. 60:1-2). Hy alleen is hoogwaardig en verdien om vereer te word. Sy glansrykheid kan deur ‘n sondegevalle mensdom nie aanskou word nie (vgl. Eks. 33:17-23; Jes. 6:5). God kan in werklikheid net in en deur Christus geken word (vgl. Jer. 1:14; Mat. 17:2; Heb. 1:3; Jak. 2:1).

Die woord ‘heerlikheid’ is ietwat dubbelsinnig: (1) dit kan parallel wees tot die ‘geregtigheid van God’; (2) dit kan verwys na die ‘heiligheid’ of ‘volmaaktheid’ van God; of (3) dit kan verwys na die beeld van God waarvolgens die mens geskape is (vgl. Gen. 1:26-27), maar wat weens die mense se rebellie geskend is (vgl. Gen. 3:1-22). Die eerste gebruik van die term het oor JHWH se teenwoordigheid by sy volk gehandel (vgl. Eks. 6:7,10; Lev. 9:23; Num. 14:10).

- | | |
|---|---|
| <p> ■ OAV, NAV
 CUM-MVB
 CUM-NLV
 NASB </p> | <p> “dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade”
 “en sal elkeen volgens sy leefstyl vergeld”
 “en Ek sal almal oordeel volgens hulle dade”
 “will then repay every man according to his deeds” </p> |
|---|---|

Hierdie is ‘n heenwysing op Ps. 62:12 of Spr. 24:12. Die beoordeling van dade kom voor in Job 34:11; Ps. 28:4; Spr. 24:12; Pred. 12:14; Jer. 17:10; 32:19; Mat. 16:27; 25:31-36; Rom. 2:6; 14:12; 1 Kor. 3:8; 2 Kor. 5:10; Gal. 6: 7-10; 2 Tim. 4:14; 1 Pet. 1:17; Openb. 2:23; 20:12; 22:12). Ons lewe is ‘n spieëlbeeld van ons oortuigings. 1 Johannes en Jakobus bevestig dat hoe ons lewe geldige bewys van ons geloofsoortuigings is. Waar daar nie vrug is nie, ontbreek die wortel! Jesus het as verlosser gekom (vgl. Joh. 3:16-21), maar wanneer Hy weer kom, is dit as regter (vgl. Openb. 19).

NASB (UPDATED) TEXT: 16:28

²⁸“Truly I say to you, there are some of those who are standing here who will not taste death until they see the Son of Man coming in His kingdom.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 16:28.

16:28 Hierdie vers is moeilik om uit te lê. Matteus, wat meer as veertig jaar ná Jesus se dood skryf, was daarvan bewus dat dit nie met die voorafgaande konteks, dus die wederkoms, in verband kan staan nie. Nietemin, die volgende verdien oorweging:

1. Jesus se hemelvaart
2. die koninkryk reeds aanwesig in die persoon van Jesus
3. die eindtyd of wederkoms
4. die koms en toerusting deur die Heilige Gees op Pinkster
5. die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. deur die Romeine onder Generaal Titus
6. die verheerliking op die berg in die volgende hoofstuk (let op die onmiddellikheid wat opval in Mark. 9:1 gevolg deur 9:2).

Op grond van die onmiddellike konteks van hoofstuk 17, moet #6 hier bo as die beste verklaring beskou word. Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Koninkryk van God* by 4:17.

- | | |
|-----------------------|----------------------------|
| <p> ■ OAV </p> | <p> “Voorwaar” </p> |
|-----------------------|----------------------------|

NAV, CUMs
NASB
Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:18

“Dit verseker Ek julle”
“truly”

- ▣ OAV “die dood nie sal smaak”
NAV “wat beslis nie sal sterwe”
CUM-MVB “die dood nie sal proe”
CUM-NLV “sal nie sterf voordat”
NASB “taste death”

Hierdie is ‘n Hebreeuse idioom vir ‘sterwend’ (vgl. 1 Sam. 15:32).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom is verse 13-20 vir die Rooms Katolieke kerk van kernbelang?
2. Het die ander dissipels gedink Petrus kry ‘n aanstelling oor hulle almal?
3. Waarna verwys Jesus met sy gebruik van die woord ‘kerk’?
4. Moet vers 18 as ‘n aanval op die kerk beskou word, hetsy passief of aktief?
5. Wat is die sleutels van die koninkryk?
6. Waarom het Jesus daarop aangedring dat die dissipels Hom nie as die Messias, die Seun van God, bekend moet maak nie?
7. Waarom was die dissipels teleurgesteld oor Jesus se bekendmakings omtrent sy toekoms?
8. Wat beteken dit om aan die eie self te sterf?
9. Hoe verstaan jy vers 28?

MATTEUS 17

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Transfiguration of Jesus 17:1-8	Jesus Transfigured on the Mount 17:1-13	The Transfiguration 17:1-8	The Transfiguration 17:1-4 17:5	The Transfiguration 17:1-8	Die verheerliking op die berg 17:1-8
17:9-13		Prophecies About Elijah 17:9-13	17:6-8 17:9 17:10 17:11-12 17:13	The Question about Elijah 17:9-13	Die koms van Elia 17:9-13
The Healing of a Boy with a Demon 17:14-20	A Boy is Healed 17:14-21	An Epileptic Child Healed 17:14-20	Jesus Heals a Boy with a Demon 17:14-16 17:17-18 17:19 17:20-21	The Epileptic Demoniac 17:14-18 17:19-20	Jesus maak 'n seun gesond 17:14-21
17:21		17:21			
Jesus Again Foretells His Death and Resurrection 17:22-23	Jesus Again Predicts His Death and Resurrection 17:22-23	The Passion Foretold a Second Time 17:22-23	Jesus Speaks Again about His Death 17:22-23b 17:23c	Second Prophecy of the Passion 17:22-23	Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan 17:22-23
Payment of Temple Tax 17:24-27	Peter and His Master Pay Their Taxes 17:24-27	Money for the Temple Tax 17:24-27	Payment of the Temple Tax 17:24 17:25a 17:25b 17:26a 17:26b-27	The Temple Tax Paid by Jesus and Peter 17:24-27	Die tempelbelasting 17:24-27

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

13. Eerste paragraaf

14. Tweede paragraaf

15. Derde paragraaf

16. Ens.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

AGTERGROND TOT MATTEUS 17:1-27

- A. Die gedaanteverwisseling, verse 1-13 (vgl. Mat. 17:1-11; Mark. 9:2-13; Luk. 9:28-36; 2 Pet. 1:16-18).
- B. Genesing van die demonbesete seun, verse 14-23 (vgl. Mark. 9:14-29, Luk. 9:37-42).
- C. Petrus en Jesus se tempelbelasting, verse 24-27 (kom slegs in Matteus voor).

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 17:1-8

¹Six days later Jesus took with Him Peter and James and John his brother, and led them up a high mountain by themselves. ²And He was transfigured before them; and His face shone like the sun, and His garments became as white as light. ³And behold, Moses and Elijah appeared to them, talking with Him. ⁴Peter said to Jesus, "Lord, it is good for us to be here; if you wish, I will make three tabernacles here, one for You, and one for Moses, and one for Elijah." ⁵While he was still speaking, a bright cloud overshadowed them, and behold, a voice out of the cloud said, "This is My beloved Son, with whom I am well-pleased; listen to Him!" ⁶When the disciples heard *this*, they fell face down to the ground and were terrified. ⁷And Jesus came to *them* and touched them and said, "Get up, and do not be afraid." ⁸And lifting up their eyes, they saw no one except Jesus Himself alone.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 17:1-8.

17:1 OAV "En na ses dae"
NAV, CUMs "Ses dae later"
NASB "six days later"

Die ooreenstemmende stuk in Markus 9 het ook ses dae, maar Lukas 9:28 vermeld ag dae. Indien beide weergawes ongeveer 'n week later bedoel, is die weerspreking nie van wesenlike belang nie.

■ "het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem"; "Jesus took with Him Peter and James and John his brother": Hierdie manne kan as 'n binnekring beskou word, nie vanwee begunstiging nie, maar as gevolg van hulle geestelike ingesteldheid en onderrigbaarheid (vgl. 2:13; 4:5; 12:45). Jakobus het 'n vroeë dood gesterf waaruit immers blyk dat God nie 'n aannemer van die persoon is nie. Sien die tabelle by 10:2.

■ OAV "en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring"
NAV, CUM-MVB "en hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle alleen was"
CUM-NLV "en vat hulle teen 'n hoë berg uit waar hulle alleen was"
NASB "and led them up on a high mountain by themselves"

Waarskynlik was Matteus besig om doelbewus 'n vergelyking te tref tussen Moses en die geleentheid van Jesus se gedaanteverwisseling. Op vier punte kan vergelyking getref word:

1. hulle was albei hoog op teen 'n berg;
2. by albei geleenthede het God uit 'n wolk gespreek (Eks. 24:16);
3. daar was 'n glans op Moses se gesig (vgl. Eks. 34:29), terwyl Jesus se hele liggaam in glans was; en
4. nes Moses se mense was Jesus se metgeselle ook bang.

Daar is onsekerheid oor watter berg Matteus na verwys. Tradisioneel word berg Tabor aangewys, maar dit is gans te ver van Sesarea-Filippi af. Sommige meen dat dit berg Hermon moet wees, wat dit baie moontlik was. Dit is egter meer waarskynlik berg Mirion, omdat (1) dit die hoogste bergpiek binne die grense van die Beloofde Land is en (2) dit uittroon langs die roete tussen Sesarea-Filippi en Kapernaum.

17:2 OAV "En Hy het voor hulle van gedaante verander"
CUM-MVB, NAV "Daar het sy voorkoms voor hulle (oë) verander"
CUM-NLV "En daar, terwyl hulle na Jesus kyk, het sy voorkoms verander"
NASB "and He was transfigured before them"

'Van gedaante verander' is 'n saamgestelde woord in Grieks, naamlik *meta* (wat 'na' of 'daarna' kan beteken) en *morphē* ('vorm'). Die Engelse "*transfiguration*" kom uit die Latynse Vulgaat. Hierdie saamgestelde term het ook aanleiding gegee tot ons bekende 'metamorfose'. Van teologiese belang is dan dat Jesus se ewige, goddelike natuur op daardie oomblik sy menslike natuur algeheel oorheers het. Die term word ook gebruik om die geestelike 'verandering' in gelowiges se lewe te beskryf (vgl. Rom. 12:2; 2 Kor. 3:18).

Uit Lukas 9:28 tref dit ons dat die gedaanteverwisseling plaasgevind het terwyl hulle saam gebid het. Ná 'n vermoeiende klimtog bergop was die dissipels vaak en spoedig aan die slaap (vgl. Luk. 9:32). Hierdie gebeurtenis toon sekere ooreenkomste met Jesus se Getsemane-ondervinding.

■ OAV "en sy aangesig het geblink soos die son"
NAV, CUMs "sy gesig het begin straal soos die son"

NASB**“his face shone like the sun”**

Soos meermale in hierdie evangelie, bedoel Matteus ook hier om Jesus (aan sy Joodse lesers) as die nuwe Moses voor te hou. Moses se gesig het ook geblink (vgl. Eks. 34:29-35).

Dit is nie te sê Moses was Jesus se gelyke nie:

1. die glans op Moses se gesig het vervaag;
2. Moses het die vervaging probeer wegsteek; en
3. Moses het die woord van God ontvang; Jesus is die woord van God (vgl. 5:17-48).

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** **“en sy klere het wit geword soos die lig”**
CUM-NLV **“Sy klere het skitterwit geword”**

NASB **“His garments became as white as light”**

Wit is ‘n hemelse kleur, vir hemelse wesens en verlostes in heerlikheid.

1. Jesus se gedaanteverwisseling
2. engele by sy graf, Mat. 28:3
3. engele by sy hemelvaart, Han. 1:8
4. engele (letterlik ouderlinge) rondom sy troon, 4:4
5. die hemelse engeleleër, Openb. 19:14
6. verlostes heiliges in heerlikheid, Openb. 3:4-5,18; 6:11; 7:9,13

17:3 **OAV, CUM-MVB** **“En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elia in gesprek met Hom”**
NAV **“Skielik het Moses en Elia aan hulle verskyn en met Jesus gepraat”**
CUM-NLV **“En wonderlik, toe verskyn Moses en Elia voor hulle en voer gesprek met Jesus”**

NASB **“Moses and Elijah appeared to them, talking with Him”**

Daar was heelwat debat oor hoekom dit dan nou Moses en Elia was. Sommige is van mening dat hulle verteenwoordigend was van die wet en die profete. Albei word in eskatologiese konteks genoem. Moses, soos blyk uit Deuteronomium 18 en Elia soos blyk uit Maleagi 4. Ander is van mening dat albei se lewens ongewoon geëindig het. Albei verteenwoordig die ou bedeling en bemoedig Jesus nou met die oog op sy instelling van ‘n nuwe bedeling. Hoe die dissipels geweet het wie die besoekers was is onbekend, hoewel hulle dalk uitkenbaar geklee was, of aan spraak geïdentifiseer kon word, of Jesus het hulle voorgestel.

Soos die wonderwerke van Jesus, en sy voorspellings, was hierdie gebeurtenis vir die dissipels ‘n leerskool, maar vir Jesus was dit bemoedigend.

Net nog een punt: dit wys dat die gelowiges van die OT steeds lewe! Dit bevestig ‘n selfbewustheid ná fisiese dood.

17:4 **OAV** **“Toe begin Petrus vir Jesus te sê”**
NAV, CUM-NLV **“Toe sê Petrus vir Jesus”**
CUM-MVB **“in reaksie het Petrus toe vir Jesus gesê”**
NASB **“Peter said to Jesus”**

Dit was kenmerkend van Petrus om, soos die spreekwoord lui, met die deur in die huis te val en ‘n vraag te antwoord wat nie gevra was nie.

▣ **OAV** **“Laat ons hier drie hutte maak”**
NAV **“sal ek hier drie hutte bou”**
CUM-MVB **“sal ek hier drie tente opslaan”**
CUM-NLV **“sal ek hier drie skuilings oprig”**
NASB **“I will make three tabernacles here”**

Die doel van so ‘n opmerking was: ‘Laat ons hier bo bly (KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN), want ‘n ondervinding soos dié is so wonderlik en geestelik!’ Dit haak weer tot ‘n mate aan by die versoeking van Mat. 4 aangesien dit Hom ‘n geleentheid bied om die lydingsbeker vry te spring en is moontlik ook die rede hoekom dit opgeskryf is vir ons om te lees: Jesus wys vir sy dissipels dat hy werklik God is en hulle probeer Hom wegstuur (vgl. 16:22-23) van sy bestemde dood (vgl. Mark. 10:45). In dieselfde literêre konteks (vgl. Mat. 19:16-17) vertel Jesus weer van sy naderende dood (vgl. 17:9-13, 22-23).

17:5 **OAV** **“oordek ‘n helderligte wolk hulle meteens en daar sê ‘n stem uit die wolk”**
NAV **“het ‘n helderligte wolk sy skadu oor hulle gegooi, en ‘n stem uit die wolk het gesê”**
CUM-MVB **“kyk, ‘n helder wolk het sy skadu oor hulle gegooi, en kyk, ‘n stem uit die wolk”**
CUM-NLV **“oordek ‘n helderglansende wolk hulle en daar kom ‘n stem uit die wolk”**

NASB **“a bright cloud overshadowed them, and behold, a voice out of the cloud said”**

In die OT was die *shekinah* ‘n glanshelder wolk, simbolies van God se persoonlike teenwoordigheid. ‘n Vorige verskyning van die wolk was tydens Jesus se doop (vgl. Mat. 3:17). Petrus sinspeel ook daarop in 2 Pet. 1:17-18. Daar kan selfs ‘n verband wees tussen die ‘stem uit die wolk’ en die *bath qol* (Aramees vir ‘dieselfde stem’), wat die rabbyne tydens

die intertestamentêre tyd (weens die swye van profesie tussen Maleagi en Johannes die Doper – ongeveer vanaf 400 v.C.) voorgestaan het. Dit was vir hulle ‘n manier om die wil van God te bepaal in afwesigheid van profete.

Die frases ‘oordek’ en ‘skadu oor hul gegooi’ kom van dieselfde Griekse woordstam wat Lukas (1:35) gebruik om die verwekking van Jesus in die skoot van die maagd Maria deur die Heilige Gees te beskryf.

Wat God (die stem) sê is om die volgende redes belangrik: soos die ooreenstemmende gedeelte in Lukas, kombineer dit OT aanhalings; Ps. 2:7 – “Jy is My Seun”; Jes. 42:1 – “Ek het Hom uitverkies” (vgl. Luk. 9:35). Ps. 2 is ‘n kroningslied van die Dawidslinie en Jes. 42 is die aanvang van die lydende kneg-liedere deur die profeet Jesaja (vgl. Mark. 9:28; Luk. 9:28-36). So kom die profesie van Gen. 3:15 tot ‘n algehele vervulling in die woorde van die stem uit die wolk.

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “Luister na Hom”
- CUM-NLV** “Doen wat Hy vir julle sê”
- NASB** “listen to Him”

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF (opdrag) wat Deut. 18:15,18-19 weerspieël en in Jes. 42:1 veronderstel word. Om volgeling van Jesus te wees vereis nie net teologiese insig in sy persoon en doel van sy koms nie, maar vereis ook gehoorsaamheid (vgl. Deut. 18:20).

- 17:6 OAV** “het hulle op hul aangesig geval en was baie bevrees”
- NAV** “het hulle baie bang geword en op die grond neergeval”
- CUM-MVB** “het hulle op hulle gesigte neergeval en baie bang geword”
- CUM-NLV** “het die dissipels plat op die grond neergeval. Hulle het groot geskrik.”
- NASB** “they fell face down to the ground and were terrified”

Die mense in Bybelse tye het geglo dat om God te sien was om dood te gaan (vgl. Eks. 33:20-23; Rigt. 6:22-23; 13:22; Joh. 1:18; 6:46; Kol. 1:18; 1 Tim. 6:16; 1 Joh. 4:12). Die stem van God was vir hierdie dissipels net so vreesaanjaend as wat dit vir die volk by berg Sinaï was (vgl. Eks. 19:16). Hou in gedagte dat Matteus ook Jesus as die tweede wetgewer, oftewel die tweede Moses, bekendstel (vgl. Deut. 18:15).

- 17:7 OAV** “En Jesus het nadergekom en hulle aangeraak”
- NAV, CUM-MVB** “Maar Jesus het (toe) na hulle toe gekom, hulle aangeraak”
- CUM-NLV** “Daarop kom Jesus na hulle toe en sit sy hand gerusstellend op hulle”
- NASB** “Jesus came to them and touched them”

Hulle het lê en slaap (vgl. Luk. 9:32). Hierdie was ‘n nagtelike ervaring waartydens die heerlijkheid van Jesus in skitterende glans teen die donker naghemel afgeëts was. Die aanraking was ‘n teken van begrip en omgee.

- ▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “Staan op en moenie vrees (bang wees) nie”
- CUM-NLV** “Staan gerus maar op, moenie bang wees nie”
- NASB** “Get up, and do not be afraid”

Albei WERKWOORDE is IMPERATIEWE. Wat vir die oomblik nodig is, kom daarin tot uitdrukking:

1. nee, ons kan nie hier op die berg bly nie (AORISTUS IMPERATIEF)!
2. moenie bang wees oor ‘n ervaring van God se nabyheid nie (PRAESENS IMPERATIEF).

Die hele gebeurtenis was immers om aksie te stimuleer, nie verslaenheid of angsbevangenheid nie. Dit was bedoel as motivering vir die taak wat voorlê.

NASB (UPDATED) TEXT: 17:9-13

⁹As they were coming down from the mountain, Jesus commanded them, saying, “Tell the vision to no one until the Son of Man has risen from the dead.” ¹⁰And His disciples asked Him, “Why then do the scribes say that Elijah must come first?” ¹¹And He answered and said, “Elijah is coming and will restore all things; ¹²but I say to you that Elijah already came, and they did not recognise him, but did to him whatever they wished. So also the Son of Man is going to suffer at their hands.” ¹³Then the disciples understood that He had spoken to them about John the Baptist.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 17:9-13.

- 17:9 OAV** “het Jesus hulle bevel gegee en gesê: ‘Julle moet vir niemand iets van die gesig sê voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie’”
- NAV** “het Jesus hulle bevel: ‘Wat julle gesien het, moet julle vir niemand vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgewek is nie’”
- CUM-MVB** “het Jesus hulle bevel: ‘Wat julle gesien het, moet julle vir niemand vertel voordat die Seun wat mens geword het tussen die dooies uit opgewek is nie.’”
- CUM-NLV** “het Jesus hulle bevel: ‘Julle moet vir niemand vertel wat julle gesien het nie, totdat Ek, die Seun van die Mens uit die dood opgewek word.’”
- NASB** “Jesus commanded them, saying, ‘Tell the vision to no one until the Son of Man has risen from the dead’”

Hier het ons weer die sogenaamde Messiaanse geheimenis (vgl. Mat. 8:4; 9:30; 12:16; 16:20; Mark. 1:44; 3:12; 5:47; 7:36; 8:30; 9:9; Luk. 4:41; 5:14; 8:56; 9:21). “Vertel” hier is ‘n AORISTUS AKTIEF SUBJUNKTIEF wat as ‘n IMPERATIEF in AORISTUS AKTIEF gebruik word. Lukas meld in 9:30 dat hulle inderdaad niemand daarvan vertel het

nie. Die probleem was eintlik om te weet wat om te vertel. Jesus se probleem was alreeds dat Hy as wondergeneser bekend gestaan het en die evangelie was nog nie in voltooiingsfase nie. Daar sou 'n tyd aanbreek wanneer die ontmoeting op die berg volkome begrypbaar sou wees ('n saak wat Hy herhaaldelik verduidelik het, maar wat hulle net nie reg kon hoor of die implikasies van kon begryp nie).

Vers 9 impliseer dat die lydensweg onvermybaar sou wees en dat Petrus se poging om hulle op die berg te hou weereens 'n poging van die Bose was om daarby in te meng.

17:10	OAV, NAV	“en sy dissipels vra Hom (toe) en sê, ‘Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elia eers moet kom’”
	CUM-MVB	“Die leerlinge het Hom toe gevra, ‘Waarom sê die Skrifgeleerdes dan dat Elia eers moet kom’”
	CUM-NLV	“Sy dissipels vra Hom toe, ‘Hoe sê die skrifkenners dan dat Elia eers moet kom voordat die Messias kom’”
	NASB	“the disciples asked Him, ‘Why then do the scribes say that Elijah must come first’”

Hiermee word na die profesie in Mal. 3:1 en 4:5 verwys. Daar was heelwat debat oor Jesus se antwoord. Hy stel dit onomwonde dat Elia met die bediening van Johannes die Doper verbind moet word (vgl. Mat. 11:10,14; Mark. 9:11-13; Luk. 1:17). Nogtans, toe die Fariseërs Johannes gevra het of hy Elia is, het hy dit beslis ontken (vgl. Joh. 1:20-25). Die teenstrydigheid kan verklaar word deurdat Johannes geweet het hy is nie 'n herleefde Elia nie en Jesus verklaar dat Johannes die bediening van Elia bloot simbolies opgeneem het. Hulle was op eenderse wyse geklee en die Jode kon die ooreenstemming in handelswyse ook nie misken nie (vgl. Luk. 1:17).

17:12	OAV	“So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly”
	NAV	“So sal die Seun van die mens ook deur hulle mishandel word”
	CUM-MVB	“So sal ook die Seun wat mens geword het onder hulle ly”
	CUM-NLV	“Net so moet Ek, die Seun van die Mens, ook onder hulle ly”
	NASB	“So also the Son of Man is going to suffer at their hands”

Na Petrus se belydenis (vgl. 16:16) kom hierdie bekendmaking herhaaldelik voor (vgl. 16:21; 17:9,12,22-23; 20:18-19). Hy het die dissipels oor sy lyding ingelig; as hulle maar wou luister! Hy het hulle van sy opstanding vertel. 'n Lydende Messias was binne Joodse tradisies so 'n vreemde gedagte dat hulle dit hoegenaamd nie kon aanvaar nie!

NASB (UPDATED) TEXT: 17:14-18

¹⁴When they came to the crowd, a man came up to Jesus, falling on his knees before Him, saying, ¹⁵“Lord have mercy on my son, for he is a lunatic and is very ill; for he often falls into the fire and into the water. ¹⁶I brought him to your disciples, but they could not cure him.” ¹⁷And Jesus answered and said, “You unbelieving and perverse generation, how long shall I be with you? How long shall I put up with you? Bring him here to me.” ¹⁸And Jesus rebuked him, and the demon came out of him, and the boy was cured at once.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 17:14-18.

17:15	OAV, NAV	“Here, ontferm U (tog) oor my seun”
	CUM-MVB	“Here, betoon tog onverdiende liefde aan my seun”
	CUM-NLV	“Here, kry my seun jammer”
	NASB	“Lord, have mercy on my son”

Die titel “Here” (*kurios*) kan moontlik net ‘meneer’ (letterlik, *kurie*) beteken, hoewel in bepaalde konteks kan dit teologiese implikasies hê. Hierdie is moontlik een so 'n geval.

Die man se versoek impliseer 'n vraag. Sal Jesus so 'n versoek met barmhartigheid bejeën (AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF)? So 'n vraag hang saam met voorspellings in die OT, die Messias sal vol genade wees (vgl. Jes. 32:2-6; 61:1-2). Jesus se krag en meeewing (vgl. 9:27; 15:22; Mark. 10:47,48; Luk. 17:13) is die tekens wat die Joodse leierskap kon verwag.

■	OAV	“want hy is maansiek”
	NAV	“want hy is geestelik versteurd”
	CUMs	“het epilepsie”
	NASB, JB	“he is a lunatic”
	NKJV, NRSV, TEV	“he is an epileptic”
	NJB	“he is demented”

'n Meer omvattende verduidelikng van hierdie siektetoestand word in Mark. 9:18-20 verskaf. Dié besondere toestand word in die oorspronklike teks as ‘maansiek’ of ‘met die maan gepiets’ beskryf. In hierdie geval was 'n duiwel vir die toestand verantwoordelik (vgl. vers 18). Daar word in die NT aansienlik gepoog om tussen duiwelbesetenheid, wat wel ook siekte kan veroorsaak, en fisiese ongesteldheid, dit wil sê siekte as sodanig, te onderskei (vgl. 4:24). In hierdie geval was uitdrywing nodig met die gevolg dat genesing nie ter sprake was nie.

17:16 “En ek het hom na u dissipels (leerlinge) gebring en (maar) hulle kon hom nie gesond maak nie”; “**I brought him to your disciples and they could not cure him**”: Dit was eintlik onverstaanbaar, want in 10:1,8 word hulle toegegerus met die krag vir uitdrying. Die werklike rede vir hulle mislukking hierdie keer was hulle gebrek aan geloof en hulle biddeloosheid. ‘n Uitvoeriger weergawe van die gesprek tussen Jesus en die vader van die seun kom voor in Mark. 9:21-24.

17:17 OAV “Toe antwoord Jesus, ‘O, ongelowige en verdraaide geslag’”
 NAV, CUM-MVB “‘Ongelowige en ontaarde geslag,’ het Jesus (in reaksie) gesê”
 CUM-NLV “Jesus se reaksie was, ‘O julle ongelowige en ontaarde mense’”
 NASB “Jesus answered and said, ‘You unbelieving and perverse generation’”

Dit was ‘n heenwysing op Deut. 32:5,20. Tydens Jesus se versoeking (vgl. Mat. en Luk. 4) haal hy drie keer aan uit Deuteronomium. Hy moes dié boek besonder goed geken het en ‘n groot voorliefde daarvoor gehad het.

Die tekstuele vraag hou verband met wie Jesus gepraat het.

1. die dissipels (vgl. verse 19-20)
2. die man in die skare/dié besondere generasie
3. die Joodse leiers
4. die gevalle mensdom oor die algemeen

Dit is interessant dat “geslag” (*generation*) dikwels in negatiewe verband gebruik word (vgl. Eks. 1:6; Deut. 1:35; 32:5; Ps. 12:7). Let daarop dat ‘n geslag van ongelowiges soos volg gekarakteriseer word:

1. sleg en owerspelig (Mat. 12:39)
2. ongelowig en verdraai (Mat. 17:17)
3. owerspelig en sondig (Mark. 8:38)
4. sonder geloof (Mark. 9:19)
5. bose geslag (Luk. 11:29)
6. verkeerde geslag (Han. 2:40)
7. krom en verdraaide geslag (Fil. 2:15)

17:18 OAV, CUM-MVB “en die seun het gesond geword van daardie uur af”
 NAV “van daardie oomblik af het die seun gesond geword”
 CUM-NLV “Onmiddellik was die kind gesond”
 NASB “the boy was cured at once”

Sien Mark. 9:26 vir ‘n vollediger beskrywing. Dit is belangrik om te onthou dat elke evangeliëskrywer ‘n bepaalde gehoor vir sy benadering in gedagte gehad het. Dit is gevolglik baie belangrik om eers die stowwe van elke skrywer vir sy doel te verstaan voor die ander se aanvullende stowwe bygewerk word (vgl. Gordon Fee en Douglas Stuart in *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 113-134).

NASB (UPDATED) TEXT: 17:19-21

¹⁹ Then the disciples came to Jesus privately and said, “Why could we not drive it out?” ²⁰ And He said to them, “Because of the littleness of your faith; for truly I say to you, if you have faith the size of a mustard seed, you will say to this mountain, ‘Move from here to there,’ and it will move; and nothing will be impossible to you.” ²¹ [“But this kind does not go out except by prayer and fasting.”]

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 17:19-21.

17:19 OAV, NAV, CUM-MVB “Waarom kon ons (óns) hom nie uitdryf nie”
 CUM-NLV “Waarom kon ons nie die duiwel uitdryf nie”
 NASB “Why could we not drive it out”

Jesus beantwoord dié vraag in vers 20, waar Hy sê, “deur julle ongeloof”, ‘n opmerking wat Jesus dikwels gemaak het (vgl. 6:30; 8:26; 14:31; 16:8). Die apostels was nie super-heiliges nie. Daar bestaan nie so-iets soos super-heiliges nie!

17:20 OAV “deur julle ongeloof”
 NAV, CUM-MVB “Omdat julle geloof te klein is”
 CUM-NLV “Julle geloof was nie sterk genoeg nie”
 NASB “the littleness of your faith”
 NKJV “your unbelief”
 NRSV “your little faith”
 TEV “do not have enough faith”
 NJB “you have so little faith”

Die oudste Griekse manuskripte, wat α en β insluit, het “klein geloof” (*olieopistis*), maar ander, insluitende C, D, L en W, het weer “ongeloof” (*apistis*). Omdat “klein geloof” so selde voorkom, word dit deur die UBS⁴ as die oorspronklike beskou (“A”-gradering).

■ OAV, CUM-MVB “As julle geloof het soos ‘n mostertsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan (van hier af) daarnatoe”

NAV	“As julle maar geloof het so groot soos ‘n mostertsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan staan daar anderkant”
CUM-NLV	“as julle geloof selfs so klein as ‘n mostertsaadjie was, sou julle vir hierdie berg sê: ‘Skuif soontoe.’”
NASB	“If you have faith the size of a mustard seed, you will say to this mountain, ‘Move over here to there’”

Die kleinste saadjie waarvan die Jode kennis gedra het, was die mostertsaad. Met hierdie uitspraak wou Jesus nie oor die krag van geloof uitwy nie, maar eerder die aandag vir die objek (die “in Wie” en “aan wat”) van hulle geloof vra. Geloof is essensieel en Jesus se doel was nie om die dissipels se geloof af te kraak nie (vgl. Heb 11:1). Uit Mat. 21:21 weet ons dat Jesus “klein geloof” inderwaarheid as twyfel beskou het. Met “as” wend die skrywer ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN aan; Hy neem immers aan dat hulle geloof het. Die gedagte om ‘n berg te “skuif” was bloot ‘n spreukwoordelik vir enige groot probleem. Vergelyk in dié verband Jes. 40:4; 49:11; 54:10. Sommige is van mening dat Jesus die berg van die vorige nag se verheerliking in gedagte gehad het.

17:21 Vers 21 kom nie in die Griekse tekste Sinaiticus (Ⲙ) of Vaticanus (B) voor nie. Heel vroeë oorskrywers het dit moontlik uit die ooreenstemmende gedeelte van Mark. 9:29 oorgeneem, waar dit in die oorspronklike teks voorkom. Die UBS⁴ gradeer die weglating uit hierdie vers derhalwe “A”.

NASB (UPDATED) TEXT: 17:22-23

²²And while they were gathering in Galilee, Jesus said to them, “The Son of Man is going to be delivered into the hands of men; ²³and they will kill Him, and He will be raised on the third day.” And they were deeply grieved.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 17:22-23.

17:22	OAV	“en terwyl hulle in Galilea rondgaan”
	NAV	“Toe die dissipels weer in Galilea bymekaar was”
	CUM-MVB	“Toe hulle weer in Galilea bymekaar was”
	CUM-NLV	“Weer terug in Galilea”
	NASB	“while they were gathering together in Galilee”
	NKJV	“while they were staying in Galilee”
	NRSV	“as they were gathering in Galilee”
	TEV	“when the disciples all came together in Galilee”
	NJB	“one day when they were together in Galilee”

Op hierdie punt is daar variasie in die Griekse MSS. Die oudste manuskripte Ⲙ en B en die Griekse teks wat Origenes gebruik het, lees almal “almal bymekaar gekom het” (vgl. TEV), terwyl C, D, L en W “oorgebly het” lees. Vroeë oorskrywers het die eerste frase nie reg verstaan nie en dit verander na ‘n meer bekende lesing. Daar was ‘n goeie rede vir die verdeling van die dissipels in vier groepe van drie elk. In drieë kon hulle vir kort periodes wegbreek om na hulle huishoudings om te sien en dan weer by Jesus aan te sluit. Hierdie vers verwys na ‘n plek in Galilea waar die voltal weer teenwoordig was.

17:22-23	OAV	“die Seun van die mens sal oorgelewer word in die hande van die mense; en hulle sal Hom doodmaak, en op die derde dag sal Hy opstaan”
	NAV	“die Seun van die mens gaan oorgelewer word in die hande van mense en hulle sal Hom doodmaak, en op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word”
	CUM-MVB	“die Seun wat mens geword het, gaan oorgelewer word in die hande van mense en hulle sal Hom teregstel, en op die derde dag sal Hy opgewek word”
	CUM-NLV	“God het bepaal dat die Seun van die Mens oorgegee moet word in die hande van mense. Hulle sal Hom doodmaak, maar God sal Hom op die derde dag weer opwek.”
	NASB	“the Son of Man is going to be delivered into the hands of men; and they will kill Him, and He will be raised (again) on the third day”

Hiermee het Jesus sy profetiese insig in sy lye en sterwe getoon (vgl. 16:21 e.v.; 17:9,12; Joh. 10:11,15,17,18). Hy was besig om hulle voor te berei op die gebeure wat die laaste week van sy lewe sou plaasvind; dat Hy in die hande van heidene sou val, word duidelik uit hierdie vers.

17:23	OAV, NAV	“En hieroor het hulle baie bedroef geword”
	CUM-MVB	“Hulle het toe baie bedroef geword”
	CUM-NLV	“En die dissipels was baie geskok om dit te hoor”
	NASB	“and they were deeply grieved”

Die ooreenstemmende gedeeltes in Markus (9:32) en Lukas (9:45) vermeld dat hulle dit nie begryp het nie, maar bang was om verder te vra. Opvallend is dit dat die Sanhedrin iets begryp het van die voorspelde opstanding, maar dat die dissipels totaal verras was met Jesus se verskyning in die bo-vertrek (vgl. Luk. 24:36-38).

NASB (UPDATED) TEXT: 17:24-27

²⁴When they came to Capernaum, those who collected the two-drachma tax came to Peter and said, “Does your teacher not pay the two-drachma tax?” ²⁵He said, “Yes.” And when he came into the house, Jesus spoke to him first, saying, “What do you think, Simon? From whom do the kings of the earth collect customs or poll-tax, from their sons or from strangers?” ²⁶When Peter said, “From strangers,” Jesus said to him, “Then the sons are exempt. ²⁷However, so that we do not offend them, go to the sea and throw in a hook, and take the first fish that comes up; and when you open its mouth, you will find a coin. Take that and give it to them for you and Me.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 17:24-27.

17:24	OAV, NAV, CUM-NLV	“die tempelbelasting”
	CUM-MVB	“die didragmon”
	NASB	“the two-drachma tax”
	NKJV, NRSV, TEV	“the temple tax”
	NJB	“the half shekel”

Hiermee word die vrywillige halfsjebel-belasting bedoel jaarliks betaalbaar deur mans tussen 20 en 50 jaar. Die doel daarvan was instandhouding van die tempel. Dit was in Maartmaand betaalbaar en, indien ons die tydstip van hierdie gebeure korrek bepaal, was Jesus laat met hierdie belasting. Die rabbyne het moontlik hierdie belasting ingestel op gesag van Moses se oproep vir die tabernakel in Eks. 30:11-16. Alhoewel veronderstel om vrywillig te wees, het ortodokse Jode dit hoog aangeslaan en selfs verpligtend geag. Die muntstuk in die vis se bek was voldoende vir wat beide Petrus en Jesus verskuldig was.

VIR SPESIALE AANDAG: MUNTE IN GEBRUIK IN DIE PALESTINA VAN JESUS SE TYD

A. Kopermunte

1. *germa* – van min waarde (“geld”, vgl. Joh. 2:15)
2. *galchos* – van min waarde (“koper muntstukies”, vgl. Mat. 10:9; Mark. 12:41)
3. *assarion* – Romeinse kopermuntstuk, ongeveer 1/16 van ‘n *dēnarius* werd (“sent”, vgl. Mat. 10:29)
4. *kodrantes* – Romeinse kopermuntstuk, 1/64 van ‘n *dēnarius* werd (“sent”, vgl. Mat. 5:26)
5. *lepton* – Joodse kopermuntstuk, 1/128 van ‘n *dēnarius* werd (“muntstukkie”, vgl. Mark. 12:4)
6. *quadrans/oortjie* – ‘n Romeinse kopermunt van min waarde

B. Silwermunte

1. *arguros* – “silwer” munt, baie meer werd as koper en brons munte (vgl. Mat. 10:9; 26:15)
2. *dēnarius* – ‘n Romeinse silwermunt, ‘n dagloon werd (vgl. Mat. 18:28; Mark. 6:37)
3. *dragme* – ‘n Griekse silwer munt van gelyke waarde as ‘n *dēnarius* (vgl. Luk. 5:8,9)
4. *di-dragmon* – ‘n dubbele *dragmas* gelyk aan ‘n Joodse ½ *sjekel* (vgl. Mat. 17:24)
5. *statēr* – “silwermuntstuk”, omtrent vier *denarii* werd (vgl. Mat. 17:27)

C. Goue munte – *Chruso* (“goue munt”) – mees waardevolle munt (vgl. Mat. 10:90).

D. Algemene terme vir die massa van metale

1. *mnaa-mina* – Latyn, gelyk aan 100 *denarii* (vgl. Luk. 19:13)
2. *talanton* – ‘n Griekse gewigsmaat (vgl. Mat. 18:24; 25:15,16,20,24,25,28)
 - a. silwer se waarde 6, 000 *denarii*
 - b. goud se waarde 180, 000 *denarii*
3. *sjekel*, OT Joodse gewigsmaat van silwer (vgl. Gen. 23:15; 37:28; Eks. 21:32)
 - a. *pīm* – 2/3 sjekel
 - b. *beka* – ½ sjekel
 - c. *gera* – 1/20 sjekel
4. Groter eenhede
 - a. *maneh* – 50 sjekels
 - b. *kikkar* – 3, 000 sjekels

17:25-27 Hierdie vers dui aan dat Jesus geregtig sou wees op vrystelling van hierdie belasting gedagtig aan wie Hy was. Nogtans betaal Hy die belasting om aan alle geregtigheid te voldoen (vgl. 3:15). Sy doel was immers om die Joodse gemeenskap in hulle kulturele situasie te bereik.

17:25	OAV, NAV, CUM-MVB	“was Jesus hom voor”
	CUM-NLV	“spring Jesus hom voor en vra”
	NASB	“Jesus spoke to him first”

Het Jesus die gesprek gehoor of het Hy hier van sy voorkennis gebruik gemaak? Hierdie vraag kom dikwels in die ewangelies na vore.

- **“tol of (en) belasting(s)”**; **“customs or poll-tax”**: In hierdie paragraaf word drie verskillende belastings geïmpliseer:
 1. die Joodse belasting (twee dragma, vers 24)

2. plaaslike belastings (doane, vers 25)
3. tolgeld (Romeinse staatsbelasting, vgl. 22:17).

17:26	OAV	“dan is die seuns vry”
	NAV	“dan is die seuns mos vrygestel”
	CUMs	“dan is die eie mense mos vrygestel”
	NASB	“the sons are exempt”

Hierdie is ‘n gesaghebbende stelling van Jesus oor sy Messiaanse koningskap. Hy is die ware, verwagte opvolger in die Dawidslinie en sy volgelinge is die koninklike kinders wat nie belasting hoef te betaal nie. Dit volg dat die insamelaars van die tempelbelasting nie as kinders gereken word nie!

17:27 Baie het al kritiek teen hierdie vertelling uitgespreek, omdat dit voorkom of Jesus besig is om sy Messiaanse krag te gebruik vir eiegewin. Dit moet egter eerder gesien word as voortgaande wonderwerke van Jesus ten einde sy dissipels toe te rus en hulle geloof te versterk. Hier vertoon Jesus sy beheer oor die natuur en sy voorafkennis wat tot Petrus se hulp kon kom wanneer moeilikhede op sy geloofspad sou opduik. Vir dié rede is dit vir ons aangeteken.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom word dieselfde gebeure in al drie die Sinoptiese evangelies meegedeel?
2. Waarom is daar verskille in die weergawes van ooreenstemmende dele van hierdie drie evangelies?
3. Waarom het Jesus ‘n binnekring van dissipels gehad?
4. Hoekom het Moses en Elia op die berg van verheerliking aan Jesus verskyn?
5. Wat is belangrik in God se uitspraak as Ps. 2 en Jes. 42 daarmee saam gesien word?
6. Watter verband kan gesien word tussen hoofstuk 16 en hoofstuk 17 se weergawes van Jesus se lye en sterwe?
7. Waarom is die term ‘Seun van die Mens’ so gepas vir Jesus?
8. Was Johannes die Doper Elia in ‘n ander gedaante?
9. Watter verband is daar tussen uitdrywing en genesing uit ‘n geloofsperspektief?
10. Wat is demone en is hulle steeds vandag aktief in die wêreld?
11. Is die woord “berg” in vers 20 ‘n geval van fisiese manipulasie (verskuiwing) van voorwerpe of het dit te doen met die omvang van die lewe se vraagstukke?
12. As Jesus dan die verraad teenoor Hom en daarmee saam sy dood en opstanding, so dikwels verduidelik het, waarom het die gebeure die dissipels so onverhoeds betrap?

MATTEUS 18

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Greatest in the Kingdom 18:1-5	Who is Greatest? 18:1-5	Sayings on Humility and Forgiveness 18:1-5	Who is the Greatest? 18:1 18:2-5	Who is the Greatest? 18:1-4	Die belangrikste in die koninkryk 18:1-5
Temptations to Sin 18:6-9	Jesus Warns of Offenses 18:6-9	Warnings of Hell 18:6-7 18:8-9	Temptations to Sin 18:6-7 18:8-9	On Leading Others Astray 18:5-7 18:8-9	Aanleiding tot afvalligheid 18:6-9
The Parable of the Lost Sheep 18:10-14	The Parable of the Lost Sheep 18:10-14	The Lost Sheep 18:10-14	The Parable of the Lost Sheep 18:10-11 18:12-14	18:10 18:11 (not included) The Lost Sheep 18:12-14	Die gelykenis van die verlore skaap 18:10-14
A Brother Who Sins 18:15-17 18:18-20	Dealing With a Sinning Brother 18:15-20	Discipline Among Followers 18:15-20	A Brother Who Sins 18:15-17 Prohibiting and Permitting 18:18 18:19-20	Brotherly Correction 18:15-17 18:18 Prayer in Common 18:19-20	'n Broer wat sondig 18:15-20
The Parable of the Unforgiving Servant 18:21-35	The Parable of the Unforgiving Servant 18:21-35	Forgiveness 18:21-22 18:23-35	The Parable of the Unforgiving Servant 18:21 18:22-27 18:28-34 18:35	Forgiveness of Injustice 18:21-22 Parable of the Unforgiving Debtor 18:23-35	Die plig om te vergewe 18:21-35

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

17. Eerste paragraaf

18. Tweede paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

19. Derde paragraaf

20. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 18

- A. Hierdie gedeelte is nie op kinders gemik nie, maar kinders dien as beeldmateriaal vir die onderrig aan pasbekeerdes, oftewel nuwe Christene.
- B. Hierdie gedeelte handel nie oor die inbring van verlore nes nie, maar oor karaktereienskappe van gelowiges.
- C. Die kerklike vermanings van verse 15-19 staan in verband met gelowiges se liefde vir mekaar in Christus (vgl. Rom. 14:1-15:13; 1 Kor. 8; 10:23-33).
- D. Die gelykenis van verse 21-35 handel oor gelowiges se handelswyse teenoor nuwe gelowiges en moet gebaseer word op God se handeling in Christus met alle gelowiges. Sy vergifnis moet tot onderlinge vergifnis lei! Vergifnis is 'n kwessie van vergewe! Dit is nie die basis nie, maar die uitkoms van God se werk in ons lewens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 18:1-6

¹At that time the disciples came to Jesus and said, "Who then is greatest in the kingdom of heaven?" ²And He called a child to Himself and set him before them, ³and said, "Truly I say to you, unless you are converted and become like children, you will not enter the kingdom of heaven. ⁴Whoever then humbles himself as this child; he is the greatest in the kingdom of heaven. ⁵And whoever receives one such child in My Name receives Me; ⁶but whoever causes one of these little ones who believe in Me to stumble, it would be better for him to have a heavy millstone hung around his neck, and to be drowned in the depth of the sea.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:1-6.

18:1 OAV, NAV "het die dissipels na Jesus gekom"
CUM-MVB "het die leerlinge by Jesus gekom"
CUM-NLV "het die dissipels na Jesus toe gekom"
NASB "the disciples came to Jesus"

Hiermee is dit duidelik dat Jesus nie met ongelowiges nie, maar met gelowiges gepraat het.

▣ OAV "Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele"
NAV "Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel"
CUM-MVB "Wie is die belangrikste in die koninklike regering van God"
CUM-NLV "Wie van ons sal die belangrikste wees in God se koninkryk"
NASB "Who then is greatest in the kingdom of heaven"

Hierdie vraag is toonaangewend vir alles wat volg. Sien Mark. 9:33-34; Luk. 9:46-48. Die vraag laat duidelik blyk hoe radikaal die dissipels die aard van die koninkryk misverstaan het. Hieruit word dit ook duidelik dat hulle nie van mening was dat Petrus 'die grootste' was nie!

18:2 OAV, NAV, CUM-MVB "'n kindjie"
CUM-NLV "'n klein kindjie"
NASB "a child"

Markus laat in 9:33 deurskemer dat dit 'n kind van Petrus was.

18:3 OAV "Voorwaar"
NAV "Dit verseker Ek"
CUMs "toe sê Hy: As"
NASB "truly"

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

▣ OAV, NAV, CUM-MVB "as julle nie verander"
CUM-NLV "as julle nie wegdraai van julle sondige lewe"
NASB "unless you are converted"

"Convert" dui op 'n bekeringservaring wat met opregte berou begin en tot 'n veranderde lewenstyl lei (vgl. NASB en CUM-NLV; ook NRSV en NJB). In Joh. 12:40 se aanhaling van Jes. 6:10 word 'n woord in die Grieks gebruik wat aanhaak by die Hebreeuse *sjub* (omdraai/omkeer, BDB 996). Let daarop dat "nederig" in vers 4 veronderstel is om as

sinoniem vir “wegdraai”⁴⁰ te dien. Kinders vertrou op en verlaat hulle in opregte, kinderlike eenvoud op ander. Hulle is gereedelik bereid om onderrig te word en aan gesagspersone gehoorsaam te wees, dus vanselfsprekend ook aan God.

Dit is ‘n AORISTUS SUBJUNKTIEF PASSIEWE grammatikale konstruksie. Die AORISTUS TYD impliseer dat daar ‘n besliste stap of handeling sal wees – die uitoefening van ‘n keuse of wilsbesluit (SUBJUNKTIEF). Die PASSIEWE impliseer dat die inisiatief om tot so ‘n stap oor te gaan steeds van God moet kom (vgl. Joh. 6:44,65).

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV, CUM-NLV NAV CUM-MVB NASB | <p>“sal julle nooit (beslis nie) in die koninkryk van die hemele (God) ingaan nie”</p> <p>“sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie”</p> <p>“sal julle beslis nie deel hê aan die koninklike regering van God nie”</p> <p>“you will not enter the kingdom of heaven”</p> |
|--|---|

Hierdie is ‘n sterk uitdrukking vanweë die DUBBELE NEGATIEF: “nooit, onder geen omstandighede ooit!” Let daarop dat ingang tot die koninkryk onmiddellik is! Om op Jesus en sy boodskap te vertrou kom neer op betreding van die nuwe era. Die koninkryk het aangebreek vir almal wat Jesus aangehoor en aangeneem het.

18:3,4,6 “en soos die kindertjies word nie. . . kindjie. . . een van hierdie kleinste (kleintjies)”; “and become like children. . . child. . . one of these little ones”: Hierdie stellings gebruik kinders as metafoor vir nuwe bekeerlinge – hulle onvolwasse, maar kinderlik opregte geloof. Dus is die regte gesindheid vir volwassenes die afhanklike vertrou van ‘n kind!

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 18:3,4 OAV, CUM-NLV NAV, CUM-MVB NASB | <p>“sal julle nooit (beslis nie) in die koninkryk van die hemele (God) ingaan nie”</p> <p>“sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie (deel hê aan die koninklike regering van God nie)”</p> <p>“you will not enter into the kingdom. . . of heaven”</p> |
|---|---|

Kragtens die teksverband word hier duidelik gemaak (1) hoe iemand by Christus uitkom⁴¹ en (2) hoe ‘n mens in Christus volhard⁴².

18:5 Dit stem ooreen met die beklemtoning in 10:40. Let ook op Mat. 10:40; 25:35-45; Luk. 10:16; Han. 9:4 en 1 Kor. 8:12. Jesus maak Homself herkenbaar en vereenselwig Hom met sy volgelinge, sonder voorbehoud!

18:6 “dit is (sal) vir hom beter (wees)”; “it would be better”: Dood is ‘n eenmalige gebeurtenis teenoor die ewigheidsgevolge wat op oordeel volg (vgl. 25:31-46). In 2 Pet. 2:20-22 word ‘n soortgelyke “dit sou beter wees” stelling aangetref.

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ “n (groot) meulsteen”; “a heavy millstone”: | <p>Hiermee word die groot boonste steen bedoel wat deur trekkere in die proses van koringmaal gewentel word.</p> |
|---|--|

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“en hy wegsink in die diepte van die see”</p> <p>“in die diep see verdrink”</p> <p>“in die diepte van die see verdrink”</p> <p>“in die see verdrink”</p> <p>“to be drowned in the depth of the sea”</p> |
|--|--|

Aangesien die Jode, soos baie ander woestynvolke, deur water bedreig gevoel het, wil hierdie frase te kenne gee dat die verskrikking van ‘n waterdood minder erg sou wees as om nuutbekeerdes te mislei tot sonde (vgl. verse 8-10; Rom. 14). Sien *Vir Spesiale Aandag: Grade van beloning en straf* by 5:12.

NASB (UPDATED) TEXT: 18:7

⁷Woe to the world because of its stumbling blocks! For it is inevitable that stumbling blocks come; but woe to that man through whom the stumbling block comes!

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:18:7.

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 18:7 OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“Wee die wêreld weens die struikelblokke”</p> <p>“Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak”</p> <p>“Groot teëspoed vir wie ookal ‘n mens in sy geloof laat struikel”</p> <p>“Die wat ander tot ‘n val bring, bring ellende in die wêreld”</p> <p>“Woe to the world. . . woe to that man”</p> |
|---|---|

Hierdie literêre vorm is eie aan die OT profete: ‘n klaaglied soos by ‘n begrafnis wat die oordeel van God simboliseer (vgl. 11:21; 18:7; 23:13,15,16,23,25,27,29; 24:19; 26:24; Luk. 17:1-2). Om nuwe gelowiges te mislei plaas immers hulle toekomst vir ewig op die spel.

- | | |
|---|-------------------------|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV | <p>“struikelblokke”</p> |
|---|-------------------------|

⁴⁰ Vgl. CUM-NLV – vert.

⁴¹ Vgl. NAV – vert.

⁴² Vgl. CUM-MVB – vert.

NAV	“dinge wat. . .afvallig maak”
CUM-MVB	“Redes vir struikeling”
CUM-NLV	“wat. . .tot ‘n val bring”
NASB	“stumbling blocks”

Dieselfde NAAMWOORD (*skandalon*, vgl. Luk. 17:1) beskryf ook die probleem met Petrus se stellings in 16:23. Die letterlike betekenis is die valstrik van die slagyster of vanghok wat met lokaas gelaai word (vgl. die LXX weergawe van Amos 3:5). Nuutbekeerdes is nog onvas van oortuiging en baie oop vir wanvoorstellings en misleiding van die kant van vals leermeesters (van Joodse kant en later dwaalgeeste onder Christenleermeesters, vgl. 7:15-27; 1 Tim. 4:1-5; 2 Tim. 2:14-26; 3:1-9; 2 Pet. 2).

Die WERKWOORDVORM kom herhaaldelik voor in Matteus se evangelie (vgl. 5:29,30; 11:6; 13:21,57; 15:12; 17:27; 18:6,8,9; 24:10; 26:31,33). Probleme en versoekings is altyd aanwesig!

NASB (UPDATED) TEXT: 18:8-9

⁸If your hand or your foot causes you to stumble, cut it off and throw it from you; it is better for you to enter life crippled or lame, than to have two hands or two feet and be cast into the eternal fire. ⁹If your eye causes you to stumble, pluck it out and throw it from you. It is better for you to enter life with one eye, than to have two eyes and be cast into the fiery hell.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:8-9.

18:8-9 “as. . .as”; “if. . .if”: Hierdie is albei KLAS EEN VOORWAARDELIKE SINNE wat as waar aanvaar moet word vanuit die perspektief van die skrywer of om sy literêre doelwit te bereik. So ‘n skrikwekkende voorstelling van sake beklemtoon die erns van persoonlike sonde, veral as dit lei tot die struikeling van ander (vgl. verse 6 en 7).

18:8,9	OAV	“kap dit af. . .ruk dit uit”
	NAV, CUM-MVB	“kap hom af. . .ruk hom uit”
	CUM-NLV	“kap dit af. . .pluk dit uit”
	NASB	“cut it off. . .pluck it out”

Die bedoeling hier is nie letterlik nie, maar staan eerder ten doel om die erns van sonde en die nagevolge daarvan te toon.

■	OAV, NAV, CUM-MVB	“die ewige vuur”
	CUM-NLV	“die vuur. . .wat nooit geblus sal word nie”
	NASB	“eternal fire”

Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: EWIG

Robert B. Girdlestone in sy boek, *Synonyms of the Old Testament*, spreek ‘n interessante mening uit oor die woord ‘ewig’.

“The adjective *aiōnios* is used more than forty times in the N.T. with respect to *eternal life*, which is regarded partly as a present gift, partly as a promise for the future. It is also applied to God’s endless existence in Rom. 16.26; to the endless efficacy of Christ’s atonement in Heb. 9.12, 13.20; and to past ages in Rom. 16.25, 2 Tim. 1.9, Titus 1.2.

“This word is used with reference to *eternal fire*, Matt. 18.8, 25.41, Jude 7; *eternal punishment*, Matt. 25.46; *eternal judgment or condemnation*, Mark 3.29, Heb. 6.2; *eternal destruction*, 2 Thess. 1:9. The word in these passages implies *finality*, and apparently signifies that when these judgments shall be inflicted, the time of probation, change, or the chance of retrieving one’s fortune, will have gone by absolutely and for ever. We understand very little of the future, about the relation of human life to the rest of existence, and about the moral weight of unbelief, as viewed in the light of eternity. If, on the one hand, it is wrong to add to God’s word, on the other we must not take away from it; and if we stagger under the doctrine of eternal punishment as it is set forth in Scripture, we must be content to wait, cleaving to the Gospel of God’s love in Christ, while acknowledging that there is a dark background which we are unable to comprehend,” (bl. 318-319).

18:9	OAV, CUM-NLV	“die hel se vuur”
	NAV	“vuur van die hel”
	CUM-MVB	“Gehenna met sy vuur”
	NASB	“the fiery hell”

Gehenna is saamgestel uit twee Hebreeuse woorde, naamlik *ge* wat ‘vallei’ beteken en *henna* wat die ‘seuns van Hinnom’ beteken (vgl. 2 Kon. 23:10; 2 Kron. 28:3; 33:6; Jer. 7:31). Dit was die vallei net buite Jerusalem waar die Fenisiese god van vuur vereer is deur kinderooffers te bring, ‘n praktyk bekend as *molog*-verering. Die Jode het daarvan hulle vullishoop gemaak. Sien *Vir Spesiale Aandag: Waar is die gestorwenes?* by 5:22. Jesus het hierdie plek metafories aangewend om die hel te beskryf. Net Jesus maak van dié term gebruik, behalwe ‘n enkele keer wat dit ook in Jak. 3:6 voorkom.

Dit is 'n vers wat vrees inboesem, alhoewel 'n mens moet onthou dat Jesus dikwels van oorbeligting of hiperbole in sy onderrig gebruik gemaak het. Inaggenome die konteks is dit aan volgelingen, oftewel gelowiges, gerig. Jesus herinner daarmee sy volgelingen aan die noodsaaklikheid van volharding in geloof en liefde (vgl. Mat. 5:22).

NASB (UPDATED) TEXT: 18:10-11

¹⁰See that you do not despise one of these little ones, for I say to you that their angels in heaven continually see the face of My Father who is in heaven. ¹¹“For the Son of Man has come to save that which was lost.”]

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:10-11.

18:10 OAV, CUM-MVB “Pas op dat julle nie (nooit) een van hierdie kleintjies verag nie”
 NAV “Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie”
 CUM-NLV “Maak seker dat julle nie op een van hierdie kleinste neersien asof hulle onbelangrik is nie”
 NASB “see that you do not despise one of these little ones”
 Hierdie hele gedeelte (d.w.s. verse 9,10-11) beklemtoon dieselfde waarheid.

▣ OAV, NAV “hulle engele”
 CUM-MVB “hulle hemelse boodskappers”
 CUM-NLV “die engele in die hemel wat oor hulle waak”
 NASB “their angels”

Dit kan verstaan word om te beteken dat alle gelowiges 'n persoonlike beskermengel het (vgl. Ps. 91:11; Han. 12:11; Heb. 1:14). Dit is 'n uiters interessante gedagte, maar ongelukkig is daar nie genoeg Bybelse getuienis waarop 'n leerstelling gebaseer kan word nie. Ps. 24:7 stel dieselfde waarheid, maar hier in 'n gemeenskaplike sin.

18:11 Hierdie vers ontbreek in die oudste Griekse MSS \aleph , B, L asook in die MSS wat tot beskikking was van Origenes, Eusebius en Hieronimus. Dit kom ook nie voor in die Siriese of Koptiese vertalings nie. Waarskynlik het dit dan nie in Matteus se oorspronklike boekrol verskyn nie. Vroeë oorskrywers het dit by Lukas (19:10) oorgeneem en dit hier ingevoeg. Die UBS⁴ gradeer weglating daarvan met 'n 'B' – taamlik seker.

NASB (UPGRADED TEXT): 18:12-14

¹²“What do you think? If any man has a hundred sheep, and one of them has gone astray, does he not leave the ninety-nine on the mountains and go and search for the one that is straying? ¹³If it turns out that he finds it, truly I say to you, he rejoices over it more than the ninety-nine which have not gone astray. ¹⁴So it is not the will of your Father who is in heaven that one of these little ones perish.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:12-14.

18:12-14 OAV, NAV, CUM-MVB “honderd skape”
 CUM-NLV “100 skape”
 NASB “a hundred sheep”

Hierdie gelykenis handel oor gelowiges wat weggedwaal het, maar dan na God terugkeer. Gelowiges moet na mekaar omsien en behulpsaam wees om hulle voete geestelik weer te vind (vgl. Gal. 6:1-3). In Luk. 15:4-7 sinspeel hierdie gelykenis op die geestelik afvallige Fariseërs en is dit duidelik dat Jesus dieselfde gelykenisse onder wisselende omstandighede teenoor verskillende gehore gebruik het.

18:13 “as”; “IF”: Verse 12 en 13 is albei KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE wat toekomstige optrede veronderstel.

▣ OAV “voorwaar”
 NAV, CUM-MVB “verseker Ek julle”
 CUM-NLV “wil Ek julle verseker”
 NASB “truly”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

18:14 NAV, OAV, CUM-MVB “nie die wil van julle Vader in die hemel(e)”
 CUM-NLV “wil julle Vader in die hemele nie hê”
 NASB “The will of your Father who is in heaven”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 7:21.

▣ OAV, NAV, CUM-MVB “dat een van hierdie kleintjies verlore (moet) gaan nie”
 CUM-NLV “dat nie één van hierdie kleinste verlore gaan nie”
 NASB “that one of these little ones perish”

'n Verskeidenheid *Vir Spesiale Aandag*-aantekeninge hou verband met hierdie frase:

1. vernietiging (*appollumi*) by 2:13

2. afvalligheid (*aphistēmi*) by 7:21
3. volharding by 10:22

NASB (UPDATED) TEXT: 18:15-18

¹⁵“If your brother sins, go and show him his fault in private; if he listens to you, you have won your brother. ¹⁶But if he does not listen to you, take one or two more with you, so that BY THE MOUTH OF TWO OR THREE WITNESSES EVERY FACT MAY BE CONFIRMED. ¹⁷If he refuses to listen to them, tell it to the church; and if he refuses to listen even to the church, let him be to you as a Gentile and tax collector. ¹⁸Truly I say to you, whatever you bind on earth shall have been bound in heaven; and whatever you loose on earth shall have been loosed in heaven.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:15-18.

18:15-17 OAV “gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen”
NAV, CUM-MVB “gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is”
CUM-NLV “gaan wys hom daarop. Maar hou dit tussen julle twee”
NASB “go and show him his fault in private”

Hierdie KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN gaan twee IMPERATIEWE (opdragte) vooraf. Hulle is

1. “gaan”, PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF
2. “tereg wys/bestraf”, AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF (dit kom net hierdie eenkeer voor in Matteus, maar let op die gebruik van dié gedagte in Joh. 3:20; 8:46; 16:8 en Paulus in Efes. 5:11 en 1 Tim. 5:20).

Dit is hoe die gemeente prakties met sonde moet werk. Dié frase laat reeds iets van gevestigde gebruik deurskemer in die kerklike lewe van daardie tyd. Let op die stappe wat nodig is:

1. lê eers ‘n alleenbesoek af by die oortreder;
2. neem twee getuies saam as jy weer moet gaan;
3. bring dit dan voor die aandag van die hele gemeente; en
4. laastens word die vertroue en vriendskap as gebroke beskou.

Hierdie werkwyse was nie net vir die leierskap in die gemeente bedoel nie, maar vir alle gelowiges. Betugting en sagmoedige reghelp van jou broer wat verkeerd optree is nodig (vgl. Luk. 17:3; Gal. 6:1-2). Die doel van kerklike tug is altyd verlossing en moet nooit as straf opgevat word nie. Wat ook wel in ag geneem moet word is die goeie beeld van die liggaam (van Christus) in die omgang en dat daar vrede moet heers in hierdie liggaam. Inderdaad gaan dit ook om die welsyn (geestelike en fisiese gesondheid) van die geheiligdes in Christus wat in sonde verval het.

18:15 OAV “En as jou broer teen jou sondig”
NAV “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou”
CUM-MVB “As ‘n medegelowige jou te na kom”
CUM-NLV “As een van jou medegelowiges iets verkeerd teen jou gedoen het”
NASB “if your brother sins”

Hierdie paragraaf oor kerklike vermaning (dissipline) volg direk uit die verkondiging van verse 1-14. Herhalings van KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE kom hierin voor: vers 15 (tweekeer), verse 16 en 17 (beide gevalle eenkeer elk). Daarmee word ‘n verwagting van toekomstige optrede gewek.

▣ **OAV** “sondig”
NAV “verkeerd opgetree het”
CUM-MVB “te na kom”
CUM-NLV “iets verkeerd/fout”
NASB “sins”

Hier kom variasie voor in die Griekse MSS. Die oudste en volledigste hoofletter-manuskripte \aleph en B het nie die “teen jou” in verband met “sondig” nie (vgl. NASB-aanhaling hier bo), maar in ander hooflettermanuskripte D, L en W, sowel as die Vulgaat (Latynse) en Armeniese vertalings kom dit wel voor. Die UBS⁴ gee dit ‘n ‘C’-gradering en sluit dit tussen hakies in.

▣ **OAV** “dan het jy jou broeder gewin”
NAV “het jy jou broer teruggewen”
CUM-MVB “het jy die medegelowige teruggewen”
CUM-NLV “het jy hom teruggewen”
NASB “you have won your brother”

Hierdie frase vind weerklank in Jak. 5:15-16,19-20.

18:16 NAV “sodat alles. . .deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word”
OAV, CUM-MVB “sodat elke woord (kan vasstaan) in die mond van twee of drie getuies”
CUM-NLV “so sal daar twee of drie getuies wees om te bevestig”
NASB “so that by the mouth of two or three witnesses”

Hierdie aanhaling kom uit Deut. 19:15. Volgens OT gebruike was ten minste twee getuies nodig om enige saak in die hof te bereg (vgl. Num. 35:30; Deut. 17:6).

18:17 OAV, NAV, CUM-NLV “die gemeente”
CUM-MVB “die kerk”
NASB “the church”

Vir ‘n bespreking van die oorsprong van *ekklesia* (kerk) kan die aantekeninge by 16:18 opgeroep word. Hierdie weergawe kom uit ‘n later tyd toe groepe gelowiges dit nodig gevind het om dissiplinerend teenoor sommige van hulle lidmate op te tree. Dit is so dat sommige van Jesus se uitsprake nie in sy bedieningstyd pas nie, maar profeties ingeklee was volgens latere bedieningspatrone. Matteus, wat in so ‘n later periode geleef en geskryf het, is deur die Heilige Gees aan uitsprake van Jesus herinner – uitsprake wat hy immers ná Pinkster eers begin verstaan het.

Die term “kerk” kom net twee keer in die evangelies voor, albei kere in Matteus. Lukas gebruik dit glad nie in sy evangelie nie, maar wel dikwels in Handeling, wat dit laat blyk dat hy baie bewus was van ‘n verandering wat ná Pinkster ingetree het.

☐ **OAV “laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar”**
NAV “moet jy hom as ‘n heiden en tollenaar behandel”
CUM-MVB “moet jy hom as ‘n ongelowige en ‘n belastinggaarder behandel”
CUM-NLV “moet hy vir jou wees soos ‘n ongelowige of korrupte tollenaar”
NASB “let him be to you as a Gentile and a tax collector”

Die Matteus-evangelie was aan Jode gerig. Hulle het heidene as onrein beskou en die beroep van tollenaar is met minagting bejeën (vgl. 5:46; 9:10-11; 11:19). Hierdie twee uiters eksplisiete voorbeelde sou heidenlesers nie kon waardeur of begryp nie en is daarom word dit uit die ander evangelies weggelaat.

18:18 OAV “Voorwaar”
NAV, CUMs “Dit verseker Ek julle”
NASB “truly”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:18.

☐ **“julle”; “I say to you”**: Die Engelse “you” is meervoud in die oorspronklike sodat ons moet aanneem dat Jesus Die twaalf hier aanspreek en nie net Petrus soos in 16:19 nie!

☐ **OAV “bind. . . gebonde wees”**
NAV “toesluit. . . toegesluit bly”
CUM-MVB “bind. . . bindend bevestig word”
CUM-NLV “afwys. . . verbode wees”
NASB “bind. . . loose”

Hierdie vertaling sou ook kon lees ‘verbied’ en ‘toelaat’. Dit was hoe die rabbyne hulle oor toepassing van die wet onder bepaalde omstandighede uitgedruk het. Sien ‘n bespreking hiervan by 16:19. Hier, en in Joh. 20:23, staan die terme ook in verband met die vergifnis van sonde (maar soos hier onder verduidelik)!

☐ **OAV “sal in die hemel gebonde wees. . . sal in die hemel ontbonde wees”**
NAV “sal in die hemel toegesluit bly. . . sal in die hemel oopgesluit bly”
CUM-MVB “sal in die hemel as bindend bevestig word. . . in die hemel as veroorloof bevestig word”
CUM-NLV “sal voor God verbode wees. . . sal ook voor God in orde wees”
NASB “shall have been bound in heaven. . . shall be loosed in heaven”

Hierdie PERFECTUM PASSIEF DEELWOORDE was ‘n OMSKRYWENDE manier om oor te dra dat iets reeds bepaal is. Hiermee word juis nie gesê dat die mens in geestelike aangeleenthede die inisiatief sal hê nie! Wat hier meegedeel word, is dat God se wil op aarde in die besluite van sy mense onder die leiding van die Heilige Gees moet geskied (vgl. Mat. 16:19-20; Joh. 20;23). Dit is sy wil dat kerklike dissipline verlossingsgerig sal wees (vgl. Gal. 6:1-10) en in ooreenstemming met sy manier om met gelowiges om te gaan.

NASB (UPDATED)TEXT: 18:19-20

¹⁹“Again I say to you, that if two of you agree on earth about anything that they may ask, it shall be done for them by My Father who is in heaven. ²⁰For where two or three have gathered together in My name, I am there in their midst.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:19-20.

18:19 OAV “As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra”
NAV, CUM-MVB “As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daarvoor bid”
CUM-NLV “As twee van julle hier op aarde sou saamstem oor enigiets wat julle van God behoort te vra”
NASB “if two of you agree on earth about anything that they may ask”

Hierdie is ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat toekomstige aksie veronderstel. Gegewe die konteks gaan hierdie belofte oor kerklike vermaning en optrede teenoor ander gelowiges.

18:19 Hierdie vers moet in die konteks van God se wil deur die Gees geopenbaar vanaf vers 18 gelees word. Die belofte van antwoorde aan gelowiges is slegs geldig onder sekere geestelike omstandighede. Die slegste ding wat die meeste moderne gelowiges kan tref is dat hulle selfsugtige, materialistiese gebede verhoor word.

Wat gebed betref, bied die Bybel oënskynlik teenstrydige sienings. Sommige gedeeltes belooft antwoorde op die wydste moontlikheid van behoeftes (vgl. Mat. 18: 19; Joh. 14:13-14; 15:7,16; 16:23). Ander passasies stel dat gebed beperk word deur

1. ons volharding (vgl. Mat. 7:7-11; Luk. 11:5-13; 18:1-8)
2. ons gesindheid (vgl. Mat. 21:22; Mark 11:23-24; Luk. 18:9-14; Jak. 1: 6-7; 4:1-10)
3. die wil van God (vgl. 1 Joh. 3:22; 5:14-15)

Teologies gesproke stem gelowiges saam dat

1. God ag slaan op gelowiges se gebede
2. die grootste gawe nie die antwoord nie, maar die vertrouensvriendskap met die Vader is
3. alle gebede beantwoord word
4. gebed ons eie lewe verander en ook diegene s’n vir wie ons bid.

Dit alles gesê bly gebed misterieus. Dit kan die beste opgesom word in die waarheid dat God in sy opperheerskappy Hom tot verhoring van sy kinders se gebede beperk. Ons het nie omdat ons nie bid nie of omdat ons verkeerd bid.

VIR SPESIALE AANDAG: GEBED, ONBEPERK EN TOG BEPERK

A. Die Sinoptiese Evangelies

1. gelowiges word aangemoedig om in gebed te volhard waarop God “goeie dinge” sal skenk (Mat.) of sy “Gees” (Luk.); Mat. 7:7-11; Luk. 11:5-13
2. in verband met kerklike dissipline word gelowiges aangemoedig om (twee) saam te bid (Mat. 18:19)
3. in die konteks van Jesus se siening van Judaïsme moet gelowiges in geloof vra sonder om te twyfel (Mat. 21:22; Mark 11:23-24)
4. in konteks van twee gelykenisse (die onregverdige regter, 18:1-8 en ‘n eie-geregtigde Fariseër en die sondaar, 18:9-14) word gelowiges aangemoedig om hulle te onderskei van genoemdes se optrede. God hoor die gebed van die nederige en belydende sondaar (Luk. 18:1-14).

B. Johannes se geskrifte

1. in konteks van die blindgebore man vir wie Jesus genees, kom die ware blindheid van die Fariseërs tot openbaring. Jesus se gebed (soos dié van elke mens) word verhoor omdat hy God ken en dienooreenkomstig leef (Joh. 9:31).
2. Die aantekeninge van Johannes oor die gesprekke in die bovertrek (13-17)
 - a. 14:12-14 – gelowige gebed word gekenmerk deur
 - (1) komende van gelowiges
 - (2) gevra in die naam van Jesus
 - (3) in begeerte dat God verheerlik word
 - (4) met onderhouding van die gebooe (vers 15)
 - b. 15:7-10 – ook gekenmerk deur
 - (1) ‘n lewe in Jesus
 - (2) Sy woord nastreef
 - (3) ‘n begeerte dat die Vader verheerlik word
 - (4) baie vrug te dra
 - (5) Sy gebooe te bewaar
 - c. 15:15-17 – hulle gebede gekenmerk deur
 - (1) hulle uitverkiesing
 - (2) die vrug wat hulle dra
 - (3) in die naam van Jesus te vra
 - (4) onderhouding van die gebod van die liefde
 - d. 16:23-24 – ook daarin dat
 - (1) hulle in Jesus se naam bid
 - (2) en volkome blydschap in die verhoring
3. Johannes se eerste brief (1 Joh.)
 - a. 3:22-24 – gelowiges se gebede gekenmerk deur
 - (1) onderhouding van sy gebooe (verse 22,24)
 - (2) en voorbeeldige lewens
 - (3) met geloof in Jesus
 - (4) met liefde vir mekaar
 - (5) deur in Hom te bly en Hy in ons
 - (6) afhanklik van die gawe van die Heilige Gees
 - b. 5:14-16 – en ook gekarakteriseer deur

- (1) vertrouwe in God
- (2) ooreenkomstig sy wil te bid
- (3) en as gelowiges vir mekaar te bid

C. Jakobus

1. 1:5-7 – gelowiges in talle beproewings moet vir wysheid bid sonder om te twyfel
2. 4:2-3 – gelowiges moet vra met opregte motiewe
3. 5:13-18 – wanneer gelowiges gesondheidsprobleme ondervind moet hulle
 - a. ouderlinge roep om te bid
 - b. die gebed van geloof sal red
 - c. vra dat hulle sondes vergewe sal word
 - d. en hulle sondes onder mekaar bely en vir mekaar bid (dit stem ooreen met 1 Joh. 5:16)

Die sleutel tot effektiewe gebed is Christus-gelykvormigheid. Dit is wat bid in “Sy naam” eintlik beteken. Dit sal ‘n kwade dag vir die meeste Christene wees as God hulle selfsugtige bedes verhoor! In ‘n sekere sin word alle gebede beantwoord. Die beste waarde wat uit gebed geput word, is die tyd wat die gelowige met God deurgebring het en die ervaring van vertrouwe op Hom.

18:20 Die syfers wat hier genoem word stem met vers 16 ooreen. Dit kan dui op man en vrou in gesinsverband of twee of meer gelowiges in die dissipelkring of erediens. Hieruit kan afgelei word dat wanneer gelowiges byeenkom vir gebed Jesus teenwoordig sal wees (die implikasie van vers 20).

- | | | |
|---|--------------------------|----------------------------------|
| ■ | OAV, NAV, CUM-MVB | “in My naam” |
| | CUM-NLV | “omdat hulle my mense is” |
| | NASB | “in My name” |
- Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

NASB (UPDATED) TEXT: 18:21-22

²¹Then Peter came and said to Him, “Lord, how often shall my brother sin against me and I forgive him? Up to seven times?” ²²Jesus said to him, “I do not say to you, up to seven times, but up to seventy times seven.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:21-22.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE NAAM VAN DIE HERE

Dit was die algemeen aanvaarde frase om die teenwoordigheid en almag van die Drie-enige God in die kerk aan te dui. Dit was nie ‘n magiese formule nie, maar bloot ‘n aanduiding van totale afhanklikheid op God se geopenbaarde wesensaard.

Met dié frase word dikwels juis na die “Here” Jesus verwys (vgl. Fil. 2:11):

1. by belydenis van geloof in Jesus tydens die doop (vgl. Rom. 10:9-13; Han. 2:38; 8:12,16; 10:48; 19:5; 22:16; 1 Kor. 1:13,15; Jak. 2:7);
2. by duiweluitdrywing (vgl. Mat. 7:22; Mark. 9:38; Luk. 9:49; 10:17; Han. 19:13);
3. tydens genesing (vgl. Han. 3:6,16; 4:10; 9:34; Jak. 5:14);
4. wanneer Christene in barmhartigheid bedien (vgl. Mat. 10:42; 18:5; Luk. 9:48);
5. by die uitoefening van kerklike dissipline (vgl. Mat. 18:15-20);
6. wanneer prediking op heidene gerig word (vgl. Luk. 24:47; Han. 9:15; 15:17; Rom. 1:5);
7. in gebed (vgl. Joh. 14:13-14; 15:2,16; 16:23; 1 Kor. 1:2); en ook
8. as ‘n spreekwyse sinoniem met “Christendom” (vgl. Han. 26:9; 1 Kor. 1:10; 2 Tim. 2:19; Jak. 2:7; 1 Pet. 4:14).

Hoe ons ook al besig is as verkondigers, leraars, gemeentelede, ondersteuners, genesers, duiweluitdrywers, ens., ons doen dit in afhanklikheid van sy karaktereenskappe; sy almag; sy voorsienigheid – in sy Naam!

- | | | |
|--------------|------------------------|------------------------------|
| 18:21 | OAV, NAV, CUMs | “sewentig maal sewe” |
| | NASB, NKJV, TEV | “seventy times seven” |
| | NRSV, NJB | “seventy-seven times” |

Petrus het gedink dis ruimhartig as jy sewe keer vergewe (vgl. Luk. 17:4)! Die Babiloniese Talmoed (Joods!) beskou drie maal as die maksimum (vgl. Amos 1:3,6; 2:6). Jesus het dieselfde syfersimboliek gebruik om die norm vir ware (Christelike) vergifnis veel hoër (eintlik absoluut) te stel (7x70 of 77 keer). Dit beteken nie dat op keer 491 ‘n gelowige sal ophou vergewe nie, maar wel dat verbondsmense teenoor mekaar eindeloos vergewensgesind sal bly (vgl. Luk. 17:4), op die wyse wat God hulle al hulle oortredinge vergewe het (vgl. vers 35). Die nuwe verbond se leefstylvereistes is absoluut radikaal van karakter (vgl. vers 15).

NASB (UPDATED) TEXT: 18:23-35

²³“For this reason the kingdom of heaven may be compared to a king who wished to settle accounts with his slaves. ²⁴When he had begun to settle them, one who owned him ten thousand talents was brought to him. ²⁵But since he did not have the means to pay, his lord commanded him to be sold, along with his wife and children and all

that he had, and repayment to be made. ²⁶So the slave fell to *the ground* and prostrated himself before him, saying, ‘Have patience with me and I will repay you everything.’ ²⁷And the lord of that slave felt compassion and released him and forgave him the debt. ²⁸But that slave went out and found one of his fellow slaves who owed him a hundred denarii; and he seized him and *began* to choke *him* saying, ‘Pay back what you owe.’ ²⁹So his fellow slave fell to *the ground* and began to plead with him, ‘Have patience with me and I will repay you.’ ³⁰But he was unwilling and went and threw him in prison until he should pay back what he owed. ³¹So when his fellow slaves saw what happened, they were deeply grieved and came and reported to their lord all that had happened. ³²Then summoning him, his lord said to him, ‘You wicked slave, I forgave you all your debt because you pleaded with me. ³³Should you not have mercy on your fellow slave in the same way I had mercy on you?’ ³⁴And his lord, moved with anger, handed him over to the torturers until he should repay all that was owed him. ³⁵My heavenly Father will also do the same to you. **If each of you does not forgive his brother from your heart.”**

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 18:23-35.

18:23 OAV “n sekere koning”
NAV, CUMs “n koning”
NASB “a king”

Hierdie gelykenis kom net in Matteus voor. In Aramees kon dit gewoon op ‘n koning se amptenaar gedui het, want Jesus het Aramees gepraat en nie Hebreeus nie.

18:24 OAV “tien duisend talente”
NAV, CUM-NLV “miljoene rand(e)”
CUM-MVB “duisend talanton”
NASB “ten thousand talents”

Dit was ‘n buitengewoon groot bedrag. Die jaarlikse belasting in daardie tyd deur die Romeine aan Suidelike Palestina opgelê, was 600 talente. Jesus het dikwels van die tipies Oosterse oordrywingstyl gebruik gemaak om sy boodskap effektief tuis te bring. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 17:24.

18:25 Inderdaad kon persone en hulle families vir skuld as slawe verkoop word (vgl. Lev. 25:39; 2 Kon. 4:1; Neh. 5:5; Jes. 50:1). Die koning se dreigement was ‘n ernstige realiteit.

18:26-29 OAV “wees lankmoedig met my, ek sal u alles terugbetaal”
NAV, CUM-MVB “Gee my tog uitstel, ek sal u alles terugbetaal”
CUM-MVB “Gee my kans, ek sal alles aan u terugbetaal”
NASB “have patience with me and I will repay you everything”

Dit is presies dieselfde woorde as in verse 26 en 29. Dit is die essensie van die gelykenis. Volgens vers 30 is hy absoluut gevoelloos vir ‘n ander mens wat vir dieselfde vergunning pleit.

18:34 OAV “die pynigers”
NAV “om gemartel te word”
CUMs “die folteraars”
NASB “the torturers”

In Aramees het dit waarskynlik ‘tronkbewaarder’ beteken.

18:35 OAV “So sal my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie”
NAV, CUM-MVB “So sal my Vader wat in die hemel is (hemelse Vader) ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie”
CUM-NLV “So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle weier om julle medegelowiges met julle hele hart te vergewe”
NASB “My heavenly Father will also do the same to you, if each of you does not forgive your brother from the heart”

Dit is ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat moontlik toekomstige handeling in gedagte gehad het. Vergifnis moet lei tot vergewe (vgl. Mat. 5:7; 6:14-15; 7:1,2; 10:8; Luk. 6:36; Kol. 3:13; Jak. 2:13; 5:9)! Ons vergewe nie om die saligheid te verdien nie, maar dat ons vergewe dien as bewys dat ons wel die saligheid ontvang het. Nietemin, op die vraag wat die posisie sal wees van diegene wat bely dat hulle Hom ken, maar nogtans weier om ander gelowiges te vergewe, gee Jesus hier nie ‘n direkte antwoord nie. Gelykenisse kan nie en probeer ook nie alle teologiese vrae beantwoord nie!

■ **OA, NAV, CUM-MVB** “van harte”
CUM-NLV “hart”
NASB “heart”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:8.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Het hierdie hoofstuk te doen met kinders se verhouding met God?
2. Watter twee voorbeelde in dié gedeelte beskryf die radikale aard van ons persoonlike sonde?
3. Handel verse 12-14 in hierdie gelykenis oor dieselfde waarheid as wat in Luk. 15:4-7 opgeteken staan?
4. Wat leer ons omtrent vergifnis in verse 23-25 van hierdie gelykenis?

MATTEUS 19

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Teaching on Divorce	Marriage and Divorce	Marriage and Divorce	Jesus Teaches About Divorce	The Question About Divorce	Gesprek oor egskedding
19:1-2	19:1-10	19:1-2	19:1-2	19:1-2	19:1-12
19:3-12		19:3-9	19:3	19:3-6	
			19:4-6		
			19:7	19:7-9	
			19:8-9		
				Continnence	
		19:10-12	19:10	19:10-12	
	Jesus Teaches on Celibacy				
	19:11-12		19:11-12		
Little Children Blessed	Jesus Blesses Little Children	Blessing the Children	Jesus Blesses Little Children	Jesus and the Children	Jesus seën die kindertjies
19:13-15	19:13-15	19:13-15	19:13-14	19:13-15	19:13-15
			19:15		
The Rich Young Man	Jesus Counsels the Rich Young Man	The Rich Young Man	The Rich Young Man	The Rich Young Man	Die ryk jongman
19:16-22	19:16-22	19:16-22	19:16	19:16-22	19:16-30
			19:17		
			19:17a		
			19:18b-19		
			19:20		
			19:21		
	With God All Things Are Possible			The Dangers of Riches	
19:23-30	19:23-30	19:23-26	19:23-24	19:23-26	
			19:25		
			19:26	The Reward of Renunciation	
		19:27-30	19:27	19:27-29	
			19:28-30		
				19:30	

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

21. Eerste paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalingstekens is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

- 22. Tweede paragraaf
- 23. Derde paragraaf
- 24. Ens.

TOELIGTING UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Die Fariseërs was nie werklik in die vraagstuk van egskeiding geïnteresseerd nie, maar wou eerder Jesus se aanhang verminder deur sy volgelinge te verdeel oor 'n omstrede kwessie (vgl. Mark. 10:2-12). Jesus se antwoord moet binne die konteks van hierdie konfrontasie verstaan word. Dit is nie 'n neutrale leerpassasie nie.
- B. Skrifdele soos Mat. 5:31-32; Mark. 10:1-12; Luk. 16:18; en 1 Kor. 7:12-14 moet ook in ag geneem word wanneer die egskeidingskwessie bespreek word. Hierdie gedeelte handel oor wetsgronde vir egskeiding en hertrou in die tyd van Moses.
- C. Wanneer 'n omstrede sosiale kwessie soos hierdie oorweeg word, pasop:
 1. dat menings van die dag en tyd nie in oorwig geld nie;
 2. dat persoonlike ondervinding en situasies nie as norm beskou word nie;
 3. dat vooroordeel van jou kerklike denominasie nie slaafs nagevolg word nie; en
 4. om nie onbuigsame en dogmatiese beginsels vir elke situasie op te stel nie.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 19:1-2

¹When Jesus had finished these words, He departed from Galilee and came into the region of Judea beyond the Jordan; ²and large crowds followed Him, and He healed them there.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 19:1-2.

19:1 OAV "En toe Jesus hierdie woorde geëndig het"
 NAV, CUM-NLV "Nadat Jesus klaar gepraat het"
 CUM-MVB "en dit het gebeur toe Jesus hierdie woorde voltooi het"
 NASB "When Jesus had finished these words"

Blykbaar gebruik Matteus hierdie frase om struktuur en oorgang te skep tussen Jesus se verskillende leringe (vgl. Mat. 7:28; 11:1; 13:53; 26:1).

■ OAV, NAV, CUM-MVB "het Hy uit Galilea vertrek en in die gebied van Judea oorkant (anderkant) die Jordaan gekom"
 CUM-NLV "het Hy van Galilea vertrek en in Perea aangekom. Hierdie gebied het aan Judea gegrens"
 NASB "He departed from Galilee and came into the region of Judea"

Hierdie deel van Jesus se aktiwiteit het ook al as sy Perea-bediening bekend gestaan. Hoofstukke 19 en 20 handel daaroor. Baie Jode het eerder die Jordaan oorgesteek tot in die gebied van Perea en met die terugkeer suidwaarts in die rigting van Jerusalem gereis. By Jerigo het hulle dan weer die Jordaan oorgesteek om na Judea terug te keer. Die rede hiervoor was 'n diepgesetelde haat vir die Samaritane. Hulle het die Samaritane as half-Jood en half-heiden beskou. Die oorsaak van hierdie vermenging was die wegvoering van die noordelike tien stamme deur Sargon II in 722 v.C. en vestiging van heidene in hulle plek.

19:2 OAV "Groot menigtes het Hom gevolg"
 NAV, CUM-MVB "Groot menigtes (baie skares) het agter Hom aangegaan"
 CUM-NLV "n massa mense het Hom daarheen gevolg"
 NASB "and large crowds followed Him"

Hulle kon pelgrims na Jerusalem gewees het of nuuskieriges, maar daar was ook diegene wat genesing van siekte gesoek het.

■ OAV, NAV, CUM-MVB "en Hy het hulle daar gesond gemaak"
 CUM-NLV "en hy het hulle siekes gesond gemaak"
 NASB "and He healed them there"

Jesus se genesingwonders was bedoel om sy boodskap te bevestig. Dit het die te verwagte hemelvreugde geïllustreer en daarmee die hart van God. Die doel van sy koms was nie in die eerste plek om te genees nie, maar om te onderrig. Wanneer Hy egter die verwoesting en lyding wat sonde veroorsaak aanskou, huiwer Hy nie om op te tree nie; en dit doen Hy steeds!

VIR SPESIALE AANDAG: IS GENESING GOD SE PLAN VIR ALLE TYE?

1. Genesing was 'n belangrike aspek van Jesus en die Apostels se bediening.
2. Die radikale aard van God se boodskap in verband met sy koninkryk is deur genesingswonders bevestig.
3. Dit openbaar iets van die hart van God oor menslike lyding.
4. God het nie verander nie en Hy handel steeds met helende liefde (vgl. Mal. 3:6).
5. Daar is egter voorbeelde waar genesing nie plaasgevind het nie
 - a. Paulus, 2 Kor. 12:7-10
 - b. Trofimus, 2 Tim. 4:20
6. In die rabbynse literatuur is siekte en sonde met mekaar verbind, vgl. Joh. 9:2 en Jak. 5:13-18.
7. Genesing is nie in die nuwe verbond vanselfsprekend of inbegrepe by die "versoening" wat in Jes. 53 en Ps. 103 beskryf word nie.
8. Dit bly 'n geheimenis waarom sommige genees word en ander nie.
9. Hoewel genesinge in elke eeu voorgekom het, is daar 'n opmerklike toename in Jesus se tyd, wat weer verwag kan word in die aanloop van sy tweede koms.

NASB (UPDATED) TEXT: 19:3-9

³Some Pharisees came to Jesus, testing Him and asking, "Is it lawful for a man to divorce his wife for any reason at all?" ⁴And he answered and said, "Have you not read that He who created them from the beginning MADE THEM MALE AND FEMALE, ⁵and said, 'FOR THIS REASON A MAN SHALL LEAVE HIS FATHER AND MOTHER AND BE JOINED TO HIS WIFE, AND THE TWO SHALL BECOME ONE FLESH'? ⁶So they are no longer two, but one flesh. What therefore God has joined together, let no man separate." ⁷They said to Him, "Why did Moses command to GIVE HER A CERTIFICATE OF DIVORCE AND SEND *her* AWAY?" ⁸He said to them, "Because of the hardness of heart Moses permitted you to divorce your wives; but from the beginning it has not been this way. ⁹And I say to you, whoever divorces his wife, except for immorality, and marries another woman commits adultery."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 19:3-9.

19:3 Die rubriek *Vir Spesiale Aandag* by 22:15 werp volle lig op die oorsprong en teologie van die Fariseër-beweging.

☐	OAV	"om Hom te versoek"
	NAV	"Hom op die proef wou stel"
	CUM-MVB	"Hom wou toets"
	CUM-NLV	"om Hom in 'n strik te laat trap"
	NASB	"testing Him"

Hierdie term *peirazō* is gelaai met negatiewe betekenis, naamlik 'toets met die oog op vernietiging of afskryf'. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:1. Dit was nie 'n teologiese gesprek in 'n neutrale omgewing nie!

☐	OAV	"oor allerhande redes"
	NAV, CUM-MVB	"sommer oor enige ding"
	CUM-NLV	"oor enige onbenulligheid"
	NASB	"for any reason at all"
	NKJV	"for any reason"
	NRSV	"for any cause"
	TEV	"for whatever reason he wishes"
	NJB	"on any pretext whatever"

Volgens Markus (10:2) se weergawe hiervan, het die vraag bloot oor egskedding gegaan. In Matteus kom die gronde vir egskedding egter ter sprake. Die konserwatiewe rabbynse skool van Sjammai het hulle op Deut. 24:1 se "iets onbetaamliks" geposisioneer, waarteenoor die meer liberale rabbynse skool van Hillel hulle op die frase "hy het nie meer behae in haar nie" stelling ingeneem het. Eersgenoemde konserwatiewe skool het darem owerspel of een of ander verbode seksuele optrede ingedagte gehad, maar die tweede liberale standpunt was toegeeflik aan enige rede. Later het rabbi Akiba van die Hillel-skool selfs die standpunt verdedig dat die vind van iemand ' aantrekliker ' grond vir egskedding kan wees.

Die Fariseërs vra Jesus uit nie om inligting te kry nie, maar om hom skade te berokken

1. as sommige van sy volgelinge aanhangers van genoemde standpunte of faksies binne Judaïsme sou wees; of
2. met die onguns van Herodes Antipas (wat ook deur Johannes die Doper veroordeel is vir sy egskedding en hertrou).

19:4	OAV, NAV, CUM-MVB	"Het julle nie gelees dat"
	CUM-NLV	"Het julle nie in die Skrif gelees"
	NASB	"Have you not read"

Jesus verwag dat Joodse mense kennis van God se boek sal hê (vgl. 12:3; 19:4; 21:16; 22:31). Kennis van die Skrif was fundamenteel vir 'n toegewyde lewe. Jesus verwag van moderne gelowiges dat hulle ook sou 'gelees het'. Joodse opvattinge het dikwels die Skrif verdraai en die skrifwaarheid ontkrag. Soos ook maar die geval is met hedendaagse

denominasionele tradisies, wat ‘n enkele skrifdeel (of selfs ‘n teksgedeelte) buite konteks aanhaal, sonder inagnome van soveel parallelle gedeeltes wat die volle som van die waarheid uitmaak.

▣ **“gemaak het”; “created”**: Die DEELWOORD (PARTISIPIUM) *ktisas* kom in die hooflettermanuskrip B voor (d.w.s. ‘geskep’), maar die WERKWOORD *poiēsas* (‘gemaak het’) kom in oorwig voor in MSS Ɑ, C, D, L, W en Z. Dié oorwig volg uit die Septuaginta se weergawe van Gen. 1:27. Nietemin is die UBS⁴-kommissie se gradering ‘n (B) vir *ktisas* wat beteken dat hulle taamlik seker is dat dit in Matteus se oorspronklike teks gestaan het (vgl. NASB).

▣ **“van die begin af”; “from the beginning”**: Hierdie aanhaling is uit Gen. 1:27 en 5:2 van God se skepping van beide mans en vrouens. Die huwelik is God se idee en dit behoort monogaam (vgl. Gen. 2:23-24) en permanent (vgl. vers 6) te wees.

19:5 OAV “Om hierdie rede. . .sy vader en sy moeder verlaat”
 NAV, CUM-MVB “Daarom sal. . .sy vader en moeder verlaat”
 CUM-NLV “Daarom sal. . .sy pa en ma agterlaat”
 NASB “for this reason. . .leave his father and mother”

Dit is ‘n aanhaling uit Gen. 2:24. Let daarop dat met vermelding van albei ouers ‘n radikale wegbreek van die vorige gesin as kerngroep vereis word. Omdat meer as een geslag in antieke tye huisvesting gedeel het, was dit nodig om daarop te wys dat elke geslag se onafhanklikheid en eie prioriteite gerespekteer moes word.

▣ OAV “en hulle twee sal een vlees wees”
 NAV, CUM-MVB “en hulle twee sal een (een liggaam) wees”
 CUM-NLV “so sal hulle tot een liggaam verenig word”
 NASB “the two shall become one flesh”

Die gebruik van die ENKELVOUDVORM, maar in ‘n MEERVOUDSIN word ook aangetref in Gen. 2:24, Deut. 6:4; en Eseg. 27:17. Die liefde veroorsaak ‘n samesmelting van individue.

19:6 “Wat God dan (so) saamgevoeg het”; “what therefore God has joined together”: Die AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF dui op ‘n afgehandelde aksie. Met die gebruik van “wat” (nie “wie” nie), word die klem op die huwelik as instelling geplaas. Die term ‘saamgevoeg’ het eintlik beteken ‘saamgejuk’.

19:7 OAV “Waarom het Moses dan beveel om ‘n skeibrief te gee en van haar te skei?”
 NAV, CUM-MVB “Waarom het Moses dan bepaal dat, as iemand sy vrou ‘n skeibrief gee, hy van haar kan skei?”
 CUM-NLV “Waarom het Moses dan gesê ‘n man kan sommer net vir sy vrou ‘n skeidokument gee en haar dan laat gaan?”
 NASB “Moses commanded to give her a certificate of divorce and send her away”

So staan geskryf in Deut. 24:1-4. Jesus wys daarop dat Moses dit so gestel het nie omdat God dit wou hê nie, maar as gevolg van die hardheid van die mense se harte. Moses was bekommerd oor die lot van ‘n geskeide vrou in die gemeenskap. Hierdie sertifikaat (1) is oor verskeie dae opgestel, (2) het wetlike bystand vereis, (3) kon vereis dat die troukat teruggee word en (4) impliseer hertrou.

Iets wat my werklik kwel omtrent Jesus se verwerping van Moses se woorde, is dat daar meer in die OT geskifte kan wees wat deur God verwerp mag word. Ek sou dit nooit geweet het as Jesus nie daarvoor gepraat het nie. My hele lewe lank het ek die Skrif eerbiedig en my lewe en optrede daarvolgens gerig, maar nou kom sê Jesus dat ‘n deel daarvan nooit God se wil was nie. Dit stem my tot nadenke en laat my besluit om my meer tot die NT te verbind en te laat lei deur die interpretasies van Jesus en sy geïnspireerde apostels. Jesus is die Here van die Skrif (vgl. Mat. 5:17-48)!

19:9 OAV “behalwe oor hoerery”
 NAV “behalwe oor owerspel”
 CUM-MVB “behalwe oor seksuele sondes”
 CUM-NLV “as oor huweliksontrou”
 NASB “except for immorality”
 NKJV “except for sexual immorality”
 NRSV “except for unchastity”
 TEV “other than her unfaithfulness”
 JB “I am not speaking of fornication”
 NJB “I am not speaking of an illicit marriage”

Die Griekse term is *porneia*, wat ‘pornografie’ geword het. Dit kan dui op vrywillige seks tussen ongetroudes, owerspel (buite-huwelikse seksdade) en ander onvanpaste gedrag soos onsedelikheid en homoseksualiteit (verbode seksuele bedrywighede).

▣ OAV, NAV, CUM-MVB “en met ‘n ander (een) trou”
 CUM-NLV “en met iemand anders trou”
 NASB “and marries another woman”

Op hierdie Bybelse tydstip het net Joodse mans die reg gehad om te skei. In Markus en Lukas, wat vir heidene skryf, word die vrou ook aangespreek (vgl. Mark. 10:12).

- | | |
|---------------------|---------------------------------------|
| ■ OAV, NAV, CUM-NLV | “pleeg (self) egbreuk” |
| CUM-MVB | “maak hom skuldig aan huweliksontrou” |
| NASB | “commits adultery” |

Dit is ‘n PRAESENS PASSIEF gebruik as INDIKATIEF (vgl. Mark. 10:11-12). Wat Mat. 19:9 betref, varieer die vers in MSS B en C* van ander weergawes. Hierdie oorskrywers het waarskynlik Mat. 5:32 in gedagte gehad. Die waarde hiervan is dat die WERKWOORDTYE van 5:32 (PRAESENS PASSIEF gebruik as INDIKATIEF) lig werp op hierdie gedeelte (19:9). Die grammatikale konstruksie wat in 5:32 vertaal word as: “maak dat sy egbreuk pleeg” (NAV) suggereer dat ‘n sosiale stigma aan die geskeide vrou kleef weens die Joodse kultuur waarin sy haar bevind. Sy word as ‘n owerspelige beskou omdat sy verwerp is.

Vir hedendaagse belang van dié teks is die kommentaar van F. F. Bruce in sy *Answers to Questions* heel gepas (bl. 55):

“Hy bied sy interpretasie op so ‘n manier aan dat sy dissipels, wat alte gewillig is om mee te doen aan wettiese voorskrifte, in dié verband ontmoedig word. Wat Hy oor die Sabbatswette gesê het, naamlik dat die Sabbat vir die mens gemaak is, en nie die mens vir die Sabbat nie, geld netso vir die huwelikswetgewing: die huwelik is vir die mens gemaak en nie andersom nie!”

Sien Dr Utey se opnames oor egskedding aanlyn by www.freebiblecommentary.org in die “*Difficult and Controversial Texts*”-afdeling.

NASB (UPDATED) TEXT: 19:10-12

¹⁰The disciples said to Him, “If the relationship of the man with his wife is like this, it is better not to marry.”
¹¹But He said to them, “Not all men *can* accept this statement, but *only* those to whom it was given. ¹²For there are eunuchs who were born that way from their mother’s womb; and there are eunuchs who were made eunuchs by men; and there are *also* eunuchs who made themselves eunuchs for the sake of the kingdom of heaven. He who is able to accept *this*, let him accept *it*.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 19:10-12.

- | | |
|--------------|--|
| 19:10 OAV | “dissipels sê vir Hom. . .dan is dit nie wenslik om te trou nie” |
| NAV, CUM-MVB | “dissipels (leerlinge) sê toe. . .is dit beter om nie te trou nie” |
| CUM-NLV | “dissipels sê. . .moet ‘n mens maar liever nie trou nie” |
| NASB | “disciples said. . .it is better not to marry” |

Sy woorde het hulle geskok, want die opvattinge van hulle tyd was diep in hulle gemoed ingegraveer. Dit is ook die geval met ons! Om te trou is God se wil vir die mensdom (hierdie is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN). Dit is bedoel om ‘n groot seën te wees, maar tegelyk ‘n groot verantwoordelikheid. In ‘n verlore wêreld van veels te veel egskeddings lewer ‘n sterk en gesonde huwelik ‘n kragtige getuienis.

19:10-11 Die norm is die huwelik (vgl. Gen. 1:28; 9:17), maar die selibaat is ‘n opsie vir spesiale toewyding (vgl. 1 Kor. 7:7,17). ‘n Gelowige se gebedgedrewe begeerte sal hom/haar leiding gee op hierdie front. As iemand verkies om alleen te bly, behoort dit op diens aan God gerig te wees (vgl. 1 Kor. 7:32).

Die ongetroude staat was vir die Jodendom van Jesus se tyd ‘n onaanvaarbare opsie. Jesus het die kultuur van sy dag in meer as een opsig uitgedaag. Wat die huwelik betref:

1. die totale gesag van die man
2. egpare moet bymekaar bly en hulle probleme uitsorteer
3. die ongetroude staat as ‘n toewydingsopsie

19:12 Jesus behandel die verskillende redes vir keuse van die ongetroude staat

1. so gebore
 - a. ‘n aangebore gebrek
 - b. persoonlike voorkeur
2. gedwonge kastrasie (eunuchs, d.w.s. Ester 2:3; moontlik Daniël en sy vriende, Han 8:27)
3. selibaat met die oog op die bediening (hoewel ek van mening is dat fisiese kastrasie nie geregverdig is nie, al het sommige kerkleiers dit aan hulleself gedoen, soos bv. Origenes).

Let op hoe vers 12 omraam word

1. vers 11, alle mans kan nie ongetroud bly nie
2. vers 12c, sommige mans kan hierdie lewenstyl handhaaf

AGTERGROND TOT MATTEUS 19:13-15

- A. Die parallelle gedeeltes vir verse 13-15 is Mark. 10:13-31 en Luk. 18:15-30.
- B. Die Nuwe Testament gee nie te kenne dat kinders in ‘n spesiale verhouding met God staan nie.

C. Mat. 18 bespreek nie die geestelike status van kinders nie, maar gebruik hulle as ‘n voorbeeld vir nuutbekeerdes.

NASB (UPDATED) TEXT: 19:13-15

¹³Then some children were brought to Him so that He may lay His hands on them and pray; and the disciples rebuked them. ¹⁴But Jesus said, “Let the children alone, and do not hinder them from coming to Me; for the kingdom of heaven belongs to such as these.” ¹⁵After laying His hands on them, He departed from there.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 19:13-15.

19:13 “kindertjies”; “children”: Jesus het vriendskaplik opgetree teenoor sosiaal uitgeworpenes, verstotenes en/of minderbevoorregtes. Hy was goedgesind teenoor die deursnee mens, Jan Alleman, slawe, die armes, vroue en kinders.

- | | | |
|---|--------------|--|
| ▣ | OAV | “dat Hy hulle die hande sou oplê en bid” |
| | NAV, CUM-MVB | “dat Hy vir hulle die hande moet oplê en vir hulle moet bid” |
| | CUM-NLV | “sodat Hy sy hande op hulle kon plaas en vir hulle bid” |
| | NASB | “so that He may lay his hands on them and pray” |

Dit was die tradisionele optrede van rabbyne met kinders. Dit het hoegenaamd nie om saligheid van die kinders gegaan nie. Joodse ouers se opvatting was dat kinders deur geboorte lede van die gemeente was.

- | | | |
|--------------|-----------|------------------------------|
| 19:14 | OAV | “Laat die kindertjies staan” |
| | NAV, CUMs | “Laat staan die kindertjies” |
| | NASB | “Let the children alone” |

Hierdie is ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF (bevel). Jesus was baie ernstig daaromtrent dat Hy vir almal beskikbaar wou wees.

- | | | |
|---|--------------|---|
| ▣ | OAV | “en verhinder hulle nie om na My toe te kom nie” |
| | NAV, CUM-MVB | “en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie” |
| | CUM-NLV | “Moenie hulle keer om na My toe te kom nie” |
| | NASB | “do not hinder them from coming to Me” |

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF met ‘n NEGATIEWE BYWOORD en is ‘n grammatikale konstruksie wat beteken dat ‘n aktiwiteit wat reeds aan die gang is onmiddellik gestop moet word.

- | | | |
|---|---------|---|
| ▣ | OAV | “want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele” |
| | NAV | “want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle” |
| | CUM-MVB | “want die koninklike regering van God is juis vir mense soos hulle” |
| | CUM-NLV | “want God se koninkryk is juis bedoel vir almal wat soos hulle is” |
| | NASB | “for the kingdom of heaven belongs to such as these” |

Dit dui nie op kinders as sodanig nie, maar op diegene wat (1) kinderlike eienskappe het of (2) hulleself laag of aan die ontvangkant ag wat in die koninkryk van God in sal kom (vgl. 18:2-4). Hierdie is nie opmerkings oor die verlossing van kinders nie. Die NT is geskryf vir die aandag van volwassenes!

NASB (UPDATED) TEXT: 19:16-22

¹⁶And someone came to Him and said, “Teacher, what good thing shall I do to obtain eternal life?” ¹⁷And Jesus said to him, “Why are you asking Me about what is good? There is only One who is good; but if you wish to enter into life, keep the commandments.” ¹⁸Then he said to Him, “Which ones?” And Jesus said, “YOU SHALL NOT COMMIT MURDER; YOU SHALL NOT COMMIT ADULTERY; YOU SHALL NOT STEAL; YOU SHALL NOT BEAR FALSE WITNESS; ¹⁹HONOR YOUR FATHER AND MOTHER; AND YOU SHALL LOVE YOUR NEIGHBOR AS YOURSELF.” ²⁰The young man said to Him, “All these things I have kept; what am I still lacking?” ²¹Jesus said to him, “If you wish to be complete, go and sell your possessions and give to the poor, and you will have treasure in heaven; and come, follow Me.” ²²But when the young man heard this statement, he went away grieving; for he was one who owned much property.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 19:16-22.

- | | | |
|--------------|---------|---------------------------------------|
| 19:16 | OAV | “En daar kom een na Hom” |
| | NAV | “Daar het iemand na Hom toe gekom” |
| | CUM-MVB | “En kyk, iemand het na Hom toe gekom” |
| | CUM-NLV | “Iemand het na Jesus toe gekom” |
| | NASB | “Someone came to Him” |

Vers 20 vertel dat hy jonk was, vers 22 vertel dat hy ryk was. Uit Lukas 18:18 weet ons dat hy ‘n “owerste” was (OAV); “‘n man van aansien” (NAV).

- | | | |
|---|------|-----------------|
| ▣ | OAV | “Goeie Meester” |
| | NAV | “Meneer” |
| | CUMs | “Leermeester” |

NASB**“Teacher”**

Die ooreenstemmende gedeeltes in Mark. 10:17 en Luk. 18:18 het “Goeie Meester”⁴³. Hier laat die beter MSS \aleph , B, D, L egter “goeie” weg en die UBS⁴ gradeer hierdie weglating met ‘n ‘A’, d.w.s. beslis.

- | | |
|--|--|
| <p>■ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“Watter goeie ding moet ek doen dat ek die ewige lewe kan hê?”
“watter goeie daad moet ek doen om die ewige lewe te verkry?”
“Watter goeie ding moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?”
“What good thing shall I do that I may obtain eternal life”</p> |
|--|--|

Hierdie Joodse man het die algemeen gangbare sienswyse onder die meeste Jode gehuldig dat saligheid verdien word deur goeie werke in ooreenstemming met die wet van Moses en die mondelinge oorlewering van die rabbyne (vgl. Luk. 10:25; Rom. 9: 30-33). Hy het gedink dat die ewige lewe moet volg uit godsdienstige voortrefflikheid.

- **“ewige lewe”; “eternal life”**: Dit was ‘n OT konsep van die lewe (*zoē*) in die komende tyd (vgl. Dan. 12:2). Die term spreek oor sowel die kwaliteit van die nuwe lewe as die duur.

In hierdie een konteks word verskeie verskillende uitdrukkings gebruik om ‘n persoon se verhouding met God te beskryf:

1. ontvang die ewige lewe, vers 16
2. om die lewe in te gaan, vers 17
3. om volmaak te wees, vers 21
4. om die koninkryk van God in te gaan, vers 23,24
5. om gered te word, vers 25
6. sal die ewige lewe erf, vers 29

- | | |
|--|---|
| <p>19:17 OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“Niemand is goed nie, behalwe een naamlik God”
“Daar is net Een wat goed is”
“Net God is werklik goed”
“There is only One who is good”</p> |
|--|---|

Jesus was nie besig om ‘n stelling te maak oor sy eie tekort aan ‘goedheid’ nie, maar was besig om hierdie man die standaard van ‘goedheid’ te toon wat aanvaarbaar is vir God. Hierdie vers moet nie proeftekstueel gebruik word om Jesus se Godheid of sondeloosheid af te kraak nie.

- | | |
|--|--|
| <p>■ OAV, NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“as”
“Maar om jou vraag te beantwoord—”
“if”</p> |
|--|--|

Hierdie is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat as waar aanvaar moet word vanuit die perspektief van die skrywer of vir sy literêre doelwit. Niks hier in die teksverband dui daarop dat hierdie man daarop uit was om aan Jesus strikvrage te stel nie.

- | | |
|--|---|
| <p>■ OAV, NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“onderhou die gebooië”
“deur die gebooië te onderhou”
“keep the commandments”</p> |
|--|---|

Hierdie is ‘n AORISTUS IMPERATIEF, hoewel die Nestle-tekst in Grieks ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF het. Dit verwys ooglopend na die tien gebooië van Eksodus 20 en Deuteronomium 5. Dit was die hart van die Joodse wet.

19:18-19 Dit is ‘n gedeeltelike aanhaling van die tweede helfte van die tien gebooië wat handel oor ‘n persoon se verhouding met sy verbondsbroer. Hierdie volgorde verskil van beide die Hebreeuse teks en die Septuaginta. Sien die *Vir Speciale Aandag* by 5:21; 5:27 en 15:4 asook die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: TOELIGTING TOT EKS. 20:12-16

- I. Algemene inligting, Eksodus 20:15
 - A. Soos met al die ander gebooië moet ons geloof, liefde en respek vir God sigbaar word in die sekulêre aspekte van ons daaglikse lewe. Dit gee aanstoot vir God as ons te kenne gee dat ons Hom ken, maar terselfdertyd ons medegelowige uitbuit (vgl. 1 Joh. 4:20-21; 2:7-11).
 - B. Hierdie gebod is bedoel om die samehorigheid in die verbondsgemeenskap te versterk. Die kwaliteit van so ‘n geestelike samesyn sal ‘n verwarde en soekende wêreld noop om God te soek – immers die doel van die Skrif.
 - C. Soos ander gebooië dui hierdie een ook op God se eienaarskap van die lewe in geheel. Ons is bewaarders, nie besitters nie. Ons gevalle gesindheid om besittings ten alle koste te vermeerder maak hierdie gebod noodsaaklik (vgl. Ps. 50:10-12).
- II. Woord- en frasestudie
 - A. Dit is die 3de gebod in die tweede helfte van die Dekalooë wat in Hebreeus uit slegs twee woorde bestaan.

⁴³ Vgl. OAV – vert.

- B. Die voorwerp makeer in die verbod. Dit kan verduidelik word deur:
 1. die teksverband met die voorafgaande twee gebooe wat die doodstraf impliseer;
 2. die nabyheid van toepaslike parallelle gedeeltes (Eks. 21:16; Deut. 24:7; sien ook Gen. 37).
- C. Die verkorte weergawe is verdedigbaar omdat:
 1. dit deur inspirasie so opgeteken is;
 2. dit die fokus van die bevel verbreed;
 3. daar parallelle tekste in die naderby konteks is wat diefstal bespreek (Eks. 22:1 e.v.);
 4. Jesus waarskynlik hierdie gedeelte in gedagte gehad het in sy gesprek oor diefstal (vgl. Mat. 19:18).
- D. Diefstal word ook in ander antieke wetskodes aangespreek. Die doodstraf was gebruiklik, maar ook vermindering of 30 keer restituisie.
- E. Daar is heelwat belangrike parallelle gedeeltes wat hierdie waarheid verduidelik en definieer:
 1. Lev. 19:1-18 – “Wees heilig, want Ek is heilig.”
 - a. ons lewenstyl moet die familietreke van ons Vader en God vertoon (vgl. vers 18);
 - b. ons geloof moet daagliks ons lewe beïnvloed wat betref positiewe optrede sowel as negatiewe afwysing, gemotiveer deur besliste oortuigings (vgl. vers 17);
 - c. *omgee* vir verstotenes en behoeftiges (verse 9-10, 13) is so belangrik as die *nalaat* om ons medemens te besteel (v11)
 2. Amos 8:4-7 – God haat uitbuitery!
 3. Miga 6:6-8 – God verlang deeglike motivering vir optrede; Hy gee om waarom ons nie steel nie.
 4. Eks. 22:1 e.v. – restituisie word in die hedendaagse gesprek geïgnoreer; ons vergeet dat sonde altyd ‘n prys het!

III. Toepassingswaarhede

- A. Joy Davidman, eggenote van C.S. Lewis, het oor die Dekalogg ‘n sprankelende boek geskryf. Haar vertaling van dié gebod lui: “Jy moenie probeer om iets te bekom vir niks nie.” Hierdie formulering verbreed die gebod om meer as besittings in te sluit. Vir haar is besittings nie sonde nie, maar ook nie ‘n onvervreembare reg nie; dit is ‘n lening – iets deur God aan jou toevertrou.
- B. Diefstal, soos al die sondes van die gevalle hart, word deur die nuwe hart hanteer; verbasend hoe die ou natuur van toe-eiening omgeswaai word na mededeelsaamheid.
- C. Ons respek vir God kom duidelik na vore in ons respek vir ons medegelowiges. Hierdie waarheid skemer deur in al die gebooe.
- D. In die moderne samelewing word daar op baie maniere gesteel!

IV. Eksodus 20:16

- A. Agtergrond
 1. Die Gebod, soos al die ander, fokus op die verbondsgenoot. Wat ons van God dink en ons geloof in Hom, blyk uit ons omgang met ons medegelowige.
 2. Die wetsterme van vers 16 dui daarop dat hierdie verbod sy bewoording aan die gereghof ontleen het.
 3. Die wye fokus van die verbod dui op privaatgesprekke sowel as getuienis in die hof.
 4. Valsheid is nie net ‘n handeling nie maar ‘n karakteropenbaring.
 5. Die kwessie van ‘n leuenagtige getuie geniet die aandag van menige antieke wettekodes, in besonder die Babiloniese Kode van Hammurabi (Die Twaalf Tafels).
- B. Woord- en frasestudie.
 1. Daar is ‘n geringe verskil tussen Eks. 20 en Deut. 5. rondom die begrip “vals.” Eksodus het die woord *sjager*, wat “mislei” beteken. Die naamwoord wat daaruit volg in vertaling is “misleading” of “valsheid.” In Assiries beteken dieselfde konsonante “leuen.” Die term in Deuteronomium 5 is eger *sjaw* wat “leeg”, “ydel” of “nietigheid” beteken. In die OT word albei terme in verbande met afgode gebruik, bv. Jer. 10:14. Dit impliseer nie net die onwaarheid nie, maar ook die onwaaragtige persoonlikheid en spreker van onwaarheid. Die tragedie is nie die onwaarheid nie, maar die onopregtheid van die verbondsgenoot (mede-gelowige). Die term “ydel” verbind die tweede Gebod, in verband met die ydele gebruik van God se naam (Eks 20:7) en met Eks. 20:16 se “valse getuienis.”
 2. Die term vir “antwoord gee”, “getuig”, “getuienis” lewer is *anah*. Soos die term min Eksodus 20:16, roep dit hoftonele voor die gees. Dit word 316 keer in die OT gebruik, gewoonlik in die sin van “antwoord gee.” Dit kom nagenoeg 22 keer voor in die sin van “getuienis lewer”(vgl. Gen. 30:33; Eks 20:16; 23:2; Num 35:30; Deut. 5:20; 19:15-21 ;31:21 ; 1 Sam 12:3; 2 Sam 1:16 ; Rut 1:21; Neh 14:7 ; Job 9:14-15; 15:6; 16:8; Spr 23:16; Jes. 3:9; 59:12; Jer. 14:7 ; Hos 5:5; 7:10; Mig 6:3; Sag 4:5.
- C. Belangrike ooreenstemmende skrifgedeeltes
 1. Hofaspekte
 - a. Ander bewysplase wat met hierdie Gebod verbandhou is Jer.7:9 en Hos 4:2
 - b. Hierdie gebod in konteks hou verband met regsoptriede wat in die ou Ooste dikwels met die dood gestraf is. Om dié rede was twee of drie getuies nodig om die getuienis te bekragtig; Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15-19
 - c. Heel interessant is die mededeling in Deut. 19:15-19 dat ‘n ondersoek deur ‘n priester uitgevoer moet word en by bevinding dat die klag teen ‘n mede-verbondsgenoot vals was, die straf omgeswaai word.
 - d. Verder op dié punt bepaal Deut. 17:7 dat die getuie moet deelneem aan uitvoering van die straf; om selfs met steniging die eerste klip te gooi, op die gevaar af dat jy jou aan vergieting van onskuldige bloed kan skuldig maak.

- e. Die konsekwensies vir lewe of dood, wat volg uit waar of valse getuienis, word ook in Spr. 14:5,25 en 25:18 geopper.
 - f. Die versuim om te getuig, word in Lev. 5:1 as ‘n ernstige misdryf bestempel, aangesien iemand se lewe kon afhang van toepaslike getuienis.
2. Breër aspekte
- a. Eks.23:1 plaas skinderstories in dieselfde kategorie as valse getuienis.
 - b. Spr.6:17 dien ook as brug tot ‘n wyer verstaan van valse getuienis.
 - c. Elton Trueblood, in sy boek, *Foundations for Reconstruction*, parafraseer hierdie vers soos volg: “Thou shalt be trustworthy.”

D. Toepassingswaarhede

1. Ons ware self kom tot uiting in die woorde wat ons spreek (vgl. Mark. 7:15 e.v.; Mat. 12: 36-37;15:11 e.v.; Jak. 3:1 e.v.)
2. Om ‘n verbondsgenoot valslik aan te vat, tas die grondslae van die verbond aan en Hom wat dit geïnisieer het. Ons kan met die tong figuurlik doodslag begaan, eintlik ook letterlik!
3. Skindery is die sekerste teken van die gevalle mens se swak selfbeeld.

“The ninth commandment is almost universally broken and is probably more often broken than any other, with the exception of the tenth. Thousands of respectable persons, who would never dream of committing murder or robbery, engage in tale-bearing and detraction every day of their lives. It is so easy and so pleasant to sit with ones friends and discuss a third party, especially if the conversation is mildly derogatory. It is such a pleasant form of sin, since it is not one for which anyone can be sent to jail, and yet it gives a bit of excitement along with the sense of relative virtue in one’s self. Just to talk of the shortcomings of another makes the conversationalist feel virtuous by contrast.”(From Elton Trueblood’s translation of the Decalogue in *Foundations of Reconstruction*, bl. 92-93).

19:18 OAV “doodslaan”
NAV, CUMs “moord pleeg”
NASB “murder”

Die *King James Version* (KJV) en die *Jerusalem Bible* begaan die ongelukkige fout om die werkwoord wat hier gebruik word met “kill” te vertaal, wat eintlik ‘doodslag sonder voorbedagte rade’ of ‘manslag’ beteken. Die NKJV het “murder”. Die ‘oog vir ‘n oog’-wetsbepaling in Israel was ‘n ‘bloedwraak’-sisteem om te voorsien aan regspleging in die geval waar iemand ‘n familielid vermoor het (vgl. Num. 35:12; Deut. 19:6,12; Jos. 20:1-9). Die doel hiermee was om vetes te beteuel wat tot onbeheersde oor en weer vergelding kon lei. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:21.

19:20 OAV, NAV, CUM-MVB “die jongman”
CUM-NLV “die jong man”
NASB “the young man”

In Jesus se tyd was iemand tot en met sy veertigste jaar, jonk beskou. Luk. 18:18 verwys na hom as ‘n “owerste” (OAV), wat hom waarskynlik tipeer as die voorganger in ‘n sinagoge (Joodse plek van aanbidding) of leier van ‘n plaaslike stadsbestuur.

☐ **OAV “Al hierdie dinge onderhou ek van my jeug af”**
NAV, CUM-MVB “Dit alles het ek nagekom”
CUM-NLV “Ek het al hierdie gebooië nagekom”
NASB “all these things have I kept”

In Fil. 3:6 maak Paulus op dieselfde gebodsonderhoud aanspraak. Dit moenie teenstellend met Rom. 3:23 opgevat word nie, maar wil alleenlik die Joods-wettiese benadering tot die OT uitlig; ‘n aspek waarteen Jesus hom sterk uitgespreek het in Mat. 5:20-48. Die wettiese nakoming van reëls is as geregtigheid (voor God) beskou. Hierdie man het gevoel dat hy al die godsdiensverpligtinge van sy dag en kultuur nagekom het.

☐ Die NKJV⁴⁴ voeg die frase “van my jeug af” by. Dit kom ook so voor in Mark. 10:20 en in hoofletter manuskripte C en W en ‘n menigte ander vertalings. In die Joodse samelewing was daar die opvatting dat ‘n jeugdige nie verantwoordbaar was wat betref onderhouding van die wet nie en eers ná persoonlike opleiding en toewyding in *Bar Mitzva* (seuns 13 en dogters 12) as toerekenbaar beskou kon word. Dit stem ooreen met die Christendom se opvatting oor ‘n ouderdom vir toerekenbaarheid’.

☐ **OAV “Wat kom ek nog kort?”**
NAV, CUM-MVB “In watter opsig skiet ek nog kort?”
CUM-NLV “wat moet ek nog doen?”
NASB “What am I still lacking?”

Hiermee kom die onrustigheid van sy hart tot uiting. Selfs met onderhouding van al die wette van Moses en hulle (rabbynse) uitleg, het die leegheid van sy hart nie gewyk nie.

⁴⁴ En die OAV – vert.

19:21 “as”; “if”: Dit is ’n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN wat die skrywer as waar beskou vir sy literêre doeleindes.

- ☐ **OAV, NAV, CUMs** “volmaak”
NASB, NKJV, NRSV “complete”
TEV, NJB “perfect”

In Grieks (van *telos*) beteken hierdie woord ‘vol’, ‘volgroeid’, of ‘vir ’n taak toegerus’. Die bedoeling is nie sonder sonde nie!

- ☐ **OAV** “gaan verkoop jou goed”
NAV, CUM-MVB “gaan verkoop jou besittings”
CUM-NLV “gaan verkoop alles wat jy het”
NASB “go and sell your possessions”

Hieruit blyk die radikale aard van Christelik-glo inderdaad (vgl. Luk. 14:33), ’n volkome verbintenis. Die keuse wat hy moes maak het alles met besittings te doen gehad. Hierdie man was die gevangene van sy besittings. Hierdie eis geld nie vir alle gelowiges nie, maar volkome toewyding wel.

Hier is ’n hele reeks opdragte (imperatiewe),

1. gaan – PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF
2. verkoop – AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF
3. gee – AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF
4. kom – ’n BYWOORD hier aangewend as AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF
5. volg – PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF

Hiermee roep Jesus die jongman soos wat hy sy dissipels geroep het – dus ’n uitnodiging om by Jesus se kerngroep betrokke te raak!

- ☐ **OAV** “en gee dit aan die armes”
NAV, CUM-NLV “en gee die geld vir die armes”
CUM-MVB “en gee vir die armes”
NASB “give to the poor”

Soos in 1 Kor. 13:1-3 word hier ’n toets vir gesindheid aangelê.

- ☐ **OAV, NAV, CUM-NLV** “en jy sal/dan sal jy ’n skat in die hemel hê”
CUM-MVB “en jy sal ’n skat in die hemele hê”
NASB “you will have a treasure in heaven”

Sien die aantekeninge by 6:19-20.

- ☐ **OAV** “en kom hier, volg My.”
NAV “Kom dan terug en volg My”
CUM-MVB “Kom volg My dan”
CUM-NLV “Kom dan en word My dissipel”
NASB “and come, follow Me”

Jesus het opgemerk hoe hierdie man se prioriteite daar uitsien en daarom dring Hy aan om self eerste op die lys te wees. Sy rykdom was nie die probleem nie, maar wel dat dit nie die hoogste prioriteit moet wees nie (vgl. 1 Tim. 6:10). Let daarop dat persoonlike en radikale toewyding nodig is om Jesus te volg (vgl. Mat. 10:34-39).

- 19:22** **OAV** “het hy bedroef weggegaan”
NAV, CUM-MVB “het hy bedruk weggegaan”
CUM-NLV “het hy geskok weggegaan”
NASB “he went away grieving”

Jesus het agting vir hierdie man gehad, maar Hy was nie bereid om die standarde van die koninkryk te verlaag nie. Die Bybel swyg verder oor sy redding. Ontstellend vir ons is die gedagte dat hy (1) met goeie motiewe gekom het en (2) na die regte persoon toe gekom het, (3) dat hy ook die regte vrae gevra het, (4) dat Jesus hom goedgesind en liefdevol aangehoor het (vgl. Mark. 10:21), maar toe loop hy weg!

NASB (UPDATED) TEXT: 19:23-26

²³And Jesus said to His disciples, “Truly I say to you, it is hard for a rich man to enter the kingdom of heaven. ²⁴Again I say to you, it is easier for a camel to go through the eye of a needle, than for a rich man to enter the kingdom of God.” ²⁵When his disciples heard this, they were very astonished and said, “Then who can be saved?” ²⁶And looking at them Jesus said to them, “With people this is impossible, but for God all things are possible.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 19:23-26.

- 19:23** **OAV** “Voorwaar”
NAV, CUM-MVB “Dit verseker Ek julle”

CUM-NLV “Ek verseker julle”

NASB “Truly”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:18.

19:24 NAV, CUM-MVB “vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te kom”
OAV, CUM-NLV “vir ‘n kameel om deur ‘n naald se oog te gaan”
NASB “a camel to go through the eye of a needle”

Hierdie vers is veelbesproke. Moet dit letterlik of oordragtelik verstaan word? In Jerusalem was daar nooit ‘n poort so klein dat kamele op hul knieë daardeur moes kruip nie. Dit moet as ‘n tipies-Oosterse oordrywing beskou word om die ernstige hindernis van rykdom in die proses van bekering te beskryf. Nogtans, vir God is alle dinge moontlik (vgl. vers 26)! Vir Jesus gaan dit spesifiek oor die jong owerste met hierdie beeldspraak. Die man wat in ‘n OT sin groot seën ontvang het, maar wie se hart met God nie reg was nie. In so ‘n geval is rykdom en besittings geen seën nie, maar ‘n vloek.

☐ NAV, CUM-MVB, OAV “dit is makliker vir ‘n kameel. . .as vir ‘n ryke (ryk man)”
CUM-NLV “dit is bitter moeilik vir ‘n ryke”
NASB “it is hard for a rich man”

Sien *Vir Speciale Aandag: Rykdom* by 6:24.

☐ OAV, NAV, CUM-MVB “die Koninkryk van God”
CUM-NLV “in God se Koninkryk”
NASB “the kingdom of God”

Hierdie frase kom selde in Matteus voor as gevolg van die Joodse vrees vir ydelike gebruik van die Godsnaam (vgl. Eks. 20:7; Deut. 5:11). Die frase kom egter dikwels in die parallelle weergawes van Markus en Lukas, wat vir heidene geskryf is, voor.

19:25 OAV “sy dissipels. . .was hulle baie verslae”
NAV “die dissipels. . .het dit hulle geweldig ontstel”
CUM-MVB “die leerlinge. . .was hulle heeltemal verstorm”
CUM-NLV “was die dissipels totaal verbysterd”
NASB “the disciples. . .were astonished”

Leer die OT dan nie dat God die regverdiges seën en die sondiges periodiek straf nie (vgl. Deut. 27-28)? Hierdie tradisionele opvatting word egter in die boek Job, in Ps. 73 en Jer. 12:1-4 van die hand gewys. Dikwels is dit die regverdige wat ly en die afvallige wat floreer. Rykdom, status en goeie gesondheid is nie altyd tekens van God se guns nie!

19:26 Hierdie uitspraak is dalk uit die OT aangehaal (d.w.s. Gen. 18:4; Job 42:2; Jer. 32:17,27). Dit is ‘n idioom wat die kragteloosheid van mense en die almag van JHWH beskryf. God se raadsplan en doelstellings kan nie gedwarsboom word nie (vgl. Job 42:2; Luk. 1:37).

NASB (UPDATED) TEXT: 19:27-30

²⁷Then Peter said to Him, “Behold, we have left everything and followed You; what then will there be for us?”
²⁸And Jesus said to them, “Truly I say to you that you who have followed Me, in the regeneration when the Son of Man will sit on His glorious throne, you shall sit upon twelve thrones, judging the twelve tribes of Israel. ²⁹And everyone who has left houses or brothers or sisters or father or mother or children or farms for My name’s sake, will receive many times as much, and will inherit eternal life. ³⁰But many *who are* first will be last; and *the* last, first.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 19:27-30.

19:27 OAV “Wat sal daar dan vir ons wees?”
NAV, CUM-MVB “wat sal ons daarvoor kry?”
CUM-NLV “Wat sal ons daaruit kry?”
NASB “what then will there be for us?”

Petrus het alles agtergelaat, maar sy gedagtes was steeds daar. Die dissipels was steeds onder die indruk dat Jesus ‘n aardse koninkryk sou oprig met spesiale vergoedingspakkette vir hulle (vgl. 20:21,24).

19:28 OAV, NAV, CUM-NLV “die Seun van die (m)Mens”
CUM-MVB “die Seun wat mens geword het”
NASB “the Son of Man”

Sien volledige aantekeninge by Mat. 8:20.

☐ “julle wat My gevolg het ook op twaalf trone sit en julle sal regsprek oor die twaalf stamme van Israel (regeer/oordeel)”; “you who have followed Me. . .shall sit upon twelve thrones, judging the twelve tribes of Israel”:

Hoewel hierdie vers 28 die twaalf apostels in gedagte het, brei vers 29 die oorvloedige voordele en seëninge van die ewige lewe uit na alle gelowiges (vgl. Mat. 20:16; Mark. 10:31; Luk. 13:30).

Na wie verwys die frase “twaalf stamme van Israel”?

1. die nuwe Israel, die kerk (vgl. Rom. 2:28,29; Gal. 6:16; 1 Pet. 2:5,9; Openb. 1:6)
2. die gelowige (bekeerde) Israel van die eindtyd

Dit wil voorkom of die vers beklemtoon dat die twaalf Jesus se heerlikheid en regering sal deel. Nietemin, verse soos hierdie moenie gebruik word om uitvoerige teorieë oor die aard van die eindtyd op te dis nie. Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Getal Twaalf* by 14:20.

VIR SPESIALE AANDAG: REGEER IN DIE KONINKRYK VAN GOD

Die gedagte van regeer met Christus, hou verband met die wyer teologiese begrip, “die koninkryk van God.” Die gedagte is ontleen uit die OT, waarin God as die ware koning van Israel voorgestel word (vgl. 1 Sam. 8:7). Hy het simbolies regeer (1 Sam. 8:7; 10:17-19) deur afstammeling uit die stam van Juda (vgl. Gen. 49:10) en uit die familie van Isai (vgl. 2 Sam. 7).

Jesus is die beloofde vervulling van die OT profesie aangaande die Messias. Die koninkryk van God is aangekondig met sy geboorte te Betlehem. Die koninkryk van God was die sentrale tema van sy prediking en kom ten volle van krag met die koms van Jesus (vgl. Mat. 10:7; 11:12; 12:28; Mark. 1:15; Luk. 10:9,11; 11:20; 16:16; 17:20-21).

Maar die koninkryk het ook ’n toekomst-eskatologiese karakter. Die koninkryk was reeds teenwoordig, maar het nog nie tot voleindiging gekom nie (vgl. Mat. 6:10; 8:11; 16:28; 22:1-14; 26:29; Luk. 9:27; 11:2; 13:29; 14:10-24; 22:16, 18). Jesus het eers as die lydende knecht gekom (vgl. Jes. 52:13-53:12); in nederigheid (vgl. Sag. 9:9), maar om dan terug te keer as die Koning van die konings (vgl. Mat. 2:2; 21:5; 27:11-14). Die gedagte aan “regeer” is sekerlik deel van hierdie koninkryksteologie. God het die koninkryk aan Jesus se volgelingen toevertrou (sien Luk. 12:32).

Die gedagte om saam met Christus te regeer omvat heelwat aspekte, en stel vrae:

1. Dui die gedeeltes wat spreek van die koninkryk wat aan gelowiges geskenk word, inderdaad ook op “regeer” (vgl. Mar. 5:3, 10; Luk. 12:32)?
2. As Jesus Hom met hierdie woorde tot sy oorspronklike dissipels rig, sluit dit alle gelowiges in (vgl. Mat. 19:28; Luk. 22:28-30)?
3. Is Paulus se klem op regeer nou, in hierdie lewe, in teenstelling met die aangehaalde tekste hier bo, of dalk aanvullend (vgl. Rom. 5:17; 1 Kor. 4:8)?
4. Watter verband is daar tussen “lyding” en “regeer” (Rom. 8:17; 2 Tim. 2:11-12; 1 Pet. 4:13; Openb. 1:9)?
5. In Openbaring is daar ’n herhalende voorkoms van die tema van saam regeer met die verheerlikte Christus
 - a. op aarde, 5:10
 - b. in die Duizendjarige Ryk, 20:5-6
 - c. ewig, 2:26; 3:21; 22:5 en Dan. 7:14,18,27.

■	OAV	“in die wedergeboorte”
	NAV, CUM-MVB	“Wanneer alles nuut gemaak word”
	CUM-NLV	“in God se nuwe wêreld”
	NASB, NKJV	“in the regeneration”
	NRSV	“at the renewal of all things”
	TEV	“in the New Age”
	NJB	“when everything is made new again”

Die woord beteken ‘weergebore’. Philo het dié term gebruik vir die herstel na die sonvloed. Dit is deur Griekse denkers gebruik om oor ‘n nuwe wêreldorde te besin. Hier sinspeel dit op die herstel tot die gewenste einddoel in die nuwe era van die Heilige Gees. Die dissipels was immer onder die indruk dat dit reeds in hulle leeftyd sou plaasvind. Dat die Messias ‘n tweede keer sou kom, was vir hulle ‘n totaal nuwe gedagte.

Die skepping was geskend; die herstel na Noag se vloed was sondebesmet, maar die hergeboorte wat aanbreek met die Messiaanse eindtyd sal die suiwer ideaal, die gewenste einddoel, tot stand bring (vgl. Jes. 9:6-7; 11:1-10; Miga 5:2-5a; Openb. 21-22).

19:29	OAV,NAV, CUMs	“honderd maal soveel”
	NASB	“many times as much”
	NKJV, NRSV	“a hundredfold”
	TEV	“a hundred times more”
	NJB	“a hundred times as much”

In die Griekse tekste is hierdie ‘n geskilpunt. Die term “honderd maal” kom voor in die hooflettermanuskripte \aleph , C en D, terwyl “menigmaal” in MSS B en C voorkom. In die eersgenoemde geval volg die skrywers Mark. 10:29 en in die laasgenoemde Luk. 18:30. Die meerderheid geleerdes is van mening dat Matteus en Lukas hul sienswyse op ‘n Markusstruktuur baseer. Feit is dat ‘n mens se toewyding aan Jesus familiebande en besittings, die lewe as sodanig moet te bowe kom (vgl. Mat. 10:34-39; Luk. 12:51-53).

Die eeu van geregtigheid word soos in die OT in landbouwerwante terme en in oortreffende trap beskryf. Die Bybel maak nie duidelike uitsprake oor die presiese aard van die hemel nie.

1. 'n hernude tuin van Eden
2. landbouprodukte in oorvloed
3. 'n mooi stad
4. 'n nuwe geestelike orde.

Wat wel duidelik uitkom, is dat persoonlike geloof in Jesus tans lei tot die verkryging van hemelse seëninge in die toekoms. Geen persoonlike opoffering tans sal onopgemerk en onbeloond verbygaan nie. Die kern van die saak is egter 'n geseënde samesyn met God in Christus. Enige ander verwagtinge verbleek tot betreklike onbelangrikheid in die lig hiervan. Ons moet versigtig omgaan met teologieë van opofferinge nou, wat bereken is op oorvloed later. Ware rykdom is 'n innige verhouding met God. Jesus se stellings is

1. hiperbolies (in Oosterse trant)
2. gerig op die dissipels se begrip in konteks van hulle tyd
3. om die radikale karakter van selfverloënde navolging te onderstreep.

Ek is van mening dat Jesus van oordrywende beeldspraak teen die agtergrond van hulle landelike omgewing gebruik gemaak het. Hierdie was sy spreekwyse juis omrede die apostels se onvermoë om die geestelike karakter van die koninkryk van God te verstaan. Dit maak vir my weinig sin dat gelowiges in hierdie lewe materialisme verwerp net om daarop in die volgende lewe aanspraak te wil maak (*pie in the sky; by and by Christianity*)! Jesus probeer hulle bemoedig op 'n vlak wat hulle kon verstaan. Hierdie is gevolglik nie 'n teks waarop teologie oor die hemel gebou kan word nie. Die lewe hierna, beide hemel en hel, is vir ons oë bedek. Aardse metafore word gebruik om beide te beskryf, bloot omdat ons deur die sondeval met 'n blindheid geslaan is (bv. "die dowwe spieël, die raaisel waarin ons maar dofweg sien"– 1 Kor. 13:9-12). Ons moet gedurig waak teen wat-kan-ek-daaruit-kry-Christenskap. Hemel sowel as die koninkryk gaan alles oor Hom!

VIR SPESIALE AANDAG: GELOWIGES SE ERFENIS

Die Skrif praat van gelowiges wat baie dinge sal erf vanweë hulle verhouding met Jesus wat die erfgenaam van alle dinge is (vgl. Heb. 1:2), wat hulle mede-erfename maak (vgl. Rom. 8:17; Gal. 4:7), insluitende:

- die koninkryk (vgl. Mat. 25:34; 1 Kor. 6:9-10; 15:50)
- die ewige lewe (vgl. Mat. 19:29)
- God se beloftes (vgl. Heb. 6:12)
- God se bewaring van sy beloftes (1 Pet. 1:4; 5:10)

19:30 Dinge is nie soos dit vir ons lyk nie (vgl. Mat. 20:16; Mark. 10:31; Luk. 13:30). God se evaluasietegnieke is anders as ons s'n (vgl. Jes. 55:8-11). Dissipels wat kinderlik afhanklik is, word ontvang, terwyl welgesteldes en bevoorregtes weggewys word (vgl. Mat. 8:10-12). Bybelse geloof veroorsaak dat die skepping soms onverwags deur 'n ander lens gesien moet word.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskryf te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Is egskeiding altyd 'n sonde?
2. Watter Bybelse uitgangspunt het Jesus voorgestaan in reaksie op die Fariseërs se vraag?
3. Hoekom het Moses hertroue toegelaat teen die wil van God in? Hoe raak dit hierdie moderne tyd?
4. Is selibaat 'n hoër staat van geestelikheid as die huwelik?
5. Wat leer die Bybel omtrent kinders en hul verlossing?
6. Handel verse 13-15 oor verlossing?
7. Hoekom maak Jesus in vers 17 nie op 'goedheid' aanspraak nie? Werp dit enige negatiewe lig op sy Godheid of sondeloosheid?
8. Kon hierdie man (vers 20) werklik die volle wet onderhou en sondeloos gereken word?
9. Is rykdom uit die bose?
10. Waarom was die dissipels verslae oor die verwerping van 'n welgestelde persoon?

MATTEUS 20

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Workers in the Vineyard 20:1-16	The Parable of the Workers in the Vineyard 20:1-16	Laborers in the Vineyard 20:1-16	The Workers in the Vineyard 20:1-7 20:8-15 20:16	Parable of the Laborers in the Vineyard 20:1-16	Gelykenis van die arbeiders in die wingerd 20:1-16
A Third Time Jesus Foretells His Death and Resurrection 20:17-19	Jesus a Third Time Predicts His Death and Resurrection 20:17-19	Passion Foretold a Third Time 20:17-19	Jesus Speaks a Third Time About His Death 20:17-19	Third Prophecy of Passion 20:17-19	Jesus kondig die derde keer sy dood en opstanding aan 20:17-19
The Request of James and John 20:20-28	Salome Asks a Favor 20:20-28	Jesus and John Seek Honor 20:20-23	A Mother's Request 20:20 20:21a 20:21b 20:22a,b 20:22c 20:23	The Mother of Zebedee's Sons Makes Her Request 20:20-23 Leadership with Service 20:24-28	Die versoek van Jakobus en Johannes 20:20-28
Healing of Two Blind Men 20:29-34	Two Blind Men Receive Their Sight 20:29-34	Two Blind Men of Jericho 20:29-34	Jesus Heals Two Blind Men 20:29-30 20:31 20:32 20:33 20:34	Two Blind Men of Jericho 20:29-34	Jesus maak twee blindes gesond 20:29-34

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

25. Eerste paragraaf
26. Tweede paragraaf
27. Derde paragraaf
28. Ens.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

TOELIGTING UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Om gelykenisse te verstaan is dit van die grootste belang om die historiese en literêre konteks in ag te neem (vgl. die *Vir Spesiale Aandag* by die inleiding van hoofstuk 13). In die gegewe gelykenis hou die geskiedkundige konteks verband met die slotfrase van Mat. 19:30, wat ook aan die einde van Mat. 20:16 herhaal word. Hierdie literêre parallel toon duidelik aan dat die gelykenis te doen het met rykdom en belonings. Die wyer literêre konteks word gesien in 18:1 en 20:20-21,24, waar die dissipels bekommerd is oor watter een van hulle die belangrikste is.
- B. 'n Algemene interpretasie van hierdie gelykenis stel dat dit verwys na die verhouding tussen Jode en heidene. In ag genome die breër konteks van die NT (of die tydperk waarin die evangelies ontstaan het), is dit 'n geldige verklaring, maar die onmiddellike konteks maak die gelykenis eerder van toepassing op die verhouding tussen die dissipels opsigself. Die koninkryk van God het 'n totaal ander standaard vir evaluering as die wêreld (vgl. Jes. 55:8-11; Mat. 5-7). Die bedoeling is nie om 'n aktiewe lewe van toegewyde dissipelskap te diskrediteer nie, maar eerder te beklemtoon dat genade die grondslag vorm vir redding en regverdig lewe (vgl. Ef. 2:8-10). Die motivering vir dissipelskap is dankbaarheid eerder as verdienste (vgl. Rom. 3:21-24; 6:23; Ef. 2:8-9).
- C. Dit is nodig om te onthou dat veel belangriker is in die verklaring van gelykenisse om die sentrale waarheid en konteks te bepaal as om die fynere besonderhede in 'n teologiese sisteem in te forseer. Die sleutel tot gelykenisse is om bedag te wees op die onverwagse stellings of kultuurskokke.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 20:1-7

¹“For the kingdom of heaven is like a landowner who went out early in the morning to hire laborers for his vineyard. ²When He had agreed with the laborers for a denarius for the day, he sent them into his vineyard. ³And he went out about the third hour and saw others standing idle in the market place; ⁴and to those he said, ‘You also go into the vineyard, and whatever is right I will give you.’ And so they went. ⁵Again he went out about the sixth and the ninth hour, and did the same thing. ⁶And about the eleventh hour he went out and found others standing around and he said to them, ‘Why have you been standing here idle all day long?’ ⁷They said to him, ‘Because no one hired us.’ He said to them, ‘You go into the vineyard too.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 20:1-7.

20:1	OAV	“Want die koninkryk van die hemele”
	NAV	“Met die koninkryk van die hemel”
	CUM-MVB	“Met die koninklike regering van God”
	CUM-NLV	“Die koningsheerskappy van God”
	NASB	“For the kingdom of heaven”

Die gelykenis is gegee as voorbeeld van hoe die fisiese belonings van hierdie wêreld heeltemal verskil van die geestelike vergoeding in die koninkryk van God. Hierdie gelykenis kom net in Matteus voor. Die koninkryk van die hemel was 'n sentrale onderwerp in Jesus se onderrig en prediking. Dit handel oor God se huidige koningskap oor die hart van die mens wat eendag versoen sal wees oor die hele aarde (vgl. 6:10). Die huidige, dog toekomstige aspekte van die koninkryk van God veroorsaak die spanning en paradoks van die 'reeds' en 'nog nie' van die twee komste van Christus en die Christenlewe.

■	OAV	“huisheer”
	NAV	“die eienaar van ‘n wingerd”
	CUM-MVB	“‘n eienaar”
	CUM-NLV	“die eienaar van ‘n landgoed”
	NASB	“landowner”

Hierdie is 'n saamgestelde woord, naamlik 'huis' plus 'eienaar' of 'heer' (*despotēs*). Dit dien as vertaling van die Hebraëuse frase: 'die eienaar van die land'. Matteus gebruik dié frase dikwels (vgl. 10:25; 13:27,52; 20:1,11; 21:33; 24:43).

Die frase weerspieël die genadige manier waarop God met sy geskape mensdom handel. In Mat. 10:24-25 is Jesus die ware “heer van die huis”, maar hulle noem Hom Beëlsebul (hoofduiwel of Satan).

Grant Osborne in sy *The Hermeneutical Spiral*, bl. 244, maak in dié verband 'n interessante opmerking:

“God verskyn in verskeie monderings in die gelykenisse as koning, vader, landeienaar, werkgewer en regter. Dwarsdeur die prent is Hy die een wat goedgunstiglik en genadiglik vergifnis bied, maar terselfdertyd 'n besluit vereis. . . redding is teenwoordig en vereis deurgaans reaksie. God se regering word gekenmerk deur genade, maar genade wat die aanhoorder uitdaag om die noodsaaklikheid van boetedoening te erken.”

■ **“wingerd”; “vineyard”**: Dit word dikwels aanvaar dat dit 'n verwysing na die nasie van Israel is. Hoewel 'n wingerd wel as simbool vir Israel gebruik is in die OT (vgl. Jes. 5; Jer. 2:21; 12:10; Ps. 80:8-13), maar in hierdie geval dien dit bloot as gegewe by die verhaal sonder enige noemenswaardige simboliek.

20:2	OAV NAV	“nadat hy met die arbeiders ooreengekom het op ‘n penning vir ’n dag” “en nadat hy met die arbeiders ooreengekom het om hulle die gewone dagloon te betaal”
	CUM-MVB CUM-NLV NASB	“en nadat hy met die arbeiders ooreengekom het op ‘n denarius vir die dag” “hy het met hulle op die gebruikelike daaglikse vergoeding ooreengekom” “when he had agreed with the laborers for a denarius for the day”

Daar is net met die eerste groep oor vasgestelde loon vir die dag onderhandel. Die term “denarius” word aan hedendaagse geldwaardes gekoppel, soos gebruiklik is met monetêre waardes in vertalings. Dit sou egter baie beter wees om hierdie monetêre waarde in die lig van sy gebruik in die eerste eeu te sien, as ‘n dagloon vir ‘n soldaat of ‘n plaaswerker. Dit was genoeg geld om aan die behoeftes van ‘n Palestynse gesin te voorsien vir een dag.

20:3	OAV, CUM-MVB NAV, CUM-NLV NASB, NKJV, NJB NRSV, TEV	“omtrent (teen) die derde uur” “teen nege uur” “about the third hour” “about nine o’clock”
------	--	---

Al die verwysings na tyd (verse 3,5,6) in die gelykenis is gebaseer op die veronderstelling dat die dag om 6 vm. begin (Romeinse tyd); daarom was dit nege-uur in die oggend. Die Jode het hulle dag om 6 nm. begin (vgl. Gen. 1:5).

Dit is vreemd dat die eienaar soveel arbeiders huur deur die dag. Geleerdes het aangeneem dat dit spits tyd was vir die druiwe-oes en dat die Sabbat op hande was; gevolglik moes soveel van die druiwe as moontlik gepluk word om te voorkom dat hulle begin vrot.

20:6	OAV NAV, CUMs NASB	“en vind ander wat ledig staan” “kry ander (daar) rondstaan” “found others standing around”
------	--------------------------	---

Hoewel hierdie sin afbrekend klink in Engelse vertalings, asof die eienaar van die wingerd die mense berispe oor hulle heeldag nie gewerk het nie, het hy eintlik bloot te doen met mense wat heeldag nie aangestel is nie. Daar is geen aanduiding dat hierdie werkers lui of onwillig was nie, hulle het net nie werk gekry vir die dag nie (vgl. vers 7).

NASB (UPDATED) TEXT: 20:8-16

⁸When evening came, the owner said to his foreman, ‘Call the laborers and pay them their wages, beginning the last group to the first.’ ⁹When those hired about the eleventh hour came, each one received a denarius. ¹⁰When those hired first came, they thought they would receive more; but each of them also received a denarius. ¹¹When they received it, they grumbled at the landowner, ¹²saying, ‘These last men have worked *only* one hour, and you have made them equal to us who have borne the burden and the scorching heat of the day.’ ¹³But he answered and said to one of them, ‘Friend, I am doing you no wrong; did you not agree with me for a denarius?’ ¹⁴Take what is yours and go, but I wish to give to this last man the same as to you. ¹⁵Is it not lawful for me to do what I wish with what is my own? Or is your eye envious because I am generous? ¹⁶So the last shall be first and the first last.’

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 20:8-16.

20:8	OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB	“En toe dit aand geword het, sê die heer van die wingerd vir sy opsigter: Roep die arbeiders en betaal hulle hul loon” “Toe dit aand word, sê die eienaar van die wingerd vir sy voorman: ‘Roep die arbeiders en betaal hulle hulle loon’” “Teen die aand het hy aan sy voorman opdrag gegee om die werkers te roep en hulle loon aan hulle uit te betaal” “When evening came, the owner of the vineyard said to his foreman, ‘Call the laborers and pay their wages’”
------	--	---

Uit die wet van Moses weet ons dat arbeiders aan die einde van die werkdag betaal moes word sodat hulle vir hulle families voedsel kon koop (vgl. Lev. 9:13; Deut. 24:15; Mal. 3:5). Soms het eienaars die loon tot die volgende dag teruggehou om te verseker die werker daag weer op, maar dit was strydig met die Mosaïese wet.

20:10	OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB	“Die eerstes kom toe en dink dat hulle meer sal ontvang” “Die mense wat eerste gehuur is, het gedink hulle sou meer kry” “Die wat vroeër gehuur is, kom toe met die gedagte dat hulle meer sal kry” “When those hired first came, they thought they would receive more”
-------	--	--

Die werkers wat vroeër gehuur was, was van mening dat hulle meer sou kry want die laatkommers het dieselfde gekry as waarvoor die vroeëres gekontrakteer was (vgl. vers 2). Hierdie gelykenis laat blyk duidelik in watter mate die weë van God van die sienswyses van hierdie wêreld verskil. Uit vers 11 is dit duidelik dat hulle aangehou kla het toe hulle nie meer ontvang nie. Hulle dankbaarheid om hoegenaamd gehuur te word verander in woede, omdat hulle nie kry wat hulle verwag nie. Hulle rasonale oorweging wou dat hulle ‘n hele dag in die hitte van die son gewerk het en daarom nou meer betaling verdien. Die implikasie van hierdie gelykenis is treffend wat betref gelowiges en geestelike verdienste (vgl. 19:30; 20:16).

20:13-15 Die eenaar antwoord met drie retoriese vrae. Hy kan optree soos hy wil (vgl. Rom. 9), maar hy besluit om op te tree uit genade!

20:15 Hierdie is teologies die hart van die gelykenis. God is soewerein en Hy het die reg om dienooreenkomstig te handel (vgl. Rom. 9-10). Sy keuse is om volgens onverdiende genade te handel (vgl. Rom. 11). Kan iemand daarmee fout vind? Hierdie gedeelte kan as teologiese parallel met die verlore seun beskou word (vgl. Luk. 15:11-32). Kan dit wees dat God se genade aan sommige aan ander wat ook sy genadegawe ervaar het aanstoot gee?

■ OAV	“Of is jou oog verkeerd omdat ek goed is”
NAV	“Of is jy afgunstig omdat ek goed is”
CUM-MVB	“Of is jou oog sleg omdat ek goed is”
CUM-NLV	“Of voel jy bitter omdat ek so gaaf is”
NASB, NRSV	“Or is your eye envious because I am generous”
NKJV	“Or is your eye evil because I am good”
TEV	“Or are you jealous because I am generous”
JB	“Why be envious because I am generous”

Dit hou verband met die Antieke Nabye Oosterse metafoor van die “bose oog” (vgl. Deut. 15:9; 1 Sam. 18:9). In hierdie konteks kan dit met ‘jaloesie’ of ‘afguns’ vertaal word (vgl. Mark. 7:22). Sien ook *Vir Spesiale Aandag* by 6:22-23.

20:16 OAV	“So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies”
NAV, CUM-MVB	“So sal die laastes eerste wees en die eerstes laaste”
CUM-NLV	“En die wat nou nie gereken word nie, sal eendag die belangrikste wees”
NASB	“So the last shall be first, and the first last”
NKJV	“So the last will be first and the first last. For many are called but few chosen”
NRSV	“So the first will be last and the last will be first”
TEV	“So those who are last will be first, and those who are first will be last”
JB	“Thus the last will be first, and the first, last”

Aan die einde van die opmerking is daar ‘n frase, “want baie is geroep, maar min uitverkies”, wat in die NKJV en OAV opgeneem is, maar weggelaat word uit die NASB, NRSV, TEV, JB, NAV en CUMs. Dit lyk of dit bygevoeg is van Mat. 22:14 af. Dit kom nie voor in die Griekse MSS \aleph , B, L, of Z nie. Daarom gee die UBS⁴ die weglating daarvan ‘n ‘A’-gradering (d.w.s. seker).

Daar is ‘n opvallende verband tussen 19:30 en 20:16. Beloning berus nie op verdienste nie, maar op genade. Dit is op twee maniere verstaan:

1. Alle gelowiges sal nie gelyk beloon word nie, maar gelyke stand geniet in die koninkryk. Dit is die Bybelse spanning tussen vrye verlossing en Christus-gelykvormige dissipelskap.
2. Die Jode wat heel eerste die beloftes van God ontvang het, sal nie groter beloning of seëninge deelagtig wees as bekeerde heidene nie (vgl. Luk. 13:30).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat is die riglyne vir die regte verstaan van gelykenisse? (Sien *How to Read The Bible For All Its Worth*, Fee en Stuart, bl. 135-148.)
2. Wat is die literêre konteks van hierdie gelykenis?
3. Wat het hierdie gelykenis te sê oor die verhouding tussen God se kinders en belonings?
4. Watter ooreenkoms is daar tussen hierdie gelykenis en die ouer broer in die verhaal van die verlore seun (Luk. 15)?

TOELIGTING TOT DIE TEKSVERBAND

- A. ‘n Parallel vir hierdie weergawe is Markus 10:32 e.v. opgeteken, wat die agtergrond skets vir die dissipels se gesindhede en optrede.
- B. Dit word duidelik in hierdie vertelling dat die dissipels steeds die Messiaanse koninkryk fundamenteel misverstaan het. Dit hou moontlik verband met Jesus se stelling in 19:28.
- C. Hierdie is die derde en mees beskrywende voorspelling aan die dissipels oor Jesus se dood en opstanding (vgl. Mat. 16:21; 17:9,22-23). Hy het geweet hoekom Hy gekom het! Hy was in beheer van sy geskiedenis (vgl. Joh. 10:17-18).

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 20:17-19

¹⁷As Jesus was about to go to Jerusalem, He took the twelve *disciples* aside by themselves, and on the way He said to them, ¹⁸“Behold, we are going up to Jerusalem; and the Son of Man will be delivered to the chief priests and scribes, and they will condemn Him to death, ¹⁹and will hand Him over to the Gentiles to mock and scourge and crucify *Him*, and on the third day He will be raised up.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 20:17-19.

20:17 OAV “En toe Jesus opgaan na Jerusalem”
NAV, CUMs “Terwyl Jesus na Jerusalem onderweg (op pad) was”
NASB “As Jesus was about to go to Jerusalem”
 Mark. 10:32 vermeld dat Hy Hom gerig het op Jerusalem en dat Hy voor sy dissipels uitgestap het.

20:18 OAV, NAV “die Seun van die mens”
CUM-MVB “die Seun, wat mens geword het”
CUM-NLV “Ek, die Seun van die Mens”
NASB “the Son of Man”
 Sien die aantekening by 8:20.

▣ **OAV** “owerpriesters en skrifgeleerdes”
NAV “die priesterhoofde en die skrifgeleerdes”
CUMs “die leierpriesters en skrifkenners”
NASB “the chief priests and scribes”
 Hiermee word die Sanhedrin bedoel. Dit was saamgestel uit 70 leierfigure uit die Joodse gemeenskap in Jerusalem. Die volle titel was “die owerpriesters, die skrifgeleerdes en die ouderlinge” (vgl. 16:21). Hulle was die hoogste gesag in sake van godsdiens en politiek, hoewel hulle polities gesproke erg aan bande gelê is deur die besettende Romeinse magte.
 Sien *Vir Speciale Aandag: Die Sanhedrin* by 16:21.

20:19 OAV “en Hom uitlewer aan die heidene om Hom te bespot en te gésel en te kruisig”
NAV, CUM-MVB “hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig”
CUM-NLV “en hulle sal My uitlewer aan die Romeine om gespot, gegésel en gekruisig te word”
NASB “and will hand Him over to the Gentiles to mock and scourge and crucify *Him*”
 Dit het verwys na die vernedering en mishandeling van Jesus deur die Romeinse gesaghebbers. Die soldate het hulle woede oor die Jode se eksklusiwiteit op Jesus uitgehaal.

Die WERKWOORD ‘uitlewer’ (*paradidōmi*) beteken normaalweg dat Jesus oorgelewer word aan die wettige gesag van ‘n groep of persoon vir veroordeling:

1. aan die hoëpriesters en skrifgeleerdes, Mat. 20:18
2. aan mense, Mat. 17:22
3. aan die Heidene (*ethnē*), Mat. 20:19
4. aan Pilatus, Mat. 27:2
5. vir kruisiging, Mat. 26:2

As gevolg van Jesus se stelling in Mat. 10:24-25 sal gelowiges ook ‘uitgelewer’ word (vgl. 10:17; 24:9; Luk. 21:12).

▣ **OAV** “en te kruisig”
NAV, CUM-MVB “en kruisig”
CUM-NLV “en gekruisig te word”
NASB “crucify”

Die afgryse van hierdie vorm van straf was nie net die openbare vernedering en lyding daarvan nie, maar in sy verband met Deut. 21:23; volgens die rabbyne van die dag is die ‘vloek van God’ oor almal gebring wat van ‘n boom gehang is. Jesus het “die vervloekte” (vgl. Lev. 26; Deut. 27-28; Gal. 3:13; Kol. 2:14) geword namens die sondige mensdom!

▣ **“op die derde dag”; “on the third day”**: Volgens Paulus in 1 Kor. 15:4 is hierdie waarheid die maak of breek in die evangelie. Dit is egter moeilik om uit die OT ‘n verwysing na die ‘drie dae’ te vind. Sommige het probeer om Hos. 6:2 hiervoor in te span, maar dit is uiters betwisbaar. Die mees waarskynlike OT aanduiding van die drie dae bly dan Jona se vertoewing in die ingewande van die groot vis (vgl. Mat. 12:38-40; Jona 1:17).

Vir die Jode van Jesus se tyd was enige breukdeel van ‘n dag vir ‘n volle dag gereken. Onthou verder dat die Joodse dag met sononder begin (vgl. Gen. 1:5). Gevolglik was Jesus se afsterwe gedurende die Vrydagmiddag (3 nm.) en ter aarde bestelling voor 6 nm. as ‘n volle dag gereken. Vrydag sonder tot Saterdag sonder (die Sabbat) was dag twee. Vanaf Saterdag sonder tot net voor dagbreek daardie Sondag was dan dag drie! Sien die aantekening by 16:21.

☐	OAV	“sal Hy opstaan”
	NAV	“sal Hy uit die dood opgewek word”
	CUM-MVB	“sal Hy opgewek word”
	CUM-NLV	“sal Ek uit die dood opgewek word”
	NASB	“He will be raised up”

Gewoonlik word die opstanding as die Vader se goedkeuring oor die lewe, bediening en dood van Jesus beskou (sien *Vir Speciale Aandag* by 27:63). Maar in Joh. 10:17-18 beklemtoon Jesus die openbaring van sy eie mag in die opstanding. Volgens Rom. 8:11 is dit die Heilige Gees wat Jesus opgewek het. Hierdie kan as ‘n goeie voorbeeld van die Drie-eenheid se betrokkenheid by die totale verlossingswerk beskou word.

NASB (UPDATED) TEXT: 20:20-23

²⁰Then the mother of the sons of Zebedee came to Jesus with her sons, bowing down and making a request of Him. ²¹And He said to her, “What do you wish?” She said to Him, “Command that in Your kingdom these two sons of mine may sit one on Your right and one on Your left.” ²²But Jesus answered, “You do not know what you are asking. Are you able to drink the cup that I am about to drink?” They said to Him, “We are able.” ²³He said to them, “My cup you shall drink; but to sit on My right and on My left, this is not Mine to give, but it is for those for whom it has been prepared by My Father.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 20:20-23.

20:20	OAV	“die moeder van die seuns van Sebedeus met haar seuns”
	NAV	“die vrou van Sebedeus met haar twee seuns”
	CUM-MVB	“het die moeder van die seuns van Sebedeus met haar twee seuns”
	CUM-NLV	“die ma van Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, met haar twee seuns”
	NASB	“the mother of the sons of Zebedee”

Uit Mark. 10:35 kom ons te wete dat Jakobus en Johannes aktief betrokke was by die versoek. Wanneer ons Mat. 27:56 met Mark. 15:40 en Joh. 19:25 vergelyk, blyk dit waarskynlik dat Salomé, die vrou van Sebedeus, ‘n suster was van Jesus se moeder.

☐	OAV	“en buig voor Hom”
	NAV	“en kniel voor Hom”
	CUM-MVB	“en gekniet”
	CUM-NLV	“Sy kniel toe eerbiedig neer”
	NASB	“bowing down”

Dit was nie ‘n handeling van aanbidding nie, maar selfsugtige familie-ambisie. Hoe dikwels kom dit nie voor dat Christene voor God kniel slegs oor wat hulle begeerte is nie? Hulle prober geloof verkwansel vir gunste (vgl. Job 1:9-11)!

☐	OAV	“om iets van Hom te vra”
	NAV, CUMs	“om van Hom ‘n guns te vra”
	NASB	“making a request of Him”

Markus (10:35b) verduidelik wat die versoek was, “Here, ons wil graag hê dat U vir ons doen wat ons U gaan vra.” Dit klink soos die versoek van ‘n onvolwasse kind.

20:21	OAV	“Sê dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk mag sit, een aan u regter- en een aan u linkerhand”
	NAV CUM-MVB	“Belowe my dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk langs U mag sit, een aan u regterhand en een aan u linkerhand”
		“Verklaar dat hierdie twee seuns van my tydens U koninklike regering langs U mag sit, een aan u regterhand en een aan u linkerhand”
	CUM-NLV	“In U koninkryk wanneer U op u troon sit, mag my twee seuns op die ereplekke regs en links van U sit”
	NASB	“Command that in Your kingdom these two sons of mine may sit one on Your right and one on Your left”

Telkens wanneer Jesus probeer het om sy dood te bespreek was die dissipels in argumente gewikkel oor wie nou eintlik die belangrikste sou wees. Dit dui op ‘n algehele misverstand, nie alleen oor die persoon en werk van Christus nie, maar oor die Messiaanse koninkryk as sodanig (vgl. Luk. 18:34).

20:22	OAV	“Maar Jesus antwoord en sê: Julle”
	NAV	“Toe antwoord Jesus; Julle”
	CUM-MVB	“Toe het Jesus in reaksie gesê: Julle”
	CUM-NLV	“Daarop het Jesus gesê: Julle”
	NASB	“but Jesus answered, You”

In vers 21 spreek Hy die moeder aan met ‘n ENKELVOUDIGE VOORNAAMWOORD, maar hier in vers 22 is dit MEERVOUD omdat Hy hom tot Jakobus en Johannes rig.⁴⁵

- ▣ OAV “Kan julle die beker drink wat Ek aanstonds gaan drink”
NAV, CUM-MVB “Kan julle die lydensbeker drink wat Ek gaan drink”
CUM-NLV “Sien julle daarvoor kans om die bitter lydensbeker te drink wat vir My bestem is?”
NASB “are you able to drink the cup that I am about to drink”

In Die Ugaritiese literatuur beteken ‘beker’ ‘n lotsbestemming. In die Bybel dui dit egter op goeie en slegte wedervaringe wat iemand in die lewe te beurt kan val. Dit was gebruiklik met betrekking tot oordeel (vgl. Ps. 75:8; Jes. 51:17-23; Jer. 25:15-28; 49:12; 51:7; Klaagl. 4:21-22; Eseg. 22:31-34; Hab. 2:16; Sag. 12:2; Openb. 14:10; 16:19; 17:4; 18:6). Nietemin, word dit in enkele gedeeltes ook as ‘n seën verstaan (vgl. Ps. 16:5; 23:5; 116:13; Jer. 16:7).

Die bygevoegde frase oor doop in die KJV⁴⁶, “die doop waarmee Ek gedoop word,” kom nie in die oorspronklike Griekse teks van Matteus voor nie; dit ontbreek ook in die antieke Latynse, Siriese en Koptiese vertalings. Dit kom uit Mark. 10:38 en Luk. 12:50 en is later deur oorskrywers by vers 23 gevoeg. Die UBS⁴ gradeer die weglating met ‘n “A” (seker).

- 20:23 OAV, NAV, CUM-MVB “Ja. . .my beker sal julle drink”
CUM-NLV “Dis waar. . .julle sal ook daarvan drink”
NASB “My cup you shall drink”

Jakobus was die eerste martelaar uit die apostelgroep. Johannes het lank genoeg gelewe om deur Romeinse owerhede in sy ouderdom na die eiland Patmos verban te word (vgl. Openb. 1:9 – en is na oorlewering op hoë ouderdom in Efese oorlede). Die KJV en OAV het ‘n byvoeging, “met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word”, maar hierdie is ‘n byvoeging uit Mark. 10:39 omrede die oorskrywers se neiging om parallelle gedeeltes waarlik gelyk te maak.

- ▣ OAV “maar is vir hulle vir wie dit deur My Vader berei is”
NAV, CUM-MVB “Dit is vir dié vir wie My Vader dit gereed gemaak het”
CUM-NLV “My Vader hou daardie plekke gereed vir wie Hy self uitgekies het”
NASB “for whom it has been prepared by My Father”

Die WERKWOORD is ‘n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF; nog ‘n voorbeeld van hoe Jesus Homself aan die Vader se wil onderwerp het. Die Vader is in beheer van alle dinge (vgl. 1 Kor. 15:27-28).

NASB (UPDATED) TEXT: 20:24-28

²⁴And hearing *this*, the ten became indignant with the two brothers. ²⁵But Jesus called them to Himself and said, “You know that the rulers of the Gentiles lord it over them, and *their* great men exercise authority over them. ²⁶It is not this way among you, but whoever wishes to become great among you shall be your servant, ²⁷and whoever wishes to be first among you shall be your slave; ²⁸just as the Son of Man did not come to be served, but to serve, and give His life a ransom for many.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 20:24-28.

- 20:24 OAV “En toe die ander tien dit hoor, was hulle verontwaardig oor die twee broers”
NAV, CUM-MVB “Toe die tien ander dissipels dit hoor, was hulle kwaad vir die twee broers”
CUM-NLV “Toe die ander tien dissipels hoor wat die twee broers wou hê, was hulle bitterlik verontwaardig”
NASB “And hearing *this*, the ten became indignant with the two brothers”

Was hulle kwaad omdat hulle nie eerste gevra het nie? Hulle het wel in ontevredenheid gereageer aangesien die versoeke misplaas was, maar heimlik sou hulle so ‘n versoek self wou rig.

- 20:26 OAV, NAV “Elkeen wat in julle kring groot wil word, behoort julle dienaar te wees”
CUM-MVB “Elkeen wat in julle kring belangrik wil word, moet julle bediende wees”
CUM-NLV “wie onder julle ‘n leier wil wees, behoort julle dienskneg te wees”
NASB “whoever wishes to be first among you, shall be your slave”

Jesus skiet nie hulle ambisie om grootsheid af nie, maar definieer vir hulle die nodige stappe in navolging van en toewyding aan Hom as voorbeeld. In Jesus se koninkryk is leierskap in diensbaarheid in aanvraag (vgl. 23:11; Mark. 9:35; 10:43)! Gelowiges is gereddenes bestem tot diens. Hulle is verlos daarvan om die sonde te dien om God te kan dien (vgl. Rom. 6).

- 20:28 OAV “Net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien”
NAV “So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien”

⁴⁵ Die Engelse *you* toon nie die onderskeid so duidelik nie – vert.

⁴⁶ En OAV – vert.

CUM-MVB

“So is dit ook met die Seun wat mens geword het: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien”

CUM-NLV

“Selfs Ek, die Seun van die Mens, het nie gekom om gedien te word nie, maar om dienste te lewer”

NASB

“The Son of Man did not come to be served, but to serve”

Hiermee word prakties illustrasie van ware grootsheid gebied (vgl. Mark. 10:45; Luk. 19:10). Jesus het geweet dat Hy gekom het om (1) die Vader te openbaar, (2) as voorbeeld vir die mensdom te dien (selflose diensbaarheid) en (3) uiteindelik sy lewe prys te gee in plaasvervangende dood.

- OAV, NAV, CUM-MVB “en sy lewe te gee”
- CUM-NLV “en so selfs my lewe te gee”
- NASB “and to give His life”

Geestelike grootsheid het ‘n prys en dit is diensbaarheid – soms verg dit selfs die hoogste offer, naamlik om jou lewe vir ‘n vriend af te lê (vgl. Joh. 15:13; 2 Kor. 5:14-15; 1 Joh. 3:16).

■ “n losprys”; “a ransom”: Die term *lytron* kom twee keer in die NT voor, hier en in Mark. 10:45, met die onderliggende betekenis dat ‘n slaaf of oorlogsgevangene losgekoop kan word. Dit word in die LXX gebruik om *koper* te vertaal (Hebreeus, BDB 497 1) waar dit beteken dat ‘n lewe prysgegee word om sonde af te koop (vgl. Num. 35:31,32).

VIR SPESIALE AANDAG: LOSPRYS/LOSKOOP

I. OU TESTAMENT

A. Daar is in die eerste plek twee Hebreeuse wetsterme wat hierdie gedagte oordra:

1. *Gaal*, wat basies beteken om “vry te stel” deur ‘n prys te betaal. *Go’el* is ‘n vorm van hierdie term wat “tussenganger” beteken, gewoonlik ‘n familielid (losser). Hierdie reg, binne kultuurverband, om dinge terug te koop – diere, grond (vgl. Lev. 25, 27) of verwante persone (vgl. Rut. 4:14-15; Jes. 29:22) – is teologies oorgedra op JHWH se redding van Israel uit Egipte (Eks. 6:6; 15:13; Ps. 74:2; 77:15; Jer. 31:11). Hy word die “verlosser” (vgl. Job 19:25; Ps. 19:14; 78:35; Spr. 23:1; Jes. 41:14; 43:14; 44:6, 24; 47:4; 48:17; 49:7, 26; 54:5, 8; 59:20; 60:16; 63:16; Jer. 50:34).
2. *Padah*, wat basies “om te lewer” of “om te red” beteken.
 - a. die loskoop van die eersgeborene (vgl. Eks. 13:13, 14; Num. 18:15-17)
 - b. fisiese loskoop word gekontrasteer met geestelike redding (vgl. Ps. 49:7, 8, 15)
 - c. JHWH sal Israel verlos van hulle sonde en rebellie (Ps. 130:7-8)

B. Die teologiese konsep sluit drie sake in wat verband hou met mekaar:

1. Daar is ‘n behoefte, ‘n slawerny, boetedoening, ‘n gevangenskap
 - a. fisies,
 - b. sosiaal, en
 - c. geestelik (vgl. Ps. 130:8).
2. ‘n Prys is te betaal vir vryheid, loskom en herstel
 - a. van die volk Israel (vgl. Deut. 7:8);
 - b. en ook van die individu (Job 19:25-27; 33:28).
3. Iemand moet as tussenganger en weldoener optree. In *gaal* is dit gewoonlik ‘n familielid of naasbestaande (d.w.s. ‘n *go’el*).
4. JHWH beskryf dikwels Homself in familie-terme:
 - a. Vader
 - b. Man
 - c. Naasbestaande

Redding het gekom deur middel van YHWH se eie betrokkenheid; ‘n prys is betaal en verlossing is verkry!

II. NUWE TESTAMENT

A. Verskeie terme word gebruik om die teologiese konsep oor te dra:

1. *Agorazō* (vgl. 1 Kor. 6:20; 7:23; 2 Pet. 2:1; Openb. 5:9; 14:34). Dit is ‘n handelsterm wat aandui dat ‘n prys vir iets betaal is. Ons is bloedgekoopte mense wat nie ons eie lewens beheer nie. Ons behoort aan Christus.
2. *Exagorazō* (vgl. Gal. 3:13; 4:5; Ef. 5:16; Kol. 4:5). Dit is ook ‘n handelsterm. Dit weerspieël Jesus se plaasvervangende dood om ons onthalwe. Jesus het die las van ‘n werkheiligheidswet (bv. die Mosaïese wet) wat gevalle mense nie kon nakom nie, op Hom geneem en daardeur die vloek namens ons almal gedra (vgl. Deut. 21:23). In Jesus vermeng God se geregtigheid en liefde tot volle vergifnis – tot aanneming en aanvaarding!
3. *Lutroō*, ‘om vry te maak’
 - a. *Lutron*, “n betaalde prys” (vgl. Mat. 20:28; Mark. 10:45). Hierdie is kragtige woorde uit die mond van Jesus self oor die doel van sy koms; om die verlosser van die wêreld te wees deur skuld te betaal wat nie syne is nie (vgl. Joh. 1:29).
 - b. *Lutroō*, ‘om los te laat’

- (1) om Israel te verlos, vgl. Luk. 24:21
- (2) om Homself oor te gee ten einde 'n volk te verlos en te reinig, vgl. Tit. 2:14
- (3) om 'n sondelose plaasvervanger te wees, 1 Pet. 1:18-19
- c. *Lutrōsis*, 'vrygekoop, verlossing of vrymaking'
 - (1) Sagaria se profesie omtrent Jesus, Luk. 1:68
 - (2) Anna se lof aan God oor Jesus, Luk. 2:38
 - (3) Jesus se beter, eenmalige offer vir sonde, Heb. 9:12

4. *Apolytrōsis* (vgl. 21:28; Rom. 3:24; 8:23; 1 Kor. 1:30; Ef. 1:7,14; 4:30; Kol. 1:14; Heb. 9:15)

5. *Antilytron* (vgl. 1 Tim. 2:6). Dit is, soos Titus 2:14, 'n allerbelangrike teks wat bevryding verbind met Jesus se dood aan die kruis. Hy is die een en enigste aanvaarbare offerande; die een wat sterwe vir "almal" (vgl. Joh. 1:29; 3:16-17; 4:42; 1 Tim. 2:4; 4:10; Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 2:2; 4:14).

B. Die teologiese konsep in die NT is as volg:

1. Die mensdom is verslaaf aan sonde (vgl. Joh. 8:34; Rom. 3:10-18; 6:23).
2. Die mensdom se verslawing aan sonde is bekendgemaak deur die OT Mosaïese wet (vgl. Gal. 3) en Jesus se Bergrede (vgl. Mat. 5-7). Menslike verdienste het 'n doodsvonniss geword (vgl. Kol. 2:14).
3. Jesus, die sondelose lam van God, het in ons plek kom sterwe (vgl. Joh. 1:29; 2 Kor. 5:21). Ons is losgekoop van sonde sodat ons God kan dien (vgl. Rom. 6).
4. Dit impliseer dat Jesus en JHWH naasbestaandes is wat in ons belang optree. Dit leef voort in die familie-metafore (bv. vader, man, seun, broer, naasbestaande).
5. Verlossing was nie 'n prys betaal aan Satan nie (vgl. Middeleeuse teologie), maar die versoening van God se woord en God se geregtigheid met God se liefde en volkome voorsiening in Christus. By die kruis is vrede herstel en menslike rebellie is vergewe. Die beeld van God in die mensdom is nou ten volle funksioneel in intieme vriendskapsvertroulikheid.
6. Dan het verlossing ook 'n toekomsaspek (vgl. Rom. 8:23; Ef. 1:14; 4:30) waarby ons opgestane liggame inbegrepe is en die fisiese samesyn met die Drie-enige God.

■ OAV	"vir baie"
NAV, CUMs	"vir baie mense"
NASB	"for many"

Dit verwys na Jes. 53:11-12. Die term 'baie' sinspeel nie op beperktheid nie, maar dien as natuurlike uitvloeisel van die werk van Christus. Die rabbyne en die Qumran-groep het die 'baie' beperk tot hulle gemeenskapslewe of tot uitverkore gelowiges. Om slegs maar Jes. 53:6c met 53:11d te vergelyk, laat blyk duidelik die sentrale gedagtegang van die 'almal' en die 'baie'. Paulus gebruik ook so 'n gedagtespel in Rom. 5:17-19. Verse 18 en 19 moet as parallelle gesien word en gevolglik is 'almal' en 'baie' hier sinoniem. Dit kan nie 'n letterlike uitleg vir streng Calvinisme ondersteun nie! Sien 'n bespreking in NIDOTTE, vol. 1, bl. 96-97.

NASB (UPDATED) TEXT: 20:29-34

²⁹As they were leaving Jericho, a large crowd followed Him. ³⁰And two blind men sitting by the road, hearing that Jesus was passing by, cried out, "Lord, have mercy on us, Son of David!" ³¹The crowd sternly told them to be quiet, but they cried out all the more, "Lord, Son of David, have mercy on us!" ³²And Jesus stopped and called them, and said, "What do you want Me to do for you?" ³³They said to Him, "Lord, we want our eyes to be opened." ³⁴Moved with compassion, Jesus touched their eyes; and immediately they regained their sight and followed Him.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 20:29-34.

20:29-34 Hierdie was nog 'n wondergenesing deur Jesus om sy medelye en almag te toon. Tipies aan die werkswyse van Matteus was daar twee blindes wat genees is en nie slegs een soos in die weergawes van Mark. 10:46-52 en Luk. 18: 35-43 nie.

20:29	OAV, NAV, CUM-MVB	"Toe hulle uit Jerigo uitgaan"
	CUM-NLV	"Toe Jesus en die dissipels uit Jerigo gaan"
	NASB	"as they were leaving Jericho"

Interessant dat beide Matteus en Markus die genesing plaas waar Jesus uit Jerigo uitgaan, terwyl Lukas (18:35-43) dit by die binnekoms plaas. Daar was 'n ou Jerigo en 'n nuwe Jerigo. Dit is moontlik dat albei weergawes heeltemal akkuraat is.

■ OAV, CUM-NLV	"twee blindes"
NAV, CUM-MVB	"twee blinde mans"
NASB	"two blind men"

Blinde-genesing was 'n teken van die Messiaanse era (vgl. Jes. 29:18; 35:5; 42:7,16,18). Jesus het empatie gehad met diegene wat deur ander met minagting bejeën is (vgl. 20:31).

20:30 “Seun van Dawid”; “Son of David: Sien die aantekeninge by 9:27. Matteus maak dikwels van hierdie Messiaanse betiteling gebruik (vgl. 1:1; 9:27; 12:23; 15:22; 20:30; 21:9,15; 22:42,45).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waaroor argumenteer die dissipels elke keer wanneer Jesus sy dood aankondig?
2. Hoe verklaar ‘n mens die derde dag van Jesus se opstanding?
3. Is Jakobus en Johannes se moeder familie van Jesus?
4. Hoekom is vers 28 so belangrik?
5. Verduidelik hoe ‘almal’ en ‘baie’ sinoniem kan wees.

MATTEUS 21

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Triumphal Entry Into Jerusalem 21:1-11 (5) (9b)	The Triumphal Entry 21:1-11	Palm Sunday 21:1-11	The Triumphant Entry Into Jerusalem 21:1-3 21:4-5 21:6-9 21:10 21:11	The Messiah Enters Jerusalem 21:1-11	Die intog van Jesus in Jerusalem 21:1-11
The Cleansing of the Temple 21:12-13 21:14-17	Jesus Cleanses the Temple 21:12-17	Cleansing the Temple 21:12-13 21:14-17	Jesus Goes to the Temple 21:12-13 21:14-15 21:16a 21:16b 21:17	The Expulsion of the Dealers from the Temple 21:12-17	Die reiniging van die tempel 21:12-17
The Cursing of the Fig Tree 21:18-22	The Fig Tree 21:18-19 The Lesson of the Withered Fig Tree 21:20-22	Fig Tree Cursed 21:18-22	Jesus Curses the Fig Tree 21:18-19 21:20 21:21-22	The Barren Fig Tree Withers, Faith and Prayer 21:18-22	Jesus vervloek die vyeboom 21:18-22
The Authority of Jesus Questioned 21:23-27	Jesus' Authority Questioned 21:23-27	Jesus' Authority 21:23-27	The Question about Jesus' Authority 21:23 21:24-25a 21:25b-27a 21:27b	The Authority of Jesus Questioned 21:23-27	Die vraag oor Jesus se gesag 21:23-27
The Parable of the Two Sons 21:28-32	The Parable of the Two Sons 21:28-32	21:28-32	The Parable of the Two Sons 21:28-31a 21:31b 21:31c-32	Parable of the Two Sons 21:28-32	Die gelykenis van die twee seuns 21:28-32
The Parable of the Vineyard and the Tenants 21:33-44 (42b) 21:45-46	The Parable of the Wicked Vinedressers 21:33-46	Parable of the Vineyard 21:33-41 21:42-44 21:45-46	The Parable of the Tenants in the Vineyard 21:33-39 21:40 21:41 21:42-44 21:45-46	Parable of the Wicked Husbandmen 21:33-43 (42) 21:45-46	Die gelykenis van die boere en die wingerd 21:33-46

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

29. Eerste paragraaf

30. Tweede paragraaf

31. Derde paragraaf

32. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 21:1-17

- A. Die triomfantelike intog was 'n belangrike profetiese vervulling. Saam met die reiniging van die tempel het dit Jesus die beloofde Messias verklaar. Hierdie twee gebeurtenisse word herhaal in
1. Die triomfantelike intog, Mark. 11:10; Luk. 19:29-44; Joh. 12:12-19
 2. Reiniging van die tempel, Mark. 11:15-18; Luk. 19:45-47
- B. Daar is 'n paradoksale aspek in verband met hierdie intog. Jesus was klaarblyklik besig om aan Sag. 9:9 se voorspelling uitvoering te gee en die uitroep van die skare het sy Messiaskap bevestig. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat hierdie Hillel-Psalms (113-118) jaarliks gesing is om pelgrims by die Paasfees in Jerusalem te verwelkom. Hierdie aangeleentheid is uniek omdat die Psalms hier aan 'n spesifieke persoon opgedra word. Dit word ook duidelik aan die konsternasie van die godsdiensteleiers gesien.
- C. Die tempelreiniging (verse 12-17) spreek waarskynlik van die tweede reiniging deur Jesus. Die eerste is in Joh. 2:13-15 opgeteken en vermeld die eerste tempelreiniging. Ek stem persoonlik nie saam met diene wat hierdie twee wil versoen in een aangeleentheid nie. Toegee, dit is moeilik om die kronologie van die Sinoptiese evangelies en die Evangelie van Johannes te versoen, maar dit lyk steeds vir my weens die verskille tussen die twee vertellings of dit beter is om tussen twee aparte reinigings te onderskei: een vroeg in sy prediking, die ander na aan die einde. Tesame met die gelykenisse van die leiers se verwerping, verduidelik die groeiende vyandigheid van die geloofsleiers van Jerusalem.
- D. Die tempelreiniging het 'n hele aantal teologiese aspekte uitgelig:
1. om Jesus se gesag en Koninklike heerskappy te bekragtig;
 2. as 'n gebaar van oordeel oor Israel se leiers soos voltrek sou word in die slagting van 70 n.C.;
 3. om lig te werp op die feit dat die tempel vir alle mense as 'n plek van aanbidding beskou moet word (vgl. Mat. 28:19; Luk. 24:46-47; Han. 1:8).
 4. om die konfrontasie met die Joodse godsdiensteleiers tot breekpunt te dwing wat sou uitloop op sy inhegtenisname en dood;
 5. om te toon dat die Jode vertrou in die tempel gestel en dit verheerlik het (vgl. Jer. 7), maar dat hulle eeder hulle vertrou in God se Messias moes gestel het en Hom moes verheerlik;
 6. om die toneel in te rig vir die verwerping van:
 - a. Israel;
 - b. Israel se leierskorps.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 21:1-11

¹When they had approached Jerusalem and had come to Bethphage, at the Mount of Olives, then Jesus sent two disciples, ²instructing them, "Go into the village opposite you, and immediately you will find a donkey tied *there* and a colt with her; untie them and bring them to Me. ³If anyone says anything to you, you shall say, 'The Lord has need of them,' and immediately he will send them." ⁴This took place to fulfil what was spoken through the prophet;

⁵SAY TO THE DAUGHTER OF ZION,

BEHOLD YOUR KING IS COMING TO YOU,

GENTLE, AND MOUNTED ON A DONKEY,

EVEN ON A COLT, THE FOAL OF A BEAST OF BURDEN."

⁶The disciples went and did just as Jesus had instructed them, ⁷and brought the donkey and the colt and laid their coats on them; and He sat on the coats. ⁸Most of the crowd spread their coats in the road, and others were cutting

branches from the trees and spreading them in the road. ⁹The crowds going ahead of Him, and those who followed, were shouting,

Hosanna to the Son of David;

BLESSED IS HE WHO COMES IN THE NAME OF THE LORD;

Hosanna in the highest!"

¹⁰When He had entered Jerusalem, all the city was stirred, saying, "Who is this?" ¹¹And the crowds were saying, "This is the prophet Jesus, from Nazareth in Galilee."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:1-11.

21:1 OAV "Bétfagé"
NAV, CUMs "Betfage"
NASB "Bethphage"

Hierdie naam beteken 'huis van vye'. Dit was iewers tussen Betanië en Jerusalem, op die lang berggrif bekend as die Olyfberg, geleë.

■ "Olyfberg"; "Mount of Olives": Dit is onseker hoe en waar Jesus die nagte van die laaste week van sy lewe deurgebring het. Sommige is van mening dat Hy teruggegaan het na Betanië om by Lasarus te vertoef; ander glo dat Hy op die Olyfberg gekampeer het, moontlik naby die tuin van Getsemane. Die werklikheid is heel moontlik 'n kombinasie van die twee (vgl. Joh. 12:1-10).

21:2-3 Dit is een van daardie weergawes wat óf een van Jesus se bonatuurlike wonderwerke is, óf 'n voorafskikking was. Daar is voorbeelde van albei in die NT. In konteks blyk hierdie 'n voorafskikking te wees.

21:2 OAV, NAV, CUM-MVB "(dadelik) sal julle daar 'n donkie (eselin) kry wat vasgemaak is en 'n vul by haar"
CUM-NLV "n donkie daar vasgemaak sien staan en 'n vul by haar"
NASB "a donkey tied *there* and a colt with her"

In Joh. 12:14 word 'n donkie genoem, maar nie 'n vul nie. Die vul is belangrik as gevolg van die donkie-simboliek vir Israel. Die donkie was die rydier van die koning alleen (bv. 2 Sam. 18:9). Die koning het 'n koninklike donkie gehad waarop niemand anders voorheen gery het nie. Die feit dat Jesus op 'n donkie vul waarop niemand voorheen gery het nie, aangekom het, was vervulling van die profesie aldus vers 5 van Sag. 9:9 met moontlike verwysing na Jes. 62:11. Sommige laat-Griekse MSS voeg "Sagaria" in voor "Profeet", terwyl sommige weergawes van die Vulgaat en die Koptiese vertalings "Jesaja" daar invoeg. Die donkie was nie alleen 'n simbool van koninklikheid nie, maar ook van nederigheid en vrede.

21:3 "as"; "if": Dit is 'n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat verdere aktiwiteit veronderstel.

21:5 Die aanhaling kom uit Jes. 62:11 en Sag. 9:9.

21:7 OAV "die esel en die vul gebring en hulle klere daarop gelê en Hy het daarop gaan sit"
NAV "die donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim"
CUM-MVB "die donkie en die vul gebring, klere op hulle gesit, en Jesus het op die klere gaan sit"
CUM-NLV "hulle boklere op hulle gesit en Jesus het op die donkie gaan sit"
NASB "and brought the donkey and the colt, and laid their coats on them; and He sat on the coats"

Hierdie gebruik om hulle klere op die diere te plaas is baie soos ons versierde saals tydens parades. Dit is vanselfsprekend dat Jesus op die vul sou gery het, hoewel die Griekse teks dubbelsinnig is hieroor. Die "hulle" in die Griekse teks dui daarop dat klere op albei diere geplaas is, hoewel daar ook weer nie klere op "die" diere geskryf staan nie.

21:8 OAV, NAV "die grootste deel van die skare het van hul klere op die pad oopgegooi"
CUM-MVB "die groot skare het van hul klere op die pad oopgegooi"
CUM-NLV "het hulle boklere voor Jesus op die pad. . .oopgegooi"
NASB "spread their coats in the road"

Ook dit was eerbetoon op koninklike vlak soos wat moderne idioom wil dat "die rooi tapyt uitgerol word" vir iemand van besondere aansien. Daar is OT historiese geleenthede waartydens soortgelyke eer (1) Jehu te beurt geval het (vgl. 2 Kon. 9:13) en Simon Makkabeus in 1 Mak. 13:51 en 2 Mak. 10:7.

■ OAV, CUM-NLV "en ander het takke van die bome afgekap en dit oor die pad gestrooi (uitgesprei)"
NAV, CUM-MVB "en ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi"
NASB "and others were cutting branches from the trees and spreading them in the road"

Hoewel hierdie simboliese gebruik 'n gereelde verskynsel was tydens die Tabernakelfees (vgl. Lev. 23:13-20), was daardie takke aansienlik groter as dié ter sprake. Hierdie takke was kleiner en vergelykbaar met roosblare wat deesdae voor 'n bruid gestrooi word op weg na die kansel. Hierdie drie handelinge: (1) die jasse op die diere, (2) jasse in die pad voor die rydiere, en (3) die takke in die pad dui almal daarop dat die skare besig was om die toekomstige koninklike, Dawidiese Messias te vereer.

21:9	OAV NAV	“En die skare wat voor geloop het en die wat gevolg het, het uitgeroep” “Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aangekom het, het begin uitroep”
	CUM-MVB	“Die skares wat voor Jesus geloop het en diéwat agter Hom aangekom het, het aanhoudend uitgeroep”
	CUM-NLV NASB	“Met Jesus in die middel van die optog het die skare uitgeroep” “The crowds going ahead of Him, and those who followed, were shouting”

Die woord “uitroep” verskyn in ‘n IMPERFEKTUM VORM, wat beteken dat hulle sonder ophou geroep het. Die aanhaling kom uit Ps. 118:26-27. Dit het deel uitgemaak van die paasfeesliturgie of Lofpsalms (vgl. Ps. 113-118). Die pelgrims is elke jaar daarmee verwelkom waar die pad opdraai Jerusalem toe, maar hierdie jaar was daar ‘n unieke verwagting in die persoon van Jesus. Hierdie verse is wonderbaarlik op Hom van toepassing, want Hy sou die vervulling daarvan wees.

☐	OAV, CUM-MVB NAV CUM-NLV NASB, NKJV, NRSV, NJB TEV	“Hosanna vir” “Prys die” “Prys God vir” “Hosanna” “Praise to”
---	--	---

Hierdie term mag in Aramees beteken het ‘koninklike mag aan’. In Hebreeus was die term letterlik “Hosanna” (BDB 446, vgl. Ps. 118:25), wat ‘n algemene groet geword het. Dit het oorspronklik ‘red ons nou’ beteken het. Die eerste gebruik het verwys na Jesus, en die tweede (Ps. 118:26; vers 10) na God die Vader, besig om Hom te vereer omdat Hy die Messias gestuur het.

☐	OAV, CUM-MVB NAV, CUM-NLV NASB	“in die hoogste hemele” “in die hoogste hemel” “in the highest”
---	--------------------------------------	---

Dit was ‘n OMSKRYWENDE STELLING vir die hemel en die teenwoordigheid van God.

☐ **“die Seun van Dawid”**; **“Son of David”**: Dit was ‘n Messiaanse titel (vgl. Mat. 9:27; 12:23; 15:22; 20:30,31; 22:42). Dit was ‘n heenwysing op 2 Sam. 7 wat voorspel het dat daar altyd iemand uit die linie van Dawid op die troon sou wees. Daarom het vervulling vereis dat die Messias uit die stam van Juda sou voortkom (vgl. Gen. 49:10; Ps. 60:7; 108:8).

☐	OAV, NAV, CUM-NLV CUM-MVB NASB	“Loof Hom wat in die naam van die Here kom” “Geseënd is Hy wat met ‘n mandaat van die Here kom” “Blessed is He who comes in the name of the Lord”
---	--------------------------------------	---

Die ooreenstemmende gedeelte in Lukas (19:38) voeg by wat hier bedoel word: “Loof die koning”.

21:10	OAV, CUM-MVB NAV, CUM-NLV NASB	“Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: ‘Wie is hierdie man?’” “Toe Jesus in Jerusalem ingaan, was dit ‘n opskudding in die hele stad: ‘Wie is hierdie man?’” “and when He had entered Jerusalem , all the city was stirred, saying, ‘Who is this?’”
-------	--------------------------------------	---

Dit was die geval dat baie mense van Jesus se magtige wonderwerke gehoor het en aan Hom die titel ‘profeet’ toegeskryf het (vgl. vers 11), maar die feit wat hier tot openbaring kom, is dat Hy nie net ‘n profeet was nie – Hy was die beloofde Messias. Die gebeure wat hierop gevolg het was volkome duidelik vir wie ook al die geestelike insig gehad het om dit in te sien.

Op hierdie punt maak Luk. 19:41-44 ‘n toevoeging waarin hy Jesus skets besig om te huil oor die stad Jerusalem; maar Matteus hou dit terug tot in 23:37-39. Onder inspirasie het die evangelieskrywers vanuit Jesus se uitsprake en leringe geselekteer, gerangskik en opgesom. Die evangelies is nie Westerse geskiedbeskrywing nie, maar teologiese traktate wat verlore nes wou red en verlostes onderrig.

21:11	OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB	“En die skare sê: Dit is Jesus, die profeet” “Die skare (skares) het geantwoord: Dit is Jesus die profeet” “Die skare het geantwoord: Hy is Jesus, die profeet” “the crowds were saying, ‘This is the prophet Jesus’”
-------	--	--

Die herkenning van Jesus se goddelike inspirasie was vanwee die Messiaanse profesie van Deut. 18:15-19. Die mense het vryelik erken dat Jesus ‘n profeet van God was (vgl. Luk. 7:15; 24:19; Joh. 4:19; 6:14; 7:40; 9:17). Hierdie konteks bevestig ook sy Messiaskap. Sien *Vir Spesiale Aandag: NT Profesie* by 11:9.

NASB (UPDATED) TEXT 21:12-13

¹²And Jesus entered the temple and drove out all those who were buying and selling in the temple, and overturned the tables of the moneychangers and the seats of those who were selling doves. ¹³And He said to them, “It is written, ‘MY HOUSE SHALL BE CALLED A HOUSE OF PRAYER’; but you are making it a ROBBERS’ DEN.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:12-13.

21:12	OAV	“En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi”
	NAV, CUM-MVB	“Jesus het tempel toe gegaan (by die tempel ingegaan) en al die mense wat op die tempelplein koop en verkoop, daar uitgejaag. Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers het Hy omgegooi”
	CUM-NLV	“Jesus het tempel toe gegaan en al die handelaars en hul kliënte uitgejaag. Hy het die tafels van die bankiers en die hokkies van die duiweverkopers onderstebo gegooi”
	NASB	“and Jesus entered the temple and drove out all those who were buying and selling in the temple and overturned the tables of the moneychangers and the seats of those who were selling doves”

Hierdie was die tweede reiniging van die tempel (vgl. Joh. 2:15). Die hoëpriester en sy familie was die eienaars van die stalletjies op die tempelplein. Dié reg het hulle van die Romeinse owerheid beval. Die oorspronklike doel van die stalletjies was om besoekers van afgeleë plekke, wat nie offerdiere kon bring nie en nie oor die regte geld (die sjekel) beskik het nie, te help. Met die loop van tyd het die stalletjies verregaande pryse begin vra. Sou iemand ‘n eie offerdier bring, het die priesterlike inspekteurs gou in die dier defekte gevind sodat die besoeker ten duurste by die stalletjiebestuurder ‘n ander een moes aankoop.

Die tempel het net sjekels aanvaar (vgl. Eks. 30:13). Joodse sjekels was van die mark af, maar die Tiriese munt is aanvaar. Pelgrims moes die hand diep in die sak steek om hierdie muntstukke te bekom. Die duiwe wat vir die armes as bekostigbare offerdier bedoel was (vgl. Lev. 1:14; 5:7,11; 12:8; Luk. 14:22; Luk. 2:24), se prys is nou deur die hoëprieters buitensporig opgejaag.

Dit is ‘n voorbeeld van Jesus se woede oor die Joodse godsdiensteilers van die dag se uitbuiting. As woede ‘n sonde was, het Jesus gesondig (vgl. Ef. 4:26).

21:13	OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV	“Daar staan geskrywe: ‘My huis sal ‘n huis van gebed wees (genoem word)’ “Daar staan in die Skrif geskryf: ‘My huis is bedoel om ‘n huis van gebed te wees’
	NASB	“it is written, My house shall be called a house of prayer”

Al die handeldrywery het in die buitehof van die heidene plaasgevind. Die doel van so ‘n voorsiening was om die aandag van heidennasies vir die JHWH-erediens te trek. Jesus het Jes. 56:11 hier opgehaal en sydelings na Jer. 7:11 verwys. Markus se ooreenstemmende gedeelte (vgl. Mark. 11:17) maak ‘n besondere toevoeging: “Staan daar nie geskrywe: ‘My huis sal ‘n huis van gebed vir al die nasies wees,’ nie!” Die frase se universele strekking noop Matteus, met die Jode as teikengehoor, om dié frase uit te laat, maar Markus, wat hom rig op die heidenbekeerdes in Rome, het dit ingesluit.

NASB (UPDATED) TEXT: 21:14-17

¹⁴And the blind and the lame came to Him in the temple, and He healed them. ¹⁵But when the chief priests and the scribes saw the wonderful things that He had done, and the children who were shouting in the temple, “Hosanna to the Son of David, “they became indignant ¹⁶and said to Him, “Do You hear what these children are saying?” And Jesus said to them, “Yes; have you never read, ‘OUT OF THE MOUTH OF INFANTS AND NURSING BABIES YOU HAVE PREPARED PRAISE FOR YOURSELF?’” ¹⁷And He left them and went out of the city to Bethany, and spent the night there.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:14-17.

21:14	OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV	“Blindes en kreupeles het daar in die tempel na Hom toe gekom, en Hy het hulle gesond gemaak” “Blinde en verlamde mense het daar op die tempelrein na Hom toe gekom en Hy het hulle gesond gemaak”
	NASB	“And the blind and the lame came to Him in the temple, and He healed them.”

Verse 14 en 15 kom net in Matteus voor. Selfs op hierdie laat stadium doen Jesus nog genesingswonders wat kenmerkend is van sy liefde en medelye om sodoende die godsdiensteilers van sy boodskap te oortuig. Dit was immers die Messiaanse tekens, naamlik

1. blindes sien (bv. Jes. 29:18; 42:7,16)
2. help verlamdes (bv. Jes. 40:11; Miga 4:6; Sef. 3:19)
3. beide die tekens van #1 en #2 is bymeakaargebring in Jer. 31:8; en Jes. 35: 5-6

As hulle maar net die nodige geestelike insig gehad het, sou hulle die openbaring van sy gesag, sy medelye en die vervullings van die OT profesieë kon sien, maar hulle kon nie.

21:15 OAV “En toe die owerpriesters en skrifgeleerdes”
NAV, CUM-MVB “maar toe die priesterhoofde en skrifgeleerdes”
CUM-NLV “maar toe die leierpriesters en die skrifkenners”
NASB “but when the chief priests and scribes”

Gewoonlik word die hele Sanhedrin (sien *Vir Speciale Aandag* by 20:18) hiermee aangedui. Die vergadering is uitgeleedere van skrifgeleerdes, ouderlinge en die hoëpriester saamgestel. Op dié wyse is na die leierskap in die tyd van Jesus verwys (vgl. vers 23; 16:21).

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “die kinders in die tempel aanhou uitroep, ‘Prys (Hosanna vir) die seun van Dawid,’ was hulle verontwaardig (hoogs ontsteld)”
CUM-NLV “selfs die kinders in die tempel uitroep: ‘Prys God vir die Seun van Dawid’, was hulle bitterlik ontsteld”
NASB “the children were shouting in the temple, ‘Hosanna to the Son of David,’ they became indignant”

Die kinders, immers bekend met Jesus se optrede, reeds op twaalf (vgl. Luk. 2:43), het gehoor hoe die lofpsalms die vorige dag aan Jesus toegedig word, en was besig om die refrein te herhaal wat die Fariseërs vroeër ontstel het.

21:16 OAV “en sê vir Hom: ‘Hoor U wat hulle daar sê?’”
NAV, CUM-MVB “Hulle sê toe vir Hom: ‘Hoor jy wat sê hulle daar?’”
CUM-NLV “en het vir Jesus gesê: ‘Hoor jy wat sê hulle daar?’”
NASB “and said to Him, ‘Do you hear what these children are saying?’”

Volgens Luk. 19:39 was daar ander Fariseërs wat dieselfde klagte gehad het. Jesus het hierdie titels aanvaar as verdere openbaarmaking van sy Messiaanse status.

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** “‘Ja,’ antwoord Jesus (hulle). ‘Het julle nog nooit gelees nie’”
CUM-NLV “‘Ja,’ ek hoor dit was Jesus se antwoord. ‘Het julle nog nooit in die Skrif gelees’”
NASB “Jesus said to them, ‘Yes, have you never read’”

Hierdie was ‘n sterk stelling wat voorgestel het dat hulle hulle eie geskrifte nie ken nie. Jesus het dikwels teenoor die godsdiensteleiers van ironie en sarkasme gebruik gemaak (vgl. 12:3; 19:4; 21:42; 22:31). Jesus haal hier Ps. 8:2 aan. Dit is nie ‘n Messiaanse Psalm nie, maar een wat meedeel dat kinders (suigeling, dalk tot op 3 jaar of ouer) waarheid kan verkondig wat volwassenes nie begryp nie.

21:17 NAV, CUM-MVB, OAV “Toe het Hy hulle verlaat en uit die stad uitgegaan na Betanië toe, waar Hy die nag gebly (vernag) het.”
CUM-NLV “Toe is Hy weer daar weg en het Hy uit die stad na Betanië toe gegaan waar Hy oornag het”
NASB “He left them and went out of the city to Bethany, and spent the night there”

Gedeurende die laaste week van sy aardse lewe het Hy verskeie nagte by Lasarus, Maria en Marta aan huis vertoef (vgl. Joh. 12:1-10).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskryftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoekom is die triomfantelike intog van soveel belang?
2. Waarom is dit belangrik dat Jesus op die vul van ‘n donkie gery het?
3. Verduidelik hoekom Ps. 118:26-27 belangrik is. Wat het hierdie jaar se verwelkomingsparade uniek gemaak?
4. Hoekom was Jesus verontwaardig oor die kopers en verkopers in die tempel?
5. Wat het veroorsaak dat die godsdiensteleiers nie verheug was oor Jesus se wonderwerke nie?

AGTERGROND TOT MATTEUS 21:18-46

- A. Hoofstuk 21 begin met die triomfantelike intog en sluit af met die tweede van drie gelykenisse (van die boere en die wingerd). Dit kan as ‘n poging beskou word om Jesus se Messiaasskap met die Joodse leierskap te bespreek.

- B. Dit is baie moeilik om met sekerheid vas te stel of Jesus (1) die Joodse nasie, (2) die Joodse leierskorps, of (3) albei verwerp.
- C. Die reiniging van die tempel was 'n daad van verwerping (verse 12-17); die vervloeking van die vyeboom was verwerping (verse 18-22); die gelykenis van die twee seuns handel oor verwerping (verse 28-32); die gelykenis van die kwaadwillige huurders is 'n boodskap van verwerping (verse 33-46); en die koning se huweliksfees (22:1-14) is 'n gelykenis waarvan die boodskap ook oor verwerping handel. Dit bly 'n moeilike vraag of die leiers simbolies van die hele nasie beskou moet word en of dit slegs verteenwoordigers van die rabbynse Judaïsme is wat verwerp word?

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 21:18-19

¹⁸Now in the morning, when He was returning to the city, He became hungry. ¹⁹Seeing a lone fig tree by the road, He came to it and found nothing on it except leaves only; and He said to it, "No longer shall there ever be any fruit from you." And at once the fig tree withered.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:18-19.

21:18 OAV "En vroeg in die môre toe Hy teruggaan na die stad"
NAV, CUM-MVB "Vroeg die môre op pad terug stad toe"
CUM-NLV "Vroegdag op pad terug na Jerusalem"
NASB "Now in the morning as, when He was returning to the city"

Die tydverloop volgens Markus verskil ietwat (vgl. Mark. 11:12-14, 20-21). Die aanduiding is dat Jesus van Betanië af terugkeer het, 'n afstand van net meer as drie kilometer (vgl. Mark. 11:2).

21:19 OAV "en Hy sien 'n vyeboom langs die pad en gaan daarnatoe"
NAV, CUM-MVB "Toe hy 'n alleenstaande vyeboom langs die pad sien, gaan Hy daarheen"
CUM-NLV "en 'n enkele vyeboom langs die pad sien staan. Hy gaan toe na die boom"
NASB "Seeing a lone fig tree by the road, He came to it"

Volgens wet was 'n reisiger daarop geregtig om van 'n boom se vrugte of voedsel van 'n landery af te geniet (vgl. Deut. 23:24-25).

■ **OAV** "maar Hy het niks daaraan gevind nie as net blare alleen"
NAV, CUM-MVB "maar Hy het niks anders as blare daaraan gekry nie"
CUM-NLV "maar al wat Hy daaraan gekry het, was blare"
NASB "and found nothing on it except leaves only"

Markus 11:13 voeg by dat dit nie die tyd vir vye was nie. Dit maak temeer hiervan 'n aandskouingsles of profesie van verwerping, hetsy van die Joodse leierskap of dalk die nasie. Hulle het baie geestelik en godsdienstig gelyk, maar "soos mense dit wil hê" (vgl. Jes. 29:13 – NAV) en nie soos die Here dit wil nie; die "krag van die godsdienst" ontbreek (vgl. Kol. 2:21-23; 2 Tim. 3:5 – NAV).

■ "tot in (der) ewigheid nooit weer"; "no longer shall there ever": Hoewel Jesus Aramees gepraat het, het hy in Hebreeus gedink. Sien die *Vir Speciale Aandag* wat hier volg soos geneem uit my kommentare van OT Bybelboeke.

VIR SPESIALE AANDAG: EWIG (GRIEKSE IDIOME VIR 'OLAM)

Die etimologie van die Hebreeuse term *'olam* (BDB 761) is onseker (vgl. NIDOTTE, vol. 3, bl. 345). Dit kan verskeie betekenisse hê wat gewoonlik deur die konteks bepaal word. Die volgende is 'n aantal uitgesoekte voorbeelde:

1. oudhede
 - a. volke, Gen. 6:4; 1 Sam. 27:8; Jer. 5:15; 28:8
 - b. plekke, Jes. 58:12; 61:4
 - c. God, Ps. 93:2; Spr. 8:23; Jes. 63:16
 - d. dinge, Gen. 49:26; Job 22:15; Ps. 24:7,9; Jes. 46:9;
 - e. tyd, Deut. 32:7; Jes. 51:9; 63:9,11
2. toekomstige tyd
 - a. iemand se lewe, Eks. 21:6; Deut. 15:17; 1 Sam. 1:22; 27:12
 - b. die koning se lewe in oortreffende trap, 1 Kon. 1:31; Ps. 61:7; Neh. 2:3
 - c. ononderbroke voortbestaan
 - (1) die aarde, Ps. 78:69; 104:5; Pred. 1:4
 - (2) die hemele, Ps. 148:5
 - d. die bestaan van God
 - (1) Gen. 21:1
 - (2) Eks. 15:18
 - (3) Deut. 32:40

- (4) Ps. 93:2
 - (5) Jes. 40:28
 - (6) Jer. 10:10
 - (7) Dan. 12:7
 - e. die verbond
 - (1) Gen. 9:12,16; 17:7,13,19
 - (2) Eks. 31:16
 - (3) Lev. 24:8
 - (4) Num. 18:19
 - (5) 2 Sam. 23:5
 - (6) Ps. 105:10
 - (7) Jes. 24:5; 55:3; 61:8
 - (8) Jer. 32:40
 - f. spesiale verbond met Dawid
 - (1) 2 Sam. 7:13,16,25,29; 22:51; 23:5
 - (2) 1 Kon. 2:23, 45; 9:5
 - (3) 2 Kron. 13:5
 - (4) Ps. 18:50; 89:4,28,36,37
 - (5) Jes. 9:7; 16:5; 37:35; 55:3
 - g. God se Messias
 - (1) Ps. 45:2; 72:17; 89:35-36; 110:4
 - (2) Jes. 9:6
 - h. God se wette
 - (1) Eks. 29:28; 30:21
 - (2) Lev. 6:18,22; 7:34; 10:15; 24:9
 - (3) Num. 18:8,11,19
 - (4) Ps. 119:89,160
 - i. God se beloftes
 - (1) 2 Sam. 7:13,16,25; 22:51
 - (2) 1 Kon. 9:5
 - (3) Ps. 18:50
 - (4) Jes. 40:8
 - j. Abraham se afstammeling in die beloofde land
 - (1) Gen. 13:15; 17:18; 48:4
 - (2) Eks. 32:13
 - (3) 1 Kron. 16:17
 - k. verbondsfeeste
 - (1) Eks. 12:14,17,24
 - (2) Lev. 23:14,21,41
 - (3) Num. 10:8
 - l. oneindige ewigheid
 - (1) 1 Kon. 8:13
 - (2) Ps. 61:7-8; 77:8; 90:2; 103:17; 145:13
 - (3) Jes. 26:4; 45:17
 - (4) Dan. 9:24
 - m. wat in die Psalms staan, sal gelowiges vir ewig besig hou
 - (1) betoon dankbaarheid, Ps. 30:12; 79:13
 - (2) vertoef in sy teenwoordigheid, Ps. 41:12; 61:4,7
 - (3) maak staat op sy barmhartigheid, Ps. 52:8
 - (4) loof die Here, Ps. 52:9
 - (5) besing sy lof, Ps. 61:7
 - (6) roem sy geregtigheid, Ps. 75:9
 - (7) verheerlik sy naam, Ps. 86: 12; 145:2
 - (8) seën sy naam, Ps. 145:1
 - 3. in terugblik en toekomsblik (van ewigheid tot ewigheid)
 - a. Ps. 41:13 – lof aan God
 - b. Ps. 90:2 – God was altyd daar
 - c. Ps. 103:17 – die sagmoedige liefde van die Here
- Onthou dat die konteks die betekenis van die woord bepaal. Die ewige verbonde en beloftes is voorwaardelik (bv. Jer. 7). Wees versigtig om nie jou moderne sin van tyd of jou NT sistematiese teologie in hierdie uiters vloeibare woord in te lees nie. Die NT universaliseer OT beloftes.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“En onmiddellik het die vyeboom (dadelik) verdroog”
 “Die boom het onmiddellik totaal verskrimpel”
 “and at once the fig tree withered”</p> |
|--|--|

Markus 11:20 meld dat die verskimpeling die volgende môre waargeneem is. ‘n Vergelykbare gelykenis kom in Luk. 13:6-9 voor. Dit is bedoel as ‘n les teen godsdienstige vertoosug van die Joodse leiers en die betreuenswaardige afwesigheid van liefde vir en toewyding aan God.

NASB (UPDATED) TEXT: 21:20-22

²⁰Seeing *this*, the disciples were amazed and asked, “How did the fig tree wither all at once?” ²¹And Jesus answered and said to them, “Truly I Say to you, if you have faith and do not doubt, you will not only do what was done to the fig tree, but even if you say to this mountain, ‘Be taken up and cast into the sea,’ it will happen. ²²And all things you ask in prayer, believing, you will receive.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:20-22.

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 21:21 OAV NAV, CUMs NASB | <p>“Voorwaar”
 “(Dit) verseker Ek julle”
 “Truly”</p> |
|--|---|

Sien die aantekeninge en *Vir Spesiale Aandag* by 5:18.

- “as”; “if”: Dit is ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat moontlike toekomshandeling veronderstel.

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV, NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“as julle geloof het en nie twyfel nie”
 “as julle vertrou het en nie twyfel nie”
 “as vas glo en nie twyfel nie”
 “have faith and do not doubt”</p> |
|--|---|

Hierdie tema is van kardinale belang (vgl. 17:20; Jak. 1:6-8), omdat die nuwe era van die Gees van die huidige bese era verskil. Die nuwe era is ‘n tyd van geloof/vertrou in God, sy woord en sy Seun. Hierdie vers laat blyk hoe God sy wil in allerlei gebeure laat geskied en dien nie as voorbeeld vir optrede van gelowiges nie. Voorbeeld: Israel het in die geloofstoets gefaal en daar is altyd gevolge (soos vir die vyeboom, verwerping)! Hierdie gebeurtenis (verdroging van die vyeboom) is ‘n teologiese parallel vir die tempelreiniging vroeër in die hoofstuk.

- “hierdie berg”; “this mountain”: Dit verwys na die Olyfberg, wat duidelik sigbaar sou gewees het.

- “die see”; “the sea”: Hierdie is ‘n verwysing na die Dooie See wat ook van die Olyfberg af sigbaar was. In die OT het hierdie handeling daarop neergekom dat berge gelykemaak moes word en dale opgevuul moes word sodat heidene fisies toegang tot JHWH in Jerusalem kon hê. In die konteks is dit dus nie kragdadige wonderwerke deur geloof nie, maar geestelike toegang van heidene tot JHWH wat beklemtoon word – toegang wat deur die Joodse leierskap belemmer is. Die konteks beklemtoon dan die geestelike toegang van heidene tot JHWH wat deur Joodse leiers belemmer is (bv. hof van heidene grotendeels gebruik vir stalletjies). Hierdie konteks moet in die lig van ‘n reeks verwerpingsboodskappe verstaan word (vgl. 21:12-17, 28-32, 33-46; 22:1-14).

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 21:22 OAV, NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo”
 “En alles wat julle in ‘n vertrouensverhouding met God vra, sal julle ontvang”
 “Alles wat julle in gebed van God vra, sal julle ontvang mits julle God daarmee vertrou”
 “And all things you ask in prayer, believing, you will receive.”</p> |
|--|--|

Let op die beloftes sonder voorwaardes wat verbind word aan die voorwaarde dat daar geloof moet wees. Dit was die algemene spreekwyse om hierdie Bybelse waarheid bekend te maak, maar Westerlinge verkies eksakte uitsprake. Dinge is óf wit óf swart. Die gebruik van dialektiese paradokse val Westerlinge ongemaklik op die oor, maar wat hier staan kom daarop neer dat gebed verhoor word op grond van God se voornemens en ooreenstemmende geloof by die mensdom (vgl. Mat. 18:19; Joh. 14:13-14; 15:7,16; 16:23; 1 Joh. 3:22; 5:14 met Mat. 7:7-8; Luk. 11:5-13; 18:1-8; 18:9-14; Mark. 11:23-24 en Jak. 1:6-7; 4:3).

Die slegste ding wat God vir sy kinders kan doen, is om selfsugtige en materialistiese gebede te verhoor. Gelowiges wat op die ingesteldheid van Christus let, vra dinge wat God met blydskap vervul en wat vir uitbreiding van sy koninkryk nodig is. Sien *Vir Spesiale Aandag: Gebed* by 18:19.

NASB (UPDATED) TEXT: 21:23-27

²³When He entered the temple, the chief priest and the elders of the people came to Him while He was teaching, and said, “By what authority are You doing these things, and who gave You this authority?” ²⁴Jesus said to them, “I will also ask you one thing, which if you tell Me, I will also tell you by what authority I do these things. ²⁵The baptism of John was from what *source*, from heaven or from men?” And they *began* reasoning among themselves, saying, “If we say, ‘From heaven,’ He will say to us, ‘Then why did you not believe him?’ ²⁶But if we say, ‘From

men,' we fear the people; for they all consider John to be a prophet." ²⁷And answering Jesus they said, "We do not know." He also said to them, "Neither will I tell you by what authority I do these things."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:23-27.

21:23 OAV "die owerpriesters en die ouderlinge van die volk"
NAV, CUM-MVB "die priesterhoofde en familiehoofde (oudstes) van die volk"
CUM-NLV "die leierpriesters en familiehoofde"
NASB "the chief priests and elders of the people"

Let daarop dat in vers 15 hulle "leierpriesters" (CUM-NLV) of "skrifgeleerdes" (NAV) genoem word. Voeg by "familiehoofde" en hierdie drie groepe saam vorm die Sanhedrin. Hoe amptelik of nie-amptelik hulle samestelling was, is nie heeltemal duidelik nie, maar hulle het die leiding geneem in die Joodse gemeenskapslewe. Die frase "familiehoofde van die volk" is uniek tot Matteus (vgl. 21:23; 26:3,47; 27:1).

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** "Hy besig was om (die mense) te leer"
CUM-NLV "besig om onderrig te gee"
NASB "while He was teaching"

Jesus het in die voorhof van die heidene by die suilegang van Salomo gepreek (vgl. Han. 3:11; 5:12). Hy het steeds probeer om tot die Joodse leierskap deur te dring.

▣ **OAV, NAV, CUM-MVB** "Deur (met) watter gesag (outoriteit) doen U hierdie dinge"
CUM-NLV "Watter soort volmag het jy om mense uit die tempel te jaag?"
NASB "By what authority are You doing these things"

Dit was die kern van die saak. "Hierdie dinge" kon verwys het na die reiniging van die tempel (verse 12-16), Jesus se verwerping van die mondelinge oorlewering of sy wonderwerke ten aanskoue van almal. Hulle kon sy wonderwerke nie betwis nie, daarom val hulle die bron of die "gesag" agter sy optrede aan. Die godsdienstige leiers van Jesus se tyd was van mening dat Hy kragdadig bemagtig was deur demone (vgl. 12:24; Mark. 3:22; Luk. 11:15; Joh. 7:20; 8:48,52; 10:20-21).

21:24-27 Hierdie gesprek is die inleiding tot die drie daaropvolgende gelykenisse. Dit laat blyk die vooraf ingenome standpunte van die godsdiensteleiers. Hierdie manne het maande lank probeer om Jesus met slu vrae uit te vang. Hierdie keer draai Hy hulle strategie op hulleself.

21:24,25,26 Hierdie is KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE wat moontlike toekomshandeling veronderstel.

21:26 "n profet"; "a prophet": Sien *Vir Speciale Aandag* by 11:9.

NASB (UPDATED) TEXT: 21:28-32

²⁸"But what do you think? A man had two sons and he came to the first and said, 'Son, go work today in the vineyard,' ²⁹And he answered, 'I will not;' but afterwards he regretted it and went. ³⁰The man came to the second and said the same thing; and he answered, 'I will, sir,' but he did not go. ³¹Which of the two did the will of his father?" They said, "The first." Jesus said to them, "Truly I say to you that the tax collectors and prostitutes will get into the kingdom of God before you. ³²For John came to you in the way of righteousness, but you did not believe him; but the tax collectors and prostitutes did believe him; and you, seeing *this*, did not even feel remorse afterward so as to believe him."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:28-32.

21:28 OAV "n man het twee kinders gehad"
NAV, CUM-MVB "Daar was 'n man met twee seuns"
CUM-NLV "n man wat twee seuns gehad het"
NASB "a man had two sons"

Hierdie gelykenis kom net in Matteus voor. Die volgorde van die twee seuns se reaksies verskil tussen die ou manuskripte. Die verband met die voorafgaande (verse 23-27) maak die verskille onbenullig. Die gelykenis stel die gewone bevolking en die godsdienstige leiers teenoor mekaar.

21:31 OAV "die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God"
NAV, CUM-MVB "Tollenaars (belastinggaarders) en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in"
CUM-NLV "Die korrupte tollenaars en prostitute sal voor julle in God se koninkryk ingaan"
NASB "The tax collectors and the prostitutes will get into the kingdom of God before you"

Dit was vir Joodse godsdiensteleiers van die dag 'n skokkende stelling, nes Mat. 5:20; 8:11-12; 19:24-25,30 en 20:16. Die godsdiensteleiers het agterkom dat Jesus onteenseglik standpunt inneem ten opsigte van hulle afwysing en versuim om die gewone bevolking te verwelkom (by implikasie bekeerlinge uit die heidendom).

Matteus het deurentyd van die koninkryk van die “hemele” gepraat; waarskynlik om die Joodse lesers die ongemak van ydelike gebruik van die naam van God te spaar, maar hier volg hy Markus en Lukas, wat vir heidene geskryf het, se gebruik van die frase “koninkryk van God”, waarskynlik om die Joodse lesers te skok sodat hulle sou luister!

21:32 OAV “Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid”
NAV, CUM-NLV “Want Johannes het na julle toe gekom en die regte pad aangewys”
CUM-MVB “Want Johannes het na julle gekom en geleef soos iemand wie se saak met God reg is”
NASB “for John came to you in the way of righteousness”

Jesus en Johannes se benadering was uiteenlopend van aard. Johannes het gekom in die tradisie van die voorgeslagte, maar is nogtans verwerp (verse 24-26). Jesus het as die vriend van sondaars gekom en was selfs beskuldig as ‘n “wynsuiper” (vgl. Mat. 11:19; Luk. 7:34). Albei is verwerp.

Die woord ‘weg’ is ‘n OT uitdrukking wat dui op ‘n gelowige lewenstyl (vgl. Eks. 32:8; Deut. 8:6; 10:12; 11:22,28). “Die Weg” het toe die eerste naam van die kerk geword (vgl. Han. 9:2; 19:9, 23; 22:4; 24:22).

■ **OAV, NAV, CUM-MVB** “en julle het hom nie geglo nie. . .het hom geglo”
CUM-NLV “maar julle het sy prediking nie aanvaar nie. . .het dit egter aanvaar”
NASB “you did not believe him. . .did believe him”

Agt hierdie beeldspraak is die behoefte om in Jesus te glo en dit is beskikbaar vir elkeen wat na die beeld van God geskape is!

NASB (UPDATED) TEXT: 21:33-41

³³“Listen to another parable. There was a landowner who PLANTED A VINEYARD AND PUT A WALL AROUND IT AND DUG A WINE PRESS IN IT, AND BUILT A TOWER, and rented it out to vine-growers and went on a journey. ³⁴When the harvest time approached, he sent his slaves to the vine-growers to receive his produce. ³⁵The vine-growers took his slaves and beat one, and killed another, and stoned a third. ³⁶Again he sent another group of slaves larger than the first; and they did the same thing to them. ³⁷But afterward he sent his son to them, saying, ‘They will respect my son.’ ³⁸But when the vine-growers saw the son, they said among themselves, ‘This is the heir; come let us kill him and seize his inheritance.’ ³⁹They took him and threw him out of the vineyard and killed him. ⁴⁰Therefore when the owner of the vineyard comes, what will he do to those vine-growers?’ ⁴¹They said to Him, “He will bring those wretches to a wretched end, and will rent out the vineyard to other vine-growers who will pay him the proceeds at the proper seasons.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:33-41.

21:33 OAV, NAV “Luister na ‘n ander gelykenis”
CUM-MVB “Luister na nog ‘n beeldryke verhaal”
CUM-NLV “Luister na nog ‘n voorbeeld”
NASB “Listen to another parable”

Hierdie ooreenstemmende gelykenis word in Mark. 12:1-12 en Luk. 20:9-19 aangebied. Sterker kan ‘n gelykenis nie God se verwerping van Israel en leiers skets nie!

■ “wat ‘n wingerd geplant. . .het”; “who planted a vineyard”: Dit moet klaarblyklik in verband met Jesaja 5 gesien word. “Wingerd” was deurentyd simbolies van die volk, Israel. Hierdie gelykenis is die mees allegories van die drie tans ter sprake. Die slawe dui op die profete. Die seun verwys na die Messias (let wel, daar is ‘n seun in elkeen van die gelykenisse in hierdie hoofstuk, maar hy vertolk in elkeen ‘n heel verskillende rol). Die huurders is die volk Israel, of ten minste haar leiers.

In die onmiddellike verband verwys die nuwe huurders na die gewone volk van die land, maar in die breër konteks verwys dit na die heidene (vgl. Mat. 28:18-20; Luk. 24: 46; Han. 1:8).

21:41 Die skare beantwoord die vraag waarmee Jesus afsluit korrek en haal ‘n verdoemende vonnis oor hulleself. Die woordspel in die Grieks vertaal as ‘daardie ellendelige (*kakous*) na ‘n ellendige (*kakōs*) einde’ (uitgespreek ‘kakoos’ en ‘kakoos’).

NASB (UPDATED) TEXT: 21:42-44

⁴²Jesus said to them, “Did you never read in the Scriptures,
‘THE STONE WHICH THE BUILDERS REJECTED,
THIS BECAME THE CHIEF CORNER STONE;
THIS CAME ABOUT FROM THE LORD,
AND IT IS MARVELOUS IN OUR EYES’?”
⁴³Therefore I say to you, the kingdom of God will be taken away from you and given to a nation producing the fruit of it. ⁴⁴And he who falls on this stone will be broken to pieces; but on whomever it falls, it will scatter him like dust.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:42-44.

21:42 OAV “Het julle nooit in die Skrifte gelees nie”
NAV, CUM-MVB “Julle het tog al in die Skrif (Skrifte) gelees
CUM-NLV “Julle het tog seker al in die Skrif die volgende gelees”
NASB “Did you never read in the Scriptures”

Hierdie was ‘n aanhaling uit Ps. 118:22-23. Aanvanklik het dit gedui op Israel se verwerping deur die nasies. Ironies verwys dit hier na Israel se verwerping deur God terwyl Hy die mens in die algemeen ek dus die heidennasies aanvaar.

▣ **OAV** “steen”
NAV, CUMs “klip”
NASB “stone”

In die OT was ‘steen’ ‘n titel van God (vgl. Ps. 18). In Jes. 28:16 geld ‘n klip wat fundamente aaneensluit as Messiaanse belofte. In Dan. 2:34,44-45 word dit as ‘n metafoor vir die komende Messiaanse ryk aangebied. Die Messias kan ‘n standvastige fondament van God of ‘n vernietigende veroordeling van God wees. Die opstandingsdag is ook die oordeelsdag. Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat volg.

VIR SPESIALE AANDAG: HOEKSTEEN

I. OT Gebruike

- A. Die idee van ‘n klip as harde, duursame voorwerp om ‘n fondament mee te lê, is as metafoor vir JHWH gebruik (vgl. Ps. 18:1).
- B. Hiervandaan het dit ontwikkel tot ‘n Messiaanse betiteling (vgl. Gen. 49:24; Ps. 118:22; Jes. 28:16).
- C. Dit dui ook op die oordeel van God deur die Messias aangewend (vgl. Jes. 8:14; Dan. 2:34-35, 44-45).
- D. Die verdere ontwikkeling is ‘n bouersmetafoor:
 1. ‘n fondamentsteen, wat basies geplaas word as die hoeksteen waarop die hoeke en die veiligheid van die gebou rus;
 2. die laaste klip, die finale steun in die muur, die sluitsteen of kliplatei (Sag. 4:7; Ef. 2:20, 21) – in Engels ‘n *cap stone* genoem; in Hebreeus, *rusj* (hoof);
 3. die sluitsteen in die middel van die boogingang wat as stut vir die mure dien.

II. NT Gebruike

- A. Jesus haal Ps. 118 verskeie kere aan met verwysing na Homself (vgl. Mat. 21:41-46; Mark. 12:10-11; Luk. 20:17).
- B. Paulus gebruik Ps. 118 met verwysing na JHWH se verwerping van ‘n ontroue, wederstrewige Israel (vgl. Rom. 9:33).
- C. Paulus gebruik die konsep van ‘n sluitsteen of kliplatei in Ef. 2:20-22 met betrekking tot Christus.
- D. Petrus beskou Jesus as die sluitsteen of hoeksteen (vgl. 1 Pet 2:1-10) vir die lewende stene (die gelowiges as die “tempel”, 1 Kor. 6:19), wat op Hom gebou is; Jesus assosieer sterk met die tempel as metafoor (Mark. 14:58; Mat. 12:6; Joh. 2:19-20).

Die Jode het die fondament van hulle hoop verwerp toe hulle Jesus as Messias verwerp het.

III. Teologiese Opmerkings

- A. JHWH het Dawid en Salomo toegelaat om ‘n tempel te bou met die belofte dat Hy by hulle sal woon en hulle sal seën as hulle die verbond nakom. Andersins kon hulle die verwoesting van die tempel verwag (1 Kon. 9:1-9).
- B. Die Judaïsme van die rabbyne, sonder om toegewyde rabbyne deur veralgemening te na te kom, was toegespits op vormlikheid en ritus sonder om die nodige ag te slaan op die persoonlike aspek van geloof. God verlang na ‘n persoonlik daaglikse wandeling met die mens wat Hy na sy beeld geskape het (Gen. 1:26-27). Luk. 20:17-18 spreek van vreesaanjaende oordeel.
- C. Jesus vergelyk sy fisiese liggaam met ‘n tempel. Dit brei uit op, en wil bevorderlik wees van, die persoonlike aspek van die verhouding met God. Geloof in Jesus as die Messias is die enkele groot stap tot ‘n verhouding met die On sienlike (JHWH).
- D. Verlossing beteken die herstel van die beeld van God in mense sodat vertrouensvriendskap met God weer moontlik word. Die doel van die Christendom is dat die Christusgesindheid in die mens se lewe tot uitdrukking moet kom – hier en nou. Gelowiges moet lewende stene word, gekap na die voorbeeld van Christus, en met Hom ingebou wees in die nuwe tempel van God.
- E. Jesus is die fondament van ons geloof en die sluitsteen van ons geloof – die Alfa en die Omega. Hy is egter ook die struikelblok en die rots van aanstoot. Om Hom mis te loop, is om alles te verloor. Hier is geen midde weg nie!

21:43 “aan ‘n volk gegee sal word”; “and given to a nation”: Hierdie gedeelte en die gelykenis van Mat. 22:1-14 ondersteun die gedagte dat die drie gelykenisse in Mat. 21 ook verwerping van die hele Israel impliseer, en nie net die leiers nie! In die eerste en laaste plek was dit verwerping van die rabbyne Judaïsme. Die woord vir ‘heidene’ was letterlik ‘die nasies’.

21:44 Die NASB, die NRSV en die Afrikaanse vertalings sluit vers 44 in, hoewel die RSV, TEV, en JB dit in ‘n voetnoot plaas. Die vers kom ook voor in Luk. 20:18 en die vertaalspanne van die RSV, JB, en TEV is van mening dat ‘n

oorskrywer van die Matteus-evangelie dit bygesit het. Die UBS⁴ gradeer dit met ‘n “C”-simbool. Die Griekse teks van Matteus en Lukas kan nie as volledig gerestoureer beskou word nie. In baie antieke hoofletter-manuskripte kom die teks wel voor: Ⲛ, B, C, K, L, W en Z asook in die Latynse, Koptiese, Siriese en Armeniese vertalings en Griekse tekste wat deur Chrysostomus, Cyrilius, Hieronimus en Augustinus gebruik is. Dit staan vas dat die oudste Griekse MSS, “D”, wat vers 44 uitlaat, in die sesde eeu gedateer word (*Besae*). Dit behoort ingesluit te word!

NASB (UPDATED) TEXT: 21:45-46

⁴⁵When the chief priests and the Pharisees heard His parables, they understood that He was speaking about them. ⁴⁶When they thought to seize Him, they feared the people, because they considered Him to be a prophet.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 21:45-46.

21:45	NAV, OAV	“toe die priesterhoofde en Fariseërs Jesus se gelykenisse hoor, het hulle besef dat Hy op hulle sinspeel (van hulle spreek)”
	CUM-MVB	“toe die priesterhoofde en die Fariseërs sy beeldryke verhale hoor, het hulle besef dat Hy oor hulle praat.”
	CUM-NLV	“toe die leierpriesters en die skrifkenners hierdie voorbeelde hoor, het hulle besef dat Jesus op hulle sinspeel”
	NASB	“when the chief priests and Pharisees heard His parables, they understood that He was speaking about them”

Die godsdiensteleiers van Jesus se dag het maar te goed besef wat Hy besig was om te sê. Ironies, die Sadduseërs en Fariseërs het verstaan, maar die dissipels nie!

21:46 “profeet”; “prophet”: Sien *Vir Speciale Aandag* by 11:9.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat is die verhouding tussen die reiniging van die tempel, die vervloeking van die vyeboom en die drie daaropvolgende gelykenisse?
2. Het Jesus die rabbynse Judaïsme, die godsdiensteleiers of nasionale Israel verwerp? Hoekom?
3. Hoe is dit moontlik dat ongodsdienstige, sosiale verstoppenes, sondaars soos tollenaars en prostitute, gered kan word terwyl toegewyde, konserwatiewe, Bybel-gerigte godsdiensteleiers geestelik verlore kan wees? (vgl. Mat. 5:20,48).
4. Verduidelik die verband tussen Ps. 118:22-23 en Jesus se uitsprake oor sy verwerping.
5. Wat is die verband tussen verse 43-46 en 8:21-12; 19:30 en 20:16?

MATTEUS 22

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Parable of the Marriage Feast 22:1-14	The Parable of the Wedding Feast 22:1-14	The Marriage Feast 22:1-10 22:11-14	The Parable of the Wedding Feast 22:1-10 22:11-13 22:14	Parable of the Wedding Feast 22:1-14	Die gelykenis van die bruilof 22:1-14
Paying Taxes to Caesar 22:15-22	The Pharisees: Is It Unlawful to Pay Taxes to Caesar? 22:15-22	Paying Taxes to Caesar 22:15-22	The Questions About Paying Taxes 22:15-17 22:18-19a 22:19b-20 22:21a 22:21b 22:22	On Tribute to Caesar 22:15-22	Die vraag oor die betaal van belasting 22:15-22
The Question About Resurrection 22:23-33	The Sadducees: What About the Resurrection? 22:23-33	Question About the Resurrection 22:23-33	The Question About Rising From Death 22:23-28 22:29-32 22:33	The Resurrection of the Dead 22:23-33	Die vraag oor die opstanding uit die dood 22:23-33
The Great Commandment 22:34-40	The Scribes: Which is the First Commandment of All? 22:34-40	The Great Commission 22:34-40	The Great Commandment 22:34-40	The Greatest Commandment of All 22:34-40	Die vraag oor die grootste gebod 22:34-40
The Question About David's Son 22:41:46 (44)	Jesus: How Can David Call His Descendant Lord? 22:41:46	David's Son 22:41:46	The Question About the Messiah 22:41-42b 22:42c 22:43-45 22:46	Christ Not Only Son but Also Lord of David 22:41:46 (44)	Die vraag oor die Seun van Dawid 22:41:46

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

33. Eerste paragraaf

34. Tweede paragraaf

35. Derde paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

AGTERGROND TOT MATTEUS 22:1-14

- A. Hierdie is die laaste van drie gelykenisse wat Jesus tot die godsdiensteleiers in Jerusalem rig (vgl. 21:23). Hierdie gelykenisse moet in konteks met Jesus se reiniging van die tempel (vgl. 21:12-17) en die vervloeking van die vyeboom (vgl. 21:18-22) gelees word. Albei gebeure was tekens van God se verwerping van die Joodse leierskap en van die rabbynse Judaïsme, of die nasie.
- B. Een van die belangrikste vrae oor hierdie gelykenisse is wie hulle betrekking het:
1. Joodse leierskap teenoor die gewone volk (vgl. 21:31);
 2. Jode teenoor heidene (vgl. 21:41,43; 22:3-5, 8, 9, 10);
 3. onboetvaardige en apatiese mense teenoor berouvolle, nederige mense
- C. Daar is moontlik twee gelykenisse in verse 1-14. Dit blyk uit
1. die meervoudsverwysing na “gelykenisse” in vers 1; en
 2. die interne en kontekstuele teenstellings tussen verse 1-10 en verse 11-14, veral wat betref die huweliksbekleding
- D. Daar is ook die verwante vraag oor die aantal sprekers verteenwoordig in verse 1-14:
1. ongetwyfeld die koning
 2. sekerlik ook die koning se diensknegte
 3. waarskynlik in vers 7 die evangelieskrywer self en
 4. moontlik Jesus self in vers 14.
- E. Die gelykenisse in hierdie verse hou moontlik verband:
1. die eerste sinspeel op die verwerping van God se boodskapper, nl. Johannes die Doper;
 2. die tweede dui op die verwerping van God se Seun, die Messias; en
 3. die derde sinspeel op die verwerping van God se genade.
- F. Dit is moontlik dat verse 1-10 dui op God se onverdiende genade aan ‘n gevalle mensdom, terwyl verse 11-13 die mens se verantwoordelikheid nadat soveel genade ontvang is beklemtoon. Die gelykenis is te vaag op hierdie punt om basis vir teologie te vorm, maar dieselfde waarheid word in Ef. 2:8-9, 10 verkondig. Die gelykenis sou dan die waarheid bevestig dat verlossing begin by God se genade, maar daarna ‘n leeftyd se aflê van sonde en volharding in geloof impliseer.
- G. Hierdie gelykenis stem in vele opsigte ooreen met Luk. 14:16-24. Skrifkritici beweer dat dit twee verskillende opvattinge van dieselfde preek was. Jesus het dieselfde onderrig by verskeie geleenthede aangebied. Evangelieskrywers het nie die reg verkry om vir Jesus woorde in die mond te lê nie. Wat hulle wel kon doen, was om onder inspirasie aan sekere van sy leringe voorkeur te gee, waarhede te kombineer en op te som. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die “bergrede” (vgl. Mat. 5-7) vergelyk met die “preek op die vlakke” van Luk. 6.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 22:1-10

¹Jesus spoke to them again in parables, saying, ²“The kingdom of heaven may be compared to a king who gave a wedding feast for his son. ³And he sent out his slaves to call those who had been invited to the wedding feast, and they were unwilling to come. ⁴Again he sent out other slaves saying, “Tell those who had been invited, ‘Behold, I have prepared my dinner; my oxen and my fattened livestock are *all* butchered and everything is ready; come to the wedding feast.’ ⁵But they paid no attention and went their way, one to his own farm, another to his business, ⁶and the rest seized his slaves and mistreated them and killed them. ⁷But the king was enraged, and he sent his armies and destroyed those murderers and set their city on fire. ⁸Then he said to his slaves, ‘The wedding is ready, but those who were invited were not worthy. ⁹Go therefore to the main highways, and as many as you find *there*, invite to the wedding feast.’ ¹⁰Those slaves went out into the streets and gathered together all they found, both evil and good; and the wedding hall was filled with dinner guests.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 22:1-10.

22:1	OAV, NAV	“deur (in) gelykenisse”
	CUM-MVB	“in beeldryke verhale”
	CUM-NLV	“ander voorbeelde”
	NASB	“in parables”

Let op die MEERVOUDSVORM wat kan beteken:

1. Matteus het verskeie gelykenisse van Jesus gekombineer;
2. Jesus het die verskillende verhale by verskeie geleenthede gebruik om verskillende waarhede te beklemtoon; of
3. Jesus het eenvoudig verkies om van verhalende trant gebruik te maak (vgl. Mark. 4:10-12).

22:2	OAV	“die koninkryk van die hemele”
	NAV	“die koninkryk van die hemel”
	CUM-MVB	“die koninklike regering van God”
	CUM-NLV	“God se koningsheerskappy”
	NASB	“the kingdom of heaven”

Hierdie onderwerp het meermale in Jesus se onderrig en prediking voorgekom (sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:17). Die koninkryk is ‘n teenwoordige realiteit en ‘n toekoms hoop. Dit is die heerskappy van God, nou in die hart van mense, maar wat in die voleinding die hele aarde sal omvat. Hierdie frase is sinoniem met die “koninkryk van God” in Markus en Lukas. Matteus wat vir Jode geskryf het, was huiwerig wat betref die gebruik van die Godsnaam.

■ **“n koning. . . sy seun”; “a king. . . his son”**: Hoewel dit hermeneuties onvanpas is om gelykenisse allegories te verklaar, wil dit tog voorkom of hierdie koninklike motief op God betrekking het. Interessant is dit ook dat “n seun” telkens in hierdie drie gelykenisse (vgl. Mat. 21:28-22:14) figureer. Dit is waar dat in hierdie gelykenis “seun” ‘n baie ondergeskikte rol vervul, maar dit is nogtans aanwesig. ‘n Mens is geneig om God as die koning en Jesus as die prins te beskou. Die huweliksfees word dan aan die toekomstige Messiaanse feesmaal verbind (vgl. Mat. 18:11; Luk. 13:29; 14:15; 22:16; Openb. 19:9, 17).

22:3	OAV, NAV, CUM-MVB	“die genooides”
	CUM-NLV	“die gaste”
	NASB	“those who had been invited”

Die frase beteken in werklikheid ‘roep die geroepenes’. In die Antieke Nadere-Ooste was dit gebruiklik om tweekeer te nooi, eers met ‘n aanvanklike kennisgewing en dan met ‘n aankondiging dat die fees gereed is.

■ **“en (maar) hulle wou nie kom nie”; “But they were unwilling to come”**: Hierdie IMPERFEKTUM dui aan dat hulle herhaaldelik geweier het.

22:4	NAV	“die maaltyd is reg”
	OAV, CUM-MVB	“Kyk, ek het my maaltyd klaar voorberei (berei)”
	CUM-NLV	“My feesmaal staan gereed”
	NASB	“I have prepared my dinner”

Die term dui op die eerste van twee daaglikse maaltye (vgl. Luk. 14:12). In dié dae was daar ‘n maaltyd in die middellovoormiddag (9-12 vm.) en ook ‘n tweede teen die namiddag (3-6 nm.) Hierdie tweede kon die afskop wees van feestelikheid wat daelank kon duur.

22:5	OAV, NAV, CUM-MVB	“Maar hulle het hulle daaraan nie gesteur nie”
	CUM-MVB	“het egter net hulle skouers opgetrek ”
	NASB	“But they paid no attention”

Dit impliseer ‘n ongeïnteresseerdheid of traak-my-nie-agtigheid wat betref ‘n koninklike uitnodiging. Dit is ‘n ooglopende gesindheid van ‘n gevalle mensdom, ook ten opsigte van die evangelie.

■	OAV	“een na sy stuk land en ‘n ander na sy handelsaak”
	NAV, CUM-MVB	“een na sy stuk grond (plaas), ‘n ander een na sy werkplek”
	CUM-NLV	“die een na sy boerdery en die ander een na sy besigheid”
	NASB	“one to his farm , another to his business”

Dit stem ooreen met Lukas 14:18-19. Hulle optrede was nie sleg nie, maar traak-my-nie-agtigheid ten opsigte van God se roepstem in Christus is ‘n ernstige denkfout.

22:6 Die gewelddadigheid in hierdie vers is verbysterend, in ag genome dat dit bloot die onwilligheid van mense is om ‘n huweliksonthaal by te woon. Maar om ‘n koning se uitnodiging enigsins van die hand te wys, is in die Midde-Ooste as ‘n onverskoonbare belediging beskou. Dit is moontlik ‘n literêre tegniek wat die gelykenisse met mekaar skakel (vgl. 21:35). Sommige ignoreer bloot God se roepstem, maar ander tree gewelddadig op in hulle afwysing van die evangelie (vgl. Saulus van Tarsus).

22:7 Die reaksie van die koning lyk ook oordrewe onder die omstandighede. Sommige is van mening dat die van die handwysing van ‘n koninklike uitnodiging op ‘n daad van rebellie neerkom. Ander uitleggers sien ooreenkomste tussen vers 7 en die historiese verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. deur die Romeinse generaal Titus (latere keiser). Sommige beweer dat Matteus dit self by Jesus se gelykenis gevoeg het. Ek voel egter ongemaklik met die gedagte dat Matteus so vryelik met Jesus se woorde sou omgaan. Ek sou wel die evangelieskrywers hulle vryheid kon vergun om te selekteer en in te pas, te herrangskik en leringe van Jesus onder inspirasie op te som, maar ek kan nie aanvaar dat hulle Hom woorde in die mond sou lê nie; nie woorde wat Hy nooit gespreek het nie!

22:8 Ook dit stem ooreen met Luk. 14:21-23.

22:9 Die koning wou 'n goeie opkoms hê vir sy seun se huweliksonthaal. Dié wat veronderstel was om te kom het geweier. Uit die breër teksverband en vers 15 is dit duidelik dat die Joodse leierskap besef het die gelykenis op hulle gemik is.

22:10 OAV "en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies"
NAV, CUM-MVB "en almal wat hulle gekry het bymekaargemaak, slegtes sowel as goeies"
CUM-NLV "en elkeen saamgebring wat hulle kon kry, slegtes sowel as goeies"
NASB "and gathered together all they found, both evil and good"

Die vraag was altyd na wie hier verwys word. In konteks dui dit klaarblyklik op die Joodse verarmdes en ongerekenes. Die "goed en sleg" moet dan verstaan word as hulle gewilligheid om die tradisies van die vaders (ouderlinge) te onderhou, al dan nie (vgl. 15:2). Die voor die handliggende verklaring is dat God sondaars in genade aanneem. Sommige erken hulle behoefte, ander nie! Die uitnodiging staan, wie sal dit aanneem?

NASB (UPDATED) TEXT: 22:11-14

¹¹But when the king came in to look over the dinner guests, he saw a man there who was not dressed in wedding clothes, ¹²and he said to him, ' Friend, how did you come in here without wedding clothes?' And the man was speechless. ¹³Then the king said to his servants, 'Bind him hand and foot, and throw him into the outer darkness; in that place there will be weeping and gnashing of teeth.' ¹⁴For many are called, but few are chosen."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 22:11-14.

22:11 OAV "bruilofskleed"
NAV, CUMs "bruilofsklere"
NASB "wedding clothes"

Oor baie jare het uitleggers die probleme tussen verse 9-10 en 11 opgemerk. Daar is geen melding van banketvoorbereidings in verse 9-10 nie, maar in vers 11 word dit vereis. Augustinus het, met beperkte historiese inligting tot sy beskikking, gedink dat die gasheer kledingstukke voorsien het, maar die betrokke persoon het dit geweier of op onvanpaste wyse ingekom. Dit wil voorkom of die onvanpas-geklede persoon deur sy stilswye (vers 12) sy posisie erken.

22:13 Nes in verse 6 en 7 volg hier 'n skokkende stelling. Al hierdie uitsprake is waarskynlik Oosterse oordrywing (idiomatiese spreekwyse, of hiperbool), alhoewel die gewigtigheid van straf ooreenstem met die wandaad van verwerping van God se genadebetoning (verse 6, 7) en onwilligheid om daarvolgens te leef (vgl. vers 13).

■ OAV, CUM-MVB "werp hom in die buitenste duisternis; daar sal geweene ('n gehuil) wees en gekners van die tande (tandeknersery wees)"
NAV "in die diepste duisternis daarbuite; daar sal hulle huil en op hul tande kners"
CUM-NLV "smyt hom uit in die donker daarbuite waar daar bitterlik gehuil en van selfverwyrt op die tande gekners sal word"
NASB "throw him into the outer darkness; in that place there will be weeping and gnashing of teeth"

Dit was 'n algemene idioom wat dikwels deur Matteus gebruik word om die toestand van diegene wat God verwerp te beskryf (vgl. 8:12; 13:42, 50; 22:13; 24:51; 25:30). Dit impliseer 'n teenswoordige (vgl. Luk. 16:19-31) en 'n eskatologiese toestand (vgl. 24:51).

24:14 Hierdie is 'n moeilike vers om te verklaar. Vele is van mening dat dit verband hou met verse 2-10, maar nie verse 11-13 nie. Klaarblyklik fokus dit op God se universele genadegawe (bv. Joh. 1:12; 3:16; 1 Tim. 2:4; 4:10; 1 Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9), maar 'n gevalle mensdom moet toepaslik reageer. God kies wel, maar sy keuse is dat mense reageer op die evangelie van Jesus, deur die roeping van die Heilige Gees (vgl. Joh. 6:44, 65) in sondebelydenis en geloof (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21).

Daarom hou hierdie vers verband met God se openbaring aan die kinders van Abraham (vgl. Han. 3:26; Rom. 1:16; 2:9). Hulle het eger die evangelie in Christus verwerp, met die gevolg dat dit vir die heidene aangebied is, wat dit gretig aanvaar het (vgl. Rom. 9-11). Hierdie besondere teksverband verduidelik die waarheid dat die verwagte geestelike stand van sake geheel omgekeer sou word (vgl. 19:30 en 20:16).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskryfend te wees nie, maar eerder gedagteprikkend.

1. In watter verband staan hierdie gelykenis met hoofstuk 21?
2. Hoeveel gelykenisse word in verse 1-14 vervat?
3. Na wie verwys die frase “genooide gaste” in verse 3-5?
4. Na wie verwys die frase “goed en sleg” in vers 10?
5. Hoe is die geweld van verse 6, 7 en 13 verklaarbaar?
6. In watter verband staan vers 14 tot verse 1-14?

NASB (UPDATED) TEXT: 22:15-22

¹⁵Then the Pharisees went and plotted together how they might trap Him in what He said. ¹⁶And they sent their disciples to Him, along with the Herodians, saying, “Teacher, we know that You are truthful and teach the way of God in truth, and defer to no one; for You are not partial to any. ¹⁷Tell us then, what do You think? Is it lawful to give a poll-tax to Caesar, or not?” ¹⁸But Jesus perceived their malice, and said, “Why are you testing me, you hypocrites? ¹⁹Show me the coin *used* for the poll-tax.” And they brought Him a denarius. ²⁰And He said to them, “Whose likeness and inscription is this? ²¹They said to him, “Caesar’s.” Then He said to them, “Then render to Caesar the things that are Caesar’s; and to God the things that are God’s” ²²And hearing *this* they were amazed, and leaving Him, they went away.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 22:15-22.

22:15 “Fariseërs”; “Pharisees”: Sien *Vir Spesiale Aandag* hier onder.

VIR SPESIALE AANDAG: FARISEËRS

Wat oorsprong betref, is een van die volgende ‘n moontlikheid:

- A. “Om afgeskeie te wees”; die groep het gedurende die Makkabese tyd tot stand gekom (die siening wat die meeste steun geniet).
- B. “Om te verdeel”; dis nog ‘n betekenis wat die woordstam onderliggend aan “Fariseër” kan hê. Sommige meen dat dit op “interpreteerder” kan dui.
- C. “Persies”; onderliggend hieraan is ‘n Aramese wortelstam. Sommige van die Fariseërs se beskouinge verraaie verwantskap met die Persiese Zoroastrianisme, veral dualisme.

Dit was ‘n ontwikkeling tydens die Makkabese era vanuit die Hassidim (die toegewydenes). Verskeie groepe in reaksie (soos die Esseners) teen die Griekse Hellenisme en, in besonder, die optrede van Antiochus IV Epifanus, het in dié tyd tot stand gekom. Josefus in sy *Antiquities of the Jews* was die eerste om van die bestaan van die “Fariseërs” gewag te maak (8:5:1-3).

Hulle belangrikste doktrines:

- A. Geloof in die koms van ‘n Messias.
- B. Die handeling van God in gebeure van die dag, waarin hulle die Sadduseërs direk geopponeer het. Die Fariseërs se leringe is ‘n teologiese kontrapunt van die Sadduseëse doktrine.
- C. ‘n Hiernamaals op hierdie aardse bestaan gebaseer wat loon en straf insluit. Dit mag aan Dan. 12:2 ontleen wees.
- D. Die gesag van die OT en die Mondelinge Tradisies (die Talmoed). Dit het vir hulle gegaan om gehoorsaamheid aan die rabbynse geleerdes se interpretasie van die OT (Sjammai, die konserwatiewe groep en Hillel, die liberale groep); twee filosofiese strominge van konserwatiewes en liberaliste wie se dialoog en menings oor wat die Skrif leer, in die Babiloniese en die onvoltooide Palestynse Talmoed opgeteken is, in die geloof dat Moses hierdie interpretasies reeds op Sinaï ontvang het. Die werklike historiese aanvang van hierdie aantekeninge was die koms van Esra en die aantekeninge van die manne van die “Groot Sinagoge,” wat later bekend was as die Sanhedrin.
- E. ‘n Hoogs-ontwikkelde engele-leer wat oor goeie en slegte geestelike wesens handel, voortgevloei uit Persiese dualisme en ontwikkel deur die Joodse literatuur van die era tussen die Ou en Nuwe Testament.

☐	OAV	“saam raad gehou”
	NAV	“gaan besluit”
	CUM-MVB	“beraadslaag”
	CUM-NLV	“vergadering gaan hou”
	NASB	“plotted together”

Met hierdie term beskryf Matteus die menige kere wat die godsdiensteleiers saam beraadslaag het om Jesus se bediening te dwarsboom (vgl. 12:14; 22:15; 26:4; 27:1-7; 28:12).

In hierdie geval het die Fariseërs selfs die aanhangers van Herodes betrek om Jesus se bediening te dwarsboom, al het hulle mekaar onderling gehaat. Beide groepe het deur Jesus en sy leerstellinge bedreig gevoel. Haat gee aanleiding tot eenaardige alliansies.

22:16	OAV, NAV, CUM-MVB	“Herodiane”
	CUM-NLV	“ondersteuners van Herodes”
	NASB	“Herodians”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 2:1.

☐	OAV	“Meester”
	NAV	“Meneer”
	CUMs	“Leermeester”
	NASB	“Teacher”

Hierdie groepe probeer Jesus vlei om hom in ‘n lokval te lei (vgl. vers 15). Let op hoe hulle Hom karakteriseer:

1. Ons weet U is eerlik.
2. Ons weet U verkondig die weg van God in waarheid.
3. Ons weet U onderwerp U aan niemand nie.
4. Ons weet U is nie sydig nie (let. ‘lig nie die gesig nie’).

As hulle dit alles werklik geglo het, waarom het die Fariseërs en Herodiane sy leringe verwerp?

☐	OAV	“is dit geoorloof”
	NAV, CUMs	“Is dit reg”
	NASB	“is it lawful”

Hiermee word bedoel in ooreenstemming met die mondelinge oorlewering van die Mosaïese wet (bv. die “tradisies van die oudstes”, 15:2). Jesus het die vraag van ‘of/of’ na ‘en/en’ verander (vgl. vers 21).

☐ **“belasing aan die keiser”; “poll-tax”**: Dit was ‘n Romeinse belasting wat direk deur die keiser ontvang is. Dié belasting was in alle provinsies van die Ryk aan alle mans tussen 14 en 65 en vrouens tussen 12 en 65 opgelê.

22:18	OAV	“versoek”
	NAV	“stel. . .n strik”
	CUM-MVB	“toets”
	CUM-NLV	“uitvang”
	NASB	“testing”

Hierdie term het ‘n onderliggende betekenis van ‘toets om te vernietig’. Die Joodse leiers het geweet die bevolking was streng gekant teen hierdie belasting. Een antwoord sou Jesus in die moeilikheid bring by die Romeine; die ander by die Jode.

☐	OAV	“geveinsdes”
	NAV	“huigelaars”
	CUMs	“skynheiliges”
	NASB	“hypocrites”

Hierdie saamgestelde term beteken letterlik ‘om onder (‘n masker) te oordeel’ (vgl. 6:2,5,16; 7:5; 15:7; 16:3; 23:13,15,25,26,27,29; 24:51). Dit verwys na mense wat anders optree as wat hulle werklik leef of voel.

22:19	OAV	“die belastingmunt”
	NAV	“die muntstuk waarmee die belasting betaal word”
	CUMs	“Wys vir My die Romeinse belastingmunt (stuk)”
	NASB	“show Me the coin used for the poll-tax”

Hierdie muntstuk was ‘n denarius. Dit was ‘n dag se loon vir soldate en handarbeiders. Op die voorkant was ‘n afbeelding van Tiberius met die inskripsie: “Tiberius Keiser Augustus, seun van die goddelike Augustus”. Op die agterkant was ‘n afbeelding van Tiberius op ‘n troon en die inskripsie: “Hoëpriester”. Tiberius het vanaf 14-37 n.C. regeer oor die Romeinse Ryk. Muntstukke se simboliek het duidelik uitgespel wie in politieke beheer was. Sien *Vir Spesiale Aandag: Palestynse munte in die tyd van Jesus* by 17:24.

22:21	OAV	“Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom”
	NAV, CUM-MVB	“gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort”
	CUM-NLV	“Wel. . .gee dan aan die keiser wat hom toekom”
	NASB	“then render to Caesar what is Caesar’s”

Die Bybel is duidelik daaromtrent dat gelowiges vir die owerheid moet bid en dit moet ondersteun, ongeag die vorm daarvan, tensy dit die plek van God in die lewe van die gelowige opeis (vgl. Rom. 13:1 e.v.; Tit. 3:1; 1 Pet. 2:13). Jesus het die ‘betaal aan’ van vers 17 omgekeer om ‘betaal terug’ te word.

☐	NAV, CUM-MVB	“en aan God wat aan God behoort”
	CUM-NLV, OAV	“Maar gee ook aan God alles wat Hóm (God)toekom”
	NASB	“and to God the things that are God’s”

Hoewel die owerheid ‘n instelling van God is, kan regeerders nie goddelike status vir hulleself opeis nie. Gelowiges moet enige aanspraak tot oppergesag vanaf die owerheid verwerp, aangesien dit aan God behoort. Ons moet versigtig wees om nie die magskeiding tussen staat en kerk op hierdie vers te wil begrond nie. Die Bybel is nie so duidelik hieroor as wat die Westerse geskiedenis dit wil hê nie!

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskryftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Kan jy die godsdienstige en politieke groepe in die Judaïsme van Jesus se tyd opnoem en beskryf?
2. Waarom wou hierdie groepe vir Jesus strikke stel?
3. Hoe is Jesus se woorde in vers 21 vandag vir ons belangrik?

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 22:23-33

²³On that same day *some Sadducees (who say there is no resurrection)* came to Him and questioned Him, asking, ²⁴“Teacher, Moses said, ‘IF A MAN DIES HAVING NO CHILDREN, HIS BROTHER AS NEXT OF KIN SHALL MARRY HIS WIFE, AND RAISE UP CHILDREN FOR HIS BROTHER.’ ²⁵“Now there were seven brothers with us; and the first married and died and having no children left his wife to his brother; ²⁶so also the second, and the third down to the seventh. ²⁷Last of all, the woman died. ²⁸In the resurrection, whose wife of the seven will she be? For they all had *married her*.” ²⁹But Jesus answered and said to them, “You are mistaken, not understanding the Scriptures nor the power of God. ³⁰For in the resurrection they neither marry nor are given in marriage, but are like the angels in heaven. ³¹But regarding the resurrection of the dead, have you not read what was spoken to you by God: ³²‘I AM THE GOD OF ABRAHAM, AND THE GOD OF ISAAC AND THE GOD OF JACOB’? HE IS NOT THE GOD OF THE DEAD BUT OF THE LIVING.” ³³When the crowds heard *this*, they were astonished at His preaching.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 22:23-33.

22:23 “Sadduseërs”; “Sadducees”: Sien *Vir Spesiale Aandag* by 2:4

▣ “Hulle vra Hom (toe)”; “questioned Him”: Hierdie vraag was ook veronderstel om Jesus te dwing om 'n kontroversiële onderwerp aan te spreek en Hom sodoende in onguns by die Jode te bring.

22:24 “Moses het gesê”; “Moses said”: Dit is 'n verwysing na Deut. 5:6.

▣ “as”; “if”: Dit is 'n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat beteken dat toekomsaksie verwag moet word.

▣ “moet sy broer met die weduwee (sy vrou) trou”; “HIS BROTHER AS NEXT OF KIN SHALL MARRY HIS WIFE”: Hier gaan dit oor die konsep van ‘Leviraatshuwelik’ (vgl. Deut. 25:5-6; Rut 4:1-2). Die term is van die Latyns vir ‘swaer’. In antieke Israel was landsverdeling beklemtonend van teologie (vgl. Gen. 12:1-3). God het die land per lot onder Josua verdeel in stamverband. Wanneer 'n manlike afstammeling dood is sonder 'n erfgenaam het die kwessie van erfreg hom voorgedoen. Die Jode het 'n sisteem ontwikkel waarvolgens die weduwee 'n kind by 'n familielid kon hê sodat die afgestorwene 'n erfgenaam kon hê. Hierdie kind is as die kind van die afgestorwene aanvaar (vgl. Num. 27 en Rut 4).

22:25 “sewe broers”; “seven brothers”: Hierdie syfer toon duidelik dat die Sadduseërs slegs belanggestel het in teologie as gronde vir beskuldigings! Hulle het sonder twyfel hierdie argument male sonder tal gebruik om die Fariseërs te verwar.

22:29 OAV, NAV, CUM-MVB “Julle dwaal omdat julle nie die Skrif (Skrifte) en ook nie die krag van God ken nie”

CUM-NLV

“Julle probleem is dat julle nie die Skrif ken nie. Julle besef ook nie hoe magtig God is nie”

NASB

“You are mistaken, not understanding the Scriptures nor the power of God”

Die aantuiging moes werklik die godsdiensteiers dwars in die krop gestee het (vgl. 21:42)! Dit is nietemin onseker na watter OT geskrifte Jesus hier verwys.

22:30 OAV “Want in die opstanding”

NAV

“Met die opstanding”

CUM-MVB

“immers, met die opstanding”

CUM-NLV

“Want na die opstanding uit die dood”

NASB

“For in the resurrection”

Jesus was besig om sy akkoord met die Sadduseërs se siening oor 'n toekomstige opstanding uit te spreek (vgl. Dan. 12:1-2 of moontlik Job 14:7-15; 19:25-27).

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie”</p> <p>“trou mense nie meer nie”</p> <p>“trou mans nie meer nie en vroue word ook nie in die huwelik uitgegee nie”</p> <p>“sal daar nie meer huwelike bestaan nie”</p> <p>“they neither marry nor are given in marriage”</p> |
|--|--|

Hierdie was ‘n nuwe waarheid wat op geen ander plek in die Skrif geopenbaar word nie. Dit impliseer dat seksualiteit tydgebonde is. Dit was ‘n noodsaaklike deel van God se wil vir die skepping (vgl. Gen. 1:28; 9:17), maar nie tot in ewigheid nie! Dit wil suggereer dat die wonderlike een-liggaam verhouding tussen man en vrou verruil sal word vir ‘n selfs inniger vertrouensvriendskap tussen al God se kinders.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“maar is soos engele van God in die hemel”</p> <p>“maar is hulle soos die engele in die hemel”</p> <p>“maar is hulle soos die hemelse boodskappers”</p> <p>“Menses al soos engele in die hemel wees”</p> <p>“but are like the angels in heaven”</p> |
|--|--|

Dit stel dat engele nie ‘n seksuele aspek tot hulle bestaan het nie. Dit is nie noodsaaklik vir hulle voortplanting nie. Heelwat uitleggers het hierdie vers gebruik om te verklaar dat Gen. 6:1-4 nie verwys na die seksuele aktiwiteit van engele nie, maar eerder na ‘n spesifieke groep engele, ook genoem in Judas en moontlik 1Pet. 3:19-20, wat gevange gehou word (Tartarus, wat die naam vir die gevalle deel van hades was).

22:32 “Ek is die God van Abraham”; “I am the God of Abraham”: Nes die rabbyne, baseer Jesus hier woordspel op die “Ek is” van Eks. 3:6. Die teenwoordige tyd (PRAESENS) van hierdie “Ek is” bevestig dat God die God van Abraham en die Aartsvaders was en steeds is. Abraham leef, en God is steeds sy God. Jesus haal hierdie teologie uit die Pentateug (Genesis-Deuteronomium-geskrifte), waarvan die Sadduseërs beweer het hulle mees kundig was.

22:33 Die aanwesiges was “verslae” (OAV) oor Sy leer omdat Jesus nie na die rabbyne se oorlewering (vgl. 7:28; 13:54) verwys het nie, maar vanuit eie gesag hieroor (die opstanding) gespreek het (vgl. 5:21- 48).

NASB (UPDATED) TEXT: 22:34-40

³⁴But when the Pharisees heard that Jesus had silenced the Sadducees, they gathered themselves together. ³⁵One of them, a lawyer, asked Him a question, testing Him, ³⁶“Teacher, which is the great commandment in the Law?” ³⁷And He said to him, ‘YOU SHALL LOVE THE LORD YOUR GOD WITH ALL YOUR HEART, AND WITH ALL YOUR SOUL, AND WITH ALL YOUR MIND’ ³⁸This is the great commandment. ³⁹The second is like it, ‘You shall love your neighbour as yourself.’ ⁴⁰On these two commandments depend the whole Law and the Prophets.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 22:34-40.

- | | |
|---|--|
| <p>22:35 OAV, NAV</p> <ul style="list-style-type: none"> CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“n wetgeleerde”</p> <p>“n kenner van die Wet”</p> <p>“n deskundige”</p> <p>“a lawyer”</p> |
|---|--|

Gewoonlik noem Matteus hierdie wetskenner “skrifgeleerdes”. Op geen ander plek in sy evangelie maak hy van ‘n “wetsgeleerde” melding nie. ‘n Oorskrywer het waarskynlik geoordeel dat hy hiermee in lyn met Luk. 10:25 gebring moet word. Lukas gebruik die term dikwels (vgl. 7:30; 10:25; 11:45,46,52; 14:3). In die parallelle deel in Mark. 12:28 kom die term nie voor nie. Feitlik alle Griekse MSS gebruik die term. Die faksie van Joodse godsdiens-wetsgeleerdes het gedurende die Babiloniese ballingskap ontstaan. Esra is verteenwoordigend van hierdie groep (Esra 7:10). In praktyk het hierdie kundiges die Leviete se onderrigpligte oorgeneem. Gewoonlik het hulle die vrae oor wetstoepassing op sake van die alledaagse lewe aan die hand van die mondelinge oorlewering (die Talmoed) beantwoord.

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV NAV, CUMs NASB | <p>“te versoek”</p> <p>“probeer vastrek”</p> <p>“testing Him”</p> |
|--|---|

Hierdie WERKWOORD (*peiraze*) kan onderskeidelik met ‘toets’, ‘probeer’ of ‘bewys’ vertaal word. Dit behels ‘n negatiewe konnotasie van ‘toets om te vernietig’. (Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:1; sowel as 4:1; 16:1; 19:3; 22:18,35). Vergelyk ook die NAAMWOORD in 6:13 en 26:41.

- | | |
|---|---|
| <p>22:36 OAV</p> <ul style="list-style-type: none"> NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“wat is die groot gebod in die wet”</p> <p>“wat is die grootste (belangrikste) gebod in die wet”</p> <p>“wat is die belangrikste opdrag in die Wet van Moses”</p> <p>“which is the great commandment in the Law”</p> |
|---|---|

Die rabbyne het vasgestel dat daar in die wet van Moses 248 positiewe en 365 negatiewe gebooe was, met ‘n totaal van 613 gebooe in die geskrifte van Moses (Genesis tot Deuteronomium).

22:37 Die “grootste gebod” word in Deut. 6:5 aangetref. Daar is ‘n klein verskil tussen dit wat in die Masoretiese (Hebreeuse) teks en Jesus se aanhaling staan, maar die inhoud stem honderd persent ooreen. Hierdie vers het niks te make

met die digotomiese (tweeledige, vgl. Heb. 4:12) of 'n trigotomiese (drieledige, vgl. 1 Tess. 5:23) menslike natuur nie, maar handel eerder met 'n mens as 'n eenheid (vgl. Gen. 2:7; 1 Kor. 15:45): 'n denkende wese met gevoelens; 'n fisieke en geestelike skepsel. Dit is waar dat mense aardse bestaan nodig het en soos diere van die planeet afhanklik is vir voedsel, water, lug en alles wat diere nodig het om te oorleef. Maar mense is ook geestelike wesens met verwantskap aan die geestelike orde en God. Dit lei egter tot verkeerde aannames om teologie op hierdie sketsing van die menslike natuur te wil bou. Om hierdie vers te begryp, moet daar gelet word op die driekeer wat "hele" herhaal word eerder as op die onderskeid tussen hart, siel en verstand.

Deur hierdie gedeelte oor die eenheid van God aan te haal, verbind Jesus die OT en NT tot 'n onskeibare eenheid. Die NT is daarmee die vervulling van die OT. JHWH word nou openbaar as 'n Drie-eenheid. Die Eenheid word nuut gedefinieer. NT gelowiges handhaaf monoteïsme volledig, maar met 'n voetnoot daarby! Hulle het blykbaar nooit Ps. 110:1 by implikasie as weersprekend van aard ervaar nie (vgl. 1 Kor. 8:6; Ef. 4:5; Fil. 2:11). Dit spreek van groot misterie hier aanwesig! Sien *Vir Spesiale Aandag : Die Drie-eenheid* by 3:17.

22:39 Die skrifgeleerde het nie die tweede gebod aangevra nie, maar dit moet bykom om die balans te toon tussen God liefhê en die naaste liefhê. Dit is onmoontlik om God lief te hê en mense tegelyk te haat (vgl. 1 Joh. 2:9,11; 3:15; 4:20). Dit is 'n aanhaling uit Lev. 19:18.

22:40 Jesus dui hiermee aan dat die OT 'n integrerende hoofgedagte het (d.w.s. verbondsliefde, vgl. 7:12; Mark. 12:31; Rom. 13:8-10; Gal. 5:14). Hierdie twee OT opdragte is beslis van toepassing op NT gelowiges. Liefde vir God strewe daarna om soos God te wees, en God is liefde (vgl. 1 Joh. 4:7-21).

NASB (UPDATED) TEXT: 22:41-46

⁴¹Now while the Pharisees were gathered together, Jesus asked them a question: ⁴²“What do you think about Christ, whose son is He?” They said to Him, “The son of David.” ⁴³He said to them, “Then how does David in the Spirit call Him ‘Lord,’ saying,

⁴⁴“THE LORD SAID TO MY LORD,
SIT AT MY RIGHT HAND,
UNTIL I PUT YOUR ENEMIES BENEATH YOUR FEET”?

⁴⁵If David then calls Him ‘Lord,’ how is He his son?”

⁴⁶No one was able to answer Him a word, nor did anyone dare from that day to ask Him another question.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 22:41-46.

22:41-42 Die Joodse leiers het Jesus verskeie vrae gevra om Hom te toets. Hier vra Hy hulle 'n vraag om hulle gebrek aan geestelike insig aan te toon (vgl. 21:24-27).

22:42 OAV, NAV, CUM-MVB “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?”
CUM-NLV “Wat is julle standpunt oor die Messias? Wie se seun is Hy?”
NASB “What do you think about Christ, whose son is He”

Hierdie vraag het gehandel oor die linie van afkoms van die Messias. Jesus het die OT Messiaanse titel “Seun van Dawid” aanvaar. Dit was 'n algemene aanduiding van die Messiaanse status en het dikwels in Matteus voorgekom (vgl. 9:27; 12:23; 15:22; 20:30; 21:9,15). Jesus het Homself as Messias voorgestel. Die Jode van sy dag het egter nie 'n inkarnasie van God verwag nie, maar iemand onder goddelike krag en optrede, soos die Rigters van ouds. Jesus het Ps. 110 gebruik om die menslike afkoms en goddelike afkoms van die Messias te toon te stel (vgl. Ps. 110:44).

22:44 Op dieselfde wyse word Ps. 110 in Mat. 26:24 aangewend. Die Hebreeuse teks van Ps. 110:1 was 'n woordspel op die terme JHWH (HERE) en Adonai (Here). Die eerste het die God van Israel impliseer en die tweede het op die Messias gedui.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat is die sentrale tema van die gelykenis in verse 1-14?
2. Hoe sal jy die genadelose boodskap van vers 13 verduidelik?
3. Kan verse 15-22 sondermeer as gespreksbasis dien vir die hedendaagse vraagstuk oor die verhouding tussen staat en kerk?
4. Lys en karakteriseer die aard van die politieke en godsdienstige groeperinge van Jesus se tyd.
5. Waarom wou hierdie groepe Jesus in valstrikke lei?

MATTEUS 23

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Denouncing of the Scribes and Pharisees 23:1-12	Woe to the Scribes and Pharisees 23:1-36	Woe to the Scribes and Pharisees 23:1-12	Jesus Warns Against the Teachings of the Law and the Pharisees 23:1-12	The Scribes and Pharisees: Their Hypocrisy and Vanity 23:1-7 23:8-12	Jesus waarsku teen die Skrifgeleerdes en Fariseërs 23:1-12
23:13		23:13-15	23:13	23:13	23:13-28
23:14			23:14	23:14 (not included)	
23:15			23:15	23:15	
		23:16-22	23:16-22	23:16-22	
		23:23-24	23:23-24	23:23-24	
		23:25-26	23:25-26	23:25-26	
		23:27-28	23:27-28	23:27-28	
			Jesus Predicts Their Punishment		Jesus kondig hulle straf aan
		23:29-36	23:29-36	23:29-32 Their Crimes and Approaching Punishment 23:33-36	23:29-36
Lament for Jerusalem 23:37-39	Jesus Laments Over Jerusalem 23:37-39	Lament Over Jerusalem 23:37-39	Jesus' Love for Jerusalem 23:37-39	Jerusalem Admonished 23:37-39 (39b)	Klag oor Jerusalem 23:37-39

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

AGTERGROND TOT MATTEUS 23

- A. Die kloof tussen Jesus en die maghebbers in die Joodse gemeenskap het verbreed.
- B. Jesus het meermale na hulle uitgereik, maar hulle was ongeneë om tradisionele en nasionalistiese opvattinge prys te gee. Hulle het Hom herhaaldelik probeer vasvrae deur te fokus op omstredenheid (1) tussen die rabbyne van die konserwatiewe Hillel- en konserwatiewe Sjammai-denkskole; of (2) tussen die Romeine en Jode. Hulle het gehoop dat sy uitsprake Hom by een of meer van die groepe in onguns sou bring.
- C. Jesus se reiniging van die Tempel het die konflik vererger (vgl. Joh. 2:15; Mat. 21:12-17).
- D. Jesus se vervloeking van die vyeboom – ‘n simbool van Israel (vgl. Mat. 21:18-22) en sy twee gelykenisse van verwerping (vgl. 21:28-46; 22:1-14) het die finale breekpunt veroorsaak.
- E. Die hoofstuk bereik ‘n hoogtepunt wanneer die Joodse leierskap Jesus finaal verwerp. Dit is onseker of Jesus se uitspraak ‘n algehele verwerping deur Israel of slegs deur die godsdienstige leierskap aandui.
- F. Sommige ander bewysplase van Jesus se kritiek teen die godsdiensteleiers is Mark. 12:38-40; Luk. 11:39-54; 20:45-47. Jesus gebruik sy mees gewigtige woorde om hierdie godsdiensteleiers aan te spreek.

WOORD- EN FRASE-STUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 23:1-12

¹Then Jesus spoke to the crowds and to His disciples, ²saying: “The scribes and the Pharisees have seated themselves in the chair of Moses; ³therefore all they tell you, do and observe, but do not do according to their deeds; for they say *things* and do not do *them*. ⁴They tie up heavy burdens and lay them on men’s shoulders, but they themselves are unwilling to move them with *so much as* a finger. ⁵But they do all their deeds to be noticed by men; for they broaden their phylacteries and lengthen the tassels *of their garments*. ⁶They love the place of honor at banquets and the chief seats in the synagogues, ⁷and respectful greetings in the market places, and being called Rabbi by men. ⁸But do not be called Rabbi; for One is your Teacher, and you are all brothers. ⁹Do not call *anyone* on earth your father; for One is your Father, he who is in heaven. ¹⁰Do not be called leaders; for One is your Leader, *that is*, Christ. ¹¹But the greatest among you shall be your servant. ¹²Whoever exalts himself shall be humbled; and whoever humbles himself shall be exalted.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:1-12.

- 23:1** OAV, NAV, CUM-MVB “(Toe) het Jesus die menigte (skare[s]). . .toegespreek”
 CUM-NLV “Daarop het Jesus die menigte. . .toegespreek”
 NASB “Jesus spoke to the crowds”

Hierdie was ‘n openbare teregwyding van die godsdiensteleiers. Alhoewel die relaas wat volg nie elke afsonderlike Fariseër beskryf nie, bied dit ‘n beeld van die oorheersende gesindheid in die groep.

- 23:2** OAV, NAV, CUM-MVB “skrifgeleerdes”
 CUM-NLV “skrifkenners”
 NASB “scribes”

Hulle was kenners van die geskrewe wet (die OT) en die mondelinge wet (die Talmoed) en was beskikbaar om plaaslik praktiese uitsprake te lewer. Sodoende het hulle die OT funksie van Levitiese berading vervang. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 12:38.

☐ **“Fariseërs”; “Pharisees”**: Dit was ‘n groep toegewyde Jode wat tydens die Makkabeëse tydperk ontstaan het. Hulle het al die OT en mondelinge-bepalings as bindend aanvaar. Hoewel nie alle skrifgeleerdes Fariseërs was nie, was die meerderheid tog. Vir ‘n volledige bespreking van die oorsprong en teologie van die Fariseëse beweging, sien *Vir Spesiale Aandag* by 22:15.

- ☐ OAV, CUM-MVB “sit op die stoel van Moses”
 NAV “het die gesag om die wet van Moses te vertolk”
 CUM-NLV “die amptelike vertolkers van die wet van Moses”
 NASB “the chair of Moses”

Dit het verwys na ‘n onderrigposisie in die sinagoge of die plaaslike Joodse gemeenskap.

- 23:3** OAV, NAV, CUM-MVB “Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê”
 CUM-NLV “Doen en gehoorsaam dus alles wat hulle julle beveel”

NASB**“all that they tell you, do and observe”**

Jesus gee hier twee opdragte:

1. “doen”, AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF
2. “onderhou”, PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF

Wat Jesus hiermee bedoel is dat mense moet let op die waarheid van die wet, ongeag wie dit verkondig, want God se woord is die waarheid.

- ▣ **OAV** **“maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie”**
NAV, CUM-NLV **“maar hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie”**
CUM-MVB **“maar julle moet nie doen wat hulle doen nie”**
NASB **“but do not do according to their deeds”**

Hulle lewenstyl en gesindhede openbaar hulle ware karakter. Dit maak van hulle ook die vals leraars ter sprake in 7:15-23. Hulle optrede is nie gegrond in die waarheid van God se woord nie, maar in die menslike tradisies (vgl. Jes. 6:9-10; 29:13).

- 23:4 OAV** **“hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra”**
NAV, CUM-MVB **“hulle bind swaar en ondraaglike laste (bagasie) saam”**
CUM-NLV **“Hulle oorlaai mense met absoluut onmoontlike godsdienstige verpligtings”**
NASB **“they tie up burdens”**

Hierdie is ‘n metafoor uit die kultuur van mak lasdiere wat oorlaai of oneweredig gelaai word (vgl. 11:28-30). Die godsdiensteikers het nie empatie getoon vir gewone mense nie (vgl. Luk. 11:46; Han. 15:10). Hulle kon hulle eie reëls nie nakom nie (vgl. Rom. 2:17-24).

Daar is in Grieks ‘n manuskripvariasie. Daarom is dit onseker of “wat swaar en moeilik is om te dra” (vgl. OAV) oorspronklik tot Matteus is of oorgedra is uit Luk. 11:46.

- 23:5 OAV** **“hulle doen al hulle werke om deur die mense gesien te word”**
NAV, CUM-MVB **“Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word”**
CUM-NLV **“Alles wat hulle doen, is vir uiterlike vertoon”**
NASB **“they do all their deeds to be noticed by men”**

Hulle was godsdienstig snobisties en vertonerig (vgl. Mat. 6:2,5,16).

- ▣ **OAV** **“hulle maak hulle gedenkseëls breed”**
NAV, CUM-MVB **“Hulle maak die gebedsband om hulle voorkop breed”**
CUM-NLV **“ekstra groot gebedsdosies met Skrifverse daarin”**
NASB **“they broaden their phylacteries”**
NKJV, NRSV **“they make their phylacteries broad”**
TEV **“Look at the straps with scripture verses on them which they wear on their foreheads and arms, and notice how large they are”**
JB **“wearing broader phylacteries”**
NJB **“wearing broader headbands”**

Hierdie swart leerboksies het die OT tekste van Eks. 13:3-16, Deut. 6:4-9 of Deut. 11:13-21 bevat. Dit is op die voorkop gedra net bokant die oë. Dit was ‘n oorverletterliking van verse soos Eks. 13:9, Deut. 6:8 en 11:18. Hierdie verse is bedoel om ligbakens in die harte van gelowiges te wees, nie swart boksies op hulle voorkoppe nie!

- ▣ **OAV** **“en die some van hul klere groot”**
NAV, CUM-MVB **“maak . . .die tassels aan hulle klere groot”**
CUM-NLV **“maak die tassels aan hulle klere opvallend groot”**
NASB **“lengthen the tassels of their garments”**
NKJV **“enlarge the borders of their garments”**
NRSV **“their fringes long”**
TEV **“how long are the tassels on their cloaks!”**
JB **“longer tassels”**

Dit was blou versiering op hulle gebedsjaal om hulle aan die Torah (wet) te herinner (vgl. Num. 15:38; Deut. 22:12).

23:6 Dieselfde versoeking is ter sprake in die geval van Jakobus en Johannes in Mat. 20:20-28.

- 23:7 OAV** **“Rabbi, Rabbi!”**
NAV, CUM-NLV **“rabbi”**
CUM-MVB **“leermeester”**
NASB **“Rabbi”**

Dit is ‘n eretitel in Aramees wat ‘my leermeester’ beteken. Hierdie titels (rabbi, vader, leier) word gekritiseer vir die konnotasie van trots en arrogansie deur die eerste-eeuse Judaïsme daaraan geheg. Die leierskap van die dag het daarvan gehou om met soveel eerbewys aangespreek te word.

Die NKJV⁴⁷ volg die verdubbeling van ‘Rabbi’ uit die Textus Receptus na. Dit was kultureel gebruiklik om op dié wyse (1) gewig te gee aan die eerbied en (2) ‘n gevoel van besondere aangetrokkenheid oor te dra (vgl. vers 37). Die vroegste Griekse tekste, die \aleph , B en die Vulgaat (Latyn) gebruik nie die dubbele aanspreekvorm nie.

23:8-10 Let op die herhaling van “Een” in hierdie verse. Jesus (of Matteus) het nie hierin ‘n weerspreking van monoteïsme gesien nie. Sien die tweede paragraaf by 22:37 en 38.

- Moet julle nie as “leermeester” laat aanspreek nie, want “Een” is julle leermeester (kan Vader of Seun wees, vgl. CUM-MVB)
- Moet niemand as “vader” aanspreek nie, want “Een” is julle Vader, dié “Een” in die hemel (vgl. CUM-MVB).
- Julle moet julle nie “leiers” laat noem nie, want “Een” is julle Leier: die Gesalfde (Christus, vgl. CUM-MVB).

23:8 OAV, NAV, CUM-MVB “julle is almal broers”
CUM-NLV “julle is almal broers *en susters*”
NASB “you are all brothers”

Gelowiges is gelyk voor God (vgl. Gen. 1:26-27), daarom moet ons versigtig wees met range en titels. In die NT word nie ‘n onderskeid getref tussen ‘geestelikes’ en ‘leke’ nie. Daar word ook op grond van geen ander kriteria onderskei nie, let op Rom. 3:22; 1 Kor. 12:12-13; Gal. 3:28; Kol. 3:11.

23:11 OAV “maar die grootste van julle moet julle dienaar wees”
NAV “die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien”
CUM-MVB “die belangriker een onder julle moet bereid wees om julle te dien”
CUM-NLV “Die belangrikste een onder julle moet die een wees wat dien”
NASB “the greatest among you shall be your servant”

Dit word bespreek in 20:25-28 en Mark. 10:42-44. Wat ‘n skokkende stelling! Dit is duidelik anders as die wêreld se opvatting. Dit is egter die teken van ware grootsheid in die nuwe era.

23:12 OAV “Wie himself verhoog, sal verneder word”
NAV “Wie te veel van hulleself dink, sal verneder word”
CUM-MVB “Wie hoogmoedig is, sal verneder word”
CUM-NLV “Die wat vir hulleself eer soek – God sal hulle verneder”
NASB “whoever exalts himself shall be humbled”

Hierdie is ‘n herhalende tema in die Bybel (vgl. Job 22:29; Spr. 29:23; Luk. 14:11; 18:14; Jak. 4:6; 1 Pet. 5:5).⁴⁸

NASB (UPDATED) TEXT: 23:13-14

¹³But woe to you, scribes and Pharisees, hypocrites, because you shut off the kingdom of heaven from people; for you do not enter in yourselves; nor do you allow those who are entering to go in.” ¹⁴“Woe to you, scribes and Pharisees, hypocrites, because you devour widows’ houses, and for pretence you make long prayers; therefore you will receive greater condemnation.”]

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:13-14.

23:13 OAV “Maar wee julle”
NAV, CUMs “Ellende wag vir julle”
NASB “woe to you”

Hierdie gedeelte (verse 13-36) staan as die “sewe aanklagte” bekend. Matteus het dikwels sy evangelie rondom sewes, of sewe dinge, gestruktureer. Klagtes is die teenoorgestelde van seëninge. In Lukas se parallel vir die Bergrede voeg hy vier weeklae by die saligsprekinge (vgl. Mat. 5:3-11 met Luk. 6:20-26). In die OT was ‘n weeklaag die inleiding tot ‘n profetiese klaagsang of treurlied. Dit was in Hebreuse digkuns gestruktureer met ‘n ritme of metrum wat sekere versreëls beklemtoon, soos begrafnismusiek om God se oordeel uit te druk.

☐ **OAV** “geveinsdes”
NAV “huigelaars”
CUM-MVB “julle wat voorgee om te wees wat julle nie is nie”
CUM-NLV “skynheilige”
NASB “hypocrites”

Dit is ‘n saamgestelde Griekse woord wat ‘beoordeel onder’ beteken. Dit was ‘n teaterterm wat beteken het dat iemand agter of onder ‘n masker sy rol speel. Dit kom in Mat. voor by 6:2,5,16; 7:5; 15:7; 16:3; 22:18 en 24:51.

☐ **OAV** “want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense”
NAV “want julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe”

⁴⁷ En OAV – vert.

⁴⁸ Dit is merkwaardig en geestelik opheffend hoe die CUM-MVB die omgekeerde hanteer. Vir ‘nederig’ staan daar, “wie hulle afhanklikheid van God besef, sal verhoog word” (met apologie aan die skrywer wat die Afrikaanse weergawes nie tot sy beskikking gehad het nie) – vert.

CUM-MVB

CUM-NLV

NASB

“want julle sluit die koninklike regering van God in die mense se gesig toe”

“want julle blokkeer die koninkryk van God vir die mense”

“You shut off the kingdom of heaven from people”

Dit was die gebruik van die “sleutels van die koninkryk” (vgl. 16:19; Openb. 1:18; 3:7). Dit is ‘n skrikwekkende verantwoordelikheid om kennis te dra van die waarheid! Die hedendaagse sekulêre samelewing het nie Jesus primêr verwerp nie, maar wel hoe Hy aangebied word in woord, lewens en mense se voorkeure! So was die godsdiensteikers van Jesus se tyd uit pas met die waarheid. Hoeveel sulke Fariseërs is daar in vandag se kerklike lewe?

Hierdie vers is ‘n skokkende en tragiese stelling – ironie:

- 1) die godsdiensteikers het nie in ‘n regte verhouding met God geleef nie; en
- 2) die godsdienstige leiers het ander mense op ‘n dwaalweg gelei en hulle weerhou daarvan om in ‘n regte verhouding met God te kom.

■ OAV, NAV, CUM-NLV

CUM-MVB

NASB

“ingaan”

“ingaan om in te gaan”

“enter in”

Hierdie WERKWOORD beskryf deelwording aan die nuwe eskatologiese koninkryk van God. (d.w.s die nuwe verbond van Jer. 31:31-34). Toegang geskied in die oomblik van aanvaarding van Jesus in die geloof. Wie Hom verwerp kan nie ingaan nie (vgl. aantekening by 5:20; 7:21; 18:3; 19:23-24; 23:13). Jesus is die enigste poort tot die koninkryk (vgl. Joh. 1:12; 10-7-18; 14:6; Rom. 10:9-13).

23:14 Hierdie vers kom nie in die Griekse hooflettertekste A, B, D of L of in die meeste vertalings voor nie. Dit ontbreek dus waarskynlik ook in die oorspronklike Matteus. ‘n Oorskrywer met kennis van Mark. 12:40 of Luk. 20:47 het dit moontlik hier bygewerk. In sommige Griekse MSS word dit voor vers 13 en in ander daarna geplaas. Die UBS⁴ gradeer die weglating daarvan “B” (feitlik seker).

NASB (UPDATED) TEXT: 23:15

¹⁵“Woe to you, scribes and Pharisees, hypocrites, because you travel around on sea and land to make one proselyte; and when he becomes one, you make him twice as much a son of hell as yourselves.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:15.

23:15 OAV

NAV

CUM-MVB

CUM-NLV

NASB

“geveinsdes”

“huigelaars”

“julle wat voorgee om te wees wat julle nie is nie”

“skynheilige skrifkenners”

“hypocrites”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:2.

■ OAV, NAV

CUMs

NASB

“om een bekeerling te maak”

“om een proseliet te werf (maak)”

“to make one proselyte”

Daar was twee soorte bekeerlinge tot die Jodendom: 1) dié wat hul laat besny het, hulleself gedoop het en ‘n offerande gebring het – hulle is ‘proseliete van die hek’ genoem; en (2) dié wat gereeld dienste in die sinagoge bygewoon het – hulle is ‘Godvresendes’ genoem.

■ OAV

NAV

CUM-MVB

NASB

“maak julle hom ‘n kind van die hel, tweemaal erger as julleself”

“Maak julle hom tweemaal so ryp vir die hel”

“‘n kind vir die hel, dubbel so erg as julleself is”

“you make him twice a son of hell as yourselves”

Dit is waarlik ‘n skokkende stelling. Jesus neem erg aanstoot aan selfregverdige wettiesheid.

■ “hel”; “hell”: Hierdie term, *gehenna*, kom van twee Hebreeuse woorde – ‘vallei’ en ‘Hinnom’. In hierdie vallei net suid van Jerusalem is die Fenisiese vuurgod en vrugbaarheidskultus beoefen. Dit was die vallei van Tofet waar kinderooffers gebring is [*moleg*], (vgl. 2 Kon. 16:3; 17:17; 21:6; 2 Kron. 28:3; 33:6). Dit het die rommelhoop van Jerusalem geword. Jesus het dit as aardse metafoor vir die hel en ewige oordeel gebruik.

Behalwe Jakobus in 3:6 was Jesus die alleengebruiker van dié idioom. Jesus se liefde vir ‘n gevalle mensdom het Hom genoop om die verskriklike situasie wat met verwerping van Hom, sy woord en werke ontstaan, ten volle uit te klaar. As Jesus die werklikheid van ewige afskeiding van die vriendelike teenwoordigheid van God so klinkklaar skets, is dit waarheid wat sy volgelinge ernstig moet neem. Hel is ‘n menslike tragedie, maar ook ‘n oop wond in die hart van God wat nooit genees nie! Sien *Vir Spesiale Aandag: Waar is die gestorwenes?* by 5:22.

NASB (UPDATED) TEXT: 23:16-22

¹⁶“Woe to you, blind guides, who say, ‘Whoever swears by the temple, *that* is nothing; but whoever swears by the gold of the temple is obligated.’ ¹⁷You fools and blind men! Which is more important, the gold or the temple that

sanctified the gold? ¹⁸And, ‘Whoever swears by the altaar, *that is nothing*, but whoever swears by the offering on it, is obligated.’ ¹⁹You blind men, which is more important, the offering, or the altaar that sanctifies the offering? ²⁰Therefore, whoever swears by the altaar, swears *both* by the altaar and by everything on it. ²¹And whoever swears by the temple, swears *both* by the temple and by Him who dwells within it. ²²And whoever swears by heaven, swears *both* by the throne of God and by Him who sits upon it.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:16-22.

23:16 OAV “blinde leiers”
 NAV, CUM-MVB “wat ander wil lei en self blind is”
 CUM-NLV “blinde gidse”
 NASB “blind guides”

Dit was ‘n sarkastiese opmerking op die godsdiensteleiers gemik (vgl. 15:14; 23:16,24).

23:16-22 OAV, CUM-NLV “sweer”
 NAV, CUM-MVB “eed aflê”
 NASB “swears by”

Die Jode het ‘n uitgebreide sisteem van geldige en ongeldige ede ontwikkel waarby die naam van God betrokke was (vgl. 5:33-37; Jak. 5:12). Dit was ‘n manier om onder godsdienstige skyn leuens te regverdig (vgl. Lev. 19:12; Deut. 23:21).

■ “dwase”; “You fools”: Sien *Vir Spesiale Aandag* by 5:22.

NASB (UPDATED) TEXT: 23:23-24

²³“Woe to you, scribes and Pharisees, hypocrites! For you tithe mint and dill and cumin, and have neglected the weightier provisions of the law: justice and mercy and faithfulness; but these are the things you should have done without neglecting the others. ²⁴You blind guides, who strain out the gnat and swallow a camel!”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:23-24.

23:23 OAV “geveinsdes”
 NAV, CUM-MVB “huigelaars”
 CUM-NLV “skynheilge”
 NASB “you. . .hypocrites”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:2.

■ OAV, NAV, CUM-MVB “julle gee (mos) tiendes van anys, kruisement en koljander”
 CUM-NLV “julle gee noukeurige tiendes van die nietigste deeltjies van julle inkomste”
 NASB “you tithe mint and dill and cummin”

In hulle absolute wettiese ingesteldheid (vgl. Lev. 27:30-33; Deut. 14:22-29) tel hulle selfs die kleinste hoeveelheid speserye sodat hulle presies 10% vir God kan gee, maar geregtigheid, liefde en trou word agterwee gelaat. Die NT praat nêrens oor tiendes nie, behalwe hier. Die essensie van Christelike offervaardigheid word nie deur persentasies bepaal nie. (vgl. 2 Kor. 8-9).

NT gelowiges moet daarteen waak dat hulle Christenskap nie in ‘n nuwe Oosterse wetstelsel vir werke-ywer omskep nie, ‘n Christelike Talmoed! Hulle verlange om tot eer van God te lewe, veroorsaak dan dat hulle probeer om bepaalde riglyne vir elke lewensgebied te skep. Dit is gevaarlike teologiese praktyk om ou verbondsreëlings uit die OT, wat nie in die NT opnuut bekragtig word nie, tot dogmatiese kriteria te verhef. Veral as daar boonop ook nog ramp of voorspoed daaraan gekoppel word.

VIR SPESIALE AANDAG: TIENDES

Hierdie is die enigste NT verwysing na tiendes. Ek is van mening dat die NT nie ‘tiendes’ propageer nie, want hierdie gedeelte is pertinent gerig teen die haarklowery van Joodse legalisme en eiegeregtigheid. Ek is van mening dat NT riglyne vir gereelde bydraes (indien so-iets bestaan) in 2 Kor. 8 en 9 afgelei word en dan gaan dit tiendes ver te bowe. As ‘n Jood in die OT opdrag kry om ‘n tiende af te staan of 20-30% (daar is 2 of 3 verskillende ‘tiendes’ in die OT), gaan Christelike offervaardigheid dit sodanig te bowe dat oorweging van die tiende-gedagte hoegenaamd nie geregverdig is nie.

NT gelowiges moet daarteen waak dat hulle Christenskap nie in ‘n nuwe Oosterse wetstelsel vir werke-ywer omskep nie, ‘n Christelike Talmoed! Hulle verlange om tot eer van God te lewe, veroorsaak dan dat hulle probeer om bepaalde riglyne vir elke lewensgebied te skep. Dit is gevaarlike teologiese praktyk om ou verbondsreëlings uit die OT, wat nie in die NT opnuut bekragtig word nie, tot dogmatiese kriteria te verhef (vgl. Han. 15). Veral as moderne predikers rampe aan die versuim daarvan koppel en groot voorspoed aan nakoming (vgl. Mal. 3)!

Hier volg ‘n uitstekende aanhaling uit Frank Stagg se *New Testament Theology* (bl. 292-293):

“Die Nuwe Testament stel nooit tiendes as deel van die guns van gawe nie. Tiendes word slegs driekeer in die Nuwe Testament genoem: (1) om die Fariseërs te straf omdat hulle geregtigheid, barmhartigheid en geloof nalaat terwyl hulle pynlik noukeurig is oor ‘n tiende van selfs tuinopgawe (Mat. 23:23; Luk. 11:42); (2) om die trotse Fariseër wat ‘tot

homself gebid het' terwyl hy daarmee spog dat hy tweekeer 'n week vas en 'n tiende van al sy besittings weggee, bloot te lê (Luk. 18:12); en (3) om vir die meerderwaardigheid van Melgisedek te argumenteer en dus van Christus tot Levi (Heb. 7:6-9)."

Dit is duidelik dat Jesus die tiende-beginsel as deel van die tempelgebruike aanvaar het en dit saam met dié van die sinagoges ondersteun het. Maar daar is geen aanduiding dat Hy van sy volgelinge verwag het om die tempelgebruike oor te neem nie. Tiendes was voorheen produkte wat die gelowige in die tempel kom eet het en waarvan 'n deel die priesterskap toegeval het. Tiendes soos in die OT vereis, pas net by 'n godsdienstige sisteem wat nog op diere-offers betrekking het.

Baie Christene is van mening dat die tiende 'n billike en uitvoerbare plan vir gee van bydraes is. Solank as dit nie in 'n dwang of nuwe wettiesheid ontaard nie, kan dit dalk 'n goeie plan wees. Daar bestaan egter geen grond daarvoor in die NT nie. Dit was van toepassing op die Joodse geloof, maar kan nie in 'n OT idioom op die Christendom van toepassing gemaak word nie. Vaagweg herinner tiendes dus vandag aan vroeëre offerpraktyke eie aan die Joodse geloof.

Paul Stagg het dit soos volg opgesom:

"Terwyl baie gesê kan word vir die vrywillige aanneming van die tiende as 'n standaard om volgens te skenk sonder om dit streng op ander van toepassing te maak as 'n Christen-vereiste, is dit duidelik met die aanneming van so 'n praktyk dat dit nie die Ou Testamentiese praktyk is wat voortgedra word nie. Ten beste is die praktyk simbolies verwant aan die tiende van die Ou Testament, wat 'n belasting was om die tempel en priestersisteem te onderhou, 'n sosiale en geloofsisteem wat nie meer bestaan nie. Tiendes was verpligtend in die Judaïsme as 'n belasting totdat die Tempel in 70 n.C. vernietig is, maar dit is nie as 'n gevolg vir Christene bindend nie."

Die doel is nie om tiendes in 'n slegte lig te stel nie, maar om toon dat die NT nie die dwangaspek, wettisme, winsmotief en knibbelry wat dikwels met hedendaagse tiendepraktyke geassosieer word, ondersteun nie. As 'n vrywillige stelsel is daar baie te sê vir die tiende; maar om Christelik te wees moet dit deur genade gekenmerk word. Om te betoog dat 'dit werk' is bloot 'n stuk wêreldse pragmatisme. Baie sulke dinge wat goed afgaan, is nie Christelik nie. As tiendes 'n plek moet kry in NT teologie, sal dit in die genade en liefde van God gegrond moet wees.

23:24 OAV, CUM-MVB
OAV, CUM-NLV

"julle skep die muggie uit julle beker, maar julle sluk die kameel in"

"Julle sif 'n muggie uit die drinkwater, maar die kameel sluk julle sonder meer af"

NASB

"who strain out a gnat and swallow a camel"

Die Fariseërs van Jesus se tyd het hulle water deur 'n doek gegiet uit vrees om per abuis 'n 'onrein' insek te sluk, maar hulle wettiese liefdeloosheid is figuurlik gesproke gelyk aan die insluk van 'n kameel. Die idioom is woordspel in Aramees tussen die enersluidende woorde, *galma* (muggie) en *gamla* (kameel). Jesus het graag van die Oosterse oordrewe vorme of oortreffende trap gebruik gemaak (hiperbole). Die kameel was 'n gewilde oordrywing (vgl. 19:24; Mark. 10:25; Luk. 18:25).

NASB (UPDATED) TEXT: 23:25-28

²⁵"Woe to you scribes and Pharisees, hypocrites! For you clean the outside of the cup and of the dish, but inside they are full of robbery and self-indulgence. ²⁶You blind Pharisee, first clean the inside of the cup and of the dish, so that the outside of it may become clean also. ²⁷Woe to you, scribes and Pharisees, hypocrites! For you are like the whitewashed tombs which on the outside appear beautiful, but inside they are full of dead men's bones and uncleanness. ²⁸So you, too, outwardly appear righteous to men, but inwardly you are full of hypocrisy and lawlessness."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:25-28.

23:25 OAV
NAV
CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

"geveinsdes"

"huigelaars"

"julle wat voorgee om te wees wat julle nie is nie"

"skynheilige"

"hypocrites"

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:2.

■ **"julle maak die buitekant van die beker. . .skoon"; "you clean the outside of the cup":** Hulle was baie op seremoniële reinheid gesteld, maar hulle gesindheid en motiewe was uiters afvallig van God (vgl. Jes. 29:13). Hulle onreinheid het van binne gekom (d.w.s. die hart, vgl. Mark. 7:15,20). Die nuwe geregtigheid (d.w.s. die nuwe verbond, vgl. Jer. 31-34; Eseg. 36:22-38) was nie menslike werke-ywer nie, maar geloof in die verworwe geregtigheid op Golgota met God se goedkeuring op Paassondagmôre!

23:27 OAV
NAV
CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

"gewitte grafte"

"witgeverfde grafte"

"grafkamers wat wit geverf is"

"grafte aan die buitekant spierwit gekalk"

"whitewashed tombs"

Die inwoners van Jerusalem het grafte voor feestye geverf sodat pelgrims nie per ongeluk aan 'n graf raak en vir sewe dae seremonieel onrein word sodat hulle ten spyte van die lang reis nie kan deelneem aan die feesviering nie (vgl. Num.

19:16; 31:19). Hierdie nuutgeverfde grafte was simbolies van die gesteldheid op uiterlike godsdienstigheid van die Joodse leiers.

NASB (UPDATED) TEXT: 23:29-33

²⁹“Woe to you, scribes and Pharisees, hypocrites! For you build the tombs of the prophets and adorn the monuments of the righteous, ³⁰and say, ‘If we had been *living* in the days of our fathers, we would not have been partners with them in *shedding* the blood of the prophets.’ ³¹So you testify against yourselves, that you are sons of those who murdered the prophets. ³²Fill up, then, the measure of *guilt* of your fathers. You serpents, you brood of vipers, how will you escape the sentence of hell?”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 29-33.

23:29 OAV “geveinsdes”
 NAV “huigelaars”
 CUM-MVB “julle wat voorgee om te wees wat julle nie is nie”
 CUM-NLV “skynheilige”
 NASB “hypocrites”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 6:2.

▣ OAV “julle bou die grafte van die profete”
 NAV, CUM-MVB “julle hou die grafte (grafkamers) van die profete in stand”
 CUM-NLV “julle rig grafstene op vir die profete”
 NASB “you build the tombs of the prophets”

In OT tye het die volk van God profete van God om die lewe gebring en dan vir hulle groot grafstene opgerig. God wou nie monumente vir oorlede profete hê nie, maar gehoorsaamheid aan sy boodskap (vgl. verse 34-35). Nes die leiers van die OT die profete vermoor het sou hierdie leiers vir Jesus en sy dissipels vermoor.

23:30 “as”; “if”: Dit is ‘n KLAS TWEE VOORWAARDELIKE SIN wat op weerspreking van die feite neerkom; ‘n vals aanname word gemaak wat impliseer dat die gevolgtrekkings wat daarop berus ook vals sal wees.

23:33 OAV, NAV “Julle slange, addergeslag”
 CUM-MVB “Julle slange, addergebroedse”
 CUM-NLV “Julle slange. Julle addernes”
 NASB “You serpents, you brood of vipers”

Jesus was nie altyd die sag en teer, ‘draai-die-ander-wang’-persoon wat Hy dikwels uitgemaak is om te wees nie (vgl. 3:7; 12:34). Huigelagtige, hoogmoedige en aanstellerige misbruik van godsdienste het Hom tot ferme veroordeling genoop – en dit is steeds die geval.

▣ “hel”; “hell”: Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:22.

NASB (UPDATED) TEXT: 23:34-36

³⁴“Therefore, behold I am sending you prophets and wise men and scribes; some of them you will kill and crucify, and some of them you will scourge in your synagogues, and persecute from city to city, ³⁵so that upon you fall *the guilt* of all the righteous blood shed on earth, from the blood of righteous Abel to the blood of Zechariah, the son of Berechiah, whom you murdered between the temple and the altaar. ³⁶Truly I say to you, all these things will come upon this generation.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:34-36.

23:34 OAV “Ek stuur profete, wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe”
 NAV, CUM-MVB “Ek stuur profete, wyse manne en leraars (geleerdes) na julle toe”
 CUM-MVB “Ek sal vir julle profete en wyses en skrifkenners stuur”
 NASB “I am sending you prophets and wise men and scribes”

God (let daarop dat Jesus “Ek” gebruik) sit sy openbaringswerke voort deur sy uitverkore woordvoerders (vgl. 21:34-36; 23:37). Die Jode was nie wat God betref oningelig omtrent die waarheid soos in die OT vervat nie, maar hulle het dit verwerp deur dit aan hulle tradisies ondergeskik te stel (vgl. Jes. 6:9-13; 29:13; Jer. 5:20-29)! Sien *Vir Speciale Aandag*: NT profesie by 11:9.

▣ “julle sal sommige (party) van hulle doodmaak en kruisig”; “some of them you will kill and crucify”: In die vroeë Christendom is hierdie voorsegging dramaties vervul. Die woordvoerders van God is aan die ontvangkant van ‘n gevalle wêreld se vyandige wrokkigheid, selfs wat betref die godsdienstige wêreld, teen God se woord en wil.

23:35 OAV, CUM-MVB “bloed. . . vergiet”
 NAV “bloed. . . uitgestort”
 CUM-NLV “moord”

Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: UITGESTORT

Die term, *cheō*, beteken oor die algemeen ‘om ‘n vloeistof te giet’, maar twee konnotasies het uit die oortreffende vorm, *ekcheō*, ontwikkel:

1. die vergieting van onskuldige bloed, Mat. 23:35; Han. 22:20
2. ‘n offer gebring, Mat. 26:28; Mark. 14:24; Luk. 22:20

In Jesus word albei betekenis op Golgota verenig en saamgevat (vgl. Colin Brown, red., *The New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 2, bl. 853-855).

▣ “Abel”: Sien Gen. 4:8 e.v.

▣ “Sagaria”; “Zechariah”: Heelwat debat is gevoer oor die identiteit van hierdie profeet. Die enigste martelaar met hierdie naam word in 2 Kron. 24:2-22 vermeld, maar die naam van sy vader stem nie met Berekja hier in Matteus ooreen nie. Die parallelle gedeelte in Luk. 11:51 noem nie die naam van ‘n vader nie en die Griekse manuskrip \aleph se weergawe van Matteus verwys ook nie na Berekja nie.

Sagaria, die na-ballingskapse profeet (Bybelboek), dra wel dieselfde naam, maar het nie op so ‘n gewelddadige wyse aan sy einde gekom nie. Daar kan wel ‘n ander profeet met dieselfde naam wees van wie niks vermeld word en ons nie kennis dra nie. Aangesien dan Abel as eerste martelaar genoem word (in die eerste boek), maak dit sin om aan die Sagaria van 2 Kron. 24 in dié verband te dink, aangesien die Kroniekboeke die laaste geskrif van die Hebreeuse kanon is.

23:36 OAV, CUM-MVB

NAV

CUM-NLV

NASB

“al hierdie dinge sal oor (op) hierdie geslag (neer)kom”

“Die straf vir al hierdie dinge sal op die mense van vandag neerkom”

“al die opgehoopde oordeel sal losbars oor hierdie generasie”

“all these things will come upon this generation”

In ‘n sekere sin illustreer hierdie opmerking die voorkennis van Jesus (vgl. 10:23; 23:36; 24:34). Hy het met goddelike gesag gespreek. Toe die leierskap en die bevolking Hom verwerp het, was hulle onder oordeel, maar onder “al hierdie dinge” het Hy ook die nuwe bedeling van die Gees aangekondig!

NASB (UPDATED) TEXT: 23:37-39

³⁷“Jerusalem, Jerusalem, who kills the prophets and stones those who are sent to her! How often I wanted to gather your children together, the way a hen gathers her chicks under her wings, and you were unwilling. ³⁸Behold your house is being left to you desolate! ³⁹For I say to you, from now on you will not see Me until you say, ‘BLESSED IS HE WHO COMES IN THE NAME OF THE LORD!’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 23:37-39.

23:37-39 Jesus was duidelik baie emosioneel (vgl. Luk. 13:34,35). Hy en die Vader het albei die verbondsvolk opreg lief. Hy het begeer om die vertrouensvriendskap te hernu, maar hulle het hulle wettiese afwykings as voorwaarde bly stel (vgl. Jes. 29:13). Net oordeel sou hulle daartoe kon bring om weer na die vriendskapsvertroulikheid van die verbonde te verlang.

Dit bly ‘n groot vraag wanneer Jesus hierdie woorde uitgespreek het. Was dit net voor sy triomfantelike intog of dui dit op ‘n eskatologiese intog? Een saak staan vas en dit is dat Sag. 12:10 se profesie eendag vervul sal word! Die samesnoering van God se volk (vgl. Rom. 9-11) sal ook weer die vriendskap van die tuin van Eden bring (vgl. Gen. 3:15).

23:37 “bymeekaarmaak”; “gather”: Hierdie WERKWOORD word ook gebruik in verband met ‘bymeekaarmaak’ van die uitverkorenes aan die einde van die tyd (eskatologies – vgl. Mat. 3:12; 13:20,47; 24:31).

▣ “soos ‘n hen haar kuikens onder haar vlerke bymeekaarmaak”; “the way a hen gathers her chicks under her wings”: JHWH (en Jesus) gebruik dikwels vroulike metafore om oor werke en gesindhede te praat (vgl. Gen. 1:2; Eks. 19:5; Deut. 32:11; Jes. 39:15; 66:9-13). Die Godheid is nie manlik of vroulik nie, maar geestelik. Hy het die mens manlik en vroulik geskape en het die beste kwaliteite van beide in Homself.

VIR SPESIALE AANDAG: SKADUWEE AS METAFOR VIR BESKERMING EN SORG

Die idioom van ‘skaduwee’ het algemeen in die antieke Ooste voorgekom. Hier volg Bybelse voorbeelde:

1. ‘n idioom van beskerming, Jes. 16:3; 30:2-3; Klaagl. 4:20
2. die idioom “skadu van sy hand”, Ps. 121:5; Jes. 49:2; Jes. 51:16
3. die idioom “skadu van die dak”, Gen. 19:8
4. die skadu van God se spesiale wolk, Eks. 13:20-21; 14:19,20,21; Jes. 4:6 25:4-5; 32:1-2
5. die idioom van “skadu van sy vleuels”, Ps. 17:8; 36:7; 57:1; 61:4; 63:7; 91:1,4 (soortgelyke metafore kom voor in Deut. 32:1-11; Rut 2:12; Jes. 31:5; Mat. 23:37; Luk. 13:34)
6. die idioom vir skaduwee van ‘n boom, Rigt. 9:15; Eseg. 17:23; 31:6,17; Dan. 4:12; Hos. 14:7

23:38 OAV, CUM-MVB “Kyk, julle huis (tuiste) word vir julle (ver)woes (oor)gelaat”
NAV “Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat”
CUM-NLV “julle woning word vir julle verlate agtergelaat”
NASB “your house is being left to you desolate”

Dit blyk ‘n verwysing na Jer. 22:5 te wees. Dit kan op die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. sinspeel of op ander toekomstige gebeure. God se unieke verbond met Israel was deur hulle ongeloof geskend. Maar daar is ‘n nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34) wat nie op rasgebonde afkoms gebaseer is nie, maar op geloof in God en sy Messias.

23:39 OAV “totdat julle sal sê”
NAV “wanneer julle sal uitroep”
CUM-MVB “totdat julle sal uitroep”
CUM-NLV “wanneer julle sal sê”
NASB “until you say”

Dit verwys na Ps. 118:26-27, wat reeds in die triofantelike intog gebesig is (vgl. Mat. 21:9). Dit stem ooreen met ‘n wonderlike profesie van Sag. 12:10 e.v. oor die Messias: dat Jesus Hom eendag sal rig tot dié wat Hom “doodgesteek het” (NAV – vgl. Rom. 9-11)! Alle gelowiges bid vir die aanbreek van so ‘n Joodse herlewing.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom was Jesus so krities teenoor die godsdiensteleiers van sy dag?
2. Hoe weet ons wat ons moet glo en hoe ons moet handel?
3. Is gesindheid belangriker as dade?
4. Is tiendes ‘n duidelike leerstelling uit die NT?
5. Het Jesus Israel heeltemal verwerp?

MATTEUS 24

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Destruction of the Temple Foretold 24:1-2	Jesus Predicts the Destruction of the Temple 24:1-2	Destruction of the Temple Foretold 24:1-2	Jesus Speaks of the Destruction of the Temple 24:1-2	Introduction 24:1-3	Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word 24:1-2
The Beginning of Woes 24:3-14	The Signs of the Times 24:3-14	On the End of the Age 24:3-8 24:9-14	Troubles and Persecutions 24:3 24:4-8 24:9-14	The Beginning of Sorrows 24:4-8 24:9-13 24:14	Die profetiese rede: rampe en vervolging 24:3-14
The Great Tribulation 24:15-28	The Great Tribulation 24:15-28	24:15-28	The Awful Horror 24:15-22 24:23-25 24:26-27 24:28	The Great Tribulation 24:15-22 24:23-25 24:26-28	Die profetiese rede: die groot verdrukking 24:15-28
The Coming of the Son of Man 24:29-31	The Coming of the Son of Man 24:29-31	24:29-31	The Coming of the Son of Man 24:29-31	The Universal Significance of This Coming 24:29-31	Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens 24:29-31
The Lesson of the Fig Tree 24:32-35	The Parable of the Fig Tree 24:32-35	24:32-35	The Lesson of the Fig Tree 24:32-35	The Time of This Coming 24:32-36	Die profetiese rede: die voorbeeld van die vyeboom 24:32-35
The Unknown Day and Hour 24:36-44	No One Knows the Day or the Hour 24:36-44	24:36-44	No One Knows the Day or Hour 24:36-44	Be On the Alert 24:37-41 24:42-44	Die profetiese rede: die dag en die uur van die wederkoms 24:36-44
The Faithful or the Unfaithful Servant 24:45-51	The Faithful Servant and the Evil Servant 24:45-51	24:45-51	The Faithful or the Unfaithful Servant 24:45-51	Parable of the Conscientious Servant 24:45-51	Die profetiese rede: die getroue en die ontroue slaaf 24:45-51

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

5. Eerste paragraaf

6. Tweede paragraaf

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

7. Derde paragraaf

8. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 24:1-37

- A. My aantekeninge in Markus 13 en 1 en 2 Petrus is meer volledig. Al my kommentare is beskikbaar by www.freebiblecommentary.org.
- B. Interpretasie van Mat. 24, Mark. 13 en Luk. 21 word bemoelik omdat 'n verskeideheid onderwerpe tegelyk behandel word (sien Mat. 24:43).
1. Wanneer word die tempel verwoes?
 2. Wat sal die teken wees om die terugkeer van die Messias aan te dui?
 3. Wanneer eindig hierdie bedeling?
- C. Die eskatologiese genre in die NT is gewoonlik 'n kombinasie van profetiese en apokaliptiese woordgebruik en dan doelbewus dubbelsinnig en volledig simbolies.
- D. Talle gedeeltes van die NT (vgl. Mat. 24; Mark. 13; Luk. 17 en 21; 1 en 2 Tess.; Openbaring) handel oor die Wederkoms. Die gedeeltes onderstreep die volgende sake, (1) dat dit gaan plaasvind, is seker, maar wanneer weet niemand nie; (2) daar is breedweg aanduidings, maar spesifieke gebeure en besonderhede is nie bekend nie (dit sal skielik en onverwags gebeur). Ons moet getrou in ons aangewese opdragte wees en waaksaam.
- E. 'n Paradoks is aanwesig en dit lei tot 'n teologiese spanning, want (1) Hy kan enige oomblik, onverwags verskyn en (2) sekere gebeure moet dit voorafgaan.
- F. Die NT maak melding van sekere gebeure wat die wederkoms moet voorafgaan:
1. die evangelie verkondig aan die hele wêreld (vgl. 24:14; Mark. 13:10)
 2. die groot afvalligheid (vgl. 24:10-13, 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1 e.v.; 2 Tess. 2:3)
 3. die openbaring van 'die mens van sonde' (vgl. Dan. 7:23-26; 9:24-27; 2 Tess. 2:3)
 4. verwydering van die een/dit wat teëhou (vgl. 2 Tess. 2:6-7)
 5. Joodse herlewing (vgl. Sag. 12:10; Rom. 11).
- G. 'n Parallel van verse 37-44 is nie in Markus nie, maar wel in Luk. 17:26-37.

VIR SPESIALE AANDAG: APOKALIPTIESE LITERATUUR

Hierdie rubriek is uit my kommentaar op Openbaring geneem (gratis toegang by www.freebiblecommentary.org).

Openbaring is 'n uniek Joodse genre, genaamd apokaliptiek. In spanningsvolle tye het dit gedien om die boodskap oor te dra dat God in beheer van die geskiedenis is en dat Hy tot redding van sy volk sal kom. Hierdie literatuur word oorheers deur:

1. 'n sterk ontwikkelde besef dat God universeel in beheer is (monoteïsme en determinisme);
2. dat 'n stryd tussen goed en kwaad aan die orde is en uitloop op 'n nuwe era;
3. die gebruik van geheime kodewoorde, gewoonlik uit die OT en die Joodse apokaliptiese literatuur uit die intertestamentêre tyd;
4. die gebruik van kleure, syfers, diere, soms dier/mens-samestellings;
5. die gebruik van engele as oorbrengrers van visioene en drome;
6. die fokus primêr op die eindtye ('n nuwe era);
7. die gebruik van bepaalde simbole om die eindtydboodskap oor te dra, wat nie as die werklikheid opgevat moet word nie;
8. enkele voorbeelde van dié tipe genre:
 - a. Ou Testament
 1. Jes. 24-27, 56-66
 2. Eseg. 37-48
 3. Dan. 7-12
 4. Joël 2:28-3:21
 5. Sag. 1-6, 12-14
 - b. Nuwe Testament
 1. Mat. 24; Mark. 13; Luk. 21; 1 Kor. 15 (tot 'n mate)
 2. 2 Tess. 2 (in die meeste opsigte)
 3. Openb. 4-22
 - c. nie-kanoniek (geneem uit D.S. Russell, *The Method and Message of Jewish Apocalyptic*, bl. 37-38)
 1. 1 en 2 Henog (die geheime van Henog)

2. Die Boek van Jubilee
3. Die Sibileense Orakels, III, IV, V
4. Die Testament van die Twaalf Patriarge
5. Die Psalms van Salomo
6. Die Opneem van Moses
7. Die Martelaarskap van Jesaja
8. Die Apokalips van Moses (die lewe van Adam en Eva)
9. Die Apokalips van Abraham
10. Die Testament van Abraham
11. II Esdras (IV Esdras)
12. Barug II en III

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 24:1-2

¹Jesus came out from the temple and was going away when His disciples came up to point out the temple buildings to Him. ²And He said to them, “Do you not see all these things? Truly I say to you, not one stone here will be left upon another, which will not be torn down.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:1-2.

24:1 OAV, NAV, CUM-MVB “die tempel”
 CUM-NLV “die tempel terrein”
 NASB “the temple”

Die woord wat hier gebruik word (*hieron*, vgl. Mark. 13:1) dui op die hele tempelarea. Jesus het daar onderrig sedert Mat. 21:23. Hierdie gebou was die simbool van Joodse hoop (*naos* – vgl. Mark. 15:38). Sien ook Jeremia 7 in verband met die tempel as eksklusiewe simbool van God se liefde vir die Jode.

▣ OAV “geboue”
 NAV, CUMs “tempelgeboue”
 NASB “buildings”

Dit was geboue van gepoleerde kalksteen met goue insetsels. Herodes die Grote het meer as 46 jaar laat bou om die tempel te voltooi (vgl. Joh. 2:20). Die doel van die projek was om die Jode se guns te wen aangesien hulle ontsteld was omdat ‘n Edumiet oor hulle koning was.

24:2 “klip”; “stone”: Josefus skryf dat Herodes *messeh* gebruik het, gepoleerde kalksteen wat in die area voorkom. Die fondamentstene was gewigtige blokke van 25 x 8 x 12 voorarm lengtes. ‘n Voorarm lengte was 46-53 cm; dus moes die totale volume van een van hierdie stene tussen 234 en 357 kubieke meter (m³) gewees het.

▣ NAV, CUM-MVB, OAV “hier sal nie een klip op die ander bly (gelaat word) nie; (wat nie) alles sal afgebreek word (nie)”
 CUM-NLV “al hierdie dinge. . .sal so totaal gesloop word dat nie een klip bo-op die ander sal bly staan nie”
 NASB “not one stone here will be left upon another, which will not be torn down”

Hierdie is ‘n sterk grammatiese stelwyse met twee DUBBELE NEGATIEWE. Die vertaling druk dit dus uit as ‘n totale vernietiging. Dit moes die dissipels met stomheid geslaan het. Josefus vertel ons dat in 70 n.C. die Romeinse leër die plek so algeheel verwoes het dat ‘n mens op berg Moria, waar die tempel eens gestaan het, die grond kon ploeg (vgl. Miga 3:12; Jer. 26:18).

NASB (UPDATED) TEXT: 24:3

³Sitting on the Mount of Olives, the disciples came to Him privately, saying, “Tell us, when will these things happen, and what will be the sign of Your coming and the end of the age?”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:3.

24:3 “nadat Jesus teen die hang van die Olyfberg gaan sit het”; “Sitting on the Mount of Olives”: Vanaf hierdie hang, oos van Jerusalem, het hulle ‘n duidelike uitsig op die tempelarea gehad. In sy evangelie identifiseer Markus hierdie dissipels wat sulke vrae aan Jesus kom stel het – Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas. Matteus volstaan met “die dissipels” wat na Hom toe gekom het (vgl. verse 1 en 3).

▣ “Vertel vir ons wanneer sal al hierdie dinge wees (gebeur). En wat sal die (voor)teken van U koms. . .wees”; “When will these things happen and what will be the sign of Your coming”: Markus (13:4) en Lukas (21:7) het net een vraag, maar Matteus laat blyk dat daar talle vrae was (24:3). Oor verskeie gebeure wou die dissipels meer inligting hê: (1)

die vernietiging van die tempel; (2) die wederkoms; en (3) die einde van die era. Hulle was blykbaar onder die indruk dat die drietal gebeure gelyktydig sou plaasvind. Sien die *Vir Spesiale Aandag* hier onder.

Die term wat hier met “koms” vertaal word, is *parousia* (vgl. Mat. 24:3,27,37, 39; 1 Kor. 15:23; 1 Tess. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Tess. 2:1,8; Jak. 5:7,8; 2 Pet. 3:4,12; 1 Joh. 2:28. Sien die tweede *Vir Spesiale Aandag* hier onder.

VIR SPESIALE AANDAG: ANTWOORDE OP DIE DISSIPELS SE VRAE IN 24:3

F. F. Bruce in sy *Answers to Questions* bied die volgende antwoorde:

- A. ‘n Waarskuwing teen misleiding deur valse profete of groot rampe dat dit die eindtyd is
 - 1. Mat. 24:4-8
 - 2. Mark. 13:5-8
 - 3. Luk. 21:8-11
- B. ‘n Voorspelling van vervolging en ‘n belofte om hulp
 - 1. Mat. 24:9-14
 - 2. Mark. 13:9-13
 - 3. Luk. 21:12-19
- C. Antwoord op die eerste vraag; verwoesting van Jerusalem en die verstrooiing van haar inwoners
 - 1. Mat. 24:15-28
 - 2. Mark. 13:14-23
 - 3. Luk. 21:20-24
- D. ‘n Antwoord op vraag twee aangaande die koms van Christus
 - 1. Mat. 24:29-31
 - 2. Mark. 13:24-27
 - 3. Luk. 21:20-24
- E. ‘n Vermaning om waaksaam te wees ten opsigte van die aanloop tot verwoesting van Jerusalem
 - 1. Mat. 24:32-35
 - 2. Mark. 13:28-31
 - 3. Luk. 21: 29-33
- F. ‘n Vermaning om waaksaam te wees met die oog op Christus se koms
 - 1. Mat. 24:36-44
 - 2. Mark. 13:32-37
 - 3. Luk. 21:34-36

VIR SPESIALE AANDAG: DIE WEDERKOMS

Letterlik lees dit ‘tot die *Parousia*’, d.w.s. die ‘teenwoordigheid’ van ‘n koninklike besoeker. Ander NT terme wat vir die tweede koms aangewend word sluit in: (1) *epiphaneia*, ‘van aangesig tot aangesig verskyning’; (2) *apokalipsis*, ‘oopmaak’; en (3) ‘die dag van die Here’ en variasies op dié frase.

Dit NT as geheel is geskryf binne die wêreldbeskouing van die OT, wat stel:

- 1. die huidige era is ‘n opstandige bedeling;
- 2. ‘n nuwe era van geregtigheid is aan die kom;
- 3. dit sal deur die Gees van God bewerk word, gebaseer op die werk van die Messias (die Gesalfde).

Teologies genoodsaak dit ‘n beskouing van ‘progresiewe openbaring’ aangesien die NT op Israel se verwagting geringe aanpassings maak. In plaas van die eenmalige verskyning van ‘n militêre Messias met nasionalistiese fokus op Israel, praat die NT van twee komste. Die eerste koms was die inkarnasie van Godheid in die ontvangenis en geboorte van Jesus van Nasaret. Hy verskyn as die nie-militêre, nie-regspiegende “lydende kneg” van Jes. 53; ‘n sagmoedige ruiter op ‘n donkie en nie te perd of op ‘n vorstelike rydier nie (vgl. Sag. 9:9). Die eerste koms het die nuwe Messiaanse era, die koninkryk van God, hier op aarde formeel ingewy. Op ‘n manier is die koninkryk reeds hier, maar in ‘n fisiese sin lê dit nog in die verre toekoms. In hierdie ‘reeds gekom’ maar ‘nog nie’ ontstaan ‘n spanningsvolle oorvleueling van die twee Joodse eras wat in die OT nie duidelik uitgespel was nie, of ten minste nie so goed verstaan is nie. In werklikheid beteken hierdie tweeledige koms dat JHWH Hom verbind het om die hele mensdom te verlos (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5 en soos blyk uit die prediking van die profete, in besonder Jesaja en Jona).

Die kerk wag nie op vervulling van OT profesieë nie, omrede dit meestal op die eerste koms gerig is (vgl. *How to Read the Bible for All Its Worth*, bl. 165-166). Wat gelowiges wel verwag, is die heerlike koms van die opgestane Koning van die konings en Here van alle here; ‘n verwagting van ‘n historiese vervulling en koms van die nuwe era van geregtigheid op aarde soos dit in die hemel bestaan (vgl. Mat. 6:10). Die OT uitsprake was nie onjuis nie, maar onvolledig. Hy kom weer, soos die profete aangedui het, in krag en gesag van JHWH.

Die tweede koms is nie Bybelse terminologie nie, maar dit dien as die wêreldbeskouing en raamwerk waarbinne die hele NT afspeel. God sal alles weer nuut maak! Die vertrouensvriendskap tussen God en die mens, wat na sy beeld geskape is, sal herstel word. Die bose sal veroordeel en verwyder word. God se doel met alles sal nie, kan nie, misluk nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 24:4-8

⁴And Jesus answered and said to them, “See to it that no one misleads you. ⁵For many will come in My name, saying ‘I am the Christ,’ and will mislead many. ⁶You will be hearing of wars and rumours of wars. See that you are not frightened, for *those* things must take place, but *that* is not the end. ⁷For nation will arise against nation, and kingdom against kingdom, and in various places there will be famines and earthquakes. ⁸But all these things are merely beginning of birth pangs.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:4-8.

- 24:4** OAV, NAV “Pas op dat niemand julle mislei nie”
 CUM-MVB “Pas op dat niemand julle onder ‘n wanindruk bring nie”
 CUM-NLV “Wees versigtig dat niemand julle op ‘n dwaalspoor bring nie”
 NASB “See to it that no one misleads you”

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF (bevel) met ‘n NEGATIEWE BYWOORD wat beteken dat ‘n aktiwiteit wat reeds sy aanvang geneem het, gestop moet word. Daar was en sal altyd vele vals tekens of ‘voortekens’ wees. Hierdie waarskuwing word dikwels herhaal (vgl. Mark. 13:5,9,23,33). Op hierdie gebied heers groot teologiese verwarring. Die kerk het nog nooit konsensus bereik oor die onderwerp van eskatologie nie.

Elke geslag van Christene het probeer om hulle eietydse geskiedenis in Bybelse profesie in te lees. Tot op datum was al sodanige pogings egter duidelik verkeerd. Deel van die probleem is dat gelowiges veronderstel is om te leef asof die wederkoms enige oomblik mag wees, maar die profesieë is almal geskryf vir ‘n enkele eindtyd-generasie van vervolgte gelowiges. Wees dankbaar dat u nie weet nie!

- 24:5** OAV, NAV, CUM-MVB “Baie sal onder my Naam kom”
 CUM-NLV “Baie mense sal in my Naam met die aanspraak kom”
 NASB “many will come in My name”

Hiermee word vals messiasse bedoel (vgl. verse 11,23-24; Mark. 13:6). Dit kon verwys het na (1) die antichris (1 Joh. 2:18); (2) die “Mens van Sonde” (2 Tess. 2); of (3) die “Bees uit die see” (Openb. 13:1-10) van die eindtyd.

- ▣ OAV, NAV “Ek is die Christus”
 CUM-MVB “Ék is die Gesalfde”
 CUM-NLV “Ek is die Messias”
 NASB “I am the Christ”

Christos is die Grieks vir die Hebreëuse *messias* wat ‘gesalfde’ beteken. Dit toon dat baie vals messiasse sal kom (vgl. verse 11,24; 1 Joh. 2:18).

- ▣ OAV, NAV, CUM-MVB “sal baie mense mislei”
 CUM-NLV “sal baie op ‘n dwaalspoor bring”
 NASB “and will mislead many”

Dit laat sien die oortuigingskrag wat vals messiasse in ‘n geestelike vakuum van ‘n gevalle mensdom kan uitoeven (vgl. Mat. 24:11,23-26). Dit laat sien ook die naïwiteit van nuutbekeerdes en vleesgesinde Christene (vgl. 1 Kor. 3:1-3; Kol. 2:16-23; Heb. 5:11-14).

- 24:6** OAV, NAV “moenie verskrik word nie”
 CUMs “moenie paniekerig word nie”
 NASB “that you are not frightened”

Hierdie is PRAESENS PASSIEF IMPERATIEF met ‘n NEGATIEWE BYWOORD wat gewoonlik beteken dat ‘n aktiwiteit wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word.

- ▣ OAV “want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie”
 NAV, CUM-MVB “(Want) dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie”
 CUM-NLV “Hierdie dinge is bestem om te gebeur, maar die einde sal nog nie dadelik daarna kom nie”
 NASB “for those things must take place, but *that* is not the end”

Oorloë (verse 6-7), hongersnood (vgl. vers 7), aardbewings (vers 7) en vals Messiasse is nie tekens van die einde nie, maar voortekens van elke eeu (vgl. vers 8). Die aanwesigheid van hierdie soort gebeure is nie tekens van die einde nie, maar bloot van ‘n gevalle wêreld.

- 24:8** OAV “‘n begin van die smarte”
 NAV “geboortepyne, die begin van ‘n nuwe tyd”
 CUM-MVB “die begin van geboortepyne”
 CUM-NLV “begin van die swaarkry”
 NASB, NRSV “of birth pangs”
 NKJV “of sorrows”
 TEV “the first pains of childbirth”

Dit sinspeel op die ‘geboortepyne’ van ‘n nuwe era (vgl. Jes. 13:8; 26:17; 66:7; Miga 4:9-10; Mark. 13:8). Dit illustreer die Joodse beskouing dat dinge versleg en boosheid toeneem voor die nuwe era van geregtigheid aanbreek. Die Jode het in twee bedelings geglo (sien *Vir Spesiale Aandag* by 12:31): die huidige era van sonde en opstand teen God en ‘n ‘komende era’. Die nuwe era sal kom en ingewy word deur die Messias. Dit sal ‘n tyd van geregtigheid en getrouheid aan God wees. Alhoewel die Joodse beskouing tot op ‘n punt korrek was, het dit nie met twee komste van die Messias rekening gehou nie. Ons leef in die oorvleueling van die twee bedelings, in die ‘alreeds’ en ‘nog nie’ van die koninkryk van God.

NASB (UPDATED) TEXT: 24:9-14

⁹“Then they will deliver you to tribulation, and will kill you, and you will be hated by all nations because of My name. ¹⁰At that time many will fall away and will betray one another and will hate one another. ¹¹Many false prophets will arise and mislead many. ¹²Because lawlessness is increased, most people’s love will grow cold. ¹³But the one who endures to the end, he will be saved. ¹⁴This gospel of the kingdom shall be preached in the whole world for a witness to all the nations, and then the end will come.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:9-14.

24:9 OAV, CUMs “Dan”
NAV “Die mense sal”
NASB “Then”

Jesus het hierdie woord dikwels in sy bespreking van die eindtye gebruik (vgl. 24:9,10,14,16,21,23,30,40; 25:1,7,31,34,37,41,44,45). Die vraag is

1. is dit net ‘n oorgangsterm (literêr gesproke)?
2. gee dit aanduiding van tydsverloop?
3. dui dit op ‘n kontekstuele reeks (soos die Hebreuse *waw*)?

■ Markus 13:9 is veel meer spesifiek op hierdie punt. ‘Howe en sinagoges’ word nie in vers 9 van Matteus genoem nie. Daaruit blyk dat Christen-vervolging uit staatsinstellings sowel as uit godsdiensgeledere aan die orde sou wees (vgl. 1 Pet. 4:12-16). ‘Aferansel’ of letterlik ‘afgeslag’; Jode het hulle misdadigers nege-en-dertig slae gegee – dertien houe van voor en ses-en-twintig van agter (vgl. Deut. 25:1-3; 2 Kor. 11:24).

■ “Julle sal deur al die nasies gehaat word”; “you will be hated by all nations”: Jesus het sy dissipels voorberei op die haat van die wêreld (vgl. 10:22; 21:35-36; 23:37; Mark. 13:13; Luk. 21:17; Joh. 15:18,19; 1 Joh. 3:13). Die vlak van teenstand teen die evangelie kom as ‘n verrassing (vgl. Ef. 6:10-18). Die implikasie van hierdie vers is dat Jesus die wêreldwye verspreiding van die evangelie te wagte is en dus verwys na ‘n toekomstyd.

■ OAV “terwille van my Naam”
NAV, CUM-MVB “omdat julle my Naam bely (dra)”
CUM-NLV “omdat julle my mense is”
NASB “because of My name”

Gelowiges sal nie vir hulle eie boosheid of misdade vervolgt word nie, maar omdat hulle Christene is (vgl. Mat. 5:10-16; Mark. 13:9; 1 Pet. 4:12-16).

24:10 OAV “dan sal baie tot struikel gebring word”
NAV “In daardie tyd sal baie van die geloof afvallig word”
CUM-MVB “Dan sal baie struikel”
CUM-NLV “In daardie tyd sal baie mense hulle Christenskap afsweer”
NASB “Many will fall away”

Vanweë die vervolging en geestelike misleiding sal baie van Jesus se volgelinge afvallig raak (letterlik: ‘tot struikeling gebring word’, vgl. 11:6). Hulle is die mense van wie in die gelykenis van die saaiër sprake is (vgl. 13:21; Mark. 4:17; 8:13). Dit is hulle wat in Hom “nie bly nie” (vgl. Joh. 15:6); wat in die geestelike gemeenskap nie bly nie (vgl. 1 Joh. 2:18-19); wat ook in Hebreërs en in 2 Pet. 2:20-22 genoem word. Sien *Vir Spesiale Aandag: Afvalligheid* (aphistēmi) by 7:21.

24:10-11 In ‘n opmerking soos hierdie blyk dit dat daar georganiseerde weerstand teen die evangelie sal ontstaan (vgl. Mark. 13:12). Christus sal verdeeldheid in families veroorsaak (vgl. Mat. 10:35-37). Diegene wat deur die evangelie verander moes word, tree op soos ongereddes (vgl. Titus 3:2-3).

24:11 “baie (talle) vals(e) profete”; “many false prophets”: Dit is ‘n skrikwekkende gedagte. Hierdie mense is wolwe in skaapsklere (vgl. Mat. 7:15-23). Gelowiges moet ‘n goeie begrip hê van wat die evangelie behels, ‘n oorgegewenheid aan die Heilige Gees en ‘n leefstyl van toewyding om hulle teen invloede van hierdie skynheiliges te beskerm (vgl. 2 Pet. 2; 1 Joh. 2:18-19; Openb. 13).

24:12 Vervolging sal die ware geestelike karakter van dié wat net voorgee (vgl. Mat. 13:20-22) of swakkellinge (vgl. 1 Tim. 6:9-10) ontbloot.

24:13 “Maar wie (elkeen wat) tot die einde toe (enduit) volhard, (hy) sal gered word”; “but whoever endures to the end, he will be saved”: Dit is ‘n AORISTUS AKTIEF DEELWOORD (volhard) wat gevolg word deur ‘n FUTURUM PASSIEF INDIKATIEF (sal gered word – vgl. Mat. 10:22; sien *Vir Speciale Aandag: die noodsaak om te volhard* by 10:22). Hierdie leerstelling van volharding (vgl. Openb. 2:2,11,12’ 26:3:5,12,21) moet in dialektiese ewewig met die leerstelling van geloofsekerheid verstaan word. Albei is waar! Albei is gawes van God. Die term ‘gered’ kan in sy OT betekenis van fisiese uitredding verstaan word en in ‘n NT betekenis van ewige geestelike verlossing.

Volharding is immers ‘n bewys van ‘n lewensveranderende ontmoeting met Jesus (maak seker jy sien *Vir Speciale Aandag: Volharding* by 10:22). Dit impliseer nie dat iemand sondeloos kan wees nie, maar dit skep ‘n gunstige kontras teen die verval waarvan in verse 11 en 12 sprake is.

24:14 OAV, NAV CUMs “hierdie evangelie van die koninkryk”
 CUMs “Hierdie Goeie Nuus van (oor) God se koningsheerskappy (koninklike regering)”
 NASB “this gospel of the kingdom”

Matteus het dit vroeër in 4:23 en 9:35 ook so genoem. Dit is ‘n sinoniem vir ‘die evangelie’. Dit verwys na die inhoud van Jesus se prediking.

■ OAV, CUM-MVB NAV “sal verkondig word in die hele wêreld tot (as) ‘n getuienis vir al die nasies”
 CUM-NLV “sal in die hele wêreld verkondig word sodat al die nasies die getuienis kan hoor”
 NASB “in die hele wêreld aan al die nasies verkondig word”
 NASB “shall be preached in the whole world for a witness to all the nations”

Dit is die doel wat in Mat. 28:18-20, Luk. 24:46-47 en Han. 1:8 gestel word. Dit verteenwoordig ‘n groot skuif weg van die ‘Israel alleenlik’-beleid. Dit is een van die dinge wat moet gebeur voor die wederkoms. Dit is onmoontlik om te bepaal hoe letterlik hierdie vers verstaan moet word. Bedoel dit elke stam of volk gegroepeer volgens ras of net almal in die Romeinse wêreld van Paulus se tyd? Hierdie tweede mening is moontlik meer korrek omdat die vertaling eintlik letterlik ‘die bewoonde aarde’ moet wees.

VIR SPECIALE AANDAG: BOB SE EVANGELIESE VOOROORDELE

Ek moet aan u, die leser, toegee dat ek op hierdie stadium sterk afwyk, want my sistematiese teologie is nie Calvinisties of Dispensasionalisties nie, maar eerder Die Groot Opdrag-evangelisasie. Ek glo God het van altyd af ‘n plan vir die verlossing van die hele mensheid (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jer. 31:31-34; Eseg. 18; 36:22-39; Han. 2:23; 3:18; 4:28; 13:29; Rom. 3:9-18, 19-20, 21-32); almal wat na sy beeld en gelykenis geskape is (vgl. Gen. 1:26-27). Die verbonde word in Christus verenig (vgl. Gal. 3:28-29; Kol. 3:11). Jesus is God se geheimenis wat bedek was, maar nou geopenbaar is (vgl. Ef. 2:11-3:13)!

Hierdie vooroordeel kleur my skrifuitleg algeheel (byvoorbeeld Jona). Ek lees alle tekste deur, en vanuit, hierdie voorveronderstelling. Dit is sekerlik ‘n afwyking (alle skrifverklaarders het dit!), maar dit is ‘n voorveronderstelling wat uit die Bybel self gevorm is.

■ OAV, NAV, CUM-MVB CUM-MVB “eers (en) dan sal die einde kom”
 NASB “voordat die einde kom”
 NASB “and then the end will come”

Jesus wou aan die dissipels die heidensending beklemtoon (vgl. Jes. 42:6; 49:6; 51:4; 52:10; 60:1-3). Hy wou dit ook duidelik maak dat daar ‘n lang tyd sal wees tussen die verwoesting van Jerusalem en die tweede koms (vgl. 2 Tess. 3). Ons moet bedag wees op die spanning tussen (1) die ‘enige oomblik’-koms van ons Here en (2) die feit dat sekere dinge eers moet gebeur. Daar is daadwerklike spanning in die NT ten opsigte van die tydspek van die wederkoms: binnekort of nog lank.

Dit is beslis moontlik om hierdie profesieë met die val van Jerusalem te verbind. Die beste boek oor hierdie onderwerp (Preteristiese) aan my bekend is John Bray se *Matthew 24 Revisited*. My grootste probleem met hierdie siening is die onstaansdatum van Johannes se Openbaring. Al die bewyse dui daarop dat dit in die middel van die winter moes verskyn het. Vir die Preteristiese siening om geldig te wees moes dit voor 70 n.C. geskryf gewees het.

NASB (UPDATED) TEXT: 24:15-28

¹⁵“Therefore, when you see the ABOMINATION OF DESOLATION which was spoken of through Daniel the prophet, standing in the holy place (let the reader understand), ¹⁶then those who are in Judea must flee to the mountains; ¹⁷whoever is on the housetop, must not go down to get things that are in his house. ¹⁸Whoever is in the field must not turn back to get his cloak. ¹⁹But woe to those who are pregnant and those who are nursing babies in those days! ²⁰But pray that your flight will not be in the winter, or on a Sabbath. ²¹For then there will be a great tribulation, such as has not occurred since the beginning of the world until now, nor ever will. ²²Unless those days had been cut short, no life would have been saved; but for the sake of the elect those days will be cut short. ²³Then if anyone says to you, ‘Behold, here is the Christ,’ or ‘There *He is,*’ do not believe *him*. ²⁴For false Christs and false

prophets will arise and will show great signs and wonders, so as to mislead, if possible, even the elect. ²⁵Behold, I have told you in advance. ²⁶So if they say to you, ‘Behold, He is in the wilderness,’ do not go out, or, ‘Behold, He is in the inner rooms’, do not believe them. ²⁷For just as the lightning comes from the east and flashes even to the west, so will the coming of the Son of Man be. ²⁸Wherever the corpse is, there the vultures will gather.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:15-28.

24:15	OAV	“die gruwel van die verwoesting”
	NAV, CUM-MVB	“die ding wat ‘n gruwel is. . .en wat verwoesting aanrig”
	CUM-NLV	“die afskuwelike voorwerp wat verontheiliging veroorsaak”
	NASB, NKJV	“the ABOMINATION OF DESOLATION”
	NRSV	“the desolating sacrilege”
	TEV	“the Awful Horror”
	NJB	“the appalling abomination”

Die Engelse woord *desolation* (verwoesting) het ‘Godslaster’ of ‘ontheiliging’ beteken. Dit kom so uit Dan. 9:27, 11:31 en 12:11. Oorspronklik dui dit moontlik op Antiochus IV Epifanus in 168 v.C. (vgl. Dan. 8:9-14; 1 Makk. 1:54). In Dan. 7:7-8 hou dit ook verband met die antichris van die eindtyd (vgl. 2 Tess. 2:4). Luk. 21:20 help ons om te verklaar dat dit moontlik verwys na die koms van Titus se leër in 70 n.C. Dit kan nie verwys na die aanval op Jerusalem self nie, want dit sou te laat wees vir gelowiges om te ontsnap.

Hierdie is ‘n voorbeeld van hoe frases wat met mekaar verband hou tog verskillend gebruik kan word. Dit staan bekend as meervoudige vervulling van profesie. Dikwels is dit moeilik om te verstaan voordat die gebeurtenis reeds plaasgevind het. Dan is dit egter maklik om in retrospek die tipologie te bespeur. Vir meer noukeurige aantekeninge oor Daniël, sien my kommentaar by www.freebiblecommentary.org.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE GRUWEL VAN DIE VERWOESTING

M. R. Vincent beskryf die term ‘gruwel’ besonder goed: “The cognate verb, βδελύσσαι, means to feel a nausea or loathing for food, hence used of disgust generally. In a moral sense it denotes an object of moral or religious repugnance. See 2 Chron. 15:8; Jer. 13:27; Ezek. 11:21; Dan. 9:27; 11:31. It is used as equivalent to idol in 1 Kings 11:17; Deut. 7:26; 2 Kings 23:13. It denotes anything in which estrangement from God manifests itself; as the eating of unclean beasts, Lev. 11:11; Deut. 14:3; and, generally, all forms of heathenism. This moral sense must be emphasized in the New Testament use of the word. Compare Luke 16:15; Rev. 17:4,5; 21:27. It does not denote mere physical or esthetic disgust. The reference here is probably to the occupation of the temple precincts by the idolatrous Romans under Titus, with their standards and ensigns. Josephus says that after the burning of the temple the Romans brought their ensigns and set them over against the eastern gate, and there they offered sacrifices to them, and declared Titus, with acclamations, to be emperor,” (*Word Studies in the New Testament*, bl. 74-75).

In hierdie verband moet “verwoesting” as ‘Godslaster’ of ‘verontheiliging’ verstaan word. Die frase kom ook voor in Dan. 9:27, 11:31 en 12:11. Oorspronklik dui dit waarskynlik op Antiochus IV Epifanus, wat ‘n altaar vir Zeus Olimpus in die Jerusalem-tempel opgerig het in 167 v.C. (vgl. Dan. 8:9-14; 1 Makk. 1:54). In Dan. 7:7-8 word dié episode ook met die Antichris van die eindtyd in verband gebring (vgl. 2 Tess. 2:4). In Luk. 21:20 word moontlik verwys na die koms van die Romeinse generaal (later keiser) Titus, wat in 70 n.C. hulle gevegsvaandels, gewy aan heidengode, by die oostelike poort naby die tempel geplaas het. Dit kan nie verwys na die verwoesting van die stad Jerusalem self nie, want dan sou daar nie meer tyd gewees het vir gelowiges om te ontsnap nie (vgl. Luk. 21:20 e.v.)

Hierdie is ‘n voorbeeld van hoe frases wat met mekaar verband hou tog verskillend gebruik kan word. Dit staan bekend as meervoudige vervulling van profesie. Dikwels is dit moeilik om te verstaan voordat die gebeurtenis reeds plaasgevind het. Dan is dit egter maklik om in retrospek die tipologie te bespeur.

■	OAV	“sien staan in die heiligdom”
	NAV	“in die heilige plek sien staan”
	CUM-MVB	“in die plek wat aan God gewy is, sien staan”
	CUM-NLV	“in die tempel sal sien staan”
	NASB, NKJV, NRSV	“standing in the holy place”
	TEV	“it will be standing in the holy place”
	NJB	“set up in the holy place”

Die Griekse PARTISIPIUM, ‘staan’ is ONSLAGTIG, nie MANLIK nie. Dus is ‘dit’ die korrekte vertaling. Dit bied steun aan die moontlikheid dat Jesus die Romeinse leër afdeling onder Titus (70 n.C.) in gedagte gehad het. Die “heilige plek” is die voorste deel van die sentrale heiligdom van die tempel. Titus het sy Romeinse vaandels, aan afgode gewy, in dié deel van die tempel geplaas.

■	OAV	“laat hy wat lees, oplet”
	NAV, CUM-MVB	“– wie dit lees, moet dit goed begryp!–”
	CUM-NLV	“my leser, gee nou spesiale aandag!”
	NASB, NRSV, NJB	(“let the reader understand”)
	NKJV	(“whoever reads, let him understand”)

TEV**“(Note to the reader: understand what this means)”**

Dit was ‘n opmerking van Matteus teenoor sy Christen-gehoor. Voorlesers het hardop gelees in daardie dae van die ou Mediterse wêreld. ‘n Gereelde aanwesige in die sinagoge behoort God se woord te ken. Dit hou moontlik verband met die “gruwel van die verwoesting” in Dan. 9:27, 11:31 en 12:11.

24:16 NAV, CUM-MVB, OAV “Dan moet dié wat in Judea is, (na) die berge (in)vlug”
CUM-NLV “Dan moet die mense van Judea na die heuwels toe vlug”
NASB “then those who are in Judea must flee to the mountains”

Eusebius, ‘n kerkhistorikus uit die 4de eeu, deel ons mee dat die Christene na Pella in Perea gevlug het toe Romeinse leërs om Jerusalem begin saamtrek het.

24:17 OAV “Wie op die dak is”
CUM-MVB “Die man wat op sy huis is”
CUM-NLV, NAV “As jy (Die man wat) op die dakstoep sit”
NASB “Whoever is on the housetop”

Die wonings het plat dakke gehad. Dit was die kuierplek in die warm maande. Daar is selfs beweer dat ‘n mens op huisdakke deur Jerusalem kon beweeg. Blykbaar was sommige wonings aangrensend aan die stadsmuur. Wanneer die vyandelike leërs in sig kom, was onmiddellike vlug die voorland.

24:18 OAV “moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie”
NAV, CUM-MVB “moet nie omdraai om sy klere te gaan haal nie”
CUM-NLV “moet jy nie eers omdraai om jou jas te gryp nie”
NASB “must not turn back to get his cloak”

Dit sinspeel op ‘n ekstra bokleed wat ook as slaapklere gebruik kon word. Daar moes dringend gevlug word en selfs noodsaaklikhede moes agterbly.

24:19 OAV “maar wee die vroue wat swanger is en dié wat nog soog”
NAV “Dit sal bitter swaar gaan met dié vrouens wat. . .swanger is en dié wat nog klein kindertjies het”
CUM-MVB “Teenspoed wag vir dié vrouens wat. . .swanger is en vir dié wat nog borsvoed”
CUM-NLV “Hoe erg. . .vir vroue wat verwag of nog borsvoed”
NASB “But woe to those who are pregnant and to those who are nursing babies”

Sien Mark. 13:17. Dit het uitsluitlik verwys na die verwoesting van Jerusalem! Die dissipels se vrae was oor drie verskillende sake: (1) die verwoesting van Jerusalem, (2) Jesus se tweede koms en (3) die einde van die era. Die probleem is dat die vrae gelyktydig hanteer is. Daar is geen eenvoudige versverdeling volgens onderwerp nie.

24:20 “En bid dat dit nie vir julle nodig sal wees om in die winter. . .te vlug nie”; “But pray that your flight will not be in winter”: Hierdie vers het te doen met die probleem wat swanger vroue mag hê om vinnig te vlug. Vandag se vroue hoef nie hierin ‘n waarskuwing te sien om swangerskap met die oog op die wederkoms te vermy nie. Matteus, wat vir Jode skryf, voeg by “of op die Sabbat”, omdat Jode traag sou wees om op die sabbat te vlug. Dit word egter weggelaat in Mark. 13:18. Ek is diep getref deur twee sake in hierdie vers:

- (1) Jesus het nie geweet presies wanneer Jerusalem verwoes sou word nie en
- (2) gelowiges se gebede kon daardie datum beïnvloed.

24:21 OAV “soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie”
NAV, CUM-MVB “soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nie weer sal wees nie”
CUM-NLV “erger as enigiets wat die wêreld ooit tevore beleef het of hierna sal beleef”
NASB “such has not occurred since the beginning of the world until now, nor ever will”

Dit is ‘n Hebreeuse idiomatiese uitdrukking wat heel dikwels in die OT voorkom (vgl. Eks. 10:14; 11:6; Jer. 30:7; Dan. 12:1; Joël 2:2).

24:22 As alle Christene gevlug het, soos wat Eusebius te kenne gee, dan is hierdie moontlik ‘n verwysing na die Joodse gemeenskap, die uitverkore volk van die OT (God het steeds ‘n plan met nasionale Israel, vgl. Rom. 9-11). In ag genome die gebruik van die woord “uitverkore” in verse 24 en 31, verwys dit moontlik eerder na gelowige Jode. Vir meer omtrent ‘uitverkiesings’, sien *Vir Spesiale Aandag* wat volg.

VIR SPESIALE AANDAG: UITVERKIESING EN DIE ERNS VAN TEOLOGIESE BALANS

Uitverkiesing is 'n ongelooflik aangrypende leerstelling. Dit is nie 'n aanduiding van begunstiging nie, maar eerder 'n oproep om as kanaal op te tree – 'n werktuig of bemiddelaar van ander se verlossing. In die OT staan die term deurgaans in verband met dienslewering. In die NT kom dit meestal neer op verlossing wat op diens moet uitloop. Nêrens probeer die Bybel die spanning tussen die soewereiniteit van God en die mens se wilsvryheid opklaar nie, maar bevestig die belangrikheid van albei leerstellings. 'n Goeie voorbeeld van hierdie Bybelse spanning word gevind in Rom. 9 oor die soewereiniteit van God, en in hoofstuk 10 oor die noodsaaklike beantwoording daarvan deur die mensdom (vgl. 10:11,13). Die riglyn vir oplossing van hierdie spanning is moontlik in Ef. 1:4 te vinde. Jesus is deur God uitverkies en almal is potensieel in Hom uitverkies. Jesus is God se “ja” vir 'n gevalle mensdom in nood (Karl Barth). Jesus is God se “ja” aan 'n gevalle mensdom in nood. Ef. 1:4 help ook om die saak te verhelder deur te verklaar dat die doel van uitverkiesing nie die hemel is nie, maar heiligheid en Christusgelykvormigheid. Dikwels word ons deur die voordele van die evangelie aangegryp en ignoreer die gepaardgaande verantwoordelikhede. God se roep (uitverkiesing) is vir die tyd van nou en vir ewigheid!

Leerstellings staan in verband met ander waarhede en moenie as alleenstaande waarheid buite konteks opgevat word nie. Vergelyk byvoorbeeld 'n ster wat nie buite sy konstellasie gereken moet word nie. God gebruik Oosterse uitdrukkingswyses en nie-Westerse genres nie. Ons moenie die spanningsveld wat deur 'n dialektiese (paradoksale) stelwyse veroorsaak word, probeer wegwerk nie. (Predestinasie versus vrye wil; sekerheid van geloof versus die nodigheid om te volhard in geloof; Christelike vryheid versus Christelike verantwoordelikheid teenoor 'n verbondsbroer; God se transendensie versus sy immanensie; Jesus gelyk aan die Vader, maar ook onderdanig aan die Vader ens.)

Die verbondsteologie handhaaf ewig tussen die soewereiniteit van God (Hy behou die inisiatief en bepaal die agenda) en die mens se reaksie in geloof en belydenis van begin tot einde (Mark. 1:15; Han. 3:16,19, 20:21). Wees versigtig om nie bewysplase aan die een kant van die paradoks op te stapel ten koste van die ander kant nie. Wees ook versigtig om nie oormatig voorkeur te gee aan jou persoonlike gunstelinglerstellings of teologie nie.

- **OAV, CUM-NLV** “verkort het”
 - NAV, CUM-MVB** “ingekort het”
 - NASB** “cut short”
- Sien *Vir Speciale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: TWEE-EN-VEERTIG MAANDE

Die aantal van twee en veertig maande is kenmerkend van profesie oor vervolging. Die vertrapping van die voorhof is ook spreekwoordelik om aan te dui dat die volk van God oorheers word deur vreemde nasies deur die geskiedenis heen – Antiochus Epifanus, die Romeine in 70 n.C. en die Antichris uiteindelik.

Twee en veertig maande, of enige ekwivalent daarvan, word verskeie kere in die Bybel geopper. Die boek Daniel blyk die oorsprong hiervan te wees:

1. Dan. 7:25 praat van “'n tyd, tye en 'n halwe tyd” of 1277 dae indien ons aanvaar dat “'n tyd” gelyk is aan een jaar;
2. Dan. 8:14 vermeld 2300 aande en oggende;
3. Dan. 12:11 vermeld 1290 dae;
4. Dan. 12:12 vermeld 1335 dae. Ooreenstemmende frases kom in Openb. 12:6 voor (1260 dae) en 13:15 (42 maande).

As al dié gedeeltes in aanmerking geneem word, wil die verskeidenheid die simboliese aard van die syfers beklemtoon, terwyl die nabyheid aan twee-en-veertig maande klaarblyklik op 'n tydperk van vervolging dui. Aangesien drie-en-'n-half die helfte van sewe is, dui die blykbaar op 'n volle tyd van vervolging wat kortgeknip is (vgl. Mat. 24:22; Mark. 13:20; Luk. 21:24). Danksy die liefde van God word beide vervolging, nes veroordeling, beperk.

24:23,26 Die ware Messias se koms sal nie in verborgenheid of geheim geskied nie, nie aan 'n uitsoekgroep nie, maar vir almal om te sien (vgl. vers 27). Die Bybel sê niks van 'n ‘geheime ekstase’ nie. Sien die aantekeninge by 24:40-41.

24:23,26 “as”; “if”: Hierdie is **KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE** wat opvolgaksie veronderstel.

- 24:24** **OAV, NAV, CUM-MVB** “hulle sal groot tekens en wonders doen (wonderwerke aanbied)”
- CUM-NLV** “hulle sal indrukwekkende tekens en wonders doen”
- NASB** “they will show great signs and wonders”

Hierdie vals christusse sal wonders kan uitrig (vgl. 7:21-23). Waak daarteen om immer wonders met God te vereenselwig (vgl. 7:11-12:22; Deut. 13:1-3; 2 Tess. 2:9-12; Openb. 13:13; 16:14; 20:20).

- 24:27** **NAV** “die koms van die Seun van die mens sal wees soos 'n weerligstraal wat in die ooste uitslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig”
- CUM-MVB** “Immers die koms van die Seun wat mens geword het sal wees soos 'n weerligstraal wat in die ooste uitslaan en tot in die weste verlig”

OAV, CUM-NLV

“Want soos die weerlig teen die ooste uitslaan en sy lig tot in die weste laat skyn, so sal dit ook wees wanneer (Ek), die Seun van die Mens kom”

NASB

“just as the lightning coming from the east and flashes even to the west, so will the coming of the Son of Man be”

Sien Luk. 17:24. Dié frase ontbreek in Markus 13. Hiermee word die wederkoms as sigbaar voorgestel. Die NT weet nie van ‘n geheime ekstase van gelowiges nie (vgl. 24:40-41), maar openbaar wel dat gelowiges, dood en lewend, die Here met sy tweede koms in die lug sal ontmoet (vgl. 1 Tess. 4:13-18). Die lug word verstaan as die geweste waar die demone of Satan hulle bevind (vgl. Efes. 2:2). Gelowiges sal Jesus in die middel van Satan se koninkryk ontmoet om die algehele omverwerping daarvan te betoon!

VIR SPESIALE AANDAG: DIE VERSKYNING VAN JESUS ENIGE OOMBLIK VERSUS NOG NIE

- A. In die NT se eskatologiese dele word profetiese insigte van die OT aangetref in gebeure en taal van die OT.
- B. Mat. 24, Mark. 13 en Luk. 21 is besonder moeilik om uit te lê omdat hulle verskeie vroeë tegelyk hanteer:
 - 1. wanneer sal die tempel verwoes word
 - 2. wat sal die teken van die Messias se wederkoms wees
 - 3. wanneer sal hierdie era eindig (vgl. Mat. 24:3)?
- C. Die eskatologiese gedeeltes van die NT is ‘n stylsoort (genre) wat gewoonlik apokaliptiese en profetiese stowwe kombineer en doelbewus dubbelsinnig en hoogs simbolies aangebied word.
- D. Etlke gedeeltes in die NT (vgl. Mat 24; Mark. 13; Luk. 17; 1 en 2 Tess. en Openb.) handel oor die wederkoms. Hierdie gedeeltes beklemtoon:
 - 1. die presiese tyd van die gebeurtenis is onbekend, maar die gebeurtenis is seker;
 - 2. ons kan ‘n algemene indruk hê van die tyd daarvan, maar sonder om spesifiek te weet;
 - 3. dit sal skielik en onverwags; en
 - 4. ons moet biddend, gereed en getrou wees in ons toegeskrewe opdragte.
- E. Daar is ‘n teologiese spanning tussen (1) sy terugkeer enige oomblik (vgl. Luk. 12:40,46; 21:36; Mat. 24:27,44) en (2) die feit dat sommige geskiedkundige gebeure eers moet plaasvind.
- F. Die NT stel dat sekere gebeure eers sal plaasvind voor die wederkoms:
 - 1. Die evangelie aan die hele wêreld verkondig, Mat. 24:14; Mark. 13:10;
 - 2. Die groot geloofsversaking, Mat. 24:10-13,21; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1 e.v.; 2 Tess. 2:3;
 - 3. Die openbaring van die “mens van sonde”, Dan. 7:23-26; 9:24-27; 2 Tess. 2:3;
 - 4. Die verwydering van wat/wie verhinder, 2 Tess. 2:6-7;
 - 5. Joodse herlewing, Sag. 12:10; Rom. 11.
- G. Lukas 17:26-37 het nie ‘n parallel in Markus nie. Lukas stem egter gedeeltelik ooreen met Mat. 24:37-44.

24:28 OAV

“Want oral waar die dooie liggaam lê, sal die aasvoëls bymekaarkom”

NAV, CUM-MVB

“Waar die aas ookal lê, sal die aasvoëls bymekaarkom”

CUM-NLV

“Net soos ‘n versameling aasvoëls die teenwoordigheid van ‘n karkas aandui, so sal hierdie tekens wys dat die einde naby is”

NASB

“where the corpse is, there the vultures will gather”

Dié opmerking verskyn nie in Mark. 13 nie, maar wel in Luk. 17:37. Dit is ‘n spreekwoord, moontlik afkomstig uit Job 39:30. As dit ‘n bedekte sinspeling op die eindoorlog (“verplettering”, Ps. 2:9-10, NAV) is, kan die bron van die spreekwoord dalk Eseg. 39:17-20 wees – ‘n metafoor vir die grootskaalse vervolging en dood in die eindtyd.

NASB (UPDATED) TEXT: 24:29-31

²⁹But immediately after the tribulation of those days the sun will be darkened, and the moon will not give its light, and the stars will fall from the sky, and the powers of the heavens will be shaken. ³⁰And then the sign of the Son of Man will appear in the sky, and then the tribes of the earth will mourn, and they will see the Son of Man coming on the clouds of the sky with power and great glory. ³¹And He will send forth His angels with a great trumpet and they will gather together His elect from the four winds, from the one end of the sky to the other.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:29-31.

24:29 “En” (slegs OAV, CUM-MVB); “But”: Dit is ‘n sterk TEENSTELLENDEN VOEGWOORD wat ‘n konteksverskuiwing toon. Let daarop dat al die Engelse vertalings ‘n paragraafskeiding het op hierdie punt.⁴⁹

■ OAV

“sal die son verduister word en die maan sal sy glans nie gee nie”

NAV, CUMs

“sal die son donker word en die maan nie meer lig gee (skyn) nie”

NASB

“the son will be darkened, and the moon will not give its light”

⁴⁹ Met uitsondering van die NLV het ook al die Afrikaanse vertalings hier ‘n paragraafskeiding – vert.

Dit is spesifiek apokaliptiese uitdrukkings oor die eindtyd (vgl. Jes. 13:10; 34:4; Eseg. 32:7-8 ; Joël 2:10,31; 3:15; Amos 8:9. Met die aanbreek van die dag van die Here sal verstourings in die natuur voorkom (vgl. 2 Pet. 3:7,10,11,12; Openb. 6:12-14).

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV, CUM-MVB NAV, CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “en die kragte van die hemele sal geskud word” “en die kragte van (wat) die hemelruim (saambind) sal ontwrig (geskud) word” “the powers of the heavens will be shaken” |
|--|--|

Dit is ‘n voortsetting van die apokaliptiese spreekwyse en dui op ontwrigtings in die natuur met die wederkoms van die Here. Dit sinspeel moontlik ook op die ‘kragte’, oftewel die invloed van engele op die geskiedenis (vgl. Dan. 10; Efes. 6:12; Kol. 2:15; Openb. 12:4).

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 24:30 OAV NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn” “Dan sal die teken van die Seun van die Mens (die Seun wat mens geword het) in die hemelruim verskyn” “Dan, uiteindelik, sal daar ‘n teken aan die hemel verskyn dat Ek, die Seun van die Mens, aan die kom is” “And then the sign of the Son of Man will appear in the sky” |
|--|--|

Hierdie moet moontlik met Jes. 60:1-3 in verband gesien word. Die “teken” sou die lig van die *sjekina*, die wolk van heerlijkheid, kon wees. Die kosmiese ligte raak verduister, maar God se lig (vgl. Gen. 1:3), die ware “Môrester”, skyn onophoudelik!

Die term “Seun van die Mens” spreek van Jesus se mensheid, maar ook sy Godheid (vgl. Ps. 8:4; Eseg. 2:1; Dan. 7:13). Wolke is in die OT gesien as vervoermiddel vir die Godspersoon. Jesus verwys op so ‘n wyse na wolke in Han. 1:9 en 1 Tess. 4:17 dat sy godheid daardeur onderstreep word. Dit sal die teken wees: die wolk van heerlijkheid wanneer die ooshemel met sy koms oopgaan.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE SEUN VAN DIE MENS

Die Aramese frase, *ben enosj*, (status konstruktus, BDB 1085 en 1081) is verskillend van die ooreenstemmende Hebreeuse frase, *ben adam*, wat in Psalms en Esegïel voorkom. Albei frases word parallel gebruik in Job 25:6; Ps. 8:4; 90:3; 144:3; Jes. 13:12. Hier word kennelik die Messias bedoel en sy mensheid aangetoon (vgl. 8:17; Job 25:6; Ps 8:4; Eseg. 2:1), wat die doel is van beide die Aramees en Hebreeus, maar wie se godheid blyk uit die vervoer op wolke, idiomaties vir goddelikheid (vgl. Mat. 24:30; Mark. 13:26; 14:62; Openb. 1:7; 14:14).

Jesus gebruik die frase om na Homself te verwys in die NT. Die rabbynse Judaïsme het egter dié frase nie gebruik nie, want dit het nie nasionalisties uitsluitende, en militêre konnotasies gehad nie. Op ‘n besondere wyse beskryf dié term die volle mensheid én Godheid van die Messias (vgl. 1 Joh. 4:1-3). Daniël was die eerste om op die aspek van godheid te wys.

Jesus het die frase in drieërlei verband op Homself toegepas:

1. op sy lyding en dood (Mark. 8:31; 10:45; 14:21; Luk. 9:22,44)
2. op sy koms as Regter (Mat. 16:27; 25:31; Joh. 5:27)
3. in sy koms in heerlijkheid om sy koninkryk op te rig (Mat. 16:28; 19:28; Mark. 13:26-27; 14:62)

Oor Dan 7:13 het die latere Joodse tradisie ook ‘n mening uitgespreek. Die volgende is geneem uit *The Jewish Study Bible*, bl 1657 (sien ook George E Ladd, *A Theology of the New Testament*)

1. This context is Messianic (vgl. Henog 46:1; 48:10; 4 Esra [2 Esdras] hoofstuk 13; Sanh 98a)
2. Alle voorspellings in hierdie konteks iws reeds vervul (vgl. Sanh 97b)
3. Hierdie konteks dui nie op die eindtyd nie (vgl. Gen. Rab. 98.2)
4. Hierdie konteks is vervul in Israel (vgl. Ibn Esra en Rashi)

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV NAV CUM-MVB CUM-NLV NASB | <ul style="list-style-type: none"> “en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf” “en al die volke van die aarde sal verslae wees” “en al die stamme van die aarde sal treur” “Daarop sal al die nasies van die aarde geskok en ontsteld wees” “and then all the tribes of the earth will mourn” |
|--|--|

Dit gebeur wanneer Jesus sigbaar weer kom. Dit sal voor die oë van die hele wêreld plaasvind. Ongelowiges sal te staan kom voor die gevelge van hulle ongelooft.

- “op die wolke”; “on the clouds”: Sien die *Vir Speciale Aandag* wat volg.

VIR SPESIALE AANDAG: SY KOMS OP DIE WOLKE

Hierdie frase is 'n duidelik verwysing na die wederkoms van Christus. Die aantog op die wolke is 'n belangrike eskatologiese teken. Daar is drie duidelik onderskeibare aanwendinge in die OT:

1. om God se fisiese aanwesigheid te toon, die *sjekina*, die wolk van heerlijkheid (vgl. Eks. 13:21; 16:10; Num. 11:25);
2. om God se heiligheid te versluier sodat mense Hom nie sou aanskou en sterf nie (vgl. Eks. 33:20; Jes. 6:5);
3. om die godheid te vervoer (vgl. Jes. 19:1).

In Dan. 7:13 dien wolke om 'n heilige, menslike Messias aan te bring. Na hierdie profesie van Daniël word meer as 30 keer in die NT verwys. Hierdie samehang tussen wolke van die hemel en die Messias kom voor in Mat. 24:30; Mark. 13:26; Luk. 21:27; 14:62; Han. 1:9,11 en 1 Tess. 4:17.

☐	OAV	“met groot krag en heerlijkheid”
	NAV	“met groot krag en majesteit”
	CUM-MVB	“met krag en volle goddelike grootheid”
	CUM-NLV	“met krag en groot heerlijkheid”
	NASB	“with power and great glory”

Hier word aan die drastiese kontras tussen die eerste en tweede koms uitdrukking gegee. Dit is hoe die Jode hulle die koms van die Messias voorgestel het. Sien die aantekening oor 'Heerlikheid' by 16:27.

24:31	OAV	“sy engele”
	NAV	“sy hemelse boodskappers”
	CUMs	“my engele”
	NASB	“His angels”

Sien Mark. 13:27; 8:38 en 2 Tess. 1:7. God se engele word hier Jesus se engele genoem en impliseer sodoende sy godheid.

☐	OAV	“met harde trompetgeluid”
	NAV	“die groot trompet sal weerklink”
	CUM-MVB	“met 'n harde trompetgeskalm”
	CUM-NLV	“met die magtige klank van 'n basuin”
	NASB	“with a great trumpet”

Dit sinspeel waarskynlik op die *sjofar*, 'n ram se linkerhoring, geblaas om die Joodse sabbat en feesdae aan te kondig. In Jesaja 27:13 is daar 'n trompetgeskalm wat die eindtyd aandui (vgl. 1 Kor. 15:52; 1 Tess. 4:16).

VIR SPESIALE AANDAG: DIE GEBRUIK VAN HORINGS IN ISRAEL

In Hebreeus is daar vier woorde wat met die horing of trompet geassosieer word.

1. 'die ramshoring' (BDB 191) – omskep in 'n instrument wat klank voortbring, vgl. Jos. 6:5. Dieselfde woord was gebruik in verband met Abraham en die ram gevang met horings in die bos wat in plek van Isak geoffer sou word, Gen. 22:13.
2. 'trompet' (BDB 1051) – 'n woord van Assiriese afkoms vir 'n wilde skaap. Dit is die horing waarvan daar sprake is in Eks. 19:16,19 by berg Sinai/Horeb. Hierdie #1 en #2 het 'n parallel in Jos. 6:5. Dit het tye van aanbidding of gereedmaak vir oorlog aangekondig. Jerigo was 'n voorbeeld van beide, (vgl. 6:4).
3. 'die ramshoring' (BDB 385) – die Fenisiese woord vir 'n ram (vgl. 6:4,6,8,13. Dit verteenwoordig ook die jaar van Jubilee (die Jubeljaar, vgl. Lev. 25:13,28,40,50,52,54; 27:17,18,23,24).

(Bogenoemde drie woorde word afwisselend gebruik met dieselfde betekenis. Die Misjna (RH 3.2) het enige dier se horing toegelaat – skaap, bok, of wildsbok, maar nie die van 'n bees nie.)

4. 'trompet' (BDB 348) – moontlik van die WERKWOORD, 'om uit te strek', wat eintlik 'n reguit been impliseer (nie gekrom soos 'n dierhoring nie). Dit is van silwer gemaak (na die vorm van Egipte). Dit is gebruik vir:
 - a. aanbiddingsrituele (vgl. Num. 10:2,8,10);
 - b. militêre doeleindes (vgl. Num. 10:9; 31:6; Hos. 5:8; Esra 3:10; Neh. 12:35,41); en
 - c. koninklike geleenthede (vgl. 2 Kon. 11:14).

So 'n metaalhoring verskyn op die Titus-boog in Rome; Josefus beskryf hulle ook in *Antiq.* 3.12.6.

☐ “my (sy) uitverkorenes. . .bymekaarmaak (versamel)”; “gather together his elect”: Dit is OT beeldspraak ontleen aan terugkeer uit ballingskap (vgl. Deut. 30:4) wat hier aangewend word om die eskatologiese versameling van gelowiges te beskryf (vgl. 13:40-43,47-49). Die presiese volgorde van sulke eindgebeure is onseker. Paulus het onderrig dat die gelowige ten tye sy dood alreeds by Christus is (vgl. 2 Kor. 5:6,8). 1 Tess. 4:13 e.v. meld dat iets van ons fisiese liggame wat hier agtergebly het, met ons gees verenig sal word by die Here se koms. Dit impliseer 'n staat van liggaamloosheid tussen dood en opstanding. Daar is soveel omtrent die eindtydgebeure en die hiernamaals wat die Bybel nie verduidelik nie.

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV NAV, CUMs NASB | <p>“uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan”</p> <p>“uit al vier windstreke. . ja, selfs vanaf die verste uithoeke van die wêreld (die aarde) ”</p> <p>“from the four winds, from one end of the sky to the other”</p> |
|--|---|

Hieruit word wêreldwye navolging van Jesus afgelei. Nog ‘n afleiding wat gemaak kan word is dat dit baie lank vir die evangelie sou neem om so te versprei.

Die syfer ‘vier’ is ‘n simboliseer die hele wêreld. Dit dui op die vier hoeke of uiteindes van die aarde (vgl. Jes. 11:12; Openb. 7:1), of die vier winde van die hemel (vgl. Dan. 7:2; Sag. 2:6) en die vier hoeke van van die hemelruim (vgl. Jer. 49:36). Sien *Vir Spesiale Aandag: Simboliese Syfers in die Bybel* by 4:2.

NASB (UPDATED) TEXT: 24:32-35

³²Now, learn the parable of the fig tree: when its branch already has become tender and puts forth its leaves, you know the summer is near; ³³so you too when you see all these things, recognize that He is near, right at the door. ³⁴Truly I say to you, this generation will not pass away until all these things take place. ³⁵Heaven and earth will pass away, but my words will not pass away.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:32-35.

24:32 “die vyeboom”; “the fig tree”: Hierdie gelykenis se parallelle is in Mark. 13:28-30 en Luk. 21:29-33. In hierdie konteks is die vyeboom nie ‘n simbool van Israel nie (vgl. Mark. 11:12-14 en Mat. 21:29-33), maar dien dit eerder om gelowiges daarvan te verseker dat, hoewel die spesifieke eskatologiese tyd vir hulle onbekend is, hulle wel bewus kan wees van die algemene tyd. Die vyeboom stoot sy blare vroeg uit en almal weet die lente is om die draai.

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 24:32-33 OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“weet julle”</p> <p>“besef julle”</p> <p>“you know”</p> |
|---|--|

Wanneer die laaste geslag daar is, sal die profesieë en die geskiedenis ooreenstem, ‘n kennis wat in daardie tyd die gelowiges te midde van verduking sal bemoedig. Die fout van elke geslag van gelowiges is om hulle tyd en gebeure in die profesieë te sien. Al sulke pogings was tot dusver eenvoudig foutief.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 24:33 NAV OAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“die tyd”</p> <p>“dit”</p> <p>“die einde”</p> <p>“He”</p> |
|--|--|

Hierdie MANLIKE VOORNAAMWOORD (vgl. NASB) kom nie in die Griekse teks voor nie en moet eerder met ‘dit’ vertaal word (vgl. vers 14).

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ■ OAV, NAV, CUM-MVB CUM-NLV NASB | <p>“wanneer julle al hierdie dinge sien”</p> <p>“wanneer julle al hierdie dinge wat Ek beskryf het, sien”</p> <p>“when you see all these things”</p> |
|--|--|

Hierdie opmerking kan verwys na (1) die vernietiging van Jerusalem, (2) die verheerliking op die berg (vgl. Mat. 16:27; Mark. 9:1), of (3) enige van die spesifieke tekens van die wederkoms.

24:34 Hierdie vers verwys na die verwoesting van Jerusalem deur die Romeinse magte onder leiding van Titus. Jesus was besig om die vrae van vers 3 gesamentlik te hanteer: (1) oor die verwoesting van die tempel, (2) oor die tekens van sy terugkeer aan die einde van die era, en (3) wanneer die era sal eindig.

Dit is moontlik om uit 10:23, 16:28 en 24:34 af te lei dat Jesus bedoel het om gou te kom, maar Matteus wat dekades later geskryf het, het laat blyk dat daar ‘n verdragingsgedagte oor sy terugkeer in Jesus se leringe teenwoordig was.

24:35 Hierdie is ‘n kragtige stelling in verband met hoe Jesus Homself verstaan het. Dit hou beslis verband met 5:17-19 of Jesaja 40:8 en 55:11. Jesus is die volle openbaring van die onsigbare God.

NASB (UPDATED) TEXT: 24:36-41

³⁶But of that day and hour no one knows, not even the angels of heaven, nor the Son, but the Father alone. ³⁷For the coming of the Son of Man will be just like the days of Noah. ³⁸For as in those days before the flood they were eating and drinking, marrying and giving in marriage, until the day Noah entered the ark, ³⁹and they did not understand until the flood came and took them all away, so will the coming of the Son of Man be. ⁴⁰Then there will be two men in the field; one will be taken and one will be left. ⁴¹Two women will be grinding at the mill, one will be taken and one will be left.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:36-41.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> 24:36 OAV, NAV | <p>“Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele van die hemele nie, (ook nie die Seun nie) maar net my Vader alleen.”</p> |
|--|--|

CUM-NLV	“Tog ken niemand die presiese datum en tyd wanneer hierdie dinge sal gebeur nie – ook nie die engele of selfs die Seun nie. Dit weet net die Vader.”
CUM-MVB	“maar van daardie dag en uur het niemand kennis nie, nie die hemelse boodskappers nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader het daardie kennis”
NASB	“But of that day and hour no one knows, not even the angels of heaven, nor the Son, but the Father alone”

Vir “uur” sien die *Vir Speciale Aandag* wat volg. Hierdie is ‘n sterk bewoorde vers om gelowiges te ontmoedig om datums vir die wederkoms te probeer bepaal.

Die frase “ook nie die Seun nie” ontbreek in MSS \aleph^a , K, L en W. In die meerderheid van vertalings kom die frase wel voor⁵⁰, omdat die oudste MSS \aleph , B en D dit tog wel het. Dit is ook in die Diatessaron en Griekse tekste wat aan Irenaeus, Origenes en Chrysostomus bekend was en in ou Latynse vertalings wat Hieronimus gebruik het. Dit mag ‘n teks wees waaraan konserwatiewe oorskrywers verander het om die Godheid van Christus teenoor valse leermeesters bo alle twyfel te stel. Sien hiervoor *The Orthodox Corruption of Scripture*, Bart D. Ehrman, Oxford University Press, 1993, bl. 91-92.

VIR SPECIALE AANDAG: DIE UUR

Die term “uur” word op verskillende maniere in die evangelies aangewend:

1. ‘n tydsaanduiding, (vgl. Mat. 8:13; Luk. 7:21; Joh. 11:9);
2. ‘n metafoor vir ‘n tyd van beproewing en verhoor (vgl. Mat. 10:19; Mark. 13:11; Luk. 12:12);
3. ‘n metafoor vir die aanvang van Jesus se bediening (vgl. Joh. 2:4; 4:23);
4. ‘n metafoor vir die oordeelsdag (d.w.s. die wederkoms, vgl. Mat. 24:36,44; Mark. 13:32; Joh. 5:25,28);
5. ‘n metafoor vir Jesus se lydensweg (vgl. Mat. 26:45; Mark. 14:35,41; Joh. 7:30; 8:20; 12:23,27; 13:1; 16:32; 17:1).

24:37	OAV, NAV, CUM-MVB	“koms”
	CUM-NLV	“verskyn”
	NASB	“coming”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 24:3.

■	OAV	“Net soos die dae van Noag was”
	CUM-MVB, NAV	“soos (dit in) die dae van Noag was”
	CUM-NLV	“sal dit gaan soos in die tyd van Noag”
	NASB	“will be just like the days of Noah”

Hierdie idioom beteken dat die lewe gewoonweg aangaan, nes in die verlede (vgl. vers 38)

24:39 Dit is God se veroordeling van ongelowiges, huidiglik en eskatologies.

24:40-41 “Twee persone. . . een saamgeneem. . . een agtergelaat. Twee vroue sal saam by die meul. . . een saamgeneem en die ander een sal agtergelaat word”; “There will be two men in the field; one will be taken and one will be left. Two women will be grinding at the mill; one will be taken and one will be left”: Baie Bybellesers verstaan hier onder ‘n geheime ekstase. Dit is egter slegs ‘n geval van seën en oordeel op die dag van die Here se onverwagse verskyning in ag genome die konteks. Dit is onseker watter groep die geseëndes sal wees. Is “saamgeneem” en “agtergelaat” op ‘n wyse met die Noag-gebeure in ooreenstemming? Is Noag en sy familie lewend “agtergelaat” na die vloed? Of is die seëninge vir dié wat “saamgeneem” word om die Here in die lug te ontmoet (vgl. vers 30)? Noag se vloed is ‘n OT voorbeeld van hoe sommige mense geseën en ander veroordeel word (vgl. vers 39). In Lukas (17:29) word Sodom as voorbeeld gebruik. Die implikasie van vers 27 is dus ‘n enkele fisiese wederkoms van die Here! ‘n Rede waarom sommige ‘n ekstase voorstaan is om die dialektiese spanning in NT geskrifte tussen (1) die ‘enige oomblik’ van sy koms en (2) die dinge wat eers moet gebeur op te klaar.

Jesus het ‘n aantal voorbeelde gegee om sy skielike en onverwagse koms te illustreer:

1. Noag se vloed, verse 37-38;
2. dief in die nag, vers 43;
3. die terugkeer van ‘n huisheer, verse 45-46;
4. die vertraagde bruidegom, 25:5-6;
5. dalk ook die weerlig van vers 27.

Gelowiges het net een opsie en dit is om te alle tye gereed te wees (vgl. vers 44; 25:10,13)!

NASB (UPDATED) TEXT 24:42-44

⁴²“Therefore be on the alert, for you do not know which day your Lord is coming. ⁴³But be sure of this, that if the head of the house had known of the night the thief was coming, he would have been on the alert and would not have allowed his house to be broken into. ⁴⁴For this reason you also must be ready; for the Son of Man is coming at an hour when you do not think *He will*.”

⁵⁰ Vgl. OAV – vert.

- 24:42 OAV “Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.”
 CUM-MVB “Wakkerloop, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie”
 CUM-NLV, NAV “Wees (Bly) dus waaksaam, want julle weet nie watter dag julle Here kom nie.”
 NASB “Be on the alert, for you do not know which day your Lord is coming”

Hierdie gelykenis stem ooreen met Luk. 12:39-40. Die klem op die noodsaak om gereed te wees (verse 43,44) en die onbekendheid van die tyd (vgl. verse 39,47,49,50; 25:5) kom herhaaldelik in hierdie hoofstuk voor. Die onbekendheid van die tyd noop elke geslag van gelowiges om gereed te wees.

24:43 “as”; “if”: Hierdie is ‘n KLAS TWEE VOORWAARDELIKE SIN wat teenstrydig met feite opgevat moet word. ‘n Onwaar stelling word gemaak met die gevolg dat ‘n onwaar gevolgtrekking ook daaruit vloei.

- 24:44 NAV “Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees”
 OAV, CUM-MVB “Daarom moet julle ook (altyd) gereed wees”
 CUM-NLV “Daarom moet julle ook voorbereid wees”
 NASB “you also must be ready”

Hierdie frase is ‘n PRAESENS (deponent) IMPERATIEF (vgl. Mark. 13:5,9,23). Dit is die riglyn vir gelowiges om nie te spekulereer en dogmaties te raak oor die wánnere en die hóé nie!

Dat soveel sy wederkoms spoedig verwag is miskien die sekerste bewys dat hierdie geslag nie die laaste is nie.

- ▣ OAV, NAV, CUM-MVB “‘n uur”
 CUM-NLV “‘n tyd”
 NASB “an hour”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 24:36.

NASB (UPDATED) TEXT: 24:45-51

⁴⁵Who then is the faithful and sensible slave whom his master put in charge of his household to give them their food at the proper time? ⁴⁶Blessed is that slave whom his master finds so doing when he comes. ⁴⁷Truly I say to you that he will put him in charge of all his possessions. ⁴⁸But if that evil slave says in his heart, ‘My master is not coming for a long time,’ ⁴⁹and begins to beat his fellow slaves and eat and drink with the drunkards; ⁵⁰the master of that slave will come on a day when he does not expect him and at an hour which he does not know, ⁵¹and will cut him to pieces and assign him a place with the hypocrites; in that place there will be weeping and gnashing of teeth.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 24:45-51.

- 24:45 OAV “oor sy diensvolk aangestel het”
 NAV “oor sy ander slawe aangestel het”
 CUMs “die verantwoordelikheid toevertrou om sy huishouding te bestuur”
 NASB “put in charge of his household”

Sommige is van mening dat hierdie gedeelte in verband staan met die Christen-leiers van Luk. 12:40-48. In hierdie nouer verband moet dit gesien word as Jesus se voortgaande konfrontasie met die Joodse leiers van sy dag.

24:46 Gelowiges moet aktief bly; voorbereid en getrou (vgl. Luk. 12:37-38; Jak. 1:12; Openb. 16:15). Die wánnere en hóé van die wederkoms is immers nie van oorheersende belang nie!

- 24:47 OAV, CUM-NLV “hy sal hom oor al sy besittings aanstel”
 NAV, CUM-MVB “hy sal hom aanstel oor alles wat hy besit”
 NASB “he will be put in charge of all his possessions”

Sien Mat. 13:12; 25:29 en Luk. 19:17.

24:48 “as”; “if”: Dit is ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN wat toekomsaksie veronderstel.

- ▣ CUM-NLV, NAV “by homself”
 OAV, CUM-MVB “hart”
 NASB “heart”

Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:8.

- ▣ OAV “My heer talm om te kom”
 NAV “My eienaar bly lank weg”
 CUM-MVB “my eienaar vat sy tyd”
 CUM-NLV “Dis nog lank voordat my huisheer kom”
 NASB “my master is not coming for a long time”

Hier blyk dan dat daar ‘n beginsel van vertraging in die wederkoms aanwesig is (vgl. 2 Tess. 2; 2 Pet. 3:4).

24:50 OAV, NAV, CUM-MVB “Die eienaar van daardie slaaf sal op ‘n dag kom dat hy dit nie verwag nie en ‘n uur wat hy nie vooraf weet nie”
 CUM-NLV “sal die heer van daardie slaaf op ‘n dag en tyd terugkom waarop hy nie voorbereid is nie”
 NASB “the master of that slave will come on a day when he does not expect him and at an hour which he does not know”

Sien Mat. 24:27,44; 25:6,13. Hierin word die ‘enige oomblik’ koms van die Here weerspieël.

24:51 OAV “hom pynig”
 CUM-MVB “hom in stukke laat kap”
 NAV “hom laat doodmaak”
 CUM-NLV “hom ‘n wrede dood laat sterf”
 NASB “will cut him to pieces”

Dit is onseker of hierdie handeling letterlik of metafories opgevat moet word (vgl. 2 Sam. 12:31; Heb. 11:37). Dit is sekerlik ‘n beskrywing van OT veroordeling.

▣ OAV “‘n deelgenoot van die geveinsdes”
 NAV “die lot van huigelaars”
 CUM-MVB “die lot van mense wat voorgee om te wees wat hulle nie is nie”
 CUM-NLV “die lot van alle skynheiliges”
 NASB “with the hypocrites”

Die parallelle gedeelte in Luk. 12:46 noem ook “ongelowiges”. Volgens Matteus word die Fariseërs verskeie kere op hulle geveinsdheid gewys. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 6:2.

▣ NAV, CUM-MVB “huil”
 OAV “geween”
 CUM-NLV “bitterlik huil”
 NASB “weeping”

Hierdie laaste twee items is metafore van oordeel. “Geween” is blyke van baie groot droefheid (vgl. 25:30).

▣ “gekners van die tande”; “gnashing of teeth”: Hiermee word woede of pyn aangedui (vgl. 8:12; 13:42,50; 22:13; 25:30).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat is die primêre doel van hierdie hoofstuk?
2. Is verse 4-7 ‘n beskrywing van die eindtyd?
3. Hoe skakel Daniël se profesie (7:23-28; 9:24-27; 11:26-29) met hierdie hoofstuk?
4. Waarom gebruik Jesus taal soos aangedui in vers 24?
5. Kan ons weet wanneer die Here weer kom?
6. Is die tyd van die wederkoms naby, vertraag of onseker?
7. Hoekom weet Jesus nie hoe laat dit is nie (vers 36)?
8. Wat word die meeste beklemtoon in hierdie gedeelte (verse 45-51)?
9. Verwag jy die wederkoms van Jesus in jou leeftyd? Hoekom?

MATTEUS 25

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Parable of the Ten Maidens 25:1-13	The Parable of the Wise and Foolish Virgins 25:1-13	The Parable of the Wise and Foolish Bridesmaids 25:1-13	The Parable of the Ten Girls 25:1-5 25:6-12 25:13	Parable of the Ten Wedding Attendants 25:1-13	Die profetiese rede: die gelykenis van die tien meisies 25:1-13
The Parable of the Talents 25:14-30	The Parable of the Talents 25:14-30	Parable of the Talents 25:14-30	The Parable of the Three Servants 25:14-18 25:19-30	Parable of the Talents 25:14-30	Profetiese rede: die gelykenis van die muntstukke 25:14-30
The Judgment of the Nations 25:31-40 25:41-46	The Son of Man Will Judge the Nations 25:31-46	The Great Judgment 25:31-46	The Final Judgment 25:31-40 25:41-46	The Last Judgment 25:31-46	Profetiese rede: die laaste oordeel 25:31-46

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

9. Eerste paragraaf

10. Tweede paragraaf

11. Derde paragraaf

12. Ens.

AGTERGROND TOT MATTEUS 25:1-30

- A. Wees bedag op die literêre konteks. In dié geval is dit Mat. 24-25 wat handel oor die skielike en onverwagse koms van Christus. Dit behels 'n waarskuwing om gereed te wees by wyse van getrouheid aan die wil van God – selfs in die aangesig van vervolging.
- B. Vir 'n volledige bespreking oor die interpretasie van gelykenisse, sien die inleiding van hoofstuk 13.
- C. Skryf die kernboodskap van elke gelykenis in jou eie woorde neer (d.w.s. Mat. 24:45-51; 25:1-13; 25:14-30). Gelykenisse is bedoel om waarheid te illustreer deur die gebruik van alledaagse gebeure (vgl. Mat. 13:10-17). Wees altyd op die uitkyk vir onverwagse wendings of 'n verrassingselement!
- D. Verse 37-44 kom nie in Markus voor nie. Maar 'n gedeeltelike Sinoptiese parallel kom wel voor in Luk. 17:26-37.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 25:1-13

¹Then the kingdom of heaven will be comparable to ten virgins, who took their lamps and went out to meet the bridegroom. ²Five of them were foolish and five were prudent. ³For when the foolish took their lamps, they took no oil with them, ⁴but the prudent took oil in flasks along with their lamps. ⁵Now while the bridegroom was delaying, they all got drowsy and began to sleep. ⁶But at midnight there was a shout, 'Behold, the bridegroom, come out to meet him.' ⁷Then all those virgins rose and trimmed their lamps. ⁸The foolish said to the prudent, 'Give us some of your oil, for our lamps are going out.' ⁹But the prudent answered, 'No, there will not be enough for us and you too; go instead to the dealers and buy for yourselves.' ¹⁰And while they were going away to make the purchase, the bridegroom came, and those who were ready went in with him to the wedding feast; and the door was shut. ¹¹Later the other virgins also came, saying, 'Lord, lord, open up for us.' ¹²But he answered, 'Truly I say to you, I do not know you.' ¹³Be on the alert then, for you do not know the day nor the hour."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:1-13.

25:1	NAV, OAV	“die koninkryk van die hemel(e)”
	CUM-MVB	“die koninklike regering van God”
	CUM-NLV	“die koningsheerskappy van God”
	NASB	“the kingdom of heaven”

Die huidige regering van God oor die lewe van verlose mense sal eendag uitgebrei word tot 'n heerskappy oor die hele aarde (vgl. Mat. 6:10). Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:17.

☐ “**tien**”; “**ten**”: Sien *Vir Spesiale Aandag: Simboliese Getalle* by 24:31.

☐	OAV	“om die bruidegom te ontmoet”
	NAV, CUM-MVB	“om die bruidegom te gaan inwag”
	CUM-NLV	“die bruidegom gaan inwag het”
	NASB	“Went out to meet the bridegroom”

Die kulturele agtergrond van hierdie gelykenis (wat net in Matteus voorkom) is die Joodse huweliksgebruike van Palestina in die eerste eeu (sien James Freeman, *Manners and Customs of the Bible*). Na ongeveer 'n jaar van verlowing sou die bruidegom op 'n afgesproke dag die bruid se huis besoek om haar te gaan haal vir 'n sewe daelange fees by sy huis.

Daar is 'n Griekse manuskripvariasie ten opsigte van hierdie Hebreeuse gebruik. Die oudste en beste Griekse MSS lees ‘om die bruidegom te ontmoet’. Om aan hierdie gebruik reg te laat geskied, het die Bisantynse manuskrip (D) en die MSS in Latyn, Siries, Kopties en Armeniaans, sowel as die Griekse tekste wat Origenes, Athanasius, Chrysostomus, Hieronimus en Augustinus onder oë gehad het, ‘en die bruid’ bygevoeg. Dit sou dan impliseer dat sy op 'n stadium aansluit by die huweliksfees. Die UBS⁴ verklaar hom egter ten gunste van die korter lesing (net die bruidegom) en gradeer die weglating daarvan ‘B’ – feitlik seker.

25:5	OAV	“terwyl die bruidegom talm”
	NAV	“Toe die bruidegom lank wegbly”
	CUM-MVB	“Toe die bruidegom sy tyd vat”
	CUM-NLV	“Toe die bruidegom op hom laat wag”
	NASB	“The bridegroom was delaying”

Dit kan op Jesus se vertraagde wederkoms betrekking hê. Mat. 24:14 en 43-44 wek die indruk dat daar tyd moet verloop tussen die vernietiging van Jerusalem en die wederkoms. Hierdie vertraging het die vroeë kerk ietwat ontugter, maar dit was immers aanwesig in Jesus se onderrig en in dié van Paulus (vgl. 2 Tess. 2). Literêre beeldspraak was die hoofdoel van gelykenisse. Moenie bykomstige besonderhede in dogma verander nie!

☐ “**het almal vaak geword (geraak) en aan die slaap geraak**”; “**they all got drowsy and began to sleep**”: Opsigself is hiermee niks verkeerd nie. Dit vorm bloot die agterdoek vir die gelykenis se klem op gereedheid.

25:9 Elke mens het die verantwoordelikheid om hom of haar vir die koninkryk gereed te maak.

25:10	OAV, NAV, CUM-MVB	“en die deur is gesluit”
	CUM-NLV	“en die deur van die feesvertrek is gesluit”
	NASB	“the door was shut”

Lukas 13:25 skakel hierdie gelykenis met Israel en die heidene, maar hierdie konteks vereis 'n verhouding ten tye die wederkoms. Dit illustreer hoe die geïnspireerde evangelieskrywers Jesus se onderrig in verskillende situasies gebruik het met verskillende doelwitte (vgl. Gordon Fee en Douglas Stuart, *How to Read the Bible for All Its Worth*, bl. 113-134). Sien ook *Vir Spesiale Aandag: die gebruik van 'deur' in die NT* by 6:6.

25:11 “**Meneer, meneer**”; “**Lord, lord**”: Die herhalende trant was 'n poging om intimiteit oor te dra (vgl. Luk. 6:46), maar 'n ware verhouding het ontbreek (vgl. Mat. 7:21,22). Hierdie voorbeelde is skokkend omdat hierdie mense skynbaar

volgeling van Jesus was, maar tog ook nie (vgl. hoofstuk 13, die gelykenis van die saaiër (die verskillende grondsoorte) en die gelykenis van die onkruid tussen die koring). Soos Paulus in Rom. 9:6 aandui: “Immers nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie.” Netso is baie uiterlike volgeling van Jesus nie werklik gered nie (vgl. 2 Pet. 2:20-22; 1 Joh. 2:18-19; en ook sommige van die waarskuwings in Heb. 2:1-4; 3:7-13; 4:1-13; 5:11-6:12; 10:26-39; 12:14-17). Sien *Vir Spesiale Aandag: Afvalligheid* (aphistēmi) by 7:21.

25:12 OAV, NAV “ek ken julle nie”
CUM-MVB “Ek sê beslis vir julle: Ek ken julle nie”
CUM-NLV “Ek ken julle glad nie”
NASB “I do not know you”

Om onvoorbereid te wees, het ewigheidsgevolge. Hierdie stem ooreen met 24:50-51; 25:29-30 en 25:41-44. ‘n Mens moet die verskillende aspekte van verlossing, soos in die NT bekend gemaak, met mekaar in ewewig hou:

1. dit is ‘n besluit, ‘n openbare belydenis (d.w.s. ‘n ontvangs in ‘n gemeente);
2. dit is dissipelskap, ‘n God-gewyde leefstyl in die openbaar (iemand wat soos Christus leef);
3. dit is ‘n Bybelgetroue verstaan van Christus (wat die waarhede omtrent Hom aanvaar).

Al drie is nodig vir Christelike volwassenheid.

Die term ‘om te ken’ was in die OT reeds ‘n intieme persoonlike verhouding (vgl. Gen. 4:1; Jer. 1:5). Die Christendom verenig die Hebreeuse persoonlike verhouding met die Griekse informatiewe aspek. Die evangelie is ‘n Persoon, ‘n lewenswyse en ‘n boodskap.

25:13 OAV “Waak dan omdat julle die dag en die uur nie weet. . .nie”
NAV “Waak dan omdat julle nie weet op watter dag of uur dit sal gebeur nie”
CUM-MVB “Wakker loop omdat julle die dag en uur nie ken nie”
CUM-NLV “Wees dan altyd wakker en gereed, want julle ken nie die presiese datum of tyd van My koms nie”
NASB “Be on the alert then, for you do not know the day nor the hour”
NKJV “Watch therefore, for you know neither the day nor the hour in which the Son of Man is coming”
NRSV “Keep awake therefore, for you know neither the day nor the hour”
TEV “Watch out then, because you do not know the day or the hour”
NJB “So stay awake, because you do not know either the day or the hour”

In hierdie stelling lê die waarheid of doel van die gelykenis. Sien die volledige aantekeninge by 24:40-41. Daar is beslis ‘n datum vir die wederkoms, maar dit is onbekend (vgl. 24:36,42,44,50; Mark. 13:32). Gelowiges moet besig wees op ‘n gereedheidsgrondslag vir Jesus se gewisse, maar skielike koms (vgl. 24:36). Op hierdie punt is daar ‘n manuskripvariasie. Blykbaar het oorskrywers ‘n byvoeging gehaal uit 24:44, naamlik “wanneer die Seun van die Mens kom” (vgl. CUM-NLV en NKJV). Hierdie aanvullende frase verskyn nie in die antieke Griekse MSS P³⁵, Ⓝ, A, B, C*, D, L, W, X of Y nie; ook nie in die Latynse, Siriese, Koptiese en Armeniaanse vertalings nie. Dit is baie duidelik nie oorspronklik aan die Matteus-gekskrif nie en die UBS⁴ se gradering is ‘n ‘A’ vir weglating – seker.

☐ **OAV “die uur”**
NAV, CUM-MVB “en uur”
CUM-NLV “die tyd”
NASB “the hour”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 24:36.

NASB (UPDATED) TEXT: 25:14-18

¹⁴For it is just like a man about to go on a journey, who called his own slaves, and entrusted his possessions to them. ¹⁵To one he gave five talents, to another, two, and to another, one, according to his ability; and he went on his journey. ¹⁶Immediately the one who had received the five talents went and traded with them, and gained five more talents. ¹⁷In the same manner the one who had received the two talents gained two more. ¹⁸But he who received the one talent went away and dug a hole in the ground and hid his master’s money.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:14-18.

☐ **OAV “En die een wat vyf talente ontvang het”**
NAV “die een wat vyf goue muntstukke ontvang het”
CUM-MVB “die een wat vyf talanton ontvang het”
CUM-NLV “Dadelik het die een wat vyf goue muntsukke ontvang het”
NASB “Immediately the one who had received the five talents”

Daar is ‘n parallel vir hierdie gelykenis in Luk. 19:11-27. Weens ‘n variantlesing van “dadelik” ontstaan die vraag hoe vers 15 verstaan moet word. Beskryf dit (1) die optrede van die eenaar of (2) dié van die slaaf. Alhoewel Griekse tekste wissel in dié verband skryf Matteus se konteks die “dadelik” aan # 2 toe, d.w.s. die slaaf.

☐ **OAV “vyf talente”**

NAV, CUM-NLV “vyf goue muntstukke”
 CUM-MVB “vyf talanton”
 NASB “five talents”

‘n Talent was gelyk aan 6 000 denaries. ‘n Denarius was dagloon vir ‘n soldaat of arbeider. Die RSV stel in ‘n voetnoot dat dit “meer as vyftien jaar” se dagloon vir ‘n arbeider was. Sien *Vir Speciale Aandag* by 17:24.

- OAV, CUM-MVB “aan elkeen na (volgens) sy vermoë(ns).”
- NAV “aan elkeen volgens sy bekwaamheid”
- CUM-NLV “vir elkeen volgens sy spesifieke bekwaamheid”
- NASB “each according to his own ability”

Dit stel ‘n Bybelse beginsel (vgl. Mat. 13:8; 2 Kor. 8:3,11).

NASB (UPDATED) TEXT: 25:19-23

¹⁹“Now after a long time the master of those slaves came and settled accounts with them. ²⁰The who had received the five talents came up and brought five more talents, saying, ‘Master, you entrusted five talents to me. See I have gained five more talents.’ ²¹His master said to him, ‘Well done, good and faithful slave. You were faithful with a few things, I will put you in charge of many things; enter into the joy of your master.’ ²²Also the one who *had received* the two talents came up and said, ‘Master, you have entrusted two talents to me. See I have gained two more talents.’ ²³His master said to him, ‘Well done, good and faithful slave. You were faithful with a few things, I will put you in charge of many things; enter into the joy of your master.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:19-23.

- 25:21-23 OAV “Mooi so, goeie en getroue dienskneg”
- NAV, CUM-MVB “Mooi so! Jy is ‘n goeie en getroue slaaf”
- CUM-NLV “Uitstekend! Jy is ‘n voortreflike slaaf”
- NASB “Well done, good and faithful slave”

Die kwessie hier is goeie rentmeesterskap, nie die hoeveelheid nie. Sien *Vir Speciale Aandag: grade van loon en straf* by 5:12.

- OAV “Gaan in in die vreugde van jou heer”
- NAV “kom in en deel in my vreugde”
- CUM-MVB “Kom in en deel in die vreugde van jou eienaar”
- NASB “enter into the joy of your master”

Hierdie herhaalde frase is ‘n idioom vir toegang tot die koninkryk. Diens aan Christus is diens aan die familie. Die vreugde is in die samesyn.

NASB (UPDATED) TEXT: 25:24-25

²⁴ “And the one who had received the one talent came up and said, ‘Master I knew you to be a hard man, reaping where you did not sow and gathering where you scattered no seed. ²⁵And I was afraid, and went away and hid your talent in the ground. See, you have what is yours.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:24-25.

25:24-25 Die slaaf se karakterbeskrywing is nie ‘n akkurate skets van God nie. Die besonderhede van hierdie gelykenisse moenie allegories geforseer word nie. Die NT het gelykenisse van vergelyking en kontras.

NASB (UPDATED) TEXT: 25:26-28

²⁶“But his master answered and said to him, ‘You wicked, lazy slave, you knew that I reap where I did not sow and gather where I scattered no seed. ²⁷Then you ought to have put my money in the bank, and on my arrival I would have received my money back with interest. ²⁸Therefore take away the talent from him, and give it to the one who has the ten talents.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:26-28.

25:27 “rente”; “interest”: Die woord, wat in die oorspronklike met swangerskap in verband staan, het idioom vir winsopslag geword. Riglyne vir rente is in Deut. 23:19-20 aangedui. ‘n Jood kon net van heidene woekerrente (onredelike hoë rente) vra.

NASB (UPDATED) TEXT: 25:29-30

²⁹For to everyone who has *more* shall be given, and he will have an abundance; but from the one who does not have, even what he does have shall be taken away. ³⁰Throw out the worthless slave into the outer darkness; in that place there will be weeping and gnashing of teeth.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:29-30.

25:29 OAV, NAV CUM-MVB “Aan elkeen wat het, sal (meer) gegee word”
 “Immers, aan elkeen wat dit wat hy ontvang het goed gebruik, sal meer gegee word”
CUM-NLV “Aan hulle wat dit wat aan hulle toevertrou is goed gebruik, sal nog meer gegee word”
NASB “For to everyone who has *more* shall be given.”
 Sien Mat. 13:12; Mark. 4:25; Luk. 8:18; 19:26. Die “meer” staan nie in die oorspronklike teks nie, maar word sekerlik geïmpliseer.

25:30 OAV, NAV, CUM-MVB “En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste (diepste, verste) duisternis; daar sal gehuil en tandgekners wees”
CUM-NLV “En daardie nikswerd slaaf – gooi hom uit in die donkerte daar buite. Daar sal hulle bitterlik huil en van selfverwyt op die tande kners”
NASB “Throw out the worthless slave into the outer darkness; in that place there will be weeping and gnashing of teeth”

Westerse lesers is ongemaklik met Oosterse oordrywing en metaforiese taal (vgl. 8:12; 13:42,50; 22:13; 24:51). Hierdie gelykenis dui aan dat aanvanklike verlossing met ‘n voortgesette besef van verantwoordelikheid gepaard moet gaan. Belydenis word deur lewenstyl bekragtig. Waar daar nie vrug is nie, ontbreek die diepte!

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriflik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat is die sentrale waarheid van al hierdie gelykenisse?
2. Hoe skakel hierdie laaste gelykenisse met die breër konteks van hoofstukke 24 en 25?
3. Verduidelik die stelling dat evangelieskrywers geregtig is om onder leiding van die Heilige Gees (inspirasie) te selekteer, aan te pas en die leringe van die Here Jesus te herrangskik.

AGTERGROND TOT MATTEUS 25:31-46

- A. Uit die woorde van Jesus word die verskriklike gevolge van die mens se sonde duidelik. Uit sy mond kom die kennis van ‘n laaste oordeel en ewige verdoemenis.
- B. Hierdie gedeelte blyk ‘n uitbreiding van voorafgaande 16:27 te wees. ‘n Duidelike parallelle gedeelte in verband met die oordeelsdag is Openb. 20:11-15.
- C. Jesus kom weer as die verheerlikte hemelse Koning. Dit is soortgelyk aan die manier waarop die Jode steeds verwag Hy die eerste keer sal kom.
- D. Die Bybel is duidelik omtrent ‘n finale oordeel, maar dui dikwels verskillende voltrekkers aan:
 1. God as Regter (vgl. Rom. 14:2; 1 Pet. 1:17)
 2. Christus as Regter (vgl. Joh. 5:22, 27; Mat. 16:27; Han. 10:42; 2 Kor. 5:10; 2 Tim. 4:1)
 3. God deur Christus (vgl. Han. 17:31; Rom. 2:16)

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 25:31-33

³¹But when the Son of Man comes in His Glory, and all the angels with Him, then he will sit on His glorious throne. ³²All the nations will be gathered before Him; and He will separate them from one another, as a shepherd separates the sheep from the goats; ³³and He will put the sheep on His right and the goats on the left.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:31-33.

25:31 OAV, NAV, CUM-NLV “die Seun van die (M)mens”
CUM-MVB “die Seun wat as mens gebore is”
NASB “the Son of Man”

Met hierdie term uit die OT het bloot ‘mens’ beteken, soos in Ps. 8:4 en Eseg. 2:1. In Dan. 7:13 word daar egter van ‘n mens gepraat wat “‘n seun van die mens” genoem word en aangery kom op die wolke van die hemel – die vervoermiddel vir godheid – en die ewige koninkryk gegee word. Die titel ‘seun van die mens’ is nie deur die rabbynse Judaïsme in gebruik geneem nie. Jesus gebruik hierdie titel vir Homself, omdat dit die menslike en goddelike aspekte van sy

persoonlikheid daarstel en nie die eng Joodse nasionalistiese en militaristiese konnotasies gehad het nie. Nes die Seun van die Mens in Dan. 7:13 aangery kom op die wolke van die hemel, kom Hy nou saam met sy heilige engele om die mensdom te veroordeel (vgl. Mat. 25:31; 1 Tess. 4:13-18).

- | | |
|--|--|
| <p>▣ OAV, CUM-NLV
NAV
CUM-MVB
NASB</p> | <p>“in sy heerlijkheid”
“in majesteit”
“in goddelike grootheid”
“in His glory”</p> |
|--|--|

Sien die aantekening oor ‘heerlikheid’ by 16:27.

- | | |
|--|---|
| <p>▣ OAV
CUM-MVB
CUM-NLV, NAV
NASB</p> | <p>“en al die heilige engele saam met Hom”
“en al die hemelse boodskappers saam met Hom”
“en al sy (die) engele saam met Hom”
“and all the angels with Him”</p> |
|--|---|

Dit sal die engele se taak wees om bymekaar te maak en te verdeel. Hulle word dikwels geassosieer met Christus se koms (vgl. 16:27; Mark. 8:38; 2 Tess. 1:7; Judas 14; Dan. 7:10)

- | | |
|--|---|
| <p>▣ OAV
NAV, CUM-NLV
CUM-MVB
NASB</p> | <p>“dan sal Hy op sy heerlike troon sit”
“sal Hy op sy koninklike troon gaan sit”
“sal Hy op die troon wat sy goddelike grootheid laat blyk, gaan sit”
“He will sit on His glorious throne”</p> |
|--|---|

Sy sitplek sal die troon van God wees (vgl. Ps. 110:1); nie net as Here en Koning nie, maar ook as Regter (vgl. 19:28). Om Jesus te verwerp het ‘n tydsgebonde aspek (vgl. Joh. 3:18) en ‘n eskatologiese aspek. Die oordeel in tyd word vervul deur ewige oordeel.

- | | |
|---|---|
| <p>25:32 OAV
NAV, CUMs
NASB</p> | <p>“en voor Hom sal al die nasies versamel word”
“Al die volke (nasies) sal voor Hom bymekaar gebring word”
“All the nations will be gathered before Him”</p> |
|---|---|

Hierdie frase is waarskynlik nie ‘n gelykenis nie, maar ‘n dramatiese voorstelling eie aan Matteus. Alle vrae oor die einde van tyd word nie beantwoord nie. ‘n Mens wonder of al die nasies ook diegene wat reeds dood is insluit of net diegene wat nog lewe. Die frase “al die nasies” sinspeel op die reikwydte van die evangelie, dit wil sê universeel aan alle mense (vgl. Openb. 5), Israel ingesluit! Dit was immers die doel van Gen. 3:15; 12:3 en Eks. 19:4-6. Israel het die roeping gehad om ‘n sending na die nasies te wees.

Dit is moeilik om presies te bepaal wie die “bokke” is: (1) diegene wat die evangelie verwerp het of (2) diegene wat ‘n uiterlike skyn gehandhaaf het? Albei groepe Noem Jesus “Here” (vgl. Mat. 7:21-23). Hierdie oordeel word ook uitgespreek oor diegene wat slegs op uiterlike wyse die evangelie aangehang het. Dit klop dus met die gelykenis van verskillende grondtipes in die gelykenis van die saaier (vgl. Mat. 13).

Die verdrukking weens eindtyd-gebeure en die gebrek aan liefde vir ander gelowiges (vgl. 1 Joh. 2:9,11; 3:15; 4:7-21) sal vals belydenis duidelik blootlê (vgl. Mat. 13:21,22; 1 Joh. 2:19).

- | | |
|-------------------------------------|---|
| <p>▣ OAV
NAV, CUMs
NASB</p> | <p>“en Hy sal hulle van mekaar afskei”
“en hy sal die mense (hulle) van mekaar skei”
“and He will separate them from one another”</p> |
|-------------------------------------|---|

Net soos die koring en die onkruid (vgl. Mat. 13:24-30,36-43) wat nie voor die oordeelsdag geskei sou kon word nie. Die skape en die bokke moet wag tot op die laaste dag sodat almal die vrug van hul lewes kan sien. Let daarop dat daar net twee kategorieë is.

- | | |
|---|---|
| <p>▣ OAV, CUM-NLV
NAV, CUM-MVB
NASB</p> | <p>“soos die herder (‘n skaapwagter) die skape van die bokke afskei”
“soos ‘n wagter die skape van die bokke skei”
“as the shepherd separates the sheep from the goats”</p> |
|---|---|

In die OT is die herdermetafoor vir God algemeen (vgl. Ps. 23). Herders in Esegïel 34 kom ook onder die loep as “vals” herders van Israel, maar God die ware Herder sal oor hulle die Regter wees. Dieselfde bewoording word ten opsigte van die Messias (Jesus) in Sag. 11:4-14 en in Joh. 10 gebruik.

- | | |
|--|--|
| <p>25:33 OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB</p> | <p>“aan sy regterhand”
“regs. . . laat staan”
“aan sy regterkant”
“on His right”</p> |
|--|--|

Hierdie is ‘n Bybelse antropomorfisme waarmee ‘n plek van voorrang en eer, mag en hoë agting toegeken word.

NASB (UPDATED) TEXT: 25:34-40

³⁴“Then the King will say to those on His right, ‘Come, you who are blessed of My Father, inherit the kingdom prepared for you from the foundation of the world. ³⁵For I was hungry, and you gave Me *something* to eat; I was

thirsty, and you gave Me *something* to drink; I was a stranger and you invited Me in; ³⁶naked, and you clothed Me; I was sick and you visited Me; I was in prison, and you came to Me.’ ³⁷Then the righteous will answer Him, ‘Lord, when did we see You hungry, and feed You, or thirsty, and give You *something* to drink? ³⁸And when did we see You a stranger, and invite You in, or naked, and clothe You? ³⁹When did we see You sick in prison, and come to You?’ ⁴⁰The King will answer and say to them, ‘Truly I say to you, to the extent that you did it to one of these brothers of Mine, *even the least of them*, you did it to Me.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:34-40.

25:34 “die Koning”; “the King”: Na Jesus was dikwels verwys as die Koning wat kom (vgl. Openb. 17:14; 19:16). Na JHWH word ook verwys as Koning wat hierdie begrip op ‘n belangrike manier met verwysing na Jesus uitbrei (vgl. Deut. 10:17; 1 Tim. 6:15). Die NT skrywers het oor die algemeen hierdie tegniek en titel gebruik om die Godheid van Jesus van Nasaret te bevestig.

- ☐ OAV “julle geseëndes van my Vader”
- CUM-NLV “want my Vader het julle geseën”
- NAV, CUM-MVB “julle wat deur my Vader geseën is”
- NASB “you who are blessed of My Father”

Hierdie WERKWOORD is ‘n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD. Hulle is in die verlede op volgehoue wyse deur die Vader geseën en so is dit nog. God is die aktiewe agent.

- ☐ OAV “beërf”
- NAV, CUM-MVB “neem as erfenis in besit”
- CUM-NLV “ontvang. . .erfenis”
- NASB “inherit”

Hierdie is ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF. Gelowiges word nie op grond van hulle sonde veroordeel nie (vgl. 2 Kor. 5:10), maar op grond van die gebruik van geestelike gawes en beskikbaarheid vir God (vgl. 1 Kor. 3:10-15). Sien *Vir Spesiale Aandag: gelowiges se erfenis* by 19:29.

- ☐ OAV “beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af”
- NAV “Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit”
- CUM-MVB “Deel as God se erfgename aan sy koninklike regering; dit is vir julle voorberei van die skepping van die wêreld af”
- CUM-NLV “die koninkryk wat my Vader reeds van die begin van die wêreld af vir julle gereed hou”
- NASB “the kingdom prepared for you from the foundation of the world”

Dit is ‘n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD/PARTISIPIUM.⁵¹ Die NT gebruik hierdie frase dikwels om dinge God vir gelowiges gedoen het, selfs nog voor die skepping, te beskryf (vgl. Joh. 17:24; Ef. 1:4,11; 1 Pet. 1: 19-20; Openb. 13:8). Die Drie-eenheid was aktief besig met verlossingswerk nog voor Gen. 1:1! God se werke misluk nooit nie!

25:35-39 Ons goeie daad en lewenstyl van liefde openbaar en bekragtig ons aanvanklike aanvaarding van Jesus Christus (vgl. Ef. 2:8-9,10; 2 Tim. 2:21; 3:17; Tit. 3:1; Heb. 13:21). Geloof sonder werke is dood (vgl. Jak. 2:14-26). Hierdie goeie werke aan ander volg uit die bediening van Jesus self (vgl. Jes. 58:6-7) wat deur ons voortgesit word (vgl. Tit. 2:14).

- 25:40** OAV “aan een van die geringste van hierdie broeders van My”
- NAV “vir. . .die geringste van hierdie broers van My”
- CUM-MVB “een van die onbelangrikste van hierdie mense wat saam met My kinders van God is”
- CUM-NLV “vir een van my broers of susters. . .selfs al was dit vir die heel eenvoudigste onder hulle”
- NASB “to one of these brothers of Mine, *even the least of them*”

Die term “broer” moet hier as ‘naaste’ opgevat word. Gelowiges se omgee omdat mense na die beeld van God geskape is word hier beklemtoon. Die noue verhouding tussen Jesus en sy volgelinge blyk duidelik uit Han. 9:4; 22:7; 26:14 en 1 Kor. 8:12. Benadeling van een tref ook ander; seën van een is ook vir ander ten goede. Jesus wil dat gelowiges so sal leef dat sy bediening op aarde voortgesit word (d.w.s hulp aan gevalle mense om weer in vriendskap met hul Skepper herstel te word (vgl. 20:28; Mark. 10:45; 1 Joh. 3:16).

NASB (UPDATED) TEXT: 25:41-46

⁴¹“Then he will also say to those on His left, ‘Depart from Me accursed ones, into the eternal fire which has been prepared for the devil and his angels; ⁴²for I was hungry and you gave Me *nothing* to eat; I was thirsty and you gave

⁵¹ Dit is deur God in die skeppingsverlede gereed gemaak en word steeds deur Hom gereed gehou – vert.

Me nothing to drink; ⁴³I was a stranger and you did not invite Me in; naked and you did not clothe Me; sick, and in prison, and you did not visit Me.’ ⁴⁴Then they themselves also will answer, ‘Lord, when did we see You hungry, or thirsty, or a stranger, or naked, or sick, or in prison and did not take care of You?’ ⁴⁵Then He will answer them, ‘Truly I say to you, to the extent that you did not do it to one of the least of these, you did not do it to Me’ ⁴⁶These will go away into eternal punishment, but the righteous into eternal life.’”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 25:41-46.

25:41 NAV, CUMs “Dan sal die Koning (Hy ook vir) aan dié aan sy linkerkant”
 OAV “(linkerhand) sê, ‘Gaan weg van My af’”
 NASB “Then He will also say to those on his left, ‘Depart from Me’”

Die ergste van die hel is om afgeskei te wees van die vriendskapsverhouding met God (vgl. Mat. 7:23; Luk. 13:27). God stuur niemand hel toe nie. Mense gaan daarheen omrede hulle lewenstylkeuses.

▣ OAV, NAV, CUM-MVB “vervloektes”
 CUM-NLV “want God het julle vervloek”
 NASB “accursed ones”

Hierdie grammatikale struktuur is ‘n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD en word dikwels in hierdie konteks gebruik. Dit toon dinge aan wat in die verlede gebeur het (perfektrum) met gevolge (passief) wat tot in die hede voortsleep (deelwoord/partisipium). Die aksie is deur ‘n eksterne agent. Hierdie mense se volgehoue verwerping van God en sy Christus in die verlede het tot ‘n permanente blindheid en verwerping opgebou waarvoor hulle nou vervloek is. Hierdie blindheid en verwerping kom tot uiting in gebrekkige meegevoel vir ander mense.

▣ OAV “in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele”
 NAV, CUM-MVB “na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele (boodskappers) voorberei is”
 CUM-NLV “na die ewige vuur wat gereed is vir die duiwel en sy bose engele”
 NASB “into the eternal fire which has been prepared for the devil and his angels”

Die verdoemenis is nie vir mense geskep nie, maar vir engelagtige wesens wat in opstand teen God gekom het. Satan het engele in sy diens waarna moontlik in Dan. 8:10 en Openb. 12:4 verwys word. Matteus vermeng in hoofstuk 25 die metafore van duisternis (vers 30) en vuur (vers 41). Die verskrikking en lyding van die hel is so buite alle menslike woordeskate en begrip dat die Bybel noodwendig dit in die allerduidelikste beelde moet skets. Die meeste van die metafore is ontleen aan die vullishoop in die vallei van die seuns van Hinnom, oftewel ‘Gehenna’. Jesus het dikwels daarna verwys (vgl. Jes. 33:14; 66:24; Mat. 3:10,12; 5:22; 7:19; 13:40,42,50; 18:8,9; Jak. 7; Openb. 14:10; 19:20; 20:10,14,15; 21:8). Sien *Vir Speciale Aandag: Ewig* by 18:8.

25:45 OAV “Voorwaar Ek sê vir julle”
 NAV, CUMs “Ek verseker julle”
 NASB “Truly I say to you”

Letterlik is dit die Hebreeuse *amen* wat as ‘standvastig’ vertaal kan word. Bybelskrywers het daarmee werklikheid en waarheid van woorde, opvattinge en leringe bekragtig. Jesus het op uitsonderlike wyse dit by aanvang van sy sinne gebruik. Om besondere klem op sy uitsprake te lê het Hy dit soms ook verdubbel. Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:1.

25:46 OAV “En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe”
 NAV “En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe”
 CUM-MVB “En hierdie mense sal weggaan die ewige straf in, maar dié wie se verhouding met God reg is, die ewige lewe in”
 CUM-NLV “Hulle sal dan die ewige straf ingaan, maar dié wat God se wil uitgevoer het, in die ewige lewe”
 NASB “these will go away into eternal punishment, but the righteous into eternal life”

Die term *aiōnos* wat die hemel as ewige lewe beskryf, word ook gebruik as die ‘vir altyd’ van die verdoemenis (vgl. 18:8; 19:16; Mark. 3:29; 9:48; 10:17; Luk. 18:18; Judas vers 7; Openb. 20:10; ook i.v.m. “ewige oordeel”, 2 Tess. 1:9; Heb. 6:2). Dan. 12:2; Joh. 5:29 en Han. 24:15 beskryf ‘n opstanding van beide die regverdiges en die boosdoeners. Josefus skryf dat die Fariseërs in die onsterflikheid van alle siele (vgl. *Antiq.* 18.1,3) geglo het, maar dat net regverdiges in ‘n nuwe liggaam sal opstaan en dat die boosdoeners vir ewig gestraf sal word (vgl. *Jewish Wars* 2.8,14). Die ewigheid en die finaliteit daarvan moet die aansporing wees tot dringende evangelieprediking en getuienis!

‘n Ewige verdoemenis is nie net vir ‘n opstandige mensheid ‘n tragedie nie, maar ook vir God. Ons is na sy beeld en gelykenis geskape vir die doel van vertrouensvriendskap met Hom (vgl. Gen. 1:26-27). God se keuse om aan mense ‘n keusevryheid te gee het tot gevolg gehad dat ‘n vervreemding van Hom plaasgevind het in sy skepping. Die hel is ‘n opwond in die hart van God wat nooit sal genees nie.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoe kan die hel tegelyk vuur en duisternis wees?
2. Wil hierdie deel van die hoofstuk te kenne gee dat sommige deur goeie werke gered sal word?
3. Maak duidelik in jou eie woorde wat die sentrale waarheid van dié gedeelte is.
4. Sal Christene veroordeel word?
5. Wat kos die hel vir God?

MATTEUS 26

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Plot to Kill Jesus 26:1-5	The Plot to Kill Jesus 26:1-5	Jesus' Death 26:1-2 26:3-5	The Plot Against Jesus 26:1-2 26:3-5	The Conspiracy Against Jesus 26:1-2 26:3-5	Jesus se dood word beplan 26:1-5
The Anointing at Bethany 26:6-13	The Anointing at Bethany 26:6-13	26:6-13	Jesus Anointed at Bethany 26:6-9 26:10-13	The Anointing at Bethany 26:6-13	Jesus word in Betanië gesalf 26:6-13
Judas' Agreement to Jesus 26:14-16	Judas Agrees to Betray Jesus 26:14-16	26:14-16	Judas Agrees to Betray Jesus 26:14-16	Judas Betrays Jesus 26:14-16	Judas onderneem om Jesus te verrai 26:14-16
The Passover with the Disciples 26:17-25	Jesus Celebrates Passover with His Disciples 26:17-30	The Last Supper 26:17-19 26:20-25	Jesus Eats the Passover Meal with his Disciples 26:17 26:18 26:19 26:20-21 26:22 26:23-24 26:25a,b 26:25c	Preparations for the Passover Supper 26:17-19 The Treachery of Judas Foretold 26:20-25	Die paasmaaltyd word voorberei 26:17-19 Jesus wys sy verrai aan 26:20-25
The Institution of the Supper 26:26-30		26:26-29 Gethsemane 26:30	The Lord's Supper 26:26 26:27-29 26:30	The Institution of Eucharist 26:26-29 Peter's Denial Foretold 26:30-35	Die instelling van die nagmaal 26:26-30
Peter's Denial Foretold 26:31-35	Jesus Predicts Peter's Denial 26:31-35	26:31-35	Jesus Predicts Peter's Denial 26:31-32 26:33 26:34 26:35a 26:35b		Petrus sal Jesus verloën 26:31-35
The Prayer in Gethsemane 26:36-46	The Prayer in the Garden 26:36-46	26:36-46	Jesus Prays in Gethsemane 26:36-38 26:39 26:40-41	Gethsemane 26:36-37 26:38-46	Jesus in Getsemane 26:36-46

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

			26:42-43		
			26:44-46		
The Betrayal and Arrest of Jesus	Betrayel and Arrest in Gethsemane		The Arrest of Jesus	The Arrest	Jesus word gevangeneem
26:47-56	26:47-56	26:47-56	26:47-48	26:47-56	26:47-56
			26:49		
			26:50a		
			26:50b-54		
			26:55-56a		
			26:56b		
Jesus Before the Council	Jesus Faces the Sanhedrin	Jesus Before Caiaphas	Jesus Before the Council	Jesus Before the Sanhedrin	Jesus voor die Joodse Raad
26:57-68	26:57-68	26:57-68	26:57-61	26:57-58	26:57-68
				26:59-66	
			26:62-63		
			26:64		
			26:65-66a		
			26:66b		
			26:67-68	26:67-68	
Peter's Denial of Jesus	Peter Denies Jesus, and Weeps Bitterly		Peter Denies	Peter's Denials	Petrus verloën Jesus
26:69-75	26:69-75	26:69-75	26:69	26:69-75	26:69-75
			26:70-71		
			26:72		
			26:73		
			26:74a		
			26:74b-75		

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

13. Eerste paragraaf

14. Tweede paragraaf

15. Derde paragraaf

16. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE VAN MATTEUS 26:1-35

NASB (UPDATED) TEXT: 26:1-2

¹When Jesus had finished all these words, He said to His disciples, ²“You know that after two days the Passover is coming, and the Son of Man is to be handed over for crucifixion.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:1-2.

26:1 OAV
NAV
CUM-MVB

“En toe Jesus al hierdie woorde geeëndig het”
“Nadat Jesus oor al hierdie dinge klaar gepraat het”
“nadat Hy al hierdie spreuke klaar gepraat het”

CUM-NLV
NASB

“Nadat Jesus al hierdie uitsprake voltooi het”
“When Jesus had finished all these words”

Dit verwys terug na Jesus se eskatologiese redevoering in hoofstukke 24 en 25. Matteus wend hierdie uitspraak as ‘n literêre oorgang tussen Jesus se verskillende redevoeringe aan (vgl. 7:28; 11:1; 13:53; 19:1; 26:1).

26:2 OAV
NAV, CUMs
NASB

“Julle weet dat oor twee dae die pasga kom”
“Julle weet dat dit oor twee dae Paasfees (die paasete) is”
“after two days the Passover is coming”

Daar is heelwat onduidelikheid oor die presiese datering van die Here se nagmaal en inderdaad ook die hele laaste week van Jesus se beweging en bediening. Die Nagmaal van die Here is duidelik aangehaak by die simboliek van Paasfees (vgl. Joh. 1:29). Die Sinoptiese evangelies verklaar dat dit die amptelike Paasfeesmaaltyd was, maar Johannes gee te kenne dat dit die reeds die vorige dag was. Daar bestaan getuienis dat, weens die korrupsie van die priesterdom wat hulle godsdienstrechte van die Romeinse oorheersers moes koop, verskeie Joodse sekte hulle Paasfees op ‘n ander dag gevier het (bv. die Esseners wie se Dooie See- boekrolle laat blyk dat hulle in ooreenstemming met hulle son-kalender die Paasfees ‘n dag vroeër as die amptelike gevier het.)

Johannes se datering van die fees as ‘n dag vantevore beklemtoon Jesus as die Paaslam wat geslag word tot redding van die volk. Indien dit die geval is het Johannes die datum vir teologiese doeleindes verander, nes hy moontlik die reiniging van die tempel vroeg in Jesus se bediening geplaas het vir die doel van sy teologie rondom Jesus se lewe. Onder leiding van die Gees het die evangelieskrywers die reg gehad om die stof omtrent Jesus te selekteer, aan te pas en sy woorde en optrede te herrangskik met die oog op die verskillende gehore aan wie hulle Hom bedien het (Gordon Fee en Doug Stuart, *How To Read the Bible For All Its Worth*).

☐ OAV, NAV, CUM-NLV
CUM-MVB
NASB

“Seun van die mens”
“Die Seun wat mens geword het”
“Son of Man”

Sien die aantekeninge by Mat. 8:20 en 24:30 se rubriek *Vir Spesiale Aandag*.

☐ OAV, NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“oorgelewer (uitgelewer) om gekruisig te word”
“Dan sal Ek. . .oorgegee word om gekruisig te word”
“is to be handed over for crucifixion”

Hieromtrent het Jesus die dissipels behoorlik en dikwels ingelig (vgl. Mat. 16:21; 17:9,12,22-23; 20:18-19; 27:63). Hierdie voorsegging sou sy volgeling uitermate bemoedig in die tye na die lydensweek. Jesus het dinge vooruit geweet. Jesus het sy lewe afgelê (vgl. Mark. 10:45; Joh. 10:11,15,18). Hy was deurentyd in beheer van die tydsberekening en die gebeurlikheid self.

☐ “om gekruisig te word”; “crucifixion”: Dit was ‘n vorm van marteling in die openbaar wat deur die Fenisiërs of in Mesopotamië ontwikkel is om oproer en misdaad te beteuel. Die Romeine het dit vervolmaak deur dit dae lank uit te rek. Kruisiging van Romeinse burgers was ontoelaatbaar. Lyfstraf is in die openbaar toegedien waarop kruisiging gevolg het. Die kruis kon hoofletter ‘T’-vormig, of kleinletter ‘t’-vormig, of ‘X’-vormig wees. Dit is selfs waarskynlik dat steierwerk aangebring was wanneer meer persone gelyktydig gekruisig moes word. Versmoring lei uiteindelik tot die dood. Die gekruisigde moes hom met druk op sy deurboorde voete regop rig vir asemhaling. Dit verklaar hoekom die twee kriminele wat saam met Jesus gekruisig is so vinnig dood is. Hulle bene was gebreek (vgl. Joh. 19:32).

NASB (UPDATED) TEXT: 26:3-5

³Then the chief priests and the elders of the people were gathered in the court of the high priest, named Caiaphas; ⁴and they plotted together to seize Jesus by stealth and kill Him. ⁵But they were saying, “Not during the festival, otherwise a riot might occur among the people.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:3-5.

26:3 OAV
NAV
CUMs
NASB

“owerpriesters en die skrifgeleerdes en ouderlinge van die volk”
“die priesterhoofde en oudstes (familiehoofde)”
“leierpriesters en familiehoofde”
“The chief priests and the elders”

Dit was kortliks bedoel as verwysing na die Sanhedrin. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 20:18.

☐ OAV
NAV, CUM-MVB
CUM-NLV
NASB

“in die paleis van die hoëpriester”
“in die woning (amswoning) van”
“in die huis van Kajafas”
“the court of the high priest”

Dit is ‘n verwysing na die binnehof van Kajafas en moontlik Annas se praalwoning.

☐ “Kájafas (Kajafas)”; “Caiaphas”: Kajafas was hoëpriester tussen 18 en 36 n.C. Hy is aangestel deur Rome teen ‘n prys. Hy was die skoonseun van Annas, wat hoëpriester was van 6 tot 15 n.C. Hierdie invloedryke familie was meer

geïnteresseerd in die politiek en rykdom as in geestelike dinge. Dit sou ‘n onbillike veralgemening wees om alle Sadduseërs of die Sanhedrin op grond van hulle perspektief te beoordeel.

- 26:4** OAV “en hou saam raad om Jesus met lis gevange te neem en om die lewe te bring”
 NAV “saam planne gemaak om Jesus op ‘n slinkse manier gevange te neem en dood te maak”
 CUM-MVB “saam planne begin maak om Jesus op ‘n slinkse manier te arresteer en tereg te stel”
 CUM-NLV “en saam beraadslaag oor hoe hulle Jesus in die geheim kon vang en uit die weg ruim”
 NASB “they plotted together to seize Jesus by stealth and kill Him”

Reeds vroeg in sy bediening was hulle van plan om Hom om die lewe te bring. Hulle was op soek na ‘n geleentheid waar die gewone mense nie teenwoordig sou wees nie (vgl. Mat. 12:14; Mark. 14:1; Luk. 22: 2; Joh. 5:18; 7:1,19,25; 8:37,40; 11:53). Hulle was jaloers oor sy gewildheid en ontsenu deur sy leringe en werkswyse.

- 26:5** OAV, NAV, CUM-MVB “op die fees”
 CUM-NLV “terwyl die skares feesvier”
 NASB “during the festival”

Die Paasfees was met die fees van Ongesuurde Brode verbind sodat ‘n feestyd van agt dae die gevolg was (vgl. Eks. 12 en Josefus in *Antiquities* 3.10.5).

- ▣ NAV, CUM-MVB, OAV “sodat daar (miskien) nie oproer onder die volk kom nie”
 CUM-NLV “anders kom daar oproer onder die volk”
 NASB “a riot may occur among the people”

Uit Galilea en die diaspora was daar ‘n menigte pelgrims in Jerusalem saamgetrek. Die Paasfees was ‘n vereiste vir Joodse mans ouer as twintig jaar (vgl. Lev. 23:2,4,17,44; Num. 29:39). Gedurende die drie-jaarlikse verpligte feeste het Jerusalem se inwonertal tot driemaal die gewone opgeskiet. Die Romeine het die militêre aanwesigheid vir feestye versterk (vgl. 27:24).

NASB (UPDATED) TEXT: 26:6-13

⁶Now when Jesus was in Bethany, at the home of Simon the leper, ⁷a woman came to Him with an alabaster vial of very costly perfume, and she poured it on His head as He reclined *at the table*. ⁸But the disciples were indignant when they saw *this*, and said, “Why this waste? ⁹For this *perfume* might have been sold for a high price and *the money* given to the poor.” ¹⁰But Jesus, aware of this, said to them, “Why do you bother the woman? For she has done a good deed to Me. ¹¹For you always have the poor with you; but you do not always have Me. ¹²For when she poured this perfume on My body, she did it to prepare Me for burial. ¹³Truly I say to you, wherever this gospel is preached in the whole world, what this woman has done will also be spoken of in memory of her.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:6-13.

▣ “die huis van Simon (,) die melaatse”; “the home of Simon the leper”: Maria en Marta het die maaltyd voorgesit (vgl. Joh. 12:1 e.v.), hoewel dit nie in hulle huis was nie (vgl. Mark. 14:13). Dit kon wees dat hulle op ‘n manier familie van mekaar was, daar in die klein dorpie Betanië. Simon was waarskynlik vroeër deur Jesus van sy melaatsheid genees, hoewel dit nêrens vermeld word nie.

26:7 “n vrou”; “a woman”: Johannes sê (12:3) dat dit Maria was, die suster van Lasarus. Hierdie vrou moenie verwar word met die prostituut van Luk. 7:37-39 nie.

- ▣ OAV, NAV “n albastefles met baie kosbare salf (reukolie)”
 CUMs “n albastefles baie kosbare parfuim (vol duur aromatiese olie)”
 NASB “alabaster vial of very costly perfume”

Dit was ‘n witterige/geel fles van klip uit Egipte. Die inhoud was gefabriseer van die geurige Nardus-kruie uit Indië (nardusparfuim – Hoogl. 1:12; 4:13-14; Mark. 14:3; Joh. 12:3). Dit was baie duur en het waarskynlik uit Maria se bruidstroommel gekom.

- ▣ OAV, CUM-NLV “gooi dit op sy hoof (kop) uit”
 NAV, CUM-MVB “en dit op sy kop uitgegiet”
 NASB “poured it on his head”

Joh. 12:3 stel dat sy die nardus op sy voete gegiet het. Die volume van 12 onse (‘n Romeinse pond) was egter genoeg vir die hele liggaam. Wanneer die fles se seël gebreek was, kon dit nie herseël word nie.

- 26:8** OAV, NAV “dissipels. . .was hulle verontwaardig”
 CUM-MVB “dissipels. . .was hulle vies”
 CUM-NLV “dissipels. . .het hulle hulle daarvoor opgewerk”

NASB “the disciples were indignant”

Joh. 12:4 stel dat dit Judas Iskariot was wat sy ontevredenheid uitgespreek het.

26:9 OAV “duur verkoop”
CUM-MVB, NAV “vir baie (geld)”
CUM-NLV “’n yslike bedrag”
NASB “for a high price”

Hierdie hoë bedrag was driehonderd denarii (vgl. Joh. 12:5 – “silwermuntstukke”). ‘n Denarius was ‘n dagloon vir ‘n soldaat of ‘n arbeider. Hoewel dit gelyk het of Judas aan die armes dink, sou hy van die geld vir homself wou bekom (vgl. Joh. 12:6).

26:10 OAV “sy het ‘n goeie werk aan My gedoen”
NAV, CUM-MVB “(immers, sy) het ‘n goeie daad aan My gedoen”
CUM-NLV “Sy het immers ‘n weldaad aan My gedoen”
NASB “she has done a good deed to Me”

Die NAAMWOORD “weldaad” en die WERKWOORD “gedoen” kom van dieselfde stamwoord. Dit verleen dus krag aan die stelling of kan as idiomaties opgevat word (vgl. Joh. 3:21; 6:28; 9:4; Han. 13:41; 1 Kor. 16:10).

26:11 OAV, NAV, CUM-MVB “want die armes het julle (mos altyd) by julle”
CUM-NLV “Die armes sal julle altyd by julle hê”
NASB “For you always have the poor with you”

Hierdie was nie ‘n uitspraak van ongevoeligheid teenoor armoede nie, maar ‘n aanduiding van die uniekheid van sy aanwesigheid.

26:12 OAV “het sy dit gedoen met die oog op My begrafnis”
NAV, CUM-MVB “het sy My voorberei vir my begrafnis”
CUM-NLV “het sy eintlik my liggaam vir my begrafnis voorberei”
NASB “to prepare Me for burial”

Maria was ‘n dissipel wat moontlik meer as die apostels begryp het wat aangaan. Sulke parfuum was gebruik om die liggaam van oorledenes te salf voor die weglê in die graf (vgl. Joh. 19:40).

26:13 “die hele wêreld”; “the whole world”: Jesus het aanvaar dat sy evangelie (Matteus gebruik die term vir Jesus se optrede 4:23; 9:35; en Jesus noem dit self so in 24:14 en 26:13) oral in die wêreld gepredik sou word (vgl. Mat. 24:9,14,32; 28:19-20). Dit is vervulling van die OT profesieë (spesifiek Jes. 2:1-4; 42:6; 49:6; 51:4-5; 56:7)!

NASB (UPDTED) TEXT: 26:14-16

¹⁴Then one of the twelve, named Judas Iscariot, went to the chief priests ¹⁵and said, “What are you willing to give me to betray him to you?” And they weighed out thirty pieces of silver to him. ¹⁶From then on he began looking for a good opportunity to betray Jesus.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:14-16.

26:14 “Iskariot/Iskariot”; “Iscariot”: Verskeie teorieë bestaan omtrent hierdie naam (die woord word in verskeie Griekse MSS verskillend gespeld). Gevolglik kon die naam verband hou met

1. ‘n man uit Keriot, ‘n dorp in Judea;
2. ‘n man uit Kartan, ‘n dorp in Galilea;
3. ‘n leersak vir geld (beursie);
4. die Hebreeuse woord vir verwurging; of
5. die Griekse woord vir die sluipmoordenaar se dolk.

As #1 waar is, was hy die enigste Judeër onder die Twaalf; as #5 waar is, was hy ‘n Selot soos Simon.

Onlangs het ‘n boek verskyn wat Judas in ‘n positiewe lig stel, *Judas, Betrayer or Friend*, William Klassen, Fortress Press, 1996. My probleem met dié boek is dat die skrywer uitsprake in Johannes se evangelie ignoreer.

26:15 OAV “Wat wil u my gee en ek sal Hom aan u uitlewer”
NAV “Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom”
CUM-MVB “wat sal julle my gee, dan lewer ek Hom aan julle uit”
CUM-NLV “Wat is julle bereid om my te betaal as ek Jesus aan julle besorg”
NASB “What are you willing to give me to betray Him”

Sy motief was heeltemal duidelik (vgl. Joh. 12:6). Die tragedie van Judas is onverklaarbaar. Talle moderne teorieë wil dat hy Jesus wou dwing om as die verwagte militêre Messias na vore te tree. Die evangelie van Johannes stel gewoon dat hy ‘n dief was.

■ **OAV, CUM-MVB** “dertig silwerstukke”
NAV “dertig silwermuntstukke”

CUM-NLV

“30 silwer geldstukke”

NASB

“thirty pieces of silver”

Dit het die profesie van Sagaria 11:12-13 vervul (vgl. Mat. 27:9-10). Jesus was die verstote Herder. Dit was die vergoeding in OT terme vir ‘n slaaf gedood deur die horings van ‘n bees (vgl. Eks. 21:32). Hoofstukke 9-14 van Sagaria word dikwels as ‘n profetiese bron van Jesus se bediening aangehaal:

1. Mat. 21:4-5 uit Sag. 9:9
2. Mat. 24:3 uit Sag. 12:10
3. Mat. 26:15 uit Sag. 11:12-13
4. Mat. 26:31 uit Sag. 13:7
5. Mat. 27:9-10 uit Sag. 11:12-13

NASB (UPDATED) TEXT: 26:17-19

¹⁷Now on the first *day* of Unleavened Bread the disciples came to Jesus and asked, “Where do You want us to prepare for You to eat the Passover?” ¹⁸And He said, “Go into the city to a certain man, and say to him, ‘The Teacher says, “My time is near; I am to keep the Passover at your house with My disciples.”’” ¹⁹The disciples did as Jesus had directed them; and they prepared the Passover.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:17-19.

26:17 CUM-MVB, OAV

“die eerste dag van Ongesuurde Brood (ongesuurde brode)”

CUM-NLV, NAV

“eerste dag van die (f)Fees van die (o)Ongesuurde (b)Brood”

NASB

“the first *day* of the Unleavened Bread”

Die presiese verloop van gebeure daardie laaste week is onduidelik. Dikwels stem die Sinoptiese evangelies (Matteus, Markus en Lukas) glad nie ooreen met Johannes se weergawe nie (vgl. Joh. 13:1; 19:14,31,42). Die fees van agt dae het oor twee sabbatte gestrek, met Paasfees gedurende die eerste (vgl. Lev. 23:4-8; Deut. 16:8).

☐ OAV, NAV, CUM-NLV

“die dissipels”

CUM-MVB

“die leerlinge”

CUM-NLV

“the disciples”

Wat Luk. 22:8 betref was dit Petrus en Johannes wat hierdie taak verrig het.

☐ “Paasfees”; “Passover”: Die ete was om 6 nm. in die maand Nisan op die 15de dag. Die dag van die week waarop dit val, wissel van jaar tot jaar ooreenkomstig die Joodse maankalender (vgl. vers 20).

26:18 OAV

“n sekere iemand”

NAV, CUM-NLV

“so en so”

CUM-MVB

“n spesifieke iemand”

NASB

“to a certain man”

Luk. 22:10 meld dat hulle hom daaraan sou identifiseer dat hy ‘n emmer water dra, wat gewoonlik die taak van vroue was.

☐ OAV, NAV

“My tyd is naby”

CUM-MVB

“My krisistyd is naby”

CUM-NLV

“My tyd het gekom”

NASB, NRSV, NJB

“My time is near”

NKJV

“My time is at hand”

TEV

“My hour has come”

Dit was ‘n bedekte wyse van spreke van Jesus waardeur Hy na sy verwerping, verraaiing en kruisiging verwys het (vgl. Joh. 2:4; 7:6,8,30; 8:20; 12:23; 13:1; 17:1).

☐ OAV

“By jou sal ek die pasga hou met my dissipels”

NAV

“In jou huis wil Ek saam met my dissipels”

CUM-MVB

“By jou wil Ek saam met my leerlinge”

CUM-NLV

“by jou. . .saam met my dissipels”

NASB

“at your house with my disciples”

Vele glo dat dit die die huis van Johannes Markus was. Hy was

1. ‘n neef van Barnabas (vgl. Kol. 4:10)
2. ‘n helper op sendinguitreike (vgl. Han. 12:25; 13:5,13; 15:37,39)
3. ‘n skriba van Petrus se herinneringe, evangelie van Markus (1 Pet. 5:13)

‘n Sterk moontlikheid bestaan dat dit ook die huis met die bovertrek was (vgl. Han. 1:13; 12:12), waar die dissipels op die uitstorting van die Heilige Gees gewag het (vgl. Han. 1:5; 2:1).

NASB (UPDATED) TEXT: 26:20-25

²⁰Now when evening came, Jesus was reclining *at the table* with the twelve disciples. ²¹As they were eating, He said, “Truly I say to you that one of you will betray Me.” ²²Being deeply grieved, they each one began to say to Him, “Surely not I, Lord?” ²³And He answered, “He who dipped his hand with Me in the bowl is the one who will betray Me.” ²⁴The Son of Man *is to go*, just as it is written of Him; but woe to that man by whom the Son of Man is betrayed! It would have been good for that man if he had not been born.” ²⁵And Judas, who was betraying Him, said, “Surely it is not I, Rabbi?” Jesus said to him, “you have just said it yourself.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:20-25.

26:20 OAV, CUM-NLV “saam. . .aan tafel”
NAV “sy plek. . .ingeneem”
CUM-MVB “vir die ete aangelê”
NASB “reclining at the table”

Tafels met stoele was in dié tyd slegs in Egipte in gebruik. In Palestina het mense op hulle linker elumboog gestut by ‘n lae tafel aangelê met voete agter hulle (vgl. Mark. 14:18). Dis hoekom Maria met gemak Jesus se voete kon salf (vgl. Joh. 12:3).

26:21 OAV, NAV “verraai”
CUMs “uitlewer”
NASB “betray”

Die Griekse woord is *paradidōmi* (om oor te gee). Engelse Bybels vertaal deurgaans met *betray* (Afrikaans, “verraai”), maar dit is nie die enigste betekenis nie. Dit kan ook wees

1. ‘n positiewe betekenis van toevertrou (vgl. Mat. 11:27)
2. opdra of toevertrou in gebed (vgl. Han. 14:26; 15:40)
3. in negatiewe sin om iemand aan gesaghebbendes te oorhandig
4. om iemand in Satan se hande oor te gee (vgl. 1 Kor. 5:5; 1 Tim. 1:20)
5. dat God iemand oorlaat aan sy afgodiese lewenswyse (vgl. Han. 7:42)

Die punt wat hiermee gemaak word is dat konteks altyd die betekenis van so ‘n algemene WERKWOORD moet bepaal.⁵²

26:22 OAV “Is dit miskien ek, Here”
NAV “Dit is tog nie ek nie, Here”
CUMs “Dit kan tog seker nie ek wees nie, Here”
NASB “Sure not I, Lord”

Elke dissipel het so gevra. Die grammatikale konstruksie in Grieks verwag ‘n ‘nee-nie-jy-nie’-antwoord. Dat hulle geweldig verward was, blyk duidelik uit die vraag.

26:23 OAV, NAV “Hy wat saam met My sy hand in die skottel insteek, hy sal My verrai”
CUMs “Dit is die een van julle wat sy hand hier saam met My in die skottel steek wat My gaan uitlewer”
NASB “He who dipped his hand with Me in the bowl is the one who will betray Me”

In die Ooste was dit gereken as die toppunt van skandaligheid om ‘n gasheer te verrai (vgl. Ps. 41:9). Judas het ‘n ereplek links van Jesus aan tafel gehad. Jesus het steeds probeer om Judas te bereik.

■ “die skottel”; “the bowl”: Hierin was ‘n tradisionele Paasfees-sous bestaande uit neut, rosyne, vye en asyn.

26:24 Jesus het geweet wie Hy was en op watter pad Hy moes gaan (vgl. Joh. 13:1). Hy het gekom om God te openbaar, om vir die mensdom ‘n voorbeeld te wees om na te volg en om te sterf vir hulle sondes (vgl. Mark. 10:45; Han. 2:23-24; 2 Kor. 5:21). Hoe sy lewe sou verloop, is in OT profesie onthul (vgl. verse 31,54,56; 11:10; 21:42).

■ “as”; “if”: Dit is ‘n KLAS TWEE VOORWAARDELIKE SIN. Judas se verrai was noodsaaklike, voorspelde handeling waarvoor hy bestraf sal word. Hieruit blyk dat uitverkiesing en vrye wil in misterie gehul is.

26:25 OAV, NAV “Is dit miskien ek, Rabbi”
CUMs “Dit kan tog seker nie ek wees nie, Rabbi”
NASB “Surely it is not I, Rabbi”

Let daarop dat Judas die aanspreekvorm “Rabbi” (leermeester) gebruik en dit vermy om soos die ander dissipels Jesus “Here” te noem.

■ NAV “Dit is soos jy sê”
OAV, CUM-MVB “Jý het dit gesê”
CUM-NLV “Daar sê jy dit self”
NASB “You have said it yourself”

⁵² Vgl. CUMs en #3 – vert.

Jesus probeer steeds tot Judas deurdring. Hierdie idiomatiese frase kom ook in 26:64 en 27:11 voor.

NASB (UPDATED) TEXT: 26:26-29

²⁶While they were eating, Jesus took *some* bread, and after a blessing, He broke *it* and gave *it* to the disciples, and said, “Take, eat; this is My body.” ²⁷And when He had taken the cup and given thanks, He gave *it* to them, saying, “Drink from it, all of you; ²⁸for this is My blood of the covenant, which is poured out for many for forgiveness of sins. ²⁹But I say to you, I will not drink of this fruit of vine from now on until that day when I drink it new with you in My Father’s kingdom.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:26-29.

26:26 OAV, NAV, CUM-MVB “En terwyl hulle eet”
CUM-NLV “Terwyl hulle besig was om te eet”
NASB “While they were eating”

Die fokus van die *seder*-maaltyd waarna hier verwys word, was die derde seënbeker ná die maaltyd. Hiermee wou Jesus identifiseer met die verlossingsgebeure van die Eksodus (die uittog uit Egipte). Hy was die Lam van God, maar Hy het die brood en die wyn eerder as die Paaslam gekies as simbool van die nuwe verbond.

Matteus skets Jesus dikwels in sy evangelie as die tweede Moses, die nuwe wetgewer. Jesus bewerkstellig die nuwe Eksodus – die uittog uit sonde.

■ **“brood”**; **“bread”**: Dit was ‘n plat ongesuurde broodkoek wat gebruiklik was by Passfees (vgl. Eks. 12).

26:26-28 “dit is my liggaam. . .dit is my bloed”; **“this is My body. . .this is My blood”**: Die eerste opgeskrewe nagmaal van die Here is Paulus se weergawe in 1 Kor. 11:17-34. Die Sinoptiese evangelies is eers na baie van die NT briewe geskryf. Die presiese datums is onseker, maar die evangelies was nie die eerste kerklike geskryfte nie (vgl. William L. Blevins se *Birth of a New Testament*, persoonlik uitgegee, Carson-Newman College).

26:28 OAV “die bloed van die nuwe testament”
NAV “die bloed waardeur die verbond beseël word”
CUM-MVB “die bloed van die verbond”
CUM-NLV “bloed wat die verbond tussen God en sy volk verseël”
NASB “This is My blood of the covenant”

Dit dui moontlik op Eks. 24:8. Sommige ou hoofletter MSS voeg ‘nuwe’ voor “verbond”: A, C, D en W. Dit sou op Jer. 31:31-34 weerspieël. Talle ander betroubare ou MSS (P³⁷, 8, B en L) maak egter nie hierdie toevoeging nie. Die toevoeging kon ook vanweë veronderstelde ooreenstemming uit Luk. 22:20 oorgeneem gewees het.⁵³ Dit kom nie in Mark. 14:24 voor nie. Die UBS⁴ gradeer die weglating daarvan ‘B’ – taamlik seker.

■ **OAV “wat vir baie uitgestort word”**
NAV, CUMs “wat vir baie vergiet word”
NASB “poured out for many”

Dit verwys na Jes. 53:11-12. Sien *Vir Speciale Aandag: Uitgegiet* by 23:35. Heelwat debat is al gevoer oor hoe die “vir baie” (vgl. Jes. 53:11,12) en die “ons almal” (vgl. Jes. 53:6) met mekaar verband hou. Die parallelle gedeelte in Rom. 5:17-19 beantwoord hierdie vraag. Die “alle mense” van vers 18 is dieselfde as die “baie” van vers 19. Jesus het vir alle mense gesterf (vgl. Joh. 3:16). Potensieel is sy reddingswerk vir almal.

■ **OAV “tot vergifnis van sondes”**
NAV “tot vergewing van sondes”
CUM-MVB “om hulle sondes te vergewe”
CUM-NLV “sodat hulle sondes vergewe kan word”
NASB “for forgiveness of sins”

Dit is die kernboodskap van die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34) en die besondere betekenis van Jesus se naam (vgl. JHWH red – Mat. 1:21).

26:29 CUM-NLV, OAV, NAV “dat Ek van nou af nie weer (meer). . .sal drink. . .totdat. . .die koninkryk van my Vader”
CUM-MVB “van nou af sal Ek nie weer. . .drink. . .tot wanneer julle almal deel het aan die koninklike regering van my Vader”
NASB “I will not drink. . .until. . .My Father’s kingdom”

Hierdie was ‘n verwysing na die eindtyd-banket van die Messias (vgl. 8:11; Luk. 13:28-30; let op Mal. 1:11). Sinoniem hiermee is die huweliksfees van Christus en die kerk (vgl. Ef. 5:23-29; Openb. 19:7). Sien *Vir Speciale Aandag: Die Koninkryk van God* by 4:17.

⁵³ Vgl. OAV – vert.

VIR SPESIALE AANDAG: ALKOHOL EN ALKOHOLISME

I. Bybelse terme

A. Ou Testament

1. *Jajin* – die algemene term vir ‘wyn’ (DBD 406), wat 141 keer voorkom. Die etimologie van die woord is onseker omdat dit nie van ‘n Hebreeuse stamwoord kom nie. Dit dui op gegiste vrugtesap, meestal druiwesap. Tipiese gedeeltes is Gen. 9:21; Eks. 29:40; Num. 15:5,10.
2. *Tirosj* – ‘nuwe wyn’ (BDB 440). Omrede die klimaatstoestande in die Nabye Ooste begin gisting binne 6 uur nadat sap afgetrek is. Die term verwys na wyn in die gistingsproses. Vir ‘n paar tipiese teksverwysings, sien Deut. 12:17; 18:4; Jes. 62:8-9; Hos. 4:11.
3. *Asis* – baie duidelik alkoholiese drank (soetwyn, BDB 779, vgl. Joël 1:5; Jes. 49:26).
4. *Sekar* – die term vir ‘sterk drank’ (BDB 1016). Die Hebreeuse stamwoord word gebruik in die terme ‘dronk’ en ‘dronklap’. Daar is ‘n bestanddeel bygevoeg wat die bedwelming verhoog het. Dit word as parallel met *jajin* beskou (vgl. Spr. 20:1; 31:6; Jes. 28:7).

B. Nuwe Testament

1. *Oinos* – die Giekse ekwivalent vir *jajin*.
2. *Eos oinos* (nuwe wyn) – die Griekse ekwivalent vir *tirosj* (vgl. Mark. 2:22).
3. *Gleuchos vinos* (soet wyn, *asis*) – is wyn in die vroeë stadiums van gissing (vgl. Han. 2:13).

II. Gebruike in die Bybel

A. Ou Testament

1. Wyn is ‘n gawe van God (Gen. 27:28; Ps. 104:14-15; Pred 9:7; Hos. 2:8-9; Joël 2:19,24; Amos 9:13; Sag. 10:7).
2. Wyn kan deel uitmaak van offergawes (Eks. 29:40; Lev. 23:13; Num. 15:7,10; Deut. 14:26; Rig. 9:13)
3. Wyn vir medisinale gebruik (2 Sam. 16:2; Spr. 31:6-7)
4. Wyn kan ernstige probleme veroorsaak (Noag – Gen. 9:21; Lot – Gen. 19:33,35; Simson – Rig. 16:19; Nabal – 1 Sam. 25:36; Uria – 2 Sam. 11:13; Amnon – 2 Sam. 13:28; Ela – 1 Kon. 16:9; Benhadad – 1 Kon. 20:12; regeerders – Amos 6:6; en dames – Amos 4).
5. Wyn kan misbruik word (Spr. 20:1; 23:29-35; 31:4-5; Jes. 5:11,22; 19:14; 28:7-8; Hos. 4:11).
6. Wyn was verbode vir sekere groepe (priesters aan diens, Lev. 10:9; Eseg. 44:21; Nasareners, Num. 6; en regeerders, Spr. 31:4-5; Jes. 56:11-12; Hos. 7:5).
7. Wyn word gebruik in die eskatologiese tyd.

B. Inter-Bybel

1. Met matigheid voor oë is wyn goed vir ‘n mens (Pred 31:27-30)
2. ‘n Gesegde van die rabbyne: “Wyn is die beste van alle medisynes, waar wyn ontbreek, word dwelms benodig.”

C. Nuwe Testament

1. Jesus het ‘n groot hoeveelheid water in wyn verander (Joh. 2:1-11)
2. Jesus het wyn gebruik (Mat. 11:18-19; Luk. 7:33-34; 22:17 e.v.)
3. Petrus van “dronkenskap” weens “nuwe wyn” op Pinksterdag beskuldig (Han. 2:13)
4. Wyn kan as medisyne gebruik word (Mark. 15:23; Luk. 10:34; 1 Tim. 5:23)
5. Leiers moenie misbruikers wees nie; wat nie geheelonthouding impliseer nie (1 Tim. 3:3,8); Tit. 1:7; 2:3; Pet. 4:3).
6. Wyn word gebruik in eskatologiese tye (Mat. 22:1 e.v.; Openb. 19:19)
7. Dronkenskap word afgekeur (Mat. 24:49; Luk. 12:45; 21:34; 1 Kor. 5:11-13; 6:10; Gal. 5:21; 1 Pet. 4:3; Rom. 13:13-14)

III. Teologiese Insigte

A. Dialektiese spanning

1. Wyn is ‘n gawe van God
2. Dronkenskap en verslaafdheid is problematies
3. Terwille van die evangelie moet gelowiges te midde sekere kulture hulle vryheid beperk (Mat. 15:1-20; Mark. 7:1-23; 1 Kor. 8-10; Rom. 14)

B. Die neiging om grense te oorskrei

1. God is die gewer van alle goeie dinge
2. ‘n Gevalle mensdom het God se gawes misbruik deur dit buite sy grense daarvoor te gebruik.

C. Misbruik is nie in fisiese dinge nie. Die fisiese skepping is nie sondig nie (Mark. 7:18-23; Rom. 14:14,20; 1 Kor. 10:25-26; 1 Tim. 4:4; Tit. 1:15).

IV. Eerste eeuse Joodse kultuur en gisprosesse

A. Gisting tree vinnig in na die druif fyngemaak is; binne 6 uur.

B. Die Joodse tradisie meen dat wanneer ‘n ligte skuim op die oppervlak verskyn, dit as “wyn-tiende” aangebied kan word (*Ma aseroth* 1:7). Dit is ‘nuwe wyn’ of ‘soetwyn’ genoem.

- C. Primêre deurgisting is voltooi na 'n week
- D. Die sekondêre gistingsproses duur 40 dae waarna dit op die altaar aangebied kan word (*Edhujjot*) as 'verouderde wyn'.
- E. Wyn wat op afsakel rus (ou wyn), is ook geskik, maar moet deeglik voor gebruik gefiltreer word.
- F. Wyn is na 'n jaar se gisting behoorlik verouder. Drie jaar was die langste wat wyn veilig gestoor kon word. Dit was dan 'ou wyn' en moes met water verdun word.
- G. Gedurende die laaste 100 jaar kon wyn se gisting in 'n steriele omgewing en met chemikalië beheer word. Die antieke wêreld kon die natuurlike proses van gisting nie stopsit nie.

V. Slotopmerkings

- A. Maak seker dat jou ervaring en teologie, jou interpretasie van die Bybel, nie vir Jesus en eerste eeuse kultuur geringskat nie. Hulle was duidelik nie afskaffers nie.
- B. Ek maak nie voorspraak vir die sosiale gebruik van alkohol nie. Nietemin, vele persone het die Bybel se standpunt uit verband geruk en baseer hul standpunt nou op gesag van 'n hoëgrond-geregtigheid soos in hulle kultuur en denominasie gangbaar.
- C. Vir my het Romeine 14 en 1 Korintiërs 8-10 insig en gedragspatrone gebied wat op liefde en respek gegrond is; nie op persoonlike vryheid of kritiese veroordeling nie. As die Bybel ons enigste bron van geloofskennis en lewenspraktyk is, sal ons dalk weer oor hierdie aangeleentheid moet dink.
- D. As ons geheelonthouding as God se wil verkondig, wat impliseer dit dan omtrent Jesus, en wat van moderne kulture wat gereelde gebruikers van wyn is (bv. Europa, Israel, Argentinië)?

NASB (UPDATED) TEXT: 26:30

After singing a hymn, they went out to the Mount of Olives.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:30.

26:30 OAV, NAV, CUM-MVB "die lofsang gesing"
CUM-NLV "die loflied gesing"
NASB "singing a hymn"

Die gesang was moontlik een of meer van die Hillel Psalms 113-118 of 146-150, tradisionele afsluitingsliedere by Paasfees. Dit kon ook die Groot Pryslied, Ps. 136, gewees het.

NASB (UPDATED) TEXT: 26:31-35

³¹Then Jesus said to them, "You will all fall away because of Me this night, for it is written, 'I WILL STRIKE DOWN THE SHEPHERD, AND THE SHEEP OF THE FLOCK SHALL BE SCATTERED.'" ³²But after I have been raised, I will go ahead of you to Galilee." ³³But Peter said to Him, "Even though all may fall away because of You, I will never fall away."
³⁴Jesus said to Him, "Truly I say to you that this very night, before a rooster crows, you will deny Me three times."
³⁵Peter said to Him, "Even if I have to die with You, I will not deny You." All the disciples said the same thing too.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:31-35.

26:31 OAV, CUMs "gaan julle almal aanstoot aan My neem"
NAV "My vannag nog in die steek laat"
NASB "You will all fall away"

Hieruit is dit duidelik dat Jesus se dissipels Hom in die uur van nood in die steek sou laat. Net Johannes het by Hom gebly en Petrus het op 'n afstand gevolg. Die ander het almal gevlug.

☐ **OAV "want daar is geskrywe"**
NAV, CUMs "Daar staan immers geskryf"
NASB "for it is written"

Dit is 'n aanhaling uit Sag. 13:7. Dit is interessant dat die eerste agt hoofstukke van Sagaria dikwels in Openbaring aangehaal word, terwyl die laaste ses dikwels in die evangelies aangehaal word. Dit is JHWH wat die Herder slaan (vgl. Jes. 53:6,10; Rom. 8:32). Dit was altyd God se verlossingsplan (vgl. Han. 2:23; 3:18; 4:28; 13:29). Sien *Vir Spesiale Aandag: Bob se evangeliese vooroordele* by 24:14.

☐ **"Skape"; "sheep":** Skaap het die diermetafoor vir Jesus se volgelinge geword.

1. Mat. 7:15 (vals skape)
2. Mat. 9:36; 26:3; Mark. 14:27 (verstrooide kudde)
3. Mat. 10:6; 15:24 (verlore skape van Israel)
4. Mat. 10:16; Luk. 10:3 (lammers onder wolwe)
5. Mat. 18:12; Luk. 15:6 ('n gelykenis)
6. Mat. 25:32-33 (skaap en bok oordeel)
7. Mark. 6:34 (skape sonder 'n herder)
8. Joh. 10:1-18 (Jesus as die Goeie Herder)
9. Joh. 21:16-17 (Petrus, voer my lammers en skape)

10. 1 Pet. 1:25 (Jes. 53:6, skape wat weg dwaal)

26:32 “Maar nadat Ek uit die dood opgewek is (opgestaan het)”; “after I have been raised”: Sien *Vir Speciale Aandag* by 27:63.

■ “sal Ek vooruit na Galilea toe gaan en daar vir julle wag”; “I will go ahead of you to Galilee”: Hierdie ontmoeting na die opstanding kom in verskeie gedeeltes voor (vgl. Mat. 26:32; 28:7; 10:16-20; 1 Kor. 15:6; Joh. 21). Op hierdie kritieke oomblik kon hierdie opmerking vir die dissipels ‘n bemoediging gewees het, maar hulle het dit blykbaar nie gesnap nie.

26:33 OAV, CUM-MVB “al sal ook almal aan U aanstoot neem”
NAV, CUM-NLV “Al laat almal U in die steek”
NASB “Even though all may fall away”

Petrus se oormoed is hier heeltemal duidelik. Dit kom taamlik ooreen met sy optrede in Mat. 16:22-23 waar hy die Here se bekendmaking van verwagte lyding afwys.

26:34 OAV “Voorwaar, Ek sê vir jou”
NAV, CUM-MVB “Dit verseker Ek jou”
CUM-NLV “Glo My, Petrus”
NASB “truly I say to you”

Letterlik staan daar ‘amen’, wat ‘standvastig’ of ‘ferm’ beteken. Gaandeweg het dit ‘ek stem saam’ geword of ‘ek beaam’. Jesus was uniek in sy gebruik hiervan wanneer Hy iets belangrik wou meedeel. Sien *Vir Speciale Aandag* by 5:1.

■ “voordat die haan gekraai het”; “a rooster crows”: Dit het tussen middernag en 3 vm. plaasgevind. Dit moes aan ‘n Romein behoort het, want Jode het nie hoenders in die heilige stad toegelaat nie. Daar is ‘n spekulatiewe opinie dat ‘n Romeinse trompet om 3 vm. die ruil van wagte aangedui het en die ‘kraai van die haan’ genoem is. Dit is egter onseker by gebrek aan bewyse.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom wou die godsdiensteleiers Jesus om die lewe bring?
2. Wat van die kronologiese verskille in die vier evangelies? Is Bybelgegewens foutief?
3. Kan Judas vir sy optrede verantwoordelik gehou word? Wat het hy gedoen en waarom?
4. Wat is die boodskap van die nagmaal van die Here?
5. Het Judas aan die nagmaal deelgeneem?
6. Hoekom is die voorspelling van die dissipels se afvalligheid opgeteken?

WOORD- EN FRASESTUDIE VAN MATTEUS 26:36-75

NASB (UPDATED) TEXT: 26:36-38

³⁶Then Jesus came with them to a place called Gethsemane, and said to His disciples, “Sit here while I go over there and pray.” ³⁷And He took with Him Peter and the two sons of Zebedee, and began to be grieved and distressed. ³⁸ Then He said to them, “My soul is deeply grieved, to the point of death; remain here and keep watch with Me.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:36-38.

26:36 OAV, NAV “Toe kom Jesus met hulle in ‘n plek met die naam Getsemane”
CUMs “Jesus kom toe saam met hulle by ‘n olyftuin met die naam Getsemane”
NASB “Then Jesus came with them to a place called Gethsemane”

Die Hebreeuse Getsemane beteken ‘oliepers’. Dit was waarskynlik ‘n privaat tuinarea net buite Jerusalem teen die Olyfberg. Tuine van dié aard was in die stad verbode omrede die bemesting wat die heilige stad seremonieel sou verontreinig. Dit wil voorkom of Jesus hierdie tuin dikwels besoek het. Dit is selfs moontlik dat Hy met sy dissipels tydens die Paasfeesweek hier gekamp het. Judas het hiervan eerstehandse kennis gedra.

26:37 “Hy neem toe vir Petrus en die twee seuns van Zebedeus saam met Hom”; “And He took with Him Peter and the two sons of Zebedee”: Van Mark. 14:33 en Joh. 4:21 weet ons dat die ander twee Jakobus en Johannes was. Hulle het die binnekring van leierskap gevorm (vgl. 17:1; Mark. 5:37). Hulle het Jesus by sommige besondere geleenthede

vergesel terwyl die anderdissipels afwesig was. Hiermee het waarskynlik spesiale opleiding gepaard gegaan, hoewel jaloesie ook nie uitgeby het nie. Hoekom Jesus 'n binnekring nodig gehad het, is nie duidelik nie. Die twaalf was onderverdeel in vier groepe van drie. Hierdie reëling is nooit verander nie. Dit is waarskynlik die geval dat die groepe op 'n roterende basis af en toe kon huis toe gaan om na gesinsbelange om te sien.

- | | |
|---|--|
| <p> ■ OAV
 NAV, CUM-MVB
 CUM-NLV
 NASB </p> | <p> “en begin bedroef en benoud word”
 “toe het Hy bedroef en beangs geword”
 “Daarop oorval ‘n groot ontsetting en benoudheid Hom”
 “began to be grieved and distressed” </p> |
|---|--|

In Grieks word hier sterk terme gebruik (vgl. Mark. 14:33). Ons bevind ons hier in die tuin op heilige grond terwyl ons die Seun van God mag sien in sy mees menslike en verwondbare oomblikke. Jesus het waarskynlik hierdie belewenis na die opstanding met sy dissipels gedeel. Moontlik was die doel van hierdie vertelling uit Getsemane om gelowiges in versoeking te versterk en ook terwille van diegene wat die hoë prys van angs in die kruisgebeure beter wou verstaan.

- | | |
|---|--|
| <p> 26:38 OAV, CUM-MVB
 NAV
 CUM-NLV
 NASB </p> | <p> “My siel (Ek) is diep bedroef (selfs) tot die dood toe”
 “Ek voel doodsbenoud”
 “Ek is benoud tot sterwens toe”
 “My soul is deeply grieved, to the point of death” </p> |
|---|--|

Dit was 'n OT idiomatiese uitdrukking (vgl. Ps. 42:5; Jona 6:9) waarmee die ongelooflike intensiteit van plaasvervangende dood vir 'n sondevervalle mensdom beskryf word. Meer van die worsteling blyk uit die ooreenstemmende deel in Luk. 22:43-44 waar vermeld word dat 'n engel ondersteuning kom bied en Hy groot druppels bloed gesweet het. Hier in die tuin is oorwinning oor die bose behaal. Die slinksheid van Satan se versoeking (vgl. Mat. 4) en Petrus se bedenkbare hulp (vgl. Mat. 16:22) om hierdie smart te vermy, kom in hierdie gedeelte aan die lig.

NASB (UPDATED) TEXT: 26:39-41

³⁹And he went a little beyond them, and fell on His face and prayed, saying, “My Father, if it is possible, let this cup pass from Me; yet not as I will, but as You will.” ⁴⁰And He came to the disciples and found them sleeping, and said to Peter, “So, you men could not keep watch with Me for one hour? ⁴¹Keep watching and praying that you may not enter into temptation; the spirit is willing, but the flesh is weak.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:39-41.

- | | |
|---|--|
| <p> 26:39 OAV
 NAV, CUM-MVB

 CUM-NLV

 NASB </p> | <p> “En Hy het ‘n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid”
 “Hy het ‘n entjie verder gegaan en daar gekniel met sy gesig teen die grond (op die grond neergeval) en gebid”
 “Hy het toe ‘n entjie verder neergeval met sy gesig plat teen die grond en gebid”
 “And He went a little beyond them, and fell on his face and prayed” </p> |
|---|--|

Roerend is eietydse prente met Jesus wat kniel by 'n rots in die tuin van Getsemane, maar dis nie korrek nie. Die Griekse teks bevestig dat Hy plat op die grond gelê het weens angs en spanning tot so 'n mate dat fisiese dood 'n moontlikheid was. Daar is al gevra wat dan Jesus so verskriklik angsbevinge gemaak het. Sommige se mening was dat dit vrees vir fisiese dood kon wees, of selfs dat sy dissipels onopgewasse kon wees om die kerk te lei. Jesus, wat uit die ewige intieme bestaan met die Vader kom, het op die rand van die ergste denkbare ervaring van menslike bestaan te staan gekom – die ergste graad van verlorenheid, die volkome afwesigheid van God in menslike bestaan. Om die sondeskuld van alle mense van alle tye te dra, was die oorsaak van die Seun se doodsangs. Die smartlike toestand van Jesus van Nasaret, eniggebore Seun van God, bevestig hoe skrikwekkend en vernietigend 'n bestaan sonder God moet wees.

- | | |
|--|---|
| <p> ■ OAV, NAV, CUM-MVB

 CUM-NLV
 NASB </p> | <p> “My, Vader, as dit moontlik is, laat hierdie (lydens)beker by My verbygaan (weggaan)”
 “O, my Vader! As dit moontlik is, neem tog hierdie lydensbekeer van my weg”
 “My Father, if it is possible, let this cup pass from Me” </p> |
|--|---|

Daar is verskeie uiters belangrike aspekte wat in die frase in ag geneem moet word. Vanuit Markus se parallel weet ons dat hy die Aramese term *abba* gebruik het. Dit is soos die familiaal-intieme ‘Pappa’ te verstaan. Binne enkele ure sou dit verander na “My God, My God, waarom het U My verlaat?” (vgl. 27:46).

Die frase “as dit moontlik is” (KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN) lui in die Markus weergawe ietwat anders (vgl. Mark. 14:36): “Alles is vir U moontlik.” Die geringe verskil tussen die evangelies en selfs tussen verse 39 en 42 (Matteus), doen nie afbreek aan die feit dat Jesus dieselfde gebed driemaal doen nie (vers 44).

Met die beeldspraak “beker” word op OT wyse 'n persoon se eindbestemming bedoel, gewoonlik in die sin van oordeel (vgl. Ps. 75:8; Jes. 51:17,22; Jer. 25:15,16,27,28). Die ‘beker’ van oordeel wat God vir die mensdom bestem het, is deur die sondelose Seun van God tot die bodem toe geledig (vgl. 2 Kor. 5:21; Gal. 3:13).

- | | |
|--|--|
| <p> ■ OAV
 NAV, CUMs
 NASB </p> | <p> “noggans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil”
 “Doen nogtans nie soos Ek wil nie, maar U wil”
 “yet not as I will, but as You will” </p> |
|--|--|

In die Griekse sinstruktuur is die “Ek” en “U” klemdraend. Daarom is vers 42 se KLAS EEN en KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SINNE duidelik omtrent die doel van die Seun in sy gebed. Hoewel sy menslike natuur om uitredding roep, het Hy sy hart daarop geplaas om die wil van die Vader met plaasvervangende versoening te volbring.

26:40 “en Hy kom by die dissipels en vind (kry) hulle aan die slaap”; “and He came to the disciples and found them sleeping”: Ons moenie te vinnig oordeel nie. Laat ons daarop let dat Luk. 22:45 die situasie soos volg beskryf: “Kry Hy hulle aan die slaap, uitgeput van droefheid”, wat aandui dat hulle nie daartoe opgewasse was om die leed van Jesus se profesie omtrent sy dood en hulle gevolglike verstrooiing te verwerk nie. Alhoewel Jesus op hierdie kritieke stadium van sy lewe na ondersteuning verlang het, moes Hy dit noodwendig alleen hanteer. Dit wat Hy in die gesig moes staar tot heil van alle gelowiges!

**26:41 CUM-MVB, OAV, NAV “Bly wakker (Waak) en bid sodat julle nie in versoeking kom nie”
CUM-NLV “Wees waaksaam en bid, anders sal die versoeking vir julle te sterk word”
NASB “keep watching and praying that you may not enter into temptation”**

Beide WERKWOORDE is PRAESENS IMPERATIEF. Waaksaamheid te alle tye is nodig! Versoeking is ‘n immer aanwesige werklikheid (vgl. Mat. 4:11; Luk. 4:13; Rom. 7).

Daar was verskeie teorieë oor wat met versoeking in hierdie konteks bedoel word:

1. dat die dissipels slaap in plaas van bid;
2. dat die dissipels Jesus in die steek sou laat (vgl. vers 56);
3. dat Petrus Hom sou verloën; of
4. dat owerheidsverhore vir gelowiges wag (vgl. Mat. 5:10-12; Joh. 9:22; 16:2);

Die term ‘versoeking’, *peirasmos*, het die onderliggende betekenis dat iemand getoets kan word met die oog op sy ondergang. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 4:1. (vgl. Mat. 6:13; Luk. 11:4; Jak. 1:13). *Peirasmos* word met ‘n ander Griekse term, *dokimazo*, gekontrasteer, wat toetsing met die oog op versterking beteken, hoewel hierdie betekenis nie in alle kontekste van toepassing is nie. Uit teologiese perspektief kan die argument gemaak word dat God nie mense toets of aan versoeking blootstel om hulle ondergang te bewerkstellig nie, maar eerder om geleentheid te voorsien vir geestelike groei deur beproewing (vgl. Gen. 22:1; Eks. 16:4; 20:20; Deut. 8:2,16; Mat. 4; Heb. 5:8). Maak daarop staat dat Hy ook altyd ‘n helpende hand uitreik (vgl. 1 Kor. 10:13)!

■ **OAV, NAV, CUM-MVB “die gees is wel gewillig, maar die vlees (liggaam) is swak”
CUM-NLV “n mens se gees is wel gewillig, maar jou liggaam hou nie altyd by nie”
NASB “the spirit is willing, but the flesh is weak”**

Hierdie was ‘n persoonlike belydenis van Jesus wat ons menslikheid en swakhede volledig ken (vgl. Heb. 4:15). En so goed bekend met ons, het Hy in sy groot liefde vir ons gesterf (vgl. Rom. 5:8) en tree hy ook nou vir ons in (vgl. Rom. 8:34; Heb. 7:25; 9:24; 1 Joh 2:1). Halleluja!

NASB (UPDATED) TEXT: 26:42-46

⁴²He went away a second time and prayed, saying, “My Father, if this cannot pass away unless I drink it, Your will be done.” ⁴³Again He came and found them sleeping, for their eyes were heavy. ⁴⁴And he left them again and went away and prayed a third time, saying the same thing once more. ⁴⁵Then He came to the disciples and said to them, “Are you still sleeping and resting? Behold the hour is at hand and the Son of Man is being betrayed in the hands of sinners. ⁴⁶Get up, let us be going; behold, the one who is betraying Me is at hand!”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:42-46.

**26:42 CUM-MVB, NAV, OAV “as dit (hierdie lydens(beker)) nie by my kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie”
CUM-NLV “As hierdie beker nie van My kan weggaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil dan uitgevoer word”
NASB “if this cannot pass away unless I drink it”**

Hier is ‘n kombinasie van ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN en ‘n KLAS DRIE VOORWAARDELIKE SIN. Die implikasie daarvan is dat Jesus geweet het sy pad na die kruis is God se wil, maar Hy het ook geweet dat Hy sy kommer aan die Vader kon uitdruk. Dit is goed om te weet dat God ons nie verstoot oor ons vrese en verwardheid nie, maar dat Hy in liefde en trou soos met Jesus in ons sal werk. Ons kan ons nie eens van God se wil af wegbid nie.

**26:44 OAV, NAV, CUM-MVB “en weer vir die derde maal (keer) gaan bid en dieselfde woorde gesê”
CUM-NLV “en weer weggegaan en dieselfde gebed vir die derde keer gebid”
NASB “praying a third time, saying the same thing once more”**

Jesus het drie maal gaan bid. Netso het Paulus drie keer gebid oor sy doring in die vlees (vgl. 2 Kor. 12:8). ‘n Drievoudige herhaling dra iets van ‘n Hebreeuse idioom wat op ernstige pleit sinspeel (vgl. Jes. 6:3; Jer. 7:4). Ons kan enige tyd, so dikwels as wat ons wil, na God gaan met ons kwellinge.

26:45 OAV “Slaap maar voort en rus”

NAV, CUM-MVB	“Slaap en rus julle nog?”
CUM-NLV	“Slaap julle nog steeds?”
NASB, NKJV, TEV	“Are you still sleeping and resting?”
NRSV	“Are you still sleeping and taking your rest?”
NJB	“You can sleep on now and have your rest”

Dit is moeilik om hierdie Griekse idioom te verstaan. Is dit ‘n vraag? Is dit ironie? Is dit ‘n stelling? Is dit ‘n bevel? Alhoewel die betekenis onseker is, blyk daaruit dat Jesus oorwin het en dat Hy gereed was om die nagtelike verhoor, die gëselhoue van die oggend en die kruisiging tegemoet te gaan.

■ OAV, NAV, CUM-MVB	“word oorgelewer (uitgelewer) in die hande van sondaars”
CUM-NLV	“word nou oorgegee in die hande van slegte mense”
NASB	“is being betrayed into the hands of sinners”

Dit is die vervulling van die profesie van 16:21.

NASB (UPDATED) TEXT: 26:47-50

⁴⁷While he was still speaking, behold, Judas, one of the twelve, came up accompanied by a large crowd with swords and clubs, *who came* from the chief priests and elders of the people. ⁴⁸Now he who was betraying Him gave them a sign, saying “Whomever I kiss, He is the one; seize Him.” ⁴⁹Immediately Judas went to Jesus and said, “Hail, Rabbi!” and kissed Him. ⁵⁰And Jesus said to Him, “Friend, do what you have come for.” Then they came and laid hands on Jesus and seized Him.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:47-50.

26:47 CUM-MVB, NAV	“Judas een van die twaalf. . .saam met hom was ‘n groot (klomp mense) skare met swaarde en stokke”
CUM-NLV, OAV	“Judas een van die twaalf dissipels. . .en saam met hom ‘n groot klomp mense (menigte) gewapen met swaarde en knuppels (stokke)”
NASB	“Judas, one of the twelve, came up accompanied by a large crowd with swords and clubs”

Baie gesprekke is gevoer oor wat Judas gemotiveer het. Dit bly in onsekerheid gehul. Sy soen vir Jesus in vers 49 was of (1) ‘n teken vir die soldate dat dit die man is wat gearresteer moet word, of (2) leun steun aan die moderne teorie dat hy probeer het om Jesus te dwing om op te tree (vgl. 27:4). Ander evangelies bestempel hom as ‘n dief en ‘n ongelowige van die begin af (vgl. Joh. 12:6).

Uit Lukas 22:52 weet ons hoe die skare saamgestel was. Daar was Romeinse soldate aanwesig, want slegs hulle is wetlik gemagtig om swaarde te dra. Die tempelpolisie was teenwoordig soos blyk uit die knuppels wat hulle gemagtig was om te dra. Verteenwoordigers van die Sanhedrin was ook by die arrestasie teenwoordig (vgl. verse 47,51).

26:48 “soen/soengroet”; “kiss”: Die soengroet was ‘n gebaar van onderlinge respek onder die rabbyne. In vers 49 noem Judas vir Jesus “my leermeester (rabbi)”.

26:50 OAV	“Vriend, waarvoor is jy hier?”
NAV	“Vriend, doen wat jy gekom het om te doen”
CUM-MVB	“Vriend, dis waarvoor jy hier is!”
CUM-NLV	“Vriend, gaan voort met waarvoor jy gekom het”
NASB	“Friend, do what you have come for”
NKJV	“Friend, why have you come”
NRSV	“Friend, do what you are here to”
TEV	“Be quick about it, friend”
NJB	“My friend, do what you are here for”

Daar is meningsverskil oor die presiese betekenis van die Griekse idioom:

1. ‘n vraag – NKJV;⁵⁴
2. ‘n verwyf – TEV;⁵⁵
3. ‘n idioom vir ‘doen waarvoor jy gekom het’ – NASB, NRSV, NJB.⁵⁶

Die *American Standard Version* en die Williams-vertaling meen dit is ironies bedoel deurdat dit doelbewus sagkens gestel word. Die *King James* en die *Revised Standard Version* sien dit egter as ‘n vraag, ook met bedekte ironie gestel. Die term “vriend” was moontlik veronderstel om Judas te herinner aan gesprekke in die bovertrek (vgl. 26:23) of is aangewend as ‘n sarkastiese idioom (vgl. 20:13; 22:12).

⁵⁴ En OAV – vert.

⁵⁵ En CUM-MVB – vert.

⁵⁶ Sowel as NAV en CUM-NLV – vert.

NASB (UPDATED) TEXT: 26:51-54

⁵¹And behold, one of those who were with Jesus reached and drew out his sword, and struck the slave of the high priest and cut of his ear. ⁵²Then Jesus said to him, "Put your sword back into its place; for all those who take up the sword shall perish by the sword. ⁵³Or do you think that I cannot appeal to My Father, and He will at once put at My disposal more than twelve legions of angels? ⁵⁴How then will the Scriptures be fulfilled, *which say that it must happen this way?*"

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:51-54.

26:51 In die parallele gedeeltes in Joh. 18:10 en Luk. 22:36-38 weet ons dat dit Petrus met die swaard was en dat die slaaf se naam Malgus was. Die dissipels is voorheen aangeraai om swaarde te koop (vgl. Luk. 22:36-38), maar hulle het Jesus se bedoeling bepaald misverstaan. Tot Petrus se krediet moet gestel word dat hy dan tog bereid sou gewees het om vir sy Here te sterf. In die aangesig van weinig kans het hy een van sy twee swaarde uitgepluk. Maar, weereens, die ongeleë tydstop en impulsiewe optrede was kenmerkend van sy persoonlikheid.

26:52 CUM-NLV, OAV "almal wat die swaard (op)neem, sal deur die swaard vergaan (vernietig word)"
 CUM-MVB, NAV "want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom"
 NASB "all those who take up the sword, shall perish by the sword."

Dit was 'n kulturele spreekwyse (vgl. Openb. 13:10). Dit was nie bedoel om van toepassing te wees in elke individuele geval nie, maar is bloot 'n waarheid wat vanselfsprekend is. Dit herinner aan die Bybelse Spreukeboek; in hierdie geval te meer van toepassing omdat Jesus soos 'n krimineel aangekeer word en sy dissipels as boosdoeners en rowers aangesien word weens die swaarde wat hulle dra. Sien *Vir Spesiale Aandag: Apollumi* by 2:13.

26:53 Jesus was bewus van wie Hy was (vgl. Joh. 13:1). Hy was bekend met die bronne van sy Vader waarop hy kon terugval, maar sy ingesteldheid nou, was die dood wat hy moes sterf (vgl. Joh. 10:17-18)!

■ OAV "meer as twaalf legioene van engele"
 NAV, CUM-MVB "meer as twaalf legioene engele (hemelse boodskappers)"
 CUM-NLV "n ganse leermag engele"
 NASB "more than twelve legions of angels"

'n Romeinse legioen het oor 6 000 man beskik, maar die term dien ook as idioom vir etlike duisende. Sien *Vir Spesiale Aandag: die getal twaalf* by 14:20.

26:54,56 OAV, NAV, CUM-MVB "Hoe sou die Skrif(te) dan moet vervul word"
 CUM-NLV "hoe sou die Skrifwoord dan vervul word"
 NASB "How then will the Scripture be fulfilled"

As hierdie frase van vers 54 met vers 56 ooreenstem, dan is hierdie 'n algemene stelling wat aandui dat alles volgens 'n voorafbepaalde plan gebeur het (vgl. Luk. 22:22; Han. 2:23; 3:18; 4:28). Ons weet dit omdat Johannes tydens die verhore en kruisiging Jesus vergesél het en Petrus op 'n afstand gevolg het (vgl. vers 58). Gevolglik dien hierdie vers as 'n algemene heenwysing op Jes. 53:6. Jesus het geweet dat die verloop van gebeure presies was soos die Vader dit bedoel het.

Dié frase kan ook sinspeel op die talle kere wat Jesus vooraf die dissipels op sy verwagte lyding en verwerping van die Messias gewys het (vgl. Gen. 3:15; Ps. 22; Jes. 53; Sag. 9 en 12).

NASB (UPDATED) TEXT: 26:55-56

⁵⁵At that time Jesus said to the crowds, "Have you come out with swords and clubs to arrest Me as *you would* against a robber? Every day I used to sit in the temple teaching and you did not seize Me. ⁵⁶But all this has taken place to fulfil the Scriptures of the prophets." Then all the disciples left Him and fled.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:55-56.

26:55 Jesus bring die geknoei van die godsdiensteleiers duidelik aan die lig (vgl. Mat. 12:14; Joh. 11:53). Hulle het 'n geleentheid vir arrestasie gesoek weg van die skare pelgrims en sy volgelinge (vgl. 26:4; Luk. 22:2).

■ OAV, NAV "rower"
 CUM-MVB "boef"
 CUM-NLV "n gevaarlike krimineel"
 NASB, NKJV "robber"
 JB "brigand"

Die term in Grieks beteken 'n 'wettelose gewelddoener' (vgl. Luk. 10:30). Later het Josefus die term gebruik vir 'n oproermaker soos Barabbas (vgl. 27:16-17).

NASB (UPDATED) TEXT: 26:57-58

⁵⁷Those who had seized Jesus led Him away to Caiaphas, the high priest, where the scribes and elders were gathered together. ⁵⁸But Peter was following Him at a distance as far as the courtyard of the high priest, and entered in, sat down with the officers to see the outcome.

26:57	OAV	“die wat Jesus gevange geneem het, het Hom weggelei na Kájafas, die hoëpriester”
	NAV, CUM-MVB	“die mense wat vir Jesus gevange geneem het, het hom weggelei na Kajafas, die hoëpriester”
	CUM-NLV	“Die groep wat Jesus gearresteer het, het Hom toe na die woning van Kajafas die hoëpriester gebring”
	NASB	“Those who had seized Jesus led Him away to Caiaphas, the high priest”

Uit die parallelle gedeelte in Joh. 18:12 weet ons dat Hy eers na die huis van Annas geneem is, wat die eintlike ampdraer was. Blykbaar het Annas en Kajafas in dieselfde huis gebly. Toonaangewende lede van die Sanhedrin was alreeds daar bymekaar. Die frase “skrifgeleerdes en ouderlinge” dui gewoonlik aan dat die Sanhedrin ter sprake is.

VIR SPESIALE AANDAG: ONREËLMATIGHEDE VAN DIE SANHEDRIN SE NAGTELIKE VERHOOR

- Geen verhoor met ‘n moontlike doodstraf uitkoms mag snags gehou word nie
- ‘n Doodsvonnis mag nie voltrek word op dieselfde dag as die verhoor nie
- Geen verhoor mag op ‘n feesdag of op die vooraand van ‘n fees gehou word nie
- Die betrokke oggend was gereserveer vir verklarings oor getrouheid aan die wet (*phylacteries* – Deut. 6:8; 11:18)
- Dit was ook die môre waarop gawes na die tempel gebring moes word (vgl. Eks. 23:15).

NASB (UPDATED) TEXT: 26:59-64

⁵⁹Now the chief priests and the whole Council kept trying to obtain false testimony against Jesus, so that they might put Him to death. ⁶⁰They did not find any, even though many false witnesses came forward. But later on two came forward, ⁶¹and said, “This man stated, ‘I am able to destroy the temple of God and to rebuild it in three days.’” ⁶²The high priest stood up and said to Him, “Do You not answer? What is it that these men are testifying against You?” ⁶³But Jesus kept silent. And the high priest said to Him, “I adjure You by the living God, that You tell us whether You are the Christ, the Son of God.” ⁶⁴Jesus said to him, “You have said it *yourself*; nevertheless I tell you, hereafter you will see THE SON OF MAN SITTING AT THE RIGHT HAND OF POWER, and COMING ON THE CLOUDS OF HEAVEN.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:59-64.

26:59 “het vals getuienis teen Jesus probeer verkry (gesoek)”; “kept trying to obtain false testimony against Jesus”: By implikasie het dit beteken dat hulle twee getuies nodig gehad het om op ‘n bepaalde klag saam te stem en, volgens OT wetsvoorskrifte, iemand te kan veroordeel (vgl. Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15). Die Sanhedrin kon teen Jesus geen twee steekhoudende getuienisse vind nie (verse 60-61). Uiteindelik het hulle egter twee getuies gevind wat ooreenstem in verband met Jesus se stelling oor die afbreek van die tempel (vgl. Joh. 2:19).

Daar was talle wetlike onreëlmatighede in die verhoor van daardie nag. Sien *Vir Spesiale Aandag* by 26:57. Die Joodse leiers het die onwettigheid daarvan goedgepraat met die idee dat dit beter sou wees om hierdie een man op te offer om sodoende aan Romeinse vergeldingstappe teenoor die hele volk te ontkom.

26:61 Hierdie is ‘n verwysing na ‘n stelling wat Jesus gemaak het soos in Joh. 2:19 vermeld. Hy het die stelling dikwels gemaak. Dit het aan die een kant oor die verwoesting van die tempel deur Titus in 70 n.C. gegaan en aan die ander oor sy nuwe opstandingsliggaam (vgl. 16:21; 17:23; 20:19) wat die fokus van aanbidding vir JHWH se volk sou word. Die offerstelsel van die tempel is deur die eens-en-vir-altyd opoffering van Christus vervang (vgl. Hebreërs). Hy was nou die veranderde, die sentrale fokus, van toegang tot God en van die erediens. Jesus vergestalt die “nuwe tempel” (Joh. 2:19-21) en sy volgelinge saam met Hom (vgl. 1 Kor. 3:16-17; 2 Kor. 6:19).

26:63	OAV	“Maar Jesus het stilgebly”
	NAV	“Maar Jesus het niks gesê nie”
	CUMs	“Maar Jesus het bly swyg”
	NASB	“But Jesus kept silent”

Dit was ook die geval in sy latere verhoor soos opgeteken in Mat. 27:12,14. So word die profesie van Jes. 53:7 toe vervul.

■	OAV	“Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is”
	NAV, CUM-MVB	“Ek stel jou onder eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus (Gesalfde), die seun van God?”
	CUM-NLV	“Ek eis nou van jou in die naam van die lewende God dat jy vir ons moet sê of jy die Messias, die Seun van God is.”
	NASB	“And the high priest said to Him, ‘I adjure You by the living God, that You tell

us whether You are the Christ, the Son of God.”

Eedswering wat iemand by 'n klag betrek is onwettig, maar uiters effektief in hierdie geval, want Jesus sou nie swyg onder eed in die naam van JHWH nie. Die naam JHWH, afgelei van die Hebreeuse WERKWOORD 'om te wees' (vgl. Eks. 3:14), beteken dat Hy die ewig-lewende, die alleen-ware God is (vgl. 16:16). Dit was die verbondsnaam vir die God van Israel.

Hierdie leiers het agtergekom dat Jesus deur sy woorde en optrede daarop aanspraak gemaak het dat Hy die beloofde Messias was. Let daarop hoe die woorde 'Messias' en 'Seun van God' gelykgestel word. Hulle het Hom as een van baie vals messiasse bejeën omdat Hy die gesag van die mondelinge tradisies nie erken het nie.

26:64	OAV	“U het dit gesê”
	NAV, CUM-MVB	“Dit is soos u sê”
	CUM-NLV	“Ja, dit is soos u sê”
	NASB	“You have said it yourself”
	NKJV	“It is as you said”
	NRSV	“You have said so”
	TEV	“So you say”
	JB	“The words are your own”
	NJB	“It is you who say it”

Hierdie selfde bevestigende idiom staan ook in Mat. 26:25. Dit is effens dubbelsinnig. Dit is asof Jesus wou sê: 'Ja Ek is die Messias, maar nie die een wat julle in gedagte het nie,' (vgl. Mark. 14:62).

■	OAV, NAV	“Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag <i>van God</i> (van Hom wat magtig is) en kom op die wolke van die hemel”
	CUMs	“Ek verseker julle: Julle sal My, die Seun van die Mens (die Seun wat mens geword het) sien sit aan die regterhand van God, die Magtige en hoe Ek terugkom op die wolke van die hemel”
	NASB	“I tell you, hereafter you will see THE SON OF MAN SITTING AT THE RIGHT HAND OF POWER, and COMING ON THE CLOUDS OF HEAVEN”

Hierdie Hebreeuse idiomatiese uitdrukkings het sy selfinsig bevestig. Die uitdrukking van 'n plek aan die regterhand van Krag (d.w.s. JHWH) was 'n heenwysing op Ps. 110:1. Om op die wolke van die hemel te kom, was 'n heenwysing op Dan. 7:13 (vgl. Mark. 13:26; Mat. 24:30 en Openb. 1:7). Met hierdie OT aanhalings het Jesus onomwonde sy volle en goddelike Messiasskap bevestig. Hy het geweet dat hy hiervoor van godslastering (gelykstelling van Homself met God!) aangekla sou word en met sy lewe sou boet.

NASB (UPDATED) TEXT: 26:65-66

⁶⁵Then the high priest tore his robes and said, ‘He has blasphemed! What further need do we have of witnesses? Behold, you have now heard the blasphemy; ⁶⁶what do you think?’ They answered, ‘He deserves death!’

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:65-66.

26:65	OAV	“Toe verskeur die hoëpriester sy klere”
	CUM-MVB, NAV	“Toe skeur die hoëpriester (uit verontwaardiging) sy klere”
	CUM-NLV	“Toe skeur die hoofpriester sy klere om te wys hoe geskok hy is”
	NASB	“Then the high priest tore his robes”

Dit was 'n teken van diep skok oor die godslastering (vgl. Han. 14:14). Die doodstraf was kragtens Lev. 24:15 op godslastering van toepassing. Jesus het verdien om te sterf op grond van Deut. 13:1-3 en 18:22 as Hy nie die Een was wat sou kom nie; nie die Messias, die Seun van God, die Redder van die wêreld nie! Hier is nie 'n onseker, grys area nie. Of Hy is waarop Hy aanspraak gemaak het, of Hy is 'n godslasteraar wat die dood verdien het (vgl. Josh McDowel se *Evidence that Demands a Verdict*).

NASB (UPDATED) TEXT: 26:67-68

⁶⁷Then they spat in His face and beat Him with their fists; and others slapped Him, ⁶⁸and said, “Prophecy to us, You Christ; who is the one who hit you?”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:67-68.

26:67-68 Dit is onseker of die lede van die Sanhedrin en hulle personeel vir hierdie dade verantwoordelik was. Mark. 14:65 meld dat hulle Hom geblinddoek het, Hom geslaan het, en verwag het Hy moet sê wie dit gedoen het. Dit kan vervulling van Jes. 53:3 wees.

NASB (UPDATED) TEXT: 26:69-75

⁶⁹Now Peter was sitting outside in the courtyard, and a servant-girl came to him and said, “You too were with Jesus the Galilean.” ⁷⁰But he denied it before them all, saying, “I do not know what you are talking about.” ⁷¹When he had gone out to the gateway, another *servant-girl* saw him and said to those who were there, “This man was with

Jesus of Nazareth.”⁷² And again he denied it with an oath, “I do not know the man.”⁷³ A little later the bystanders came up and said to Peter, “Surely you too are one of them; for even the way you talk gives you away.”⁷⁴ Then he began to curse and swear, “I do not know the man!” And immediately a rooster crowed.⁷⁵ And Peter remembered the words which Jesus had said, “Before a rooster crowed, you will deny Me three times.” And he went out and wept bitterly.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 26:69-75.

26:69-73 Die presiese volgorde van hierdie drie aantuigings verskil van evangelie tot evangelie. Dat Petrus Jesus drie keer met toenemende klem verloën het, is algemeen aan al die weergawes. Die feit dat die weergawes verskil, is aan ogetuie-getuie te wyte en nie historiese onjuis.

26:71 OAV “Jesus die Nasarener”
NAV, CUMs “Jesus van Nasaret”
NASB “Jesus of Nazareth”

Sien *Vir Spesiale Aandag* by 2:23.

26:72 OAV, NAV, CUM-MVB “Ek ken die man (mens) nie”
CUM-NLV “Ek ken hierdie man glad nie”
NASB “I do not know the man”

Hierdie Griekse idioom toon bedekte minagting.

26:73 OAV “want ook jou spraak maak jou bekend”
NAV “’n mens kan dit aan jou spraak hoor”
CUM-MVB “jou aksent gee jou mos weg”
CUM-NLV “jou aksent verklap jou”
NASB “for even the way you talk gives you away”

Almal wat van Galilea af kom was herkenbaar aan hulle aksent, soos blyk uit die uitspraak van die keelklanke in Aramees.

26:74 OAV “Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken die man nie”
NAV, CUM-MVB “Toe begin hy vloek en sweer: Ek ken die man (mens) nie”
CUM-NLV “Daarop het Petrus begin vloek en gesweer: Die Here weet, ek ken hierdie man hoegenaamd nie”
NASB “then he began to curse and swear, ‘I do not know the man’”

Ook hierdie is ‘n uitdrukking van bedekte minagting en tragies gebruik hy God se naam om sy leuen te bekragtig. As iemand verdoeming verdien het, was dit Petrus. Hy wat in die aangesig van soveel liefde, vergifnis, profesieë en wonderwerke drie maal heftig met eedsweringe die Een wat hy na bewering liefgehad het, verloën het. As Petrus gered kan word, kan enigeen gered word. Die verskil tussen Judas en Petrus is slegs dat Judas nie in geloof na die Here terugkeer het nie.

■ OAV “en dadelik het die haan gekraai”
NAV “En op daardie oomblik het ‘n haan gekraai”
CUM-MVB “En onmiddellik het ‘n haan gekraai”
CUM-NLV “onmiddellik het die haan begin kraai”
NASB “And immediately a rooster crowed”

Dit moes ‘n Romein se haan gewees het, want Jode was nie toegelaat om hoenders in Jerusalem aan te hou nie, omrede hulle sou veroorsaak dat die grond veronheilig word (sien die aantekening by 26:34).

Uit Luk. 22:61 weet ons dat Jesus na Petrus gekyk het. Daaruit lei ons af dat Annas en Kajafas in dieselfde huis gewoon het. Jesus kon dus die binnehof sien. Anders is Hy eenvoudig van een deel van die woning na die ander geneem.

26:75 OAV, NAV “En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween (gehuil)”
CUMs “Daarop het hy buitentoe gegaan en hartstogtelik gehuil (begin huil)”
NASB “And he went out and wept bitterly”

In sy verloëning het Petrus profesie bewaarheid, maar hy het ook hoop gebring aan alle gelowiges wat met hulle mond en lewe en prioriteite Jesus verloën het. Daar is hoop vir elkeen wat na Hom terugkeer in geloof (vgl. Joh. 21).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriflik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom het Jesus na 'n plek toe gegaan wat aan Judas bekend was?
2. Wat het Jesus in die tuin so swaarmoedig gemaak dat Hy gevoel het hy kan sterf?
3. Wat verlang Jesus van God in hierdie driemaal herhaalde bede?
4. Hoekom het Judas so 'n skare gebring om Jesus te arresteer?
5. Hoe gebeur dit dat Jesus Homself veroordeel het volgens vers 64?
6. Waarom is daar in die evangelies verskille in die volgorde van Petrus se verloënings?

MATTEUS 27

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Jesus Brought Before Pilate 27:1-2	Jesus Handed Over to Pilate 27:1-2	Jesus Before Pilate 27:1-2	Jesus Taken to Pilate 27:1-2	Jesus is Taken Before Pilate 27:1-2	Jesus word aan Pilatus uitgelewer 27:1-2
The Death of Judas 27:3-10	Judas Hangs Himself 27:3-10	27:3-10	The Death of Judas 27:3-4a 27:4b 27:5 27:6-8 27:9-10	The Death of Judas 27:3-10	Die dood van Judas 27:3-10
Jesus is Questioned by Pilate 27:11-14	Jesus Faces Pilate 27:11-14	27:11-14	Pilate Questions Jesus 27:11a 27:11b 27:13 27:14	Jesus Before Pilate 27:11-14	Jesus voor Pilatus 27:11-14
Jesus Sentenced to Die 27:15-26	Taking the Place of Barabbas 27:15-26	27:15-23 27:24-26	Jesus Sentenced to Death 27:15-18 27:19 27:20-21a 27:21b 27:22a 27:22b 27:23a 27:23b 27:24 27:25 27:26	27:15-18 27:19 27:20-26	Pilatus lewer Jesus oor om gekruisig te word 27:15-26
The Soldiers Mock Jesus 27:27-31	The Soldiers Mock Jesus 27:27-31	The Crucifixion 27:27-31	The Soldiers Make Fun of Jesus 27:27-31	Jesus is Crowned with Thorns 27:27-31	Die soldate bespot Jesus 27:27-31
The Crucifixion of Jesus 27:32-44	The King on a Cross 27:32-44	27:32-37 27:38-44	Jesus Nailed to the Cross 27:32-34 27:35-38	The Crucifixion 27:32-36 27:37-38 The Cricified Christ is Mocked 27:39-44	Jesus word gekruisig 27:32-44
The Death of Jesus	Jesus Dies on the	The Death of Jesus	The Death of Jesus	The Death of Jesus	Jesus sterwe

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

	Cross				
27:45-56	27:45-56	27:45-54	27:45-46	27:45-50	27:45-56
			27:47-48		
			27:49		
			27:50		
			27:51-53	27:51-54	
			27:54		
		27:55-56	27:55-56	27:55-56	
The Burial of Jesus	Jesus Buried in Joseph's Tomb		The Burial of Jesus	The Burial	Jesus word begrawe
27:57-61	27:57-61	27:57-61	27:57-61	27:57-61	27:57-61
The Guard at the Tomb	Pilate Sets the Guard		The Guard at the Grave	The Guard at the Tomb	Die graf word bewaak
27:62-66	27:62-66	27:62-66	27:62-64	27:62-66	27:62-66
			27:65		
			27:66		

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

37. Eerste paragraaf

38. Tweede paragraaf

39. Derde paragraaf

40. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 27:1-2

¹Now when morning came, all the chief priests and the elders of the people conferred together against Jesus to put Him to death; ²and they bound him, and led Him away and delivered Him to Pilate the governor.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:1-2.

27:1 OAV "En toe dit dag word"
 NAV, CUM-MVB "Die môre vroeg"
 CUM-NLV "Baie vroeg daardie oggend"
 NASB "Now when morning came"

Die Romeine het vroeg soggens hofsittings gehou, waarskynlik as gevolg van die hitte. Die meerderheid pelgrims en inwoners van Jerusalem het nog geslaap. Dit kon ongeveer 6 vm. gewees het.

☐ OAV "die owerpriesters"
 NAV, CUM-MVB "al die priesterhoofde"
 CUM-NLV "het al die leierpriesters"
 NASB "all the chief priests"

Die MEERVOUD dui op die Annas-familie wat die priesterschap van die Romeine gekoop het vir 'n groot bedrag geld. Hy is opgevolg deur verskeie van sy seuns en skoonseuns.

☐ OAV "saam raad gehou"
 NAV, CUM-MVB "die besluit geneem"
 CUM-NLV "saam. . .beraadslaag"

NASB**“conferred together”**

Jesus se verklarings in 26:64 was na hulle mening godslasterlik. Dit het doodstraf deur steniging vereis, maar hulle wou dat Hy aan die vervloeking van kruisiging onderwerp word (vgl. Deut. 21:23). Daarom moes hulle met ‘n klag vorendag kom wat hierdie stap by die Romeinse owerheid sou regverdig. ‘n Klag versin dat Hy Homself voorhou as ‘koning van die Jode’, wat die Romeine as politieke opstand kon beskou.

27:2 OAV, NAV, CUM-MVB “geboei”
CUM-NLV “in boeie”
NASB “bound Him”

Jesus was tydens sy verhore geboei, moontlik omdat hulle (1) gedink het Hy kan Homself met towerkuns bevry; (2) omdat hulle Hom wou verneder; (3) dit was algemene praktyk met misdadigers.

■ **“Pilatus die (Romeinse) goewerneur”; “Pilate the governer”**: Hierdie deel van die verhoor het waarskynlik in die Romeinse fort Antonia plaasgevind, net langs die tempel terrein. Dit kon ook in Herodes se paleis plaasgevind het, wat tot beskikking was van Romeinse amptenare wat in Jerusalem vertoef. Die Romeine het vanaf Caesarea (by die Middellandse See) gedurende feestye troepe in Jerusalem aangevul uit vrees vir opstand (vgl. 27:24). Pilatus is as goewerneur aangestel vanaf 26 tot 36 n.C. In die annale van die geskiedenis staan hy as wreed en hardvogtig bekend.

Dit word veronderstel dat die Jode Jesus na Pilatus toe gebring het omdat

1. Jesus se profesie dat Hy deur heidene doodgemaak sou word daardeur vervul is; en
2. die Sanhedrin nie op daardie stadium bevoeg was om die doodstraf toe te dien nie.

Ongeag, Jesus is van godslastering aangekla en sou gestenig moes word. Dit is presies hoe die Jode met Stefanus gehandel het sonder om toestemming van die Romeine te vra (vgl. Han. 7). Ek is van mening dat die Joodse godsdiensteikers die kruisdood verkies het om die goddelike vervloeking van Deut. 21:23 oor Jesus te bring. Hulle wou dat hierdie messiaanse voordoen deur God vervloek sal wees! Inderdaad het Jesus dan die vloek terwille van ons gedra (vgl. Gal. 3:13; Kol. 2:14)!

Omtrent Pilatus bestaan daar ‘n variasie in die MSS-weergawes van Matteus. In ‘n hele aantal goeie antieke manuskripte verskyn Pilatus se voornaam, ‘Pontius’ (vgl. MSS A, C, W en die Vulgaat). Dit kom ook voor in Luk. 3:1; Han. 4:27 en 1 Tim. 6:13. Hierdie twee name is die norm in vroeë kerkliteratuur. Tog kom ‘Pontius’ nie voor in MSS \aleph , B, L of Mark. 15:1 en Luk. 23:1 nie.

VIR SPESIALE AANDAG: PONTIUS PILATUS

I. Die man

- A. Die plek en tyd van sy geboorte is onbekend;
- B. van die Equestriaanse orde (gesiene middelklas van Romeinse samelewing);
- C. getroud, maar geen kinders na wete nie;
- D. heelwat vroeër ondervinding in administratiewe poste (waar en hoe onbekend).

II. Sy persoonlikheid

- A. twee uiteenlopende perspektiewe
 1. Philo (*Legatio and Gaium*, 299-305) en Josefus (*Antiq.* 18.3.1 en *Jewish Wars* 2.9.2-4) skets hom as ‘n wreedaardige en ‘n onsimpatieke diktator;
 2. Die NT (evangelies en Handeling) skets hom as ‘n maklik manipuleerbare, swakkeling as Romeinse goewerneur.
- B. Paul Barnett, *Jesus and the Rise of early Christianity*, bl. 143-148, verskaf ‘n geloofwaardige verduideliking van die verskillende sienings:
 1. Pilatus is onder die pro-Joodse keiser, Tiberius, in 26 n.C. aangestel (vgl. Philo, *Legatio and Gaium*, bl. 160-161), op advies van sy anti-Joodse adviseur, Sejanus.
 2. Tiberius se politiese mag het gekwyn onder invloed van adviseur-prefek, L. Aelius Sejanus, wat ‘n antisemitis was (vgl. Philo, *Legatio and Gaium*, bl. 159-160) en wat die werklike mag agter die troon was.
 3. Pilatus was ‘n beskermling van Sejanus en het hom probeer beïndruk deur
 - a. Romeinse standaarde in Jerusalem in te voer vanaf 26 n.C. wat ander goewerneurs nie gedoen het nie. Simbole van Romeinse gode het die Jode woedend gemaak (vgl. Josefus *Antiquities* 18.3.1 en *Jewish Wars* 2.9.2-3);
 - b. druk van munte wat doelbewus beelde van Romeinse ikone opgehad het. Josefus sê hy het doelbewus teen Joodse wette en gebruike ingegaan (vgl. Josefus se *Antiquities* 18.4.1-2);
 - c. neem geld uit die Tempelfondse om ‘n waterleivoor in Jerusalem te bou (vgl. Josefus se *Antiq.* 18.3.2 en *Jewish Wars* 2.9.3);
 - d. vermoor ‘n aantal Galileërs besig met ‘n offerande in die tempel (vgl. Luk. 13:12);
 - e. bring Romeinse skilde in die jaar 31 na Jerusalem wat daartoe lei dat Herodes die Grote se seun hom versoek om dit te verwyder. Hy weier as ‘n gevolg dat ‘n brief na Tiberius gestuur word. Die keiser beveel dat die skilde na Caesarea by die see geneem moet word (vgl. Philo, *Legatio Gaium*, bl. 299-305);
 - f. bring talle Samaritane om die lewe wat op berg Gerizim (36/37 n.C.) na verlore, gewyde voorwerpe van hulle godsdienste soek. Dit noop sy plaaslike opsiener (Vitellius, die prefek van Sirië) om hom van sy amp te onthef. Hy stuur hom terug na Rome (vgl. Josefus, *Antiq.* 18.4.1-2);

- g. Sejanus word in 31 n.C. tereggestel en Tiberius word in volle politieke mag herstel. Waarskynlik het Pilatus #s 1, 2, 3 en 4 (a tot d) gedoen om Sejanus se vertroue te wen. Nommers 5 en 6 kon pogings gewees het om Tiberius tevrede te hou, maar dit het die teenoorgestelde uitwerking gehad (e tot f);
- h. dit is duidelik dat met 'n Pro-Joodse goewerneur in plek (Pilatus, 26 n.C) en 'n brief van Tiberius wat vermaan dat vriendelikheid teenoor Jode betoon moet word, die Joodse godsdiensteleiers in Pilatus se politieke kwesbaarheid die geleentheid gesien het om hom te manipuleer tot die 'Joods-vriendelike' gebaar om Jesus te laat kruisig (vgl. Philo, *Legatio and Gaium*, bl. 160-161). Hierdie teorie van Barnett bring die twee perspektiewe oor Pilatus op 'n geloofwaardige manier bymekaar.

III. Sy lot

- A. Hy arriveer in Rome kort na die dood van Tiberius (37 n.C.)
- B. Hy word nie weer aangestel nie.
- C. Hierna is sy lewensloop onbekend. Daar is heelwat latere teorieë, maar niks daarvan staan vas nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:3-10

³Then when Judas who had betrayed Him, saw that He had been condemned, he felt remorse and returned the thirty pieces of silver to the chief priests and elders, ⁴saying, "I have sinned by betraying innocent blood." But they said, "What is that to us? See to that yourself!" ⁵And he threw the pieces of silver into the temple sanctuary and departed; and went away and hanged himself. ⁶The chief priests took the pieces of silver and said, "It is not lawful to put them into the temple treasury, since it is the price of blood." ⁷And they conferred together and with the money bought the Potter's Field as a burial place for strangers. ⁸For this reason that field has been called the Field of Blood to this day. ⁹Then that which was spoken through Jeremiah the prophet was fulfilled: "AND THEY TOOK THE THIRTY PIECES OF SILVER, THE PRICE OF THE ONE WHOSE PRICE HAD BEEN SET by the sons of Israel; ¹⁰AND THEY GAVE THEM FOR THE POTTER'S FIELD, AS THE LORD DIRECTED ME."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:3-10.

27:3 OAV, NAV, CUM-NLV "Daarna het Judas, sy verraaiër, toe hy sien dat Hy veroordeel was"
CUM-MVB "Toe Judas, dié een want Jesus uitgelewer het, sien dat Hy veroordeel is"
NASB "Then when Judas who had betrayed Him, saw that He had been condemned"

In hierdie frase kom 'n dubbelsinnige VOORAFGAANDE VOORNAAMWOORD, "Hy", voor. Die Williams en Phillips vertalings van die NT aanvaar dat dit na Judas verwys, maar al die ander moderne vertalings laat hierdie VOORNAAMWOORD op Jesus wys. Let op die hoofletter 'H'. Die NIV, TEV, JB en NRSV vervang die VOORNAAMWOORD selfs met 'Jesus'.

- ☐ **OAV "het. . .berou gekry"**
NAV, CUM-MVB "het hy spyt gekry"
CUM-NLV "het hy bitter spyt gekry"
NASB "he felt remorse"

"Berou" is 'n vertaling van twee woorde in Grieks. Die woord wat hier gebruik word, is nie die norm, soos in Mat. 3:2 nie. Hierdie woord beteken 'berou agterna', maar met die implikasie dat daar nie werklike verandering mee gegaar is (vgl. Mat. 21:29; 2 Kor. 7:8). Die beste gedeelte in die NT om die verskil tussen dié twee terme te vergelyk, is 2 Kor. 7:8-10. Sien *Vir Spesiale Aandag: Berou* by 3:2.

- ☐ **OAV "dertig silwerstukke"**
NAV, CUM-MVB "dertig silwermuntstukke"
CUM-NLV "30 silwergeldstukke"
NASB "thirty pieces"

Dit was die prys ter vergoeding van 'n deurboorde slaaf (vgl. 26:15; Eks. 21:32).

27:4 OAV, CUM-MVB "onskuldige bloed"
NAV, CUM-NLV "n onskuldige man"
NASB "innocent blood"

Op hierdie punt is daar 'n Griekse variantlesing. Al die Engelse vertalings wat in hierdie kommentaar vergelyk word, het "*innocent*"⁵⁷. Hoewel die baie ou hoofletter-manuskrip B oorspronklik 'onskuldig' gehad het, het 'n oorskrywer later van tyd 'regverdige' uit Mat. 23:35 bygewerk. Dit is die weergawe wat die Vulgaat en die Diatessaron gebruik. Die Septuaginta gebruik albei BYVOEGLIKE NAAMWOORDE in die idioom: regverdige bloed of onskuldige bloed. "Onskuldig" word so 14 keer in die LXX BYVOEGLIK gebruik en "regverdige" 4 keer. UBS⁴ gradeer "onskuldig" met 'n 'B' – dus feitlik seker.

27:5 "in die tempel"; "into the temple sanctuary": Hierdie Griekse woord verwys na die sentrale heiligdom wat bestaan het uit die heilige en die allerheiligste wat afgeskei was van die res van die tempel (vgl. Joh. 2:9).⁵⁸

⁵⁷ So ook die Afrikaanse vertalings met "onskuldig" – vert.

⁵⁸ Die Afrikaanse vertalings het slegs "tempel" sonder byvoeging van 'sanctuary' wat die heiligdom aandui – vert.

■ **“homself gaan ophang”; “hanged himself”:** Hierdie moenie as ‘n teologiese bewysplaas gesien word dat selfmoord tot die verdoemenis lei nie. Verskeie selfmoordgevalle word in die OT vermeld: Rigt 9:45; 16:30; 1 Sam. 31:4,5; 2 Sam. 17:23; 1 Kon. 16:18. Oor hierdie dade is nooit enige negatiewe kommentaar gelewer nie. Judas se versuim om opregte berou te toon dien tot sy verloreheid, nie omdat hy sy lewe geneem het nie.

Die weergawe van Judas se dood in Han. 1:18 is nie ‘n weerspreking nie, maar eerder aanvullend tot die gebeure. Blykbaar het Judas homself bo ‘n krans opgehang en met die breek van die tou het sy liggaam geval en oopgebars.

VIR SPESIALE AANDAG: ISKARIOT

Hierdie woord is etimologies vaag, maar daar is ‘n aantal moontlike betekenisse:

1. *Keriot*, ‘n dorp in Juda (vgl. Jos. 15:25)
2. *Kartan*, ‘n stad in Galilea (vgl. Jos. 21:32)
3. *Karōides*, ‘n lap dadelpalms in Jerusalem of Jerigo
4. *scortea*, ‘n voorskoot of leersak
5. *ascara*, verwurging (Hebreeus) vanuit Mat. 27:25
6. ‘n sluipmoordenaar se dolk (Grieks), wat kan beteken dat hy saam met Simon ‘n Seloot was (vgl. Luk. 6:15).

27:6 OAV, NAV, CUM-MVB “bloedgeld”
CUM-NLV “die bloed van ‘n mens kleef aan hierdie geld”
NASB “it is the price of blood”

Hulle het geen gewetenswroeging gehad om die geld uit te haal vir Jesus se verraaier nie, maar hulle voel ongemaklik om dit terug te vat. Absolute ironie!

27:7 “om daarmee die (stuk) grond van die pottebakker te koop”; “they bought the Potters Field”: Dit was waarskynlik ‘n klei-uitgraving wat uitgeput was en daarom van geringe waarde. Dit is moontlik ‘n verwysing na Jer. 18-19. Sedert Hieronimus se tyd (400 n.C.) was die opvatting dat dit in die vallei van Hinnom, naby Jerusalem, geleë was.

27:8 “Bloedgrond”; “Field of blood”: Dit is hoe die Aramese term *Akeldama* van Han. 1:19 vertaal word. Die Vulgaat van Hieronimus het die Aramese term in hierdie vers gebruik.

27:9 OAV “gesprek is deur Jeremia die profeet”
NAV, CUM-MVB “die profeet Jeremia gesê het”
CUM-NLV “die woord van die profeet Jeremia”
NASB “spoken through Jeremiah the prophet”

Hierdie is ‘n direkte aanhaling uit Sag. 11:12-13. Jer. 18 en 19 noem ook ‘n pottebakker en in Jer. 32:7-9 is daar sprake van die koop van ‘n stuk grond. Met hierdie aanhaling en die herkoms daarvan het die kommentaarskrywers groot probleme ondervind:

1. Augustinus, Beza, Luther en Keil was van mening dat Matteus per abuis na Jeremia verwys het.
 2. Die Pesjitta, ‘n Siriese vertaling van die 5de eeu n.C., en die Diatessaron het net die profeet se naam uitgelaat.
 3. Origenes en Eusebius meen ‘n oorskrwyer het die probleem veroorsaak.
 4. Hieronimus en Ewald meen die aanhaling kom uit ‘n apokriewe werk wat die profesie aan Jeremia toeskryf.
 5. Mede is van mening dat Jeremia hoofstukke 9-11 van Sagaria geskryf het.
 6. Lightfoot en Scofield wys daarop dat Jeremia bo-aan die lys van profete staan en sy name dien as aanwysing vir die hele gedeelte.
 7. Hengstenberg meen dat Sagaria vir Jeremia aanhaal.
 8. Calvyn sê ‘n fout het in die teks ingeglip.
 9. F. F. Bruce en ‘n JB-voetnoot glo dit was ‘n gesamentlike uitspraak van Sagaria en Jeremia.
- Ek dink dat #6 die beste verklaring bied.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:11-14

¹¹Now Jesus stood before the governor and the governor questioned Him, saying, “Are you the King of the Jews?” And Jesus said to him, “It is as you say.” ¹²And while He was being accused by the chief priests and elders, He did not answer. ¹³Then Pilate said to him, “Do You not hear how many things they testify against You?” ¹⁴And He did not answer him with regard to a *single* charge, so the governor was quite amazed.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:11-14.

27:11 OAV “Is U die koning van die Jode”
NAV, CUMs “Is jy (jý) die koning van die Jode?”
NASB “Are You the king of the Jews”

Die implikasie van hierdie vraag was hoogverraad teen die Romeinse Ryk. Pilatus was net in hierdie politieke aspek geïnteresseerd.

27:11	OAV, CUM-MVB	“U sê dit”
	NAV, CUM-NLV	“Dit is soos u sê”
	NASB, NKJV	“It is as you say”
	NRSV	“You say so”
	TEV	“So you say”
	NJB	“It is you who say it”

Jesus se antwoord was ‘n raaiselagtige gekwalifiseerde ‘ja’. Volgens Joh. 18:33-37 was die koninkryk nie van hierdie wêreld nie.

27:12 “beskuldigings (beskuldig word)”; “accused”: Sien Luk. 23:2.

▣ “het Hy niks geantwoord nie”; “He did not answer”: Dit hou verband met die Messiaanse profesie van Jes. 53:7. Hy het in privaat hoedanigheid op Pilatus se vrae geantwoord, maar wou nie in die teenwoordigheid van Herodes of Joodse leiers op die klagtes reageer nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:15-18

¹⁵Now at the feast the governor was accustomed to release for the people any one prisoner whom they wanted. ¹⁶At that time they were holding a notorious prisoner called Barabbas. ¹⁷So when the people gathered together, Pilate said to them, “Whom do you want me to release for you? Barabbas or Jesus who is called Christ?” ¹⁸For he knew that because of envy they handed Him over.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:15-18.

27:15	OAV	“die fees”
	NAV, CUMs	“paasfees”
	NASB	“the feast”

Dit verwys na die paasfees wat elke manspersoon bo die ouderdom van twintig veronderstel was om by te woon.

▣	OAV	“was die goewerneur gewoond”
	NAV, CUM-MVB	“die goewerneur het die gewoonte gehad”
	CUM-NLV	“gebruiklik dat die goewerneur”
	NASB	“the governor was accustomed”

Behalwe Josefus in sy *Antiquities of the Jews* (20.9.3) is daar geen ander historiese bevestiging van hierdie gebruik nie.

27:16,17	OAV	“Barábbas”
	NAV, CUMs	“Jesus Barabbas”
	NASB	“Barabbas”

Sommige latere vertalings het “Jesus Barabbas”, maar dit is meer ‘n tradisie as wat dit op teksgetuieis gebaseer is. ‘n Deeglike bespreking hiervan kom voor in Bruce Metzger se *A Textual Commentary on the Greek New Testament*, bl. 67-68 (United Bible Societies). Die naam Barabbas beteken ‘seun van ‘n rabbyn’ of ‘seun van ‘n vader’. Inderwaarheid was hy skuldig aan die klag wat uiteindelik aan Jesus bestel was.

27:18	OAV	“Want hy het gewet dat hulle Hom uit nydigheid oorgelewer het”
	CUM-NLV	“Hy het goed besef dat die Joodse leiers Jesus uit naywer aan hom uitgelewer het”
	NAV, CUM-MVB	“Hy het gewet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het”
	NASB	“For He knew that because of envy they had handed Him over”

Pilatus het omrede sy minagting vir die Joodse leiers met hulle agterbakse praktyke verskeie pogings aangewend om Jesus vry te laat.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:19-23

¹⁹While he was sitting on the judgement seat, his wife sent him a message, saying, “Have nothing to do with that righteous Man; for last night I suffered greatly in a dream because of Him.” ²⁰But the chief priests and the elders persuaded the crowds to ask for Barabbas and put Jesus to death. ²¹But the governor said to them, “Which of the two do you want me to release for you?” And they said, “Barabbas.” ²²Pilate said to them, “Then what shall I do with Jesus who is called Christ?” They all said, “Crucify Him!” ²³And he said, “Why, what evil has He done?” But they kept shouting all the more, saying, “Crucify Him!”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:19-23.

27:19	NAV, CUM-MVB, OAV	“het sy vrou vir hom ‘n boodskap gestuur: ‘Moet tog niks met daardie onskuldige (regverdige) man te doen hê nie, want ek het vannag ‘n vreeslike droom oor hom gehad (vandag baie gely in ‘n droom oor hom).’”
	CUM-NLV	“laat sy vrou hom weet: ‘Los daardie onskuldige man uit. Ek het laasnag ‘n aaklige nagmerrie oor hom gehad’”

NASB

“his wife sent him a message, saying, ‘Have nothing to do with that righteous Man; for last night I suffered greatly in a dream because of Him’”

Hierdie informasie kom net in Matteus voor. Sy en Pilatus het waarskynlik oor Jesus gepraat. Sy gebruik ‘n Messiaanse titel vir hom, maar hoeveel sy werklik daarvan verstaan het is onseker! Die ironie hierin is dat ‘n heidenvrou in Jesus gesien het wat die Joodse leiers nie wou sien nie (vgl. Mat. 27:54; Joh. 1:11).

27:20 OAV “en Jesus ombring”
NAV “vra. . .die dood”
CUM-MVB “te laat teregstel”
CUM-NLV “die doodstraf kry”
NASB “put to death”

Sien *Vir Speciale Aandag: Apollumi* by 2:13.

27:23 OAV, NAV, CUM-MVB “Watter kwaad het Hy dan (tog) gedoen”
CUM-NLV “Hoekom. . .watter misdaad het hy dan begaan”
NASB “Why, what evil has he done?”

Pilatus was glad nie oortuig van enige skuld by Jesus nie. Hierdie teks is deur die vroeë Christendom gebruik om aan te toon dat dit geen bedreiging vir die Romeinse Ryk ingehou het nie.

■ “hulle het al hoe (nog) harder begin skree”; “they kept shouting all the more”: Hierdie frase in IMPERFEKTUM VORM behoort met ‘hulle het begin skreeu’ of ‘hulle het aanhou skreeu’ vertaal te word. Hierdie was ‘n ander skare as dié wat Jesus met sy triomfantelike intog vergesél het. Hier teenwoordig was moontlik ‘n groep vriende van Barabbas wat die geleentheid aangegryp het om sy ontslag te bewerkstellig! Sommige beskou die skare as ‘n samedromming deur die Sanhedrin georganiseer.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:24-26

²⁴Pilate saw that he was accomplishing nothing, but rather that a riot was starting, he took water and washed his hands in front of the crowd, saying “I am innocent of this Man’s blood; see to that yourselves.” ²⁵And all the people said, “His blood shall be on us and on our children!” ²⁶Then he released Barabbas for them; but after having Jesus scourged, he handed Him over to be crucified.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:24-26.

27:24 “‘n oproer kom”; “a riot was starting”: Dit was altyd ‘n moontlikheid gedurende feestye. Daar was ‘n oormaats uitbundige feesgangers in Jerusalem. Rome het altyd ekstra soldate tydens feeste na fort Antonio oorgebring.

■ “en sy hande voor die skare gewas”; “washed his hands in front of the crowd”: Dit was ‘n Joodse gebruik, nie ‘n Romeinse een nie (vgl. Deut. 21:6,7; Ps. 26:6; 73:13)

27:25 OAV “Laat sy bloed op ons en ons kinders kom”
NAV “Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus”
CUM-MVB “Sy bloed is op ons en ons kinders”
CUM-NLV “Ons neem verantwoordelikheid vir sy dood – ons en ons nageslag.”
NASB “His blood shall be on us and our children”

Dit was ‘n ernstige eed, veral in die lig van OT gemeenskaplike skuld (vgl. Eks. 20:5,6; 2 Sam. 3:29). Dit was ‘n selfvervloeking! Dit het in 70 n.C. tot vervulling gekom (met die verwoesting van Jerusalem).

27:26 “met gésels te slaan”; “scourged”: Dit was ‘n verskriklike straf; dikwels noodlottig. Dit het altyd ‘n kruisiging voorafgegaan, hoewel uit Joh. 19:1,12 dit nog ‘n poging van Pilatus kon gewees het om simpatie vir Jesus te wek. Die evangelies gebruik verskillende woorde om hierdie brutale slae te beskryf:

1. *phragelloō* in Mat. 27:26; Mark. 15:15, in die NASB vertaal met “scourged”
2. *derō* in Luk. 22:63 in NASB vertaal met “beating”
3. *mastigoō* in Joh. 19:1 vertaal met “scourged” in die NASB (vgl. Mat. 20:19; Mark. 10:34; Luk. 18:33)

Dit het ‘n kruisiging voorafgegaan. Dit was so erg dat baie onder die houe gesterf het. Klere is uitgetrek en die hande aan hake in die grond gebind. ‘n Sweep van nege rieme met klip, metaal en been in die punte van die rieme ingewerk is op die ontblote rug met sweeplag neergebring. Dit is bekend dat hierdie houe gelei het tot blindheid, ribbes tot op die been kon kloof en tande kon uitslaan. Daar was geen beperking op die aantal houe wat soldate van weerskante af kon toedien nie.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:27-31

²⁷Then the soldiers of the governor took Jesus into the Praetorium and gathered the whole Roman cohort around Him. ²⁸They stripped Him and put a scarlet robe on Him. ²⁹And after twisting together a crown of thorns, they put it on His head, and a reed in His right hand; and they knelt down before Him and mocked Him, saying, “Hail, King

of the Jews!”³⁰They spat on Him, and took the reed and *began* to beat him on the head. ³¹After they had mocked Him, they took the *scarlet* robe off Him and put His *own* garments back on Him and led him away to crucify Him.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:27-31.

27:27 OAV “goewerneur se paleis”
CUM-NLV “hoofkwartier”
NAV, CUM-MVB “ampswoning”
NASB, NKJV, NJB “Praetorium”
NRSV,TEV “The governor’s headquarters”

Dit was in Fort Antonio of by Herodes se paleis wat die blyplek van die keiser geword het wanneer op besoek aan Jerusalem. Sommige het aangeneem dat dit die blyplek van soldate was.

VIR SPECIALE AANDAG: PRAETORIAANSE WAG

Oorspronklik het die woord na die tent van die Romeinse generaal verwys (*praetor*), maar na die tydperk van veldslae en vestiging van die Ryk word dit administratiewe hoofkwartiere uit ‘n politiek/militêre oogpunt beskou (vgl. 27:27; Joh. 18:28,33; Han. 23:35).

In die Romeinse wêreld van die eerste eeu word dit gebruik om te verwys na die offisiere van ‘n spesiale Rykswag. Hierdie hooggeplaaste militariste het onder Augustus tot stand gekom en is deur Tiberius in Rome gesentreer. Hulle:

1. was almal van dieselfde rang;
2. het dubbele vergoeding ontvang;
3. het spesiale voorregte gehad; en
4. hulle voorkeure m.b.t. presidentskandidate is besonder hoog aangeslaan.

Eers in die tyd van Konstantyn is weggedoen met hierdie eens magtige politiese groep.

▣ OAV, NAV, CUM-MVB “leërafdeling”
CUM-NLV “regiment”
NASB “cohort”

Dit het ongeveer 600 manskappe ingesluit, maar waarvan ‘n minderheid per geleentheid aan diens was.

27:28 OAV “rooi mantel”
NAV, CUMs “pers mantel”
NASB “scarlet robe”

Hierdie woord kom van ‘n insek wat gebruik was vir donkerrooi kleursel. Mark. 15:17 en Joh. 19:2 vertaal met ‘pers’. Dit was blykbaar ‘n verbleikte rooi kleding van ‘n Romeinse offisiër. Pers was ‘n koninklike kleur. Hierin het die vroeë kerk die koningskap van Christus gesien. Dieselfde geld vir die doringkroon. Die outydse mense was nie so juis met kleurbeskrywing as tans nie.

27:29-30 In die spottery met Jesus se koningskap kom die soldate se minagting vir die Jode en hulle politieke ideale na vore. Die doringkroon dryf die spot met Jesus se aanspraak op koningskap of die vloek van Gen. 3:18 (vgl. Gal. 3:13). Dorings is simbolies van verwerping van die evangelie (vgl. Heb. 6:8).

NASB (UPDATED) TEXT: 27:32

³²As they were coming out, they found a man of Cyrene named Simon, whom they pressed into service to bear His cross.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:32.

27:32 OAV, NAV, CUM-MVB “‘n man van Ciréne (Sirene) met die naam van Simon”
CUM-NLV “Simon. . .Hy was van Sirene afkomstig”
NASB “man of Cyrene named Simon”

Sirene was die hedendaagse Libië, maar die man het ‘n Joodse naam gehad. Dat hy op hierdie stadium in Jerusalem was, beteken dat hy ‘n Jood of ‘n proseliet was. Daar was in Jerusalem ‘n sinagoge vir Sireniese Jode (vgl. Han. 6:9). Sy etnisiteit of ras is onseker, maar hy was waarskynlik ‘n lid van die Joodse diaspora.

▣ OAV “gedwing”
NAV, CUMs “opgekommandeer”
NASB “pressed into service”

Dit is ‘n Persiese woord wat ook in Mat. 5:41 voorkom. Besettingsmagte het die reg gehad om plaaslike burgers dwangarbeid op te lê.

▣ “om Jesus (sy) se kruis te dra”; “to bear His cross”: Of die dwarsbalk of die hele kruis gedra moes word, is onseker. Die vorm van die kruis was vergelykbaar met die hoofletter ‘T’ of kleinletter ‘t’ of ‘X’, of ‘n stellasië wat meer persone kon hanteer.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:33-34

³³And when they came to a place called Golgotha, which means Place of Skull, ³⁴they gave Him wine to drink, mixed with gall; and after tasting it He was unwilling to drink.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:33-34.

27:33 “Gólgota/Golgota”; “Golgotha”: Dit is die Hebreuse woord vir ‘kopbeen’. Die Engelse ‘Calvary’ kom uit Latyn. Die term verwys na ‘n lae, onbegroeide koppie, nie ‘n volle kopbeen nie.

27:34 OAV “asyn met gal gemeng”
 NAV, CUM-MVB “‘n mengsel van wyn en gal”
 CUM-NLV “‘n mengsel van wyn en bitter kruie”
 NASB “They gave him wine to drink mixed with gall”

Die Babiloniese Talmoed vermeld dat Jerusalemse vroue hierdie kragtige drank aan veroordeeldes gegee het om hulle pyn te verlig (vgl. Mark. 15:23 waar gal die woord vir mirre is). Hierdie gebeure steun profeties op Ps. 69:21.

■ “en toe Hy dit proe, wou hy nie (dit dus) drink nie”; “He was unwilling to drink”: Hierdie het niks te make met die hedendaagse debat oor geheelonthouding nie. Later het Hy die goedkoop wyn van die soldate aanvaar (vgl. vers 48). Hy het bloot geweier om iets te gebruik wat pyn verdoof.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:35-37

³⁵And when they had crucified Him, they divided up His garments among themselves by casting lots. ³⁶And sitting down, they began to keep watch over Him there. ³⁷And above His head they put up the charge against Him which read, “THIS IS JESUS THE KING OF THE JEWS.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:35-37.

27:35 “hulle Hom gekruisig het”; “they crucified Him”: Die evangelies benadruk nie die fisiese aspekte van sy dood nie (vgl. Ps. 22:16). Hierdie vorm van iemand om die lewe bring is in Babilonië ontwikkel en is later deur die Grieke en Romeine oorgeneem. Dit was veronderstel om ‘n stadige, uitmergelende dood te wees wat ‘n paar dae kon vat. Die doel daarvan was om die veroordeelde te verneder en vrees te skep wat politieke opstand teen Rome moes ontmoedig. ‘n Volledige artikel is in die *Zondervan Pictorial Bible Encyclopaedia*, vol. 1, bl. 1040-42 te vinde.

■ OAV “sy klere verdeel deur die lot te werp”
 NAV, CUM-MVB “en sy klere verdeel deur te loot (die lot te gooi)”
 CUM-NLV “sy klere verdeel deur die gooi van dobbelsteentjies”
 NASB “they divided up His garments among themselves by casting lot”

Dit dui op Ps. 22:18. Jesus was heel moontlik naak of eerder in slegs sy lendekleed.

Die Textus Receptus maak in Mat. toevoegings uit Joh. 19:24, wat ontleen aan Ps. 22, maar dit is nie oorspronklik aan Matteus nie. Hierdie toevoegings verskyn nie in die Griekse hoofletter MSS \aleph , A, B, D, L of W nie en ook nie in die Latynse of Siriese vertalings nie.

Om die lot te werp is ‘n gelukspel in die NT, maar ook ‘n manier om God se wil te wete te kom, bv. Han. 1:26. Dit volg uit die OT voorloper, genaamd die Urim en Tummim. Maar hierdie meganiese maniere om die wil van God vas te stel, behoort aan die verlede. Daaruit blyk duidelik dat die Bybel gebruike noem wat nie noodwendig voorskriftelik of normatief is nie. ‘n Ander goeie voorbeeld hiervan sou wees Gideon se vlies (vgl. Rigt. 6:36-40).

27:37 OAV “sy beskuldiging”
 NAV, CUM-MVB “die aanklag teen Hom”
 CUM-NLV “die rede vir Jesus se kruisiging”
 NASB “the charge against Him”

Van Joh. 19:20 leer ons dat sy beskuldiging in drie tale geskryf was, naamlik Aramees, Latyn en Grieks. Pilatus het dit met opset so bewoord dat dit die Joodse leiers se gramskap sou opwek. Die klag verskil tussen die vier evangelies:

Matteus – “Dit is Jesus die Koning van die Jode”

Markus – “Die Koning van die Jode” (vgl. 15:26)

Lukas – “Dit is die Koning van die Jode” (vgl. 23:38)

Johannes – “Jesus die Nasarener, die Koning van die Jode” (vgl. 19:19)

NASB (UPDATED) TEXT: 27:38-44

³⁸At that time two robbers were crucified with Him, one on the right and one on the left. ³⁹And those passing by were hurling abuse at Him, wagging their heads ⁴⁰and saying, “You who are going to destroy the temple and rebuild it in three days, save yourself! If You are the Son of God, come down from the cross.” ⁴¹In the same way the chief priests also, along with the scribes and elders, were mocking Him and saying, ⁴²“He saved others; He cannot save Himself. He is the King of Israel; let Him now come down from the cross, and we will believe in Him.” ⁴³He

TRUSTS IN GOD; LET GOD RESCUE *Him* now, IF HE DELIGHTS IN HIM; for He said: ‘I am the Son of God.’”⁴⁴The robbers who had been crucified with Him were also insulting Him with the same words.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:38-44.

27:38 OAV, NAV “saam met Hom (ook) twee rowers gekruisig”
CUM-MVB “kruisig hulle saam met Hom twee misdadigers”
CUM-NLV “saam met Jesus ook twee kriminele gekruisig”
NASB “two robbers were crucified with Him”

Dit herinner aan Jes. 53:12. Josefus se gebruik van die term ‘rowers’ stel voor dat hierdie twee moontlik Selote soos Barabbas was.

27:39 OAV “verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud”
NAV, CUM-MVB “mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster terwyl hulle hul hoofde skud”
CUM-NLV “verbygangers het net hulle koppe geskud en Hom toegesnou”
NASB “those passing by were hurling abuse at Him, wagging their heads.”

Hierdie woorde herinner aan Ps. 22:7. Golgota moes naby ‘n hoofroete in Jerusalem in gewees het. Die doel van kruisiging was om misdaad en opstand af te skrik.

27:40 “as U (jy dan) die Seun van God is”; “If You are the Son of God”: Dit is ‘n KLAS EEN VOORWAARDELIKE SIN, wat die spreker as waar beskou vir die doel om sy punt te maak (vgl. Mat. 4:3). Hierdie leiers was nie onkundig omtrent Jesus se aansprake nie.

27:41 OAV “owerpriesters. . .skrifgeleerdes. . .ouderlinge”
NAV, CUM-MVB “priesterhoofde. . .skrifgeleerdes. . .familiehoofde (oudstes)”
CUM-NLV “leierpriesters. . .skrifkenners. . .familiehoofde”
NASB “chief priests. . .scribes. . .elders”

‘n Volledige omskrywing van die Sanhedrin op die toneel.

27:43 OAV, NAV, CUM-MVB “Hy het op God vertrou, laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het”
CUM-NLV “Hy het mos op God staatgemaak – as God so danig lief is vir Hom, laat Hy dit nou bewys deur Hom te red.”
NASB “HE TRUSTS IN GOD; LET GOD rescue *Him* now, IF HE DELIGHTS IN HIM”

Dit is ‘n aanhaling uit Ps. 22:8. Hierdie Psalm van Dawid beskryf die kruisiging van Jesus in verstommende besonderhede.

27:44 Matteus maak dit duidelik dat die twee Selote wat saam met Jesus gekruisig is aanvanklik beledigend teenoor Hom was, maar Luk. 23:39 sê dat net één van die kriminele beledigend teenoor Hom gebly het. Dit moet as aanvullende inligting beskou word. Aanvanklik was beide beledigend, maar een het versag en het sy sonde bely.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:45-54

⁴⁵Now from the sixth hour darkness fell upon the land until the ninth hour. ⁴⁶About the ninth hour Jesus cried out with a loud voice, saying, “ELI, ELI, LAMA SABACHTANI?” That is, “MY GOD, MY GOD, WHY HAVE YOU FORSAKEN ME?” ⁴⁷And some of those who were standing there, when they heard it, *began* saying, “This man is calling for Elijah.” ⁴⁸Immediately one of them ran, and taking a sponge, he filled it with sour wine and put it on a reed, and gave Him a drink. ⁴⁹But the rest of them said, “Let us see whether Elijah will come to save Him.” ⁵⁰And Jesus cried out again with a loud voice and yielded up His spirit. ⁵¹And behold, the veil of the temple was torn in two from top to bottom; and the earth shook and the rocks were split. ⁵²The tombs were opened, and many bodies of the saints who had fallen asleep were raised; ⁵³and coming out of the tombs after his resurrection they entered the holy city and appeared to many. ⁵⁴Now the centurion, and those who were keeping guard over Jesus, when they saw the earthquake and the things that were happening, became very frightened and said, “Truly this was the Son of God.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:45-54.

27:45 “van die sesde (twaalf uur)uur af. . .tot die negende (drie uur) uur toe”; “from the sixth hour. . .until the ninth hour”: Hierdie verwys na Romeinse tyd. Die Johannes-evangelie is in dié verband nie heeltemal duidelik nie. In Joodse tyd begin die dag met skemer die vorige aand en in Romeinse tyd begin die dag by dagbreek. Hier is dit heeltemal duidelik.

■ OAV, NAV, CUM-MVB “duisternis”
CUM-NLV “donker geword”
NASB “darkness”

Donkerte was een van die plae in Egipte wat 'n verbondsvervloeking geword het indien God se geboorte nie gehou was nie (vgl. Eks. 10:21 e.v.; Deut. 28:29; Joël 2:10; Amos 8:9). Teologies het dit beteken dat God Hom wegkeer van sy Seun terwyl hy die sondes van die wêreld op Hom neem. Hierdie persoonlike, geestelike verwydering was wat Jesus die meeste gevrees het.

27:46 “Eli, Eli, lama (lemá) sabagtani”; “ELI, ELI, LAMA SABACHTANI”: Jesus voeg sy Aramees by Hebreuse woorde uit Ps. 22:1. Matteus en Markus (15:34) gebruik effens verskillende woorde. Matteus vertaal dit vir sy lesers wat net Aramees ken. Blykens vers 47 het Arameesprekende Jode, wat die kruisgebeure aanskou het, dit duidelik verkeerd verstaan.

☐ “My God, My God, waarom het U My verlaat/in die steek gelaat?”; “MY GOD, MY GOD, WHY HAVE YOU FORSAKEN ME?”: Hierdie is die inleidingswoorde van Ps. 122. Met die aanhaal daarvan roep Jesus vir sy hoorders die hele Psalm voor die gees. Jesus het met hierdie verwydering uit God se teenwoordigheid vir die laaste maal beleef wat die sondegevalle mensdom nooit weer sal hoef te ervaar nie (vgl. Gal. 3:13, 2 Kor. 5:21). Immers, Ps. 122 spreek ook geloof uit in JHWH se getrouheid.

27:47 OAV, NAV, CUM-MVB “sommige hoor dit en sê: ‘Hy roep Elia.’”
 CUM-NLV “omstanders het dit misverstaan en gedink hy roep. . . Elia”
 NASB “This man is calling for Elijah”

Elia sou die wegbereider van die Messias wees (vgl. Mal. 4:5). Dit is moontlik dat Jesus se Aramese ‘Eloi’ (vgl. Mark. 15:34) of moontlik ‘Elija’ na die naam van die profeet geklink het.

27:48 OAV “asyn”
 NAV, CUMs “suur wyn”
 NASB, NKJV, NRSV “sour wine”
 TEV “cheap wine”
 NJB “vinegar”

Dit was die goedkoop wyn van die soldate. Aanbieding van die wyn was nie 'n barmhartig nie, maar 'n manier om die lye uit te rek. Jesus het dit geneem om sy droë mond te laaf sodat Hy kon praat (vgl. Ps. 22:15). Dit was moontlik vervulling van Ps. 69:21.

27:49 Op hierdie punt is daar nog 'n bywerking uit Joh. 19:34.⁵⁹ Dit is afwesig in die MSS A, D, K en die Griekse manuskripte gebruik deur Origenes, Hieronimus en Augustinus, maar kom wel voor in N, B, C en L. Dit is moeilik om in die geval oor die oorspronklikheid in Mat. 27:49 te besluit, want (1) dit lyk soos 'n assimilering uit Johannes, (2) dit lyk of die kronologie nie pas nie, (3) maar tog is dit aanwesig in sommige betroubare manuskripte. Die UBS⁴ gee die weglating daarvan 'n 'B'-gradering, dus mees waarskynlik korrek. Uit #2, die konteks van Matteus, blyk dit dat Jesus nog geleef het.

27:50 OAV “Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep”
 NAV, CUMs “Maar Jesus het weer (baie) hard uitgeroep”
 NASB “Jesus cried out with a loud voice”
 Vergelyk Joh. 19:30; Ps. 22:15; 31:5; Luk. 23:46.

27:51 OAV “die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo na onder”
 NAV “het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur”
 CUMs “die swaar gordyn in die tempel het van bo tot onder in twee geskeur”
 NASB “the veil of the temple was torn from top to bottom”

Dit was die kleed wat die heilige van die allerheiligste geskei het (vgl. Eks. 26:31-35). Dit was 'n daad van God waardeur openbaar word dat die weg na God toe oop is vir alle mense. Dit is van bo af geskeur wat simboliseer dat dit God is wat die pad oopgemaak het.

27:52 OAV “die grafte het oopgegaan”
 NAV, CUM-MVB “grafte (grafkamers) het oopgegaan”
 CUM-NLV “Selfs die grafte het oopgegaan”
 NASB “the tombs were opened”

Die oorsaak hiervan was die aardbewing (vgl. vers 54). Dit is nie heeltemal duidelik wanneer die mense opgewek is nie. Dit wil voorkom of die opwekking met Jesus se opstanding in verband gesien moet word. Die teks plaas egter die gebeure gelyktydig met Jesus se doodsoomblik aan die kruis. Daar is dubbelsinnigheid hier m.b.t. wie opgewek is, wanneer dit gebeur het, waar en hoekom. Dit kom net in Matteus voor.

☐ OAV “heiliges”

⁵⁹ Op hierdie punt is daar slegs by wyse van 'n voetnoot in CUM-NLV onder Afrikaanse vertalings, soos gebruik in hierdie kommentaar, 'n aanduiding dat 'n frase uit Joh. 19:34 in sommige Matteus MSS geassimileer is. Dit lui soos volg: “En 'n ander een het 'n spies geneem en in sy sy gesteek en daar het water en bloed uitgekom,” – vert.

NAV, CUM-NLV

CUM-MVB

NASB

Sien *Vir Speciale Aandag* hier onder.

“gelowiges”

“mense wat aan God toegewy was”

“saints”

VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGES

Dit is die Griekse weergawe van die Hebreuse *kadash*, wat basies beteken dat iemand óf iets óf ‘n plek vir JHWH se eksklusiewe gebruik opsy gesit het. Dit dui op die Engelse begrip van “the sacred”. Vanweë JHWH se aard (ewig, nie-geskape Gees) en sy eienskap van volmaak-morele goedheid, is Hy van die mensdom ook afgeskei. Hy is die standaard waarvolgens alles anders gemeet en beoordeel word. Hy is die Heilige, die Gans Ander.

Vir vertrouensvriendskap (“fellowship”) het God mense geskape, maar as gevolg van die sondeval (Gen. 3) het ‘n verhoudingsbreuk en morele skeidsmuur tussen ‘n Heilige God en sondige mensheid ontstaan. God se keuse was om sy skepping met die eienskap van geskape bewussyn te herstel; dis hoekom Hy op sy volk beroep doen om “heilig” te wees (vgl. Lev. 11:44; 19:2; 20:7, 26; 21:8). Deur ‘n geloofsverhouding met JHWH word sy volk heilig danksy hulle verbondsverhouding met Hom; hulle word daarom ook geroep om heilig te lewe (vgl. Mat. 5:48).

Hierdie heilige lewe is moontlik omdat gelowiges ten volle aanvaar word en vergifnis ontvang deur Jesus se lewe en werk en deur die aanwesigheid van die Heilige Gees in hulle verstand en hart. Dit gee aanleiding tot ‘n paradoksale situasie van

1. heilig wees danksy Christus se toegekende geregtigheid;
2. geroep om heilig te lewe deur die aanwesigheid van die Heilige Gees.

Gelowiges is “heiliges” (*hagioi*) op grond van die teenwoordigheid van (1) die wil van die Heilige Een (die Vader); (2) die werk van die Heilige Seun (Jesus); en (3) die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Die NT verwys altyd na die heiliges in meervoud (behalwe Fil. 4:12, maar weereens maak die konteks dit MEERVOUD). Om gered te wees is om deel te wees van ‘n familie, ‘n liggaam, ‘n gebou! Bybelse geloof begin met ‘n persoonlike aanvaarding, maar verloop tot ‘n liggaam van samesyn. Elkeen van ons het gawes ontvang waarmee die gesondheid, groei en welsyn van die liggaam van Christus – die kerk (vgl. 1 Kor. 12:7) – gedien kan word. Ons is gered om te dien! Die term “heiligheid” is ‘n kensketsing van “geloofs familie” se karakter.

■ OAV, CUM-MVB

NAV, CUM-NLV

NASB

“ontslape”

“wat (reeds) dood was”

“who had fallen asleep”

Slaap is ‘n OT eufimisme vir dood (wat meestal in Konings en Kronieke voorkom). Dit is nie ‘n bewysplaas vir die teorie van ‘sielelaap’ nie. Die Skrif moet uitgelê word in ooreenstemming met hoe die aanvanklike gehoor dit verstaan het.

27:54 OAV

NAV, CUMS

NASB, NKJV

NRSV

TEV

JB

“Waarlik, hy was die Seun van God”

“Hierdie man was werklik (-waar) die Seun van God”

“Truly, this was the Son of God”

“Truly the man was God’s Son”

“He really was the Son of God”

“In truth this was a son of God”

Daar is geen LIDWOORD voor die NAAMWOORD, “seun” nie. Hierdie soldaat was werklik onder die indruk van wat daar gebeur het. Daarom sy opmerking dat Jesus “‘n seun van God” was. Andersins, in die parallelle deel van Luk. 23:47 spreek hy die mening uit dat Jesus “regverdig” en “onskuldig” was. Dit is ironies dat ‘n Romeinse soldaat kon waarneem wat die Joodse leiers verseg het om te doen.

Letterlik staan daar: “Hierdie man was ‘n seun van God.” Die beeld van God was in die mensdom herstel. Hartlike vertrou en vriendskap was weer moontlik. Onteenseglik was die weglating van ‘n LIDWOORD (die) nie aanduiding van enigiets anders in die geval van dié man nie (vgl. Mat. 4:3,6; 14:33; 27:43 en Luk. 4:3,9). Dit was ‘n verharde Romeinse soldaat. In sy loopbaan het hy baie mense sien sterf (vgl. Mat. 27:54). In Markus mag hierdie spreke van ‘n heidensoldaat ‘n fokuspunt wees, want dié evangelie was spesifiek op Rome en Romeine gerig. Daar is talle Latynse woorde in Markus en weinig aanhalings uit die Ou Testament. Selfs verduidelik Markus Joodse gebruike en vertaal hy Aramese uitsprake, ook met ‘n verduideliking. Hier is ‘n Romeinse soldaat so oortuig dat hy ‘n geloofsverklaring aflê oor wat vir Jode maar net ‘n rebel was!

Dit is beslis merkwaardig dat verbygangers, hoëpriesters, en selfs mede-kruiseling Jesus bespot het, maar ‘n Romeinse soldaat reageer met insig en ontsag.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE SEUN VAN GOD

Dit is een van die belangrikste titels van Jesus in die NT. Dit het sonder twyfel ‘n goddelike betekenisaspek. Hierdie benaming sluit in Jesus as “die Seun” of “my Seun”, terwyl God as “vader” aangespreek word. In die NT kom dit meer as 124 keer voor. Selfs as Jesus homself na aanleiding van Dan. 7:13-14 “die Seun van die Mens” noem, is daar ‘n goddelike konnotasie.

In die OT kan die benoeming “seun” verwys na vier spesifieke groepe:

1. engele (gewoonlik in die MEERVOUD, vgl. Gen. 6:2; Job 1:6; 2:1);
2. die koning van Israel (vgl. 2 Sam. 7:14; Ps. 2:7; 89:26-27);
3. die volk van Israel as 'n geheel (vgl. Eks. 4:22-23; Deut. 14:1; Hos. 11:1; Mal. 2:10)
4. Israelitiese maghebbers (vgl. Ps. 82:6 – NAV).

Jesus word verbind met die tweede bogenoemde gebruik. Op dié manier hou “seun van Dawid” en “seun van God” verband met 2 Sam. 7, sowel as Ps. 2 en 89. In die OT word “seun van God” nooit spesifiek gebruik om na die Messias te verwys nie, maar wel na die koningskap as een van die “gesalfde ampte” van Israel met die oog op die eindtyd (eskatologie). Hierdie titel word egter dikwels in die Dooie See Boekrolle gebruik met Messiaanse implikasies (vgl. spesifieke verwysings in *Dictionary of Jesus and the Gospels*, bl. 770). “Seun van God” word ook as Messiaanse titel gebruik in twee Joods-apokaliptiese werke van die oorgangstyd tussen die OT en die NT (vgl. 2 Esdras 7:28; 13:32, 37, 52; en 1 Henog 105:2).

Die NT agtergrond van hierdie benaming om te verwys na Jesus, word doeltreffend opgesom in 'n aantal kategorieë:

1. Jesus se pre-eksistensie (vgl. Joh. 1:1-18)
2. Sy unieke (maagdelike) geboorte (Mat. 1:23; Luk. 1:31-35)
3. Sy doop (Mat. 2:17; Mark. 1:11; Luk. 3:22. God se stem uit die hemel skakel die koninklike gesag van Ps. 2 met die lydende dienskneg van Jes. 53.)
4. Sy duiwelse versoeking (vgl. Mat. 4:1-11; Mark. 1:12, 13; Luk. 4:1-13. Hy is versoek om Sy seunskap te betwyfel, of ten minste sy doel op 'n ander manier te bereik as deur die kruisdood.)
5. Verklarings bevestigend van Hom deur onaanvaarbare getuies, soos:
 - a. demone (vgl. Mark. 1:23-25; Luk. 4:31-37; Mark. 3:11-12) en
 - b. ongelowiges (vgl. Mat. 27:43; Mark. 14:61; Joh. 19:7).
6. Erkenning deur sy dissipels
 - a. Mat. 14:33; 16:16
 - b. Joh. 1:34, 49; 6:69; 11:27
7. Sy selfbevestiging
 - a. Mat. 11:25-27
 - b. Joh. 10:36
8. Sy gebruik van die gesinsmetafoor in sy verwysing na God as “Vader” deur
 - a. God aan te spreek as “abba” (Mark. 14:36; Rom. 8:15; Gal. 4:6);
 - b. Sy herhaaldelike gebruik van Vader (*patēr*) om sy goddelike verwantskap te beskryf.

Om op te som, die titel “Seun van God” het groot teologiese betekenis gehad vir almal wat met die OT en sy beloftes en kategorieë bekend was. Die NT skrywers was egter versigtiger om dit te gebruik as gevolg van hulle heidense agtergrond. Daarvolgens was die kinders wat deur “die gode” by vrouens verwek is, bekend as “die titane” of dan “reuse”.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:55-56

⁵⁵Many women were there looking from a distance, who had followed Jesus from Galilee while ministering to Him. ⁵⁶Among them was Mary Magdalene, and Mary the mother of James and Joseph, and the mother of the sons of Zebedee.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:55-56.

27:55 “baie vroue”; “many women”: Mark. 15:14 bied 'n parallelle lys. Hierdie vroue was reisgenote van Jesus en die twaalf. Dit mag wees dat hulle Jesus en die dissipels finansiële ondersteun het, voedsel berei het of die behoeftes van vroue wat deur Jesus en die apostels se bediening geraak is aan te spreek. Sien die *Vir Spesiale Aandag* wat hier volg.

VIR SPESIALE AANDAG: VROUE OP REIS SAAM MET JESUS EN SY DISSIPELS

Mat. 27:55-56	Mark. 15:40-41	Luk. 8:2; 23:49	Joh. 19:25
Maria Magdalena	Maria Magdalena	Maria Magdalena	Maria, die moeder van Jesus
Maria, moeder van Jakobus en Josef	Maria, moeder van Klein-Jakobus, Josefs	Johanna, vrou van Gusa, amptenaar van Herodes	Sy moeder se suster Maria, vrou van Klopas
Die moeder van die seuns van Sebedeus (Jakobus & Johannes)	Salome	Susanna en ander	Maria Magdalena

Die volgende is die aantekeninge oor hierdie vroue uit my kommentaar oor Markus 15:40-41:

“Daar het ook vroue op ‘n afstand gestaan en kyk” Talle vroue het die apostels finansiële uit eie middele (vgl. Luk. 8:3; Mat. 27:41; 27:55) ondersteun.

“Maria Magdalena” Magdala was 'n klein stadjie op die oewer van die See van Galilea sowat 5 kilometer noord van Tiberias. Maria het Jesus gevolg nadat Hy etlike duiwels uit haar verdryf het (vgl. Luk. 8:2). Op onbillike wyse word aan haar 'n vroeëre prostitue bestaan gekoppel sonder dat die NT enige bewys vir so 'n opvatting voorsien.

“Maria, die moeder van Klein-Jakobus en Joses” In Mat. 27:56 word sy as die moeder van Jakobus en Josef bestempel. Dit is onduidelik met wie sy getroud was. Volgens Joh. 19:25 moontlik met Klopas, hoewel haar seun Jakobus op ander plekke as die “seun van Alfeus” bestempel word (vgl. Mat. 10:3; Mark. 3:18; Luk. 6:15).

“Salome” Sy was die moeder van Jakobus en Johannes, manne wat in die binnekring van Jesus se dissipels gefunksioneer het. Sy was die vrou van Sebedeus (vgl. 27:56; Mark. 15:40; 16:1-2).

Vervolgens my aantekeninge in die kommentaar oor Joh. 19:25:

“By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster, en Maria die vrou van Klopas en Maria Magdalena gestaan” Of daar vier persone hier ter sprake is, het heelwat debat opgelewer. Die waarskynlikste is vier, want hoekom sal daar twee susters wees wat beide “Maria” heet? Maria se “suster” word in Mark. 15:40 en Mat. 27:56 as “Salome” geïdentifiseer. So gesien, blyk dit dat Jesus, Johannes en Jakobus neefs moes gewees het. ‘n Tweede eeuse tradisie (*Hegesippus*) meld dat Klopas Josef se broer was. Maria van Magdala was die persoon uit wie Jesus sewe duiwels verdryf het en aan wie Hy na sy opstanding eerste sou verskyn (vgl. 20:1-2, 11-18; Mark. 16:1; Luk. 24:1-10).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskryflik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom het die Sanhedrin Jesus na Pilatus toe gevat en Hom nie gestenig nie?
2. Hoe verskil Judas se berou van Petrus s’n?
3. Hoekom het Pilatus probeer om Jesus te bevry?
4. Hoekom word daar so dikwels in die OT verwys na die dood van Christus?
5. Hoekom het donkerte gekom terwyl Christus aan die kruis was en hoekom het Hy verlate gevoel?
6. Maak ‘n lys van die tekens na Christus se dood en wat was die doel van elkeen?

WOORD- EN FRASESTUDIE

Die konteks van hierdie deel strek van 27:57-28:20. Die parallele van hierdie deel van die evangelie is Mark. 15:42-16:8; Luk. 23:50-24:12; en Joh. 19:30-20:10.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:57-61

⁵⁷When it was evening, there came a rich man from Arimathea, named Joseph, who himself had also become a disciple of Jesus. ⁵⁸This man went to Pilate and asked the body of Jesus. Then Pilate ordered it to be given to him. ⁵⁹And Joseph took the body and wrapped it in a clean linen cloth, ⁶⁰and laid it in his own new tomb, which he had hewn out in the rock; and he rolled a large stone against the entrance of the tomb and went away. ⁶¹And Mary Magdalene was there and the other Mary, sitting opposite the grave.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:57-61.

27:57	OAV, CUM-MVB	“En toe dit aand geword het”
	NAV, CUM-NLV	“Laat (daar-)die middag”
	NASB	“When it was evening”

Hierdie frase impliseer dat dit baie naby die Paasfees was wat teen skemer of om 6 nm. sou begin. Die Jode het twee aande gehad. Die eerste om 3 nm. en die tweede om 6 nm. teen watter tyd ‘n nuwe dag begin het.

■ **“‘n ryk man van Arimathea”**; **“a rich man from Arimathea”**: Daar is heelwat opmerkings oor hierdie man:

1. hy was ryk en ‘n dissipel van Jesus (vgl. Mat. 27:57);
2. hy was in hoë aansien as lid van die Sanhedrin (vgl. Mark. 15:43);
3. hy was ‘n goeie en opregte mens (vgl. Luk. 23:50);
4. hy was ‘n dissipel in die geheim uit vrees vir die Jode (vgl. Joh. 19:38).

27:57-58 Sy daad kan om die volgende redes as dapper beskryf word:

1. hy het hom in die openbaar vereenselwig met ‘n persoon wat vir hoogverraad veroordeel was;
2. hy was bereid om seremonieel onrein te word op die vooraand van die Paasfees;
3. dit sou hom sekerlik in onguns gebring het by die Sanhedrin.

27:59 Josef het hom gehaas om die liggaam voor die begin van die Paasfees om 6 nm. te versorg. Die tyd waarop die steen voor die graf in plek was is onbekend. Hoe lank of kort Jesus in die graf was voor 6 nm. is onbekend, maar dit het as dag een van die drie wat Jesus in die graf vertoef het getel.

27:60 “sy eie, nuwe graf wat hy in die rots laat uitkap het”; “his own new tomb, which he had hewn out of the rock”: Dit is ‘n vervulling van Jes. 53:9.

27:61 “Maria Magdalena”; “Mary Magdalene”: Sien Mat. 27:56-57 vir ‘n aantekening oor die drie vrouens.

NASB (UPDATED) TEXT: 27:62-66

⁶²Now on the next day, after the preparation, the chief priest and the Pharisees gathered together with Pilate ⁶³and said, “Sir, we remember that when He was still alive that deceiver said, ‘After three days I *am to rise again.*’ ⁶⁴Therefore, give orders for the grave to be made secure until the third day, otherwise His disciples may come and steal him away and say to the people, ‘He has risen from the dead,’ and the last deception will be worse than the first.”⁶⁵ Pilate said to them, “you have a guard; go make it *as secure as you know how.*” ⁶⁶And they went out and made the grave secure and along with the guard they set a seal on the stone.

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 27:62-66.

27:62-66 Hierdie gedeelte kom net in Matteus voor (vgl. 28:2-4,11-15).

27:62 OAV, CUM-MVB “dit is die dag na die voorbereiding (-sdag)”
NAV, CUM-NLV “die dag na die Vrydag”
NASB “the next day after the preparation”

Dus, baie duidelik op die sabbat! Om op hierdie dag en feestyd in Pilatus se teenwoordigheid en in sy woning te wees, maak hulle seremonieel onrein en onbekwaam wat deelname aan die Paasfees betref. Uit hierdie desprate optrede blyk hulle vrees vir Jesus se mag en voorspellings baie duidelik.

☐ OAV “kom die owerpriesters en Fariseërs by Pilatus saam”
NAV, CUM-MVB “het die priesterhoofde en Fariseërs by Pilatus gekom (vergader)”
CUM-NLV “het die leierpriesters en die Fariseërs met Pilatus gaan praat”
NASB “the chief priests and the Pharisees gathered together”

Hoe ironies dat (1) hulle met hulle byeenkoms (2) op die sabbat van die Paasfeesweek, (3) terwyl die Sadduseërs nie eens in die opstanding glo nie (4) hulle so juis kragtig, die aandag op die opstanding vestig, al was dit onwillig.

27:63 Ewe ironies is dit dat Pilatus *Kurie* (“U Edele” – CUM-NLV) genoem word deur die Joodse leiers, maar Christus word as “hierdie bedrieër”(CUM-NLV) bestempel.

☐ OAV “dié verleier”
NAV, CUMs “hierdie (daardie) bedrieër”
NASB “that deceiver”
NRSV, JB “that imposter”
TEV “that liar”

Hierdie woord, *planos*, beteken letterlik ‘swerwer’ waarvan die woord ‘planeet’ ook kom. Dit wil sê afgelei van swerwende hemelligte, oftewel planete, wat hulle nie hou binne die standaardbane van die sterrestelsels nie. In Grieks het die term ‘n negatiewe konnotasie en daarom die betekenis van ‘fout’ of ‘leuenaar’.

☐ OAV “oor drie dae staan ek op”
NAV “na drie dae sal ek uit die dood opgewek word”
CUMs “na drie dae sal ek uit die dood opstaan”
NASB “after three days I am to arise again”
NKJV “after three days I will rise”
NRSV, NJB “after three days I will rise again”
TEV “I will be raised to life three days later”

Dit is ‘n PRAESENS PASSIEF, daarom letterlik te verstaan: ‘na drie dae word ek opgewek’. Die konteks gee aanleiding tot die veronderstelling dat Pilatus Romeinse soldate aangestel het om die graf te bewaak. Die Joodse leiers het van Jesus se voorspellings geweet en was bang daarvoor (vgl. 12:40; 16:4). Die dissipels het ook van die opstanding geweet en was totaal verras daardeur. Hoe ironies!

VIR SPESIALE AANDAG: DIE OPSTANDING

A. Bewyse van die opstanding

1. Vyftig dae later met Pinkster het die opstanding die hoofsaak van Petrus se prediking geword (vgl. Han. 2). Duisende wat in hierdie gebied gewoon het, het dit geglo.
2. Die lewens van sy dissipels het plotseling ‘n ommeswaai gesien; van verslaenheid (hulle het nie die opstanding verwag nie) tot ‘n onbeskroomdheid wat op oortuiging berus wat selfs vir martelaarskap nie teruggestaan het nie.

B. Wat die opstanding duidelik uitwys is

1. dat Jesus inderdaad was Wie Hy van getuig het (vgl. Mat. 12:38-40 – voorspelling van die Messias se dood en opstanding);
 2. dat die lewe van Jesus, sy leringe en sy plaasvervangende dood God se goedkeuring wegdra (vgl. Rom. 4:25); en
 3. dat ‘n liggaamlike opstanding aan alle Christene beloof word (vgl. 1 Kor. 15).
- C. Aanduidings van Jesus dat Hy sou opstaan:
1. Mat. 12:38-40; 16:21; 17:9,22,23; 20:18-19; 26:32; 27:63
 2. Mark. 8:31; 9:1-10,31; 14:28,58
 3. Luk. 9:22-27
 4. Joh. 2:19-22; 12:34; hoofstukke 14-16
- D. Verdere studie:
1. *Evidence that Demands a Verdict* deur Josh McDowell
 2. *Who Moved the Stone?* deur Frank Morrison
 3. *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*, s.v. “Resurrection”, “Resurrection of Jesus Christ”
 4. *Systematic Theology* deur L. Berkhof, bl. 346, 720.

27:65 OAV “Julle sal ‘n wag kry”
NAV, CUM-NLV “Hier is ‘n wag vir julle”
CUM-MVB “Hier is vir julle ‘n afdeling soldate”
NASB “You have a guard”

Hierdie idioom is ‘n IMPERATIEF, nie ‘n INDIKATIEF nie, wat die Joodse afvaardiging toelaat om die graf te bewaak met behulp van ‘n afdeling Romeinse soldate.

☐ **OAV** “gaan verseker dit soos julle dit verstaan”
NAV “gaan beveilig die graf so goed as julle kan”
CUM-MVB “gaan beveilig die graf soos julle die beste weet”
CUM-NLV “gaan beveilig die graf so goed moontlik”
NASB “go make it as secure as you know how”

“Gaan” is hier ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF gevolg deur ‘n AORISTUS MEDIUM (deponent) IMPERATIEF. Hier kom duidelik ‘n bietjie sarkasme na vore. Hierdie priesterlike leiers was nie op vriendskaplike voet met Pilatus nie, maar vir die oomblik het hulle mekaar in ‘n politieke hoedanigheid nodig gehad.

27:66 “En hulle het (toe) gegaan”; “they went”: Hier gaan dit oor ‘n afvaardiging namens die Joodse leierskap en die Romeinse soldate. Dit is moontlik dat die afvaardiging die graf verseël het. Die Joodse leiers wou seker maak dat die graf verseël en goed bewaak was.

VIR SPESIALE AANDAG: SEËL

‘n Seël kon in antieke tye dui

1. op waarheid, Joh. 3:33;
2. op eienaarskap, Joh. 6:27, 2 Tim. 2:19; Openb. 7:2-3;
3. op veiligheid en beskerming, Gen. 4:15, Mat. 27:66; Rom. 15:28; 2 Kor. 1:22; Ef. 1:13; 4:30; of
4. op ‘n teken van die werklikheid van God se beloofde gawes, Rom. 4:11; 1 Kor. 9:2.

Die doel van hierdie seël (#4) is identifisering van God se volk sodat die straf van God hulle nie tref nie. ‘n Seël van Satan merk sy volgelinge wat objek van God se toorn bly. Die “verdrukking” in Openbaring is *thlipsis*, dit dui altyd op wat ongelowiges deur vervolging die gelowiges aandoen. Maar *orgē* of *thumos* is woorde wat altyd God se oordeel oor ongelowiges impliseer, sodat hulle tot inkeer mag kom en tot aanvaarding van Christus. Die positiewe doel van oordeel kan in die verbondsoordeel of seëning van Deut. 27-28 gesien word.

☐ **OAV** “die graf verseker deur die steen te verseël”
CUM-NLV, NAV “hulle het toe die graf gaan beveilig”
CUM-MVB “die grafkamer beveilig deur die klip te verseël”
NASB “made the grave secure”

Dit dui op ‘n amptelike verseëling met Romeinse inskripsie op washegels wat die ronding van die klip en die grafwand met ‘n tou tussenin.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Was Josef van Arimatea by die nagtelike verhoor aanwesig?
2. Waarom was Pilatus so gewillig om van die liggame ontslae te raak?
3. Maak 'n lys van die profeet se voorspellings in hierdie gedeelte.
4. Wat was die vroue se bydrae tot die apostels se uitreik?
5. Verduidelik die ironie van vers 64 en die sarkasme van vers 65.

MATTEUS 28

PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*

UBS ⁴	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Resurrection of Jesus 28:1-10	He is Risen 28:1-8	The First Easter 28:1-10	The Resurrection 28:1-4 28:5-7 28:8	The Empty Tomb; The Angel's Message 28:1-8	Jesus het opgestaan 28:1-10
	The Women Worship the Risen Lord 28:9-10			Appearance to the Women 28:9-10	
The Report of the Guard 28:11-15	The Soldiers are Bribed 28:11-15	Bribing the Guard 28:11-15	The Report of the Guard 28:11-14 28:11-15	Precautions Taken by the Leaders of the People 28:11-15	Die berig van die wagte 28:11-15
The Commissioning of the Disciples 28:16-20	The Great Commission 28:16-20	Jesus' Commission to His Disciples 28:16-20	Jesus Appears to His Disciples 28:16-20	Appearance in Galilee ; The Mission to the World 28:16-20	Jesus se opdrag aan die dissipels 28:16-20

LEESSIKLUS DRIE (Sien bl. vii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hier bo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

17. Eerste paragraaf

18. Tweede paragraaf

19. Derde paragraaf

20. Ens.

WOORD EN FRASE STUDIE

NASB (UPDATED) TEXT: 28:1-7

¹Now after the Sabbath, as it began to dawn toward the first day of the week, Mary Magdalene and the other Mary came to look at the grave. ²And behold, a severe earthquake had occurred, for an angel of the Lord descended from heaven and came and rolled away the stone and sat upon it. ³And his appearance was like lightning, and his clothing as white as snow. ⁴The guards shook for fear of him and became like dead men. ⁵The angel said to the women, "Do not be afraid; for I know that you are looking for Jesus who has been crucified. ⁶He is not here, for He has risen, just as He said. Come see the place where He was lying. ⁷Go quickly and tell His disciples that He has risen from the dead; and behold, He is going ahead of you into Galilee, there you will see Him; behold, I have told you."

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 28:1-7.

* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hier bo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

28:1 OAV, NAV, CUM-MVB “en laat ná die sabbat”
NAV, CUM-NLV “vroeg Sondagmôre”
NASB “after the Sabbath”

Hierdie Griekse frase sinspeel op sononder van Saterdagagaand (vgl. die Vulgaat wat in dié vers het “op die Sabbataand” – d.w.s. Saterdagagaand). In Markus het die Grieks dit as sonop Sondagmôre. Daar is baie onduidelikheid oor die kronologie van Jesus se laaste week, veral ten opsigte van gebeure rondom die opstanding. Die frase “begin lig word” (dawning), dui op Romeinse tyd en lei die aandag weg van Joodse tyd af. Albei tydsaanduidings kom egter voor in die evangelies.

■ **“Maria Magdalena en die ander Maria”; “Mary of Magdalene and the other Mary”:** Markus (16:1) en Lukas (24:10) noem ook ander vroue by die graf, maar Johannes noem net Maria Magdalena (vgl. Joh. 20:1).

28:2 “En kyk, daar ontstaan ‘n geweldige aardbewing. Want ‘n hemelse boodskapper (engel) van die Here het van die hemel af gekom (neergedaal) en nader gegaan, die klip (voor die graf) weggerol”; “a severe earthquake had occurred, for an angel of the Lord descended from heaven and came and rolled away the stone”: Hierdie weergawe kom net in Matteus voor. Twee verduidelikings van hoe die steen voor die ingang van die graf verwyder is word tegelyk aangebied. Daar moes gedurende die feestyd twee aardbewings plaasgevind het: (1) tydens die kruisiging Vrydag, en (2) nog een om die steen voor Jesus se graf weg te rol sodat sy volgelinge kon ingaan. Sien die aantekening by 1:20.

28:3 OAV, CUM-MVB “En sy gedaante (voorkoms) was soos weerlig”
NAV “Sy voorkoms was so blink soos weerlig”
CUM-NLV “Sy gesig het geblink soos weerlig”
NASB “and his appearance was like lightning”

Die wit linnekleed van die engel is simbolies vir vlekkeloosheid of reinheid. Variërende getalle wat betref persone of engele kom dikwels in die evangelies voor. Luk. 24:4 en Joh. 20:12 vermeld twee engele. In hierdie geval is daar ‘n omkering van die gebruikelike. Gewoonlik het Matteus tweetalle. Ander voorbeelde sluit in: (1) die duiwelsbesetene by Gadara (Mark. 5:1; Luk. 8:26) en die twee duiwelbesetenes (Mat. 8:28); en (2) die blinde man (Mark. 10:46; Luk. 18:35) en twee blindes (Mat. 20:30).

28:5 OAV “Moenie vrees nie”
NAV, CUMs “Julle hoef (moet) nie bang (te) wees nie”
NASB “Do not be afraid”

Dit is presies wat Jesus hulle in vers 10 meedeel. Dit was die algemen stelwyse wanneer die bonatuurlike dimensie tot die natuurlike deurdring.

1. Jesus se woorde, Mat. 14:27; 17:7; 28:10; Mark. 6:50; Luk. 5:10; 12:32; Openb. 1:17
2. engele, Mat. 28:5; Luk. 1:13,30; 2:10

28:6 OAV “want Hy het opgestaan”
CUM-MVB “want hy is opgewek”
NAV, CUM-NLV “want Hy is opgewek uit die dood”
NASB “He has risen”

Dat die Vader die Seun se woorde en werke aanvaar het, kom in twee gebeurlikhede tot uitdrukking:

1. Jesus se opstanding uit die dood
2. Jesus se hemelvaart na die regterhand van die Vader.

Sien *Special Topic: Glory* by Mark 10:37b.

28:7 OAV “en gaan voor julle uit na Galilea”
NAV, CUMs “Hy gaan julle (solank) vooruit Galilea toe”
NASB “He is going ahead of you into Galilee”

Jesus het hulle meegedeel dat Hy hulle op ‘n berg in Galilea sou ontmoet (vgl. 26:32; 28:18-20; Luk. 24:46-47; Han. 1:8).

NASB (UPDATED) TEXT: 28:8-10

⁸And they left the tomb quickly with fear and great joy and ran to report it to His disciples. ⁹And behold, Jesus met them and greeted them. And they came up and took hold of His feet and worshipped Him. ¹⁰Then Jesus said to them, “Do not be afraid; go and take word to my brethren to leave for Galilee, and there they will see Me.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 28:8-10.

28:8 Vrees en groot vreugde was kenmerkend van die eerste ontmoetings na die opstanding. Die geestelik koninkryk wat tot die fisiese bestaan deurdring het tot vrees aanleiding gegee (wat sou ophou (vgl. vers 10), maar die groot vreugde sou bly), maar hierdie keer was dit die boodskap van die opgestane Christus wat groot vreugde veroorsaak het, en tot vandag toe nog!

Hulle het gehardloop om die nuus oor te dra – dieselfde motief as wat in verse 19-20 geld. Volgelinge moet gaan vertel!

28:9	OAV	“Wees gegroet”
	NAV	“hulle gegroet”
	CUM-MVB	“vir hulle gesê: Ek groet julle”
	CUM-NLV	“Goeie dag, mense!”
	NASB	“and greeted them”
	NKJV	“rejoice”
	NRSV, NJB	“Greetings”
	TEV	“Peace be to you”

So het Jesus gewoonlik gegroet. Dit kom van ‘n woord wat ‘wees bly’ beteken.

VIR SPESIALE AANDAG: JESUS SE VERSKYNINGE NA DIE OPSTANDING

Jesus het aan talle mense verskyn om sy opstanding te bevestig:

1. die vroue by die graf, Mat. 28:9
2. die elf dissipels, Mat. 28:16
3. Simon, Luk. 24:34
4. twee manne, Luk. 24:15
5. dissipels, Luk. 24:36
6. Maria Magdalena, Joh. 20:15
7. tien dissipels, Joh. 20:17
8. elf dissipels, Joh. 20:26
9. sewe dissipels, Joh. 21:1
10. Sefas (Petrus), 1 Kor. 15:5
11. die twaalf (apostels), 1 Kor. 15:5
12. 500 broers, 1 Kor. 15:6 (Mat. 28: 16-17)
13. Jakobus (sy aardse familie), 1 Kor. 15:7
14. al die apostels, 1 Kor. 15:7
15. Paulus, 1 Kor. 15:8 (Han. 9)

Dit is duidelik dat sommige hiervan na dieselfde verskyning verwys. Jesus wou aan almal bevestig dat Hy lewe!

▣	OAV, CUM-MVB	“hulle”
	NAV, CUM-NLV	“die vroue”
	NASB	“they”

Soos gewoonlik noem Matteus twee vroue, maar Lukas en Markus net een.

▣	OAV, CUM-NLV	“gryp sy voete (vas)”
	NAV, CUM-MVB	“sy voete gegryp”
	NASB	“took hold of His feet”

Joh. 20:7 stel dat slegs Maria sy voete gegryp het. Op hierdie wyse het mense in die Ooste hulle onderdanigheid, respek en aanbidding getoon.

28:10	OAV	“my broeders”
	NAV, CUMs	“my broers”
	NASB	“My brethren”

Wat ‘n betiteling vir hierdie vreesbevange dissipels (vgl. 12:15).

NASB (UPDATED) TEXT: 28:11-15

¹¹Now while they were on their way, some of the guard came into the city and reported to the chief priests all that had happened. ¹²And when they had assembled with the elders and consulted together, they gave a large sum of money to the soldiers, ¹³and said, “You are to say, ‘His disciples came by night and stole Him away while we were asleep.’” ¹⁴And if this should come to the governor’s ears, we will win him over and keep you out of trouble.” ¹⁵And they took the money and did as they had been instructed; and this story was widely spread among the Jews, *and is to this day.*

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 28:11-15.

28:11 Dit is merkwaardig dat Romeinse soldate aan Joodse priesters verslag doen. Van hierdie priesters het waarskynlik inligting aan Matteus verskaf.

28:12	OAV	“het hulle die soldate baie geld gegee”
	CUM-MVB	“hulle het vir die soldate ‘n groot getal silwerstukke gegee”
	NAV, CUM-NLV	“hulle het vir die soldate ‘n groot som geld gegee (aangebied)”
	NASB	“they gave a large some of money to the soldiers”

‘n Mens wonder wat die soldate daarvan gedink het dat, ondanks hulle kennis van die waarheid, hulle voorgesê word om ‘n leuen te versprei!

Hierdie Joodse leiers (die Sanhedrin) sou niks in hulle pad laat staan om Jesus te vernietig nie. Hulle

1. gebruik verraad om Hom in die hande te kry;
2. hou ‘n onwettige hofsitting in die nag om Hom te verhoor;
3. gebruik vals getuies om ‘n klag teen Hom te vind; en
4. bied omkoopgeld aan om ware getuies stil te maak.

28:13 “sy dissipels het (mooi) in die nag gekom en hom (sy liggaam) gesteel terwyl ons aan die slaap was”; “His disciples came by night and stole Him away while we were asleep”: Hoe kan hulle weet dat die dissipels die liggaam gesteel het as hulle geslaap het? Wel, saam met die vrou en die dissipels bevestig die Romeinse wagte hiermee dat die graf leeg was!

28:14 OAV “en maak dat julle sonder sorg is”
NAV, CUM-MVB “en sorg dat julle nie bekommerd hoef te wees nie”
CUM-NLV “Ons sal sorg dat julle jul nie hoef te kwel nie”
NASB “keep you out of trouble”

‘n Romeinse wag wat op diens aan die slaap raak, het ‘n ernstige misdryf begaan en kon ernstig bestraf word; selfs met die dood.

28:15 OAV “En hierdie verhaal is versprei onder die Jode tot vandag toe”
NAV, CUM-MVB “Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode vertel”
CUM-NLV “Hierdie storie is toe onder die Jode versprei en word oorvertel tot vandag toe”
NASB “This story was widely spread among Jews, and is to this day”

Hou in gedagte dat Matteus aan ‘n Joodse gehoor skryf. Justin Martyr (114-115 n.C.) bied dieselfde inligting in sy *Dialogue with Trytho* aan (bl. 108). Dit was veral die Sadduseërs en Romeine wat die diefstal van Jesus se liggaam wou voorkom.

NASB (UPDATED) TEXT: 28:16-20

¹⁶But the eleven disciples proceeded to Galilee, to the mountain which Jesus designated. ¹⁷When they saw Him, they worshipped Him; but some were doubtful. ¹⁸And Jesus came up and spoke to them, saying, “All authority has been given to Me in heaven and on earth. ¹⁹Go therefore and make disciples of all the nations, baptizing them in the name of the Father and the Son and the Holy Spirit, ²⁰teaching them to observe all that I commanded you; and lo, I am with you always, even to the end of the age.”

Verwys na NAV, OAV of CUMs vir die Afrikaans: Mat. 28:16-20.

28:16 “En die elf dissipels (leerlinge) het na Galiléa gegaan, na die berg waar (soos) Jesus hulle bestel het (beveel het om te gaan)”; “But the eleven disciples proceeded to Galilee, to the mountain which Jesus had designated”: Jesus het hulle voorheen meegedeel dat Hy hulle daar sou ontmoet (vgl. 26:32; 27:7,10). As hulle meer daarop ag geslaan het, sou hulle die opstanding te wagte kon wees, maar hulle het nie! Dit was nie die berg van die hemelvaart nie. Die hemelvaart het eers 40 dae ná die opstanding vanaf die Olyfberg plaasgevind (vgl. Luk. 24:50-51; Han. 1:4-11).

28:17 OAV “maar sommige het getwyfel”
NAV, CUM-MVB “hoewel party getwyfel het”
CUM-NLV “alhoewel party van hulle nog getwyfel het”
NASB “but some were doubtful”
NKJV, NRSV “but some doubted”
TEV “some of them doubted”
NJB “some hesitated”

Dit kan nie op die 120 wat Hom drie keer in Jerusalem gesien het van toepassing wees nie. Waarskynlik dui dit op die groter getal (ongeveer 500) waarvan Paulus melding maak in 1 Kor. 15:6. Waarskynlik het Jesus op ‘n afstand verskyn en toe nader geloop. Na die opstanding het Jesus anders gelyk (vgl. Joh. 20:14; 21:4; Luk. 24:13,31).

Die belang hiervan is dat die groot opdrag nie aan die Apostels alleen of die 120 in die bovertrek alleen opgelê is nie, maar aan die hele kerk. Dit is die taak van die hele kerk en nie net van die leierskap nie. Die opdrag is op minstens drie geleenthede gegee:

1. in die bovertrek die aand van die opstanding (vgl. Luk. 24:46-47; Joh. 20;21)
2. op ‘n berg in Galilea (vgl. Mat. 28)
3. op die Olyfberg net voor die Hemelvaart (vgl. Han. 1:8)

28:18 NAV, CUM-MVB, OAV “Aan My is alle mag (volle outoriteit) gegee in die hemel en op die aarde”
CUM-NLV “God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou”
NASB “All authority has been given to Me in heaven and on earth”

Wat 'n verbysterende stelling (vgl. 11:27; Luk. 10:22; Joh. 3:35; 13:3; Efes. 1:20-22; Kol. 1:16-19; 2:10; 1 Pet 3:22)! Jesus moes óf die Messias óf 'n leuenaar gewees het. Sy opstanding het sy Messiaanse gestalte bevestig.

28:19 “gaan”; “go”: Dit is 'n AORISTUS PASSIEF (deponent) DEELWOORD wat as 'n IMPERATIEF gebruik word. Dit moenie verstaan word as 'soos wat julle gaan nie', want dit sou 'n PRAESENS IMPERATIEF vertaal eerder as die AORISTUS. Die beter opsie is 'gaan dan', wat alle Christene oproep tot 'n lewe van getuienis (vgl. 1 Pet. 3:15 en moontlik Kol. 4:2-6). Dit is prioriteit. Dit is die groot opdrag, nie die groot opsie nie!

■ **“Maak. . .dissipels”; “Make disciples”:** Dit is 'n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF. Die term dissipel beteken 'leerling'. Die Bybel beklemtoon nie beslissings nie, maar gelowige lewenstyl. Die sleutel tot evangelisasie is dissipelskap. Nietemin, dissipelskap begin met sondebelydenis, geloofsbelydenis en verloop dan verder in en deur volgehoue gehoorsaamheid.

■ **“van (na) al die nasies”; “of all the nations”:** Vir die Jode moes dit 'n skokkende stelling gewees het, maar dié visie volg uit Dan. 7:14 waar sprake is van 'n ewige en universele koninkryk (vgl. Openb. 5). Dit is 'n verandering ten opsigte van Jesus se vroeëre uitgangspunt (vgl. Mat. 10:5-6). Let daarop hoeveel keer die woordjie “almal” in hierdie paragraaf voorkom.

Sien *Vir Spesiale Aandag: Bob se evangeliese Vooroordele* by 24:14.

■ **“doop”; “baptizing”:** Dit is 'n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD (PARTISIPIUM) wat hier as 'n IMPERATIEF (bevel) aangewend word. Dit staan in ewig met “leer” (vers 20). Die twee doelwitte van die kerk is evangelisasie en dissipelskap. Dit is die twee kante van dieselfde munt. Dit kan nie, en moet ook nie, geskei word nie.

VIR SPESIALE AANDAG: DOOP

Curtis Vaughan, *Acts*, het op bl. 28 'n interessante voetnoot:

“The Greek word for ‘baptized’ is a third person imperative; the word for ‘repent’, a second person imperative. This change from the more direct second person command to the less direct third person of ‘baptized’ implies that Peter’s most basic primary demand is for repentance.”

Beide Johannes die Doper (vgl. Mat. 3:2) en Jesus (vgl. Mat. 4:17) het ook hierop klem geplaas. Beroubetoning is die geestelike sleutel tot geestelike verandering, waarvan die doop die uiterlike bevestiging is. Die Nuwe Testament dra geen kennis van ongedoopte gelowiges nie! Doop was in die vroeë kerk 'n openbare belydenis van geloof. Dit was die geleentheid vir 'n openbare belydenis van geloof in Christus, en nie die meganisme van verlossing nie. Neem kennis dat die doop nie in Petrus se tweede preek genoem word nie (vgl. 3:19; Luk. 24:17). Jesus het 'n voorbeeld gestel deur Homself te laat doop (vgl. Mat. 28:19) en daardeur ook 'n opdrag gegee aan gelowiges (Mat. 28:19). Die hedendaagse geskil oor die noodsaaklikheid van die doop vir saligheid word nie in die Bybel besleg nie. Die verwagting is bloot dat alle gelowiges gedoop sal wees. Waak egter daarteen dat hoop nie ten volle op die sakrament berus nie (*sacramental mechanicalism*). Verlossing is 'n kwessie van geloof, nie van spesifieke tradisies oor plek, bewoording of voorgeskrewe rituele nie.

■ **“in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”; “in the name of the Father, Son and the Holy Spirit”:** Hierdie drie-Persoon formule kan 'n weerspieëling van Jes. 42:1 wees. Let daarop dat “in die naam” ENKELVOUD is. Die naam van God is Drie-enig (vgl. Mat. 3:16-17; Joh. 14:26; Han. 2:32-33, 38-39; Rom. 1:4-5; 5:1,5; 8:1-4,8-10; 1 Kor. 12:4-6; 2 Kor. 1:21; 13:14; Gal. 4:4-6; 1 Tess. 1:2-5; 2 Tess. 2:13; Tit. 3:4-6; 1 Pet. 1:2; Judas verse 20-21). Sien *Vir Spesiale Aandag: die Drie-eenheid* by 3:17 en *Vir Spesiale Aandag: Persoon van die Heilige Gees* by 12:31.

Die doopformule van Han. 2:38, “in die naam van Jesus”, kan nie teenoor die formule in die groot opdrag gestel word nie. Verlossing is 'n reeks van gebeure aanvanklik en deurlopend: sondebelydenis, geloof, gehoorsaamheid en volharding. Verlossing is nie 'n blote liturgiese formulier nie of berus nie op 'n sakramentshandeling nie. Dit is 'n intieme, daaglikse, groeiende persoonlike verhouding met God. Dit was/is immers die doel van die skepping.

28:20 “leer hulle”; “teaching them”: Hierdie is 'n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as 'n IMPERATIEF gebruik word. Dit gaan nie net oor feite omtrent Jesus nie, maar gehoorsame navolging van al sy leringe. Dit gaan per slot van rekening oor Christelike volwassenheid.

1. 'n berouvolle belydenis van geloof
2. 'n lewe na die voorbeeld van Christus
3. 'n toenemende kennis van leerstellige waarheid

■ NAV, OAV, CUM-MVB “Ek is by (met) julle al die dae”
CUM-NLV “Ek is altyd by julle”
NASB “I am with you always”

Dit word met klem verklaar⁶⁰, Jesus is altyd persoonlik by gelowiges teenwoordig. Immanuel (God met ons) het gekom (vgl. 1:23) om te bly! Daar is afwisseling in verband met die inwoning van die Heilige Gees en Christus (vgl. Rom. 8:9-10;

⁶⁰ Vgl. CUM-MVB – vert.

2 Kor. 3:17; Gal. 4:6; Fil. 1:19; Kol. 1:27). In Joh. 14 is beide Vader en Seun inwonend by gelowiges. In werklikheid neem al drie persone van die Goddelike Wese aandeel in alle verlossingsgebeure. Die Een aan Wie alle mag gegee is en wat altyd by ons is, het ons beveel om die al die nasies te evangeliseer en tot dissipelskap te begelei (let op die vier gebruike van “almal/alles/al” in die groot opdrag). Danksy sy almag en teenwoordigheid kan ons dit volbring.

▣	OAV, NAV	“tot die voleinding van die wêreld”
	CUM-MVB	“tot aan die einde van die tydvak”
	CUM-NLV	“tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis”
	NASB	“to the end of the age”

Dit sinspeel op die twee Joodse eras (tydvakke) en die frase bedoel tot en met die wederkoms, wat die volle fisiese aanwesigheid van die koninkryk van God sal inlui. Sien *Vir Speciale Aandag: Hierdie Era en die Toekomstige* by 12:31.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom is daar tussen die vier evangelies sulke groot verskille wat betref die opstanding?
2. Waarom het God die rots voor die graf verwyder terwyl Jesus reeds uit was?
3. Waarom het die vrou die graf besoek? Hoeveel keer en hoeveel was hulle?
4. Waarom het Jesus sy dissipels in Galilea ontmoet?
5. Wat is die implikasies daarvan dat die groot opdrag die kerk en nie net die kerkleierskap opgelê is nie?

BYLAAG EEN

‘n Tabel van datums en regeerders van Palestina tydens die intertestamentêre tydperk

PERSIESE RYK

Cyrus II	548-529 v.C.
Cambyses II.....	520-522
Darius I (Hystaspes).....	522-486
Xerxes I.....	465-465
Artaxerxes I (Longimanus).....	464-424
Xerxes II (slegs ‘n paar maande).....	424-423
Darius II (Nothus).....	423-404
Artaxerxes II (Mnemon).....	404-359
Artaxerxes III (Ochus).....	359-338
Darius III (Codomannus).....	338-331

PTOLEMIDIESE RYK (EGIPTE)

Ptolemeus I (Soter I).....	311-283/2
Ptolemeus II (Philadelphos).....	285-246
Ptolemeus III (Eugetes I).....	246-221
Ptolemeus IV (Philopator).....	221-203
Ptolemeus V (Epiphanes).....	203-181/0
Ptolemeus VI (Philometor).....	181/0-145
Ptolemeus VII (Euergetes II, Physcon).....	145-116
Ptolemeus VIII (Soter II, Lathyros).....	116-108/7 & 88-89
Ptolemeus IX (Alexander I).....	108/7-88
Ptolemeus X (Alexander II).....	80
Ptolemeus XI (Auletes).....	80-51
Ptolemeus XII & Cleopatra VII.....	51-48
Ptolemeus XIII & Cleopatra VII.....	47-44
Ptolemeus XIV (Caesar) & Cleopatra VII.....	44-30

SELEUSIDIESE RYK

Seleucus I (Nicator).....	311-281/0
Antiochus I (Soter).....	280-262/1
Antiochus II (Theos).....	261/0-247/6
Seleucus II (Callinicos).....	246/5-226/5
Seleucus III (Ceraunus).....	225/4-223
Antiochus III (Die Grote).....	223-187
Seleucus IV (Philopator).....	187-175
Antiochus IV (Epiphanes).....	175-163
Antiochus V (Eupator).....	163-162
Demetrius I (Soter).....	162-150
Alexander Balas.....	150-145
Demetrius II (Nicator).....	145-139/8
Antiochus VI (Epiphanes).....	145-142/1
Tryphon.....	142/1-138
Antiochus VII (Euergetes, Sidetes).....	139/8-129
Demetrius II (Nicator).....	129-126/5
Antiochus VIII (Grypos).....	125-96
Antiochus IX (Kyzikenos).....	115-95
(Daar heers vir 30 jaar verwarring met vyandige aanspraakmakers tot die troon)	

DIE HASMONIËRS

Judas Makkabeus.....	166/5-160
Jonatan (Hoëpriester).....	160/59-142/1

Simon (Hoëpriester).....	142/1-135/4
Johannes Hyrcanus I (Hoëpriester, Koning).....	134/3-104/3
Aristobulus I (Hoëpriester, Koning).....	103/2
Alexander Jannaeus (Hoëpriester, Koning).....	102/1-76/5
Alexandra Salomé.....	75/4-67/6
Hyrcanus II (Hoëpriester, Koning).....	75/4-66/5 & 63/40
Aristobulus II (Hoëpriester, Koning).....	66/5-63
Antigonus (Hoëpriester, Koning).....	40-37
Herodes die Grote.....	37-4

REGEERDERS OOR JUDEA VAN 4 n.C. TOT DIE VAL VAN JERUSALEM 70 n.C.

Archelaus.....	4 v.C. – 6 n.C.
----------------	-----------------

ROMEINSE GOEWERNEURS

Coponius.....	6-9
Marcus Ambibulus.....	c9-12
Annus Rufus.....	c12-15
Valerius Gratus.....	15-26
Pontius Pilates.....	26-36
Marcellus.....	36
Marullus.....	37
Merennius Capito.....	?-41
Herodes Agrippa I.....	41-44
Cuspius Fadus.....	44-?
Tiberius Alexander.....	?
Cumanus.....	?48-52
Feliks.....	52-?60
Porcius.....	?60-62
Albinus.....	63-64
Gessius Florus.....	64-

Die Intertestamentêre Tydperk (400-5 v.C.)

A. Persiese Bewind (539/538-332 v.C.)

B. Griekse Bewind (322-167 v.C.)

1. Aleksander die Grote (332-323 v.C.) volg sy vader, Filippus van Masedonië, op in 336 v.C. Met sy dood is Aleksander se ryk onderverdeel tussen sy generaals, van wie twee vir ons van belang is: Ptolemeus en Seleucus
2. Ptolemidiese bewind (232-198 v.C.) Ptolemeus en sy linie oefen vanuit Egipte heerskappy oor Palestina uit
 - a. Ptolemeus I ('Soter', 323-285 v.C.) bou 'n vuurtoring op die eiland van Pafos
 - b. Ptolemeus II ('Philadelphus', 285-245 v.C.) bou of herbou baie stede in Palestina as sentrums van Griekse kultuur: Asdod, Askelon, Gasa en Joppe, Geser, Strato se Toring, Sidon, Ptolemis, Samaria, Bet San, nou Scythopolis herdoop.
 - c. Ptolemeus V ('n kind) verloor Palestina aan die Seleusiede in 198 v.C.
3. Seleusidiese bewind (198-167 v.C.)
 - Seleucus I ('Nicator', 281 v.C.)
 - Antiochus I (Seleucus se seun, 281-261 v.C.)
 - Antiochus II (getroud met Bernice, dogter van Ptolemeus II, 261-246 v.C.)
 - Antiochus III (broer van Seleucus III, 223-187 v.C.)
 - Seleucus II (246-226 v.C.)
 - Seleucus III (226-223 v.C.)
 - Antiochus III (genoem 'Antiochus die Grote') neem Palestina van die Ptolemeuse.
 - Die Joodse hoëpriester en Simon II (sy familie is dikwels die Onaide genoem) was gekant teen Hellenistiese invloede.
 - Nog 'n Joodse familie, die Tobiade, was vir Hellenisering.
 - Die Hasidim 'die gelowige mense' van Jerusalem wat 'n renons in Hellenisering gehad het en dit verwerp het.
 - Rome verslaan Antiochus in 188 v.C. en lê hom 'n swaar belasting op.

Seleucus IV – 187-175 v.C.

Antiochus IV – 175-163 v.C. ‘Epiphanes’ (broer van Seleucus IV) Antiochus Epiphanes het die hoëpriester, Onias III, verwyder en sy broer in sy plek aangestel – Jason, ‘n Helleniese Jood. Die Hasidim was sterk teen hom gekant. Later vervang hy vir Jason met Menelaus as hoëpriester (en met sy hulp het Antiochus later die Tempel van 1800 goue talente beroof!) ‘n Gerug dat hy vermoor is het deur Jerusalem versprei en het die Jode in opstand laat kom. Antiochus het die tempelrituele stopgesit, beveel dat hulle geskifte vernietig word en die sabbat nie geheilig word nie. Hy het vereis dat Zeus aanbid word. ‘n Altaar vir Zeus is in die tempel opgerig. Die Jode is nie toegelaat om hulle kinders te besny nie en is gedwing om varkvlies te eet.

C. Makkabeëse Bewind of Hebreeuse Onafhanklikheid 167-63 v.C.

1. Mattatias – priester by Modin, vader van vyf seuns – sy familie is Hasmoniërs genoem, afstammeling van Hasmon, voorvader van Mattatias.
2. Judas – genoem ‘Makkabeus’ of ‘die hamer’
Verwerp geloofsvryheid vir Jode deur guerilla oorlogvoering teen die Seleusiede. Reinig die tempel en wy dit opnuut aan God, Des. 25 – 165 of 164 v.C. (Hanukkah of die Fees van Ligte); Onias IV (seuns van die oorlede wetmatige Joodse hoëpriester) het ‘n Joodse tempel in Egipte gebou by Leontopolis en die Jerusalemrituele gerepliseer. Die priesterlike linie het 230 jaar vasgestaan.
3. Jonatan volg Judas op – 160 v.C. – 143 v.C.
4. Simon verkry mag met Jonatan se dood en in of 143 of 142 v.C. wen hy Seleusidiese erkenning van politiese onafhanklikheid. Hy is erfregtelik hoëpriester gemaak en is vermoor deur sy skoonseun in 134 v.C. of 135 v.C.
5. Johannes Hycanus (Simon se seun) volg hom op – 135-105 v.C. Vernietig Samaritaanse tempel. Die Sadduseërs en Fariseërs verskyn nou volgens Josefus in die geskiedenis.
6. Aristobulus I – 105-104 v.C. Vir een jaar, seun van Johannes, noem homself ‘koning’. Hy is ondersteun deur die Sadduseërs.
7. Alexander jannaeus, 104-103 v.C. – 78-77 v.C. of 76
Halfbroer van Aristobulus. Hy het koning en hoëpriester geword nadat hy met die weduwee, Salomé Alexandra getroud is. Hy is ondersteun deur die Sadduseërs. Hy het Antipater as goewerneur van Idumea aangestel. Dit was die hoogtepunt van mag en grootsheid vir die Makkabeëse koninkryk.
Salomé Alexandra – regeer vir nege jaar as koningin en maak haar seun, Hyrcanus II (wat ‘n Fariseër was), hoëpriester en haar ander seun, Aristobulus II (was ‘n Sadduseër was), militêre kommandeur. Dit het veroorsaak dat ‘n burgeroorlog tussen hulle uitbreek. Antipater van Idumea en Artas, Koning van Nabatea by Petra help vir Hyrcanus II. Pompey, ‘n Romeinse general, daag in Damaskus op in 63 v.C. en beide Hyrcanus en Aristobulus II pleid om sy ondersteuning.

D. Romeinse Bewind – 63 v.C.

1. Pompey – ondersteun Hyrcanus II met Antipater as adviseur
2. Julius Caesar – gee Antipater groot mag as goewerneur van Judea en Antipater het sy twee seuns, Herodes en Phasael, militêre offisiere oor Galilea en Judea onderskeidelik gemaak.
3. Markus Antonius stel Herodes en Phasael aan as gesamentlike ‘tetrarge’ oor Judea in 41 v.C.
4. Parthia oorval en beheer Judea vanaf 40-39 v.C. en ‘n hoëpriester het regeer as koning. Phasael het selfmoord gepleeg, maar Herodes het ontsnap na Rome en, met die hulp van Antonius en Oktavius het die Senaat hom koning van die Jode gemaak. Dit neem twee of drie jaar van oorlog om volle beheer van Palestina te bekom. Wanneer Oktavius en Antonius (en Cleopatra) ‘n botsing gehad het in 31 v.C. by Actium, het Oktavius as die leier van die Romeinse wêreld uit die stryd getree en Herodes het sy ondersteuning verseker.
5. Bewind van Herodes – 37-4 v.C. : teoreties gesproke was hy ‘n onafhanklike koning in vennootskap met Rome.
 - a. ‘n Idumeër (of Edomiet)
 - b. Het ‘n Hasmoniese leier oorwin – daarom trou hy ‘n Hasmoniese Prinses, Marianne. Moord, intrige, ens. het gevolg.
 - c. Vergroot sy gebied aansienlik.
 - d. Uitstekende bouer
 - (1) Caesarea by die See
 - (2) Tempel begin in 20 of 19 v.C. en neem tot 64 v.C. om te voltooi
 - (3) Samaria word Sebaste ter ere van Augustinus.
 - (4) so ook Antipatris noordoos van Joppa
 - (5) so ook Phasaelis noord van Jerigo
 - (6) en vestings soos Machaerus en Masada is opgerig
 - e. Sy familie wat regeer:
 - (1) Archelaus – 4 v.C. – 6 v.C. regeer oor Judea, maar hy word verwyder en goewerneurs is aangestel in sy plek (vgl. Mat. 2:20-22)
 - (2) Herodes Antipas – regeer oor Perea en Galilea; vermoor Johannes die Doper. Bou die stad van Tiberius op die See van Galilea in 22 v.C. Word die sentrum van Joodse opvoeding nadat Jerusalem vernietig is in 70 v.C.

- (3) Philip die Tetrarg – regeer noordoos van Palestina. Hoofstad van Panion herbou. (Hy is nie die man van Herodias nie.) Genoem hoofstad Caesarea, dus Caesarea Philippi. Herbou Betsaïda en noem dit Betsaïda Julius ter ere van Julia, die dogter van Augustus Caesar.
- Antiochus IV – 175-163 v.C. ‘Epiphanes’ (broer van Seleucus IV) Antiochus Epiphanes het die hoëpriester, Onias III, verwyder en sy broer in sy plek aangestel – Jason, ‘n Helleniese Jood. Die Hasidim was sterk teen hom gekant. Later verwang hy vir Jason met Menelaus as hoëpriester (en met sy hulp het Antiochus later die Tempel van 1800 goue talente beroof!) ‘n Gerug dat hy vermoor is het deur Jerusalem versprei en het die Jode in opstand laat kom. Antiochus het die tempelrite gestaak, beveel dat hulle geskrifte vernietig word en die Sabbat nie gehuldig word nie. Hy het vereis dat Zeus aanbid word. ‘n Altaar vir Zeus is in die tempel opgerig. Die Jode is nie toegelaat om hulle kinders te besny nie en is gedwing om vark te eet.

BYLAAG TWEE

BONDIGE DEFINISIES VAN GRIEKSE GRAMMATIKALE TERME

Koine Grieks, dikwels ook Hellenistiese Grieks genoem, was die algemene spreektaal van die Mediterreense wêreld. Hierdie tydperk neem sy aanvang met die oorwinningsveldtog van Alexander die Grote (336-323 v.C.) en kom ongeveer agthonderd jaar later tot 'n einde (300 v.C.-500 n.C.) Dit was nie bloot 'n vereenvoudigde vorm van klassieke Grieks nie, maar op baie maniere 'n vernieude vorm van Grieks wat die tweede taal van die antieke nabye-Ooste en Mediterreense wêreld geword het.

Op sekere maniere was die Grieks van die Nuwe Testament uniek, omdat die sprekers daarvan – behalwe Lukas en die skrywer van Hebreërs – se eerste taal waarskynlik Aramees was. Gevolglik is die idiome en strukturelemente van Aramees in die Grieks van die NT geïnkorporeer. Hulle het ook uit die Septuaginta (Griekse vertaling van die OT), ook in Koine Grieks geskryf, aangehaal. Die skrywers van die Septuaginta was egter self Joodse geleerdes wat nie Grieks as eerste taal gepraat het nie.

Hierdie oorwegings moet ons herinner dat ons nie die Nuwe Testament in 'n eng grammatiese struktuur kan saampers nie. Dit is uniek, hoewel dit tog baie in gemeen het met die (1) Septuaginta; (2) Joodse geskryfte soos dié van Josephus; en (3) papiri in Egipte gevind. Hoe benader ons dan 'n grammatiese ontleding van die Nuwe Testament?

Die grammatiese elemente van Koine Grieks en Nuwe Testamentiese Koine Grieks is nie konstant nie. Op baie maniere was dit 'n tydperk van vereenvoudigde grammatika. Konteks sal vir ons bepalend wees. Woorde het slegs betekenis binne 'n breër konteks. Daarom kan grammatiese strukture slegs verstaan word in die lig van (1) 'n gegewe skrywer se skryfstyl; en (2) 'n gegewe konteks. Geen onweerlegbare definisie van Griekse vorme en strukture is moontlik nie.

Koine Grieks was hoofsaaklik 'n gesproke taal. Dikwels is die sleutel tot interpretasie die tipe en vorm van die werkwoord. Die werkwoord word meestal eerste geplaas in belangrike frases, wat dan dui op die gewigtheid van die stelling. Drie aspekte moet in ag geneem word in die ontleding van 'n Griekse werkwoord: (1) die basiese klem van die tydvorm (verlede, hede of toekomstig), vorm en modaliteit (vormleer of morfologie); (2) die basiese betekenis van die gegewe werkwoord (leksikografie); en (3) die vloei van die konteks (sintaksis).

I. TYDVORM/TEMPUS*

A. Tydvorm is betrokke by die verwantskap tussen WERKWOORDE en afgehandelde aksie of onafgehandelde aksie. Dit word dikwels “perfektum” of “imperfektum” genoem (voltooid verlede tyd of onvoltooid verlede tyd).

1. Perfektum tydvorm fokus op die uitvoering van 'n handeling. Geen verdere inligting word gegee behalwe dat iets gebeur het nie! Die begin, verloop of einde is nie ter sprake nie.
2. Imperfektum tydvorm fokus op die voortgaande proses van 'n handeling. Dit kan in terme van lineêre opvolgaksie, voortdurende aksie, progressiewe aksie, ens. beskryf word.

B. Tydvorm kan gekategoriseer word in terme van die manier waarop die outeur die handeling as progressief beskou:

1. Dit het plaasgevind = AORISTUS (onbepaald verlede tyd)
2. Dit het plaasgevind en die uitkoms is blywend = PERFEKTUM (voltooid verlede tyd)
3. Dit het in die verlede plaasgevind met afgehandelde gevolge, maar die gevolge is nie meer van toepassing nie = PLUPERFEKTUM/PLUSQUAMPERFEKTUM (volmaak verlede tyd/voorverlede tyd)
4. Dit vind plaas = TEENWOORDIGE TYD (PRAESENS)
5. Dit was besig om plaas te vind = IMPERFEKTUM (onvoltooid verlede tyd)
6. Dit sal plaasvind = TOEKOMSTIGE TYD (FUTURUM)

'n Grondige voorbeeld van hoe tydvorm interpretasie bemagtig is die term, “red”. Dit word in 'n aantal verskillende tydvorme gebruik en impliseer proses sowel as kulminasie (of hoogtepunt).

1. AORISTUS – “gered” (vgl. Rom. 8:24)
2. PERFEKTUM – “is gered en die resultaat duur voort” (vgl. Ef. 2:5, 8)
3. PRAESENS – “word gered” (vgl. 1 Kor. 1:18; 15:2)
4. FUTURUM – “sal gered word” (vgl. Rom. 5:9, 10; 10:9)

C. Skrifgeleerdes fokus op WERKWOORDTYE om die bedoeling wat die oorspronklike skrywer gehad het, te bepaal. Die AORISTUS was die standaardvorm om die konteks die betekenis te laat bepaal. Dit was die gewone “nie-spesifieke”, “onbepaalde”, of “neutrale” WERKWOORDVORM en kon op 'n verskeidenheid maniere gebruik word wat deur die konteks gespesifiseer moes word. Dit stel bloot dat iets gebeur het. Die verledetydsvorm word dan in die AANTONENDE MODALITEIT uitgedruk. Die gebruik van enige ander TEMPUS plaas meer spesifieke klem, maar waarop?

* Alle Afrikaanse aanhalings is uit die OAV tensy anders vermeld – vert.

1. PERFEKTUM. Hier gaan dit om 'n afgehandelde aksie met blywende gevolg. Hiervoor kombineer die AORISTUS met die PRAESENS. Die fokus is gewoonlik op die *blywende resultate* of die *afgehandelde aksie*. Voorbeeld: “uit genade is julle gered en [...] God het ons gemaak wat ons nou is” [NAV vers 10], (Ef. 2:5, 8, 10).
2. PLUPERFEKTUM: Dit was soos PERFEKTUM, maar die gepaardgaande resultaat *duur nie voort nie*. Voorbeeld: “Maar Petrus het buitekant by die deur bly staan,” (Joh. 18:16).
3. TEENWOORDIGE TYD (PRAESENS): Dit spreek van 'n onvoltooide of onvolledige handeling. Die fokus is gewoonlik op die *voortsetting* van die gebeurtenis. Voorbeeld: “Elkeen wat in Hom bly, sondig nie,”; “Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie,” (“Everyone abiding in Him does not continue sinning,” “everyone having been begotten of God does not continue to commit sin”) (1 Joh. 3:6, 9).
4. IMPERFEKTUM. In hierdie tyd is die verhouding met die TEENWOORDIGE TYD in ooreenstemming (analoog) met die verhouding tussen die PERFEKTUM en die PLUPERFEKTUM tye. Die IMPERFEKTUM TYDVORM spreek van onvoltooide handeling wat besig was om plaas te vind, maar nou opgehou het, of van die aanvang van 'n handeling in die verlede. Voorbeeld: “En Jerusalem. . . het uitgegaan na Hom toe” (“Then all Jerusalem were continuing to go out to him” or “then all Jerusalem began to go out to him”) (Mat. 3:5).
5. TOEKOMSTIGE TYD (FUTURUM): Hier is gewoonlik 'n handeling van iets wat vir die toekoms voorsien word, ter sake. Dit fokus op 'n potensiele gebeurtenis eerder as 'n werklike gebeurtenis. Dit verwys dikwels na die sekerheid waarmee hierdie gebeurtenis verwag word. Voorbeeld: “Salig is. . . want aan hulle” (“Blessed are. . . they will...”) (Mat. 5:4-9).

II. VORM (Bedrywend, lydend, wederkerig)

- A. VORM beskryf die verhouding tussen die aksie van die WERKWOORD en sy ONDERWERP.
- B. AKTIEWE (BEDRYWENDE) VORM was die normale, verwagte, onbeklemtoonde manier om aan te toon dat die onderwerp besig was om die handeling van die WERKWOORD uit te voer.
- C. Die PASSIEWE (LYDENDE) VORM toon dat die ONDERWERP die ontvanger was van die handeling van die WERKWOORD, uitgevoer deur 'n eksterne bewerker. Hierdie eksterne bewerker word in die Griekse NT na verwys deur die volgende VOORSETSELS en gevalle:
 1. 'n persoonlike direkte agent/bewerker met '*hupo*' in die ABLATIEWE STATUS (vgl. Mat. 1:22; Han. 22:30);
 2. 'n persoonlike tussenvorm agent/bewerker met '*dia*' in die ABLATIEWE STATUS (vgl. Mat. 1:22)
 3. 'n onpersoonlike agent/bewerker gewoonlik met '*en*' by die INSTRUMENTIS STATUS; en
 4. soms óf 'n persoonlike óf onpersoonlike agent/bewerker, alleenlik in die INSTRUMENTIS STATUS
- D. Die MIDDELVORM (MEDIUM) beteken dat die ONDERWERP die handeling van die WERKWOORD voortbring, en ook direk daarby betrokke is. Dit word dikwels die VORM van verhoogde persoonlike belang genoem. Die konstruksie is 'n manier om die ONDERWERP van die frase of sin te beklemtoon. Hierdie konstruksie word nie in Engels aangetref nie, (maar wel in Afrikaans) en het 'n wye verskeidenheid moontlike betekenis in Grieks. Voorbeelde hiervan sluit in:
 1. REFLEKSIEF – die direkte handeling van die onderwerp op homself. Voorbeeld: “homself gehang” (“Hanged himself”) (Mat. 27:5).
 2. INTENSIEF – die onderwerp veroorsaak die handeling vir homself. Voorbeeld: “Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig” (“Satan himself masquerades as an angel of light”) (2 Kor. 11:14).
 3. WEDERKERIG – interaksie tussen twee onderwerpe. Voorbeeld: “En hou saam raad” (“They counseled with one another”) (Mat. 26:4).

III. MODALITEIT

- A. Daar is vier MODALITEITE in Koine Grieks. Hulle dui op die verhouding van die WERKWOORD tot die werklikheid – die werklikheid volgens die outeur, ten minste. Die MODALITEITE word verdeel in twee breë kategorieë: dié wat verwys na realiteit (AANTONEND) en dié wat verwys na potensiaal (AANVOEGEND, ONBEPAALED en WENSEND).
- B. Die AANTONENDE MODALITEIT was die normale ASPEK om handeling te beskryf wat reeds gebeur het of besig was om te gebeur, weereens vanuit die perspektief van die skrywer. Dit was die enigste Griekse luim wat 'n definitiewe tyd aantoon, en selfs hier was dié aspek van sekondêre belang.
- C. Die AANVOEGENDE MODALITEIT dui op waarskynlike toekomshandeling. Iets het nog nie gebeur nie, maar die kans was goed dat dit sou. Dit het baie in gemeen met die TOEKOMSTIGE AANTONENDE MODALITEIT. Die verskil was dat die AANVOEGENDE MODALITEIT 'n sekere mate van twyfel aantoon. Dit is vergelykbaar met die gebruik van “could”, “would”, “may” or “might” in Engels, of “kan”, “sou” of “mag” in Afrikaans.

- D. Die WENSENDE MODALITEIT gee uitdrukking aan ‘n wens wat in teorie vervulbaar was. Dit is een stap verder weg van die realiteit as die AANVOEGENDE MODALITEIT. Die WENSENDE MODALITEIT dui op moontlikhede afhanklik van sekere voorwaardes. Dit kom selde voor in die Nuwe Testament, behalwe in Paulus se befaamde gesegde: “Nee, stellig nie!” – in totaal vyftien keer (vgl. Rom. 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 7:7, 13; 9:14; 11:1, 11; 1 Kor. 6:15; Gal. 2:17; 3:21; 6:14). Ander voorbeelde word aangetref in Tess. 1:38; 20:16; Han. 8:20; en 1 Tess. 3:11).
- E. Die GEBIEDENDE MODALITEIT beklemtoon ‘n bevel wat uitvoerbaar was, maar die klem is op die bedoeling van die spreker. Dit stel slegs die begeerte tot ‘n moontlike uitkoms, maar is afhanklik van die besluite van ‘n ander. Daar was ‘n spesiale gebruik van die GEBIEDENDE MODALITEIT in gebede en derdepersoonsversoeke. Hierdie bevel word slegs in die PRAESENS en AORISTUS tye in die NT aangetref.
- F. Sommige taalkundiges klassifiseer die PARTISIPIUM of DEELWOORDE as ‘n verdere tipe MODALITEIT. Hulle is baie algemeen in die Griekse NT waar dit gewoonlik as ‘n BYWOORD bestempel word. DEELWOORDE word saam met die WERKWOORD waarmee hul ingespan is vertaal. As gevolg van die groot verskeidenheid vertalingsmoontlikhede van deelwoorde, is dit altyd wys om meer as een vertaling te raadpleeg. *The Bible in Twenty Six Translations*, uitgegee deur Baker, is van groot hulp op hierdie gebied.
- G. Die AORISTUS AKTIEF AANTONEND was die normale, “ongemerkte” manier om gebeurtenisse vas te lê. Enige ander tempus, vorm of modaliteit dra die een of ander boodskap oor wat die oorspronklike skrywer spesifiek wou kommunikeer.

IV. Vir diegene wat onbekend is met Grieks sal die volgende studie-hulpmiddels die nodige inligting verskaf:

- A. Friberg, Barbara and Timothy. *Analytical Greek New Testament*. Grand Rapids: Baker, 1988.
- B. Marshall, Alfred. *Interlinear Greek-English New Testament*. Grand Rapids: Zondervan, 1976.
- C. Mounce, William D. *The Analytical Lexicon to the Greek New Testament*. Grand Rapids: Zondervan, 1993.
- D. Summers, Ray. *Essentials of New Testament Greek*. Nashville: Broadman, 1950.
- E. Akademies geakkrediteerde Koine Griekse-korrespondensiekursusse word aangebied deur Moody Bible Institute in Chicago, IL.

V. NAAMWOORDE

- A. Sintakties word NAAMWOORDE geklassifiseer in terme van NAAMVAL. Die NAAMVAL is daardie verbuiging van ‘n NAAMWOORD wat sy verhouding tot die WERKWOORD en ander dele van die sin aandui. In Koine Grieks het VOORSETSELS dikwels naamvalsfunksies oorgeneem. Aangesien die NAAMVALSVORM ‘n hele aantal verskillende verhoudings kon aandui, het VOORSETSELS ontwikkel om groter duidelikheid tussen hierdie verskillende funksies te bewerkstellig.
- B. Griekse NAAMVALLE word in ag kategorieë geklassifiseer:
1. Die NOMINATIEF is gebruik vir benoeming en is gewoonlik die onderwerp van die sin of bysin. Dit is ook gebruik vir PREDIKATIEWE NAAMWOORDE en BYVOEGLIKE NAAMWOORDE waar die WERKWOORDE “om te wees” of “word” die skakel vorm.
 2. Die GENITIEF is gebruik om iets te beskryf en het gewoonlik ‘n kenmerk of kwaliteit aan sy verwante woord toegeskryf. Dit beantwoord die vraag: “Watter soort?” en word dikwels uitgedruk deur die gebruik van die Engelse VOORSETSEL “of”; in Afrikaans “van”.
 3. Die ABLATIEF gebruik dieselfde verbuigingsvorm as die GENITIEF, maar is gebruik om skeiding te beskryf. Gewoonlik dui dit op ‘n skeiding tussen ‘n punt in tyd, ruimte, oorsprong of graad. Dit word dikwels uitgedruk deur die Engelse VOORSETSEL “from”, of “vanaf” in Afrikaans.
 4. Die DATIEF is gebruik om persoonlike belang te beskryf en kon ‘n negatiewe of positiewe aspek aantoon. Dit was dikwels die indirekte voorwerp. In Engels word dit dikwels uitgedruk deur die VOORSETSEL “to”; Afrikaans: “na”.
 5. Die LOKATIEF was dieselfde verbuigingsvorm as die DATIEF, maar beskryf posisie of plek in ruimte, tyd of logiese beperking. Dit word dikwels uitgedruk deur die Engelse VOORSETSELS “in”, “on”, “at”, “among”, “during”, “by”, “upon” of “beside” (“in”, “op”, “by”, “tussen”, “gedurende”, “deur”, “op”, “bo-op” of “langs”).
 6. Die INSTRUMENTIS was dieselfde verbuigingsvorm as die DATIEF en LOKATIEF. Dit toon manier of assosiasie. Die Engelse VOORSETSELS “by” of “with” dien as vertaling; in Afrikaans, “deur” of “met”.

7. Die AKKUSATIEF is gebruik om die uiteinde van 'n handeling te beskryf. Dit dui beperking aan en sy hoofgebruik was die direkte voorwerp. Dit beantwoord die vraag: "Hoe ver?" of "Tot watter mate?"
8. Die VOKATIEF as verbuiging word gebruik om direk aan te spreek.

VI. VOEGWOORDE EN VERBINDINGSWOORDE

- A. Grieks is 'n baie eksakte taal, omdat dit so baie verbindingswoorde bevat. Hulle verbind denke (sinsdele/bysinne, sinne en paragrawe) en kom so algemeen voor dat hulle afwesigheid (asindeton) dikwels van groot belang is vir skrifuitleg. Hierdie voegwoorde en verbindingswoorde toon as't ware die rigting van die skrywer se denke aan, en is as sulks dikwels van kardinale belang om te bepaal wat presies die skrywer se bedoeling was met 'n gegewe teks.
- B. Sommige voegwoorde of verbindingswoorde en hulle betekenis word vervolgens gelys (die inligting is meestal verkry uit H.E. Dana en Julius K. Mantey se *A Manual Grammar of the Greek New Testament*):
 1. Verbindingswoorde van tyd.
 - a. *epei, epeid ē, hopote, hōs, hote, hotan* (subj.) – "wanneer" ("when")
 - b. *heōs* – "terwyl" ("while")
 - c. *hotan, epan* (subj.) – "wanneer ook al" ("whenever")
 - d. *heōs, achri, mechri* (subj.) – "totdat" ("until")
 - e. *priv* (infinitief) – "voordat" ("before")
 - f. *hōs* – "sedert", "wanneer", "as" ("since", "when", "as")
 2. Voegwoorde van Logika
 - a. Doel
 - (1) *hina* (subj.), *hopōs* (subj.), *hōs* – "sodat", "dat" ("in order that", "that")
 - (2) *hōste* (akkusatief infinitief fisies) – "daardie" ("that")
 - (3) *pros* (akkusatief infinitief fisies) of *eis* (akkusatief infinitief fisies) – "dat" ("that")
 - b. Resultaat (daar is 'n noue verwantskap tussen die grammatiese vorms van doel en resultaat)
 - (1) *hōste* (infinitief, hierdie een kom mees algemeen voor) – "sodat", "dus" ("in order that", "thus")
 - (2) *hiva* (subj.) – "sodat" ("so that")
 - (3) *ara* – "so"
 - c. Oorsaak of rede
 - (1) *gar* (oorsaak/gevolg of rede/gevolgtrekking) – "want", "omdat" ("for", "because")
 - (2) *dio, hoti* – "want", "omdat" ("because")
 - (3) *epei, epeidē, hōs* – "aangesien" ("since")
 - (4) *dia* (met akkusatief) en (met beweging infinitief) – "omdat" ("because")
 - d. Afleiding
 - (1) *ara, poinun, hōste* – "daarom", "dus" ("therefore")
 - (2) *dio* (sterkste voegwoord van afleiding) – "op grond waarvan", "waarom", "daarom" ("on which account", "wherefore", "therefore")
 - (3) *oun* – "daarom", "so", "dan", "gevolglik" ("therefore", "so", "then", "consequently")
 - (4) *toinoun* – "dienooreenkomstig" ("accordingly")
 - e. Teenstelling of kontras
 - (1) *alla* (sterk teenstellend) – "maar", "behalwe", "tensy" ("but", "except")
 - (2) *de* – "maar", "egter", "alhoewel", "tog", "aan die ander kant" ("but", "however", "yet", "on the other hand")
 - (3) *kai* – "maar" ("but")
 - (4) *mentoi, oun* – "egter", "nietemin" ("however")
 - (5) *plēn* – "nietemin", "desnieteenstaande", "ten spyte hiervan" ("never-the-less") – meestal in Lukas
 - (6) *oun* – "egter", "nietemin" ("however")
 - f. Vergelyking
 - (1) *hōs, kathōs* (inleiding van vergelykende sinsnedes)
 - (2) *kata* (in samestellings, *katho, kathoti, kathōsper, kathaper*)
 - (3) *hosos* (in Hebreërs)
 - (4) *ē* – "as" ("than")
 - g. Voortsetting of reeks
 - (1) *de* – "en", "nou" ("and", "now")
 - (2) *kai* – "en" ("and")
 - (3) *tei* – "en" ("and")
 - (4) *hina, oun* – "dat" ("that")
 - (5) *oun* – "dan" ("then") – in Johannes
 3. Beklemtonend
 - a. *alla* – "sekerheid", "ja", "weliswaar" ("certainty", "yea", "in fact")
 - b. *ara* – "inderdaad", "sekerlik", "werklik/regtig" ("indeed", "certainly", "really")
 - c. *gar* – "maar regtig", "sekerlik", "inderdaad" ("but really", "certainly", "indeed")

- d. *de* – “inderdaad” (“indeed”)
- e. *ean* – “selfs” (“even”)
- f. *kai* – “selfs”, “inderdaad”, “regtig” (“even”, “indeed”, “really”)
- g. *mentoi* – “inderdaad” (“indeed”)
- h. *oun* – “regtig”, “ten alle koste” (“really”, “by all means”)

VII. VOORWAARDELIKE SINNE

- A. ‘n VOORWAARDELIKE SIN bevat een of meer voorwaardelike sinsnedes of stellings. Hierdie grammatikale struktuur bevorder verklarings omdat dit die omstandighede, redes of oorsake verskaf wat die handeling van die HOOFWERKWOORD verduidelik hoekom dit (nie) plaasvind (nie). Vier tipes voorwaardelike sinne word onderskei wat beweeg tussen dit wat vir waarheid aangesien moet word vanuit die perspektief van die skrywer of om sy literêre doelstelling te bereik, tot dit wat bloot ‘n wens was.
- B. Die EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN gee uitdrukking aan handeling of bestaanswyse wat as waarheid aanvaar is vanuit die skrywer se perspektief of vir sy doelwit, selfs al vorm “indien” of “as” deel van die stelling. In verskeie kontekste sou dit as “aangesien” vertaal kon word (vgl. Mat. 4:3; Rom. 8:31). Dit beteken egter nie dat alle EERSTE KLASSE aan die werklikheid voldoen nie. Hulle is dikwels gebruik om ‘n punt te maak tydens ‘n argument, of om op ‘n denkfout te dui (vgl. Mat. 12:27).
- C. Die TWEDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN word dikwels as “feitelik teenstellend” bestempel. Dit stel ‘n onwaarheid om ‘n punt te bewys. Voorbeelde:
 1. “Hy, as Hy ‘n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak” (Luk 7:39).
 2. “Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?” (Joh. 5:46-47).
 3. “Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie ‘n dienskneg van Christus wees nie,” (Gal. 1:10).
- D. Die DERDE KLAS dui op moontlike toekomstige handeling. Dit aanvaar dikwels dat hierdie handeling waarskynlik sal plaasvind, maar hou gewoonlik die aspek van ‘n onvoorsiene situasie in gedagte. Die aksie van die hoof-WERKWOORD is afhanklik van die gebeure in die “dit”-sinsdeel. Voorbeelde: 1 Joh. 1:6-10; 2:4, 6, 9, 15, 20, 21, 24, 29; 3:21; 4:20; 5:14, 16.
- E. Die VIERDE KLAS is die mees onwaarskynlike van die vier en kom selde voor in die NT. Om die waarheid te sê, daar is geen volledige VIERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN waarvan albei dele van die voorwaarde binne die definisie pas nie. ‘n Voorbeeld van ‘n gedeeltelike VIERDE KLAS is die aanvangsfrase in 1 Pet. 3:14. ‘n Voorbeeld van ‘n gedeeltelike VIERDE KLAS in die slotfrase kom voor in Han. 8:31.

VIII. VERBODSBEPALINGS

- A. Die PRAESENS IMPERATIEF met $M\bar{E}$ (PARTIKEL) beklemtoon dikwels (maar nie altyd nie) dat ‘n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word. ‘n Paar voorbeelde: “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde nie,” (Mat. 6:19); “Moenie julle kwel oor julle lewe...” (Mat. 6:25); “En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie,” (Rom. 6:13); “En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing,” (Ef. 4:30); en “Moenie dronk word van wyn nie –” (Ef. 5:18).
- B. Die AORISTUS SUBJUNKTIEF met $M\bar{E}$ PARTIKEL beklemtoon dat daar nie eens begin moet word met ‘n gegewe handeling nie. Voorbeelde: “Moenie dink dat...” (Mat. 5:17); “Daarom moet julle jul nie kwel...” (Mat. 6:31); “Skaam jou dan nie...” (2 Tim. 1:8).
- C. Die DUBBELE NEGATIEF saam met die SUBJUNKTIEWE MODUS is sterk ontkenend – “Nooit, nee nooit” of “onder geen omstandighede nie”. Voorbeelde: “sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie” (Joh. 8:51); “sal ek in der ewigheid geen” (1 Kor. 8:13).

IX. DIE LIDWOORD

- A. In Koine Grieks was die gebruik van die BEPALENDE LIDWOORD “die” (“the”) soortgelyk aan die gebruik daarvan in Engels.* Sy basiese funksie was dié van aanwyser, of ‘n manier om aandag te vestig op ‘n woord, naam of frase. Gebruik verskil tussen outeurs van die NT. Die BEPALENDE LIDWOORD kan ook gebruik word om:
 1. kontras te toon, soos ‘n aanwysende VOORNAAMWOORD;
 2. terug te verwys na ‘n ONDERWERP of persoon wat voorheen bespreek is;

* En Afrikaans – vert.

3. die onderwerp in 'n sin met 'n WERKWOORD te verbind. Voorbeelde: "God is Gees" (Joh. 4:24); "God is lig" (1 Joh. 1:5); "God is liefde" (1 Joh. 4:8, 16).

B. Daar was nie in Koine Grieks 'n ONBEPAAALDE LIDWOORD soos die Engelse "a" of "an" (Afrikaans "'n") nie. Die afwesigheid van die BEPALENDE LIDWOORD kon dui op:

1. 'n fokus op die kenmerke of kwaliteit van iets;
2. 'n fokus op die kategorie van iets.

C. Die NT skrywers verskil grootliks in hulle gebruik van die LIDWOORD.

X. MANIERE OM TE BEKLEMTON IN DIE GRIEKSE NUWE TESTAMENT

A. Beklemtoningstegnieke verskil tussen NT skrywers. Die mees konsekwente en vaardigste skrywers was Lukas en die skrywer van Hebreërs.

B. Daar is voorheen gestel dat die AORISTUS AKTIEF AANTONEND 'n standaard skryfwyse was en nie vir beklemtoning van sake aangewend is nie, maar dat al die ander vorme van TEMPUS of MODALITEIT vir verklaring belangrik was. Dit beteken nie dat die AORISTUS AKTIEF AANTONEND nie dikwels in 'n belangrike grammatiese sin gebruik is nie. Voorbeeld: Rom. 6:10 (twee keer).

C. Woordorde in Koine Grieks

1. Koine Grieks met soveel verbuiging was nie soos Engels, en in 'n mate Afrikaans, van vaste woordorde afhanklik nie. Dus kon die skrywer die verwagte, normale woordorde na hartelus omkeer om aan te toon:
 - a. wat die skrywer aan die leser wou beklemtoon;
 - b. wat die skrywer gedink het vir die leser as verrassing moet kom;
 - c. wat vir die skrywer van groot belang was.
2. Wat normale woordorde in Grieks moet wees is steeds 'n onopgeloste kwessie. 'n Veronderstelde normale woordorde is as volg:
 - a. vir koppelwerkwoorde
 - (1) WERKWOORD
 - (2) ONDERWERP
 - (3) TOEVOEGSEL
 - b. vir oorganklike werkwoorde
 - (1) WERKWOORD
 - (2) ONDERWERP
 - (3) VOORWERP
 - (4) INDIREKTE VOORWERP
 - (5) VOORSETSELFRASE
 - c. vir naamwoordfrases
 - (1) NAAMWOORD
 - (2) WYSIGER
 - (3) VOORSETSELFRASE
3. Woordorde kan baie belangrik wees vir skrifuitleg. Voorbeeld:
 - a. "aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee" (Gal. 2:9). Die frase "regterhand van gemeenskap" is verdeel en vorentoe geskuif om te wys hoe belangrik dit is.
 - b. "met Christus" (Gal. 2:20) is eerste geplaas. Sy dood was sentraal.
 - c. "Nadat God baiekeer en op baie verskillende maniere" (Heb. 1:1) staan eerste. Dit was hoe God Homself openbaar het wat gekontrasteer is, nie die blote feit van openbaring nie.

D. Gewoonlik is 'n sekere mate van klem getoon deur:

1. die herhaling van die VOORNAAMWOORD wat reeds in die WERKWOORD se verbuiging voorgekom het. Voorbeeld: "En kyk, Ek is met julle..." ("I, myself, will surely be with you...") (Mat. 28:20).
2. die afwesigheid van 'n verwagte VOEGWOORD of ander verbinding tussen twee woorde, frases, bysinne of sinne. Dit word 'n asindeton genoem ("ongebind"). Die verbindingswoord word verwag, dus sal sy afwesigheid aandag trek. Voorbeelde:
 - a. Die Saligsprekinge, Mat. 5:3 e.v. (beklemtoon die lys)
 - b. Joh. 14:1 (nuwe onderwerp)
 - c. Rom. 9:1 (nuwe gedeelte)
 - d. 2 Kor. 12:20 (beklemtoon die lys)
3. die herhaling van woorde of frases in 'n gegewe konteks. Voorbeeld: "tot lof van sy heerlijkheid" (Ef. 1:6, 12, 14). Hierdie frase is gebruik om te dui op elk van die Drie-Eenheid se werke.
4. die gebruik van idiomatiese uitdrukkings of klankspel.
 - a. eufemismes – vervang woorde met taboe onderwerpe soos "slaap" in plaas van dood (Joh. 11:11-14) of "voete" vir manlike geslagsorgane (Rut 3:7-8; 1 Sam. 24:3)

- b. omskrywings – ander woorde as God se Naam, soos “koninkryk van die hemel” (Mat. 7:21); of “’n stem uit die hemele” (Mat. 3:17).
 - c. beeldspraak
 - (1) onmoontlike oordrywings (Mat. 3:9; 5:29-30; 19:24)
 - (2) matige oordrywing (Mat. 3:5; Han. 2:36)
 - (3) personifikasie (1 Kor. 15:55)
 - (4) ironie (Gal. 5:12)
 - (5) poëtiese passasies (Fil. 2:6-11)
 - (6) klankspel tussen woorde
 - (a) “kerk” (“church”)
 - (i) “kerk” (“church”) (Ef. 3:21)
 - (ii) “roeping” (“calling”) (Ef. 4:1, 4)
 - (iii) “geroep” (“called”) (Ef. 4:1, 4)
 - (b) “vrye”
 - (i) “vrye vrou” (“free woman”) (Gal. 4:31)
 - (ii) “vryheid” (“freedom”) (Gal. 5:1)
 - (iii) “vry” (“free”) (Gal. 5:1)
 - d. idiomatiese taal – taal wat gewoonlik kultuur- of taal-spesifiek is:
 - (1) Dit was die figuurlike gebruik van “kos” (Joh. 4:31-34).
 - (2) Dit was die figuurlike gebruik van “Tempel” (Joh. 2:19; Mat. 26:61).
 - (3) Dit was ‘n Hebreuse idioom van barmhartigheid, “haat” (Gen. 29:31; Deut. 21:15; Tess. 14:36; Joh. 12:25; Rom. 9:13).
 - (4) “Almal” versus “baie” (“all” versus “many”). Vergelyk Jes. 53:6 (“almal”) met 53:11, 12 (“baie”). Die terme is sinoniem, soos Rom. 5:18 en 19 toon.
 - 5. die gebruik van ‘n volledige taalkundige frase eerder as ‘n enkele woord. Voorbeeld: “Die Here Jesus Christus” (“The Lord Jesus Christ”).
 - 6. die spesiale gebruik van *autos*
 - a. wanneer dit saam met die LIDWOORD (attributiewe posisie) as “dieselfde” vertaal is.
 - b. wanneer dit sonder die LIDWOORD (predikatiewe posisie) as ‘n INTENSIEWE REFLEKSIEWE VOORNAAMWOORD vertaal is – “homself”, “haarself” of “ditself” (“himself”, “herself”, “itself”).
- E. Die Bybelstudent wat nie Grieks ken nie, kan klem op verskeie maniere identifiseer:
1. Die gebruik van ‘n analitiese woordeboek en Engelse teks met Grieks tussen die lyne.
 2. Die vergelyking van verskillende vertalings, spesifiek vanuit verskillende vertalingsdenkskole. Voorbeelde: vergelyk ‘n “woord vir woord” vertaling (KJV, NKJV, ASV, NASB, RSV, NRSV) met ‘n “dinamiese ekwivalent” (Williams, NIV, NEB, REB, JB, NJB, TEV). ‘n Goeie hulpmiddel hier sou *The Bible in Twenty-Six Translations* wees, uitgegee deur Baker.*
 3. Die gebruik van *The Emphasized Bible* deur Joseph Bryant Rotherham (Kregel, 1994).
 4. Die gebruik van letterlike vertalings:
 - a. *The American Standard Version* van 1901;
 - b. *Young’s Literal Translation of the Bible* deur Robert Young (Guardian Press, 1976).

Die studie van grammatika is uitputtend, maar noodsaaklik vir doeltreffende interpretasie. Die doel van hierdie bondige definisies, aanmerkings en voorbeelde is om nie-Grieks-magtige persone te ondersteun en toe te rus om die grammatiese notas wat in hierdie kommentaar verskaf word, te gebruik. Die definisies is sonder twyfel ooreenvoelig. Hulle behoort nie dogmaties of rigied toegepas te word nie, maar eerder as hulpmiddel om tot ‘n beter verstaan van Nuwe Testamentiese sintaksis te kom. Hopelik sal hierdie definisies ook lesers in staat stel om ook aanmerkings in ander studiegidse, soos tegniese kommentare van die Nuwe Testament, te verstaan.

Ons moet daartoe in staat wees om ons interpretasie met Bybeltekste te ondersteun en te kontroleer. Grammatika is een van die mees nuttige hulpmiddels tot ons beskikking. Ander hulpmiddels sou insluit die historiese milieu, literêre konteks, woordkeuses van die dag en parallelle passasies.

* Sien hierby die Afrikaanse vertalings OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV – vert.

BYLAAG DRIE

TEKSKRITIESE OPMERKINGS

Die doel van hierdie bylaag is om die tekskritiese notas wat in die kommentaar gemaak word, te verduidelik. As sulks sal die volgende raamwerk gebruik word:

- I. Die tekstuele bronne van die Engelse Bybel
 - A. Ou Testament
 - B. Nuwe Testament
- II. Bondige verduideliking van die probleme en teorieë van “laer kritiek” oftewel “tekskritiek”.
- III. Voorgestelde bronne vir verdere navorsing

I. Die tekstuele bronne van die Engelse Bybel

A. Ou Testament

1. Masoretiese teks (MT) – Die Hebreuse hoofletterteks is saamgestel deur Rabbyn Aquiba in 100 n.C. Die vokaalpunktuasie, aksente, kantaantekeninge, leestekens en tekskritiese aantekeninge is sedert die sesde eeu n.C. aangevul en gefinaliseer in die negende eeu n.C. Dit is voltooi deur ‘n span Joodse geleerdes wat as die Masorete bekend gestaan het. Die teksvorm wat hulle gebruik het, was dieselfde as wat in die Mishnah, die Talmoed, die Targoems, die Peshitta en die Vulgaat gebruik was.
2. Septuaginta (LXX) – Volgens tradisie en oorlewering word die Septuaginta se ontstaan aan 70 Joodse geleerdes toegeskryf wat dit in 70 dae sou saamgestel het. Dit was bedoel vir die biblioteek van Alexandrië onder opdrag en borgskap van Koning Ptolemeus II (285-246 v.C.) Die vertaling was op die versoek van ‘n Joodse leier wat, aldus die “Brief van Aristeia, op daardie stadium in Alexandrië gewoon het. Die LXX het meermale verskillende Hebreuse tekstradisies uit Rabbyn Aquiba se oorlewering opgeneem (MT).
3. Dooie See Boekrolle (DSS – Dead Sea Scrolls) – Die Dooie See Boekrolle is gedurende die Romeinse tydperk deur ‘n Joods-separatistiese beweging, naamlik die “Essene” geskryf (200 v.C. tot 70 n.C.) Die Hebreuse manuskripte, wat op verskeie plekke rondom die Dooie See gevind is, toon ‘n ietwat verskillende Hebreuse tekstradisie as dié waarop beide die MT en die LXX berus.
4. Sommige spesifieke voorbeelde van hoe die vergelyking van hierdie tekste ontleders help om die Ou Testament te verstaan sluit in:
 - a. Die LXX het vertalers en geleerdes gehelp om die MT te verstaan
 - (1) die LXX van Jes. 52:14, “As many shall be amazed at him.”
 - (2) die MT van Jes. 52:14, “just as many were astonished over you,” (vgl. OAV & NAV)
 - (3) in Jes. 52:15 word die voornaamwoord-onderskeid van die LXX bevestig
 - (a) LXX, “so will many nations marvel at him” (vgl. OAV)
 - (b) MT, “so he sprinkles many nations” (vgl. NAV)
 - b. Die DSS het vertalers en geleerdes gehelp om die MT te verstaan
 - (1) die DSS van Jes. 21:8, “then the seer cried, Upon a watchtower I stand...” (vgl. NAV)
 - (2) die MT van Jes. 21:8, “and I cried a lion! My Lord, I always stand on the watch tower by day...” (vgl. OAV)
 - c. Die LXX sowel as die DSS het gehelp om Jes. 53:11 te verduidelik
 - (1) LXX & DSS, “after the travail of his soul he will see light, he will be satisfied”
 - (2) MT, “he shall see. . .of the travail of his soul, He shall be satisfied”

B. Nuwe Testament

1. Meer as 5,300 manuskripte van die volle of dele van die Griekse Nuwe Testament bestaan. Sowat 85 is geskryf op papyrus en 268 is manuskripte geskryf in hoofletters (die hoofletterskrif). Teen ongeveer die negende eeu n.C. is ‘n lopende skrif (kleinletterskrif) ontwikkel. Daar is omtrent 2,700 geskrewe Griekse manuskripte en daar bestaan ook sowat 2,100 kopieë van skrifdele, gebruik tydens aanbidding, wat (Bybel)-voorlesings (“lectionaries”) genoem word.
2. Ongeveer 85 Griekse manuskripte wat dele van die Nuwe Testament bevat en op papyrus geskryf is, word in museums bewaar. Sommige dateer uit die tweede eeu n.C., maar die meeste is uit die derde en vierde eeue n.C. Geen van hierdie MSS bevat die volledige Nuwe Testament nie. Net omdat hulle die oudste kopieë van die Nuwe Testament is, beteken geensins dat hulle outomaties minder variante het nie. Baie hiervan is haastig vir plaaslike gebruik oorgeskryf en daar was nie juis sprake van kwaliteitsbeheer nie. Heelwat variasie het as ‘n gevolg ontstaan.
3. Codex Sinaiticus, aangetoon deur die Hebreuse letter Ⲁ (*aleph*) of (01), wat by St. Catherine se klooster op Berg Sinai deur Tischendorf gevind is. Dit dateer uit die vierde eeu n.C. en bevat die LXX van die OT sowel as die Griekse NT. Dit is van “die Alexandrynse Tekse”-tipe.
4. Codex Alexandrinus, bekend as “A” of (02) is ‘n vyfde eeuse Griekse manuskrip wat in Alexandrië in Egipte gevind is.

5. Codex Vaticanus, bekend as “B” of (03) is in die Vatikaan se biblioteek in Rome en dateer uit die middel van die vierde eeu n.C. Dit bevat beide die LXX van die OT en die Griekse NT. Dit is van “die Alexandrynse Teks”-tipe.
6. Codex Ephraemi, bekend as “C” of (04) is ‘n vyfde eeuse Griekse manuskrip waarvan ‘n deel vernietig is.
7. Codex Bezae, bekend as “D” of (05) is ‘n vyfde of sesde eeuse Griekse manuskrip. Dit is die belangrikste weergawe van wat ons “Die Westerse Teks” noem. Dit bevat heelwat toevoegings en was die hoofbron Griekse manuskrip vir die King James vertaling.
8. Die NT MSS kan verdeel word in drie, moontlik vier, teksfamilies wat sekere eienskappe deel:
 - a. Alexandrynse teks uit Egipte
 - (1) P⁷⁵, P⁶⁶ (rondom 200 n.C.) het die evangelies geboekstaaf
 - (2) P⁴⁶ (ongeveer 225 n.C.) bevat Paulus se briewe
 - (3) P⁷² (ongeveer 225-250 n.C.) bevat Petrus en Judas
 - (4) Codex B, ook die Vaticanus genoem (circa 325 n.C.) bevat die volledige OT en NT
 - (5) Oorspronklike aanhalings van hierdie tipe
 - (6) ander MSS wat hierdie tekstipe toon is Ɀ, C, L, W, 33
 - b. Westerse teks uit Noord-Afrika
 - (1) aanhalings uit Noord-Afrikaanse kerkvaders Tertullianus, Cyprianus en die ou Latynse vertaling
 - (2) aanhalings uit Irenaeus
 - (3) aanhalings uit Tatianus en ou Siriese vertalings
 - (4) Codex D “Bezae” volg hierdie tekstipe
 - c. Oos-Bisantynse teks van Konstantinopel
 - (1) hierdie tekstipe word weerspieël in meer as 80% van die 5 300 MSS
 - (2) aangehaal deur kerkvaders van Antiogië in Sirië: die Kappadosiërs, Chrysostomus en Therodorus.
 - (3) Codex A, alleenlik in die evangelies
 - (4) Codex E (agste eeu) vir volledige NT
 - d. die vierde moontlike tipe is “Caesareanies” van Palestina
 - (1) dit word hoofsaaklik gesien in Markus
 - (2) sommige getuies daarvoor is P⁴⁵ en W

II. Die probleme en teorieë van “laer kritiek” of “tekstkritiek”

A. Die ontstaan van die verskillende weergawes (variante lesings)

1. Onopsetlik of per ongeluk (groot meerderheid van gevalle)
 - a. die oog wat glip tydens handkopiëring wat die herhaling van ‘n soortgelyke woord opvang, en sodoende al die woorde tussenin uitlaat (homoioteleuton)
 - (1) glip van die oog waar ‘n dubbele letter, woord of frase uitgelaat word (haplografie)
 - (2) glip van die gedagtes waar ‘n frase of reël van ‘n Griekse teks herhaal word (dittografie)
 - b. glip van die oor tydens voorlesing waar ‘n spelfout plaasvind (itasisme). Dikwels veroorsaak die spelfout dat ‘n ander Griekse woord wat wel eenders mag klink, inglip.
 - c. die vroegste Griekse tekste het geen hoofstuk of vers-indelings, leestekens of verdeling tussen woorde gehad nie. Dit is moontlik om die letters op verskillende plekke van mekaar te skei en sodoende word verskillende woorde gevorm.
2. Doelbewus
 - a. veranderinge is aangebring om die grammatikale vorm van die gekopieerde teks te verbeter.
 - b. veranderinge om die teks in ooreenstemming met ander Bybeltekste te bring (harmonisering van parallele)
 - c. veranderinge is aangebring om die probleem van twee of meer variante lesings op te los in ‘n kombinasie tot een lang sin. (samesmelting)
 - d. verandering is aangebring om ‘n waargeneemde probleem te verbeter in die teks (vgl. 1 Kor. 11:27 en 1 Joh. 5:7-8)
 - e. sommige addisionele inligting oor die historiese agtergrond of gepaste uitleg van die teks is bygevoeg in die kantlyn deur een oorskrywer, maar daarna deur ‘n volgende oorskrywer opgeneem as deel van die teks (vgl. Joh. 5:4)

B. Die basiese beginsels van tekstkritiek (logiese riglyne om die oorspronklike weergawe van ‘n teks te bepaal wanneer daar meer as een weergawe bestaan)

1. die vreemdste of grammaties mees onortodokse teks is waarskynlik die oorspronklike
2. die kortste teks is gewoonlik die oorspronklike
3. die ouer teks dra meer gewig omdat sy tydverloop histories nader was aan die oorspronklike teks, mits alle ander oorweginge of aspekte dit toelaat
4. MSS wat in geografiese konteks ooreenstem, bevat gewoonlik die oorspronklike weergawe
5. ontbrekende leerstellinge, veral tekste wat verwantskap verraai met belangrike teologiese kwessies van ‘n tydperk van daardie manuskrip-aanpassing, geniet voorkeur (vgl. die Drie-Eenheid in 1 Joh. 5:7-8)
6. die teks wat die beste verduideliking bied in verband met die ontstaan van ander variante
7. twee aanhalings wat help om die balans te handhaaf indien problematiese variante bestaan:

- a. J. Harold Greenlee se boek, *Introduction to New Testament Textual Criticism*,
“No Christian doctrine hangs upon a debatable text; and the student of the NT must beware of wanting his text to be more orthodox or doctrinally stronger than is the inspired original” (bl. 68)
- b. W.A. Criswell het vir Greg Garrison van *The Birmingham News* gesê dat hy (Criswell) nie ‘n woord glo wat in die Bybel geïnspireer is nie, “at least not every word that has been given the modern public by centuries of translators.” Criswell sê: “I very much am a believer in the textual criticism. As such, I think, the last half of the 16th chapter of Mark is heresy: it’s not inspired, it’s just concocted. . . .When you compare those manuscripts way back yonder, there was no such thing as that conclusion of the Book of Mark. Somebody added it...”

Die patriarg van die SBC-voorstander van onfeilbaarheid van die Skrif, beweer dat “interpolasie” ook ooglopend is in Johannes 5, die opgawe van Jesus by die poel van Betesda. Hy bespreek ook die twee verskillende vertellings van die selfmoord van Judas (vgl. Mat. 27 en Han. 1): “It’s just a different view of the suicide,” Criswell said. “If it is in the Bible, there is an explanation for it. And the two accounts of the suicide of Judas are in the Bible.” Criswell added, “Textual criticism is a wonderful science in itself. It is not ephemeral, it’s not impertinent. It’s dynamic and central...”

III. Manuskrip probleme (tekskritiek)

A. Voorgestelde bronne vir verdere navorsing:

1. *Biblical Criticism: Historical, Literary and Textual*, deur R.H. Harrison
2. *The Text of the New Testament: Its Transmission, Corruption and Restoration* deur Bruce M. Metzger
3. *Introduction to New Testament Textual Criticism*, deur J.H. Greenlee

BYLAAG VIER

LEERSTELLIGE UITSPRAAK

Ek hou nie juis van stellings oor geloof of oortuiging nie. Ek verkies om die Bybel self te laat spreek. Maar ek beseft dat 'n leerstellige uitspraak diegene wat my nie ken nie sal help om my perspektief in sake van geloof te evalueer. In ons tyd van soveel teologiese mistasting en misleiding, is die volgende, kort opsomming van my teologiese standpunt moontlik gepas.

1. Die Bybel, Ou en Nuwe Testament ingesluit, is die geïnspireerde, onfeilbare, gesaghebbende en ewige Woord van God. Dit is die self-openbaring van God, opgeteken deur manne onder bonatuurlike leiding. Dit is ons enigste bron van helder waarheid oor God en sy doelstellings. Dit is ook die enigste bron van geloof en praktyk vir sy kerk.

2. Daar is slegs een ewige, skeppende, verlossende God. Hy is die skepper van alle dinge – sigbaar én onsigbaar. Hy het Homself aan ons openbaar as liefdevol en sorgsaam, hoewel hy ook regverdig en op geregtigheid ingestel is. Hy het Homself openbaar in drie onderskeie persone: Vader, Seun en Gees; waarlik apart en tog dieselfde in wese.

3. God is aktief in beheer van sy wêreld. Daar is 'n ewige, onveranderlike plan vir sy skepping, sowel as 'n individueel-gefokusde plan wat die mens vrye wil toelaat. Niks gebeur sonder God se wete en toelating nie, en tog laat Hy beide engele en mense toe om hulle eie keuses te maak. Jesus is die Vader se Uitverkore Man, en almal is potensieel in Hom uitverkies. God se voorkennis van gebeure bind nie die mens se lewe aan voorafbepaalde draaiboek nie. Ons bly almal verantwoordelik vir ons eie denke en dade.

4. Die mens, hoewel na die beeld van God geskape en vry van sonde, het nogtans besluit om teen God te rebelleer. Ten spyte van die feit dat hulle deur 'n eksterne agent verlei is, was Adam en Eva steeds verantwoordelik vir hulle selfsug en eiewilligheid. Hulle rebellie het die mens en die skepping geaffekteer sodat ons almal 'n behoefte het aan God se genade – vir ons gedeelde verantwoordelikheid met Adam, sowel as ons individuele wederstrewigheid.

5. God het vir die gevalle mensheid 'n manier gegee om vergifnis en herstel te bekom. Jesus Christus, God se unieke seun, het mens geword, 'n sondelose lewe gelei, en het deur middel van sy plaasvervangende dood die skuld van die mens se sondes afgehandel. Hy is die enigste weg tot herstel van ons vertrouensverhouding met God. Daar is geen ander manier om verlossing te bekom anders as deur geloof in sy verdienste nie.

6. Elkeen van ons moet God se aanbod van vergifnis en herstel in Jesus persoonlik aanvaar. Dit word bewerkstellig deur 'n wilsbesluit om God se beloftes in en deur Jesus te vertrou en deur gewilliglik van gekende sonde weg te draai.

7. Ons almal is ten volle vergewe en herstel deur ons vertrou in Christus en inkeer van sonde. Maar bevestiging van hierdie nuwe verhouding moet egter in 'n veranderde en veranderende lewe merkbaar word. Die doel van God vir die mens is nie bloot om eendag in die hemel te kom nie, maar om daaglik Christus-gelykvormig te lewe. Diegene wat werklik gered is, selfs al sondig hulle steeds nou en dan, sal voortgaan in geloof en inkering vir die res van hulle lewens.

8. Die Heilige Gees is “die ander Jesus”. Hy is in die wêreld aanwesig om verlorene na Christus te lei, en om 'n Christus-gesindheid in dié wat gered is, te ontwikkel. Die gawes van die Gees word gegee by verlossing. Die gawes is die lewe en bediening van Jesus wat tussen die lede van sy liggaam – die kerk – verdeel word. Die gawes, wat basies die gesindheid en motiewe van Jesus is, kom tot uiting in die vrug van die Gees. Die Gees is so aktief vandag soos Hy was in Bybelse tye.

9. Die Vader het die opgestane Jesus Christus die regter van alle dinge gemaak. Hy sal terugkeer aarde toe om oordeel uit te spreek oor die mensdom. Dié wat Jesus vertrou het en wie se name in die Lam se boek van die lewe geskryf staan, sal hulle ewige, verheerlikte liggame ontvang met sy wederkoms. Hulle sal vir ewig saam met Hom wees. Maar diegene wat Hom verwerp het en weier om te reageer op God se waarheid, sal vir ewig afgesny wees van die geluk en vertrouensverhouding met die Drie-Enige God. Hulle sal verdoem wees saam met die duiwel en sy engele.

Hierdie is sekerlik nie volledig of omvattend nie, maar ek hoop dat dit jou die teologiese kleur van my hart wys. Ek hou van die volgende stelling:

“In noodsaaklikhede – eenheid; in dinge rondom – vryheid; in alle dinge – liefde.”
 (“In essentials – unity, In peripherals – freedom, In all things – love.”)